



UT PICTURA POESIS:
KLEUR EN TEKS IN DIE LATYNSE POËSIE
VAN DIE EERSTE EEU vC
MET SPESIALE VERWYSING NA
DIE *GEORGICA* VAN VERGILIUS



ROLÉNE MEYER

Proefskrif voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad

DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE

[KLASSIEKE STUDIES]

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA


PROMOTOR: PROF JM CLAASSEN

2019

VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID

Studente-nommer: 8899517

Deur hierdie proefskrif in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die navorsing hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie deur UNISA nie derdepartyregte sal skend nie, en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.


.....
(R Meyer)

..... 2020 05 22

Kopiereg © 2019 UNISA

Alle regte voorbehou

SAMEVATTING

Aangesien die konsep van kleur vaag en abstrak is, verskil die ervaring én beskrywing daarvan van individu tot individu en van kultuur tot kultuur. Aldus word die waarneem van kleur dikwels 'n persoonlike en subjektiewe ervaring. In die geval van historiese tale, egter, is die uitdaging om kleurbeskrywing korrek oor te dra, nie sielkundig of esteties van aard nie, maar kultureel, aangesien daar onderliggend aan hierdie tale 'n unieke linguïstiese sisteem gekoppel is. So byvoorbeeld moet die ontleding van Latynse kleurwoorde en die toewysing van relevante betekenismoonlikhede op 'n besondere wyse aan die Afrikaanse idioom geanker word, sonder om die uniekheid van elk van hierdie tale in te boet. Dit is gevolglik die taak van die navorser om moderne wetenskaplike beskouings oor kleuraanwending met sensitiwiteit en oordeelkundig op die antieke kleursisteme toe te pas.

Die bestudering van kleur en kleurgebruik in die Oudheid was vir 'n lang tyd in omstredenheid gehul. Navorsing in hierdie verband het aanvanklik slegs op die tegniese en argeologiese aspekte van kleurproduksie en -gebruik in die Griekse en Romeinse kuns en argitektuur gefokus. Daarenteen is teoretiese kwessies oor die funksie van kleur in die non-tegniese, estetiese letterkunde selde aangespreek, veral weens die invloed van linguïsties-semantiese en kleur-psiologiese vraagstukke.

In hierdie proefskrif val die kollig op Vergilius se keuse en aanwending van dié kleurterme wat beide eksplisiet en implisiet in die *Georgica* voorkom. Aangesien 'n sinvolle analise van hierdie digter se kleurgebruik nie tot die *Georgica* beperk kan word nie, moet die ooreenstemmende terme nie net in sy *Eclogae* en *Aeneïd* nie, maar ook in die werke van sy voorgangers, die digters Lucretius en Catullus, betrek word.

Uit 'n beperkte omvang selekteer en gebruik Vergilius kleurwoorde met 'n delikate presisie van betekenis. Hoewel die stelselmatige ontleding van hierdie terme se betekenismoonlikhede kontekstueel beperk is, toon hierdie benadering in watter mate Vergilius innoverend en verbeeldingryk voorkom. Hierdie inligting dien vervolgens as parateks vir die studie wat volg: Vergilius se gebruik van kleurterme deur die verloop van die vier boeke van die *Georgica* met die fokus op die letterkundige impak en literêre effekte wat deurgaans as 'eg Vergiliaans' beoordeel kan word. .

Sou hierdie kleurterme geïgnoreer of net nie raakgelees word nie, kan die leser nie daarop aanspraak maak dat die *Georgica* waarlik verstaan word nie. Dit is dus die doel van hierdie navorsing om die leser toe te rus met middele tot die vind van 'n dieper insig in en groter waardering vir hierdie werk as uitnemende poësie.

SYNOPSIS

Since the concept of colour is vague and abstract, the perception of colour differs from individual to individual and from culture to culture to become a highly personal and subjective experience. In the case of historical languages, however, the description of colour is challenging. Conveying colour description correctly is not a psychological or aesthetic exercise, but cultural, as each language has a unique underlying linguistic sensitivity. Consequently, in this dissertation which is written in Afrikaans, the analysis of Latin colour words must be anchored to the Afrikaans idiom in such a unique way as not to detract from the differences in cultural feel between these two languages. Therefore, and in spite of obvious differences, it is the task of the researcher to apply modern scientific views discerningly and sensitively to any ancient colour system.

The study of colour and its application in antiquity has long been controversial. Initially research on these aspects of Greek and Roman societies focused only on the technical and archaeological aspects of colour production and its application in their art and architecture. In the wide array of theories regarding linguistic-semantic issues, colour-psychology and also colour aesthetics, theoretical issues regarding the function of colour in non-technical ('literary') works were rarely addressed,

This dissertation focuses on those colour terms which Vergil uses both explicitly and implicitly in the *Georgica*. A meaningful analysis of this poet's use of colour must of necessity also include the application of the corresponding terms in his *Eclogae* and *Aeneid*, as well as those in the works of his poetic predecessors, Lucretius and Catullus.

Selected from a limited range, Vergil applies colour words with a delicate precision of meaning. Although the systematic analysis of these words indicates a range of meaning which can be contextually limited, this approach highlights Vergil's innovative and imaginative use of colour. With these findings as basis the focus shifts to the consecutive use of colour terms throughout the four books to indicate extraordinary and innovative literary effects which can only be described as 'thoroughly Vergilian'.

If these colour strategies were to escape the reader's attention, it would result in a poorer understanding of the poem. It is therefore the purpose of this research to equip readers with strategies that will lead to a greater appreciation of the *Georgics* as exceptional poetry.

SLEUTELWOORDE/KEY WORDS

ἔκφρασις

colour terminology

nuance

pictorial vividness

chromatic/non-chromatic

implicit

ἐνάργεια

stylistic effect

colour strategy

colour cluster

emotional connotation

explicit

DANKBETUIGING

Noudat ek net soveel jare as Vergilius aan die *Georgica* bestee het, is dit vir my 'n groot voorreg om die volgende persone en instansies te bedank vir hulp en ondersteuning:

Om mee te begin, my hartlike dank aan UNISA vir die vergunning om die eksaminatore se voorstelle by te werk. Hul moeite en opbouende kritiek word opreg waardeer.

Prof JM Claassen het as mens en as promotor my lewe op 'n baie besondere manier verryk. Ek was nie net geseën met haar hartlike, warm persoonlikheid en meelewendheid nie, maar ook met haar verstommende kennis en werksetiek. Dit het van harde werk 'n groot vreugde gemaak, en daarvoor, my opregte dank.

Met woorde van 'n redery
het ek dié kompliment berei
dit was wel daar, maar in jóú spraak
word die 'sonnet' opnuut volmaak.*

Ek bedank graag my voormalige UNISA departementshoof, prof M de Marre, wat administratiewe reëlings met soveel doeltreffendheid kon hanteer en uitstryk. Ook aan prof P Bosman vir sy aandeel aan die Griekse vertalings, baie dankie.

UNISA se biblioteek kan spog met kundige personeel. Graag bedank ek me H Napaai en me E Nell wat altyd 'n toonbeeld van toewyding en vriendelike behulpsaamheid is.

Aan dr B Martin, wat 'n ent van hierdie pad saamgestap het, baie dankie.

Die beurstoekenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het op 'n baie spesifieke stadium 'n deurslaggewende rol in hierdie navorsing gespeel. Vir baie meer as slegs die finansiële voordeel, net dank en waardering. Ook aan UNISA my opregte dank vir finansiële steun.

Vriende en familie se meelewing was vir my kosbaar; en dan natuurlik *mei carissimi* wat meer verdien as wat ek ooit hier kan bring: my man, Hentie, vir sy ondersteuning en geduld en ook dié van my gesin: Lize en Gerald, Alma en Herman, Wilna en Jan, Stephan en Chrisma, Henri en Carolina; ook ons kleinste, Louca, Mija, Chris, David, Amelia, Hendré, Ruach, Levíya en Willem. Soos julle, is ek oneindig dankbaar dat die prentjie nou uiteindelik 'ingekleur' is.

En dan:

Uit erkentlikheid dra ek graag hierdie proefskrif op aan prof DM Kriel wat as deernisvolle mens en voortreflike Latinis my vir soveel jare met sy uitnemendheid geïnspireer het.

* Aangepas uit Hennie Aucamp (2007). *Vier kwatryne vir Eybers*: 'Slagspreuk'.

LYS VAN AFKORTINGS, *et alia*

Die afkortings van tydskrifartikels volg die tradisionele aanbieding in *L' Année Philologique*. Die name van tydskrifartikels wat nie Klassiek is nie, word volledig aangebied.

Die afkortings van die werke van Romeinse outeurs is afkomstig uit die *Oxford Latin Dictionary*, en dié van Griekse outeurs verskyn in *A Greek-English Lexicon* van Liddell, Scott & Jones en die *Oxford Classical Dictionary*.

Die volgende afkortings kom deurgaans voor:


<i>EV</i>	<i>Enciclopedia Virgiliana</i> .
<i>L&S</i>	Lewis & Short se <i>Latin Dictionary</i>
<i>Linn.</i>	Linnaeus, Carolus (Carl von Linné) (1707-1778), Sweede botanis
<i>LSJ</i>	Liddell, Scott & Jones se <i>Greek-English Lexicon</i> (1953)
<i>OCD</i>	<i>Oxford Classical Dictionary</i>
<i>OLD</i>	<i>Oxford Latin Dictionary</i>
<i>TLL</i>	<i>Thesaurus Linguae Latinae</i> (Leipzig 1900 -)
<i>W-H</i>	Walde en Hofmann se <i>Lateinisches etymologisches Wörterbuch</i>

- Die *Georgica*-teks van Mynors (1990) en die *Catullus*-teks van Fordyce (1966) word deurgaans gevolg. In beide gevalle word die stemhebbende bilabiale frikatief (die letter V) vermy, waarvoor die labio-velare letter U gebruik word, soos dikwels die gebruik in moderne uitgawes van Latynse boeke.
- Vir aanhalings uit die *Eclogae* en die *Aeneis* word die Oxford-uitgawes gebruik.
- Bailey (1966) se teks vir Lucretius, *De Rerum Natura*, word ook deurgaans aangehaal.
- Die Afrikaanse weergawe van Griekse en Latynse name word aan die hand van die *Lys van Klassieke Eiename* – mits beskikbaar – gebruik.

INHOUDSOPGAW

Verklaring van oorspronklikheid	i
Samevatting	ii
Synopsis	iii
Sleutelwoorde/Key words	iv
Dankbetuiging	v
Lys van afkortings, <i>et alia</i>	vi
Inleiding en probleemstelling	1
A. Die aard en omvang van hierdie studie	4
B. Die verband tussen visuele en verbale uitbeeldings	6
C. Werkswyse	10
D. Oorsig van hoofstukke	16
1. Kleur en kleurpersepsie	17
1.1. Die Grieke se konsep van kleur	19
1.2. Die ontwikkeling van kleurkonsepte	21
1.3. Kleursemantiek in die twintigste eeu	24
1.4. Toegepaste kleursemantiek	26
1.4.1. Semantiese navorsing: Griekse letterkunde	27
1.4.2. Kleur in die Romeinse samelewing	30
1.4.3. Semantiese navorsing : Latynse letterkunde	33
1.4.4. Toegepaste kleursemantiek: Vergilius	35
1.5. Slotbeskouing en vooruitblik	38
2. Ontleding van tekste	39
2.1. Kleurwoorde vir wit	
I <i>ALBUS</i> en <i>ALBESCO</i>	39
II <i>CANDIDUS</i>	67
III <i>CANUS</i> en <i>CANEO</i>	81
IV <i>MARMOREUS</i>	93
V <i>NIVEUS</i>	97
2.2. Oorsig	110
3. Ontleding van tekste	117
3.1. Kleurwoorde vir swart	
VI <i>ATER</i>	117
VII <i>NIGER</i>	139
VIII <i>PICEUS</i>	160
3.2. Oorsig	164
4. Ontleding van tekste	168
4.1. Kleurwoorde vir geel en rooi	
IX <i>AUREUS</i>	168
X <i>CROCEUS</i> en <i>CROCUS/CROCUM</i>	185
XI <i>CRUENTUS</i>	193
XII <i>FLAVUS</i> en <i>FLAVEO</i>	196
XIII <i>FULVUS</i>	207
XIV <i>GILVUS</i>	215
XV <i>IGNEUS</i>	217
XVI <i>PUNICEUS</i>	223

XVII	<i>PURPURA</i> en <i>PURPUREUS</i>	228
	A. <i>PURPURA</i>	233
	B. <i>PURPUREUS</i>	235
XVIII	* <i>RUB</i> -GROEPERING	245
XIX	<i>RUTILUS</i>	261
XX	<i>SANGUINEUS</i>	265
XXI	<i>SPADIX</i>	269
4.2.	Oorsig	271
5.	Ontleding van tekste	280
5.1.	Kleurwoorde vir blou en groen	
	XXII <i>CAERULEUS</i>	280
	XXIII <i>FERRUGIN(E)US / FERRUGO</i>	293
	XXIV <i>GLAUCUS</i>	299
	XXV * <i>VIR</i> -GROEPERING	303
	XXVI <i>VITREUS</i>	314
5.2.	Oorsig	318
6.	Literêr-kritiese analise van kleurgebruik	
6.1.	<i>GEORGICON 1</i>	322
	6.1.1. Agtergrond	322
	6.1.2. Skematiese verdeling en struktuur	322
	6.1.3. Verspreiding en opeenvolging van kleurwoorde	323
	6.1.4. Analise van kleurgebruik	324
	6.1.5. Samevatting	333
6.2.	<i>GEORGICON 2</i>	336
	6.2.1. Agtergrond	336
	6.2.2. Skematiese verdeling en struktuur	337
	6.2.3. Verspreiding en opeenvolging van kleurwoorde	338
	6.2.4. Analise van kleurgebruik	339
	6.2.5. Samevatting	349
6.3.	<i>GEORGICON 3</i>	352
	6.3.1. Agtergrond	352
	6.3.2. Skematiese verdeling en struktuur	353
	6.3.3. Verspreiding en opeenvolging van kleurwoorde	354
	6.3.4. Analise van kleurgebruik	355
	6.3.5. Samevatting	362
6.4.	<i>GEORGICON 4</i>	365
	6.4.1. Agtergrond	365
	6.4.2. Skematiese verdeling en struktuur	366
	6.4.3. Verspreiding en opeenvolging van kleurwoorde	367
	6.4.4. Analise van kleurgebruik	368
	6.4.5. Samevatting	376
7.	Ten slotte	
	Die <i>Georgica</i> en Vergilius	379
	Bibliografie	385
	Addendum A: Kleurwoorde in die <i>ECLOGAE</i> , <i>GEORGICA</i> en die <i>AENEÏS</i>	410
	Addendum B: Kleurwoorde in Lucretius, Catullus en die <i>GEORGICA</i> ,	412
	Addendum C: Indeks van teksverwysings in die <i>GEORGICA</i>	414
	Addendum D: Marginale kleurgebruik	417



glanskewers en struik met bessies
en bye en vlinders en suikerkelkies
voëls en saadgrasse
en vrugdraende gewasse
verwonderd regop
sit ek en hou dop
hoe in 'n klein bestek
God Hom ywerig voltrek

T.T. Cloete, "Ywer" (Jukstaposisie:93)



INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Ons leef in 'n wêreld van natuurlike kleur. Soms kan die kleur asem benewend wees, ander kere kom dit vervelig en vaal voor en dikwels word dit skaars raakgesien. Hoewel kleur tóg elke aspek van ons lewens deurdring, wissel ons persepsies daarvan volgens ons individuele behoeftes wat meestal persoonlik en subjektief is.¹ Elkeen van ons is uiteraard deel van 'n bepaalde kultuurgroep wat, vanweë die *sui generis*-karakter van hierdie groep (vgl. Sahlins 1976:2), bepaalde sosiale en kulturele norme en beskouings uitleef. Dit word aanvaar dat elkeen se belewenis van kleur verskil en gevolglik word die eie perspektief dikwels as etnosentries beoordeel.² Hierby word taalgebruik betrek wat die aanwending en ervaring van kleur op 'n spesifieke, eiesoortige wyse weergee: "... colour is a cultural matter ..." aldus Eco (1996:152, met verwysing na Sahlins).³

¹ Helen Keller (1910:105, 108-9) het doelbewus die belewenis van kleur deel van haar bestaanswêreld gemaak:

I understand how scarlet can differ from crimson because I know that the smell of an orange is not the smell of a grapefruit. I can also conceive that colors have shades and guess what shades are. In smell and taste there are varieties not broad enough to be fundamental; so I call them shades ...

The force of association drives me to say that white is exalted and pure, green is exuberant, red suggests love or shame or strength. Without the color or its equivalent, life to me would be dark, barren, a vast blackness.

Thus, through an inner law of completeness my thoughts are not permitted to remain colorless. It strains my mind to separate color and sound from objects. Since my education began I have always had things described to me with their colors and sounds, by one with keen senses and a fine feeling for the significant. Therefore, I habitually think of things as colored and resonate ... the unity of the world demands that colors be kept in it whether I have cognizance of it or not. Rather than be shut out, I take part in it by discussing it, happy in the happiness of those near me who gaze at the lovely hues of the sunset or the rainbow.

² Op 'n breër vlak dui etnosentrisme op 'n lewenshouding wat die waardes, gewoontes, gebruike, opvattinge en instellings van die eie volk of etniese groep vooropstel as die normatiewe maatstaf waaraan ander kulture gemeet word. Dit berus op die oortuiging dat eienskappe van die eie groep wat as besonder belangrik beskou word, inherent waardevoller is as dié van ander groepe.

³ By Halliday se drie metafunksies wat gelyktydig betrokke is in elke handeling van sosiale kommunikasie (te wete die begripvormende, die interpersoonlike en die tekstuele) kan kleur betrek word om in al hierdie funksies te voldoen (vgl. Van Leeuwen 2011:10-12).

Sou die kleurterminologie van verskillende tale vergelyk word, is dit duidelik dat dit op verskillende wyses aangewend, geklassifiseer en beoordeel moet word. Eentaal-sprekers aanvaar dikwels dat hul eie kleursisteme deursigtig en vir almal verstaanbaar is, maar, gekonfronteer met 'n alternatiewe sisteem, kom 'die ander' dikwels verwarrend en selfs onverklaarbaar voor. In 'n veeltalige gemeenskap is die weergee van kleurpersepsie uiteraard minder rigied. Die belewenis van kleur en die beskrywing daarvan verskil dus van individu tot individu en van groep tot groep, soos Pastoureau (2001:8) ook aandui: "There is no transcultural truth to colour perception."

Die kunstenaar se aanwending van kleur in 'n kunswerk, 'n argitektoniese struktuur of 'n gebruiksvoorwerp dra nie net sy vaardigheid oor nie, maar het ook ten doel om te kommunikeer. In so 'n geval kan die kunstenaar se gevoelsuiting 'n belangrike rol speel, aangesien dit die toeskouer se belewenis daarvan – hetsy visueel of ouditief – diep kan ontroer, mits ontvanklikheid vir die estetiese teenwoordig is. In die geval van 'n literêre werk, en hier veral die digkuns, moet beide die geestesoog en die -oor sensitief ingestel wees vir die sagte stem van die geskrewe woord. Die genot wat die leser hieruit put, word 'n persoonlike belewenis wat van digter na digter en ook van werk na werk kan verskil.⁴ Gevolglik poog die intellek, eerder as die emosies, om te verstaan waarom 'n bepaalde gevoelswaarde in een geval sterk beleef word en minder, of selfs glad nie, by 'n ander. Dit is inderdaad die geval met Vergilius se drie werke, waarvan veral die *Georgica* vir hierdie navorser 'n besondere bekoring inhou. Die impak van hierdie gedig hou verband met die digter se besondere waarnemingsvermoë en die wyse waarop hy kleur sensitief aanwend, 'n aspek waarna Pöschl (1977:3) as 'Durchseelung der Form' verwys. Om hierdie rede is die literêre en stilistiese aanwending van kleurterminologie in die *Georgica* en die verskillende wyses waarop die uitbeeldings geïnterpreteer kan word, die fokus van hierdie studie.

Navorsing oor kleurgebruik in antieke tye was aanvanklik toegespits op die tegniese en argeologiese aspekte van kleurproduksie en die aanwending daarvan in die argitektuur en verskillende kunsvorme.⁵ In letterkundige navorsing, daarenteen, het die implikasies van die antieke kleurterminologie tot die moderne leser se verwarring bygedra. Die aanvanklike benadering van letterkundiges was gebrekkig, veral omdat 'n bewustheid vir die onderlinge verskille van taalgebruik en veral kleurterminologie nie goed gevestig was nie. Ook was moderne wetenskaplike beskouings oor en

⁴ Pöschl (1977:2) huldig die siening dat 'n gedig slegs 'n fragment of 'n vlietende uitbeelding is wat deur 'n ontvanklike leser of kritikus tot volvoering gebring moet word. Die skrywer en staatsman, Johann Wolfgang von Goethe (1749-1832), beskryf hierdie vermoë as 'supplieren' wat volgens die Engelse essayis en kunskritikus, Walter Pater (1839-94), die *sine qua non* van kunskritiek is. Dit kom daarop neer dat die leser mede-skep – dus, saam met die skrywer – wat 'n belangrike aspek van die moderne persepsieleer is.

⁵ In hul omvattende artikel, 'Farbe,' toon Hermann en Cagiano de Azevedo (1969:411-12) dat die Romeinse kultuur ontvanklik was vir die Griekse en Etruskiese kleursin, sodat die toepassing daarvan in Romeinse argitektoniese strukture van 'n sobere en sombere kleuraanwending tot 'n ryk, polichromatiese versiering ontwikkel het. Nicola Hoesch (1998:427-31) verwys in haar artikel, 'Farben,' na nuwe ontdekkings, verfynde wetenskaplike navorsing en die herevaluering van geskrewe bronne as bewys dat kleur van elementêre belang was in die lewens en kuns van die antieke Mediterreense kultuurgroepe. Sien ook Cleland *et al.* se 2004 uitgawe, *Colour in the ancient Mediterranean world*, 'n multidisiplinêre versameling van bydraes waarvan die outeurs almal ten doel het om die wyse waarop antieke volkere kleure aangewend en waardeer het, toe te lig. Drie hoofafdelings bied navorsing oor onderskeidelik die jongste tegnieke vir die bewaring en ontleding van pigmente en kleurstof; die antieke tegnologie wat verband hou met die vervaardiging en gebruik van hierdie stowwe; en die simboliek van kleur in die kuns van antieke volkere, waarby die letterkunde ook ingesluit word.

beskrywings van kleur nie oordeelkundig en met sensitiwiteit op antieke terminologie toegepas nie. Dit het tot 'n waninterpretasie van die Oudheid se uitbeeldings en denkwyses gelei wat gevolglik as 'foutief' of 'gebreklig' afgemaak is. Voorts het die sintuiglike of emosionele ervaring van kleur 'n objektiewe beoordeling bemoeilik, sodat D'Hérrouville (1930:56, met verwysing na *Geor.* 3.82-83) van mening was dat daar nie te veel oor kleure gedebatteer moet word nie: "Des couleurs il ne faut pas trop disputer ...". Boonop is die bestudering van kleurgebruik in die Oudheid as die 'speelveld van amateurs' beskou (vgl. Skard 1946:163), 'n beskouing wat vir dekades gehandhaaf is. Eco (1996:148, met verwysing na 'n aanhaling van James Gibson⁶) beskou kleur as 'n problematiese onderwerp: "... the meaning of the term colour is one of the worst muddles in the history of science." Gevolglik het die semantiese en teoretiese navorsing oor die funksie van kleur in die antieke literatuur lank agterweë gebly.

Hernieuwe belangstelling in die kleurgebruik van Griekse digters en Romeinse skrywers het twee werke van fundamentele belang opgelewer, eerstens, dié van die Franse filoloog, J. André, *Étude sur les termes de couleur dans la langue Latine* (1949), 'n sistematiese en omvattende ontleding van die komplekse Latynse kleurterminologie wat die Romeinse se kleursisteem op 'n besondere wyse vir 'n moderne wêreldbeskouing ontsluit het.⁷ Tweedens het Eleanor Irwin se *Colour terms in Greek poetry* (1974) talle treffende en dramatiese voorbeelde van kleurgebruik in die Griekse digkuns toegelig wat as bewys dien dat antieke digters wél die stilistiese aanwending van kleurwoorde hoog geag het. Die funksie van kleurwoorde in die geskrewe taal kan dus veel omvattender wees as slegs die beskrywende: Kleurterme kan emosies soos woede, vreugde, afguns en hartseer ontlok en hoogs suggestief voorkom wat tot die wisseling van stemming bydra (vgl. Clarke 2003:2). Daarbenewens het meeste kleurwoorde uit kontekstuele terme ontwikkel wat affektief, soms ook achromaties, met abstrakte begrippe soos koue, hitte, sterkte, swakheid, siekte en gesondheid verbind kan word. So byvoorbeeld kan die konsep van 'manlikheid' versterk word namate die assosiasie met donker kleure die versadigingspunt, 'swart,' bereik. Insgelyks vertoon 'vroulikheid' dieselfde verband met 'wit,' hoewel dit ook met die sogenaamde 'warm' kleure van die geel-en-rooi groepering geassosieer kan word (vgl. Sivik 1997:187).⁸ In hierdie

⁶ Sien Gibson, J.J. 1968. *The senses considered as perceptual systems*. Londen: Allen & Unwin.

⁷ Sien ook Hoofstuk 1 vir detail oor die bydraes van onderskeidelik André en Irwin.

⁸ Van Leeuwen (2011:15-19, 25) bied 'n moderne beskouing van die verskillende psigologiese betekenisse wat aan kleure gekoppel kan word: "The same colour can express many different meanings and the same meaning can be expressed by many different colours ... there does not seem to be a single 'language of colour' ..." Navorsing oor die sielkundige effek van kleur het ook baie min in die laaste eeu verander. Die affektiewe krag van 'n kleurwoord is steeds die sentrale konsep, so ook die onwillekeurige effek wat dit uitoefen en die belangrike rol wat dit in die Westerse kleurnarratief speel. Soos Goethe, onderskei Hornung (2005:129) tussen 'simboliese kleurassosiasies' en 'kleurervarings,' waarvolgens die kleure blou, groen en violet as 'koel kleure' beleef word en rooi, oranje en geel as 'warm kleure' – assosiasies wat moontlik verband hou met die fisiese belewenis van ys, skaduwee en diep water (dus 'koelte') teenoor vuur, die son en woestyn (dus 'hitte'). Hiervolgens kan die afleiding gemaak word dat die betekenisemoontlikhede wat aan kleur gekoppel word, moontlik verband kan hou met fisiese reaksies op fisiese ervarings. In haar bespreking van kleursimboliek is Feisner (2006:120) van mening dat emosies die mens se persepsie en belewenis van kleur beïnvloed. Hiervolgens kan blydschap, vrolikheid en vitaliteit met die kleur geel geassosieer word, terwyl aspekte soos koelte, die waarheid en rustigheid met blou kleure verbind word. In 'n taalgemeenskap hou sulke psigologiese reaksies emotief verband met kuns, ook wanneer dit by die keuse van 'n kleur kom. Feisner gee egter toe dat kleursimboliek hier 'n rol kan speel.

opsig speel sintuiglike waarneming 'n belangrike rol.⁹ Nie alleen word sig, die skerpste van die sintuie, betrek nie, maar ook gehoor, gevoel, reuk en smaak¹⁰ sodat die leser 'n uitbeelding duideliker voor die geestesoog kan visualiseer. Volgens Descartes (1596-1650), vader van die moderne filosofie, word kleure helderder en duideliker ervaar wanneer hulle bloot as sensasies of gedagtes waargeneem word (vgl. Kenny 1999:126).

Wat die geskrewe woord betref, is dit ook stilisties binne die digter se vermoë om 'n visuele effek te beklemtoon bloot deur die noukeurige-beplande plasing van (n) spesifieke kleurwoord(e) in 'n enkele versreël of daaropvolgende reëls. Kleurterme kan ook temas afbaken en uitbou en selfs onderafdelings met mekaar verbind. Dit is ook moontlik dat 'n analise van 'n digter se kleurstrategieë ons groter insig kan verskaf oor sy denkwysse en moontlik ook sy persoonlikheid, 'n beskouing wat André (1949:382-91) voorstaan.¹¹

Bykomend tot die verwarring oor die betekenismoontlikhede van antieke kleurterminologie, kan 'n verdere knelpunt – nou egter op die mees basiese vlak – uitgelig word. Indien die moderne leser nie daarop ingestel is nie, kan dit gebeur dat 'n kleurwoord onbewustelik net nie 'raakgelees' word nie. Waar 'n sekere skerpsinnigheid deur die noukeurige lees van tekste nie ontwikkel is nie, mis die leser die impak van die term, moontlik ook bykomende nuanses en die waarskynlike doelwitte van 'n uitnemende woordkunstenaar. Hoewel 'n studie van hierdie aard nie daarop gemik is om die kontensieuse aspekte van die teks – in hierdie geval die *Georgica* – op te los nie, kan die noukeurige ontleding van kleurterminologie moontlik stukrag verleen aan die argumente van sommige kritici.

A DIE AARD EN OMVANG VAN HIERDIE STUDIE

In vergelyking met die *Aeneis*, die beroemdste van Vergilius se drie werke, en selfs die pastorale *Eclogae*, het die *Georgica* aanvanklik nie dieselfde aandag en toegewyde bestudering van kritici

⁹ Die sintuiglike gewaarwording van smaak en reuk is onlosmaaklik verbind. Smaak word verbind met die sensasies van soet, suur, sout en bitter wat deur reuk verfyn word. 'n Bykomende aspek van sinestesia is die vermoë om kleur deur die tassin waar te neem. Vergelyk in hierdie geval die aanhaling uit Keller hierbo, voetnoot 1.

¹⁰ Sien Lilja (1972) se gedetailleerde uiteensetting van en verwysings na geur as stilistiese tegniek in die Griekse en Romeinse digkuns.

¹¹ In hoofstuk 6 ('La personnalité de l'écrivain') ontleed André (1949:382-91, veral 388) Romeinse outeurs se persoonlikhede (en temperament) aan die hand van hul gebruik van kleurterme. Hy sluit ook die 'skepping' van kleurwoorde in wat (in die tans oorgeleerde Latynse letterkunde) die eerste gebruik daarvan in onderskeidelik prosa en poësie sou aandui. Hoewel 'n bepaalde antieke outeur gebonde was aan die voorskrifte en tradisies van die relevante genre, toon elkeen tog sy persoonlike voorkeur by die keuse van kleurterme. Soos aangedui in Addendum A van hierdie tesis, verskil die aanwending van kleurterminologie in die *Aeneis* aansienlik van dié van die *Eclogae* en ook die *Georgica*. Volgens André se beoordeling sou Vergilius *albus* as kleurwoord vir wit verkies, *ater* vir swart, *purpureus* as voorkeur-kleurwoord vir rooi, *fulvus* (maar ook *croceus* in 'n mindere mate) vir geel en die wisselvorm *caeruleus* (eerder as *caerulus*) vir donkerblou. Hierdie is 'n besonder growwe veralgemening van Vergilius se voorkeur-kleurgebruik, aangesien André nalaat om omvattend tussen die kleuraanwending van die verskillende genres te onderskei.

In haar ontleding van Catullus se digkuns toon Clarke (2003:296-301) dat die digter se taalgebruik intens en emotief is en dat sy gebruik van kleurwoorde meer gekonsentreerd en oorspronklik is as dié van beide Propertius en Horatius. Laasgenoemde gebruik dikwels terme vir groen (veral *vireo/virido* en *viridis*) in sy beskrywing van lewensiklusse (idilliese natuurtonele uitgesonder), terwyl daar by Propertius 'n besondere verwantskap tussen helder kleure en morele verval waarneembaar is.

ontvang nie.¹² Dit is dikwels as 'n 'oorgangsgedig' tussen die kort herdersgedigte en die grootskaalse epos beskou (vgl. Thomas 1988a:1). Die gedig handel oënskynlik oor landboupraktyke wat as onderwerp net nie genoeg aanklank by kritici gevind het nie en gevolglik met skeptisisme bejeën is. Navorsers, beïnvloed deur Hesiodos se hantering van die onderwerp, het eerder op die landbouer se veeleisende take gefokus (dus 'n negatiewe beoordeling) as op die vervullende belonings ('n positiewe beoordeling) wat op hom wag (vgl. Johnston 1980:ix).

Aangesien die gedig as didakties getipeer is, beklemtoon Volk (2002:1, met verwysing na Cox 1969:124) die teenstrydige aard van die genre as "... the improbable art of harnessing poetry to severely technical instruction."¹³ Vir die moderne leser kom die didaktiese digkuns as 'n teenstrydigheid voor, 'n beskouing wat Volk voorhou met verwysing na Goethe, *Über das Lehrgedicht*: "[d]ie didaktische oder schulmeisterlike Poesie ist und bleibt ein Mittelgeschöpf zwischen Poesie und Rhetorik."¹⁴ Ook Parry (1972:37) het die *Georgica* as die ontoeganklikste van Vergilius se drie werke beskou, juis vanweë die inhoud en die didaktiese aard van die gedig. Dit volg dus dat die gedig vir die moderne leser só verwarrend en die tema só onaanvaarbaar was dat dit vir dekades as rede voorgelê is vir die blatante verwaarlosing daarvan. Hoewel daar tog 'n beperkte belangstelling in die *Georgica* was,¹⁵ het navorsing

¹² Otis (1972:40-41) verwys na die *Georgica* as "... one of the greatest and most neglected of Latin poems ...". Hy wys ook op die virtuele verwaarlosing van die gedig deur Engelssprekende kritici, die enkele bydraes deur die Franse en Italiaanse navorsers en die sogenaamde 'monopolie' wat Duitse kritici vir etlike jare gehandhaaf het. Hy vermeld die teenstrydige aanmerkings oor die artistieke 'verseidenheid' deur veral Kroll (1924), Jahn (*Vergils Georgica* in 1927) se ywerige *Quellenforschung*, Witte (1927) se numeriese patrone en die belangrike artikel van Erich Burck (*Hermes*, 1929) wat op die konstruksie van die *Georgica* betrekking het. Hy toon dat Vergilius se hantering en seleksie van data 'eg-Vergiliaans' is, aangesien die mitologiese digressies funksioneel deel vorm van die eenheid van die gedig en ook ryklik tot die betekenis van die didaktiese gedeeltes bydra.

¹³ Cox (1969:124) gaan voort: "... [didactic poetry] originated almost accidentally in Greece, blossomed near-miraculously in Rome, and was never afterwards to be convincingly revived ... many [scholars] would now claim that the art-form is defunct because it is in principle impossible (resting upon the fusion of incompatible elements)." Sien egter Volk (2002:34-43) se definiering van die didaktiese digkuns as 'n aparte genre, ook met betrekking tot die *Georgica*.

¹⁴ Dit is moontlik dat hierdie negatiewe beskouing te wyte is aan die moderne, en spesifiek die romantiese, idee dat ware digkuns – in kontras met didaktiese digkuns – die uiting van die digter se subjektiewe gevoelens en emosies is. Hierdie beskouing het egter nie betrekking op die antieke digkuns nie, 'n aspek waarvan klassici inderdaad bewus is (vgl. Volk 2002:1-2).

¹⁵ Tekste en kritiese kommentare van die *Georgica* sluit (onder andere) die volgende in: Die teks en kommentaar van J.H. Voss (*Publii Virgilii Maronis Georgicon libri quattuor: Ländliche Gedichte*, iii-iv [Altona]) verskyn in 1800; C.G. Heyne publiseer in 1830 *Publius Virgilius Maro varietate lectionis et perpetua adnotatione instructus*, [volume] i. *Bucolica et Georgica*, met 'n vierde uitgawe in 1833 wat 'n bydrae deur G.P.E. Wagner (Leipzig) insluit. In 1846 verskyn T. Keightley se *Notes on the Bucolics and Georgics of Virgil* (Londen) en in 1852 begin J. Conington met 'n kommentaar van die drie werke van Vergilius (*P. Vergili Maronis Opera*), waarvan Volume i in 1858 en Volume ii in 1864 (met die medewerking van G. Smith) verskyn. Volume iii volg kort na Conington se dood in 1869 wat die hersiening van H. Nettleship insluit. In 1859 publiseer O.P. Ribbeck sy *P. Vergili Maronis Opera*, i. *Bucolica et Georgica* (met *Prolegomena critica*) en in 1894 verskyn (ook in Leipzig) die tweede uitgawe met vol. i. wat kommentaar (*apparatu critico in artius contracto*) insluit. Die geannoteerde uitgawe van T.E. Page (*P. Vergili Maronis: Bucolica et Georgica*) word in 1898 uitgegee, terwyl die kritiese Italiaanse uitgawe van R. Sabbadini, *P. Vergili Maronis Opera*, in 1930 volg wat verskeie verbeteringe van Ribbeck se publikasie, *P. Vergili Maronis Opera* (1894-95), insluit. Francesco della Corte se Italiaanse teks en kommentaar, *Le Georgiche*, verskyn in twee volumes in 1942. W. Richter publiseer 'n Duitse kommentaar in 1957 (*Vergil: Georgica; herausgegeben und erklärt*) wat H.H. Huxley opvolg met 'n Engelse kommentaar van *Georgica* 1 en 4 in 1963. R.A.B. Mynors publiseer 'n kritiese teks, *Vergili Maronis Opera*, in 1969, terwyl dié van M. Geymonat, *P. Vergili Maronis Opera*, in 1973 verskyn. Die uitgawe van R.D. Williams (*Virgil: The Eclogues & Georgics*) in 1979 is in die algemeen as gebruikers-vriendelik ervaar, waarna Alessandro Barchiesi se *Georgiche* met teks, vertaling en kommentaar in 1980 volg. Manfred Erren se 1985-publikasie (*P. Vergilius Maro: Georgica*, Band I) sluit die teks en 'n Duitse vertaling in en in 1988 volg die publikasies van R.F. Thomas (*Virgil: Georgics*, in twee volumes) met teks en kommentaar. In 1990 verskyn R.A.B. Mynors se *Georgica*, ook met teks en kommentaar en in 2003 volg Band II van Erren se publikasie, *P. Vergilius Maro: Georgica*, wat kommentaar insluit.

Vir 'n omvattender bibliografie van 1876 tot 1975 sien W. Sauerbaum se bydrae in H. Temporini en W. Haase (1980) se *Aufstieg und Niedergang der römischen Welt*, ii.31.1:395-499 (Berlyn en New York: De Gruyter).

veral op die *Aeneis* en in 'n mate ook op die *Eclogae* gefokus, sodat die beoordeling van die *Georgica* lank op die beoordeling van slegs die *Aeneis* berus het. Volgens Volk (2008:3) is die metodes en benaderings wat later op die *Georgica* van toepassing gemaak is, eers in die bestudering van die *Aeneis* ontwikkel wat 'n duidelike aanduiding van die *Georgica* se sekondêre status kan wees.

Weens hernieude belangstelling in die *Georgica* veral gedurende die laat 1970's en 1980's is hierdie gedig uit byna-vergetelheid vir die twintigste eeu herwin (vgl. Davis 1992:1). Die diversiteit van die bydraes en die geesdrif waarmee verskeie twispunte (sommige nou reeds snuifgetrap) beredeneer is, dui tóg op die gedig se invloed en trefkrag wat onwillekeurig die *dictum* van Terentius, *Ph.* 454 in gedagte roep: *quot homines, tot sententiae*.

Nietemin is daar een aspek van die *Georgica* wat tot nog toe bykans geen aandag geniet het nie: die digter se besondere aanwending van kleurterme. In die *Georgica* word die wisselende natuurkragte wat die landbouer teister, groot en klein diere, voëls en insekte en veral die aarde met sy bome, struik, gewasse en blomme met 'n delikate presisie uitgebeeld en met sorg ingekleur sodat hierdie gedig uitmuntend geskik is vir 'n studie van kleurterminologie. Hoewel sommige vooraanstaande kommentare wél die implikasies van sommige kleurterme aandui, is dit tóg opvallend hoe dikwels problematieses kleurwoorde bloot geïgnoreer word. Moontlik kan hierdie terme se reikwydte as rede voorgehou word vir die algemene stilswye van kritici, of, as een van baie literêre truuks, het Vergilius se aanwending van kleur moontlik slegs hul aandag ontglip.¹⁶

B DIE VERBAND TUSSEN VISUELE EN VERBALE UITBEELDINGS

Die frase *ut pictura poesis* in die titel van hierdie skripsie – *Ut pictura poesis: kleur en teks in die Latynse poësie van die eerste eeu vC, met spesiale verwysing na die Georgica van Vergilius* – vat die doel van hierdie navorsing op 'n eiesoortige wyse saam. Die frase is ontleen aan Horatius, *Ars Poetica* 361 wat deel vorm van die digter se vergelyking tussen die skilderkuns en die poësie (361-65).¹⁷ Hoewel dit mag voorkom asof bovermelde frase die inhoud van hierdie studie paslik omskryf, moet daarop gelet word dat Horatius dit in 'n heel ander sin gebruik, naamlik om artistieke perfeksie te illustreer wat as *virtus* of

¹⁶ Vir wetenskaplike bydraes oor die *Georgica* tot en met 2015, sien Niklas Holzberg se omvattende bibliografie (aanlyn beskikbaar by <http://www.niklasholzberg.com/Homepage/Bibliographien.html>). Perkell (1989:12-19) bied 'n oorsig van bydraes en Volk (2008:6-10) bespreek sommige van die kontensieuse aspekte van en verskillende benaderings tot die *Georgica*.

¹⁷ *Ars Poetica* 361-65:

*ut pictura poesis: erit quae si propius stes
te capiat magis, et quaedam si longius abstes.
haec amat obscurum, volet haec sub luce videri,
iudicis argutum quae non formidat acumen;
haec placuit semel, haec deciens repetita placebit.*

'n Gedig is soos 'n skildery. Die een sal jou meer beïndruk as jy dit van naby bekyk, die ander as jy 'n entjie weg sou staan. Hierdie ene hou van die skemerte, die ander verkies om in helder lig besigtig te word en is nie ontstig oor die snydende kritiek van die beoordelaar nie. Hierdie skildery het een keer plesier verskaf, die ander een, al is dit tien keer opgesoek, sal bly behaag.

Al die vertalings van Latynse tekste is dié van die navorsers, tensy anders vermeld.

bonus bekend staan. Volgens Brink (1971:368-72) dui ‘artistieke perfeksie’ op die vaardigheid en vermoë van die kunstenaar wat die inherente kwaliteit van die kunswerk bepaal. Net soos ’n skildery, sal die poësie van ’n digter wat sy tegniek vervolmaak het, by herhaling bestudeer kan word en by implikasie die leser telkens met groter insig beloon. Hierdie beskouing het allerweë so aanklank gevind dat dit as vertrekpunt gebruik is om die verband tussen die twee kunsvorme te verklaar. Dit het ook aanleiding gegee tot verreikende (en soms foutiewe) aannames wat min of selfs geen verband hou met die oorspronklike sienswyse van Horatius nie. Hierdie frase het dus geen betrekking op die trefkrag van ’n lewensgetroue beskrywing op die leser van poësie, of op die aanskoulike uitbeelding van ’n skildery wat ’n toeskouer ontroer nie.

Die frase *ut pictura poesis* as metafoor vir die vergelyking tussen die skilderkuns en poësie is tog paslik as ’n kernsamevatting van hierdie studie. Daar kan geargumenteer word dat die potensiaal van woorde om deur ’n treffende en sprekende beskrywing ’n helder beeld voor die geestesoog op te tower, soos die visuele impak van ’n skildery is.¹⁸ Ter staving van hierdie argument verwys Zanker (1981:311) na Plutarchos wat die *dictum* van Simonides, *Mor.* 346F (ook 17F-18A en 58B) aanhaal: ζωγραφίαν ... εἶναι φθεγγομένην τὴν ποίησιν, ποίησιν δὲ σιγῶσαν τὴν ζωγραφίαν (‘poësie is gesproke skilderkuns en skilderkuns is swygende poësie’).¹⁹ In *Mor.* 17A-18A word die twee kunsvorme as gelyksoortig beskryf, aangesien beide in hul onderskeie media poog om ’n lewendige en akkurate uitbeelding van die voorwerp te gee soos dit in realiteit voorkom: ἡ δὲ μίμησις ἅν τε περὶ φαῦλον ἅν τε περὶ χρηστὸν ἐφίκεται τῆς ὁμοιότητος, ἐπαινέται.

In die antieke literêre teorie kom daar dikwels vergelykings tussen die skilderkuns en poësie voor wat wel meriete het.²⁰ Vir die doeleindes van hierdie studie, egter, moet daarop gelet word dat dit juis die *verskille* tussen die twee media is wat beklemtoon word en nie die *ooreenkomste* nie. Aspekte soos tyd en ruimte verskil, aangesien tydsverloop slegs deur die digter weergegee kan word, terwyl ruimtelikheid en beweging daarenteen die domein van die skilder is (vgl. Laird 1993:29-30). Belangrik is ook die wyses waarop die twee kunsvorme onderskeidelik beleef word:

- In poësie word die inhoud volgens ‘ritmikaliteite’ gekonstrueer wat vooraf of ten minste gelyktydig met die inhoud aanwesig is (vgl. Naudé 2010:11) en sou beteken dat poësie ’n inherente ‘wysie’ het.²¹ Spreekende en raak beskrywings prikkel die verbeelding om ’n toneel voor die geestesoog op te roep en die leser as’t ware in die geselskap van die karakters te plaas. Ook skep die woordelike uitbeelding atmosfeer wat die leser se

¹⁸ Cicero, *Tusc.* 5.39.114 verwys na Homeros se treffende uitbeeldings wat gevisualiseer kan word, al was hy (moontlik) blind: *traditum est etiam Homerum caecum fuisse. At eius picturam, non poësim videmus* (‘volgens oorlewering was Homeros mos blind, maar ons sien sy uitbeelding raak, nie die poësie nie’).

¹⁹ Simonides word ook aangehaal deur die *Auctor ad Herennium* 4.39: *poema loquens pictura, pictura tacitum poema debet esse* (‘’n gedig moet ’n sprekende skildery wees, [en] ’n skildery ’n swygende gedig’).

²⁰ Hierdie kwessie is hedendaags steeds relevant, en word deur Hyman (2006:xv) aangespreek: “What is the difference between a picture and a written text? Are pictures in some sense more ‘natural’ than words? ... can a picture represent a thought or a feeling, or a sound or a smell, or must things it represents have shapes and colors?”

²¹ ’n Formalistiese benadering tot die digkuns is reeds in antieke tye gekritiseer, onder andere deur Aristoteles wat *metrum* as ’n onaanvaarbare maatstaf beskou het. Hy het die konsep van poësie (reeds deur Plato voorgehou in veral *R.* 3.392c9-394c8) as μίμησις [‘nabootsing’] beoordeel. Hierdie beskouing is baie suksesvol in die geskiedenis van Westerse literêre teorie toegepas, hoewel moderne kritici dikwels verkies om na ‘fiksie’ eerder as ‘nabootsing’ te verwys (vgl. Volk 2002:7).

ervaring verryk.²² Soos met die geestesoog, kan ander sintuiglike aspekte ook met die verbeelding opgeroep word om klanke, geure en kleure subtiel te betrek.

- In die skilderkuns verskil die proses van uitvoering en waarneming. Volgens Ruskin (1819-1900) (1987:187) is die rol wat kleur speel relatief: “While form is absolute ... colour is wholly relative. Every hue throughout your work is altered by every touch that you add in other places.”²³ Hierdie siening word ook deur Henri Matisse (1869-1954) gehuldig: “ ... It’s not enough to place colours, however beautiful, one beside the other ... Colours must also react on one another. Otherwise, you have cacophony.”²⁴ Die waarneming van kleur is visueel, onmiddellik en direk; onderlinge verhoudings tussen die verskillende elemente wat lokaliteit, grootte en afstand betref, is duidelik waarneembaar;²⁵ ook is die aanwending van verskillende kleure nie net visueel bevredigend nie, maar dit kan ook emotief tot die toeskouer spreek.

Soos aangetoon in die werke van antieke literêre kritici, is daar aan uitbeeldende beskrywing²⁶ ’n visuele aspek gekoppel wat as die skakel tussen die poësie en die skilderkuns beskou is. Volgens Zanker (1981:297-304) het die skep van duidelike en lewensgetroue uitbeeldings voor die geestesoog in antieke tye as ἔκφρασις en/of ἐνάργεια bekend gestaan. Beide hierdie retoriese tegnieke is stilisties hoog geag en is as die oogmerke van poësie beskou. In antieke tekste word ἐνάργεια soms as een van die ἀρεταί (‘deugde’ of ‘versierings’) van ἔκφρασις beskou en, aangesien hierdie terme soms afwisselend gebruik is, was dit moeilik om hulle te onderskei. Visuele waarneming – met ander woorde, sig²⁷ – is die karakteristieke eienskap van beide ἐνάργεια en ἔκφρασις.

’n Bepaalde karakter, situasie of handeling kan treffend deur ἐνάργεια uitgebeeld word, sodat die voorstelling helder voor die leser se geestesoog gevisualiseer kan word.²⁸ ’n Ander oogmerk van

²² In letterkundige kritiek word die werkwoorde ‘uitbeeld’ of ‘skets’ en in Engels ‘portray’ en ‘depict’ dikwels gebruik om die taak van die digter te verduidelik.

²³ Kleure is interaktief, aangesien ’n kleur in kontras met ’n ander dit kan beklemtoon of laat verdof. Hierdie tegniek kan na Leonardo da Vinci (1452-1519) teruggevoer word, terwyl die basiese aspekte daarvan formeel deur Goethe in sy *Farbenlehre* (1810) uiteengesit is (vgl. Ratliff 1976:312-14).

²⁴ ‘Colour and Rhythm.’ Kykersgids by ’n uitstalling in Johannesburg, Standardbank-galery, 13 Julie-17 September 2016.

²⁵ Tog is die waarneming van perspektief om afstandverbande uit te druk ’n konvensie wat nie in alle kulture verstaan of gebruik word nie. Die kykersoog en -brein moet ook hierin ‘opgevoed’ word.

²⁶ Zanker (1981:311) gebruik die frase ‘pictorial vividness’ as beskrywing van die nou verband tussen die twee kunsvorme wat in Afrikaans as ‘uitbeeldende beskrywing’ weergegee kan word.

²⁷ In *Pr.* 7.5.886b.35 beskou Aristoteles sig as die skerpste van die sintuie:

της δὲ ὄψεως ἐναργεστάτης οὐσης αἰσθήσεως, ἀνάλογον καὶ τὰ συμβαίνοντα γίγνεται ἀπ’ αὐτῆς· διὸ ταυτὰ μὲν τὰ ἀπὸ τῆς ἀληθείας πάθη συμβαίνει γίνεσθαι ἀπ’ αὐτῆς, ἐλαφρότερα δὲ τῆς ἀληθείας.

Met sig die skerpste/helderste sintuig, is die effek daarvan ook so; daarom spruit dieselfde belewenisse daaruit as in die werklikheid, hoewel sagter/meer gedemp as in die werklikheid.

²⁸ Volgens Zanker (1981:297) het die konsep van ἐνάργεια ’n spesiale verband met uitbeeldende beskrywing wat in die digkuns voorkom. Daar kan ook bewys word dat die term ἐνάργεια die ander vorme soos ἔκφρασις, *descriptio*, φαντασία en soortgelyke vorme voorafgegaan het en dat die vroegste gebruike daarvan in literêre kritiek op poësie gerig was. Dionusios van Halikarnassos se beoordeling van die retoriese styl van Lysias word as die volledigste beskrywing van ἐνάργεια beskou:

ἔχει δὲ καὶ τὴν ἐναργεῖαν πολλὴν ἢ Λυσίου λέξις. αὕτη δ’ ἐστὶ δύναμις τις ὑπὸ τὰς αἰσθήσεις ἀγούσα τὰ λεγόμενα, γίγνεται δ’ ἐκ τῆς τῶν παρακολουθούντων λήψεως, ὃ δὴ προσέχων τὴν διάνοιαν τοῖς Λυσίου λόγοις οὐχ οὕτως ἔσται σκαιὸς ἢ δυσάρεστος ἢ βραδύς τὸν νοῦν, ὅς οὐχ ὑπολήφεται γινόμενα τὰ δηλούμενα ὄραν καὶ ὡσπερ παροῦσιν οἷς ἂν ὀρήτωρ εἰσάγη προσώποις ὀμιλεῖν.

Lys. 7; I.14-17 Us.-Rad.

Lysias se diksie is baie lewendig. Dit besit ’n sekere krag om dit wat gesê word na die sintuie te lei en volg uit sy greep op besonderhede. Hy wat konsentreer op die toesprake van Lysias sal nie so dwars of moeilik of

ἐνάργεια is om die emosies van die toeskouer met gedetailleerde beskrywings te stimuleer, sodat die ervaring(s) van die oorspronklike getuie(s) belewe kan word. Om hierdie faset van die digkuns te illustreer, verwys Quintilianus, *Inst.* 8.3.70 na Vergilius se uitbeelding van karakters in die *Aeneïs* wat in die greep van sterk emosies vasgevang is om sodoende meeleving by die leser te ontlok.²⁹

Ook ἔκφρασις, met die Latynse ekwivalent *descriptio*,³⁰ kom in antieke tekste voor as 'n formele poëtiese of retoriese beskrywing van onder andere landskappe, geboue, gevegte en storms. Die uitbeelding met ἔκφρασις toets die vermoë van die digter om deur 'n fyn seleksie van woorde sy beskrywings lewensgetrou en akkuraat weer te gee.³¹

Nie alleen antieke *testimonia* nie, maar ook moderne kritici verwys na Vergilius se aanwending van ἐνάργεια en ἔκφρασις in sy werke. Jackson Knight (1966:219) beklemtoon die digter se besondere waarnemingsvermoë en bied as voorbeelde die gedetailleerde beskrywings van die gekerfde bekere in *Ecl.* 3.36-42 en die uitbeeldings op die deure van Juno se tempel in *Aen.* 1.446-93. Wilkinson (1950:28) som sy beoordeling van die *Georgica* soos volg op: "Didactic or descriptive? Surely the latter. What we enjoy is the picturesqueness ... We may fairly surmise that, whatever Virgil's alleged reason for undertaking them, he was painting because he loved to paint and to recapture every detail that had caught his observant eye." Hy verwys ook na *Geor.* 3.285: *singula dum capti circumvectamur amore* ('deur één groot liefde aangegryp, word ons van een belewenis na die ander meegevoer').

Vanweë talle beskrywings in die *Aeneïs* is dit duidelik dat Vergilius terdeë bewus was van die trefkrag van beskrywende uitbeelding.³² Aangesien die digter beskrywings ook emotief en/of genuanseerd aanwend om reaksie by die leser te ontlok,³³ ontstaan die vraag op watter wyse hierdie

stadig van begrip wees dat hy nie ervaar dat hy die gebeure sien wat sigbaar gemaak word en teenwoordig is in die geselskap van die persone waaroor die orator praat nie.

Tensy anders aangedui, is die vertalings uit die Grieks dié van beide P. Bosman en hierdie navorser, met laasgenoemde wat uiteraard verantwoordelik is vir enige foute.

²⁹ Mynors (1969:154) verwys na *Aen.* 3.29-30: ... *mihi frigidus horror | membra quatit, gelidusque coit formidine sanguis* ('... 'n koue rilling laat my ledemate bewe, en my bloed stol ysig van vrees'); en ook 7.518: *et trepidae matres pressere ad pectora natos* ('en vreesbevange moeders het hul babas teen hul bors vasgedruk').

³⁰ Horatius, *Ars* 14-19 beklemtoon die spesiale verhouding tussen *descriptio* en poësie, al klassifiseer Cicero en Quintilianus *descriptio* as die uitdrukking van 'gedagte' en nie van 'spraak' nie. Hy noem ook dat die digters van sy tyd al te geneë is om onnodige 'mooiskrywery' (*purpureus pannus*) in te las wat die dramatiese opbou en eenheid van die gedig versteur (vgl. Brink 1971:94-95; sien veral die gedetailleerde uiteensetting van *descriptio* in n.14-19).

³¹ Volgens Laird (1993:18-19) moet daar onderskei word tussen die beskrywings van ware en denkbeeldige kunswerke. Die terminologie wat in die beskrywing van ware kunswerke gebruik word, kan makliker met die werk vereenselwig word as in die geval van die denkbeeldige werk, waar die beskrywing geheel en al op die skrywer se woordkeuse berus om 'n belewenis te ontlok. In resente kritiese besprekings dui die woord spesifiek op letterkundige beskrywings van visuele kunswerke.

³² By vyf geleenthede in die *Aeneïs* word Aeneas met kunswerke (of quasi-kunswerke) gekonfronteer wat in detail uitgebeeld word: 1.450-93 (die uitbeeldings van die Trojaanse oorlog in Juno se Karthaagse tempel); 6.14-30 (die uitbeelding van Daedalus op die tempel van Apollo te Cumae); 6.756-892 (die parade van helde in die Onderwêreld wat, hoewel nie 'n kunswerk nie, 'n optog van skimbeelde vorm); 8.626-731 (die skild van Aeneas) en 10.495-99 (die beskrywing van Pallas se swaardgordel wat Aeneas in 12.941-46 met noodlottige gevolge raaksien).

³³ By die protagonis en (oordragtelik) by die leser ontlok beskrywings ook emosies, soos dié van hartseer in *Aen.* 1.462: *sunt lacrimae rerum et mentem mortalia tangunt* ('daar is tranes oor die omstandighede en mensewee ontroer die hart'); van angs in 6.54-55: ... *gelidus Teucris per dura cucurrit | ossa tremor* ... ('... 'n ysige rilling sprei oor die stewige gebeente van die Trojane ...'); van vreugde in 8.730: ... *rerumque ignarus imagine gaudet* ('... onkundig oor [toekoms-]gebeure verheug hy hom in die uitbeelding'); en van woede in 12.946-47: ... *furiis accensus et ira | terribilis* ... ('... aangevuur deur woede en skrikaanjaend in sy toorn ...').

tegniek in die *Georgica* voorkom, ’n belangrike aspek wat onder andere die stof van hierdie ondersoek uitmaak.

C WERKSWYSE

Taal is verbaal in die mate waarin dit visuele of non-verbale indrukke herkenbaar en aanneembaar oordra. Die konsep van kleur is egter vaag en abstrak en ’n beskrywing kan volgens die belewenis daarvan van individu tot individu verskil, ook van kultuur tot kultuur en van taal tot taal. In die geval van historiese tale is die uitdaging nie sielkundig of esteties van aard nie, maar kultureel, aangesien hierdie tale onderskeidelik aan ’n unieke linguïstiese sisteem gekoppel is. Selfs Lucretius, *D.R.N.* 1.136-37 kla oor die tekort aan geskikte terminologie om die filosofiese leer van Epikuros na Latynse heksameters oor te dra: *nec me animi fallit Graiorum obscura reperta | difficile inlustrare Latinis versibus esse* (‘ook ontgaan dit my nie dat dit moeilik is om die Grieke se duistere ontdekkings in Latynse verse duidelik uiteen te sit nie’). Ook Seneca Minor, *Ep.* 87.39, verwys na dieselfde probleem: *Quanta verborum nobis paupertas, immo egestas sit, numquam magis quam hodierno die intellexi* (‘Die omvang van ons woordarmoede, eerder die nypende gebrek, het ek nooit beter beseft as juis vandag nie’). Volgens Van Ryneveld (1997:44-45, met verwysing na Brown [1984:71]) dui die probleem op “... die onbeskikbaarheid van voorafbestaande Latynse terminologie as ekwivalente vir Griekse wysgerige begrippe – dieselfde probleem, *mutatis mutandis*, waarmee die hedendaagse ... vertaler te doen kry.” Dit kom daarop neer dat soortgelyke probleme tans ondervind word en dat die ontleding van Latynse kleurwoorde en die toewysing van relevante betekenismoontlikhede op ’n eiesoortige wyse aan die Afrikaanse idioom geanker moet word. ’n Verdere voorbehoud is dat daar geensins afbreuk gedoen moet word aan die uniekheid van enige van hierdie twee tale nie, ’n aspek waarna Biggam (2012:121) ook verwys: “The linguist has a problem in conveying to readers the results of his or her research because s/he is enmeshed in the tricky situation of trying to describe one language ... in the words of another.”

In hierdie navorsing is die fokus op Vergilius se keuse en stilistiese aanwending van kleurterminologie in die *Georgica* om die impak op die leser se geestesoog en waarskynlik ook sy emosies aan te dui. Aangesien die invloedssfeer van elke kleurwoord besonder wyd kan wees en verder kan strek as slegs die teksgedeelte wat hierdie term(e) bevat, word ’n tweeledige benadering gevolg: Eerstens word die betekenis van die term in die relevante passasie vasgepen en noukeurig ontleed, hoewel die kleurimplikasie van elke term tot die omvang van die passasie beperk is en dus kontekstueel ‘afgesonder’ of ‘ingeperk’ is. Hierdie inligting dien as parateks vir ’n tweede benadering: ’n breedvoerige letterkundig-kritiese bespreking van die opeenvolgende en dikwels onderliggende gebruik van kleurterme in die vier boeke van die *Georgica*. Aldus kan die volle omvang van betekenismoontlikhede duidelik uiteengesit word.

As basis vir die studie is een-en-veertig kleurwoorde in die *Georgica* geïdentifiseer wat adjektiewe, naamwoorde en werkwoorde insluit. Die primêre maatstaf vir hierdie seleksie is eksplisiete kleurwaarde, hoewel sommige kleurwoorde ook genuanseerd gelaai kan wees en ter wille van volledigheid ook ingesluit word.³⁴

Aangesien die verbreding van die navorsingsbasis ook die kwaliteit van bewysvoering sal verbeter, kan 'n sinvolle analise van Vergilius se aanwending van kleurterme nie slegs tot die *Georgica* beperk word nie. Gevolglik word *dieselfde seleksie* van een-en-veertig kleurwoorde in sy *Eclogae* en *Aeneïs* by hierdie studie betrek, waar van toepassing. Omdat geen digter in afsondering skeppend kan funksioneer nie (sien Servius, *ad Geor. 1 prooemium: Vergilius in operibus suis diversos secutus est poetas ...*), word die stilistiese kleurgebruik van Vergilius se voorgangers, Lucretius (in sy *De Rerum Natura*) en Catullus (in die *Carmina*) ook in hierdie studie nagevors.³⁵ Dieselfde seleksie van kleurwoorde (in die mate waarin dit ook in hul werke figureer) is geïdentifiseer en al die tersaaklike

³⁴ Elkeen van hierdie een-en-veertig kleurwoorde is in André se *Étude sur les termes de couleur dans la langue Latine* (1949) gelys. Soos aangedui in Addendum A van hierdie tesis is dit duidelik dat die seleksie van kleurwoorde in die *Georgica* aansienlik verskil van die agt-en-sewentig kleurterme in Edgeworth se soortgelyke studie, *The colors of the Aeneid* (1992). Hiervan stem drie-en-dertig terme ooreen met dié van die *Georgica*, terwyl vier-en-twintig geensins in die *Georgica* voorkom nie en die volgende insluit: *albeo, argenteus, auricomus, bicolor, candeo, candor, canities, concolor, decolor, discolor, erubescio, flammeus, liveo, lividus, luteus, murex, nigro, nigresco, roseus, rutilo, trabea, versicolor, virectum en virido*. Die *Georgica*-seleksie sluit *gilvus, incanescio, reviresco, rubicundus, spadix en viresco* in wat nie in die *Aeneïs* en *Eclogae* gebruik word nie en waarvan sommige (onder andere *rubescio*) in die tans oorgelewerde Latynse letterkunde (moontlik) vir die eerste keer in die *Georgica* verskyn. Hoewel beide die terme *cruentus* en *marmoreus* in die *Aeneïs* figureer, maar nie deur Edgeworth gelys word nie, is beide hierdie terme tog by die *Georgica*-seleksie ingesluit. Naamwoorde soos *argentum, aurum* en die verwante *auratus* is soos *color* (ook *coloratus* in *Geor.* 4.293) en *cereus* in konteks nie eksplisiet kleuraanduidend nie. Insgelyks word woorde soos *ebur*, die afgeleide *eburnus, electrum, elephantus, lac en lacteus, nix, nivalis* en *pix* ook nie eksplisiet as kleurterme ingereken nie. Aangesien die spesifieke blomspesies wat met *hyacinthus, lilium, papaver* en *viola* verband hou, hedendaags steeds onseker is, kan hulle nie *per se* met 'n spesifieke kleur geassosieer word nie, tensy kleuraanduidings uitdruklik vermeld word. Hoewel die naamwoord *rosa* implisiet meestal met rooi kleurwaardes vereenselwig kan word, is geeneen van al hierdie blomsoorte by die lys ingesluit nie, ook nie 'n boomsoort soos *populus* en die adjektief, *populeus*, nie wat ook nie eksplisiet kleuraanduidend is nie. Sommige woorde wat op implisiete kleurgebruik kan dui, is in Addendum D: 'Marginale Kleurwoorde' ingesluit en kursories ontleed, mits hulle nie reeds uitvoerig in die teksgedeeltes behandel is nie.

³⁵ As generiese model het Lucretius (*ca.* 99-55 vC) se *De Rerum Natura* die *Georgica* didakties gekleur, 'n aspek waarna Wilkinson (1982b:25) verwys: "... Lucretius would show him how a didactic poem could be moving by its descriptive power and its moral-philosophic fervour." Hardie (1998:30-31) huldig die mening dat Lucretius se invloed op Vergilius besonder kompleks was. Soos Lucretius, bewonder Vergilius ook die kosmiese prosesse en die oneindige variëteit wat in die natuurlike wêreld voorkom, die onderlinge verbindings tussen entiteite en die fundamentele strukture wat die basis vorm van die komplekse verskeidenheid in 'n waarneembare wêreld. Hardie verwys ook na Sellar (1965:199): "The influence, direct and indirect, exercised by Lucretius on the thought, the composition, and the style of the *Georgics* was perhaps stronger than that ever exercised, before or since, by one great poet on the work of another." Thomas (1988a:4, 8), daarenteen, beskou Lucretius se invloed op Vergilius as minimaal, maar tog op 'n formele skaal weens die gebruik van verskeie didaktiese fraserings, onder andere *nonne vides* in *Geor.* 1.56 wat vyftien keer in die *De Rerum Natura* aangetref word. In die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde was Lucretius waarskynlik die eerste Romeinse digter om emotiewe waarde aan kleurwoorde te heg, met as voorbeeld *D.R.N.* 6.256-59 (sien VI. *ATER* 10.a.ii.), die beskrywing van die geleidelike opbou van 'n storm wat chromaties en veral emotief uitgebeeld word. In *Geor.* 1.320-24 (sien VI. *ATER* 10.b.ii) verwys Vergilius terug na hierdie Lucretiaanse teks, dus die oornam en aanpassing van 'n besondere uitbeelding deur 'n voorganger.

Catullus (*ca.* 84-54, of selfs 47 vC) se invloed op Vergilius was meestal beperk tot die aanpassing van frases en stilistiese beskrywings. Sien *Geor.* 1.206 (*quam quibus in patriam ventosa per aequora vectis*) wat terugverwys na Catullus 101.1-2 (die grafskrif aan sy broer): *multas per gentes et multa per aequora vectus | advenio ...* Soms beïnvloed die konteks in die neoteriese Catullus die Vergiliaanse weergawe: *Geor.* 1.50 (*ac prius ignotum ferro quam scindimus aequor*) dui op ploegwerk, 'n aanpassing van Catullus 64.12 wat op seevaart dui: *quae simul ac rostro ventosum proscidit aequor*. Dit is ook moontlik dat Vergilius se insluiting van Proteus se lied in *Geor.* 4.453-527 in styl en diksie na Catullus 64 terugverwys (vgl. Thomas 1988a:8). Volgens Clarke (2003:296-97) is Catullus se gebruik van kleurwoorde uiters oorspronklik, selde voorspelbaar en ook intenser as dié van Propertius en Horatius. Die omvang van Catullus se lang gedigte bied ook meer geleentheid vir uitbeelding en vir die tematiese gebruik van sekere beskrywings (onder andere dié van die bruid se goue voete in 61.160 en die bleekwit voete in 65.6 wat beide herhaal word in die kleurklimaks van 68.70).

teksgedeeltes is noukeurig ontleed. Met hierdie gedetailleerde navorsing as basis kan daar aangetoon word in watter mate Vergilius in beide sy keuse en gebruik van kleurterme na sy voorganger-digters terugverwys, in watter opsigte hy met hulle ooreenstem of verskil, hoe hy die teks verfyn, en waar hy – soos ander digters ook – innoverend en/of verbeeldingryk voorkom.³⁶

Kleur is van nature multivalent en daarom kan die omvang van hierdie tipe studie nie maklik afgebaken of gedefinieer word nie. Die bewysvoering vereis en reageer op verskeie uiteenlopende metodologiese benaderings en, soos Cleland *et al.* (2004:v) tereg aandui, kan 'n enkele analitiese of teoretiese metode nie lukraak voorkeur geniet nie. Gevolglik is ook die wyse waarop die geselekteerde kleurwoorde gerangskik kan word, uiteenlopend. Beide Edgeworth (1992) en Clarke (2003:7, wat haar benadering tot haar studie op die metodologie van Edgeworth funder) lys hul seleksie van kleurterme in alfabetiese konkordanse, terwyl André (1949:25-199) nege afsonderlike kleurkategorieë skep: 'Wit,' 'swart,' 'grys,' 'rooi,' 'bruin,' 'geel,' 'blou,' 'groen' en 'violet' is opeenvolgend gerangskik volgens sy persepsie van hul belangrikheid. Bradley (2011:12) kritiseer egter hierdie benadering as 'n oorvereenvoudiging van die semantiese omvang van die kleurgroeperings weens die onderverdeling van kleure in subkategorieë. As voorbeeld hou hy onder andere André (1949:129-30) se ontleding van *flavus* voor wat verskeie tinte of skakerings ('nuances du jaune simple,' 'nuances brunes' of 'nuances rouges,' dus suiwer geel skakerings en dié met bruin of rooi ondertone) insluit. Vels Heijn (1951:19), daarenteen, beoordeel André se verdeling van terme in nege kleurkategorieë as 'n praktiese metode, maar weens die reikwydte van verskeie Latynse kleurwoorde (veral terme soos *croceus*, *purpureus* en *ferrugineus*)³⁷ verbreed Vels Heijn die kleurbasis van elk van sy groeperings met slegs drie inklusiewe kategorieë: eerstens, geel-en-rooi wat ook al die tinte van purper insluit (wat die Romeine nie met blou nie, maar met rooi skakerings vereenselwig);³⁸ tweedens, blou-en-groen; en derdens, wit-en-swart wat al die skakerings van grys bevat.

³⁶ Digters is veral ook skeppers van nuwe kleurwoorde om, volgens André (1949:382-83), afgesaagde en holrug geryde terme op 'n kreatiewe wyse te vervang. In die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde kom die volgende nuutskappings voor, onder andere dié van Lucretius: *candescere* (*D.R.N.* 1.490), *livescere* (3.528), *roseus* (5.610 wat moontlik uit 'n vroeëre bron oorgeneem kon wees) en *viridare* (2.33). Dié van Catullus sluit in: *aureolus* (2b.2), *incandesco/incanesco* (64.13), *crocinus* (68.134), *ferrugo* (64.227, 'n semantiese skepping na aanleiding van *ferrugineus*), *lactens* (64.65), *niveus* (61.9), *pallidulus* (65.6) en *Tyrius* (61.165 [172]). Vergilius is skepper van *auricomus* (*Aen.* 6.141), *cereus* (*Ecl.* 2.53), *coloratus* (*Geor.* 4.293), *cruentus* (*Geor.* 1.306), *igneus* (*Geor.* 3.482), *incanesco* (*Geor.* 2.71), *luteolus* (*Ecl.* 2.50), *nigresco* (*Aen.* 4.454), *piceus* (*Geor.* 2.309), *sanguineus* (*Ecl.* 6.22), *sidonius* (*Aen.* 4.137) en *vitreus* (*Geor.* 4.350). André verwys foutiewelik na *croceus* in *Geor.* 1.447 as nuutskopping, hoewel dit reeds in *Ecl.* 4.44 voorkom; so ook *nivalis* (*Aen.* 3.538) wat reeds in *Geor.* 3.318 en 4.517 figureer. Hy laat ook na om *rubesco* (*Geor.* 2.34) te vermeld.

³⁷ Tale verskil in die weergee van die waarneembare kleure. In verskeie moderne kulture word kleure soos rooi, oranje en geel as 'afsonderlik' onderskei, terwyl al hierdie skakerings in Latyn met die enkele kleurwoord, *croceus*, aangedui kan word; ook word *purpureus* met violet, rooi, purper, bruin of selfs amper-swart vereenselwig en *ferrugineus* met diep- of donkerblou, donkerviolet, seekleurig en selfs groen (maar, soos aangedui sal word, nié met die rooi kleurwaardes van 'roes' nie). Dit kom dus sinvol voor om *croceus* en *purpureus* in die geel-en-rooi kategorie te kombineer wat al die skakerings van geel, oranje, rooi tot purper insluit, en 'n kleurwoord soos *ferrugineus* wat onses insiens as óf blou óf groen onderskeibaar is, in die blou-en-groen groepering.

³⁸ Kleure in die Oudheid is met waarneembare voorwerpe soos onder andere vuur, bloed, saffraan, purper en goud (met inagneming van die uitwerking van verskillende ligbronne daarop) geassosieer en as sodanig aangewend. Gevolglik is *purpura* en selfs goud met rooi vereenselwig wat vir die moderne leser vreemd mag wees. Volgens Bradley (2011:231-32) moet daar egter tussen 'basiese' en 'geassosieerde' kleure onderskei word wat baie subtiel voorkom en nie slegs in kulturele nuanses nie, maar ook in taalkundige morfologie vervat is.

Elk van bogenoemde verdelings toon spesifieke voor- en nadele.³⁹ Vir die doelwitte van hierdie navorsing – die bestudering van Vergilius se keuse van ’n spesifieke kleurwoord met ’n spesifieke kleurwaarde vir die uitbeelding van ’n spesifieke voorwerp – word die een-en-veertig terme in vier kleurkategorieë verdeel wat ‘wit’ (saam met ‘grys’) en ‘swart’ onderskeidelik in groepe een en twee insluit,⁴⁰ met ‘geel-en-rooi’ as derde en ‘blou-en-groen’ as vierde kleurgroeperings (dus die ses kleure van Hering se *Urfarben*, hoewel die konteks verskil).⁴¹ Soos in André se verdeling word ‘wit’ en ‘swart’ dus as afsonderlike kleurkategorieë beskou, terwyl ‘geel-en-rooi’ en ‘blou-en-groen’ volgens Vels Heijn se indeling voorkom. Die voordele van hierdie verdeling in vier kleurkategorieë is drieledig:

- Eerstens word daar telkens ’n besonder breë basis geskep sodat elke term se reikwydte en oorvleueling binne die kategorie se omvattende kleurmoontlikhede geakkomodeer kan word.
- Tweedens kan ’n vergelykende studie van die kleurwoorde in ’n bepaalde kleurkategorie die digter se keuse van spesifieke terme vir die beskrywing van spesifieke voorwerpe, ook sy voor- of afkeure, aandui.
- Derdens sal dit ook moontlik wees om bepaalde kleurskakerings of -tinte te onderskei. Hoewel Bradley (2011) die onderverdeling van kleure in subkategorieë veroordeel, is dit duidelik in Vergilius se kleurkeuse dat hy inderdaad skakerings fyn onderskei – ’n aspek wat in die ontleding wat volg noukeurig toegelig kan word.

Die eerste kleurkategorie bevat onderskeidelik nege kleurwoorde vir ‘wit’ (waarby ‘grys’ ingesluit is). Die tweede kategorie sluit slegs drie kleurwoorde vir ‘swart’ in, terwyl twintig terme in die ‘geel-en-rooi’ groepering en nege terme in die ‘blou-en-groen’ kategorie voorkom. Hiervoor word ses-en-twintig rubrieke geskep wat opeenvolgend oor hoofstukke twee, drie, vier en vyf van ‘I’ tot ‘XXVI’ genommer word, alfabeties gerangskik binne elke groepering. Terme wat van dieselfde stamwoord afgelei is, word in ’n enkele rubriek aangebied met as voorbeelde III. *CANUS* en *CANEO* wat *caneo/canens*, *canus*, *incanescio* en *incanus* insluit; so ook XVIII. **RUB*-groepering met *ruber*, *rubeo*, *rubescio*, *rubicundus* en *rubor*; en XXV. **VIR*-groepering met *reviresco*, *vireo*, *viresco* en *viridis*.

Aangesien antieke kleurbeskrywings nie uitsluitlik volgens moderne (of eerder Westerse) beskouings beoordeel moet word nie, is die enigste konstante die kleure van voorwerpe wat oor eeue

³⁹ Goldman (2013) verkies die tematiese ordening van die onderwerpe wat oor kleur in die Romeinse samelewing handel. In Liverani (2016) se resensie van hierdie boek word daar genoem dat so ’n aanbieding verkieslik is bo die verdeling van hoofstukke volgens individuele kleure. Tog laat hy na om redes vir sy standpunt te verskaf.

⁴⁰ Plato onderskei vier kleure – μέλας, λευκός, στίλβος (of λαμπρός, ’n glansryke kleur) en ἐρυθρός – maar veral belangrik is die duidelike onderskeid wat hy tussen wit en swart tref; so ook Pithagoras en Empedokles wat λαμπρός soms met ὀχρὸς vervang. Volgens Irwin (1974:22) kan die basiese beskouing dat wit en swart kleurwoorde is en dat al die ander kleure skakerings tussen hierdie twee uiterstes is, na Parmenides (ca. 500-450 vC) fr. B.8.38-41 terugverwys. Volgens André (1949:55-56) het swart bestaanswaarde as ’n volwaardige kleur en moet dit nie bloot as ‘die afwesigheid van kleur’ afgemaak word nie. As kleurwoord kan dit kollektief verbind word met die ten volle kleurversadigde voorkomste van blou, groen, rooi of purper wat naas ’n ‘ware’ swart, tog hul oorspronklike kleurwaarde behou.

⁴¹ Ewald Hering (1834-1918), ’n Duitse fisioloog, word vereenselwig met die teorie waarvolgens die mens se visuele sisteem op kleurkontraste geskoei is wat bekend staan as Hering se *Urfarben*, die ‘teenstellingskleurteorie’ (‘the opponent process theory of color vision’). Hiervolgens sou die brein kleur interpreteer volgens drie kontrasterende prosesse van swart versus wit, rooi versus groen en blou versus geel. In Engels word hierdie ses kleure ‘unieke’ of ‘elementêre’ kleure genoem (vgl. Biggam 2012:22).

heen dieselfde gebly het, byvoorbeeld die kleurvoorkoms van gras, ryp, koring, sneeu, blonde hare of saffiere. Gevolglik word hierdie voorwerpe as ‘temas’ in elke rubriek aangebied en volgens die inskrywings van die *Thesaurus Linguae Latinae* georden.⁴² Die *TLL* se volledige uiteensetting van elke kleurwoord (mits beskikbaar) word by elke rubriek in ’n voetnoot aangedui, terwyl elke tema ook met die relevante *TLL*-inskrywing toegelig word.

Elke rubriek bevat eerstens ’n etimologiese ontleding van die spesifieke kleurterm met die fokus op die woordstam en verwante afleidings aan die hand van onder andere Walde-Hofmann (1938-1956) se *Lateinisches etymologisches Wörterbuch*, De Vaan (2008) se *Etymological dictionary of Latin and the other Italic languages*, Lewis en Short (L&S) se Latynse woordeboek, die *Oxford Latin Dictionary (OLD)* en Liddell, Scott en Jones (LSJ) se *Greek-English Lexicon*. Hierop volg ’n oorsigtelike uiteensetting wat die soort konteks aandui waarin die kleurwoorde voorkom met relevante tekste geselekteer uit onder andere Plautus en Ennius, die latere Tibullus, Propertius, Horatius en Ovidius, soms ook Martialis en Juvenalis. Waar relevant word voorbeelde van Griekse kleurwoorde ook aangedui, geselekteer uit onder andere die epiese werke van Homeros, Hesiodos en Apollonius Rhodius, die Griekse liriese digters Sappho, Pindaros en Bakchulides, ook Empedokles, die tragedieskrywer Euripides, Aristophanes, Aristoteles en die Hellenistiese digters Kallimachos en Theokritos.

Volgens die verdeling van die *TLL* word teksgedeeltes wat oor ’n sekere tema handel, gegroepeer, gerangskik en genommer om chronologies eers *al* die relevante tekste van Lucretius en Catullus in te sluit, waarna dié uit Vergilius se *Eclogae*, *Georgica* en laastens die *Aeneïs* volg. Indien ’n passasie, hetsy Latynse of Griekse poësie, vier reëls of langer is, word dit afsonderlik as paragraaf in blokvorm aangebied. Al hierdie teksgedeelte waarin die betrokke kleurwoorde voorkom, word kontekstueel so breedvoerig moontlik aangebied om die kleurimplicasie duidelik aan te toon. Op elke aanhaling volg ’n letterlike vertaling van die Latynse teks in prosareëls wat idiomatiese, eietydse Afrikaans (met hier en daar moontlik omdigting) reflekteer. Die Latynse teks is in *skuinsdruk* met die Latynse kleurwoord in **vetdruk**, ook in die daaropvolgende ontleding. Slegs in die Afrikaanse vertaling van hierdie teksgedeelte word die kleurterm in **vetdruk** aangebied om die leser se aandag op die term se moontlike betekenis moontlikheid/-hede in te skerp. Indien meer as een kleurwoord in ’n *Georgica*-passasie voorkom, word die uitgebreide kommentaar wat op die vertaling volg, voorafgegaan deur ’n kruisverwysing na die addisionele kleurterm(e) se ontleding in ’n ander kleurrubriek en soos volg aangedui: ‘Sien II. *CANDIDUS* 3.b.ii.’ Aangesien die fokus in hierdie studie veral op die *Georgica* is, word *al* die aanhalings daaruit deeglik en breedvoerig aangebied. Indien daar verskeie inskrywings van ander digters en/of werke met ’n spesifieke tema voorkom, word slegs een aanhaling in die teks aangebied met die res in ’n voetnoot saamgevat. Met die voorwerp wat beskryf word as riglyn, word die primêre, oordragtelike en/of afgeleide betekenis moontlikheid/-hede van die kleurwoord(e) so objektief moontlik aangedui. Aangesien geen volledige Latyn-Afrikaanse woordeboek tans beskikbaar is nie,

⁴² Die *TLL* is tans onvolledig en gevolglik kan agt rubrieke nie volgens die *TLL* se uitleg georden word nie. Dit sluit *NIGER*, *NIVEUS*, **RUB*-groepering, *RUTILUS*, *SANGUINEUS*, *SPADIX*, **VIR*-groepering en *VITREUS* in.

word 'n term se betekenisemoontlikheid/-hede aan die hand van die relevante inskrywings in die *Thesaurus Linguae Latinae (TLL)*, die *Latin Dictionary* van Lewis en Short (L&S) en die *Oxford Latin Dictionary (OLD)* aangebied. Ook word spesifieke woorde of frases waarmee die teks verryk en die betekenis van die kleurterm aangevul word, aangedui. Weens die breë semantiese veld waarmee 'n term vereenselwig kan word, is die Afrikaanse vertaling van die kleurwoord(e) slegs *verteenwoordigend as voorbeeld(e) van waarskynlike betekenisemoontlikheid/-hede* en word daar geensins te kenne gegee dat die toegewese kleurwaarde die enigste opsie is nie. Ter wille van volledigheid word terme se achromatiese gebruik wat op glans dui as *addendum* in elke tersaaklike rubriek ingesluit.

Elk van die vier kleurkategorieë word deur 'n samevattende oorsig van bevindinge opgevolg. Vergilius se voor- of afkeur van 'n spesifieke kleurwoord en die wyse waarop hy met sy aanwending van kleurterme verskil van of ooreenstem met sy voorgangers word gedetailleerd aangetoon. Die omvang en subtiele nuanses van kleurwoorde word toegelig, ook die wyse waarop die digter emosie ontlok om die leser se belewenis van ἐνάργεια te verhoog of 'n konvensionele *topos* te verlewendig of selfs opsigtelik te vermy.

Die ontleding van die kleurwoorde volg aan die hand van twee benaderings: Eerstens word die betekenisemoontlikheid/-hede van elke kleurwoord noukeurig in konteks ontleed en aangedui. As sulks is die impak van die kleurwoord(e) gewoonlik beperk tot die versreël(s) waarin die term(e) voorkom. In 'n daaropvolgende hoofstuk word 'n tweede benadering toegepas waarvoor die aanvanklike ontleding van kleurterme as parateks dien. Hierdie literêr-kritiese analise van kleurgebruik in die *Georgica* fokus op die deurlopende aanwending van kleur wat nie net subtiel onderliggend nie, maar ook aanvullend en verrykend voorkom om meer diepte aan die teks te verleen: Die kleurgebruik kan herhalend en/of beklemtonend voorkom; terme kan as kleurpare, soms oorkoepelend (oor reëls, passasies of selfs boeke) of as kontras of selfs met wisselwerking die poëtiese impak uitbrei en verryk. Aldus kan daar op die digter se verskillende kleurstrategieë gefokus word, ook met inagneming van implisiete of selfs 'afwesige' kleur wat ook die kleurindruk verbreed.

Vir laasgenoemde en vanweë die struktuur van die boeke wat in sekere gevalle besonder kompleks is, is die onderverdeling van die teks onafwendbaar. Kritici se bydraes, wat op die verdeling van die *Georgica* fokus, is uiteraard subjektief, sodat die navorser met 'n verskeidenheid van skemas en indelings gekonfronteer word. Wilkinson (1969:75) gee toe dat 'n sinvolle ontleding op die strukturele verdeling van die teks berus, maar hy maan ook dat die skematiese tabelle die panoramiese effek kan versteur om dit 'onleesbaar' te maak. Hoewel Thomas (1988a:12) ook 'n seksie-vir-seksie diagram vermy, is dit tog opvallend dat Vergilius self verskeie afdelings afbaken deur die omraming daarvan met spesifieke woorde, frases en, in sommige gevalle, selfs ook kleurwoorde. Struktuur kan dus op betekenis dui, waartoe kleuraanwending ryklik kan bydra.

D. OORSIG VAN HOOFSTUKKE

Hoofstuk 1 word ingelei met 'n samevatting van die huidige stand van navorsing oor kleur in die antieke wêreld wat opgevolg word deur 'n kort oorsig van kleur en die persepsie van kleur in die Oudheid. Hoewel die Romeine se oënskynlike waarneming van kleur geensins so kompleks as dié van die antieke Grieke is nie, verskil beide tog in baie opsigte van moderne beskouings. Vir groter begrip is dit nodig om aandag te gee aan wetenskaplike bevindinge en die jongste teorieë oor kleur en kleurpersepsie wat as basis moet dien vir die gedetailleerde analise van kleurwoorde in die volgende hoofstukke.

In Hoofstukke 2 tot 5 is die een-en-veertig kleurwoorde wat in die *Georgica* geïdentifiseer is, in vier kleurkategorieë opgeneem. In Hoofstuk 2 kom terme vir wit (en grys) in vyf rubrieke voor wat nege terme insluit; Hoofstuk 3 bevat drie kleurwoorde vir swart in drie rubrieke; Hoofstuk 4 se terme in die geel-en-rooi groepering behels twintig terme wat in dertien rubrieke ingedeel is, terwyl Hoofstuk 5 nege terme in vyf rubrieke bied vir die kleurwoorde in die blou-en-groen groepering. Al die teksgedeelte waarin hierdie kleurwoord(e) voorkom is geselekteer uit die werke van Lucretius, Catullus en Vergilius se *Eclogae*, *Georgica* en *Aeneïs*. In die eerste gedeelte van elke hoofstuk word al die tekste gedetailleerd vertaal en ontleed, hoewel die fokus deurentyd op die *Georgica* geplaas word. Elke kleurkategorie word met 'n oorsig van bevindinge afgesluit om Vergilius se tegniek en sy besondere kleurgebruik aan te dui.

In Hoofstuk 6 volg 'n literêr-kritiese ontleding van kleur in elk van die vier boeke van die *Georgica*, waarvoor die voorafgaande hoofstukke as parateks dien. Die teks word skematies verdeel wat kan bydra om moontlike bykomende, oorkoepelende en/of onderliggende betekenismoontlikhede aan te dui. Die ontleding van elke boek se kleureffek word met 'n samevatting van bevindinge afgesluit.

In die laaste hoofstuk volg 'n vergelykende ondersoek na die opvallende verskille en ooreenkomste tussen die vier boeke wat inhoudelik en struktureel van aard is. Laastens word die studie met enkele gedagtes oor Vergilius as woordkunstenaar afgesluit.⁴³

Die volgende addenda is geheg:

Addendum A bevat 'n tabel van die geselekteerde kleurwoorde wat in die *Georgica* voorkom, met die ooreenstemmende gebruik in beide die *Eclogae* en die *Aeneïs*.

Addendum B bied 'n tabel van die geselekteerde kleurwoorde wat in Vergilius se *Georgica* voorkom, ook dié in Lucretius se *De Rerum Natura* en die *Carmina* van Catullus.

Addendum C sluit 'n indeks van *Georgica*- teksverwysings in.

Addendum D fokus op marginale kleurgebruik met etlike voorbeelde van kleurwoorde wat implisiet in die *Georgica* voorkom en kursories bespreek word.

⁴³ Dit word betreur dat die eksaminatore se voorstelle nie te alle tye volkome gevolg kon word nie, aangesien sommige van die boeke wat aanbeveel is, nie deur UNISA se Interbiblioteek-Leningsafdeling (ILL) bekom kon word nie, plaaslik en oorsee. Dit sluit die volgende in: R.F. Thomas en J. Ziolkowski (reds.) 2014. *The Virgil Encyclopedia* (in 3 volumes); ook A. Cucharelli en A. Traina (2012) se *Publio Virgilio Marone. Le Bucoliche*; en E.H. Lenneberg (1967): *Biological foundations of language*.



1 KLEUR EN KLEURPERSEPSIE

Om die interpretasie van kleur te vergemaklik en konsekwent te maak, moet enige beskrywing van kleur duidelik en akkuraat oorgedra word.⁴⁴ Kleur moet ook objektief beoordeel word wat impliseer dat persoonlike beskouings en vooropgestelde menings oor kleurterme se klassifikasie, betekenis en die wyse van aanwending ter syde gestel moet word. Om dit te bewerkstellig, is daar reeds vroeg in die 1900's gepoog om kleurbeskrywing op 'n rasonale wyse vas te pen. Volgens Osborne (1968:270-71) is die vroegste formele klassifikasie van kleur waarskynlik dié van die Amerikaanse kunstenaar, Munsell (1858-1918), waarvolgens enige kleur met groot presisie omskryf kan word.⁴⁵ Sy sisteem berus op drie attribute, naamlik *kleurskakering* ('hue'), *kleurkwaliteit* ('value') en *kleurgehalte* ('chroma').⁴⁶ Hiervolgens dui *kleurskakering* op die posisie wat die kleur op die kleurspektrum beklee, *kleurkwaliteit* hou verband met 'n ligte of donker kleurskakering en *kleurgehalte* bepaal die intensiteit van die kleur. Hoewel Munsell se drie maatstawwe geredelik aanvaar en gebruik is, verfyn Biggam (2012:2-5) die sisteem met 'n toegevoegde vierde attribuut, naamlik *tint* ('tone'):

- *Kleurskakering* ('hue')⁴⁷ hou verband met waarneembare lig wat deur golflengte bepaal en deur die mens waargeneem word. Oor die algemeen dui *kleurskakering* op 'n kleur sonder enige bygevoegde wit, swart of grys, dus suiwer rooi, suiwer geel of suiwer blou (uiteraard die drie primêre kleure).

⁴⁴ So moet daar byvoorbeeld onderskei word tussen die vier *psigologiese* kleure – blou, groen, geel en rooi – wat volgens Osborne (1968:270-71) die kleure van lig is. Daarenteen is die drie *primêre* kleure suiwer rooi, suiwer blou en suiwer geel (sonder enige bygevoegde swart, wit of grys), waarvan enige twee kleure in kombinasie nie die derde kleur kan oplewer nie, maar gesamentlik (in wisselende hoeveelhede) enige skakering kan bied.

⁴⁵ Irwin (1974:10-13) bied 'n gedetailleerde uiteensetting van die oorspronklike Munsell-kleurboom. Hoewel hierdie sisteem kleurbeskrywing uiters akkuraat weergee en die leser daardeur beïnvloed kan word, word sulke noukeurige beskrywings in die alledaagse omgang nie vereis of gebruik nie.

⁴⁶ André (1949:7) beskryf drie attribute: '*qualité*' (of 'kleurkwaliteit'), '*intensité*' wat hy met '*teintes*' vereenselwig, maar wat in werklikheid op bygevoegde grys dui en '*saturation*' wat deur die byvoeging van wit versadiging bereik. Ratliff (1976:313) verwys ook na drie attribute, naamlik 'kleurskakering,' 'kleursuiwerheid' en 'kleurhelderheid,' terwyl Pentak (2004:8) 'hue' ('kleurskakering'), 'saturation' en 'value' (beide egter terme vir 'kleursuiwerheid') as maatstawwe voorhou. Hiervolgens word dit duidelik hoe uiteenlopend – en verwarrend – kleurbeskrywing kan wees.

⁴⁷ Kleur, of die ekwivalent daarvan, word in sommige moderne taalgemeenskappe slegs met die enkele eienskap, *kleurskakering*, vereenselwig. Ook kom die woord 'kleur' nie in alle samelewings voor nie. In sulke gevalle word die algemene voorkoms van 'n objek nie met kleur nie, maar eerder met 'n verskeidenheid van visuele kenmerke soos glans, 'n growwe of gladde tekstuur, selfs vogtigheid of dorheid, uitgebeeld (vgl. Wierzbicka 2006a:1-4).

- *Kleurkwaliteit* (ook *kleursuiwerheid* of *-versadiging*; ‘colour value’ of ‘saturation’)⁴⁸ dui op ligte of donker kleurskakerings wat verkry word deur die byvoeging van ’n hoeveelheid grys by ’n kleur. In Afrikaans word die woorddeel ‘helder-’ in samestelling met die kleurbenaming gebruik (soos ‘heldergeel’) wat nie met die attribuut *kleurhelderheid* (sien *infra*) verwar moet word nie. Hiervolgens dui die term ‘helderrooi’ op *kleurkwaliteit* of *kleursuiwerheid* (met geen of slegs ’n geringe mate van bygevoegde grys) eerder as *kleurskakering*, terwyl ‘dofrooi’ op ’n sekere hoeveelheid bygevoegde grys dui.
- *Kleurgehalte* of *-helderheid* (‘brightness’ of ‘chroma’) dui op die intensiteit van die kleur wat deur die hoeveelheid lig wat deur die oog waargeneem word, bepaal word. Gevolglik kan die aard en oorsprong van sodanige intensiteit verskil. So byvoorbeeld kan ’n voorwerp met ’n dowwe voorkoms glansend voorkom, indien dit helder verlig sou wees. Dit kan ook ’n blink oppervlakte hê of self die bron van lig wees, soos ’n kers of ’n lamp. In sommige taalgemeenskappe word daar groter klem op helderheid as op kleurskakering geplaas, sodat daar min basiese kleurterme in hul woordeskat voorkom. Hierdie taalgebruikers interpreteer kleur dus in terme van ‘lig’ versus ‘donker’.⁴⁹
- Die ‘addisionele’ attribuut *tint* (‘tone’) dui op die hoeveelheid wit of swart wat by ’n kleur gevoeg word om kleurwaardes te skep wat tussen lig en donker kan varieer. So byvoorbeeld kan skakerings van blou wissel tussen *ligblou* (‘pale blue,’ met groot hoeveelhede wit bygevoeg) tot *donkerblou* (‘dark blue,’ met toegevoegde swart). Soos die Engelse ‘pale’ en ‘dark,’ gebruik ons ook in Afrikaans die woorddele ‘lig-’ en ‘donker-’ om *tinte* as samestellings in kleurbenamings te omskryf.⁵⁰

Die aard van die kleure wat ons raaksien, is die eindresultaat van die gekompliseerde wisselwerking tussen die fisiese eienskappe van die objek, die wetenskaplike eienskappe van lig⁵¹ en omgewingsfaktore ten tyde van die waarneming van die voorwerp.⁵² Die standpunt is lank gehuldig dat alle menslike wesens kleur op dieselfde fisiese wyse en met dieselfde visuele meganismes waarneem, inherent aan die geneties-bepaalde strukture en prosesse van die visuele sisteem (vgl. Ratliff 1976:320; Pentak 2004:6). In so ’n geval is die struktuur van die menslike oog⁵³ belangrik vir die

⁴⁸ By gebrek aan ’n meer gepaste woord in Afrikaans kan die woord *versadiging* ook van ‘saturation’ gebruik word.

⁴⁹ Ratliff (1976:320-21) beskou *kleurhelderheid* as die mees fundamentele aspek van kleur, aangesien dit met beide achromatiese en chromatiese visie verbind is. Dit is ook die enigste faktor wat eie is aan beide normale en abnormale visie (soos kleurblindheid) en daarom waarlik universeel.

⁵⁰ Volgens Van Leeuwen (2011:109) dui die woord *tint* eerder op die skakering wat verkry word deur ’n kleur met wit te meng.

⁵¹ Eie aan lig is die twee faktore (*lig-*)intensiteit wat die hoeveelheid lig aandui en *golflengte* wat betrekking het op lig se kleur. In die navorsing wat op visie fokus, is veral die fotiese element (‘ligsterkte’ of ‘luminosity’) belangrik, asook *liggolflengte* wat deur straalbreking blootgelê word. Die mens neem slegs die golflengtes tussen vier- en sewehonderd nanometers waar wat duidelik in ’n reënboog sigbaar is. Die gedeelte van die spektrum onder vierhonderd nanometers bestaan uit ultraviolet wat onsigbaar is vir die mens (maar nie vir bye nie) en bo sewehonderd nanometers kom die onsigbare infrarooi voor (vgl. Ratliff 1976:312-13).

⁵² In skotopiese toestande (diep in die nag of in baie dowwe lig wanneer die pupil saamtrek) funksioneer slegs die stafies en is visie achromaties. In die aand of vroeg in die oggend (in mesopiese toestande) funksioneer beide die stafies en keëltjies optimaal en verskil die kleur van ’n voorwerp van dié wat later in helder lig waargeneem word. Hierdie fenomeen – die geleidelike verandering van kleur onder wisselende ligtoestande – was die fundamentele vraag wat deur Jan Evangelista Purkyne waargeneem en in sy doktorsale tesis, *Beiträge zur Kenntnis des Sehens in subjektiver Hinsicht* (1818), beantwoord is (vgl. Cavero *et al.* 2017:529).

⁵³ Die mens se perseptuele vaardighede bepaal sy vermoë om lig en kleur waar te neem. Volgens die reeds gevestigde ‘tweeledige teorie van visie’ (deur M. Schultz [1853-1928] voorgestel en deur J. von Kries [1894] geformuleer) kom daar twee hoof tipes fotoreseptore in die oog voor, naamlik ‘stafies’ en ‘keëltjies’. Laasgenoemde kom uitsluitlik in die middelste gedeelte van die retina (*fovea*) voor en reageer op drie verskillende golflengtes, soos bevind deur Young (1773-1829) en later ook

ontvangs en interpretasie van inligting, hoewel Williams en Hofer (2005) bevind dat kleurwaarneming eerder deur die brein as deur die oë gekontroleer word

Ons kennis van die kleursin van die Oudheid se volkere is ontleen aan drie bronne: Eerstens word daar gefokus op volkere se daaglikse omgang met kleur wat ook in hul kuns reflekteer; tweedens kom daar talle verwysings na kleurgebruik in hul restante letterkunde voor; en derdens moet daar gelet word op hierdie volkere se verskillende kleurteorieë (vgl. Osborne 1968:274). Aangesien hierdie faktore die onsekerhede nie volledig aanspreek nie, noem Biggam (2012:2) dat die proses van kleurpersepsie en die verwerking en aanpassing van al hierdie inligting ook in taal bespeur kan word. Gevolglik kan hierdie aspek verder nagevors word, ook wat die tale van die Oudheid betref.

1.1 DIE GRIEKE SE KONSEP VAN KLEUR

Vir ons kom die Homeriese wêreld besonder kleurloos voor, aangesien die digter 'n voorliefde toon vir die kleure wit en swart (vgl. Wallace 1927:29). Benewens geykte frases, onder andere Ἥως ... κροκόπεπλος ('Daeraad met 'n saffraankleed,' in *Il.* Θ[8].1) as beskrywing van die kleure van 'n sonsopkoms, of selfs ἰοειδέα πόντον (die 'wynkleurige see,' in *Il.* Λ[11].298), wend Homeros kleurwoorde op so 'n wyse aan dat dit vir ons ongewoon voorkom: Die aarde is 'swart' (γαῖα μέλαινα, *Il.* B[2].699) en gedurende die dag is die lug 'bronskleurig' (πολύχαλκον, *Od.* γ[3].2) of '[die kleur van] yster' (σιδήρεον, *Od.* ο[15].329). Die see word nie net as 'swart' (μεῖλανι in *Il.* Ω[24].79 en κελαινὸν in *Il.* I[9].6) beskryf nie, maar dit kan ook 'wit' wees (λευκῆ in *Od.* κ[10].94), selfs 'grys' (πολιῆς, *Il.* A[1].350 en γλαυκῆ, *Il.* Π[16].34) en 'purper' (πορφυρέην, *Il.* Π[16].391 en ἰοειδέος, *Od.* ε[5].56). Om die probleem te vererger, kan 'n term soos ἀργὴν wat die wit kleur van 'n gans bepaal in *Od.* ο(15).161 ook met die glans van 'n wildevark se slagande (λευκοὶ ὀδόντες in *Il.* Κ[10].263-64), die blinkvet voorkoms van offerdiere (ἀργοὶ in *Il.* Ψ[23].30) en die ratsheid van honde (ἀργούς in *Il.* Α[1].50, ἀργοὶ in beide *Il.* Σ[18].283 en *Od.* π[17].62) vereenselwig word. Besonders is die beskrywing van Poseidon as god van die see met sy blou hare (κυανοχαῖτα in *Il.* Ν[13].563) en hoogs uitsonderlik is die wol van die Kuklops se skape wat donkerpurper vertoon (ιοδνεφές, *Od.* ι[9].426). Weens die 'vaagheid,' of eerder die 'vreemdheid' van bovermelde uitbeeldings, kom dit volgens Irwin (1974:22) voor asof 'kleur' nie 'n Homeriese konsep is nie. Daarenteen beoordeel Wallace (1927) hierdie kleurgebruik as tekenend van *kleurkwaliteit*, eerder as *kleurskakering*, waarby ander aspekte soos lig, die visuele of

Helmholtz (1821-1894). Die langste golflengte wat die oog bereik, word deur die brein as rooi geïnterpreteer, die kortste as blou of violet en die intermediêre golwe as groen, bekend as die 'driekleurigheid van visie'. Die omranding van die retina bevat uitsluitlik die stafies, terwyl die gedeelte tussenin 'n gemengde sisteem van stafies-en-keëltjies bevat. Volgens 'n verdere uitvloeisel van die Young-Helmholtz-teorie sou impulse deur die drie verskillende soorte keëltjies via senuwee-geleiers onveranderd na die brein gestuur word. Daar sou hulle in die primêre kleurskakerings rooi, geel en blou aangepas word en ook vermeng word om al die ander kleure sigbaar te maak. Hierdie teorie is nie bevestig nie en 'n teenstrydige kleurteorie (die 'teenstellingskleurteorie' of 'the opponent process theory of color vision') is deur Hering voorgestel, hoewel Saunders en Van Brakel (1997:367) die geldigheid daarvan bevraagteken en eerder die beskouing van Osborne (1968:269-70) steun. Volgens hom berus die algemene visuele ervaring op die vier psigologies unieke kleure, naamlik rooi, geel, groen en blou, soos in voetnoot 44 aangedui.

fisiese aard van die kleur en die verband met die voorwerp se oppervlakte of uiterlike vorm 'n besondere rol speel. Irwin (*ibid.*:27) noem dat sommige van hierdie kleureienskappe reeds in die vyfde eeu vC deur Plato, *Men.* 75b geëien is wat die vroegste beskrywing van die aard van kleur in Grieks bied: ἔστω γὰρ δὴ ἡμῖν τοῦτο σχῆμα, ὃ μόνον τῶν ὄντων τυγχάνει χρώματι ἀεὶ ἐπόμενον ('daarom, laat dit ons definisie van vorm wees – die enigste ding wat altyd met kleur saamgaan').⁵⁴

Vroeë digters se begrip van kleur het baie van dié van (onder andere) Aristoteles (vierde eeu vC) verskil. Oor die eeue is aanpassings gemaak om uitdrukking aan 'n kleurervaring te gee, waarvan die kleure van die reënboog as voorbeeld kan dien. Homeros se kleurbeskrywing van die reënboog bevat slegs die term πορφύρεν (*Il.* P[17].547) wat ons met 'n moderne kleurbeskouing slegs met die kleur van purper vereenselwig. Skynbaar was Xenophanes (*ca.* 530 vC) 32.1-3 (fr. 28D) in die oorgelewerde letterkunde die eerste om 'n reënboog met drie terme te beskryf: πορφύρους (purper), φοινίκεος (rooi) en χλωρός (geelgroen of groen) wat die vroegste chromatiese gebruik van die term kan wees: ἦν τ' Ἴρις καλέουσι νέφος καὶ τοῦτο πέφυκε | πορφύρεον καὶ φοινίκεον καὶ χλωρὸν ἰδέσθαι ('dit wat hulle Iris noem is ook 'n wolk, purper en rooi en geelgroen/groen om te aanskou'). Volgens André (1949:13 n.1, met verwysing na Schultz [1904:114]) het Aristoteles (*Mete.* 3) se beskrywing van die reënboog vier kleure ingesluit – ἀλουργής (purper), πράσινος (groen), ξανθός (oranje) en φοινίκεος (rooi) – wat groot invloed op latere filosowe uitgeoefen het.⁵⁵ In die eerste eeu vC volg Posidonius se beskrywing van die reënboogkleure met die terme ἀλουργής (purper), πράσινος (groen), ἐρυθρός (rooi) en opvallend genoeg κύνεος (eerder donkerblou as swart).⁵⁶ Hoewel dit nog nie aan ons tradisionele beskrywing van 'n reënboog voldoen nie, word dit duidelik in watter mate daar in die Oudheid gepoog is om visuele waarneming uit te beeld, en dit met die beskikbare kleurterminologie.⁵⁷

⁵⁴ Griekse filosowe het verskil oor die verband tussen visie (as die primêre sintuig) en die verkryging en verwerking van kennis. Sien Benson (2000:16-19) vir 'n bespreking van die teorie van visuele waarneming met Alkmaion van Cretona as die vroegste bron wat ook as verwysingsraamwerk vir die latere Pre-Sokrate, Empedokles en Demokritos, gedien het. Wat kleurteorieë betref, het Demokritos die eienskappe van atome met dié van spesifieke kleure (wit, swart en rooi) vereenselwig, waarvolgens die kleure op bepaalde voorwerpe se energie gedui het. Hermann en Cagiano de Azevedo (1969:383) verwys na Empedokles se elementêre kleurteorie wat die aarde se vier elemente (aarde, lug, water en vuur) met die kleure wit, swart, rooi en okergeel vereenselwig het, 'n teorie wat 'n bepaalde invloed op die skilderkuns en die medisyne uitgeoefen het. Plato het hierby aangesluit, hoewel hy die mening gehuldig het dat voorwerpe se energie met die suiwer 'vuur' wat gode in die menslike oog geplaas het, gemeng het om visie (en kleure) moontlik te maak na gelang van die strale se grootte, sterkte en spoed. Bradley (2011:57-68) bied ook 'n gedetailleerde uiteensetting van beskouinge oor kennis en waarneming deur Alkmaion en Empedokles, ook die eerste volledige bespreking van kleur en visuele waarneming deur Plato (in sy *Meno*), die teenstrydige beskouinge van Aristoteles (in *De caelo* en *Meteorologica* [oor die vorm en kleur van hemelse fenomene], *De Anima* [oor die aard van die siel en sensoriese waarneming, ook in *De Sensu*]), daarby Aristoteles se Peripatetiese opvolger, Theophrastus (in sy *De Sensu*) en die twee filosofiese tradisies van die Hellenisme, Stoïsisme en Epikurisme. Sien Gottschalk (1964:59-85) vir 'n volledige analise van *De Coloribus* wat 'n bespreking van die moontlike invloede van Aristoteles, Theophrastus en Strabo insluit.

⁵⁵ Daarenteen bespreek Bradley (2011:37 n.3, met verwysing na Gilbert [1907:610]), Aristoteles se *trichromatiese* beskrywing van die reënboog met purper (ἀλουργής), (geel-)groen (πράσινος) en rooi (φοινίκεος) wat volgens Sayili (1939:67, 69) op die 'primêre' of 'basiese' kleure berus. Soms sluit Aristoteles ook ξανθός ('geel' of 'oranje') in wat as kontras dien, maar nie in dieselfde klas as die vorige drie tuis behoort nie. Dit is ook opvallend dat Aristoteles konsekwent dieselfde drie kleurterme gebruik, ook in *Mete.* 374^b 33 en 375^b 11.

⁵⁶ Seneca Minor, *Nat.* 1.3.12 se beskrywing van die reënboog sluit die kleurterme *purpureus*, *viridis*, *luteus*, *igneus* en *caeruleus* in waarvan laasgenoemde opvallend met blou vereenselwig word.

⁵⁷ Irwin (1974:29 n.46) toon hoe verskeie kleurwoorde oor tyd in Grieks geskep is om ontbrekende kleurskakerings aan te vul. Vir blou dui κύνεος op donkerblou, γλαυκός op ligte blou en ισάτις op 'n donkerblou kleurstof ('wede,' Engels 'woad'). Verskeie kleurwoorde vir groen is direk van groen voorwerpe afgelei: ποία (gras) > ποιώδης (grasgroen); βατράχος (padda) >

Volgens die antieke kleurteoretici (vgl. Irwin 1974:22-27) is alle kleure deurgaans as kleurskikkings tussen die ekstreme van wit en swart beskou, selfs nadat kleure bewustelik in verskillende ‘kleurgroepe’ verdeel is. Ook is daar geen onderskeid tussen die chromatiese en achromatiese aspekte van kleure getref nie. Kleure is van die ligste tot die donkerste waardes gerangskik, al asof die geleidelike verwydering van ’n hoeveelheid wit verskillende kleure kon oplewer, totdat slegs swart met ’n diep versadigde kleurwaarde sou oorbly. Hoewel daar verskeie voorbeelde in die restante letterkunde van gewone kleurgebruik voorkom wat volgens ons standaard ‘korrek’ en ‘effektief’ kan wees, het kleurbeskrivings van hierdie antieke wêreld dikwels van hedendaagse weergawes verskil. Nietemin het moderne beoordelings in ’n groot mate op die ‘vreemde,’ ‘onaanvaarbare’ of selfs ‘onakkurate’ beskrywings gefokus en is daar mettertyd besef dat die antieke kleurterminologie eerder kompleks as foutief sou wees.⁵⁸ In die Griekse digkuns is hierdie ongewone beskrywings van kleur op uiteenlopende wyses ontvang: Sommige kritici het die sogenaamde ‘afwykings’ bloot geïgnoreer en met lojale verdraagsaamheid aanvaar, terwyl ander weer hierdie beskrywings as ‘poëties’ (met ander woorde ‘letterkundig onjuis’) afgemaak het. Die oorgrote meerderheid het egter een van twee beskouings voorgestaan: Die sogenaamde ‘retinale afwyking’ van die antieke Grieke is as rede voorgelê vir die ongewone kleuruitbeeldings, terwyl ander weer ’n oplossing gesoek het in die ‘onvolledigheid’ (of selfs die ‘gebrekigheid’) van die Griekse kleurterminologie.

1.2 DIE ONTWIKKELING VAN KLEURKONSEPTE

Die probleem aangaande die Grieke van ouds se kleurwaarneming is vir die eerste keer in 1810 deur Goethe geopper in sy *Zur Farbenlehre in Sämtliche Werke*, volume 22:7-42 en veral 39-42. Die Engelse fisikus en wiskundige, Sir Isaac Newton, het meer as een honderd jaar voor Goethe reeds bevind dat wit lig met behulp van ’n glasprisma in die kleure van die spektrum opgebreek kan word.⁵⁹ In sy *Opticks* (1704) toon Newton ook dat hierdie verskillende kleure met ’n tweede lens of prisma gekombineer kan word om weer wit lig te vorm. Hy bevind ook dat entiteite wat onder wit lig gekleurd voorkom,

βατράχειος (padda-groen); σμάραγδος (smarag) > σμαράγδιος (smaraggroen); en πράσον (prei) > πράσινος (preigroen), hoewel Wallace (1927:16) eerder die woord πρασιά (tuin) voorhou. Bradley (2006:2, met verwysing na Blanc se artikel in Villard, 2002) bespreek ook die invloed van voorvoegsels vir kleurbeskriving in antieke Grieks. Anders as in Frans wat agtervoegsels aanlas (byvoorbeeld blanchâtre, noiraud, rouget, brunot en jaunelet), kom prefikse veral in Hippokratiese en tegniese Griekse tekste voor: δια-, ἐν-, ἐξ-, ἐπι-, παρα- en ὑπο-, met ἐν- wat besit aandui (byvoorbeeld ἔνωχρος van die geel substansie in die lewer); ἐπι- dui op oppervlakte-kleur en ὑπο- op ’n ligte kleurskakering; δια- word gebruik van die opvallende teenwoordigheid van kleur, met ἐξ- (die mees gekompliseerde van die prefikse) wat op ’n intensiewe kleur dui, gewoonlik aan die buitekant van ’n voorwerp en dikwels as aanduiding van ’n afwyking van die normale.

⁵⁸ Sien onder andere Anakreon fr. 443 *PMG* wat met die term μελάμφολλος na die lourier se swart blare verwys; Simonides fr. 586.2 *PMG* se beskrywing van nagtegale se groen nekke met χλωραύχη; Aischulos, A. 1121 wat κροκοβαθής letterlik as ’n saffraan-gekleurde druppel vertaal, waarskynlik van bloed; en Euripides, *Hec.* 127 se groen bloed waarvoor χλωρός gebruik is.

⁵⁹ Die kleurspektrum behels sewe kleure wat altyd in dieselfde volgorde voorkom en waarvan die wydte van die kleurstrook van kleur na kleur verskil. Newton het ook ’n verband probeer skep tussen die kleure van die spektrum en die sewe note van die diatoniese musikale skaal. Soms word daar slegs na ses kleure verwys, met indigo uitgelaat (vgl. Irwin 1974:10 n.18), moontlik omdat dit so na aan blou op die kleurspektrum lê.

sommige van hul spektrale kleure sterker as ander terugkaats. Hierdie bevindinge van Newton het baie tot 'n wetenskaplike begrip van kleur bygedra wat Goethe probeer weerlê het in 'n poging om sy eie teorieë te bewys. Dit is opvallend dat hierdie publikasie van Goethe kort na die publikasie van John Dalton (1766-1844), 'n Engelse chemikus, gevolg het. In sy 1798-voordrag 'Extraordinary facts relating to the vision of colours with observations' het Dalton die eienskappe van Daltonisme uiteengesit wat hy nooit as kleurblindheid⁶⁰ beskryf het nie, maar eerder as 'n 'retinale onvermoë'.⁶¹ Die gevolg hiervan was dat baie van die ongewone kleurbeskrywings van die antieke Griekse digters aan hierdie afwyking toegeskryf is.

Die Britse politikus, W.E. Gladstone, het 'n soortgelyke standpunt onderskryf, maar het nie die sogenaamde afwyking as kleurblindheid beskryf nie, maar as onderontwikkelde perseptuele vermoëns: "... the organ of colour and its impressions were but partially developed among the Greeks of the heroic age." In sy 1858-publikasie, *Studies on Homer and the Homeric age*, het hy aangetoon dat lig (en die beweging of afwesigheid daarvan) 'n belangrike rol in Homeros se werke gespeel het (III.474). Hy het die voorwerpe wat Homeros met kleurwoorde beskryf het as basiese data gelys (III.460-75) en het in die proses tot 'n belangrike gevolgtrekking gekom: Die konteks waarin kleurwoorde voorkom, kon in sekere gevalle dié kleurindruk beïnvloed het. As voorbeeld wys Biggam (2012:11-12) op Gladstone se inskrywing van die woorde 'wolk' en 'donderwolk' met die epiteton wat duidelik die woord se betekenis (en die kleurwaarde) beïnvloed (III.462). Gladstone het ook bevind dat die woordeskat in poësie van dié van prosa verskil (III.484), 'n afleiding wat besonder opmerkzaam was vir die tye waarin sy navorsing afgehandel is, so ook sy siening dat sy eie kultuur se metode van kleurklassifikasie nie die enigste moontlikheid kon wees nie (III.487). Hoewel Gladstone se navorsing in baie opsigte deeglik en bewonderenswaardig was, was sy gevolgtrekkings egter foutief: Aangesien daar minder ondubbelsinnige kleurterme in Homeriese Grieks as in die Britse Engels van die negentiende eeu voorgekom het, het hy afgelei dat die vroeë Grieke spesifieke kleure nie kon waarneem nie en daarom ook nie oor die nodige kleurterminologie beskik het nie (vgl. Biggam 2012:11-13).

Charles Darwin se werk, *On the origin of species*, het ná Gladstone se 1858-publikasie in 1859 verskyn. Voor Darwin is daar reeds na die evolusieteorie verwys, maar sy benaming 'natuurlike seleksie' was uniek en het groot belangstelling opgelewer. Die aanname dat geleidelike ontwikkeling (of evolusie) moontlik en waarskynlik was, het as grondslag gedien vir baie van die teorieë oor kleurwaarneming in die Oudheid (vgl. Irwin 1974:6-7).

⁶⁰ Kleurblindheid kom meer onder mans as vrouens voor en word met 'n resessiewe X-geen verbind wat deur 'n vrou (die 'draer') aan haar seun(s) oorgedra word (wat moontlik kleurblind kan wees). Daar is verskeie soorte kleurblindheid: *protanopie* is die onvermoë om rooi waar te neem, *deutanopie* dui op 'n groen kleurblindheid en die skaars *tritanopie* word met bloublindheid verbind. By laasgenoemde ontbreek die kortgolf ('S') keëltjies en word blou met groen en geel met violet verwar (vgl. Colblindor 2016).

⁶¹ In hierdie dokument het Dalton sy eie (en sy broer se) onvermoë om kleure 'normaal' waar te neem, uiteengesit. Eeue later, in 1994, is daar met DNA-toetsing bevind dat Dalton aan *deutanopie* gely het, waarvolgens hy slegs die kleure blou, violet en geel kon waarneem. Hoewel Dalton nie die eerste was om navorsing oor kleurblindheid te doen nie, is sy naam met die toestand verbind, vanwaar die benaming 'daltonisme' (vgl. Hunt *et al.* 1995:984-87).

In die laat 1860's het Alfred Geiger gestel dat beskrywings van die kleure blou en groen in die vroegste Griekse letterkundige werke ontbreek het. Terme wat later met blou vereenselwig was, het aanvanklik op swart gedui, sodat die eerste kleure wat deur die Grieke waargeneem was swart, rooi en goud (of geel) ingesluit het⁶² (vgl. Irwin 1974:6-7, ook n.10). Hugo Friedrich Magnus⁶³ (1842-1907) het veral swaar op Geiger se teorieë gesteun en het soos Gladstone ook die beskouing gehandhaaf dat die mens in die vroegste tye slegs lig of donkerte kon waarneem, maar geen kleur nie. Magnus het sy bevindinge gestaaf met verwysing na Empedokles, Plato, *Ti.* 68, en Aristoteles, *Sens.* 3 wat kleure as 'n vermenging van wit en swart gesien het wat volgens hom 'n duidelike bewys was van kleurlose ligskakerings. In sy publikasie, *Die geschichtliche Entwicklung des Farbennetzes* (Leipzig, 1877), het Magnus bespiegel dat die ontwikkeling van perseptuele vermoëns (dus die ontwikkeling van die retina) geleidelik oor eeue in vier fases sou plaasgevind het: In die eerste fase sou kleure met 'n glansryke helderheid (*lichtstarke Farben*) soos rooi, oranje en geel waargeneem kon word;⁶⁴ in 'n tweede fase sou die vermoë ontwikkel het om tussen rooi en geel te onderskei; derdens sou die waarneming van kleure met middelmatige glansrykheid (*Farben mittlerer Lichtstärke*) gevolg het wat kleure met groen kleurwaardes (maar nie donker- en liggroen nie) ingesluit het; en laastens sou die vermoë ontwikkel het om kleure met min lig (*Farben geringer Lichtstärke*), soos blou en violet, waar te neem. Onder die indruk van Magnus se bevindinge, publiseer Gladstone in 1877 'n artikel, 'The colour sense' (*Nineteenth Century*, pp. 366-88) wat nie goed ontvang is nie. Hy het kleurwaarneming as 'n evolusionêre proses beskou wat deur alle volkere ondervind is. Hiervolgens het hy Homeros se kleurwoordeskat hersien en bevind dat die digter tussen lig en donker kon onderskei en ook rooi en moontlik oranje (1877:388) kon waarneem wat sou strook met Magnus se vroegste kategorie van kleure wat met ligintensiteit vereenselweg is (vgl. Biggam 2012:12-13).

Die eerste teenkating teen die teorieë van Gladstone *et al.* was dié van Anton Marty wat nie die teorie oor die geleidelike ontwikkeling van die oog se waarnemingsvermoë gesteun het nie. In *Die Frage nach der geschichtlichen Entwicklung des Farbennetzes* (Wene, 1879) het Marty sy bevindinge oor onbeskaafde stamme se belewenis van helder kleure gepubliseer. Wat die antieke letterkunde betref, het hy die ongewone kleurbeskrywings aan poëtiese vryheid toegeskryf, ook met die klem op glans eerder as kleurskakering. Volgens hom het die vroeë Grieke geen behoefte aan 'n uitgebreide kleurterminologie gehad nie en is dit dus nie weergegee nie.⁶⁵ Hy het egter nagelaat om kleurterme in

⁶² Sien Geiger se *Zur Entwicklungsgeschichte der Menschheit* (eerste uitgawe 1871, tweede 1878, Stuttgart), veral die 1878-uitgawe, pp. 45-60. Vir sy bespreking van die kleur blou, sien pp. 49 en 52, en vir die vroegste waarneming van kleure pp. 54 en 57.

⁶³ As oftalmoloog het Magnus sy mediese kennis op die Klassieke toegepas in die 1878-publikasie, *Die Anatomie des Auges bei Griechen und Römern* (Leipzig). Dit is in 1878 in Frans vertaal deur J. Soury, *Histoire du sens des couleurs* (vgl. Irwin 1974:7 n.11).

⁶⁴ Irwin se beskrywing van hierdie fases verskil: In die eerste fase is slegs lig-rykheid waargeneem, maar geen kleur nie; daarop volg rooi, hoewel daar verwarring was oor glans en 'lig-ryke' kleure, soos dié tussen wit en rooi; vervolgens is rooi en geel onderskei, dan volg groen met blou en violet wat die swakste lig weergee.

⁶⁵ Dit is insiggewend dat Biggam (2012:194) meer as 'n eeu later dieselfde beskouing handhaaf: "... not all societies are equally interested in colour, and the researcher may find that the literature which he/she is studying rarely uses colour terms."

hul literêre konteks te ontleed en het sy bevindinge op afleidings en waarskynlikhede gebaseer (vgl. Irwin 1974:7-9).

Ook in 1879 het die sielkundige en Darwin-aanhanger, Grant Allen, sy bevindinge in *The colour sense: its origin and development* (Boston) gepubliseer. Volgens hom het die teoretiese evolusionêre tydskaal van beide Geiger en Magnus te vinnig verloop om met argeologiese en antropologiese bevindinge te strook. Allen het sy biologiese data met kulturele en linguistiese bewyse gestaaf wat op verskillende volkere se aanwending van pigmente in hul kunswerke en hul kleurterminologie berus het. Hiervolgens kon hy bewys dat die vermoë van alle rasse om kleur waar te neem ten volle ontwikkel was. In sy opsomming het hy beklemtoon dat menslike kleurwaarneming die gevolg van neurofisiologiese ontwikkeling sou wees, maar dat kleurterme ontwikkel is namate daar 'n bepaalde behoefte aan sodanige beskrywende woord by die spesifieke kultuurgroep sou wees. In reaksie op hierdie bevindinge het Magnus die moontlike verband tussen kleurwaarneming en -terminologie bevraagteken. In sy verslag van 1880, *Untersuchungen über den Farbensinn der Naturvölker*, het hy onder andere gestel dat daar geen verband tussen kleurwaarneming en kleuridentifikasie was nie, en dat die afwesigheid van 'n sekere kleurterm nie op 'n onvermoë sou dui om daardie kleur(e) waar te neem nie (vgl. Biggam 2012:13-15).

1.3 KLEURSEMANTIEK IN DIE TWINTIGSTE EEU

In die beginjare van die twintigste eeu het publikasies oor kleur en kleurwaarneming (*Farbenempfindung*) toenemend verskyn. Verskeie verslae oor die wyse waarop die wêreld se volkere kleur kategoriseer en benoem, was op die bevindinge en teorieë van taalkundiges en filosowe van die laat agtiende eeu gebaseer. Hieruit het die idee van die antropoloog, Franz Boas, in 1920 gespruit wat later as teorie ten volle deur Edward Sapir (1884-1939), ook 'n antropoloog en student van Boas, en die taalkundige, Benjamin Lee Whorf⁶⁶ (1897-1941) ontwikkel is. Die Sapir-Whorf-hipotese bevraagteken die verband tussen taal en denke en behels twee basiese, maar nou-verweefde, beginsels: linguistiese relatiwiteit en linguistiese determinisme.⁶⁷ Eersgenoemde wys op die aanname dat verskillende taalgemeenskappe lukraak van mekaar verskil in die wyse waarop hulle aspekte van 'n reële wêreld klassifiseer, struktureer en kommunikeer. Dus sou verskillende taalgemeenskappe uiteenlopende wêreldbeskouings kon reflekteer. Linguistiese determinisme, daarenteen, dui op twee wyses waarvolgens 'n gemeenskap se wêreldbeskouing deur taal gedikteer kan word: Gematigde determinisme dui op taal wat die denke *beïnvloed*, terwyl ekstreme determinisme aanvaar dat die taal die denkwyse *vorm* (vgl. Biggam 2012:17-18). Die Sapir-Whorf hipotese het beide taal-eie en vergelykende studies

⁶⁶ Whorf het gedurende die 1930's en 1940's inheemse Amerikaanse tale, onder andere Hopi, bestudeer en het bevind dat elke taal se woordeskat en grammatika geheel en al 'n ander konsep van die wêreld weergegee het.

⁶⁷ Volgens sommige skrywers sluit die frase 'taalkundige relatiwiteit' beide die konsepte 'relativisme' en 'determinisme' in, soos ook volgens Whorf in sy 1940-artikel 'Linguistics as exact science' (in *Technology Review*, pp. 61-63, 80-83) gestel word.

tussen verskillende tale geaffekteer en tussen die 1920's en 1960's het navorsing oor kleurterminologie en -semantiek veral teen die agtergrond of onder die invloed van hierdie hipoteses verskyn. Kleur was die primêre fokus van die navorsing wat veral op die korrelasie tussen taalkundige faktore (onder andere die benaming van kleure) en nie-taalkundige faktore (byvoorbeeld die memorisering van kleure) berus het. Eric Heinz Lenneberg (1921-1975) het die sielkundige implikasies van die werk van Sapir en Whorf opnuut beoordeel en 'ekstreme determinisme' – taal vorm die denke – voorgestaan. Lenneberg en Roberts se 1953-lesing, 'The denotata of color terms,' het die resultate van hul navorsing oor linguistiese kodifikasie bevat wat die Zuni-sprekers van Nieu-Meksiko betrek het.⁶⁸ Hierdie bevindinge is gekoppel aan Lenneberg en Brown se 1954-artikel, 'A study in language and cognition,' wat die effek van kodifikasie op (kleur-)herkenning nagevors het. Dit het op die hipotese berus dat 'n kleurnaam die bepaalde kleurkonsep sou vaslê, sodat dit makliker in die gedagte opgeroep kon word.⁶⁹

Die teorie van linguistiese relatiewiteit is in 1969 deur die antropoloog, Brent Berlin, en die taalkundige, Paul Kay, in hul seminale *Basic color terms: their universality and evolution* uitgedaag. Hulle het 'n evolusionêre hipotese en universele sisteem van kleuronderskeid aan die hand van kulturele ontwikkeling voorgestaan, waarvolgens wit en swart as basies beskou is en in alle tale sou voorkom. Tot elf basiese kleurkategorieë kon in 'n taal aanwesig wees wat kumulatief en progressief (van die basiese wit en swart) volgens die taal se ontwikkeling bygevoeg sou wees.⁷⁰ Die volgende fases is voorgehou:

- Fase 1: Alle tale bevat terme vir beide wit en swart.
- Fase 2: Tale met slegs drie kleurwoorde sluit terme vir wit, swart en rooi in.
- Fase 3: Tale met vier terme voeg óf groen óf geel by.
- Fase 4: Tale met vyf kleurwoorde sluit beide groen en geel in.
- Fase 5: Saam met die vorige terme kom blou as sesde term voor.
- Fase 6: By die voorafgaande word bruin as 'n sewende term gevoeg.
- Fase 7: Tale met agt of meer terme bevat purper, ligroos, oranje en grys in enige volgorde.⁷¹

⁶⁸ Hierdie navorsing was gemik op taalgebruikers van Amerikaans-Engels en Zuni en het ten doel gehad om kleurskakerings te onderskei wat in Moderne Engels deur oranje en geel weergegee is. Aangesien die Zuni 'n enkele kleurwoord vir beide geel en oranje het, kon hulle met moeite tussen hierdie kleure onderskei, terwyl die Engelse sprekers in alle gevalle hierdie kleure kon herken en benoem (vgl. Biggam 2012:18-19) Sien http://en.wikipedia.org/wiki/Linguistic_relativity_and_the_color_naming_debate.

⁶⁹ In die eksperimente is Munsell-kleurskyfies gebruik om Amerikaans-Engelse sprekers se vermoë te toets om kleur te eien. Daar is bevind dat die beskikbaarheid van 'n basiese kleurterm in 'n gegewe taal die behoud van daardie kleur in herkenningstoetse beïnvloed het.

⁷⁰ Sien Biggam (2012:19-20, maar veral pp. 21-41) vir 'n volledige uiteensetting van die konsep 'basiese kleurterme'.

⁷¹ Na afloop van die 1992 Asilomar-konferensie in Kalifornië verskyn *Color categories in thought and language*, saamgestel deur die filosoof, C. L. Hardin en L. Maffi wat in 1997 gepubliseer is. Dit bevat onder andere Kay, Berlin, Maffi en Merrifield se artikel 'Color naming across languages' wat die data van hul navorsing insluit (pp. 21-56). Met verwysing na die eksperimentele werk van Rosch Heider, ontleed hulle bykomende empiriese bevindinge en teoretiese interpretasies wat onder andere die twee-term-sisteem van fase 1 (swart en wit, of eerder donker en lig) herstruktureer. Dit is aangepas tot net een term wat wit, rooi en geel insluit en 'n ander term vir swart, blou en groen en behels 'n kategorie vir wit plus 'warm' kleure, in kontras met een vir swart plus 'koel' kleure. In die afgelope dekades is bykomende gedetailleerde formulering by bostaande bevindinge gevoeg en in 2005 verskyn die resultate van die navorsingsprojek, 'The world color survey,' wat ten doel gehad het om die belangrikste bevindinge van Berlin en Kay te onderskryf, te verwerp of heel waarskynlik eerder aan te pas. Sien in die verband <http://www.icsi.berkeley.edu/wcs/data.html>, veral hoofstuk 9 ('The world color survey database') deur R.S. Cook, Paul Kay en T. Regier in *Handbook of categorization in cognitive science*, deur H. Cohen en C. Lefebvre (2005).

Hierdie bevindinge is in die algemeen aanvaar en was so verreikend dat geen publikasie wat enigsins daarna oor kleurkategorieë gehandel het, dit buite rekening kon laat nie. Aanvanklik was die kritiek op die navorsers se metodiek geskoei (vgl. Ratliff 1976:311-12) wat mettertyd uitgebrei het om ander aspekte van die teorie in te sluit. Volgens die Britse antropoloog, Barbara Saunders, en die Nederlandse filosoof, Van Brakel, sou die aspek van kleur nie omvattend deur die drie attribute *kleurskakering*, *kleurkwaliteit* en *kleurgehalte* beskryf kon wees nie (die verfyning van die attribute met ‘tint’ sou eers later volg). Ook was daar geen onweerlegbare bewyse dat die vier waarneembare kleure rooi, geel, groen en blou fundamentele kleure kon wees nie, aangesien sommige tale nie blou insluit nie en ook nie tussen geel en groen onderskei nie. Hering se ‘teenstellingskleurteorie’ was op daardie stadium nog nie volledig bewys nie en kleur was destyds nie universeel as ’n outonome en abstrakte fenomeen erken nie. Anna Wierzbicka (2006a:86-91) het veral die Anglosentriese benadering gekritiseer, waarvolgens ’n Westerse model van kleurbeskrywing op nie-Westerse taalsprekers afgedwing sou wees (sien ook Biggam 2012:86-91). Volgens Witzel (2008) voldoen alle tale ook nie aan die voorgestelde ‘elf basiese kleurterme’ nie: Russies het ’n bykomende kleurwoord wat tussen ligblou en donkerblou onderskei, terwyl Koreaans vyftien basiese kleurterme vir blou insluit. Ander tale kombineer blou en groen as een kleurwoord, in Engels bekend as ‘grue’ en as ‘glas’ in Wallies en Iers. By sekere taalgebruikers is kleurskakering die deurslaggewende faktor, terwyl helderheid en glans weer vir ander belangriker is.⁷²

Tans het die fokus vanaf die kwessie oor universele versus kultuur-relatiewe kleurname verskuif. Daar word antwoorde gesoek vir die vrae waar kleurstabieliteit te vinde sou wees en hoe die onderlinge werking van fisiologiese, kulturele en empiriese faktore daartoe kan bydra om ’n bepaalde stel kleurkategorieë en -name te skep.

1.4 TOEGEPASTE KLEURSEMANTIEK

Volkere benoem en klassifiseer kleure op ’n eiesoortige wyse. Net soos die voorafgaande oorsig ’n breë basis bied vir verskeie aspekte en tegnieke van kleursemantiek, kan ’n verbeterde begrip vir basiese woordeskat, gespesialiseerde terme en die besondere veelseggendheid van achromatiese gebruike in enige taal geskep word. Sou ons hierdie inligting en tegnieke kombineer met die semantiese ondersoek wat op die historiese tale, antieke Grieks en Latyn, gefokus het, kan ’n groter bewustheid vir die kompleksiteite van hierdie tale gekweek word. Dit sou daartoe lei dat die moderne navorser die beoordeling van die antieke skrywer se kleurgebruik en die rede(s) vir sy keuse van (’n) spesifieke kleurwoord(e) met groter kundigheid en sensitiwiteit kan benader en ontleed.

⁷² Ook Casson (1997:224-38) bied ’n omvattende bespreking: ‘Color shift: Evolution of English color terms from brightness to hue.’

1.4.1 SEMANTIESE NAVORSING: GRIEKSE LETTERKUNDE

Ten spyte van onder andere Gladstone se bevindinge oor Homeros se kleurgebruik (soos reeds aangedui), kan daar volgens Berlin en Kay se teorie van linguistiese relatiewiteit in Homeriese Grieks slegs vier basiese terme onderskei word: wit (λευκόν), swart (γλαυκόν, deur Irwin gekritiseer; sien *infra*), rooi (ἐρυθρόν) en geel (χλωρόν, maar nie groen nie) wat hierdie taalgroep in Fase 3 sou plaas. Hoewel terme vir wit en swart inderdaad in Homeriese Grieks figureer, bevraagteken Irwin (1974:222, ook n.2)⁷³ in haar beoordeling van die toepaslikheid van hierdie teorie die skrywers se woordkeuse vir swart wat op γλαυκόν eerder as μέλαν val. Sy verwerp ook die aanname dat χλωρόν met geel geassosieer word, aangesien die betekenismoontlikheid van hierdie term problematies is, dit selde in Homeros voorkom en dus nouliks as 'n 'basiese kleurterm' gereken kan word. Volgens die teorie is die afwesigheid van Griekse terme wat op purper of grys dui, ook opvallend, aangesien φοινικέσσαν (tiperend van 'n purperkleurige mantel in Homeros, *Il.* K[10].133), φοίνικι (van die purper-kleurstof in *Il.* Δ[4].141) en πολίος wat in *Il.* X(22).74 op grys hare dui, buite rekening gelaat, hoewel purper en grys volgens Berlin en Kay se verdeling slegs in die mees gevorderde vlak van kleurgebruik in Fase 7 voorkom. Daarbenewens lys Aristoteles, *Sens.* 442a reeds sewe basiese kleure wat wit, swart, helderrooi (φοινικοῦν), groen (πρασάσινον), geel (ξανθόν), blou (κυανοῦν) en purper (άλουργόν) insluit, dus Fase 7, hoewel die kleurwaarde 'bruin' nie ingesluit is nie wat in Fase 6 sou tuis behoort.

Die belangstelling van kritici in die vroeë twintigste eeu was merendeels op die chromatiese aspekte van kleurterme in die antieke Griekse letterkunde toegespits. Navorsing het ook meer op die beskrywing van die kleurterme en kwantifisering van hul gebruik gefokus as op hul stilistiese aanwending. In 1904 het W. Schultz met groter presisie as enige van sy voorgangers die Griekse kleurterminologie ontleed in *Das Farbenempfindungssystem der Hellenen* (Leipzig). Hy het al die kleurterme afsonderlik ontleed en met verwysing na die kleurteoretici en aan die hand van leksikologiese data is elke term se besondere kleurwaarde vasgepen. Met verwysing na verskeie tekste⁷⁴ en 'n noukeurige ondersoek na normale en abnormale kleurvisie het hy ten slotte bevind dat die Grieke tritanopies (blou-geel blind) was (sien voetnoot 60). In reaksie op hierdie bevindinge het Platnauer (1921:153-62) 'n oorsig gebied van die fynere nuanses van die verskillende kleurkategorieë in die werke van al die Griekse outeurs van Homeros tot by Xenophon. Hy het die onderwerp in twee groepe verdeel: chromatiese en achromatiese kleure, met wit, swart en grys wat by laasgenoemde ingesluit is. Dit is opvallend dat Platnauer in sy opsomming na swart as 'n 'volwaardige kleur' verwys wat nie bloot as die 'afwesigheid van kleur' beoordeel moes word nie (1921:154). Hy staaf dit met verwysing na Aristoteles [*sic*], *Col.* 1.7: σκότος (maar nie μέλας nie) οὐ χρώμα ἀλλὰ στέρησις φωτός (moontlik ps-Aristoteles,

⁷³ Irwin verwys na die bron van hierdie inligting as 'Studies in socio-linguistics' van A. Capell (1966) in *Janua Linguarum* 46:70-71.

⁷⁴ Schultz fokus op antieke uitbeeldings van die reënboog, Demokritos en Plato se kleurteorieë en Pheidias se uitbeelding van Zeus se tempel by Olimpia. In antwoord op Schultz se stelling publiseer K.E. Goetz in 1905 'n soortgelyke studie oor die Romeine se kleurpersepsie 'Waren die Römer blaublind?' in *Archiv für lateinische Lexikographie und Grammatik* 14:75-78; en in 1908 in dieselfde blad 15:527-47 (vgl. Irwin 1974:9 n.17).

vir die onbekende Peripatetiese outeur, sien Gottschalk 1964:82-85). Ook is wit en veral die term λευκός (die kontraskleur van swart) as 'n kleur beskou, met die aspek van glans inbegrepe wat 'n belangrike toevoeging is. Kleure in die grys-groep dui soms op die refleksie van lig (dus 'helderheid') en soms op kleur *per se* wat Platnauer as die verwarring tussen chromatiese en achromatiese kleurgebruik aandui. In die geel-oranje-bruin kleurgroep het hy (waarskynlik) tussen *kleurgehalte* en *kleurkwaliteit* onderskei, terwyl die rooi-groep meestal chromaties voorgekom het (δαφνοῖός, met die betekenis 'bloederig' uitgesluit en ῥοδόεις, wat volgens Irwin [1974:203] nie chromatiese assosiasies het nie). Purper is by die kleurgroepering van blou ingesluit wat bevraagteken word, aangesien die Romeine hierdie kleur meestal met rooi kleurwaardes vereenselwig het. Die groepering vir groen sluit χλωρός in wat benewens chromatiese waarde ook achromaties met die betekenismoontlikheid 'vars' kan voorkom. Hoewel Platnauer na die moontlikheid verwys dat die Grieke van ouds kleurblind kon wees, kom hy tot die waardevolle gevolgtrekking dat dit eerder die effek van glans was wat vir die Grieke belangrik was en nie soseer die kleurwaardes of tinte nie.

In 1927 publiseer F.E. Wallace haar tesis *Colour in Homer and in ancient art* waarin Homeros se aanwending van kleurwoorde ontleed word. Haar navorsing berus op die identifikasie en spesifikasie van bepaalde kleurskakerings wat met dié van antieke kuns vergelyk word.⁷⁵

In 1932 volg F.E. Kober se tesis, *The use of colour terms in the Greek poets*, waarin sy al die kleurterme van die Griekse digkuns van Homeros tot die Aleksandrynse era (met uitsluiting van die epigrammatici) ontleed. Ingeslote is 'n oorsig van al die voorwerpe wat met spesifieke kleurterme vereenselwig word, hoewel die ontwikkeling van kleurwoorde en die insiggewende semantiese aanpassings wat geleidelik plaasgevind het, nie toegelig word nie. Dit wil voorkom asof beide hierdie outeurs wou bewys dat die antieke Grieke kleur op 'n normale wyse waargeneem het, om sodoende die sogenaamde 'probleem van kleurwaarneming' ter syde te stel.

In H. Osborne se 1968-artikel, 'Colour concepts of the ancient Greeks,' is die fokus op die linguistiese gewoontes van die antieke Grieke aan die hand van hul gebruik van kleur. Hy bevind dat die Griekse kleurwoordeskat skraal was en dat tinte nie noukeurig onderskei is nie, maar wel kleure se helderheid en intensiteit.⁷⁶

Eleanor Irwin (1974) het haar sensitiewe en uiters deeglike studie, *Colour terms in Greek poetry*, beperk tot 'n indiepte analise van die terme χλωρός ('groen-geel,' 'geel,' 'liggroen,' 'bleek,' ook die achromatiese betekenismoontlikhede 'vars' en 'glansend') en κῶνεις ('donker,' en by die latere skrywers, 'blouerig?'). Sy het ook kontraste van lig en donker onder die loep geneem om só die nou-reeds-gevestigde beskouing te onderskryf dat Griekse terme dikwels eerder glans, tekstuur en kontras as kleurnuanses aangedui het.

⁷⁵ Die bestudering van kleurterme wat betrekking het op bewyse wat die letterkunde en argeologie oplewer, kan problematies wees. Eerstens is dit onduidelik met watter naam die kunstenaar 'n kleur beskryf het; tweedens is daar 'n moontlikheid dat die kleurskakering oor 'n tydperk verander het en verskil van die kunstenaar se oorspronklike gebruik; en derdens is dit onduidelik of die kunstenaar se belewenis van kleur dieselfde kon wees as 'n moderne waarneming (vgl. Irwin 1974:14 n.26).

⁷⁶ Dit word aanvaar dat Osborne hier met die woord 'intensiteit' na die attribuut *kleurgehalte* of *-helderheid* verwys.

Die omvangryke bydrae van Maxwell-Stuart (1981), *Studies in Greek colour terminology* (Volumes I en II), fokus op die Griekse terme γλαυκός ('glansend' in Homeros, maar by latere skrywers 'blougroen' of 'grys') en χαροπός (behalwe 'hewig' of 'fel,' ook 'glansend' en 'blougrys,' veral van die kleur van oë en die see). Die studie het ook die aanwending van kleur in beide prosa en poësie betrek, maar in 'n poging om slegs die 'normale' betekenis van die term vas te pen, is voorkeur aan prosa gegee. Geen aandag was op die effek van tekstuur, lig of glans toegespits nie en waar sommige van die aannames tekstueel onaanvaarbaar was, is die betekenismoontlikhede bloot as 'metafore' afgemaak.⁷⁷ Hierdie benadering is bejammerenswaardig, aangesien so 'n beskouing die leser nie sensitief toerus om die fynere nuanses van antieke kleurterme raak te lees nie.

Bradley (2011:16-17) beskou M. Clarke (2004: 'The semantics of colour in the early Greek word-board') se bestudering van Griekse kleurterminologie as die mees logiese en sensitiefste ondersoek na die komplekse kleurkategorieë van die Oudheid. Volgens Clarke se bevindinge kom daar 'n linguïstiese prototipe as middelpunt in die betekenisomvang van kleurwoorde voor met verskillende kleure wat, volgens die ou Grieke se belewenis daarvan, in konsentriese sirkels om hierdie middelpunt beweeg. Hierdie antieke prototipes dien as kontakpunte vir kognitiewe vlakke wat kleur, lig, beweging en gemoedstoestand insluit.

Uit die voorafgaande voorbeelde van semanties-gefundeerde navorsing wat op die Griekse kleurterminologie fokus, kan daar afgelei word dat die visie van die Grieke normaal was. Platnauer (1921:162) se beskouing dat 'kleur' nie vir die Griekse Oudheid dieselfde betekenis gehad het as vir ons nie, is hier dus besonder relevant. Volgens Munsell se sisteem van kleurbeskrywing word die sterkte van 'n kleurwoord bepaal deur *kleurkwaliteit* en *kleurgehalte*, waarvolgens die grootste potensiële krag of invloed aan die kleure rooi en geel toegeskryf word en die minste aan die kleure blou en groen. Wanneer hierdie kleurwaardes met Homeriese kleurterme vergelyk word, vind ons in die geel-en-rooi groepering verskeie terme: ξανθός, κροκό(πεπλος), ἐρυθρός, φοινικόεις, φοινιξ, μιλτο (πάρηιος) en πορφύρεος. Daarenteen is daar in die blou-en-groen groepering geen eksplisiete verteenwoordiging by Homeros nie: κυάνεος, hoewel die term later op donkerblou (kan) dui, is die betekenismoontlikheid (vir die epiese digter) slegs 'donker'; γλαυκός (eers later blougroen of grys) het geen definieerbare kleurwaarde nie en dit is lig in kleurkwaliteit met die waarskynlike betekenismoontlikheid 'glansend'; χλωρός, ook later eers 'groen,' het basies die betekenis 'vogtig' (van plantsap). Hiervolgens kan ons aflei dat die rooi en geel skakerings groter impak as dié van blou en groen gehad het. Vir hierdie nasie met 'n onderontwikkelde kleurkonsep word die hipotese dus voorgehou dat die kleurwaardes wat wel voorgekom het dié met 'n opvallende hoë *kleurkwaliteit* (dus lig) en *kleurgehalte* was. Ook is die terme wat laag in *kleurkwaliteit* (dus donker) is, eerder met kleurskakering as met kleurkwaliteit beskryf, dus 'n merkbare beklemtoning van kleurkwaliteit eerder as kleurskakering.

⁷⁷ Clarke (2004:134) kritiseer die misbruik van die woord 'metafoor' wat in die analise van kleurkategorieë al te dikwels buite die bepaalde skrywer se kognitiewe verwysingspunte aangewend word.

Die Grieke se kleurkonsep het dus stelselmatig ontwikkel en hul beskouing van kleur is eers teen die vierde eeu vC en veral deur Aristoteles vasgelê. Hulle was sensitief vir oppervlaktes wat helder en glansryk was en, hoewel dit aanvanklik voorkom asof kleurterme vaag en onvanpas aangewend is, is die presisie van betekenis in baie gevalle opvallend. Gevolglik moet ons ons fokus verbreed om eerder ander kwaliteite as slegs kleurskakering in ag te neem (vgl. Irwin 1974:201-3). Hierby sluit Deacy en Villing (2004:88) aan: In hul sensitiewe studie van die term *γλαυκός* wat van toepassing is op 'n kulturele en literêre beoordeling van die godin Athena, kan hul bevindinge in die algemeen ook op die kleursisteme van die Oudheid van toepassing wees: “Like all colour terms and representations, [a term] should not be reduced to strict chromatic meaning, but regarded in the context of discourse between artists and their audience, as a symbol and a signifier.”

1.4.2 KLEUR IN DIE ROMEINSE SAMELEWING

In die alledaagse lewe van die Romeine het kleur 'n baie besondere en belangrike rol gespeel.⁷⁸ Hoewel hul argitektuur⁷⁹ en beeldhouwerk⁸⁰ vir lank met die glansende wit van marmer geassosieer is,⁸¹ dui die

⁷⁸ Hermann en Cagiano de Azevedo (1969:408) fokus op die belangrike rol van kleur in antieke tye en die simboliek wat daaraan gekoppel is: ‘Wit’ kan met lig, reinheid, suiwerheid, nederigheid, berou, onskuld, vrede en goedheid geassosieer word; ‘swart’ dui op donkerte, nag, dood, ongeluk, pyn en hartseer; ‘groen’ word met groei, jeugdigheid, hoop en die ewige lewe vereenselwig; ‘rooi’ dui op bloed, gesondheid, lewe, maar ook vuur, vyandigheid, gevaar en siekte, terwyl ‘blou’ op ridderlikheid, die hemele en die gode dui. Benewens chromatiese gebruik, is kleurbenaming ook metafories aangewend, as aanduiding van die lewenskragtige en morele kwaliteit daarvan.

⁷⁹ Die Romeine het 'n besondere voorliefde vir kleur gehad waaraan uiting gegee is met hul gebruik van natuurlik gekleurde marmer en eksotiese, gekleurde steen, onder andere in die *Forum Augustum*: Frigiese purper (pavonazetto), africanos met 'n rooiswart kleur, Tunisiëse geel (giallo antico) en 'n groen cipollino afkomstig van Euboea, Griekeland. Ook is pigmente op beeldhouwerk en op die natuurlike wit van marmertempels gebruik wat vreemd genoeg nie deur Beard en Henderson (2001:84, 166) aangedui word nie. Daarenteen publiseer Zink en Piening (2009:109 n.1, 111-14) 'n sinopsis van Romeinse monumente (onder andere die *Forum Augustum*, *Ara Pacis*, die Colosseum en die tempels van *Mars Ultor* en *Fortunus*, waarvan die marmer deur Piening aan pigment-analise onderwerp is. Met die rekonstruksie van die tempel van Apollo Palatinus (vgl. Zink 2008:47-63) is die beskikbare fragmente aan ultraviolet-spektrometrie onderwerp om die oorspronklike en ingewikkelde kleurskema te rekonstrueer. Groot gedeeltes van die tempel is wel in wit marmer gelaat, onder andere die trap, die mure van die *cella*, die suile en moontlik ook die podium. Verskeie kleure kom egter op die eksterieur van die tempel voor, telkens op strategiese plekke soos die kapitelle, entablement en deurkosyne wat beklemtoon is met ligte kleure soos geel, oker en goud, donker kleure soos blou, donkerbruin en donkerrooi, en, in 'n mindere mate, helderrooi en groen. Hierdie kleure word inderdaad in letterkundige beskrywings van die tempel vermeld wat nou vir die eerste keer met die argeologiese bevindinge versoen kan word. Ter stawing word Propertius 2.31 se gedetailleerde, maar redelik komplekse en problematiese, beskrywing van hierdie tempel voorgehou.

⁸⁰ Hoewel kleur op Grieks-Romeinse beeldhouwerk tans meestal met die blote oog onwaarneembaar is, het pigment-identifikasie onomstootlik bewys dat kleur wêl daarop aangebring was. Veral drapeersels, oë, wimpers, lippe, hare en bykomstighede is met kleur beklemtoon. Marmer, *terracotta*, vulkaniese klip, kalk- en sandsteen is dikwels met gekleurde pleister(kalk) bedek. Die eerste van twee kleur-rekonstruksies – die Prima Porta Augustus (waarvan sommige pigmente nog herkenbaar was) en die borsbeeld van Caligula – het merkwaardige resultate opgelewer: In 2008 is beide hierdie kunswerke in die J. Paul Getty Museum se uitstalling ‘The color of life: Polychromy in sculpture from antiquity to present’ opgeneem. Hierby ingeslote was ook al die rekonstruksies wat vanaf 2003 in uitstallings (‘Bunte Götter / Gods in color’) in Europa en Amerika te siene was. Vir 'n insiggewende aanlyn-gesprek met Østergaard, kurator van die Ny Carlsberg Glyptotek, Kopenhagen, sien Mary Beard se webjoernaal (‘A Don’s life,’ Desember 17, 2007), waarin hy benadruk dat die antieke wêreld se belewenis van skoonheid van die moderne beskouing verskil: “... research on ancient sculptural polychromy is not an exercise designed to confirm or conform to modern aesthetics of sculpture. It is an historical enquiry.” Sien ook Clarissa Blume-Jung se artikel: ‘The treasure of polychromy: Polychrome decoration of ancient sculptures as a new source of information on ancient culture’ (2017:323-40).

⁸¹ Hierdie beskouing is veral deur Johann Joachim Winckelmann (1717-68), die Duitse kunsgeskiedkundige en argeoloog, gepropageer. Hy was agent van kardinaal Albani, voorste versamelaar van antikwiteite in Renaissance Rome en die outeur van *Gesichte der Kunst des Altertums* (1764). Hy is ook as die ‘vader’ van die kunsgeskiedenis beskou (vgl. Beard en Henderson 2001:8, 68-74). Ook Zanker (1988:105) handhaaf die beskouing dat marmertempels wit vertoon: “Nothing is too good for the

jongste navorsing daarop dat die Romeine in hierdie kunsvorme hul voorliefde vir kleur ten volle uitgeleef het, "...to surprise or shock the public ...," volgens Bradley (2009:427)⁸². Nie net was hul beeldhouwerk en tempels ryklik met kleur versier nie, maar die Romeinse elite het hul ook met kleur in hul wonings omring. Die mure in hierdie rykmanshuise is van die vloer tot by die plafon met helder kleure versier: wit, swart, blou, geel en veral die beroemde 'Pompejaanse rooi'. Delikate versierings is aangebring: *trompe-l'oeil* pilare, weelderige uitbeeldings van vrugte en blomme, ook vistas met uitsonderlike argitektuur. Veral uitsonderlik is die manjifieke muurskildering⁸³ wat onder andere veelkleurige voëls op geverfde gordyne uitbeeld en 'vensters' wat wonderbaarlik op eksotiese 'tuintonele' oopmaak (onder andere die Tuinkamer te Prima Porta, eens die weelderige plattelandse woning van Augustus).⁸⁴ Om hierby aan te sluit, is die vloeroppervlakte met mosaïeke versier waarvan die Alexander-mosaïek, afkomstig uit die Huis van die Faunus, seker die heel bekendste is.⁸⁵ Brink (1969:148) verwys na hierdie lewenstyl as "... die ou Romeine se *ars vivendi* wat mens aangryp: hoe fyn, fyn – hoe op die randjie van die dekadente – het hulle nie die lewe tot 'n estetiese ervaring geraffineer nie!"

Sonder die voordele van moderne glas wat lig ruimskoots deurlaat, sou mens kon aflei dat sommige van die Romeinse binne-vertrekke besonder donker was.⁸⁶ Hierdie aspek is vir seker in ag geneem by die versiering daarvan wat sou beteken dat die kunstenaars die interaksie tussen kleur, lig en donkerte in ag geneem het, 'n aspek wat Lucretius aanraak in *D.R.N. 2.798: qualis enim caecis poterit color esse tenebris?* ('want watter kleur sal daar in stikdonkerte kan wees?'). Die Romeine was ook van kers-, lamp- of fakkellig afhanklik en het daagliks die wisselwerking tussen lig en donkerte ervaar. Die uitwerking van hierdie flikkerende lig op verskillende kleure en die gevolglike glans wat so sou kon

gods,' was now the slogan. The gleaming *white* temple facades, built of marble ... with their dazzling ornament, sometimes of real gold, became hall marks of the new age." [my beklemtoning]

⁸² In Mark Bradley (2009:427-50) se insiggewende artikel, 'The importance of colour on ancient marble sculpture,' word die omvang, impak en betekenis van kleurpigmente op antieke beeldhouwerk uiteengesit. Hy betreur ook die feit dat navorsing oor hierdie onderwerp geensins voldoende is nie.

⁸³ Die uitbarsting van Vesuvius in 79 nC het met geweldige verwoesting en lewensverlies gepaard gegaan. Ironies genoeg was die ontdekking van die antieke Kampaanse stede Pompeii, Herculaneum en Stabiae, wat onder die vulkaniese as begrawe was, 'n argeologiese triomf. Uitgrawings wat reeds in 1748 begin het, gaan nou vir bykans drie eeue onverpoos voort en vir die eerste keer kan die antieke wêreld in sy volle glorie – en kleur – beleef word. Chemiese analyses op Pompejaanse muurskildering toon dat hierdie kunswerke in tempera aangebring is wat baie tot die bewaring daarvan bygedra het (vgl. Beard en Henderson 2001:23-63).

⁸⁴ Pompejaanse muurskildering is deur die Duitse navorser, August Mau (1840-1909), in vier style verdeel om klassifikasie en stilistiese analise te orden: Die Eerste styl is verteenwoordigend van die tweede eeu vC, die Tweede of Argitektoniese styl vanaf ca. 100 tot 15 vC, die Derde styl van 15 vC tot 50 nC en die Vierde styl vanaf 50 nC (*ibid.* 2001:38-39). Hoewel kunstenaars gedurende die Tweede styl nog nie die tegniek van perspektief bemeester het nie, is metodes ontwikkel om 'n illusie van diepte te skep, veral in kleiner en donkerder vertrekke. Die interieur is op 'n unieke wyse met deurlopende temas, verskillende samestellings, versierings en kleure verfraai, terwyl 'n friesrand in verskillende panele (*pinakes*) verdeel en argitektonies omraam is. Hierdie verlies aan ware styl ten gunste van oppervlakkige versiering met uitbeeldings van pilasters, argitrave en fasades, is omstreeks die begin van Octavianus se magsoorname hewig deur die argitek Vitruvius Pollio, *De Architectura* 8, gekritiseer (vgl. Ellis 2000:14).

⁸⁵ Ook uit die Huis van die Faunus is 'n verdere agt kunswerke wat manjifieke vloerbedekkings insluit: Nyltonele, die glurende leeu, Cupido op 'n tier, 'n kat en voëls, 'n nimf en sater, maskers met blomme en vrugte, duiwe en seekos (vgl. Beard en Henderson 2001:14-19).

⁸⁶ Rekonstruksie van *triclinia* in Pompeii dui daarop dat hierdie vertrekke gewoonlik min of geen ligbronne gehad het nie en gevolglik baie donker was. Natuurlike lig was slegs van die wye voordeur afkomstig. Ook *cubicula*, waarvan die besondere klein formaat op slaapvertrekke dui, was donker vanweë die afwesigheid van vensters en die besondere smal gange waaruit die kamertjies gelei het (vgl. Ellis 2000:150-51).

ontstaan, was 'n ander faset wat vir die Romeine belangrik was.⁸⁷ Dit is moontlik dat die glans wat met Tiriese purper (*purpura*) verbind is, die populariteit van hierdie kleurstof en kledingstof verseker het wat van oudsher so sterk in Rome gevestig was (sien Plinius Maior, *Nat.* 9.136: *purpurae usum Romae semper fuisse video*). Gevolglik is kledingstowwe van purper as vertoonstukke van status en welvaart (beide amptelik vir staats- en godsdienstige seremonies én privaat) beskou.

Romeinse skrywers het gepoog om aan alles wat hulle waargeneem het en met die woorde tot hul beskikking, uitdrukking te gee. Weens die beperkte omvang van hul kleurterminologie het hulle óf kleurwoorde geskep,⁸⁸ óf uitbeeldings met omskrywing aangevul.⁸⁹ Daar is ook verklarings gesoek om visie as ervaring verstaanbaar te maak wat teorieë soos dié van Lucretius (94-55 vC) opgelewer het op 'n stadium toe die filosofiese middelpunt van Griekeland na Italië verskuif het. Die intelligentsia van Rome is beïnvloed deur veral die Ou en Nuwe Akademie, Pythagoreïsme, Peripatetiese filosofie, Stoïsisme, Epikurisme en Skeptisisme. Lucretius se *De Rerum Natura* kan dus as die uitvloeisel van Griekse en Hellenistiese teorieë oor kleurpersepsie beskou word.⁹⁰

Geen bespreking van kleur in antieke Rome kan Aulus Gellius (*ca.* 123-165 nC) se *Noctes Atticae* 2.26 verontagsaam nie.⁹¹ Hy ondersoek 'n wye verskeidenheid van onderwerpe wat op die kultuurlewe van Rome gedurende die middel van die tweede eeu nC fokus. In 'n waarskynlik fiktiewe debat tussen die flambojante orator, die Grieksgesinde eunug, Favorinus, en sy sosiale teenbeeld, M. Cornelius Fronto, 'n oud-konsul en Marcus Aurelius se Latynse leermeester, word die verskille tussen Latynse en Griekse kleurwoorde uitgespel. Volgens Favorinus is die omvang van antieke Griekse kleurwoorde wyer as dié van Latyn, maar Fronto oortuig hom dat Latyn ryker is aan sekere kleurnuanses. Daar word tussen tipes kleur (*genera*) en kleurkategorieë (*vocabula*) onderskei. 'n Besonder belangrike besprekingspunt is die mens se vermoë om meer afsonderlike kleure waar te neem, as waaraan hy

⁸⁷ Volgens Gottschalk (1964:82-85) was Theophrastus, skrywer van *De Sensu*, waarskynlik die outeur of die moontlike dryfveer van *De Coloribus*. Volgens *Col.* 3.793b.20 is kleur nooit suiwer nie en wissel kleure namate dit in die lig van 'n vuur, die maan of by kerslig waargeneem word. Ook verwys Lucretius, *D.R.N.* 2.799-800 na die belangrikheid van lig vir kleurwaarneming: Die hoek waarmee lig op die voorwerp val, beïnvloed die waarneming van 'n spesifieke kleur: *lumine quin ipso mutatur propterea quod | recta aut obliqua percussus luce refulget* ('[kleur] word immers deur lig self verander, in die mate waarin glans deur die impak van 'n direkte of skuins ligstraal weerkaats word').

⁸⁸ Sien voetnoot 36 en André (1949:382-91) se samevatting van outeurs se skepping van kleurterme met die (waarskynlik) eerste gebruik daarvan.

⁸⁹ By gebrek aan 'n geskikte kleurwoord omskryf Vergilius in *Geor.* 4.274-75 die besondere kleurvoorkoms van die *amellus*-blom. Hy gebruik die term *niger* om die kleurwaarde van *purpura* te verdiep, sodat die verskillende kleurwaardes bydra tot 'n aanskoulike kleurkontras van 'n glansende (*sublucet*) donkerpurper en die goudgeel kleur van die blomkern. Vir 'n bespreking van hierdie teksgedeelte sien onder andere VII. *NIGER* 7.b.vii.

⁹⁰ Lucretius se bespreking van kleur in die tweede helfte van die *De Rerum Natura* II volg op 'n breedvoerige uiteensetting van atome se werking en vorme wat verband hou met verskillende spesies en besondere kwaliteite soos kleure, smake en reuke. In reëls 730-841 word kleur as die belangrikste van hierdie komponente voorgehou en in groot detail ontleed. Sien gedetailleerde ontledings van hierdie tekste in onder andere I. *ALBUS* en *ALBESCO* 10.i en ii; II. *CANDIDUS* 6.a.i; III. *CANUS* en *CANEUS* 1.a; VII. *NIGER* 1; XVI. *PUNICEUS* 3.a; en XVIII. **RUB*-groepering 8.a.

⁹¹ Hierdie klassieke debat dien dikwels as verwysingsraamwerk vir hedendaagse navorsing oor antieke kleurkategorieë wat dié van Eco (1985:157-75) insluit.

uitdrukking kan gee (*multiplex colorum facies, appellationes autem incertae et exiguae*), 'n aspek wat verskeie van die kleursementici vir lank as strydpunt beskou het.⁹²

In 'n moderne samelewing is ons daaraan gewoond dat moderne chemiese kleurprosesse telkens dieselfde resultate kan oplewer wat die fynste moontlike skakerings en tinte insluit. Gevolglik kom dit vir ons vreemd voor dat 'n enkele Latynse kleurterm met verskeie, wyd-uiteenlopende kleurskakerings vereenselwig kan word, onder andere die kleurwaardes van *purpura* (die naamwoord) en *purpureus* (die adjektief) wat skakerings van violet, purper tot bloedrooi, selfs donkerviolet en amper-swart insluit. Daarbenewens kan die betekenismoontlikheid 'glansend' ook met hierdie spesifieke kleurterme vereenselwig word. Dieselfde onsekerheid kom ook voor van die term *croceus*, en, om die probleem te vererger, verskil selfs die moderne bronne in die toekenning van kleurwaardes: Volgens Vels Heijn (1951:45-47) wissel die skakerings wat met *croceus* vereenselwig word van geel, oranje tot oranje-rooi en selfs verskeie rooierige tinte; Sebesta en Bonfante (1994:68) bied geel met oranje ondertone en 'n rooierige oranje; en Edgeworth (1992:122-23) volstaan met geel. Dieselfde onsekerheid kom ook van *luteus* voor: Of hierdie kleurwoord met ligroos of geel vereenselwig moet word, is 'n vraag waarvoor Edgeworth (*ibid.*:255-65) antwoorde soek. Nietemin moet hierdie verskynsels geensins gesien word as Romeine se onvermoë om 'korrek' tussen kleurwaardes te onderskei nie. In realiteit was die uiteenlopende kleure (en gevolglik ook die betekenismoontlikhede) wat met hierdie kleurterme verbind was, die eindproduk van uitgerekte en ingewikkelde kleurprosesse wat ongetwyfeld vanweë die onbestendigheid van Romeinse tegnieke en onsuiver kleurstowwe dikwels verskillende kleurskakerings oplewer het.

1.4.3 SEMANTIESE NAVORSING: LATYNSE LETTERKUNDE

Belangrike werk op die gebied van Latynse digters se kleurgebruik is reeds in 1892 deur Hugo Blümner in sy werk *Die Farbenbezeichnungen bei den Römischen Dichtern* gelewer. Hy het noukeurig al die teksverwysings na kleur versamel, maar het nagelaat om tussen vroeë en latere digters (en dus ook die relevante genres) te onderskei wat gevolglik sy wetenskaplike gevolgtrekkings onder verdenking geplaas het. Soos reeds aangedui, het die Franse filoloog, J. André, in 1949 'n baie omvattende oorsig oor kleurwoorde in die Romeinse letterkunde gepubliseer. Sy boek sluit drie afdelings in: I. *Étude Sémantique* (pp. 23-204), II. *Étude Lexicologique* (pp. 207-49) en III. *Étude Stylistique* (pp. 251-391)

⁹² In die omvattende artikel, 'Farbe,' wys die outeurs, Hermann en Cagiano de Azevedo (1969), in 'n algemene inleiding (359-62) op die verskeidenheid van navorsing wat op kleurwoorde fokus. Hulle postuleer dat die aanwending van kleurterminologie in die Oudheid metodies so van mekaar verskil, ook in die doelstellings, dat dit eerder verwarrend as insiggewend beoordeel word. Afdeling III handel oor kleurgebruik in Griekeland en Rome met as agtergrond teorieë oor die veelkleurige sisteme van die antieke kleurteoretici (383-86). Digters se beskouings van kleurloosheid (hier met wit vereenselwig, ook die konsep van bleekheid wat op die dood en die hiernamaals betrekking het) is die ekwivalent van filosowe se wetenskaplike bevindings. Die daaropvolgende onderafdelings handel oor die kosmos en die natuur (388-391), die gode (391-93); die mens se fisiese voorkoms (393-95), die sosiale rang en status van heersers (395-99); lewensituasies (399-402); diere (402-3); kultusse wat gode (403-4), offerdiere en die dooies insluit (404-5); towerkuns (405-8); simboliek (408-9) en laastens die kunste wat op die kleurgebruik van onderskeidelik die Etruskers (411) en die Romeine (411-13) fokus. Elke afdeling word met teksverwysings uit die Griekse en Latynse letterkunde gestaaf wat egter nie so volledig as dié van die *TLL* is nie, maar wat tog met vrug gebruik kan word in die ontleding van die teksgedeeltes wat in die volgende hoofstukke sal voorkom. Hier en daar kom veralgemenings voor wat in die ontleding van passasies aangedui sal word.

wat met die *Conclusion Générale* (pp. 392-403) afgesluit word. In die handige eerste afdeling kom nege terme in kleurgroepe of -families voor, in volgorde volgens (sy beskouing van) die terme se belangrikheid: *le blanc, le noir, le gris, le rouge, le brun, le jaune, le bleu, le vert, le violet*. In sy resensie van die boek kritiseer Laughton (1951:203-4) André se meganiese benadering en veral sy oppervlakkige ontleding van tekste sonder inagneming van die kontekstuele implikasies – ’n belangrike aspek wat selfs deur Gladstone aangespreek is. Laughton kritiseer ook verskeie onjuisthede en nalatige foute sodat die boek volgens hom nie aan verwagtinge voldoen nie. Bradley (2011:12), daarenteen, fokus sy kritiek eerder op André se metodiek, waarvolgens presiese kleurnuanses volgens moderne ekwivalente vasgepen word, sodat die assosiasie van Latynse kleurterme met hul naaste moderne ekwivalente gedwonge voorkom. Ook fokus Bradley op André se oorvereenvoudiging van ’n kleurkategorie se semantiese omvang wat bewerkstellig word met die skep van onderafdelings om verskillende skakerings en tinte in te sluit.

Twee jaar na André volg die semantiese studie van Nicolaas Vels Heijn (1951) wat kleurwoorde in Romeinse prosa en poësie navors. Anders as André, het hy kleurterme (soos hierbo aangedui) in slegs drie groepe verdeel: geel-en-rooi, blou-en-groen en wit-en-swart (wat ook grys insluit). Hoewel Vels Heijn se navorsing geensins so omvangryk as dié van André is nie, lewer hy tog ’n besondere bydrae, ook met teksverwysings wat deurgaans akkuraat en omvattend aangebied word. Veral insiggewend is sy ontleding van die betekenisomtydlikhede van beide die terme *ferrugo* en *ferrugineus* waarvolgens hy tot die belangrike gevolgtrekking kom dat die terme geensins met die rooi kleur van roes vereenselwig kan word nie. Daarenteen is sy *lemma* van *caeruleus/caerulus* en veral die verwysing na Wagenvoort (1937:129-31) as basis vir sy standpunt onoordeelkundig. Ernout (1954:302) kritiseer ook die onderskeid wat Vels Heijn tussen *caerulus* en *caeruleus* tref (1951:62-69) wat hy as *plus spécifique que réelle* afmaak en sy ontleding van al die rooi kleurwaardes as die ‘mees emosionele,’ terwyl dié wat met blou en groen skakerings vereenselwig word, geen emotiewe waarde toon nie.⁹³

Melding moet ook gemaak word van Stearn se *Botanical Latin* (2004) [1966] wat botaniste as term vir wit met internasionale gids gebruik vir die beskrywing en benaming van plante. Die outeur vors die historiese ontwikkeling van botaniese Latyn na as ’n metode van kommunikasie wat tans so ver verwyderd is van klassieke Latyn dat dit onafhanklike bestudering regverdig. Hierdie werk kan dus met vrug in ’n studie van die *Georgica* se plante, bome en blomme gebruik word, veral met verwysing na die handige hoofstukke XVIII (229-51) en XIX (252-74) waarin Romeinse en Griekse kleurterme wat

⁹³ Tot dusver in die een-en-twintigste eeu was die belangstelling in die antieke kleurgebruik beskeie, met slegs ’n paar interdisiplinêre konferensies wat publikasies opgelewer het: M.A. Tiverios en D.S. Tsifakakis (reds.), *Color in ancient Greek* (Thessalonika, April 2000), Thessalonika 2002; S. Beta en M.M. Sassi (reds.), *I colori nel mondo antico* (Siëna, Maart 2001), Fiesole 2003; en K. Stears en L. Cleland (reds.), *Colours in the ancient Mediterranean world* (Edinburgh, September 2001), Oxford 2004. Die volgende afsonderlike publikasies het die lig gesien: A. Dubel, V. Naas en A. Rouveret (reds.), *Couleurs et matières dans l'Antiquité: textes, techniques et pratiques* (2006); M. Pastoureau, *Black. The history of a colour* (2008); en *Green. The history of a colour* (2014). Sien ook die gesaghebbende werke van M. Bradley, *Colour and meaning in ancient Rome* (2011) en A. Grand-Clément, *La fabrique de couleurs. Histoire du paysage* (2011). Die monografie van R.B. Goldman, *Color-terms in social and cultural context in ancient Rome* (2013) is egter onbevredigend, soos Wharton (2014) en Liverani (2016) ook aandui. Sien ook die 2017-artikel van R. Meyer in *Acta Classica*, ‘Kleur en kleurplepsie: ’n oorsig van antieke en moderne beskouings.’

op plante betrekking het gedetailleerd uiteengesit word. Soos André, verbreed hy ook die kleurbasis met die toedeling van verskillende tinte om groter presisie aan beskrywings te gee, waarvolgens 'n term vir 'wit,' met *albus* aangedui, nou met *niveus* as 'sneeuwit,' *candidus* as 'suiwer wit' of *eburneus* as 'ivoorwit' verfynd word.

1.4.4 TOEGEPASTE KLEURSEMANTIEK: VERGILIUS

Sou die kollig uitsluitlik na Vergilius se keuse van kleurterme verskuif, is die omvang van navorsing karig. Price (1883) publiseer 'n artikel oor die kleursisteem van hierdie digter, waarvolgens 'warm' kleure skynbaar bo 'koue' kleure verkies word. Hy staaf sy bevindinge met kwantitatiewe data, maar laat na om aan te dui op watter werk(e) van Vergilius sy navorsing gefundeer is. Turnbull (1946:97) verwys na Vergilius as die 'skilder-digter,' aangesien sy implementering van lyn, kleur, vorm en die kontras van kleure en teksture op die basiese beginsels van skilderwerk dui. Behalwe die (soms terloopse) verwysings na kleurwoorde in die kommentare van sommige kritici (sien veral Conington [1881], Page [1968], Williams [1979], Thomas [1988a en 1988b], Mynors [1990] en Erren [2003]), het veral Edgeworth (1992) se literêr-kritiese studie oor Vergilius se gebruik van kleurterme in die *Aeneïd* nuwe lig op die onderwerp geplaas. Volgens Clarke (1994:2-3) is Edgeworth se navorsing tot op hede die grootste en mees omvattende studie oor die kleurgebruik van 'n enkele digter wat ook 'n baie belangrike bydrae tot hierdie kontensieuse onderwerp lewer. Sy beskou Vergilius as die mees visuele van die Romeinse digters wat weens die omvang van die *Aeneïd* daarin kon slaag om sy eie sisteem van kleurutbeelding te skep.

In Edgeworth se '*The colors of the Aeneid*' kom die outeur (1992:xiii) tot die gevolgtrekking dat 'n gebrek aan insig van en waardering vir hierdie besondere aspek van die digter se kreatiewe vermoëns verreikend is: "Without an understanding of Vergil's color strategies, our appreciation of the *Aeneid* is incomplete ... The *Aeneid* will not be fully understood ... until its readers acknowledge and understand it as a sensual poem." Om groter presisie aan sy studie te verleen, identifiseer die outeur (1992:2) ses belangrike wyses waarop kleurterme in poësie aangewend word:

- *Formulêr*: 'n Kleurterm vorm deel van 'n frase wat herhaal word en wat na voorgangers terugverwys, onder andere die frase μέλανι πόντω ('donker see' in *Il.* Ω[24].79). Dikwels word *formulae* met 'n kleurelement aangepas wat innoverend voorkom, onder andere die frase *nivei cycni* in *Aen.* 7.699.
- *Funksioneel*: Die kleurwoord verwys na 'n element wat 'n integrale deel van die beskrywing vorm, onder andere die kleurwoorde wat 'n bruid se uitrusting bepaal. Sien ook Lucretius, *D.R.N.* 2.774-75: *nam quocumque modo perturbes caerulea quae sint, | numquam in marmoreum possunt migrare colorem* ('want op watter wyse jy ookal die see in beroering bring, kan hulle nooit 'n marmerwit kleur aanneem nie').⁹⁴

⁹⁴ Edgeworth (1992:2) se keuse van hierdie voorbeeld word bevraagteken. Sien XXII. *CAERULEUS* 2.a.

- *Verwysend of sinspelend*: Die ooreenstemmende kleuraanwending van 'n vroeëre skrywer word intertekstueel herhaal wat nie as slaafse nabootsing gesien moet word nie, onder andere Vergilius se verwysing na Aurora se mitiese strydwa met die term *rosea* in *Aen.* 6.535.
- *Dekoratief*: Die term vorm deel van 'n treffende uitbeelding, soos die bewapening van Agamemnon in *Il.* $\Lambda(11).26$ (foutiewelik as $\Delta[4].26$ aangedui), uitgebeeld met die frase $\kappa\upsilon\acute{\alpha}\nu\epsilon\omicron\iota \dots \delta\rho\acute{\alpha}\kappa\omicron\nu\tau\epsilon\varsigma$; of die vergelyking van 'n blosende bruid met die wit *parthenice* en die rooi papawer in Catullus 61.187-88.
- *Kumulatief*: Groeperings van drie of vier kleurterme volg mekaar vinnig op, gewoonlik in die klimaks van die gedig wat dikwels daartoe bydra om dramatiese spanning te ontlaai.
- *Geassosieerd of tematies*: 'n Kleurwoord koppel 'n besondere episode aan 'n ander episode (of groep episodes) in dieselfde gedig, of boek. Sou kleurgroepe herhaaldelik gebruik word om verskeie episodes te verbind, is die aanwending daarvan *tematies*, onder andere die kombinasies van wit en groen (in *Aen.* 8.82-83 wat tuiskoms aandui) en goud, wit en purper/rooi wat tematies van onder andere Turnus voorkom in *Aen.* 9.49-50 met die implikasie van weelde.

Edgeworth beklemtoon Vergilius se planmatige aanwending van kleurterme om gebeurlikhede voor die leser se geestesoog te laat afspeel wat die estetiese element in die boek verhoog en ook emotief tot die stemming bydra. Clarke (1994:2) beskou Edgeworth se ontleding van die *tematiese* gebruik van kleurgroepe (onder andere met die kleure rooi, wit en goud) as besonder geslaag, terwyl Harrison (1994:277-78) daarop wys dat Vergilius dikwels kleurterme *verwysend*, *kumulatief* en *tematies* kombineer. Hy bevraagteken egter Edgeworth se interpretasie van die *funksionele* en die *tematiese* gebruike en betreur die gebrek aan etimologiese definisies wat die onderskeid tussen kleurwoorde, onder andere dié tussen *ater* en *niger*, sou kon verklaar.

Putnam (1993:70) loof Edgeworth se skerpsinnige verklaring van verskeie kleurwoorde: *Purpureus* wat gewoonlik op lewe en vitaliteit dui, word in die *Aeneïs* met die dood vereenselwig; *ater* wat veral met negatiewe kleurwaardes geassosieer word, kom op 'n uitsonderlike wyse positief voor in *Aen.* 5.693-96 as die reën vanuit 'n donker/swart wolk die vlamme blus en verskeie van Aeneas se skepe red; en *sanguineus* wat gewoonlik in grusame uitbeeldings voorkom, bepaal nou Lavinia se blos (*Aen.* 12.65). Anders as Harrison se negatiewe beoordeling van die *tematiese* kleurkombinasies, vind Putnam dit insiggewend, maar hy bevraagteken tog, soos Clarke (2004:131-39), die weglating van verwysings na implisiete kleurgebruik wat woorde soos *columba* en *gramen* sou insluit.

Biggam (2012:193-94) se navorsing oor die potensiaal van toegepaste historiese kleursemantiek lewer 'n uiters gunstige evaluering ('an excellent example') van Edgeworth se bydrae: sy besondere sensitiwiteit vir letterkundige beskouings, sy kennis van klassieke tekste en die uiteensetting van gedetailleerde semantiese data. Ook beskou hy Edgeworth se vermoë om die wisselende stemming in die *Aeneïs* aan die relatiewe frekwensie – of afwesigheid – van kleurterme te koppel as uiters skerpsinnig.

Waarskynlik in 'n poging om die onderwerpmateriaal objektief te beoordeel, is dit opvallend dat Edgeworth kleurterme meestal chromaties en selde emotief of genuanseerd ontleed. Hy verleen ook geen aandag aan die reikwydte of bykomende nuanses van etlike kleurterme nie, veral nie met *ater* nie wat bloot 'swart,' soms 'donker' is, maar nie 'dodelik' van gif, of 'dreigend' van 'n storm nie – betekenismoontlikhede wat emotief tot stemming bydra. So ook is *caeruleus* deurgaans 'blou,' *croceus* is telkens bloot 'geel' en *glaucus* slegs 'grys'. Daarenteen onderskei Edgeworth wel tussen *albus* as bepaler van beide die varksog en haar kleintjies (*Aen.* 3.392 en 8.45) en die glansende wit van *candidus*, slegs van die varksog (*Aen.* 8.82) op die tydstip wanneer die profesie volvoer is – as voorbeeld van die trefkrag van *candidus*. Daarenteen wys hy op die besondere groepering van kleure in *Aen.* 4.583-90 wat egter bevraagteken word: Die see is 'blou' (583: *caerula*), Tithonus se bed is saffraankleurig (585: *croceum*) en Dido se hare is blond (590: *flaventis*). Sy vertaling van *albescio* (587) dui op die dag wat breek en 'wit word' wat onaanvaarbaar is, aangesien die kleurterm in hierdie konteks achromaties slegs met glans vereenselwig word. Ook kom die substantief *caerula* ('see') sonder enige ander spesifieke chromatiese element voor en kan die term dus nie implisiet met 'blou' vereenselwig word nie.

Edgeworth (1992:146) verwys ook na verskeie blomsoorte – *crocus*, *hyacinthus*, *lilium*, *rosa* en *viola* – wat dikwels in die *Aeneis* chromaties belangrik is. Volgens André (1949:331) is *rosa* in die Romeinse digkuns implisiet rooi, maar aangesien die spesifieke blomspesies van bovermelde blomsoorte (*crocus* en *rosa* uitgesluit) onseker is, kan hulle nie met spesifieke kleure, selfs nie implisiet, geassosieer word nie. Ook is Edgeworth se beoordeling van die frase *crocum ... rubentem* van die *crocus*-blom minder gunstig (*idem*: 207 n.274) en verwar hy die opvallende oranje-rooi kleur van die stempels in die blomkelk met dié van die blomblare.

Hoewel Edgeworth (1992:2) noem dat die ses metodes van kleuridentifikasie waarop sy navorsing berus, groter presisie aan sy studie verleen, kom die toepassing van sommige van die voorbeelde soms geforseerd en/of onduidelik voor, 'n aspek waarna Harrison (1994:277-78) ook verwys. Hoewel hierdie metodes nie almal in die huidige studie toegepas sal word nie, lê die waarde van Edgeworth se deeglike navorsing daarin dat dit 'n noukeuriger lees van die teks kan bewerkstellig om groter insig te verseker.

In Edgeworth (1992:1-17, 60) se interessante (maar té bondige) samevatting vir 'n sinvolle vergelyking oor die kleurgebruik van Vergilius se voorgangers, tydgenote en opvolgers, kom hy tot die gevolgtrekking dat geen ander Romeinse digter kleur met soveel vaardigheid en so suksesvol as Vergilius aangewend het nie. Clarke (2003:289-303) weerlê egter hierdie siening in 'n soortgelyk studie oor die kleurgebruik van die liriese en elegiese digters, Catullus, Propertius en Horatius (slegs in sy *Carmina*). Deels volgens Edgeworth se metode en met gebruikmaking van 'n kleurkonkordans, vors Clarke hierdie digters se keuse van kleurterme na, mits hulle in die tot op hede gesaghebbende werk van André (1949) opgeneem is. Soos Edgeworth, fokus Clarke ook op kleurgroepe waar twee of meer kleurterme mekaar komplementeer of kontrasteer (2003:291-92). Arkins (2003:379) toon groot waardering vir Clarke se belangrike toevoeging tot die algemene studie van kleurgebruik, maar veral

haar beklemtoning van woorde wat ‘glans’ aandui, ’n aspek van die digkuns wat tot nou toe grootliks agterweë gebly het.

1.5 SLOTBESKOUIING EN VOORUITBLIK

Die gebruik van kleurterminologie kom vir ons as natuurlik en vanselfsprekend voor, aangesien die visuele register so helder is. Ook neem ons aan dat die kleure wat ons waarneem ordelik en verstaanbaar is. Hierdie aanname mag fisiologies en esteties waar wees, maar wanneer die intellek poog om die neurologiese boodskappe te ontsyfer, begin ons onvermydelik om die kategorieë wat ons oor tyd van diegene om ons aangeleer het, op ons eie waarneming toe te pas. As ons na die verlede kyk of onself aanleer om met ander oë na ander kulture te kyk, volg dit dat ons eie aangeleerde konseptuele kategorieë aangepas moet word.

Waar die fokus nou na die verlede en veral na Vergilius en ander digters se kleurgebruik verskuif, moet die beoordeling dus nie alleen op ’n linguisties-semantiese benadering berus nie, maar ook die psigologiese en estetiese aspekte van hierdie digter se kultuurkonteks in ag neem. As *caveat* moet enige vooropgestelde menings oor die kleurbeskrywings van ‘die ander’ (waar die antieke Romeinse digter ‘die ander’ vir ons verteenwoordig) ter syde gestel word, sodat ’n beoordeling objektief en sensitief kan wees – ’n beskouing wat in die hoofstukke wat volg, gehandhaaf sal word.





MILLE VARIII COLORES⁹⁵

2 ONTLEDING VAN TEKSTE

In hierdie groepering val die kollig op dié terme wat wit (en grys) bepaal en wat as seleksie *albus* en *albescēre*, ook *candidus*, *canus* en *canēre*, *marmoreus* en *niveus* insluit. Hierdie kleurwoorde is alfabeties in vyf rubrieke gerangskik wat *al* die teksgedeeltes bevat waarin hierdie terme voorkom, geselekteer uit die werke van Lucretius en Catullus, ook Vergilius se *Eclogae*, *Georgica* en *Aeneis*. Die rubriek is volgens die *TLL* se verskillende kategorieë georden met elke passasie noukeurig ontleed en met 'n oorsig van bevindinge afgesluit om sodoende Vergilius se tegniek en sy besondere aanwending van terme vir wit te bepaal.

2.1 KLEURWOORDE VIR WIT

I *ALBUS*⁹⁶ en *ALBESCO*⁹⁷

Wat die etimologiese ontleding van hierdie kleurwoorde betref, skyn daar algemene konsensus tussen die verskillende geraadpleegde woordeboeke en -lyste te wees. Volgens Walde-Hofmann se *Lateinisches etymologisches Wörterbuch* (W-H) *ad loc.* hou *albus* verband met die Umbriese *alfu* vir *alba* en die Oskiese *Alafaternum*, ook die Griekse vorme ἀλφός ('bleekwit lepra'), ἀλφούς ('wit') en

⁹⁵ Die frase *mille varii colores* is aangepas uit Vergilius, *Aen.* 4.702 (... [*Iris*] *mille trahens varios adverso sole colores*) en verwys na Iris wat 'n duisend verskillende kleure oor die son trek; so ook *Aen.* 5.89: *mille iacit varios adverso sole colores*.

⁹⁶ Die *TLL* se verskillende kategorieë vir *albus* (I.1502 [reël 67]-1510 [reël 3]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

I Adiectivum: **A** *proprie: color, quo species rerum designantur his locis 1 de animalibus et eis quae terra gignit, continet (plerumque quia partes sunt albae); de hominibus (subest hic illic nota non integrae valetudinis, angoris, timoris aegritudinis, ut sit i.q. pallidus); de bestiis; de avibus et apibus; de cocleis, serpentibus, lumbricis; de arboribus et herbis; de terra, terrae generibus, terrenis, eis gignit; de fluviis, montibus, regionibus (per hypallagen); de membris, corporum partibus, aliis ad corpus pertinentibus rebus: animalium, arborum, herbarum, saepe de fructibus; lapidum, gemmarum 2 de rebus ad vitam et victum pertinentibus: de potu, cibo, liquoribus, cera medicamentis, sim.; de supellectile, vestitu, operibus, armis 3 de caelestibus, aeriis, ventis, luce, die, nubibus 4 color, semel candor: structurae: additur qua re; nomina geographica, quibus inest albus B proverbialiter sive translātē: de rebus corporeis; de rebus incorporeis.*

II Substantivum et pro substantivo: **A** neutr. **album**, -i. **1** *tabula antiquis temporibus alba sive dealbata a magistratuum populi Romani, imprimis praetorum ... b magistratuum municipalium ad decuriones pertinentia ... c in vita privata ... 2 color albus, materia alba B* [nom. sing.] *masc. et fem. albus et alba.*

⁹⁷ Die *TLL* se verskillende kategorieë vir *albescō* (I.1490 [reël 23]-1491 [reël 9]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

[1] *de mari, aquis* [2] *de caelo, caelestibus, luce, die* [3] *de hominibus, animalibus, ad ea pertinentibus rebus* [4] *de arboribus, herbis, vino, aliis quae terra profert* [5] *de aedibus* [6] *translatē i.q. splendescēre* [7] *impersonaliter de tempore matutino* [8] *de opp. cf. Lampr. Comm 10.4.*

Sien ook die *Enciclopedia Virgiliana* (EV) I.85-86 vir verwysings na 'n omvattende uiteensetting.

ἄλφι, ἄλφιστα ('rogmeel'). Die *Thesaurus Linguae Latinae (TLL) ad loc.* bied die Umbriese vorme *alfir*, *alfer* vir die ablatief meervoud *albis*, óók die Sabyense *alpum* vir **album**.⁹⁸ Beide die *Latin Dictionary* van Lewis en Short (L&S) *ad loc.* en die *Oxford Latin Dictionary (OLD) ad loc.* bied ook die Umbriese *alfu*, die Sabyense *alpum (OLD)* en *alpus (L&S)*, maar ook met insluiting van die Griekse ἀλφός ('bleekwit lepra'). De Vaan (2008:32 *ad loc.*) lys die Proto-Italiese **alfo-*, 'wit,' die Umbriese *alfu* (akk. mv. n.), en *alfir*, *alfer* (abl. mv. n.) 'wit'. Price (1883:15) konstateer bloot 'n verband tussen **albus** en 'n Indo-Germaanse stamvorm **albh* wat ongekwalifiseer voorkom, ook met verwysing na die Griekse ἀλφι en ἄλφός.

Verskeie Latynse kleurterme word met die stam **alb-* gevorm wat onder andere die volgende insluit: *albus*, *albeo*, **albescō**, *albico*, *albitudo*, *albulus*, **albus** en *inalbesco*, waarvan slegs **albus** en **albescō** in die *Georgica* voorkom.

Beide **albus** en *candidus* kom met die betekenis 'wit' voor.⁹⁹ Nietemin is hierdie twee terme nie sinoniem nie en word die verskil raak opgesom deur Servius *ad Geor.* 3.82: *aliud est candidum esse, id est quadam nitenti luce perfusum, aliud album, quod pallori constat esse vicinum* ('dit is een ding om *candidus* te wees, deurdrenk met die een of ander glansende lig; [maar] 'n ander om **albus** [te wees] wat vir seker aan 'n dowwe kleur grens'). André (1949:26) verwys ook na die term as "... *le blanc dépourvu de l'éclat ...*" – die kleur 'wit' wat van alle glans ontnem is, dus 'dofwit'. W-H se definisie van **albus** as 'glansend wit' ('weißglänzend') het blykbaar nie hierdie vroeë definisie van Servius in ag geneem nie, want 'glansend wit' is juis die onderskeidende kenmerk van *candidus*, maar nie van **albus** nie. Die *TLL* verwys hoofsaaklik na 'wit' sonder enige verwante tinte of skakerings. Sou die klem wel op glans geplaas word, word die term gekombineer met 'n bykomende woord wat die glans beklemtoon, soos aangedui in die *TLL s.v. albus* I.A.4: *color, semel candor* met verwysing na 'n enkele voorbeeld van 'n 'glansryke wit' in Apuleius, *Met.* 11.3: <*tunica*> ... **albo candore lucida** ('... 'n helder [kleding] met 'n **wit** glans'). Dit is moontlik dat W-H die invloed van die bykomende woord wat verband hou met glans buite rekening gelaat het.

⁹⁸ Die kleuradjektief **albus**, eerder as *candidus*, kom meer algemeen van plekname voor (onder andere *promuntorium album* in Plinius Maior, *Nat.* 3.3 en Kreta se **albi montes** in *Nat.* 16.141 en 31.44). Volgens André (1949:26) en L&S *ad loc.* kom 'n eiesoortige probleem voor vanweë die pre-Indo-Europese vorme **alb-* en **alp-*, met die betekenis 'hoogte'. Hiervolgens sou die naam *Alpes* verbind kan word met laasgenoemde betekenis wat dan verband sou hou met die 'hooggeleë' Italiaanse stad, *Alba Longa*. Daarenteen wys W-H *ad loc.* daarop dat beide hierdie name geen Indo-Europese stam **alb-* ('berg') bevat nie, en ook nie deur die Griekse vorm λόφος, 'heuvel' of 'rif,' of die Indo-Germaanse wisselvorm **alobh-* ('hoog') beïnvloed is nie. De Vaan (2008:32) verwys na Paulus *ex Fest.*: **album**, *quod nos dicimus, a Graeco, quod est ἀλφόν, est appellatum. Sabini tamen alpum dixerunt*. Hiervolgens het die *Sabini* gewoonlik *alpus* in plaas van **albus** gesê (wat neerkom op die transponering van die Etruskiese '-p-' vir '-b-'), waarvolgens die afleiding gemaak kan word dat **albus** in hierdie konteks suiwer chromatiese gebruik word.

⁹⁹ 'n Wit kleur kan ook met die adjektief *lacteus*, -a, -um (afgelei van die selfstandige naamwoord *lac*, *lactis*, n. 'melk') uitgebeeld word. Poëties dui die adjektief op die betekenis 'vol van melk' of 'gevol met melk,' terwyl die primêre betekenis 'melkerig' of 'bestaande uit melkerige sap' is. Oordragtelik is die chromatiese betekenis 'melkwit' of 'met die kleur van melk' (L&S). Die term verskyn slegs een keer in *Geor.* 2.524-25: ... *ubera vaccae | lactea demittunt* ... ('... die koeie se uiers hang laag van melk ...'), terwyl daar twee voorbeelde van die woord in die *Aeneis* is, telkens met die chromatiese betekenis van 'n persoon se nek: 8.660-61: ... *tum lactea colla | auro innectentur* ... ('... hul wit nekke is met goud omvleg ...'); en 10.137-38: ... *fusos cervix cui lactea crinis | accipit* ... ('... sy hare kartel oor sy wit nek ...').

Volgens Vels Heijn (1951:78-79) word die term *albus* (met die aanduiding vir ‘wit’ in Grieks: καὶ ἔξοχῆν) van voorwerpe met ’n natuurlike wit kleur gebruik en hoewel beide *albus* en *candidus* aanvanklik met glans (‘relatiewe helderheid’) verbind is, het *albus* mettertyd die kleuraanduiding ‘wit’ of ‘dofwit’ verkry.¹⁰⁰ Soos reeds aangedui, word die term dikwels met ’n woord vir glans gekombineer, onder andere *refulsit* in Horatius, *Carm.* 1.12.27-28: ... *alba nautis / stella refulsit* (‘... die **blinkwit** ster het vir die seelui geglinster’).¹⁰¹ So ook word *nitēre* en *albus* van Chloris se voorkoms gebruik in 2.5.18-20: *non Chloris albo sic umero nitens / ut pura nocturno renidet / luna mari ...* (‘Chloris met haar **wit** arms is nie so glansend soos ’n helder maan wat in die nag op die see weerkaats nie ...’; vgl. *TLL* I.A.1: *de membris, corporum partibus*, maar vanweë die maan se helder lig, moontlik ook *TLL* I.A.3: *de caelestibus, aeriis, ventis, luce, die, nubibus*).¹⁰²

André (1949:26-27) beoordeel die kleurwaarde van *albus* as ‘wit’ wat gestroop is van enige glans wat ook deur L&S en die *OLD* aangedui word. Die primêre betekenis van *albus* is dus ‘wit,’ ‘dofwit’ of ‘glansloos wit,’ waarmee daar vir die doel van hierdie studie volstaan word.

Soos aangedui in die geraadpleegde woordeboeke, is die betekenismootlikhede van beide die terme *albus* en *albesco* geensins problematies nie. Hoewel laasgenoemde selde voorkom, is die uiteensetting in veral die *OLD* redelik volledig, en sluit dit tog die bykomende nuanse in wat op glans dui met die betekenis ‘om helder te word’ of ‘om te gloei,’ met as voorbeeld die vaste uitdrukking *albescēte caelo* (‘teen dagbreek’) in Paulus, *Dig.* 28.2.25 (*OLD*). Ook in Valerius Flaccus, *Arg.* 3.258 word die kleurwerkwoord met glans vereenselwig wat as ’n slegte voorteken beskou word: *orta dies notaeque (nefas) albescēre turrets* (‘teen dagbreek het die bekende torings **begin gloei**’). In laasgenoemde geval is die fokus nie soseer op die verandering van kleur nie, maar eerder op die lig of die gloed wat in glans toeneem.

Hieronder volg in breë trekke die soort konteks waarin die woorde voorkom.

By die uitbeelding van diere en voëls kom *albus* meestal met die primêre betekenis voor. Hoewel Plautus se frase *quadrigis albis* in *As.* 279 (vgl. *TLL* I.A.1: *de animalibus*) suiwer chromaties op die wit

¹⁰⁰ Ennius onderskei baie duidelik met *albus* tussen die voorkomste van ’n opkomende en ondergaande son. In *Ann.* I.xlvii.87 (92) (Skutsch) (... *simul aureus exoritur sol*) gebruik hy *aureus* van ’n glansende sonsopkoms, maar *albus* van die sonsondergang in *Ann.* I.xlvii 84 [89] (Skutsch): *interea sol albus recessit in infera noctis* (‘intussen het die **dofwit** son in die duisternis van die nag weggesak’; vgl. *TLL* I.A.3: *de caelestibus, aeriis, ventis, luce, die, nubibus*). Volgens André (1949:28) kom die son in laasgenoemde passasie in die konteks ‘bleek’ of ‘dofwit’ voor in kontras met die duisternis van die nag. Opvallend is die frase *candida ... lux* in die direk-opeenvolgende versreël 85 (90) wat glans aanduidend is.

¹⁰¹ Horatius verwys hier na die flonkerende lig (*refulsit*) van veral die tweelingster, Castor en Pollux wat seelui beskerm en dus op ’n kalm see dui. Volgens Nisbet en Hubbard (1970:153-54 n.27) kan dit ’n verwysing na St. Elmo se vuur wees, hoewel dit eerder met ’n blou lig verband hou. Clarke (2003:21) verwys na Alkaios wat die vermelde vuur met Castor en Pollux vereenselwig en met die woord λαμπρός beskryf wat op ‘glans’ eerder as die kleur ‘blou’ dui. Gevolglik kan *albus* se oordragtelike betekenismootlikheid, ‘gunstig,’ hier gebruik word (ook met verwysing na André 1949:27, 31); vgl. *TLL* I.B *proverbialiter de rebus incorporeis*.

¹⁰² Sien Nisbet en Hubbard (1978:89-90 n.18) vir die poëtiese gebruik van die woord *umerus*. Gewoonlik word *albus* nie met vroulike skoonheid geassosieer nie, maar hier bepaal die term die strale van die maan wat op die meisie skyn, dus die maan se dowwe wit glans as oksimoron saam met *nitens*. Hierdie uitbeelding verwys terug na Sappho 96.9 ff. wat ’n meisie met die maan vergelyk wat helderder as die sterre skitter: φάος δ’ ἐπι | σχει θάλασσαν ἐπ’ ἀλμύραν | ἴσως καὶ πολυανθέμοις ἀρούραϊς. Sien ook die frase *alba brachia* in Martialis 11.84.2-4: *tonsorem fugiat ... Antiochum. / alba minus saevis lacerantur brachia cultris / cum furit ... enthea turba ...* (‘hy moet die barbier Antiochus vermy; **wit** arms word met minder wrede messe vermink, wanneer die rasende menigte te kere gaan’). Die menigte (*turba*) waarna Martialis verwys, sluit vroue en ontmande volgelinge van Kubele in, net soos Attis se wit hande wat deur *niveus* bepaal word in Catullus 63.8 (vgl. *TLL* I.A.1: *de hominibus*).

vierspan kan dui, kan die frase ook metafories met spoed verbind word wat baie paslik in Afrikaans as ‘blitssnel’ vertaal word (vgl. *TLL* I.B: *proverbialiter*).

Die term *albus* het ook betrekking op die mens, aangesien dit iemand se bleek voorkoms (soos van *pallidus* of *pallens*) uitbeeld wat die effek van swak gesondheid, woede, onsteltenis of vrees kan wees (vgl. *TLL* I.A.1: *de hominibus*). In Plautus, *Capt.* 647 dui die frase *corpore albo* op Aristophontes se ligte velkleur; in Horatius, *Carm.* 2.2.15-16 kom die frase *albo corpore languor* voor van ’n ‘sieklieke’ bleekheid (vgl. Nisbet en Hubbard 1978:46) en in Ovidius, *Am.* 1.7.51 kan dit met onsteltenis vereenselwig word: *adstitit illa amens albo et sine sanguine vultu* (‘sy het daar gestaan, oorstelp, en met haar bleek gesig gedreineer van bloed’; vgl. *TLL* I.A.1: *de hominibus*). Plautus gebruik die vaste uitdrukking *albis dentibus* van tande in *Epid.* 429-30: ... *albis dentibus* / ... *derideret* (‘... hy het [iemand] wittand uitgelag’; vgl. *TLL* I.A.1: *de membris corporum partibus*). Ook hare en baard kan wit, maar in realiteit, ook grys, wees.¹⁰³ Vir sulke uitbeeldings word die frases *barba alba* en *capilli albi* gebruik wat metafories ook op ’n hoë ouderdom of bejaardheid kan dui (*OLD*).¹⁰⁴ Wanneer *albus* beendere bepaal (sien ook *albēre* in voetnoot 136), kan dit volgens André (1949:29-30) met ’n dofwit of gryserige kleur vereenselwig word, onder andere in *Aen.* 5.864-65 (sien *infra*). Die uitgebreide betekenis, ‘witgeklee’ (vgl. *TLL* I.A.2: *de vestitu*) of ‘witgemark,’ kom ook in die *OLD* voor, met as voorbeeld Juvenalis, *Sat.* 1.111 (*nuper in hanc urbem pedibus qui venerat albis*) wat verwys na die witgekalkte voete van ’n uitlandse slaaf wat bestem is vir die slawemark; vgl. *TLL* I.A.1: *de membris*.

Hierdie term bepaal bome (*alba populus* in Horatius, *Carm.* 2.3.9), plante (*murtum coniugulum et album et nigrum*) in Cato, *Agr.* 8.2 en *hedera alba* in Vergilius, *Ecl.* 7.38 [sien *infra*]), bloeisels (*albo flore piri* in Vergilius, *Geor.* 2.71-72; sien *infra*) en blomme (*alba parthenice* in Catullus 61.187[194]), ook die *viola* wat Plinius Maior, *Nat.* 21.27 met verskillende kleure beskryf: *plurima sunt genera, purpureae, luteae, albae* (‘die meeste soorte [se kleur] is purper, ligroos [en/of] wit’; vgl. *TLL* I.A.1: *de arboribus et herbis*). Hierdie gebruik van *albus* is in omgangstaal vasgelê en het deur die eeue in botanie konstant gebly (vgl. André 1949:27). As tipering van olywe dui die term *albus* op onryp (dus ‘groen’) vrugte in Cato, *Agr.* 119: *ex oleis albis nigris variisque nucleos eicito* (‘verwyder die pitte van onryp, ryp [let. ‘swart’] en gespikkelde olywe’; vgl. *TLL* I.A.1: *de arboribus et herbis*). Hoewel Horatius, *S.* 2.4.29 die kleurwoord van Cos se witwyn gebruik (... *sed albo non sine Coo* [*sc. vino*]); vgl. *TLL* I.A.2: *de potu*), is ‘witwyn’ streng gesproke nie wit nie, maar wel liggeel (wat nie as sodanig deur die *TLL* aangedui word nie). In hierdie konteks kan die term se uitgebreide betekenis ‘helder’ of ‘deurskynend’ ook ter sprake wees wat wel in die *OLD* voorkom.

¹⁰³ In Plautus, *Bac.* 1100-1 hou Chrysalus ’n prostituut as sy vrou voor en kul die arme Nicobolus met ’n slim slenter uit baie geld; vgl. *TLL* I.A.1: *de membris, corporum partibus... animalium* [sonder aanduiding van *hominum*]:

Nic. *cano capite atque alba barba
miserum me auro esse emunctum.*

Nicobolus: Arme ek [wat] met my grys hare en wit baard uit my geld verneuk is.

¹⁰⁴ In die *OLD* word die saamgestelde woord, *albicapillus* (*albus* plus *capillus* [‘wit hare’]), gelys wat slegs voorkom in Plautus, *Mil.* 631: *si albicapillus hic, videtur neutiquam ab ingenio senex* (‘al is hierdie man se hare wit, het hy geensins die ingesteldheid van ’n ouman nie’).

By die tipering van wind, dui die kleurwoord oordragtelik op ‘skoon’ of ‘helder’ lug, dus sonder enige stormwolke wat gunstige weersomstandighede kan aandui. Sien Horatius, *Carm.* 1.7.15-16: *albus ut obscuro deterget nubila caelo / saepe Notus ...* (‘soos die **gunstige** suidewind dikwels wolke uit ’n betrokke hemelruim wegwaai ...’; vgl. *TLL* I.A.3: *de ventis*).

Die term *albus* word soms met *niger*, maar merendeels met *ater* gekontrasteer wat insgelyks op ’n dowwe, glanslose swart dui (vgl. *TLL* II.A.2: *color albus*). Volgens Wilkins (1965:325) kan die oordragtelike betekenis van hierdie twee terme in beide prosa en poësie onderskeidelik op goeie of slegte geluk dui, soos dié wat ’n godheid (die *Genius* of ‘besielende gees’) aan elkeen uitdeel. Sien Horatius, *Ep.* 2.2.187, 189: *scit Genius, natale comes qui temperat astrum | ... | ... albus et ater* (‘die godheid weet watter metgesel ... **voorspoedig** en ramspoedig ... ons geboorte-ster beheer’; vgl. *TLL* I.B: *proverbialiter*). ’n Rustige of voorspoedige dag, *albus dies*, kan teenoor ’n ramspoedige dag, *dies ater*, gestel word.

Die *TLL ad loc.* verwys na die verwante *verbum inceptivum albesco, albescere* met die Griekse vorme λευκαν-θίζω, λευκαίνω; *albescit* διαφάει. Die agtervoegsel *-sco, -scere* kan uitdrukking gee aan die aanvang van ’n handeling (vgl. Mountford 1988: *ad loc.*) wat in die geval van ’n kleurterm die geleidelike kleurverandering aandui, soos beskryf deur Isidorus Hispalensis, *Differentiae* 1.36: ... *albentem dicimus eum, qui iam albus, albescentem eum, qui incipit* (‘... ons beskryf hom/dit wat reeds wit gemaak is as *albentem* [wit], en die een/dit wat **begin [wit word] albescentem**’). Die moment van die kleurverandering kan verder ook met woorde soos *coepisse* en *incipere* beklemtoon word (aldus die *TLL*). Volgens André (1949:244) is die kleur van ’n voorwerp wat kleurverandering ondergaan, onstabiel wat sou beteken dat ’n voorwerp ’n nuwe kleur kan aanneem op presies dieselfde oomblik wanneer die vorige kleur afgelê is. Hierdie kleurwisseling kan met *albescere* se primêre betekenis, ‘om wit te word,’ weergegee word. Hierby voeg die *OLD* ook die betekenis moontlikheid ‘om wit te word van ouderdom’ wat veral van baard en hare voorkom. Heel besonder is Horatius, *Carm.* 3.14.25-26 se beskrywing van sy eie hare wat wit/grys word: *lenit albescens animos capillus | litum ...* (‘hare wat **wit word**, temper ’n driftige geaardheid ...’;¹⁰⁵ vgl. *TLL* [3]: *de hominibus*).

Volgens die *OLD* is *albesco* se uitgebreide betekenis ‘om langamerhand ligter te word,’ of ‘om te verbleek’. Slegs Ovidius, *Fast.* 5.355, 357 sien ’n verband met rypwordende koring: *cur tamen ut dantur vestes Cerialibus albae | ... | an quia maturis albescit messis aristas* (‘waarom dan word **wit** klere verskaf tydens die *Cerialia* ... of [is dit] omdat die oes **ligter kleur** namate die koringare ryp word?’; vgl. *TLL s.v. albus* I.A.2: *de vestitu*; en *TLL s.v. albescere* [4]: *de aliis quae terra profert*).¹⁰⁶

Die term *albus* kom tien keer in Lucretius voor en *albesco* net een keer. Catullus gebruik *albus*

¹⁰⁵ Toe Horatius nie veel ouer as dertig was nie, verwys hy ook in *Epod.* 17.21 en 23 onderskeidelik na sy ‘vlietende jeugdigheid’ (*fugit iuventas*) en ‘grys hare’ (*capillus albus*). Volgens Nisbet en Hubbard (1978:174 n.15) is hierdie beklemtoning van die wysheid wat met bejaardheid gepaard gaan ’n ironiese oordrywing, veral omdat Horatius reeds op ’n vroeë ouderdom grys geword het.

¹⁰⁶ Die gebruik van die *verbum inceptivum* het hier besondere impak, aangesien dit treffend die fokus plaas op die geleidelike kleurverandering van goue koring wat verbleek namate dit ryp word.

drie keer. Daar is drie voorbeelde van **albus** in Vergilius se *Eclogae*, agt in sy *Georgica* en twee-en-twintig in die *Aeneis* (met die ses verwysings na die pleknaam *Alba Longa* uitgesluit). Die werkwoord **albescō** verskyn twee keer in elk van die *Georgica* en die *Aeneis*.

In wat volg, word alle **alb*-woorde chronologies sonder inagneming van woordsoort aangehaal.

1 By die uitbeelding van diere en voëls (vgl. *TLL* I.A.1: *de animalibus et eis quae terra gignit, continet [plerumque quia partes sunt albae]; de avibus et apibus*)

Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 2.41: *capreoli*¹⁰⁷ *sparsis etiam nunc pellibus albo* (‘[ek het] nou selfs bokkies met **wit** gespikkelde velletjies’).

Corydon probeer om Alexis se liefde te wen met die gawe van twee jong bokkies, waarvan die beskrywing terugverwys na Theokritos, *Id.* 3.34-36 se onbekende bokwagter wat ’n soortgelyke geskenk aan sy geliefde, Amaryllis, bied (vgl. Lipka 2001:35). Volgens *Ecl.* 2. 40-44 is dit duidelik dat Vergilius hierdie beskrywing aanpas: Die kleurwoord verlewendig die uitbeelding met **albo** se primêre betekenis wat op die bokkies se sagte, witgespikkelde velletjies dui wat natuurlik voorkom en nie ’n variasie is soos verkry by die noukeurige teling van vee nie.

ii. Verg. *Geor.* 2.146-47: *hinc albi, Clitumne, greges et maxima taurus / victima, saepe tuo perfusi flumine sacro* (‘hiervandaan, Clitumnus, kom bulle, die **spierwit** kuddes en edelste offerdier wat dikwels in jou heilige stroom gebaai is’).

Die verwysing na troppe vlekkelose, wit kuddes hou verband met bulle wat planmatig vir militêre triomftogte en offerandes geteel word. Servius *ad loc.* onderskei tussen *victimae maiores* en *minores*, waarvan eersgenoemde op hierdie amptelike offerdiere dui (vgl. Richter 1957:206 n.147) en wat Vergilius met die frase *maxima taurus victima* beskryf. **Albi** bepaal met die primêre betekenis die bulle se wit voorkoms wat aan die uitsonderlike water van die Clitumnus toegeskryf word en waarna Plinius Minor, *Ep.* 8.8 verwys: *... fons ... patescit purus et vitreus ut numerare ... relucens calculos possis* (‘... die fontein ontspring skoon en helder, sodat jy die glansende klippies kan tel’). Soos in Propertius 2.19.25-26 (*qua formosa suo Clitumnus flumina luco / integit, et niveos abluit unda boves*) het die wit bulle van die Clitumnus ’n *topos* in die Oudheid geword (vgl. Thomas 1988a:183 n.146-7).¹⁰⁸ Die effek van die helder, suiwer water op die bulle word egter uiteenlopend geïnterpreteer: Volgens Servius (sien Mynors 1990:121 n.146-8; Erren 2003:364-65) word bulle wit by die drink van hierdie water en hy staaf sy siening met ’n verwysing na Plinius Maior, *Nat.* 2.230 wat egter foutiewelik die fenomeen nie

¹⁰⁷ Die woord *capreoli*, hier van jong reebokkies, kom as ’t ware as ’n verkleinwoord voor (vgl. Clausen 1994:77 n.40-1, met verwysing na W. Schulze, *Kleine Schrifte* [1966]) en kan moontlik planmatig deerniswekkend wees. Volgens Servius *ad loc.* verdwyn die bokkies se spikkels na ses maande (vgl. Coleman 1977:100 n.41) wat daarop dui dat Corydon se bokkies nog besonder klein is.

¹⁰⁸ sien Mynors (1990:121 n.146-8) se verwysing na Gisùè Carducci, *Alle fonti del Clitumno*: ‘bei giovenchi dal quadratopetto, | ... dolci negli occhi, nivei, che il mite | Virgilio amava.’

in Umbrië nie, maar in die omgewing van *Falerii* plaas. Met verwysing na *perfundī* meen Conington (1881:232 n.147) en Thomas (1988a:183 n.146-7) tereg dat die Clitumnus se water eerder die bulle (skoon en) wit was.¹⁰⁹ Sien ook Plinius Maior, *Nat.* 8.183: *hinc victimae opimae et lautissima deorum placatio* ('hiervandaan [kom] die voortreflikste offerdiere as skoonste/reinste versoening vir die gode'). *EVI.85 s.v. albus* verwys na die wit voorkoms van die bulle wat vir beide die gode en die priesters baie aanneemlik sou wees, sodat die kleurterm hier 'n godsdienstige konnotasie verkry.

iii. Verg. *Geor.* 2.465: *alba neque Assyrio fucatur lana veneno* ('[die landbouer se] **wit** wol word nie met Assiriese kleurstof verwerk nie').

Al te gelukkig sou die landbouers wees, as hulle bewus sou wees van hul seëninge (458-59). Hulle word nie gekwel deur magsvertoon, 'n obsessie na rykdom (*amor habendi* in *Aen.* 8.327)¹¹⁰ of eksotiese kleurstof vir hulle wit wolklere nie. Aangesien wol ook gewas kon wees voordat dit verwerk is, dui *alba* met die primêre betekenis nie alleen op keurwol se wit kleur nie, maar ook op die skoonste en suiwerste vorm daarvan.¹¹¹ Skynbaar beskou Vergilius wol deurgaans as suiwer wit sodat die frase *alba lana* metafories op die eenvoud en blakende opregtheid van die landbouer kan dui (vgl. Putnam 1970:155 en ook *EVI.85 s.v. albus*).

Die kleurwoord *alba* word planmatig in die beklemtoonde aanvangsposisie van reël 465 geplaas verwyder van *lana* wat deur die woorde *Assyrio fucatur*¹¹² en *veneno* omraam word.¹¹³ Die frase *Assyrio ... veneno* word met purper kleurstof, waarskynlik *murex*, vereenselwig wat op morele verval dui, terwyl *corrumpitur* (466) as kontras van eerbaarheid (460: *iustissima*) voorgelou word (vgl. Richter 1957:253 n.464). Die skending van wol as natuurlike produk word veral beklemtoon.¹¹⁴

¹⁰⁹ In Grieks word vee volgens Irwin (1974:215) met ἀργός bepaal omdat hulle velle blink, terwyl Kober (1932:14) twee voorbeelde bied van ἀργός wat chromaties 'wit' van vee gebruik word deur die liriese digter, Pindaros, O. 13.69 en Euripides, IA 574-75. Sien ook Clarke 2003:158 n.122.

¹¹⁰ Die frase *Ephyreia aera* (464) dui onder andere op die uitsonderlike koperware van Korinthe wat deur Mummius (146 vC) geplunder is en wat as aanklag teen Rome se aristokrasie gehou is vanweë hul hebsug. Sien Suetonius, *Aug.* 70.2: ... *pretiosae suppellectilis Corinthiorumque praecipidus* ('... 'n gierige sug na kosbare ameublement en Korinthise ware'; vgl. Richter 1957:253 n.464).

¹¹¹ 'n Skaapboer het sy wol gewas of ongewas (*sucidum*) verkoop, al na gelang van die ligging van sy plaas, die wyse van vervoer na die mark, die beskikbaarheid van water en die tipe wol. Hoewel ongewaste wol swaarder is vanweë die natuurlike olies in die vag, het hierdie oliërigheid die spinproses aansienlik vergemaklik en was dit ook volgens Plinius Maior, *Nat.* 18.225 redelik waterdig (vgl. Frayn 1984:142-53). Wol is gewoonlik gekleur voordat dit gespin is en, aangesien dit hidroskopies is, kon die kleurproses baie suksesvol afgehandel word (vgl. Sebasta 1994b:73).

¹¹² Volgens Erren (2003:513 n.465) kom die woord *fucatur* eerder as die gebruiklike *imbuitur* of *tingitur* hier vir die eerste keer voor met betrekking tot die kleur van tekstiele. Ook dui die frase *Assyrio ... veneno* (laasgenoemde in die plek van *fucatur*) op purper wat in werklikheid nie van Assirië afkomstig is nie, maar inderdaad aan die Palestynse kus verwerk is. Skynbaar wil Vergilius die idee tuisbring dat die purper kleurstof van die Ooste die sedes ondermyn.

¹¹³ Hoewel Conington (1881:270 n.465) meen dat *fucatur* en *venenum* nie soseer minagting gebruik is nie, verwys Page (1968:282 n.465) na Horatius, *Epod.* 2.1.207, waar *venenum* wel met negatiewe nuanse voorkom: *lana Tarentino violas imitata veneno* ('die [akteur se] wolkleed wat met Tarentum se gifgoed [die kleur van] "viooltjies" naboots').

¹¹⁴ Horatius, *Carm.* 3.5.27-30 stel die eindproduk van 'n kleurproses gelyk aan die onomkeerbare gevolge van lafhartige optrede:

... *neque amissos colores
lana refert medicata fuco,
nec vera virtus, cum semel excidit,
curat reponi deterioribus.*

... wol wat met kleurstof behandel is, kry nie verlore kleure [*i.e.* die oorspronklike witheid] terug nie, net soos opregte manne moed wat een maal [ἄπαξ] verlore geraak het, nie aan lafaards terugbesorg kan word nie.

iv. Verg. *Geor.* 3.56-57: *nec mihi displiceat maculis insignis et albo, / aut iuga detrectans ...* ('dit sou my nie pla as [n koei] **wit** kolle het of n juk nie kan verdra nie ...').

Boek 3 se *prooemium* is gerig aan die beskermkragte van hierdie boek se onderwerpe met as tussenwerpsel n belofte van toekomstige hulde aan Caesar (46-48). Vergilius gaan dan voort met die tema van hierdie afdeling, naamlik die noukeurige seleksie (*dilectio*) van aanteelvee (49-94). Indien die veeboer sterk bulle vir ploegwerk wil teel, is dit opvallend dat die heel beste teelkoei – maar nie die stoetbul nie – baie noukeurig en volgens bepaalde riglyne uitgesoek moet word (51: *legat*).¹¹⁵ Geaardheid en voorkoms is belangrik: Kolle, vlekke, merktekens en kleur dui as *signa* op die kwaliteit en algemene kondisie van die dier.¹¹⁶ Varro, *R.* 2.5.8 wys op die verskillende kleure wat by vee voorkom: ... *colore potissimum nigro, deinde robeo, tertio helvo,*¹¹⁷ *quarto albo; molissimus enim hic, ut durissimus primus* ('... die beste kleur is swart, dan rooi, ook geelbruin en vierdens **wit**; laasgenoemde is die tingerigste, eersgenoemde die gehardste').¹¹⁸ Hieruit blyk dit dat skrywers wel aan sekere kleure voorkeur gee, maar geensins bont of gevlekte diere vermeld nie.¹¹⁹ Moontlik staan Vergilius met die litotes *nec ... displiceat* (56) bovermelde siening van Varro teen deur die kolle van die beste aanteelkoei met die primêre betekenis van *albo* te beklemtoon (vgl. Richter 1957:271 n.55).

v. Verg. *Geor.* 3.81-83: ... *honesti / spadices, glaucique, color deterrimus albis / et gilvo ...* ('... die mees gesogte is neutbruin perde en bloukimmels, die onaanvaarbaarste kleur by **naaswittes** [neig] ook na liggeel ...').

Sien XXI. *SPADIX*; XXIV. *GLAUCUS* 3; en XIV. *GILVUS*. Na sy uiteensetting van die ideale aanteelkoei fokus die digter op n jong vulletjie van n edele bloedlyn.¹²⁰ Soos reeds van koeie aangedui

¹¹⁵ Volgens n Hellenistiese inskripsie word n sekere Paramonos in n dekreet vereer, aangesien hy aan die stad en spesifiek aan die kultus van Asklepios n koei (βοῦς ἀγελαῖα) geskenk het vir die teel van n heilige kudde (vgl. McInerney 2010:153). Hoewel die kleur van die koei nie vermeld word nie, blyk dit uit hierdie inskripsie dat die teel van uitsonderlike diere op die noukeurige seleksie van die vroulike dier berus het.

¹¹⁶ *Signa* (ook deur die werkwoord *signare* aangedui) en *praecepta* speel n besondere rol in die *Georgica*. Daar is twee-entwintig voorbeelde van voortekens wat onder andere weersomstandighede aandui, hetsy met die woord *signa* of met die werkwoord *signare* in 1.229, 239, 257, 351, 354, 439 [twee keer] en 463; so ook die simptome van siekte in 3.440, 503 en 4.253. Volgens Perkell (1989:153-54) is die oorsprong daarvan soms onduidelik en troef dit bestaande kennis en ervaring, veral dié wat op storms, passie en plaë dui sodat daar geen vertroue in die eens betroubare tekens is nie.

¹¹⁷ Sien L&S *s.v. helvus*: ... [perh. a weakened form of gilvus, yellow], light bay. Volgens die *Tweetalige Woordeboek* word 'bay' as 'rooibruin, kastaingbruin; vos(kleurig)' vertaal wat nie strook met die Latynse kleurwaarde nie. Die *OLD* bied tereg die kleur as n dowwe geel of (die Engelse) 'dun,' ook in Paulus 88.18: *color boum, qui est inter rufum et album, appellatur helvus* ('die kleur van beeste wat tussen dofgeel en wit is, word *helvus* genoem'). André (1949:151) beskou die kleur as 'gelerig' (*jaunâtre*) met rooierige ondertone en Vels Hein (1951:57) verwys na die skaars terme *helvius, helveolus, helvinaceus* en *helvinus* wat in omgangstaal op die geel of geelbruin kleur van beide beeste en wyn dui. In Cato, *Agr.* 6.4 kom die woord *helvolum* voor wat geensins deur Vergilius gebruik word nie. Sien ook Hermann en Cagiano de Azevedo 1969:402.

¹¹⁸ Mynors (1990:189-90 n.56) verwys na Columella, *De Re Rustica* 6.1.1-2 wat verskillende beesrasse in Italië se bou en voorkoms vergelyk. In Kampanië word klein wit bulle (*boves ... albos*) aangetref, terwyl groot wittes (*vastos et albos*) en rooieriges (*rubios*) in Umbrië voorkom. Hy verskaf ook detail oor die bou van die ideale bul (opvallend nie die bou van die koei nie) en sluit sy beskrywing af met n verwysing na die hare wat dwarsoor die lyf rooi of geelbruin moet wees (*coloris rubii vel fuscii*).

¹¹⁹ In *Ecl.* 2.41 (sien *supra*, 1.i) verwys Vergilius inderdaad na wit gespikkelde bakkies, maar hulle kom natuurlik voor en is nie n variasie soos wat verkry word by die noukeurige teling van vee nie.

¹²⁰ Volgens Mynors (1990:191-92 n.72-94) is n perd in die antieke wêreld aan vier vereistes gemeet: bou (*forma*), voorkoms (*pulchritudo*), temperament of karakter (*meritum*) en kleur (*color*). Vergilius fundeer sy uitbeelding van die stoetvul slegs op voorkoms (A) en karakter (B) wat in reëls 75-88 afgewissel word: B1 (75-79), A1 (79-83), B2 (83-85) en A2 (86-88).

(56), is kleur 'n belangrike aanduiding (*signum*) van kwaliteit en algemene kondisie, soos ook die geval met skape (387-90) en bye (4.91-93). Vergilius se uitbeelding van perde met die vier kleurwoorde *spadices*, *glaucci*, **albis** en *gilvo* in slegs drie reëls is hoogs uitsonderlik¹²¹ en verwys waarskynlik terug na Varro, *R.* 2.5.8. se beskrywing van vee, ook met vier kleurwoorde (sien *supra*). Volgens André (1949:29) hou die verwysing na wit perde in die algemeen verband met konings en aanvoeders (sien Suetonius, *Dom.* 22 en Plinius Maior, *Nat.* 7.110) wat volgens Mynors (1990:194 n.82-3) mettertyd spreekwoordelik gebruik is.¹²² In die aangehaalde passasie hierbo is die vertaling met veral **albis**, maar ook *gilvo*, problematies, veral omdat Vergilius dit as die 'onaanvaarbaarste kleur' (*deterimus color*)¹²³ bestempel. In 'n poging om die saak te bereedder, onderskei Servius (*ad loc.*) tussen die heroïese perd wat skitterwit is (wat *candidus* of *niveus* bepaal) en dié met 'n naaswit kleur (met **albus** se primêre betekenis) vir alledaagse gebruik. Hierdie onderskeiding kan egter nie in daktiliese versmaat gehandhaaf word nie en is ook strydig met die frase *equis ... albis* in Horatius, *S.* 1.7.8.

Volgens Erren (2003:603-4) dui die terme **albis** en *gilvo* op twee verskillende perde, waarvan die een afwit of vuilwit is en die ander 'n gelerige kleur kan hê.¹²⁴ Vels Heijn (1951:74, ook n.40) verwys na 'paardterminologie,'¹²⁵ waarvolgens *equus albus* op die kleur van 'n perd dui wat nie volkome wit is nie, maar wel 'gryserig' en voeg dan tereg by: "Tegen deze laatste verklaring pleit de sg. *gilvo* na die plur. **albis**." Hierdie is 'n belangrike aspek wat merendeels misgelees word: Die naamwoord *color* kom slegs in die enkelvoud voor wat daarop dui dat 'n enkele kleur hier ter sprake is. Dit sou beteken dat die perd se voorkoms óf wissel tussen die verskillende skakerings van afwit en geel (die Engelse 'shading-off into ...'), óf dit kom voor van 'n witterige kleur wat onsuiver is en na 'geel' neig (die Engelse 'off-white,' dus 'naaswit' of 'vuilwit'). Della Corte (1986b:25 n.82) noem dus tereg dat die

¹²¹ Williams (1979:183-84 n.81-3) beskou hierdie reëls wat oor perde se kleur handel as 'n parentese wat skynbaar die uitbeelding van die stoetvol se vurige geaardheid onderbreek. In Seneca Minor, *Ep.* 95.68 word hierdie passasie aangehaal, maar die reëls wat oor kleur handel, word uitgelaat.

¹²² Wit perde het uitsonderlike aansien geniet en is met epiese figure verbind, waaronder Rhesos in Homeros, *Il.* K(10).436-37: του δὴ καλλίστους ἵππους ἴδον ἢ δὲ μεγίστους | λευκότεροι χιόνος, θείειν δ' ἀνέμοισιν ὁμοιοί ('van hom het ek die mooiste en grootste perde gesien – witter as sneeu en so vinnig soos die winde'); en Turnus in *Aen.* 12.84 (sien xi. in hierdie rubriek). Hul voorkoms hou ook verband met voorspellings in *Aen.* 3.537-38: *quattuor hic, primum omen, equos in gramine vidi ... / ... candore nivali* ('as eerste voorteken het ek hier vier perde gesien wat op die gras wei, [hulle was] so wit soos sneeu') en met Romeinse triomftogte in Tibullus 1.7.8: ... *nitidis currus eburnus equis* ('... 'n strydwa van ivoor met skitterwit perde') en in Propertius 4.1.32: *quattuor hinc albos Romulus egit equos* ('hierop het Romulus vier **wit** perde aangedryf').

¹²³ Volgens McInerney (2010:242) hanteer diere met 'n ligte of wit vel hitte beter as dié met 'n donker of swart vel wat ten nadele hitte absorbeer. Tog tref moderne perdetelers spesifieke voorsorg vir wit perde om te verhoed dat hulle erg deur die son verbrand word wat moontlik Varro se *mollissimus* en Vergilius se *color deterimus* kan verklaar.

¹²⁴ Erren (1985:99) vertaal reëls 81-83: 'Gut sehen Füchse und Braune aus, die schwächste Farbe haben Schimmel und Falben.' Hy onderskei dus tussen vier afsonderlike kleure: 'vosbruin,' 'bruin [*sic*],' 'skimmel [*sic*, sonder enige aanduiding van kleur]' en 'liggeel' wat verskil van sy bevindinge in Band II, 2003 *ad loc.*

¹²⁵ Palladius, *Mart.* 4.13.3-4 (*fl.* 350 nC) bied 'n gedetailleerde uiteensetting (met ander woorde, 'vakterminologie') van perde se kleure (*colores equorum*) wat eie aan sy tyd kon wees (vgl. Erren 2003:603-4). Dit word aanvaar dat hierdie kleurkatalogus gedurende die Augusteïese tydperk korter of selfs eenvoudiger kon wees: *badius* (bruiner as 'vosrooi'), *aureus* ('goudkleurig'), *a(l)bineus* ('witterig'), *murteus* (ook *myrteus* wat na die bruin kleur van die mirt se bas verwys, sien *OLD*), *cervinus* ('hertkleurig'), *gilbus scutulatus* ('geel met maaswerk-patroon'), **albus guttatus** ('wit gevlek'), *candidissimus* ('skitterwit'), *niger pressus* ('dowwe swart'), *varius cum pulchritudine nigro vel a(l)bineo vel badio mixtus* ('mooi gevlek met swart of afwit of vosbruin'), *canus cum quovis colore* ('wit met die een of ander kleur'), *spumeus maculosus* ('skuimkleurig gevlek') en *murinus obscurior* ('donker muisgrys'). Dit is opvallend dat *spadix* en *glaucus* nie ingesluit is nie, terwyl **albus guttatus** op vlekke/kolle dui met *candidissimus*, 'n suiwer wit wat volgens die *TLL ad loc.* 1503 (reëls 50-52) die kleur van die voortreflikste perde kan wees.

onaanvaarbaarste kleur ‘afwit’ is wat bykans gelerig voorkom wat Richter (1957:274-75 n.82 f.) se siening staaf dat ’n ‘onaanvaarbare’ perd geensins met ’n suiwer kleur (dus ‘helderwit’ of ‘glansend wit’) vereenselwig kan word nie. Mynors (1990:194 n.82-83) steun ook bogenoemde met verwysing na Heyne se emendatie *e gilvo* en Georgii se *ex gilvo* (met *ex* wat volgens die *TLL s.v. gilvus* VI.2, 1102 reëls 64-70 van ’n mengsel gebruik word) en staaf ook sy siening met die opmerking dat Vergilius – met sy voorliefde vir variasie – waarskynlik nie dieselfde getal ‘goeie’ en ‘slegte’ kleure sou aanbied nie. Dit sou beteken dat slegs drie kleurwaardes hier ter sprake is: *Spadices* kom van ‘neutbruin’ perde voor, *glaucci* van ‘bloukimmels’ (dus eerder ban die vel as die grys kleur van hul oë), terwyl die frase *albis et gilvo* (of eerder die emendatie *albis e/ex gilvo*) op **afwit** perde dui wat na ’n liggeel kleur neig, of wit perde van ’n onsuiver kleur weens die byvoeging van *gilvus*.

Die saamgestelde kleurwoord *albogilvus*¹²⁶ word deur Servius *ad Geor.* 3.82-83 verwerp (*quod falsum est*): *multi ita legunt ‘albis ... et gilvo,’ ut non album vel gilvum, sed albogilvum vituperet* (‘baie verkies dit so “*albis ... et gilvo*,” om nie “*album vel gilvum*” nie, maar [die samestelling] *albogilvum* te verwerp’). Dit is selfs moontlik dat Vergilius die saamgestelde kleurwoord *albogilvus* of *albiogilvus* hier doelbewus vermy, maar dit is moeilik om met sekerheid te bepaal.

vi. Verg. *Geor.* 3.386-90:

*continuoque greges villis lege mollibus albos.
illum autem, quamvis aries sit candidus ipse,
nigra subest udo tantum cui lingua palato,
reice, ne maculis infuscet vellera pullis
nascentum ...*

En kies onverwyld troppe skape met sagte **wit** wol; al sou die ram self ook spierwit wees, keer hom uit, al is net sy tong swart in sy klam verhemelte, sodat dit nie die pels van die lammers met donker kolle vlek nie ...

Sien II. *CANDIDUS* 3.b.ii; VII. *NIGER* 10.ii. In die volgende afdeling (384-413) fokus Vergilius op kleiner diere wat bokke, skape¹²⁷ en selfs honde (maar nie varke nie) insluit. As inleiding word daar telkens in tien reëls uitgewei oor die produksie van wol (348-93: *si tibi lanitium curae*), die voordele van bokmelk (394-403: *at cui lactis amori*) en die waarde en nut van honde (404-13: *cura canum*).

Vergilius fokus in reël 386 op die voorkoms van die wol wat sag en wit moet wees (vgl. Richter 1957:308-9 n.386 ff.). Aangesien sulke wol besonder gesog is, word die kleur daarvan met drie verskillende kleurwoorde beklemtoon: *albos*, met die primêre betekenis ‘wit’ (386: *greges ... albos*), *candidus* (387: *aries candidus*) en ook *niveo* (391: *munere ... niveo lanae*, maar slegs in sekere

¹²⁶ Die samestelling *albogilvus* word nie in die *OLD* gelys nie, terwyl die *TLL s.v. albogilvus* I, 1498, reëls 54-58 slegs na Servius *ad Geor.* 3.82-83 verwys, met die interessante toevoeging ... *albis et gilvo* (*sc. non gilvus*).

¹²⁷ Van al die kleinvee was skape die belangrikste. Behalwe vir melk en kaas was daar ’n groot aanvraag vir veral wit skaapwol, aangesien alle klasse in die samelewing wol kledingstukke gedra het. Dit was dus ’n belangrike kommoditeit wat in besondere mate tot die ekonomie bygedra het, maar slegs tot en met die eerste eeu nC toe linne populêr geword het (vgl. White 1970:303, 310).

gevalle).¹²⁸ Wat die eerste twee kleurterme betref, kan ons aflei dat *variatio* en metriese vereistes die keuse van 'n spesifieke kleurterm beïnvloed, aangesien daar geen onderskeid van kleurskakering te bespeur is nie. Dit wil ook voorkom asof die digter die voorkoms van skape altyd met 'n spierwit kleur soos dié van gewaste wol vereenselwig, terwyl skape in die praktyk merendeels 'n vuilerige vaal kleur het (vgl. Kober 1932:14). Desnieteenstaande is dit nie die wit kleur van die wol nie, maar die voorkoms van die teelram se tong (en nie dié van die skaapooi nie) waaraan die skaapboer veral aandag moet gee as voorvereiste vir die suksesvolle teling van 'n edele bloedlyn waarna Varro, *R.* 2.2.4 ook verwys.¹²⁹ As die tong swart is (388: *nigra ... lingua*), sal die lammeroes gespikkeld wees (389: *... maculis ... vellera pullis*) en om dit te voorkom, moet so 'n ram uit die trop gekeer word (389: *reice*). Hier val die fokus dus op die kleure wit en swart wat as kleurpaar die aanbeveling of voorskrif aksentueer.

vii. Verg. *Aen.* 3.118-20: *... meritos aris mactavit honores | taurum Neptuno, taurum tibi, pulcher Apollo, | nigram Hiemi pecudem, Zephyris felicibus albam* ('... hy het plegtig op die altare die verpligte offerandes gebring, 'n bul aan Neptunus, 'n bul vir jou, aanvallige Apollo, 'n swart skaap vir die stormgod [Winter], 'n **wit** skaapooi vir die gunstige westewind').

Te Delos offer Anchises die vereiste offerandes. Opvallend is die kontras tussen gunstige en ongunstige weersomstandighede wat hier duidelik onderskei word met die offer van 'n swart skaap aan die onvriendelike stormgod en 'n wit skaapooi aan die aangename westewind.¹³⁰ Die uitbeelding verwys volgens Edgeworth (1992:66) terug na Homeros, *Il.* Γ (3).103-4, as Menelaos voorskrifte gee vir paslike offerandes: οἴσετε ἄρν', ἕτερον λευκόν, ἐτέρην δὲ μέλαιναν, | Γῆ τε καὶ Ἡελίῳ ... ('bring twee skape, 'n wit ram en 'n swart ooi vir Aarde en die Son ...'). Dit is opvallend dat Vergilius die voorkoms van die skaap met *nigram* verbind en nie met die term *ater* nie wat gewoonlik met die Onderwêreld geassosieer word.¹³¹ **Albam** word weer eens met die primêre betekenis 'wit' van die skaapooi gebruik.

viii. Verg. *Aen.* 3.392 (= 8.45): *alba, solo recubans, albi circum ubera nati* ('**wit** lê die sog op die grond; **wit** lê haar werpsel om haar spene').

Helenus voorspel dat Aeneas 'n wit varksog en haar wit kleintjies sal sien as teken van die plek waar die nuwe stad gevestig sal word (393: *is locus urbis erit*). Nie alleen kom beide die vorme, *alba* en *albi*, telkens met die primêre betekenis in hierdie versreël voor nie, maar as beklemtoning kom hierdie identiese profesie in 8.45 voor. Geen bykomende kleurwoorde is in beide hierdie beskrywings ter sprake nie. Etlieke reëls verder, in 8.82, word die profesie oplaas vervul en word daar weer na die wit werpsel

¹²⁸ Sien die besondere gebruik van *niveus* in V. *NIVEUS* 1.b.iv.

¹²⁹ Aristoteles, *H.A.* 6.19.574.a.5 ff. verwys geensins na die vlekke of kolle op die ram se tong nie (vgl. Richter 1957:308-9 n.386 ff), maar volgens Thomas (1988b:114 n.388-9) kom die voorskrif inderdaad voor in Varro, *R.* 2.2.4: *Animadvertendum quoque lingua ne nigra aut varia sit, quod fere qui eam habent nigros aut varios procreant agnos* ('ook moet daarop gelet word dat die [ram se] tong nie swart of gevlek is nie, omdat dié wat dit het, meestal swart of gespikkelde lammers voortbring').

¹³⁰ Die offerande van swart diere dui op 'n godheid wat ontmoedig moet word, terwyl wit diere aan 'n godheid geoffer word, wie se hulp benodig word (vgl. Bailey 1969:45).

¹³¹ Sien ook Hermann en Cagianò de Azevedo (1969:404) vir teksverwysings na offerdiere: *hostiae albae* vir gode van die lig en *hostiae atrae* van chtoniese gode.

verwys: ... *cum fetu concolor albo*. Die varksog, daarenteen, word dan uitsluitlik met die term *candida* uitgebeeld (sien II. *CANDIDUS* 3.b.iii).

ix Verg. *Aen.* 5.565-67: ... *quem Thracius albis / portat equus bicolor maculis, vestigia primi / alba pedis frontemque ostentans arduus albam* ('[Priamos die jongere] ry op 'n tweekleur Trasiese perd wat **wit** gevlek is, [en] opmerklik op die voorpote is die **wit** "sokkies" en hoog op die voorkop die **wit** bles').

Anders as die teelkoei met haar wit kolle (sien *Geor.* 3.56: *maculis insignis et albo*) maak Vergilius in *Geor.* 3.81-83 geen melding van bont of gespikkelde perde nie. In die *Aeneïd*, daarenteen, bepaal die frase *albis ... maculis* die perd van Priamos die jongere, met die kongruent *bicolor* daarby. Die drievoudige herhaling van *albus* beklemtoon met wisselende naamvalle en telkens met die primêre betekenis die perd se opvallende en uitsonderlike wit vlekke of kolle, ook die 'sokkies' en die bles.¹³²

x. Verg. *Aen.* 7.666-68: ... *tegimen torquens immane leonis, / terribili impexum saeta cum dentibus albis / indutus capiti ...* ('... [Aventinus] gooi 'n reeuse leeuveld om sy lyf, [en lyk] skrikwekkend met die woeste maanhare en die **wit** tande oor sy kop getrek ...').

Aventinus het die leeuveld om sy lyf gedrapeer en met die woeste maanhare en die wit tande wat sy kop kroon, kom hy skrikwekkend voor. Vergilius vermy die gekke beskrywing met *fulvus* van 'n leeu se maanhare en beklemtoon slegs die wit kleur van die tande, hier met die primêre betekenis van *albis*.¹³³

xi. Verg. *Aen.* 11.580: *Strymoniamque gruem aut album deicit olorem* ('[Camilla] het 'n Strimoniese kraanvoël of 'n **wit** swaan neergevel').

In haar jong dae het Camilla, die vurige leidster van die Volskiese ras, graag jag gemaak op groot voëls, nou 'n swaan wat *album* met die primêre betekenis 'wit' bepaal. Hierdie tipering met 'n kleurwoord en die verwysing na die bekende voëls van die Strimonrivier verlewendig die uitbeelding.

2 By die uitbeelding van die mens se fisiese voorkoms (vgl. *TLL* I.A.1: *de hominibus [subest hic illic nota non integrae valetudinis, angoris, timoris, aegritudinis, ut sit i.q. pallidus]*)

¹³² *Albis* met die primêre betekenis bepaal ook Turnus se skimmelperd in *Aen.* 9.49-50: ... (*maculis quem Thracius albis / portat equus cristaque tegit galea aurea rubra*) ['...hy ry op 'n Trasiese perd wat **wit** gevlek is en hy dra 'n goue helm met helderrooi pluim']. Dit is opvallend dat hierdie perd nie met 'n 'suiwer' kleur, hetsy *niveus* of *candidus*, beskryf word nie wat wel in *Aen.* 12.84 met omskrywing voorkom: *qui candore nives anteirent ...* ('[perde] wat sneeu in glans oortref het ...'), 'n moontlike terugverwysing na Rhesos se legendariese perde in Homeros, *Il.* K(10).436-37 (sien voetnoot 122). In Boek 9 neem die oorlog in alle erns toe en die kollig val op Turnus wie se voorkoms temasies met drie kleurterme – wit, goud en rooi – beskryf word (vgl. Edgeworth 1992:49). Hy is 'n opvallende figuur met sy goue helm (*galea aurea*) met die rooi pluime (*crista ... rubra*) – 'n beskrywing wat beklemtoon word deur die besondere plasing van die kleurwoorde in reëls 49-50: *albis* en *rubra* kom beide in die laaste versvoete van die onderskeie reëls voor, terwyl *aurea* en *rubra* mekaar direk opvolg. Die kleurimplicasie hier is so belangrik (*crista ... galea aurea rubra*) dat die kruisverbinding ook in 12.247 voorkom: *rubra fulvus ... ales in aethra*.

¹³³ Ook in *Aen.* 11.681 is die enigste kleurwoord *albus* wat met die primêre betekenis die ongedierte se wit tande beklemtoon: *et malae texere lupi cum dentibus albis* (''n wolf se kake met **wit** tande het [Ornytus se kop] bedek'). Hercules word by name vermeld (669) en Edgeworth (1992:67) verwys na 'n soortgelyke beskrywing in Euripides, *H.F.* 361-63 wat slegs na die blonde hare van die held en die vurige kleur van die leeu se bek verwys.

a. Catullus

Cat. 93.2: *nil nimium studeo, Caesar, tibi velle placēre, | nec scire utrum sis **albus** an ater homo* ('ek het geen groot begeerte om jou te wil behaag nie, Caesar, nog om te weet of jy **wit** of swart is').¹³⁴

In hierdie koeplet toon die digter sy minagting van Caesar met die neerhalende frase *albus an ater*. Letterlik word 'n wit of swart gelaat voorgedra as so voor-die-hand-liggend dat, indien iemand nie eers daarin belangstel nie, hy hoegenaamd niks met die persoon te doen wil hê nie.¹³⁵ Fordyce (1966:382 n.2) verwys na Cicero, *Phil.* 2.41: ... *qui **albus** aterne fuerit ignores* ('... [die man] van wie jy net mooi niks weet nie'). Die frase *albus an ater* kan met die bykomende nuanse op minagting dui, waarvan die oordragtelike betekenismoontlikheid in die *TLL ad loc.* met verwysing na Porphyrio as verdrag aangedui is (*qui etiam translatum sensum subesse suspicatus est*).

b. Vergilius

i. Verg. *Aen.* 5.864-65: ... *adeo scopulos Sirenum advecta subibat, | difficilis quondam multorumque ossibus **albos***¹³⁶ ('... só het hulle voortgedryf en op die rotse van die Sirenes afgevaar, eens gevaarlik en nou nog **dofwit/gryserig** met die beendere van baie mense'; vgl. *TLL* I.A.4: *color: structurae*).

Aeneas se vloot nader die Sirenes waar verskeie skepe al op die rotse geloop het. Met *albos* word die dowwe, witterige kleur van die opgestapelde beendere beklemtoon (vgl. André 1949:29) wat 'n uitbreiding van die primêre betekenismoontlikheid van die kleurwoord is.¹³⁷

ii. Verg. *Aen.* 7.417-18: ... *induit **albos** | cum vitta crinis, tum ramum innectit olivae* ('... [Alektó] sit **wit** hare op [haar kop] met 'n offerlint [gebind] en vleg dan 'n olyftakkie daarin'; vgl. *TLL* I.B: *proverbialiter sive translātē: de rebus corporeis*).

Alektó besoek Turnus in die gedaante van Calybe, 'n priesteres van Juno wat haar voorkoms na dié van 'n ou vrou (419: *anus*) verander. Die frase *albos crinis* bepaal die wit hare op haar hoof wat metafories

¹³⁴ Volgens Bradley (2011:143-44) is kritici dit eens dat Catullus se frase *albus an ater* nie na etnisiteit verwys nie. Hy verwys ook na die beskrywing in Catullus 39.12 (*Lanuvinus ater*) wat waarskynlik op 'n songebrande voorkoms dui, hoewel dit ook met negatiewe nuanses gelaai kan wees, soos in Horatius, *S.* 1.4.85 ... *hic niger est, hunc tu, Romane, caveto*. Die term *niger* stereotipeer dus die man wat nie 'n geheim kan hou nie. Reeds so vroeg as Varro is etniese identifikasie tog met kleurterme verbind en in *L.* 8.41 en 9.42 word daar na 'n wit man (*albus*) en 'n swart man verwys: Etnisiteit – 'n swart voorkoms – is inderdaad met *niger*, *ater*, *fuscus* en *Aethiops* uitgebeeld. Volgens Hermann en Cagiano de Azevedo (1969:393) is 'n donker (swart) voorkoms eie aan Etiopiërs en Egiptenare wat uit 'n Hellenistiese en later ook 'n Romeinse beskouing as die effek van sonbrand beskou is.

¹³⁵ Met dank aan 'n eksaminator kan prof Frans Smuts se 'politiek korrekte' vertaling van die tweede versreël hier as alternatief gestel word: "... nog om te weet of jy geel of jy pienk is."

¹³⁶ Vergilius beklemtoon die dowwe kleur van wit beendere eenmalig met *albēre* in *Aen.* 12.36: ... *campique ingentes ossibus **albus*** ('... die uitgestrekte vlaktes is wit van beendere'). Tibullus 3.2 bewerkstellig 'n treffende kontras van lig en donker met *candidus* en *niger* in reël 10: *candidaque ossa super nigra favilla teget* ('[wanneer] daar swart as bo-oor my wit beendere sal lê'); en ook in reëls 17-18: ... *ossa | incinctae nigra candida veste legend* ('... geklee in swart klere sal hulle my wit beendere bymekaarmaak').

¹³⁷ Hierdie uitbeelding verwys terug na Homeros, *Od.* μ(12).45-46: ... *πολύς δ' ἄμφ' ὀστεόφιν θίς | ἀνδρῶν πυθομένων, περὶ δὲ ῥινοὶ μινύθουσι* ('rondom hulle [die Sirenes] is daar 'n groot hoop verrottende mensebene waarom die velle krimp'). Hier kom geen kleurwoord voor nie, terwyl Vergilius in sy weergawe detail byvoeg om die gevaar wat die rotse inhou, te beklemtoon (vgl. Edgeworth 1992:67).

ook op haar hoë ouderdom kan dui.¹³⁸

3 Van blomme en plante (vgl. TLL I.A.1: *de arboribus et herbis*)

a. Catullus

Cat. 61.185-88:

*uxor in thalamo tibi est,
ore floridulo nitens,
alba parthenice¹³⁹ velut
luteumve¹⁴⁰ papaver.*

Jou stralende vrou [bruid] is in die huwelikskamer met 'n blosende gesig, [nou] **wit** soos 'n *parthenium* of [dan weer] ligrooi soos 'n papawer.

In hierdie huwelikslied vergelyk Catullus die voorkoms van 'n blosende bruid met die kleur van twee blomme. Die *parthenium* kan moontlik die wit kamille wees (vgl. Fordyce 1966:252 n.187) wat **alba** met die primêre betekenis 'wit' bepaal. In kontras word die kleur van die papawer met *luteum* verbind wat verband hou met 'n rosige gelaat. As sodanig is hierdie vergelyking beskrywend van 'n bruid wat in maagdelike onskuld beurtelings verbleek en bloos.¹⁴¹

b. Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 2.17-18: *o formose puer, nimium ne crede colori | alba ligustra cadunt, vaccinia nigra leguntur* ('o aantreklik jongman, moenie te veel vertrou in jou gelaatskleur plaas nie; die **wit** blomme

¹³⁸ Die frase *crinis albos* kom ook voor in *Aen.* 9.649-51: ... *ibat Apollo | omnia longaevo similis vocemque coloremque | et crinis albos* ... ('... Apollo het in alle opsigte net soos die ou man [Butes] geloop, ook wat sy stem en gelaatskleur en **wit/grys** hare betref'). Volgens Edgeworth (1992:68) gee die *Codex Romanus* en verskeie MSS van die agtste eeu nC die lesing *crinis flavos* wat baie ooreenstem met die uitbeelding in *Aen.* 4.558-59: *omnia Mercurio similis, vocemque coloremque | et crinis flavos* ... ('in alles is hy soos Mercurius, die stem en gelaatskleur en blonde hare ...'). Hier word voorkeur gegee aan die lesing *crinis albos* wat tiperend is van 'n ou man se voorkoms.

¹³⁹ 'n Wit kleur word met 'n bruid se reinheid en onskuld vereenselwig. Die verwysing na die blom *parthenice* is dus baie paslik, aangesien dit van die Griekse woord *παρθενεία*, 'maagdelikheid' of *παρθένιος*, 'maagdelik' afgelei is (LSJ). Plinius Maior, *Nat.* 22.43 noem die blom *parthenium* of *perdicium* (OLD).

¹⁴⁰ Die kleurwoord *luteus* verskyn nie in die *Eclogae* of die *Georgica* nie en is afgelei van die naamwoord *lutum* wat op 'n kleurpigment dui wat van die plant, *Reseda luteola*, afkomstig is en wat vrylik in Italië beskikbaar was. Vir die bereiding van die kleurstof is die plant saam met die blomme gekook, maar die onstabiliteit van die kleurproses het verskeie kleure opgelewer wat geel of pienk/ligroos ingesluit het (vgl. Edgeworth 1992:137 en Bylaag 6:255-65). Die term kom een keer in die *Aeneis* voor en bepaal Aurora in 7.26: *Aurora in roseis fulgebat lutea bigis* ('in haar rosige tweespanwa het Aurora geel geglinster'). Sargeaunt (1919:73), daarenteen, bied verskeie kleurskakerings: 'n diep-geel, goudgeel of selfs 'n bottergeel (maar nie 'pienk' of 'ligroos' nie). Volgens Stearn (2004:460) dui die afgeleide kleurwoord *luteus* botanies op 'n dieper geel as *flavus* wat nie soos *croceus* na rooi neig nie. Die inskrywing van L&S (met betekenismoontlikhede 'goudgeel,' 'saffraangeel' en 'oranjegeel') weerlê hierdie standpunt, aangesien *luteus* tradisioneel as 'vlamkleurig' met 'n huwelik verbind is. Sien Catullus 61.8-10 en Plinius Maior, *Nat.* 21.8. Ook Hersch (2010:95-96) beskryf die opvallende kleur van die bruid se sluier en skoene as *lutei*, 'n diep oranje-geel.

¹⁴¹ Die uitbeelding van 'n blosende gelaatskleur is 'n populêre tema in poësie. Sien Tibullus 3.4.30-34:

*et color in niveo corpore purpureus,
ut iuveni primum virgo deducta marito
inficitur teneras ore rubente genas,
et cum contextunt amarantis alba puellae
lilia et autumnno candida mala rubent.*

En oor die sneeuwit liggaam was 'n skarlakenrooi blos, soos 'n maagd wat vir die eerste keer na haar jong bruidegom [se huis] begelei is, [en] wie se delikate wange met 'n rooi gloed gekleur word, ook soos **wit** lelies wat jongmeisies ineenvleg met hanekam, en wit appels wat in herfstyd rooi verkleur.

Sien ook Ovidius, *Am.* 2.5.33-34: ... *at illi | conscia purpureus venit in ora pudor* ('... maar 'n skarlakenrooi skaamtegloed spreid selfbewustelik oor haar gesig'); en *Aen.* 12.67-69 (sien 3.b.vi, *infra*).

van die liguster val af, [maar] donker “hiasinte” word gepluk’).

Die herder Corydon is dol verlief op Alexis, maar hy betreur sy onvermoë om die liefde van die jongman te wen. As vertroetelde huisslaaf (2: *delicias domini*) behou Alexis ’n ligte velkleur,¹⁴² waaroor hy hom nie aanstellerig moet hou nie, want gelaatskleur is onbelangrik (vgl. Coleman 1977:95 n.16-17).¹⁴³ Somtyds word ’n donker kleur bo ’n ligte een verkies, soos wanneer donker ‘hiasinte’ (*vaccinia*)¹⁴⁴ doelbewus gepluk word eerder as wit ligusterblomme, hier met *alba* se primêre betekenis bepaal.¹⁴⁵

ii. Verg. *Ecl.* 7.37-38: *Nerine Galatea, ... | candidior cynnis, hederiformosior alba* (‘Galatea, dogter van Nereus, jy is witter as swane en mooier as die wit klimop’).

Net soos Poluphemos in Theokritos, *Id.* 11.19-20 vir Galatea besing en haar skoonheid met ryk, wit wrongel en ’n sagte lammetjie vergelyk (Ὠ λευκά Γαλάτεια, τί τὸν φιλέοντ’ ἀποβάλλῃ, / λευκότερα πακτᾶς ποτιδεῖν, ἀπαλωτέρα ἀρνός), só ook sing Corydon van sy Galatea. Vir hom is sy geliefde se wit voorkoms mooier as dié van swane en klimop.¹⁴⁶ Vergilius omraam reël 38 met twee kleurwoorde vir wit – *candidior* en *alba* (met die primêre betekenis) – wat só die klem op die skoonheid van die nimf plaas wat as inspirasie dien vir hierdie besondere beskrywing.¹⁴⁷

iii. Verg. *Geor.* 2.70-72: *et steriles platani malos gessere valentis, | castaneas fagus;¹⁴⁸ ornusque incanuit albo | flore piri, glandemque sues fregere sub ulmis* (‘en onvrugbare platane het geharde appels

¹⁴² Vir die antieke Grieke het ’n donker voorkoms op manlikheid en dapperheid gedui (sien voetnoot 406), terwyl die ligte voorkoms van ’n manlike slaaf ’n teken van verwyfdheid was, aangesien hy geen buitenshuise take verrig het nie (vgl. Clausen 1994:68-69 n.16). Die term Λευκός dui volgens Irwin (1974:129-35) op ’n wit of ligte velkleur, onder andere in Aristophanes, *Thesm.* 190-92: ἔπειτα πολίος εἰμι καὶ πάγων’ ἔχω / σὺ δ’ ἐπρόσωπος, λευκός, ἐξυρημένος, / γυναικόφωνος, ἀπαλός, εὐπρεπῆς ἰδεῖν (‘maar dan, ek is grys met ’n baard, en jy [Agathon] aantreklik, wit, gladgeskeer, met ’n vrou se stem, sag en aangenaam om te sien’).

¹⁴³ Vergilius se beskrywing verwys terug na Theokritos, *Id.* 10.26-29 (vgl. Clausen 1994:68-69). Sien voetnoot 142, *supra*.

¹⁴⁴ Geen ander blom van die oudheid het soveel polemieë as *vaccinium* ontlok nie. Volgens die *OLD* kan *vaccinium* ’n vervorming van die Griekse ὑάκινθος wees, waarna Theokritos in *Id.* 10.26-29 verwys:

Βομβύκα χαρίεσσα, Σύραν καλέοντι τυ πάντες,
ἰσχάν, ἀλιόκαυστον, ἐγὼ δὲ μόνος μελίχλωρον.
καὶ τὸ Ἴον μέλαν ἐστὶ, καὶ ἄ γραπτὰ ὑάκινθος’
ἄλλ’ ἔμπερ ἐν τοῖς στεφάνοις τὰ πρῶτα λέγονται.

Beeldskone Bombyca, almal noem jou ’n Siriër, lenig en songebrand, maar ek alleen sê jy is heuning-kleurig; donker is die ‘viooltjie’ en die geveerde/gerimpelde ‘hiasint’ met sy letters, maar nogtans word hulle eerste in blomkranse genoem.

Die woord *vaccinium* kan ook na die Latynse *hyacinthus* verwys wat nie noodwendig ons moderne hiasint is nie (vgl. Sargeant 1919:56-60; Gow 1952b:200 n.28; Abbe 1965:53-63). Aangesien die identifikasie van hierdie blom met ’n moderne spesie tot nog toe onsuksesvol was, is dit ook nie moontlik om die relevante kleurwaarde in die beskikbare tekste te identifiseer nie.

¹⁴⁵ *Ligustrum* verwys na die struik, *Ligustrum vulgare*, en nie na die ranker, *Convolvulus sepium*, met die groot kelkagtige wit blomme nie. Indien dit korrek is, sal niemand in ieder geval die liguster se klein, roomgeel blomme wat op fyn takkies voorkom, wil pluk nie. Pienaar (1984:208) beskryf die blomme as welriekend, maar Sargeant (1919:67-68) verwys na die swaar, sieklike reuk. Volgens Page (1968:104-5 n.18) verwelk en verkleur die blomme ook vinnig.

¹⁴⁶ In die teksgedeelte is die digter geensins begaan oor die spesifieke variëteit van die klimop nie, sodat Coleman (1977:217 n.38) se siening dat *alba* in hierdie konteks eerder ’n wyer chromatiese omvang het en ook die ligter skakerings van groen en grys sou insluit, nie aanvaar kan word nie. Met *hederiformosior* verwys Vergilius na die immergroen rankplant, *Hedera helix* (sien *Ecl.* 4.19: *errantes hederas*) wat aan Bacchus gewy is. By sekere soorte klimop kom mutasies voor wat uitsonderlike trossies volkome romerige wit blare vorm waarna *alba* met die primêre betekenis moontlik kan verwys. In *Culex* 144 en 405 bepaal die adjektief *pallens* die naamwoord *hederiformosior* wat Vergilius ook in *Ecl.* 3.39 en *Geor.* 4.124 gebruik (*EV* I.86).

¹⁴⁷ Sien II. *CANDIDUS* 2.b.ii.

¹⁴⁸ Hier is ’n teksprobleem. Mynors (1990, *ad loc.*) en die Oxford-lesing volg die toonaangewendste MSS in reëls 70-71: *et steriles platani malos gessere valentis, | castaneae fagus; ...* [my beklemtoning] Richter (1957:194 n.71 f.) bied *castaneae*

gedra, [en] beuke kastaiings; die esseboom het wit geword met **wit** peerbloeisels, en onder die olms het varke aan akkers gesmul’).

Sien III. *CANUS* en *CANEO* 3.iii (vir *incanescō*). In *Georgicon* 2 behandel Vergilius kunsmatige kweekmetodes in twee parallelle perikope (22-34 en 63-72), met enting wat onderskeidelik in reëls 32-34 en 70-72 geïllustreer word. Vergilius is terdeë bewus van die onmoontlikheid van sommige van die entings¹⁴⁹ en hoewel Erren (2003:302 n.34) dit as ‘Spielerei’ afmaak, beoog die digter planmatig eerder ’n skouspelagtige as ’n funksionele uitbeelding. In albei hierdie beskrywings wil dit voorkom asof die resultate van die entings as die kroon op die mens se pogings voorgehou word. Elke geënte spesie bring reeds vrugte of bloeisels na sy nuwe aard voort: Die geleidelike kleurverandering van die esseboom (“... ein wahrhaft zirkusreifes Gartenkunststück!” volgens Erren [2003:323-24 n.71]) word deur die *verbum inceptivum*, *incanuit*, uitgebeeld. Hierdie kleurwoord word direk deur die term **albo** (met die primêre betekenis) opgevolg, sodat die tintverskil duidelik gekontrasteer word. Aangesien die kleurwaarde van *incanuit* op ’n ‘afwit’ of ‘gryserige wit’ kan dui, is dit moontlik dat die geheelindruk van hierdie bloeiselboom, moontlik van ’n afstand gesien, ‘afwit’ voorkom. Sou die boom oplaas van nader beskou word, dui die wit kleur wat met **albo** vereenselwig word op ... wit peerbloeisels! Die frase *flore piri* is planmatig aan die begin van die opeenvolgende reël 72 geplaas om só, geskei van die kleurwoorde, afwagting te skep. Thomas (1988a:169) wys op die pleonasme in reël 71, hoewel sy frase ‘colourful pleonasm’ [my beklemtoning] bevraagteken word. Die stylfiguur dui inderdaad op die herhaling van kleurwoorde, maar ‘afwit’ en ‘wit’ is immers nie ‘kleurvol’ nie. Nietemin dien ’n oordadige beskrywing soos dié van Vergilius wel ’n doel. Hoewel ’n tweede term vir wit nie nodig is vir begrip van die basiese betekenis nie, verskaf die beklemtoning ’n bykomstige nuanse wat baie subtiel die sinneloosheid van die mens se metodes onderstreep. Om hierdie dwase optrede verder te beklemtoon, figureer ’n peerboom in beide perikope: Waar hierdie boom op ’n natuurlike wyse bloeisels en vrugte sou kon voortbring, dra die geënte *peerboom* nou appels (33-34: ... *mutatamque insita mala* | *ferre pirum* ...), terwyl die esseboom oortrek is van *peerbloeisels* (71-72).

fagus met die wisselvorm *fagus* as derde verbuiging, akkusatief meervoud. Hy wys ook op die kruisverbinding van die reël tot by *piri* (72) wat skynbaar ’n algemene gebruik in Vergilius is. Daarenteen is Scaliger se emendasie *castaneas fagus* eger sinvol, aangesien dit die logiese volgorde van die ander voorbeelde volg: Eetbare tipes (‘kastaiings’) word op oneetbare soorte (‘beuke’) geënt (vgl. Page 1968:250 n.71; Thomas 1988a:169 n.71; ook Erren 2003:323-24 n.71). ’n Verdere belangrike vraag is watter werkwoord – *gessere* (70) of *incanuit* (71) – saam met die frase *castaneas fagus* geneem word. Volgens Perkins (1984:40) is die blomme (‘catkins’) van die kastaiingboom geelgroen en nie spierwit nie, sodat die beskouing in die *EV ad loc.* 1.86a of b? as sou die bloeisels van beide die kastaiing en die peer van dieselfde kleur (‘wit’) is, onaanvaarbaar is. Deur ’n kommapunt te lees na *fagus* word *incanuit* slegs aan *ornus* gekoppel wat beskrywend meer korrek is. Die teks wat hier gevoll word, wyk gevolglik van die Mynors-lesing *castaneae fagos* af.

¹⁴⁹ Die wetenskap van ent-onverenigbaarheid het min verander vanaf die klassieke tyd. Kultivars van dieselfde spesie kan onverenigbaar wees, terwyl suksesvolle entings tussen verskillende *genera* moontlik is. Een feit bly onveranderd: Die onderstam en entloot moet van dieselfde familie wees. So is die enting van appel op peer (33) ’n moontlikheid (beide *Rosaceae*), maar nie dié van kornoelie (*Cornaceae*) en pruim (*Rosaceae* in 34), okkerneut (*Juglandaceae*) en *arbutus* (*Ericaceae* in 69), plataan (*Platanaceae*) en appel (*Rosaceae* in 70); peer (*Rosaceae*) en olm (*Ulmaceae*) in reëls 71-72 nie. In reël 71 is die kastaiing en beuk (beide *Fagaceae*) teoreties ’n moontlikheid, sodat vier van die ses voorbeelde dus onmoontlik is. Volgens Varro, *R.* 1.40.5-6 het Vergilius kennis gedra van die onmoontlikheid van sy keuses, aangesien hy so ’n enting as θάμμα (‘’n wonderwerk’) beskou, soos ook die *adynata* in *Ecl.* 8.52-53: *nunc et ovis ultro fugiat lupus, aurea dura* | *mala ferant quercus, narcisso floreat alnus* (‘laat die wolf nou selfs voor die skape vlug, en die gehards eike goue appels dra, [en] die elsboom met narsingblomme bloei’; vgl. Thomas 1988a:161 n.32-4).

iv. Verg. *Geor.* 2.91: *sunt Thasiae vites, sunt et Mareotides albae*¹⁵⁰ ('daar is Thasos se wingerdstokke en die **wittes** van Mareota').

In reëls 89-102 bied Vergilius 'n uiteensetting van die geografiese herkoms van druiwe, die wingerdstok en verskeie wynsoorte.¹⁵¹ Gekonfronteer met 'n magdom inligting en die voorkeure van sy tyd, hanteer die digter hierdie tegniese onderwerp op 'n besonder unieke wyse. Hoewel die tema van variëteit volgens Page (1968:251-52) deurgaans sterk beklemtoon word, sluit Vergilius se seleksie nie al die voorkeurwyne van sy tyd in nie, onder andere die Massiese wyn van Kampanië waarna verwys word in *Geor.* 2.143-44 (... *Bacchi Massicus umor*) en wat deur Plinius Maior, *Nat.* 14.64 geprys is.

Die name van druiwe, die wingerdstok en wyne is gekoppel aan die oorspronklike area waar dit verbou is, selfs al lewer die bepaalde gebied nie meer wyn op nie (vgl. Conington 1881:226-27 n.97). Die kwaliteit van die wyn hang immers van terroir af.

Vergilius selekteer slegs vyftien verskillende druif- en wynsoorte en onderskei duidelik tussen plaaslike (89: *arboribus ... nostris*)¹⁵² en buitelandse tipes (90: *quam ... carpit ... Lesbos*). Hierdie seleksie word planmatig in drie groepe verdeel, waarvan die eerste vyf Griekse en uitheemse soorte insluit en in vyf reëls (90-94) aangebied word:

*palmes Methymnaeus*¹⁵³ van Lesbos (90), *vites Thasiae*¹⁵⁴ (91), [*vites*] *Mareotides albae*¹⁵⁵ (91), die Griekse [*vitis*] *Psithia*¹⁵⁶ (93), *tenuis Lageos*,¹⁵⁷ 'n ligte Griekse wyn (93).

Knap saamgevat in drie reëls (95-97) volg die tweede groepering van vyf verskillende Italiaanse tipes:

¹⁵⁰ Die frase *vitis alba* is beskrywend van die plant klematis wat die *OLD* identifiseer as *Bryonia dioica*, beter bekend as 'wilde wingerd' of 'bronie'. Opvallend vindingryk gebruik Vergilius dieselfde frase in reël 91 om die beoogde betekenis 'Mareota se wit wingerdstokke' (*Mareotides albae*) weer te gee, maar met verswyging van die naamwoord *vites*.

¹⁵¹ Volgens Seng (2005:1004) verwys Erren (2003) tereg na die humoristiese personifikasie van die verskillende wynsoorte in *Geor.* 2.89-102 wat ook voorkom in die satire van Lucilius 332-41, veral in reël 338.

¹⁵² Die woord *arbores* is hier problematies, aangesien Plinius Maior, *H.N.* 14.9 (*inter arbores numerabuntur*) die wingerdstok (*vites*) as *arbor* reken. Volgens Conington (1881:225-26 n.89) kan die woord op beide die betekenisse 'stutbome' en 'wingerdstokke' betrekking hê, maar Mynors (1990:113) vertaal die woord tereg as 'stutbome' (dus *vites arbustivae*), veral na aanleiding van die frase *fortes ulmi* in reël 83. Sien ook *Geo.* 1.2: ... *ulmisque adiungere vitis* ... Daarenteen dui die frase *de palmite* in reël 90 baie duidelik op die betekenis 'wingerdstok'.

¹⁵³ Volgens Plinius Maior, *Nat.* 14.73 is die wyn van Lesbos op aanbeveling van Erasistratos by die reeds beroemde wyne van Thasos en Chios gevoeg as die heel bestes: *his addidit Lesbium Erasistrati ... auctoritas*. Daar is geen inligting beskikbaar oor die kleur van die wyn nie, maar dit het 'n baie kenmerkende souterige smaak gehad waarna Plinius in *Nat.* 14.74 verwys: *Lesbium sponte suae naturae mare sapit* ...

¹⁵⁴ Fitton Brown (1962:194) noem dat die donker wyne van Thasos, naby die kus van Thrasie, as die heel beste gereken is. Daar is twee soorte van hierdie wyn – een om die drinker wakker te hou en 'n ander om hom te laat slaap: *Thasios duo genera vini diversa facere proditur, quo somnus conciliatur, altero vero quo fugetur* (vgl. Plinius Maior, *Nat.* 14.117).

¹⁵⁵ Mareotiese wyn (Μαρεώτικ) is een van Egipte se bekendste wyne (vgl. Nisbet en Hubbard 1970:415 n.14) en is 'n aromatische, soet, ligte witwyn (vgl. Harper's Dictionary s.v. *vinum*; Erren 2003:334 n.91). Volgens Horatius, *Carm.* 1.37.14 was dit Cleopatra se voorkeurwyn (*lymphatam Mareotico*), moontlik omdat dit haar lighoofdig gemaak het.

¹⁵⁶ Die *psithia* (afgelei van die Griekse woord ψίθιος of ψυθιος) is 'n rooiwyndruif wat veral vir soet rosyntjiewyn gebruik is. Sien *Geor.* 4.269: *defruta vel psithia passos de vite racemos* ('gedroogde trosse van die *Psithia*-druif'). 'n Soortgelyke wyn is ook in Italië van die *Psithia*-druif (*apiana vitis*) gemaak wat die Romeine *uva apiana* genoem het, veral weens bye se voorliefde daarvoor. Sien Plinius Maior, *Nat.* 14.81: *Graeci psithiam vocant, nos apianam* ... ('die Grieke noem dit *psithia*, ons [noem dit] "muskadel" ...').

¹⁵⁷ Die etimologie van die woord *lageos* is onbekend (vgl. Page 1968:252 n.93). Die Griekse woord λάγειος kan afkomstig wees van λαγός met betekenis 'haas' (LSJ) wat moontlik as verklaring dien vir Servius se stelling wat op die vaal kleur van die druif kan dui: ... *quae latine leporaria dicitur*.

[*uva*] *purpureae*¹⁵⁸ (95), *praeciae*¹⁵⁹ (95), [*vitis*] *Rhaetica*¹⁶⁰ (96), *Falernae cellae*¹⁶¹ (96) en *Aminneae vites, firmissima vina*¹⁶² (97).

Die laaste groepering sluit slegs Griekse wynsoorte in, ook saamgevat in vyf reëls:

(οἶνος) *Tmolius*¹⁶³ (98), *rex Phanaeus*¹⁶⁴ (98), *Argitis minor*¹⁶⁵ (99), *Rhodia (uva)*¹⁶⁶ (102) en *Bumastus tumidis racemis*¹⁶⁷ (102).

Volgens Vergilius se indeling beklee [*vina*] *Rhaetica* – een van die plaaslike tipes (*arboribus ... nostris*) – planmatig die sentrale posisie in die seleksie as agtste van vyftien soorte. Ook opvallend is die besondere plasing van die woord *Rhaetica* in die beklemtoonde aanvangsposisie van reël 96. Die digter lewer geen kommentaar oor hierdie wyn nie, maar aangesien dit gekweek is aan die hange van die Alpe in die omgewing van Mantua waar die digter gebore is, bring Vergilius op 'n vernuftige wyse hulde aan sy geboortegrond.

Volgens Plinius Maior, *Nat.* 14.80 was vier kleure wyn aan die Romeine bekend, naamlik 'wit' (*albus*), 'goudbruin' of 'amberkleurig' (*fulvus*), 'bloedrooi' (*sanguineus*) en 'donkerrooi' (*niger*). Daarenteen was die Grieke vertrouwd met slegs drie kleure wyn: 'wit' (λευκός of ἀργής), 'bruin' of 'amberkleurig' (κιρρός) en 'rooi' (ἐρυθρός of μέλας).¹⁶⁸ Nietemin is dit opvallend dat Vergilius geen wyn eksplisiet met 'n kleurwoord verbind nie wat daarop dui dat groeperings volgens die kleur van wyn

¹⁵⁸ Sien XVII.b. *PURPUREUS* 3. [*Uvae*] *purpureae* is soos die naam aandui 'n spesifieke soort druif met donkerrooi korrels wat veral as tafeldruif (*ad escam*) geskik was (vgl. Conington 1881:226 n.95).

¹⁵⁹ Die kleur van die *praeciae/preciae/pretiae*-variëteit is onbekend. Volgens die grootte van die korrels word *minor*-en *maior*-soorte aangetref. Sien Plinius Maior, *Nat.* 14.29: *et praeciae duo genera magnitudine acini discernuntur* ('daar word twee variëteite van die *praeciae* onderskei na gelang van die grootte van die korrel').

¹⁶⁰ Volgens Suetonius, *Aug.* 77 was hierdie 'n voorkeurwyn van Augustus (*et maxime delectatus est Raetico ...*), hoewel Catullus nie beïndruk was nie (vgl. Conington 1881:226 n.96). *Rhaetica* het die stamwoord oorleef en dit word nog steeds in die Haut-Valais as 'rêze' aangetref (vgl. Mynors 1990:114 n.95-6).

¹⁶¹ Hierdie wyn uit *Falernus ager* in Kampanië was van die gewildste van Italiaanse wyne en Page (1968:252 n.96) verwys daarna as 'sterk'. Soeter wyne was amberkleurig (κιρρός) en die droër Falerniese wyne was wit (vgl. Fitton Brown 1962:193-94).

¹⁶² Hierdie witwyn was besonder gesog. Sien Plinius Maior, *Nat.* 14.21: *principatus datur Aminaeis firmitatem propter senioque proficientem vini eius utique vitam* ('hoog aangeskrewe is die Aminneus-wynstokke vanweë die boeket van die wyn en die leeftyd daarvan'). Vergilius beskou dit as *firmissima vina* ('full-bodied,' en volgens Thomas [1988a:173] "a bit of oenologists' jargon") wat eerder op die robuustheid van die wyn as die lengte van die verouderingsproses dui. Dit kom steeds in Valais as 'amigne' voor (vgl. Mynors 1990:114 n.97).

¹⁶³ Plinius Maior, *Nat.* 14.74 verwys na die soetwyne (*dulci admixto*) van Berg Tmolus se omgewing wat volgens Ovidius volop was. Sien *Pont.* 4.15.9: *Africa quot segestes, quot Tmolia terra racemos* ('soveel graanlande [as wat daar] in Afrika [is], soveel druiwetrosse [is] in Lidië').

¹⁶⁴ Hierdie witwyn is van Chios afkomstig, en is, volgens Vergilius, 'die koning' van Griekse wyne. Die adjektief *Phanaeus* verwys na die eiland se hawe, Phanae (vgl. Mynors 1990:114-15 n.98).

¹⁶⁵ *Argitis maior* het net soos die *preciae*-kultivar ook *maior*- en *minor*-variëteite. Dit is 'n witwyn en die naam is heelwaarskynlik van die Griekse woord ἀργός afgelei met betekenis 'glansend' of 'wit' (vgl. Thomas 1988a:173 n.99).

¹⁶⁶ Plinius Maior, *Nat.* 14.42 klassifiseer die druiwe van Rhodos saam met die soorte *purpureae* en *bumasti* as tafeldruiwe: *in pergulis vero seruntur escariae appellatae ... albae nigraeque, et bumasti totidem coloribus, ... et Rhodia ...* ('die soorte wat "tafeldruiwe" genoem word ... word op stutte gekweek, beide wit en swart druiwe, ook *bumasti* met dieselfde kleure en ... dié van Rhodos ...').

¹⁶⁷ Die woord *Bumaste* is afkomstig van die Griekse woord Βούμαστος (van die woord μαστός, 'bors'). Die voorvoegsel *Bou-* dui op grootte en word gebruik van druiwe, waarvan die korrels groot en uitgeswel is (*tumidis racemis* volgens Page 1968:253 n.102).

¹⁶⁸ Die beste Griekse wyne was lig en droog (λεπτός of αὐστηρός), terwyl die Italiaanse soorte swaarder en soeter was, onder andere *vinum dulce* en *passum* ('rosyntjiewyn'; *OCD*). Volgens Irwin (1974:60 n.60) was meeste wyne in die antieke wêreld donkerkleurig (sien μέλανος οἶνοιο in *Od.* ι[9].196), terwyl witwyne eers op 'n latere stadium aan die Grieke bekend geword het, waarvoor die terme λευκός (sien Cratinus fr. 183 [K]: ὤς ἀπαλός καὶ λευκός) en ἀργής gebruik is.

hier nie belangrik is nie. Tóg bewerkstellig die digter op subtiële wyse ’n kleurkontras: *Albae* kongrueer met die frase *vites ... Mareotides* (91: ‘Mareotis se wit druwestokke’) en *purpureae*¹⁶⁹ *uvae* (95) dui eksplisiet op donkerrooi druwekorrels (sien ook Columella, *De Re Rustica* 3.2; *EV* IV.356) om planmatig hier ’n kleurpaar van wit en rooi te skep. As bepaler van [*vites*] *Mareotides* meen Conington (1881:226 n.91) dat *albae* in hierdie konteks op ‘liggroen’ en nie bloot ‘wit’ dui nie,¹⁷⁰ maar dit sou die doelbewuste skepping van hierdie besondere kleurpaar buite rekening laat. Dit word geleidelik in die *Georgica* as tema ontwikkel en hou verband met die mens se misbruik van wyn wat moreel onaanvaarbaar is.

v. Verg. *Geor.* 4.130-31: *hic rarum tamen in dumis olus albaque circum / lilia*¹⁷¹ *verbenasque premens vescumque papaver* (‘hier en daar plant hy kruie tussen die doringstruik met **wit** “lelies” en “ysterkruid” en slanke papawers daarom’).

In reël 109 verwys Vergilius kortliks na tuine (*horti*) en later volg die interessante opmerking dat hy graag oor tuine sou wou sing (119: *canerem*), sou hy die tyd daarvoor gehad het (147-48).¹⁷² Hierdie reëls vorm deel van die *praeteritio* (116-48) wat die digter se voorskrifte vir byeboerdery onderbreek. In ses reëls (119-24) wei die digter uit oor Paestum se beroemde roostuine, ook verskeie plant- en groentesoorte wat op die groen oewers (121: *virides ... ripae*) voorkom.¹⁷³ Met die enkele stelling *memini me ... / ... / ... vidisse* (125, 127) bevestig die digter *descriptio personae, loci* en *rei* (vgl. Monreal 2005:7): Die ou man se tuin is benede in die skadu van die hoë torings van Tarentum (125-46), waar die donker waters van die Galaesus (deur *niger* bepaal) en die ryp, goudeel kleur van die gesaaides (met *flavens* uitgebeeld, beide in reël 126) visueel tot ’n aantreklike kleurkontras bydra.¹⁷⁴ In kontras met die natuurskoon van die omgewing, is die ou man se tuin op ’n stukkie uitskot-grond aangelê. Nietemin is dit geil en vrugbaar en lewer ’n opbrengs in die lente (134), herfs (134 en 143), winter (135) en somer (138). Sy heuning is oorvloedig (140: *abundare*), soos ook sy kruie, vrugte en blomme. In ’n enkele reël 131 word daar na drie blomsoorte verwys: *lilia* (‘lelies’), *verbenae* (‘ysterkruid’ of ‘kruie’)

¹⁶⁹ Sien XVII.b. *PURPUREUS* 3.

¹⁷⁰ Sien Plinius Maior, *Nat.* 14.15: *hic purpureo lucent colore, illic fulgent roseo nitentque viridi ...* (‘hier blink hulle met ’n purper kleur, elders het hulle ’n rosige glans of ’n skitterende groen skynsel ...’).

¹⁷¹ In Grieks word die woord *λείριον* van die ‘lelie’ gebruik wat ook met *κρίνον* in Theophrastos, *H.P.* 6.6.3 verbind word (vgl. Erren 2003:834 n.130). Hoewel die *lilium* (‘lelie’ = *Lilium candidum* Linn.) van antieke tye gewoonlik in Plinius Maior, *Nat.* 21.22 met die Sint Josefslelie vereenselwig word (vgl. Sargeant 1919:68-69; Abbe 1965:47), noem Irwin (1997:376 n.3) tereg dat die identifikasie van antieke blomspesies geensins afgehandel is nie sodat die kleur daarvan onseker is, pace LSJ *ad loc.* Vergilius gebruik die woord *lilium* ses keer: In die *Eclogae* verskyn die woord twee maal, telkens sonder ’n kleurwoord in 2.45-46: *... tibi lilia plenis / ecce ferunt Nymphae calathis ...* (‘... kyk, vir jou bring die Nimfë “lelies” in oorvol mandjies ...’) en 10.24-25: *venit ... Silvanus / ... grandia lilia quassans* (‘Silvanus het gekom ... terwyl hy groot “lelies” rondswaai’). Ook bepaal *albus* die ‘lelie’ slegs een keer in beide die *Georgica* (sien *supra*) en die *Aeneïd* (sien *infra*), terwyl *candidus* drie keer gebruik word. Sien II. *CANDIDUS* 5.ii. Ook Propertius 2.3.10 beskryf lelies met *albus*: *lilia non domina sunt magis alba mea* (‘“lelies” is nie **witter** [let. “meer wit”] as my geliefde nie’). Volgens Edgeworth (1992:27) word ‘lelies’ uitsluitlik as ‘wit’ beskryf, maar Plinius Maior verwys na ’n ‘lelie’ met ’n rooi/purper kleur in *Nat.* 21.25: *purpurea lilia* (L&S).

¹⁷² Deur juis nie op die tema van tuinbou uit te brei nie (109-15), lê Vergilius in reëls 116-19, 147-48 klem op iets wat die onderwerp van ’n vyfde boek kon wees (vgl. Conington 1881:352 n.116 en ook Thomas 1988b:167). Tuinbou word erg persoonlik in die mond van ’n ou man aangeprys, maar volgens Clay (1981:58) het Vergilius nie beplan om ’n vyfde boek by te voeg nie en volstaan hy doelbewus met ’n kort *praeteritio* (125-27).

¹⁷³ Sien XXV. **VIR*-groepering 1.c.xiii.

¹⁷⁴ Sien VII. *NIGER* 3.b en XII. *FLAVUS* en *FLAVEO* 5.b.iii.

en *papaver* ('papawer'); daar is ook rose (134: *rosam*), 'hiasinte' (136: *hyacinthus*) en bloeisels (142: *in flore novo ... arbos*). In reëls 141b-46 word 'n verskeidenheid van welige bome (141: *uberrima*; 142: *fertilis*) gelys: lindebome (*tilia*), die den (*pinus*), vrugtebome, olmbome (*ulmos*) en die plataan (*platinum*). Ten spyte van hierdie gedetailleerde beskrywing wat ryke kleuraanwending sou kon afdwing, kom daar 'n enkele kleurwoord, **alba**, voor wat met die primêre betekenis 'dofwit' uitsluitlik die 'lelies' bepaal.¹⁷⁵ Hiervolgens sou die leser dus kon aanneem dat die frase **alba lilia** beklemtoon word en moontlik na 'n antieke intertekstuele bron kan terugverwys.¹⁷⁶

Vergilius se beskrywing is vindingryk beplan. Paestum se roosbeddings is beroemd en behels nie slegs implisiet die rooi skouspel van rose nie, maar ook die geur daarvan.¹⁷⁷ Hierop volg 'n verdere realistiese beskrywing van die Galaesus se donker waters en die goudgeel kleur van ryp koring. Insgelyks sou die ou man se tuin ewe kleurvol uitgebeeld kon word en tog is die 'dowwe wit' van **alba** die enigste eksplisiete kleurwaarde – dus 'n opvallende kontras.

Monreal (2005:17) beskou die funksie van hierdie realistiese uitbeelding om die tema van tuinbou binne eietydse praktyke te plaas. Die kontras tussen die stukkie barre uitskotgrond en die oorvloedige opbrengs, ook die klein tuintjie en die intense genot wat die ou man daaruit put, beklemtoon die belangrikheid van tuinbou as 'n kulturele tegniek. Volgens Richter (1957:346-48), daarenteen, is die ou man nie 'n professionele tuinier nie, maar eerder 'n persoon wat vreugde vind in sy blomme, plante en bye. Die wyse waarop hy sy lewe slyt, is gesetel in die ideaal wat Vergilius vanaf Boek 1 met toenemende intensiteit voorhou: Die mens se ware geluk is te vinde in harde, eerbare werk en eenvoudige plesier, hier uitgebeeld met die kleurwoord vir 'wit'.

vi. Verg. *Aen.* 12.65-69:

... *cui plurimus ignem*
subiecit rubor et calefacta per ora cucurrit.
Indum sanguineo veluti violaverit ostro
si quis ebur, aut mixta rubent ubi lilia multa
alba rosa ...

¹⁷⁵ Dit is opvallend dat Conington (1881), Richter (1957), Page (1968), Wilkinson (1969), Della Corte (1986b), Thomas (1988b), Mynors (1990) en Monreal (2005) geen kommentaar insluit oor die frase *alba lilia* nie. Erren (2003:834) verwys na die lylie as *species pro genere* van tuinblomme wat nie haalbaar is in die lig van Vergilius se verwysing na 'n groot verskeidenheid van blomme nie.

¹⁷⁶ Thomas (1999:174-77) verwys na Longus, *Daphnis en Chloe* 134-43 wat in taalgebruik, sintaksis en konteks merkwaardige ooreenkomste toon met die Vergiliaanse teks, onder andere *ρόδα/rosam*; *κρίνα/lilia* en *ὑάκινθος/hyacinthi*. Daar is egter geen verwysing na die 'lelies' se *wit* kleur nie, anders as in die beskrywing van die 'wit lylie' in Nikandros, *Georgica*, fr. 74.25-30, waarna Harrison (2004:116-48) verwys. Al die plante wat in reëls 130-31 genoem word, kom in hierdie fragmente voor en behalwe *wit* 'lelies' en papawers in fr. 74.43-51, kan *verbena*e kollektief met 'n aantal aromatiese plante soos rose, klimop (fr. 74.9-16) en olywe (fr. 78.1) geassosieer word. Theokritos verwys inderdaad na 'n 'wit lylie' in *Id.* 23.30: λευκὸν τὸ κρίνον ἐστὶ, παραίνετα ἄνικα πίπτει ('wit is die lylie,' maar eerlang verwelk dit'), maar dit dui metafories op die verganklikheid van die lewe wat hier kontekstueel waarskynlik minder aanvaarbaar is.

¹⁷⁷ In die Romeinse digkuns kan die kleur van rose implisiet rooi wees, hoewel verskeie terme gebruik word om 'rooi' weer te gee, ongeag van die verskillende skakerings: *purpureum* in *Culex* 399; *purpuream* in *Copa* 14 en *purpureus* in Horatius, *Carm.* 3.15.15 wat Nisbet en Rudd [2004:197-98 n.15] beaam; so ook *puniceis* in Vergilius, *Ecl.* 5.17, en *puniceae* in Horatius, *Carm.* 4.10.4; *rubentem* in Martialis 4.55.18 en *rubent* in Vergilius, *Aen.* 12.68; *erubuisse* in Ovidius, *Pont.* 2.1.36; *ruber* in Martialis 9.90.6, *ruborem* in *Culex* 399; en *rutilo* in Calpurnius Siculus 6.43. Enige ander kleurverwysing is volgens André (1949:331) uitsonderlik, onder andere Ovidius, *Ars* 3.182 se wit rose (*albentes rosas*) en ook die ligroos, pienk of selfs geel rose (*lutea rosa*) in *Copa* 14.

... 'n donkerrooi blos versprei sy vuur en trek oor haar brandende gelaat, soos wanneer iemand Indiese ivoor met 'n bloedrooi kleurstof tint, of wanneer **wit** 'lelies' in 'n bos rose bloos ...

By die aanhoor van haar moeder se woorde, kleur 'n rooi gloed Lavinia se bleek gelaat. Haar voorkoms is soos dié van Indiese ivoor wat met bloedrooi kleurstof getint word, of selfs van wit 'lelies' wat met rooi rose gemeng is. Die skep van 'n *figura etymologica* met *rubēre* bykomend, dui op twee noukeurig beplande kleur-*chiasmi* wat by uitstek Vergilius se vernuf as woordkunstenaar beklemtoon, eerstens 'n wit-en-rooi kontras met die woorde *Indum ... ebur* (implisiet 'wit') wat die frase *sanguineo ... ostro* omraam; daarop volg 'n rooi-en-wit kontras met die woorde *rubent en rosa* (implisiet rooi)¹⁷⁸ om planmatig die frase *lilia ... alba* te omsluit (vgl. Edgeworth 1992:69). Ook opvallend is die direk opeenvolgende plasing van die woordpare *Indum* en *sanguineo* asook *alba* en *rosa* wat telkens die kleurkontraste beklemtoon. Ook hier word *alba* met die primêre betekenis gebruik.

4 Van metale (vgl. *TLL* I.A.1: *de terra, terrae generibus, terrenis, eis gignit*)

Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 6.1079: *aerique <aes> plumbo fit uti iungatur ab albo?* ('word koper slegs met tin [aan koper] geheg?').

Lucretius wys op die aksie van 'n magneet wat ook van toepassing kan wees op ander stowwe. Die frase *aerique <aes>* word as vaste uitdrukking gebruik volgens Lambinus se algemeen aanvaarde korreksie van *aeraque* OQ (vgl. Bailey 1966c:1716 n.1079). Sien *plumbo ... ab albo* met die betekenis 'tin' teenoor *plumbum nigrum* met betekenis 'lood' (L&S).

5 Tipierend van die see (vgl. *TLL* s.v. *albescēre* [1]: *de mari, aquis*) en 'n rivier (vgl. *TLL* s.v. *albus* I.A.1: *de fluviis*)

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 3.237: *fluctus uit medio voepit cum albescēre ponto* ('soos wanneer 'n golf op die oop see begin **witperdjies maak**'; vertaling deur Blanckenberg 1975).

Vergilius vergelyk die inherente krag van 'n golf wat in die middel van die see geleidelik opbou en in felheid toeneem met die herwonne krag en intensiteit van 'n verstote bul wat nou terugkeer na die kudde om sy vorige teenstander (226: *victor*) aan te durf. In vier reëls (237-40a) beskryf die digter, reël na reël soos ook in Homeros, *Il.* Δ(4).422-26, hoe die golwe wit begin skuim (sien *Il.* Δ[4].422: *πόντω μὲν τε πρώτα κορύσσειται ...*: 'op die oop see steek [die golwe] eerste hul koppe uit...'), landwaarts toe rol en donderend oor die rotse neerstort. Die werkwoord *coepit* dui die oomblik aan wanneer die golwe begin skuim wat die *verbum inceptivum*, *albescēre* met die primêre betekenis, paslik uitbeeld (vgl. Erren

¹⁷⁸ Vir die algemende beskouing van die rooi kleur van rose, sien voetnoot 177, *supra*.

2003:666 n.237). Volgens Richter (1957:308) is *albescēre* aan die begin van die vergelyking in reël 237 'n Lucretiaanse toevoeging (*D.R.N.* 2.773; sien *infra* 10.ii), soos ook die woord *harenam* (241) wat in *D.R.N.* 6.700 voorkom en waarmee Vergilius sy vergelyking afsluit. Met *niger* word 'n besondere kontras tussen wit skuimende golwe en swart sand geskep.¹⁷⁹

ii. Verg. *Aen.* 7.516-17: *audiit ... amnis | sulphurea Nar albus aqua fontesque Velini* ('die Narrivier, **wit** met swawelstroom, het dit gehoor, ook Velinus se fonteine'; vgl. ook met *TLL* I.A.4: *color*).

Die Narrivier weerklink met die herdersein van die boosaardige godin, Alekto. Volgens Servius *ad loc.* is die woord *Nar* van Sabynse afkoms met betekenis 'swawel' waarop Vergilius met *albus* se primêre betekenis 'wit' uitbrei. Dit is moontlik dat Vergilius na die Enniaanse frase *sulphureas ... ad undas* (*Ann.* 7.xi.222 [260] [Skutsch]) verwys, soos Edgeworth ook aandui (1992:67).

iii. Verg. *Aen.* 7.528: *fluctus uti primo coepit cum albescēre vento* ('soos 'n golf wat begin **wit word** wanneer die wind opkom').¹⁸⁰

Vergilius beskryf die wyse waarop 'n ligte skermutseling stadig posvat, vlamvat en, vanweë Alekto se volgehoue aanhitsing, in 'n hewige geveg ontaard. Dit word vergelyk met 'n golf wat deur die wind aangejaag word en, namate die storm in hewigheid toeneem, begin dit wit word van die skuim wat *albescēre* met die primêre betekenis bepaal. Hierdie reël is 'n aanpassing van *Geor.* 3.237 (sien *supra* 5.i: *fluctus uti medio coepit cum albescēre ponto*) met die toevoeging van *vento* wat *primo* vervang.

6 As tipering van wapens en kledy (vgl. *TLL* I.A.2: *de rebus ad vitam et victum pertinentibus: de supellectile, vestitu, operibus, armis*)

Vergilius

i. Verg. *Aen.* 9.548:¹⁸¹ *ense levis nudo parmaque inglorius alba* ('[hy is] lig toegerus met ontblote swaard, roemloos/onbeduidend met sy **onversierde** [= sonder wapenspreuk of naam] skild'; vertaling deur Blanckenberg 1980).

Wanneer die toring ineenstort, ontkom die jongman (545: *primaevus*), Helenor, ternouernood. Hy is slegs met ligte wapens toegerus en sy onversierde skild dui daarop dat hy 'roemloos' (*inglorius*) is, aangesien hy waarskynlik vanweë sy jeugdigheid nog te onervare is om 'n heraldies versierde skild te dra (vgl. Edgeworth 1992:68). Die term *alba* word dus hier achromaties met die aanvullende betekenis

¹⁷⁹ In Ovidius, *Met.* 11.480 word lig en donker gekontrasteer as beskrywing van die see se skuimende wit golwe in die donkerte van die nag: *cum mare sub noctem tumidis albescēre coepit* ('toe dit nag word, het die see begin **wit word** van onstuimige golwe').

¹⁸⁰ In Cicero, *Ac.* 2.33.105 word daar met Lucullus gedebatteer oor 'n wyse man se waarneming van die wisselende voorkomste van die see: [*mare*] ... *nunc qua a sole conlucet albescit et vibrat* ... ('... waar [die see] nou blink onder die son, **wit word** en gloei ...').

¹⁸¹ Die *TLL* se verwysing na *Aen.* 9.545 moet as 9.548 aangepas word. [my beklemtoning]

‘onversier’ van die skild (*parma*)¹⁸² gebruik wat nie as sodanig deur die *TLL* aangedui word nie. Sien ook die frase *levia arma* in *Aen.* 10.817.

ii. Verg. *Aen.* 10.539: *totus conluscens veste atque insignibus albis* (‘skitterend van kop tot tone in sy kleed en die **wit** kentekens [van sy amp]’).¹⁸³

Die seun van Haemon, priester van Phoebus en Trivia, word deur Aeneas neergevel. Die frase *insignibus albis* hou verband met offerandes en dui op die kentekens van die priesterlike amp (*insignes*) en die offerdier wat vir beide die wydingshoofband (*infula*) en linte (*vitta[e]*) insluit. Hiervolgens word Haemonides nou as *beide* priester én offerande uitgebeeld (*immolat*, volgens Harrison 1991:207 n.538). Hoewel die *codices* die frase *insignibus armis* bied, noem Edgeworth (1992:69) dat Servius *ad loc.* (met verwysing na Probus) die lesing met *albus* verkies: *vestes albas ... quae sunt sacerdotibus congruae* (‘**wit** klere wat pas by [die amp van] priesters’). Die wit kentekens van ampsgewaad hou verband met die hoofband en wollinte en ‘amptelikheid’ is dus aanvullend tot die primêre betekenis van *albis*. Hierdie betekenismoontlikheid word ook nie deur die *TLL* apart gelys nie.

iii. Verg. *Aen.* 12.87-89: *ipse dehinc auro squalentem alboque orichalco / circumdat lorica umeris, simul aptat habendo / ensemque clipeumque et rubrae cornua cristae* (‘daarop bind hy self om sy skouers ’n borsskede styf/grof van **wit** goud-allooi en tegelykertyd neem hy ’n swaard en skild en ’n helm met helderrooi pluime op’).¹⁸⁴

Turnus trek sy wapenuitruiting aan, waarvan die harnas uit *orichalcum* vervaardig is. Hierdie woord kom as wisselvorm van *aurichalcum* voor wat volgens Maltby *s.v. aurichalcum* duidelik op ’n verbintenis met *aurum* dui en waarna Paulus Festus 9 ook verwys: *aurichalcum vel orichalcum quidam putant compositum ex aere et auro, sive quod colorem habeat aureum* (‘sommige mense is van mening dat [die wisselvorme] *aurichalcum* of *orichalcum* op ’n mengsel van koper en goud dui, of dat dit ’n goue kleur sou hê’). Hierdie verbintenis met goud kan volgens Apollonius Rhodius, *Argon.* Δ(4).973 die glans daarvan verklaar: ὀρειχάλκοιο φαεινοῦ (‘met glansende *orichalcum*’); so ook Servius *ad Aen.* 12.87: *orichalcum pretiosius visum est, quod et splendorem auri et aeris duritiam possideret* (‘*orichalcum* is as besonder kosbaar beskou, omdat dit oor beide die glans van goud en die duursaamheid van koper beskik het’). Interpretasie is nou problematies. Die betekenismoontlikheid van *albo* wat, soos reeds aangedui, op ’n ‘dowwe wit’ dui, is in hierdie konteks onaanvaarbaar, aangesien

¹⁸² Helenor se skild (*parma*) is ligter as die *clipeus* of die *scutum* en is deel van die *levia arma* wat Lausus, ’n jong en onervare kryger soos ook Helenor, gebruik. In *Aen.* 11.711 (*interrita parma*) word die skild van Camilla ook as ‘onversierd’ uitgebeeld (vgl. Conington 1883:385 n.711).

¹⁸³ Wol is tradisioneel gebruik vir die wydingshoofband (*infula*) en -linte (*vittae*, soms enkelvoud *vitta* vir die meervoud) wat tydens offerandes deur beide priesters en offerdiere gedra is (vgl. Hersch 2010:88-89). Austin (1964:74 n.133) verwys na Servius *ad Aen.* 10.538: *fascia in modum diadematis, a qua vittae ab utraque parte dependent; quae plerumque lata est, plerumque tortilis, de albo et cocco* (‘[die *infula* lyk] soos die band van ’n koninklike kroon, vanwaar die *vittae* aan beide kante ahang; dit is meestal breed en geknoop met ’n **wit** en skarlakenrooi kleur’). Volgens Harrison (1991:207 n.538) verskyn die woord *vitta* hier vir die eerste keer in poësie, maar dit kom reeds voor in *Ecl.* 8.64: ... *et molli cinge haec altaria vitta* (‘... omkrans hierdie altare met die sagte wollinte’) en in *Geor.* 3.486: *lanea dum nivea circumdatur infula vitta*.

¹⁸⁴ Blanckenberg (1975 *ad loc.*) vertaal die frase *auro squalentem alboque orichalco* as ‘ruig van bleekgeel koperskubbe’ wat die probleem ten opsigte van die frase *albo orichalco* ontduik en dus minder aanvaarbaar is.

die kleurterm nie met glans vereenselwig word nie en *orichalcum* volgens Servius *ad loc.* ook nie 'n wit kleur het nie (*album non est*). Die kleurterm kan ook geensins met die konsep van glans verbind word nie, sodat die afleiding gemaak kan word dat Vergilius hier doelbewus 'n 'onakkurate' beskrywing bied om planmatig die leser se aandag vas te vang.

Soos Edgeworth (1992:49-50) tereg aandui, word Turnus in *Aen.* 9.49-50 tematies met die drietal kleure wit, goud en rooi uitgebeeld van sy perd (wit gespikkel), sy helm (goud) en die helmpluime (rooi) (sien voetnoot 132). In Boek 9.269-71 word hierdie drietal kleure van Turnus vir 'n tweede keer beskryf, hoewel as 'n indirekte bykomende verwysing: Ascanius bied aan Nisus die (implisiete 'wit') perd van 'goue Turnus', sy skild (implisiet goud) en die bloedrooi helmpluime as beloning aan: ... *quo Turnus equo, quibus ibat in armis | aureus; ipsum illum, clipeum cristasque rubentis | excipiam sorti ...*

In die aangehaalde passasie hierbo, in Boek 12 van die *Aeneïd*, word Turnus vir die derde keer met die drietal kleure verbind: Turnus self word weer as 'goudglansend' (*aureus*) beskryf; die term *albo* bepaal planmatig 'onakkuraat' die metaal *orichalcum* van die borsskede; en die helmpluime is eksplisiet 'helderrooi'. Die beskrywing van sy wit gespikkelde perd is nou ooglopend afwesig, hoewel daar vreemd genoeg in 12.84 met omskrywing na die glansende spierwit voorkoms van sy perde verwys word: *qui candore nives anteirent ...* ('[perde] wat sneeu in glans oortref het ...'. Dit kom voor asof hierdie 'onakkurate' uitbeelding op 'n ramspoedige gebeurtenis dui wat in hierdie geval op die dood van Turnus sou dui.¹⁸⁵

7 Die uitbeelding van sneeu en die hemelruim (vgl. *TLL* I.A.3: *de caelestibus, aeriis, ventis, luce, die, nubibus*)

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 6.735-37: *forsitan Aethiopum penitus de montibus altis | crescat, ubi in campos albas descendere ningues | tabicifis subigit radiis sol omnia lustrans* ('moontlik ontstaan [die Nylrivier] diep vanuit hoë Etiopiese berge, waar die son met sy strale wat alles laat smelt, veroorsaak dat die **wit** sneeu na die vlaktes afloop').

Die digter soek na 'n verklaring waarom die Nyl die enigste rivier ter wêreld is om met die koms van die somer sy walle te oorstrom, 'n gebeurtenis wat aan die effek van smeltende sneeu toegeskryf word. In hierdie verband verwys Seneca Minor, *Nat.* 4.2.17 na Anaxagoras se teorie: *Anaxagora ait ex Aethiopiae iugis solutas nives ad Nilum usque decurrere* ('Anaxagoras beweer dat smeltende sneeu van die bergriwwe van Ethiopië na die Nyl daaronder afstroom'). Lucretius gebruik *albas* wat met die primêre betekenis 'wit' die besondere voorkoms van die sneeu uitbeeld.

¹⁸⁵ Behalwe hierdie 'onakkurate' uitbeelding, volg daar 'n verdere vier sulke foutiewe beskrywings in die *Aeneïd*: 'groen' Donyssa in *Aen.* 3.125, 'goudbruin' jaspis in *Aen.* 4.261-62, 'geel' olyfblare in *Aen.* 5.309 en die sogenaamde 'Sarpedon-tradisie' in *Aen.* 7.720-21.

b. Catullus

Cat. 63.39-40: *sed ubi oris aurei Sol radiantibus oculis / lustravit aethera **album** sola dura, mare ferum* ('maar toe het die Son met flitsende oë uit sy goue/glansende gesig die **bleekwit** hemel, die klipharde aarde en die woeste see opgehelder').

Die dowwe, glanslose hemel is deel van die landskap wat Attis aanskou wanneer hy ontwaak na sy waansinnige handeling as volgeling van Kubele. Hy aanskou die wêreld om hom – hemel, aarde en see – wat die digter in 'n enkele reël 40 beskryf. Die frase *aethera **album*** (met die primêre betekenis 'dofwit') staan nie alleen in 'n skril kontras met die skadus van die nag (*noctis umbras*) in reël 41 uitgebeeld nie, maar ook met 'n hemel wat met sonsopkoms deur die goudglansende strale van die son verhelder sal word. Met *dura* en *ferum* wat onderskeidelik op die aarde en see dui, skets Catullus 'n ongenaakbare landskap (vgl. Clarke 2003:24) wat waarskynlik Attis se gemoedstoestand weergee.

8 As aanduiding van 'n geografiese naam (vgl. TLL I.A.4: *color: nomina geographica, quibus inest albus*)

Die term *albus* kom suiwer geografies voor (sien voetnoot 98) en word slegs ter wille van volledigheid hier ingesluit.

Vergilius

Verg. *Aen.* 1.271: ... *et longam multa vi munit Albam* ('... en met baie ywer sal hy *Alba Longa* versterk').

Jupiter noem aan Venus hoe Iulus [Ascanius] na 'n bewind van dertig jaar sy setel van Lavinium na *Alba Longa* sal verskuif. Dit lê aan die voet van *mons Albanus*, die berg waarna die nuwe stad ook vernoem is (sien Livius, *A.U.C.* 1.3.3: ... *sub Albano monte condidit quae ... Longa Alba appellata*) en wat verband hou met die wit steen (*lapis Albanus*) wat van hierdie gebied afkomstig was. Daar is 'n verdere vyf verwysings na hierdie pleknaam in 5.597, 6.766 en 770, 8.48 en 9.887 wat in hierdie konteks nie as kleurterm ingereken word nie.

9 Beskrywend van spoed (vgl. TLL I.B: *proverbialiter sive translātē: de rebus corporeis*)

Vergilius

Verg. *Aen.* 10.575-76: *interea biugis infert se Lucagus **albis** / in medios fraterque Liger ...* ('intussen werp Lucagus en sy broer Liger hul midde in die stryd met hul **witwarm/blitsige** tweespan ...').¹⁸⁶

Lucagus en sy broer ruk met hul wit tweespan op teen Aeneas. Soos reeds aangedui en in die lig van Plautus, *As.* 279 se besondere aanwending van die frase *quadrigis **albis***, kan die kleurwoord met die

¹⁸⁶ Daarenteen, sien *Aen.* 12.164-65: ... *bigis it Turnus in **albis** / bina ...* ('... Turnus daag in sy **wit** tweespan-perdewa op ...'). Veral vanweë die beskrywing van Turnus se glansende spierwit perde in 12.84 (*qui candore nives anteirent ...*) kan die inskrywing van die TLL I.A.1: *de animalibus* wat verband hou met slegs die kleur van perde (en nie van spoed nie) in hierdie konteks gehandhaaf word.

primêre betekenis die wit voorkoms van die perde uitbeeld, 'n geval van litotes wat metafories ook op hul spoed kan dui.

10 Die verband tussen atome en kleur (vgl. *TLL* II.A.2: *color albus, materia alba*)

Lucretius

i. Lucr. *D.R.N.* 2.731-33: *percipe, ne forte haec albis ex alba rearis | principiis*¹⁸⁷ *esse, ante oculos quae candida cernis, | aut ea quae nigrant nigro de semine nata* ('slaan ag op my woorde, sodat jy nie miskien sou dink dat hierdie **wit** objekte wat jy skitterwit voor jou oë bemerk, uit **wit** atome bestaan, of daardie wat swart is, uit swart atome ontstaan nie').

Lucretius maan die leser om nie net aan te neem dat wit objekte uit wit atome (*principia*) saamgestel is, of dié wat swart is, uit swart atome nie. Veranderlike kwaliteite sluit kleur, klank, reuk, hitte of koue in en, in sekere lewende entiteite, ook gevoel. Hierdie aspekte is nie eienskappe van atome self nie, maar is die gevolg van atome se vorme, posisies en bewegings. Die digter voer aan dat hierdie aspekte kan verander, maar nie atome self nie, aangesien die basis van atome konstant en solied moet wees (2.748). Die herhaling van die terme *albis* en *alba* (telkens met die primêre betekenis) wat mekaar vinnig in die versreël opvolg, dien ook as beklemtoning. As kontraskleur van *candida* kom beide *nigrant* en *nigro* voor, terwyl *niger* met *albus* kontrasteer in *D.R.N.* 2.810-12 en 822-24.¹⁸⁸ In sy ontleding van atome gebruik Lucretius nooit *ater* as kontraskleur nie.

¹⁸⁷ Die eise van metrum verplig Lucretius om sy woord vir die primêre deeltjies waaruit materie bestaan met ander af te wissel. Die digter se woord vir atome is *primordia*, maar in verhoë naamvalle word *principia* ook gebruik en soms selfs ook *semina* (vgl. Van Ryneveld 1997:44).

¹⁸⁸ Volgens Bailey (1966b:917-18) het Lucretius reeds atome se primêre kwaliteite bewys wat betrekking het op hul grootte (soos aangedui in sy leerstelling van die *minimae partes* in *D.R.N.* 1.599-634, 749-52 en 2.481-99), vorm (gebaseer op die verskille in waarneming in *D.R.N.* 2.333-729) en gewig (wat die oorsaak is van 'n universele afwaartse beweging in *D.R.N.* 2.182-215). Hierdie drie aspekte is die enigste eienskappe van atome, waarna Lucretius as *coniuncta* verwys. Hierdie aanname word breedvoerig uiteengesit en, veral aan die hand van kleur, word sewe bewyse voorgedra dat atome kleurloos is (*D.R.N.* 2.737: *nullus enim color est omnino materiai*): #Bewys 1. Kleurverandering by atome kan nie permanent wees nie (748-56), 'n stelling wat grotendeels na Epikuros (*Ep. ad HDT.* 54) terugverwys. #Bewys 2. Kleurverandering word beter aan die hand van kleurlose as gekleurde atome verduidelik (757-94). Die argument in hierdie afdeling is kompleks en polemies, aangesien Lucretius ook die alternatief voorhou wat twee moontlikhede impliseer: Atome kan óf eenkleurig wees wat verandering van kleur onmoontlik maak, óf atome is veelkleurig wat 'n teorie van Anaxagoras is. Dit sou beteken dat die kleur van die geheel dié kleur is wat die meeste in atome voorkom wat in realiteit teenstellend is met die argument in reëls 731-33 (vgl. Bailey 1966b:924). #Bewys 3. Kleur impliseer lig wat atome nie kan beïnvloed nie (795-809). #Bewys 4. Die sintuiglike gewaarwording van kleur word deur kontak beïnvloed wat vorm impliseer, maar nie kleur nie (810-16). #Bewys 5. Met veelkleurige atome sou die kleure van spesies verskil (817-25). #Bewys 6. Hoe kleiner die stukkie van 'n voorwerp, hoe minder kleur sal daar wees (826-33). #Bewys 7. Voorwerpe kan in dieselfde mate sonder kleur, klank of geur wees (834-41). Die volgende passasies is van wisselende aard met *albus* wat telkens met die primêre betekenis 'wit' voorkom; vgl. *TLL*. II. A.2: *color albus, materia alba* (van al die volgende, uitgeslote #Bewys 5):
D.R.N. 2.768-71 (#Bewys 2):

*dicere enim possis, nigrum quod saepe videmus,
materies ubi permixta est illius et ordo
principiis mutatus et addita demptaque quaedam,
continuo id fieri ut candens videatur et albus.*

want jy sou kon sê dat wat ons dikwels as 'n swart kleur waarneem – wanneer die materie daarvan gemeng en die samestelling van die atome gewysig is, en sekeres bygevoeg en [ander] verwyder is – onmiddellik daarna lyk asof hulle glansend en **wit** is.

ii. Lucr. *D.R.N.* 2.772-73: *quod si caeruleis constarent aequora ponti / seminibus, nullo possent albescere pacto* ('maar sou die gelyke oppervlakte van die see uit diepblou atome bestaan, kan hulle op geen manier **wit word** nie').

Soos reeds aangedui in #Bewys 2, argumenteer Lucretius dat kleurverandering beter verduidelik kan word aan die hand van kleurlose as gekleurde atome. Die wisseling van kleur kan ontstaan of aangehelp word deur die toevoeging of verlies van atome op die oppervlakte, ook deur die verandering in atome se rangorde en posisie. In die geval van golwe kan die wind partikels verwyder of byvoeg. In reëls 770, 772-75 is die eerste moontlikheid dié van gekleurde atome wat almal die kleur van die geheel mag wees, soos dié van die see wat slegs uit blou atome bestaan. Al word hulle weer gerangskik, kan hulle op geen manier wit word nie, hier uitgebeeld met die primêre betekenis van *albescere* (vgl. Bailey 1966a:925 n.772-5).

11 Addendum: die term *albescere* van natuurverskynsels (vgl. *TLL* II.A.2: *de caelestibus, aeriis, ventis, luce, die, nubibus*)

Ter wille van volledigheid word die achromatiese betekenis moontlikheid van *albescere* hier ingesluit. In wat volg, lê die stam **alb-* die geassosieerde kleurwaarde af en dui dit uitsluitlik op 'n kleurlose glans.

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.365-67: *saepe etiam stellas vento impendente¹⁸⁹ videbis / praecipitis caelo labi, noctisque per umbram / flammaram longos a tergo albescere tractus* ('en dikwels wanneer daar wind op pad is, sal jy sien dat sterre ylins deur die hemel gly en dat daar in die nagtelike duisternis lang vlammebane [let. "strale"] van agter **glansend/lig word**').

D.R.N. 2.788-91 (#Bewys 3):

*tum porro quae ducit et inlicit ut tribuamus
principiis rerum nonnumquam causa colores,
occidit, ex albis quoniam non alba creantur,
nec quae nigra cluent de nigris sed variis ex*

dan, verder, die rede wat ons dryf en aanpor om somtyds kleure aan atome toe te ken, is nie geldig nie, aangesien **wit** objekte nie uit **wit** geskep word nie, en swart nie uit swart nie, maar hulle ontstaan uit verskillende kleure.

As atome uit verskillende kleure saamgestel was, sou sekere dinge wat daaruit ontstaan het binne 'n spesie van mekaar verskil. Ook sou elke vorm nie net een bepaalde kleur hê nie, aangesien kleur uit vorm ontstaan, hoewel dit nie daarmee geassosieer word nie. Die gewaarwording van verskillende kleure deur kontak, in hierdie geval die oog, kan bewerkstellig word, soos aangedui in *D.R.N.* 2.810-12 (#Bewys 4): *...plagae quoddam genus excipit in se / pupula, cum sentire colorem dicitur album, / atque aliud porro, nigrum cum et cetera sentit* ('... die pupil van die oog ontvang 'n sekere soort "stampie", wanneer daar gesê word dat dit 'n **wit** kleur waarneem, en geheel en al 'n ander soort ["stampie"], wanneer dit swart waarneem'). Aangesien spesifieke kleure nie met spesifieke atomiese vorme vereenselwig word nie, kan daar gevra word waarom daar nie voorbeelde van elke kleur in elke spesie voorkom nie. Sien #Bewys 5, *D.R.N.* 2.822-24: *conveniebat enim corvos quoque saepe volantibus / ex albis album pinnis iactare colorem / et nigros fieri nigro de semine cycnos* ('want [dan] was dit natuurlik dat vlieënde kraaie dikwels 'n **wit** kleur van hul **wit** vlerke werp en dat swart swane uit swart atome ontstaan'; vgl. *TLL* I.A.1: *de avibus*). Indien atome uit kleure saamgestel was, sou objekte wat daaruit saamgestel is binne 'n enkele spesie verskillend voorkom, aangesien elke vorm nie 'n bepaalde kleur het nie. As voorbeeld hou Lucretius 'swart swane' voor, waarop Bailey (1966b:931 n.824) heel gevat reageer: "The discovery of black swans in Australia is unfortunate for Lucr.'s [*sic*] example."

¹⁸⁹ Richter (1957:166) verwys na die teorie dat verskietende sterre deur wind gevorm word, soos aangedui deur Seneca Minor, *Nat.* 1.14.5: *quomodo ergo prosiliunt? attritu aeris ignis incensus vento praeceps impellitur* ('hoe beweeg hulle vorentoe? Soos met die wrywing van brons word die gloeiende vlam deur die wind vorentoe gedryf'). Hiervolgens sou Vergilius se woord *impendente* baie paslik deur *impellente* vervang kon word, maar Vergilius bly egter getrou aan sy bron, Aratus, en gebruik slegs die frase *ventis surgentibus* in reël 356.

Jupiter self (353: *ipse pater*) het vaste tekens (351: *certa signa*) ingestel waarop die landbouer moet let.¹⁹⁰ Hierdie tekens kan goeie en slegte weer soos hitte, stormreën en ysige winde (354) aandui, sodat oplettende boere (354-55: *videntes agricolae*) weet wat om te verwag en op wisselende klimaatsveranderinge kan voorberei. Verskietende sterre wat gloei in die nagtelike duisternis is 'n sekere aanduiding van wind, soos ook kaf en vallende blare wat die wind wegwaai (368), of vere wat al dansend op die water voorkom (369). Hoewel die digter hier terugverwys na Aratus, *Phaen.* 926-27: καὶ διὰ νόκτα μέλαιναν ὄτ' ἀστέρες αἰσσωσιν | ταρφέα, τοὶ δ' ὄπιθεν ῥυμοὶ ὑπο λευκαὶ νῶνται ('en wanneer verskietende sterre dig deur die swart nag vlieg, is die bane agter hulle wit'), pas Vergilius sy beskrywing aan: Die *verbum inceptivum*, *albescere*, dui daarop dat die aspek van glans hier belangrik is, sodat hierdie werkwoord en die frase *noctisque per umbram* 'n treffende kontras van glansende lig en donkerte vorm. Lucretius se achromatiese verwysing na vlamme in *D.R.N.* 5.1191 (*noctivagaeque faces caeli flammaeque volantes* ['die hemel se nagtelike fakkels en vlieënde vlamme']) of selfs *D.R.N.* 2.207 (... *longos flammaram ducere tractus*) lei waarskynlik daartoe dat Vergilius sy beskrywing met die byvoeging van die woord *flammae* aanpas, sodat die implisiete kleurwaarde van vlamme – 'n helder rooi-oranje – hier ook 'n rol kan speel. In hierdie beskrywing, soos ook in *Aen.* 4.586-87 (sien *infra*), kan *videre* met die byvoeging van die kleurwoord(e) die belewenis van ἐναργεια verhoog, sodat die leser die uitbeelding in die geestesoog kan visualiseer.

ii. Verg. *Aen.* 4.586-87: *regina e speculis ut primam albescere lucem | vidit ...* ('die koningin het vanuit haar toring gesien dat die vroeë oggendlig **begin helder word...**').¹⁹¹

Wanneer die dag begin breek,¹⁹² sien Dido hoe Aeneas se vloot uit die hawe vertrek. Die term *albescere* word achromaties gebruik met die uitgebreide betekenis 'om lig/helder te word,' ook met die nuanse 'om te blink/gloei' wat hier met die frase *primam ... lucem* beklemtoon word.¹⁹³

¹⁹⁰ Sien voetnoot 116.

¹⁹¹ Die bekende frase, *albente caelo* ('tydens dagbreek'), is deur die historikus, Sisenna, in prosa gebruik waarna Quintilianus, *Inst.* 8.3.35 verwys: *idem putat ... primum dictum esse ... Caecilius a Sisenna albente caelo* ('Caecilius reken dat dieselfde frase "tydens dagbreek" vir die eerste keer deur Sisenna gebruik is'). Dit verskyn een keer in Caesar, *B.C.* 1.68: ... *albente caelo omnes copias castris educit ...* ('... teen dagbreek lei [Caesar] al sy troepe uit die kamp ...').

¹⁹² Ook Ennius beskryf die glansende voorkoms van 'n nuwe dag, maar met die skaars term *inalbare* in *Ann. Fragmenta Spuria* i.1 (212) (Skutsch): *ut primum tenebris abiectis inalbat dies ...* ('so gou as die dag begin breek het, toe die duisternis gewyk het ...'). Volgens die *OLD ad loc.* is die werkwoorde *indalbare* [my beklemtoning] 'n wisselvorm van *inalbare* met die betekenisommoontlikhede 'om wit te maak,' 'om te verbleik' en 'om op te helder' of 'om te verlig'.

¹⁹³ Soos reeds aangedui, wys Edgeworth (1992:65-66) op die besondere groepering van kleure in *Aen.* 4.583-90: die 'blou' see (583: *caerula*), die saffraankleur van Tithonus se bed (585: *croceum*), Dido se blonde hare (590: *flaventis*) en *albescere* (587) wat op dagbreek dui wat 'wit word'. Laasgenoemde vertaling is onaanvaarbaar is, aangesien die kleurterm in hierdie konteks achromaties met glans vereenselwig word; ook kom die substantief *caerula* ('see') sonder enige ander spesifieke chromatiese elemente voor en kan die term dus nie implisiet met 'seeblou' vereenselwig word nie.

II CANDIDUS¹⁹⁴

Volgens Priscianus, *Institutiones grammaticae* 2.137.9 is **candidus** van *candēre* (met die betekenis ‘om brandend/gloeierend wit te wees’) afgelei: *candeo* ‘*candidus*’ *facit* (vgl. Maltby *s.v. candidus*). Hierdie kleurwoord hou verband met die Indo-Europese wortel **cand-*, met die betekenis ‘skitter’ of ‘gloeï van hitte’ wat Price (1883:15) voorhou as die Indo-Germaanse **kand*, **skand* (met dieselfde betekenis moontlikhede), met verwysing na *incendēre* en die Griekse woord κάνδαρος (‘gloeïende kool’). Hieruit word twee Latynse werkwoorde gevorm, *candēre* en *candēre* (vgl. Ernout-Meillet 1979 *ad loc.*), waarvan eersgenoemde intransitief gebruik word en *candēre* transitief voorkom met die betekenis ‘om (iets) aan die brand te steek’. Volgens Macrobius, *Sat.* 5.17.3 (*candens scilicet a candore dictum, non a calore*) dui *candēre* eerder op ’n glansende witheid as op hitte (vgl. Maltby *ad loc.*). L&S *s.v. candeo* verwys na Sanskrit *candami* (‘om lig te wees’) en *candra* (‘maan’) en wys op die verband tussen *candēre* en *canēre* (‘om wit te wees’), net soos dié tussen *ardēre* (‘om te brand’) en *arēre* (‘om droog/uitgedor te wees’). Die *OLD* (ook met verwysing na *candeo*) bied vreemd genoeg die Griekse κάνδαρος (= ἄνθαρος, ‘houtschool’) en Sanskrit *candati* wat ook volgens W-H *ad loc.* voorkom, met die toevoeging van *candrāh*, *ścandrāh* (‘gloeïend’ of ‘helder verlig’). Ook De Vaan (2008:87 met verwysing na *candeo*) wys op die Proto-Italiese vorm **kand-ē-* (‘om te skitter’) en, indien die Latynse *candeo* van die Proto-Indo-Europese **knd-ro, -no-* (‘glansend’) afkomstig is, kan die onverwagse klinker *-a-* in die plek van **-e-* verklaar word deur die byvoeging van *a* na die eerste konsonant in ’n groepering van vier konsonante. Die *TLL ad loc.* stel ’n reeks variante, maar verwante, betekenisse wat hierna ter sprake sal kom.

In hierdie woordgroepering kom verskeie afleidings voor, onder andere *candela*, *candescēre*, *candicare*, *candidatus*, *candide*, **candidus** en *candor*, waarvan slegs **candidus**, **-a**, **-um** in die *Georgica* voorkom. Die byvoeglike naamwoord is gevorm uit die stam **cand-* en die adjektiefvormende agtervoegsel *-idus* (*OLD*). Die kleurwoord word met die uitgebreide betekenis ‘wit’ gebruik, volgens W-H *ad loc.* ‘stralend/glansend wit’ wat Servius *ad Geor.* 3.82 nader toelig: **candidum** ... *id est quadam*

¹⁹⁴ Die *TLL* se verskillende gebruikskategorieë vir **candidus** (III.239 [reël 41]-245[reël 54]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

A *i.q. micans, splendidus, lucidus* **1** *de sideribus eorumque lumine: de locis sole illustratis; de aëre et aethere; de ventis; de die* **2** *de splendore ignis: de lumine facis et sim.; de nubibus ignitis* **3** *de aquis, i. clarus, limpidus*

B *coloris notionem habens albi et albidī: distinguuntur rerum species* **1** *de animalibus: a* *de hominibus: de capillis i.q. albus vel canus; de dentibus; allegorice; de cute; inde accedit fere ad notionem pulcher, venustus, formosus; de deis et deabus i.q. splendens caelesti nitore* **b** *de animalibus* **2** *de rebus, quas terra gignit* **a** *de herbis et floribus* **b** *de arboribus: de arborum lacrimis et succis et oleis* **c** *de fructibus, plerumque nondum maturis* **d** *de lapidibus et gemmis; nota: de metu* **e** *de metallis et pigmentis* **3** *de rebus ab hominibus factis* **a** *de aedificiis et simulacris* **b** *de vestimentis* **c** *de aliis rebus* **4** *de cibariis et aliis ad victum et vitam rebus pertinentibus* **5** *de nive et rebus nive opertis* **6** *de liquoribus et aqua* **7** *indistincte de rebus non certis.*

C *translatē* **1** *i.q. laetus, prosper, felix* **2** *i.q. benevolus, bonus, simplex, sincerus; apud ecclesiasticos etiam purus, innocens, castus; de personis* **3** *i.q. apertus, perspicuus, facilis ad intellegendum* **4** *i.q. acutus, clarus, purus* **5** *proverbialiter; de candido calculo.*

fem. subst. candida, -ae: 1 i.q. candida vestis i.q. expectatio, spes **3** *i.q. auctoritas, dignitas.*

neutr. subst. candidum, -i: 1 i.q. color candidus **2** *i.q. ovi candidus liquor; neutr. plur. candida, -orum: i.q. liquor candidus ovi.*

Sien ook *EVI* en *III* vir verwysings en ’n gedetailleerde bespreking.

nitenti luce perfusum ('**candidum** ... is iets wat deurdrenk is met die een of ander skitterende lig').¹⁹⁵ Hiervolgens behou die term die oorspronklike kleurlose betekenis, 'glansend' (vgl. Vels Heijn 1951:80), sodat die kombinasie met *nitens* stilisties as tegniese term voorkom met die aanvullende betekenis 'gepoleerd' of 'elegant' (sien die *OLD* s.v. 3). Nietemin kan die begrip 'wit' ingeslote wees, sodat die 'glansende wit' kleur die betekenismoontlikheid van hierdie term met dié van *albus* onderskei wat in kontras op 'n 'dowwe wit' dui. Hoewel daar uitsonderings is, word **candidus** (ook afleidings of saamgestelde woorde waarin dit voorkom) gewoonlik teenoor *niger* ('blinkswart') gestel (vgl. André 1949:33).¹⁹⁶

Die soort konteks waarin die woorde voorkom, word hieronder in breë trekke uiteengesit.

L&S, die *OLD*, die *TLL* en W-H aanvaar **candidus** se primêre betekenis 'glansend,' 'skitterend' of 'stralend' wat dikwels in beide prosa en poësie voorkom.¹⁹⁷ Reeds so vroeg as Plautus word hierdie term met die primêre betekenis van glans gebruik: *Rudens prol. 3: ita sum, ut videtis, splendens stella candida* ('soos julle sien, só **skitterend** is ek [Arcturus] met die glans van 'n ster'; vgl. *TLL* A.1: *de sideribus eorumque lumine*). Die term is dus 'n baie gepaste epiteton vir die son, maan en sterre, aangesien die glans van hierdie hemelliggame so oorweldigend is dat enige kleurwaarde moeilik waarneembaar kan wees.

Die fisiese voorkoms van mense en gode word nie soseer deur *albus* nie, as deur **candidus** (met die uitgebreide betekenis 'wit') uitgebeeld (vgl. André 1949:38). Sien Ovidius, *Met.* 2.607 se beskrywing van Coronis wie se wit ledemate met rooi bloed bedek was: *candida puniceo perfudit membra cruore*; vgl. *TLL* B.1: a. *de hominibus: de cute*. Volgens L&S is **candidus** meer poëties as *canus* (L&S), en waar **candidus** wit of grys hare en baard bepaal, kan dit ook metafories op 'n gevorderde ouderdom dui. Sien Plautus, *Mos.* 1147: *sapere istac aetate oportet, qui sunt capite candido* ('manne van jou ouderdom behoort tog verstand in hul **wit/grys** koppe te hê'; vgl. *TLL* B.1: a. *de hominibus: de capillis i.q. albus vel canus*). Soos die geval met die Griekse term λευκός¹⁹⁸ kan daar ook

¹⁹⁵ Die Griekse terme λευκός (met verwante woorde) en ἀργός (in mindere mate) word van 'wit' gebruik. Eersgenoemde word ook met die betekenis 'glansend' geassosieer wat volgens Kober (1932:1, 13) kan wissel van die glansende, wit voorkoms van sneeu tot die grys kleur van stof. Aangesien ἀργός selde van die mens gebruik word, stem die betekenismoontlikhede van beide **candidus** en *albus* eerder met dié van λευκός ooreen.

¹⁹⁶ André (1949:33) wys daarop dat Ovidius, *Met.* 11.314-15 nie alleen **candidus** en *niger* as kontrasterende kleure gebruik nie, maar ook *candens* en *ater* wat buitengewoon is: *candida de nigris et de candentibus atra | qui facere assuerat ...* ('[die slinkse dief Autolukos, die oupa van Ulysses] was gewoon daaraan om **wit** [dinge] uit swart te skep, en donker [dinge] uit glansende wit [dinge] ...').

¹⁹⁷ Ennius, *Ann.* III.x.148 (156) (Skutsch) beskryf (waarskynlik) die brandende fakkels wat gedurende die begrafnisoptog van Tarquinius gebruik is. Hulle kom glansend voor en word deur *lucere* beklemtoon: ... *tum candida lumina lucent* ('... dan skitter/blink die **glansende** ligte'; vgl. *TLL* A.2: *de splendore ignis*). Sien ook *Ann.* fr. cx.572 (558) (Skutsch): *inde patefacit radiis rota candida caelum* ('dan open die **glansende** skyf [van die son] die hemel met sy strale'); en Ovidius, *Met.* 15.193-94: *mane rubet, terraque rubet cum conditur ima, | candidus in summo est ...* ('[die ronde skild van Phoebus] is rooi in die oggend, en rooi wanneer dit in die dieptes van die aarde verberg word; [maar] hoog in die lug is dit **glansend** ...'; vgl. van beide *TLL* A.1: *de sideribus eorumque lumine*).

¹⁹⁸ Aangesien 'n ligte vel grootliks deur die Grieke van ouds bewonder is, is λευκός ook met die skoonheid van 'n vrou, godheid of selfs 'n jong seun geassosieer. As tipering van 'n man kan die wit kleur van sy vel op verwyfdheid of siekte dui, terwyl soldate se ligte velkleur die dele van die vel is wat moontlik met 'n borsharnas bedek is en dus nie aan die son blootgestel is nie. Sien Homeros, *Il.* Δ(11).573: ... πάρος χρόα λευκὸν ἐπαυρεῖν ('... voordat [die spiese] sy wit liggaam bereik het'). Metafories kan die term ook op lafhartigheid dui wat waarskynlik die geval is in *Comica Adespota* fr. 791: οὐδὲν λευκὸν ἀνδρῶν ὄφελος ('geen hulp/voordeel vir lafhartiges nie'; vgl. Kober 1932:2-3).

bykomende positiewe nuanses wees: By die bepaling van 'n vrou se aanvallige voorkoms is *candida* sinoniem met *pulchra*, *venusta* of *formosa* (vgl. Vels Heijn 1951:80 en *EV* III.745; vgl. *TLL* B.1:a. *de cute; inde accedit fere ad notionem pulcher, venustus, formosus*). Die term kom ook voor van gode se uitsonderlike aantreklikheid in Tibullus 3.6.1: *candide Liber* ('aanvallige Liber') en godinne se skoonheid wat met grasie en sjarme geassosieer word;¹⁹⁹ vgl. *TLL* B.1:a. *de dis et deabus i.q. splendens caelesti nitore*. Hierdie term word dus met 'n positiewe simboliese waarde vereenselwig.

Ook diere en voëls word deur die uitgebreide betekenis 'wit' van *candidus* uitgebeeld wat Ovidius van vere gebruik in *Met.* 6.96-97: ... *sumptis quin candida pennis | ipsa ... ciconia ...* ('... [Antigone] self is inderdaad met **spierwit** vere bedek ... 'n witsprinkaanvoël ...'; vgl. *TLL* B.1:b. *de animalibus*).

By blomme, plante en vrugte kom *albus* eerder as *candidus* voor, 'n gebruik wat volgens André (1949:27) oor eeue in botanie konstant gebly het. Die 'lelie' is 'n uitsondering, aangesien beide *albus*²⁰⁰ en *candidus* dit kan bepaal. Sien Propertius 1.20.37-38: *et circum irriguo surgebant lilia prato | candida purpureis mixta papaveribus* ('en in die waterige vleiland het **wit** "lelies" rondom gegroei, gemeng met karmosynrooi/purper papawers'); so ook Ovidius, *Met.* 4.354-55: ... *ut eburnea si quis | signa tegat claro vel candida lilia vitro* ('... soos iemand wat beeldjies van ivoor of **wit** "lelies" in deursigtige glas bêre'; vgl. van beide voorbeelde *TLL* B.2: a. *de herbis et floribus*). Waar *albus* 'groen' ('onryp') olywe bepaal, gebruik Ovidius, *Met.* 3.483-84 *candidus* van appels wat nog nie heeltemal ryp is nie: *non aliter quam poma solent, quae candida parte, | parte rubent ...* ('net soos appels wat gewoonlik aan die eenkant **wit** [= 'groen'] en aan die anderkant rooi [= 'ryp'] is ...'; vgl. *TLL* B.2: c. *de fructibus, plerumque nondum maturis*).

Horatius beskryf die glansende voorkoms van wit sneeu met *candidus* in *Carm.* 1.9.1-2: *vides, ut alta stet nive candidum | Soracte ...* ('jy sien mos hoe Berg Soracte uittroon, **glansend/wit** van sneeu ...'; vgl. *TLL* B.5: *de nive et rebus nive opertis*; L&S). Volgens André (1949:39) stem die gebruike van *niveus* en *candidus* in meeste gevalle ooreen, sonder enige verskil in nuanse of kleurwaarde, aangedui in Seneca Minor, *Apoc.* 4.1.5: *candida de niveo subtemina vellere sumit* ('sy tel die **wit** drade van die spierwit wol op'; vgl. *TLL* B.3: *de rebus ab hominibus factis c. de aliis rebus*).

Fyner nuanses kom ook voor, onder andere van winde wat wolke verdryf om só die hemelruim 'skoon en helder' te maak, sodat die winde dan as 'gunstig' beskou word.²⁰¹ Sien *TLL* C. *translatě* 1: *i.q. laetus, prosper, felix* van die volgende, onder andere Horatius, *Carm.* 3.7.1: *quid fles, Asterie, quem tibi candidi | primo restituent vere Favonii* ('Asterie, hoekom huil jy oor die man wat die **voordelige** westewinde met die koms van die lente aan jou sal terugbring?'). In Propertius 4.1.67-68 kom die frase *candida omina* met positiewe gevoelswaardes voor en kan dit oordragtelik op voorspoed dui; ook van

¹⁹⁹ Die epiteton λευκόλενος ('met wit arms') is 'n bekende *formula* wat Homeros in die *Ilias* uitsluitlik van Hera gebruik as aanduiding van haar besondere skoonheid, onder andere in *Il.* A(1).55, 195, 208 en 595.

²⁰⁰ Sien *alba lilia* in I. *ALBUS* en *ALBESCĒRE* 3.b.v.

²⁰¹ Hierdie betekenis word ook met *albus* geassosieer. Sien I. *ALBUS* en *ALBESCĒRE* se inleidende opmerkings.

geluk in 2.15.1: *o me felicem! o nox mihi candida...*²⁰² ('gelukkige ek! wat 'n voordelige nag [is dit] vir my!').²⁰³

Lucretius gebruik *candidus* ses keer, terwyl dit vyftien keer in Catullus voorkom. *Candidus* kom sewe keer in elk van die *Eclogae* en *Aeneis* voor en slegs vier keer in die *Georgica*.

1 Tiperend van die voorkoms van die mens, mitologiese figure en gode (vgl. *TLL* B.1: *de animalibus* a. *de hominibus: de capillis, de dentibus, de cute*)

a. Catullus

i. Cat. 39.1-2: *Egnatius, quod candidos habet dentes, | renidet ...* ('omdat Egnatius **wit** tandes het, glimlag hy aanmekaar ...').

Die digter spot met Egnatius wat gedurig aan't glimlag is om só sy wit tandes te vertoon wat *candidos* met die uitgebreide betekenis bepaal. Die primêre betekenis 'skitterend' is ook 'n moontlikheid, aangesien dit ook deur *renidet* in reël 2 beklemtoon word. Die bykomende nuanse 'skoon' of 'rein' kan egter nie hier geld nie, aangesien Egnatius nie sy mond met water reinig nie. Hierdie is een van min voorbeelde waar Catullus die term pejoratief gebruik en wat nie as sodanig deur die *TLL* aangedui word nie.²⁰⁴

ii. Cat 64.162-63: *candida permulcens liquidis vestigia lymphis | purpureave tuum consternens veste cubile* ('[as slavin sou ek] jou **wit** voete met vloeiende water was of jou bed met 'n karmosyn deken bedek').

Ariadne dink aan haar liefdestakies vir Theseus, soos die was van sy voete of die karmosynrooi deken waarmee sy die bed bedek. Die term *candida* word met die uitgebreide betekenis 'glansend wit' van voete gebruik wat kan verwys na die frase *καλὰ πέδιλα* in Homeros, *Il.* B(2).44 en K(10).22. Die frase kan ook erotiese ondertone impliseer. Die plasing van *candida* en *purpurea* onderskeidelik in die beklemtoonde aanvangsposisies van direk-opeenvolgende reëls skep ook 'n kleurkontras wat subtiel dreigend kan voorkom.²⁰⁵

b. Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 1.27-28: *libertas, quae sera tamen respexit inertem, | candidior postquam tondenti barba cadebat* ('al was dit laat het vryheid tog na 'n leeglêer omgesien, nadat my baard al **witterig** geval

²⁰² Clarke (2003:60-61) beskou die frase *nox candida* as 'n oksimoron, hoewel dit waarskynlik na 'n 'maanlignag' verwys. Die term *candida* kan op die primêre betekenis 'stralend' of 'glansend' dui, asook die genuanseerde betekenis 'gelukkig'.

²⁰³ Dit was die gebruik om 'n gelukkige of voorspoedige dag op die kalender met wit kryt te merk. Vir die gebruik van wit klippies in 'n kruik, sien Martialis 12.34.5-7: *et si calculus omnis huc et illuc | diversus bicolorque digeratur, | vincet candida turba nigriorem* ('en as al die klippies aan hierdie en aan daardie kant in twee hopies van verskillende kleure gesorteer is, sal die **wit** hopie meer wees as die donkerder een'; vgl. *TLL* C: *translatē* 1: *i.q. laetus, prosper, felix*).

²⁰⁴ Ook in Catullus 80.1-2 word *candidus* pejoratief gebruik: *quid dicam, Gelli, quare rosea ista labella | hiberna fiant candidiora nive* ('wat sal ek as rede voorhou vir jou rosige lippe wat **wit** word as die winter se sneeu, Gellius?').

²⁰⁵ Volgens O'Connell (1977:755) vorm wit met rooi en/of purper 'n besondere kleurkontras wat des te meer dreigend voorkom namate die gedig vorder om in tragiese patos te eindig. Vergelyk ook die kleurkontras in Catullus 64.308 (sien 4 in hierdie rubriek).

geval het by die knip daarvan’).

Vir die slaaf Titurus het vryheid laat in sy lewe en eers as *senex* (46) gekom. Nou het hy genoeg gespaar om sy vryheid te koop en, volgens die gebruike van *manumissio*, moet sy baard afgeskeer word (vgl. Conington 1881:25 n.28). Dié vertoon witterig/gryserig, weergegee deur die oortreffende trap, *candidior*, met die uitgebreide betekenis. Hierdie beskrywing van ’n baard is uitsonderlik, aangesien *canus* gewoonlik in Latynse poësie daarvoor gebruik word.²⁰⁶

ii. Verg. *Ecl.* 2.16-17: *quamvis ille niger, quamvis tu candidus esses? | o formose puer, nimium ne crede colori* (‘[was dit nie beter om Menalcas te verdra nie], al was hy donker en jy **lig**? Ai, aantreklike jongman, moenie te veel op kleur staatmaak nie’).

Die term *candidus* dui met uitgebreide betekenis ‘lig’ of ‘wit’ op Alexis se velkleur wat Blanckenberg 1975 *ad loc.* as ‘lelieblank’ vertaal. Die ligte voorkoms van ’n manlike slaaf was egter ’n teken van verwyfdheid, aangesien hy geen buitenshuise take verrig het nie (vgl. Clausen 1994:69 n.18). As *verna* bly hy eerder binnenshuis en geniet die gunste en gawes van sy meester, Iollas (2: *delicias domini*; vgl. Coleman 1977:95 n.16).²⁰⁷

iii. Verg. *Geor.* 4.336-37: *Drymoque Xanthoque Ligeaque Phyllodoceque, | caesariem effusae nitidam per candida colla* (‘[om Cirene sit] Drymo, Xantho, Ligea en Phyllodoce met hul blink hare wat oor hul **glansende wit** nekke uitsprei’).

Anders as Homeros wat die grot van Thetis in *Il.* Σ(18).50 as ἀργύρεος (‘silwerwit’) beskryf, fokus Vergilius eerder op die voorkoms van die nimfe wat om Cirene in haar see-woning geskaar is. Asof in die huishouding van ’n edele dame (vgl. Mynors 1990:302) is die nimfe besig om wol te spin (335: *carpebant*; sien *carpentes* in *Geor.* 1.390), met hul hare wat blink (*nitida caesaries*) oor hul skitterwit nekke (*per candida colla*) kartel.²⁰⁸ Hoewel *candida* met die afgeleide betekenis ook op hul skoonheid of begeerlikheid kan dui, kom die term hier eerder met die primêre betekenis, ‘glansend,’ voor. Die plasing van *nitidam* en *candida* in ’n enkele versreël dra ook planmatig by tot die algemene indruk van glansrykheid in Cirene se waterkoninkryk.²⁰⁹

iv. Verg. *Aen.* 9.431-32: ... *sed viribus ensis adactus | transabiit costas et candida pectora rumpit* (‘... maar die swaard, met krag ingedryf, het deur die ribbes gesteek en die **spierwit** bors geklief’).

Na hul plundertog in die Rutuliese kamp word Euryalus met ’n swaard gedood, ten spyte van Nisus se

²⁰⁶ Homeros gebruik nie λευκός of μέλας van hare en baard nie, maar eerder πολίος, ‘silwerwit,’ of κύνεος, ‘donker’ (vgl. Irwin 1972:194). Volgens Kober (1932:4) moet λευκός ‘silwerwit’ hare bepaal en πολίος ‘grys’ hare, maar die onderskeid word nie altyd streng gehandhaaf nie.

²⁰⁷ Sien I. *ALBUS* en *ALBESCO* 3.b.i en VII. *NIGER* 5.c.i.

²⁰⁸ Hierdie uitbeelding verwys terug na Theokritos, *Id.* 5.91: ... λιπαρά δὲ γὰρ ἀρχένα σείειτ’ ἔθειρα (‘... en blink kartel sy hare op sy nek’; vgl. Thomas 1988b:208 n.337). Erren (2003:920-21) beskou die woord *colla* (337) as *pars pro toto* wat, in die lig van Theokritos se beskrywing, minder aanvaarbaar is.

²⁰⁹ In poësie word *nitidus* dikwels as sinoniem van *candidus* gebruik (vgl. André 1949:33). Sien Propertius 3.10.14: *et nitidas ... finge comas* (‘en bind jou blink hare vas’); en Horatius, *Carm.* 1.4.9: *nunc decet aut viridi nitidum caput impedire myrto* (‘nou pas dit dat jy jou glansende hoof [sc. ‘hare’] met groen mirt versier’).

vergeefse pogings om sy vriend te red. Beide is ten volle gewapen (308: *armati*) wat sou beteken dat die swaard deur Euryalus se harnas sny om sy wit bors (*candida pectora*) te deurboor. Weer eens dui *candida* met die uitgebreide betekenis ‘wit’ op die kleur van vel wat nie aan die son blootgestel is nie en daar is ook geen aanduiding dat die kleurterm hier met negatiewe gevoelswaarde (onder andere ‘lafhartigheid,’ soos van λευκός)²¹⁰ voorkom nie. Moontlik kan die kontras van die implisiete rooi kleur van die bloed en die wit bors in die leser se geestesoog gevisualiseer word om hier deerniswekkend voor te kom en patos te ontlok.

2 As epiteton vir die skoonheid van menslike wesens, mitologiese figure en gode (vgl. *TLL* B.1: a. *de hominibus: inde accedit ad notionem pulcher, venustus, formosus*)

a. Catullus

i. Cat. 13.1, 3-4: *cenabis bene, mi Fabulle, apud me | ... | si tecum attuleris bonam atque magnam | cenam, non sine candida puella* (‘by my aan huis sal jy ’n goeie maaltyd nuttig, my [liewe] Fabullus ... dis nou te sê as jy lekker baie kos sal saambring, [en] in die geselskap van ’n **mooi/aanvallige** meisie’).

Catullus nooi sy vriend Fabullus vir ’n feesmaal, verkieslik in die geselskap van ’n meisie wat mooi of aantreklik moet wees wat *candida* hier met die afgeleide betekenis bepaal.²¹¹

ii. Cat. 68A.133-34: ... *hinc illinc saepe Cupido | fulgebat crocina*²¹² *candidus in tunica* (‘... dikwels aan hierdie en daardie kant het Kupido geskitter, **glansend** in sy saffraankleurige kleded’; vgl. *TLL* B.1: a. *de hominibus: de dis et deabus i.q. splendens caelesti nitore*).

Kupido fladder rondom Lesbia. Nie alleen sy blote teenwoordigheid nie, maar ook sy voorkoms dui op Catullus se verwagtinge van ’n moontlike huweliksverbintenis met Lesbia. Die saffraankleurige kleded (*crocina ... in tunica*) word gewoonlik met ’n huwelik verbind, terwyl *fulgebat* ook met die huweliksfakkeld se glans vereenselwig kan word (vgl. Mantero 1979:191). In reël 134 plaas Catullus drie woorde wat met glans en kleur vereenselwig word – *fulgebat*, *crocina* en *candidus* (met die primêre betekenis ‘glansend’) – opeenvolgend in dieselfde versreël om só die trefkrag van die uitbeelding te verhoog.

²¹⁰ Hoewel λευκός ook met lafhartigheid geassosieer kan word, word dit nie as sodanig deur Homeros gebruik met die frase χρώς λευκός in *Il.* Λ(11).573 en O(15).316 nie (vgl. Kober 1932:3). Sien ook voetnoot 198.

²¹¹ In die volgende Catullus-passasies is die afgeleide betekenis ‘mooi’ of ‘aantreklik’ van *candidus* belangrik: 35.8-9: *quamvis candida milies puella | euntem revocet ...* (‘al roep sy **mooi** liefding hom ’n duisend kere terug, is hy [reeds] op pad ...’). Catullus beskou Lesbia as die verpersoonliking van ’n godin. As sodanig word sy met *candida* se afgeleide betekenis, ‘pragtig,’ uitgebeeld wat in 68.70-71 veel intenser is as die frase *candida puella* in 13.4 (sien *supra*) en 35.8 (hierbo): *quo mea se molli candida diva pede | intulit ...* (‘my **pragtige** godin het saggies [let. ‘met sagte voet’] oor [die drumpel] getree ...’), waarvan die frase *molli ... pede* moontlik ’n erotiese konnotasie het. Sien ook die verwysing na Quintia in 86.1-2: *Quintia formosa est multis, mihi candida, longa | recta est ...* (‘vir baie is Quintia **mooi** [maar] vir my is sy [bloot] aantreklik, lank en kiertsregop ...’).

²¹² Die term *crocinus* met die afgeleide betekenis ‘saffraankleurig’ word geensins deur Vergilius gebruik nie. Vir verwante woorde, sien X. *CROCEUS* en *CROCUS/CROCUM*, inleiding.

b. Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 2.45-47: ... *tibi lilia plenis | ecce ferunt Nymphae calathis; tibi candida Nais, | pallentis violas*²¹³ ... ('... vir jou bring die Nimfe mandjiesvol "lilies," vir jou bring die skone Nais ligkleurige "viooltjies" ...').²¹⁴

Die skaapwagter Corydon is smoorverlief op Alexis en in sy lied sing hy van allerhande liefdesgawes wat 'lilies' en 'viooltjies' insluit. By 'n kursoriese lees van hierdie teksgedeelte is die eerste kleurindruk – ook implisiet – dié van ligte kleure: *lilia*, *candida* en *pallentis*. Hoewel die term *candida* se betekenis moontlikheid ook op 'wit' kan dui, bepaal dit eerder met die afgeleide betekenis Nais se besondere skoonheid.²¹⁵ Clausen (1994:79 n.47) verwys ook na die beskrywing *καλὰ Ναίς* in Theokritos, *Id.* 8.43.

ii. Verg. *Ecl.* 7.37-38: *Nerine Galatea, thymo mihi dulcior Hyblae, | candidior cynnis, hederam formosior alba* ('Galatea, dogter van Nereus, jy is **witter** as swane en mooier as die wit klimop').

Net soos Poluphemos in Theokritos, *Id.* 11.19-20 Galatea besing, só ook sing Corydon nou van sy Galatea. Om haar skoonheid te beklemtoon, gebruik die digter twee kleurwoorde vir wit wat reël 38 omraam: *candidior* met die uitgebreide betekenis en *alba* om só die klem op die nimf se besondere voorkoms te plaas.²¹⁶

iii. Verg. *Aen.* 5.570-72: *extremus formaque ante omnis pulcher Iulus | Sidonio est investus equo, quem candida Dido | esse sui dederat* ... ('in die laaste plek, en by verre die aantreklikste van almal, het Iulus op die Sidoniese perd gery wat die skone Dido aan hom geskenk het ...').

In kontras met Iulus en sy makkers wat indrukwekkend vertoon (554: *frenatis lucent in equis*... ['op hul getoomde perde vertoon hulle indrukwekkend ...']), is die amper terloopse verwysing na *candida Dido* opvallend, veral omdat dit die eerste nuwe verwysing na Dido is na haar selfdood (sien 4.663-65). Vergilius gebruik *candida* slegs hier van Dido en, soos in 1.496 en 4.60 met die frase *pulcherrima Dido*, kan die term met die afgeleide betekenis haar uitsonderlike skoonheid bepaal. Sy is ook beskryf as uiters hartseer (*miserrima Dido* in *Aen.* 4.117) en dikwels as ongelukkig (*infelix Dido* in *Aen.* 1.749; 4.68 en 596, 6.456), sodat *candida*, weens die emosionele impak, gevoelswaarde sou kon oordra, hoewel dit

²¹³ Vergilius gebruik *pallens* hier met die betekenis 'liggekleurd' van 'viooltjies,' maar ook van die klimop (*hedera*) in *Ecl.* 3.39 en *Geor.* 4.124; en van 'n olyfboom in *Ecl.* 5.16. Plinius Maior, *Nat.* 21.27, daarenteen, verwys met die frase *pallentis violas* na 'viooltjies' se ligte kleur wat eksplisiet ligroos (*luteae*) of wit (*albae*) kan wees.

²¹⁴ Soos ook met *hyacinthus* is dit onseker na watter spesifieke blomsoort *viola* verwys. Dit word van 'n verskeidenheid van geurige lentebloem gebruik: *viola alba*, die vilet (*Matthiola incana*), sneeuklokkies (*Galanthus nivalis*) wat vroeg in die lente blom, *viola lutea*, moontlik ook die muurblom (*Cheiranthus cheiri*), of selfs geurige viooltjies (*Viola odorata*) met hul kenmerkende donkerpurper kleur (*OLD*). Sargeant (1919:136-37) vereenselwig *viola* met die Griekse ἴοβ, 'n naam wat van verskeie blomsoorte voorkom en ook op die vilet kan dui. *Viola* sluit ook 'n verskeidenheid van taksonomiese groepe by die *genus* in (onder andere *Viola tricolor*), deesdae algemeen bekend as gesiggies (die Engelse 'pansies').

²¹⁵ In *Ecl.* 6.74-75 beklemtoon *candida* met die uitgebreide betekenis 'glansend wit' die kontras tussen die besondere skoonheid van Skulla en die grusame voorkoms van die ongediertes om haar heupe: *quid loquar aut Scyllam Nisi, quam fama secuta est | candida succinctam latrantibus inguina monstros* ('wat sal ek sê van Skulla, dogter van Nisus, van wie daar vertel is dat sy keffende ongediertes om haar wit middel gebind het?'; vgl. *TLL* B.1: a. *de hominibus*).

²¹⁶ Sien I. *ALBUS* en *ALBESCO* 3.b.ii.

nie deur die *TLL* aldus aangedui word nie. Hierdie term word egter deurgaans met 'n positiewe simboliese waarde vereenselwig, anders as Homeros, die Griekse liriese digters en die dramaskrywers wat die Griekse ekwivalent, λευκός, genuanseerd van patos gebruik (vgl. Irwin 1974:120-21).²¹⁷

3 By die uitbeelding van voëls en diere (vgl. *TLL* B.1: b. *de animalibus*)

a. Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 4.682-83: ... *et humanum longe praesentit odorem | Romulidarum arcis servator candidus anser* ('... en die **wit** gans, redder van die seuns van Romulus se vesting, ruik ver af 'n mensegeur').

Met verwysing na 'n wit gans, verduidelik Lucretius kortliks hoe reuk waargeneem word: Objekte versprei deeltjies wat elk 'n eiesoortige geur het en, aangesien die vorme van hierdie deeltjies verskil, affekteer hulle verskillende wesens op verskillende wyses. So kan die geur van heuning bye lok en 'n gans kan op die geur van 'n mens reageer. Die enigste kleurwoord is hier *candidus* wat die voorkoms van die gans met die uitgebreide betekenis bepaal (vgl. Bailey 1966c:1259-60).

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 2.319-20: *optima vinetis satio, cum vere rubenti | candida venit avis longis invisae colubris* ('die voordeligste planttyd vir 'n wingerd is wanneer die **wit** voël, die aartsvyand van lang slange, in die blosende lente opdaag').

Sien XVIII. **RUB*-groepering 5.v. Wanneer 'n boer 'n wingerd wil aanplant, moet hy geduldig wag op die regte seisoen wat óf in die lente óf in die herfs kan wees. Eie aan die lente is die koms van 'n wit voël wat *candida* met die uitgebreide betekenis bepaal.²¹⁸ Aangesien die naam van die voël verswyg word (skynbaar 'n Aleksandryse tegniek, volgens Thomas [1988c:214-17]), kan dit tog aan drie eienskappe geëien word: Dit is glansend wit (*candida avis*),²¹⁹ dit verskyn by die aanvang van die lente

²¹⁷ In die volgende twee passasies van Vergilius kan *candidus* met die primêre betekenis 'glansend' én die afgeleide betekenis 'beeldskoon' voorkom; vgl. van beide die voorbeelde *TLL* B. 1: a. *de dis et deabus i.q. splendens caelesti nitore*. Sien *Aen.* 8.138-39: *vobis Mercurius pater est, quem candida Maia | Cyllenae gelido conceptum vertice fudit* ('jul voorsaak is Mercurius, vir wie die **skone/glansende** Maia op die ysige spits van Killene gebaar het'); en 8.608-9: *at Venus aetheros inter dea candida nimbos | dona ferens aderat ...* ('maar Venus, **glansende** godin wat tussen die hemel se wolke verskyn het, bring geskenke ...'). Hierdie beskrywing kan terugverwys na Homeros se uitbeelding van Aphrodite met die adjektief δῖα ('helder'), onder andere in *Il.* B(2).820, Γ(3).389, 413 en E(5).370. Edgeworth (1992:116) verwys ook na Thetis in *Il.* T(19).6 wat as δῖα θεῶων beskryf word, wanneer sy die goddelike wapens aan Achilles gee.

²¹⁸ Volgens Kober (1932:15) kom die Griekse terme ἀργός en λευκός selde van vere voor, met enkele voorbeelde in Homeros, *Od.* ο(15).161: ἀργὴν χῆνα ('wit gans') en Theokritos, *Id.* 25.130-31: κύκνοι ἀργησταί ('spierwit swane').

²¹⁹ In reaksie op Harbinson (1986:276-78) se beskrywing van *candida avis* as die *Circaetus gallicus* ('short-toed eagle'), verskaf Thomas (1988c:214-17) 'n goed gefundeerde beskrywing van die voël se voorkoms, verspreiding, habitat en voedsel en bewys só dat Vergilius hier na die *Ciconia ciconia* verwys, die witooievaar. Die wit kleur van die voël is uiteraard belangrik wat as sulks ook in Duits ('Weißstorch'), Engels ('European White Stork'), Frans ('Cicogne blanche') en Spaans ('Cigüeña Blanca') aangedui word (vgl. *Handbook of the Birds of the World* 1997:460-61). Mynors (1990:140) verwys ook na die wit voorkoms van die ooievaar, ὁ πελαργός (*Ciconia alba*), en noem dat die *candida avis* nie die kraanvoël (*grus*) kan wees nie, omdat dit grys is. Die ooievaar is 'n bekende trekvoël wat in die Ou Testament, Jeremia 8.7 vermeld word: 'Die trekooievaar ken sy tye van kom en gaan ...' Ook is dit 'n gedugte vyand van slange, soos aangedui in Plinius Maior, *Nat.* 10.62: [*Ciconiae*] *honus iis serpentium exitio tantus ut in Thessalia capital fuerit occidisse* ('agting vir [groot witsprinkaanvoëls] is so groot, omdat hulle slange van kant maak, sodat dit in Thessalië 'n oortreding is om [die voëls] dood te maak ...'). Erren (2003:452 n.320) verwys slegs na die ooievaar ('Storch') sonder enige verdere spesifikasie. Volgens hom dui die frase *longis ... colubris* op die slange wat uit die ooievaar se bek hang wat impliseer dat hierdie voël inderdaad die vyand van slange is.

en dit is ook die vyand van slange. Dit is moontlik dat daar 'n literêre bron kon wees vir die algemene identifikasie van *candida* ... *avis longis invisā colubris*.²²⁰

Ook eie aan die lente, wanneer die wingerd geplant moet word, is die blomme waarna Vergilius met die frase *vere rubenti* verwys.²²¹ Volgens Della Corte (1986a:128 n.319) kom die frase hier metonimies voor van alle kleure lentebloem, terwyl Mynors (1990:140 n.319) die betekenis van *rubenti* achromaties as 'vroliek' of 'helder' voorhou. Beide hierdie beskouings is egter minder aanvaarbaar: Die frase *vere rubenti* dui op die lente se rooi blommeweelde waarmee die digter met verwysing na die spierwit voël planmatig 'n wit-en-rooi kleurpaar skep – die tweede voorbeeld van hierdie tematiese kleurpaar wat die mens se misbruik van wyn beklemtoon.

ii. Verg. *Geor.* 3.386-90:

*continuoque greges villis lege mollibus albos.
illum autem, quamvis aries sit candidus ipse,
nigra subest udo tantum cui lingua palato,
reice, ne maculis infuscet vellera pullis
nascentum ...*

En kies onverwyld troppe skape met sagte **wit** wol; al sou die ram self ook spierwit wees, keer hom uit selfs as net sy tong swart is in sy klam verhemelte, sodat dit nie die pels van lammers met donker kolle vlek nie ...

Sien I. *ALBUS* en *ALBESCO* 1.vi; VII. *NIGER* 10.ii. Met die jaarlikse seleksie en aankoop van pasgebore lammers, moet die skaapboer veral op hul voorkoms let. Volgens Varro, *R.* 2.2.4 se handleiding vir teling moet hul wol (*villis*) sag en wit (*albos*) wees (vgl. Erren 2003:721 n.386). Anders as Vergilius se voorskrifte vir die teelkoei, verwys hy nou slegs na die skaapram se glansende wit voorkoms wat hier met *candidus* se uitgebreide betekenis bepaal word. Belangriker, egter, is die kleur van die ram se tong: Sou dit swart (*nigra ... lingua*) wees, sal hy swart-en-wit gespikkelde lammers (*maculis ... pullis*) voortbring wat onaanvaarbaar is en daarom moet hy sondermeer uit die trop gekeer word (sien Aristoteles, *H.A.* 6.19.574.a. 5 ff.; vgl. Richter 1957:309 n.391 ff.). Opvallend is die terme vir wit en swart wat hier as kleurpaar die digter se vermaning beklemtoon.

iii. Verg. *Aen.* 8.82-83: *candida per silvam cum fetu concolor albo | procubuit viridique in litore conspicitur sus* ('**glansend wit** in die bos, van dieselfde kleur as die wit kleintjies, lê die sog voor hul oë op die groen wal uitgestrek').

Die profesie wat Helenus in *Aen.* 3.390-92 aan Aeneas gee en wat Tiberinus in *Aen.* 8.43-45 herhaal, is dié van 'n wit sog en haar wit werpsel as positiewe teken dat Aeneas en sy manne die einde van hul reis sal bereik: ... *locus urbis erit* ... in *Aen.* 3.393 en 8.46. Oplaas sal daar rus wees. Anders as met die vorige twee voortekens waarin beide die varksog en die kleintjies telkens slegs met *albus* uitgebeeld

²²⁰ Ook Juvenalis, *Sat.* 14.74-75 verwys na die *ciconia* as 'slangvreter': ... *serpente ciconia pullos | nutrit* ... ('die *ciconia* voer die kleintjies met slang[vleis] ...'; vgl. Richter 1957:230 n.319 f.).

²²¹ Sien ook Cicero, *Verr.* 2.5.27: ... *sed cum rosam viderat, tum incipere ver arbitrabatur* ('... maar toe hy die roos gesien het, het hy die koms van die lente herken').

word, bepaal *candida* nou met die uitgebreide betekenis ‘glansend wit’ slegs die varksog, in teenstelling met *albo* wat met die uitgebreide betekenis ‘wit’ of ‘dofwit’ weer van die werpsel voorkom. Dit is opvallend dat *candida* slegs hier in die *Aeneïs* in die beklemtoonde aanvangsposisie van die versreël voorkom om in die volgende reël in die finale versvoet met die naamwoord *sus* te kongreuer. Aldus word afwagting geskep. Aangesien die profesie volvoer is, word die uitbeelding verder chromaties verryk met die frase *viridique in litore*: Die glansende wit varksog lê op groen gras.²²² Hierdie kleurpaar van eksplisiete wit-en-groen het ’n positiewe konnotasie en word ’n herhalende tema in die *Aeneïs* wat volgens Edgeworth (1992:45) op die ontlading van spanning dui.

4 As tipering van kledy (vgl. *TLL* B.3: *de rebus ab hominibus factis* b. *de vestimentis*)

Catullus

Cat. 64.307-9: ... *vestis | candida purpurea talos incinberat ora, | at roseae niveo residebant vertice vittae* (‘... die [Parcae se] **wit** kledy met purper omboorsel het tot op hul enkels gereik, terwyl rooskleurige linte op hul spierwit hoofde rus’).

By Peleus en Thetis se huweliksfees maak die *Parcae* hul tuis op spierwit stoele (303: *niveis ... sedibus*). Benewens hul kledy wat *candida* met die uitgebreide betekenis ‘skitterwit’ bepaal, is hul hare ook spierwit (309: *niveo*²²³ ... *vertice*) en boonop spin hulle sagte, glansende wit wol (318-19: ... *candentis mollia lanae | vellera ...*). Hierdie ontsagwekkende wit voorkoms van die *Parcae* kontrasteer skerp met die purper van die omboorsel op hul kledy (*purpurea ... ora*) en die rooskleurige haarlinte (*roseae*²²⁴ ... *vittae*).²²⁵ Die assosiasie van die *Parcae* veral met wit kan ’n teken van hul mag wees, terwyl die verwysing na purper ’n onheilspellende voorteken kan wees. Ook opvallend is die noukeurige plasing van die kontrasterende kleure, *candida* en *purpurea*, ook *roseae* en *niveo* wat mekaar telkens direk opvolg.²²⁶

5 By die uitbeelding van plante (vgl. *TLL* B.2: a. *de herbis et floribus* b. *de arboribus*)

Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 9.40-42: *hic ver purpureum, varios hic flumina circum | fundit humus flores, hic candida populus antro | imminet et lentae texunt umbracula vites* (‘hier is die lente blosend, hier by die waterstrome bring die aarde veelkleurige blomme voort, hier hang [let. ‘buig’] die **wit** populier oor die

²²² Volgens Gransden (1976:91-92 n.82-3) bestaan daar ’n analogie tussen hierdie uitbeelding en dié van die wolvin op Aeneas se skild. Sy het pas geboorte geskenk (*fetam*) en lê met Romulus en Remus in ’n groen grot langs die Tiber (*viridi ... in antro*). Sien *Aen.* 8.630-34.

²²³ Fordyce (1966:315-16 n.309) wys op Guarinus se noodsaaklike emendasie *roseae niveo vir roseo niveae*. Die frase *roseo ... vertice*, daarenteen, sou beteken dat die *Parcae* óf die uitsonderlike purper haarlok van Skulla se vader, Nisus (*Ciris* 122: *roseus crinis*), oortref, óf dat daar blomkrans op hul wit hare is. Laasgenoemde sou ’n ongewone en moontlik selfs potsierlike versiering vir die stokou *Parcae* wees.

²²⁴ *Roseus* met die afgeleide betekenis ‘rooskleurig’ of ‘rosig’ kom nie in die *Eclogae* of die *Georgica* voor nie. Vergilius gebruik dit agt keer in die *Aeneïs*: 1.402; 2.593; 6.535; 7.26; 7.712; 9.5, 11.913 en 12.606.

²²⁵ Volgens Clarke (2003:57) kan die term *purpurea* as voorteken moontlik op die bloed van Achilles se slagoffers dui.

²²⁶ Hermann en Cagianò de Azevedo (1969:392) verwys met die frase *candidae sorores* in Catullus 64.307 na ‘mededoënde’ of ‘genadige’ gode wat in hierdie konteks nie aanvaarbaar is nie. Dit is waarskynlik ’n foutiewe teksverwysing.

grot en vleg die slap wingerdranke skadukolle’).

Soos in Theokritos, *Id.* 11.42 word Galatea na ’n tuin genooi, hierdie keer dié van Moeris (39: *huc ades, o Galatea* [‘kom hierheen, Galatea’]). Dit is opvallend dat Vergilius die populier (*Populus alba* Linn.) eerder met *candida* as met *alba* beskryf, moontlik ter wille van metrum.²²⁷ Die uitgebreide betekenis ‘wit’ is baie beskrywend van die jong, wit, uitloopsels van populiere, hul groen blare wat aan die onderkant wit vertoon en selfs die liggekleurde stam (vgl. Sargeaunt 1919:105-6). Die verwysing na die grot (*antro*) dui op koelte en lafenis met *umbracula* wat verder die behaaglikheid van die tuin beklemtoon.

ii. Verg. *Aen.* 6.707-9: *ac velut in pratis ubi apes aestate serena / floribus insidunt variis et candida circum | lilia funduntur ...* (‘soos wanneer bye in die soel somer in weilande op veelkleurige blomme gaan sit en om **wit** “lelies” saamdrom ...’).

In die Onderwêreld drom die geeste van diegene wat weer gebore moet word op die oewers van die Lethe-rivier saam. Vergilius vergelyk hierdie gebeure met bye wat om blomme koek wat ’n Homeriese beskrywing is.²²⁸ Hoewel daar geen kleurwoorde in laasgenoemde voorkom nie, Vergilius verryk sy uitbeelding met ’n verwysing na veelkleurige blomme (*variis floribus*), maar fokus dan uitsluitlik op die glansende wit kleur van die ‘lelies’ (*lilia*) met die uitgebreide betekenis van *candida*. Volgens Edgeworth (1992:115) kan die frase *candida ... lilia* terugverwys na λείρια καλά in Apollonius Rhodius, *Argon.* A(1).879-82. Hierdie beskrywings kan herinner aan die uitsonderlike frase *alba ... lilia* in *Geor.* 4.130-31 – die wit lelies in die ouman se tuin – maar anders as Vergilius se verwysing na veelkleurige blomme in die Onderwêreld (708: *floribus ... variis*), word die verskeidenheid blomsoorte in die ouman se tuin eksplisiet vermeld, maar die kleurwaardes verswyg. Die beskrywings kan moontlik terugverwys na ’n antieke, onbekende, intertekstuele bron, maar dit bly onseker.

6 Van diverse voorwerpe

a. Lucretius

i. Lucr. *D.R.N.* 2.731-33: *percipe, ne forte haec albis ex alba rearis / principiis esse, ante oculos quae candida cernis, / aut ea quae nigrant nigro de semine nata* (‘slaan ag op my woorde, sodat jy nie

²²⁷ In *Aen.* 8.276 beskryf Vergilius populierblare met die term *bicolor* wat nie in die *Georgica* voorkom nie. Sien ook Theokritos, *Id.* 2.121: κρατι δ’ ἔχων λεύκαν ... (‘op my voorkop ’n [krans van] die wit populier ...’). In Horatius, *Carm.* 2.3.9-11 word *albus* van die populier gebruik: *quo pinus ingens albaque populus / umbram hospitem consociare amant / ramis ...* (‘waarom hou die rysige den en die wit populier met hul ineenangestregelde takke van uitnodigende skaduwee? ...’). Clarke (2003:25) bespeur ’n geïmpliseerde kleurkontras tussen die wit populier met hul kenmerkende wit stamme en die implisiet donker voorkoms van die den en die bome se skaduwee. Sien ook *Culex* 140-42 as Phaëton se susters in wit populiere verander wat ’n kleurkontras skep tussen bome wat lig en donker vertoon.

²²⁸ Sien Homeros, *Il.* B(2).87-90:

ἦ ὅτε ἔθνεα εἴσι μελλισσάων ἀδινάων,
πέτρης ἐκ γλαφυρῆς αἰεὶ νέον ἐρχομενάων·
βοτρυδὸν δὲ πέτονται ἐπ’ ἄνθεσιν εἰαρινοῖσιν·
αἱ μὲν τ’ ἔνθα ἄλις πεποτήχεται, αἱ δὲ τε ἔνθα·

Die nasies is soos saamdrommende wildebye wat altyd opnuut uit ’n hol rots kom; in swerms vlieg hulle na die lentebloeisels – dié in ’n menigte hierheen, die ander daarheen.

miskien sou aanneem dat hierdie wit objekte wat jy **skitterwit** voor jou oë bemerk, uit wit atome bestaan, of daardie wat swart is, uit swart atome ontstaan nie'; vgl. *TLL B.7: indistincte de rebus non certis*).

Lucretius bewys die kwaliteite (*coniuncta*) van atome met betrekking tot hul grootte, vorm en gewig. Vervolgens fokus die digter in groot detail op die kleure van atome (730-841), aangesien hy visie (dus kleurpersepsie as 'n funksie van die menslike oog) planmatig aanwend om sy doelwitte te illustreer. Hy toon dat atome nie dieselfde kleur het as die voorwerp waarin hulle voorkom nie wat beteken dat wit objekte nie soseer uit wit atome,²²⁹ of swart objekte uit swart atome, bestaan nie. Beide die terme *albus* (*albis ex alba*) en **candida** kom hier as kontraskleure saam met *nigrant*²³⁰ en *nigro* voor, waarskynlik ter wille van *variatio* en metrum. Weer word die term **candida** met die uitgebreide betekenis 'skitterwit' gebruik.

ii. Lucr. *D.R.N.* 6.92-94: *tu mihi supremae praescripta ad candida calcis | currenti spatium praemonstra, callida musa | Calliope ...* ('merk jy, Kalliope, skrandere muse, die baan voor my uit, terwyl ek na die **wit** merk van die eindstreep hardloop ...'; vgl. *TLL B.2: d. nota: de metu*).

In reëls 92-95 rig Lucretius die invokasie aan Kalliope, die Muse van epiese digkuns. Met vernuftige klankspel van *ca-* en woordspeling van *calli-da ... | Calli-ope* beklemtoon die digter eufonies die Muse se skrandereheid as hy haar vra om hom by te staan. Sy grootse onderneming word as 'n wedloop (*spatium*) uitgebeeld, waarvan die eindstreep eers met kalk (*calx*) en dan met kryt (*creta*) gemerk is (vgl. Bailey 1966c:1567 n.92-5, 92-93).

b. Catullus

i. Cat. 61.108 (115): **candido pede lecti** ('n bed met 'n **wit** poot'; vgl. van die volgende twee voorbeelde *TLL B.3: de rebus ab hominibus factis c. de aliis rebus*).

Die voorafgaande drie reëls van hierdie himne is verlore, maar met die verwysing na *cubile* in reël 107, dui hierdie beskrywing waarskynlik op die poot van 'n huweliksbed wat, soos in 64.48 (*Indo quod dente politum*), ook die voorkoms van blink gepoleerde ivoor het. Die uitgebreide betekenis 'glansend wit' van **candido** het moontlik 'n erotiese nuanse, sou dit implisiet op die wit voete van die bruid dui (vgl. Clarke 2003:52).

ii. Cat. 64.234-35: *funestam antennae deponant undique vestem, | candidaque intorti sustollant vela rudentes* ('laat die maste oral die dode-seile neerlaat en die gevlegde toue **spierwit** seile oplig').

Theseus het met sy vader, Aegeus, ooreengekom om by sy terugkoms wit seile te hys as teken dat hy sy taak suksesvol afgehandel het. Die plasing van die woord *funestam* in die aanvangsposisie van reël

²²⁹ Ook in Lucretius, *D.R.N.* 2.792-93 word die kleurwoord met die uitgebreide betekenis 'wit' gebruik: *quippe etenim multo proclivius exorientur | candida de nullo quam nigro nata colore* ('inderdaad ontstaan **wit** entiteite baie makliker uit geen kleur nie as uit swart'). sien in hierdie verband voetnoot 188 en die sewe bewyse wat Lucretius te dien effekte voorhou.

²³⁰ Die werkwoord *nigro*, *nigrare* kom nie in die *Eclogae* of die *Georgica* voor nie, maar word vyf keer in die *Aeneis* gebruik: 4.120; 5.97; 6.243; 8.353 en 9.87.

234 kontrasteer met *candida* in dieselfde posisie in die direk-opeenvolgende reël 235. Hierdie uitbeelding is ook ironies, aangesien die kontras patos ontlok, juis vanweë *candida* se dikwels genuanseerde betekenismoonlikheid wat met ‘voorspoed’ of ‘goeie geluk’ geassosieer word.²³¹

iii. Cat. 68.147-48: *quare illud satis est, si nobis is datur unis | quem lapide illa dies candidiore nota* (‘daarom is dit vir my voldoende as daardie dag wat met ’n **witterige** klippie gemerk is, aan my alleen gegee word’; vgl. *TLL C. translatē 1: i.q. laetus, prosper, felix*).

Catullus besef dat hy en Lesbia nooit getroud is nie. As sy dié dag met ’n wit klippie sou merk, kon *candidus* met die bykomende nuanse op ’n ‘gelukkige’ of ‘voorspoedige’ dag dui. Nou is dit vir die digter selfs aanvaarbaar as die dag ‘effens wit’ gemerk word wat die vergelykende vorm *candidiore* met die uitgebreide betekenis bepaal.²³²

7 Addendum: die term met achromatiese betekenis (vgl. *TLL A.i.q. micans, splendidus, lucidus 1: de sideribus eorumque lumine*)

Ter wille van volledigheid word die achromatiese gebruike van *candidus* wat uitsluitlik op glans betrekking het, hier ingesluit.

a. Lucretius

Lucret. *D.R.N. 5.778-79: ... et aperto lumine rursum | omnia convisunt clara loca candida luce* (‘... en hulle [die son en die maan] open hul oë en kyk weer neer op al die plekke wat nou helder vertoon in hul **glansende** lig’; vgl. *TLL A.1: de locis sole illustratis*).

Lucretius fokus nou op die wentelbane van hemelliggame wat met die opkoms van die son en maan die aarde in hul skitterende lig baai. Die term *candida* word met die primêre betekenis ‘glansend’ gebruik, sonder enige kleurwaarde daaraan toegevoeg.²³³

b. Catullus

Cat. 8.3: *fulsere quondam candidi tibi soles*²³⁴ (‘eens op ’n tyd het sonlig [*soles*] **glansend** op jou geskyn’).

²³¹ In reël 227 word die eerste stel seile van Theseus gehys wat met donker Hiberiese kleurstof gekleur is (*carbasus obscurata ... ferrugine Hibera*; sien XXIII. *FERRUGO* en *FERRUGINEUS* 2.a). Die kontras van kleure (dus wit in kontras met donkerviolet, maar nie roesrooi nie) het hier volgens Clarke (2003:60) ’n onheilspellender ondertoon as dié in 64.162-63 van Ariadne (sien II. *CANDIDUS* 1.a.ii).

²³² Die sekondêre nuanse (‘effens ...’/‘taamlik ...’/‘-erig’) van die vergelykende vorm (*candidior*) dui hier op ’n betekenisvolle verandering in die digter se verhouding met Lesbia. Vantevore was Catullus idealisties (sien 68.70 en 68.134), maar nou is hy bereid om tegemoetkomend te wees (vgl. Clarke 2003:60). Die beskrywing in 107.6: *... o lucem candidiore nota!* (‘... o gelukkige dag wat **effens wit** gemerk is!’) verwys na die praktyk om sekere (gelukkige) dae met ’n wit klippie op die kalender te merk. Benewens die uitgebreide betekenis ‘witterig’ of ‘effens wit,’ kan die afgeleide betekenis op ’n ‘byna gelukkige’ of ’n ‘amper voorspoedige’ dag dui.

²³³ Ook in Lucretius, *D.R.N. 5.1209-10* word *candida* met die primêre betekenis ‘skitterend’ of ‘glansend’ van die sterre gebruik wat die son en maan insluit: *nequae forte deum nobis immensa potestas | sit, vario motu quae candida sidera verset* (‘[die vermoede ontstaan dat] ons moontlik te doene het met die onbeskryflike mag van die gode wat die **glansende** sterre in hul onderskeie wentelinge beheer’).

²³⁴ Met ’n enkele aanpassing herhaal Catullus hierdie reël in 8.8: *fulsere vere candidi tibi* (‘in die lente het hulle **helder** op jou geskyn’).

Die digter beskryf sy vroeëre gelukkige verbintenis met Lesbia, metafores uitgebeeld met die frase *candidi soles*. Volgens Fordyce (1966:111) word die kleurwoord letterlik en figuurlik gebruik: Dit kan oordragtelik op voorspoed dui, maar met toevoeging van *fulsere* word die ‘glans’ van die son ook met die primêre betekenis van *candidi* beklemtoon. Sien ook Ennius, *Sedis Incertae Annalium fragmenta XIV?* fr.cx. 572 (558) (Skutsch): *inde patefecit radiis rota candida caelum* (‘daarop het die **glansende** skyf [= son] met sy strale die hemel blootgelê’).

c. Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 5.56-57:

Me. Candidus insuetum miratur limen Olympi | sub pedibus videt nubes et sidera Daphnis.

Menalcas **Glansende** Daphnis bewonder Olympus se onbekende drumpel en onder sy voete sien hy wolke en sterre.

Die twee herders, Menalcas en Mopsus, ding mee in ’n sangkompetisie en die onderwerp van hul liedere is die wrede dood van Daphnis. Volgens Menalcas is Daphnis in die hemel opgeneem waar hy as ster skitter met die wolke en sterre onder sy voete. As sulks word Daphnis deur *candidus* met die primêre betekenis ‘glansend’ uitgebeeld

ii. Verg. *Geor.* 1.217-18: *candidus auratis aperit*²³⁵ *cum cornibus annum | Taurus ...* (‘wanneer die **glansende** Bul [-gesternte] met vergulde horings die nuwe jaar inlei ...’).

In reëls 215-16 noem Vergilius dat die lente die geskikte tyd vir die plant van boontjies (*vere fabis satio*), lusern en manna is. Aan die hand van astrologiese gegewens (vgl. Thomas 1988a:103 n.217-18), beeld die digter die koms van die lente uit, wanneer die son die streek van Taurus binnegaan en Sirius (*Canis*, die Hondster) die wyk neem (*cedens*; vgl. Getty 1948:25). Die term *candidus* is ook in die beklemtoonde aanvangsposisie van die metriese versreël geplaas met *auratis*²³⁶ wat dit direk opvolg en die horings bepaal.²³⁷ Beide Williams (1979:145 n.217-18) en Mynors (1990:50-51 n.217-18) wys op die spierwit voorkoms van die bul wat met sy vergulde horings paslik voorberei is as offerande by ’n triomftog. Dit sou beteken dat *candidus* in hierdie konteks met die uitgebreide betekenis ‘skitterwit’

²³⁵ Die naam van die maand word verswyg, maar daar kan uit *aperit* (wat etimologies op die woord *Aprilis* dui; vgl. Conington 1881:183 n.217) afgelei word dat die digter na die maand April verwys; so ook Erren (2003:316 n.217) met verwysing na Taurus en die Hondster. In die middel van hierdie maand (op die sewentiende, volgens Columella, *De Re Rustica* 11.2.36, of op die twintigste, volgens Ovidius, *Fast.* 4.713-20) gaan die son die streek van Taurus binne wanneer saaityd vir die landbouer aanbreek (vgl. Mynors 1990:50-51). Thomas (1988a:105 n.217-18) verwys na Ovidius, *Fast.* 4.87-89: *nam quia ver aperit tunc omnia ... | ... | Aprilem memorant ab aperto tempore dictum* (‘want hulle beweer dat April vernoem is na die “geopende” seisoen ... omdat die lente dan alles oopmaak’). Sien ook Richter 1957:149 n.217.

²³⁶ Die verlede deelwoord, *auratus*, sinoniem met die primêre betekenis van *aureus* (vgl. André 1949:156-57), kom twee keer achromaties voor in *Geor.* 1.217-18, telkens met die primêre betekenis ‘vergulde’ (sien II. *CANDIDUS* 7.c.ii); en 4.371-72: *et gemina auratus taurino cornua vultu | Eridanus ...* (‘en die Eridanus met die twee vergulde horings op sy bulkop ...’). Die deelwoord word achromaties gebruik in *Culex* 203: *et piger aurata procedit Vesper ab Oeta* (‘en Vesper beweeg traag voort vanaf die goudkleurige Oeta-gebergte’), en in Plinius Maior, *Nat.* 32.16 bepaal dit ’n goudkleurige vis, *piscis aurata* (*OLD*).

²³⁷ Apollonius Rhodius, *Argon.* Δ(4).977 beskryf die kudde van die son wat almal melkwit is met goue horings: ... πᾶσαι δὲ γάλακτι | εἰδόμεναι, χρυσεῖοισι κέρασιν κυδιάσσκον (vgl. Edgeworth 1992:87).

gebruik word wat hier onaanvaarbaar is. Die uitsonderlike glans van die Taurus-gesternte²³⁸ kan maklik met die blote oog waargeneem word en gevolglik beskryf Vergilius die glansende ster met *candidus* se primêre betekenis ‘stralend’ of ‘glansend,’ sonder enige bykomende nuanse. Immers is dit nou tyd vir die saai van bovermelde gewasse (215-16) en nie vir ’n offerande nie. Daarbenewens kan die Bulsterrebeeld wat met vrugbaarheid geassosieer word (vgl. Guthrie 1950:50 n.1; Cook 1964:634-35) ’n baie gepaste sterreteken vir planttyd wees.

iii. Verg. *Aen.* 7.8-9: *aspirant aurae in noctem nec candida cursus | luna negat ...* (‘teen die aand waai ’n ligte bries en die glansende maan vergemaklik hul vaart ...’).

In die glansende maanlig seil Aeneas se skepe na die mond van die Tiber. Anders as in *Aen.* 3.568: ... *fessos ventus cum sole reliquit* (‘... met sonsondergang het die wind die uitgeputte manne in die steek gelaat’) is dit nie vir die manne nodig om die nag aan land deur te bring nie (vgl. Fordyce 1977:54 n.8). Vergilius beskryf *luna* met *candida* se primêre betekenis en, soos ook in *Ciris* 37-38 (*candida lunae | sidera ...*), word daar na die maan as ’n glansende ster verwys. Sien ook Ovidius, *Her.* [*Ep.*] 18.61 van die maangodin, *dea candida* (vgl. Edgeworth 1992:115).

III CANUS²³⁹ en CANEO²⁴⁰

Hierdie terme het ’n breë semantiese veld wat hierna duidelik uiteengesit sal word. André (1949:64) bied die stam *cas-, maar volgens beide die *OLD ad loc.* en *W-H ad loc.* is *canus* van *cas-nos afgelei, met verwysing na die Oskiese *casnar* m. *senex*, die Sabyns-Latynse *cascus -a, -um*, ‘oud,’ en Sanskrit *śasáḥ* (geassimileer uit *śasá-). Sien Varro, *L.* 7.28: *cascum significant vetus* (‘*cascus* dui op ’n hoë ouderdom’). *L&S ad loc.* verwys ook na *cascus* en ’n Sanskrit-stam *kas- met die betekenis ‘om te skitter,’ waarby *W-H* ook die Ou-Hoogduitse vorm *hasan*, met betekenis ‘grys,’ ‘glansend’ of ‘gepoleerd’ voeg. Die *TLL* bied ook die Oskiese *casnar* (*senex*), die Anglo-Saksiese *hasu* (met

²³⁸ Die sterreteken sluit slegs die profiel van die bul se gehoringde kop in, hoewel Ovidius, *Fast.* 4.718 die voorkant van die bul (met die kop en die skouers) ook inreken: *pars prior apparet, posteriora latent*. Die helderste van die Hyades-gesternte vorm die buitelyne van die A- of V-vormige profiel. Die bopunte van die twee horings word aangedui deur twee stersisteme, Beta (β) Tauri en Zeta (ζ) Tauri, waarvan eersgenoemde die tweede helderste ster in hierdie konstellasie is. Die prominentste in die konstellasie is die massiewe ster, Aldebaran (‘an orange-hued, spectral class K5111 giant star’) wat volgens Dupree en Gilliland (2016) die bul se oog vorm.

²³⁹ Die *TLL s.v. canus* se verskillende kategorieë (III.296 [reël 1]-298 [reël 52]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

1 *proprie i.q. albus, albidus, rarus; mare vel aqua; nota de fumo aquae sulphureae; nix, pruina, imber, sim.; bestiae; poma herbaeque; cinis, pulvis, harena; alia; praecipue de capillis senum; iocose dicta.*

2 *translatē: a canis capillis praeditus, senilis b i.q. antiquus, vetus, praecipue aetate venerabilis, religiosus c animi maturus, peritus.*

nom. plur. subst. cani, -orum i.q. capilli cani, metonymice i.q. senectus: senes ipsi; nota.

neutr. plur. subst. cana, -orum proprie.

derivata: canaster, canities, canitudo, canosus, canutas, canēre (-escēre), canitus.

compos.: incanus, praecanus, semicanus, canificare.

²⁴⁰ Die *TLL s.v. caneo* se verskillende kategorieë (III.580 [reëls 12-49]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

a *universim: i.q. albēre, album, canum esse b speciatim: i.q. senectute albēre, senem esse.*

derivata: canescēre, (canentas?).

verwysing na *canus* en *ravus* met die betekenis ‘grys’) en *hasan* met die betekenis *politus* of *venustus* (moontlik ook *haso* wat verband hou met *lepus*, ‘haas,’ en op ‘grys’ dui). De Vaan (2008:88-89) bied die Proto-Italiese **kasno-* (‘grys’) met die verwante *casnar* (‘ouman’) < **kasnāri-*. Sien Varro, *L.* 7.28: *cascum significat vetus* (‘*cascus* dui op ’n hoë ouderdom’). Hiervolgens is dit duidelik dat twee uiteenlopende aspekte aan hierdie term gekoppel kan word: eerstens, kleur, waarby glans ook ’n rol kan speel, en tweedens, bejaardheid wat metafores ook op eerbiedwaardigheid of agting kan dui.

Hieronder volg in breë trekke die soort konteks waarin die woorde voorkom.

Van so vroeg as Ennius en Plautus kom *canus* heel dikwels in poësie voor (vgl. *TLL* III.296:8-9: ... *saepius apud poetas* ...), terwyl dit tot en met die tydperk van Trajanus selde in prosa verskyn. Dit is opvallend dat al die ander geraadpleegde woordeboeke of -lyste ‘wit’ as primêre betekenis moontlikheid van *canus*, *-a*, *-um* lys, maar dat W-H hierdie kleurwaarde geensins vermeld nie en slegs ‘grys,’ ‘asvaal’ of ‘gryserig’ bied. Volgens Isidorus Hispalensis, *Origines* 10.59 word *canus* inderdaad met die glansende wit van *candidus* verbind (*canus dictus a candido*), maar in 12.1.51 word daar ook na ‘afwit’ of ‘grys’ verwys, dus *albidus* en *ravus* volgens die *TLL ad loc.*: *canus dicitur, quia ex candido colore et nigro est* (‘dit word *canus* genoem omdat dit van wit en swart [afkomstig] is’), volgens Maltby *s.v. canus*. Soos ook die geval met die verwante *canēre* (sien *infra*), is die bepaling van die presiese kleurwaarde gekompliseerd.²⁴¹ In ’n poging om die probleem te oorbrug, identifiseer die *OLD* (anders as die *TLL*) spesifieke voorwerpe wat met *canus* uitgebeeld word. Dit sluit voorwerpe in wat as ‘dekking’ dien, soos sneeu op berge, ryp op velde of skuim op die oppervlakte van die see, onder andere in Ennius, *Ann. fr. liv.* 505 (478) (Skutsch): *labitur uncta carina per aequora cana celocis* (‘die gladde kiel van die kottel gly oor **skuimwit** waters’; vgl. *TLL* 1: *proprie i.q. mare vel aqua*). Die blaarbedekking aan bome word ook ingesluit, met as voorbeeld Ovidius, *Met.* 5.590-91 wat *cana* van die wilger gebruik: *cana salicta dabant ... / ... umbras* (‘die **gryserige** wilgers het skadu verskaf’; vgl. *TLL* 1: *proprie i.q. albus poma herbaeque*). Aangesien *glaucus* gewoonlik die grysgroen kleur van olyfblare bepaal (hoewel nie by Vergilius nie; sien die Inleiding, XXIV. *GLAUCUS*), kan *canus* in hierdie konteks as sinoniem van *glaucus* gebruik word (vgl. André 1949:65-66). Anders as Vergilius wat ryp koring met *flavus* beskryf, is Ovidius, *Tr.* 4.6.11 se uitbeelding met *canus* uitsonderlik: *tempus et in canas semen producit aristas* (‘ook ontwikkel tyd die saad tot **gryswit** are’; vgl. die *TLL* soos hierbo).²⁴²

Die term word dikwels met hare en baard verbind, waarvoor André (1949:64-65) twee kleurwaardes identifiseer: *canus* ‘wit’ (*blanc*) en ‘gryserig’ (*gris blanchâtre*).²⁴³ Sien Ovidius, *Met.*

²⁴¹ Platnauer (1921:156) verwys na soortgelyke probleme met die Griekse *γλαυκός* wat eerder op glans as ’n grys kleur dui; ook *φαίος* wat ’n mengsel van swart en grys is en *πολιός* wat die betekenis moontlikhede ‘grys’ en ‘glansend’ kombineer.

²⁴² Sien ook Ovidius, *Met.* 6.456: ... *si quis canis ignem supponat aristis* (‘... as iemand **ryp** [let. ‘afwit’] koring aan die brand sou steek’). In *Fasti* 5.357 bepaal *albescere* rypwordende koring, moontlik met die implikasie van ryp koring wat so droog is dat dit die witterige voorkoms van strooi verkry.

²⁴³ Dieselfde onduidelikheid is by die Griekse woord *πολιός*, ‘grys,’ aanwesig. Irwin (1974:167-68) verskil van Mugler as sou hierdie term soms ’n sinoniem van *λευκός* kan wees. Aristophanes, *Vesp.* 1064 beskryf hare wat witter is as die vere van ’n swaan: *κύκνου τε πλώτεραι τρίχες*.

3.275: ... *simulavit anum posuitque ad tempora canos* ('... [Juno] het haar as 'n ouwrou voorgedoen en **wit/grys** hare op haar kop geplaas').²⁴⁴ Albei die betekenismoontlikhede kan met die uitgebreide betekenis op bejaardheid dui, soos in Tibullus 1.6.85-86: ... *nos Delia, amoris | exemplum cana simus uterque coma* ('... Delia, laat ons tweetjies as voorbeeld dien van die liefde, wanneer ons albei **bejaard** is [let. '... wanneer ons hare **wit/grys** is']; vir beide voorbeelde, vgl. die *TLL* 1: *proprie: praecipue de capillis senum*; en *TLL* 2: *translatē a. canis capillis praeditus, senilis*). Volgens Nisbet en Hubbard (1970:64 n.4) word die betekenis van *canus* (en samestellings daarvan) versterk met ('n) bykomende woord(e) wat kleur of glans aandui, soos ook die geval met *albus*. Sien Tibullus 1.10.43: ... *liceatque caput candescere canis* ('... laat my kop blink met **wit/grys** hare'; vgl. *TLL* 1: *proprie; praecipue de capillis senum*).

Die intransitiewe werkwoord *caneo*, *-ēre*, *-ui*, – met die *praesens participium canens* is van *canus* afgelei (vgl. *TLL* III.579, reël 12: *a canus derivatur*). Die kleurterm *caneo* is 'n samestelling van *canus* plus die verbale suffiks *-eo* (*OLD*)²⁴⁵ en kom in poësie en in post-Augusteïese prosa voor (sien *legitur inde a Vergilio*, *TLL* III.579, reël 13). Die primêre betekenis is 'om grys/grou te wees' (L&S) wat voorkom in Ovidius, *Ars* 2.440: *ipse latet, summo canet in igne cinis* ('[die vuurtjie] self smeul en die kooltjie in die hart van die vuur is **gryserig**'; vgl. *TLL* s.v. *caneo* a: *universim*). Ook relevant is die betekenismoontlikheid 'om wit te wees' (*OLD*) wat die *TLL* III.580 reël 18 as sinoniem van *albēre* en *album/canum esse* voorhou. Dit is opvallend dat skrywers die verwante *canescere* ('om wit/grys te word') bo *caneo* verkies, terwyl *canens* (met die betekenis 'wit' of 'grou') eerder as die adjektief *canus* voorkeur geniet. Soos ook die geval met *canus*, lys die *OLD* die betekenis van *canēre* 'om met wit/grys bedek te wees'. In Juvenalis, *Sat.* 14.144 bepaal die term die silwergrys kleur van dig-geplante olyfbome teen 'n berghang: ... *et densa montem qui canet oliva*; vgl. *TLL* s.v. *caneo* a. *universim*. Volgens Vels Heijn (1951:86) word die betekenis 'wit' slegs van voorwerpe gebruik wat natuurlik wit is, onder andere van 'lelies' in Ovidius, *Met.* 12.411: ... *interdum, canentia lilia gestet* ('... somtyds dra [Hulonome] **wit** "lelies" [in haar hare]') en van ryp koring in *Met.* 1.110: *nec renovatus ager gravidis canebat aristis* ('die onbewerkte ploegland **het** nie **wit** vertoon met ryp koring nie'; vgl. *TLL* a. *universim*, van beide die voorbeelde). By die uitbeelding van sneeu en ryp is daar 'n bykomende nuanse wat eerder genuanseerd op die verskrikking van winter as op die besondere skoonheid daarvan dui. Sien Ovidius, *Tr.* 5.2.66: *glabaeque canenti semper obtusa gelu* ('en die kluit is altyd verskrompel met **grou** ryp'). Hierdie besondere nuanse wat aan die kleurwoord verleen kan word, is nie in die *TLL* opgeneem nie.

Die verwante vorm *incanus*, *-a*, *-um*²⁴⁶ is ook van die stam **cas-* afgelei (vgl. André 1949:64) en is 'n samestelling van *canus* plus die voorvoegsel *in-* wat volgens die *OLD* nie die negatiewe

²⁴⁴ Sien I. *ALBUS* en *ALBESCO* 2.b.ii. In *Aen.* 7.417-18 bepaal *albos* die wit hare op Alekto se hoof.

²⁴⁵ Dit is vreemd dat die *OLD* die samestelling van *canēre* voorhou as (die stam) *canus* plus die verbale suffiks *-eo*.

²⁴⁶ Die *TLL* s.v. *incanus* se verskillende kategorieë (VIII.1 847 [reëls 15-40]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

1 *proprie i.q. canus factus, subalbidus, ἐπιπόλιος **2** *translatē i.q. senilis, aetate venerabilis sim. (de rebus incorporibus, de hominibus ipsis).**

aanduiding, ‘nie-’ of ‘on-’ het nie, maar juis die betekenis versterk. Gevolglik is die primêre betekenis ‘heeltemal grys/grou’ (L&S) wat veral in poësie en post-Augusteïese prosa voorkom. Die *TLL* s.v. *incanus* verwys na die Griekse vorm *σπαρτοπόλιος* (‘met grys hare gesprinkel’) en die Latynse sinonieme *sine canitie* (wat slegs ‘grys’ of ‘grou’ aandui), *sparsiconus* [*sic*], *aliquatenus canus* en *ex incanescere* (*retrograde*). Volgens die *OLD* kom die term veral van hare en baard voor, ook in Plautus, *Rud.* 125: ... *hominem crispum, incanum videris* (‘... jy sal ’n man sien met krulhare wat **heeltemal grys** is’; vgl. *TLL* s.v. *incanus*1: *proprie*).

Die *verbum inceptivum incanescō*, *-ĕre*, *-ui*, – is eweneens verwant aan *canus*²⁴⁷ en is ’n samestelling van die versterkende voorvoegsel *in-* plus die intransitiewe vorm *canescō* met die suffiks *-sco*, *-scĕre* wat op die aanvang van ’n handeling dui, dus in die konteks van kleurverandering. Die primêre betekenis moontlikheid is dus ‘om geheel en al wit/gryserig te word’ (*OLD*).²⁴⁸

Die verwante substantief (manlike meervoud) *cani*, *-orum* (‘grys hare’ of ‘grys manne’), die afgeleide selfstandige naamwoord *canities*²⁴⁹ (met die betekenis ‘grysheid’ of ‘witheid’ [van hare of pels]) en die *verbum inceptivum*, *canescō*, kom nie in die *Georgica* voor nie.

In Lucretius verskyn *canus* twee keer, maar sewe keer in Catullus. Vergilius gebruik *canus* een keer in die *Eclogae*, drie keer in die *Georgica* en vier keer in die *Aeneis*. Daar is drie voorbeelde van *caneō* in beide die *Georgica* en die *Aeneis*, met *incanus* wat een keer in elk van die *Georgica* en die *Aeneis* voorkom. *Incanescō* word slegs een keer in beide Catullus en die *Georgica* gebruik.

In wat volg, word die verwante kleurterme chronologies aangebied, sonder inagneming van woordsoort.

1 Die uitbeelding van die see, golwe en water (vgl. *TLL* s.v. *canus* 1: *proprie i.q. albus, albidus, rarus: mare vel aqua*)

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 2.764-67:

*cur ea quae nigro fuerint paulo ante colore,
marmoreo fieri possint candore repente;
ut mare, cum magni commorunt aequora venti,
vertitur in canos candenti marmore fluctus.*

[Jy sou maklik kon verduidelik] waarom daardie dinge wat kort vantevore swart was, skielik ’n marmeragtige witheid kan verkry, net soos die see wanneer magtige winde die

²⁴⁷ Die *TLL* s.v. *incanescō* se verskillende kategorieë (VIII.1 845 [reëls 32-42]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

1 *generatim, i.q. canescere, albescere* **2** *speciatim de senectute, i.q. canum fieri (de homine ipso)*.

²⁴⁸ Die term *incanescō* kom nie in Propertius, Horatius of Ovidius voor nie en verskyn eers weer heelwat later in Valerius Flaccus 6.611-12: ... *gelu magnoque incanuit imbre / Caucasus* ... (‘... die Caucasus **het heeltemal grou** geword van die baie ys en reën...’); en Silius Italicus, *Punica* 3.328: ... *pigra incanuit aetas* (‘... ’n trae somer **het** [dit] **heeltemal gebleik**’).

²⁴⁹ Die naamwoord *canities* verskyn ses keer in die *Aeneis*, vyf keer van hare (6.300; 9.612; 10.549 en 844; ook 12.611) en slegs een keer van ’n baard (6.299: *mento* ...). In Ovidius, *Met.* 1.237-38 word dit met die gryserige pels van ’n wolf verbind: *fit lupus ... / canities eadem est* ... (‘[Likaon] verander in ’n wolf; die grysheid is dieselfde ...’). Hierdie beskrywing kan terugverwys na Homeros, *Il.* K(10).334: ἔσσατο δ’ ἔκτοσθεν ῥινὸν πολιοῖο λύκοιο (‘[Dolon] het hom verder in die vel van ’n grys wolf geklee’; vertaling deur Van Rensburg 1954).

spieëlgladde water in beroering bring en dit verander word in **wit** golwe van glansende marmer.²⁵⁰

In reëls 730-841 hou Lucretius bewyse voor dat atome kleurloos is, maar sou hulle van vorm verskil, kan hulle verskeie kleure voortbring deur hul samestellings, posisies en bewegings te verander. Dit verklaar dus hoe 'n donker voorwerp soos die see wit kan word, wanneer die wind die golwe omwoel om die voorkoms van atome te verander. Volgens Bradley (2011:78) is Lucretius se beskrywing met die kleurwoorde *niger*, *marmoreus*, *canus*, *candens* en *marmor* 'n bewys van die vlietende aard van kleurpersepsie. Die kleurwaarde van **canos** word met die frase *candenti marmore* aangevul en dui met primêre betekenis op die glansende wit kleur van die skuimende golwe (vgl. Bailey 1966b:918, 922-23).²⁵¹

b. Catullus

Cat. 64.13: *tortaque remigio spumis incanuit unda* ('en die water wat opbruis van die spane het **heeltemal wit** geword van die skuim'; vgl. *TLL s.v. incanesco* 1: *generatim, i.q. canescere, albescere*).

Die Argonoute, met die kosbare goue vag aan boord, vaar uit die hawe van Colchis (6) en karring die water so hewig met hul roeispane dat dit skuimend wit vertoon. Fordyce (1966:279 n.13) aanvaar Aldine se emendasie *incanuit* (met die primêre betekenis, 'om heeltemal wit te word') eerder as *incanduit*, veral vanweë die *praesens participium*, *candenti*, in die direk-opeenvolgende reël 14. Ellis (1876:231 n.13) verwys na blink roeispane wat water skuimend wit maak in Homeros, *Od.* μ(12).171-72: ... οἱ δ' ἐπ' ἔρετμὰ | ἐζόμενοι λεύκαινον ὕδωρ ξεστῆς ἐλάτησιν.²⁵² Nietemin is Catullus se uitbeelding geen slaafse nabootsing van sy voorgangers se beskrywings nie: In die volgende ses reëls beklemtoon die digter die voorkoms van skuimende water wat ook met die frases *candenti e gurgite* (14) en *e gurgite cano* (18) uitgebeeld word,²⁵³ terwyl die woorde *incanuit*, *canus* en *candens* afwisselend voorkom.

c. Vergilius

Verg. *Aen.* 8.671-72: *haec inter tumidi late maris ibat imago | aurea, sed fluctu spumabant caerulea cano* ('tussen hierdie [uitbeeldings] is daar 'n toneel in goud aangebring van 'n wye onstuimige see, maar die see skuim **wit** met golwe').

In *Aen.* 8.617-731 word Aeneas se wapens beskryf wat Vulcanus, op aandrang van Venus, kunstig

²⁵⁰ Sien IV. *MARMOREUS* 3.

²⁵¹ Lucretius hou ook die teenstellende mening voor dat atome inderdaad self kleur het wat hy met twee moontlikhede toelig. Sien voetnoot 188.

²⁵² Die uitbeelding van skuimende of blink water is 'n populêre *topos* in poësie, soos die frase ἄλα μαρμαρέην in Homeros, *Il.* Ε(14).273 van die glansende see, terwyl die beskrywing van 'n skuimende see voorkom in Homeros, *Od.* μ(12).171-72: ... οἱ δ' ἐπ' ἔρετμὰ | ἐζόμενοι λεύκαινον ὕδωρ ξεστῆς ἐλάτησιν ('... hulle het sittende met spane van geskaafde silwerden/sparden die water wit gemaak'). Daarenteen bevat Vergilius se beskrywing in *Aen.* 3.207 geen kleurwoorde nie: *nautae ... adnixi torquent spumas* ('met al hul krag karring die matrose die seeskuim op').

²⁵³ In reëls 16-18 verwys Catullus na die seenimfe wat met hul kaal lywe bo die wit [skuim van die] kolkende water uitstaan: ... *viderunt ... | ... nudato corpore Nymphas | ... exstantes e gurgite cano*. Aangesien *canus* nooit velkleur bepaal nie en ook nie hier met *corpus* kongruer nie, bepaal die kleurterm met die primêre betekenis 'gryswit' die skuimende water. Clarke (2003:68, met verwysing na Jenkyns) wys op die kontras tussen die gryse, eeu-oue see en die voorkoms van die pragtige, jong nimfe.

gesmee het met verskeie uitbeeldings van die glorie wat op Rome wag. In die aangehaalde reëls is dit duidelik dat verskillende metale ter sprake is: Die see is in goud aangebring en die seeskuim is in silwer uitgebeeld wat duidelik die natuurlike kleur van die metaal aandui, weergegee met **cano** se primêre betekenis ‘wit’ of ‘gryserig, so ook van die silwer dolfyne in reël 673 (*argento clari delphines*). Hoewel drie kleurwoorde – *aurea*, *caerula* en **cano** – in ’n enkele versreël uitsonderlik is, word die substantief *caerula* hier as wisselvorm vir *maris* (671) gebruik en kom dit sonder enige chromatiese waarde voor, ’n betekenismoontlikheid wat Page (1967:245 n.672) buite rekening laat.

2 As tipering van sneeu en ryp (vgl. *TLL s.v. canus* 1: *proprie i.q. albus, albidus, rarus: nix, pruina, imber, sim.*)

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 3.18-22:

*apparet divum numen sedesque quietae
 quas neque concutiunt venti nec nubila nimbis
 aspergunt neque nix acri concreta pruina
 cana cadens violat semper <que> innubilus aether
 integit, et large diffuso lumine ridet.*

Die grootsheid van die gode is opvallend, so ook hul rustige tuistes wat winde nie teister en wolke nie deurdrenk met reënstorms nie en wat sneeu, verhard met bytende ryp, nie besoedel as dit **wit** val nie, maar ’n wolklose hemel bedek [hulle], toelaggend met sy wydspreidende lig.

Ongenaakbare natuurlike elemente soos winde, donderwolke en reënstorms, sneeu en ryp is eie aan die lewe van die mens. Volgens Epikuros kom die tuiste van die gode as tussenruimtes tussen die wêreld voor (*μετακόσμια*, of volgens Cicero se vertaling, *intermundia*, onder andere in *D.N.* 1.18 en *Fin.* 2.75). Hier slyt hulle ongestoord (*quietae*) en vry van die gewoel van die *mundus* hul lewens, hulle word nooit deur natuurverskynsels geteister nie en vanuit ’n wolklose hemel word hulle slegs met ’n wydspreidende lig omgewe (*large ... diffuse lumine*). Lucretius se uitbeelding verwys terug na Homeros, *Od.* ζ(6).42-46, maar met enkele aanpassings: Die ‘wit lig’ (45: λευκή ἄγλη) wat Olimpus omgeef, word met die bovermelde frase weergegee, terwyl die kleurwoord **cana** met die primêre betekenis ‘wit’ die kleur van vallende sneeu bepaal (vgl. Bailey 1966b:990 n.18, 19-22).

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.43-44: *vere novo, gelidus canis cum montibus umor*²⁵⁴ | *liquitur ...* (‘wanneer die lente aanbreek, vloei yskoue water van die **glinster-gryse** berge ...’).

²⁵⁴ ’n Tema wat herhaaldelik in die *Georgica* voorkom, is die interaksie tussen hitte en dorheid, koue en vog (vgl. Thomas 1988a:81 n.84-93). In reëls 43-70 wys Vergilius kortliks op die landbouer se take, ook met vermelding van die onderskeie elemente: *umor* (omramend in 43 en 70), *liquitur* (44), *solem ... frigora* (48), *pulverulenta coquat maturis solibus aestas* (66). Wanneer ’n goeie balans gehandhaaf word, is die graan weelderig (69: *laetis frugibus*).

Die digter open reël 43 met die frase *vere novo* wat op die koms van die lente dui.²⁵⁵ In kontras hiermee volg die woorde *gelidus* en *canis* ('... two chilly words,' volgens Williams [1979:136 n.43]) wat opvallend voor die voegwoord *cum* geplaas is om só die talmende effek van die winterkoue te beklemtoon. Die berge is nog steeds met sneeu bedek, maar namate die dae geleidelik warmer word, smelt (*liquitur*)²⁵⁶ die sneeu en drup dit stadig in yskoue straaltjies water van die berge af. Soos die stroompies vermeerder, glinster die berge grys wit wat *canis* met die primêre betekenis uitbeeld ... glans wat herhaal word met verwysing na die blink ploegskaar (46: ... *attritus splendescere vomer*) as bewys van die landbouer se toegewyde arbeid. D.Serv. verwys na Cato (fr. 6 Jordan) se beskrywing van 'n flukse boer se blink gereedskap: *vir bonus est, Marce fili, colendi peritus, cuius ferramenta splendent* (vgl. Mynors 1990:11 n.45-6).²⁵⁷

ii. Verg. *Geor.* 2.376-78: *frigora nec tantum cana concreta pruina*²⁵⁸ | *aut gravis incumbens scopulis arentibus aestas*, | *quantum illi nocuere greges* ... ('geen koue, styf van **grou** ryp of beklemmende hitte wat swaar op uitgedorde kranse lê, doen soveel skade as daardie kuddes nie ...').

Hierdie beskrywing dui op twee vernietigende elemente van die natuur – *frigora* ('koue') en *aestas* ('hitte') – wat so belangrik is dat hulle reëls 376-77 omraam. Daarbenewens kan diere ook skade aan aanplantings veroorsaak, waarvoor die vernielsugtige *caper* (380), beklemtoon deur die noukeurige woordplasing daarvan, veral uitgesonder word. Die frase *cana concreta pruina* verwys terug na Lucretius (sien 2.a, *supra*), maar anders as sy voorganger, wend Vergilius dit in omgekeerde woordorde aan, hoewel as *ablativus qualitatis* van die ysige lug (*frigora*; vgl. Erren 2003:473 n.376). Die koue is nie alleen aanvoelbaar nie, maar dit spreek ook visueel tot die leser, aangesien die frase *cana pruina* op grou ryp dui wat *cana* met die primêre betekenis bepaal.

iii. Verg. *Geor.* 3.325-26: ... *dum mane novum, dum gramine canent*, | *et ros in tenera pecori gratissimus herba* ('... terwyl die oggend vars is, terwyl die weivelde **gryserig vertoon** en die dou op die sagte gras die soetste is vir vee'; vgl. *TLL s.v. caneo a. universum*).

Enkele ure voor die son opkom, verskyn Venus as die Mōrester (vgl. Mynors 1990:231 n.324-6).²⁵⁹ Vroeg op 'n someroggend is die beste tyd vir die herder om sy vee te laat wei, want dan is die gras met dou bedek en ook die heel soetste (sien ook *Ecl.* 8.15 vir die pastorale inkleding: *cum ros in tenera*

²⁵⁵ Ook Horatius, *Carm.* 1.4.1 beeld die koms van die lente uit, wanneer die bytende winter sy greep verloor: *solvitur acris hiems*. Die ritmiese siklusse van die seisoene vind weerklank in die lewensloop van die mens: Die lente word met jeugdigheid vereenselwig en winter versinnebeeld die dood. Die keuse van *canis* in reël 4 (*nec prata canis albicant pruinis* ['die weivelde lê nie meer wit met **grou** ryp nie']) is besonder treffend en word versterk met *albicare*, 'n skaars woord wat Horatius slegs hier gebruik.

²⁵⁶ Erren (2003:47 n.43) verwys na die gebruik van *liquitur* in Plautus, *Trin.* 342 [*sic*] (243: *ilico res foras labitur, liquitur* ['dadelik glip dit buitentoe en verdwyn']) wat in die Vergilius-passasie vir die eerste keer met die betekenis 'smelt' voorkom.

²⁵⁷ Volgens Vergilius moet die landbouer vroeg in die seisoen begin om sy landerye meer as een keer te ploeg en twee keer aan hitte en koue bloot te stel (48: [*seges*] ... *bis quae solem, bis frigora sensit*). Dan eers is die landerye gereed vir die saai van bepaalde gewasse, aangedui in reëls 215-18 (vgl. Mynors 1990:11-12 n.47-8).

²⁵⁸ Sien *EV s.v. pruina*. Die digter kwalifiseer ryp, 'n meteorologiese fenomeen, met twee spesifieke attribute: die temperatuur en die kleur. Hierdie woord kom vyf keer in die *Georgica* voor, telkens prosodies in die vyfde en sesde versvoete.

²⁵⁹ Sien ook Ovidius, *Am.* 1.5.6 wat die onderskeid tussen nag en dagbreek duidelik uitspel: *aut ubi nox abiit, nec tamen orta dies* ('of wanneer die nag gewyk het en die dag nog nie gebreek het nie').

pecori gratissimus herba; vgl. Thomas 1988b:103 n.326).²⁶⁰ Aangesien die son nog nie opgekom het nie, blink die dou op die gras in die sagte glans van die Môrester ²⁶¹ wat met die primêre betekenis van *canent* as ‘gryserig’ of selfs ‘silwer’ weergegee word (vgl. Erren 2003:699 n.325).

iv. Verg. *Geor.* 3.441-43: *turpis ovis temptat scabies, ubi frigidus imber / altius ad vivum persedit et horrida cano / bruma gelu ...* (‘n nare skurfsiekte val die skape aan, wanneer ysige reën en die ruwe winter met **grou** ryp diep tot in die murg deurdring ...’).

In die natuur dien hitte, reën en winde, wat ysige koue aandryf, gewoonlik as duidelike tekens van ’n naderende ramp, duidelik uiteengesit in *Geor.* 1.351-52: *atque haec ut certis possemus discere signis, / aestusque pluviasque et agentis frigora ventos* (vgl. Thomas 1988b:124 n.441-4). Uiterste koue, wat Vergilius met die frases *frigidus imber*, *horrida bruma* en *cano gelu* weergee, dring die wol en vel van skape binne en veroorsaak siektes (wat egter nie korrek is van skurfsiekte nie). Die term *cano* kom hier met die primêre betekenis ‘grou’ voor.

3 By die uitbeelding van bome, plante en vrugte (vgl. *TLL s.v. canus* 1: *proprie i.q. albus, albidus, rarus; poma herbaeque*)

Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 2.51: *ipse ego cana legam tenera lanugine mala*²⁶² (‘self sal ek kwepers pluk wat **gryserig** is van sagte dons’).

Alleen in die digte skadu van ’n beukebos sing Corydon droefgeestig van ’n versmaaide liefde. Die geskenk wat hy vir Alexis beplan, bestaan uit vrugte en neute uit sy eie tuin, versier met takkies lourier en mirt. Dit is ’n eenvoudige geskenk, veral in die lig van die indrukwekkende mandjies met blomkrans (46-50) wat die nimfe vir Alexis aanbied. Die kenmerkende grys donserigheid van kwepers word hier deur *cana* met die primêre betekenis bepaal, ’n besondere voorbeeld van Vergilius se fyn waarnemingsvermoë. Só ’n geskenk dui op hierdie twee jongmanne se intieme verhouding met die kwepers (*mala*) wat volgens Moretti (1996:160) aangebied word as die wyse van verleiding.²⁶³

ii. Verg. *Geor.* 2.11-13: *sponte sua veniunt ... |... ut molle siler lentaeque genistae, / populus et glauca canentia fronde salicta* (‘[party soorte] kom vanself op ... soos die sagte *siler* en die taai besembos, die populier en die **gryserige** wilgers met hul vaalgroen blare’; vgl. *TLL s.v. caneo* a. *universim i.q. albēre, album, canum esse*).

²⁶⁰ Blanckenberg (1975 *ad loc.*) is minder akkuraat met sy vertaling van *gramina canent* (‘weides is wit van ryp’) aangesien die digter in reël 322 na ’n somersoggend (*laeta ... aestas*) verwys.

²⁶¹ Sien XVIII. **RUB*-groepering 9. Die term *rubens* word ook met die uitgebreide betekenis ‘glansryk’ van *Vesper* gebruik.

²⁶² Die frase *tenera lanugine mala* verwys terug na Lucretius, *D.R.N.* 5.888-89, met *lanugine malas* in *Aen.* 10.324 (vgl. Clausen 1994:81 n. 51). Sien XII. *FLAVUS* en *FLAVEO* 4.b.v.

²⁶³ In antieke tye is die sagte dons van kwepers met die eerste baard-donsies van ’n jongman vereenselwig, wanneer hy skynbaar op sy aantreklikste sou wees (vgl. Harrison 1991:158 n.324-5). Kwepers is dus as die ideale geskenk vir ’n geliefde beskou, waarskynlik vanweë die erotiese of homoseksuele konnotasie daaraan verbond. Sien Moretti (1996:159-69) vir ’n omvattende bespreking van vrugte as geskenke in so ’n liefdesverbintenis.

Sien XXIV. *GLAUCUS* 1.i. In reëls 9-21 lys Vergilius bome en plante wat op 'n natuurlike wyse voortplant. As beklemtoning word hierdie afdeling met *natura* in reëls 9 en 20 omraam en toutologies met die woorde *ipsae* (10) en *sponte sua* (11) omskryf.²⁶⁴ Drie natuurlike metodes word onderskei en elk word met spesifieke bome geïllustreer: Vier soorte word in die eerste groep gelys (12-13) en sluit die volgende in: *siler*,²⁶⁵ *genistae* (besembos), *populus* (populier) en *salicta*²⁶⁶ ('n groepering van rivierwilgers). Laasgenoemde word treffend deur twee direk-opeenvolgende kleurwoorde uitgebeeld: *glauca* (wat *fronde* bepaal) en die teenwoordige deelwoord *canentia* van *salicta*. Volgens André (1949:65) dui *canentia* met die primêre betekenis op 'n 'n grys-groen kleur wat lig en helder is: '... *un gris vert très doux et surtout pâle et clair*'. Aangesien daar na 'n groepering van wilgers verwys word, is die geheelbeeld van 'n afstand gesien ligter as die blare (*fronde*) wat, van naby beskou, deur *glauca* uitgebeeld word en ietwat donkerder vertoon. In hierdie konteks is die vertalings van Blanckenberg (1975 *ad loc.*) 'wilg met grysgroen silwer blaar' en Benade (1983 *ad loc.*) '... vaalgroen wilger met sy wit glansende blare' dus minder aanvaarbaar.

iii. Verg. *Geor.* 2.71-72: ... *ornusque incanuit albo | flore piri ...* ('... die esseboom **het heeltemal wit geword** van [let. 'met'] wit peerbloeisels ...'; vgl. *TLL s.v. incanesco* 1: *generatim, i.q. canescere, albescere*).

Sien I. *ALBUS* en *ALBESCO* 3.b.iii. Kunsmatige kweekmetodes word in twee parallelle perikope (22-34 en 63-72) uiteengesit, met enting wat onderskeidelik in reëls 32-34 en 70-72 geïllustreer word. In albei hierdie beskrywings word die resultate (skynbaar) as die kroon op die mens se pogings voorgehou, aangesien elke geënte spesie reeds vrugte of bloeisels na die besondere aard voortgebring het. Die geheelbeeld van die esseboom se indrukwekkende kleurverandering word deur die *verbum inceptivum*, *incanuit*, bepaal. Ook volg die term *albo* met die primêre betekenis direk op *incanuit* en, asof van nader beskou, is die wit kleur nou dié van ... peerbloeisels! Die frase *flore piri* is planmatig aan die begin van die volgende reël geplaas om so, geskei van die kleurwoorde, afwagting te skep. Thomas (1988a:169) verwys na die pleonasme in reël 71, hoewel sy frase 'colourful pleonasm' bevraagteken word. Dit dui wel op die herhaling van kleurwoorde, maar 'afwit' en 'wit' is nie kleurvol nie. Ook word Vergilius se planmatige onderskeid tussen skakerings van 'wit' nie in ag geneem nie: Die *verbum inceptivum*, *incanuit*, bepaal die geleidelike chromatiese transformasie van die boom se voorkoms na 'n aanskoulike 'afwit' of 'dowwe wit,' terwyl *albo* met die primêre betekenis op die suiwer wit kleur van peerbloeisels

²⁶⁴ Anders as Theophrastos, *H.P.* 2.1.1 se gebruik van die woord φυσικός ('deur die natuur voortgebring' of 'natuurlik'), hou die woord *natura* vir Vergilius 'n meer omvangryke betekenis in wat só belangrik is dat dit hier herhaal moet word (vgl. Thomas 1988a:157 n.9).

²⁶⁵ Volgens Sargeant (1920:118-19) kan *siler* 'n tipe wilger wees. Hoewel Plinius Maior, *Nat.* 16.77 noem dat *siler* naby water aangetref word, is daar geen antieke bewyse dat dit die een of ander soort wilger is nie. Volgens Abbe (1965:149-51) is dit ingesluit by die *Umbelliferae*, 'n familie van aromatiese plante wat klein blommities dra.

²⁶⁶ Vergilius gebruik hier die woord *salicta* (die meervoudsvorm van *salictum*, -i, n.) wat op 'n groepering van wilgerbome dui en verband hou met *salix*, -icis, f., een van verskeie wilgersoorte (2.83-84: *praeterea genus haud unum ... | nec salici* ['daarbenewens is daar nie net een soort wilger nie ...']). Sien ook *Salix alba* Linn. wat paslik in Duits bekend staan as *Silberweide* (vgl. Abbe 1965:71; Erren 2003:291 n.13) en met *canens* uitgebeeld word.

dui, soos van naby gesien. Vergilius se oordadige beskrywing soos dié dien wel 'n doel: Hoewel 'n tweede term vir wit nie nodig is vir begrip van die basiese betekenis nie, verskaf dit 'n bykomende nuanse wat die mens se sinnelose optrede beklemtoon. 'n Belangrike aspek wat dikwels misgekyk word, is die verwysing na die *peer* in albei die perikope: In reëls 33-34 (... *mutatamque insita mala / ferre pirum* ...) verander die voorkoms van die *peer*boom om appels te dra, en in 71-72 is die geënte esseboom oortrek met *peer*bloeisels. Baie subtiel word die mens se vergrype teen die natuur beklemtoon.

iv. Verg. *Geor.* 2.120: *quid nemora Aethiopum*²⁶⁷ *molli canentia lana* ('wat sal ek sê van die Etiopiërs/Indiërs se **gryserige/naaswit** plantasies van sagte wol?'; vgl. *TLL s.v. caneo a. universim i.q. albēre, album, canum esse*).

Met *aspice* (114) rig Vergilius sy blik op die Ooste (115) en die uitsonderlike produkte wat eie is aan elke land: eboniet van Indië (*nigrum hebenum* in 116-17), die Sabaei se wierook (*turea virga* in 117) en katoen van Etiopië.²⁶⁸ Plinius Maior, *Nat.* 12.39 gebruik die Grieks-Arabiese woord *gossypinum* en in *Nat.* 19.14 die Griekse woord ξύλον (*xylon*) wat beide op die katoenplant dui (vgl. Erren 2003:348-49; *OLD ad loc.*). Aangesien daar skynbaar geen Latynse woord vir katoen bestaan nie, omskryf Vergilius dit as 'sagte wol' (*molli ... lana*; vgl. Thomas 1988a:177 n.120; *OLD*). In hierdie passasie onderskei die digter noukeurig met *canentia* se primêre betekenis tussen die kleurskakerings van wol (met *albus, candidus* en soms met *niveus* uitgebeeld) en katoen, met laasgenoemde wat nou as 'gryswit' of dalk 'naaswit' beskryf kan word.

4 Van grys hare (vgl. *TLL s.v. canus* 1: *proprie i.q. albus, albidus, rarus: praecipue de capillis senum*)

a. Catullus

Cat. 64.348-50: ... *claraque facta | saepe fatebuntur gnatorum in funere matres, | cum incultum cano solvent a vertice crinem* ('... dikwels sal moeders by die begrafnis van hul seuns oor [Achilles se] roemryke daede getuig, wanneer hulle hul onversorgde hare op hul **wit/grys** hoofde losmaak').

Die moeders van gestorwe seuns laat hulle hare ongekam en los hang as teken van hul droefheid. Die term *cano* met die primêre betekenis 'grys' of 'wit' bepaal die voorkoms van die vroue se hare wat ook

²⁶⁷ Nadeau (1970:345) bied 'n lys van skrywers (onder andere Theophrastus, *H.P.* 4.4.8 en 4.7.7, 8, Plinius Maior, *Nat.* 12.25 en Herodotus 3.106) wat katoen in Indië plaas. Tog verwys Plinius Maior, *Nat.* 13.90 ook na katoen wat in Etiopië voorkom en 'n plant *gossypion/gossipinum* (moontlik die 'katoenboom') wat in beide Arabië en Egipte aangetref is en wat Pollux 7.75 en Herodotus 3.47 beskryf. Dit is dus onmoontlik om hieruit af te lei of die katoen waarna Vergilius verwys in Etiopië, Egipte of Arabië voorkom, of die hele streek *Aethiopia* genoem is en of die woord *Aethiopi* ook die Indiërs insluit (vgl. Mynors 1990:117 n.120-1).

²⁶⁸ Volgens Erren (2003:348-89 n.120) dui die verwysing na Etiopië en die Sabaei onderskeidelik op die oorsprong van die eksotiese stowwe, katoen en sy. Aangesien daar min in Rome bekend was oor die oorsprong, aard en verwerking van beide katoen en sy, kan Vergilius se beskrywings *nemora molli canentia lana* en *vellera tenuia* van beide katoen of sy gebruik word. Erren beskou ook die woord *vellera* (121) as beskrywend van die kokonne van sywurms. Sien ook Richter 1957:200-1 n.121. Wat hier uit die oog verloor word, is Vergilius se kleurbeskrywing van katoen: Afhangende van sywurms se voedsel is die natuurlike kleur van sydrade een of ander ligte skakering van geel wat nie met *canens* vertaal kan word nie.

op hul gevorderde leeftyd kan dui.²⁶⁹ Daar is patos vasgevang in hierdie beskrywing wat die skending van die natuurlike orde beklemtoon, wanneer jongmense voor oumense sterf (vgl. Clarke 2003:68).

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 3.311-12: ... *barbas incanaque menta | Cinyphii tondent hirci* ... ('... hulle knip die Libiese bok se hare en kenbaarde wat **heeltemal grys** is ...'; vgl. *TLL s.v. incanus* 1: *proprie i.q. canus factus, subalbidus*).

Na die uitsonderlike invokasie aan *Pales* (284-94), spits Vergilius voorts sy aandag toe op kleiner diere soos skape, bokke en honde. Alvorens die digter kan uitbrei op die voordele van 'n boerdery met bokke, volg daar in reëls 306-7 'n verwysing na die gesogte wolstof van Milete wat met kosbare Tiriese purper gekleur is.²⁷⁰ Al kan 'n bokboerdery nie met die ekonomiese belang van 'n skaapboerdery meeding nie, hou bokke se goeie versorging tog voordele in: Die kenbaarde en ruie hare van die Libiese bok kan afgeskeer word vir gebruik in die leër en as bedekking vir matrose. Vergilius verlewendig die prosaïese onderwerp met 'n uitbeelding van bokke se kenbaarde wat die skaars term *incana* hier chromaties bepaal met die betekenis 'heeltemal grys'.

ii. Verg. *Aen.* 5.415-16: ... *aemula necdum | temporibus geminis canebat sparsa senectus* ('... afgunstige/nydige ouderdom het nog nie my twee slape **grys gesprinkel** nie'; vgl. *TLL s.v. caneo* b. *speciatim i.q. senectute albēre, senem esse*).

Eens op 'n tyd was Entellus die dapperste van helde (389: ... *heroum quondam fortissimo*), maar nou is hy reeds gevorderd in jare en het sy lewenskragte afgeneem (395-96). Sy grys/wit slape dui op bejaardheid wat *canebat* met die primêre betekenis bepaal.²⁷¹

iii. Verg. *Aen.* 6.809-10: ... *nosco crinis incanaque menta | regis Romani* ... ('... ek herken die hare en **suiwerwit** kenbaard van die Romeinse koning ...'; vgl. *TLL s.v. incanus* 1: *proprie i.q. canus factus, subalbidus*).

Anchises eien Numa Pompilius aan die uitsonderlike wit kleur van sy hare en baard. Hoewel *incana* (met die versterkende voorsetsel *in-*) veral met die grys hare van bejaardheid vereenselwig word, noem Servius dat Numa *a prima aetate* uitsonderlike wit hare gehad het (vgl. Austin 1977:249 n.809) en waarna André (1949:222-23) verwys as 'suiwer wit'. Vergilius gebruik hier die baie skaars term *incana*

²⁶⁹ Ook in Catullus 68.124 bepaal die kleurwoord *cano* met die primêre betekenis grys of wit hare: *suscitat a cano volturium capiti* ('hy verjaag die aasvoël van die **gryse** hoof').

²⁷⁰ Sien ook die frase *Milesia vellera* in *Geor.* 4.333, moontlik vanweë die verwysing na Milete in Theokritos, *Id.* 15.126. Reeds so vroeg as die sesde eeu v.C. is wol van Milete met uitstaande kwaliteit vereenselwig, sodat dit as handelstad wêreldwyd handel gedryf het (vgl. Richter 1957:299 n.306 ff.).

²⁷¹ Aan die hand van Phanokles (fr. 6 Powell) se weergawe verwys Vergilius in *Aen.* 10.191-92 (*dum canit ... | canentem molli pluma duxisse senectam*) na die verhaal van Cynus wat die tragiese dood van sy geliefde Phaeton (188: *Amor*; 189: *amati*) so gebroke beweën dat hy in 'n swaan verander. Die frase *canentem senectam* – *Cynus* se gryse ouderdom – moet nie letterlik opgeneem word nie en verwys eerder na die sagte veredos van die swaan-metamorfose (vgl. Harrison 1991:119-122). Die *TLL s.v. canēre* bied geen inskrywing vir die metaforiese gebruik van die kleurwoord nie, ook nie van die frase *canentia lumina* wat op die dood van Halaesus se bejaarde vader dui en wat Vergilius metafories gebruik in *Aen.* 10.418: *ut senior leto canentia lumina solvit*.

wat terugverwys na die identiese frase *incanaque menta* in *Geor.* 3.313 (sien *supra*). Die leser kan hom/haar nou verkneukel in die humoristiese intratekstualiteit van die digter se gevatte tipering van die kenbaard van 'n bok wat nou as uitbeelding van 'n koning dien. Moontlik kan die frase afbreuk doen aan die aansien van Numa, maar dalk vereer hierdie frase wederkerig eerder die bok as eerbiedwaardige patriarg van sy trop.

5 As tipering van bejaardheid en eerbiedwaardigheid (vgl. *TLL s.v. canus 2: translatē a. canis capillis praeditus, senilis*)

a. Catullus

i. Cat. 61.154-56 (161-63): ... *tremulum movens* / **cana** *tempus anilitas* / *omnia omnibus annuit* ('... 'n **gryse** oudag wat 'n kop laat bewe en alles vir almal toeknik').

Wanneer die bruid met haar goudgeskoeide voete (163: *aureoles pedes*) oor die drumpel tree, word sy deel van die vooraanstaande huis van haar eggenoot. Moontlik sal dit 'n gelukkige huweliksverbintenis wees wat sal duur totdat sy oud en afgeleef is, hier metafories met die frase **cana anilitas** uitgebeeld.

ii. Cat. 66.69-70: *sed quamquam me nocte premunt vestigia divum, / lux autem canae Tethyi restituit* ('maar hoewel die voete van die gode my gedurende die nag vertrap, het die daglig my aan die **eerbiedwaardige** [let. 'gryse/skuimwit'] Tethis terugbesorg'; vgl. van die volgende twee voorbeelde *TLL s.v. canus 2: translatē b. i.q. antiquus, vetus, praecipue aetate venerabilis, religiosus*).²⁷²

Gedurende die nag is die haarlok van Berenice (*coma Berenices*) in die hemel en onder die voete van die gode, maar vroeg in die oggend keer sy terug na gryse Tethis, die eggenote van *Oceanus* (vgl. Fordyce 1966:338 n.69 f.). **Canae** kan metafories op 'n hoë ouderdom dui, maar aangesien die naam Tethis metonimies van die see voorkom, kan **canae** ook met die primêre betekenis 'witterig' die seeskuim bepaal (sien Catullus 64.13; *supra* 1.b), dus 'n gepaste epiteton van Tethis, die koningin van die see. Sien ook Ovidius, *Met.* 2.509: ... *et ad canam descendit in aequora Tethyn* ('... en [n woedende Juno] daal neer na **gryse/skuimwit** Tethis').

b. Vergilius

Verg. *Aen.* 1.292-93: **cana** *Fides et Vesta, Remo cum fratre Quirinus | iura dabunt ...* ('**eerbiedwaardige** Trou, Vesta en Romulus saam met sy broer Remus sal wette maak ...').

Aan die einde van sy profesie noem Jupiter dat die Romeinse *Fides, Vesta*²⁷³ en Remus vir Romulus sal help om wette te maak. Die term **cana**, in die beklemtoonde aanvangsposisie van reël 292, bepaal *Fides*

²⁷² Voeg hierby ook Catullus 95.6: *Zmyrnam cana diu saecula pervoluent* ('generasies sal die Zmyrna lees totdat hulle oud en **grys** is'); en 108.1-2: *si, Comini, populi arbitrio tua cana senectus / spurcata impuris moribus intreat* ('Cominius, as jou **gryse** ouderdom wat volgens mense se oordeel besoedel is met ongure praktyke tot 'n einde sou kom').

²⁷³ Vesta word ook genuanseerd met **canae** as 'eerbiedwaardig' uitgebeeld in *Aen.* 5.744-45: *Pergameumque Larem et canae penetralia Vestae | farre pio et plena supplex veneratur acerra* ('met gewyde meel en gevulde wieroekhouer aanbid [Aeneas] toegewyd die huisgode van Troje en die heiligdom van **eerbiedwaardige** Vesta'). So ook *Aen.* 9.258-60: ... *per magnos, Nise, Penatis | Assaracique larem et canae penetralia Vestae | obtestor ...* ('... ek sweer, Nisus, by die magtige huisgode en Assaracus se beskermgod en die heiligdom van **hooggeagte** Vesta ...').

om genuanseerd op die eerbiedwaardigheid van die godin te dui (vgl. Page 1960:169 n.292). Die vergoddelike helde van Rome versinnebeeld eenvoud en opregtheid.

IV *MARMOREUS*²⁷⁴

Volgens L&S is die adjektief *marmoreus*, *-a*, *-um* van die naamwoord *marmor*, *marmoris*, m. ‘marmer’ afgelei wat ’n samevoeging is van *marmor* se stam plus die adjektiefvormende agtervoegsel *-eus* met die aanduiding ‘bestaande uit’ (*OLD*). Etimologies hou die Latynse naamwoord *marmor* verband met die Griekse vorm *μάρμαρος* en *marmoreus* met die Griekse term *μαρμάρεος* (vgl. André 1949:375). Volgens LSJ *ad loc.* het *μάρμαρος* aanvanklik op ’n kristalklip gedui wat glinster (*μαρμαίρει*) in die lig (*μάρμαρος ὀκρίοις*) en is dit eers later met die kalkagtige steen, marmer, vereenselwig. Hiervolgens is dit duidelik dat glans ’n groot rol speel in die betekenismoontlikhede van hierdie term, ’n aspek waarna Theokritos ook verwys: In *Id.* 6.37-38 is die glans van tande witter as Paros se marmer: ... τῶν δέ τ’ ὀδόντων | λευκοτέραν ἀγὰν Παρίας ὑπέφαινε λίθοιο.

Die soort konteks waarin die woord voorkom, volg in breë trekke hieronder.

In die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde word die skep van die woord *marmoreus* aan die digter, Lucilius 923-24 (fr.1038 Lachmann) toegedig. In hierdie vroegste beskrywing is dit opvallend dat daar met die frase *pectore marmoreo* (veral na aanleiding van die frase *corpus solidum*) na die hardheid of gladde, blink afwerking van marmer verwys word en nie soseer na die kleurwaarde nie. As sulks is sommige van die betekenismoontlikhede van *marmoreus* voor die hand liggend: L&S, die *OLD* en die *TLL* bied ‘marmer-,’ ‘bestaande uit marmer’ of ‘van marmer’ as die primêre betekenismoontlikheid. Die oordragtelike betekenis sluit die skaars gebruik ‘marmeragtig’ in wat veral in die kunste ter sprake kom, terwyl die uitgebreide betekenis tweeledig is:

Volgens Lenchantin de Gubernatis (1958:170) is *marmoreus* sinoniem met *albus* en *candidus* wat kleurwaarde betref en dui die term veral poëties op die voorkoms van ’n marmerwit velkleur, onder andere in *Ciris* 450: *marmorea adductis livescunt brachia nodis* (‘haar **marmerwit** arms word potblou vanweë die styfgetrekte knope’). Sien ook Ovidius, *Fast.* 4.135: *aurea marmoreo redimicula demite collo* (‘goue haarbande hang af op haar **marmerwit** nek’; vgl. van beide die voorbeelde B. *translatě* 1. *sensu strictiore a. de hominum membris*).

Voorts bepaal die term die voorkoms van die see, hoewel dit volgens Vels Heijn (1951:85) onseker is of daar na die see se glans of die spieëlgladde oppervlakte van ’n kalm see verwys word. Sien

²⁷⁴ Die *TLL* se verskillende kategorieë vir *marmoreus* (VIII. 412 [reël 48]-413 [reël 76]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

A *proprie*, i.q. *ad lapidem q.e. marmor, pertinens* **1** *de corporeis: a* i.q. *e marmore factus* **b** i.q. *marmore constans* **c** i.q. *marmor habens* **2** *de incorporeis* i.q. *ad marmor pertinens*.

B *translatě* **1** *sensu strictiore* i.q. *marmoris similis* **a** *pertinet ad candorem splendoremve marmoris politi* **a** *de hominum membris* **β** *de maris aequore* **b** *respicitur et candor et durtia marmoris, de glacie, nive, pruina* **2** *sensu laxiore, fere* i.q. *lapideus durus* **a** *de versione hominum in lapides* **b** *de variis rebus*.

in die verband Homeros, *Il.* Ξ (14).273 en Ennius, *Ann.* XIV.iii.377-78 (384-85) (Skutsch) se gebruik van die verwante naamwoord *marmor* van die see.²⁷⁵ By Vergilius kom *marmor* as variant van *aequor* of *mare* voor, onder andere in *Geor.* 1.254: *et quando infidum remis impellere marmor* ('en wanneer [dit tyd is om] die onbetroubare see met die roeispane aan te vat'; vgl. *TLL* B. *translatě* 1: *sensu strictiore* a. β . *de maris aequore*). Bykomende betekenismoontlikhede dui op die marmerwit kleur (*candor*) van sneeu of ryp en ook die hardheid van ys (*marmoreo ... gelu*) in Ovidius, *Fast.* 4.918; vgl. *TLL* B. *translatě* 1: b. *respicitur et candor et duritia marmoris, de glacie, nive, pruina*. Uit die verwysing na ys, sneeu en ryp kan daar ook afgelei word dat hierdie term implisiet met koue vereenselwig word, 'n aspek wat nie deur die *TLL* aangedui word nie.

Vels Heijn (1951:85-86) verwys geensins na die primêre betekenismoontlikheid 'bestaande uit marmer' of 'soos marmer' nie, en dit terwyl beskrywings van 'wit marmer' so dikwels in Augusteïese digkuns voorkom (vgl. André 1949:240-41).²⁷⁶

Die term *marmoreus* word nie dikwels aangetref nie. Dit verskyn twee keer in Lucretius, terwyl Vergilius dit een keer in elk van die *Eclogae* en die *Georgica* gebruik en twee keer in die *Aeneis*.²⁷⁷

1 Vir die uitbeelding van marmer-voorwerpe (vgl. *TLL* A. *proprie* 1: *de corporeis* a. *i.q. e marmore factus*)

Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 7.35: *nunc te marmoreum pro tempore fecimus ...* ('vir die huidige het ons jou van marmer gemaak ...').

In die sangkompetisie handel Corydon se lied oor Micon se offerande aan Artemis (29-30) wat as 'n *do ut des*-gebed aangebied word (vgl. Parker 1988:4): Sou die godin groter gawes voorsien, sal haar afbeelding geheel en al (*tota* emfaties in 31) van marmer (*de marmore*) opgerig word en met purperrooi jagstewels (32: *puniceo ... cothurno*) versier word. Op sy beurt onderneem Thyrsis (vgl. Clausen 1994:211-13) om Priapus²⁷⁸ te vereer. Sy beeld sal vir die huidige (35: *pro tempore*) ook van marmer

²⁷⁵ Sien ook Ennius, *Ann.* XIV.iii.377-78 (384-85) (Skutsch): *verrunt extemplo placidum mare: marmore flavo | caeruleum spumat sale conferta rate pulsum* ('onmiddellik keer hulle die kalm see om; die seeblou seewater, getref deur die gelyke slag van die spane, skuim met 'n gelerige glans'; vgl. Fordyce 1966:271 n.88). In André (1949:332-33) se bespreking van die verskillende kleurvoorkomste van die see, word daar geensins na die gelerige kleur van seeskuim verwys nie, soos hier ook van Ennius. So 'n gelerige kleurvoorkoms word dikwels deur seegras veroorsaak wat deur die branders stukkend geslaan word.

²⁷⁶ Tot en met Ovidius kom uitbeeldings van wit marmer sewe keer meer as dié van gekleurde marmer voor, onder andere met *albus* (Horatius, *Sat.* 1.6.116), *niveus* en *candens* (Vergilius, *Aen.* 8.720) en *candidus* (Ovidius, *Met.* 10.59), terwyl *marmoreus* die wit marmer van tempels en altare bepaal in meer as die helfte van sulke beskrywings. Die toenemende aanvraag na gekleurde marmer (onder andere die groen marmer van Lakonië) vir gebruik in huise, ornamentele fonteine en baddens word deur Martialis 6.42.11 met *virere* beskryf; so ook die geel Numidiese marmer met *flavis* deur Statius, *Silv.* 1.5.36 en met *flaventia* in 2.2.92. André (1949:341) wys egter op twee uitsonderings: Beide *Ciris* 476 (*viridemque ... Donysam*) en Vergilius, *Aen.* 3.125 (*viridem Donusam*) verwys na groen marmer, hoewel laasgenoemde geen uitsondering is nie, maar op die digter se baie besondere en planmatige gebruik van hierdie frase dui, waarna daar in XXV. **VIR*-groepering I.c.xvi verwys word.

²⁷⁷ Daar kom moontlik 'n wisselvorm voor in Catullus 63.88: *teneramque vidit Attin prope marmora pelagi*. Volgens die *Codices* V word die frase *marmora pelagi* as *marmorea pelago* getransponeer (vgl. Fordyce 1961:45). Die Oxford-uitgawe *ad loc.* (1937 [1904]) bied *marmora pelagi*, ook *marmorea/marmorea pelago*. [my beklemtoning]

²⁷⁸ Volgens Clausen (1994:225-26 n.35) was Priapus, seun van Dionusios en Aphrodite, van Hellenistiese tye 'n tradisionele ornament in tuine. Met sy wilgersekel (moontlik 'n orente fallus) is hy nie net die verpersoonliking van vrugbaarheid nie, maar

wees wat *marmoreum* met die primêre betekenis bepaal.²⁷⁹ Aangesien Priapus se fallus tradisioneel rooi geverf is (vgl. Mynors 1990: 272-73 n.110-11),²⁸⁰ word daar met die marmerwit voorkoms wat Thyrsis beplan 'n opvallende kleurkontras van rooi en wit geskep wat die kleurskakerings van Artemis se marmerbeeld met purperrooi stewels herhaal.

ii. Verg. *Aen.* 4.391-92: ... *suscipiunt famulae conlapsaque membra* | ... *marmoreo referunt thalamo stratisque reponunt* ('haar dienaarsteun haar toe sy inmekaar sak, dra haar terug na haar slaapkamer van **marmer** en lê haar versigtig op die rusbank neer').

Wanneer Dido met groot onsteltenis verneem dat Aeneas beplan om haar te verlaat, sak sy op 'n houpie inmekaar. Hoewel Vergilius hier die frase *marmoreo ... thalamo* van Dido se slaapvertrek gebruik, dui dit nie sonder meer op 'n marmerwit kleur nie, soos die term se oordragtelike betekenis sou impliseer. Volgens Austin (1963:121 n.392, met verwysing na Pease) kan die term moontlik op 'n pragtige 'Afrikamarmer' dui wat moontlik Numidiese geel marmer kon wees.²⁸¹ Austin beskou egter hierdie uitbeelding as vreemd en oortollig, hoewel dit 'n paslike uitbeelding van die prag en praal van Karthaagse Dido kan wees.

2 By die uitbeelding van velkleur (vgl. B. *translatē* 1. *sensu strictiore i.q. marmoris similis; a. de hominum membris*)

Vergilius

Verg. *Geor.* 4.523-25: *tum quoque marmorea caput a cervice revulsum* | *gurgite cum medio portans Oeagrius Hebrus* | *volueret ...* ('toe ook het Oeagrus se Hebrus in die middel van sy stroom die kop wat van die **marmerwit** nek afgeruk is, meegesleur en om en om gerol ...').

In die *epyllion* in *Geor.* 4.315-527 kom die lied van die siener, Proteus, voor wat die hartseer verhaal van Orpheus (453-527) weergee. Aangesien hy nie die opdragte van Proserpina gehoorsaam het nie en Euridice gevolglik na die Onderwêreld moes terugkeer, treur hy vir sewe maande. Die Ciconiese vroue het geminag gevoel en uit weerwraak word hy verskeur en die stukke van sy liggaam oor die velde gestrooi. Ook sy kop, afgeruk van die marmerwit nek (523: *marmorea ... cervice*), word deur die Hebrus meegesleur. Sy jammerlike uitroep, *Eurydice*, kom in die drie agtereenvolgende reëls 525, 526 en 527 voor – as't ware as 'n *eggo* – terwyl die uitroep *a ...!* die leser se belewenis van patos verhoog.

doen hy ook diens as wagter teen dieve en voëls, onder andere in *Geor.* 4.110: *et custos furum atque avium cum falce saligna*. Vir die voorkoms daarvan, sien Theokritus, *Epigr.* 4.23 Gow (= AP 9.437): *σύκινον ... ξόανον* | *ἄσκελές αὐτόφλοιον ἀνούατον* ('n uitbeelding van vyehout, sonder arms en ore, met die bas wat nog daaraan vas is'); ook Horatius, *S.* 1.8.1: *olim truncus erat ficulus, inutile lignum* ('eens was die lyf van 'n vyeboom se hout wat waardeloos was').

²⁷⁹ Martialis 6.72.3-4 beskryf 'n groot tuin, waarin 'n Priapus van marmer aangebring is: *ingenti sed erat, Fabulle, in horto* | *praeter marmoreum nihil Priapum* ('maar in die uitgestrekte tuin, Fabullus, was daar niks anders as die marmerbeeld van Priapus nie').

²⁸⁰ Die standbeeld van Priapus is geheel en al rooi geverf volgens Coleman (1977:216 n.33), met verwysing na die frases *ruber hortorum decus* in Ovidius, *Fast.* 1.415; *ruber hortorum custos* in *Fast.* 6.333 en *ruber custos* in Tibullus 1.1.17. Parker (1988:11), daarenteen, verwys uitsluitlik na Priapus se rooi fallus in *Priapea* I.5 (... *ruber hortorum custos ...*); en LXXII (A) (... *rubricato ... mutino*) en in Horatius, *S.* 1.8.5 (*ruber ... palus*).

²⁸¹ Sien voetnoot 276, *supra*.

Vergilius se keuse van die term, *marmorea*, is hier uitsonderlik: Die wit kleur van marmer kan sag en delikaat voorkom, maar hier verkry dit 'n bykomende nuanse van hardheid en koue wat met die dood verband hou. Ook kontrasteer die marmerwit kleur skerp met die implisiete rooi voorkoms van bloed wat met die verwysing na die 'afgerukte nek' voor die geestesoog opgeroep kan word.

3 Tiperend van die see (vgl. *TLL B. translātē 1: sensu strictiore i.q. marmoris similis a. β. de maris aequore*)

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 2.764-65: *cur ea quae nigro fuerint paulo ante colore, | marmoreo fieri possint candore repente* ('[dan sou jy kan verstaan] waarom daardie dinge wat 'n rukkie vantevore 'n swart kleur gehad het, in staat is om skielik 'n **marmeragtige** witheid te verkry').

Volgens Lucretius moet daar nie net aangeneem word dat wit objekte uit wit atome (*principia*) of swart objekte uit swart atome ontstaan nie. Atome is in werklikheid kleurloos (737: *nullus enim color est omnino* ...) en beskik oor die vermoë om verskillende vorme aan te neem, waarvolgens hulle kleure kan verander. Vir die verdere beklemtoning van 'witheid' word beide *marmoreo* (met die uitgebreide betekenis) en *candor* gebruik, beide as kontraskleur van *niger*.²⁸²

b. Vergilius

Verg. *Aen.* 6.729: *et quae marmoreo fert monstra sub aequore pontus* ('en die vreemde vorme wat die see onder sy **glansende/spieëlgladde** oppervlakte dra').

Tydens Aeneas se besoek aan die Onderwêreld, verduidelik Anchises hoe dit gebeur dat sekere siele ná suiwering weer tot hul oorspronklike reinheid kan terugkeer. Nadat hulle van die Lethe se water gedrink het, word hulle toegelaat om weer lewende wesens te animeer. Uit die magtige geheel ontstaan daar onder die see se oppervlakte mens en dier, gevleuelde en die wonders van die oseaan. Die term *marmoreo*²⁸³ kan hier veral met die betekenis 'glansend' of 'spieëlglad' van toepassing wees, eerder as die uitgebreide betekenis 'marmerwit' wat Conington (1884:520 n.729) voorhou.

V *NIVEUS*²⁸⁴

Hierdie byvoeglike naamwoord is verwant aan die selfstandige naamwoord *nix, nivis*, f. 'sneeu'. Dit is van die Proto-Italiese **sn(e)iw-*(m.) afkomstig, met die Latynse *nix* < nom. **sniks* (vgl. *ningit* in De Vaan 2008:409-10). Volgens Price (1883:15) is *nix* afgelei van die Indo-Europese woord **snig* wat op

²⁸² Sien ook Lucretius, *D.R.N.* 2.774-75: *nam quocumque modo pertubes caerulea quae sint, | numquam in marmoreum possunt migrare colorem* ('want op watter wyse jy ookal die see in beroering bring, kan hulle [atome] nooit 'n marmerwit kleur aanneem nie'). Sien XXII. *CAERULEUS* 2.a.

²⁸³ Austin (1977:223 n.729) noem dat Vergilius skepper van die epiteton *marmoreus* was, maar, soos reeds hierbo aangedui, is dit 'n foutiewe aanname.

²⁸⁴ Sien *EV* III. 574b vir 'n gedetailleerde uiteensetting.

die handeling van reiniging, was of skoonmaak dui wat nie in Latyn as primêre betekenis van *niveus* voorkom nie. L&S *ad loc.* verwys na die Griekse woord (τήν) νίφα (akk.) met dieselfde betekenis.²⁸⁵ Paulus Fest. 176 (*cf.* 177) staan 'n ander siening voor: *nivem interpretantur novum ex Graeco, quod illi véov dicunt* ('hulle vertaal *nivem* as 'n nuut[-skepping] uit die Grieks, omdat hulle véov sê'; vgl. Maltby *s.v. nix*).

Volgens beide L&S en die *OLD ad loc.* is die primêre betekenis moontlikheid van *niveus* ook 'sneeuagtig,' 'bestaande uit sneeu' of 'soos sneeu'.²⁸⁶ Hieruit vloei die afgeleide betekenis 'koud soos sneeu' én 'met sneeu bedek'. Vanweë sneeu se wit voorkoms, kan die betekenis moontlikheid verder uitgebrei word tot die oordragtelike gebruik, 'spierwit',²⁸⁷ aangesien die betekenis moontlikheid 'sneeuwit' selde (indien ooit) in Afrikaans gebruik word.²⁸⁸

Hieronder volg in breë trekke die soort konteks waarin die woord voorkom.

Volgens André (1949:39) dui die term op 'n suiwer wit kleur met 'n helder glans waarvan die betekenis moontlikheid soms met *candidus* vereenselwig word. Hoewel dit raar is, kan fyner nuanses ook voorkom: Die wit kleur van vars sneeu skep die indruk van suiwerheid of vlekkeloosheid²⁸⁹ wat ook met reinheid geassosieer kan word. In Martialis 8.73.1-2 dui die term metafories op Instantius se opregte hart: *Instanti, quo nec sincerior alter habetur | pectore nec nivea simplicitate prior* ('Instantius, geen ander persoon word opregter of eerder met 'n **rein** openhartigheid beskou nie').²⁹⁰

'n Betekenis wat nie in enige van die woordeboeke voorkom nie, is die uitgebreide betekenis van *niveus* wat op die kenmerkende 'bleekheid' van 'n vrou dui as bepaler van skoonheid (vgl. Maltby *s.v. niveus*). Dit verwys waarskynlik terug na die Griekse letterkunde met die frase 'spierwit arms' as 'n literêre *formula* van Hera se skoonheid.²⁹¹ Vergilius gebruik die term slegs van Venus in *Aen.* 8.387 (sien *infra*) en in Tibullus 1.4.12 kan die frase *niveo pectore* op 'kilheid' dui, met dieselfde konnotasie as *virgineus ... pudor* in reël 14.²⁹²

²⁸⁵ Die nominatief enkelvoud van die Griekse νίφα kom nie voor nie. Afgelei van (τήν) νίφα is die byvoeglike naamwoorde νίφαργής -ές, 'sneeuwit' en νιφόεις en νιφετώδης, -εσ wat 'sneeuagtig' beteken en wit as kleur kan impliseer (LSJ).

²⁸⁶ Verwant aan hierdie kleurterm is *nivalis* wat twee keer achromaties in die *Georgica* voorkom. 3.318-20: ... *glaciem ventosque nivalis, | ... | avertes ...* ('... keer [jou lammers] weg van ys en sneeuwinde ...'); en 4.517-19: *solus Hyperboreas glacies Tanaimque nivalem | ... | lustrabat ...* ('alleen het [Orpheus] oor die Noorde se ysvlakte en sneeuagtige Tanais [die Donrivier] rondgedwaal ...'). Die adjektief verskyn nie in die *Eclogae* nie, maar kom drie keer in die *Aeneis* voor: 3.538, 7.675 en 12.702.

²⁸⁷ Met die eerste oogopslag kan die logiese vertaling vir *niveus* in Afrikaans 'sneeuwit' wees, maar idiomaties is dié woord nie só bekend nie. Daarenteen kom 'spierwit' algemeen voor en is dit vir die eerste keer in 1645 in Nederlands opgeteken. Reeds in die sestiende eeu word die Nederlandse woord, 'spier,' gebruik as tipering van die wit borsvleis van voëls, sodat 'spierwit' dus oorspronklik op 'borsvleiswit' dui. Hierdie bykomende betekenis het mettertyd verlore gegaan, terwyl 'spier-' as versterkende voorvoegsel voortbestaan het (vgl. Combrink 1998:10).

²⁸⁸ Die *HAT s.v. sneeu* 1. bied die inskrywings 'so wit soos sneeu' en 'spierwit,' maar nie 'sneeuwit' nie. 'n Uitsondering is die heldin van die Grimm-broers se feëverhaal wat in Afrikaans as 'Sneeuwitjie' bekend staan.

²⁸⁹ Ovidius, *Met.* 2.852-53 assosieer skoon, vars sneeu waarop daar nie getrap is nie met 'n wit kleur: *quippe color nivis est, quam nec vestigia duri | calcavere pedis ...*

²⁹⁰ In Tibullus 3.3.25 dui die term ook achromaties op 'n voorspoedige dag: *o niveam quae te poterit mihi reddere lucem* ('o **voorspoedige** dag wat jou aan my sal kan terugbesorg'; vgl. André 1949:39-40).

²⁹¹ Sien die beskrywing van Nausikaä in *Od.* ζ(6).101, 186 en 251 (Ναυσικάα λευκόλενος). In *Od.* ζ(6).239 word daar verwys na die wit arms van haar metgeselle (ἀμφίπολοι λευκόλενοι) – dus, hul bekoorlike voorkoms – ten spyte daarvan dat hulle die dag in die sonnige buitelig deurgebring het. Sien reëls 96-97; vgl. Irwin 1974:112-13.

²⁹² Ook in antieke Griekse vaaskuns is vroue se gesigte en ledemate aanvanklik met wit kleurstof uitgebeeld, totdat daar met die 'rooi-figuur tegniek' (vanaf ongeveer 530 vC in Athene) minder kleur gebruik is. Volgens Boardman (1988:340-41) was dit in die kuns van vaasversiering die einde van die tradisionele onderskeid tussen die geslagte.

Volgens Clausen (1994:196 n.53) kom *niveus* vir die eerste keer voor in Cicero, *Div.* 1.13: *saxa cana salis niveo spumata liquore ...* ('gryserige rotse, skuimend van die wit seewater ...'), met *cana* wat duidelik met die betekenis 'gryserig' vereenselwig word. Volgens De Vaan (2008:409-10) verskyn die term vir die eerste keer in Naevius, maar hy bied geen teksverwysing nie.

Die term kom nie in Lucretius voor nie, maar wel agt keer in Catullus. Vergilius gebruik die kleurwoord drie keer in die *Eclogae*, ses keer in die *Georgica* en agt keer in die *Aeneis*.

1 Die tipering van perde en vee

a. Catullus

Cat. 58b.2, 4 (volgens Fordyce se versranging): *non si Pegaseo ferar volatu, / non Rhesi niveae citaeque bigae* ('selfs nie as ek gedra sou word deur vlugvoetige Pegasus, [of] Rhesos se vinnige spierwit tweespan nie ...').²⁹³

Catullus kla dat nie eers 'n metamorfose in mitologiese kreature, soos die vlugvoetige Pegasus of die vinnige span spierwit perde van Rhesos²⁹⁴ hom sou kon help om (waarskynlik) sy vriend, Camerius, op te spoor nie (vgl. Clarke 2003:117). Aangesien *citae* na die spoed van Rhesos se legendariese perde verwys, kom *niveae* slegs suiwer chromaties voor met die oordragtlike betekenis 'spierwit' van die vlekkelose voorkoms van hierdie beroemde perde.

b. Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 6.46: *Pasiphaen nivei solatur amore iuvenci* ('dan vertroos hy [Silenos] Pasiphaë in haar liefde vir 'n spierwit bul');

en

ii. Verg. *Ecl.* 6.53-54: *ille latus niveum molli fultus hyacintho / ilice sub nigra pallentis ruminat herbas* ('... [die bul] met sy spierwit flank op die brose "hiasint" uitgestrek, herkou aan vaal gras onder 'n donker steeneik').

In hierdie *epyllion* (45-60) sing Silenos van Pasiphaë se liefde vir 'n spierwit bul. Soos met Vergilius se algemene verwysing na Aristaeus in *Geor.* 1.15, verskaf die digter ook hier net die mees basiese leidrade en aanvaar hy dat sy geletterde gehoor bekend is met die mite van Pasiphaë.²⁹⁵ Die digter skets die volgende toneel: 'n Spierwit bul (wat *nivei* en *niveum* onderskeidelik in 46 en 53 eksplisiet uitbeeld, telkens met die oordragtlike betekenis) herkou (*ruminat*) aan gras, terwyl hy uitgestrek op 'hiasinte' onder 'n steeneik lê. Die rustigheid van hierdie beskrywing kontrasteer skerp met Pasiphaë se onrus as

²⁹³ Versreël 2 vorm deel van 'n fragment en aangesien dieselfde onderwerp in Catullus 55 voorkom, sluit sekere kritici (onder andere Ellis [1876] *ad loc.*) hierdie reël by laasgenoemde in. Volgens Fordyce (1966:232) stem die onderwerp en metrum wel ooreen, maar is daar opvallende verskille in styl en sintaksis wat só 'n insluiting nie regverdig nie.

²⁹⁴ Sien voetnoot 122.

²⁹⁵ Tipies in die oordrag van mites, word hierdie verhaal aanvanklik in brokstukke deur verskeie skrywers weergegee, waaronder Bakchulides (*Ode* 26), Pindaros (fr. 91 SM), Sophokles (*Minos*), Euripides (*Cretes*) en Palaephatos wat eerste die woord 'Minotaurus' gebruik het. Die volledigste weergawe van die mite verskyn in Diodoros Siculus 4.77.1-4 (vgl. Cook 1964:464; Gantz 1993:260-61).

sy waansinnig (47: *quae te dementia cepit?*) oor die berge dwaal (52: *in montibus erras*) in haar soektog na die bul. Aanvanklik kom hierdie reëls baie eenvoudig voor: Hoewel die groen kleur van die ‘hiasinte’ se blare slegs geïmpliseer word, skep die kombinasie van die kleure wit (eksplisiet van die bul) en groen as kleurpaar aanvanklik die indruk van rustigheid. Die verwysing na die boom, die plante en die herkouende bul kan pastoraal voorkom, maar dan versteur afwesige en onnatuurlike elemente die aanvanklik idilliese toneel en word dit algaande duidelik dat die digter iets subtieler in gedagte het. Daar is geen eksplisiete vermelding van water, koelte en ’n herder nie wat almal belangrike komponente van die pastorale tradisie is. Die bul lê ook nie op gras nie, maar op ‘hiasinte’ wat op die vrugbaarheid van die aarde kan dui.²⁹⁶ Hierdie uitbeelding is dus sprekend van latente sensualiteit, aangesien die bul nie net met brute krag nie, maar ook met vrugbaarheid vereenselwig word (vgl. Guthrie 1950:50 n.1; Cook 1964:634-35). Daar is geen verwysing na die ‘hiasinte’ se blomme of die kleure daarvan nie²⁹⁷ en die digter fokus planmatig eerder op die plante se broosheid (*molli ... hyacintho*). Daar kan dus aanvaar word dat die logheid van die bul die sagte ‘hiasinte’ knak en platdruk, sodat die gekneusde plante metafories op die skending van Pasiphaë kan dui, eens ’n kuise en toegewyde vrou vir Minos wat nou in ’n onwaardige liefde vasgevang is (sien *Aen.* 6.24: *crudelis amor tauri*).

Die digter gaan verder en skep ook kleurkontraste: Die verwysing na gras kan implisiet op ’n groen kleur dui, maar hier herkou die bul aan vaal gras (*pallentis ... herbas*). Die woord *pallentis*²⁹⁸ word direk deur *nigra* opgevolg om planmatig ’n kontras van lig en donker te skep. Boonop het die beskrywing van die steeneik ’n sinistêre ondertoon: Nie alleen is hierdie immergroen boom (*Quercus ilex*) die donkerste van al die eike-spesies nie (vgl. Sargeaunt 1919:61-62), maar die kleurwaarde word ook opvallend deur *nigra* aangevul om die ‘donker’ voorkoms van hierdie boom te beklemtoon. Aldus verdiep die atmosfeer²⁹⁹ as voorspel tot Pasiphaë se uiteindelijke weersinwekkende lot.

Dit is opvallend dat slegs die terme *niveus* – by herhaling as beklemtoning – en *niger* eksplisiet gebruik word wat die weergee van hierdie *epyllion* as’t ware in mineurtone plaas. In reël 59 word die spanningselement ontlont met die eksplisiete uitbeelding van die natuurlike groen kleur van gras (*viridis*) en laat Vergilius Silenos toe om met sy lied voort te gaan.

²⁹⁶ Die ἱερὸς γάμος in Homeros, *Il.* Ε(14).347-49 word lank reeds beskou as voltrekking van die ‘heilige huwelik’ wat die vrugbaarheid van die aarde sou verseker. Plante soos die *crocus* en *hyacinthus* word hiermee vereenselwig, aangesien die bol van die plante op die lewegewende aarde (selfs metafories van die baarmoeder) kan dui (vgl. Irwin 1996:387, voetnoot 11).

²⁹⁷ Blomme in Mediterreense lande kom eerder in die lente as in die somer voor (vgl. Nisbet en Hubbard 1970:66 n.10).

²⁹⁸ Die adjektief *pallens* kan met die betekenismoontlikheid ‘vaal’ voorkom, hoewel dit eerder betrekking het op ’n emosie, dus ontketende bleekheid. Waarskynlik is *χλωρός* die Griekse ekwivalent van *pallens*, soos in Sappho, fr. 31.14 L.-P: *χλωρότερα ποίας* (‘bleker as gras’) en in Longus Pastor 1.17.4: *χλωρότερον τὸ πρόσωπον ἢν ποίας θερνῆς* (‘sy gesig was bleker as somergras’). Volgens Conington (1881:75 n.54) is die beskrywing van gras met *pallens* ’n ongewone uitbeelding. Sien ook die *TLL s.v. herba* 2620, reël 78. Met verwysing na Irwin (1974:31, 65-66) se vertaling van *χλωρός*, vertaal Clausen (1994:196-97) die frase *pallentis ... herbas* as ‘die bleek geel-groen kleur van gras’. Immers lê die bul op ‘hiasinte’ en nie op gras nie, en vanweë die werkwoord *ruminat* kan die frase *pallentis ... herbas* (moontlik) op ’n herkoutjie dui wat inderdaad ‘vaal’ sal wees. Conington verwerp hierdie moontlikheid, hoewel Clausen (1994:196-97) hierna verwys as ‘Hellenistiese realiteit’. Sien Servius *ad loc.*: *revomit ac denuo consumit ... pallentis autem ... quae ventris calore propria viriditate caruerunt* (‘hy bring dit weer op en kou dit weer ... die vaal [gras] wat weens die maag se hitte sonder die kenmerkende groenigheid is’).

²⁹⁹ Die frase *ilex nigra* kom eenmalig in beide die *Georgica* en die *Aeneis* voor, waar dit telkens, soos hier, ’n ramspoedige gebeurtenis vooruitloop. Sien VII. *NIGER* 7.b.vi en ix.

iii. Verg. *Geor.* 1.14-15: ... *et cultor nemorum, cui pinguis Caeae / ter centum nivei tondent dumeta iuveni* ('... en 'n bewoner van bosse, wie se drie honderd **spierwit** bulletjies die digte ruigtes van Cea afwei').

In die *prooemium* (*Geor.* 1.1-42) roep Vergilius 'n reeks beskermgode aan. Aanvanklik kom die frase *cultor nemorum* vaag voor, aangesien die *cultor* nie by die naam genoem word soos die ander goddelike magte nie.³⁰⁰ Uit die verwysings na die eiland, *Cea*, en die woord *iuveni* kan ons aflei dat Aristaeus, die seun van Apollo en Cirene, hier ter sprake is wat volgens oorlewering op die betrokke eiland 'n trop beeste aangehou het.³⁰¹ Die beskrywing van die kudde as *ter centum nivei ... iuveni* plaas die fokus op twee belangrike aspekte: die groot trop bulletjies³⁰² en hul baie spesifieke kleur van 'n vlekkelose wit (vgl. Erren 2003:25 n.15). Vir diegene met 'n agrariese agtergrond (of dié wat idealisties daarna gehunker het), was die grootte van 'n kudde belangrik, veral een met 'n besondere eenvormigheid van kleur.³⁰³ Deur so 'n groot trop spierwit bulle met Aristaeus te vereenselwig, verleen Vergilius groter aansien aan die *cultor nemorum* en regverdig hy só Aristaeus se insluiting in die godegroep van die *prooemium*.³⁰⁴

iv. Verg. *Geor.* 3.391-92: *munere sic niveo lanae, si credere dignum est, / Pan deus Arcadiae captante, Luna, fefellit* ('op so 'n wyse het Pan, die god van Arkadië, met 'n geskenk van **spierwit** wol – mits dit 'n geloofwaardige storie is – vir u, o Maan, bekoor en bedrieg').³⁰⁵

Vergilius verwys baie kortliks na 'n mite van Pan en Luna wat, ten spyte van die skrapse gegewens, ook

³⁰⁰ In die *prooemium* (1-42) (waarna Mynors [1990:1] as 'a gleaming propylaeum' verwys), rig Vergilius hom eerstens tot Maecenas. Die vier onderwerpe van elk van die boeke en die twaalf magte wat betrokke is, word uiteengesit: In reëls 5b-11 is die geadresseerde *clarissima mundi lumina* (*Sol et Luna*), Liber en Ceres, faune, bosnimfe en Neptunus (14); dan volg die *cultor nemorum* (15: Aristaeus), ook Pan, Minerva, die *puer monstrator aratri* (Triptolemus) en Silvanus. Oplaas, in reëls 24-42, wend Vergilius hom tot Caesar (Octavianus).

³⁰¹ Kallimachos verwys na Aristaeus as 'die bruidegom van Cea' in *Aet.* 3 (fr. 75 [Pfeiffer] 32-33: ὁ Κεῖος | γαμβρός). Sien ook Apollonius Rhodius, *Argon.* B (2).519-20: ... λίπεν δ' ὄγε πατρός ἐφετμη Φθίην, ἐν δὲ Κέα κατενάσσατο ... ('... gevolglik het hy op bevel van sy vader Phtohië verlaat en in Cea gaan woon ...'; vgl. Thomas 1988a:71 n.14-15; 1988c:216-17; 2002:326). Varro Atacinus verwys by name na Aristaeus in sy *Argonautica* 126 Liber 2: *Aristaeus monstrante Apolline patre profectus est in insulam Ceam* ... ('op aandrang van sy vader, Apollo, het Aristaeus na die eiland Cea vertrek ...'; vgl. Mynors 1990:6 n.14).

³⁰² Aristoteles, *H.A.* 7.20 beskryf die kuddes van die koningshuis van Epirus: τούτων δὲ τὸ μὲν πλῆθος εἶναι φασὶ περὶ τετρακοσίους, ἰδίους τῶν βασιλέων ... ('hulle sê die getal hiervan is nagenoeg vier honderd en hulle behoort aan die koning ...'). Volgens McInerney (2010:242) het die Grieke laat in die derde eeu vC reeds oor genoeg kennis beskik om kuddes van 'n spesifieke kleur te teel. Hierdie kuddes was gewoonlik die eiendom van konings of ander vername persone, aangesien slegs hulle oor die vermoëns beskik het om so 'n uitsonderlike en groot kudde te bekom en aan te hou. Indien Varro, *R.* 2.5.18 se voorskrifte vir teling gevolg word, is die ratio twee bulle vir elke sestig koeie, of, volgens Columella, *De Re Rustica* 2.24.3 en Plinius Maior, *Nat.* 8.45 een tot vyftien (vgl. White 1970:287). So 'n berekening dui daarop dat Aristaeus se kudde inderdaad indrukwekkend was, selfs groter as die kudde waarmee Poluphemos spog in Theokritos, *Id.* 11.34: ... βοτὰ χίλια βόσκω ('... ek sien om na 'n duisend stuks vee').

³⁰³ Helios se kudde word as 'spierwit' uitgebeeld in Apollonius Rhodius, *Argon.* Δ(4).976-78: ... οὐδέ τις ἦεν | κτανέη μετὰ τῆσι δέμας, πάσαι δὲ γάλακτι | εἰδόμεναι ... ('... maar nie een van hulle was donker van voorkoms nie; hulle was almal spierwit ...'). Sien ook Theokritos, *Id.* 25.129-31: ἄλλοι δ' αὖ μετὰ τοῖσι δώδεκα βουκολέοντο | ἱεροὶ Ἑλίου· χροίην δ' ἔσαν ἠύτε κύκνοι | ἀργησταί ... ('ook was daar op die velde twaalf ander wat heilig vir die Songod was; en hierdie was glansend wit van kleur, soos swane ...').

³⁰⁴ Volgens Varro Atacinus, *Arg.* (126 Liber 2) het die inwoners van Cea aan Aristaeus die naam *Nomius* (herder) en *Agreus* (landbouer) gegee en is hy as god gereken weens sy hulp aan hulle (vgl. Hollis 2007:174).

³⁰⁵ Volgens Gantz (1993:36) kom die verhaal van Pan en Luna net een keer in ekstente letterkunde voor, en dan ook hier in die aangehaalde teksgedeelte. Erren (2003:722 n.391) verwys na Macrobius, *Sat.* 5.22.9 f. wat moontlik daarop kan dui dat Vergilius die verhaal in Nikandros gelees het, hoewel die betrokke verwysing nie vermeld word nie.

aan sy lesers bekend moes wees. Hiervolgens het 'n spierwit ram, of selfs 'n spierwit wolvlies, 'n rol gespeel in Pan se verleiding van Luna.³⁰⁶ Volgens Richter (1957:309 n.391 ff.) is die essensie van hierdie Arkadiese verhaal die kleur van die wolvlies wat so wit as die maangodin self is. Die skolia by die passasie skryf die storie aan Nikandros toe en meld dat die god hom met 'n skaapvel vermom het. Volgens Thomas (1988b:115 n.391-93) kan Vergilius se beskrywing op een van twee wyses vertolk word: Óf Pan het homself voorgedoen as 'n spierwit ram (met die omhang van 'n wolvlies) wat deur die betekenis van reël 392 gesteun word: *captam te ... fefellit* ('hy het jou [Luna] bekoor en bedrieg'); óf Pan het vir Luna mislei met 'n spierwit wolvlies as geskenk, volgens reël 391: *munere ... niveo lanae* ('met 'n spierwit wolvlies as geskenk'). Mynors (1990:238-39 n.391-3) verwys na DServ. *ad loc.: ut illi [Lunae] formosus videretur, niveis velleribus se circumdedit* ('om vir haar [Luna] onweerstaanbaar te lyk, het hy homself met spierwit wolvliese behang') wat Thomas se eerste vertolking steun. In hierdie weergawe van die mite word *niveo* met die oordragtlike betekenis 'spierwit' gebruik, anders as in Vergilius se tegniese beskrywings van die kleurvoorkoms van skape met *albus* en *candidus*.³⁰⁷

2 By die uitbeelding van ledemate en fisiese voorkoms

a. Catullus

i. Cat. 61.8-10: *flammeum*³⁰⁸ *cape laetus, huc / huc veni, niveo gerens / luteum pede soccum* ('neem die bruidsluier op, hierheen, kom vrolik hierheen [Humen] en dra die vlamkleurige skoene aan jou spierwit voet').

Die bruid se vertrek uit haar vaderhuis en die prosesie na die bruidegom se woning word opgewek en kleurvol uitgebeeld. Die digter tree self as verteller op en nooi Humen om, net soos die bruid, sy hoof met geurige marjoleinblomme te omkrans (6-7: *cinge tempora floribus / suave olentis amaraci*). Bo-oor die krans word die huweliksluier gedra, maar met die frase *luteum pede soccum* in reël 10 beweeg die leser se geestesoog van die versluerde kop na die geskoeide voet. Aldus word die kleurkontras beklemtoon: die oranje-rooi sluier en die spierwit voet (*niveo*) in die vlamkleurige skoene. *Niveo* bepaal nie slegs chromaties die delikate wit voet nie, maar dit kan ook 'n erotiese nuanse aan die uitbeelding verleen (vgl. Clarke 2003:112).³⁰⁹

³⁰⁶ Hermann en Cagiano de Azevedo (1969:392) verwys na Pan as 'Lebenshungrige Götter in Weiß (Pan weißwie Schnee)' wat egter die essensie van die mite mis.

³⁰⁷ Sien I. *ALBUS* en *ALBESCERE* 1.vi en II. *CANDIDUS* 3.b.ii.

³⁰⁸ Die kleurwoord *flammeus* ('oranjerooi' of 'vlammend') kom nie in die *Georgica* voor nie en word slegs een keer in *Aen.* 7.448-49 gebruik: ... *tum flammea torquens / lumina* ... ('... toe rol [Aleko] haar vlamme oë ...'). As naamwoord word *flammeum* met 'n bruidsluier vereenselwig (sien Plinius Maior, *Nat.* 21.46) wat tradisioneel 'vlamkleurig' is (L&S), eerder as 'donkergeel' wat Sebesta en Bonfante (1994:55) voorstaan.

³⁰⁹ In die volgende Catullus-passasies kom *niveus* met die oordragtlike betekenis 'spierwit' voor: 63.7-8: *etiam recente terrae sola sanguine maculans, / niveis citata cepit manibus leve tympanum* ('toe Attis besig was om ook die stof van die aarde met vars bloed te bevlek, het sy [nou as 'ontmante'] vinnig met spierwit hande die ligte tamboeryn opgeneem'); en 64.363-64: ... *teres excelso coacervatum aggere bustum | excipiet niveos percussae virginis artus* ('... die geronde graf, in 'n hoë hoop opgestapel, sal die spierwit ledemate van die geofferde maagd [Polyxena] ontvang').

ii. Cat. 64.307-9: ... *vestis / candida purpurea talos incinxerat ora, / at roseae niveo residebant vertice vittae* (...[die *Parcae* se] wit kledy met purper omboorsel het tot op hul enkels gereik, terwyl rooskleurige linte op hul **spierwit** hoofde rus’).

By Peleus en Thetis se huweliksfees is die wit voorkoms van die *Parcae* ontsagwekkend: Hul kledy is skitterwit (*vestis candida*), hul hare (*niveo ... vertice*) is spierwit en hulle spin sagte, glansende wit wol (318-19: ... *candentis mollia lanae | vellera ...*). Hierdie uitbeelding in wit kontrasteer skerp met beide die purper van die omboorsel op hul kledy (*purpurea ... ora*) en die rooskleurige haarlinte (*roseae ... vittae*). Opvallend is die noukeurige plasing van die kleurple, *candida* en *purpurea*, ook *roseae* en *niveo* wat vir groter kontras telkens direk-opeenvolgend voorkom. Laasgenoemde kom hier met die oordragtlike betekenis ‘spierwit’ voor.

b. Vergilius

Verg. *Aen.* 8.387-88: ... *et niveis hinc atque hinc diva lacertis | cunctantem amplexu molli fovet ...* (‘... met **spierwit** arms liefkoos die godin die weifelende [Vulcanus] oraloor in ’n tere omhelsing ...’).³¹⁰

In reëls 370-93 pleit Venus by Vulcanus vir Aeneas se wapens en met tipies vroulike lis (377: *carissime coniunx*) oorreed sy die aarselende god.³¹¹ In hierdie toneel bepaal *aureo* die eksotiese (slaap-)vertrek (372: *thalamo ... aureo*), terwyl die frase *niveis lacertis* van Venus se arms gebruik word.³¹² Hoewel *niveis* se oordragtlike betekenis ‘spierwit’ hier van belang is, kan die uitgebreide betekenis ook op die godin se skoonheid dui om genuanseerd die erotiese effek van die uitbeelding te versterk.³¹³

3 Tiperend van sneeu³¹⁴

a. Catullus

Cat. 64.239-40: ... *ceu pulsae ventorum flamine nubes | aereum nivei montis liquere cacumen* (‘... soos wolke aangedryf deur winde se krag die hoë piek van die **sneubedekte** berg agterlaat’).

³¹⁰ Behalwe die beskrywing van Pallas in *Aen.* 11.39 (*caput nivei ... Pallantis*; sien *infra*) is hierdie die enigste uitbeelding van menslike voorkoms waarvoor Vergilius *niveus* gebruik (vgl. Putnam 1995:37).

³¹¹ Anders as Venus wat die skild vir Aeneas met haar skoonheid bewimpel, span Thetis haar trane in ten behoeve van Achilles in *Il.* Σ(18).428: τὸν δ’ ἡμείβετ’ ἔπειτα Θέτις κατὰ δάκρυ χέουσα (‘toe het Thetis, terwyl sy trane stort, hom [Hephaestus] geantwoord’). Volgens Gransden (1991:133) verwys Vergilius se uitbeelding terug na Lucretius, *D.R.N.* 1.31-40 se beskrywing van Venus en Mars, hoewel daar geen kleurwoorde voorkom nie.

³¹² Hera is die enigste van die godinne wat Homeros met spierwit arms beskryf (Θεὰ λευκώλενος in *Il.* A[1].55 en 195). Haar verleiding van Zeus in *Il.* Ξ(14).153-351 word in baie groter detail as in Vergilius se hergebruik van die *topos* weergegee. Nie net word visuele aspekte – kleure soos goud en skitterwit – beklemtoon nie, maar ook die sensuele, met verwysing na die welriekende geure van ambrosia en aromatiese olies wat die erotiese effek van die uitbeelding verhoog (vgl. Irwin 1974:122).

³¹³ In die volgende passasie word die patos verhoog met ’n genuanseerde *nivei* se verwysing na die doodse bleekheid van die jeugdige Pallas. Sien *Aen.* 11.39-40: *ipse caput nivei fultum Pallantis et ora | ut vidit levique patens in pectore vulnus* (‘en toe het hy [Aeneas] self **bleek** Pallas se kop op die kussing gesien, sy gesig en die gapende wond in sy gladde bors’). Propertius beeld ook die jeugdige aantreklikheid van Adonis met *niveum* uit wat met die wreedheid van ’n ongedierte gekontrasteer word. Sien 2.13.53-54: ... *niveum quondam percussit Adonem | venantem Idalio vertice durus aper* (‘... eens het ’n wrede wildevark die **jeugdige** (let.: **spierwit**) Adonis vermorsel, terwyl hy aan’t jag was op die Idaliese hoogte’). Volgens Gantz (1993:103) kan die digter hier ook sinspeel op ’n kontras tussen die onskuld van Adonis en Ares se jaloesie.

³¹⁴ In haar navorsing oor die Eskimo’s se woorde vir sneeu, weerlê Laura Martin (1986:418-23) in ’n baie kritiese artikel die populêre opvatting dat die volkere van die Arktiese streke oor ’n woordeskat beskik van tot meer as ’n honderd woorde vir die verskillende kleure van sneeu. Volgens haar bevindinge, is daar slegs twee stamwoorde wat na sneeu verwys, naamlik die woord *qanik* wat ‘sneeu in die lug’ uitbeeld en die woord *aput* vir ‘sneeu op die grond’.

Aegeus se opdrag aan Theseus wyk uit sy gedagtes, net soos wolke wat stormwinde van die sneeubedekte bergkruin wegwaai. In hierdie konteks kom *nivei* met die primêre betekenis ‘sneeuagtig’ of ‘bedek met sneeu’ voor.

b. Vergilius

Verg. *Geor.* 3.354-55: *sed iacet aggeribus niveis informis et alto | terra gelu late ...* (‘maar die aarde lê onherkenbaar uitgestrek met **sneeubedekte** hope/walle en hoë ys ...’).

In reëls 339-83 fokus die digter op die beskrywing van twee landskappe waarvan die klimaatstoestand onderling kontrasteer, ook in vergelyking met Italië se ongeëwenaarde vrugbaarheid (sien die sogenaamde *laudes Italiae*, 2.136-76). Eers word die nomadiese herders van dorre Libië uitgebeeld wat ’n onherbergsame streek bewoon en dan volg die sneeubedekte Skithiese weivelde waar geen kuddes wei nie, aangesien daar nêrens ’n groenigheid van gras of blaar te bespeur is nie. Dit is altyd (356: *semper ... semper*) winter en die aarde lê onherkenbaar (*informis*) weens onophoudelike sneeu (367: *interea toto non setius aëre ningit*). Die term *niveis* bepaal met die primêre betekenis die landskap wat vormloos vertoon met sneeubedekte walle (vgl. Erren 1985:113), hoewel die oordragtlike betekenis moontlikheid ‘spierwit’ ook relevant kan wees. Hier is die koue so intens dat die bleek son nie eers die dowwe skaduwees kan verdryf (357: *tum Sol pallentis haud umquam discutit umbras*) of die seewater rooi kan kleur nie (358-59: [*Sol*] ... *nec cum | praecitem Oceani rubro*³¹⁵ *lavit aequore currum* (‘... en [die Son] baai nie halsoorkop sy span in die see se rooigekleurde water nie’)). Hoewel Otis (1963:178) meen dat ekstreme koue as motief op die dood kan dui, kan dit moontlik op die diere betrekking hê wat hier, vasgeval in die diep sneeu, jammerlik afgemaai word. Dit is egter nie relevant van die inwoners van Skithië nie: Hulle het by hul uitsonderlike omstandighede aangepas, hulle leef vreugdevol (*laeti*, herhaal in 75 en 79) in kommerlose rus (76-77: ... *secura ... | otia*...) en al is hul wyn gevries (364: ... *caeduntque securibus umida vina*), boots hulle bekere wyn na met bier en die suur sap van lysterbessies (380). Dit is opvallend dat Vergilius eksplisiet na die Skithiërs se wyn (en bier) verwys, maar geen negatiewe kommentaar daaroor lewer nie, waarskynlik omdat die wyse waarop hulle hul lewens slyt, gesetel is in die ideaal van harde, erbare werk en eenvoudige plesier.

4 Van duiwe en swane

a. Catullus

Cat. 68.125-26: *nec tantum niveo gavisata est ulla columbo | compar ...* (‘in vergelyking het geen duif ooit soveel vreugde in haar **spierwit** maat gevind nie ...’).

Die digter vergelyk Laodamia se liefde vir haar eggenoot met dié van ’n duif vir haar spierwit maat. Catullus gebruik hier *niveo* van die duif wat ook met die oordragtlike betekenis genuanseerd op getrouheid kan dui.

³¹⁵ Sien XVIII. **RUB*-groepering 7.i.

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 2.198-99: *et qualem infelix amisit Mantua campum / pascentem niveos herboso flumine cycnos* ('en 'n vlakke soos dié wat ongelukkige Mantua verloor het wat **spierwit** swane met sy lowerryke stroom voed').

Vervat in sy belangrike bespreking van verskillende grondtipes, is Vergilius se nostalgiese verwysing na die velde van Mantua, die wêreld van sy jeug, waarna daar ook in *Ecl.* 7.12-13 verwys word: *hic viridis tenera praetexit harundine ripas / Mincius ...* ('hier omsom die Mincius haar oewers, **groen** van sagte riet ...'). Dit is duidelik 'n onderwerp wat Vergilius na aan die hart lê, juis omdat die grond verbeur is met die vestiging van Octavianus se oudgediendes. Volgens Thomas (2002:163-64) is die vinjet ingesluit om kleur aan die tegniese passasie te verskaf. Die frase *herboso flumine* dui implisiet op die groen kleur van lowerryke plantegroei,³¹⁶ terwyl *niveos* (met die oordragtelike betekenis) die spierwit swane bepaal. Hierdie reëls is vindingryk beplan, aangesien die frase *herboso flumine* visueel deur die woorde *niveos* en *cycnos*³¹⁷ omraam word. Hoewel daar implisiet na die lowerryke landskap verwys word met sy rivier en wit swane wat 'n weerspieëling van die streek se natuurskoon is, kom dit voor asof die digter iets anders wil beklemtoon: Die fokus word hier op patos geplaas, waartoe veral die woorde *infelix amisit Mantua* ryklik bydra (vgl. Thomas 1988a:194 n.198-9).

ii. Verg. *Aen.* 7.698-702:

*ibant aequati numero, regemque canebant:
ceu quondam nivei liquida inter nubila cycni
cum sese e pastu referunt et longa canoros
dant per colla modos, sonat amnis et Asia longe
pulsata palus.*

Op gelyke maat het hulle gemarsjeer en hul koning besing: Net soos **spierwit** swane wat, wanneer hulle terugkeer van hul weiplek af, soms midde in reënwolke deur hul lang nekke hul klankryke geroep uiter; Lidië se strome en die vleie weergalm in die verte.

Die vergelyking van Messapus se troepe met spierwit swane verwys terug na Homeros en Apollonius Rhodius³¹⁸ (vgl. Edgeworth 1992:142-43). Vir die eerste van sy twee vergelykings (698-702 en 703-5) kies Vergilius uit Homeros se verskillende trekvoëls slegs die swane en word drie opvallende

³¹⁶ Ook in *Geor.* 3.15 word die groen kleur van die riet verswyg: *Mincius et tenera praetexit harundine ripas* ('ook het die Mincius sy oewers met sagte riet bedek'; vgl. Mynors 1990:128). Sien ook Euripides, *Hel.* 349 (τὸν ὑδρόεντι δόνακι χλωρὸν Εὐρώταν ['... die groengeel Eurotas met watersugtige riet']) wat die rivier, maar nie die riet nie, as 'groengeel' uitbeeld (vgl. Irwin 1974:46), waarskynlik vanweë die riete se weerkaatsing van hul kleur in die rivier.

³¹⁷ Skynbaar het die Romeine net wit swane geken, aangesien Juvenalis, *Sat.* 6.165 na swart swane verwys as 'n 'rare verskynsel,' net soos 'n kuise vrou: *rara avis in terris nigroque simillima cycno*. Tans word sewe soorte swane aangetref: 'n Swart tipe is inheems aan Australië en Nieu Seeland; vyf verskillende soorte wat algeheel wit is, kom in die Noordelike Halfmond voor; en 'n sewende tipe met slegs 'n swart nek, is afkomstig van die suide van Suid-Amerika (vgl. Del Hoyo *et al.* 1997:545).

³¹⁸ Volgens Page (1967:195 n.699-705) en Fordyce (1977:187 n.699-705) is hier twee afsonderlike vergelykings ter sprake, veral vanweë die onvoltooide reël 702: *pulsata palus*. In die eerste herinner die soldate se gesang aan die geroep van swane, en in die tweede word hul getalle vergelyk met 'n groot swerm trekvoëls. Laasgenoemde verwys terug na Apollonius Rhodius, *Argon.* Δ(4).238-40: οὐδε κε φαίης | τόσσον νηίτην στόλον ἔμμεναι ἄλλ' οἰῶνων | ἱλαδὸν ἄσπετον ἔθνος ἐπιβρομέειν πέλᾳγεσσιν ('jy sou nie sê dit was 'n vloot skepe nie, eerder 'n oneindige menigte voëls skreeuend oor die see).

eienskappe beklemtoon³¹⁹: Eerstens herinner swane se ordelike vlugpatroon (700: *e pastu referunt*) aan 'n geordende opmars van soldate³²⁰ wat skerp kontrasteer met Homeros se beskrywing van die deurmekaargewoel van die voëls; tweedens is die klankelement vir Vergilius belangrik en word die swane se geroep (*canoros ... modos*) wat riviere en vleie laat weergalm (701-2: *... sonat ... amnis ... / ... palus*) met soldate-sang vergelyk. Vergilius gebruik alliterasie van *c*-klanke (*canebant ... ceu ... cycni ... cum ... canoros ... colla*) [my beklemtoning] om beide die afgemete geroep van swane en die ritmiese klank van marsjerende soldate na te boots; en derdens, en anders as beide Homeros en Apollonius Rhodius, beklemtoon Vergilius die spierwit voorkoms van die swane (hier met die oordragtelike betekenis van *nivei*) in teenstelling met die implisiete bonte gelid van die soldate.

5 Beskrywend van melk

Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 2.19-20: *despectus tibi sum, nec qui sim quaeris, Alexi, | quam dives pecoris, nivei quam lactis abundans* ('jy minag my, Alexis, en jy vra nie [eers] wie ek is nie, hoe ryk aan vee en hoe ruim voorsien van **roomwit** melk ek is').

Vergilius laat die gefrustreerde herder Corydon sy lot bekla, as hy verdrietig sing van Alexis wat op om neersien. Aangesien vee en melk 'n maatstaf van rykdom is, eien Corydon as slaaf uiters aanmatigend die besittings van sy *dominus* vir homself toe.³²¹ Hoewel die kleurwoord hier suiwer chromaties met die oordragtelike betekenis 'roomwit' voorkom (*EV III.744*) – dus met 'n opvallende tintverskil – ontlok die besondere sentrale plasing van *nivei* in die versreël uiteenlopende kommentaar. Volgens Servius kongruer *nivei* met *pecoris*, terwyl Conington (1881:34 n.20-23) en Coleman (1977:95 n.20) eerder die woord *lactis* voorhou. Só 'n beskouing steun swaar op die frases γάλα λευκόν in Homeros, *Il.* Δ(4).434, en λευκοῖο γάλακτος in Theokritos, *Id.* 5.53. Sien ook Ovidius se verwysing na Poluphemos

³¹⁹ Sien *Il.* B(2).459-65:

Τῶν δ', ὡς τ' ὀρνίθων πετεηνῶν ἔθνεα πολλά,
 χηνῶν ἢ γεράνων ἢ κύκνων δουλιχοδείρων,
 Ἀσίῳ ἐν λειμῶνι, Καῦστρίου ἀμφὶ ῥέεθρα,
 ἔνθα καὶ ἔνθα ποτῶνται ἀγαλλόμενα πτερύγεσσι,
 κλαγγηδὸν προκαθιζόντων, σμαραγεῖ δέ τε λειμῶν
 ὡς τῶν ἔθνεα πολλά νεῶν ἄπο καὶ κλισιάων
 ἐς πεδίον προχέοντο Σκαμάνδριον: ...

En hulle het – soos baie soorte gevleuelde voëls, ganse, of kraanvoëls of langnekswane in die Asiavallei by die Kaüstrios se stroom heen en weer vlieg, fier op hulle vlerke, en met 'n gedruis vorentoe neerstryk, terwyl die vallei daarvan weerklink – so in baie skaars van die skepe en hutte af na die Skamandros se vlakte toe uitgestroom ...

(vertaling deur Van Rensburg 1954)

³²⁰ Sien Vergilius, *Aen.* 1.393: *aspice bis senos laetantis agmine cycnos* ('kyk, die uitgelate twaalf swane in formasie'); 1.397: *... illi ludunt stridentibus alis* ('... hulle is speels met swiepende vlerke') en 1.398: *... cantusque dedere* ('... hul het 'n gekryswaarskryg'). Swane in vlug dien as gunstige voortekens om Aeneas van 'n veilige landing in Karthago te verseker. In hierdie beskrywing gebruik die digter geen kleurwoord vir die swane nie, maar fokus eerder op die ordelikheid van die swane se vlug wat met die militêre term *agmen* vergelyk kan word. Ook opvallend is die beskrywing van hul swiepende vlerke (*stridentibus alis*) en hul geroep (*cantus*) waarvan die leser die aspek van klank kan verbeel.

³²¹ Sien Varro, *L.* 5.95: *...in pecore pecunia tum pastoribus consistebat* ... ('... herders se rykdom was toe op [die besit van] vee gebaseer ...'), en *R.R.* 2.1.11: *omnis pecuniae pecus fundamentum* ('vee is die basis van alle rykdom'), vanwaar L&S se inskrywing wat aandui dat *pecunia* van *pecus* afgelei is.

in *Met.* 13.829: *lac mihi semper adest niveum* ... ('ek het altyd **wit** melk ...'). Dit is ook moontlik dat Vergilius doelbewus *nivei* op beide die kudde en die melk wil laat dui, met beide as bronne van rykdom.³²²

Bostaande is 'n besondere voorbeeld van die digter se veelvlakkigheid, 'n artistieke aanwending van besondere diepte waarmee Vergilius met die enkele kleurwoord *nivei* verskeie betekenismoontlikhede voorhou. Aldus kan die leser in die taal van die digter die betekenis vind wat aanklank vind in sy eie belewenis van die gedig.

ii. Verg. *Geor.* 3.176-78: ... *nec tibi fetae / more patrum nivea implebunt multraria vaccae, / sed tota in dulcis consument ubera natos* ('... en jou koeie sal nie soos in die ou dae die **roomwit** melkimmers vul nie, maar hul dierbare kleingoed sal die volle uiers leegdrink [let. 'opgebruik']').

Vergilius maan die veeboer om sy aandag op veral die versorging van kalwers toe te spits (157: *cura in vitulos tradicitur omnis*). In hierdie gedeelte wat met die frase *post partum* (157) en die verlede deelwoord *natos* (178) omsluit word (vgl. Thomas 1988b:74 n.178), kom daar twee kleurwoorde voor: In reël 162 bepaal *viridis* die welige groen kleur van gras, terwyl *nivea* die melkimmers (*multraria*)³²³ – of eerder, die melk *in* die emmer – bepaal, weer eens oordragtelik, maar nou ook met die tintverskil, 'romerig wit'. Opvallend is die eksplisiete aanwending van beide *viridis* en *nivea* om 'n sterk kleurpaar van wit-en-groen te vorm.

6 Vir die uitbeelding van wydingslinte en hoofbande

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 3.486-88: *saepe in honore deum medio stans hostia ad aram, / lanea dum nivea circumdatur infula vitta, / inter cunctantis cecidit moribunda ministros* ('dikwels midde in 'n offerande aan die gode, terwyl die offerdier by die altaar staan [en] die kopband van wol met die **spierwit** offerlinte omgeknoop word, het dit sterwend tussen die huiwerende dienaars neergeval').³²⁴

Aan die einde van Boek 3 in reëls 474-566 word die gevolge van 'n verwoestende pes gedetailleerd beskryf wat eens die diere van Noricum en omstreke getref het.³²⁵ Al die diere – groot en klein plaasdiere sowel as die wild – het voor die voet gevrek tydens 'n herfs wat witwarm gegloei het (479: *tempestas*

³²² Die chiasiese woordorde in *Geor.* 3.353 is baie noukeurig beplan (vgl. Thomas 1988b:109 n.353):

aut herbae campo apparent aut arbore frondes

x xx xxx [ww.] x xxx xx

Insgelyks kan die kleurwoord in *Ecl.* 2.20 ook op beide die naamwoorde *pecoris* en *lactis* betrekking hê:

quam dives pecoris, nivei quam lactis abundans

x xx xxx [bnw.] x xxx xx

³²³ Die woord *multraria* (mv. n.) word metries aangewend in plaas van die tegnies-korrekte woord *multra*, -ae, f. soos in *Ecl.* 3.30: *bis venit ad multram* ... ('twee keer kom [die versie] na die melkimmer ...'). Sien Erren 2003:642 n.177.

³²⁴ Sien ook Lucretius, *D.R.N.* 1.87-88: ... *infula virgineos circumdata comptus / ex utraque pari malarum parte profusus* ('... die wydingsband is om [Iphigenia se] maagdelike haarlokke gebind en het aan weerskante van haar wange gelyk afgehang'). Sien Richter 1957:321 n.486 f. en Della Corte 1986b:70-71 n.487.

³²⁵ Reëls 478-97 verwys terug na Lucretius, *D.R.N.* 6.1138-251 (vgl. Page 1968:329 n.478-97). Volgens Thomas (1988b:130-31 n.478-566) is Vergilius se gedetailleerde beskrywing van slagoffers se lyding 'n kardinale komponent van die *Georgica* en nie slegs 'n retoriese antwoord op Lucretius se weergawe nie.

incanduit). Hoewel die offerdier as *sacrificium* noukeurig uitgesoek (κρίτος, volgens Schlaifer 1943:52 n.66) en seremonieel getooi is, verskaf Vergilius geen bykomende detail nie.³²⁶ Die fokus is uitsluitlik op die offerlinte wat *nivea* met die oordragtlike betekenis ‘spierwit’ bepaal,³²⁷ ook as kontras vir die verwysing na bloed in reëls 492-93. Aangesien die bloed van ’n offerdier as heilig beskou is (vgl. Bailey 1969:44), is die uitwerking van die plaag op offerdiere se bloed onheilspellend: Die messe is kwalik bloederig (492: *ac vix suppositi tinguntur sanguine cultri*) en die oppervlakte van die grond (493: *summaque ieiuna sanie infuscatur harena*) word nouliks met geronne bloed gevlek, ’n uiters ontstellende *signum*.

ii. Verg. *Aen.* 4.457-59: *praeterea fuit in tectis de marmore templum / coniugis antiqui, miro quod honore colebat, / velleribus niveis et festa fronde revinctum* (‘boonop was daar in die paleis die marmertempel van haar vorige eggenoot wat sy met wonderlike toewyding versorg en met **spierwit** wolvliese en feestelike loof omkrans het’).³²⁸

In *Aen.* 4.15-19 onderneem Dido om die nagedagtenis van haar gestorwe eggenoot, Sychaeus, in ere te hou. Gevolglik behang sy die tempel met spierwit, apotropaïese wolvliese (vgl. Hermann en Cagiano de Azevedo 1969:406) wat kan herinner aan Alpheisiboeus se versoek in *Ecl.* 8.64 dat die altare as heilige voorwerp met *vitta* versier moet word (... *molli cinge haec altaria vitta*). Die spierwit kleur van die wolvliese wat *niveis* eksplisiet bepaal en die implisiete wit kleurwaarde van *marmor* dien as visuele kontras vir die loof (*fronde*) wat met die adjektief *festa* op vars, groen loof dui.³²⁹ Dido se rustige optrede staan in skerp kontras met die ans wat die skrikwekkende voortekens mettertyd by haar ontlok, bewerkstellig met *nigrescere* (in 454), die frase *nox ... obscura* (in 461) en *serpentibus atris* (in 472) wat direk daartoe lei dat Dido oplaas besluit om te sterf.

7 Tiperend van marmer(-tempels)

Vergilius

i. Verg. *Aen.* 3.124-26: ... *pelagoque volamus / bacchatamque iugis Naxum viridemque Donusam / Olearum niveamque Parum* ... (‘... ons vaar haastig oor die see, verby Naxos wat op sy hoogtes Bacchusfeeste vier, groen Donysa, Olearos, en **spierwit** Paros ...’).

Aeneas vertel vir Dido van sy wedervaringe na die val van Troje. Op soek na ’n nuwe vaderland vaar die Trojane verby verskeie eilande, ook Paros wat *niveam* bepaal. Die term met die oordragtlike

³²⁶ Ovidius, *Met.* 10.271-72 se beskrywing van ’n offerande aan Venus sluit slegs die kleur van die vroulike offerdiere en hul goudbedekte horings in, maar daar is geen verwysing na die *infula* en *vittae* nie: ... *et pandis inductae cornibus aurum / conciderant ictae nivea cervice iuvencae* (‘... en verse waarvan die gekromde horings met goud bedek is, het, nadat die doodshou hul **spierwit** nekke getref het, inmeekaargesak’).

³²⁷ Sien voetnoot 183.

³²⁸ *Niveus* kom met die oordragtlike betekenis ‘spierwit’ voor in *Aen.* 6.665: *omnibus his nivea cinguntur tempora vitta* (‘die slape van al hierdie mense word met ’n **spierwit** offerlint omgebind’).

³²⁹ Edgeworth (1992:140) noem dat loof nie noodwendig groen is nie en verwys ter stawing na *Aen.* 6.215 (*frondibus atris*) en Horatius, *Carm.* 4.4.58 (*nigrae ... frondis*). In beide hierdie voorbeelde is beide *atris* en *nigrae* spesifiek kleuraanduidend wat nie die geval in *Aen.* 4.459 van *feestelike* loof (*festa fronde*) kan wees nie.

betekenis ‘spierwit’ verwys na die eiland se beroemde marmer wat selfs in die donker glimmend wit vertoon (vgl. Fordyce 1970:240 n.6; Horsfall 2006:128 n.126).³³⁰

ii. Verg. *Aen.* 8.720: *ipse sedens niveo candentis limine Phoebi* (‘self sit hy [Caesar] op die spierwit drempel van glansende Phoebus’).

Vergilius verwys hier na die feestelikhede gedurende Octavianus se driedubbele triomftog in Augustus 29 vC. Op Aeneas se skild word ’n seëvierende Octavianus uitgebeeld wat die formele prosesie van verslane volkere vanaf die drumpel van die tempel van Apollo Palatinus beskou. Hoewel die tempel in realiteit eers ’n jaar later op 9 Oktober 28 vC ingewy is, kombineer Vergilius die twee geleenthede as fokuspunt op die skild.³³¹ Die frase *niveo ... limine* dui op die tempel wat in opdrag van Octavianus (*Res Gestae* 19) van Luna-marmer (ook bekend as Carrara-marmer) gebou is.³³² Volgens Mynors (1990:185 n.34) is hierdie marmer witter as dié van Paros,³³³ met laasgenoemde wat ’n besondere glans gehad het (vgl. Nisbet en Hubbard 1970:240 n.6). Hoewel daar ooglopende verskille in die voorkoms van hierdie twee tipes marmer is, onderskei Vergilius geensins nie en beskryf hy beide tipes onderskeidelik met *niveo* (in *Aen.* 8.720) en *niveam* (in 3.126; sien *supra*).³³⁴ Fordyce (1977:285 n.720) beskou *candentis* as ’n baie gepaste epiteton vir Apollo en, aangesien die god (soos dikwels gebeur) met die tempel geassosieer word, kan die term ook van die tempel voorkom, aanvullend tot die reikwydte van *niveo* (vgl. Conington 1881:156 n.720).³³⁵ Reël 720 word met *ipse* (van *Caesar*) en *Phoebi* omraam, om sodoende Octavianus se verbintenis met Apollo te beklemtoon.

8 Van huisraad en kledy

a. Catullus

i. Cat. 64.303-4: *qui postquam niveis flexerunt sedibus artus, / large multiplici constructae sunt*

³³⁰ Die marmer van Paros is saamgestel uit groot mika-agtige kristalle met ’n losserrige struktuur wat, nadat dit bewerk is, in die lig geglinster het. Die byna deurskynende kwaliteit daarvan het aan die marmer ’n suiwer wit kleur verleen wat uiters gesog was (vgl. Sear 1982:84). In Theokritos, *Id.* 6.37-38 sing Damoetas *in persona Polyphemi* van sy tande wat witter blink as die marmer van Paros (... τῶν δὲ τ’ ὀδόντων / λευκοτέρων ἀγὰν Παριας ὑπέφαινε λίθοιο).

³³¹ Volgens Gurval (1998:35) is die digter se uitbeelding van die indrukwekkende triomftog nie oordrewe retoriek of politieke propaganda nie. Dit dui eerder op die verwesenliking van die verwagtinge en lotsbestemming van die Trojaanse Aeneas en sy eie tydgenote. Sien ook Fordyce (1977:285 n.720 ff.): “...Virgil moves from embellished history to magnificent imagination.” In kontras met die skild van Achilles in Homeros, *Il.* Σ(18).478-608, is Vergilius se uitbeelding van Aeneas se skild ryk aan kleurterme (sien *Aen.* 8.626-731).

³³² Servius *ad Aen.* 8 verwys na Luna-marmer: *de solido marmore effecto, quod adlatum fuerat de portu Lunae* (‘[die tempel] opgerig met soliede marmer wat van die hawe van Luna gebring is’). Dit is opvallend dat Vergilius hier slegs na die glansende wit voorkoms van die tempel verwys, en geensins na die kleure nie, waarmee hierdie tempel waarskynlik versier kon wees. Sien voetnote 81-83.

³³³ Hoewel Paros se wit λύγδος (en rooi λυγίτης) marmer uiters gesog was vir beeldhouwerk (sien Diodorus Siculus β[2].52.9 en Strabo 10.5.7; vgl. Nisbet en Hubbard 1970:240), noem Plinius Maior, *Nat.* 36.14 dat witter marmer as dié van Paros by Carrara ontdek is. Die kristalagtige en uiters kompakte samestelling het hierdie baie suiwer marmer soms ligblou laat vertoon, sodat die voorkoms daarvan effens dowwer was (vgl. Sear 1982:84).

³³⁴ Om die glans van die marmer te beklemtoon, beskryf Ovidius, *Tr.* 3.1.60 ’n tempel met *candida: ducor ad intonsi candida templa dei* (‘ek word gelei na die skitterwit tempels van die ongeskeerde god’), terwyl Propertius 2.31.9 *claro* gebruik: *tum medium claro surgebat marmore templum* (‘daarop het ’n tempel van glansende marmer in die middel verrys’).

³³⁵ Volgens Page (1967:249 n.720, met verwysing na Horatius, *Carm.* 1.2.31 [*candentes umeros*]) dui *candentis* uitsluitlik op die glansende voorkoms van die songod.

dape mensae ('en nadat hulle hul ledemate op die **spierwit** trone/setels tuisgemaak het, is die tafels oorvloedig met 'n groot verskeidenheid feesdisse gelaai').

By die huweliksfees van Peleus en Thetis neem die goddelike gaste op spierwit trone/setels (303: *niveis sedibus*) plaas. Vanweë die verwysings na die glansende ivoor (45: *candet ebur*) en die bruidsbed se gepoleerde ivoor (48: *Indo ... dente politum*), kan daar afgelei word dat die trone waarop die Furies plaasneem ook uit ivoor vervaardig is. Weer eens kom die oordragtelike betekenis 'spierwit' van *niveis* voor.

ii. Cat. 64.307-9: ... *vestis | candida purpurea talos incinxerat ora, | at roseae niveo residebant vertice vittae* ('... die [Parcae se] wit kledy met purper omboorsel het tot op hul enkels gereik, terwyl rooskleurige linte op hul **spierwit** hoofde rus').

By die huweliksfees van Peleus en Thetis is die ontsagwekkende wit voorkoms van die *Parcae* opvallend: Hul kledy is suiwer wit (308: *candida ... ora*), hul hare is spierwit (*niveo ... vertice*) en hulle spin sagte, wit wol (318-19: ... *candentis mollia lanae | vellera ...*). Hierdie beklemtoning van 'wit' kontrasteer skerp met die rooskleurige haarlinte (*roseae ... vittae*) e nook die purper van die omboorsel op hulle kledy (*purpurea ... ora*) waarvan die kleur 'n teken van hul mag kan wees. Volgens Clarke (2003:57) kan dit selfs 'n onheilspellende voorteken wees wat op die bloed van Achilles se slagoffers dui, verder beklemtoon met die noukeurige plasing van die direk-opeenvolgend kontrasterende kleurpare, *candida* en *purpurea*, ook *roseae* en *niveo* (hier met die oordragtelike betekenis).

b. Vergilius

Verg. *Aen.* 1.469-70: *nec procul hinc Rhesi niveis tentoria velis | agnoscit lacrimans ...* ('in trane sien hy nie ver hiervandaan nie die **spierwit** tentseile van Rhesos ...').

Op die muur van die tempel wat Dido ter ere van Juno gebou het, kyk Aeneas met verwondering na die uitbeelding van Rhesos se tentseile wat sy moord in herinnering roep. Dit word met *niveis* se oordragtelike betekenis 'spierwit' uitgebeeld wat tiperend is van die uitgestrekte tentseile se materiaal (waarskynlik sag-gebreide leer).³³⁶ In reël 469 gaan die Genitief *Rhesi* die kleuradjektief *niveis* vooruit wat vir 'n oomblik die verwagting by die leser wek dat die spierwit kleur op Rhesos se beroemde, blitsige perde dui, 'n beskrywing wat terugverwys na Homeros, *Il.* K(10).436-37 (sien voetnoot 122), en selfs Catullus 58b.4: ... *Rhesi niveae citaeque bigae*. Hier kom Vergilius egter vernuwend voor, aangesien *niveis* die daaropvolgende frase *tentoria velis* bepaal om 'n totaal ander beeld op te roep. Met die verwysing na gestorte bloed (471: ... *multa ... caede cruentus*; *EV* III. 745) word die fokus implisiet op 'n rooi kleur geplaas wat in kombinasie met wit besondere impak het en in die leser se geestesoog verbeel kan word.

³³⁶ In kontras met die Argaiëse Tydperk (700-480 vC), is inligting oor die militêre geskiedenis van die Romeinse leër geensins gebreklik nie. Gedurende die eerste en tweede eeu nC was die tente (*contubernium* of *papilio*) van Romeinse soldate van 'n goeie kwaliteit bok- of kalfsvel gemaak wat in panele gebruik is en wat maklik opgerol en saamgedra kon word (vgl. Webster 1969:167-68).

2.2 OORSIG

Na aanleiding van die noukeurige ontledings van al die voorafgaande teksgedeeltes, kan daar nou in die volgende oorsig aangetoon word in watter mate Vergilius in beide sy keuse van kleurterme na voorgangers terugverwys, in watter opsigte hy met hulle ooreenstem of van hulle verskil, hoe hy die teks verfyn en ook innoverend en/of verbeeldingryk voorkom. Met die keuse van 'n spesifieke kleurwoord en die noukeurig plasing daarvan word 'n besondere uitbeelding bewerkstellig wat in sekere gevalle die belewenis van ἐνάργεια verhoog.

Uit die redelike omvangryke kleurgroep vir 'wit' selekteer Vergilius nege terme wat chromaties en achromaties voorkom, soms genuanseerd en soms glansryk, om die volgende voorwerpe te bepaal:

- albus* kom agt keer voor en bepaal kuddes bulle, wol, 'n koei se kolle, perde, 'n skaapkudde, peerbloeisels, Mareota se druiwestokke en 'lilies'; en
- albescō* kom twee keer voor van onderskeidelik skuimende golwe se 'witperdjies' en vlammeende ligbane;
- candidus* kom vier keer voor van die nimfe in Cirene se waterkoninkryk, 'n spierwit voël in planttyd, wol en die Taurus-gesternte;
- canus* word drie keer gebruik, een keer van berge se smeltende sneeu en twee keer van ryp; en
- caneo/canens* kom ook drie keer voor van 'n weiveld met dou, 'n groepering van wilgerbome en katoen;
- incanescō* bepaal een keer 'n esseboom met geënte peerbloeisels;
- incanus* tipeer ook een keer die kenbaard van 'n Libiese bok;
- marmoreus* kom slegs een keer voor van Orpheus se koplose nek; en
- niveus* word ses keer gebruik van bulletjies, 'n wolvlies, sneeubedekte (of spierwit) walle, swane, emmersvol melk en wydingslinte.

In die bespreking hieronder volg die verwysing na dié teksgedeeltes wat verband hou met die kleurwoord deurgaans dieselfde patroon: Die inskrywing (onverwysend slegs van die *Georgica*) word opgevolg deur die tematiese indeling in die relevante rubriek.

Volgens Vergilius se seleksie van kleurwoorde vir 'wit' geniet veral *albus* voorrang in die *Georgica*, dan volg *niveus* en in mindere mate *canus* en *caneo*. Lucretius verkies ook *albus* en in 'n sekere mate *candidus*, terwyl Catullus by verre voorkeur gee aan *candidus*, veral in sy beskrywings van menslike voorkoms (sien Addendum B).

Aangesien *albus* nie met glans vereenselwig word nie en meestal ook nie genuanseerd voorkom nie, span Vergilius die term in van groot- en kleinvee wat 'natuurlik wit' is. Soos duidelik blyk, kan *albus* se presiese kleurskakering of tint by elk se uitbeelding verskil, onder andere dié van troppe bulle wat spesiaal vir triomftogte en offerandes uitgesoek word (2.146, sien 1.ii). Hulle is almal vlekkeloos wit om só die goedhartigheid van die gode te verseker wat moontlik 'n godsdienstige bybetekenis kan impliseer (*EV* I.85). In realiteit is skape se wol vuilerig en allermens spierwit en tog beskryf Vergilius hulle nie net met *albus* (3.386, sien 1.vi) nie, maar ook met *candidus* (3.387, sien 3.b.ii) wat daarop dui dat die digter skape deurgaans as suiwer wit of spierwit beskou. Geen tintverskille word tussen die kleurwaardes van beide *albus* en *candidus* bespeur nie, sodat *variatio* en metriese vereistes moontlik die bepalende faktor by die keuse van 'n spesifieke term kan wees. Die frase *alba ... lana* (2.465, sien

1.iii) dui op die skoonste en suiwerste vorm van wol wat ook metafories die opregtheid van die landbouer en die eenvoud van sy bestaan beklemtoon. As sulks het hy geen sinnigheid daaraan om suiwerwit wol met gesogte kleurstowwe te skend nie (465: ... *Assyrio fucatur... veneno*; EV I.85). Anders as Varro, *R. 2.5.8* wat geensins bont vee vermeld nie, is die aantelkoei se wit kolle (3.56: ... *maculis insignis et albo*, sien 1.iv) vir Vergilius besonder aanneemlik en dui dit as *signum* op besondere kwaliteit en algemene goeie kondisie. Aangesien die digter redelik spaarsamig met kleurwoorde omgaan, is die beskrywing van perde met vier kleurwoorde (3.81-83, sien 1.v) nie net uitsonderlik nie, maar ook problematies. Die kleure van ‘hoogaangeskrewe’ perde is *spadices* (‘vosbruines’) en *glauci* (‘blouskimmels’), terwyl die ‘onaanvaarbares’ met *albis* (‘wit’) en *gilvo* (‘gelerig’ of ‘afwit’) beskryf word. Weens ’n voorliefde vir variasie, bied Vergilius waarskynlik nie dieselfde getal ‘goeie’ en ‘slegte’ kleure nie (sien Varro, *R. 2.5.8*), sodat die frase ... *albis / et gilvo* ... (82-83) op ’n enkele kleur (*color* in die enkelvoud) by perde dui, waarvan die wit kleur óf liggeel óf as ’n onsuiver kleur voorkom. Aldus is dit vir Vergilius moontlik om die saamgestelde vorm *albogilvus* of *albiogilvus* te vermy.

Vergilius se beskrywing van blomme en druiwe met *albus* lewer verrassende voorbeelde op, juis omdat die uitbeeldings baie noukeurig beplan is. Die geleidelike kleurverandering van die geënte esseboom word as geheelindruk deur die *verbum ineptivum incanuit* bepaal (2.71, sien 3.b.iii). Meer nog, in die versreël volg *albo* direk op *incanuit*, sodat die tintverskille duidelik onderskei kan word en subtiel deur die pleonasme beklemtoon word om die leser se aandag vas te vang: *incanuit* bepaal ’n boom wat met bloeisels oortrek is, waarvan die geheelindruk (moontlik van ’n afstand gesien) ‘afwit’ vertoon. Deur vernuftige woordplasing word afwagting bewerkstellig: Sou die boom van nader beskou word, is die ‘suiwer wit’ kleur (*albo*) dié van ... peerbloeisels (72: *flore piri*). Uitsonderlik is die element van verstomming wanneer die boom sy vreemde blare en vreemde vrugte aanskou (82: [*arbos*] *miraturque novas frondes et non sua poma*).

In sy katalogus van wyne verras die digter weer met skrapse kleurbeskrywings, aangesien hy slegs twee kleurwoorde selekteer: *albus* en *purpureus*. Met *albae* word Mareotiese wingerdstokke bepaal (2.91: ... *vites ... Mareotides albae*, sien 3.b.iv), hoewel witwyn streng gesproke nie ‘wit’ is nie, maar in realiteit eerder liggeel. Skynbaar is die presiese kleurbeskrywing nie vir Vergilius belangrik nie, maar eerder die kleurkontras wat bewerkstellig word met die daaropvolgende uitbeelding van druiwe met *purpureus* (2.95, sien 3). Dit is opvallend dat die digter geen wyn se kleur beskryf nie, maar dit implisiet vir die leser voorhou (2.90-102).

Hoewel die ou man van Corycos se welige tuin manjifieke uitbeeldings kan ontlok (4.125-46), is dit verrassend dat die frase *alba ... lilia* (4.130-31, sien 3.b.v) van ‘wit lelies’ die enigste kleurbeskrywing van plantmateriaal in hierdie tuin is. Juis daarom word hierdie enkele uitbeelding des te meer beklemtoon. Die mees logiese verklaring hiervoor is dié van Richter 1957: *ad loc.*): Die wyse waarop die ou man sy lewe slyt, is gesetel in die ideaal wat Vergilius vanaf Boek 1 met toenemende intensiteit voorhou. Die mens se ware geluk is te vinde in harde, eerbare werk en die eenvoudige plesier wat die natuur bied, waarvoor die beklemtoonde ‘wit lelies’ as metafoer ingespan word. Soos in

Catullus 61.187 se beskrywing van die *parthenium* (*alba parthenice*, sien 3.a), kan metriese vereistes 'n rol speel by die keuse van hierdie term, aangesien Vergilius 'lelies' ook met *candida* beskryf in *Aen.* 6.708-9 (sien 5.ii).

Vir die beskrywing van die voordurende beweging van skuimende wit golwe (3.237, sien 5.i) gebruik Vergilius baie gepas die *verbum ineptivum albescere* wat kan terugverwys na 'n Lucretiaanse beskrywing van die see se atome, ook met *albescere* (*D.R.N.* 2.773; sien 10.ii). Heel uitsonderlik is Vergilius se keuse van dieselfde term om achromaties die glans van komeetstrale weer te gee (1.367, sien 11.i), terwyl Lucretius eerder *candidus* achromaties van die son en maan se glansende lig gebruik (*D.R.N.* 5.779: *candida luce* in 7.a) soos ook Catullus van sonlig (8.3: *candidi tibi soles*, sien 7.b). Hierdie term is dus 'n baie gepaste epiteton van die glans van die son, maan en sterre wat ook by Vergilius voorkom, maar slegs as bepaler van die glansende voorkoms van die Taurus-gesternte (1.217-18, sien 7.c.ii). Die term dui dus nie chromaties op 'n spierwit bul wat met goue horings voorberei is vir offerande by 'n triomftog nie. Dit is immers nou ploeg- en saaiyd, sodat die bul, wat met vrugbaarheid vereenselwig word, as 'n baie gepaste glansende sterreteken voorgehou word.

Die fisiese voorkoms van mense en gode word veral met *candidus* uitgebeeld wat veral by Catullus voorkom van spierwit tande (Cat. 39:1-2, sien 1.a.i) en van Theseus se wit voete (Cat. 64.162: *candida ... vestigia*, sien 1.a.ii) wat kontrasteer met die purperkleurige deken (163: *purpureave ... veste...*). Vergilius, daarenteen, beskryf slegs een keer die nimfe (4.337, sien 1.b.iii) se spierwit nekke (*candida colla*) en hul glansende hare (337: *caesariem ... nitidam*). Aangesien *candida* ook met glans vereenselwig word, is die term doelbewus geselekteer om die glansrykheid van Cirene se onderwaterkoninkryk te beklemtoon. In IV. *MARMOREUS* (4.525, sien 2) bepaal die uitsonderlike term, *marmoreus*, ook slegs een keer Orpheus se marmerwit nek. Hoewel die kleurwaarde van hierdie term sag en delikaat kan voorkom, verkry dit hier 'n bykomende nuanse van hardheid en koue, veral in kontras met die implisiete voorkoms van die bloed wat afkomstig is van sy afgerukte kop.

Vir die beskrywing van die kleurvoorkoms van voëls en diere gebruik Vergilius *candidus* van 'n voël en 'n skaapram. Wat eersgenoemde betref, is die voordeligste planttyd vir 'n wingerd in die blosende lente (*vere rubenti*), wanneer die wit voël (*candida ... avis*) sy opwagting maak (2.319-20, sien 3.b.i). In die *Georgica* is dit opvallend dat Vergilius nooit swane met *albus* beskryf nie, maar wel *niveus* van Mantua se swane in 2.199 (sien 4.b.i: *niveos ... cycnos*). Tog kom *albus* in *Aen.* 11.580 (sien 1.xi) van 'n swaan voor en *candidior* in *Ecl.* 7.38 (sien 2.b.ii) wat daarop dui dat metriese vereistes waarskynlik deurslaggewend is. Anders as Catullus 68.125 (*niveo ... columbo*; sien 4.a), beskryf Vergilius ook nooit duiwe met enige kleurwoord nie. Sou die leser kon aanneem dat duiwe vir hierdie digter implisiet wit is, kan die beskrywing in *Aen.* 5.516: *... et alis / plaudentem nigra figit sub nube columbam* op 'n kleurkontras dui: 'n Wit duif is afgeëts teen 'n donker wolk (sien 6.c.iv).

Hoewel Varro, *R.* 2.2.4 voorstel dat 'n skaapram se wol wit (*albos*) en sag (*villis*) moet wees, moet die skaapram volgens Vergilius ook aan ander vereistes voldoen (3.386-89, sien 3.b.ii): Al is sy

wol ook spierwit (*candidus*), is dit van groter belang dat sy tong nie swart is nie. Swart-en-wit gespikkelde lammers is onaanvaarbaar en daarom moet so 'n ram summier uit die trop gekeer word.

Vanweë die voorwerpe wat deur *canus* (en die verwante vorme) bepaal word, is dit duidelik dat die kleurwaardes van hierdie term(e) verskil van dié van *albus* en *candidus*. Vergilius se aanwending van hierdie kleurwoorde illustreer ten beste die wyse waarop hy terme kleurspesifiek gebruik wat beteken dat 'n spesifieke kleurwoord uitsluitlik 'n spesifieke voorwerp of voorwerpe bepaal. Met *canus* fokus die digter op die besondere 'afwit' of 'gryserige' kleurskakering van druppende water wat van sneeubedekte berge (1.43, sien 2.b.i) afvloei en silwerwit glinster (*canis ... montibus*). Hierby sluit die die voorkoms van die glansende ploegskaar van die ywerige landbouer (46: ... *et sulco attritus splendescere vomer*) baie subtiel aan. Met die frase *cana ... pruina* (2.376, sien 2.b.ii) word grou ryp uitgebeeld wat na Lucretius se frase *pruina cana* in *D.R.N.* 3.20-21 (sien 2.a) kan terugverwys, hoewel in omgekeerde woordorde. Vergilius gebruik die wisselvorm *cano ... gelu* ook van ryp wat nou genuanseerd met intense koue vereenselwig word (3.442-43, sien 2.b.iv). Daarbenewens vertoon vroegoggend se dou gryserig in die sagte lig van die Môrester wat *canent* bepaal (3.325, sien 2.b.iii).

Soos reeds aangedui, verkies Vergilius *albescere* (3.237, sien 5.i) van wit-skuimende seewater waarmee hy afwyk van Lucretius, *D.R.N.* 2.764-67 wat met *canus* en die verwante vorme die glansende kleur van skuimende golwe beskryf. Sien die frases *marmoreo ... candor* (2.765) en *canos candenti marmore* (2.767, sien 1.a); so ook Catullus (64.13, sien 1.b) wat *incanuit* afwissel met *candenti e gurgite* (14) en *e gurgite cano* (18), ook van die see. Opvallend is Catullus se beskrywing met die *verbum ineptivum incanesco* om ook die voortdurende beweging van die see weer te gee.

Vergilius se beskrywing van kwepers wat gryserig voorkom met hul sagte wollerigheid (*Ecl.* 2.51: *cana ... tenera lanugine mala*, sien 3.i) illustreer ten beste sy fyn waarnemingsvermoë. Hy onderskei ook tussen die wit voorkoms van wol (deur *albus* of *candidus* bepaal) en die dofwit/gryserige kleur van katoen wat *canentia* bepaal (2.120; sien 3.iv). Aangesien die nodige tegniese woordeskat vir katoen ontbreek, word Vergilius genoodsaak om dit met die frase *molli ... lana* te omskryf.

Vir 'n beskrywing van wilgerbome (2.11-13, sien 3.ii) word dieselfde tegniek as van die blommende esseboom gebruik: Die woord *salicta* dui op 'n groepering van wilgerbome wat van 'n afstand gesien 'gryswit' vertoon (13: ... *canentia ... salicta*), terwyl die kleur van 'n blaar wat nou van nader beskou word, vaalgroen is (sien 1.i: *glauca ... fronde*). Hierdie term sou baie paslik die gryserige voorkoms van olyfbome kon bepaal, en tog is dit opvallend dat Vergilius in die *Georgica* nooit die olyfboom chromaties uitbeeld nie.

'n Besonder gevatte beskrywing is dié van die Libiese bok met hare en baard wat heeltemal gryswit is (3.313: *incanaque menta*; sien 4.b.i). Weens die herhaling van die uitsonderlike term, *incanus* in *Aen.* 6.809-10 (sien 4.b.iii), word 'n gevatte assosiasie met Numa Pompilius met sy spierwit baard en hare bewerkstellig (*incana menta*).

Die term *niveus* dui op 'n suiwer wit kleur wat, anders as *candidus*, selde met 'n helder glans geassosieer word. Die term word ook kleurspesifiek in spesifieke gevalle gebruik. Soos die geval met

Catullus (58b.4, sien 1.a) se beskrywing van Rhesos se blitsige, spierwit perde (*niveae citaeque bigae*) en die spierwit bul in Vergilius, *Ecl.* 6.46 (*nivei ... iuvenei*) en 6.53 (*niveum*, sien 1.b.i), bepaal *nivei* ook die bulletjies van Aristaeus (*Geor.* 1.15, sien 1.b.iii). Al hierdie beskrywings is mitologies van aard en die spesifieke betekenisemoontlikheid van *niveus* wat oordragtelik op 'n vlekkelose wit dui, is waarskynlik noukeurig geselekteer. *EV* III.744 verwys na hierdie besondere aspek van *niveus* as die 'poëtiese stem,' waarvan die gebruik na 'n metaforiese oorsprong teruggevoer kan word. In aansluiting hierby kan daar ook na Pan se wit wolvlies verwys word wat Luna bekoor (of verlei) het (3.391: *munere ... niveo lanae*, b.iv). Soos reeds aangedui, wissel Vergilius andersins sy tegniese uitbeelding van wol met *albus* en *candidus* af, terwyl *niveus* in 3.487 (sien 6.i) die wollinte bepaal wat deel vorm van 'n plegtige seremonie.

Dit volg logies dat *niveus* die voorkoms van sneeu uitbeeld, dus kom dit ook voor van die Skithiese landskap wat vormloos vertoon met 'sneubedekte' of selfs 'spierwit' sneeuwalle (3.354: *aggeribus niveis*, sien 3.b), anders as Lucretius se beskrywing van sneeu met die frase *albas ... ningues* in *D.R.N.* 6.736 (sien 7.a.).

Met die frase *nivea mulctaria* in 3.177 (sien 5.ii) verwys Vergilius na (melk in die) melkemmaars, hoewel daar uiteraard 'n tintverskil ter sprake is wat op 'roomwit' kan dui. Die besondere plasing van *nivei* in *Ecl.* 2.20 (sien 5.i) laat die vraag ontstaan of die kleurwoord met *pecoris* of met *lactis* kongruer, laasgenoemde waarskynlik met verwysing na die frases *γάλα λευκόν* in Homeros, *Il.* Δ(4).434 en *λευκοῖο γάλακτος* in Theokritos, *Id.* 5.53. Hierdie is 'n besondere voorbeeld van die digter se veelvlakkigheid, waarmee Vergilius met die enkele kleurwoord verskillende interpretasies voorhou, sodat die leser die betekenis kan kies wat aanklank vind in sy eie belewenis van die gedig.

Uit die voorafgaande word dit duidelik dat beide die kleure wit en groen, ook wit en rooi, in verskeie uitbeeldings planmatig as kleurpare aangewend word wat nie soseer as kleurkontraste nie, maar eerder as temas beoordeel moet word. Dit word aanvaar dat só 'n beoordeling van hierdie kleurterme bloot as 'n subjektiewe beskouing afgemaak kan word, en tog dui die uiters noukeurige en planmatige konstruksie van die teks op die teendeel.

Wat die wit-en-groen kleurpaar betref, moet Vergilius se beoordeling van, en liefde vir die natuur, in gedagte gehou word, soos duidelik uiteengesit word in die openingsreël van *Georgicon* 1 (*quid faciat laetas segetes ...* ['wat maak landerye vrugbaar ...']). Aldus word die vrugbaarheid van die aarde beklemtoon waarna Ennius ook verwys in *Ann. fr.* lxxxii.537 (516) (Skutsch): *... per caerula laetaeque prata* ('... oor die groen en geil/vrugbare velde'). In Vergilius se gedig kan *laetas*³³⁷ – as die eerste

³³⁷ Hoewel die woord *laetas* ('vrugbaar') hier in tegniese verband voorkom en met landbou verbind is, het dit volgens Skutsch (1986:686) nooit die emosionele konnotasie verloor nie. Sien ook Jenkyns (1998:331): 'So Virgil opens with plain, factual Latin ... Since it [*laetas*] also means "joyful," it unites within itself practical reality and emotional warmth.' Een van die oorspronklike betekenisemoontlikhede van *laetus* is 'welig' of 'vrugbaar' wat in hierdie konteks 'n eenvoudige, praktiese woord is, soos ook *laetamen* wat, met verwysing na Servius, die algemene woord vir '[kraal-]mis' is. Die *OLD ad loc.* beskou die etimologiese herkoms van *laetus* as onseker en verbind die primêre betekenisemoontlikheid met persone as 'opgewek' of 'vrolik,' terwyl die uitgebreide betekenis 'welig,' 'florerend,' 'geil' van plante en gewasse voorkom. De Vaan (2008:323) verwys na Naevius as die vroegste bron met die betekenisemoontlikheid 'geil,' 'ryk' of 'gelukkig'. Volgens Mynors (1990:230

(nie-spesifiek kleur-aanduidende) woord wat in die *Georgica* tog wél ‘vaagweg op kleur dui’ – gelaai wees met ’n omvangryker betekenisinhoud wat ook op die milddadigheid van die natuur dui (vgl. Jenkyns 1998:331). In reëls 9 en 20 van Boek 2 word die woord *natura* herhaal en ook toutologies met *ipsae* (10) en *sponte sua* (11) omskryf wat op die bodem se kragtige, maar sluimerende vermoë dui om vanself uit te spruit, ook volgens Lucretius, *D.R.N.* 1.188-89: ... *omnia* ... | *paulatim crescunt* ... (‘... alles groei stadig ...’). Die aarde *bring voort* (*gignit*; ook volgens verskeie *TLL*-inskrywings) as lewegewende krag, waarna Cicero verwys in *Sen.* 15.51: ... *ipsius terrae vis ac natura*. Dit is hierdie natuurlike vermoë van die aarde om vrugbaar en welig te wees wat Vergilius met groen kleurwaardes verbind en dikwels met wit beklemtoon.

In Vergilius se beskrywings word hierdie kleurpaar as deurlopende tema planmatig gestel om sy oogmerke te beklemtoon. Die kleurwoorde kan op verskillende wyses ingespan word: Enersyds kan die eksplisiete gebruik van beide die terme vir wit en groen as kleurpaar besonder sterk oorkom: Die romerige wit van die (melk in die) melkemmings (*nivea mulctaria* in 3.177, sien 5.ii) en die groen van die gras (162: *viridis armenta per herbas*, sien 1.c.x) beklemtoon die vrugbare (*laetus*) aarde en ook die bestaan van die mens, of eerder die landbouer spesifiek, as deelgenoot of eerder koesterende oppasser (as *agri-cola* of *colonus*) van die aarde. Hy is in beheer vanweë sy ondervinding en kennis en hy slyt sy lewe met harde, eerbare werk waaruit hy vervulling en vreugde (*laetus*) vind. As sulks het hierdie term betrekking op beide die landbouer en die aarde.

Andersyds kan die kleurwoorde vir wit en groen beide implisiet en eksplisiet ingespan word, sodat die kleurpalet sekondêr is om as ’n sagter nuanse die vrugbare aarde uit te beeld: In *Geor.* 1.315 (*frumenta in viridi stipula lactentia turgent*, sien 1.c.iii) word die blinkgroen kleur van jong graan eksplisiet met *viridis* uitgebeeld, saam met *lactentia* wat implisiet op die wit, melkerige vogtigheid in die koringare dui. So ook die welige plantegroei van Mantua wat implisiet met die frase *herboso flumine* uitgebeeld word en wat visueel deur die frase *niveos ... cygnos* (2.199, sien 4.b.i) omraam word. Hier kom die kleurwoord vir ‘groen’ nie eksplisiet voor nie en is die kleurkontras sekondêr, sodat genuanseerde patos eerder ontlok word waartoe die sinsdeel *infelix amisit Mantua* (2.198, sien 4.b.i) ryklik bydra. Thomas (2002:118) se *caveat*, hoewel in ’n ander konteks, kan hier veral voor oë gehou word: “... sometimes an apparently casual reference will be far from casual. That is, the context evoked may not seem relevant but on further examination may emerge as highly significant.” Hierdie beskouing is besonder toepaslik, ook in *Ecl.* 6.46, 53-54 (sien 1.b.i en ii) waar *niveus* (by herhaling) en die implisiete groen voorkoms van ‘sagte hiasinte’ oënskynlik op ’n rustige toneel dui, terwyl die onmenslike lot van Pasiphaë in realiteit uitgebeeld word.

Vergilius gebruik ook die kombinasie van kleurwoorde vir wit en rooi om as twee verskillende temas in die *Georgica* ’n besondere rol te speel. In kontras met die kleurpaar van wit-en-groen, word

n.318-21) kom *laetus* drie-en-dertig keer in die *Georgica* voor en word dit agtien keer met die bodem en die produkte wat dit voortbring verbind; elf keer met die betekenismoontlikheid ‘vroliek’ of ‘opgewek’ van die mens en drie keer (2.363, 520 en 3.63) met beide hierdie betekenismoontlikhede. In *Geor.* 3.310 kom *laeta* met die betekenis ‘oerfloedig’ voor.

wit-en-rooi as kleurpaar veroordelend aangewend. Die eerste hou verband met die mens se sinnelose entingspraktyke wat Vergilius as 'n blatante skending van die natuur voorhou: In 2.71-72: ... *ornusque incanuit albo / flore piri* ... (sien 3.b.iii) word twee kleurwoorde vir wit anafories beklemtoon as kontras vir die uitbeelding van kornoelies wat rooi word aan pruimbome (... *et prunis lapidosa rubescere corna* in 2.34, sien 5.iv). As tweede tema word die mens se misbruik van wyn voorgelou waarvoor Vergilius in 2.89-102 uiters planmatig 'n seleksie van slegs vyftien wyn- en druifsoorte, ook die wingerdstok, voorhou. Hiervoor span hy uitsluitlik twee kleurwoorde in: *albae* (2.91, sien 3.b.iv) van Mareota se wit wingerdstokke en *purpureae* van purper druiwe (2.95, sien 3). Ook in 2.319-20 word hierdie tema herhaal met die frases *vere rubenti* en *candida ... avis* (sien 3.b.i) wat vereenselwig word met lente se rooi blomme en die wit voël se koms as die beste tyd vir die plant van 'n wingerd. In al die voorbeelde van beide temas word die kleurterme uitsluitlik eksplisiet gebruik wat as 'sterk' kleurpare die onderskeie temas beklemtoon.

Die kleure rooi en wit figureer ook bloot as kontras om die angswekkende gevolge van die pes te beklemtoon: Hoewel die offerdier paslik met spierwit wydingsbande voorberei is (3.487: *lanea dum nivea circumdatur infula vitta*, sien 6.i), plaas die verwysing na die karige bloed van die offerdier – dus die kontras van rooi en wit – die fokus op die dodelike omvang van die pes wat slegs die dood inhou.

Hoewel Thomas (1979:310-11) van mening is dat wit-en-rooi as kleurpaar altoos op die dood dui, moet dit noukeuriger gekwalifiseer word: In die *Aeneis* kan dit wél met negatiewe assosiasies (hoewel nie uitsluitlik van die dood nie) aangewend word, maar dit kan ook voorkomste beskryf sonder enige morbiede of negatiewe assosiasies, onder andere in *Aen.* 12.65-69 (sien XVIII **RUB*-groepering 4.c.iii) van Lavinia se blos. Sien ook Propertius 2.3.10-12 en Horatius, *Carm.* 1.13.1-3 (*cum tu, Lydia, Telephi / cervicem roseam, cerea Telephi / laudas bracchia* ... ['wanneer jy, Lydia, Telephus se rosige nek en wit arms besing ...']). Vergilius, daarenteen, kom egter vernuwend voor en pas die kleurpare aan om tematies sy besondere doelstellings uit te beeld.





MILLE VARIH COLORES

3 ONTLEDING VAN TEKSTE

In die *Georgica* kom slegs drie kleurwoorde vir ‘swart’ voor, te wete *ater*, *niger* en *piceus* wat in hierdie hoofstuk alfabeties in drie rubriek gerangskik is. Elke rubriek bevat *al* die passasies waarin die relevante term voorkom, geselekteer uit die werke van Lucretius, Catullus en Vergilius se *Eclogae*, *Georgica* en *Aeneis*. Slegs die rubriek vir *ater* is volgens die *TLL* se verskillende kategorieë georden. Aangesien die *TLL*-inskrywings vir *niger* en *piceus* nog nie beskikbaar is nie, word die passasies chronologies en volgens ’n bepaalde tema aangebied. Hierdie kleurkategorie word met ’n oorsig van bevindinge afgesluit om Vergilius se tegniek en sy besondere keuse van kleurterme uit te lig.

3.1 KLEURWOORDE VIR SWART

VI *ATER*³³⁸

Die herkoms van *ater*, *-tra*, *-trum* is onduidelik. Price (1883:16) verwys na die stam **aed* en ook die Indo-Germaanse wortel **idh*, ‘om te brand,’ terwyl André (1949:43) onseker is of slegs die stam **atr*-voorkom. Die *OLD ad loc.* beskou die stam as twyfelagtig (*dubius*), maar L&S *ad loc.* bespeur ’n verband met die Griekse ἄθω, ook met die betekenis ‘om te brand’. Gevolglik word daar na woorde met dieselfde stam verwys, onder andere die Griekse ἄθων, ἀθήρ en Αἴτην, asook die afgeleide Latynse woorde *aether*, *Aetna*, *aestas* en *aestus*. Soos die *TLL ad loc.*, bied W-H *ad loc.* ook geen woordstam nie en verwys slegs na die Indo-Europese Umbriese vorme *atru*, *adro* (akk. mv. n.) van *atra*

³³⁸ *TLL* se verskillende kategorieë vir *ater* (I.1018 [reël 22]-1021[reël 82]) word hierna met aanhalings uit die Latynse letterkunde gestaaf:

I *proprie de colore, sed subest multis notis nota terroris, abominationis, damni, perniciæ (saepe de inferis) 1 de hominibus, animalibus, arboribus, herbis; de rebus interdum personatis; de membris et aliis corporum praecipue aegrotis partibus; hominum, animalium etc., de morbis, vitiis, sim. 2 de potu, cibo, armis, operibus, suppellectile, vestibus 3 de terra, terrenis, domiciliis, locis, localibus rebus 4 de aëre, aëriis, caelestibus, igne, igneis, luce, mundo 5 de tenebris, nocte, sim. 6 color: structurae: additur qua re neutr. subst. loco;*

II *translatē i.q. malus, formidolosus, horrendus, perniciosus, luctuosus; A dies; 1 postridie Kalendas Nonas Idus; 2 Varro, L. 6.23; 3 supremus; B alia;*

synonyma: ad I: niger, obscurus, saepissime horrendus, fuliginus.

opposite ad I: candidus, albus, splendidus, niveus, clarus, candicans, candens.

nomina geographica quibus inest ater. Hoewel hierdie rubriek volgens die *TLL* se indeling gestruktureer is, word daar in baie gevalle nie met die verdeling saamgestem nie. Behalwe foutiewe teksverwysings en onverklaarbare indelings, bemoeilik die onchronologiese rangskikking van antieke outeurs in elk van die afdelings ook die toepassing van die inligting.

Sien ook EV I.547b vir ’n gedetailleerde uiteensetting.

en *nigra*. W-H verwys ook na Schulze se beskouing dat die Latynse *Ātrius* (= die Oskiese *Aadiriis*) en *Atella* (= Oskiese *Aderl<ú>*) van Etruskiese herkoms is wat egter verdag is en moontlik slegs deur volksetimologie aan *ater* verbind is. De Vaan (2008:60) bied die Proto-Italiese **atro-* met die verwante Umbriese *atru*, *adro* (akk. mv. n.) en *adrir*, *adrer* (abl. mv. n.), ‘swart,’ met reëlmatige fonologiese ontwikkeling tot (= >) **ad/tro-*. Die *TLL* verbind die woord met die Griekse vorme *κελαινός* en *μέλας* en die Latynse *niger*, *taeter*, *tenebrosus* en *fuscus* met ooreenkomstige betekenismoontlikhede.

Die term kom meer dikwels in poësie as in prosa voor en in omgangstaal dui *ater* aanvanklik slegs chromaties op ’n dowwe swart kleur sonder enige glans, waarna Paulus Festus 84.29 ook verwys: *est ... atrum nigrum, id est a candore remotum* (*‘atrum* is ’n swart [kleur], gestroop van glans’). ’n Goeie fisiese maatstaf is die dowwe swart voorkoms van houtskool, aangesien alles wat deur vuur gebrand is met die betekenis ‘swart’ of ‘swart gebrand’ beskryf kan word. Beide L&S en die *OLD* bied *ater* se primêre betekenismoontlikhede as ‘swart,’ ‘dofswart’ en ‘donker’ wat volgens André (1949:44-46) ’n suiwer swart is.³³⁹ Vels Heijn (1951:81) assosieer die simboliese betekenis van swart, ‘somber’ of ‘onheilspellend’ meer met *ater* as met *niger*. Hoewel beide *ater* en *niger* met die betekenis ‘swart’ voorkom, is hierdie terme nie sinoniem nie.³⁴⁰ Soos met *albus* en *candidus* (wat positiewe simboliese waarde het), is glans die onderskeidende faktor en moet *ater* (‘dofswart’)³⁴¹ van *niger* (‘blinkswart’) onderskei word. Sien Cicero, *Tusc.* 5.39.114 met *ater* en *albus* as kontrasterende kleure: *Democritus luminibus amissis alba scilicet et atra discernere non poterat* (‘toe Demokritus blind geword het, kon hy klaarblyklik nie tussen wit en swart onderskei nie’; vgl. *TLL* I.6: *color: neutr. subst. loco*). *EV* s.v. *ater* (I.387) verwys na die suiwer en oorspronklike chromatiese waarde van die term wat (later) ook op ’n emosionele en psigologiese vlak aangewend is. In die *Aeneïs* word *ater* die relevante *vox* van epiese taal.

Die konteks waarin die kleurwoord voorkom, word in breë trekke hieronder uiteengesit.

³³⁹ Plautus, Ennius, Cato en die satiris, Lucilius, gebruik *ater* twee keer soveel as *niger* en ook uitsluitlik chromaties (vgl. André 1949:45). Op hierdie vroeë stadium van letterkundige skeppings kom die term geensins emotief of genuanseerd voor nie, ’n aanpassing wat Lucretius wel maak en wat daartoe lei dat *ater* ’n onontbeerlike epiteton in veral epiese digkuns geword het. *Ater* kom een-en-sewentig keer in die *Aeneïs* voor, maar slegs sestien keer in die *Bellum Civile* van die latere epiese digter, Lucanus (39-65 nC): *atra caligine* (1.541); *atra Charybdis* (1.547); *nox atra* (1.579; 3.424 en 9.839); *atra* (2.37); *ignibus atris* (2.299 en 3.98), *atras...faces* (2.301); *nubibus atris* (3.409); *aeris atris* (4.74); *atrum ... Notum* (5.608-9); *atra cutis* (6.95); *atrae ... nubes* (6.518); *atraque ... volnera* (6.750) en *atro ... pulvere* (8.57). Met die uitsondering van die digkuns van Valerius Flaccus het *niger* mettertyd in al die letterkundige genres voorkeur geniet, waarskynlik om metriese redes (vgl. Skutsch 1986:657 n.502).

³⁴⁰ In die Griekse letterkunde word *μέλας* en verwante woorde vir ‘swart’ gebruik vir natuurlike en metaforiese uitbeeldings. *Κέλαινός* dien as sinoniem van *μέλας*, veral met die betekenis ‘donker,’ terwyl al die ander terme die afwesigheid van lig, maar nie kleur nie, aandui (vgl. Kober 1932:25, 37 en 40). Hierby voeg André (1949:44) *μελαγχολία* en Platnauer (1921:153-54) *κατακόρης*.

³⁴¹ Baie uitsonderlik is *ater* met die betekenis ‘blinkswart’ of ‘glansend swart’ by Apuleius, *Met.* 11.3.5: *... palla nigerrima splendens atro nitore ...* (‘... ’n gitswart mantel wat blink met ’n donker glans ...’), maar waarskynlik hier weens die toevoeging van ’n bykomende woord of woorde wat glansaanduidend is. In Silius Italicus 12.248-50 word *ater* met *splendor* gekontrasteer: *... sese Veneri iactat splendore refecto, / si subita invadat nubes, hebetatur et atris / decrescens tenebris ...* (‘... [Lucifer] vertoon homself aan Venus met nuutgevonde glans, [maar] as ’n wolk hom skielik bedek, word hy dof en verbleek hy in die donker skaduwees ...’; vgl. André 1949:44).

Hierdie term kom eerstens suiwer chromaties voor en kan etnies op velkleur dui³⁴² soos in Plautus, *Poen.* 1290-91: *ita replebo [amicam] atritate, atrior multo ut siet / quam Aegyptini ...* ('ek sal [my geliefde] swart kleur, sodat sy baie **donkerder** as Egiptiese [emmerdraers by 'n spele] is ...'); vgl. *TLL* I.1: *de hominibus*, ook in die voorbeelde wat volg. 'n Besondere beskrywing is dié van Terentius, *Ad.* 849: *tam excoctam [istam psaltriam] reddam atque atram quam carbost ...* ('ek sal [daardie luitspeelster] terugstuur wat so verbrand en **swart** is as houtskool ...'). Sien voorts ook Plautus, *Vid.* 36: *sol est ad eam rem Pictor; atrum fecerit* ('vir daardie doel is die son die Skilder; dit kleur hom **donker**').

Anders as in prosa waar *niger* veral op haarkleur dui, bepaal *ater* ook swart of donker hare in Plautus, *Mer.* 306 *ater: si canum seu istuc rutilum sive atrumst, amo* ('al is jou [hare] blond of koperkleurig of **swart**, hou ek van [jou]'). Sien ook Ovidius, *Am.* 1.14.9: *nec tamen ater erat nec erat tamen aureus ille* ('en tog was [die kleur van die hare] nóg **swart**, nóg goudkleurig'). 'n Verdere moontlikheid is die figuurlike betekenis 'vuil' of 'bevlak,' onder andere van tande in Horatius, *Epod.* 8.3: *... sit tibi dens ater (OCD)*.

Negatiewe karaktereieenskappe soos 'kwaadwilligheid' en 'boosheid' dui op hierdie term se uitgebreide betekenismoontlikhede, ook 'n emosie soos vrees wat Horatius verpersoonlik in *Carm.* 3.1.40: *post equitem sedet atra Cura* ('agter die ruiter sit **vreesaanjaende** Sorg'; vgl. *TLL* I.1: *de rebus interdum personatis*). Die term kan ook die negatiewe gevoelswaarde 'somber' of 'treurig' impliseer wat dan metafories op die dood kan dui, onder andere in Horatius, *S.* 2.1.58: *... mors atris circumvolat alis* ('...die dood vlieg rond op **swart** vlerke'; vgl. *TLL* II: *translaté: i.q. perniciosus*). Aangesien *ater* dikwels emotief gebruik word, dui hierdie aspek op 'n verdere verskil met *niger*, onder andere die frase *atra dies* van 'n 'sterwensdag';³⁴³ vgl. *TLL* II. *translaté: A*. Die betekenis 'donker' of 'dofswart' is ook besonder geskik vir die voorkoms van droë, geronne bloed, waarvan die figuurlike betekenis op die dood kan dui; vgl. *TLL* I.1: *de membris et aliis corporum praecipue aegrotis partibus: de morbis*.³⁴⁴ Die term bepaal dus ook die Onderwêreld en alles en almal wat daarmee geassosieer word (vgl. *TLL* I.3: *de locis*), aangesien die 'afwesigheid van lig' metafories die gevoel van vrees verskerp. Gevolglik word *ater*, as't ware vanweë 'n literêre tradisie, 'n vaste epiteton van sekere woorde waaronder *tabum, fel, vulnus, cruor* en *sanguis*. Hierby kan *venenum* ('gif') ook ingesluit word, aangesien *ater* met die uitgebreide betekenismoontlikheid 'dodelik' voorkom, ook 'gevaarlik' van slange en selfs wildediere (*EV* I.387). In Horatius, *Carm.* 3.4.17-18 is die woord *corpore* planmatig in die reël geplaas, sodat dit visueel omraam word deur *atris* en *viperis*: *ut tuto ab atris corpore viperis / dormirem ...* ('toe ek [as jong seun] geslaap het met my liggaam beskut teen **giftige** [eerder as 'donker' of 'swart'] slange ...');

³⁴² Beide *niger* en *fuscus* bepaal gewoonlik 'n etniese swart vel (vgl. Vels Heijn 1951:81), terwyl 'n songebrande vel gewoonlik deur *coloratus* uitgebeeld word (vgl. Mynors 1990: 298 n.291-3). Sien ook *Geor.* 4.293 Addendum D.3: *coloratus*.

³⁴³ Die frases *atra dies* ('sterwensdag') en *ater dies* moet van mekaar onderskei word. Laasgenoemde dui op die dag wat op die *Kalendae, Nonae* of *Idus* volg en wat as 'ongelukkig' of 'ramspoedig' beskou en swart gemerk is (L&S). Sien Afranius 163: *heri Kalendae, hodie ater dies* ('gister was die eerste dag van die maand, vandag is 'n **ongelukkige** dag').

³⁴⁴ *Niger* bepaal selde die voorkoms van bloed, waarskynlik omdat die dowwe swart kleur wat met *ater* geassosieer word die voorkoms van droë bloed paslik uitbeeld.

vgl. *TLL* I.1: *de animalibus*; en I.1: *de membris et aliis corporum praecipue aegrotis partibus; animalium*).

Die kleurwoord **ater** bepaal nooit objekte met 'n natuurlike glans soos moerbeie, bessies, druiwe, eboniet of edelstene nie (vgl. André 1949:44). Plautus, *Men.* 915 beskryf egter rooiwijn met **ater**: *album an atrum vinum potas?* ('drink jy wit of **donker**[rooi] wyn?')³⁴⁵ en dieselfde term word van growwe brood (*panem atrum*) gebruik in Terentius, *Eu.* 930; vgl. *TLL* I.2: *de potu, cibo*.

Soos aangetoon, is alles wat deur vuur verbrand is swart, selfs die rook en vlamme. Sien Horatius, *Epod.* 5.81-82: ... *flagres uti | bitumen atris ignibus* ('... jy gloei [met liefde vir my] soos pik met sy **swart/donker** vlamme'; vgl. *TLL* I.4: *de igne, igneis*).

Waar die betekenis 'donker' op die afwesigheid van lig dui, bepaal die kleurwoord die donkerte van 'n nag met die frase *nox atra*. Volgens Edgeworth (1992:74) verwys hierdie frase terug na die Homeriese *formulae* ἐρεβεννὴ νύξ, κελαινὴ νύξ, νύξ μέλαινα en νύξ ὄνοφερή. Die uitgebreide betekenisommoontlikhede speel ook 'n belangrike rol in Terentius se realistiese uitbeeldings wat *speluncae*, *nemora*, *pix* en *silex* insluit. Aldus bepaal die kleurwoord 'n woud wat gestroop is van lig, wat donker is en dus onheilspellend voorkom (vgl. *TLL* I.3: *locis*) soos dié waarin Styx die bul opgesluit het. Sien Ovidius, *Fast.* 3.801: *hunc ... lucis incluserat atris*; vgl. *TLL* I.5: *de tenebris*.

Chromatiese kontraste word nie soseer deur die natuur se fisiese elemente bewerkstellig nie as deur die gewaarwordinge en emosies wat die natuur by die mens ontlok soos donderweer, vernietigende storms of 'n onstuimige see. In Horatius, *Carm.* 2.16.2-3 kom die term genuanseerd voort: ... *simul atra nubes | condidit lunam* ... ('... tegelykertyd het 'n **donder**wolk die maan verberg ...'); ook by die bepaling van 'n onstuimige see in 3.27.18-19: ... *Ego quid sit ater | Hadriae novi sinus* ... ('... ek weet hoe **donker/dreigend** die water van die Adriatiese See is ...'; van beide die voorbeelde, vgl. *TLL* I.3: *de fluviis, aquis, mari*).

In Lucretius kom die term agt keer voor, terwyl Catullus dit drie keer gebruik en ook in twee gevalle 'n interessante nuanse aan die kleurwoord koppel. Die term verskyn elf keer in die *Georgica* en as 'n noodsaaklike epiteton in epiese poësie, kom die term een-en-sewentig keer in die *Aeneïs* voor, meestal in 'n negatiewe konteks (vgl. Edgeworth 1992:54).

1 Van die mens se fisiese voorkoms (vgl. *TLL* I. *proprie de colore* 1: *de hominibus*)

a. Catullus

i. Cat. 39.12: ... *Lanuvinus ater atque dentatus* ('... 'n Lanuviër, **donker** van voorkoms en groot getand ...').

Die digter dryf die spot met Egnatius, een van Lesbia se minnaars wat gedurig glimlag (*renidet* in 2, 4

³⁴⁵ Aangesien **ater** uitsluitlik chromaties en onverwysend by skrywers voor Lucretius voorkom, kan die frase *atrum vinum* in Plautus, *Men.* 915 (sien *supra*) nie op gif dui nie, soos Fitton Brown (1962:194) postuleer. Plautus gebruik **ater** sonder enige bykomende nuanses: Wat wel hier ter sprake is, is die inherente eienskappe van wyn, aangesien wit wyn die maag bind, terwyl 'n (donker) rooiwijn die maag 'los' maak.

en 6). Hy beïndruk niemand nie, want sy spierwit tande (1: *candidos ... dentes*) word nie met vars water afgespoel nie. Daar is 'n geïmpliseerde kontras tussen die donker (moontlik 'songebrande') voorkoms van die inwoner van Lanuvium (in Latium) – wat *ater* met die primêre betekenis bepaal – en sy blinkwit glimlag. Volgens Fordyce (1966:187 n.12) kom beide die aspekte van hierdie uitbeelding – die donker voorkoms en die groot, wit tande – in geen ander bron voor nie.

ii. Cat. 93.1-2: *Nil nimium studeo, Caesar, tibi velle placēre, | nec scire utrum sis albus an ater homo* ('ek het geen begeerte om jou te behaag nie, Caesar, nog om te weet of jy wit of swart is').

Met die frase *albus an ater* toon die digter sy gebrek aan belangstelling in Caesar. Letterlik word daar op 'n wit of swart voorkoms gewys as so voor-die-hand-liggend dat, indien iemand so afsydig of minagtend voorkom, hy hoegenaamd niks met die persoon te doen wil hê nie. Beide die terme word hier dus genuanseerd gebruik.³⁴⁶

b. Vergilius

Verg. *Aen.* 2.272-73: *raptatus bigis ut quondam, aterque cruento | pulvere perque pedes traiectus...* ('soos hy [Hektor] destyds deur die tweespan gesleep en aan sy voete getrek is, swart/donker van bloed en stof ...').

'n Uiters droewige (270: *maestissimus*) Hektor verskyn aan Aeneas in 'n droom en waarsku hom om uit Troje te vlug. Sy voorkoms herinner Aeneas aan die laaste keer dat hy hom gesien het, toe Achilles Hektor se liggaam om die mure van Troje gesleep het. Die primêre betekenis van *ater* dui daarop dat Hektor donker van bloed en stof is wat genuanseerd sy weersinwekkende dood beklemtoon.³⁴⁷ Die uitbeelding verwys terug na Homeros, *Il.* X(22).401-3 en 405:³⁴⁸

τοῦ δ' ἦν ἐλκομένοιο κονίσαλος, ἀμφὶ δὲ χαῖται
 κῦάνειαι πίτναντο, κάρη δ' ἅπαν ἐν κονίησι
 κεῖτο πάρος χαρίεν ...
 ...
 Ὡς τοῦ μὲν κεκόνιτο κάρη ἅπαν ...

Daar was 'n stofwolk soos hy gesleep is, en sy donkerblou [*sic*] hare het rondom uitgesprei, en vol in die stof het daardie kop gelê, die eertydse sierlike ... | ... | so was sy kop heeltemal toe onder die stof ...

(vertaling deur Van Rensburg 1954)

³⁴⁶ Sien ook T. Whitmarsh se aanlyn-artikel 'Black Achilles' beskikbaar by <https://aeon.co/essays/when-homer-envisioned-achilles-did-he-see-a-black-man>.

³⁴⁷ *Ater* verwys hier nie na haar- of velkleur nie. Hektor het soos die Trojane, donker hare (*Il.* X[22].401-3), terwyl die Grieke wat by Troje geveg het – Achilles (*Il.* A[1].197), Menelaos (*Od.* α[1].285) en Odusseus (*Od.* ν[13].398, 431) – met blonde hare uitgebeeld is.

³⁴⁸ Homeros se beskrywing van Hektor se hare met κῦάνεος dui op die vroeë stadium van kleurgebruik met die betekenis 'swart' of 'donker'. Daar is dus geen sprake van die betekenis 'blou' of 'donkerblou' nie, *pace* Van Rensburg. Dit is opvallend dat Hektor drie keer om Troje gesleep is en dat daar drie keer na stof verwys word. In die Homeriese weergawe is daar ook geen verwysing na bloed nie, 'n aspek wat Vergilius met *cruento* (272) weergee. Volgens Irwin (1974:38-41, met verwysing na Onians) dui die woord αἰὼν op 'lewensvog' wat in 'n lewende persoon aanwesig is en wat met ouderdom algaande verminder en met die dood verdwyn. Met sy dood is Hektor dus sonder αἰὼν wat moontlik as verklaring dien vir die klem wat Homeros slegs op die donker stof plaas.

2 As tipering van slange en gif (vgl. *TLL I. proprie de colore*1: *de animalibus*)

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.129: *ille malum virus serpentibus addidit atris* ('hy [Jupiter] het bose gif vir swart/dodelike slange gegee').

Siektes en pestilensies, soos voëls, onkruid en skaduwee, is 'n lastige, maar onvermydelike realiteit van die landbouer se bestaan (119-21). Hiervoor het die digter wel raad (155-57), maar nie vir wolwe wat plunder en slange wat nou, nadat Saturnus deur Jupiter verdryf is, giftig is nie. Eens, in 'n Italië van die goue era, was daar geen slange nie (2.153: *nec [sanguis] rapit immensos orbis per humum ...* ['geen slang trek wye sleepsels oor die aarde nie ...']) en eers wanneer elemente van hierdie era terugkeer, sal slange uitgedelg wees (vgl. Conington 1881:173 n.129). Hoewel hierdie Vergilius se enigste beskrywing van slange met *atris* is, is nie net swart slange giftig nie. Die adjektief *malus* ('dodelik' of 'boos')³⁴⁹ en *virus* ('gif') dui daarop dat *atris* genuanseerd eerder die giftige aard van slange beklemtoon en nie soseer hulle kleur nie.³⁵⁰ Mynors (1990:27 n.129-30) meen dat die afgeleide betekenis 'dodelik' eerder hier ter sprake is, maar waar dit *venena* bepaal in *Geor.* 2.130 (en *Aen.* 2.221) behou die term baie van die oorspronklike chromatiese betekenis wat op slange se swart gif dui wat slagoffers swart kleur.³⁵¹

ii. Verg. *Aen.* 4.471-73: *aut Agamemnonius scaenis agitated Orestes, / armatam facibus matrem et serpentibus atris / cum fugit ...* ('of wanneer Orestes, die seun van Agamemnon, oor die verhoog gejaag, voor sy moeder uitvlug wat met fakkels en grieselrige slange gewapen is ...').

In haar smart sien Dido skrikwekkende drogbeelde en hoor sy voorspellings van waarsêers wat haar sterk in haar voorneme om te sterf. Vanweë haar ontsteltenis word sy vergelyk met die waansinnige Orestes wat probeer om van sy moeder, Klutaimnestra met die voorkoms van 'n Furie,³⁵² weg te vlug (vgl. Austin 1955:140 n.469). Weens die verwysing na die Furie wat die slange van Alekto³⁵³ impliseer,

³⁴⁹ *Malus* is afgelei van die Griekse woord μέλας met primêre betekenis 'swart' of 'donker' en die afgeleide betekenis 'boosaardig' of 'dodelik' (L&S; LSJ).

³⁵⁰ Volgens Conington (1881:173 n.129) kan die term se primêre (volgens hom, 'primitiewe') of afgeleide betekenis (of selfs beide) van slange gebruik word. By die Griekse digters kom beide μέλας en κύνειος van slange voor, onder andere Hesiodos, *Sc.* 167: μελάνθησαν δὲ γένεια ('die swart gebroedsel'; vgl. Kober 1932:27, 72). Ten spyte van Vergilius se talle verwysings na slange waarvoor hy die woorde *anguis*, *chelydrus*, *coluber*, *serpens* en *vipera* gebruik, beskryf hy hulle slegs vyf keer chromaties, waarvan drie uitbeeldings in die *Georgica* voorkom: *ater* met uitgebreide betekenis 'dodelik' (soos reeds aangedui), *niger* in 2.214 en *caeruleus* in 4.482.

³⁵¹ Sien Nikandros, *Alex.* 247: σάρκα μελαινομένην ('vlees wat swart word') en *Ther.* 426: μέλαν ... οἶδος ('n swart swelsel'; vgl. Kober 1932:30). *Auctor ad Herennium* 2.8 verwys na die uitwerking van gif op die liggaam: *si ... livore decoloratum corpus est mortui, significat eum veneno necatum* ('as die liggaam van die afgestorwene met 'n donker vlek gekleur is, dui dit daarop dat hy van gif omgekom het'; vgl. Duff 1970:124). Volgens Conington (1884:305 n.314) verwys die frase na plante met giftige sap (*nigri cum lacte veneni*) soos in Ovidius, *Met.* 11.606-7: ... *herbae quarum de lacte soporem / Nox legit ...* ('... uit die sap van die kruid stook Nag vergetelheid ...').

³⁵² Volgens die Griekse tragedieskrywers is die vel van die Furieë swart (Euripides, *Or.* 321: μελάγχρωτες Εὐμενίδες en *El.* 1345: χειροδράκοντες χρώτα κελαιναί) en hul kledy donker, soos aangedui in Aischulos, *Ch.* 1049: φαοχίτωνες (vgl. Fordyce 1977:125 n.329). Hesiodos, *Sc.* 249 verwys na die Furieë met die term κύνειαι wat volgens Edgeworth (1992:81) op hierdie vroeë stadium van die Griekse digkuns eerder 'swart' as 'blou' of 'donkerblou' is.

³⁵³ In *Aen.* 7.329 kan die term, behalwe vir die chromatiese gebruik, ook emotief voorkom met die genuanseerde betekenis moontlikheid 'grusaam' of 'skrikwekkend': *tam saevae facies, tot pullulat atra colubris* ('so wreedaardig is haar [Alekto se] voorkoms, so skrikwekkend van die wriemelende slange'; vgl. *TLL I. proprie de colore* 1: *de hominibus*).

kom *atris* hier emotief voor met die afgeleide betekenis ‘grieselrig’ wat tot die ysingwekkende toneel bydra.

3 Die uitbeelding van diere se fisiese voorkomste (vgl. *TLL* I.1: *de membris et aliis corporum praecipue aegrotis partibus: animalium, etc.*)

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 3.220-21: *illi alternantes multa vi proelia miscent / vulneribus crebris; lavit ater corpora sanguis* (‘om die beurt takel hulle mekaar met brute krag [wat gepaard gaan] met talle wonde; **donker** bloed maak hul lywe nat’).

Vergilius raai die veeboer aan om sy bulle af te sonder, sodat die pragtige versie³⁵⁴ wat aan’t wei is in Sila se groot woud hulle nie uitlok nie (210: ... *Venerem et caeci stimulos avertere amoris*). Só word nie net hulle kragte gespaar nie, maar dit verhoed ook hewige gevegte, waarin die bulle mekaar so hewig toetakel dat die bloed loop. Dit is opvallend dat *ater* die enigste kleurwoord in hierdie uitbeelding is (209-36), waaruit ons kan aflei dat die digter besondere klem op die kleur van die bloed plaas.³⁵⁵ Omdat vars, druppende bloed implisiet met ’n rooi kleur geassosieer word, kom die frase *ater sanguis* aanvanklik vreemd voor. Volgens Kober (1932:29) en Vels Heijn (1951:81) speel die figuurlike betekenis van geronne bloed en die literêre tradisie hier ’n belangrike rol. As sulks hou *ater* as vaste epiteton verband met die dood, sodat die frase *ater sanguis*³⁵⁶ metafories op die uiteindelijke lot van die verloorder sou dui. In hierdie konteks is dit egter ’n onjuiste beskouing, aangesien die bul as uitgeworpene later terugkeer om met herwonne krag op die onbedagte vyand af te storm (235-36: *post ubi collectum robur viresque refectae, / signa movet praecepsque oblitum fertur in hostem*).³⁵⁷ Só probeer hy om verlore aansien te herwin. Aangesien daar geen sprake van besmette bloed is nie (dikwels deur *sanies* of *tabum* weergegee), kom *ater* in reël 221 tóg chromaties van droë bloed voor, vertaalbaar as ‘donker,’ ook volgens Erren 1985:107 (‘... das dunkle Blut ...’), sonder enige bykomende nuanses. Vergilius kom dus hier vernuwend voor, ook volgens die *TLL*-inskrywing.

³⁵⁴ Sien ook Ovidius, *Am.* 2.12.25-26: *vidi ego pro nivea pugnantem coniuge tauros / spectatrix animos ipsa iuvenca dabat* (‘self het ek bulle gesien wat mekaar takel oor die spierwit versie wat self toegekyk en hul veglus aangewakker het’). In *Aen.* 12.719-21 is *amor* nie ter sprake nie, aangesien daar uitsluitlik geveg word vir leierskap van die trop: *quis nemori imperitet, quem tota armenta sequantur* (719). Die gevolge van *amor* is hier ’n belangrike aspek wat Thomas (2002:119) beskou as nadelig op die werksaamhede van die mens.

³⁵⁵ In reëls 237-41 vergelyk Vergilius die vegtende bulle met ’n onstuimige see waarvan die wit skuimende branders deur *albescere* bepaal word. Sien I. *ALBUS* en *ALBESCERE* 5.i.

³⁵⁶ Hierdie frase verwys terug na die Homeriese *formulae* ἄμᾶ κελαϊνὸν in *Il.* A(1).303; ἄμᾶ κελαϊνεφῆς in *Il.* Δ(4).140 en μέλαν ἄμᾶ in *Il.* Δ(4).149. Antieke Grieke huldig die beskouing dat daar ’n verbintenis tussen die lewe, jeugdigheid en vogtigheid aan die een kant is, en die dood, ’n hoë ouderdom en dorheid aan die ander kant (vgl. Irwin 1974:31). Daarvolgens is bloed die ‘vog’ wat lewe versinnebeeld, sodat verlies van hierdie lewegewende vog ‘swart’ uitgebeeld word as aanduiding van die dood.

³⁵⁷ In *Aen.* 12.715-22 kom ’n soortgelyke geveg voor wat ook in Sila se woud afspeel. In reëls 721-22 is dit opvallend dat geen kleurwoord die groot druppels bloed op die nekke en skowwe van die vegtende bulle uitbeeld nie: ... *et sanguine largo / colla armosque lavant ...* (721-22).

ii. Verg. *Geor.* 3.506-8: ... *interdum gemitu gravis, imaque longo / ilia singultu tendunt, it naribus ater / sanguis* ... ('... soms met 'n swaar gesteun, span sy buitenste flanke met 'n uitgerekte gehyg en drup **donker** bloed uit die neusvleuels ...').

In die volgende voorbeeld is daar tog 'n verdere implikasie met *ater* wat *sanguis* bepaal. Die pes wat Noricum en omgewing tref, is in volle swang en die digter se gedetailleerde uiteensetting van die dodelike effek daarvan op die diere konfronteer die leser met die grusame realiteit. In reëls 507-8 bepaal *ater* die besmette bloed wat uit die perd se neusholtes drup.³⁵⁸ Anders as in *Geor.* 3.220-21 (sien *supra*) dui die frase *ater sanguis* nou genuanseerd op die dood: *mox erat hoc ipsum exitio* ... ('weldra het dit self tot die dood gelei ...')³⁵⁹ – die onvermydelike lot wat op die eens trotse en seëvierende perd (499: *victor equus*) wag. Dit is uitsluitlik die metaforiese gebruik van die frase wat hier belangrik is wat, anders as wat die *TLL* aandui, eerder onder die inskrywing *TLL II. translate* moet ressorteer.³⁶⁰

iii. Verg. *Geor.* 4.407-8: *fiet enim subito sus horridus atraque tigris / squamosusque draco et fulva cervice leaena* ('want skielik sal hy [Proteus] in 'n borselrige vark verander, dan 'n **gevaarlike** tier, 'n skubberige slang en 'n leeu[wyfie] met geelbruin maanhare'; vgl. *TLL I.1: de animalibus*).

Sien XIII. *FULVUS* 6.b.ii. Cirene stel voor dat Aristaeus Proteus raadpleeg oor die rede vir die verlies van sy bye (392-93). Sy waarsku hom dat die siener 'n glibberige kalant is wat, in 'n poging om te ontsnap, allerlei gedaantes kan aanneem, ook dié van 'n tier. Volgens André (1949:49 n.5) is die tier só gevaarlik dat dit as ongedierte (*monstrum*) geklassifiseer word, ook volgens Servius: *id est saeva* (*TLL*). Mynors (1990:310 n.407, met verwysing na Heyne) handhaaf dieselfde mening: *atrum omnino quod terrorem facit* ('[n ongedierte is] te alle tye **gevaarlik**, omdat dit vrees veroorsaak'). Aangesien tiere

³⁵⁸ Hierdie uitbeelding verwys terug na Lucretius, *D.R.N.* 6.1203: *corruptus sanguis expletis naribus ibat* ('besmette bloed het uit die verstopte neusgate gedrup') en opvallend is die frase *corruptus sanguis* wat Vergilius aanpas as *ater sanguis*. In Cicero, *Tusc.* 2.20 kom die frase *decolorem sanguinem* voor wat terugverwys na die frase *χλωρόν αίμά* in Sophokles, *Tr.* 1055. Herakles se bloed word nie deur 'n wapen gestort nie, maar dit het 'n onnatuurlike kleur (*decolorem*) vanweë die gif wat aan hom opgedis is (vgl. Irwin 1974:74).

³⁵⁹ Met die uitsondering van die aangehaalde teksgedeelte (sien *supra*), dui die frase *ater sanguis* meestal metafories op die dood. Dit kom drie keer in die *Aeneis* voor, maar met wisselende naamvalle as aanduiding van Vergilius se voorliefde vir variasie: in die Ablatief in 3.27-29 (*infra*); in die Nominatief in 3.33; en in die Ablatief met omgekeerde volgorde in 3.622: *visceribus miserorum et sanguine vescitur atro* ('[die Kukloop] teer op die vlees en die **donker** bloed van armsalige wesens'). Die frases *ater tabum* en *ater cruor* word nie in die *Georgica* gebruik nie. Eersgenoemde kom twee keer voor in *Aen.* 3.626-27: ... *vidi atro cum membra fluentia tabo / manderet* ('... ek het gesien hoe hy [die Kukloop] hul ledemate wat drup met **donker** bloed fynkou'); en 9.472: *nota nimis miseris atroque fluentia tabo* ('[die hoofde van Nisus en Euryalus] so bekend aan hul treurende [kamerade] drup met **donker** bloed').

Sien ook *ater cruor* in 4.686-87: ... *amplexa fovebat / cum gemitu atque atros siccabat veste cruores* ('... snikkend het sy [Anna] haar [Dido] omhels en vasgedruk en die **swart/donker** druppels bloed met haar klere opgevee'); 9.332-34: ... *truncumque relinquit / sanguine singultantem: atro tepefacta cruore / terra torique madent* ... ('... hy [Nisus] laat [Remus se] romp agter wat stuiptrekkend bloed spuit; die aarde is warm en die kooigoed deurweek met **donker** bloed ...'); en 11.646: *funditur ater ubique cruor* ... ('oral word **donker** bloed gegiet ...'). Laasgenoemde twee verwysings word foutief in die *TLL* aangedui, onderskeidelik as 9.331 (i.p.v. 9.333) en 646 i.p.v. 11.646. [my beklemtoning]

In 9.700-1 (... *reddit specus atri vulneris undam / spumantem* ...) sou die wond met primêre betekenis 'donker' kon wees van gestorte bloed, maar aangesien dit vars, skuimende bloed is, is die uitgebreide betekenis 'dodelike' hier eerder toepaslik: Die diep wond kan Antiphates se lewe eis ('... die holte van die **dodelike** wond lewer 'n skuimende stroom bloed ...'). Sien ook 10.730-31: *sternitur infelix Acron et calcibus atram / tundit humum expirans infractaque tela cruentat* ('die ongelukkige Acron word neergevel en sterwend kap hy met sy hakke die **bloeddeurdrenkte** aarde en hy kleur die afgebreekte pyle met sy bloed').

³⁶⁰ Die *TLL* s.v. 1019, reël 8 verwys hier foutiewelik na *vitulorum aegrotantium*.

nie swart is nie, kom die term volgens Della Corte (1986b:185 n.408) achromaties voor met uitgebreide betekenis ‘gevaarlik’. Minder aanvaarbaar is Erren (2003:947 n.407) se siening dat die tier slegs ‘skrikwekkend’ en nie ‘gevaarlik’ is nie.

iv. Verg. *Aen.* 6.249-51: ... *ipse atri velleris agnam / Aeneas matri Eumenidum magnaëque sorori / ense ferit, sterilemque tibi, Proserpina, vaccam* (‘... met sy swaard offer Aeneas self ’n oilam met **swart** wol aan Nag, die moeder van die Furieë, en ’n onvrugbare koei aan haar magtige suster [Aarde], en aan jou, Proserpina’).

Alvorens Aeneas na die Onderwêreld kan afdaal, offer die Sibille aan Hekate swart bulle (243: *nigrantes ... iuencos*) wat volgens die gebruik in die nag moet plaasvind (252: *tum Stygio regi nocturnas incohat aras* [‘toe begin hy die nagtelike offerandes aan die Stigiese koning’]). **Atri** dui letterlik op die kleur van offerdiere aan die chtoniese gode, hoewel die emotiewe, figuurlike betekenis ook ’n belangrike rol speel om die onheil wat met die Onderwêreld geassosieer word, te beklemtoon. Volgens Vels Heijn (1951:81-82) word swart offerdiere meestal met **ater** uitgebeeld, terwyl diere wat in die algemeen swart voorkom *niger* as attribuut bykry.

4 Tiperend van bome (vgl. *TLL caeruleus, caerulus* B.2: *c. de morte et sepulcro; de inferis*³⁶¹)

Vergilius

Verg. *Aen.* 3.63-64: ... *stant manibus arae, / caeruleis maestae vittis atraque cupresso* (‘... daar staan die altare vir die *manes*, somber met donker wollinte en **dode**-sipres’).

Voordat Aeneas Trasië verlaat, word altare vir die *manes* van Polydorus opgerig. Hy is reeds begrawe en die bestaande hoop grond (22: *tumulus*) word volgens gebruik hoog gestapel om ’n tombe te vorm (vgl. Bailey 1969:260, 297, 299).³⁶² **Atra** dui nie soseer chromaties op die boom se voorkoms nie (vgl. *TLL* I.1: *de arboribus, herbis*), maar word metafories met begrafnis en brandstapels – dus die dood – geassosieer, ook weergegee deur die frase *feralis ... cupressos* in *Aen.* 6.216. As sodanig dra die term met uitgebreide betekenis en genuanseerd tot die somber atmosfeer by.³⁶³

5 As uitbeelding van siektetoestande, bloed en pes (vgl. *TLL* I.1: *de membris et aliis corporum praecipue aegrotis partibus; hominum; animalium, etc., de morbis vitiiis, sim.*)

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 6.1147-48: *sudabant etiam fauces intrinsecus atrae / sanguine ...* (‘ook die **swart** keelgat

³⁶¹ Die inskrywing van die *TLL* I.1: *de arboribus, herbis* word bevraagteken, aangesien die chromatiese gebruik van **ater** nie hier ter sprake is nie, maar wel die genuanseerde betekenismoontlikheid.

³⁶² Volgens Griekse gebruike is die verbranding van ’n liggaam nie ’n volledige verassing nie, aangesien die beendere na die tyd versamel en begrawe is. Die lewensvog (*αἶόν*) word op hierdie wyse gedroog en die gees van die gestorwene (*ψυχή*) het die liggaam van die gestorwene verlaat (vgl. Irwin 1974:40-41).

³⁶³ Die uitgebreide betekenis van **ater** word ook met die dood geassosieer in die beskrywing van Misenus se begrafnis: *Aen.* 6.215-17: *ingentem struxere pyram, cui frondibus atris / intexunt latera et feralis ante cupressos / constituunt ...* (‘hulle het ’n groot brandstapel opgerig, die kante met **begrafnis**loof toegeveg en aan die voorkant dode-sipresse geplant ...’).

het bloed gesweet ...’).

Die digter skets die effek wat die skrikwekkende pes in Athene op die voorkoms van slagoffers het. Die term *atrae* bepaal met die primêre betekenis ‘swart’ die donker, bloedbelope kele van diegene wat ernstig siek is. Die uitwerking op die slagoffers is dodelik en onafwendbaar.

b. Catullus

Cat. 108.5: *effosus oculos voret atro gutture corvus* (‘n kraai sal die uitgerukte oë in sy **swart** keelgat afsluk’).

In Ovidius, *Met.* 2.534-41 kom die fabel van ’n kraai voor, waarvan die kleurverandering van wit na swart die straf vir verraad was. Catullus se moontlik aanklag van *inimica lingua* (3-4) teen Cominius verklaar die verwysing na die kraai. Die digter beplan ’n grusame dood vir Cominius en noem dat sy oë uitgeruk en deur die kraai ingesluk sal word. Hoewel *atro* waarskynlik chromaties op die swart nek- of keelvere van ’n kraai kan dui, kan die epiteton ook met die uitgebreide betekenis die ‘dreigende’ of selfs ‘dodelike’ aard van die voël se keelgat bepaal.³⁶⁴

c. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 2.129-30: [*miscuerunt herbas et non innoxia verba,*] | *auxilium venit ac membris agit atra venena* (‘[as hulle kruie-konkoksies en towerspreuke gemeng het], dien dit as kuur en verdryf dit die **dodelike** gif uit die ledemate’).

Vergilius fokus op die groot verskeidenheid van produkte wat verskillende eksotiese lande oplewer. Met die imperatief *aspice* (114) verplaas hy die leser na die Ooste, waar die voortreflike boom, *Citrus medica*, voorkom. Die vrugte dien as ’n teenmiddel vir gif wat deur ’n wrede stiefmoeder (*mala noverca*) toegedien is (vgl. Thomas 1988a:178 n.128; Mynors 1990:118 n.129). Conington (1881:230 n.129) wys op die dubbele betekenis ‘swart’ en ‘dodelik’ wat beide op die kleur en die effek van die gif dui, terwyl Page (1968:255 n.130) *atra* se afgeleide betekenis ‘onheilspellend’ of ‘dodelik’ voorhou.

ii. Verg. *Geor.* 3.430-31: *stagna colit ripisque habitans hic piscibus atram* | *improbis ingluviem ranisque loquacibus explet* (‘[die Kalabriese slang] boer in moerasse en bly op die oewers en hier prop hy gulsig sy **swart** keelgat vol vis en kwakende paddas’).

Die grillerige beskrywing van slange (414-39) dien as oorgang tot ’n beskrywing van die dodelike pes wat die vee van Noricum en omliggende streke getref het. Hiervolgens kan die slang as die simbool van die pes voorgehou word (419: *pestis acerba boum*; vgl. Thomas 1988b:119 n.414-39). Anders as Nikandros, *Ther.* 366-67 wat na ’n slang verwys wat in vlak water bly en paddas vreet, verryk Vergilius sy beskrywing met detail oor die slang se feesmaal van vis en paddas. Ook sy karakterisering van

³⁶⁴ Met die frase *atro gutture* bespeur Clarke (2003:28 ii) ’n ooreenkoms met die kake van die hel soos aangedui in *Aen.* 6.273: *vestibulum ante ipsum primisque in faucibus Orci* (‘reg voor die ingang, op die drumpel van die kake van die Hel’). Hoewel geen kleurwoord voorkom nie, is daar volgens Clarke tog ’n verbintenis met die dood, aangesien die frase *nox ... atra* in die voorafgaande reël 272 daarop dui: ... *et rebus nox abstulit atra colorem* (‘... en die **donker** nag het alles kleurloos gelaat’).

laasgenoemde met *loquacibus* ('kwakend') verhoog die gevoel van afgryse. Hoewel hy na die groot vlekke op die slang se lang pens verwys (427: ... *notis longam maculosus grandibus alvum*), word die kleur van die vlekke, of van die slang self, geensins aangedui nie.³⁶⁵ Met die primêre betekenis plaas **atram** die fokus op die slang se swart keelgat om emotief die grieseligheid daarvan te beklemtoon. Met uitgebreide betekenis kan die term ook op die slang se 'giftige' of 'dodelike' aard dui (vgl. Thomas 1988b:122 n.430-1). Daar is moontlik 'n verband met die beskrywing van die kraai se swart keelgat in die Catullus-frase ... **atro gutture** (108.5, sien 5.b) en Lucretius se uitbeelding van die slagoffers van die pes met hul swart, bloedbelope kele (*fauces* ... **atrae** in 6.1147, sien 5.a).

iii. Verg. *Aen.* 2.221: *perfusus sanie vittas atroque veneno* ('[Laokoön] se wydingslinte is met etter en **swart/dodelike** gif deurdrenk').

Sinon oortuig die Trojane (196: *credita res*) dat Laokoön oortree het, toe hy 'n spies na die houtperd, 'n offerande aan Minerva, geslinger het. Terwyl hy as priester op die punt was om 'n bul te offer, word hy self die slagoffer van die skrikwekkende slange wat uit die diep see op hom en sy seuns afpeil: *magnum exitium* word hulle lot (vgl. Austin 1964:107 n.223-4). In die teks word die naamwoord *vittas* (implisiet 'wit') visueel omraam met die frases *perfusus sanie* en **atroque veneno**, met **atro** wat op die dubbele betekenis 'swart' en 'dodelik' kan dui. Dit dien veral as beklemtoning van die kontras tussen die eens wit wollinte wat nou met bloed en gif bevlek is.

iv. Verg. *Aen.* 3.27-29: *nam quae prima solo ruptis radicibus arbos | vellitur, huic atro liquuntur sanguine guttae | et terram tabo maculant* ... ('want van die eerste loot wat met losgerukte wortels uit die grond getrek is, vloei druppels **swart/donker** bloed en vlek die aarde met gestolde klonte ...').

Aeneas bring offerandes aan sy moeder Venus en ander gode as die beskermers van sy taak. Aangesien die altare met groen loof en takke bedek moet word, ruk Aeneas herhaaldelik lote (*arbos*) uit die grond, waaruit daar telkens donker bloed drup.³⁶⁶ Die plantestele, met die voorkoms van spiesskagte, groei uit die lyk van 'n deurboorde Polydorus wat weens 'n vervloekte sug na goud (57: *auri sacra fames*) gesterf het. Die frase **atro sanguine** dui ook hier metafories op die dood.

6 Beskrywend van 'n leërmag (vgl. *TLL* I. *proprie de colore* 2: *de armis*)

Vergilius

Verg. *Aen.* 7.525-26: *sed ferro ancipiti decernunt atraque late | horrescit strictis seges ensibus, aeraque*

³⁶⁵ Daarenteen het die uitbeelding in *Aen.* 5.87-88 'n positiewe konnotasie: [*anguis*] *caeruleae cui terga notae maculosus et auro | squamam incendebat fulgor* ... (['n slang'] met donkerblou kolle op sy rug en skubbe wat glinster met 'n goue glans ...'). Edgeworth (1992:109) verwys na Hesiodos, *Sc.*166 f. wat ook gevlekte slange beskryf met blou op die rug en swart kake. Aan die begin van reël 167 dui die besondere plasing, betekenis en klank van die frase *κυάνεοι κατὰ νῶτα* op die ooreenstemmende *caeruleae cui terga notae* met 'swart' wat opvallend weggelaat is vanweë die positiewe aard van die teken.

³⁶⁶ Aeneas probeer 'n tweede keer om van 'n ander struik se takke uit te pluk en weer verskyn daar bloed wat **ater** met die primêre betekenis bepaal: *Aen.* 3.33: **ater** *et alterius sequitur de cortice sanguis* ('ook van 'n ander [struik] drup **donker** bloed uit die stam'). Opvallend is die omringing van hierdie versreël met **ater** en *sanguis*.

fulgent ('maar met geslypte staal veg hulle en wyd staan die **donker** oes, regop met getrokke swaarde, die brons blink').

Die Trojane kom tot Ascanius se redding en die linies word opgestel. Die gewapende manskappe met hul getrokke swaarde het die voorkoms van 'n ploegland waar die oes reeds droog en stekelrig staan. Edgeworth (1992:81) bevraagteken die frase *atra ... seges*, aangesien swaarde uit blink brons vervaardig is en dus nie 'donker' kan voorkom nie.³⁶⁷ Vergelykenderwys kom die frase *atrum agmen* ook voor in *Aen.* 12.450 (*ille volat campoque atrum rapit agmen aperto* ['hy haas vooruit en lei die **donker** linie oor die oop vlakte']). Die frase kan selfs terugverwys na Ennius, fr.li.502 (474) (Skutsch): *it atrum campis agmen* ('die **donker** linie beweeg oor die vlaktes') en die uitbeelding na Homeros, *Il.* Δ(4).281-82: ... φάλαγγες | κῦάνεαι, σακεσίν τε καὶ ἔγχεσι πεφρικυῖται ('... 'n donker falanks, 'n geruis/beweging van skilde en spiese').³⁶⁸ Edgeworth verklaar die frase as die uitbeelding van gewapende manskappe wat van ver waargeneem word en daarom 'donker' voorkom.³⁶⁹ Vergilius kon moontlik hierdie bronne in gedagte gehad het, maar Edgeworth verreken nie die uitgebreide betekenis 'dreigend' of 'onheilspellend' nie, dus die geïmpliseerde emosionele konnotasie van die term. *Ater* kan dus hier chromaties voorkom, met die emotiewe gebruik wat ewe belangrik is (vgl. Fordyce 1977:156 n.525).

7 Van plekke (vgl. *TLL* I.3: *de terra, terrenis, domiciliis, locis, localibus rebus*)

Vergilius

i. Verg. *Aen.* 1.165: ... *horrentique atrum nemus imminet umbra* ('... en 'n **donker** woud met trillende skadu hang bo-oor').

Neptunus kalmeer die storm en Aeneas en sy uitgeputte manne vind 'n beskutte baai waar hulle aan wal kan gaan. *Atrum* bepaal met die primêre betekenis die donker voorkoms van die woud wat oënskynlik koelte en lafenis suggereer. In hierdie konteks kom die term met afgeleide betekenis voor om die skaduagtige woud te beklemtoon³⁷⁰ wat volgens die *TLL* as *umbrosum et obscurum* aangedui word.

ii. Verg. *Aen.* 7.801: *qua Saturae iacet atra palus* ... ('[n leërskaar van soldate is afkomstig van die land] waar die **swart** moeras van Satura lê ...').

Sommige van Turnus se vegters is afkomstig van Satura (vgl. Edgeworth 1992:82) wat deel was van

³⁶⁷ In sy beskrywing van swaarde vergelyk Homeros, *Il.* B(2).455-58 die glans van die wapentuig met 'n brand in 'n woud wat koperkleurig tot by die hemel styg. Sien ook Lucretius, *D.R.N.* 2.325-36: *fulgor ... ad caelum se tollit totaque circum | aere renidescit tellus* ... ('... die glans styg ten hemele en rondom die ganse aarde glinster dit met brons...').

³⁶⁸ Irwin (1974:86-87) wys tereg op die troepe wat κῦάνεος, dus 'donker,' voorkom.

³⁶⁹ Wanneer 'n kleurwoord wapens bepaal, moet daar volgens Kober (1932:29) onderskei word tussen die kleur van die metaal (*ater* en μέλας kan dikwels 'donker' beteken, eerder as 'swart'), die kleur van bloed op die wapen en die metaforiese gebruik van die kleurwoord wat op die vernietigende aard van die wapen dui.

³⁷⁰ In die volgende voorbeelde dui *ater* chromaties op woude se donkerte wat aangename koelte suggereer, maar genuanseerd ook op gevaar kan dui: *Aen.* 7.565-66: ... *densis hunc frondibus atrum | urget utrimque latus nemoris* ... ('... die **donker** rant van die woud omsoom met sy digte blare [Ampsactus se vallei] aan beide kante ...'); en met deels-herhaling van hierdie reëls in *Aen.* 11.523-24: ... *quam densis frondibus atrum | urget utrimque latus* ... ('... [daar is 'n vallei] wat 'n **donker** rant van digte blare aan beide kante inperk ...').

die Pontynse Moeras (vgl. Fordyce 1977:201 n.801). *Atra* dui met primêre betekenis op die ‘donker’ of ‘swart’ voorkoms van hierdie moeras wat klaarblyklik kenmerkend daarvan was.

8 Tipierend van die Onderwêreld en grotte (vgl. *TLL* I. *proprie de colore, sed subest multis notis nota terroris ... [saepe de inferis]*)

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 3.966: *nec quisquam in barathrum nec Tartara deditur atra* (‘en niemand word aan die bodemlose poel en **donker** Tartarus oorgelewer nie’).

Vir Lucretius bestaan daar volgens Epikuros se leerstelling geen doderyk nie en daarom is daar geen rede om Tartarus te vrees nie. Wanneer iemand sterf, word ’n nuwe liggaam uit die oue geskep in ’n proses wat so rustig is as slaap. Die frase *Tartara ... atra* kan terugverwys na die Homeriese frase *Τάρταρον ἠερόεντα* (‘donker/somber Tartarus’) in *Il.* Θ(8).13, sodat *atra* met die primêre betekenis op die absolute donkerte dui wat gewoonlik met die Onderwêreld geassosieer word.

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.242-43: *hic vertex nobis semper sublimis; at illum / sub pedibus Styx atra videt Manesque profundi* (‘hier is die pool altyd hoog bo ons; maar **donker** Styx en die doderyk beskou die ander pool aan die onderkant van die aarde’).

In sy uiteensetting van die landbouer se kalender, plaas Vergilius in ’n ongewone kombinasie van mitologie en geografie die noordpool met sy konstellasies bo ons (vgl. Thomas 1988a:109 n.242-3). Daarenteen is die suidpool aan die onderkant van die aarde onder ons voete (*sub pedibus*) waar dit vir die doderyk sigbaar is. Volgens Thomas kan hierdie vreemde stelling moontlik terugverwys na Lucretius, *D.R.N.* 3.27: *sub pedibus quaecumque infra per inane geruntur* (‘watookal daaronder in die leemte onder ons voete uitgevoer word’) wie se interpretasie oortuigend is, want Vergilius lê juis klem op die duistere doderyk, hoewel dit vir Lucretius geensins bestaan nie. Die frase *sub pedibus* aan die begin van die reël is dus ’n klein, maar belangrike woordweerklink om Lucretius se passasie in herinnering te roep. Omdat hierdie tweede pool vir Vergilius in dieselfde relatiewe posisie is as die Doderyk, assosieer hy hierdie pool met die ewigduurende duisternis van die Onderwêreld in reëls 247-48: *illuc ... intempesta silet nox / semper et obtenta densentur nocte tenebrae* (‘daar swyg tydlose nag altyd en word die skaduwee digter asof versluis deur die nag’). Die donkerte wat met die Styx vereenselwig word, word hier met *atra* se primêre betekenis bepaal.

Dit is opvallend hierdie inskrywing gelys is in *TLL* I.3: *de fluviiis aquis, mari* wat ook op die genuanseerde gebruik van die term dui, hoewel met ’n foutiewe verwysing na *Geor.* 1.253 in plaas van die genuanseerde 1.243. [my beklemtoning]

ii. Verg. *Aen.* 1.60: *sed pater omnipotens speluncis abdidit atris* ('maar die almagtige vader het [winde] in **donker** grotte toegemaak').³⁷¹

Om te keer dat winde die see, land en hemel onbeheersd teister, versteek Jupiter die magtige winde in grotte en plaas hoë berge bo-oor hulle. Hy gee aan Aeolus die mag om hierdie winde los te laat of in te perk. *Atris* met die primêre betekenis dui op die voorkoms van die grotte wat 'swart' of 'donker' vertoon, óf vanweë die afwesigheid van lig, óf weens die ingeperkte furie van die winde.

iii. Verg. *Aen.* 6.127: *noctes atque dies patet atri ianua Ditis*³⁷² ('**donker** Dis³⁷³ se poort lê dag en nag oop'; sien ook die *TLL*. 1.3: *de fluviis aquis, mari*).

Aeneas weet dat die toegang na die Onderwêreld³⁷⁴ by Avernus is (106: ... *hic inferni ianua regis* ['... hier is die ingang na die Onderwêreld']), maar hy versoek nietemin die Sibille om die pad na Anchises aan te dui (109: *doceas iter*). Ook Homeros, *Il.* B(2).834 beskryf die Onderwêreld en die betrokke gode as 'swart,' aangesien hulle met die dood geassosieer word: μέλανος θανάτοιο (vgl. Edgeworth 1992:79). Volgens Hermann en Cagiano de Azevedo (1969:386) word die doderyk met die absolute kleurloosheid³⁷⁵ van donkerte vereenselwig wat deur die voorkoms van die grot, die swart meer en die skaduagtige woude beklemtoon word. Ook word Dis deur *atri* bepaal wat ook emotief met die uitgebreide betekenis 'skrikwekkend' voorkom, 'n betekenismoontlikheid wat die *TLL* I. *proprie* aandui as relevant tot *multis notis nota terroris, abominationis, damni, perniciei (saepe de inferis)*.

³⁷¹ Die beskrywing verwys terug na Lucretius, *D.R.N.* 6.193: *in statione locata sepultis undique ventis* ('wanneer die winde aan alle kante ingeperk is in hul aangewese plek').

³⁷² Volgens Austin (1977:80 n.127) is die spondee in die eerste versvoet ongewoon en relatief skaars in Vergilius. Die frase *noctes atque dies* verwys terug na Lucretius, *D.R.N.* 2.12 en 3.62.

³⁷³ Volgens L&S *s.v.* *Dis* kom die Nominatief van hierdie woord selde in poësie voor. Hoewel die term *ater* baie treffend die skrikwekkende onheil van die Onderwêreld uitbeeld, word *niger* ook gebruik, onder andere by Ovidius, *Met.* 4.438: *nigri ... Ditis*. Propertius 4.11.2 verwys na die swart poort van *Dis* (*ianua nigra*), soos ook Manilius 2.951 (*nigri ... Ditis ianua*; vgl. Edgeworth 1992:79).

³⁷⁴ In die volgende *Aeneis*-passasies word verskillende fasette van die Onderwêreld met *ater* uitgebeeld, nie slegs chromaties nie, maar ook emotief met bykomende nuanses. Sien 6.132: *Cocytus sinu labens circumvenit atro* ('Cocytus met sy **swart** kronkeling gly daarom'); 6.240-41: ... *talīs sese halitus atris | faucibus effundens supera ad convexa ferebat* ('... vanuit die **donker** kake het daar so 'n walm gehang wat na die hemelruim daarbo opgestyg het'); 6.576-77: *quinquaginta atris immanis hiatibus Hydra | saevior intus habet sedem ...* ('daar binne, nog boosaardiger, hou die monsteragtige Hudra met vyftig **swart** oopgesperde bekke die wag ... '); 6.601-3: *quid memorem Lapithas, Ixiona Pirithoumque, | quos super atra silex iam iam lapsura cadentique | imminet adsimilis ...?* ('wat moet ek vertel van die Lapithae, Ixion en Pirithoüs, van die **swart/dreigende** rots bo-oor hulle wat lyk asof dit enige tyd sal gly en val ...?'); en 9.104-6 (reël 105 = 10.113): *dixerat idque ratum Stygii per flumina fratris, | per pice torrentis atraque voragine ripas | adnuit ...* ('hy het klaar gepraat en met 'n kopknik [sy woorde] bekragtig by die rivier van sy Stigiese broer en by die oewers malend met pik in die **donker/onheilspellende** maalgat ...').

Volgens Edgeworth (1992:82) dui die talle beskrywing van Cacus en sy afskuwelike en skrikwekkende blyplek met die term *ater* op 'n moontlike konneksie met die Onderwêreld: 8.198-99: *huic monstro Vulcanus erat pater: illius atros | ore vomens ignis magna se mole ferebat* ('Vulcanus was die vader van hierdie monster; syne was die **skrikwekkende** vuurtongue wat hy uit sy bek braak en met sy logge lyf sleep hy homself voort'); 8.258: ... *nebulaque ingens specus aestuat atra* ('... en die massiewe grot is gehul in 'n **donker** mistigheid '); en 8.262: *panditur extemplo foribus domus atra revulsis* ('onmiddellik word die deure aferuk en die **donker/afskuwelike** nes word blootgelê').

³⁷⁵ Digters se beskouing van 'kleurloosheid' het beslag in die wetenskaplike denkwysse van filosowe. Sien in hierdie verband Hermann en Cagianno de Azevedo 1969:387-88.

9 As epiteton van die see (vgl. TLL I. 3: *de fluviis, aquis, mari*)

Vergilius

Verg. *Aen.* 5.2: *certus iter fluctusque atros Aquilone secabat* ('op 'n vaste koers klief [Aeneas se vloot] die golwe wat **onstuimig** is van die noordewind').

Aeneas se skepe word op die oop see deur die noordewind³⁷⁶ aangedryf wat gewoonlik 'n erge storm laat opsteek. In plaas van die gebruiklike *caeruleus* van die see, gebruik Vergilius nou **atros** met die afgeleide betekenis, om só die onstuimige golwe uit te beeld wat tot die onheilspellende beskrywing bydra.³⁷⁷

10 By die uitbeelding van wolke, mis, donderstorms en winde (vgl. TLL I.4: *de aëre, caelestibus*)

a. Lucretius

i. Lucr. *D.R.N.* 6.180-82: *ergo fervidus hic nubem cum perscidit atram | dissipat ardoris ... | semina ...* ('wanneer hierdie warm wind deur die **donker** wolk sny, versprei dit hitte se atome ...').

Lucretius verduidelik dat weerlig ontstaan wanneer wolke bots. Dan dring 'n warm wind die wolk binne, breek dit op om vuuratome vry te stel wat as bliksemskigte deur die lug klief. **Atram** bepaal hier met die primêre betekenis die donker voorkoms van die wolk, hoewel die genuanseerde betekenismoontlikheid, 'dreigend' of 'onheilspellend,' ook hier aanvaar kan word.

ii. Lucr. *D.R.N.* 6.256-59:

*praeterea persaepe niger quoque per mare nimbus,
ut picis e caelo demissum flumen, in undas
sic cadit effertus tenebris procul et trahit atram
fulminibus gravidam tempestatem ...*

Daarbenewens stort daar baie dikwels oor die see 'n donker wolk op die golwe neer, vol van veraf duisternis soos 'n stroom pik gegiet uit die hemel, en dit bring 'n **verwoestende** storm, swaar van weerligstrale ...

Lucretius beskryf die geleidelike opbou van 'n storm (*tempestatem*) met die frase *niger nimbus* met *niger* wat suiwer chromaties gebruik word. Die voorkoms van hierdie wolk verdonker geleidelik om die kleur van pik aan te neem (*picis ... flumen*) wat as skakering die diepste, donkerste kleur van swart is. Aangesien hierdie beskrywings nie genuanseerd gelaai is nie, span Lucretius nou **atram** in om, moontlik vir die eerste keer in die ekstente Latynse letterkunde, 'n bykomende nuanse aan hierdie term te koppel: Die uitgebreide betekenismoontlikheid 'dreigend' kan ook as 'verwoestend' voorgehou word.

³⁷⁶ Sien Aulus Gellius, *N.A.* 2.30: *Austris spirantibus mare fieri glaucum et caeruleum, Aquilonibus obscurius atriusque* ('wanneer die suidewind waai, word die see grys en donker, [maar] met die noordewind is dit [selfs nog] donkerder en **onstuimiger**'; vgl. Edgeworth 1992:78).

³⁷⁷ In Horatius, *Carm.* 3.27.18-19 dui **ater** met die afgeleide betekenis 'onheilspellend' op die onstuimige water van die Adriatiese See: ... *Ego quid sit ater | Hadriae novi sinus ...*

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.235-36: *quam circum extremae dextra laevaue trahuntur / caeruleae, glacie concretae atque imbribus atris* ('daaromheen aan die verste eindes, strek twee [streke] aan die regter- en linkerkant, donker met saamgepakte ys en **dreigende** donderbuie').

Sien XXII. *CAERULEUS* 2.c.i. Vergilius beklemtoon eers die belangrikheid van sterretekens om die korrekte saaityd vir gewasse vas te stel (204-30) en volg dit op met 'n beskrywing van die hemelse sfeer se vyf sones (233).³⁷⁸ Die son se jaarlikse pad loop in die middel deur die versengende hemelstreek, terwyl die parallelle gordel op aarde die middelstreek is wat vanweë die blakerende son vlamwend rooi (234: *rubens ... ab igni*)³⁷⁹ en dor gebak is. Aan weerskante hiervan is die poolstreke wat in kontras donker vertoon van harde ys en onweerswolke.³⁸⁰

Hierdie beskrywing van die hemelse sfeer dui op 'n tema wat herhaaldelik in die *Georgica* voorkom. Volgens Thomas (1988a:81 n.84-93) is daar deurentyd 'n interaksie tussen hitte en dorheid, ook tussen koue en vogtigheid. Tematies word daar in hierdie passasie na twee elemente verwys, koue en vogtigheid wat waarskynlik as kontras dien vir die middelste streek wat rooiwarm en droog gebak is. Twee kleurwoorde omsluit reël 236: *caeruleae* in die aanvangsposisie en *atris* in die finale versvoet.³⁸¹ Volgens Edgeworth (1992:55) assosieer Vergilius *caeruleus* met vog (*glacie concretae*),³⁸² terwyl Servius dit met koue vereenselwig (*ipse color convenit frigore*; vgl. Mynors 1990:55 n.236; *TLL* s.v. *caeruleus* B.2: c. *de frigore*). Die gebruik en noukeurige plasing van twee kleurwoorde is hier belangrik, aangesien die digter 'n bykomende element wil beklemtoon: die onherbergsaamheid van die poolstreke. Volgens Austin (1964:160-2 n.381) dui *caeruleae* op 'n glansende, donker voorkoms, hoewel glans nie gewoonlik met hierdie term verbind word nie. Aangesien *caeruleus* die Latynse ekwivalent van *κυάνεος* is, hier *κελαινότεροι κυάνοιο* (uit die Eratosthenes-fragment van die *Hermes*), beskou Mynors (1990:55 n.236) die donkerte as onheilspellend. Volgens Della Corte (1986a:50 n.236) sluit *caeruleae* (met die betekenis 'donker') dus goed aan by *atris* wat emotief met die betekenismoontlikhede 'onheilspellend' en 'dreigend' op digte reënwolke dui wat die lug verdonker.

³⁷⁸ Vergilius steun hier swaar op die sterrekundige en geograaf, Eratosthenes, *Hermes* (fr. 16 Powell; sien Eratosthenes-tekste in Bylaag A van Mynors 1990:325-26) wat die uitbeelding van die vyf streke met *πέντε* (3) begin, vanwaar Vergilius se *quinque* in reël 233. Vergilius se verwysing na die hemelse sfere met die ooreenstemmende aardse streke verskyn nie in die Griekse bron nie, maar volgens Thomas (1988a:107-8, met verwysing na Morel) kan dit moontlik terugverwys na Varro Atacinus: *at quinque aethereis zonis accingitur orbis* ('maar die aarde word deur vyf streke omvat'). In Aratus, *Phaen.* 244-48 is die vyf sones die hemelse sones van die diereriem, maar Vergilius se vermelding van Skithië, die berge van die Noorde, Libië en die data oor temperature breek weg van die oorspronklike geografiese detail (vgl. Richter 1957:152 n.233). Vergilius noem slegs die twee gematigde streke (van Eratosthenes se *ἑύκρητοι* = *tempero*, 'om te meng' [vgl. Thomas 1988a:108-9 n.237-8]) waar alle menslike aktiwiteite plaasvind. In realiteit word min inligting verskaf, uitgesonder die herhaling van die stam *temp-* in reëls 247-58 wat op die wisselende weersomstandighede van hierdie streke dui.

³⁷⁹ Sien XVIII. **RUB*-groepering 2.b.i.

³⁸⁰ Soos ook in die *Aeneis* het donker onweerswolke meestal 'n negatiewe konnotasie (vgl. Nisbet en Rudd 2004:359 n.43-5). Daarenteen simboliseer sonskyn goeie en voorspoedige tye, onder andere in Catullus 8.3: *fulsere quondam candidi tibi soles*. Sien II. *CANDIDUS* 7.b.

³⁸¹ Erren (2003:147-48 n.236) assosieer hierdie twee kleurterme met die donkerste skakering van 'n diep donkerblou (volgens 'n fragment van Eratosthenes, *Hermes* 2 [Powell]: *γλαυκοῖο κελαινότεροι κυάνοιο* ['donkerder as die groen-blou see']). In Aratus, *Phaen.* 329, 398 en 702 word dit met die basiese donker kleur van die konstellasies vereenselwig.

³⁸² Die frase *glacie concretae atque imbribus atris* verwys terug na 'n fragment van Eratosthenes, *Hermes* 8: *αἰεὶ κρυμαλέαι, αἰεὶ δ' ὕδατι νοτέουσαι* ('altdyd ysig, altdyd nat met voortdurende koue'; vgl. Thomas 1988a:108 n.235-6).

ii. Verg. *Geor.* 1.320-24:

... *ita turbine nigro*
ferret hiems culmumque levem stipulasque volantis. | ... |
et foedam glomerant tempestatem imbribus atris
collectae ex alto nubes; ...

... só dra die storm in 'n donker dwarrelwind die ligte halms en vlieënde stoppels voort ...
en wolke wat van die see se kant af saamgedryf is, pak dan saam tot 'n genadelose storm
met **verwoestende** donderbuie ...

Sien VII. *NIGER* 6.c.i. Die beskrywing van storms in reëls 311-34 dien as die tweede *crescendo* van Boek 1 (sien Hoofstuk 6.1.2: C.d) en dien as oorgang tussen die landbouer se kalender en die *signa* wat die weergesteldheid aandui (vgl. Thomas 1988a:120 n.311-50). Veral in die herfs, met die dae wat korter word en die somer sagter, kan storms sonder waarskuwing opsteek (311-15).³⁸³ Dag-en-nag-ewening is 'n onseker tyd. Wanneer graankorrels in die lente aan groen halms (315: *viridi stipula*)³⁸⁴ melkerig uitswel, moet die landbouer bedag wees op gietende reënbuie, maar dikwels (322: *saepe*) – as die graan reeds goudgeel op die landerye gestaan het (*flavis... arvis*)³⁸⁵ en oesters die ryp graan gestroop het – waai 'n donker dwarrelwind (*turbine nigro*) die vlieënde stoppels hoog die lug in. Dit gebeur ook dikwels (322: *saepe etiam*) dat onweerswolke saampak om in 'n verwoestende storm (323: *imbribus atris*) landerye te oorspoel en harde werk tot niet te maak. Asof in 'n finale *crescendo*, slinger Jupiter self (328: *pater ipse*) flitsende bliksemskigte (*corusca fulmina*) wat skerp afsteek teen die onweerswolke wat net so donker vertoon as middernagtelike duisternis (... *media nimborum in nocte* ...). Dan sidder die aarde van die donderslae, diere slaan op die vlug en vrees verlam sterflinge (330-31: *terra tremit, fugere ferae et mortalia corda | per gentis humilis stravit pavor* ...).

Die groen voorkoms van brose, jong graan (315) en later in die seisoen die geelryp kleur van koring (316-17) staan in skerp kontras met die donker, onheilspellende voorkoms van die hewige storm. Dit word in reëls 323-24 met drie naamwoorde – *tempestatem*, *imbribus* en *nubes* – weergegee en verder met die epiteta *foedam* en *atris* in reël 323 beklemtoon (vgl. Erren 2003:183 n.323). Vergilius se beskrywing kan na Lucretius, *D.R.N.* 6.256-58 (sien *supra*) terugverwys: Beide die digters gebruik *niger* en *ater*, met *niger* wat die geleidelike verdonkering en opbou van die storm chromaties uitbeeld, terwyl die intensiteit van die verwoestende donderbuie met *atris* weergegee word. Soos in Lucretius,

³⁸³ Mynors (1990:72 n.320-1 en 322-4) vergelyk die storm met die verskillende bewegings van Beethoven se Simfonie nr 6. Ook verwys hy terug na Homeros, *Il.* Δ(4).275-79:

ὥς δ' ὅτ' ἀπὸ σκοπιῆς εἶδεν νέφος αἰπόλος ἀνήρ
ἐρχόμενον κατὰ πόντον ὑπὸ Ζεφύροιο ἰωῆς·
τῷ δέ τ' ἀνευθεν εἶοντι μελάντερον ἢ ὕτε πίσσα
φαίνεται ἰὸν κατὰ πόντον, ἄγει δέ τε λαίλαπα πολλήν·
ρίγησέν τε ἰδὼν, ὑπὸ τε σπέος ἤλασε μῆλα·

Soos wanneer 'n bokwagterman [*sic*] van sy uitkykplek af 'n wolk oor die see sien kom voor die vaart van die westewind; vir hom lyk dit veraf swarter as pik soos dit oor die see kom en baie dwarrelwinde saambring; hy sidder as hy dit sien, en jaag sy bokke onder 'n spelonk in.

(vertaling deur Van Rensburg 1954)

³⁸⁴ Sien XXIII. **VIR-GROEPERING* 1.c.iii.

³⁸⁵ Sien XII. *FLAVUS* en *FLAVEO* 5.b.i en ii.

kom laasgenoemde term veral emotief voor met die bykomende nuanse ‘verwoestend’ of ‘skrikwekkend’.

iii. Verg. *Aen.* 1.511-12: [*Aeneas videt*] *Teucrorumque alios, ater quos aequore turbo*³⁸⁶ / *dispulerat penitusque alias avexerat oras* (‘[Aeneas bemerk] ander Trojane wat die **verwoestende** rukwind vantevore oor die water verstrooi en ver na ander strande weggevoer het’).

Tussen die groot menigte herken Aeneas en Achates die bekende gesigte van hul makkers. Daar is aanvanklik gevrees dat hulle in die verwoestende storm omgekom het, waarvan die intensiteit met die bykomende nuanse ‘dreigend’ of ‘onheilspellend’ van *ater* beklemtoon word.

iv. Verg. *Aen.* 5.693-94: *vix haec ediderat cum effusis imbribus atra* / *tempestas sine more furit* ... (‘noulks het hy [Aeneas] hierdie dinge geuiter, of ’n **verwoestende** storm met gietende reënvlae het onbeteueld losgebars ...’).

Juno, die wrewelrige dogter van Saturnus, stuur Iris om in die gedaante van Beroë, die bejaarde vrou van Doryclus, Aeneas se skepe aan die brand te steek. Die dreigende onweer ontwikkel tot ’n kragtige storm met donder en hewige reënbuie. Die term *atra* beeld genuanseerd die intensiteit van die storm uit as ‘dreigend,’ ‘verwoestend’ of ‘onheilspellend,’ verder beklemtoon met die superlatief *nigerrimus* in reël 696. Volgens Edgeworth (1992:30, 79) is daar egter ’n positiewe uitkoms, aangesien die gietende reën wat van Jupiter afgebid is, die vlamme doof en meeste van Aeneas se skepe gered word.³⁸⁷

³⁸⁶ In die *Aeneis* bepaal *ater* die woord *turbo* drie keer met die primêre betekenis ‘donker’ en met die emotiewe implikasie van die dreigende geweld van die rukwind: 1.511 (*supra*); 10.602-4: *talia per campos edebat funera ductor / Dardanius torrentis aquae vel turbinis atris / more furens* ... (‘die Trojaanse aanvoerder het ’n slagting op die vlakte veroorsaak wat so **verwoestend** is soos die kolking van water of ’n donker/verwoestende rukwind ...’); en 12.923-24: ... *volat atris turbinis instar / exitium dirum hasta ferens* ... (‘... die spies vlieg voort soos ’n **verwoestende** warrelwind gemik op ondergang en verskrikking ...’). Ook hier kom Vergilius se voorliefde vir variëteit na vore (vgl. Edgeworth 1992:75) met die besondere woordkeuse en wisselende woordorde: *ater* ... *turbo* in die Nominatief in 1.511; in die Genitief met omgekeerde woordorde in 10.603 (*turbinis atris*), maar met *atris turbinis* in 12.923. In 5.19-20 bepaal die kleurwoord met afgeleide betekenis die Weste as ‘dreigend’: *mutati transversa fremunt et vespere ab atro / consurgunt venti* ... (‘die winde het van rigting verander, hulle dreun dwars oor ons roete en vanuit die **donker** weste pak hulle saam ...’).

³⁸⁷ In die *Aeneis* gebruik Vergilius ’n verskeidenheid van naamwoorde van wolke en storms, onder andere *nebula*, *nubila*, *nubis*, *tempestas*, *hiems* en *caligo*. Met die uitsondering van ’n enkele passasie in *Aen.* 5.693-94 (sien *supra*), word *ater* telkens met ’n negatiewe betekenis vereenselwig. In hierdie passasie, soos ook dié hieronder, is die primêre betekenis ‘donker,’ maar die uitgebreide betekenis met bykomende nuanse ‘dreigend,’ of ‘onheilspellend’ is telkens ook belangrik. Sien 9.36: *quis globus, o cives, caligine volvitur atra?* (‘burgers, watter massa kom daar in ’n **donker/dreigende** stofwolk aangerol?’); en in 11.876-77: *volvitur ad muros caligine turbidus atra / pulvis* ... (‘warrelend kom dit na die mure aangerol in ’n **donker/dreigende** stofwolk ...’).

In drie passasies word daar vergelykings getref. Aeneas se manskappe is soos wolwe wat jag, sien 2.355-57: ... *lupi ceu / raptore atra in nebula, quos improba ventris / exegit caecos rabies* ... (‘... soos wolwe wat aan’t jag is in **donker** mistigheid, blindelings aangedryf deur die knaende waansin van hongerpyne ...’); in 2.515-17 is Hecuba en haar dogters soos duive: *hic Hecuba et natae nequiquam altaria circum / praecipites atra ceu tempestate columbae / condensae* ... (‘hier het Hecuba en haar dogters tevergeefs om die altaar saamgebondel, soos duive wat halsoorkop voor ’n **donker/verwoestende** storm uitvlieg ...’); en in 10.264-66 word klank en kleur betrek: Aeneas se aanmoediging van sy manne word vergelyk met die gekras van kraanvoëls: ... *quales sub nubibus atris / Strymoniae dant signa grues atque aethera tranant / cum sonitu* ... (‘... só gee die kraanvoëls van Strymon seine en onder **onweers**wolke klief hulle die lug met hul gekras ...’).

Sien ook 4.248-49: *Atlantis, cinctum adsidue cui nubibus atris / piniferum caput et vento pulsator* ... (‘Atlas wie se denomkransde kop voortdurend deur **donder**wolke en wind geteister word ...’); 7.213-14: ... *nec fluctibus actos / atra subegit hiems vestris succedere terris* (‘... geen **donker** [winter-]storm het ons oorval en oor golwe aangedryf om in julle land skuiling te soek nie’); 10.664: *sed sublime volans nubi se immiscuit atrae* (‘maar dit [’n skimbeeld] vlieg hoog en verdwyn in die **donker/dreigende** wolk’).

Die term kom uitsluitlik chromaties voor in 5.512 met teksvariante: *illa Notos atque alta* (Oxford) | *atra* (Konkordans) *volans in nubila fugit* (‘dit [die duif] ontvlug na die suidewind en na die hoë/**donker** miswolk’).

11 Tiperend van pik, vlamme, fakkels, rook en as (vgl. *TLL* 1.4: *de igne, igneis*, by gebrek aan 'n relevante afdeling)

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.273-75: *saepe oleo tardi costas agitator aselli | vilibus aut onerat pomis, lapidemque revertens | incusum aut atrae massam picis urbe reportat* ('dikwels laai die drywer sy halsstarrige donkie se rug met olie of goedkoop vrugte en, wanneer hy terugkeer van die stad, bring hy 'n uitgekapte vuurklip of 'n klont swart pik terug').³⁸⁸

Die landbouer se kalender sluit elke negende dag 'n markdag (*nundinae*) in wanneer hy sy opbrengs in die stad verkoop. Vergilius beskryf 'n boer wat 'n donkie se rug swaar laai met handelware.³⁸⁹ Meeste van die naamwoorde het hier 'n bepaler en selfs die pik wat reeds die kleur swart impliseer, kry *atrae* daarby. In die *Georgica* kom die frase 'swart pik' slegs hier voor en dit bly onduidelik waarom die digter hierdie pleonasme gebruik. In plaas van die meer bekende woord *asinarius* (van 'n professionele donkieboer of -drywer), kom die poëtiese woord *agitator* voor (vgl. Mynors 1990:62 n.273) wat ook van 'n strydwa-drywer in die *Circus* gebruik word (*OLD ad loc.: agitator [equorum]*). Aangesien *asellus*³⁹⁰ 'n verkleinwoord is (volgens die agtervoegsel *-ellus*, sien die *OLD*), reken Watson (1983:123) dat só 'n woordvorm 'n groter emosionele impak het. Die digter speel dus hier die halsstarrige klein donkie, wat nou al ons simpatie het, af teen die *agitator* met die konnotasie van 'n bedrewe strydwa-drywer om só 'n amusante effek te bewerkstellig. *Atrae* word hier suiwer chromaties gebruik, hoewel dit 'n ope vraag is waarom Vergilius hierdie term wat ook met emotiewe assosiasies en/of bykomende nuanses vereenselwig word, hier aanwend. Die inskrywing in die *TLL* 1.3: *de terra, terrenis, domiciliis locis, localibus rebus* word in hierdie geval bevraagteken.

ii. Verg. *Geor.* 2.308-9: *et totum involvit flammis nemus et ruit atram | ad caelum picea crassus caligine nubem* ('en [die vonk] hul die ganse woud in vlamme en dig met pikswart rook, skiet dit in 'n donker wolk hemelwaarts').

Sien VIII. *PICEUS* 1.i. Vergilius beskryf 'n brand wat 'n woud vernietig wat die gevolg is van die vonkie wat nalatige herders laat val het. Eers skuil dit ongemerk onder die olierige bas van die wilde-olyf (*Olea silvestris*), om dan skelmpies al langs die stam op te glip na die blare. Daarvandaan skiet dit met 'n magtige gedruis die hemel in en sprei oor al die takke en boomtoppe om vandaar met 'n swart rookwolk die lug in te trek. Hierdie beskrywing word planmatig aangebied: Eers aan die einde van reël 308 volg *atram* in die beklemtoonde laaste versvoet, waarvan die kleurindruk die leser tot en met die finale versvoet van reël 309 bybly waar dit oplaas met *nubem* verbind word. Die kleurwoord word met die

³⁸⁸ Die frase *pice atrae* word deur Ovidius in *Met.* 12.402 aangepas en met wisselende woordorde gebruik vir sy beskrywing van Cyllarus, die Kentauros, se agterlyf wat geheel en al donkerder is as die swart [kleur] van pik ... *totus pice nigrior atra*.

³⁸⁹ Thomas (1988a:114 n.273-4) verwys na die gevatte opmerking in Cato, *Agr.* 138: *mulis, equis, asinis feriae nullae* ('vir muile, perde en donkies is daar geen rusdag nie').

³⁹⁰ Volgens Richter (1957:156 n.273 f.) is *asellus* gewoonlik die poëtiese weergawe van *asinus*.

primêre betekenis ‘swart’ gebruik, terwyl die uitgebreide betekenis die vernietigende effek van die ramp kan aandui.

iii. Verg. *Aen.* 3.572-73: *interdumque atram prorumpit ad aethera nubem | turbine fumantem piceo et candente favilla | attollitque globos flammaram et sidera lambit* (‘intussen skiet [Etna] ’n **swart** wolk die lug in, die ene rook vanweë swart kolkende pik en gloeiende as, en lig dit bolle vuur op wat die sterre raak’).

Etna se gloeiende as en vuurvlamme wat hoog reik, is duidelik waarneembaar in die nagtelike hemel (568: *cum sole reliquit*). Ook is daar geen glinstering van sterre nie (585: *nam neque erant astrorum ignes*), sodat die lugruim donker voorkom (586: *obscurum sed nubila caelo*). Vergilius beskryf nie die donkerte van die nag met *atram* nie, maar wel die swart wolk van pik en as wat Berg Etna die lug inskiet, selfs al is dit in die donkerte van die nag kwalik waarneembaar.³⁹¹ Die term *atram* beklemtoon hier met die primêre betekenis ‘donker’ of ‘swart’ die rookwolk, hoewel dit moontlik ook die uitgebreide betekenis ‘dreigend’ kan impliseer.³⁹²

iv. Verg. *Aen.* 4.633: *namque suam patria antiqua cinis ater habebat* (‘want haar eie [voedster] se **swart** as het in haar vorige vaderland gerus’).

Dido profeteer oor toekomstige gebeure waarby Aeneas betrokke sal wees. Haar oppasster het vroeër in haar eie vaderland gesterf en die frase *cinis ater* (wat slegs hier voorkom) dui eufemisties op haar dood (vgl. Edgeworth 1992:76).

12 Die uitbeelding van donkerte of nag (vgl. *TLL* I.5: *de tenebris, nocte, sim.*)

Vergilius

Verg. *Aen.* 1.89-90: ... *ponto nox incubat atra; | intonuere poli et crebris micat ignibus aether* (‘... die nag lê **dreigend/donker** oor die see, van pool na pool dreun die donderweer en die uitspansel flits met herhaalde bliksemstigte’).

³⁹¹ Hierdie passasie verwys terug na Pindaros, *P.* 1.20-28 se uitbeelding van vulkaniese uitbarstings. In sy beskrywings word swart (‘donker’) en wit (‘lig’) gekontrasteer: *νιφόσσ’ Αἴτνα* (20) en *Αἴτνας ἐν μελαμύλλοις ... κορυφαῖς* (in 27; vgl. Edgeworth 1992:194). Ook Lucretius verwys na Etna se uitbarsting in *D.R.N.* 6.686-93, maar vermeld geensins swart rook nie, maar wel ’n donker mistigheid (691: *crassa ... caligine fumum*; vgl. Edgeworth 1992:76-77).

³⁹² In die volgende *Aeneis*-passasies is *ater* se primêre betekenis ‘swart’ of ‘donker’ op rook van toepassing: 5.665-66: ... *et ipsi | respiciunt atram in nimbo volitare favillam* (‘... en hulle kyk om en sien self dat **swart** as in ’n rookwolk hang’); 7.466: ... *volat vapor ater ad auras* (‘... **donker** rook styg in die lug op’); 9.239: *interrupti ignes aterque ad sidera fumus | erigitur...* (‘hul vure is geblus en slegs ’n **donker** rokie trek op na die sterre ...’). In laasgenoemde geval kan die uitgebreide betekenis ‘onheilspellend’ ook die dood impliseer wat Nisus en Euryalus inwag. Ook in 12.591 is die uitgebreide betekenis ‘dodelik’ van toepassing: *volvitur ater odor tectis ...* (‘’n **dodelike** rookreuk trek deur hul neste ...’).

In die uitbeelding van ’n brandstapel verwys die term na die donker rokende vlamme. Sien 11.186-87: *more tulere patrum, subiectisque ignibus atris | conditur in tenebras altum caligine caelum* (‘volgens die gebruik van die voorvaders het hulle [die liggame] gebring en, nadat die **donkerrokende** vlamme daaronder aan die brand gestee is, word die hoë hemel gehul in ’n newel van duisternis’).

Ook fakkels dui met die primêre betekenis ‘donker’ op die rook: 4.384-86: ... *sequar atris ignibus absens* (‘... hoewel ver van jou, sal ek jou met **rokende** fakkels [vlamme] agtervolg’); 7.456-57: ... *facem iuveni coniecit et atro | lumine fumantis fixit sub pectore taedas* (‘... sy het ’n fakkel na die jongman gegooi wat met ’n **donkerrokende** lig diep in sy bors vasgesteek het’); 9.74: *atque omnis facibus pubes accingitur atris* (‘en elke jongman word bewapen met ’n **donkerrokende** fakkel’); en 10.77: *quid face Troianos atra vim ferre Latinis* (‘maar wat as Trojane met hul **rokende** fakkels die *Latini* aanval?’).

Op aandrang van Juno het Aeolus al die winde losgelaat wat só 'n hewige storm ontketen het dat dit net die dood vir Aeneas en sy manne kan inhou. Donderweer dreun en wolke wis alle lig uit (88: *eripiunt subito nubes*) sodat die geflits van weerligstrale (*crebris micat ignibus*) baie treffend teen die donkerte van die nag afspeel. Volgens Edgeworth (1992:74) verwys die frase *nox atra*³⁹³ as *formula* terug na Homeros, onder andere *νύξ ἔρεβεννή* (*Il.* Θ[8].488) en *κελαινή νύξ* (*Il.* E [5].310). Ook is Vergilius se passasie 'n aanpassing van *Od.* ε(5).291-97 met Poseidon wat die storm aandryf en nie – soos hier – Aeolus nie. In reël 294 verwys Homeros slegs na nag sonder enige epiteton, 'n beskrywing wat Vergilius hier met *atra* se genuanseerde betekenismootlikheid 'dreigend' of 'verwoestend' aanvul.³⁹⁴

13 Die visuele verband tussen lig en donker (vgl. *TLL* I.6: *color: neutr. subst. loco*)

Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 4.337-42:

*e tenebris autem quae sunt in luce tuemur
propterea quia, cum propior caliginis aer
ater init oculos prior et possedit apertos,
insequitur candens confestim lucidus aer
qui quasi purgat eos ac nigras discutit umbras
aeris illius ...*

Nou sien ons vanuit die duisternis [dit] wat in die lig is; [dit gebeur] wanneer die **swart** lug van donkerte wat nader is, eerste ons geopende oë binnegedring en beset het, [dat daar] dadelik 'n helder glansende lig volg wat as't ware die oë reinig en die swart skadu's van daardie eerste lug verdryf ...

Lucretius wys op die visuele vermoë om vanuit die duisternis iets in die lig waar te neem, terwyl die teenoorgestelde aksie – visie vanuit die lig na die duisternis – onmoontlik is. Beide *ater* en *nigras* word uitsluitlik chromaties gebruik om die fokus op die algehele donkerte te plaas. Hierdie twee terme staan in direkte kontras met *candens* en *lucidus* om só die onderskeid tussen 'lig' en 'donker' te beklemtoon.

14 Aspekte van die dood (vgl. *TLL* II. *translatē i.q. malus, formidolosus, horrendus, perniciosus, luctuosus; A. dies 3: supremus*)

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 2.578-80: *nec nox ulla diem neque noctem aurora secutast | quae non audierit mixtos vagitibus aegris | ploratus mortis comites et funeris atrī* ('nóg het enige nag die dag, nóg daeraad die

³⁹³ Die frase *nox atra* kom as *formula* 'n verdere vyf keer in die *Aeneis* voor, telkens chromaties met die primêre betekenis 'donker' in onder andere 4.570: ... *nocti se immiscuit atrae* ('... hy [Mercurius] het in die **donkerte** van die nag weggeraak'); 5.721: *et Nox atra polum bigis subvecta tenebat* ('en **donker** Nag, deur haar tweespan opwaarts gevoer, heers oor die hemel'); en 6.272: ... *et rebus nox abstulit atra colorem* ('... die **donkerte** van die Nag het alles kleurloos gelaat').

Die term kom ook emotief voor met die bykomende nuanse 'dreigend' in 2.360: ... *nox atra cava circumvolat umbra* ('... **donker/dreigend** sweef die nag met omvouende skadu'); en 6.866: *sed nox atra caput tristi circumvolat umbra* ('maar met 'n droewige skaduwee hang die nag **dreigend** om sy voorhoof').

³⁹⁴ Na aanleiding van die voorafgaande is dit tog verrassend dat Edgeworth geensins na die achromatiese, genuanseerde of emotiewe betekenismootlikhede van *ater* verwys nie.

nag opgevolg wat nie die flou gehuil van suigelinge, gemeng met 'n geweeklaag, aangehoor het nie [wat dien] as metgesel van die dood en van 'n **somber** begrafnis').

Lucretius illustreer die beginsel van gelykheid (ἰσονομία) wat daarop neerkom dat die beweging van atome verantwoordelik is vir die balans tussens die magte wat skep en dié wat verwoes (vgl. Bailey 1966b:894-95 n.575-579). Die digter vergelyk die vreugde van 'n geboorte met die smart van sterfte wat dikwels tegelyk voorkom. **Atri** met die uitgebreide betekenis 'somber' word hier emotief gebruik.

b. Vergilius

Verg. *Aen.* 6.429 (= 11.28): *abstulit atra dies et funere mersit acerbo* ('n **sterwensdag** het [hulle] weggeruk en in 'n bittere dood gedompel' (vgl. *TLL* II. *translatě* 3: *supremus*)).

Vlak by die ingang van Hades hoor Aeneas die gehuil van kinders wat op die drumpel van hul lewe 'n vroeë dood gesterf het (428: *ab ubere raptos*). Die frase *dulcis vitae* (428) staan in skril kontras met hul sterwensdag (*atra dies*)³⁹⁵ wat metafoeries die kindertjies se vreugdelose bestaan en hul ontydige dood versinnebeeld.

15 Tiperend van menslike emosies (vgl. *TLL* II. *translatě* B: *alia*)

a. Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 4.173 herhaal in 6.254: *impudent atrae formidinis ora superne* ('die drogbeelde van **angswekkende** vrees hang bo-oor ons').

'n Storm bou geleidelik op. Wanneer daar oplaas bliksemskigte uit die donker, dreigende wolke geslinger word, oorval 'n erge vrees die mensdom wat *atrae* emotief bepaal.

b. Vergilius

i. Verg. *Aen.* 8.219-20: *hic vero Alcidae furiis exarserat atro | felle dolor ...* ('hierop het Herkules se woede weens **swart** gal in haat ontvlam ...').

Cacus het op 'n slinkse wyse vier van Herkules se mooiste bulle en net soveel koeie in sy grot versteek. Dit ontketen by Herkules soveel woede dat hy Cacus met wapens en 'n knoetserige knuppel agternasit (220-21). Die frase *atro felle* ('swart gal') val vreemd op die oor, aangesien die leser daarvan bewus is dat die kleur van gal gewoonlik geelgroen is.³⁹⁶ Hoewel Edgeworth (1992:82) na die Griekse frase ἄχος μελάγχολον ('pyn gedoop in swart gal') verwys, bied hy geen verdere verklaring nie.

Volgens Griekse beskouing was daar vier tipes lewensvog (χυροί, 'humours') in die menslike liggaam: slym, bloed, geel gal en swart gal. 'n Hewige emosie soos woede het 'n wanbalans veroorsaak,

³⁹⁵ Ook in *Aen.* 11.28 (= 6.429): *abstulit atra dies et funere mersit acerbo* ('n **sterwensdag** het hom [Pallas] weggedra en in 'n bittere dood gedompel') het *ater* geen chromatiese verbintenis nie, soos André (1949:43) ook aandui, maar as *formula* kom dit inderdaad genuanseerd voor.

³⁹⁶ L&S onderskei tussen *fel* en *bilis*. Eersgenoemde is die vloeistof wat deur die lewer (*jecur*) uitgeskei word, terwyl *bilis* van die galblaas gebruik word.

sodat (geel) gal (χόλος en χολή) swart gekleur het, 'n siening wat ook deur die Romeine gehuldig is.³⁹⁷ Vergilius gebruik slegs die frase *atrum fel* (volgens L&S uitsluitlik in poësie), maar nooit die frase *atra bilis* nie, hoewel dit as *formula* reeds vroeg in die Romeinse letterkunde voorkom.³⁹⁸ As *formula* word die frase *atro felle* met woede geassosieer wat hier ook met *furiis*, *exarserat* en *dolor* beklemtoon word.

ii. Verg. *Aen.* 9.719: *immisitque Fugam Teucris atrumque Timorem* ('hy het Vlug en skrikwekkende Vrees onder die Trojane losgelaat'; vgl. *TLL* II.B. *translatē: alia*).

Mars tree tot die geveg toe om nuwe hoop aan die *Latini* te gee, terwyl die verpersoonlikte magte *Fuga* ('Vlug') en *Timor* ('Vrees') ook losgelaat word om paniek onder die Trojane te saai.³⁹⁹ Soos Lucretius (sien 15.a. *supra: atrae formidinis*) gebruik Vergilius *atrum* emotief van *Timor*,⁴⁰⁰ ook met 'n negatiewe nuanse.⁴⁰¹

VII NIGER⁴⁰²

Die etimologiese oorsprong van *niger*, *-gra*, *-grum*⁴⁰³ is onbekend (W-H *ad loc.*; De Vaan 2008:409) en volgens André (1949:52) is daar ook geen Indo-Europese verwantskap nie. Price (1883:16), daarenteen, sien 'n verband met die Indo-Germaanse vorme **nik*, **nak* met die betekenis 'om neer te vel' of 'om dood te maak'. Van hierdie vorme is onder andere die Griekse *ὀ νέκος/νεκός* ('lyk') en die Latynse *nex* ('moord'), *nox* ('nag') en *nocēre* ('om skade te berokken' of 'om seer te maak') afgelei. Hierdie nou verbintenis met die konsep van die dood hou waarskynlik verband met die term se

³⁹⁷ Lucretius, *D.R.N.* 4.664-66 wys op die invloed van gal op die liggaam: *quippe ubi cui febris bili superante coorta est / aut alia ratione aliquast vis excita morbi, / perturbatur ibi iam totum corpus ...* ('wanneer iemand koorsig is en [die afskeiding van] gal vermeerder, of [wanneer] hy op die een of ander wyse deur 'n siekte geteister is, dan word sy hele liggaam geaffekteer ...').

³⁹⁸ L&S bied die betekenis van die frase *atra bilis* primêr as 'bedruktheid' of 'treurigheid' en verwys na die Griekse woord *μελαγχολία*. Hierop volg die betekenis 'woede' met voorbeelde uit Plautus, *Am.* 727: *atra bili percita est* ('sy is woedend') en *Capt.* 596: *atra bilis agitat hominem* ('woede teister die man'). Ook Irwin (1974:154 n.91) verwys na Jones se analise van *μελαγχολία* wat nie net op woede dui nie, sodat reël 727 in konteks soos volg kan vertaal: 'sy is stapelgek'. Veral na aanleiding van reël 598 (*iam deliramenta loquitur* ['hy raak nou nonsens kwyt']) kan die frase *atra bilis* ook op 'waansin' of 'gekheid' dui (sien ook die *OLD*).

³⁹⁹ Die magte *Fuga* en *Timor* is die onewe ekwivalente van die paar *Δεῖμος* en *Φόβος* ('Angs' en 'Skrik') in *Il.* Δ(4).440 (vgl. Edgeworth 1992:83). In *Il.* O(15).119 beveel Ares hierdie twee magte om sy perde in te span.

⁴⁰⁰ Hierteenoor gebruik Homeros *χλωρός* van vrees in *Il.* H(7).479: ... *τὸς δὲ χλωρὸν δέος ἦρει* ('... en bleek vrees het hulle oorval'), ook van die effek van vrees op 'n persoon in *Il.* K(10).376 en O(15).4: *χλωρὸς ὑπαὶ δειούς* ('[Dolon] was bleek van vrees'). Daar is geglo dat vrees die gal en die lewer (*χόλος* en *χολή*) beïnvloed. Onder 'n hewige emosionele toestand word gal deur die lewer afgeskei wat na verskillende organe vloei. Die karakteristieke verbleking wat met vrees gepaard gaan, is die rede waarom hierdie bleekheid – soms ook vrees – met *χλωρός* uitgebeeld word (vgl. Irwin 1974:62, 64).

⁴⁰¹ Die frase *atrae formidinis ora* verwys terug na Lucretius, *D.R.N.* 4.173 (herhaal in 6.254) wat Vergilius verpersoonlik met die verwysing na die mag, *Formido*. Die term *atrae* kom emotief in *Aen.* 12.334-36 voor met die bykomende nuanse 'skrikwekkend': ... *gemit ultima pulsus / Thraca pedum circumque atrae Formidinis ora / Iraeque Insidiaequae* ... ('... verste Thraasië weerklank met hul voetval en rondom hom word die gestaltes van skrikwekkende Vrees en Woede en Hinderlaag aangedryf ...').

⁴⁰² Sien ook *EV* III.574.b.a vir verwysings na 'n gedetailleerde bespreking.

⁴⁰³ 'n Verwante kleurwoord is onder andere *nigro*, *nigrare* (**nigr-* plus die werkwoordelike suffiks *-are*), 'om swart te wees' of 'om swart te maak' (*OLD*) wat Lucretius in *D.R.N.* 2.733 gebruik (*infra*). Hierdie term kom geensins in die *Eclogae* en die *Georgica* voor nie, terwyl die teenwoordige deelwoord vyf keer in die *Aeneis* gebruik word. Sien 4.120; 5.97; 6.243; 8.353; en 9.87. Sien ook die verwante vorme *nigresco*, *nigrescere*, 'om swart/donker te word' in *Aen.* 4.454 en 11.824; ook *nigror*, *-oris*, m. met die betekenis 'swartheid' of 'donkerte,' slegs in Lucretius, *D.R.N.* 3.39: *omnia suffundens mortis nigrore* ... ('dit oorskadu alles met die dood se duisternis ...').

verbintenis met ‘swart,’⁴⁰⁴ maar dit verklaar geensins die aspek van glans nie wat hierdie term van *ater*, ‘dofswart,’ onderskei.⁴⁰⁵ Anders as André (1949:53) wat geen oplossing bied nie, verwys W-H onder andere na die Latynse woord *noegeum* (‘n tipe kledingstuk,’ afgelei van die Griekse *νοιγεῖος, verwant aan νηγάτεος [‘nuut’]): As epiteton van kledy kom laasgenoemde met die betekenis ‘ligglansend’ of ‘wit’ voor wat verband hou met die Indo-Germaanse *ne[i]g, Oud-Indies *nāga-* m. van slange, olifante en wolke (vanwaar die oorspronklike betekenis ‘glansend,’ met die Indo-Germaanse vorme *nē[i]go- of *nō[i]go-).

Aanvullend tot die betekenismoontlikheid van *niger* kom woorde wat glans aandui, dikwels voor, onder andere *splendor* in Plinius Maior, *Nat.* 12.20 en 13.54 (*nigri splendoris*), *nitēre* in 22.63 (*nigro colore nitent*) en *nitor* in 37.184 (*crines nigerrimi nitoris*). Aangesien *niger* mettertyd tot die semantiese veld van *ater* toegetree het, meen Skutsch (1986:657) dat dit nie uitsluitlik die assosiasie met glans is wat die digter se keuse bepaal het nie, maar ook metriese vereistes.

Wanneer die kleure wit en swart teenstellend gebruik word, vind ons in beide prosa en poësie dat die kombinasie *niger-candidus* meer algemeen voorkom as dié van *niger-albus*. In laasgenoemde geval verloor *niger* die oorspronklike verbintenis met glans wat vanaf die vroegste gebruik van hierdie kombinasie gehandhaaf is (vgl. André 1949:54). Sien as voorbeeld Cato, *Agr.* 8.2: ... *murtum coniugulum et album et nigrum* (‘... die huweliksmirt met sy wit en dofswart bessies’). Ook Lucretius gebruik die kombinasie *niger-albus*, hoewel *niger* (maar nooit *ater* nie) ook saam met *candidus* voorkom in sy beskrywing van die aard van kleur (sien *infra*).

Die konteks waarin die kleurwoord kan voorkom, word in breë trekke hieronder uiteengesit.

Die betekenismoontlikhede van *niger* is nie soos in die geval van ander kleurterme problematies nie. Volgens die *EV* III.725 verskil *niger* in twee opsigte van *ater*: Eerstens is die chromatiese reikwydte van *niger* omvattender as dié van *ater* met kleurwaardes wat wissel van ‘ware swart’ (dus ook ‘diepswart’), donker skakerings (wat achromaties op die uitsluiting van lig dui) en opvallend ook bruin en donkerbruin (van grond, modderige sand of menslike velkleur). Tweedens word minder negatiewe of emotiewe nuanses aan *niger* as aan *ater* gekoppel. Volgens L&S, maar veral die gedetailleerde uiteensetting in die *OLD*, is die primêre betekenis van die term ‘swarterig,’ ‘swart’ of ‘donker van kleur’ wat die fisiese voorkoms van ’n persoon se oë, velkleur of hare bepaal,⁴⁰⁶ onder andere in Propertius 2.12.23-24: ... *caput et digitos et lumina nigra puellae* / ... *canat* ... (‘... laat hy my geliefde se hoof

⁴⁰⁴ Met verwysing na die Griekse terme vir swart (κελαινός, μέλας en κατακορή, ook ὄρφινος wat onder die purpergroep ressorteer), beskou Platnauer (1921:153-54) swart as ’n volwaardige kleur en nie bloot as die ‘afwesigheid van kleur’ nie.

⁴⁰⁵ Soos reeds aangedui, kom ’n soortgelyke onderskeid tussen *albus* (‘dofwit’) en *candidus* (‘skitterwit’) voor. Sien I. *ALBUS* en *ALBESCĒRE* en II. *CANDIDUS*.

⁴⁰⁶ Hoewel μέλας na ’n Afrikaanse swart velkleur kan verwys (Xenophanes 16.1: σιμὸς μέλανός τε), bepaal die kleurwoord eerder ’n natuurlike blas velkleur, soos dié van Egiptenare. By mans (in Homeros, *Od.* π[16].175: ἄψ δὲ μελαγχροῦς γένετο [‘hy het weer donker van gelaat geword’]) word ’n songebrande voorkoms as aantreklik beskou. In Bakchulides 16.17-18 word μέλας van donker oë gebruik wat as teken van skoonheid beskou word, hoewel so ’n uitbeelding selde in die Griekse letterkunde voorkom. Wat hare betref, is ‘swart’ of ‘donker’ hare aanvullig (sien Sappho 65.13; vgl. Kober 1932:25-26) en volgens Irwin (1974:96) gebruik Homeros eerder κῶάνεος (‘donker’) as μέλας van hare en oë. In Latynse poësie kom die frase *oculi nigri* dikwels voor, onder andere in Horatius, *Carm.* 1.32.11-12: *et Lycum nigris oculis nigroque* / *crine decorum* (‘ook [het Alcaeus gesing van] aantreklike Lycus met sy swart/donker oë en swart/donker hare’).

[let. 'hare'], vingers en **donker** oë besing ...'); sien ook Martialis 1.72.5: ... **nigrior est cadente moro** ('... sy is **donkerder** as 'n vallende [= 'ryp'] moerbeï'); en ook 1.115.2-5:

*loto candidior puella cycno
argento, nive, lilio, ligustro:
sed quandam volo nocte nigriorem
formica, pice, graculo, cicada*

Die meisie is witter as 'n skoongewasde swaan, silwer, sneeu, 'n 'lelie' en 'n liguster; maar ek het my oog op 'n sekere enetjie wat **donkerder/swarter** is as die nag, 'n mier, pik, 'n kraai en 'n sonbesie.

Uitgesonder Cato, *Agr.* 126: ... *indito in urceum et vini nigri austeri congios III* ('... plaas [granate] en drie mate sterk **donker** wyn in 'n houer'), kom **niger** en *ater* nooit afwisselend in Plautus, Terentius en Cato voor nie. Onderskeidelik gebruik hulle *ater* uitsluitlik van wyn (Plautus, *Men.* 915), brood (Terentius, *Eu.* 939) en vye (Cato, *Agr.* 8.1), terwyl latere skrywers hierdie voorwerpe slegs met **niger** beskryf (vgl. André 1949:46).

Die kleurwoord bepaal ook die donker (met ander woorde, 'donkergroen') kleur van plante en 'n landskap in Horatius, *Carm.* 1.21.5-8:

*vos [virgines] laetam fluviis et nemorum coma,
quaecumque aut gelido prominet Algido
nigris aut Erymanthi
silvis ...*

[Prys] julle (maagde) [vir Diana] wat vreugde vind in die strome en in die woud se blareprag wat uitroon op ysige Algidus of in Erymanthus se **donker(-groen)** bosse ...

Soos ook die geval met *ater*, dui die afwesigheid van lig op donkerte, hetsy van 'n tronk in Juvenalis, *Sat.* 13.245: ... *et nigri patietur carceris unctum* ('... [as skuldige] sal hy die straf van 'n **donker** tronk verduur'), of van 'n nag in Ovidius, *Met.* 15.187: [*cernis*] *et iubar hoc nitidum nigrae succedere nocti* ('ook [bemerkt jy] dat hierdie glansende oggendlig die **donker** nag opvolg'). Die betekenis 'donker' of 'swart' kom voor van wolke, rook, water, winde en storms wat in sekere gevalle genuanseerd gebruik word.⁴⁰⁷ Sien Horatius, *Epod.* 10.5: **niger** *rudentis Eurus inverso mari | fractosque remos differat* ('mag die **swart/donker** oostewind op 'n onstuimige see die mastoue en gebreekte roeispans uitmekaar ruk').

Die uitgebreide betekenismoonlikheid 'vuil,' 'bevlak' of 'verkleur' kom ook voor in Horatius se beskrywing van Meriones wat vuil is van Trojaanse stof. Sien *Carm.* 1.6.14-15: ... *aut pulvere Troico | nigrum Merionem ...*

Oordragtelik hou die term verband met 'n sterwensdag of die dood, soms ook met die byvoeging van *ater* wat *Mors* bepaal in Tibullus 1.3.4-5: *abstineas avidas Mors modo nigra manus. | abstineas,*

⁴⁰⁷ Volgens Kober (1932:31, 33) word μέλας ook van 'n onstuimige see gebruik. Die frase μέλαινα ναῦς kom dikwels in Homeros voor (onder andere in *Il.* A[1].141, 300, 329, 433 en 485), dit verskyn slegs vyf keer in Hesiodos en selde, indien ooit, by latere digters wat op 'n baie sterk Homeriese tradisie dui. Sien ook *Il.* H(7).64 van die see: ... μελάνει δέ τε πόντος ὑπ' αὐτῆς ('... en die see wat [deur wind] verdonker is'), of van die gety in *Od.* μ(12).104: τῶ δ' ὑπο δῖα Χάρυβδις ἀναρροιβδέϊ μέλαν ὕδωρ ('en daaronder suig die godin Charibdis die donker water na benede').

Mors atra, precor ... ('mag **swart** Dood nou haar gulsige hande van my afhou. Bly weg, swart Dood, ek smeeek jou ...'). Hoewel dit skaars is, bepaal **niger** soms ook die donkerte van die Onderwêreld met die emotiewe nuanses wat met *ater* vereenselwig word. Behalwe hierdie terme word *obscurus*, *opacus* en *opertus* ook van die Onderwêreld gebruik wat geensins op verskillende grade van donkerte dui nie, maar eerder as wisselvorme van dieselfde tema (*EV III.725*). Sien ook Tibullus 1.3.71-72: *tum niger in porta serpentum Cerberus ore / stridet ...* ('dan sis **swart** Cerberus met 'n bekvool slange by die ingang ...'), 'n beskrywing wat die afskuwelikheid van die Onderwêreld uitbeeld.⁴⁰⁸

Fyner nuanses kom ook voor. Die afgeleide betekenismootlikheid 'donker' of 'swart' word metafories van 'n persoon met 'n slegte reputasie of onaanvaarbare karaktereenskappe gebruik. Sien Horatius, *S. 1.4.85*: ... *hic niger est ... Romane, caveto* ('... Romein, pasop, hierdie man is **boos** / het 'n **bose** geaardheid'). By die uitbeelding van vrees (*metus* in Valerius Flaccus, 3.404 en *formido* in *Geor.* 4.468 [sien *infra*]) verkry die term tóg die emotiewe betekenis 'skrikaanjaend' (vgl. André 1949:57).

Niger word twintig keer deur Lucretius en drie keer deur Catullus gebruik. Dit kom ses keer in Vergilius se *Eclogae* voor, negentien keer in die *Georgica* en sewentien keer in die *Aeneis*.

1 Die verband tussen atome en kleur

Lucretius

Lucr. *D.R.N. 2.731-33*: *percipe, ne forte haec albis ex alba rearis / principiis esse, ante oculos quae candida cernis, / aut ea quae nigrant nigro de semine nata* ('slaan ag op my woorde, sodat jy nie miskien sou dink dat hierdie wit objekte wat jy skitterwit voor jou oë bemerk, uit wit atome bestaan nie, of dat daardie wat swart is, uit **blinkswart** atome ontstaan').⁴⁰⁹

Lucretius het reeds aangedui dat die kwaliteite (*coniuncta*) van atome hul grootte, vorm en gewig bepaal. Voorts maan hy die leser dat daar nie net aangeneem moet word dat wit objekte uit wit atome (*principia*) of swart objekte uit swart atome ontstaan nie – dus dat atome se kleur dieselfde is as dié van die voorwerp. Atome is in werklikheid geheel en al kleurloos (*737: nullus enim color est omnino ...*). Die digter gebruik hier beide *albis* en *alba*, ook *candida* as kontraskleure van **nigro** wat hier suiwer chromaties met die primêre betekenis 'swart' voorkom.⁴¹⁰ In sy bespreking van atome gebruik Lucretius nooit *ater* as kontraskleur van wit nie.

⁴⁰⁸ Tibullus wissel **niger** en *ater* af in sy uitbeelding van die Onderwêreld in 1.3.67-80: *flumina nigra* (68) en **niger** ... *Cerberus* (71), maar *atro viscere* (76).

⁴⁰⁹ In die volgende twee passasies gebruik Lucretius **niger** telkens suiwer chromaties. Sien *D.R.N. 2.764-65*: *cur ea quae nigro fuerint paulo ante colore, / marmoreo fieri possint candore repente* ('[daar kan gevra word] waarom daardie dinge wat 'n rukkie vantevore 'n **swart** kleur gehad het, in staat is om skielik 'n marmeragtige witheid te verkry'); *2.792-93*: *quippe etenim multo proclivius exorientur / candida de nullo quam nigro nata colore* ('dit is 'n feit dat wit entiteite baie makliker uit geen kleur ontstaan nie as uit **swart**'). Sien ook voetnoot 188.

⁴¹⁰ Sien I. *ALBUS* en *ALBESCO* 10; II. *CANDIDUS* 6.a.i.

2 Aspekte van die Onderwêreld

a. Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 3.51-52: *et quocumque tamen miseri venere parentant | et nigras mactant pecudes ...* ('en waarheen die armsalige wesens hulle ookal wend, bring hulle nietemin paslike offerandes aan hul dooies en slag hulle **swart** skape ...').

In Boek 3 wei Lucretius uit oor die mensdom se vrees vir die dood en die Onderwêreld (16: *animi terrores*) wat daartoe lei dat lewende wesens gedurende hul leeftyd só gekwel word dat hulle geen genot en standvastigheid (66: *semota ab dulci vita stabili que videtur*) kan ervaar nie. Op die drempel van die dood, bring hulle aan die *di manes* soenoffers van swart skape, hier met *nigras* se primêre betekenis bepaal.

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 4.467-69: *Taenarias etiam fauces, alta ostia Ditis, | et caligantem nigra formidine lucum | ingressus ...* ('ook het [Orpheus] Taenarus se kake, die hoë poort van Dis, en die woud, skemerig vanweë die **donker** verskrikking, betree ...').

Deur die toedoen van Aristaeus sterf Orpheus se geliefde Euridice. In sy soektog na haar betree Orpheus die skaduagtige woud wat as die aanvang van die ware *κατάβασις* dien (vgl. Richter 1957:394-95 n.467).⁴¹¹ As drumpel tot die donkerte van die Onderwêreld word dit vreemd genoeg nie met *ater* nie, maar met *nigra* uitgebeeld, sodat die beskrywing nie genuanseerd met afsku en verskrikking gelaai is nie. Soos *EV* III.725 en Erren (2003:973:468) tereg ook aandui, is die genuanseerde gebruik van *nigra* om 'n emosionele ervaring – in hierdie geval vrees (*formidine*) – te omskryf, hoogs uitsonderlik sodat die term eerder as beklemtoning van meelewende patos dien.

ii. Verg. *Geor.* 4.478-79: *quos circum limus niger et deformis harundo | Cocyti ...* ('en rondom hulle is daar **swart** slik en die onooglike riete van Cocytus ...').

Orpheus betree die dieptes van die Onderwêreld waar hy met sy hartseerlied skimme uit die duisternis oproep. Hierdie gedaantes ontbeer hul lewenslig (472: *luce carentum*) wat as verdere beklemtoning dien van die donkerte waarmee die Onderwêreld geassosieer word. Soos hierbo, bepaal *niger* chromaties die Onderwêreld met die primêre betekenis 'swart' of 'donker'.

iii. Verg. *Geor.* 4.545-46: *inferias Orphei Lethaea papavera mittes | et nigram mactabis ovem ...* ('jy [Aristaeus] moet Lethe se papawers as dode-offer aan Orpheus stuur, en 'n **swart** skaapooi offer ...').

Volgens Cirene se instruksies moet Aristaeus papawers wat vergetelheid bring as dode-offer aan Orpheus stuur en 'n swart skaapooi slag. Ook moet hy uit eerbetoen aan Euridice in die woud 'n kalf

⁴¹¹ Hierdie woud herinner aan Avernus met sy walglike stank, soos aangedui in *Aen.* 6.201 (*inde ubi venere ad fauces grave olentis Avernī*) wat in reëls 240-41 met die frase *atris ... faucibus* ('swart kake') uitgebeeld word.

offer wat volgens gebruik 'n swart dier moet wees,⁴¹² deur **nigram** met die primêre betekenis bepaal. Dit is moontlik 'n terugverwysing na Homeros, *Od.* λ (11).32-3 (van Odusseus se offerande van 'n swart ram) en insgelyks Aeneas (vgl. Bailey 1969:44-45; Erren 2003:996 n.546).

iv. Verg. *Aen.* 3.118-20: ... *meritos aris mactavit honores, | taurum Neptuno, taurum tibi, pulcher Apollo, | nigram Hiemi pecudem, Zephyris felicibus albam* ('... hy het die vereiste eerbewyse op die altare geslag, 'n bul aan Neptunus, 'n bul vir jou, aanvullige Apollo, 'n **swart** skaap vir die stormgod [Winter] en 'n witte vir die gunstige westewinde').

By Delos offer Anchises aan die stormgod 'n skaap wat **nigra** met die primêre betekenis 'swart' bepaal. Ook word 'n wit skaap aan die westewind geoffer wat volgens Edgeworth (1992:66) 'n kontras tussen 'vriendelike/gunstige' en 'onvriendelike/ongunstige' winde is. Hierdie beskrywing verwys terug na Homeros, *Il.* Γ(3).103 en 'n soortgelyke offerande.⁴¹³

v. Verg. *Aen.* 6.133-35: ... *si tanta cupido est | bis Stygios innare lacus, bis nigra vidēre | Tartara* ... ('... as daar [by jou] so 'n groot begeerte is om twee keer oor die Styx te vaar en **donker** Tartarus 'n tweede keer te sien ...').

Die Sibille gee voorskrifte aan Aeneas oor sy besoek aan die Doderyk en donker Tartarus. Die frase **nigra** ... *Tartara* verwys terug na *Τάρταρον ἠερόεντα* in Homeros, *Il.* Θ(8).13; met wisselende naamvalle in Hesiodos, *Th.* 119, 682, 721, 723a, 736 en 807; en ook *Tartara* ... *atra* in Lucretius, *D.R.N.* 3.966 (sien VI. *ATER* 8.a.).⁴¹⁴ Aangesien Aeneas (soos Orpheus, sien *supra* 2.b.i. en ii.) na die wêreld van die lig terugkeer, word die grusaamheid van die Onderwêreld nie soseer beklemtoon nie. Die term **nigra** bepaal slegs chromaties en ongenuanseerd die donkerte van die Doderyk.

3 By die uitbeelding van water en 'n rivier

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 3.829: *adde quod in nigras lethargi mergitur undas* ('voeg daarby dat [vergeetagtigheid] in die **donker** waters van loomheid gedompel word').

Die gees kan nie voortbestaan sonder 'n liggaam nie en is dus ook sterflik. Gevolglik het dit deel aan die siektes wat die liggaam teister, aan vrese vir die toekoms en aan berou oor die verlede. Dit is ook

⁴¹² Dode-offers het eenvoudige, tradisionele items ingesluit, soos vrugte, graan of brood, sout of blomme. Lethe se papawers word ook vermeld wat planmatig daarop dui dat Orpheus hierdie gebeure moet vergeet. Kontekstueel is die swart skaap egter 'n vreemde element, aangesien dit eie is aan die Griekse kultus vir die chtoniese gode en die dooies (vgl. Richter 1957:404-5 n.544 ff.).

⁴¹³ Sien ook *Aen.* 5.735-36: ... *huc casta Sibylla | nigrarum multo pecudum te sanguine ducet* ('... met die bloed van baie **swart** kalwers sal die heilige Sibille jou daarheen [na die dieptes van die Onderwêreld] lei'); en 6.153: *duc nigras pecudes; ea prima piacula sunt* ('bring **swart** kalwers; laat hulle die eerste soenoffer wees').

⁴¹⁴ Sien ook *Aen.* 6.237-38: *spelunca alta fuit vastoque immanis hiatu, | scruposa, tuta lacu nigro nemorumque tenebris* ('die [Sibille se] grot was diep, geweldig groot en wyd gapend, klipperig [en] afgesonder vanweë die **donker** meer [Avernus] en die skadde van die woud'). Alhoewel Lucretius die bestaan van Avernus ontken, bied hy in *D.R.N.* 6.740-48 'n gedetailleerde uiteensetting daarvan wat opvallend sonder enige kleurwoord voorkom. Daar is ook talle voorbeelde in die letterkunde wat die Onderwêreld met beide **niger** en *nigrare* uitbeeld. Sien Horatius, *Carm.* 1.24.18: **nigro** ... *gregi* en 4.2.23-24: *nigroque* ... / *Orco*; Propertius 3.12.33: *nigrantesque domos*; Tibullus 1.3.71: **niger** ... *Cerberus*; en Martialis 5.34.3: **nigras** ... *umbras*...

uitgelewer aan demensie, vergeetagtigheid (828: *oblivia rerum*) en 'n algehele gevoel van sufheid – hier metafories met die frase *nigras undas* weergegee, met *nigras* se primêre betekenis ‘donker’.

b. Vergilius

Verg. *Geor.* 4.125-27: *namque sub Oebaliae memini me turribus arcis, | qua niger umectat flaventia culta Galaesus, | Corycium vidisse senem ...* (‘want ek onthou hoe ek onder die torings van Oebalië se vesting, waar die **donker** Galaesus die geel gesaaides natmaak, die ou man van Corycos gesien het ...’).

Sien XII. *FLAVUS* en *FLAVEO* 5.b.iii. Vergilius hou die vrugbare landerye onder die wagtoringe van Tarentum as 'n persoonlike herinnering voor (125 en 127: ... *memini me ... | ... | ... vidisse ...*). Hoewel die identifikasie van die Galaesus tot nog toe onseker is (vgl. Dunbabin 1947:93-94), dui die primêre betekenis van *niger* op die glansende, donker voorkoms van die rivier, veral weens die besondere diepte daarvan. Homeros se gebruik van die adjektief, *μελάνυδρος* (in *ondere Il.* I[9].14), gee waarskynlik aanleiding tot die aanwending van *niger* as 'n tradisionele epiteton van diep riviere met hul blink, donker waters (vgl. Mynors 1990:275 n.125-6).⁴¹⁵ Langs die Galaesusrivier lê koringvelde waarvan *flaventia* met die primêre betekenis die geel kleur van ryp koring aandui om saam met die kleuradjektief *niger* in 'n enkele versreël 'n besondere kleurkontras te skep.

4 Beskrywend van donkerte (nag en skaduwees)

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 4.337-42:

*e tenebris autem quae sunt in luce tuemur
propterea quia, cum propior caliginis aer
ater init oculos prior et possedit apertos,
insequitur candens confestim lucidus aer
qui quasi purgat eos ac nigras discutit umbras
aeris illius ...*

Nou sien ons vanuit die duisternis die dinge wat in die lig is, wanneer die swart lug van donkerte wat nader is, eerste ons geopende oë binnedring en (hulle) beset, omdat daar dadelik 'n helder glansende lig volg wat as't ware die oë reinig en die **donker** skadus van daardie eerste lug verdryf ...

Lucretius wys op die visuele vermoë om vanuit die duisternis iets in die lig waar te neem, terwyl die teenoorgestelde aksie – waarneming vanuit die lig na die duisternis – onmoontlik is. Beide *ater* en *nigras* (hier met die primêre betekenis ‘donker’) staan in direkte kontras met *candens* en *lucidus* om só die skeidslyn tussen ‘lig’ en ‘donker’ te beklemtoon.⁴¹⁶

⁴¹⁵ Thomas (1992:42) sien 'n moontlike verband tussen die Galaesus en die Burina, 'n fontein in Cos waarna Philotas verwys. Sien fr. 24 Powell: *νάσσατο δ' ἐν προχοῆσι μελαμπέτροιο Βυρίνης* (‘hy/sy het by die oog van die Burina met die swart rotse gebly’). Sy gebruik van *μελαμπέτρος* kan moontlik 'n variant van Homeros se *μελάνυδρος* wees. Volgens Conington (1881:353 n.126) is die Galaesus kort en waarskynlik diep en daarom donker, moontlik as kontras vir die troebel Tiber (*flavus Tiber*) en ander Italiaanse riviere.

⁴¹⁶ In Lucretius, *D.R.N.* 4.535-38 word die wisselvorm *nigras* ook met die primêre betekenis ‘donker’ gebruik:

b. Vergilius

Verg. *Aen.* 7.414: *iam mediam nigra carpebat nocte quietem* ('diep in die donker nag was [Turnus] reeds vas aan die slaap').

Alekto, wat die voorkoms van 'n ou priesteres van Juno aangeneem het, soek Turnus op en moedig hom aan om die Trojane aan te val. Opvallend is die besondere konstruksie van hierdie versreël: Die frase *mediam ... quietem* omraam die frase *nigra ... nocte*, terwyl laasgenoemde weer *carpebat* omsluit. Aldus bepaal *nigra* met die primêre betekenis 'swart' die donkerte van die nag wat metafories op Alekto se slinkse planne kan dui.

5 Aspekte van die mens

a. Lucretius

i. Lucr. *D.R.N.* 4.1160: *nigra melichrus est, immunda et fetida acosmos* ('n donker [geliefde] is heuningkleurig ['blas'], ene wat onversorg en smerig is, is onopgesmuk').⁴¹⁷

Lucretius beskryf wanopvattinge oor die liefde en hoe troetelnaampies gebruik word om geliefdes se tekortkominge te verdoesel. Die term *nigra* word gebruik met die primêre betekenis 'donker' wat hier vanweë sy komplement, *melichrus*, eerder as 'soel' of 'blas' vertaal moet word.⁴¹⁸ Bailey (1966c:1310-11 n.1160-9) verwys na Ovidius, *Ars* 2.657-58 wat dieselfde onderwerp aanspreek: *nominibus mollire licet mala: fusca vocetur | nigrior Illyrica cui pice sanguis erit* ('met troetelnaampies kan jy gebreke verbloem; laat sy as "donker" beskryf word wie se bloed swarter sal wees as Illiriese pik').

ii. Lucr. *D.R.N.* 6.1199-201: *quorum siquis, ut est, vitarat funera leti, | ulceribus taetris et nigra proluvie alvi | posterius tamen hunc tabes letumque manebat* ('as enige een van hulle, soos dit gebeur, die dood se uitwissing vrygespring het, het daar tog later aftakeling en dood op hom gewag, die gevolg van afgryslike swere en 'n swart/donker uitskeiding van die maag').

... et quid
detrahat ex hominum nervis ac viribus ipsis
perpetuus sermo **nigrai** noctis ad umbram
aurorae perductus ab exoriente nitore

... 'n voordrag wat sonder onderbreking van 'n glansende sonsopkoms tot die skadus van 'n donker nag duur, takel mense se senuwees en kragte af.

Die skaars genitief enkelvoud suffiks '-ai' kom drie keer in die gedig voor, hoewel met verskillende adjektiewe: *nigrai* in 4.537, *purpureai* in 2.52 en *gelidai* in 3.693 (vgl. Bailey 1966c:1245). Sien ook 4.377-78: *propterea facile et spoliatur lumine terra | et repletur item nigrasque sibi abluat umbras* ('daarom word die aarde maklik van sy lig beroof, en net so word dit weer aangevul as dit sy eie donker skaduwees aflê').

⁴¹⁷ Ook Plato, *R.* 474d verwys na hierdie onderwerp. Diegene wat 'donker' (μέλανας) is, word as 'manlik' (ἀνδρικούς) gereken, terwyl diegene wat 'lig van vel' (λευκούς) is, 'kinders van gode' (θεῶν παῖδας) genoem word. Waar die uitbeelding 'lig van velkleur' by mans gewoonlik neerhalend as 'verwyfd' beskou word, word die troetelnaampie nou as kompliment gereken (vgl. Irwin 1974:135).

⁴¹⁸ *Nigra* word van Afrikane se etniese 'swart' velkleur gebruik wat Lucretius vreemd genoeg aan die effek van sonbrand toeskryf. Sien *D.R.N.* 6.721-23: *ille ex aestifera parti venit amnis ab austro, | inter nigra virum percocto saecla colore | exoriens ...* ('daardie rivier kom vanuit die Suide se snikwarm streek [en] ontspring tussen donker mense-rasse van songebakte kleur ...'); ook 6.1108-9: *quidve quod in Ponto est differre, et Gadibus atque | usque ad nigra virum percocto saecla colore?* ('wat is die verskil in klimaat tussen Pontus en Gades en tot by die donker mense-rasse met hul songebrande voorkoms?').

In reëls 1145-286 beskryf Lucretius die grusame simptome en uitwerking van die pes op mens en dier wat as tema Boek 6 afsluit. Die term *nigra* bepaal met die primêre betekenis die ‘donker’ of selfs ‘swart’ kleur van die dodelike uitskeiding wat heel waarskynlik op etter en dooie bloed dui.⁴¹⁹

b. Catullus

Cat. 43.1-2: *salve, nec minimo puella naso | nec bello pede nec nigris ocellis* (‘wees gegroet, meisiekind, [jy het] nóg ’n fyn neus, nóg ’n slanke [let. ‘mooi’] voet, nóg **swart/donker** oë’).

Catullus groet die plaaslike *belle*, maar gaan dan ironies genoeg voort om die tekortkominge in haar voorkoms uit te lig. Sy het nie ’n fyn neusie, klein voetjies en donker oë nie ... fisiese eienskappe wat gewoonlik as die ideaal geprys word. Die term *nigris* word hier met die primêre betekenis ‘donker’ of ‘swart’ gebruik wat gewoonlik met skoonheid vereenselwig word.⁴²⁰

c. Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 2.16: *quamvis ille niger, quamvis tu candidus esses ?* (‘[was dit nie beter om Menalcas te verdra nie], al was hy **donker** en jy spierwit?’).

Die herder Corydon is hopeloos verlief op Alexis, maar hy betreur sy onvermoë om die liefde van die jongman te wen. As vertroetelde huisslaaf (2: *delicias domini*) behou Alexis sy ligte gelaat, in kontras met die donker, dalk songebrande, voorkoms van Menalcas wat *niger* met die primêre betekenis bepaal. Tog moet Alexis hom nie aanstellerig hou nie, want gelaatskleur is onbelangrik, soos aangedui in reël 17: *o formose puer, nimium ne crede colori* (vgl. Coleman 1977:95 n.16-17). Volgens Clausen (1994:68-69) verwys hierdie beskrywing van Vergilius terug na Theokritos, *Id.* 10.26-29.⁴²¹

ii. Verg. *Aen.* 1.488-89: ... *agnovit ... | Eoasque acies et nigri Memnonis arma* (‘... hy [Aeneas] sien die leërs van die Ooste en die wapens van **swart** Memnon’).

Op die muurpaneel van die Karthaagse tempel, word die wapentuig van Memnon uitgebeeld wat ’n Afrikaan is. Gevolglik dui die epiteton *nigri* etnies op Memnon se swart voorkoms.

6 Tiperend van natuurverskynsels

a. Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 6.256-58: *praeterea persaepe niger quoque per mare nimbus, | ut picis e caelo demissum flumen, in undas | sic cadit ...* (‘daarbenewens stort daar baie dikwels oor die see ’n **donker** onweerswolk neer op die golwe, soos ’n stroom pik gegiet uit die hemel ...’).

⁴¹⁹ Hierdie beskrywing herinner aan die pandemie (‘Swart Dood’) wat Europa onder andere teen die middel van die veertiende eeu geteister het waarin miljoene mense gesterf het. Kenmerkend van die plaag was ook die groot swart swere wat mettertyd oopgebars het met donker etter en bloed wat daaruit gedrup het (vgl. Benedictow 2005).

⁴²⁰ In die Griekse letterkunde is swart oë met skoonheid vereenselwig wat die epiteton μέλας bepaal (vgl. Kober 1932:26). Sien ook Propertius 2.12.23-24: *qui caput et digitos et lumina nigra puellae | et canat ...* (‘wie sal die hoof, vingers en **swart/donker** oë van my meisie besing ...?’).

⁴²¹ Sien II. *CANDIDUS* 1.b.ii en voetnote 142 en 143.

Die primêre betekenis van *niger*, ‘donker,’ kom hier sonder enige emotiewe nuanses voor. Om die erge voorkoms van die stormwolke weer te gee, verdiep Lucretius die kleurwaarde met die frase *picis ... flumen* wat op die donkerste, diepste skakering van swart dui.⁴²²

b. Catullus

Cat. 68.63-64: *ac, velut in nigro iactatis turbine nautis / lenius aspirans aura secunda venit* (‘soos vir seelui wat deur ’n donker storm rondgegooi is, is ’n briesie wat sagter waai voordelig’).

Wanner Allius ’n geskikte ontmoetingsplek vir die verliefde paartjie bewimpel, is sy hulp vir Catullus soos ’n gunstige bries wat na ’n hewige storm opkom. Die term *nigro* bepaal hier met die primêre betekenis die aard van die storm. Homeros se beskrywing met μέλας van golwe of water wat deur die wind aangejaag word, dui volgens Kober (1932:33) op ’n onstuimige see wat Catullus se keuse van *nigro* hier kan verklaar. Sien ook Homeros, *Il.* H(7).64 en Ψ(23).693 (vgl. Edgeworth 1992:100-1).

c. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.320-21: ... *ita turbine nigro / ferret hiems culmumque levem stipulasque volantis* (‘... só dra die storm in ’n donker dwarrelwind die ligte halms en vlieënde stoppels voort’).

Met *ego* (316) en *vidi* (318), wat volgens Thomas (1988a:121-22 n.316-34) geloofwaardigheid bevestig, beskryf Vergilius (waarskynlik) sy persoonlik indrukke van storms wat die landbouer se landerye oorspoel en harde werk tot niet maak. Wanneer graankorrels aan groen helms (315: *viridi stipula*) melkerig uitswel, moet die landbouer bedag wees op gietende reënbuie wat sonder waarskuwing kan opsteek. Later, soos dikwels (322: *saepe*) gebeur as die graan reeds goudgeel op die landerye staan (*flavis ... arvis*),⁴²³ ruk ’n donker dwarrelwind (*turbine nigro*) die brose halms uit die grond uit en waai die vlieënde stoppels weg. Die frases *ab radicibus imis* (319) en *sublimem expulsam* (320) dwing die leser se geestesoog om van onder na bo te beweeg, hoog die lug in, om só die hewige impak van die wind te verbeeld. Die verwysing na die maaier (316: *messorem*) wat die ryp graan stroop, verpersoonlik ook die uitbeelding. Hierdie beskrywing kan terugverwys na Lucretius, *D.R.N.* 6.256-58 wat beide *niger* en *ater* vir sy beskrywing van die storm gebruik. Met *nigro* word die geleidelike opbou van die storm chromaties uitgebeeld, terwyl die intensiteit van die verwoestende donderbuie genuanseerd met *atram* weergegee word.⁴²⁴

ii. Verg. *Geor.* 1.427-29: *luna revertentis cum primum colligit ignis, / si nigrum obscuro comprehenderit aëra cornu, / maximus agricolis pelagoque parabitur imber* (‘sodra die maan herverskyn

⁴²² Ook in *D.R.N.* 6.526 beskryf Lucretius die donker voorkoms van die wolk chromaties met die primêre betekenis van *niger*: *tum color in nigris existit nubibus argui* (‘dan staan die kleure van die reënboog uit teen die donker wolke’).

⁴²³ Sien XII. *FLAVUS* en *FLAVEO* 5.b.ii.

⁴²⁴ Sien VI. *ATER* 10.a.ii.

[let. “haar terugkerende vuurlig versamel”] [en] reeds die **donker** newel met haar dowwe horing vasgevat het, sal swaar reën op boere en seeliede wag’).

Die landbouer kan uit die voorkoms van die maan die stand van die weer aflei, mits hy oplettend is. Vergilius steun hier swaar op Aratus, *Phaen.* 778-818, maar selekteer slegs drie voorbeelde om as *signa* aan boere voor te hou (427-37). Eerstens dui ’n dowwe maan met ’n donker newel op reën: ἄλλοθι δ’ ἄλλο μελαινομένη δοκέειν ὑετοῖο [‘dit is hier en daar so donker, dit dui op reën’]; vgl. Erren 2003:230 n.428); tweedens dien die rooi blos wat duidelik sigbaar is oor die andersins glansende maan as ’n sekere teken van wind; (sien *Geor.* 1.430-31 met die frase *virgineum ... ruborem* en *rubet* aangedui);⁴²⁵ en derdens dui ’n helder sekelmaan met skerp-omlynde horings op goeie weer. *Nigrum* se primêre betekenis bepaal die maan se verdonkerde helfte.⁴²⁶

iii. Verg. *Geor.* 3.278-79: ... *aut unde nigerrimus Auster | nascitur et pluvio contristat frigore caelum* (‘... of vanwaar ’n **gitswart** suidewind waai en die hemel triestig maak met nat en koue weer’).

Die tema van die vernietigende krag van *amor* (242-83) wat alle lewende wesens beïnvloed, word afgesluit met die uitbeelding van merries wat sonder paring dragtig word. Dit gebeur wanneer hulle – wonderlik om te sê – die westewind opsnuif: ‘Daarna spat hulle uitmekaar en vlug oor rotse en dale, noordwaarts of suidwaarts, of vanwaar die gitswart suidewind waai’ (274-75: vertaling deur Blanckenberg 1975).⁴²⁷ Soos in *Geor.* 1.333 (... *ingeminant Austri et densissimus imber* [‘... die suidewinde verdubbel in sterkte en die reënwolk is dig-saamgepak’]) plaas die superlatief die klem op die hewigheid van die storm.⁴²⁸ Die term kan suiwer chromaties die uiters gure aanslag van die suidewind bepaal, maar dit kan ook genuanseerd die vernietigende krag van *amor* definieer.⁴²⁹

iv. Verg. *Aen.* 5.515-16: ... *et alis | plaudentem nigra figit sub nube columbam* (‘... en deurboor die duif wat met haar vlerke onder die **donker** wolk klap’).

As deel van die spele ding Aeneas se manskappe in boogskiet mee. ’n Duif word as teiken losgelaat en, wanneer dit onder ’n donker wolk vlieg, deurboor Eurition se pyl dit. Vergilius verwys nooit eksplisiet na die kleur van duiwe nie, maar sou hulle implisiet met ’n wit kleur geassosieer word, bewerkstellig die digter hier ’n treffende kontras: ’n Wit duif is geëts teen die donker wolk as agtergrond. Ook hier dui

⁴²⁵ Sien XVIII. **RUB*-groepering 2.b.ii.

⁴²⁶ Hierdie fenomeen waarna Aratus, *Phaen.* 785-87 verwys, staan as ‘aardlig’ (‘earthshine’) bekend (vgl. Conington 1883:206 n.428). Mynors (1990:88 n.427-37) verduidelik: “On a very clear evening, the disk of the new Moon between the brilliant arms of the crescent can, during the first couple of days, be seen dimly lit by reflection from the Earth ... If the horns are dim and earthshine is absorbed, so that all is dark between them, the air is thick with the promise of rain.”

⁴²⁷ Die sinsdeel *unde nigerrimus auster nascitur* dien as parafrase vir die suidewind (vgl. Erren 2003:680 n.278).

⁴²⁸ Brink (1969:63) verwys na die Midi se Mistral as “... die heerser van alle winde ... so swart soos die Kaap se swartste suidoos”.

⁴²⁹ In *Aen.* 5.695-96 bepaal die superlatief, *nigerrimus*, chromaties met die primêre betekenis die uiters donker voorkoms van die reënstorm, maar in hierdie konteks het die reën ’n positiewe uitkoms aangesien dit die vlamme op Aeneas se skepe uitdoof: ... *ruit aethere toto | turbidus imber aqua densisque nigerrimus Austris* (‘... vanuit die ganse hemel, stort daar ’n woeste **gitswart** reënbui neer met [gepaardgaande] digte suidewinde’).

die primêre betekenis van die term suiwer chromaties op die donker voorkoms van die wolk, sonder enige bykomende nuanses.⁴³⁰

7 Van vrugte, blomme en hout

a. Catullus

Cat. 17.16: [*puella*] *adservanda nigerrimis diligentius uvis* ('sy moet met groter sorg as **gitswart** druiwe opgepas word').

Hierdie ode word aan 'n mede-dorpsbewoner gerig wat minder verstand het as 'n kind (12: ... *nec sapit pueri instar*) en as uiters onnosel (12: *insulsissimus*) beskryf word. Hy is getroud met 'n meisie wat nog in die absolute fleur van haar lewe is (14: *viridissimo ... flore*), maar wat as 'n bedorwe brokkie meer vertroeteling as 'n tingerige bokkie (15: ... *tenelullo delicatior haedo*) en groter sorg as gitswart druiwe (16: *nigerrimis ... uvis*) vereis. Boonop flikflooi sy (17: *ludere*), net soos dit haar pas. Die superlatiewe is opvallend, ook *nigerrimis* wat met die primêre betekenis, 'gitswart,' druiwe bepaal wat kan terugverwys na Homeros, *Il.* Σ(18).562 en druiwe in oestyd beskryf as 'swart' of 'donker' (... μέλανες δ' ἀνὰ βότρυες ἦσαν). Dit is ook moontlik dat die frase *nigerrimis uvis* metafories op die jongvrou se uitsonderlike skoonheid (dalk haar donker oë) kan dui.

b. Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 2.17-18: *o formose puer, nimium ne crede colori! | alba ligustra cadunt, vaccinia nigra leguntur* ('o aantrekklike jongman, moenie te veel vertrou plaas in jou gelaatskleur nie; die wit blomme van die liguster val af, maar **donker** "hasinte" word gepluk').

Die herder Corydon betreur sy onvermoë om die liefde van Alexis te wen. As vertroetelde huisslaaf (2: *delicias domini*) behou Alexis 'n ligte gelaat waaroor hy hom nie aanstellerig moet hou nie (vgl. Coleman 1977:95 n.16-17).⁴³¹ Somtyds word 'n donker kleur bo 'n ligte een verkies, soos wanneer donker 'hasinte' (*vaccinia*) doelbewus uitgesoek en gepluk word, eerder as wit ligusterblomme. Aangesien dit onseker is op watter blomsoort *vaccinia* dui, word *nigra* met die generiese betekenis 'donker' gebruik.

ii. Verg. *Ecl.* 6.53-54: *ille latus niveum molli fultus hyacintho | ilice sub nigra pallentis ruminat herbas* ('[die bul] met sy spierwit flank op die brose/sagte 'hasint' uitgestrek, herkou aan vaal gras onder 'n **donker** steeneik').

In reëls 45-60 sing Silenos van Pasiphaë se liefde vir 'n spierwit bul (*nivei* in 46 en *niveum* in 53).⁴³² Hy herkou aan gras, terwyl hy uitgestrek op brose 'hasinte' onder 'n donker steeneik lê. Hoewel hierdie reëls oënskynlik eenvoudig voorkom, word dit gou duidelik dat die digter iets meer subtiel in gedagte

⁴³⁰ Die term met die primêre betekenis 'donker' of 'stormagtig' kom ook voor in *Aen.* 11.596: *nigro circumdata turbine corpus* ('[Opis se] liggaam is omhul in 'n **donker** warrelwind').

⁴³¹ Vergilius se uitbeelding verwys terug na Theokritos, *Id.* 10.26-29 (vgl. Clausen 1994:68-69). Sien voetnote 142 en 143.

⁴³² Sien V. *NIVEUS* 1.b.ii.

het. Die steeneik is kenmerkend die donkerste van al die eike-spesies (vgl. Sargeaunt 1919:61-62) en word nou aanvullend met *nigra* beskryf, 'n uitbeelding wat die oplettende leser dadelik sal bemerk. Die 'oorbeklemtoonde' donker kleurwaarde van die frase *ilice nigra* dra tot die onheilspellende atmosfeer by, moontlik as aanduiding van die onmenslike lot wat op Pasiphaë wag.

By verdere ontleding blyk dit dat die frase *ilex nigra* (hoewel in wisselende naamvalle) ook een keer in elk van die *Georgica* en die *Aeneïs* voorkom, en soos in die *Eclogae* duidelik blyk, telkens met dieselfde onheilspellende assosiasies gebruik word.⁴³³

iii. Verg. *Ecl.* 10.39: (*et nigrae violae*⁴³⁴ *sunt et vaccinia*⁴³⁵ *nigra*) ['en donker is "viooltjies" en donker die "hiasinte"'].
Die herder Gallus sing van sy gebroke hart (10: *indigno ... amore*) en van Lycoris wat hom vir 'n ander verlaat het (21-22). Nietemin hoop hy om weldra met 'n ander geliefde onder wingerdranke in die wilgerbos te lê (40). Dan sal dit nie saak maak wie dit is nie, dalk Phyllis of selfs Amintas met haar donker voorkoms soos dié van 'viooltjies' en 'hiasinte'. Die herhaling van *nigrae* en *nigra* beklemtoon die donker kleur van die blomme wat verband hou met fisieke skoonheid. Aangesien geen ander kleurwoord die presiese kleurwaarde van die blomme uitbeeld nie, word die primêre betekenis, 'donker,' as generiese kleurwaarde hier voorgehou.

iv. Verg. *Geor.* 2.116-17: *... sola India nigrum | fert hebenum ...* ('... slegs Indië voorsien swart ebbehout ...').
Net soos verskillende grondtipes vir spesifieke bome (109-35) geskik is, so lewer elke land ook produkte wat eie daaraan is (109: *nec vero terrae ferre omnes omnia possunt*). Met *aspice* verskuif Vergilius sy blik na die Ooste, waar Indië ebbehout lewer.⁴³⁶ Soos in Plinius Maior, *Nat.* 12.20 (*nigri splendoris*) kom *nigrum* hier met die primêre betekenis 'swart' voor wat implisiet die donker glans van ebbehout aandui.

v. Verg. *Geor.* 2.256-58: *... at sceleratum exquirere frigus | difficile est: piceae tantum taxique nocentes | interdum aut hederæ*⁴³⁷ *pandunt vestigia nigrae* ('... maar dit is moeilik om misdadige koue uit te snuffel; slegs pikdenne en skadelike taksisbome of donker klimop verklap soms sy spore').

⁴³³ Sien *infra*, onderskeidelik VII. *NIGER* 7.b.vi en 7.b.ix.

⁴³⁴ Ook in Theokritos, *Id.* 10.28 word ἴον ('viooltjie') met μέλας uitgebeeld, met die betekenismoontlikheid 'donker' (vgl. Sargeaunt 1919:136-37; Kober 1932:28).

⁴³⁵ Aangesien die identifikasie van beide die blomtipes – *violae* en *vaccinia* – uit beskikbare tekspassasies onsuksesvol is, is dit dus nie moontlik om die spesifieke kleurwaarde te identifiseer nie.

⁴³⁶ Die familie *Ebenaceae* verteenwoordig baie spesies wat ook ebbehout insluit. Dit kom veral in warmer streke van Indië en tropiese Afrika (Etiopië) voor, soos Plinius Maior, *Nat.* 12.17-20 ook aandui met verwysing na Herodotus 3.97 (vgl. Thomas 1988a:176 n.117-17). Volgens Erren (2003:347 n.116) was daar vir Vergilius geen geografiese onderskeid tussen hierdie lande nie (vgl. ook Mynors 1990:116 n.116-17, met verwysing na 4.293n.), aangesien Indië volgens hom aan die suidpunt van Afrika geleë was. Hierdie bewering word gestaaf deur 'n ongespesifiseerde verwysing van Servius: *Indiam omnem plagam Aethiopiae accipiamus*.

⁴³⁷ In Theokritos, *Id.* 11.46 bepaal μέλας die klimop (μέλας κισσός). LSJ verwys na twee soorte klimop wat met beide μέλας en λευκός uitgebeeld word (vgl. Kober 1932:27), terwyl Plinius Maior, *Nat.* 16.62 na verskillende soorte verwys: *alicui et semen nigrum, alii crocatum, cuius cornis poetae utuntur, foliis minus nigris* ('een soort het swart bessies, 'n ander, wat gebruik word vir die digterskroon, se bessies is saffraangekleurd met blare wat nie so donker is nie'; vgl. Abbe 1965:147).

Sien VIII. *PICEUS* 3.i. In reëls 226-58 gee Vergilius praktiese wenke om nege verskillende grondtipes te identifiseer. Een daarvan is ‘koue grond,’ waarna die woord *frigus* verwys en wat skynbaar aan die natuurlike plantegroei wat daarop voorkom, uitgeken kan word (255: *praediscere*):⁴³⁸ Daar word verwys na pikdenne (*piceae*),⁴³⁹ taksisbome wat gifige bessies dra (*taxique nocentes*) en die donker klimop (*hederae ... nigrae*) waarmee die fokus na kleur verskuif. Volgens Della Corte (1986a:120 n.257) word die donkergroen blare van die klimop vir poëtiese impak as ‘swart’ of ‘donker’ uitgebeeld, terwyl Mynors (1990:132) maan dat die donker kleurwaardes dreigender voorkom as wat dit in werklikheid moet wees. Tog vermeld Vergilius in sy groepering opvallend genoeg die taksis met die dodelike giftige bessies (*taxique nocentes*).⁴⁴⁰ Hoewel dit dus wil voorkom asof hierdie seleksie van bome donker kleurwaardes insluit – hetsy eksplisiet van die klimop en implisiet van die pikden – om sodoende uitkenning van ‘koue’ grond te vergemaklik, is daar tog ’n onderliggende dreigende nuanse teenwoordig: Koue kan immers op die dood dui.⁴⁴¹

vi. Verg. *Geor.* 3.333-34: ... *aut sicubi nigrum / ilicibus crebris sacra nemus accubet umbra* (‘... of waar die **donker** woud met al sy steeneike in ’n heilige skaduwee lê’).

In reëls 322-38 fokus Vergilius op die versorging van skape en bokke wat vroeg op ’n somersoggend die dou op die sagte gras uiters aanloklik vind (326: *et ros in tenera pecori gratissima herba*). Wanneer die sonbesies skril hul lied op die hitte van die dag verhef (328: *et cantu querulae rumpent arbusta cicadae*), is dit tyd om koelte in die skaduryke woud op te soek. Ook hier beklemtoon **nigrum** met die primêre betekenis ‘donker’ die woud wat met sy skaduwee behaaglik en onskendbaar (*sacra*) kan voorkom. Die koelte sou lafenis vir die vee kon bied, en tog beskryf die digter ’n woud van digte, donker steeneike: **nigrum ilicibus crebris ... nemus**. Weer eens dra hierdie frase tot die gelaaide atmosfeer by om sodoende die leser se aandag op te skerp: Die beskrywing is onheilspellend en dien as voorloper van die dodelike pes wat op hande is.⁴⁴²

vii. Verg. *Geor.* 4.274-75: *aureus ipse, sed in foliis, quae plurima circum / funduntur, violae subluceat purpura nigrae* (‘[die kern van die blom] self is ’n goudgeel, maar op die blomblare wat weelderig daarom uitgroeï, glinster die purper van die **donker** “viooltjie” daaronder’).

⁴³⁸ Anders as Vergilius vereenselwig Plinius Maior, *Nat.* 17.33 donker, laaggroeiende plante met bitter grond, terwyl plante wat verskrompeld (*retorrída*) voorkom op koue grond aard: *terram amaram probaverim; demonstrant eam atrae degeneresque herbae, frigidam autem retorrída nata ...* (vgl. Conington 1881:241 n.257 en n.258). Tog verwys *Nat.* 16.40 ook na die pikden wat op berge aard en koue verkies: *picea montes amat atque frigora ...*

⁴³⁹ In *Aen.* 9.87 (... *nigranti picea*) word die pikden as ‘swart’ beskryf, vanweë die pik/harpuis wat die bome oplewer en die donker skaduwee wat die boom bied (vgl. Hardie 1994:91 n.87).

⁴⁴⁰ Vanweë die giftige bessies wat hierdie boom dra, word dit dikwels met die Onderwêreld en die dood geassosieer. Sien Ovidius, *Met.* 4.432: *est via declivis funesta nubila taxo* (‘daar is ’n paadjie wat afdraande [na die Onderwêreld] loop in die skadu van die dodelike taksisboom’).

⁴⁴¹ Om hierdie prosaïese onderwerp te verlewendig, verwys die digter na die mens se interaksie met grond. Hy graawe grond uit (227-37), hy proe (238-47) en raak daaraan, hy krummel (248-50) en ontleed dit (255-58) en hy span sy oë (*oculis* in 230 en 255), voete (*pedibus* in 232), mond (*ora* in 246), hande (*manibus* in 249) en vingers (*digitos* in 250) in om dit te hanteer (vgl. Thomas 1988a:198-99 n.226-58).

⁴⁴² Sien VII. *NIGER* 7.b.ii en ix.

Sien IX. *AUREUS* 7.c.ii.; XVII.a. *PURPURA* 2. Wanneer bye van 'n aaklige siekte kwyn, is daar duidelike tekens waarop die simpatieke boer moet let. Hiervoor bied die digter verskeie rate wat as stimulant vir bye kan dien waarvan die gekookte wortels van die *amellus*-plant⁴⁴³ een kuur is. Die plant kan maklik aan die opvallende blom geëien word. Aangesien daar geen tegniese woordeskat vir 'n botaniese beskrywing van hierdie aard bestaan nie, is Vergilius genoodsaak om dit hier te skep: Die blom is saamgestel uit die blomkern (271: *flos*) met die blom- of kroonblare (*foliae*)⁴⁴⁴ daarom gerangskik; die woord *caespite* (273) dui op die plant se wortel waarna Mynors (1990:292 n.273) verwys as *radix cespitosa*, 'n uitgebreide, digte wortelstelsel; en die frase *ingens silva* (273) dui op die veelvuldige stamme wat daaruit spruit (vgl. Sargeaunt 1919:14-16). Die blomkern is goudegeel wat *aureus* met die oordragtelike betekenis bepaal,⁴⁴⁵ terwyl die kroonblare met *purpura* se oordragtelike betekenis 'purperkleurig' uitgebeeld word. Die kleurterm *nigrae* verdiep hierdie kleurwaarde tot 'n uitsonderlike **donkerpurper**,⁴⁴⁶ om 'n baie besondere kleurkontras met die blom se goudegeel kern te bewerkstellig.⁴⁴⁷

viii Verg. *Aen.* 8.598-99: ... *undique colles | inclusere cavi et nigra nemus abiete cingunt* ('... aan alle kante het steil heuwels die woud ingesluit en dit met die **donker** sparbome omvou').

Naby die koue stroom van Caere lê hierdie uitgestrekte woud wat weens die ligging 'n ideale plek vir Tarchon en sy troepe is om kamp op te slaan. Vergilius gebruik die frase *nigra nemus abiete* van hierdie woud met sy donker sparbome, maar anders as met die frase *nigra ilex*, is daar geen genuanseerde betekenis aan hierdie beskrywing gekoppel nie. Die verwysing na die donker voorkoms van die bome skep implisiet die indruk van koelte wat op lafenis en rus kan dui.⁴⁴⁸

⁴⁴³ In antieke letterkunde is hierdie die enigste aanvaarbare beskrywing van die plant, *amellus*, hoewel Columella, *De Re Rustica* 9.13.8 vreemd genoeg die *stam van die plant* as 'geel' beskryf: *optime tamen facit amelli radix, cuius est frutex luteus, purpureus flos*. Vergilius gebruik hier moontlik die Galliese naam, *amellus*, wat na die blom *Aster amellus* Linn. kan verwys. Putnam (1979:265, 269-70) wys op die konnotasie van *amellus* met die woord *mel* wat Vergilius herbeklemtoon met gebruik van die naamwoord *Mella* in reël 278, 'n sytak van die Po in Gallië Transpadana (vgl. Page 1968:265), waar die blom op die hoogliggende dele voorkom (vgl. Sargeaunt 1919:15). Sien ook Armstrong (2019:245) wat na die plant as 'n enigma verwys. Della Corte (1986b:161 n.271) vereenselwig die woord *flos* met die blom self wat hy as 'goudegeel' (*aureus*) vertaal, maar hy laat eger na om dit as die blomkern te eien. Dit moet afgelei word uit Vergilius se beskrywing van die baie blomblare (*foliae*) wat rondom die goudegeel 'blomkern' ('il fiore giallo') gerangskik is.

⁴⁴⁴ Mynors (1990:292) wys daarop dat daar ook in Engels tot en met die agtiende eeu geen aparte name vir kroon- en plantblare was nie. Erren (2003:275) beskou *foliae* as plantblare ('Blättern') wat nie deel van die blom vorm nie en uiteraard groen moet wees, 'n beskouing wat in hierdie konteks minder aanvaarbaar is. Sien ook Richter 1957:369 n.271 ff.

⁴⁴⁵ Volgens Erren (2003:888 n.274) kan *luteus* of *croceus* as 'eufemistiese metafoor' vir *aureus* gebruik word. Die kleurwoord *luteus* kom glad nie in die *Georgica* voor nie en Vergilius gebruik *croceus* nooit chromaties van blomme nie, maar wel met die betekenis 'saffraan'gegeurd,' wat hier dus ook onaanvaarbaar is. Sien X. *CROCEUS* en *CROCUS/CROCUM* 1.b.i en ii.

⁴⁴⁶ Sien *Aen.* 12.413-14 vir verwysings na die purper blom (*flore ... purpureo*) wat Venus vir Aeneas bring, nadat hy erg gewond is (12.319).

⁴⁴⁷ Sappho 152.1 gebruik χρυσός van 'n onbekende blom (χρυσέοισιν... ἀνθέμοισιν), so ook Nikandros, *Ther.* 504: ἄνθεα ... χρύσεια (vgl. Kober 1932:64-65). Ovidius beskryf Narcissus se transformasie in 'n blom waarvan die saffraankleurige kern met wit kroonblare – *foliis* – omkrans word. Sien *Met.* 3.509-10: ... *croceum pro corpore florem | inveniant, foliis medium cingentibus albis* ('... in die plek van sy liggaam vind hulle 'n blom, die saffraankleurige kern omkrans met wit kelkblare ...'); vgl. Page 1968:364).

⁴⁴⁸ Sargeaunt (1919:8), daarenteen, beskou die voorkoms van die bos as 'swart,' omdat sparbome op 'n afstand en teen die lug afgeëts, swart lyk. Irwin (1974:45) verwys na Kober (1931:115) volgens wie bome *en masse* deur μέλας bepaal word wat die ekwivalent van 'donkergroen' is, terwyl χλωρός op 'liggroen' dui wat volgens Irwin 'n veralgemening en 'n foutiewe aanname is. Voorbeelde van 'donker' bome' met χλωρός dui op bladhoudende bome, soos die lourier in Euripides, *I.A.* 759 en die sparboom in Euripides, *Ba.* 38. Ook word beboste areas deur χλωρός uitgebeeld.

ix. Verg. *Aen.* 9.381: *silva fuit late dumis atque ilice nigra* ('die woud was **donker** met wydspreidende doringbosse en steeneik[e]').

Na hul strooptog op die vyand se kamp, vlug Nisus en Euryalus na die donker woud wat helaas nie beskutting en veiligheid bied nie. Vergilius beskryf die woud met die frase *ilice nigra* wat met negatiewe assosiasies voortydig 'n ramp aandui, dus beide se dood. Hierdie frase kom weer eens genuanseerd voor en dra tot die beklemmende stemming by wat met woorde soos *horrida* (382), *tenebrae* (384) en *timor* (385) verder aangevul word.

8 Van boererate en towermiddels

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.193-94: *semina vidi equidem multos medicare serentis | et nitro prius et nigra perfundere amurca* ('ek het ook baie saaiers gesien wat hul saad eers met soda behandel en later in **swart** olyfmoer week').

Vergilius verskaf *praecepta* aan die saaiers om die opbrengs van sy boontjie-oes te vergroot en beklemtoon die geloofwaardigheid van sy raat met die herhaling van *vidi* in reëls 193 en 197. Volgens Varro, *R.* 1.64 (*amurca cum ex olea expressa, qui est umor aquatilis*) is *amurca* (ἀμόργη) 'n donker en bitter vloeistof en die byproduk van geparsde ryp olywe.⁴⁴⁹ Die donker kleur word met *nigra* se primêre betekenis 'swart' of 'donker' bepaal, terwyl die woord *nitro* (die een of ander tipe 'soda,' vgl. Mynors 1990:44 n.194) na Theophrastos, *H.P.* 2.4.2 terugverwys.⁴⁵⁰ In die sober, feitelike uiteensetting bespeur Richter (1957:145-46 n.193 ff.) tog 'n emotiewe nuanse: Die teleurstelling om in groot peule klein pitte aan te tref, moet die landbouer gespaar word, vandaar die waarde van *praecepta*. Die eufoniese reduplikasie van **ni*-klanke (*ni-ger* en *ni-trum*) verlewendig ook die droë uiteensetting van die *praecepta*. [my beklemtoning]

ii. Verg. *Geor.* 3.448-49, 51:

*aut tonsum ... contingunt corpus amurca
et spumas miscent ...*

...

scillamque elleborosque gravis nigrumque bitumen

of nadat daar geskeer is, smeer hulle sy lyf met olyfmoer en meng hulle silwerskuim ...
ajuin, sterk helleboor en **swart** bitumen.

(vertaling deur Blanckenberg 1975)

⁴⁴⁹ 'n Moderne olyfboer week sy olywe vir ten minste ses maande in pekelwater om van die bitter smaak ontslae te raak. Nadat die olyfpulp gepars is, skei die olie van die *amurca* (vlesige reste) wat dan afgeskep word. Dit is waterig met 'n donker, swart kleur wat heel moontlik aanleiding kon gee tot die Engelse woord 'murky'. Die 'olyfmoer' word hedendaags gebruik in boumateriaal, ook as onkruid- en plaagdoder wat nie veel verskil van die gebruikte daarvan in antieke tye nie.

⁴⁵⁰ Volgens Erren (2003:127 n.194) is *nitrum* 'n Semitiese woord wat (skynbaar) hier vir die eerste keer gebruik word. Sien Plinius Maior, *Nat.* 31.10.

Vergilius verskaf sy eie mengsel vir die behandeling van brandsiekte by skape, maar sy formule strook nie met die tradisionele en meer aanvaarbare mengsels van Cato, *Agr.* 96 en Columella, *De Re Rustica* 7.4.7. en 7.5.7-88 nie.⁴⁵¹ Net soos die woord *pix* in *Geor.* 1.275 (*atrae massam picis*), impliseer *bitumen* ook 'n swart kleur wat hier pleonasties met die primêre betekenis van **nigrum** aangevul word.

iii. Verg. *Aen.* 4.513-14: *falcibus et messae ad lunam quaeruntur aënis / pubentes herbae nigri cum lacte veneni* ('en kruie word gesoek wat in die maanlig met koper sekels afgesny en sappig met die melkerigheid van **swart** gif is).

Die priesteres berei die altare voor met gesprinkelde water (*sparserat et latices* in 512) en giftige kruie, sodat Dido haar invokasie aan die magte van die Onderwêreld kan afhandel.⁴⁵² Soos ook van *ater* wat gif bepaal (*atro veneno* in 2.221; sien VI. *ATER* 5.c.iii), kom **nigri** hier voor van die effek wat gif op die liggaam het (sien Juvenalis, *Sat.* 1.72: *nigros efferre maritos*), dus die chromatiese gebruik. André (1949:57), daarenteen, staan die genuanseerde betekenis moontlikheid 'dodelik' of 'giftig' voor, hoewel die emotiewe betekenis moontlikheid van **niger** besonder skaars is. Volgens Edgeworth (1992:138) kan die frase *nigri cum lacte veneni* as oksimoron beskou word.

9 As epiteton van roet, grond en sand

Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 7.49-50: ... *hic plurimus ignis / semper, et adsidua postes fuligine nigri* ('... hier [is daar] altyd 'n groot vuur en deurposte wat **swart** is van nimmereindigende roet').

Anders as Corydon se lied wat handel oor die vreugdes wat die natuur in die somer bied (45-46), sing Thyrsis van sy huis in wintertyd (51) waar daar altyd 'n gesellige vuur is. Aangesien die rook by die deur moet uitwaai, is die deurposte swart van roet wat die term **nigri** met die primêre betekenis bepaal. In werklikheid en, volgens moderne gevoel, kan dit alles behalwe aangenaam wees.⁴⁵³

⁴⁵¹ Cato se mengsel bevat gelyke dele *amurca*, 'n aftreksel van gekookte wolfsboontjie en die afsaksels van goeie wyn. Columella voeg hierby gekneusde helleboor (soos in Vergilius se mengsel) en, as opsionele bestanddeel, dollekerwel of 'hemlock' (vgl. Thomas 1988b:125 n.448-51). Die gebruik van pik vir hierdie doel word ook deur Plinius Maior, *Nat.* 24.8 aanbeveel, maar met duidelike spesifikasies (soos in Cato). Aangesien hierdie 'n ongeskrewe reël van die tradisie is wat Vergilius nalaat om te verskaf, is sy brousel dus nie funksioneel nie en is dit bloot 'n poging om sy 'resep' aanvaarbaar te maak met poëtiese byvoegings.

⁴⁵² Edgeworth (1992:138) verwys na die frase *κελαινήν ικμάδα* van die plante wat Medea versamel, beskryf in Apollonius Rhodius, *Argon.* Γ(3).58.

⁴⁵³ In antieke tye moes die rook van 'n binnenshuise vuur gewoonlik deur 'n opening in die dak ontsnap (*καπνοδόκη*, later *καπνοδόχη*, vanwaar *μέλαθρον*, 'dak'; LSJ). Skynbaar was 'n dak vol swart roet 'n aanvaarde praktyk, soos aangedui in Ovidius, *Fast.* 5.505: *tecta senis subeunt nigro deformia fumo* ('hulle gaan onder die ouman se dak deur, onooglik van die **swart** rook'); en in Martialis 2.90.7-8: *me focus et nigros non indignantia fumos / tecta iuvant ...* ('my vuurherd en dak wat **swart** rook nie minag nie, verskaf my genot ...'). Volgens Servius *ad Aen.* 1.730 (*ibi etiam culina erat, unde et atrium dictum est; atrum enim erat ex fumo*) het die *atrium* (wat aanvanklik onbedek was) ook diens gedoen as kombuis. Die vuurherd is in die *atrium* aangebring met die rook wat volgens Page (1968:153-54 n.50) by die deur moes uitwaai, sodat alles dus met roet bedek was (vgl. Clausen 1994:229 n.50, met verwysing na Fraenkel). Volgens De Vaan (2008:60) was die etimologiese verklaring van *ater* > *atrium* in antieke tye algemeen aanvaar, hoewel daar geen onafhanklike bewyse daarvoor beskikbaar is nie.

ii. Verg. *Geor.* 2.203-5: **nigra fere et presso pinguis sub vomere terra | et cui putre solum ... | optima frumentis ...** ('die beste grond vir koring is gewoonlik **donkerbruin**, swaar onder die ingedrukte ploegskaar en met krummelrige kluit ...').

Die onderwerp van verskillende grondtipes (waarvan ons in *Geor.* 1.50-56 'n voorsmakie gehad het) word vervolgens uitgebrei, sodat grond se inherente krag, die kleur (178: *quis color*) en die natuurlike dravermoë ontleed kan word (177-225).⁴⁵⁴ Vergilius verskil van die tegniese skrywers – Columella 2.9.2, Plinius Maior, *Nat.* 17.44 en Palladius 1.6.15 – wat ook die onderwerp insluit en 'n krummelrige tipe grond verkies. Volgens Cato, *Agr.* 6.1 (*ubi ager crassus et laetus est sine arboribus, eum agrum frumentarium esse oportet*) behoort 'n stuk grond met swaar en vrugbare grond sonder enige bome geskik te wees vir die verbouing van graan. Veen (grond met halfvergane plantstowwe) of brakkerige grond kan ook donker of swart wees (vgl. Columella 2.2.15), maar dit is nie altyd vrugbaar of die heel beste (*optima*) medium nie. Skynbaar het Vergilius hier Cato, *Agr.* 51.2 se *terra pulla* in gedagte (vgl. Richter 1957:213-34 n.203 f.) wat krummelrig en donkerbruin is (203: **nigra fere**, vgl. Mynors 1990:128 n.203-4) en dus besonder geskik is vir die verbouing van koring.⁴⁵⁵ Aangesien ploegwerk die tekstuur van grond verbeter (204: *namque hoc imitator arando ...*), omraam Vergilius hierdie voorskrif met die frases *presso vomere* (203) en *impulso vomere* (211) en word die woord *arator* noukeurig in die middel van hierdie passasie geplaas (207). Wanneer die ploegskaar herhaaldelik diep ingedruk word, het dit geblink (*enituit* in 211) as aanduiding van 'n vlytige landbouer se harde werk. **Nigra** se primêre betekenis dui dus op 'n donker leem wat aanbeveel word vir 'n goeie oes.

iii. Verg. *Geor.* 2.255-56: *... promptum est oculis praediscere nigram, | et quis cui⁴⁵⁶ color ...* ('... dit is maklik om met die oog **donker** [grond] uit te ken en watter kleur elkeen het ...').

Vergilius span nou ook die sintuie in om tussen verskillende soorte grondtipes te onderskei. Donker, donkerbruin of swart grond (wat **nigra** met die primêre betekenis bepaal) is maklik herkenbaar (sien *Geor.* 2.203-5, *supra*), terwyl souterige of bitter grond aan die smaak daarvan uitgeken kan word en geensins geskik is vir gewasse, wingerd of vrugtebome nie. Vergilius verlewendig ook hierdie prosaïese onderwerp met 'n vindingryke aanbieding: Die begin van sy redenasie (255: *promptum est*) is die teenoorgestelde van die einde (*difficile est*, in 257); so ook die sinsdeel *quae gravis est* (254) gestel

⁴⁵⁴ Vergilius lys verskillende grondtipes wat geskik is vir die verbouing van olywe (179-83), druie (184-94), koring (203-11) en gemengde aanplantings (217-25). Daar is ook dié soort wat weiding bied vir vee (195-202), of nouliks genoeg kos het vir bye en waterslange (212-16).

⁴⁵⁵ Volgens Della Corte (1986a:115 n.203) word die swart of donker kleur van grond met vrugbaarheid vereenselwig weens die voedende stowwe wat in die grond aanwesig is. Conington (1881:238 n.203) verwys na Cato, *Agr.* 151 wat ook vrugbare grond se krummelrige tekstuur (*terra tenerrima*) en die donker voorkoms daarvan (*pulla*) vermeld. In die Grieks is daar verskeie verwysings na donker of swart grond, onder andere van 'n geploegde land in Homeros, *Il.* B(2).699: γαῖα μέλαινα; en *Il.* Σ(18).548: ἡ (γαῖα) μελαίνετ' ὀπισθεν; Pindaros, *N.* 11.39: μέλαινα ... ἄρουραι (vgl. Kober 1932:32-33). Volgens Irwin (1974:94-96) word κῶανος en μέλας weens metriese vereistes afwisselend gebruik van die aarde (ook wolke en skepe) soos in *Od.* μ(12).245-46: γαῖα ... κῶανή en *Od.* λ(11).587: γαῖα μέλαινα.

⁴⁵⁶ Hier is 'n teksprobleem. Die relatiewe voornaamwoord *cui* word onder andere gelees as *cuique* (met die betekenis 'watter kleur elke grondtipe het'), as *alicui* ('watter kleur enige grondtipe het') en as 'n vraagwoord ('watter grondtipe het watter kleur?'). Hoewel die eerste interpretasie nie wye steun geniet nie, is dit waarskynlik korrek en word dit onderskryf deur die gelykklinkende reël in *Geor.* 3.102: *et quis cuique dolor victo* (vgl. Thomas 1988a:203 n.256).

teenoor *quaeque levis* (255), ook *rara* (227) en *densa* (229), telkens met dieselfde plasing in die versreël (vgl. Thomas 1988a:202-3 n.254-5 en 255-7).

iv. Verg. *Geor.* 3.240-41: ... *at ima exaestuatur unda / verticibus nigramque alte subiectat harenam* ('... maar diep borrel die golf in kolkings en stoot van onder af **donker** sand na die hoogte op').

Die vasberade verloorder (*victus*) in die geveg tussen die twee bulle (212-28) keer met hernieuwe kragte (*collectum robur viresque refectae*) terug om die vyand onverwags weer aan te vat.⁴⁵⁷ Vergilius vergelyk die furie waarmee daar geveg word met branders wat skuimend aanrol na die kus. Knap op die eerste poëtiese vergelyking in reëls 196-200 volg die volgende een: In vier reëls (237-40a) beskryf die digter, reël na reël soos in Homeros, *Il.* Δ(4).422-26, hoe die golwe wit begin skuim (422: πόντω μὲν τὰ πῶτα κορύσσειται ... ('op die oop see steek [die golwe] eerste hul koppe uit ...')); hoe hulle landwaarts rol en donderend oor die rotse breek. Aan die begin van die vergelyking kom *albescere*⁴⁵⁸ met die primêre betekenis voor wat 'n Lucretiaanse toevoeging is, soos ook die sinsnede *subiectat harenam* (*D.R.N.* 6.700) waarmee die vergelyking afgesluit word (vgl. Richter 1957:308). Anders as Homeros bewerkstellig Vergilius hier 'n kontras van wit, skuimende golwe en die swart kleur van die malende sand wat *nigra* met die primêre betekenis bepaal.⁴⁵⁹

v. Verg. *Geor.* 4.291: *et viridem Aegyptum nigra fecundat harena* ('en [waar die Nyl] Egipte groen en vrugbaar maak met sy **swart** sand').

Sien XXV. **VIR-GROEPERING* 1.c.xiv. Hierdie kleurvolle etnografiese beskrywing hou verband met 'n wonderbaarlike fenomeen, die *bugonia*, wat in die Ooste afspeel en die oorsprong van soveel θαύματα ('wonders') is (vgl. Thomas 1988b:197-98 n.287-94). Die term *viridis* bepaal Egipte as 'groen' wat as kontras dien vir die swart of donker kleur van die grond wat met *nigra* se primêre betekenis aangedui word – volgens Page (1968:366 n.293) 'n 'artistieke kontras'.⁴⁶⁰ Wanneer die Nyl jaarliks sy walle

⁴⁵⁷ Reëls 215-41 verwys terug na Aristoteles, *H.A.* 6.21. Sien ook Ovidius, *Am.* 2.12.25-26: *vidi ego pro nivea pugnantem coniuge tauro* ('ek het self bulle gesien wat aan 't veg is oor 'n sneeuwit koei'; vgl. Mynors 1990:215 n.215-41).

⁴⁵⁸ Sien I. *ALBUS* en *ALBESCERE* 5.i.

⁴⁵⁹ In Ovidius, *Met.* 11.480 word lig en donker gekontrasteer in die beskrywing van die see se skuimende wit golwe en die donkerte van die nag: *cum mare sub noctem tumidis albescere coepit* ('toe die nag daal het die see begin wit word van onstuimige golwe').

⁴⁶⁰ Hier is 'n teksprobleem. Page (1968:83) verskaf die standaard-numering:

<i>quaque pharetratae vicinia Persidis urget</i>	290
<i>et diversa ruens septem discurrit in ora</i>	291
<i>usque coloratis amnis devexus ab India</i>	292
<i>et viridem Aegyptum nigra fecundat harena,</i>	293

Die volgorde van die reëls verskil in al die MSS: Reël 291 verskyn eerste in die *Palatinus*, tweede in die *Mediceus*, en derde in die *Romanus*. Die Oxford-uitgawe (1900) bied die opeenvolging 290, 292, 291 en 293, terwyl Williams (1979:211 n.291-3) reëls 291 en 292 as alternatiewes beskou. Volgens Mynors (1990:298 n.291-3) is daar geen intrinsieke rede waarom enige van hierdie reëls verdag moet wees nie. Soos Mynors, verkies Thomas (1988b:199) ook dat 291 op 293 volg (dus 290, 292, 293, 291). Hoewel 291 nie so belangrik is nie, dra dit tog by tot die etnografiese beskrywing en stem dit ooreen met soortgelyke beskrywings van die natuur in *Geo* 2.139, 3.349-51 en 4.126. Richter (1957:372-73 n.290 ff.) bied die opeenvolging 290, 293, 291 en 292 en beskou slegs die posisie van 291 as problematies (met verwysing na Peerlkamp). Die struktuur van die teks en die ordening van die individuele bewegings vereis die ordening van die *Romanus*. Richter verwys ook na Catullus 11, waarvolgens 'n vasgestelde orde van geografiese beskrywende elemente gevolg sou wees.

oorstroom, word 'n alluviale neerslag gevorm, waarvan die vrugbare, swart leem uiters geskik is vir aanplantings.⁴⁶¹

vi. Verg. *Aen.* 9.33-34: *hic subitam nigro glomerari pulvere nubem | prospiciunt Teucris ...* ('hier sien die Trojane skielik 'n donker stofwolk wat opgeskop word ...').

Die Trojane bemerk die leermagte van Turnus wat in 'n stofwolk nader kom en wat *nigro*⁴⁶² met die primêre betekenis 'swart' of 'donker' bepaal. Die digter vergelyk die voorkoms van die naderende vyand met donker skaduwees wat oor die vlaktes rol (34: *tenebras insurgere campis*).

vii. Verg. *Aen.* 9.714: *miscent se maria et nigrae attolluntur harenae* ('die see is in beroering en swart sand borrel na bo').

Die reusagtige Bitias word deur Turnus neergevel. Die digter vergelyk die wyse waarop Bitias die grond tref met Baiae se malende waters wat swart sand na bo laat opwel as 'n massiewe rots met geweld ingegooi word. Die kleurwoord bepaal met die primêre betekenis 'swart' of 'donker' die seesand.

10 Allerlei: van slange, vee, miere en 'n swaeltjie

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 2.214-16: *et tofus scaber et nigris exesa chelydris | creta*⁴⁶³ *negant alios aequae serpentibus agros | dulcem ferre cibum ...* ('en skurwerige tufa en kleisteen wat deur swart waterslange weggevreet is, dui daarop dat geen ander velde sulke lekker kos aan slange bied nie ...').

In reëls 177-225 noem Vergilius ses verskillende tipes grond wat vir onderskeidelik olywe, 'n wingerd, vee, graan, vir alles en vir niks geskik is (vgl. Mynors 1990:125-26 n.177-225). Laasgenoemde, die 'niks,' dui op klipperige, droë grond wat nouliks (*ieuna*) aan bye maaltye van kassie en roosmaryn kan bied, maar vreemd genoeg 'n tuiste aan waterslange (*chelydri*) bied. Vergilius steun swaar op Nikandros, *Ther.* 411-37 wat na die slange se uiters giftige aard verwys, maar wat Vergilius in sy weergawe nie vermeld nie.⁴⁶⁴ In *Geor.* 3.414-39 plaas die digter hierdie slange in die stalle en hy beskryf hulle as gevaarlik (*gravis ... chelydros*); in reël 425 kom 'n gevaarlik slang (*malus ... anguis*) in waterpoele (*in saltibus*) voor wat waarskynlik met die *chelydrus* verband hou. Opvallend is weer die kontras tussen dorheid en vogtigheid, as die water in die moeras opdroog en die aarde van hitte oopbars (432-33). Dan spring hierdie slang uit op die grond, rol sy vlamme oë en woed tierend oor die velde (433-34) – die

⁴⁶¹ Ook Herodotus 2.12 beskryf Egipte se swart en krummelrige leemgrond (Αἴγυπτον ... μελάγλαιον καὶ κατερρηγνυμένην), waaraan Egipte sy naam, *Chēmi* ('swart'), ontleen (vgl. Page 1968:366 n.293).

⁴⁶² Die Palatinus bied *magno* (vgl. Edgeworth 1992:140). Vir die uitbeeldings van stofstorms met *ater* (wat genuanseerd gebruik word), sien voetnoot 390 vir *Aen.* 9.36 en 11.876-77.

⁴⁶³ Volgens Della Corte (1986a:116 n.214) leef die slange nie van kleisteen nie, maar van giftige kruie wat in kleigrond groei. So 'n beskouing is minder aanvaarbaar en word ook nie deur die konteks en die betekenismoontlikheid van *exesa* ondersteun nie.

⁴⁶⁴ 'n Kenmerk van die *chelydrus* is die afstootlike stank wat aan alles kleef wat aangeraak is. Erren (2003:404-5 n.214) vermoed dat Vergilius dit eerder uit Aemilius Macer, *Theriaca* fr. 8 (Morel) te wete sou kom: *seu terga expirant spumantia virus seu terra fumat qua taeter labitur anguis* ('of die skuimende rug skei die gif uit, of 'die grond waarlangs die afskuwelike slang seil, gee die damp af').

gedugte voorloper van die verwoestende pes wat op hande is en wat aan die einde van Boek 3.479-566 in grusame detail uiteengesit word. Die ‘ongewone’ beskrywing in reëls 214-16 het ons reeds daarop bedag gemaak: ’n *Waterslang* maak sy tuiste in dorre tufa en kleisteen.

ii. Verg. *Geor.* 3.388-89: *nigra subest udo tantum cui lingua palato, | reice ...* (‘al het [die skaapram] slegs ’n **swart** tong in sy nat verhemelte, keer hom uit ...’).

Suiwer wit wol is as ’n gesogte kommoditeit beskou, maar al is die kleur van die stoetram se wol ook hoe wit (387: *quamvis aries sit candidus ipse*), is dit uitsluitlik die kleur van sy tong wat deurslaggewend is: Sou dit swart wees (wat *nigra* met die primêre betekenis bepaal), sal die lammeroes se velletjies gespikkeld wees (399: *maculis ... vellera pullis*) en om dit te verhoed, moet die ram met sy swart tong summier uit die trop gekeer word. Kolle en merktekens – soos dié van die wit-gevlekte stoetkoei in *Geor.* 3.56 – dui op die kwaliteit en algemene kondisie van die dier wat uiteraard nie die geval met skape is nie. Opvallend is die kleure swart en wit wat hier as kleurpaar met die vermaning vereenselwig kan word.

iii. Verg. *Aen.* 4.404: *it nigrum campis agmen ...* (‘die **swart** kolonne beweeg oor die vlakke ...’).

Wanneer Aeneas se manskappe die skepe voorberei om van Karthago af te vertrek, word hul geskarrel met dié van miere vergelyk wat ordelik en agtermekaar hul voorraad na hul nes aandra. Hierdie reël verwys terug na Ennius, *Ann.* fr.li.502 (474) (Skutsch) (*it atrum campis agmen*), hoewel van olifante⁴⁶⁵ wat Vergilius aanpas met die vervanging van *atrum* met *nigrum*, met die primêre betekenis ‘swart’.

iv. Verg. *Aen.* 12.473-74: *nigra velut magnas domini cum divitis aedes | pervolat et pinnis alta atria lustrat hirundo* (‘soos wanneer ’n **swart** swaeltjie deur die groot sale van ’n rykmanshuis fladder en op sy vlerke imposante portale deurkruis’).

Juturna neem die voorkoms aan van Metiscus, die drywer van haar broer, Turnus, se strydwa. Waar sy die wa blitssnel heen en weer stuur om Aeneas te ontduik, word haar ratsheid met dié van ’n swaeltjie vergelyk. In die *Aeneïs* is hierdie die enigste tipering van ’n swaeltjie met *nigra* se primêre betekenis, ‘swart’. Die noukeurige plasing van die kleurwoord *nigra* en die woord *hirundo* wat hierdie koeplet omraam, is soortgelyk aan die plasing van *candida* en *sus* in *Aen.* 8.82-83. Volgens Edgeworth (1992:140) is beide hierdie uitbeeldings voortekens: ’n Wit kleur dui op voorspoed, terwyl swart teenspoed inhou wat ook betrekking het op die *Dira* wat in 12.862-66 in ’n voël verander as voorteken van Turnus se dood, moontlik ’n uil wat ook in 4.462-63 op Dido se dood dui.

⁴⁶⁵ Volgens Servius hou hierdie halwe reël van Ennius verband met olifante wat Accius vantevore met Indië vereenselwig het (*hemistichium Ennii de elephantis dictum, quo ante Accius usus est de Indis*). Skutsch (1986:656-67), daarenteen, bemerk eerder ’n verbintenis met Hannibal wat met sy tog oor die Apennynse baie van die olifante verloor het.

VIII *PICEUS*⁴⁶⁶

Volgens L&S *ad loc.* is die term *piceus*, *-a*, *-um* 'n samestelling van die stam **pic-* en die adjektief-vormende agtervoegsel, *-eus*. Die kleurwoord is van die naamwoord *pix*,⁴⁶⁷ *picis*, f. ('pik') afgelei wat verwant is aan die Griekse woorde *πίτυς* ('pikden') en *πικρός* ('bitter') en is etimologies aan die Griekse woord *πίσσα* 'pik' verwant. In aansluiting by laasgenoemde verwys die *OLD ad loc.* ook na die Litause woord *pikis*. Die *TLL ad loc.* wys op die Griekse en Latynse vorme vir 'n den, onderskeidelik *πέυκη* en *pinus*. De Vaan (2008:469) lys die Proto-Italiese **pik-* en die verwante Indo-Europese vorme wat onder andere ook die Griekse *πίσσα* (soos hierbo aangehaal) en die Attiese *πίττα*, f. 'pik,' insluit. Daarenteen meen W-H *ad loc.* dat die Umbriese *peiu* as *piceos* en *peia* as *piceam* (die kleurnaam) afgelei is met *-e-*, nie *-i-* nie, en dus ook nie van **pikios* nie. Price (1883:16) bied die vreemde Indo-Germaanse vorm **pi*, met betekenis 'om te druk'.⁴⁶⁸

Hieronder volg in breë trekke die soort konteks waarin die woorde voorkom.

Volgens die *TLL* is die primêre betekenis van *piceus* kleurverwant, dus 'met die kleur van pik' of 'pikswart,' onder andere in Ovidius, *Met.* 11.549-50: ... *et inducta piceis e nubibus umbra / omne latet caelum* ... ('... en die donkerte van die **pikswart** wolke bedek die ganse hemel ...'; vgl. *TLL* I. *de rebus A. praevalente respectu coloris, sc. atrii, nigri, sordidi sim. 1: de nubibus*). Van al die terme wat vir swart gebruik word, dui *piceus* chromaties op die diepste, donkerste skakering van swart – dus 'n ten volle versadigde kleur – in dieselfde mate as wat *niveus* as die witste van al die wit skakerings voorkom. Dit is ook opvallend dat geen fynere of emotiewe nuanses aan *piceus* gekoppel word nie, soos dié wat wel by veral *ater* en soms ook by *niger* aangetref word. Anders as die *TLL* lys die *OLD* en L&S 'pikagtig' of 'bestaande uit pik' as die primêre betekenis moontlikheid met die term se kleurwaarde 'pikswart' as oordragtelike betekenis wat hier nie aanvaar word nie. Dit is opvallend dat kleurwaarde 'n prominente rol in die betekenis moontlikhede van hierdie term speel, soos ook in *TLL* se uiteensetting wat 'pikswart' as primêre betekenis moontlikheid voorhou. Hoewel die betekenis moontlikhede van hierdie term nie problematies is nie, is dit soms moeilik om tussen die chromatiese en achromatiese gebruike van die adjektief te onderskei.

⁴⁶⁶ Die *TLL* se verskillende kategorieë vir *piceus* (X, 1 *Fasc.* XII.1. 2075 [reël 2]-2076 [reël 44]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf: *ad picem pertinens (pendet abl. indicans materiam aut colorem):*

I de rebus A praevalente respectu coloris, sc. atrii, nigri, sordidi sim. 1 de fumo, nubibus, imbre, caelo nocturno sim. 2 de igni taedarum 3 de eis, quae ad mortem vel Tartarum pertinent (vergunt quaedam ad B) 4 de variis B praevalente respectu materiae, sc. de eis, quae pice constant vel illita sunt (huc vergunt quaedam sub A3 allata).

II de hominibus: nigri coloris; loci obscuri.

*fem. pro subst. *picea, -ae: legitur in versibus apud Verg.; nomen arborum 1 usu vario a quaelibet contexta 2 iuxta ponitur nomini q.e. arbor.*

Sien ook *EV* III. vir bykomende verwysings.

⁴⁶⁷ Die woord *pix* word vier keer achromaties in die *Georgica* gebruik (2.250 en 438; 3.450 en 4.41) en kom slegs een keer in *Geor.* 1.275 met 'n bepaler voor.

⁴⁶⁸ Die vorme *picatus* en *picinus* is ook van *pix* afgelei, maar word nie in die *Georgica* gebruik nie. Eersgenoemde is die verlede deelwoord van *pico, picare*, 'om met pik te smeer/bedek' wat Martialis 11.18.24 skerpsinnig gebruik: *et mustum nuce condimus picata* ('en [my druiwe-oes is so karig] ons stoor die mos in 'n neut wat met pik gesmeer is'). Die kleurwoord *picinus* verwys na die besondere donker kleur van druiwe in Plinius Maior, *Nat.* 14.42: *item picina [sc. vitis], omnium nigerrima* ('net so is daar 'n pikswart [variëteit], van almal die heel donkerste'; vgl. André 1949:61).

Die substantief *picea*, -ae, f. dui op die pikden (*Pinus silvestris* Linn.) wat implisiet met 'n donker kleur geassosieer word en wat Maltby s.v. *picea* staaf met 'n verwysing na Isidorus, *Orig.* 17.7.31: ... *piceam dicimus, eo quod desudet picem* ('... ons noem dit 'n **pikden**, omdat harpuis daaruit drup'; vgl. *TLL fem. pro subst.*picea, -ae*). Waarskynlik vanweë die donker kleur, word die boom ook met begrafnisse – en dus ook die dood – vereenselwig, soos aangedui in Plinius Maior, *Nat.* 16.40: *picea ... feralis arbor et funebri indicio ad fores posita* ... ('die **pikden** ... [is] die boom van dooies en is by die [huis se] drumpel geplaas as aanduiding van 'n begrafnis ... ; vgl. *TLL fem. pro subst.*picea,-ae*).

Lucretius en Catullus gebruik nie die kleurwoord nie.⁴⁶⁹ Volgens André (1949:269, 383) verskyn die term in die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde vir die eerste keer in die *Georgica* en die skepping van *piceus* kan dus (moontlik) aan Vergilius toegedig word (vgl. Erren 2003:445 n.309). Die term kom twee keer in die *Georgica* en vyf keer in die *Aeneis* voor.

1 As epiteton van rook (vgl. *TLL I. de rebus A. praevalente respectu coloris, sc. atrī, nigri, sordidi sim. 1: de fumo*)

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 2.308-9: *et totum involvit flammis nemus et ruit atram | ad caelum picea crassus caligine nubem* ('en [die vonk] hul die ganse woud in vlamme en dig met **pikswart** rook, skiet dit in 'n donker wolk hemelwaarts').

Sien VI. *ATER* 11.i. Vergilius beskryf 'n brand wat 'n woud vernietig. Die vonkie wat nalatige herders laat val het, skuil ongemerk onder die olierige bas van die wilde-olyf (*Oleae silvestris*), maar dan glip dit skelmpies al langs die stam op na die blare en sprei as vlamme uit oor al die takke en boomtoppe. Daarop skiet pikswart rook met 'n magtige gedruis uit die donker wolk die lug in. Opvallend is die plasing van die woorde *atram* en *nubem* telkens in die laaste versvoete van die onderskeie opeenvolgende reëls om die frase *picea ... caligine* te omraam. Die term *picea* (met die primêre betekenis) bepaal die donkerste swart kleur, waarvan die kleurwaarde so diep versadig is dat dit selfs afsteek teen die donker wolk (*nubem*) wat *atram* uitbeeld.

ii. Verg. *Aen.* 3.572-74: *interdumque atram prorumpit ad aethera nubem | turbine fumantem piceo et candente favilla | attollit globos flammaram et sidera lambit* ('intussen skiet [Etna] 'n donker wolk die lug in, die ene rook met 'n **pikswart** kolking en gloeiende as, en dit lig bolle vuur op wat die sterre raak').

Etna se gloeiende as en vuurvlamme wat hoog reik, is duidelik waarneembaar in die nagtelike hemel (568: *cum sole reliquit*). Hoewel hierdie vlamme tot by die sterre reik, is hulle nie sigbaar nie (585: *nam neque erant astrorum ignes*), aangesien die hemel donker bewolk is (586: *obscurō sed nubila caelo*). Dit is egter nie die donkerte van die nag wat *atram* bepaal nie, maar wel die rookwolk wat Berg Etna

⁴⁶⁹ L&S verwys foutiewelik na Lucr. *D.R.N.* 6.135, in plaas van Luc. 6.135.

die lug inskiet en wat pikswart voorkom van al die roet.⁴⁷⁰ Die kolking, wat *piceo* met die primêre betekenis tipeer, is so 'n diep, intense swart dat dit selfs teen die donker wolk afsteek.

2 Van sweet (vgl. *TLL I. de rebus A. praevalente respectu coloris, sc. atrī, nigri, sordidi sim. 4: de variis*)

Vergilius

Verg. *Aen.* 9.812-14: ... *tum toto corpore sudor | liquitur et piceum ... | flumen agit ...* ('... toe slaan sweet oor sy hele liggaam uit en vloei dit in 'n pikswart stroom ...').

Turnus word gepeper met klippe en spiese en vreesbevange spring hy met al sy wapentuig (815: *omnibus armis*) in die Tiber om die vyand te ontvlug. Van angs vloei sy sweet in 'n pikswart stroom waarna Hardie (1994:248 n.813-14) verwys as 'an indelicate hyperbole'.⁴⁷¹ Hierdie term kom nie genuanseerd voor nie en beide Conington (1883:230 n.813) en Page (1967:298 n.813) meen tereg dat *piceum* met die primêre betekenis 'pikswart' Turnus se sweet bepaal, omdat dit met stof en droë bloed gemeng is. Sien ook Ennius, *Ann.* XV.v.396 (406) (Skutsch), hoewel sonder enige kleurwoord: *totum sudor habet corpus ...* ('sweet slaan oor sy hele liggaam uit ...'). Vergilius se frase *sudor piceum* is dus sonder presedent en hy verryk die teks op vernuwende wyse. In kontras met die swart stroom sweet (*piceum flumen*) word daar ook na die geel stroom van die Tiber (816: *gurgite flavo*) verwys wat met sy verwelkomende waters (817: *mollibus undis*) alle tekens van die veldslag van Turnus se liggaam skoon was (818: *abluta caede*) en hom uitgelate (*laetum*) aan sy makkers terugbesorg.

3 *Picea* as substantief (vgl. *TLL fem. pro subst. *picea, -ae 1: usu vario a. quaelibet contexta*)

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 2.256-58: ... *at sceleratum exquirere frigus | difficile est: piceae tantum taxique nocentes | interdum aut hederæ pandunt vestigia nigrae* ('... maar dit is moeilik om snode koue op te spoor, slegs pikdenne en skadelike taksisbome of die donker klimop verklap soms sy spore').

Sien VII. *NIGER* 7.b.v. Vergilius bespreek hier verskillende grondsoorte waarvan een 'koue grond' (*frigus*) is wat maklik aan die natuurlike plantegroei uitgeken kan word (255: *praediscere*): pikdenne en die taksisboom (*taxus*, μῖλος). Erren (2003:421-22 n.257) verwys na Theophrastos, *H.P.* 4.5.1. wat geen gedetailleerde inligting verskaf nie, maar wel noem dat die den (*picea*, πεύκη), eik, spar-den, buksus, kastaiing en lindeboom (waarskynlik ook die taksis) koue klimate verkies: ἐν δὲ τοῖς πρὸς ἄρκτον ... ἃ καὶ φιλόψυχρά τε τυγχάνει καὶ ἔστι καὶ παρ' ἡμῖν, οἷον πεύχη, δρῦς, ἐλάτη, πυξος, διοσβάλανος, φίλυρα καὶ τὰ ἄλλα δὲ τὰ τοιαῦτα. Hoewel *piceae* as substantief van 'pikdenne' voorkom,

⁴⁷⁰ In Verg. *Aen.* 9.75-76 dui die term op die Rutuliërs se rokende fakkels: ... *piceum fert fumida lumen | taeda ...* ('... die rokende fakkel spreit 'n swart gloed ...'; vgl. *TLL I. de rebus A. praevalente respectu coloris, sc. atrī, nigri, sordidi sim. 2: de igni taedarum*). Die frase *piceum lumen* vind weerklank in die frase *piceum flumen*, waarmee hierdie boek afgesluit word.

⁴⁷¹ Hardie verwys na Homeros, *Il.* Π(16).109-11: αἰεὶ δ' ἀργαλέω ἔχειτ' ἄσθματι, καὶ δὲ οἱ ἰδρῶς | πάντοθεν ἐκ μελέων πολὺς ἔρρεεν, οὐδέ πη εἶχεν | ἀμπνεῦσαι ... ('hy het heeltyd moeilik asem gehaal en die sweet het oral van sy ledemate afgestroom; hy kon op geen manier asemhaal/lug kry nie ...').

word hulle ook implisiet met 'n donker kleur geassosieer.⁴⁷² Ook word die donkergroen blare van die klimop (*hedera*, κιστός) volgens Della Corte (1986a:120 n.257) vir poëtiese impak as 'swart' of 'donker' uitgebeeld. Hoewel Mynors (1990:132) daarop wys dat die donker kleurwaardes van hierdie bome dreigender voorkom as wat dit in werklikheid is, verwys Vergilius in sy groepering tóg na die taksis wat vanweë die giftige bessies (*taxique nocentes*) dikwels met die Onderwêreld en die dood geassosieer word. Met hierdie seleksie word bome se donker kleurwaardes – hetsy eksplisiet of implisiet – tog beklemtoon, waarskynlik om uitkenning van die boom- en planttipes te vergemaklik, maar dit is ook moontlik dat daar 'n onderliggende dreigende nuanse teenwoordig kan wees.

ii. Verg. *Aen.* 6.180: *procumbunt piceae; sonat icta securibus ilex* ('**pikdenne** val neer; die steeneik weerklink met bylhoue').

In opdrag van die Sibille word 'n brandstapel volgens die gebruik vir Misenus voorberei. Hiervoor word pikdenne (die substantief, *piceae*), die steeneik (*ilex*) en 'begrafnis-sipresse' (216: *ferales cupressos*) benodig. Pikdenne word implisiet met 'n swart of 'n donker kleur (soos dié van pik of harpui) verbind, en hoewel geen kleurterm die steeneik (*ilex*) bepaal nie, is dit bekend as die donkerste van al die eike-spesies (sien *ilice nigra* in *Aen.* 9.381); so ook die swart sipres (*atraque cupresso*) in *Aen.* 3.64 (vir Polydoros) en swart takke (*frondibus atris*) in *Aen.* 6.216 (vgl. Edgeworth 1992:147). Implisiete en eksplisiete verwysings na die donker kleure van bome wat verband hou met 'n dode-ritueel en die verwysing na *ferales cupressos* dra tot die gewyde en droewige atmosfeer by.

⁴⁷² Sien Verg. *Aen.* 9.86-87: *lucus in arce fuit summa ... | nigranti picea trabibusque obscurus acernis* ('daar was 'n woud op die kruin van die berg, donker met swart **pikdenne** en die stamme van esdoringbome'). Die pikden word as 'donker' of 'swart' getipeer (... *nigranti picea*) vanweë die pik/harpui wat die bome oplewer en/of die 'donker' skaduwee wat die boom bied (vgl. Hardie 1994:91 n.87).

3.2 OORSIG

Aan die hand van die noukeurige ontledings van al die voorafgaande teksgedeeltes kan daar nou gefokus word op Vergilius se besondere keuse en aanwending van kleurwoorde vir ‘swart’. Die mate waarin die digter van sy voorgangers verskil of ooreenstem en die wyse waarop hy die teks verfyn en verbeeldingryk voorkom, word ook aangedui. Die omvang van hierdie kleurgroepering is nie so wyd soos dié van die kleurwoorde vir wit nie. Vergilius selekteer slegs drie terme – *ater*, *niger* en *piceus* – wat hy altesaam twee-en-dertig keer gebruik met *niger* wat die meeste van enige kleurwoord in die *Georgica* voorkom. Die terme bepaal chromaties en/of genuanseerd die volgende voorwerpe:

ater kom elf keer voor en bepaal twee keer slange, twee keer bloed, gif, ’n slang se keelgat, ’n klont pik, die Styx, twee keer donderbuie en ’n rookwolk;

niger tipeer negentien keer ’n woud se verskrikking, slik, ’n skaapooi, die Galaesus, ’n dwarrelwind, die maan se newel, die suidewind, ebbehout, klimop, ’n woud, die ‘viooltjie,’ olyfmoer, bitumen, twee keer grond en twee keer sand, ’n waterslang en ’n skaapram se tong; en

piceus bepaal slegs twee keer onderskeidelik taksisbome en ’n rookwolk.

In die bespreking hieronder volg die verwysing na dié teksgedeeltes wat verband hou met die kleurwoord deurgaans dieselfde patroon: Die inskrywing (slegs onverwysend met betrekking tot die *Georgica*) word opgevolg deur die verwysing na die tematiese indeling in die relevante rubriek.

Catullus se keuse van beide *ater* en *niger* is besonder ingeperk. Hoewel die emotiewe gebruik van *ater* die term se reikwydte ten opsigte van betekenismoonlikhede vergroot, is dit tog opvallend dat die suiwer chromatiese betekenismoonlikheid van *niger* bykans drie keer meer as *ater* by Lucretius en bykans dubbel soveel by Vergilius voorkom.

In die *Georgica* kom *ater* met enkele uitsonderings deurgaans chromaties en emotief of genuanseerd voor. Dit hou verband met die mens se natuurlike vrees vir skrikwekkende diere of dodelike slange, soos duidelik blyk uit die beskrywing van ’n tier (4.407, sien 3.iii) as ’n *monstrum*. Dieselfde genuanseerde betekenismoonlikhede kom ook voor by die beskrywing van slange en vreemd genoeg ook die gif daarvan. Aangesien nie net swart slange (1.129: *serpentibus* ... *atris*, sien 2.1) giftig is nie, beklemtoon die frase *malum virus* (1.129) hul dodelike aard, soos ook die frase *atra venena* (2.130, sien 5.c.i) wat wel met kruie-konkoksies en towerspreuke as kure teengewerk kan word. Die swart keelgat (*atram* ... *ingluviem*) van die Kalabriese slang (3.430-31, sien 5.c.ii) kan suiwer chromaties voorkom, hoewel die gevoel van afgryse deur *atram* verhoog word, veral omdat hierdie slang as voorloper van die dodelike pes uitgebeeld word – die oë vlamme (433: *flammantia lumina*), nuut vervel en blinkend van jeug (437: ... *ositis novus exuviis nitidus iuventa*). Daar is ’n moonlike verband met Catullus 108.5 se frase ... *atro gutture* (sien 5.b), selfs ook Lucretius, *D.R.N.* 6.1147 se beskrywing van die slagoffers van die pes met hul kele wat swart en bloedbelope is (*fauces* ... *atrae*; sien 5.a).

In Vergilius se beskrywing van die strydende bulle (3.209-36) kom die digter besonder vindingryk voor: Hoewel die *formula*, *ater sanguis*, metafories op die dood kan dui, word die frase in 3.220-21 (sien 3.i) vernuwend ingespan en dui dit suiwer chromaties op die strydende bulle se gestorte,

donker bloed. Tog konfronteer die digter die leser met die grusame realiteit van die pes se dodelike effek as dieselfde *formula* (3.507-8; sien 3.ii) emotief die onvermydelike lot van die eens trotse en seëvierende perd (499: *victor equus*) aandui.

Die afwesigheid van lig in die Onderwêreld verskerp sterflinge se gevoel van vrees en gevolglik is *atra* 'n baie gepaste epiteton van donker Tartarus, ook deur Lucretius beskryf in *D.R.N.* 3.966 (sien 8.a). In 'n ongewone kombinasie van geografie en mitologie (vgl. Thomas 1988a:109 n.242-3) plaas Vergilius die lokaliteit van die suidpool *sub pedibus*, opvallend 'n woordweerklink van Lucretius, *D.R.N.* 3.27: *sub pedibus quaecumque infra per inane geruntur*. Aangesien hierdie tweede pool vir Vergilius in dieselfde relatiewe posisie as die Doderyk is, word vreesaanjaende Styx met *atra* (1.243, sien 8.b.i) uitgebeeld, die enigste beskrywing in die *Georgica* van ('n aspek van) die Onderwêreld met *ater*.

Die beskrywing van 'n storm ter see verwys veral terug na Lucretius, *D.R.N.* 6.256-59 (sien VI. *ATER* 10.a.ii. en VII. *NIGER* 6.a). In hierdie uitsonderlike passasie bepaal *niger... nimbus* (256) die donker onweerswolke wat geleidelik met die frase *picis ... flumen* (257) verdiep tot die donkerste skakering van swart. Daarenteen word die intensiteit van die verwoestende storm met *atram ... tempestatem* uitgebeeld wat waarskynlik in die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde die vroegste genuanseerde gebruik van *ater* is. Met die frase *imbribus atris* (1.235-36, sien 10.b.i) span Vergilius ook hierdie emotiewe gebruik van *ater* in as beskrywing van die dreigende donderbuie van die poolstreke. Die donker kleurwaardes wat met *atris* verbind word, beïnvloed dié van *caeruleae* tot die donkerste blou wat die onherbergsaamheid van die poolstreke beklemtoon. Catullus (68.63, sien 6.b) se beskrywing van 'n donker dwarrelwind met die frase *nigro ... turbine* word deur Vergilius aangepas as *turbine nigro* (1.320, sien 6.c.i) (nou in wisselende woordorde) om suiwer chromaties 'n stormwind te beskryf wat stoppels op die landerye die lug inwaai. Hierop volg onweerswolke wat saampak en in 'n verwoestende storm ontaard (1.323), met die frase *imbribus atris* weergegee: Landerye word oorspoel en harde werk word ongedaan gemaak. Skrikwekkend is die flitsende bliksemkigte (*corusca fulmina*) wat afsteek teen die donderwolke wat net so donker is as middernagtelike duisternis (328: ... *media nimborum in nocte*).

Die suiwer chromatiese en ongenuanseerde gebruik van *ater* met die frase 'swart pik' (1.275; sien 11.i) is uitsonderlik, ook vanweë die pleonasme (275: ... *atrae massam picis*...). Nietemin kom die digter se fyn humorsin na vore in 'n passasie waar 'n amusante effek bewerkstellig word deur die rolspelers, 'n halsstarrige donkie en die (on-)bedrewe *agitator aselli*.

Wanneer 'n brand ontstaan met vlamme wat versprei en 'n woud in 'n donker rookwolk hul, dui die frase *atram ... nubem* (2.308-9; sien 11.ii) nie alleen chromaties op 'donker,' of 'swart' nie, maar kom dit veral genuanseerd voor van die totale vernietiging van die woud. Die noukeurige plasing van *atram* in die laaste versvoet van reël 308 is opvallend, aangesien dit eers in die laaste versvoet van die daaropvolgende reël (309) met *nubem* verbind, om sodoende afwagting by die leser te skep.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Vergilius *ater* chromaties, maar meestal emotief en veral met negatiewe nuanses gebruik. Die plasing van *ater* in die versreël toon geen voorkeurposisie nie en dit kom slegs ses keer in die finale beklemtoonde versvoet voor.

Die verskil in betekenis en aanwending van *ater* en *niger* kom neer op laasgenoemde se ongenuanseerde, chromatiese betekenis, ‘swart,’ waarby die effek van glans soms ook ’n rol kan speel. Hoewel die uitbeelding van vrees in Dis se woud aan die begin van Orpheus se besoek aan die Onderwêreld dus uitsonderlik is (4.467-69: sien 2.b.i), word dit algaande duidelik dat die gebruik van *niger* planmatig is: Hoewel die aspekte van donkerte, onheil en verskrikking deurentyd aanwesig is, (sien 2.b.ii: Cocytus se slik in 478-79) word daar nie op grusaamhede van die Onderwêreld gefokus nie, maar eerder op Orpheus se ontberings om só meelewende patos te ontlok. Vergilius se weergawe van hierdie mite waarvoor hy *niger* inspan, stem ooreen met die digter se aanwending van *niveus* as kleurwoord vir ‘wit,’ óók in mites.

Niger bepaal dus bloot voorwerpe wat natuurlik ‘swart’ of ‘donker’ is en daarom word geen emotiewe nuanses by die volgende beskrywings bespeur nie: Die helder water van die Galaesus (4.126, sien 3.b) is diep en donker (*niger* ... *Galaesus*) om saam met *flaventia* (van ryp gesaaides) in dieselfde reël, visueel ’n kleurkontras te bewerkstellig. Ebbehout (2.116, sien 7.b.iv) word paslik deur *nigrum* met die primêre betekenis ‘blinkswart’ uitgebeeld; olyfmoer (1.194, sien 8.i) is swart, so ook bitumen (3.451, sien 8.ii), die vrugbare sand van Egipte se Nyl (4.291, sien 9.v) en donker, krummelrige grond (2.203, sien 9.ii) wat veral vir koring geskik is en daarom maklik met die blote oog uitgeken kan word (2.255, sien 9.iii). Seesand (3.24, sien 9.i) wat deur die kolkings van die golwe opgestoot word, is ook donker en kontrasteer visueel met die wit, skuimende golf wat *albescere* (3.237, sien 5.i) bepaal. Die maan wat ’n donker newel (*nigrum* ... *aëra*) met haar dowwe horing vasvat (1.428, sien 6.c.ii), dien as duidelike *signum* vir boere en seelui om swaar reën te verwag. Die superlatief, *nigerrimus* (3.278, sien 6.c.iii) plaas die klem chromaties op die voorkoms van ’n uiters stormagtige suidewind wat verband kan hou met die vernietigende krag van *amor*.

Ater kom geensins van plantegroei in die *Georgica* voor nie, terwyl Vergilius sy beskrywing van die *amellus* wat glim met purper (*purpura*) soos dié van die ‘viooltjie’ tot ’n uitsonderlike donkerpurper verdiep met die toevoeging van *nigrae* as effektiewe kleurkontras met die blom se goudgeel kern (4.275, sien 7.b.vii). Donker klimop (*hederæ pandunt vestigia nigrae* in 2.258, sien 7.b.v) kan ‘koue grond’ uitwys en, aangesien daar ’n verwysing na die giftige bessies van die taksis verwys word (*taxique nocentes*), kan daar moontlik ’n onderliggende dreigende nuanse teenwoordig wees: Koue dui immers op die dood. Uitsonderlik egter is die tipering van die steeneik met *niger* (... *nigrum ilicibus* ... *nemus* in 3.333-34, sien 7.b.vi) wat inderdaad genuanseerd aangewend word. Hoewel hierdie boom die donkerste van al die eik-spesies is, word *niger* bygevoeg en verdiep die frase *nigra ilex* om onheil aan te dui. Reeds in *Ecl.* 6.53-54 (sien 7.b.ii) was dit duidelik dat hierdie frase die onmenslike lot van Pasiphaë beklemtoon; in *Geor.* 3.333-34 (sien 7.b.vi) dui dit op die grusame pes wat aan die einde van Boek 3 verwoesting saai; en in *Aen.* 9.381 (sien 7.b.ix) dui die frase voortydig op die dood van beide

Euryalus (433) en Nisus (445).⁴⁷³ Ter stawing word die frase **nigra nemus abiete** in *Aen.* 8.598-99 (sien 7.b.viii) geensins met negatiewe nuanses vereenselwig nie en dui dit slegs op rus en verkwikkende koelte.

Die beskrywing van swart slange (**nigris** ... *chelydris* in 2.214, sien 10.i) is ongewoon, aangesien hierdie waterslange is wat hul tuiste in dorre tufa en kleisteen maak. Die wanbalans van dorheid en vogtigheid is opvallend en het reeds die leser daarop bedag gemaak: Hierdie slange dien as voorloper van die verwoestende plaag wat op hande is (3.479-566).

Van al die terme wat swart uitbeeld, dui **piceus** chromaties op die diepste, donkerste skakering van swart, in dieselfde mate as wat *niveus* die witste van al die wit skakerings bepaal. In die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde blyk dit asof hierdie kleurwoord deur Vergilius geskep is, hoewel dit slegs twee keer in die *Georgica* voorkom: In 2.309 (sien 1.i.) bepaal die term die pikswart rook van 'n brand wat 'n woud vernietig wat moontlik na Lucretius kan terugverwys: *ut picis e caelo demissum flumen* in *D.R.N.* 6.257 (VI. *ATER*, sien 10.a.ii); en tweedens bepaal die substantief **piceae** die pikden (2.257, sien 3.i) wat implisiet met 'n baie donker kleur vereenselwig word.

In sy resensie van André se boek (1949) kritiseer Bradley (2011:12) André se verdeling van die kleurwoorde in nege kleurkategorieë. Bradley beskou hierdie benadering as 'n oorvereenvoudiging van die semantiese omvang van die kategorieë waarvolgens die onderverdeling van kleure in sub-kategorieë verskeie tinte of skakerings sou insluit. In die voorafgaande oorsig is dit duidelik dat Vergilius met die beperkte kleurterminologie tot sy beskikking tóg poog om verskillende kleurskakerings uit te beeld, met as voorbeelde die beskrywing van die *amellus*-blom (4.275, sien 7.b.vii): Die kroonblare (*foliae*) is 'n glansende purper (*purpura*), waarvan die kleurwaarde met **nigrae** verdiep om 'n 'viooltjie' se uitsonderlike 'donkerpurper' weer te gee – dus 'n dieper skakering van purper waarvoor daar geen kleurwoord bestaan nie. Ook in die uitbeelding van 'n brand wat 'n woud vernietig (2.308-9, sien 11.i), beskryf Vergilius allereers die chromatiese voorkoms van die rookwolk met **niger**. Namate die wolk verdig en al hoe dreigender voorkom, gebruik Vergilius 'n genuanseerde **ater** en ook **piceus**, waarvan die kleurwaarde op die diepste, donkerste skakering van swart dui.

Besonder opvallend is die terme wit en swart wat in kontras voorskryflik of vermanend voorkom by die keuse van 'n stoetram. Al is die ram se wol hoe wit en sag, is dit die tong se kleur wat deurslaggewend is: 'n Swart tong (**nigra** ... *lingua* in 3.388, sien 10.ii) is onaanvaarbaar, aangesien die lammeroes se velletjies gespikkeld sal wees (399: *maculis* ... *vellera pullis*). So 'n ram moet onmiddelik uit die trop verwyder word.



⁴⁷³ Sien VI. *NIGER* 7.b.ix.



MILLE VARIII COLORES

4.1 ONTLEDING VAN TEKSTE

Aangesien die reikwydte van Latynse kleurwoorde vir geel, rooi en purper besonder breed is en die betekenisomvattende in verskeie gevalle onderling ooreenstemmend, word die volgende terme in hierdie enkele groepering vir geel-en-rooi saamgevat: *aureus*, *croceus* en *crocus/crocum*, *cruentus*, *flavus* en *flaveo*, *fulvus*, *gilvus*, *igneus*, *puniceus*, *purpura* en *purpureus*, ook die **rub*-groepering, *rutilus*, *sanguineus* en *spadix* – terme wat almal in die *Georgica* voorkom. In hierdie hoofstuk verteenwoordig hierdie kleurwoorde dertien rubrieke wat alfabeties gerangskik is. Elke rubriek bevat *al* die passasies waarin die relevante term(e) voorkom, geselekteer uit die werke van Lucretius en Catullus, en ook Vergilius se *Eclogae*, *Georgica* en *Aeneis*. Aangesien die *TLL*-kategorieë vir die **rub*-groepering (wat *ruber*, *rubeo*, *rubesco*, *rubicundus* en *rubor* insluit), *rutilus*, *sanguineus* en *spadix* nog nie beskikbaar is nie, word hierdie terme volgens bepaalde temas gerangskik en chronologies volgens digters aangebied. Al die ander terme is volgens die *TLL* se verskillende kategorieë georden. Elke passasie word gedetailleerd en noukeurig ontleed, maar met die fokus deurentyd op die *Georgica*. Hierdie kleurkategorie word ook met 'n oorsig van bevindinge afgesluit om Vergilius se tegniek en sy besondere aanwending van hierdie terme aan te dui.

4.1 KLEURWOORDE VIR GEEL EN ROOI

IX AUREUS⁴⁷⁴

Die byvoeglike naamwoord *aureus* is van die selfstandige naamwoord *aurum*, *-i* n. ‘goud’ afgelei wat van die Sabyne *ausom* afkomstig is (sien Paulus Diaconus *ex Festo* 9) en wat L&S *ad loc.* as *ausum* aandui. W-H *ad loc.* verwys ook na die Italiaanse stam **ausom* (‘das rötliche Metall’) met die wisselvorm **ayes-* ‘om te gloei’ (‘leuchten’) van *aurora*⁴⁷⁵ wat Price (1883:15) as **aur = aus = vas*

⁴⁷⁴ Die *TLL* s.v. *aureus* se verskillende kategorieë (II.1489 [reël 3]-1492 [reël 4]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

I *ex auro*: **1** *res variae*; *nota res aureas fabulosas*; *item nota aetatem auream*; *proverbialiter dicta videntur **2** *moneta aurea*; *nota: substantive aureus, i.q. nummus aureus signifiat*; **II** *aurum continens* **III** *auro ornatus, sim.: nota: hic illic aureus prorsus i.q. auratus valet*; **IV** *auri splendore, colore*; **V** *summa pulchritudine, suavitate, virtute*; **VI** *notabilia varia*.*

Sien ook EV I.548a ff. vir bykomende verwysings.

⁴⁷⁵ Die woord *aurora* verteenwoordig die uitbreiding met 'n *a*-stam van die oorspronklike **ausos*, **ausōsem* > **aurōs*, **aurōrem*, waarskynlik vanweë die vroulike vorm van die Proto-Indo-Europese woord **h₂us-s-ōs* (f.) ‘dagbreek’ (vgl. De Vaan 2008:63).

[sic] met dieselfde betekenis lys. Die *OLD ad loc.* bied ook die woord *aurora*, die Litause *áuksas* en die Tokhariëse *A wás* ('goud') van Indo-Europese oorsprong, terwyl De Vaan (2008:63) die Proto-Italiese vorm **auso-* insluit, ook met verwysing na die Latynse *ausum*, 'goud' wat van Sabyne afkoms is. Die *TLL ad loc.* verwys slegs na die Griekse adjektief χρυσοῦς ('goue'). Uit Latyn is die Ou-Ierse *ōr*, die Kimbriëse *awr* en die Albaniese *âr* afgelei, waarskynlik onder invloed van rotasisme (W-H). Die semantiese veld waarin hierdie woorde en stamme gegroepeer kan word, kan op die kleurwaarde 'goudkleurig' (dus 'n 'gloeiende geel' of 'rooigeel') dui.

Die woorde *auratus*,⁴⁷⁶ *aureolus* en *aurifer* asook *aurare*, *aurarius*, *aurora* en *aurosus* is ook van *aurum* afgelei (L&S), maar verskyn nie in die *Georgica* nie.

Die soort konteks waarin die kleurwoorde voorkom, word vervolgens in breë trekke aangebied.

In die *TLL*, die omvattende beskrywing van die *OLD* en 'n bondiger uiteensetting in L&S is die primêre betekenis van *aureus* die achromatiese moontlikheid 'bestaande uit goud' of 'goue' (van die metaal, nie die kleur nie). Sien Horatius, *Carm.* 2.19.29-30: *te vidit insons Cerberus aureo | cornu ...* ('blaamlose Cerberus het jou aanskou met jou horing **van goud** ...'); en Propertius 4.1.131: *mox ubi bulla rudi dimissa est aurea collo* ('wanneer die **goue** amulet eerlang van sy jong nek verwyder is'; vgl. van beide hierdie passasies *TLL I. ex auro 1: res variae; nota res aureas fabulosas*). Hierby ingeslote is ook die substantief *aureus* wat van 'n goue muntstuk gebruik word; vgl. *TLL I. ex auro 2: moneta aurea; nota: substantive aureus*.⁴⁷⁷

Vervolgens bied die *TLL* ook die betekenismoontlikheid 'goud-bevattend' (vgl. *TLL II: aurum continens*), onder andere in *Catalepton* 9.52 van die snelvloeiende waters van die Tagus (*aurea nunc rapidi flumina ... Tagi*) wat volgens Plinius Maior, *Nat.* 4.115 die effek van die gouddraende sand is (... *Tagus auriferis harenis*). Die inskrywing van die *TLL III: auro ornatus, sim.* sluit die achromatiese betekenismoontlikhede 'bedek met goud,' 'vergulde' en 'versier met goud' in wat soms in vertaling nie duidelik van die *TLL II: aurum continens* onderskei kan word nie. Sien onder andere Propertius 4.1.5 se beskrywing van Rome se tempels: *ficilibus crevère deis haec aurea templa* ('uit gode van klei het hierdie **vergulde/goudversierde** tempels verskyn'). So ook Ovidius, *Met.* 2.107-8 (*aureus axis erat, temo aureus, aurea summae | curvatura rotae ...*) wat die voorkoms van Phoebus se rytuig met driedubbele anaphora beklemtoon. Dit is onduidelik of die as, die disselboom en die wiele se velling van goud, verguld of met goud versier is. Daarenteen klassifiseer die *TLL* hierdie passasie as *I. ex auro 1: res variae; nota res aureas fabulosas*, hoewel die oordragtelike, chromatiese betekenis 'goudkleurig' of 'goud-glansend' (gelys as die *TLL IV: auri splendore, colore*) ook as moontlikheid oorweeg kan word. Om 'n objektiewe ontleding te vergemaklik, sal die verskillende betekenismoontlikhede wat in *TLL I, II* en *III* vervat is, voorts as primêr aangedui word, terwyl die oordragtelike betekenis uitsluitlik chromaties op 'n goudkleurige glans of kleur dui (vgl. *TLL IV: auri splendore, colore*).

⁴⁷⁶ Sien voetnoot 236.

⁴⁷⁷ Die *aureus nummus*, die standaard goue munt in Rome, is vir die eerste keer gedurende die tweede Puniese oorlog gemunt en die waarde daarvan was ongeveer vyf-en-twintig silwer *denarii*, of een honderd *sestertii* (L&S).

Hoewel dit vir die moderne leser vreemd mag voorkom, beskou die Romeine die kleure rooi en geel as een hoofbegrip.⁴⁷⁸ Vir die beskrywing van goud se kleurwaarde word alternatiewe of addisionele kleurwoorde dikwels gebruik wat volgens André (1949:155) die volgende kan insluit: vir geel/goud, *flavus*, *flaveo*, *flavesco* en *fulvus*; en vir rooi word *rubeo* en *rutilus* bykomend gebruik. Soos reeds aangedui, verwys W-H na *aurum* se stam **ausom* as ‘das rötliche Metall,’ sodat die verwante term ***aureus*** ook as sinoniem van *igneus* of selfs *flammeus* kan voorkom. Sien Martialis 14.61.1: *dux lanterna viae clusis feror aurea flammis* (‘as gids van jou pad word ek, ’n lantern, gedra wat **goudrooi** glinster met my beskutte vlammetjies’; vgl. *TLL IV: auri splendore, colore*). Hoewel L&S, die *OLD* en *TLL* met ***aureus*** na die ‘glans van goud’ verwys, moet hierdie bepaalde betekenismoontlikheid eerder verbind word met die inherente eienskap van ’n voorwerp soos die son, maan, sterre of ’n vlam wat met ’n goudkleurige glans uitgebeeld kan word. Sien Ennius, *Ann. I.xlvii.87 (92)* (Skutsch): ... *simul aureus exoritur sol* (‘... tegelykertyd kom die **goudglansende** son op’; vgl. *TLL IV: auri splendore, colore*). Die fisiese voorkoms van goud is in werklikheid ’n dowwe gelerige kleur wat uitbeeldings met *pallēre* en *pallidus* kan verklaar, ’n aspek waarna geeneen van die geraadpleegde woordeboeke, ook nie die *TLL*, verwys nie.⁴⁷⁹ Uit die ontleding van tekste kom dit egter voor asof Vergilius, soos met die spierwit kleur van skape, na goue voorwerpe se voorkoms verwys as ‘goudglansend’.

Volgens André (1949:155) word blonde hare eerder met *flaveo* en *flavus* as met ***aureus*** uitgebeeld. Ovidius, *Met. 12.395-96* se beskrywing van die goudgeel hare en baard van die Kentauros met ***aureus*** is dus uitsonderlik: ... *barbae color aureus, aurea* | ... *coma dependebat* ... (‘... die kleur van sy baard [was] **goudgeel, goudgeel** het sy hare afgehang ...’; vgl. *TLL IV: auri splendore, colore*). Gewoonlik dui die uitbeelding van veral ’n godin met ***aureus*** eerder op die godin se hoogs uitsonderlike skoonheid as haar blonde hare, onder andere *Venus aurea* in *Aen. 10.16*; vgl. *TLL V: summa pulchritudine*.

Die term se primêre verband met die metaal vervaag dikwels ten voordeel van die metaforiese implikasie wat verband hou met iets of iemand wat ‘voortreflik’ of ‘perfek’ is.⁴⁸⁰ Page (1968:288-89 n.538) verwys na Horatius, *Carm. 2.10.5-6: auream quisquis mediocritatem* | *diligit* ... (‘elkeen kies die **perfekte** middeweg ...’) en 4.2.22-23: ... *animumque moresque* | *aureos educit in astra* ... (‘... hy verhef sy krag, sy geesdrif en sy **voortreflike** karakter tot by die sterre ...’; vgl. *TLL V: suavitate, virtute* – vir beide die aanhalings). Sien ook Vergilius se beskrywing van ’n goue era in *Ecl. 4.9 (gens ... aurea)* en *Geor. 2.538 (aureus ... Saturnus; sien infra; vgl. TLL I. ex auro 1: res variae: item notam aetatem auream)*.

⁴⁷⁸ In hierdie hoofstuk sal daar deurgaans aangetoon word in watter mate hierdie kleurwoorde se semantiese velde oorvleuel.

⁴⁷⁹ In *Met. 11.110* verbind Ovidius die dowwe voorkoms van goud met *pallēre: tollit humo saxum; saxum quoque palluit auro* (‘hy [Midas] tel ’n klip van die grond af op; ook die klip het ’n dowwe goue kleur gehad’). Sien ook 11.145: *arva rigent auro madidis pallentia glaebis* (‘die ploeglande is kliphard, dof met gouddeurdrenkte kluite’). Ook Martialis (8.44.10: ... *arca palleat nummis*) beskryf die dowwe kleur van die skatkis se munte. Sien Fordyce (1966:371 n.3) se ontleding van die betekenismoontlikhede van beide *pallidus* en *paleo*.

⁴⁸⁰ Die Franse frase ‘langue d’orée’ word met ’n negatiewe nuanse vereenselwig as ’n ‘bedrieglike’ of ‘vals’ tong.

Hoewel die eerste drie van die *TLL* se indelings op achromatiese beskrywings of implisiete kleurgebruik dui wat van minder belang is vir hierdie ondersoek, word hulle tog ter wille van volledigheid ingesluit.

Lucretius gebruik *aureus* nege keer, terwyl dit drie keer in Catullus voorkom. Dit verskyn ook vier keer in die *Eclogae*, vyf keer in die *Georgica* en ses-en-dertig keer in die *Aeneis*.

1 As epiteton van verskeie voorwerpe (vgl. *TLL* I. *ex auro* 1: *res variae*; en ook *TLL* III *auro ornatus, sim.*)

a. Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 2.23-24: *gratius interdum neque natura ipsa requirit, | si non aurea sunt iuvenum simulacra per aedes* ('soms begeer die [mens se] innerlike geaardheid self niks aangener as dat daar nie goue/vergulde/goudversierde afbeeldings van jongmanne in die banketsale is nie').

Epikuriese dogma dui daarop dat daar nooit aan begeertes wat onnatuurlik en onnodig (κενά ['ydell']) is, toegegee mag word nie, aangesien die moontlikheid bestaan dat rykdom kan korrumpere. Volgens Lucretius moet genot nie uit die ryk versierings van 'n banketsaal geput word nie, maar eerder uit die vreugdes van 'n eenvoudige lewe (31: *non magnis opibus iucunde corpora curant* ['sonder groot uitgawes verfris hulle op 'n genotvolle wyse hul liggame']). Hoewel die weelderige rykmanshuise in Lucretius se tyd ook so swierig versier kon wees, meen Bailey (1966b:802 n.24) dat die frase *aurea ... iuvenum simulacra* terugverwys na Homeros, *Od.* η(7).100-2: *χρύσειοι δ' ἄρα κοῦροι ἐϋδμήτων ἐπιβῶμων / ἔστασαν αἰθομένας δαΐδας μετὰ χερσὶν ἔχοντες, / φαίνοντες νυκτας κατὰ δώματα δαιτυμόνεσσι.* ('goue standbeelde van seuns het op soliede voetstukke gestaan, met brandende fakkels in hul hande om die saal dwarsdeur die nag vir die feesgangers te verlig').

Lucretius raak indirek aan die voordele van 'n goue era wat as *topos* deur latere digters verder beskryf is.⁴⁸¹ Die kleurwoord *aurea* kom met die primêre betekenisemoontlikheid 'goue,' 'versier met goud' of 'verguld' voor.

b. Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 7.35-36: *... at tu | si fetura gregem suppleverit, aureus esto* ('... maar jý, as die lammeroes die kudde aangevul het, jý sal **van goud** wees').

Corydon se lied wat oor Micon se offerande aan Artemis (29-30) handel, word as 'n *do ut des*-gebed aangebied (vgl. Parker 1988:4): Sou die godin groter gawes voorsien, sal haar afbeelding geheel en al (*tota* emfasies in 31) van marmer (*de marmore*) opgerig word en met purper jagstewels (32: *puniceo ...*

⁴⁸¹ In die Romeinse digkuns bied Catullus 64 sy eie dubbelsinnige weergawe van 'n goue era wat Vergilius grootliks beïnvloed het, veral in *Ecloga* 4; sien 3.i, *infra*. Ook kontrasteer Propertius 3.13 'n Augusteïese Rome met die landelike eenvoud tydens hierdie era, 'n tema wat ook voorkom in Tibullus 1.10 en 2.3, ook in Horatius, *Epod.* 16. Ovidius, daarenteen, pak hierdie onderwerp op 'n unieke wyse aan en in *Ars* 3.113-28 verkies hy die kultuur en sofistiekasie van sy eie leeftyd (vgl. Williams 1979:104-6; Clarke 2003:259 n.2).

coturno) versier word. Op sy beurt onderneem Thyrsis om Priapus⁴⁸² te vereer wat volgens Coleman (1977:216 n.33) as growwe kontras dien vir Corydon se kuise Deliese godin. Ook sal Priapus se standbeeld vir die huidige (35: *pro tempore*) van marmer wees.⁴⁸³ Aangesien Priapus se afbeelding tradisioneel rooi geverf is (vgl. Mynors 1990:272-73 n.110-11),⁴⁸⁴ is daar in beide hierdie uitbeeldings 'n opvallende kleurkontras, telkens implisiet van marmer se wit kleur en onderskeidelik met die purper van die stewels en die rooi-geverfde afbeelding. Sou die god van fertiliteit (vgl. Page 1968:152 n.36) egter sy werk na behore doen om 'n groot lammeroes (36: *fetura*) op te lewer, onderneem Thyrsis, met apostrofe daarvan, dat hy dán goud op die beeld sal aanbring (*aureus esto* in 36), waarmee Corydon oënskynlik getroef word. In kontras met Thyrsis se *te ...* en *... te* (onderskeidelik in 33 en 35) wat aan Priapus gerig is, dui sy gebiedende *at tu ...* (met *tu* in die beklemtoonde finale posisie van 35) nou uitsluitlik op die god se fallus. In hierdie konteks is die verwysing na 'n goue standbeeld van Priapus in Conington (1881:82 n.33-36), Rose (1942:143), *EV IV.269 s.v. Priapo* ('... con una statua d'oro o indorata') en volgens Blanckenberg se vertaling ('wees u 'n goue god, 'n boeregod in goud uitgebeeld') dus minder aanvaarbaar. Kontekstueel (en veral in die lig van Thyrsis se grootpraterij) dui die beskrywing van Priapus se fallus met *aureus* op die primêre betekenismoontlikheid 'goue,' 'bestaande uit goud' of 'versier met goud'.

ii. Verg. *Aen.* 4.138-39: *cui pharetra ex auro, crines nodantur in aurum, / aurea purpuream subnectit fibula vestem* ('[Dido se] pylekoker is van goud, haar hare is ingevleg met goud en 'n goue knip speld haar purper kleed vas').

Dido se jag-mondering sluit drie goue items in wat onderskeidelik met *auro*, *aurum* en *aurea* uitgebeeld word om só haar ryk, eksotiese voorkoms te beklemtoon. In die lig van haar afkoms en stand, is die knip op haar purper kleed uit goud vervaardig, sodat *aurea* met die primêre betekenis in hierdie konteks 'bestaande uit goud' (eerder as 'verguld' of 'versier met goud') gebruik word. Daar is ook by implikasie 'n aantreklike kleurkontras tussen die purper van die kleed en die goue kleur van die knip.

iii. Verg. *Aen.* 4.239-40: *... et primum pedibus talaria nectit / aurea ...* ('... en eers het [Mercurius] sy goue sandale aangetrek ...').⁴⁸⁵

Jupiter beveel Mercurius om aan Aeneas 'n boodskap oor te dra: Hy moet sy groot taak voor oë hou wat beteken dat hy Dido moet verlaat. Die goddelike boodskapper se sandale word met *aurea* se primêre betekenis 'bestaande uit goud' uitgebeeld, moontlik ook met die bykomende oordragtelike betekenis, 'goudglansend'.

⁴⁸² Sien Clausen 1994:225-26 n.35; ook voetnoot 278.

⁴⁸³ Sien voetnoot 279.

⁴⁸⁴ Sien voetnoot 280.

⁴⁸⁵ In Homeros, *Il.* Ω(24).340-41 maak Hermes in opdrag van Zeus gereed om te vertrek, ook met goue sandale aan sy voete: αὐτίκ' ἐπειθ' ὑπὸ ποσσίν ἐδήσατο καλὰ πέδιλα | ἀμβρόσια χρύσεια ... ('dadelik het hy onder sy voete die pragtige sandale vasgebind, onsterflike goues ...').

iv. Verg. *Aen.* 5.351-52: ... *tergum Gaetuli immane leonis | dat Salio villis onerosum atque unguibus aureis*⁴⁸⁶ ('... aan Salius skenk [Aeneas] die massiewe vel van 'n Gaetuliese leeu, swaar vanweë die digte pels en die **goudversierde** kloue').⁴⁸⁷

Salius verloor 'n wedren, maar ontvang nietemin 'n troosprys van Aeneas. Dit is 'n voortreflike geskenk en bestaan uit die gebreide vel van 'n massiewe leeu, waarvan die kloue met goud versier of moontlik selfs verguld is wat *aureis* met die primêre betekenis bepaal.

v. Verg. *Aen.* 7.278: (*aurea pectoribus demissa monilia pendent*) ('**goue** kettings hang af op [die perde se] borskaste ').

Latinus se perde is ryklik getooi met goue kettings wat *aurea* met die primêre betekenis bepaal. Dit kan ook waarskynlik op die betekenis moontlikheid 'van goud' of selfs 'verguld' dui.⁴⁸⁸

vi. Verg. *Aen.* 8.659: *aurea caesaries ollis atque aurea vestis* ('[die Galliërs] het **goue** hare en **goue** baard').

'n Uitbeelding van die Galliërs wat die Kapitolyn aanval, is ook op Aeneas se skild in goud aangebring.⁴⁸⁹ Die frase *aurea vestis* is hier problematies: Aangesien Vergilius reeds in reël 660 na hul gestreepte wolmantels verwys (*virgatis ... sagulis*),⁴⁹⁰ is Servius *ad loc.* waarskynlik korrek as hy *vestis* as 'baard' – eerder as 'gewaad' – vertaal (vgl. Fordyce 1977:274-75 n.659), 'n betekenis moontlikheid wat deur die *OLD* s.v. 1.d gestaaf word met die betekenis 'natuurlike liggaamlike bedekking'. Hier word die Galliërs se hare en baard empaties herhalend met *aurea* bepaal,⁴⁹¹ aangesien Germaanse volkere dikwels met blonde, goue of rooi hare (*caesaries*) uitgebeeld word (vgl. Page 1967:244 n.659). Die kleurwoord hou dus verband met beide die voorkoms van die metaal waarmee die uitbeelding op die skild aangebring is en die Galliërs se natuurlike haarkleur wat op beide die primêre ('van goud') en oordragtlike betekenis moontlikhede ('goudkleurig') kan dui.⁴⁹² Edgeworth (1992:92-93) assosieer *vestis* met gesteelde oorlogsbuit of selfs 'n leier se *torques* ('halsketting') wat minder aanvaarbaar is.

2 Van voorwerpe in die mitologie (vgl. *TLL* I. *ex auro* 1: *nota res aureas fabulosas*)

a. Lucretius

i. Lucr. *D.R.N.* 2.1153-54: *haud, ut opinor, enim mortalia saecla superne | aurea de caelo demisit*

⁴⁸⁶ Ook in *Aen.* 1.726, 5.352, 8.372 en 553, 10.116, en moontlik ook 1.698 en 7.190 word *aureis* telkens tot 'n tweelettergrepige woord aangepas ter wille van metrum (vgl. Edgeworth 1992:89).

⁴⁸⁷ Vergilius herhaal die frase *unguibus aureis* in *Aen.* 8.552-53, met die term se primêre betekenis moontlikheid 'verguld' of 'met goud versier': ... *quem fulva leonis | pellis obit totum, praefulgens unguibus aureis* ('... die geelbruin leeuvel het hom heeltemal bedek, blink/glansend met **vergulde/goudversierde** kloue').

⁴⁸⁸ In *Aen.* 8.168 is ook die stange van Evander se perde van goud wat *aureus* met die primêre betekenis 'bestaande uit goud' of selfs 'verguld' bepaal: *frenaque bina meus quae nunc habet aurea Pallas* ('die twee **goue** stange wat my [seun] Pallas nou besit').

⁴⁸⁹ Sien 5.ii in hierdie rubriek van Aeneas se goue skild en helm.

⁴⁹⁰ Die *OLD* s.v. *sagulum* en *sagum* bied as betekenis 'n growwe wolmantel wat deur soldate en barbaarse volkere gedra is'.

⁴⁹¹ Opvallend is die herhaling in reëls 659-61: *aurea ... aurea .../... | auro ...*; so ook in *Aen.* 11.774-76: *aureus ... aurea .../.../... auro*.

⁴⁹² Sien die volledige beskrywing van Aeneas se skild in *Aen.* 8.617-731.

funis in arva ('want, na my mening, het geen **goue** kabel geslagte van lewende wesens van bo af uit die hemel op die velde neergelaat nie').

Die beskouing dat die oorsprong van lewe vanuit die lug plaasgevind het, was 'n bekende *topos* in die oudheid. Aldus wys die beskrywing van die 'goue kabel' terug na Homeros, *Il.* Θ(8).19 as die gode vir Zeus uit die hemel na die aarde wil aftrek (vgl. Bailey 1966c:974 n.1105; 981 n.1153-6).⁴⁹³ Lucretius, daarenteen, lê ook die ontstaan van die *mundus* uit waarvolgens lewende wesens nie met die goue kabel vanuit die hemel op die aarde neergelaat of uit die see geskep is nie, maar deur die aarde voortgebring is. Dit is duidelik dat *aurea* hier met primêre betekenis 'goud' of 'bestaande uit goud' gebruik word, maar die implikasie kan moontlik ook 'hemels' of 'van goddelike oorsprong' wees. Chromatiese waarde is dan nie hier ter sprake nie.

ii. Lucr. *D.R.N.* 5.32-34: *aureaque Hesperidum servans fulgentia mala, | asper, acerba tuens, immani corpore serpens | arboris amplexus stirpem ...* ('die bewaker van die Hesperides se glansende **goue** appels [is] 'n wreedaardige slang met 'n deurdringende blik wat met sy geweldige lyf om die boomstam kronkel ...').

Lucretius loof Epikuros wat 'n goeie lewe vry van alle vrees bepleit. Daarvolgens hoef niemand die leeu van Nemea, die Minotaurus, die Hidra of die slang wat die goue appels bewaak, te vrees nie. Net soos die 'goue vlies' is die beskrywing van die 'goue appels' in die letterkunde deur beide Hesiodos, *Th.* 215-16 en Kallimachos, *Cer.* 11 gevestig. Beide verwys na die goue appels as χρύσεια μήλα wat hier deur Lucretius weergegee word met die frase *aurea mala*. Mitologies kan 'n boom van goud inderdaad voorkom wat Ovidius, *Met.* 10.648 beskryf met die frase *fulvo ramis crepitantibus auro* ('met die geklingel van die goudglansende takke'). Gevolglik sal die boom ook goue vrugte kan dra wat *aurea* met die primêre betekenis 'bestaande uit goud' of 'goue' bepaal. Die voorkoms van hierdie appels kan moontlik op die oordragtelike chromatiese betekenis 'goudkleurig' dui, terwyl die teenwoordige deelwoord *fulgentia* glans impliseer.

iii. Lucr. *D.R.N.* 5.911-12: *aurea tum dicat per terras flumina vulgo | fluxisse ...* ('dan sou hy kon sê dat riviere **van goud** oral oor die velde gevloei het ...').

Wie ookal beweer dat mitiese figure soos die Chimera vuurvlamme kan uitadem, kan eweneens beweer dat strome van goud wat *aurea* hier met die primêre betekenis bepaal, oral oor die velde vloei. Hierdie reëls is veral van belang, juis vanweë die digter se uitbeelding van die primitiewe mens wat hierna volg, as hy emfaties die idee van 'n goue era negeer (vgl. Bailey 1966c:1471 n.911-15).

⁴⁹³ Hierdie gebeure dui op die gode se onvermoë om Zeus vanuit die hemel na die aarde af te trek. Sien Homeros, *Il.* Θ(8).19-20: σερῖην χρυσεῖην ἐξ οὐρανόθεν κρεμάσαντες | πάντες τ' ἐξάπτεσθε θεοὶ πάσαι τε θέαιναι ('hang 'n goue tou aan die hemel en hou daaraan vas, al julle gode en godinne'). Hierdie beskouing is deur die Stoïsyne allegories gebruik om die oorsprong van lewe te verklaar (vgl. Putnam 1970:140).

b. Vergilius

i. Verg. *Aen.* 6.136-37: ... *latet arbore opaca / aureus et foliis et lento vimine ramus* ('... aan 'n donker boom hang daar 'n tak waarvan die blare en die slap stam **van goud** is').⁴⁹⁴

Die Sibille gee aan Aeneas die opdrag om na die goue tak te soek wat hy aan Proserpina in die Onderwêreld moet gee. Weens die metaalagtige geritsel van die blare (209: ... *sic leni crepitabat brattea vento* ['... so het die bladgoud in die ligte briesie geklingel']) is dit duidelik dat die blare van goud is, dus met die term se primêre betekenis 'bestaande uit goud' of 'goue'.⁴⁹⁵ Daarbenewens volg *opaca* en *aureus* mekaar direk op en beklemtoon – ook visueel – die kontras tussen die donker boom (*arbore opaca*) en die glansende goud van die tak (*aureus ... ramus*).

ii. Verg. *Aen.* 7.189-90: ... *quem capta cupidine coniunx*⁴⁹⁶ / *aurea percussum virga ...* ('... deur liefde oorweldig, het sy "eggenote" [Kirke], hom [Picus] met haar **goue** [tower-]staf aangeraak ...').

Kirke het Picus, wat getrou aan Canens gebly het, met haar staf aangeraak en hom met haar towerwoorde in 'n voël verander. Daar is onsekerheid oor die naamval van *aurea* wat óf Nominatief (met *coniunx*) óf Ablatief (met *virga*) kan wees, afhangende van sinerese (vgl. Edgeworth 1992:91 n.vii). Volgens Servius en Donatus bepaal *aurea* die woord *coniunx*, 'n beskouing wat Conington (1883:21 n.189) ook voorstaan, as sou die term met uitgebreide betekenis op Kirke se skoonheid dui.⁴⁹⁷ Ook is die 'goudglansende' voorkoms wat met hierdie term vereenselwig word baie beskrywend van die dogter van die Son (sien Ovidius, *Met.* 14.10: *Sole satae Circes ...*; en Martialis 8.36.10: *nascentis Circe quam videt ora patris*). Hoewel daar in *Od.* κ(10).237-38 geen verwysing na die metaal of die voorkoms van die staf is nie, wys Horsfall (2000:158 n.190) op die adjektief *aurea* se waarskynlike bepaling van *virga* (Ablatief) met die primêre betekenisomtoeklikheid, soos ook tereg deur die *TLL* gelys.

3 Tiperend van 'n geïdealiseerde verlede of toekoms (vgl. *TLL* I. *ex auro* 1: *item nota aetatem auream*)

Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 4.8-10: *tu modo nascenti puero, quo ferrea primum / desinet ac toto surget gens*

⁴⁹⁴ Die volgende *Aeneis*-passasies het ook betrekking op die goue tak wat *aureus* met die primêre betekenis 'goue' of 'bestaande uit goud' bepaal. Sien 6.143-44: ... *primo avulso non deficit alter / aureus ...* ('... as dit eers afgeruk is, ontbreek dit nie aan 'n tweede **goue** [tak] nie ...'); en in 6.187-88: *si nunc se nobis ille aureus arbore ramus / ostendat nemore in tanto!* ('... as ek nou maar net daardie **goue** tak aan 'n boom in so 'n groot woud kan sien! ...').

⁴⁹⁵ In Ovidius, *Met.* 14.113-15 word die goue voorkoms van die tak beklemtoon, sonder enige verwysing na die donker boom: ... *et auro / fulgentem ramum ... / monstravit ...* ('... sy het die tak, glansend van goud, aangedui ...').

⁴⁹⁶ Vir die frase *capta cupidine*, vgl. Fordyce 1977:103 n.189 ff. Sien ook Servius *ad loc.*: *coniunx ... non quae erat sed quae esse cupiebat* ('n eggenote wat sy nie was nie, maar begeer het om te wees').

⁴⁹⁷ In *Aen.* 10.16 (met reël 17 onvoltooid) dui die term met die bykomende nuanse op Venus se voortrefflike skoonheid: ... *at non Venus aurea contra / pauca refert ...* ('... maar **pragtige** Venus rig haar [tot Jupiter] met baie woorde ...'). Die frase *aurea Venus* verwys terug na die Homeriese χρυσή Ἀφροδίτη in onder andere *Il.* Γ(3).64, Ε(5).427, Ι(9).389, Τ(19).282, Χ(22).470 en Ω(24).699. Saamgestelde adjektiewe (byvoorbeeld χρυσοστεφανου en πολυχρύσου) wat Venus met goud vereenselwig, kom sewe keer in Hesiodos voor. Die epiteton het waarskynlik sy ontstaan te danke aan die goue kroon wat Aphrodite na bewering gedra het. Sien *Homeriese Himne aan Aphrodite* 1 en 7; vgl. Edgeworth 1992:94 n. x.16.

aurea mundo, | *casta fave Lucina* ... ('maar jy, maagdelike Lucina, wees goedgesind teenoor die seun by sy geboorte onder wie die Ystertydperk eerste tot niet sal gaan en die **goue** era oor die ganse aarde sal verrys ...').

Met die frase *Cumaei ... carminis* (4) verwys Vergilius na die orakels van die Sibille waarvan die mistieke aard die digter se verbeelding aangegryp het. Anders as Catullus 64.384-408 se pessimistiese beskouing van 'n verlore mitiese goue tydperk, beeld Vergilius op 'n unieke wyse 'n goue era vol belofte uit (vgl. Clausen 1994:121). Die sentrale tema van hierdie *Ecloga* is die geboorte van 'n onbekende kind wat saamhang met die aanbreek van die *gens aurea* wat oplaas met 'n nuwe era verbind kan word. Volgens Baldry (1952:83) is Vergilius grootliks beïnvloed deur beide Hesiodos se goue ras ($\chi\rho\rho\sigma\epsilon\omicron\nu$... $\gamma\acute{\epsilon}\nu\omicron\varsigma$ in *Op.* 111) en Catullus 64.338 wat in die lied van die *Parcae* die geboorte van 'n kind voorspel: *nascetur vobis expers terroris Achilles* ('vir julle sal 'n vreeslose Achilles gebore word'). Daar word dikwels nagelaat om na Theokritos, *Id.* 12.16 ($\chi\rho\rho\sigma\epsilon\iota\omicron\iota \pi\acute{\alpha}\lambda\lambda\iota\nu \acute{\alpha}\nu\delta\rho\epsilon\varsigma$... ['manne van goud'...]) te verwys wat ook op die terugkeer van 'n goue era kan dui (vgl. Gow 1952b:225 n.16), hoewel dit moontlik in 'n ander konteks voorkom. Die frase *gens aurea* – moontlik selfs 'n verfyning en uitbouing van Lucretius se *aurea saecla* (sien *supra*) – dui op 'n tydperk wat as die ideaal voorgehou word, metafories met *aurea* se uitgebreide betekenismoontlikheid aangedui as 'voortreflik' of 'perfek' van 'n geïdealiseerde verlede of toekoms.⁴⁹⁸ Sien *EVI* 1412-18 s.v. *aureus*.

ii. Verg. *Geor.* 2.538: *aureus hanc vitam in terris Saturnus agebat* ('hierdie lewe het **goue** Saturnus op aarde gelei').

Saturnus se heerskappy word vereenselwig met die eenvoud en die milddadigheid van die natuur.⁴⁹⁹ Geen ploegdier word geslag of enige wildedier word gejag vir voedsel nie; daar is geen glad-geslypte swaarde nie en geen sug na rykdom en opgegaarde skatte nie. Net soos die Sabyner van ouds, leef die landbouer in vrede en harmonie en, hoewel sy dagtaak veeleisend is (513-14), het hy liefdevolle kinders, 'n kuise vrou en 'n goeie opbrengs uit die grond (523-25). Opvallend is die besondere plasing van *aureus* in die beklemtoonde aanvangsposisie van die reël wat metafories met die bykomende nuanse 'voortreflik' gebruik word. Erren (2003:546 n.538) verwys na die frase *aureus Saturnus* as antonomasia van Saturnus se goue era.⁵⁰⁰ Tog, waar die naam Saturnus etimologies verwant is aan woorde vir saai en saad (*satus* van *sero*, *serĕre*), kan die digter wel ook die goue kleur van ryp graan in gedagte gehad het.

⁴⁹⁸ Schiebe (1981) ondersoek die konsep van die ideale lewe in verskeie gedigte van Tibullus aan die hand van Vergilius se hantering en logiese ontwikkeling van 'n goue era-tema. Sien ook Gatz (1967:87-103) wat verskeie twispunte rakende *Ecloga* 4 toelig, onder andere dié wat handel oor die frase *Cumaei ... aetas*, die rol van Hesiodos en die Sibille.

⁴⁹⁹ Volgens Thomas (1988a:263 n.538) het die identifisering van 'n landelike lewe as Saturnies nie sy oorsprong by Vergilius nie, maar wel by Varro, *R.* 3.1.4-5: *nec sine causa terram eandem appellabant [maiores nostri] matrem et Cererem, et qui eam colerent, piam et utilem agere vitam credebant atque eos solos reliquos esse ex stirpe Saturni regis* ('[ons voorvaders] het nie sonder rede dieselfde aarde moeder en Ceres genoem nie; en diegene wat haar bewerk het, het geglo dat hulle 'n deugdelike en nuttige lewe lei, en dat slegs hulle uit die geslag van die heerser, Saturnus, agtergelaat is'). Richter (1957:259-60 n.532 ff.) verwys egter na Varro, *R.* 2.1.3.1-5 wat dieselfde beskouing voorhou.

⁵⁰⁰ Sien Erren (2003:381-85) vir 'n gedetailleerde uiteensetting van *Saturnia tellus*.

iii. Verg. *Aen.* 6.792-93: *Augustus Caesar, divi genus, aurea condet | saecula...* ('Caesar Augustus, seun van die god [Julius Caesar], sal 'n **goue** era vestig ...').⁵⁰¹

Augustus sal opnuut Saturnus se goue era vestig wat met onverdorwenheid en opregtheid vereenselwig word. Volgens Austin (1977:243-44 n.792 ff.) was dit as vroeë lewenswyse 'n geïdealiseerde tydperk wat tot Rome se roem bygedra het (sien *Geor.* 2.538, *supra*). Die woord *saecula* word deur *aurea* met die bykomende nuanse 'voortreflik' of 'perfek' aangevul.⁵⁰²

4 Tiperend van gode of mitiese figure en hul versiersels (vgl. *TLL* III. *auro ornatus, sim.*)

Vergilius

i. Verg. *Aen.* 1.492: *aurea subnectens exsertae cingula mammae* ('n **goue** belt is onder haar ontblote boesem gebind').

Op die muurpaneel in Karthago sien Aeneas die uitbeelding van Penthesilea, koningin van die Amasone, wie se belt Vergilius beskryf met *aurea* se primêre betekenis 'goud,' 'verguld' of 'versier met goud'. So kan die leser se geestesoog die kleur van goud in die verbeelding oproep wat ook die geval met verskeie van die volgende passasies kan wees:

ii. Verg. *Aen.* 1.697-98: *cum venit, aulaeis iam se regina superbis | aurea composuit sponda ...* ('toe hy [Aeneas] daar aankom, het die koningin [Dido] reeds met haar vorstelike versierings op die **goudversierde/vergulde** bank plaasgeneem ...').

Dido bied 'n banket aan as verwelkoming vir Aeneas en, net soos die koningin, is die paleis ook 'n toonbeeld van uitspattige weelde.⁵⁰³ Die raamwerk van die bank (vgl. Austin 1971:209 n.698) waarop Dido plaasneem, word deur *aurea* bepaal wat waarskynlik op die primêre betekenis moontlikheid, 'verguld' of 'met goud versier' kan dui. Die oordragtelike betekenis moontlikheid 'goudglansend' of 'goudkleurig' kan ook voorgehou word, hoewel dit nie as sulks deur die *TLL* gelys word nie.

iii. Verg. *Aen.* 6.13: *iam subeunt Triviae lucos atque aurea tecta* ('nou loop hulle onder die woude van Trivia en die **vergulde/goudversierde** dak').⁵⁰⁴

⁵⁰¹ Vergilius herhaal die frase *aurea ... | saecula ...* in *Aen.* 8.324-25: *aurea, quae perhibent, illo sub rege fuerunt | saecula ...* ('gedurende daardie ryk was dit na bewering 'n **goue/perfekte** era ...'), 'n era wat *aurea* met die uitgebreide betekenis bepaal.

⁵⁰² 'n Siniese Ovidius verwys na hierdie eeu as 'n tydperk waarin eerbewyse en selfs liefde gekoop kan word: *Ars* 2.277-78: *aurea sunt vere nunc saecula: plurimus auro | venit honos: auro conciliatur amor* ('dit is nou waarlik 'n **goue** tydperk, [want] veral eerbewyse word nou vir goud verkoop [en] liefde word met goud bekom'; vgl. Edgeworth 1992:199 n.203).

⁵⁰³ Die primêre betekenis 'bestaande uit goud,' 'verguld' of 'versier met goud' is ook van toepassing in *Aen.* 1.726-27: *... dependent lychni laquearibus aureis | incensi ...* ('... lampe wat opgesteek is, hang vanaf die plafon se **goudversierde/vergulde** panele ...').

⁵⁰⁴ In *Aen.* 8.348 tipeer *aurea* die Kapitolyn. Die verwysing na die goue era van Saturnus in reël 324 (*supra*) word opgevolg met die uiteensetting van die kleurlose tyd van Evander (326: *decolor aetas*), maar nou (*nunc*) kontrasteer dit met die goue tydperk van Augustus, waarvan die goue Kapitolyn as metafoor dien: *hinc ad Tarpeiam sedem et Capitolia ducit | aurea nunc olim silvestribus horrida dumis* ('hiervandaan lei hy [hom] na die Tarpeïese rots en die Kapitolyn wat nou **van goud** is, maar eens op 'n tyd [was dit] stekelig met digte doringbosse'). Die teenstelling met *decolor* bring vanselfsprekend dan wêl die kleurimplikasie van *aurea* na vore.

In die woud van Diana (Trivia) is die goue tempel op een van twee hoogtes by Cumae gebou en aan Apollo gewy. Hier bepaal *aurea* met die primêre betekenis ‘verguld’ of moontlik eerder ‘goudversier’ die dak wat inderdaad besonder aanskoulik moes wees.

iv. Verg. *Aen.* 8.372: *Volcanum adloquitur, thalamoque haec coniugis aureo* (‘[Venus] spreek tot Vulcanus, in hul **goudglansende/goudversierde** slaapvertrek’).

In hul goue slaapvertrek verlei ’n listige Venus vir Vulcanus (sien 387-88: ... *et niveis hinc atque hinc diva lacertis | cunctantem amplexu molli fovet* ... [‘... en met haar spierwit arms liefkoos die godin die aarselende [Vulcanus] alom in ’n sagte omhelsing ...’]). Die slaapvertrek word deur *aureo* bepaal met die primêre betekenis ‘goud,’ ‘verguld’ of ‘versier met goud’. Vanweë Vulcanus se vernuftigheid as goudsmid (soos ook blyk met die smee van Aeneas se skild, beskryf in 8.655-71, 672-77) is dit waarskynlik dat die vertrek met goud versier is, hoewel die kleurimplikasie ‘goudglansend’ ook in ’n sekere mate hier ’n rol kan speel. Sien ook Homeros, *Il.* A(1).606-8 vir ’n beskrywing van die gode se slaapvertreke wat die handewerk van Hephaistos is (vgl. Edgeworth 1992:92).⁵⁰⁵

v. Verg. *Aen.* 10.116-17: ... *solio tum Iuppiter aureo | surgit* ... (‘... toe staan Jupiter op uit sy **goue** troon ...’).

Jupiter sluit sy rede af en staan op uit sy troon.⁵⁰⁶ In hierdie konteks bepaal *aureo* die woord *solio* slegs met die primêre betekenis moontlikheid, ‘goud’ of ‘van goud’.

5 Vir die uitbeelding van wapentuig (soos hierbo, vgl. *TLL* III. *auro ornatus, sim.*)

Vergilius

i. Verg. *Aen.* 9.49-50: ... (*maculis quem Thracius albis | portat equus cristaque tegit galea aurea rubra*) (‘... [Turnus] ry op ’n wit gespikkelde Traciese perd, [en] het ’n **goue** helm met bloedrooi pluim gedra’).

In Boek 9 neem die oorlog in alle erns toe. Die kollig val nou op Turnus wie se voorkoms Vergilius planmatig met die kleurterme wit, goud en rooi beskryf en wat volgens Edgeworth (1992:49) tematies van belang is. Die frase *maculis ... albis* dui op Turnus se wit gespikkelde perd wat opvallend verskil van die uitbeelding in *Aen.* 12.84 van glansende sneeuwit perde: *qui candore nives anteirent* – ’n verwysing na Rhesos se legendariese perde.⁵⁰⁷ Turnus is swierig uitgevat en hy is ’n opvallende figuur met sy goue helm (*galea aurea*) en die bloedrooi pluime (*crista ... rubra*) daarop. Hierdie uitbeelding word beklemtoon deur die besondere plasing van die kleurwoorde in reëls 49-50: Beide *albis* en *rubra*

⁵⁰⁵ Sien *Aen.* 4.392 (vgl. IV. *MARMOREUS* 1.ii) vir ’n beskrywing van Dido se slaapvertrek wat moontlik ryklik met Numidiese geel marmer versier kon wees.

⁵⁰⁶ Die beskrywing verwys terug na Homeros, *Il.* Θ(8).442-43: αὐτὸς δὲ χρύσειον ἐπὶ θρόνον εὐρύσοπα Ζεὺς | ἔζετο... (‘en breëstem Zeus het self op sy goue troon gaan sit ...’). Volgens Edgeworth (1992:94) word χρύσόθρονος (‘met ’n troon van goud’) nie van Zeus nie, maar slegs van Hera gebruik in *Il.* A(1).611: ἔνθα καθευδ’ ἀναβάς, παρὰ δὲ χρυσόθρονος Ἥρη (‘hy het daarop [op sy bed] geklim en gaan lê, en langs hom Hera van die goue troon’).

⁵⁰⁷ Sien voetnoot 122.

kom in die laaste versvoete van die onderskeie reëls voor, terwyl *aurea* en *rubra* mekaar direk opvolg.⁵⁰⁸ Net voor die uitbreek van die gevegte (hier en in 12.247) is die naasmekaarstelling van die kleuradjektiewe rooi en goud ook opvallend wat daarop dui dat die kleurimplikasie belangrik is.⁵⁰⁹

ii. Verg. *Aen.* 10.270-71: *ardet apex capiti cristisque a vertice flamma | funditur et vastos umbo vomit aureus ignis* ('die helm gloei op [Aeneas se] kop, vuur stroom van die helmpluime en die **goue** skildnaaf weerkaats met baie vlammetjies').⁵¹⁰

Hier bepaal *aureus* met die primêre betekenis 'goue' nie net Aeneas se skild nie, maar ook sy helm. Hierdie epiteton hou verband met vuur en vlamme, soos ook die vergelyking van die held met vlamme komete wat volgens oorlewering met die dood vereenselwig word in *Aen.* 10.272-73: *non secus ... cometae | sanguine lugubre rubent ...* (EV IV. 290).

iii. Verg. *Aen.* 11.652: *aureus ex umero sonat arcus et arma Dianae* ('van haar skouer af ritsel die **goue** boog en die wapens van Diana').⁵¹¹

Wanneer Camilla tot die geveg toetree, is die klank van haar klingelende boog en pyle (*sonat*) opvallend. Hoewel *aureus* hier met die primêre betekenis 'verguld' of 'versier met goud' gebruik word, is die kleurimplikasie swak, aangesien die fokus op die ritseling van haar wapens is. Ook in *Aen.* 11.799 word die fokus op die onheilspellende klank van Arruns se spies geplaas wat op Camilla se naderende dood kan dui: *... ut missa manu sonitum dedit hasta per auras.*

6 Tiperend van hemelliggame (vgl. *TLL* IV. *auri splendore*)

a. Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 5.461-62: *aurea cum primum gemmantis rore per herbas | matutina rubent radiati lumina solis* ('[wat ons dikwels sien] wanneer die **goue** lig van die stralende son vroegoggend die dou oor die gras rooi verkleur soos juwele').

Lucretius ontleed die ontstaan van die hemel en al die hemelliggame. Die boustof-deeltjies van die aarde was swaar en daarom in die middel op die laagste vlak vasgedruk (449-51: *... terrai corpora ... | ... gravia et perplexa ... | in medio atque imas ... sedis*). Namate hulle al meer ineengewring is, is die see,

⁵⁰⁸ Die beskrywing van Turnus in *Aen.* 9.269-70 (*vidisti quo Turnus equo, quibus ibat in armis | aureus ...* ['jy het gesien op watter perd **goudglansende** Turnus ry, met watter wapens hy [tot die geveg] toegetree het ...']) sluit aan by die beskrywing in *Aen.* 9.50 (sien *supra*). Die epiteton *aureus* word met die oordragtelike betekenis 'goudglansend,' volgens *TLL* IV. *auri splendore, colore*.

⁵⁰⁹ Sien ook *Aen.* 9.359-60 met *aurea* se primêre betekenis 'goudversier' van wapentuig: *Euryalus phaleras Rhamnetis et aurea bullis | cingula ...* ('Euryalus [vat] Rhamnes se borsplaat en die swaard-belt met **goudversierde/vergulde** knoppe ...').

⁵¹⁰ Soos in *Aen.* 10.271 kom die frase *umbo ... aureus* ook in *Aen.* 10.884 voor (hoewel in wisselende volgorde) van die goue skild wat die aanslae van Mezentius afweer: *... sed sustinet aureus umbo* (volgens die Oxford-tekste). Hoewel die *codices* Mediceus, Palatinus en Romanus *aureus* lees met die betekenis 'goue,' word dit deur Harrison (1991:279 n.884) betwyfel, waarskynlik na aanleiding van *aerato ... tegmine* van dieselfde skild in reël 887. Tog word daar in 8.445 aangedui dat die skild uit beide goud en brons vervaardig is (*... fluit aes rivis aurique metallum*). Volgens Fordyce (1977:175 n.633) kom die woord *umbo* (met die betekenis 'dekblok') as sinekdogee voor van die hele skild.

⁵¹¹ In *Aen.* 11.774-75 het ook die waarsêer, Chloereus, 'n vergulde/goud-versierde boog oor sy skouer en 'n vergulde/goud-versierde helm (op sy kop): *aureus ex umeris erat arcus et aurea vati | cassida ...* Met die herhaling van *aureus* en *aurea* word die besondere voorkoms van Chloereus se boog en helm beklemtoon.

sterre, son, maan en die mure van die ganse heelal (454: ... *magni moenia mundi*) uitgepers. Op dieselfde wyse word dou uit die losgeweefde openinge van die aarde (457: *per rara foramina terrae*) gedruk en deur die strale van die opkomende son rooi gekleur. *Aurea* met die oordragtlike betekenis ‘goue’ beklemtoon die son se voorkoms, ook met die frase *radiati lumina solis*.⁵¹² Weer eens roep die verwysing na rooi (*rubent*)’n implisiete beeld van die komplimenterende kleur van die ‘goudglansende’ lig by die leser op.

b. Catullus

i. Cat. 63.39-40: *sed ubi oris aurei Sol radiantibus oculis | lustravit aethera album ...* (‘maar toe het die son met die skitterende oë van sy **goue** gesig die bleekwit hemele opgehelder ...’).

Catullus verpersoonlik die son wat met sy goudglansende gesig en blink oë op die wêreld en ’n slapende Attis neerkyk. Ook Ennius gebruik hierdie kleurterm van die opkomende son (... *simul aureus exoritur sol* [Ann. I.xlvii.87]) (Skutsch) wat volgens Fedeli (1977:45) terugverwys na beskrywings van die son in Euripides, *El.* 739-42 en *Hec.* 636 f. Soos Lucretius (sien *supra*) span Catullus *aurei* in met die oordragtlike betekenis ‘goue,’ terwyl die son se glansrykheid met toevoeging van *radiantibus* en *lustravit* beklemtoon word.⁵¹³

ii. Cat. 66.59-61: ... *vario ne solum in lumine caeli | ex Ariadnaeis aurea temporibus | fixa corona foret, sed nos quoque fulgeremus* (‘... nie alleen moet die **goue** kroon om Ariadne se slape in die sterbelaaide hemel geplaas word nie, maar ek moet ook [daar] skitter’).

Hierdie verhaal word deur die verpersoonlikte haarlok van Berenice⁵¹⁴ oorgedra wat net soos die goue kroon van Ariadne, Minos se dogter, ook in die hemel wil skitter (vgl. Fordyce 1966:328-29). Volgens oorlewering is hierdie kroon deur Dionusios aan Ariadne geskenk en is dit na haar dood in die hemel geplaas. Die juwele waarmee dit versier is, het sterre geword (sien Ovidius, *Fast.* 3.459 ff.). In reëls 59-62 kom woorde vir lig, glans en kleur telkens in opeenvolgende reëls voor – *lumine* (59), *aurea* (met die oordragtlike betekenis in 60), *fulgeremus* (61) en *flavi* (62) – wat die beskrywing van die goue glans in hierdie uitbeelding beklemtoon (vgl. Clarke 2003:35).

c. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.231-32: *idcirco certis dimensum partibus orbem | per duodena regit mundi sol aureus astra* (‘daarom [sodat die landbouer kan weet wanneer om te saai] rig die **goue** son sy baan wat in vaste streke verdeel is tussen die twaalf sterrebeelde van die heelal’).

In kontras met Lucretius, *D.R.N.* 5.195-99 wat nie die bemiddeling van enige godheid erken nie (198:

⁵¹² Hierdie beskrywing kan terugverwys na Pindaros, *P.* 4.144: σθένοϋ ἀελίου χρύσεον (‘die goue lig van die son’).

⁵¹³ Sien I. *ALBUS* en *ALBESCO* 7.b.

⁵¹⁴ Catullus se gedig verwys terug na die oorspronklike teks van Kallimachos (vgl. Fordyce 1961:328 n.66). Aangesien daar *lacunae* in die ooreenstemmende reëls voorkom (sien *Aet.* fr. 110.29-60 [Pfeiffer]), is dit onseker of *aurea* ’n byvoeging van Catullus is. Indien wel, is die implikasie dat die haarlok, net soos die kroon van Ariadne, goudglansend is en dus ook as konstellasie in die hemel opgeneem moet word (vgl. Clarke 2003:35 *ad loc.*).

nequaquam nobis divinitus esse paratam), beklemtoon Vergilius die voorsienende hulp van die gode (238: *munere concessae divum*) aan ellendige sterflinge (237: *mortalibus aegris*). Die hemele (dus die natuur) verskaf vaste tekens aan landbouers waarvolgens hul werksaamhede gerig kan word en waarna verwys word in Plinius Maior, *Nat.* 18.265: *decebatque hoc discrimen indubitatis notis signasse naturam ...* ('en om hierdie verandering met onmiskenbare tekens aan te dui, was die natuur se taak ...'). Hierdie beskouing is reeds deur Aratus, *Phaen.* 5-13 in die *prooemium* uitgespel, ook in reëls 741-43: ἐκ Διὸς ἤδη πάντα πεφασμένα ...⁵¹⁵ In die Vergilius-passasie dui die woord *orbem* op die son se vasgestelde baan deur die twaalf sterrebeelde (vgl. Erren 2003:146 n.231), met die son se 'goudkleurige' voorkoms wat *aureus* met die oordragtelike betekenis bepaal.⁵¹⁶ Aangesien geen bykomende woorde wat op glans dui, voorkom nie, is dit moontlik dat die betekenismoontlikheid 'goudglansend' ook hier van toepassing kan wees as inherente eienskap van die son.

ii. Verg. *Geor.* 1.431: *ventus erit: vento semper rubet aurea Phoebe* ('[dan] sal daar wind wees; **goue** Phoebe bloos altyd as die wind opkom').⁵¹⁷

Sien XVIII. **RUB*-groepering, 2.b.ii. Die natuur bied aan die landbouer duidelike tekens (351: *certis ... signis*) en sou hy daarop let, kan hy voorberei vir goeie en slegte weer, wind en reën.⁵¹⁸ Die maan wat rooi glinster, is 'n bekende *signum* wat Aratus, *Phaen.* 783-85 (*De Signis* 12) beskryf (vgl. Mynors 1990:88 n.431; 326.B).⁵¹⁹ λεπτὴ μὲν καθαρὴ τε περὶ τρίτον ἡμαρῆούσα | εὐδιός κ' εἴη, λεπτὴ δὲ καὶ εὖ μάλ' ἐρευθής | πνευματὴ ... ('as [die maan] op die derde dag klein en helder is, bring sy goeie weer [maar] as sy klein en baie rooi is, bring sy wind ...'). Vergilius vermeld geensins die verskillende groottes van die maan nie, maar beklemtoon die maan se wisselende kleurvoorkomste met twee kleurwoorde wat mekaar direk in die versreël opvolg: Sou 'n maan wat gewoonlik goudkleurig (*aurea*) vertoon, opeens 'n ongewone rooi voorkoms verkry (*rubet*), is dit 'n duidelike teken dat wind te wagte kan wees, beklemtoon met herhaling van *ventus ... vento*. Weer moet in gedagte gehou word dat rooi en

⁵¹⁵ Volgens Thomas (1988a:107 n.231-56) kan Vergilius se beskrywing van die vyf streke van die heelal en die mens se interaksie daarmee bykans as 'n woordelike weergawe van Eratosthenes, *Phaen.* fr. 16 (Powell) beskryf word.

⁵¹⁶ Soos reeds aangedui, verwys Hermann en Cagianno Azevedo (1969:389) na Ennius wat met *aureus* na die opkomende son verwys in *Ann.* l.xlvii. 87(92): ... *simul aureus exoritur sol*; ook word *aureus* gebruik deur Catullus 63.69 (*supra*), Vergilius, *Geor.* 1.232 (sien *supra*) en Ovidius, *Met.* 7.663: ... *iubar aureus extulerat Sol* ('... die **goue** son het sy glans versprei'). In hierdie konteks het die oordragtelike betekenismoontlikheid chromatiese waarde wat ook met glans verbind kan word. Soms word daar na die son se rooi kleur met sonsopkoms of -ondergang verwys (met *roseus* in Lucretius, *D.R.N.* 5.610; met *flammeus* in Catullus 66.3, met *purpureus* in *Ciris* 37 en met *igneus* in *Aen.* 8.97 [sien 2.iv]). Hier word daar verskil met sommige van die voorafgaande voorbeelde: In *D.R.N.* 5.610 is daar nie sprake van 'n sonsopkoms of -ondergang nie, aangesien die son reeds hoog in die hemel is (... *rosea sol alte lampade lucem*) [my beklemtoning], terwyl *igneus* in *Aen.* 8.97 achromaties op hitte dui (sien 2.iv). Ook fouteer André (1949:337) as hy noem dat die ondergaande son nooit uitgebeeld word nie. Sien Statius, *Theb.* 3.408; ook *Geor.* 3.358-59 (vgl. XVIII. **RUB*-groepering 7.i [van die ondergaande son] en 7.ii [van die sonsopkoms]). In *Geor.* 1.454 is 'n 'rooi' son (met *igneus* uitgebeeld, sien 2.i) 'n duidelik teken van die oostewind wat opsteek.

⁵¹⁷ Erren (2003:231 n.431) verwys na hierdie versreël as 'die anzügliche Bemerkung' wat moontlik op 'n onbekende neoteriese-aleksandrynse *aition* dui. Waarskynlik haal Vergilius hier aan uit Aratus, *Phaen.* 784 (sien ook Mynors 1990:88 n.431), terwyl Erren ook na reëls 784-96 ff. en 803 verwys as beskrywend van die rooi voorkomste van die maan wat op die koms van wind dui.

⁵¹⁸ Sien voetnoot 116.

⁵¹⁹ Lucanus 5.549, Valerius Flaccus 2.57 en Vegetius, *Mil.* 4.41 verwys na dieselfde verskynsel wat Mynors (1990:88 n.431) verder toelig met die Middeleeuse aanhaling: *pallida luna pluit, rubicunda flat, alba serenat*.

geel vir die Romeine 'n semantiese veld deel. Die implikasie is dus hier dat die 'normale' gouerige glans van die maan intensifiseer as die wind aan die opkom is.

iii. Verg. *Geor.* 4.51-52: ... *ubi pulsam hiemem sol aureus egit / sub terras caelumque aestiva luce reclusit* ('... wanneer die **goudglansende** son die winter verdryf en onder die aarde gejaag het en die hemel met somerlig ontsluit het').

Die koms van die lente wanneer dae langer en nagte korter word, word deur die son bepaal. Soos Erren (2003:806n.51) tereg aandui, is die aangename weer wat met die lente geassosieer word van groter belang as die presiese kosmiese datum. In *Geor.* 1.232 bepaal **aureus** die son wat 'n effektiewe kontras tussen die goue glans van die son en die absolute duisternis (*sub terras*) bewerkstellig – ook tussen die winterkoue (*hiems*) en somer se lig (*aestiva luce*) wat ook hitte impliseer. 'n Verdere kontras word ook visueel met versigtige woordplasing uitgebeeld, aangesien die frase *sol aureus* deur *sub terras* opgevolg word. Hiervolgens kan die uitgebreide betekenismoontlikheid 'goudglansend' gebruik word om die kontras tussen glans as inherente eienskap van die son se voorkoms en die donkerte te beklemtoon.

iv. Verg. *Aen.* 2.488 (met omgekeerde woordorde in 11.832): ... *ferit aurea sidera clamor* ('... die geskreeu tref die **goudglansende** sterre').⁵²⁰

Die paleis van Priamos word verwoes en die geskreeu van die slagoffers styg tot by die goudglansende sterre wat met die oordragtelike betekenis van **aurea** bepaal word. In Homeros, *Il.* T(19).362: αἴγλη δ' οὐρανὸν ἴκε ... ('die glans daarvan het die hemel bereik ...') is dit egter die glans van die brons wapens – en nie dié van die sterre nie – wat die hemel bereik (vgl. Edgeworth 1992:89). In die *Aeneïs*-passasie beklemtoon Vergilius 'n verdere kontras tussen die chaotiese verwoesting van Troje en die skoonheid en rustigheid van die sterre om emotief die patos te verhoog.

7 Met eksplisiete kleurwaarde (vgl. *TLL IV. auri splendore, colore*; die eerste kategorie wat met kleurwaarde vereenselwig kan word)

a. Lucretius

i. *Lucr. D.R.N.* 2.502-3: **aurea** *pavonum ridenti imbuta lepore / saecla, novo rerum superata colore iacerent* ('die **goudkleurige** spesies van poue, bedeel met 'n toelaggende aanvalligheid, lê verstote en versmaai vanweë voorwerpe se nuwe kleure').

Volgens die digter het atome 'n beperkte aantal vorme. As dit nie die geval sou wees nie, sou alle voorwerpe, wat nou in unieke kleure voorkom, by verre oortref word deur nuwe, onbekende kleure. Die term **aurea** kom hier chromaties voor en dui met die oordragtelike betekenis op die besondere voorkoms

⁵²⁰ In die volgende *Aeneïs*-passasies is die oordragtelike betekenismoontlikheid 'goudkleurig' of 'goud-glansend' belangrik: 7.210-11: **aurea** *nunc solio stellantis regia caeli / accipit* ... ('die **goudkleurige/goudglansende** paleis van die sterre-koninkryk ontvang [Dardanus] op die troon ...'); en 11.832-33: *tum vero immensus surgens ferit aurea clamor / sidera* ... ('daarop tref 'n opwellende, geweldige gekerm die **goudglansende/goudkleurige** sterre ...').

van goudkleurige poue.⁵²¹

ii. Lucr. *D.R.N.* 6.204-5: *hac etiam fit uti de causa mobilis ille / devolet in terram liquidi color aureus ignis* ('daarom gebeur dit ook dat daardie **goue** kleur van vloeiende vuur vinnig na die aarde benede vlieg').

Lucretius verskaf redes vir die helder, verblindende slag van weerlig. Wanneer wolke droog is, absorbeer hulle die fynste vuurdeeltjies van die son wat weer vrygestel word wanneer die wolke deur die wind saamgedryf word. So ontstaan weerlig waarvan *aureus* chromaties die kleur bepaal met die oordragtlike betekenis 'goue' of 'goudkleurig'.

b. Catullus

Cat. 61.94-95: ... *viden? faces / aureas quatiunt comas* ('... sien jy nie? die fakkels skud [al] hul **goudkleurige** lokke').

Dit is reeds aand en die digter moedig die bruid aan om te verskyn. Die huweliksfakkels is al aan die brand⁵²² en die vlamme steek aanskoulik teen die donkerte van die nag af. Die sinsdeel, *quatiunt comas* (van fakkels wat geswaai word om die vlamme te stook), verwys as metafoor terug na Aischulos, *A.* 306 en *Pr.*1044 (vgl. Fordyce 1961:245 n.78), hoewel sonder enige kleurwoord. Die toevoeging van *aureas* (met die oordragtlike betekenis) is 'n verfyning van Catullus se uitbeelding: Die kleurindruk van die vlamme sluit dus goed aan by die bruid se oranjerooi geskoeide voete (160: *aureoles pedes*) en die *flammeum*, die vlamkleurige huweliksluier.

c. Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 3.70-71:

*M. Quod potui, puero silvestri ex arbore lecta / aurea mala*⁵²³ *decem misi ...*

Menalcas: Al wat ek kon doen, was om tien **goue** appels van 'n woudboom uit te soek en aan my liefling te stuur ...

In hul wedywering, sing Damoetas van die bosduif se nes in 'n hoë boom wat hy beplan om as geskenk vir sy liefling te gee. Menalcas se geskenk, daarenteen, het uit appels bestaan.⁵²⁴ Vergilius verfyn sy uitbeelding met die toevoeging van *aurea* met die oordragtlike betekenis 'goudgeel' wat volgens Fordyce (1961:92) op die pragtige kleur van hul rypheid dui. Clausen (1994:109 n.71) vertaal die frase *aurea mala* as 'glansende, perfekte vrugte,' maar voeg by dat dit 'n absurde gespog is, want wilde vrugte

⁵²¹ Bailey (1966b:886 n.503) verwys na Lachmann wat hierdie uitbeelding as beskrywend van geborduurde poue beskou (waarskynlik met gouddraad), terwyl hyself eerder die uitbeelding van ware, lewendige poue in hierdie konteks voorhou. Dit is egter onseker of sulke goue poue feit of metafoor is.

⁵²² Sien ook Propertius 1.3.10: *et quaterent sera nocte facem pueri* ('in die stilte van die nag het die seuns die fakkels geswaai'; vgl. Fordyce 1966:245 n.78).

⁵²³ Net soos die Griekse μήλον (μάλον) word *malum* van 'n appel gebruik, of (in die algemeen) van enige boomvrug (LSJ) wat perskes, kwepers en granate insluit. Hierdie vrugte is deur volgelinge aan Venus geoffer en aan geliefdes as geskenke gegee, terwyl die gooi van vrugte 'n bekende liefdesgebaar was. In die verse hierbo dui *mala* op appels of kwepers (vgl. Coleman 1977:118-19), maar volgens André (1949:156) is dit kwepers, soos ook in *Ecl.* 8.52.

⁵²⁴ Die frase *aurea mala decem* verwys waarskynlik terug na Theokritos, *Id.* 3.10-11: ἤνιδε τοι δέκα μάλα φέρω ... / ... καὶ ἄριον ἄλλα τοι οἰσῶ ('kyk, ek bring vir jou tien appels ... en môre sal ek vir jou ander bring'; vgl. Clausen [1994:109 n.71]).

is gewoonlik misvorm en vol merke.⁵²⁵ Clarke (2003:252) verwys egter na die woord *Cydonia* (wat *mala* impliseer) in Propertius 3.13.27 wat die Griekse woord vir *cotonea*, kwepers, is. Verskeie soorte wat ook die Italiaanse tipe insluit, het 'n gouerige kleur, sodat die frase *aurea mala* (letterlik 'goue appels') in realiteit na kwepers kan verwys.

ii. Verg. *Geor.* 4.274-75: *aureus ipse, sed in foliis, quae plurima circum / funduntur, violae subluceat purpura nigrae* ('[die kern van die blom] self is **goudgeel**, maar op die kroonblare wat weelderig daarom uitgroeï, glinster die purper van die donker "viooltjie" daaronder').⁵²⁶

Sien XVII.a. *PURPURA* 2; VII. *NIGER* 7.b.vii. Wanneer bye van 'n aaklige siekte kwyn, bied die digter verskeie rate, soos die gekookte wortels van die *amellus*-plant wat maklik aan die uitsonderlike blomme uitgeken kan word: Die kern van die blom (271: *flos ipse*) is goudgeel wat *aureus* met die oordragtlike betekenis bepaal. Vergilius beskryf die purper kroonblare (*foliis*) met *purpura* se oordragtlike betekenis, maar verdiep die kleurwaarde met *nigrae* om 'n uitsonderlike donkerpurper soos dié van die 'viooltjie' weer te gee (moontlik die hedendaagse *viola odorata*). Sodoende word 'n besondere kleurkontras met die blom se geel kern bewerkstellig.

iii. Verg. *Aen.* 6.603-4: ... *lucent genialibus altis aurea fulcra toris* ... ('... die stutte vir die feestelike kussings wat hoog gestapel is, glim **goudkleurig** ...').

In die Sibille se beskrywing van Tartarus word die donkerte met *atris* (576), *atra* (602), *umbras* (619) en *opaca* (633) beklemtoon. Gevolglik skep beide *lucēre* en *aurea* 'n opvallende kontras wat volgens Edgeworth (1992:91) die verlangde effek bewerkstellig: 'n glansryke visioen wat uitlokkend, maar onbereikbaar is. Veral na aanleiding van *lucent*, beklemtoon *aurea* met die oordragtlike betekenis die goudkleurige glans van die stutte, 'n geval waar daar verskil word met die inskrywing in die *TLL* III: *auro ornatus, sim.*

8 Van voorskrifte (vgl. *TLL* V. *suavitate, virtute*)

Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 3.12-13: *omnia nos itidem depascimur aurea dicta, | aurea, perpetua semper dignissima vita* ('net so kies ons al jou **goue** woorde, van **goud** [is hulle], altyd die heel edelste vir 'n ewige lewe').

In hierdie lofrede aan Epikuros word die wysgeer voorgehou as 'n vader vir sy kinders. Soos bye heuning uit blomme versamel (11: *floriferis ut apes in saltibus omnia libant*), só moet die perfekte en tydlose voorskrifte uit die wysgeer se werke bymekaar gemaak word. *Aurea* word herhaal om só met bykomende nuanse die betekenis 'voortreflik' of 'deugdelik' van Epikuros se woorde te beklemtoon.

⁵²⁵ In 'n geïdealiseerde wêreld sal akkerbome goudkleurige vrugte kan dra wat *aurea* met die oordragtlike betekenis bepaal in *Ecl.* 8.52-53: *nunc et ovis ultro fugiat lupus, aurea durae | mala ferant quercus* ... ('en laat die wolf nou voor die skaap wegvlug, laat geharde akkerbome **goudkleurige** vrugte dra ...').

⁵²⁶ Sien voetnoot 443 en 444.

X *CROCEUS*⁵²⁷ en *CROCUS/CROCUM*⁵²⁸

Croceus is verwant aan die naamwoorde *crocus*, -i, m. en *crocum*, -i, n., beide met die betekenis ‘saffraan’ en beide van die Griekse κρόκος, κρόκον⁵²⁹ afgelei, ook met dieselfde betekenis. Die manlike woord⁵³⁰ word veral van die plant *Crocus sativus* Linn. gebruik, en die onsydige woord van die geuren reukmiddel, aangesien die vlugtige olies wat in saffraan aanwesig is as geurmiddel in kosmetiekware en speserye gebruik is (vgl. Erren 2003:51 n.56). Die onderskeid word egter nie altyd gehandhaaf nie.⁵³¹

Volgens Mynors (1990:281-82 n.182) kom die manlike woord *crocus* gewoonlik in Augusteïese digkuns voor. Vir *crocus/crocum* bied W-H *ad loc.* ’n verwysing na *cancanum* wat volgens Plinius Maior, *Nat.* 12.20.44 ’n Arabiese plantgom is (moontlik *Balsamodendron katuf*, waarna die *OLD* verwys) wat as wierook gebruik is en van die Griekse κάγκαμον en/of die Semitiese stam (van die Arabiese *kamkām*) afkomstig is.⁵³² Hiervolgens kan die afleiding gemaak word dat *geur* ’n belangrike faktor in die betekeniswoontlikhede van hierdie terme is.

Die soort konteks waarin die kleurwoorde voorkom, word vervolgens in breë trekke aangebied.

Die primêre betekenis van *croceus* is ‘... van saffraan,’ ‘saffraanagtig’ of ‘saffraan-gegeurd’ (L&S) met die oordragtelike chromatiese betekenis ‘geel,’ ‘saffraankleurig’ of ‘goudkleurig’ (volgens L&S met verwysing na *lutum*⁵³³), maar ‘geel’ of ‘saffraan-gekleurd’ volgens die *OLD*. Verwant aan *croceus* is *crocinus* wat van die Griekse κροκινός met die betekeniswoontlikhede ‘saffraanagtig,’ ‘gelerig’ en ‘saffraangekleurd’ afgelei is (*OLD*). Vergilius gebruik geensins hierdie term nie, terwyl dit (moontlik, in die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde) vir die eerste keer in Catullus 68.133-34 (sien *infra*) voorkom. Sien ook ander afleidings soos *crocatus* (in Plinius Maior, *Nat.* 21.27) en die

⁵²⁷ Die *TLL* se verskillende kategorieë vir *croceus* (III.1212 [reël 34]-1213 [reël 11]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

TLL s.v. *croceus*: **1** *quod ad crocum pertinet, quod croci est 2 quod colorem croci habet, croco tinctum nota de pallore; de nimbo.*

subst n. pl. crocea, -orum (sc. vestimenta).

⁵²⁸ Die *TLL* se verskillende kategorieë vir *crocus/crocum* (III.1215 [reël 40]-1216 [reël 80]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

TLL s.v. *crocus/crocum*: **a** *de genere b masc. legitur (de herba et flore) c neutr. legitur de aromato et unguento ad. medicos d pluralis 1 de herba et flore; ...de aromate, odore, unguento; de colore; nota metonymice de colore croceo; usus in medicina 2 pars lili.*

Sien ook *EV* I.554 vir bykomende verwysings.

⁵²⁹ In die Grieks is daar verskeie adjektiewe wat aan κρόκος verwant is, waarvan Homeros slegs κροκόπεπλος van Aurora gebruik in *Il.* Θ(8).1 en Τ(19).1: κροκόπεπλος Ἠώς (‘Eos met die geel oorkleed’; vgl. Kober 1932:59-60).

⁵³⁰ Nonius p.202M, Servius en die skolia *ad* Juvenalis 7.208 lewer kommentaar op Vergilius se gebruik van die manlike woord *crocus* wat Servius verklaar as die jongman, Crocus, wat soos Narcissus in ’n blom verander het (vgl. Mynors 1990:281-82: n.181-2).

⁵³¹ *Crocus sativus* is ’n spesie binne die genus *Crocus* van die familie *Iridaceae* en is deur Linnaeus geïdentifiseer en geklassifiseer. In sommige bronne word hierdie *crocus* verwar met *Crocus* (of *Colchicum*) *autumnale* van die familie *Liliaceae* wat nie ’n ware *crocus* is nie. Die blomme van *Crocus sativus* kom in die herfs voor, waarvan die kleure van die kelkblare kan wissel van ’n ligte pastelkleurige violet tot ’n dowwe pers, met effense donkerder are op die kelkblare. Elke blom dra ’n styl wat in drie vertak om die opvallende oranje-rooi *stigmata* te vorm (vgl. Clarke 1983:57). Apuleius, *Met.* 11.3 verwys na ’n geel krokusblom wat duidelik nie die *Crocus sativus* kan wees nie: *vestis multicolor ... nunc croceo flore lutea ...* (‘haar kledy [is] veelkleurig ... nou geel soos ’n krokusblom ...’).

⁵³² Volgens kundiges is saffraan reeds in die sewende eeu vC in Assirië gedokumenteer in ’n botaniese inskrywing wat gedurende die bewind van Ashurbanipal saamgestel is (vgl. Srivastava *et al.* 2010:200).

⁵³³ Sien voetnoot 140.

naamwoord *crocota* (van 'n saffraankleurige rok in *Ciris* 252) wat ook nie in die *Georgica* gebruik word nie.

Die probleem wat kritici ondervind om die term raak te beskryf, spruit uit saffraan wat as kleurmiddel in die antieke kleurproses voorkom.⁵³⁴ Die oranjegeel kleurstof is van die krokusblom se drie helder oranjerooi stempels (*stigmata*) verkry wat soms saam met die style van die blomme gedroog is (vgl. Forbes 1964:123). Sodanige gekleurde kledingstowwe het 'n wye spektrum van kleure opgelewer wat kon wissel van geel tot helder skarlakenrooi volgens Vels Heijn (1951:45), hoewel laasgenoemde kleurskakering bevraagteken word (sien voetnoot 535). Sebesta en Bonfante (1994:68) bied die betekenismoonthede geel met oranje ondertone en 'n rooierige oranje,⁵³⁵ terwyl Edgeworth (1992:122-23) die kleurterm uitsluitlik as 'geel' weergee wat, volgens die kleurwaardes wat L&S en die *OLD* aanbied, ontoereikend is. Al hierdie kleurwaardes kan deur *croceus* bepaal word, vanwaar die verwarring.⁵³⁶ Wat die wye spektrum van kleurwaardes betref wat met hierdie kleurterme verbind word, is dit besonder opmerklik in watter mate die kleure geel, oranje en diep-oranje ook in hierdie geval 'n semantiese veld deel.

Lucretius gebruik die naamwoord *crocus/crocom* slegs een keer, soos ook Vergilius in elk van die *Georgica* en die *Aeneïs*. *Croceus* verskyn (moontlik in die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde) vir die eerste keer in die *Eclogae*⁵³⁷ (*legitur inde a Vergilio, TLL ad loc.* reël 35) wat Vergilius 'n verdere drie keer in die *Georgica* en sewe keer in die *Aeneïs* gebruik.

In wat volg word hierdie terme chronologies volgens die *TLL* aangebied, sonder inagneming van woordsoort.

1 Van saffraan as geurmiddel (vgl. *TLL s.v. crocus/crocom* d. 1: *de aromate, odore, unguento*).

Aangesien die *TLL* geensins die betekenismoonthelikheid 'geurig' of 'saffraangegeurd' aan *croceus* koppel nie, is die enigste opsie om die bestaande inskrywing *TLL s.v. croceus* 1: *quod ad crocom pertinet, quod croci est* in hierdie verband te verwys.

⁵³⁴ Spesiale vakmanne ($\beta\alpha\theta\epsilon\upsilon\varsigma$, *tinctor*) het die kleur van tekstiele, metale, edelstene en gl as behartig. Wol, linne en sy (van die eiland Kos afkomstig, volgens Horatius, *Carm.* 4.13.13) is in die kleurstowwe gekook (*Kleine Pauly* 1.507, reëls 21-42) wat 'n uitgerekte en moeisame proses was. Volgens Forbes (1964:100-1, 133) was daar verskeie faktore wat die antieke kleurproses beïnvloed het: Kleurstowwe was nie altyd baie suiwer nie, die metodes was primitief en nie gekontroleer met moderne instrumente soos termometers nie en verskillende tipes beits of reageermiddels is gebruik om kleurstowwe te bind. Dit alles het tot die wisselvalligheid van die eindproduk se kleur bygedra het. Sien ook Stearn 2004:236-37.

⁵³⁵ In *N.A.* 2.26.5 sluit Aulus Gellius die woord *crocom* (soos ook *fulvus*) by kleurwoorde in wat op rooi skakerings dui in 'n poging om te bewys dat daar in Latyn talle kleurterme met rooi kleurwaardes is. Daarenteen verwys André (1949:134) na Plinius Maior, *Nat.* 23.16. en 31.42 wat aanvoer dat die kleurwaardes van *croceus* en *crocinus* geensins na die rooi skakerings van *rubens* en *rufus* neig nie, maar eerder skakerings tussen geel en oranje (soos dié van *luteus*) insluit.

⁵³⁶ Martialis 13.40.1 beskryf die kleur van eiergeel met *croceos* (*candida si croceos circumfluit unda vitellos* ['as 'n wit waterigheid om die saffraankleurige dooier gevloei het']), terwyl Plinius Maior *luteo* gebruik in *Nat.* 10.148 (*ipsum animal ex albo liquore ovi incorporatur; cibus eius in luteo est* ['die dier self ontstaan uit die eierwit, terwyl sy voedsel in die eiergeel is']). Hierdie kleurwaardes kan egter nie as riglyne dien om die presiese kleur van die term vas te pen nie, aangesien eiergeel se kleur van 'n liggeel tot 'n diep oranje kan wissel.

⁵³⁷ Volgens André (1949:383) verskyn *croceus* vir die eerste keer in die Romeinse poësie in *Geor.* 1.447, waarskynlik omdat hy *croceus* in *Geor.* 1.56 (sien *supra*) nie as kleurterm reken nie. In werklikheid gebruik Vergilius die kleurwoord reeds in *Ecl.* 4.44 (sien *infra*).

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 2.416: *et cum scaena croco Cilici perfusa recens est* ('ook wanneer die verhoog met vars Silisiese saffraan[-water] besprinkel is.'

Volgens Lucretius is aangename sensasies die gevolg van atome se gladde vorme, terwyl die effek van die growwe vorme onaangename sensasies tot gevolg het. Anders as die smaaksintuig wat die direkte kontak van die tong en die verhemelte met die objek behels, verskil die proses met die ander sintuie: Die konneksie is indirek en word bewerkstellig deur 'uitstromings' van die objek na die sintuie van die waarnemer. So, byvoorbeeld, sal eenvormige atome die reukorgane kan prikkel met vars Silisiese saffraan of met die geur van Arabiese mirre (417) wat nie kan gebeur met die onwelriekende verbranding van karkasse nie (415).

Waarskynlik kom die onsydige naamwoord *crocum* hier voor om die verbintenis met die geur- en reukmiddel te beklemtoon (vgl. Richter 1957:175 n.446 f.), hoewel die onderskeid tussen die verskillende gebruike van *crocus* (manlik) en *crocum* (onsydig) nie altoos streng gehandhaaf word nie.⁵³⁸

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.56-57: ... *nonne vides, croceos ut Tmolus odores / India mittit ebur, molles sua tura Sabaei* ('... jy sien mos dat Tmolus geurige saffraan uitvoer, Indië ivoor en die verfynde Sabaeërs wierook wat eie aan hulle is'; vgl. van beide die volgende passasies *TLL s.v. croceus* 1: *quod ad crocum pertinet, quod croci est*).

In 'n kort digressie (56a-63a) verskuif Vergilius sy fokus vanaf die alledaagse take en hantering van grond na eksotiese handelsware soos saffraan, ivoor en wierook. Elke streek of land lewer immers eiesoortige produkte. Die woord *croceos* bepaal *odores*, sodat die term met die primêre betekenis op 'geurige saffraan' (letterlik: 'saffraanagtige geure') dui wat Mynors (1990:12-13 n.56) met die frase *crocum odoratissimum* beskryf. Die stilistiese effek van hierdie reëls is egter besonders: Eerstens spreek die digter tot die sintuie van die leser, as hy hom aanraai om te kyk (*nonne vides*); direk hierop volg die woord *croceos*, sodat die ryk kleure wat gewoonlik met hierdie kleurwoord geassosieer word – geel, ook oranjegeel of diep-oranje ondertone – allereers voor die geestesoog gevisualiseer kan word. Hierop volg *odores* in 'n sterk posisie aan die einde van die reël om nou die reuk- en smaaksintuie te prikkel en om die klem en betekenis swaar op die primêre betekenis 'saffraangegeur' te plaas (vgl. Della Corte 1986a:24 n.56). Dit is selfs moontlik dat die digter doelbewus na *ebur* verwys sodat die afwit kleur van ivoor implisiet as kontras dien vir die ryk kleure wat met *croceus* vereenselwig word. Nou volg *tura* (wierook) om opnuut die leser se reuksintuig te stimuleer. Aangesien saffraan en wierook

⁵³⁸ Horatius, *Ep.* 2.1.79-80 (*recte necne crocum floresque perambulet Attae / fabula ...*) en Ovidius, *Ars* 1.104 (*nec fuerant liquido pulpita rubra croco*) verwys beide na die gebruik om blomme op die verhoog te strooi en saffraanolie daarvoor te sprinkel om 'n aangename geur af te gee (vgl. Wilkins 1965:261 n. 79; Bailey 1966a:872 n.416).

vlugtige stowwe is, verdamp die geure en is dit, volgens die digter, algou tyd om terug te keer na die taak wat op hande is: ploegwerk.

ii. Verg. *Geor.* 4.109: *invitent croceis halantes floribus horti* ('laat tuine uitnodigend wees, welriekend met **geurige** blomme').

Die digter raai die byeboer aan om sy bye naby die korf te hou. Dit kan hy bewerkstellig deur geskikte plante om die korf te plant, waarvoor daar twee belangrike kriteria is: kleur en geur. Vanweë die besondere plasing van *croceis* in die versreël, word al die kleure wat met hierdie term vereenselwig word – 'n warm geel tot oranje en selfs diep-oranje – allereers voor die geestesoog opgeroep.⁵³⁹ Direk hierop volg *halantes* wat die fokus na geur verplaas, om baie vernuftig by die primêre betekenis (volgens L&S) van *croceis*, 'saffraangegeurd,' aan te sluit. Die versmaat en prosodie van reël 109 dra ook daartoe by dat *halantes* beklemtoon word,⁵⁴⁰ veral vanweë die omraming met die frase *croceis ... floribus*, al asof die geur deur blomkelke omvou word. Dit wil dus voorkom asof Vergilius in hierdie passasie die fokus primêr op geur plaas, sodat *croceis* se primêre betekenis, 'saffraangegeurd,' hier belangrik is.⁵⁴¹ Die inskrywing in die *TLL s.v. croceus 2: quod colorem croci habet* word in hierdie geval dus bevestig.

2 Saffraankleurig (vgl. *TLL s.v. croceus 2: quod colorem croci habet*)

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.446-47: *... aut ubi pallida surget | Tithoni croceum linquens Aurora cubile* ('... of waar Aurora blekerig verrys, wanneer sy Tithonus se **saffraankleurige** bed verlaat'; vgl. *TLL s.v. croceus 2: nota de pallore, de nimbo*).

In reëls 438-39 maan Vergilius die landbouer om die son dop te hou wat vir hom klinkklare tekens sal gee, wanneer hy reën, wind, hael of goeie weer te wagte kan wees. Opvallend is die herhaling van die woord *sol* wat as beklemtoning dien: *sol ... | signa dabit; solem certissima signa sequuntur*. [my beklemtoning] In Homeros, *Il.* $\Lambda(11).1-2$ en *Od.* $\epsilon(5).1-2$ bring Aurora lig aan die gode en die mens (vgl. Erren 2003:238 n.447) en hoewel geen kleuradjektief Aurora in hierdie passasies bepaal nie, word

⁵³⁹ Kritici het uiteenlopende vertalings vir die frase *croceis ... floribus*: Conington (1881:351) vertaal die frase as "coloured [and perfumed] flowers ..."; Fairclough (1953:203) bied "fragrant with saffron flowers"; Richter (1957:343-44 n.109 ff.) "bunt, leuchtend"; Blanckenberg (1975:142): "... met blommegeure en goue kleure"; Benade (1983:93): "... geurend van saffraankleurige blomme"; Erren (1985:129 *ad loc.*): "mit dem Hauch farbiger Blüten" en Thomas (1988b:166 n.109): "with the fragrance of saffron flowers". Mynors (1990:272 n.109), daarenteen, omskryf die vertaling: "... not much more than 'brightly-coloured' with a touch of 'fragrant'"; en Armstrong (2019:242): "let gardens giving off scent with saffron-yellow flowers ...". Hiervolgens is dit duidelik dat meeste van die kritici beide die geur en kleur van blomme met *croceis* verbind, met enkele kritici wat slegs op die kleur fokus: Conington omseil die probleem met die vertaling 'coloured', terwyl Fairclough en Thomas die generiese term 'saffraangekleurd' gebruik. Huxley (1963:147 n.109) beroep hom op onlangse bevindinge oor die kleurvoorkeure van bye wat skynbaar op blou blomme dui wat, hoewel wetenskaplik korrek, in hierdie konteks onaanvaarbaar is. Blanckenberg *ad loc.* skoei waarskynlik sy vertaling 'goudkleurig' op Sophokles, *OC* 685 ($\chi\rho\upsilon\sigma\alpha\upsilon\gamma\eta\varsigma$ κρόκος ['goudglinsterende saffraan']), waarna Kober (1932:64) ook verwys.

⁵⁴⁰ In die aangehaalde reël kom daar eers twee bepalers voor wat direk opgevolg word met twee naamwoorde. Daar is 'n sterk caesura in die derde voet net voor *halantes*; ook word *floribus* meer beklemtoon deur die diaeresis voor en na die woord en die feit dat die vyfde en sesde voete 'n enkele woord beslaan.

⁵⁴¹ In *Geo.* 4.112-13 fokus die digter uitsluitlik op plante se geur, sonder enige aanduiding van die kleure daarvan.

Eos met 'n saffraankleurige kleet (Ἡώς κροκόπεπλος)⁵⁴² uitgebeeld in *Il.* Θ(8).1, Τ(19).1, Ψ(23).227 en Ω(24).695 – 'n *formula* wat Vergilius hier vermy (vgl. Edgeworth 1992:122). Aanvanklik sou die leser kon aanneem dat *croceum* paslik van Aurora gebruik word, maar dit word gou duidelik dat *pallida* (in 446) planmatig met *Aurora* in die volgende reël 447 kongruer. Die term *croceum* bepaal uitsluitlik die bed van Tithonus met die oordragtlike betekenis 'saffraankleurig'. Ook word die woord *Aurora* met die frase *croceum ... cubile*⁵⁴³ omraam om die kontras tussen 'n bleek Aurora en die saffraankleurige bed verder te beklemtoon. Aangesien die godin van die daeraad gewoonlik met 'n glansende, helder lig geassosieer word,⁵⁴⁴ moet *pallida* op die 'afwesigheid van lig,' met ander woorde, 'n bleek, dowwe of glanslose voorkoms dui (vgl. Thomas 1988a:142 n.446-7). Page (1968:235 n.446) se voorstel dat *pallida* hier as geel vertaal word, is dus minder aanvaarbaar,⁵⁴⁵ aangesien dit juis Aurora se ongewone, bleek voorkoms is wat as *signum* op hael dui.⁵⁴⁶

ii. Verg. *Aen.* 4.700-2: *ergo Iris croceis per caelum roscida pennis | mille trahens varios adverso sole colores | devolat ...* ('gevolglik vlieg dou-bedekte Iris deur die lug na benede met haar saffraankleurige vlerke en trek 'n duisend veranderende kleure regoor die son ...').

Wanneer Dido oplaas selfdood pleeg, stuur Juno vir Iris om die sterwende Dido by te staan. Vergilius skep hier 'n indrukwekkende kontras tussen Iris, die verpersoonliking van lig, en Dido wat vasgevang is in die absolute duisternis wat die dood inhou. Die frase *croceis ... pennis* (*croceis* met die oordragtlike betekenis 'saffraankleurig') verwys terug na Homeros, *Il.* Θ(8).398 en Λ(11).185 wat Iris met saffraankleurige vlerke (χρυσόπτερος) beskryf. Verwysings na waterdruppels (*roscida*) en die posisie van die son (*diverso sole*) toon die wisselwerking tussen die son se strale en die dou op Iris se vlerke.

⁵⁴² Sappho fr. 18 beeld Eos nie met 'n kleet uit nie, maar met goudkleurige sandale: ἀρτίως μ' ἂ χρῶσοπέδιλος Αὔως (vgl. Wharton 1898:81 en LSJ [deur Ammonius van Alexandrië aangehaal teen die einde van die vierde eeu n.C.]). Sien ook Ovidius, *Ars* 3.179b: *ille crocum simulat. croceo velatur amictu* ('[die kleur] boots saffraan na: [Aurora] word bedek met 'n saffraankleurige kleet').

⁵⁴³ In *Aen.* 4.585 en 9.460 word *Geor.* 1.447 herhaal: *Tithoni croceum linquens Aurora cubile*, telkens met *croceum* se betekenis 'saffraangekleurd'. Edgeworth (1992:123) se beskouing dat daar geen kontekstuele ooreenkoms tussen hierdie reëls voorkom nie, word bevaagteken. Daar is by al drie die passasies 'n baie sterk ondertoon van onheil aanwesig: In die *Georgicon*-passasie waarsku die natuur self oor 'n naderende ramp, aangesien die ongewone bleek Aurora hael voorspel wat groot skade kan aanrig. In *Aen.* 4.587-88 gaan dagbreek gepaard met ontstellende nuus, as Dido bemerk dat Aeneas en sy manne wegvaar; en in *Aen.* 9.465-66 is dieselfde tipe kontras aanwesig tussen die vreedsame sonsopkoms en die wrede nuus wat die Trojane inwag: Die koppe van Euryalus en Nisus word deur die Rutuliërs op spiese omhoog gehou.

⁵⁴⁴ Volgens L&S (met verwysing na Curtius wat onverwysd is) is 'Aurora' 'n reduplikasie van *Ausosa*, afgelei van Sanskrit *ush*, 'om te brand'. Die glanskleur van vlamme en die lig wat daarmee verbind word, is dus implisiet in haar naam. Sien αὔωC = ἠώς, 'dagbreek'. Ook opvallend is die name van Aurora se perde, 'Helder' (Λάμπρος) en 'Skitter' (Φαέθων) wat die tweespanwa na Olympus trek om die koms van Helios, haar broer, aan te kondig (vgl. Graves 1959:149-50). Sien ook Lucretius *D.R.N.* 2.144: *primum aurora novo cum spargit lumine terras* ('Aurora het eerste die aarde met nuwe lig besprinkel'); en Vergilius, *Aen.* 12.113-14: *... summos spargebat lumine montis | orta dies ...* ('... die daeraad het die bergspitse met lig gesprinkel ...').

⁵⁴⁵ Om Page teen te spreek, verwys Mynors (1990:89 n.446-7) na Plinius Maior, *Nat.* 18.342: *sol oriens nuntiat hibernam pallidus grandinem* ('n son wat in die winter bleek opkom, dui op hael').

⁵⁴⁶ In sy uitbeelding van hael gebruik Aratus geen kleurwoord (vgl. Mynors 1990:89 n.446-7) en ook geen mitologiese verwysing nie (vgl. Thomas 1988a:142 n.446-7). Soos dikwels waar Aratus as primêre intertekstuele bron voorkom, voeg Vergilius ook verwysings na Homeros by: *Il.* Λ (11).1 = *Od.* ε (5).1: Ἡὼς δ' ἐκ λεχέων γαρ' ἀγανοῦ Τιθωνοῖο | ὄρνυτο ... ('Eos het uit haar bed langs edele Tithonus opgestaan ...'). Ook hier kom geen kleurwoord voor nie. Met die 'saffraankleurige bed' van Tithonus vermy Vergilius doelbewus die literêre cliché ῥοδοδάκτυλος ('met rosigte vingers') wat Homeros sewe-entwintig keer van Eos gebruik, onder andere in *Od.* β (2).1 en *Od.* ψ (23).241 (vgl. Irwin 1994:1).

Só ontstaan 'n duisend verskillende kleure (*mille ... varios ... colores*)⁵⁴⁷ wat weens die glans van die son só verblindend gloei dat die kleure nie onderskei kan word nie. Dit word 'n kleurespel wat deurgaans aan't verander (*varios*) is.

iii. Verg. *Aen.* 6.205, 7-9:

quale solet...viscum
...
et croceo fetu teretis circumdare truncos
talis erat species auri frondentis opaca
ilice, ...

net soos voëlent gewoonlik ... met **saffraankleurige** bessies om die slanke stamme slinger, só was die voorkoms van die goue blare op die donker steeneik ...

Voordat Aeneas na die Onderwêreld kan neerdaal, is die Sibille se opdrag aan hom om in die uitgestrekte woud na 'n goue tak met goue blare te soek. Dit is aan Proserpina gewy en sal Aeneas in staat stel om sy pad uit die ryk van Dis terug te vind (128). Uit al die woudbome kies Vergilius die steeneik (*illex*) waarvan die besondere donker kleur van die blare met *opaca* beklemtoon word, maar, anders as met die frase *nigra illex* (sien VII. *NIGER* 7.b.ii, vi en ix), word geen negatiewe nuanse aan die frase *opaca ilice* gekoppel nie. Sodoende skep die digter doelbewus 'n donker agtergrond, waarteen die goue blare skerp kan afsteek. In reël 209 word dit duidelik dat die blare inderdaad van goud gemaak is, wanneer hulle in 'n ligte windjie klingel: *sic leni crepitabat brattea vento*.⁵⁴⁸ Dit is hierdie uitbeelding van goue blare op die donker steeneik wat die digter met die bessies van voëlent vergelyk wat om stamme slinger. Die term *croceo* word hier met die oordragtlike betekenis, 'saffraankleurig' of 'goudgeel,' vertaal wat ook verband kan hou met die chromatiese waarde van *auri*.

3 Saffraan as kleurstof (vgl. *TLL s.v. croceus 2: quod colorem croci habet, croco tinctum*)

Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 4.42-45:

nec varios discet mentiri lana colores,
ipse sed in pratis aries iam suave rubenti
murice, iam croceo mutabit vellera luto;
sponte sua sandyx pascentis vestiet agnos

en wol sal nie aanleer om 'n verskeidenheid van kleure na te boots nie, maar die ram sal self in die weiveld sy wol verander, nou na 'n aangename blosende purper, dan weer na **saffraangeel**; vanself sal skarlakenrooi die lammers wat aan't wei is, klee.

⁵⁴⁷ Fragment 20 van Sappho word deur sommige kritici as 'n uitbeelding van Jason se mantel gesien. Ander is van mening dat Sappho eerder na Iris verwys as die verpersoonliking van 'n reënboog met 'n duisend kleure: Παντοδάπαις μεμιγμένα χροΐταισιν (vgl. Wharton 1898:82) – aangehaal deur die skolia van Apollonius Rhodius, *Argon.* 1.727. Ook Ovidius, *Met.* 11.589-91 klee Iris in 'n duisend kleure (*velamina mille colorum*), sonder enige eksplisiete kleurbeskrywing.

⁵⁴⁸ Sien Ovidius, *Met.* 10.647-48 se beskrywing van goud met *fulvus*: ... *medio nitet arbor in arvo, | fulva comas, fulvo ramis crepitantibus auro* ('... in die middel van die veld staan daar 'n boom, glansend met sy goue blare en takke, klingelend met heldergeel goud').

Ecloga 4 voorspel die geboorte van 'n kind wat 'n vredevolle tydperk sal inlei, soortgelyk aan 'n goue era (9: ... *surget gens aurea*). Daar sal geen handel gedryf word nie (38-39: ... *nec nautica pinus / mutabit merces* ...) en elke land sal selfvoorsienend wees (39: ... *omnis feret omnia tellus*).⁵⁴⁹ Net soos al die ander gewasse van die natuur, sal die kleurvolle wol (*varii colores*) van skape 'n natuurlike proses wees, met *ipse* en *sponte sua* aangedui. Die eindprodukte van die onderskeie kleurstowwe – *murex*,⁵⁵⁰ *lutum* en *sandyx*⁵⁵¹ – sal dan as spontane natuurverskynsels voorkom,⁵⁵² sodat weefstowwe in die kleure van purper, saffraan en skarlakenrooi vir almal in hierdie nuwe era beskikbaar sal wees.⁵⁵³ Dan sal daar geen statussimbole,⁵⁵⁴ klasse-onderskeid⁵⁵⁵ of hebsug (*amor ... habendi* in *Aen.* 8.327) wees nie.⁵⁵⁶ In reël 44 bepaal **croceo** die naamwoord *luto* wat daarop dui dat Vergilius **croceo** kontekstueel met dieselfde kleurwaardes as *luteus* interpreteer. Sien ook Servius *ad Aen.* 7.26: *Lutea est crocei coloris, ut croceo mutabit vellera luto*. Waar **croceus** en *luteus* of *lutum* saam in 'n passasie voorkom, neig die kleurwaarde van **croceus** volgens Vels Heijn (1951:45-46) meer na rooierige skakerings, sodat dit hier waarskynlik oordragtelik met die betekenis 'oranjerooi' gebruik word. Dit is opvallend dat daar in direkte opvolgende versreëls telkens met die onderskeie woorde *lana* (42), *aries* (43), *vellera* (44) en *agnos* (45) implisiet na die wit kleur van wol verwys word, om sodoende die kontras met die verskillende kleurstowwe des te meer te beklemtoon.

⁵⁴⁹ Soms word daar aanvaar dat enige vorm van arbeid onnodig sal wees in die nuwe goue era. Hoewel landerye geen bewerking sal benodig nie (18: *nullo ... cultu*), sal daar wel geoes moet word. So ook sal die hantering van wol al die vereisde prosesse van skeer, was, kam, spin en weef moet ondergaan (vgl. Frayn 1984:148-53; Irwin 1989:24-25).

⁵⁵⁰ Sien XVII. *PURPURA* en *PURPUREUS*, inleiding.

⁵⁵¹ Die woord *sandyx* is afgelei van *σάνδυξ* (*σάνδιξ*), 'vermiljoen' of 'n 'kleur soos vermiljoen' (L&S). LSJ beskou *σάνδυξ* as 'n helder rooi kleur wat verkry is deur verhitting van *ψιμόθιον* (*cerussa* of witlood wat kunstenaars as verf gebruik en vroue as grimering aangewend het [L&S]). Volgens Plinius Maior, *Nat.* 35.12 is *sandyx* 'n kunsmatige kleurmiddel, verkry uit die vermenging van minerale soos witlood en rooiklip (ysteroksied). Servius, daarenteen, beskou *sandyx* as 'n plant (*herba, quae sandaracinus tingitur color*) wat deur diere gevreet is. In antieke tye was dit 'n algemene opvatting dat die kleur van diere se pels beïnvloed is deur die water wat hulle drink (soos die water van die Clitumnus, sien I. *ALBUS* en *ALBESCERE* 1.ii). Volgens Putnam (1970:153) moet reël 45 dus geïnterpreteer word asof die lammers se wol skarlakenrooi verkleur wat die effek van hierdie plant op die kleur van hul wol is. Byna 'n eeu tevore verwerp Conington (1881:57 n.45) tereg so 'n beskouing.

⁵⁵² Die bedrieglike aard van gekleurde wol word weergegee deur *discet* en *mentiri* (42): Wol, 'n natuurlike produk, 'leer' (*discet*) van kleur en wanneer dit behandel is, is dit onnatuurlik en 'bedrieg dit op 'n leuenagtige wyse' (*mentiri*). Volgens Irwin (1989:25) is dit nie eie aan 'n goue era nie.

⁵⁵³ Thornton (1988:226-27) sien 'n verband tussen Vergilius se veelkleurige skape en die Ou Komedie se parodieë wat op 'n goue era gemik is. Hy verwys na Athenaeus, *Deipnosophistae* 6.267-70 waarin die *sponte sua*-motief gesatiriseer word. Daarenteen noem Irwin (1989:28) dat indien skape van nature purper-, saffraankleurig of skarlakenrooi is, almal in 'n goue era kledy in hierdie kleure sal besit wat sou beteken dat daar geen onderskeidende statussimbole sal wees nie. Gesien die veelvlakkigheid van Vergilius se poësie, kan beide hierdie interpretasies geld.

⁵⁵⁴ In Propertius 2.25.45 (*illaque plebeio vel sit sandycis amictu* ['en of sy in die uitrusting van 'n plebejer of in skarlakenrooi geklee is']) dui die gebruik van die kleurstof *sandyx* op elegansie en 'n verfynde lewenswyse.

⁵⁵⁵ Wit was nie die tradisionele kleur wat op feesdae of spesiale geleenthede gedra is nie (vgl. Irwin 1989:29). Die *toga pura* van natuurlike, ongekleurde wol het op burgerskap gedui en die doelbewus gebleikte wol van die *toga candida* op 'n kandidatuur (vgl. Sebesta 1994:46).

⁵⁵⁶ Die kleur van wol as teken van 'n sug na luuksheid is in die Romeinse digkuns dikwels as 'n ewel afgemaak. Sien Plautus, *Epid.* 228-31:

Epid. ... *quae vesti quotannis nomina inveniunt nova? tunicam ... caltulam aut crocotulam ...*

Epidicus: ... watter nuwe name versin hulle elke jaar vir 'n uitrusting? 'n nommertjie in madelief-geel of 'n saffraankleurige tabberd

Volgens Hermann en Cagiano de Azevedo (1969:399) is die dra van hierdie vuilgeel kleur (*luteum*) met prostitusie vereenselwig.

ii. Verg. *Aen.* 1.648-49: *ferre iubet, pallam signis auroque rigentem | et circumtextum croceo velamen acantho*⁵⁵⁷ ('[Aeneas] beveel [Achates] om [geskenke] te bring, 'n bo-kleed styf met versierings in goud en 'n sluier in 'n randpatroon van **saffraankleurige** akant').

Dido se ontvangs van die Trojane (631-42) word as 'n hoogs gesofistikeerde en beskaafde vertoonstuk van haar rykdom en afkoms beoordeel. Om erkenning aan Dido se status as koningin te verleen en haar as 'n eerbare bondgenoot te huldig, bied Aeneas op sy beurt aan haar geskenke: 'n kleed (*palla*), 'n sluier (*velamen*) wat eens deur Helena gedra is en kosbare juwele wat aan Ilione behoort het. Verskeie van hierdie geskenke is van goud (*auro ... auro* in 648 en 655) en weens die herhaling van *aurum* is **croceo** wat die sluier se geborduurde randpatroon van akant (*acantho*)⁵⁵⁸ uitbeeld, des te meer opvallend. Die kleurwaarde van hierdie term stem ooreen met dié van *luteus* of *lutum*⁵⁵⁹ (sien 2.i. *supra*) wat gewoonlik met 'n huwelik geassosieer word. Nietemin kies Vergilius doelbewus **croceo** wat met die oordragtelike betekenis slegs die suggestie van 'n moontlike huweliksverbintenis laat wat later met die verwysing na die gedoemde Helena en Ilione (653) en die sinistêre aard van die geskenke weerlê word (vgl. Austin 1971:198 n.650).⁵⁶⁰

iii. Verg. *Aen.* 9.614: *vobis picta croco et fulgenti murice vestis* ('maar julle dra kledingstukke wat met **saffraan** en glansende purperstof gekleur is'; vgl. *TLL s.v. crocus/crocum* d.1. *de colore*).

Numanus verwys smalend na die voorkoms van die Trojane, ten spyte daarvan dat die Rutuliërs self uitgedos is in kledy wat ryklik met gouddraad versier is (*Aen.* 9.25: ... [*dives*] *pictai vestis et auri*). Sy kritiek is gemik op die Trojane se uitrustings van saffraan en purper wat ook in kleur ooreenstem met die uitrustings van die ontmande aanhangers van die kultus van Kubele.⁵⁶¹

⁵⁵⁷ Die frase **croceo velamen acantho** word in *Aen.* 1.711 herhaal en kom voor van die sluier wat met 'n patroon van saffraankleurige akant geborduur is. Catullus gebruik *crocinus* van Cupido se mantel in 68.134 (*fulgebat crocina candidus in tunica*) wat volgens Mantero (1979:183, 190) op die digter se begeerte dui om met Lesbia in die huwelik te tree. In Ovidius, *Met.* 10.1 is Humen, die god van die huwelik, geklee in 'n saffraankleurig kleed wat met die frase **croceo velatus amictu** beskryf word.

⁵⁵⁸ Die woord *acanthus* verwys na die *Acanthus mollis* ('wilderabarber') of ook *acanthus spinosus*, waarvan die blare groot, blink, donkergroen, diep gelob en baie dekoratief is (vgl. Sargeant 1919:9-10). Die aantreklike vorm van die blaar was 'n gunsteling onder kunstenaars van antieke tye en is dikwels in ornamentele kunswerke nageboots, veral in argitektuur, of soos hier (waar die blaarvorm as versiering aangebring is) waarskynlik in gouddraad as 'n randpatroon. Daar is geen verband tussen die keuse van die plant en die kleur waarin die kunswerk uitgevoer is nie en 'n digter kan dus na goeddunke die kunswerk met enige kleur voltooi. Sien Ovidius, *Met.* 13.701: *inaurato ... acantho*; Calpurnius Siculus 4.68: *rutilo ... acantho* en Statius, *Silv.* 3.1.37: *Sidonio [purpureo] ... acantho* (vgl. Edgeworth 1992:122).

⁵⁵⁹ Die term *luteus*, eerder as *crocinus*, is veral met die huwelik verbind, hoewel die kleurwaardes van beide terme – en selfs ook sommige van **croceus** – baie ooreenstem. Dit is onduidelik met watter presiese kleurskakering hierdie terme en verwante woorde verbind word, aangesien saffraan as kleurstof soveel verskillende kleure in die kleurproses opgelewer het. Sien ook voetnote 140 en 534.

⁵⁶⁰ In *Aen.* 11.772, 75-76 word **croceam** met die oordragtelike betekenis 'saffraankleurig' gebruik van die eksotiese voorkoms van Chloereus, eens 'n priester van Kubele: *ipse peregrina ferrugine clarus et ostro | ... | ... | tum croceam chlamydemque sinusque crepantis | carbaseos fulvo in nodum collegerat auro* ('self skitter hy in sy uitheemse donker purperstof ... die **saffraangeel** kantelkraag en suisende linneplooi het hy met geelbruin goud aaneengeknoop'; vertaling deur Blanckenberg 1980).

⁵⁶¹ In reël 616 word die Trojane aangespreek as *o vere Phrygiae*, waarvan die vroulike meervoudsvorm daarop sinspeel dat hulle nie ware manne is nie, maar dat hulle onmanlik en verwyfd is. Sien ook Homeros, *Il.* B(2).235: ὃ πέπονες, κάκ' ἐλέγγε, Ἀχαιίδες, οὐκέτ' Ἀχαιοί ('papbroeke, lafhartige verloënaars van julle naam, Achajerinne en nie meer Achajers nie ...'; vertaling deur Van Rensburg 1954). Die woord *Phrygiae* is 'n bittere aantyging en roep vir die Romein nie die oorlogsgugte

4 Saffraan as naamwoord (vgl. *TLL* s.v. *crocus/crocom* b: *masc. legitur [de herba et flore]*)

Vergilius

Verg. *Geor.* 4.181-83: *crura thymo plenae; pascuntur et arbuta passim | et glaucas salices casiamque crocumque rubentem | et pinguem tiliam et ferrugineos hyacinthos* ('hul pote [is] met tiemie gelaai; ook wei [bye] oral op wildebessiebome en vaalgroen/grysgroen wilgers, kassia en die oranjerooi [*stigmata* van die] **saffraanblom**, ook op die nektarryke lindeboom en donker[blou] "hiasint").

Sien XXIV. *GLAUCUS* 1.ii; XVIII. **RUB*-groepering 5.vii; en XXIII. *FERRUGINE(U)S* en *FERRUGO* 1.b.i. Hierdie drie reëls, soos ook *Geor.* 3.81-83 wat oor die kleure van perde handel, is hoogs uitsonderlik, aangesien Vergilius sy beskrywing eksplisiet met verskeie kleurwoorde verryk. 'n Ryke mengsel van plantgeure en -kleure wat baie sorgvuldig geselekteer is as die voordeligste vir bye, sluit die volgende in:⁵⁶² die nektarryke lindeboom, tiemie, kassia en saffraan, met die kleure oranjerooi (*rubentem*), vaalgroen (*glaucas*) en donker/donkerblou (*ferrugineos*). Hiervolgens is dit duidelik dat die digter deeglik bewus is van bye se kleurvoorkeure, soos ook deur moderne navorsing bewys is.⁵⁶³ Die naamwoord *crocom* kan na die plant *Crocus sativus* of die geur- en kleurmiddel, saffraan, verwys, terwyl *rubentem* die kleur van saffraan of eerder, in hierdie geval, die drie *stigmata* in elke blom bepaal.⁵⁶⁴ Volgens Sophokles, *Oedipus Coloneus* 684-85 (... ὄ τε | χρυσσαγῆς κρόκος) glinster saffraan soos goud en Mynors (1990:281-82 n.181-2) verwys na Martyn (1829:262) volgens wie die stempels 'die kleur van vuur' is.

XI *CRUENTUS*⁵⁶⁵

Die adjektief *cruentus* is van die naamwoord *cruor*, -is, m. 'bloed' afgelei, dus 'n samevoeging van

Frigiërs van Homeros se tyd in herinnering nie, maar die eietydse *Phrygiae*. Hulle is van Klein-Asië afkomstig is en is in die algemeen versmaai vanweë hul onmanlikheid en orgiastiese aanbiddingsrites wat baie met dié van Kubele, ook bekend as Magna Mater, ooreengestem het (vgl. Conington 1883:215 n.215).

⁵⁶² Volgens Mynors (1990:262 n.30-32) was die byeboer van ouds baie kundig oor die voordeligste plante vir sy bye. Varro, *R.* 3.16.13 bied 'n omvattende lys van geskikte plante waarvan die verskillende geure opvallend is, terwyl kleur waarskynlik slegs implisiet betrek word, aangesien geen eksplisiete chromatiese beskrywing van enige plant aangebied word nie.

⁵⁶³ Die navorsing van Giurfa *et al.* (1995:247, 250 en 257) handel oor die ingebore kleurvoorkeur van die kleur-naïewe by (*Apis mellifera*). Net soos die mens, het heuningbye ook trichromatiese sig wat ultraviolet (UV), blou en groen reseptore insluit met 'n ligspektrum van drie- tot seshonderd nanometers. Wanneer ultraviolet (die liggolwe onder vierhonderd nanometers) met die golflengtes van sekere kleure kombineer, skep dit 'n wêreld van kleur wat geheel en al van dié van die mens verskil. Volgens Kevan (1978) se sisteem (vgl. Chittka *et al.* 1994:1507), maar met sekere voorbehoude, stem (bye se) ultraviolet ooreen met die mens se belewenis van die kleur 'blou,' (bye se) UV-blou met 'blou-groen,' (bye se) blou met 'groen,' (bye se) blou-groen met 'geel,' (bye se) groen met 'rooi,' (bye se) UV-groen met purper en kleurloos met die mens se 'wit'. Volgens Giurfa *et al.* (1995:247, 250) se bevindinge toon bye 'n voorkeur vir UV-blou (te wete, die mens se 'blou-groen') en groen ('rooi' van die mens).

⁵⁶⁴ Waar Edgeworth (1992:207) noem dat die frase *crocom ... rubentem* na die natuurlike kleur van die *crocus* verwys, is dit duidelik dat hy die opvallende oranjerooi kleur van die stempels in die blomkelk met dié van die blomblare verwar. Sien voetnoot 531.

⁵⁶⁵ Die *TLL* se verskillende kategorieë vir *cruentus* (III.1237 [reël 83]-1241 [reël 3]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

I. *proprie i.q. cruore conspersus vel maculatus A animantia 1 generatim 2 speciatim de partibus corporum animalium B res 1 solidae 2 res liquidae*

II. *translatè A de rebus B de animantibus i.q. sanguinis cupidus vel amans crudelis. syn. sanguineus.*

cruor se woordstam plus die agtervoegsel *-entus*, 'n woorddeel wat die betekenis 'oorvloedig' aandui (*OLD*). Volgens De Vaan (2008:146-47) verleen die bestaan van 'n Proto-Indies-Europese *s*-stam **kreh₂-s* in Indo-Iraanes en Grieks geloofwaardigheid aan die tentatiewe rekonstruksie **kruh₂-ōs* vir *cruor*. Dit volg dus dat die afgeleide adjektief ***cruentus*** verband hou met die Proto-Italiese adjektief **kruwnto-* en die Proto-Indies-Europese **kruh₂-(e/o)nt*, met die betekenis 'bloederig' of 'rou'. De Vaan *ad loc.* verwys ook na 'n persoonlike mededeling aan hom deur Alan Nussbaum, volgens wie die onsydige vorm van die adjektief **kruh₂-nt* wat kollektief op 'bloed' of 'bloederigheid' kan dui, tot die skepping van 'n nuwe adjektief **kruh₂-nt-o-* met dieselfde betekenis aanleiding kon gee en vervolgens ook ***cruentus***.

Die soort konteks waarin die kleurwoorde voorkom, word vervolgens in breë trekke aangebied.

Semanties word ***cruentus*** as 'n poëtiese skepping van Vergilius beskou (vgl. André 1949:383). Die term kom selde voor en het byna geheel en al in die tydperk na Tacitus (sien die frase ***cruento adspectu*** in *Ann.* 14.32) in onbruik geraak (vgl. André 1949:113-14).

Die verwante werkwoord *cruentare* ('om met bloed te vlek' of 'om te laat bloei') word slegs in Ennius, *Ann.* VII. xiv.228(165) (Skutsch) aangetref: ... *vigilesque repente cruentant* ('... en sonder waarskuwing is [die Galliërs] op die punt om die wagte dood te maak [let. 'te laat bloei']'); vgl. Skutsch 1985:407-8).

Hoewel André (1949:113-14) tussen *cruor* (met die betekenis 'gestorte bloed') en *sanguis* (bloed wat in die liggaam vloei) onderskei, word dieselfde onderskeid nie by die verwante adjektiewe, ***cruentus*** en *sanguineus*, gehandhaaf nie. Beide L&S en die *OLD* bied as primêre betekenis 'bestaande uit bloed,' 'bloedbevlek' of 'bloederig' onder andere in Propertius 4.1.97: *concidit ante aquilae rostra cruenta suae* ('[Gallus] val dood voor die **bloedbevlekte** snawel van sy arend-standaard'); en in Tibullus 1.5.49 dui die frase *ore cruento* op die slinkse heks se bloedbevlekte mond. Ook kom die uitgebreide betekenismoontlikheid 'bloedbelope' veral van oë voor. In Horatius, *Carm.* 2.14.13 word die afgeleide betekenis 'bloeddorstig' of 'wreed' van Mars, die oorlogsgod, gebruik: *frustra cruento Marte carebimus* ('teveergeefs sal ons **bloeddorstige** Mars vermy').

Oordragtelik dui die adjektief op die chromatiese kleuraanduiding 'bloedrooi' van ryp moerbeie in *Copa* 21: *sunt et mora cruenta et lentis uva racemis* ('daar is **bloedrooi** moerbeie en duiwe in uitgeswelde trosse'). Soos *sanguineus* (sien XX. *SANGUINEUS* 5) wat die *TLL* III.1241, reël 3 as sinoniem voorhou, bepaal hierdie adjektief ook komete in Seneca Minor, *Nat.* 7.17.3 (... ***cruenti quidam minaces*** ...) en in Calpurnius Siculus 1.80 (... *igne cruento*) waarvan die chromatiese betekenis 'bloedrooi' 'n onheilspellende voorteken is, juis vanweë die verbintenis met bloed.

As kleurterm is hierdie adjektief besonder skaars. Dit kom nie in die *Eclogae* voor nie en word slegs drie keer deur Vergilius in die *Georgica* gebruik. In die *Aeneïs* kom die term slegs achromaties voor en is dit ook nie deur Edgeworth gelys nie.

1 Met bloed bevlek (vgl. *TLL s.v. cruentus* I.A. *animantia* 1: *generatim*)

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 3.203: ... *et spumas aget ore cruentas* ('... [so 'n perd] sal **bloederige** skuim uit sy bek laat drup').

In Boeke 1 en 2 is gewasse en bome die voorwerp van die mens se ywer, terwyl die perd en die os in Boek 3 tot die aanvanklike sukses van die mens bydra. In die gedeelte wat oor vullens handel (179-208), word veral die militêre aspek van die perd (en die quasi-militêre strydwa-wedren) beklemtoon, met slegs 'n sydelingse verwysing na die trek van die wa wat landboukundig vereis word (vgl. Thomas 1988b:74 n.179-208). Wanneer die vul se vierde somer aanbreek, moet hy volgehoue versorging (*cura*) ontvang wat ook afrigting behels. Eers dan sal hy gereed wees om Elis se renbaan aan te durf met 'n vurigheid van temperament wat op sukses ingestel is. Dit het tot gevolg dat die vul so hard op die stang byt (sien 208: *duris lupatis*; vgl. Page 1968:309 n.203) dat die skuim uit sy bek bloederig is. Met verwysing na die donker bloed in reëls 507-8 (... *it naribus ater | sanguis...*) wat uit die perd se neusgate drup, is die beskrywing volgens Thomas (1988b:78 n.202-3) *omineus* wat daarop dui dat die chromatiese waarde van die term hier tog 'n rol speel. Die sinsnede *spumas aget* verwys terug na Ennius, *Sedis Incertae Fragmenta* lxxxii 539 (518) (Skutsch): *spiritus ex anima calida spumas agit albas*, van die wit skuim uit die perd se bek wat op sy vurige geaardheid dui. Opvallend is Vergilius se aanpassing van die Enniaanse beskrywing: rooi skuim in plaas van wit skuim uit die perd se bek.

ii. Verg. *Geor.* 4.15: *et manibus Procne pectus signata cruentis* ('en Procne wat met **bloedbesmeerde** hande haar bors gevlek het').

Vergilius bied voorskrifte aan die byeboer vir die skep van 'n *locus amoenus* (vgl. Thomas 1988b:151 n.18-32). Om die aspek van 'n veilige korf te beklemtoon, wys die digter op kwaaddoeners soos diere en voëls (10b-17) wat 'n bedreiging vir bye inhou (16: *omnia ... vastant*). Hierby sluit Vergilius vreemd genoeg skape, boklammers en die verskalf in, die einste diere wat in *Geor.* 3.295-321 noukeurige versorging vereis (vgl. Thomas 1988b:150 n.10-11). Aristoteles 626a12 noem dat swaeltjies en byvreterers se neste ver van die korwe moet wees, detail wat Vergilius moontlik hier met sy verwysing na Procne in gedagte hou (vgl. Mynors 1990:260 n.15). Soos in die legende is haar hande met bloed besmeer wat *cruentis* met die primêre betekenis bepaal en wat chromaties ook op haar rooigevlekte bors kan dui.⁵⁶⁶

⁵⁶⁶ Volgens die legende is Procne in 'n swaeltjie verander toe sy deur haar man, Tereus, agtervolg is. As wraak vir sy ontrouheid het Procne met die hulp van haar suster, Philomela (wat in 'n nagtegaal verander is), haar seun vermoor en hom aan haar man opgedis. As teken van die moord kom 'n vlek op die swaeltjie se vere voor wat etiologies die verband tussen die mitologiese karakter en die voël verklaar. In *Ecl.* 6.78-81 verwys Vergilius na hierdie verhaal, maar slegs met vermelding van Philomela, soos hier slegs van Procne (vgl. Thomas 1988b:150 n.15). Sien ook Ovidius, *Met.* 6.670: ... *signataque sanguine pluma est* ('... die vere is met bloed gevlek').

2 Tiperend van bessies (vgl. *TLL* s.v. *cruentus* I. *proprie* B. *res* 1. *solidae*)

Vergilius

Verg. *Geor.*1.305-6: *sed tamen et quernas glandes tum stringere tempus | et lauri bacas oleamque cruentaque myrta* ('maar dan is dit tog die tyd om ook akkers van die eikeboom te pluk, ook lourierbessies, olywe en **bloedrooi** mirtebessies').

Die digter spel die verskillende take van die landbouer uit wat volgens die sterre en veral die jaargetye wat die son bepaal, afgehandel moet word. Die winter is die beste tyd om strikke vir voëls en vangnette vir herte te stel en ook langoorhase te jag. Dan is dit ook die regte tyd (in Desember, volgens Columella 12.38.7: *quo fere tempore matura sunt myrti semina*) om ryp bessies te versamel. Die term **cruenta** bepaal met die oordragtelike betekenis die bloedrooi kleur van mirtebessies wat volgens Servius op 'n natuurlike wyse die kleur van bloed naboots: *natura enim cruoris imitantur colorem*. In werklikheid is die voorkoms van ryp mirtebessies donkerblou, terwyl dit die *sap* van mirtebessies is wat bloedrooi is. Dit wil hier voorkom asof Vergilius met hierdie 'onjuiste' beskrywing die leser se aandag op iets anders vestig: Weens die geurigheid (en waarskynlik ook die kleur) van die sap word dit as bestanddeel by mos gevoeg vir die brou van *vinum murteum* of *myrtites*. Aldus word die frase baie subtiel by wynbou betrek en gevolglik ook met die vergrype daaraan.⁵⁶⁷

XII **FLAVUS**⁵⁶⁸ en **FLAVEO**⁵⁶⁹

Reeds vanaf Ennius is die oorsprong van die woordgroep **flavus** en **flaveo** onseker en ook omstrede (W-H *ad loc.*), soos duidelik blyk uit al die geraadpleegde woordeboeke en -lyste. Volgens Price (1883:14) is die wortel van die **flav-* woorde *ghar* met die betekenis 'groeï' wat ook verband hou met die Latynse term *viridis*. L&S *ad loc.* sien 'n verbintenis met *flag-vus* van **flag-*, *flagro* met die betekenis 'brandend' of 'met 'n ligte (geel) kleur'. Die *OLD ad loc.* verwys na die Ou Hoog-Duitse *blāo* (met beide die betekenis moontlikhede 'geel' en 'blou'), ook die Engelse 'blue,' die Oud-Ierse *blār* en die Walliese *blawr* met betekenis 'grys'.

⁵⁶⁷ Sien die *OLD* s.v. *myrtites*, -ae (-is), m. (van die Griekse μυρτίτης) met die betekenis 'mirtebessie-wyn,' ook met verwysing na Plinius Maior, *Nat.* 14.104 en 32.30.

⁵⁶⁸ Die *TLL* se verskillende kategorieë vir **flavus** (VI.1 887 [reël 61]-889 [reël 83]) word hierna opeenvolgend met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

I i.q. γλαυκός: **A** de nitore scintillanti aquae commotae **B** de foliis olivae a colore partis inferioris

II i.q. ξανθός, πορρός **A** de cinere, limo, pulvere et rebus quae his aut opertae aut infectae sunt **1** cinis, harena, terra **2** flumen, ripae sim. **B** de melle, cera sim. **C** de crinibus sim. **1** hominum, deorum **a** crinis, vertex, caput **b** personae (Cereris crinibus attributum ad frumenti colorem nonnumquam spectare apparet) **2** bestiarum vellera, iubae sim. **D** de frumento maturo **1** frumentum ipsu m **2** arva sim. **E** de metallis sim. **1** de auro: **a** proprie **b** transl. **2** de saxis, gemmis sim. **3** de aere **F** de cutis humanae colore subrutilo **G** varia et singularia;

subst. flavus, -i, m. i.q. nummus flavi coloris.

⁵⁶⁹ Die *TLL* se verskillende kategorieë vir **flaveo** (VI.1 886 [reëls 13-59]) word hierna opeenvolgend met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

1 de frumento maturo, inde de agris sim. **2** de harena, inde fluminibus sim. **3** inde crinibus, inde vertice sim., hominibus **4** de bestiis earumque velleribus sim **5** varia et singularia.

Sien ook *EV* p. 560b vir bykomende verwysings.

Volgens W-H *ad loc.* is **flavus** afkomstig van die Oskiese *Flaviies* as genitief enkelvoud van *Flavii*, verder ook **bhlā-uos* tot **bhle-uos* in die Ou Hoog-Duitse *blāo*, ‘blou’ met wisselvorme (maar **bhī-* volgens Pokorny *ad loc.* waarna W-H verwys). Dit word verbind met die betekenis ‘blou’ (maar ook ‘geel’ net soos die Middelhoogduitse *blā*), ook die Anglo-Saksiese *blāw* en die Oud-Nordiese *blār*. Sien ook die klankgewisselde **bhlō-ros* in die Latynse *florus*, ‘glansend,’ ‘helder’ (vergelyk volgens Naevius die eienaam *Florus*) wat verband hou met **flavus** en die Oud-Ierse *blār* ‘grys,’ Walliese *blawr* en ook Skots-Galliese *blār* met die betekenis ‘n bleekheid van die gesig’ (volgens Pokorny *ad loc.* ‘met ’n wit voorkopvlek’). Volgens W-H is die toepassing van die klankwisseling van vokale wat in Duits met die ‘umlaut e’ en ‘umlaut a’ aangedui word, naamlik *ëv* na *äv* by **flavus** uit **flēvos* in elk geval nie regverdigbaar nie. Die konseptuele en morfologiese verbindings van **flavus** met die Ou Hoog-Duitse vorm *blāo* is verkieslik, ook dié tussen *florus* (wat nie van **flavus** geskei kan word nie) met die Walliese *blawr*.

De Vaan (2008:225) verwys ook na die Proto-Italiese vorm **flāwo-* en die Proto-Indo-Europese vorm **b^hleh₃-uo-*, ‘geel,’ met die verwante Indo-Europese vorme: Middel-Iers *blá*, ‘geel,’ Ou-Hoog-Duits, *blāo*, Oudengels, *blāw* en Oud Yslandies *blár*, ‘blou’ wat normaal fonologies ontwikkel het tot die Proto-Germaanse **blēya-*.

Uit die voorafgaande wil dit voorkom asof beide Price en L&S se uiteensettings tekort skiet. Vanweë talle uiteenlopende verklarings is dit duidelik dat min kleurkategorieë in Indo-Europese tale meer verwarrend is as dié wat met bostaande stamme verbind word. Hoewel die *TLL* ’n minder breë spektrum van kleurkonnotasies lys wat almal in die kategorie van goudegeel, blond en rooigeel val, word daar geen melding gemaak van veral die kleurwaardes ‘blou’ en ‘grys’ nie wat, volgens die stamvorme wat voorgehou is, nou geensins met **flavus** verbind kan word nie.⁵⁷⁰

Die soort konteks waarin die kleurwoorde voorkom, word vervolgens in breë trekke aangebied.

Die betekenismoontlikhede van **flavus** is wydlopend. Aulus Gellius, *N.A.* 2.26.8 lys al die Latynse terme wat met rooi skakerings geassosieer word waarby **flavus** ook ingesluit word: *fulvus enim et flavus et rubidus et poeniceus et rutilus et luteus et spadix appellationes sunt rufi coloris*. Nietemin is die effense rooi ondertone van **flavus** (soortgelyk aan dié van *rubeus* [‘rooi’ of ‘rooierig’]) van ’n veel ligter skakering as dié van *fulvus*. W-H verwys na die betekenismoontlikhede ‘rooigeel’ en ‘bruingeel’ soos van André (1949:131-32) se onderafdelings met verskillende skakerings en tinte, om onder andere *nuances du jaune simple*, *nuances brunes* en *nuances rouges* in te sluit. L&S bied die primêre betekenismoontlikhede ‘donkergeel,’ ‘rooierige geel,’ ‘goudkleurig’ en ‘geelbruin’ (veral in poësie), terwyl die *OLD* ‘bruin’ (wat wissel tussen ’n dowwe geel en ’n rooierige bruin), ‘geelbruin’ en

⁵⁷⁰ De Vaan (2008:223) hou ’n ander siening voor. Hy verwys na Schrijver (1991:147, 177, 298, 301) volgens wie **flavus** van dieselfde Indo-Germaanse (IG) wortel afgelei is wat ook in *flos* en *florus* voorkom. Die enigste wyse waarop **flavus** met die Germaanse woorde vir ‘blou’ verbind kan word (sou daar wél ’n verband wees), is die moontlike prehistoriese aanpassing van IG fonetiese klanke wat neerkom op verlies aan labialisering in beide Germaans en Latyn. Dit kan ’n vergesogte voorstel wees, hoewel daar geen aanneemliker alternatief is nie, tensy **flavus** van die Germaanse woorde geskei word. Dit is ook onseker of **flavus** waarlik aan *florus* verwant is. Sou daar wél ’n verband bestaan, kan dit moontlik die teenstelling blou/geel in die woord **flavus** se semantiese veld verklaar: Beide is blomkleure. Dit is egter bloot bespiegeling en die saak word daar gelaat.

‘sandkleurig’ voorhou.⁵⁷¹ W-H bied die betekenismoontlikhede ‘goudgeel,’ ‘rooigeel’ en ‘blond’ (ook ‘liggeel’) met verwysing na die Enniaanse frase *marmore flavo* (*Ann.* XIV.iii. 377[386]; vgl. *TLL* s.v. *flavus* I. i.q. γλαυκός). Vels Heijn (1951:50) lys slegs ‘geel’ en ‘goudgeel’ wat as beskrywing van skoon sand, heuning, was en ryp koring sy stelling onderstreep dat hierdie term meestal op voorwerpe se natuurlike kleure dui. Die betekenismoontlikheid ‘geelbruin’ van diere kom met enkele uitsonderings voor (sien *infra*), terwyl De Vaan (2008:225) uitsluitlik ‘geel’ en ‘blond’ bied sonder enige verwysing na rooi skakerings.

Die kleurwerkwoord *flaveo*, *-ēre* is van *flavus* afgelei en is ’n samestelling van die stam **flav-* plus die verbale suffiks *-eo* (*OLD*). Die term *flaveo* se primêre betekenis is ‘om (goud-)geel te wees’ of ‘om liggeel te kleur’ (*L&S*).⁵⁷² Die betekenismoontlikhede ‘geel,’ ‘strooikleurig’ of ‘goudgeel’ van die teenwoordige deelwoord *flavens* stem met dié van die adjektief *flavus* ooreen, onder andere in Ovidius, *Met.* 8.670: *pocula ... flaventibus inlita ceris* (‘drinkbekers wat met **geel** was bedek is’; vgl. *TLL* s.v. *flaveo* 5: *varia et singularia*). Ook verwant is *flavesco*,⁵⁷³ *flavidus* en *sufflavus* wat nie in die *Georgica* gebruik word nie.

Die teenwoordige deelwoord *flavens* bepaal die geel kleur van ryp graan in Ovidius, *Met.* 9.688-89: ... *inerant lunaria fronti | cornua cum spicis nitido flaventibus auro* (‘... op [Io se] voorkop was die sekelvormige horings [omkrans] met **geel** koringare van glansende goud’). Die werkwoord *flaveo* kom voor in Columella 10.311: ... *cum maturis flavebit messis aristis* (‘... wanneer die oes **geel** met ryp are **sal wees**’; vgl. van beide voorbeelde *TLL* s.v. *flaveo* 1: *de frumento maturo, inde de agris sim.*).

Die blonde hare en baard van gode, helde en mitologiese figure word ook deur die terme *flavus* en *flavens* aangedui.⁵⁷⁴ In poësie dui *flaveo* op al die ander skakerings (veral dié met ’n rooierige skynsel) van blonde hare en baard,⁵⁷⁵ terwyl *rutulus* (‘glansend rooi’) meestal in prosa voorkom, onder andere in Livius, *A.U.C.* 38.16 en Tacitus, *Ag.* 11.2. Volgens die *TLL* s.v. *flavus* II.F: *de cutis humanae colore subrutulo* word velkleur slegs in enkele gevalle deur *flavus* bepaal, onder andere van die

⁵⁷¹ Aulus Gellius se beskrywings van *flavus* kom vreemd voor, onder andere in *N.A.* 2.26.12: *flavus color ... videtur e viridi et rufo et albo concretus* (‘die kleur van *flavus* is ’n samestelling van groen, rooi en wit’) en 2.26.23 *flavus color e viridi et albo mixtus* (‘*flavus* is ’n mengsel van groen en wit’), met laasgenoemde wat as verklaring kan dien vir Price (1883:14) se etimologiese verbinding van hierdie term met ‘groen’. Met die herhaalde verwysing na *albus* is dit duidelik dat *flavus* op ’n ligter skakering van geel (= blond), rooigeel en geelbruin dui.

⁵⁷² Volgens Kober (1932:55-56) word ξανθός in Grieks vir al die skakerings van ‘geel’ gebruik wat van liggeel, goudgeel en oranjegeel tot goudbruin kan wissel (*LSJ*). Die term dui ook op die blonde hare van vroue en mans, onder andere dié van Achilles in *Il.* A(1).197 (ξανθῆς ... κόμη) en Menelaos in *Il.* Γ(3).284 (ξανθός Μενέλαος). Met die uitsondering van ‘blonde’ Bacchus in Euripides, *Cyc.* 75 (χαίτη) en *Ba.* 235 (βόστρυχοι), bepaal die term slegs die haarkleur van godinne soos Demeter in *Il.* E(5).500: ξανθὴ Δημήτηρ.

⁵⁷³ Daar is ’n enkele voorbeeld van *flavesco* in Vergilius, *Ecl.* 4.28: *molli paulatim flavescet campus arista* (‘geleidelik sal die vlakke geel word met sag golwende koringare’) wat, beklemtoon met *paulatim*, op ’n langsame proses kan dui. Die term kom ook voor in Ovidius, *Am.* 2.5.39-40 wat ook die tydspek beklemtoon: ... *ne longis flavescere possit ab annis, | Maeonis Assyrium femina tinxit ebur* (‘... ’n Lidiese vrou het Assiriese ivoor gekleur, sodat dit nie oor baie jare kan vergeel nie’).

⁵⁷⁴ Anders as Catullus en Propertius, beskryf Horatius, *Carm.* 1.5.4 die hare van gewone vroue soos Pyrrha met *flavam*: *cui flavam religas comam?* (‘vir wie bind jy jou **blonde** hare vas?’). Volgens Page (1959:148) en Nisbet & Hubbard (1970:75) word die naam Pyrrha van die Griekse woord πυρρός met betekenis ‘vlamkleurig’ afgelei wat van persone met rooierige hare gebruik word.

⁵⁷⁵ André (1949:130) fouteer as hy noem dat goudblonde hare (‘le blond doré’) eerder met *aureus* weergegee moet word wat hy staaf met verwysing na *Aen.* 8.659 (sien VIII. *AUREUS* 1.b.vi.). Hierdie beskrywing hou verband met Aeneas se goue skild waarvan goud as metaal die Galliërs se hare en baard uitbeeld wat uiteraard goudkleurig voorkom.

menserat met die kleure blank, swart en geelbruin in Seneca Minor, *Ep.* 58.10 *tamquam, homo genus est; habet enim in se ... colorum: albos, nigros, flavos*. Strydig met die inskrywing in die *TLL* bepaal die frases *flava ora* in Ovidius, *Her.* 4.72 en *flavus pudor* in Seneca Minor, *Phaed.* 652 geensins velkleur nie.⁵⁷⁶

Volgens André (1949:130) word die pels en maanhare van diere as ‘geelbruin’ (‘nuances brunes’) uitgebeeld, met enkele voorbeelde in Ovidius, *Met.* 13.848: *turpis equus, nisi colla iubae flaventia velent* (‘n perd is onooglik tensy **geelbruin** maanhare die nek bedek’); en in Statius, *Theb.* 8.574 ... *nulloque iubae flaventis honore | terribilis ...* (‘[n leeu] ... nog nie vreesaanjaend met die prag van **geelbruin** maanhare nie ...’; vgl. van beide die voorbeelde *TLL s.v. flaveo* 4: *de bestiis earumque velleribus sim.*).

Soos ook die geval met *aureus*, word die substantief *flavus* van ’n goue munt gebruik. Sien Martialis 12.65.6: ... *de moneta Caesaris decem flavos* (‘tien **goue** munte uit Caesar se skatkis’; vgl. *TLL s.v. flavus* subst. *i.q. nummus flavi coloris*).

Lucretius gebruik die kleurwoord *flavus* slegs twee keer. Dit kom ook vyf keer in Catullus voor, *flaveo* slegs een keer. In Vergilius se *Georgica* is daar ses voorbeelde van *flavus* en twee van *flaveo*; en in sy *Aeneis* gebruik hy *flavus* ses keer en *flaveo* drie keer.

In wat volg word die **flav*-woorde chronologies volgens die *TLL* aangebied, sonder inagneming van woordsoort.

1 As tipering van olyfblare (vgl. *TLL s.v. flavus* I. B. *de foliis olivae a. colore partis inferioris*)

Vergilius

Verg. *Aen.* 5.309: ... *flavaque caput nectentur oliva* (‘... hul hoof[de] sal met **geel** olyf[blare] omkrans word’).

Tydens die spele ontvang elk van die wenners in die wedloop ’n beloning wat die tradisionele olyfkrans insluit. Die uitbeelding van olyfblare met *flava* is uiters ongewoon, aangesien die blaarkleur van die olyfboom (*Olea europaea* Linn.) ’n kenmerkende sagte grysgroen is (vgl. Sargeaunt 1919:92). Behalwe vir Vergilius se verwysing na die vaal voorkoms van die olyfboom met die frase *pallenti ... olivae* in *Ecl.* 5.16, beskryf hy die voorkoms van die olyfboom nooit chromaties nie wat die frase *flava oliva* des te meer uitsonderlik maak.⁵⁷⁷

⁵⁷⁶ Hierdie inskrywing het baie reaksie ontlok, aangesien dit as bewysplaas sou dien dat *flavus* van velkleur gebruik word. Die aanname berus op ’n foutiewe interpretasie van die frase *flavus pudor*. In Ovidius, *Her.* 4.72 verwys *flava* na Theseus se goudkleurige melkbaard en nie na sy velkleur nie: *flava verecundus tinxerat ora rubor* (‘n skugtere blos het sy **goue** wange bedek’). Sien *TLL s.v. flavus* F. *de cutis humanae colore subrutilo*, reël 53. Ook Seneca Minor beeld die blos onder die goue kleur van ’n eerste baardgroeï uit in *Phaed.* 652: *et ora flavus tenera tinguebat pudor* (‘en ’n **goue** blos het die sagte wange gekleur’; vgl. Laughton 1948:109-10; 1950:88-89; Vels Heijn 1951:50; Bradley 2011:2).

⁵⁷⁷ Die term *viridis* van ’n olyfkrans in *Aen.* 5.494 kom nie chromaties voor nie, maar dui met die uitgebreide betekenis op die betekenis ‘vars’ of ‘varsgepluk,’ van olyfblare: ... *viridi Mnestheus evinctus oliva* (‘... [dan volg] Mnestheus wat met vars olyf[-blare] bekrans is’). Sien voetnoot 856.

Reeds in antieke tye het hierdie frase reaksie ontlok, waarna Aulus Gellius, *N.A.* 2.26 ook verwys: *et quod mirari quosdam video, frondes olearum a Vergilio 'flavae' dicuntur* ('ook merk ek dat sekere mense verstom is dat die blare van olyfbome deur Vergilius as "geel" aangedui word'). Tot op hede huldig kritici wyd uiteenlopende menings waarna Bradley (2011:4 n. 12) ook verwys: Henry (1889 *ad loc.*) en Fairclough (1932 *ad loc.*) wys op die olyfboom se oorvloedige geel stuifmeel wat in die lente die blare geel kleur; volgens Sargeaunt (1919:91) kroon Aeneas oorwinnaars met olyf-'bloeisels,' 'n siening wat André (1949:132) verwerp, aangesien hy die kleurwaarde toeskryf aan die grys-groen blare wat die goue strale van die son reflekteer; beide Page (1960:414 n.309) en Williams (1960:104-5 n.309) bied die vertaling 'geelgroen' olyf, na aanleiding van Aischulos, *Pers.* 617 (ξανθῆς ἐλαίας) wat egter uit konteks aangehaal is.⁵⁷⁸ Die vertalings van Benade (1975 *ad loc.*: '... en laat vaalgroen olyfblare die hoof omkrans') en veral ook Blanckenberg (1980 *ad loc.*: '... en bleek olyf word om hul kop as kroon gebind') omseil die probleem, veral omdat hierdie vertalings nie strook met die aanvaarde betekenis-moontlikhede van *flava* nie. Harrison (2003:80) stel die transponering van *flavus* met *glaucus* voor na aanleiding van die Griekse γλαυκός en die frase *glaucæque innexus olivæ* ('[n krans] gevleg met grys-groen olyfblare') in Statius, *Theb.* 2.99. Hoewel dit metries regverdigbaar is en *glaucus* baie paslik die voorkoms van olyfblare kan uitbeeld, gebruik Vergilius nooit hierdie term van die olyfboom se voorkoms nie.

Vergilius se beskrywing van die olyfkrans met *flava* is geensins 'n *lapsus* nie. Die 'vreemde' of 'onakkurate' uitbeelding is vernuftig beplan om die leser se aandag vas te vat en weer op iets 'buitengewoon' bedag te maak. Soos ook van Turnus se 'wit' borsskede van *orichalcum* (*Aen.* 12.87-88; sien I. *ALBUS* en *ALBESCO* 6.iii) dui hierdie onjuiste uitbeelding op toekomstige ontbering, selfs rampspoed. Die frase *flava oliva* hou verband met Nisus en Euryalus, na wie daar vir die eerste keer in die onvoltooide reël in *Aen.* 5.294 verwys word: Beide neem aan die wedloop deel, en ten spyte daarvan dat Euryalus oplaas as wenner aangewys word, is die katastrofiese gebeure tydens die wedloop slegs 'n voorspel tot die uiteindelijke tragiese lot van beide hierdie helde in Boek 9. Ook opvallend is die dubbele verwysing na die bloed waarin Nisus gly en val (5.328-29 en 332-333). Die frase *flava oliva* kom hier dus genuanseerd voor van noodlotsgebeure, waarmee Vergilius baie subtiel die spanningselement opbou. Gevolglik kan die kategorisering van die *TLL* wat verband hou met die kleur aan die onderkant van olyfblare nie aanvaar word nie.

2 Van sand en riviere (vgl. *TLL* s.v. *flavus* II.A.1: *harena, cinis* 2: *flumen, ripae, sim.*)

a. Catullus

Cat. 67.33-34: *flavus quam molli praecurrit flumine Mella, | Brixia Veronae mater amata meae* ('die **goudgeel** *Mella* vloei met sy rustige stroom verby Brixia, geliefde moederstad van ons eie Verona').

⁵⁷⁸ In die frase ξανθῆς ἐλαίας bepaal die term die kleur van olyfolie wat as offerande by 'n graf gebruik word (vgl. Harrison 2003:80).

Catullus gebruik *flavus* met die primêre betekenis van die Mella, aangesien dit na die rivier se besondere geel sand verwys en doelbewus die kleurkonnotasie van *Mella* met *mel* ('heuning') beklemtoon. Ook wys Clarke (2003:81) op die klanke 'f-' en 'm-' wat 'n sagte liriese kwaliteit in die reëls bewerkstellig, as tussenspel in hierdie bytende, satiriese gedig.⁵⁷⁹

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 3.349-50: *at non qua Scythiae gentes Maeotiaque unda, | turbidus et torquens flaventis Hister harenas* ('maar só is dit nie by Skithië se stamme en Maeotis se water en die onstuimige Hister wat **geel** sand maal nie'; vgl. *TLL s.v. flaveo* 2: *de harena, inde fluminibus sim.*).

In reëls 349-83 beskryf die digter die *situs* van Skithië (349-83) wat nie alleen van dié van Lidië verskil nie (339-48), maar ook van dié van Italië (soos vervat in die *laudes Italiae* van Boek 2.136-76). Soos Catullus (sien *supra*), verlewendig Vergilius die uitbeelding met die herhaling van die klanke 't-', 't-' en 'H-', 'h-' in reël 350, bewerkstellig deur doelbewus die Griekse naam vir die Donou te gebruik (vgl. Della Corte 1986b:55 n.350). Die teenwoordige deelwoord *flaventis* wat die kleur van die Hister se sand met die primêre betekenis bepaal, is uitsonderlik (moontlik vanweë *flaventis* se bykomende '-t-' klank), aangesien digters eerder *flavus* van riviere verkies.⁵⁸⁰

ii. Verg. *Aen.* 7.31-32: *[Tiberinus] verticibus rapidis et multa flavus harena | in mare prorumpit ...* ('[die Tiber] vloei voort na die see met snelle kolkings en baie **geel** sand ...').⁵⁸¹

Midde in die woud bemerk Aenaes die Tiber wat met sy geel sand in die see uitmond. Vergilius gebruik hier die primêre betekenis van *flavus* wat waarskynlik kan terugverys na Ennius, *Ann.* II (?).xi. 453 (142) (Skutsch): *et Tiberis flumen <flavom> vomit in mare salsum* ('en die [**geel**] stroom van die Tiber stort in die see uit).

3 Tiperend van heuning (Vgl. *TLL s.v. flavus* II.B. *de melle*)

Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 1.938 (herhaal in 4.13): *contingunt mellis dulci flavoque liquore* ('hulle [die genesers] smeer [die rand van bekere] met die soet vogtigheid van **goudgeel** heuning').

⁵⁷⁹ Hierdie passasie is nie in Fordyce (1966) opgeneem nie, maar wel in Quinn (1970).

⁵⁸⁰ Van die Tiber se waters en sand, sien ook *flavum Tiberim* in Horatius, *Carm.* 1.2.13 en 1.8.8 en *flavus ... Tiberis* in 2.3.18; in Ovidius, *Met.* 14.448: *flava ... Thybris harena*; in *Tristia* 5.1.31: *... flavas Thybris harenas*; en in *Fasti* 6.228: *flavis ... Thybris aquis*; in Silius Italicus 1.607: *flavo ... gurgite Thybris*; en in 9.207: *flava Thybris ... unda*; ook in Statius, *Silv.* 4.4.5: *flavi ... Thybridis oras* (vgl. Edgeworth 1992:129). Propertius 2.9.11-12 beskryf die waters van die Simoëisrivier met die frase *flavis ... vadis*. In die Griekse letterkunde word ξανθός en χρυσεός van riviere gebruik (vgl. Kober 1932:58, 65). Hoewel die Skamanderrivier ook as Ξάνθος uitgebeeld word in *Il.* Y(20).74: *ὄν καλέουσι Ξάνθον θεοί, ἄνδρες δὲ Σκάμανδρον* ('gode noem dit Xanthus, maar mensewesens [noem dit] Skamander'), vloei die twee riviere saam, soos beskryf in *Il.* E(5).774: *ἤχι ροῦς Σιμόεις συμβάλλετον ἠδὲ Σκάμανδρος* ('waar die Simoëis en die Skamander hul strome verenig') wat moontlik Propertius se beskrywing van die Simoëisrivier met *flavis* verklaar.

⁵⁸¹ In Vergilius, *Aen.* 9.816-17 bepaal *flavo* met die primêre betekenis die geel sand wat die waters van die Tiber geel kleur: *... ille suo cum gurgite flavo | accepit venientem ...* ('... toe hy [Turnus] kom, ontvang [die Tiber] hom met sy **geel** stroom ...'). Die Palatinus en verskeie latere MSS bied *gurgite vasto* wat as *formula* ook in *Aen.* 1.118, 3.197 en 6.741 voorkom.

Net soos heuning om 'n beker se rand gesmeer word om die slegte smaak van medisyne vir kinders te verdoesel, só moet digters met mooi woorde gewigtige sake by hul lesers tuisbring. Die frase *mellis dulci flavoque liquore*⁵⁸² verwys terug na die Homeriese frases μέλι χλωρόν⁵⁸³ ('geel heuning' in *Il.* Λ[11].631 en *Od.* κ[10].234) en μέλιτι γλυκερῶ ('soet heuning' in *Od.* υ[20].69 en ω[24].68; vgl. Edgeworth 1992:251). Hoewel Vergilius negentien keer na heuning verwys, gebruik hy nooit *flavus* of enige ander chromatiese element om die kleur daarvan te beskryf nie. Lucretius, daarenteen, gebruik *flavo* met die primêre betekenis van heuning se kleur.⁵⁸⁴

4 Van hare en baard (vgl. *TLL s.v. flavus* II.C. *de crinibus sim.1: a. hominum, deorum b. personae*)

a. Catullus

Cat. 64.63: *non flavo retinens subtilem vertice mitram, | non contecta levi velatum pectus amictu* ('[Ariadne] hou nie die fyn-geweefde hoofbedekking op haar **blonde** hoof nie en sy is nie toegewikkel in die ligte kleed wat haar boesem bedek nie').

Wanneer Ariadne bemerk dat haar geliefde Theseus haar verlaat, is sy hewig ontsteld, soos Dido ook by Aeneas se vertrek. Ariadne is só ontstig dat die fyn-geweefde hoofbedekking nie op haar blonde kop rus nie, die wasige kleed nie haar boesem bedek nie (64: *non contecta levi velatum pectus amictu*) en haar vol borste nie deur die gladde band gebind word nie (65: *non terete strophio lactentis vincta papillas*). Die kleurwoord *flavo*⁵⁸⁵ dui met die primêre betekenis op Ariadne se goudblond hare wat die ekwivalent van die Griekse ξανθός is. In Homeros, *Il.* A(1).197, Γ(3).284 en Λ(11).740) kom hierdie term gereeld voor van mans en vroue, soos ook van Ariadne in Hesiodos, *Th.* 947: ξανθὴν Ἀριαδην.

⁵⁸² Die woord *liquor* in die Lucretius-passasie verwys waarskynlik na die betekenismoontlikheid 'vloeibaar' van χλωρός (sien *infra*, voetnoot 583, *infra*). Ook volg Vergilius die Homeriese tradisie met die assosiasie van heuning met vloeibaarheid (maar nie van die kleur nie) in *Geor.* 4.35-36: ... *nam frigora mella | cogit hiems, eademque calor liquefacta remittit* ('... want die winterkoue maak heuning styf en hitte maak dit sag en loperig'). Sien ook *Geor.* 4.101-2 en 163-64.

⁵⁸³ Die betekenismoontlikhede van χλωρός is uiteenlopend. Volgens Irwin (1974:31, 33-34) is die primêre betekenis 'liggroen,' 'groenerige geel' of 'geel'. Voorts kom die uitgebreide betekenis 'bleek' en 'vars' voor en metafores ook 'groen' (met die betekenis 'onryp'), 'blommend' en 'glansend'. Irwin kom tot die gevolgtrekking dat die basiese betekenis van die term voor 400 vC met 'vog' of 'vloeibaarheid' geassosieer is. Hierdie beskouing spruit uit 'n vroeë Griekse opvatting dat vogtigheid met lewe en jeugdigheid verbind was, en dorheid (αῦρος) met 'n hoë ouderdom en die dood. Dit volg dus dat χλωρός 'n konvensionele epiteton was en dat Homeros dit geensins chromaties van heuning gebruik nie. Volgens Irwin (1974:57, n.54, met verwysing na Cole) is dit hierdie aspek wat in die algemeen misgekyk word as Simonides se beskrywing van die ryk kleur van heuning met ξανθός (fr. 593 *PMG*) as 'n regstelling en 'n akkurate uitbeelding van heuning se kleur bestempel word. Homeros se sogenaamde 'bleek heuning' is in der waarheid met vogtigheid geassosieer, vanwaar die betekenis 'vloeibare heuning'. Hiervolgens word dou (Pindaros, *N.* 8.40), tranes (Euripides, *Med.* 906), bloed (*Hec.* 127) en selfs roosblare (*Hel.* 243) deur χλωρός uitgebeeld, ten spyte van die oënskynlike verskil in kleurwaardes. Moontlik is die voorkoms van druppels heuning aan die buitekant van die heuningkoek met tranes vereenselwig wat oor wange loop, sap wat uit 'n plant drup, of 'n doudruppel op 'n roosblaar.

⁵⁸⁴ Ovidius gebruik beide *aureus* en *flavus* (met die primêre betekenis) van heuning. Sien *Fast.* 4.545-46: *mox epulas ponunt ... | ... in ceris aurea mella suis* ('weldra berei hulle 'n fees voor ... [daar is] goue heuning in hul heuningkoek'); en *Met.* 1.112: *flavaque de viridi stillabant ilice mella* ('**goudbruin** heuning het gedrup uit die groen akkerboom'). So ook Martialis, 1.55.10: *flavaque de rubro promere mella cado* ('[wie] verskaf **goudbruin** heuning uit 'n rooi fles?').

⁵⁸⁵ Catullus gebruik ook die term *flavo* met die primêre betekenis 'blond' in die volgende passasies: 64.98: ... *in flavo saepe hospite suspirantem* ('... [Ariadne] sug dikwels oor die **blonde** vreemdeling'); 66.61-62: ... *sed nos quoque fulgeremus | devotae flavi verticis exuviae* ('... maar laat ek as die toegewyde buit van die **blonde** hoof [van Berenice] ook skitter'); en 68.130: *ut semel es flavo concitata viro* ('toe jy [Laodamia] eens met jou **blonde** man verenig was [was jou passie vuriger as dié van duwe]').

Die verwysing na beide *pectus* en die frase *lactentis pappas* beklemtoon haar vroulike skoonheid om 'n geheelbeeld van sagtheid en weerlossheid weer te gee wat emotief patos ontlok. Dit dien ook as effektiewe kontras vir haar geweldige onsteltenis (70-71: *tota ... perdita mente / a misera ...*).

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.95-96: ... *neque illum | flava Ceres alto nequiquam spectat Olympo* ('... en **blonde** Ceres⁵⁸⁶ beskou [die landbouer] nie onbeloon vanaf hoë Olympus nie').⁵⁸⁷

Die boer wat nougeset sy lande voorberei en hulle deeglik bewerk, sal met 'n goeie opbrengs beloon word. Vergilius se primêre bron is Hesiodos, *Op.* 300-1: φιλέητι δέ σ'εὐστέφανος Δημήτηρ | αἰδοίη, βιότου δὲ τήν πιμπλήσι καλήν ('[werk,] sodat Demeter vir jou lief mag wees en jou skuur met kos vul'). Hierdie beskrywing het Vergilius aangevul met 'n verwysing na Kallimachos, *Hec.* 3.12: οἷς δέ κεν εὐμειδῆς τε καὶ Ἴλαος ἀγάσσειαι [vgl. *spectat*], | κείνοις εἶ μὲν ἄρουρα φέρει στάχυν ('die land dra 'n oorvloedige oes vir diegene op wie jy glimlaggend neerkyk met jou goedgunstigheids'; vgl. Thomas 1988a:82 n.95-96; Erren 2003:70 n.96). In Homeros, *Il.* E(5).500 verwys die frase ξανθὴ Δημήτηρ na 'blonde Demeter' wat metafores op die goudeel kleur van graan kan dui, soos ook Vergilius wat met *flava* se primêre betekenis na 'blonde Ceres' verwys.⁵⁸⁸

ii. Verg. *Geor.* 4.339: *et flava Lycorias ...* ('ook **blonde** Lycorias ...');

en

iii. Verg. *Geor.* 4.352: ... *summa flavum caput extulit unda* ('... [Arethusa] lig haar **blonde** kop bo die water uit').

Sien ook II. *CANDIDUS* 1.b.iii. In haar see-woning is die nimfe om Cirene geskaar. Homeros se beskrywing van die waternimfe se grot in *Od.* v(13).102-12 sluit 'n enkele kleurterm 'purper' (108: ἀλπόρφουρα) in wat die weefwerk bepaal. In kontras met Thetis se glansende 'silwerwit' (ἀργύρεος) see-woning in *Il.* Σ(18).50, fokus Vergilius eerder op die voorkoms van die nimfe wat met die terme *flava* en *flavum*, telkens met die primêre betekenis, uitgebeeld word. Die nimfe se hare is blink (335: *caesariem nitidam*) en blond (*flava Lycorias* en *flavum caput*) en sprei oor hul skitterwit/glansende nekke (335: *per candida colla*).⁵⁸⁹ Selfs die naam Xantho (336; van ξανθός afgelei) het 'n assosiasie met

⁵⁸⁶ Ceres is die Romeinse godin van oeste, met Demeter as haar Griekse eweknie. Die belangrikste oesfees, die *Cerealia*, is in die Lente op 19 April voor die oes gevier (vgl. Bailey 1969:54). 'n Ander fees wat in Augustus selegs deur vroue gevier is, het onthouding behels wat deur Ovidius, *Am.* 3.10.3-4 bevraagteken word: *flava Ceres, tenues spicis redimita capillos | cur inhibes sacris commoda nostra tuis?* ('**blonde** Ceres, met jou sagte hare deur koringare omkrans, waarom beperk jy met jou heilige rites ons plesiertjies?').

⁵⁸⁷ Sien die frase *rubicunda Ceres* in XVIII. **RUB*-groepering 5.iii.

⁵⁸⁸ Tibullus 1.1.15-16 hang 'n krans van koringare aan Ceres se tempeldeure: *flava Ceres, tibi fit nostro de rure corona | spicea, quae templi pendeat ante fores* ('**blonde** Ceres, laat my [koring-]land 'n stekelrige krans vir jou voortbring om voor jou tempeldeure te hang').

⁵⁸⁹ In *Aen.* 1.127 word *Geor.* 4.352 herhaal, maar met *placidum* wat *flavum* vervang, aangesien Neptunus nie blond is nie: ... *summa placidum caput extulit unda*. Hierdie seegod word met κωανοχαίτης ('donker hare') uitgebeeld in *Il.* N(13).563, Ξ(14).390, O(15).174 en 201, Υ(20).144 en *Od.* γ(3).6; ι(9).528 en 536 (vgl. Edgeworth 1992:128).

blonde hare.⁵⁹⁰ Om die glansrykheid van hierdie waterkoninkryk verder te beklemtoon is beide Clio en haar suster Beroë in goud geklee (342: *ambae auro*).

iv. Verg. *Aen.* 4.558-59: *omnia Mercurio similis, vocemque coloremque | et crinis flavos et membra decora iuventae* ('in alle opsigte was hy net soos Mercurius, sy stem en gelaatskleur, sy **blonde** hare en die lenige ledemate van 'n jongman'; vgl. *TLL s.v. flaveo* 3: *inde crinibus, inde vertice sim., hominibus*).

'n Figuur wie se voorkoms en veral sy blonde hare baie soos dié van Mercurius lyk, verskyn in 'n droom aan Aeneas. Volgens Edgeworth (1992:128) is hierdie die enigste verwysing in die *Aeneis* na die blonde hare van 'n god wat *flavos* met die primêre betekenis bepaal.⁵⁹¹

v. Verg. *Aen.* 10.324-25: *tu quoque, flaventem prima lanugine malas | dum sequeris Clytium infelix, nova gaudia, Cydon* ('ook jy, arme/ongelukkige Kidon wat Klitius, jou jong geliefde met sy wange **goudblond** van sagte baard, agternasit').

Aeneas val verwoed aan en vel vir Kidon neer wie se jong geliefde, Klitius, reeds die eerste tekens van 'n melkbaard (*prima lanugine*) toon.⁵⁹² Die noukeurige plasing van die frase *nova gaudia* wat *infelix* direk opvolg, bewerkstellig 'n kontras wat genuanseerd patos kan ontlok. Hoewel *flaventem* met primêre betekenis op blonde hare kan dui, is die fokus hier eerder op die voorkoms van die jongman se eerste goudblonde baarddonsies, maar nie velkeur nie; vgl *TLL s.v. flaveo* 3: *inde crinibus, inde vertice sim., hominibus* – mits die verwysing na hare (*crinibus*) ook baard insluit.

5 Van ryp graan (vgl. *TLL s.v. flavus* II. D. *defrumento maturo* 1: *frumentum ipsum*; *TLL s.v. flaveo* 1: *de frumento maturo*)

a. Catullus

Cat. 64.353-54: ... *velut densas praecerpens messor aristas | sole sub ardenti flaventia demetit arva* ('... net soos die maaier eers die geil koringare afsny en onder die gloeiende son die **geel** koringlande oes').

Die *Parcae* besing Achilles se toekomstige dade (338-70) en die slagting van dapper krygers op die Skamandervlakte wat metafories uitgebeeld word as 'n landbouer wat koring oes. Die goue, ryp koring word deur *flaventia* met die primêre betekenis bepaal en die frase *sub ardenti sole* beklemtoon die goue gloed waarin die landerye gebaai is. Ook is die afgesnyde koringare swaar en dig (*densae ... aristae*),

⁵⁹⁰ Die naam van Xanthias in Horatius, *Carm.* 2.4.2 is van ζαυθός afgelei, ook as aanduiding van blonde hare.

⁵⁹¹ As beskrywing van blonde hare kom *flavus* met primêre betekenis voor in *Aen.* 4. 698-99: *nondum illi flavum Proserpina vertice crinem | abstulerat* ... ('en Proserpina het nog nie die **blonde** lok van [Dido se] kop verwyder nie ...'); en in *Aen.* 12.605-6: *filia prima manu flavos Lavinia crinis | et roseas laniata genas* ... ('haar dogter, Lavinia, het eerste met haar hand haar **blonde** hare [uitgepluk] en rosige wange stukkend gekrap ...'). Ook *flavens* beeld blonde hare uit in *Aen.* 4.589-90: *terque quaterque manu pectus percussa decorum | flaventisque abscissa comas* ('drie keer, vier keer slaan [Dido] met haar hand op haar aanvallige boesem en pluk haar **blonde** hare uit').

⁵⁹² Die frase *lanugine malas* verwys na Lucretius, *D.R.N.* 5.889: ... *et molli vestit lanugine malas* ('... en klee sy wange met sagte baard'). Vir 'n Romein was die eerste karakteristieke teken van manlikheid die verskyning van 'n donsbaard wat laat groei is en op 'n spesifieke dag seremonieel afgeskeer en as offerande bewaar is (vgl. Loughton 1948:109). Sien voetnoot 576.

net soos die opgestapelde liggame van talle krygers (359: *caesis corporum acervis*).⁵⁹³ Hoewel *flaventia* die kleur van ryp koringlande uitbeeld, kan die term ook implisiet op die blonde hare van die dapper Trojaanse krygers dui (vgl. Clarke 2003:79).

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.73: *aut ibi flava seres mutato sidere farra* ('of in 'n ander seisoen saai jy daar **geel** graan').

Vergilius beklemtoon die belangrikheid van wisselbou, die strooi van mis of as en selfs die brand van droë stoppels om die grond se vrugbaarheid te verhoog. Die verwysing na geelryp koring impliseer die suksesvolle toepassing van hierdie verbouingspraktyke⁵⁹⁴ wat sou beteken dat daar in 'n ander seisoen (73: *mutato sidere*) – vir koring in die herfs – gesaai moet word.⁵⁹⁵ Hierdie prosaïese beskrywing van toekomstig ryp-wordende graan word deur *flava* se primêre betekenis verlewendig. Volgens Erren (2003:60 n.73) word die frase *flava ... farra* hier aangewend as *species pro genere* van graan,⁵⁹⁶ hoewel nie alle graansoorte in die herfs gesaai word nie. Immers, in reëls 43-45 noem Vergilius dat daar vroeg in die lente (*vere novo*) geploeg moet word wat waarskynlik op die voorbereiding van die grond vir 'n ander tipe gewas as koring sou dui.

ii. Verg. *Geor.* 1.316-17: *... cum flavis messorum induceret arvis | agricola ...* ('... wanneer die landbouer die maaier in sy **geel** landerye instuur ...').

In reël 311 open Vergilius sy bespreking van lentestorms (311-34) met die kragtige woord *tempestates* waarmee die spanningselement dadelik vooropgestel is: Die graan is reeds goudgeel op die landerye en gereed om geoes te word. Die digter verpersoonlik die beskrywing met sy verwysings na *messor* (316) en *agricola* (317) en beklemtoon só die mens se belewenis van die verwoestende storm wat op hande is. Die term *niger* (320) bepaal die donker voorkoms van die storm, terwyl *ater* (323) genuanseerd die

⁵⁹³ Volgens Fordyce (1961:320) kan die beskrywing na Homeros, *Il.* Λ(11).67-71 terugverwys:

Οἱ δ', ὅς τ' ἀητήρες ἐναντίοι ἀλλήλοισιν
 ὄγμον ἐλαύνωσιν ἀνδρὸς μάκαρος κατ' ἄρουραν
 νυρῶν ἢ κριθῶν· τὰ δὲ δράγματα ταρφέα πίπτει·
 ὡς Τρῶες καὶ Ἀχαιοὶ ἐπ' ἀλλήλοισι θοροντες
 δήσουν ...

Soos oesters op 'n ryk man se graan- of garsland in die akker na mekaar toe beur en die gerwe vinnig val: so het die Trojane en die Achajers mekaar bestorm en gedood ...

(vertaling deur Van Rensburg 1954)

⁵⁹⁴ Volgens White (1970:173-89) word koring in Italië aan die begin van Junie geoes. Aangesien Italië in 'n winterreënstreek geleë is, word die landerye vir die plant van koring in die vroeë herfs (73: *mutato sidere*) vanaf 1-15 Oktober (sien Columella, *De Re Rustica* 11.2.74) tot begin Desember (11.2.90) bewerk, voorberei en gesaai. In die wintermaande verseker reën dus optimum groei en gedurende die warmer dae van die lente word die koring stelselmatig ryper om teen die einde van die seisoen geoes te word, laat Mei (in die suide van Italië) en mid-Junie (in sentraal Italië). Gedurende die somermaande word die stoppels van die landerye afgehaal (wat deur die somernag se dou hanteerbaarder word), of hulle word gebrand om vog in die grond te verseker (84-85). Tot en met die koms van die herfs is dit wyslik om die landerye braak te laat (71-72) wat volgens White (1970:173 en 483) die siklus voltooi.

⁵⁹⁵ Die *Feriae Sementivae* is 'n saai-fees in Januarie ter ere van beide Ceres en Tellus (vgl. Bailey 1969:54).

⁵⁹⁶ Ovidius gebruik verskillende kleurwoorde vir ryp koring waarby terme vir 'wit' ingesluit kan word: *albescere* in *Fast.* 5.357; *canere* in *Met.* 1.110 en *canus* in *Met.* 6.456.

toenemende intensiteit van die storm uitbeeld, in skerp kontras met die voorkoms van goudgeel graan, met die primêre betekenis van *flavis* aangedui.⁵⁹⁷

iii. Verg. *Geor.* 4.125-26: *namque sub Oebaliae memini me turribus arcis / qua niger umectat flaventia culta Galaesus* ('want ek onthou dat ek [die ou man van Corycos ... gesien het] onder die wagtoringe van Oebalus se vesting, waar die donker Galaesus die **geel** landerye natmaak').⁵⁹⁸

Sien VII. *NIGER* 3.b. Vergilius roep die voorkoms van die vrugbare landerye onder die wagtoringe van Tarentum in herinnering. Langs die Galaesusrivier is die gesaaides reeds ryp wat *flaventia* met die primêre betekenis bepaal. Weens die diepte van die rivier kom die water donker (*niger*) voor, sodat die plasing van beide die kleurwoorde *flaventia* en *niger* in 'n enkele versreël 'n besondere visuele kleurkontras beklemtoon wat Vergilius as 'n persoonlike ervaring weergee (125-27: ... *memini me ... | ... | ... vidisse ...*).

iv. Verg. *Aen.* 7.720-21: ... *cum sole novo densae torrentur aristae / aut Hermi campo aut Lyciae flaventibus arvis* ('... wanneer geil koring óf op Hermusrivier se vlakte, óf op Licië se **geel** landerye deur die oggendson uitgedroog word').

In die katalogus van krygers word die Sabynse kohorte vergelyk met die welige koringvelde van Licië wat *flaventibus* met die primêre betekenis 'goudgeel' bepaal. Die Hermusrivier in Aeolis (L&S) voed geil landerye (sien *Aen.* 10.141-42: ... *ubi pinguis culta | exercent viri ...* ['... waar manne vrugbare landerye bewerk ...']), terwyl Ovidius, *Met.* 6.317 die Xanthusvallei in die hart van Licië as vrugbaar beskryf: ... *Lyciae quoque fertilis agris*. So ook Page (1967:197 n.721), hoewel groot gedeeltes van hierdie landstreek bergagtig en onherbergsaam is wat nie met geil koringlande kan spog nie wat inderdaad die geval is van die Hermusrivier se vlakte. Fordyce (1977:191-92 n.721) skryf Vergilius se onakkurate uitbeelding toe aan Latynse digters se vaagheid (en dalk onkunde) oor die geografie van afgeleë streke ... wat in hierdie geval onaanvaarbaar is. Die frase *Lyciae flaventibus arvis* is inderdaad noukeurig beplan om die leser se aandag vas te vat. Aangesien die kleurwoord die sogenaamde koringvelde van Licië bepaal (met die aanname dat Licië bergagtig en onherbergsaam is) en nie dié van die vrugbare Hermusvlakte nie, is dit duidelik dat hierdie 'onjuiste' beskrywing, twee belangrike aspekte beklemtoon: Eerstens hou die verwysing na Licië verband met Sarpedon, sy gewese koning, die seun van Zeus; en tweedens kan die frase *flaventibus arvis* (hoewel met wisselende naamval) terugverwys na die frase *flaventia ... arva* in Catullus 64.54 (*supra*) wat metafories op gestorwe Trojaanse krygers dui.

In *Aen.* 1.99-100 (... *ubi ... iacet Hector, ubi ingens | Sarpedon ...*) besing Aeneas die lof van

⁵⁹⁷ Sien VI. *ATER* 10.b. ii en VII. *NIGER* 6.c.i.vir 'n beskrywing van die geleidelike opbou en oplaas die verwoestende effek van verskeie storms.

⁵⁹⁸ Hermann en Cagiano de Azevedo (1969:390) verwys foutiewelik na die gebruik van *fulvus* en verwante vorme vir die uitbeelding van rypwordende graan.

die roemryke Hektor en die reusagtige Sarpedon wat in die Trojaanse stryd gesterf het.⁵⁹⁹ Behalwe die aangehaalde passasie, is daar in die *Aeneis* ’n verdere tien verwysings na *Lycia*, waarvan drie met Apollo⁶⁰⁰ en die res almal met die dood geassosieer word.⁶⁰¹ Met die talle verwysings na Licië word Sarpedon indirek voorgelê as prototipe van die Trojaanse held wat sy lewe opoffer vir hoë ideale. Dit gaan gepaard met geweldige persoonlike verlies, emotief beklemtoon met die verwysing na die dood van sy seun en sy twee broers. Ingewoef in die *Aeneis*-verhaal kom Vergilius se afsku vir oorlogsgeweld en bloedvergieting duidelik na vore (vgl. Edgeworth 1992:41, met verwysing na Otis 1963:243 f.), waarvoor die Sarpedon-tradisie as metafoer dien.

6 As beskrywing van goud (vgl. *TLL s.v. flavus* II. i.q. ξανθός E. *de metallis sim.* 1: *de auro a. proprie*)

Vergilius

Verg. *Aen.* 1.592-93: ... *aut ubi flavo | argentum Pariusve lapis circumdatur auro* (‘... of wanneer silwer of Paros se marmer in **geel** goud geset word’).

Aeneas se voorkoms is soos dié van ’n god (589: *os umerosque deo similis*) wie se glans vergelyk word met silwer of marmer wat in goud geset is. In die *Aeneis* is hierdie die enigste uitbeelding van goud met die primêre betekenis van **flavo**, aangesien Vergilius die kleurvoorkoms van goud eerder met *fulvus* beskryf. Aldus word daar met hierdie uitsonderlike beskrywing besondere klem op Aeneas se voorkoms gelê.

XIII FULVUS⁶⁰²

Die etimologiese herkoms van **fulvus**, **-a**, **-um** is twyfelagtig (sien die *TLL ad loc.*: *dubiae originis*). Volgens Price (1883:14) is **fulvus** (soos *flavus*) afkomstig van die stamwoord *ghar wat ‘groeï’ of ‘botsel’ beteken wat as sulks met die glans van ’n jong loot geassosieer word. André (1949:135, met verwysing na Burger) sien ’n verband met *fulgēre* en die afgeleide *fulgor* vanweë die verwantskap met die vorm *bhleg-, ‘om vlamme te wees,’ en die Griekse αἴθων. Ook L&S *ad loc.* bespeur ’n

⁵⁹⁹ Vergilius verwys hier terug na Homeros se uitbeelding van Sarpedon se dood aan die hand van Patroklos in *Il.*Π(16).482-500. Licië speel ’n belangrike rol nie net in die Homeriese epos nie, maar ook in die *Aeneis*.

⁶⁰⁰ Phoebus Apollo het in opdrag van Zeus die lyk van Sarpedon gewas, gesalf en aan Slaap (Υπνος) en Dood (Θάνατος) gegee om na Licië terug te neem; sien *Il.* Π(16).682. Ook het die orakel van Apollo (*Lyciae sortes* in *Aen.* 4.346 en 377) sy wintertuiste (*hiberna Lycia* in *Aen.* 4.143) in die Liciëse hawestad, Patara, gehad.

⁶⁰¹ In die *Aeneis* sterf Orontes, die kaptein van die Liciëse vloot, in ’n seestorm (6.334); Camilla met haar Liciëse pylkoker (7.816) word deur Arruns gedood (11.828-30); Sarpedon se seun, Antiphates, sterf (9.697) en daar is ’n dubbele verwysing na die dood van Sarpedon se twee broers (10.126 en 12.516); Chloëus met sy Liciëse boog (11.773) word deur Turnus gedood (12.363); en Glaucus en Lades sterf wat deur Imbrases in Licië grootgemaak is (12.343-44). Anchises se geskenk van Liciëse pyle aan Evander (8.166-67) is moontlik ’n uitsondering, maar dit dui waarskynlik op die toekomstige stryd en bloedvergieting wat in Italië sal afspeel.

⁶⁰² Die *TLL* se verskillende kategorieë van **fulvus** (VI.1 1533 [reël 75]-1535 [reël 64]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

I *de rebus A pulvis, harena, cinis sim.* **B** *sidera, ignis sim. et res ab his illustratae* **1** *res igne, sideribus illustratae* **a** *aër, nubes*

verbintenis met *fulgēre* wat verwant is aan Sanskrit *bhṛag* ‘om te gloei’ of ‘om te glinster,’ die Griekse φλέγω en die poëtiese vorm φλεγέθω ‘om te brand’ en ἡ φλόξ met die betekenis ‘vlam’. Hiervolgens is dit duidelik dat glans en ligintensiteit ’n groot rol in die betekenismoontlikhede van *fulvus* speel. Die *OLD ad loc.* bied geen etimologiese verklaring nie en verwys slegs na *flavus* wat moontlik op metatense kan dui.⁶⁰³ Die *TLL ad loc.* bied bykomende teorieë: Daar is diegene wat – soos reeds hierbo aangedui – ’n verband sien met *fulgēre*, terwyl andere weer die term met die Litause woord *dulšvas* verbind met die betekenis *ravus* (‘geelgrys’ of ‘grys’), *fuliginosus* (‘vol roet’ of ‘roetagtig’) of met *fel* (‘galblaas’ of ‘gal’).

W-H *ad loc.* wys op die moontlikheid dat *fulvus* ’n afleiding van die vorm **bhl̥-uo* kan wees, soos *flavus* van **bhlā-uos*. W-H verwys ook na Leumann se siening dat *fulvus* ’n argaïes-digterlike woord is met ’n onsekere Latynse betekenis. Dit kan kwalik aanvaar word, aangesien die gebruik en voortbestaan van *fulvus* in Romaanse tale duidelik is. Ook volgens De Vaan (2008:248) is die herkoms van *fulvus* onseker, maar hy verwys tog na die moontlikheid van ’n Armeense herkoms *dalowkn* ‘geelsug,’ *delin* ‘geel’ en *delb* ‘geel’ of ‘blond’ wat op die wortel **d^hlH-*, **d^helH-* ‘geel’ kan dui.

Volgens Aulus Gellius dui *fulvus* op die kleur wat verkry word deur rooi en groen te meng (*N.A.* 2.26.11: *fulvus autem videtur de rufo atque viridi mixtus ...*), dit wil sê, ’n skakering van ‘bruin’. André (1949:132-33) verwerp vreemd genoeg hierdie definisie, maar hy vind tog Gellius se vergelyking van *fulvus* met *flavus* waardevol: *N.A.* 2.26.10: *flavus contra videtur e viridi et rufo et albo concretus*. Die ‘byvoeging’ van wit impliseer dus duidelik dat *flavus* ’n ligter skakering as dié van *fulvus* is. Volgens Enk (1962:49) lê die kleurwaarde van *fulvus* dus tussen *flavus* (ξανθός) en *rufus* (πυρρός), met lassgenoemde term wat nie in die *Georgica* voorkom nie. W-H verwys na die betekenismoontlikhede ‘rooigeel’ en ‘bruingeel,’ L&S bied die primêre betekenismoontlikhede ‘donkergeel,’ ‘rooierige geel,’ ‘goudkleurig’ en ‘geelbruin’ (veral in poësie), terwyl die *OLD* ‘bruin’ (wat wissel tussen ’n dowwe geel en ’n rooierige bruin), ‘geelbruin’ en ‘sandkleurig’ voorhou. André (1949:134) vereenselwig *fulvus* met geel wat soms met rooi of rooi-bruin getint is. In die lig van voorwerpe wat met *fulvus* uitgebeeld word – onder andere sand, stof, leeus, wolwe en goud (sien *infra*) – kontrasteer die term met *flavus* wat op heldergeel, goudgeel, blond of ’n rooierige geelbruin kan dui. As voorbeeld van ’n glansende, geelbruin kleur verwys Vels Heijn (1951:51-52) na die beskrywing van die halfedelsteen, *xuthos*, in Plinius Maior, *Nat.* 37.169: ... *xuthos. ita appellant Graeci e fulvo candicantes lapides* (‘... *xuthos*: so noem die Grieke die witterige stene met die **geelbruin glans**’; vgl. *TLL* I.C.2: *gemmae sim.*). Daarenteen beskou Vels Heijn die kleurwaarde van *fulvus* as ‘geel’ in Seneca Minor, *Oed.* 319-20 se beskrywing van ’n

b alia **2** ignis, lux sim. **3** sidera **4** iris sim. **C** metalla sim. **1** aurum: **a** proprie **α** aurum ipsum **β** res aureae vel auratae, ut saepe fulvus i.q. aureus vel auratus **b** translātē **2** gemmae sim. **3** aes. **D** varia et singularia.

II de animalibus **A** aves **B** quadrupes **1** leo **2** alia **C** de hominum capillis **D** reptilia, pisces.

Sien ook *EV* II.561 vir aanvullende verwysings.

⁶⁰³ Sou *fulvus* as verwant aan die Sanskrit *bhṛag* teruggevoer kon word en *flavus* moontlik die afgeleide woord kon wees waarin metatense plaasgevind het, kon daar ’n Indo-Europese **fl-* wortel gewees het wat in Latyn beide **fla-* en **ful-* stamme ontwikkel het. In so ’n geval kan daar ook ’n moontlike verband wees met *flagrare*, met ’n epentetiese ‘l’ na die ‘g’ ingevoeg wat dan mettertyd gedifferensieer is na ‘r’.

reënboog: *caerulea fulvis mixta oberravit notis, | sanguinea rursus ...* ('[Iris] het donkerblou voorgekom, met **geel** vlekke gemeng, dan weer [is dit] bloedrooi ...'; vgl. *TLL* I. B.4: *iris sim.*).

Die soort konteks waarin die kleurwoord voorkom, word hieronder in breë trekke aangedui.

Die kleurwaardes waarmee *fulvus* vereenselwig word, is baie beskrywend van sand en stof, reeds so vroeg as Ennius, *Ann.* IX.xii.315 (Skutsch): *pulvis fulva volat* ('die **geelbruin** stof dwarrel'; vgl. *TLL* I.A: *pulvis, harena, cinis, sim.*). Weens die belangrike rol wat ligintensiteit vir die Romeine gehad het, is dit begryplik dat die term die glans van wolke en die lug bepaal (sien Ennius, *Ann.* XVIII.i.440 [454] [Skutsch]: *aere fulva*),⁶⁰⁴ ook lig, sterre en vuur, terwyl dit selde van die son voorkom (sien Manilius, *Astronomica* 2.941-42: ... *Phoebus ab undis enatat et fulvo paulatim accenditur igni* [' ... Phoebus verskyn bo die water en gloei geleidelik met 'n **goudbruin** vlam'; vgl. *TLL* I.B.2: *ignis, lux sim.*]).

Fulvus, eerder as *flavus*, bepaal dikwels die goudbruin voorkoms van diere wat nie net leeus (ook leeuwyfies) en wolwe insluit nie (sien *infra*), maar ook dié van 'n Spartaanse hond in Horatius, *Epod.* 6.5: ... *fulvus Lacon* (vgl. *TLL* II.B.2: *alia*). Wanneer die term van voëls voorkom, is dit veral die arend (*aquila* of *Iovis ales*) wat as goud- of rooibruin uitgebeeld word; vgl. *TLL* II.A: *aves*. Aangesien die term op 'n donkerder skakering as die goudegeel of blonde kleurwaarde van *flavus* dui, word *fulvus* slegs by uitsondering van menslike hare gebruik.⁶⁰⁵

Die term bepaal ten volle die besondere eienskappe van goud, maar vreemd genoeg selde dié van koper, waarvan die kleurwaardes baie paslik met hierdie term aangedui sou kon word. Sien Ovidius, *Met.* 1.115: .. *fulvo pretiosior aere* (' ... kosbaarder as **goudbruin/rooibruin** koper') en Lucanus 9.669: *et clipeum laevae fulvo dedit aere nitentem* ('en in sy linkerhand het die skild geglinster vanweë die **blinkbruin** koper'; vgl. *TLL* I.C.3: *aes*).

Soos reeds aangedui, onderskei Plinius Maior, *Nat.* 14.80 vier kleure wyn: *vinum nigrum, sanguineum, fulvum et album* (vgl. *TLL* I.D: *varia et singularia*). Volgens André (1949:134) is *vinum fulvum* 'un jaune mordoré,' dus wyn met 'n goudbruin kleur.

Die betekenismoontlikhede van *fulvus* is nie problematies nie. Die kleurwoord kom twee keer in Lucretius voor, terwyl Vergilius dit drie keer in die *Georgica* en negentien keer in die *Aeneïs* gebruik.

1 By die uitbeelding van sand of grond (vgl. *TLL* s.v. *fulvus*. I. *de rebus* A. *pulvis, harena, cinis sim.*)

⁶⁰⁴ In die frase *aere fulva* gebruik Ennius die ongewone vroulike vorm van *aer*, waarna Aulus Gellius, *N.A.* 13.21.14 verwys: ... *Ennius ... aere fulva dixit, non fulvo ... quod hic sonus, opinor, vocalior est visus et amoenior* ('... Ennius ... het *aere* met *fulva* uitgebeeld, nie met *fulvo* nie ... omdat hierdie klank, so dink ek, betekenisvoller en aanneemliker voorgekom het'; vgl. *TLL* I *de rebus* B. 1. a: *aër, nubes*). Die frase word van 'n bewolkte hemel gebruik, maar dit kan moontlik op die lug dui wat donker word van stof of warrelende sand (vgl. Skutsch 1986:598-99).

⁶⁰⁵ Blonde hare (wat *flavus* gewoonlik bepaal) word met die skoonheid van 'n vrou vereenselwig, onder andere dié van Vergilius se Dido, Tibullus se Delia en Catullus se Berenice. Propertius 2.2.5, daarenteen, gebruik *fulvus* van natuurlike blonde hare: *fulva comast longaeque manus ...* ('sy het **goudbruin** hare en slanke hande ...'), maar spreek hom uit teen 'gekleurde' (dit is 'onnatuurlike blonde') hare in 2.18c.27-28: *illi sub terris fiant mala multa puellae, | quae mentita suas vertit inepta comas* ('laat daar baie ellendes vir daardie meisie in die Onderwêreld wees wat dom genoeg is om haar hare onnatuurlik [blond] te kleur'; vgl. Goold 1990:124-25, n. a).

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 3.110-11: ... *at fulvae nimbus harenae | tollitur*... ('... maar 'n wolk van **goudbruin** sand word opgeskop ...').

'n Jong hings met 'n vurige temperament (100: *animos ... notabis*) en 'n trotse houding sal in 'n renwa-resies seëvierend wees (102: *gloria palmae*). Hierdie beskrywing van perde wat in 'n wedloop voortsnel, verwys terug na Homeros, *Il.* Ψ(23).365-67: ... ὑπὸ δὲ στέρνοισι κονίη | ἴστατ' ἀειρομένη ὥς τε νέφος ἠὲ θύελλα, | χαῖται δ' ἔρρῶοντο μετὰ πνοιῆς ἀνέμοιο ('... onder hul borskaste is die stof opgeskop en dit het soos 'n wolk of 'n warrelwind gestaan, en hulle maanhare het in die waai van die wind geswiep').⁶⁰⁶ Dit is opvallend dat Homeros hier geen kleuradjektief gebruik nie, 'n aspek wat Vergilius aanvul om die uitbeelding te verryk: *Fulvae* met die primêre betekenis 'goudbruin' bepaal die warrelende sand wat deur perde opgeskop word.⁶⁰⁷ Erren (1977:612 n.110) wys ook op Vergilius se aanpassing van die Lucretiaanse frase in *D.R.N.* 6.461 waar die kleurwoord *fulvae* inderdaad voorkom: ... *fulvae nubis caligine crassa* (sien *infra*).

ii. Verg. *Aen.* 5.374: ... *et fulva moribundum extendit harena* ('... en [Dares] het [Butes] sterwend op **goudbruin** sand neergevel').

Dares se krag is legendaries, veral nadat hy Butes in Troje doodgemaak het. In die *Aeneis* kom die gesplete frase *fulva ... harena* vier keer voor in min of meer dieselfde woordorde (eers byvoeglike naamwoord, dan selfstandige naamwoord) wat volgens Edgeworth (1992:131) uitsonderlik is, aangesien Vergilius gewoonlik 'n voorliefde vir variasie toon.⁶⁰⁸ Die term *fulva* kom telkens met die primêre betekenis 'geelbruin' of 'goudbruin' voor.

2 Tiperend van 'n wolk (vgl. *TLL* I.B.1: A. *aër, nubes*)

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 6.460-61: ... *fument | assidue fulvae nubis caligine crassa* ('... [hoë bergspitse] rook voortdurend weens die ondeursigte donkerte van 'n **goudbruin** wolk').

Wanneer wolke gevorm word, is hulle aanvanklik yl en onwaarneembaar, maar voortgedra deur winde na bergspitse, verdig hulle om donkerder voor te kom en oplaas hoog in die lug sigbaar te wees. Volgens

⁶⁰⁶ Sien ook Homeros, *Il.* Ψ(23).372: ... οἱ δ' ἐπέτοντο κονίοντες πεδίοιο ('... en hulle het stof opgeskop en oor die vlakte gevlieg').

⁶⁰⁷ Pacuvius fr. 266W beskryf modder met *fulvum* en troebel modderwater met *flavis*: *cedo tuum pedum mi lymphis flavis fulvum ut pulverem | [abluam]* ('wat my betref, roer ek jou herderstaf in troebelgeel water om die **goudbruin** modder [af te was]'). Edgeworth (1992:129) beskou hierdie gebruike van die terme as geforseerd, hoewel dit ook hier duidelik is dat *flavus* op 'n ligter kleurwaarde as dié van *fulvus* dui.

⁶⁰⁸ Ook in die volgende drie *Aeneis*-passasies dui *fulva* met primêre betekenis op die goudbruin kleur van sand. In 6.643: *contendunt ludo et fulva luctantur harena* ('hulle ding mee in die kompetisie en stoei op die **goudbruin** sand') is die gebruik van die kleurterm uitsonderlik, aangesien die uitbeelding deel vorm van 'n redelike 'kleurvolle' beskrywing van Elisium. Sien in die verband XV.b. *PURPUREUS* 7.b; voorts ook 12.276: *transadigit costas fulvaque effundit harena* ('dit deurboor sy ribbes en trek [die seun van Gylippus] op die **goudbruin** sand plat'); en 12.741: ... *fulva resplendent fragmina harena* ('... die stukke [van Turnus se swaard] glinster op die **goudbruin** sand'). Dieselfde gesplete frase kom voor in Ovidius, *Met.* 10.716: *et fulva moribundum stravit harena* ('[die wildevark] het die sterwende seun [Adonis] op die **goudbruin** sand neergetrek').

Bailey (1966c:1623 n.461, met verwysing na die frases *fulva de nube* in *Aen.* 12.792 [sien *infra*] en *fulva ... nube* in Ovidius, *Met.* 3.273) hou *fulvae* hier verband met die geel glans van 'n wolk, wanneer die son daarop skyn. Vanweë die frase *caligine crassa* volg dit dat *fulvae* in konteks eerder met die primêre betekenis op 'n donkerder skakering van goudbruin, en nie geel nie, moet dui.

b. Vergilius

Verg. *Aen.* 12.791-92: *Iunonem interea rex omnipotentis Olympi | adloquitur fulva pugnans de nube tuentem* ('intussen spreek die koning van almagtige Olympus tot Juno wat vanuit 'n **goudbruin** wolk die geveg aanskou').

Juno hou die geveg vanuit 'n wolk dop wat *fulva* met die primêre betekenis bepaal. Anders as in Lucretius (sien *supra*) is daar geen bykomende beskrywende elemente wat die kleurwaarde van *fulva* beïnvloed nie, sodat die kleur hier op 'n suiwer goudbruin dui (anders as in *Aen.* 7.142-43: *ardentem ... auro |... nubem*, waar glans duidelik ter sprake is). Vanweë hierdie besondere kleur, en veral die feit dat die wolk nie donker of swart is nie, moet die kleur van die wolk as 'n gunstige voorteken vir Aeneas geïnterpreteer word, net soos die 'geel' of 'goue' wolk waarin Homeros se Zeus en Hera gehul is gedurende hul liefdesekapades (sien *véφος χρύσεον* in *Il.*Ξ[14].343-44). Eersgenoemde uitbeelding word waarskynlik in herinnering geroep om die versoening tussen Jupiter en Juno te beklemtoon.⁶⁰⁹

3 As uitbeelding van lig (vgl. *TLL* I.B.2: *ignis, lux sim.*)

Vergilius

Verg. *Aen.* 7.76-77: ... *tum fumida lumine fulvo | involvi ac totis Vulcanum spargere tectis* ('... daarop [het dit gelyk asof Lavinia] in rook en in 'n **goudbruin** lig gehul is en vuur oor die hele huis strooi').

Toe die siener die heilige altaar met 'n fakkel aan die brand steek, kom dit voor asof Lavinia se koninklike tooisels en haarlokke aan die brand is. Aanvanklik word die lig as 'n skrikwekkende voorteken gesien, maar aangesien dit nie donker of swart is nie, maar goudbruin (wat *fulvo* met die primêre betekenis bepaal), word dit as 'n wonderteken gesien: Lavinia is waarskynlik as bruid vir Aeneas bestem.

4 Die tipering van goud (vgl. *TLL* s.v. *fulvus* I.C. *metalla sim.* 1: *aurum a. proprie a. aurum ipsum*)

Vergilius

Verg. *Aen.* 7.278-79: *aurea pectoribus demissa monilia pendent, | tecti auro fulvum mandunt sub dentibus aurum* ('van goud is die kettings wat voor hul borskaste afhang, van goud hul pantsers en met hul tande kou hulle aan die **goudbruin** stange').

⁶⁰⁹ Sien in die verband Edgeworth 1992:31.

Latinus se perde is met goue kettings, pantsers en stange getooi. Die drievoudige *figura etymologica* (uitgebeeld met onderskeidelik *aurea*, *auro* en *aurum*) plaas klem op *fulvum* se primêre betekenis ‘goudkleurig,’ ’n geskikte term vir die ryk versierings van Latinus se perde. Conington (1883:30 n.279) verwys na *fulvum* se betekenis moontlikheid ‘rooi’ wat op die rykheid en suiwerheid van die metaal kan dui, maar wat in hierdie konteks moontlik dan oorbeklemtoon kan word.

5 Beskrywend van ’n edelsteen (vgl. *TLL* I.C.2: *gemmae sim.*)

Vergilius

Verg. *Aen.* 4.261-62: ... *atque illi stellatus iaspide fulva | ensis erat Tyrioque ardebat murice laena* (‘... en sy swaard [se skede] was met sterre van **goudbruin** jaspis versier en sy mantel van Tiriese purper het geglinster’).

Aeneas is ’n opvallende figuur met die juweelversierde swaardskede en ’n mantel van gesogte Tiriese kleurstof. Aangesien die kleur van jaspis van nature groen is, kom die uitbeelding met *fulva* se primêre betekenis, ‘goudbruin,’ vreemd voor. Soos reeds aangedui in *Aen.* 12.87 (*albo orichalco*), *Aen.* 5.309 (*flava... oliva*) en *Aen.* 7.721 (*flaventibus arvis*), is hierdie uitbeelding ook doelbewus onakkuraat: *geelbruin* in plaas van *groen* jaspis. Weer eens word die leser se aandag vasgevang vir die voorspel tot die tragedie om sodoende afwagting te skep: Dido het Aeneas se kleed met gouddraad ingeweef (264), om só haar betrokkenheid by Aeneas te beklemtoon. Tog sal sy verraad tot Dido se selfdood lei.⁶¹⁰

6 As uitbeelding van wilde diere en ’n arend (vgl. *TLL* s.v. *fulvus* II. *de animalibus* B. *quadrupes* 1. *leo* 2. *alia*)

a. Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 5.901-2: *flamma quidem <vero> cum corpora fulva leonum | tam soleat torrere atque urere ...* (‘aangesien vuur [let. ’n vlam] gewoonlik ook leeu se **goudbruin** liggame so [kan] skroei en brand ...).

Volgens die digter het die Kentauros nooit bestaan nie en sal daar ook nooit monsters kan wees wat fisies uit twee verskillende spesies saamgestel is nie. Aangesien vuur ’n leeu se liggaam van vlees en bloed kan verbrand, is dit dus vir die Chimera onmoontlik om vuurtongue uit sy bek te blaas. Die kenmerkende goudbruin pels van ’n leeu word deur *fulva* met die primêre betekenis uitgebeeld.

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 3.382-83: *gens effrena virum Riphaeo tunditur Euro | et pecudum fulvis velatur corpora saetis* (‘’n woeste menseras word deur die Riphaeïese winterwinde geteister en hul lywe word met die **goudbruin** velle van diere bedek’).

⁶¹⁰ Die frase *fulvum aurum* kom ook voor in *Aen.* 10.133-34: *Dardanius caput, ecce, puer detectus honestum, | qualis gemma micat, fulvum quae dividit aurum* (‘kyk, die Dardaanse jongeling, sy eerbare kop ontbloot, skitter soos ’n edelsteen wat in **geelbruin** goud geset is’); so ook 11.775-76 van Chloereus; sien voetnoot 560.

In reëls 339-83 beskryf die digter twee landskappe wat verteenwoordigend is van kontrasterende klimaatstoestande: die dorre Libiese woestyn en die sneeubedekte velde van die Skithiërs, na wie Vergilius in groter detail verwys. Hoewel beide menserasse by die ongenaakbaarheid van hul omgewing aangepas het, dra die Skithiërs as beskutting teen die elemente en veral die ysige koue die velle van dié diere wat in die diep sneeu vasval en omkom (368: *intereunt pecudes ...*).⁶¹¹ Hierdie geelbruin kleur (wat *fulvis* met die primêre betekenis bepaal) en die tekstuur van hierdie diere se growwe vel en stekelrige hare kontrasteer implisiet met die tekstuur en die voorkoms van sneeu en ook die sagte wit wol wat Vergilius in die volgende afdeling (384-93) toelig.

ii. Verg. *Geor.* 4.407-8: *fiet enim subito sus horridus*⁶¹² *atraque tigris / squamosusque draco et fulva cervice leaena* ('want skielik sal hy [Proteus] 'n vark met stekelrige hare word, 'n dodelike tier, 'n skubberige slang en 'n leeuwyfie met haar **geelbruin** voorkoms').

Sien VI. *ATER* 3.iii. Cirene raai Aristaeus aan om Proteus te raadpleeg (392-93) wat die rede vir die verlies van sy bye aan hom sal uitlê. Tog waarsku sy hom dat die siener 'n glibberige kalant is en, in 'n poging om te ontsnap, kan hy die skrikwekkende voorkomste van verskeie wilde diere aanneem. Vergilius verwys hier na vier verskillende gedaanteverwisselings waarvan die laaste dié van 'n leeuwyfie (408: *leana*) is.⁶¹³ Die beskrywing *fulva cervice leaena* het baie reaksie ontlok, aangesien die frase *fulva cervice* gewoonlik voorkom van die donker-geelbruin maanhare van 'n leeu-mannetjie. Page (1968:375 n.408) stel voor dat die woord *leaena* sonder verwysing na die geslag gebruik word, dus met die betekenis *leo*. Volgens Thomas (1988b:220 n.408) kan hierdie beskrywing moontlik 'n *lapsus* wees, omdat Vergilius die geslag van die Homeriese leeu (sien *Od.* Δ[4].456:λέων ... ἠϋγένειος ['n leeu met maanhare']) verander, maar nie die voorkoms nie. Mynors (1990:310 n.408) verwys slegs na Wagner volgens wie Vergilius hier fouteer, aangesien 'n leeuwyfie nie maanhare (*fulva cervice*) het nie. Dit is opvallend dat die digter geensins die woord *iuba* ('maanhare') gebruik nie, en dit skynbaar algemeen aanvaar word dat *cervix* in dieselfde verband voorkom. Volgens Richter (1957:386-87 n.407 ff.) is die ablatief *fulva cervice* 'n aanpassing van die Homeriese adjektief ἠϋγένειος, terwyl die frase *fulva cervice leaena* na Lucretius, *D.R.N.* 5.901 (*corpora fulva leonum*) terugverwys (sien *supra*). 'n Opmerksame Catullus 63.83 gebruik die frase *rutilam... torosa cervice quate iubam* ('skud [leeu] ... jou rooibruin maan op jou gespierde nek') met beide die naamwoorde *cervice* en *iubam* van die leeu se maanhare, ook met *rutilam* wat die uitsonderlike kleur van die maanhare bepaal (sien XIX. *RUTILUS* 1). Tog kan dit aanvaar word dat Vergilius die woord *cervice* gebruik as *pars pro toto*, soos Erren (2003:947 n.408)

⁶¹¹ Vergilius gebruik *fulvus* ook van die kleur van leeu- en wolfspels. Hierdie diere wat waarskynlik ook sabel en beer insluit, word deur Erren (1977:716 n.383) as *ferae* gereken, in teenstelling met *pecudes* wat volgens hom slegs op hoefdiere dui. Mynors (1990:236 n.368), daarenteen, sluit by *pecudes* ('kuddes') ook die wilde-os, elk of takbok in.

⁶¹² Die adjektief *horridus* dui op Lucretius se gebruik van *horrens ... sus* in *D.R.N.* 5.25 wat volgens Richter (1957:386-87 n.407 ff.) op beide die betekenis moontlikhede 'stekelrig' en 'skrikwekkend' kan dui.

⁶¹³ Hierdie beskrywing verwys terug na Homeros, *Od.* δ(4).417-18 as Eodothea vir Menelaus waarsku dat Proteus in verskeie gedaantes verander wat die voorkomste van die aarde, water en vuur insluit. In reëls 456-58 verander hy egter onderskeidelik in 'n leeu, 'n slang, 'n luiperd, 'n beer, water en 'n boom wat Vergilius aanpas tot slegs vier voorkomste (vgl. Thomas 1988b:219-20 n.407-10).

en Richter tereg noem en dat die digter hier na die algehele geelbruin voorkoms van die leeuwyfie verwys.⁶¹⁴

iii. Verg. *Aen.* 1.275-76: *inde lupae fulvo nutricis tegmine laetus | Romulus excipiet gentem ...* ('daarop sal Romulus, fier uitgedos in 'n **goudbruin** wolfsvel, die volk regeer ...').

Jupiter paai Venus met 'n blik op 'n toekomstige Rome. Soos die gewoonte van herders (Servius *ad loc.*: *qua utebatur more pastorum*) kon Romulus ook geklee wees in goudbruin wolfsvel as 'n subtiële verwysing na die wolvin wat Romulus en Remus grootgemaak het. Die besondere plasing van die adjektief *laetus* beklemtoon volgens Austin (1971:106 n.275) die trots waarmee Aeneas die wolfsvel gedra het. Ook hier word *fulvo* met die primêre betekenis 'goudbruin' gebruik.⁶¹⁵

iv. Verg. *Aen.* 11.751-52: *utque volans alte raptum cum fulva draconem | fert Aquila ...* ('soos 'n **geelbruin** arend wat hoog in die lug sweef [en] 'n slang wat buitgemaak is, saamdra ...').

Die uitbeelding van Tarchon wat soos 'n arend op sy prooi toesak, verwys terug na Homeros, *Il.* M(12).200-3.⁶¹⁶ Anders as Homeros beskryf Vergilius slegs die blink, geelbruin kleur van die arend met *fulva* se primêre betekenis.

7 As epiteton van hare (vgl. *TLL* II.C: *de hominum capillis*)

Vergilius

i. Verg. *Aen.* 10.562: *persequitur, fortemque Numam fulvumque Camertem* ('[Aeneas] is op die

⁶¹⁴ Soos die konteks vereis, verskyn die vroulike vorm *leaena* in *Geor.* 3.245: ... *catulorum oblita leaena* ('... 'n leeuwyfie wat haar welpies vergeet'). Valerius Flaccus, *Arg.* 3.740 (*interea et misero manat iuba sordida luctu*) begaan inderdaad 'n *lapsus*, as hy na die smerige maanhare van 'n leeuwyfie (737: *lea*) verwys. Anders as Catullus 60.1 en 3 (*num te leaena ... / ... / ... procreavit? ...* ['of het 'n leeuwyfie aan jou geboorte geskenk ...?']) en ook 64.154 (*quaenam te genuit ... leaena? ['watter leeuwyfie het aan jou geboorte gegee?']*) vereis die konteks in *Ecl.* 2.63 (*torva leaena*) nie die vroulike vorm nie. Sien ook Horatius, *Carm.* 4.4.14-15: ... *fulvae matris ab ubere | iam lacte depulsum leonem* ('... [soos] 'n leeuwelpie reeds gespeen van die ryk melk van 'n **geelbruin** leeuwyfie'); en Ovidius, *Met.* 10.698-99: ... *fulvae | colla iubae velant ...* ('... **goudbruin** maanhare bedek hul [Hippomenes en Atalanta se] nekke ...').

⁶¹⁵ In *Aen.* 7.688-89 kom dieselfde betekenismootlikheid voor: ... *fulvosque lupi de pelle galeros | tegmen habent capiti ...* ('... hul koppe is bedek met **geelbruin** musse van wolfspels'). In die volgende drie *Aeneis*-passasies word die term met die primêre betekenis 'goudbruin' van 'n leeuvel gebruik: 2.721-22: ... *latos umeros subiectaque colla | veste super fulvique insternor pelle leonis* ('... ek [Aeneas] spreik 'n **goudbruin** leeuvel as kleed oor [my] breë skouers en geboë nek'); 4.159: *optat aprum aut fulvum descendere monte leonem* ('hy [Ascanius] bid dat 'n beer of 'n **goudbruin** leeu van die berg af kom'); en 8.552-53: *ducunt exsortem Aeneae, quem fulva leonis | pellis obit totum ...* ('met groot sorg soek hulle vir Aeneas [n ryperd] uit wat 'n **geelbruin** leeuvel heeltemal bedek ...').

⁶¹⁶ Sien *Il.* M(12).200-3:

ὄρνις γὰρ σφιν ἐπιήλθε περησέμεναι μεμαῶσιν,
αιετὸς ὑψιπέτης ἐπ' ἀριστερὰ λαὸν ἔεργων,
φοινήεντα δράκοντα φέρων ὀνόχεσσι πέλωρον
ζῶν ἔτ' ἄσπαίροντα ...

Want terwyl hulle daar gehunker het om oor te gaan, het daar 'n voël aan hulle verskyn, 'n hoogvliegende arend wat links by die leër verbyggesteek het met 'n reusagtige bloedrooi slang in sy kloue wat nog lewendig en spartelend [was] ...

(vertaling deur Van Rensburg, 1954)

Hier kom geen verwysing na die kleur van die arend voor nie wat Vergilius wel aanpas en verfyn met die gebruik van *fulvus*, soos ook in *Aen.* 12.247-48: *namque volans rubra fulvus Iovis ales in aethra | litoreas agitabat ...* ('want Jupiter se **goudbruin** voël [arend] het in die rooi lug gevlieg en die seevoëls uitmekaar gejaag ...'). Opvallend hier is Vergilius se beskrywing van die rooi lug met die frase *rubra ... in aethra*.

hakke van dapper Numa en Camers met sy **goudbruin** hare’).

Die beskrywing van dapper Numa met *fortem* en Camers met *fulvum* hou verband met die Homeriese beskrywings van helde, met ἄλκιμον in *Il.* Z(6).437 en ξανθός⁶¹⁷ in *Il.* B(2).642. Harrison (1991:214 n.562) verwys ook na die bewoording in *Il.* I(9).169: ... Αἴας τε μέγας και δῖος Ὀδυσσεύς (‘... ook die groot Aias en die goddelike Odusseus’) wat moontlik as verwysing vir Vergilius kon dien. Volgens Servius dui die kleurwaarde waarskynlik op ’n skakering tussen ξανθός en *rufus* vanwaar Jackson Knight *ad loc.* se vertaling ‘rooierige goudblond’ (vgl. Edgeworth 1992:131). Dit is ook moontlik dat Camers sonder ’n helm op die kop tot die geveg toegetree het, aangesien Vergilius spesifiek sy haarkleur beskryf, persoonlike detail wat emotief aangewend kan wees om deernis by die leser te wek. Die primêre betekenis van *fulvum* bepaal hier ’n besondere skakering van haarkleur wat verskil van *flavus* wat gewoonlik op blonde hare dui.

ii. Verg. *Aen.* 11.642-43: *deicit Herminium, nudo cui vertice fulva | caesaries nudique umeri ...* (‘[Catillus] vel Herminius, met sy **goudbruin** hare op sy onbedekte kop en kaal skouers, neer ...’).

Herminius, met sy groot liggaam en grootse dapperheid (641: *ingentemque animis, ingentem corpore et armis*) word deur Catillus se spies deurboor. Soos Camers het Herminius ook sonder ’n helm tot die stryd toegetree sodat sy goudbruin hare baie opvallend is. Hoewel *fulva* ook hier met die primêre betekenis voorkom, kan dit as persoonlike detail genuanseerd gebruik word om meeewing te ontlok.

XIV *GILVUS*⁶¹⁸

Die woord *gilvus*, *-a*, *-um* kom slegs as *terminus technicus* van perde voor (vgl. Vels Heijn 1951:57) en is ook volgens *TLL ad loc.* van onsekere oorsprong (*originis incertae*). Hierdie kleuradjektief, soos ook die wisselvorme *gilus* en *gilbus* (wat volgens L&S *ad loc.* veral in Laat-Latyn voorkom) word met die kleurwaardes van *helvus*, *fulvus* en *flavus* vereenselwig.⁶¹⁹ Die *OLD ad loc.* wys op die Keltiese verwantskap (met verwysing na *helvus* met stamvorm **gheluos* en die Litause vorm *želvas*) wat op ’n oorspronklike Indo-Europese wortel kan dui. W-H *ad loc.* verwys na Walde se aanvaarbare siening dat *galbus* ’n Keltiese leenwoord is met die dialektiese *i* van die Galliese **gelvos* wat ooreenstem met die

⁶¹⁷ Volgens Edgeworth (1992:242) kan die kleurwaarde ‘bruin’ in Grieks deur beide μέλας en ξανθός weergegee word, hoewel die betekenismoontlikhede dubbelsinnig is. Laasgenoemde word veral van menslike hare gebruik wat dan op goudbruin of blond kan dui.

⁶¹⁸ Die *TLL* se kategorie van *gilvus* (VI.2, 3, 1993 [reëls 38-57]) bied die volgende:
de equis; de tellure.

Wat die eerste inskrywing – *de equis* – betref, verwys L&S *ad loc.* na Palladius, *Mart.* 13.4 wat Schneider (1797:207) ook bied, hoewel met die wisselvorm *gilbus*. Vir die *TLL* se inskrywing *de tellure* wat onverwysend voorkom, kon geen teksverwysings opgespoor word nie.

Sien ook *EV* II.562b vir verwysings.

⁶¹⁹ Die kleurwoord *helvus* verskyn nie in die *Georgica* nie. Volgens die *OLD s.v. helvus* is die betekenis van hierdie skaars kleurwoord ‘dowwe geel’. De Vaan (2008:282) bied die verwante vorm *helvolus* wat van wyn en druiwe gebruik word. André (1949:151), daarenteen, wys op die dubbele gebruik van hierdie term as beskrywing van die kleur van beeste (sien Varro, *R.* 2.5.8.) en van ’n sekere variëteit van druiwe en ook die wingerdstok. Sien Columella, *De Re Rustica* 3.2.23: *sunt et helvolae [sc. vites] quas nonnulli varias appellant ...*

Latynse *helvus* (die Indogermaanse **ghel-uos*, soos reeds aangedui). Daar is moontlik 'n etimologiese verband met die Duitse woord 'gelb,' die Afrikaanse 'geel,' die Engelse woord 'yellow' en Sanskrit *gâura*.

Servius *ad Geor.* 3.83 vergelyk *gilvus* met *fulvus* wat hy ook met die woord *melinus* (wat heuning se kleur aandui) vereenselwig (volgens Mynors 1990:194 n.82-3: 'heldergeel'): *gilvus est melinus color, quem vulgo fulvum vocant*. So ook die grammatikus, Isidorus, *Orig.* 12.44 se analise van die kleurwoord wat hy met 'n heelwat ligter kleurwaarde vereenselwig: *gilvus melinus color est subalbidus* ('*gilvus* is die ligte/witterige kleur van heuning').⁶²⁰ Ook volgens André (1949:150, 301) dui die betekenismootlikheid van *gilvus* op 'n 'afwit' wat effe na geel neig: 'blanc sale, d'un ton légèrément jaunâtre ...' Vels Heijn (1951:57) vereenselwig die kleurwaarde met die interessante (maar vir ons die redelik onbekende) betekenismootlikheid, 'isabelline' of 'isabelle,' dus 'liggeel'.⁶²¹ W-H *ad loc.*, ook met verwysing na *helvus*, *fulvus* en *flavus*, verbind *gilvus* met 'liggeel' of 'n 'gelerige kleur,' sodat Servius se verwysing na *fulvus*, wat selfs 'n donkerder kleurwaarde as *flavus* het, bevraagteken moet word.

In die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde en volgens W-H verskyn die term vir die eerste keer in Varro, *Men.* 358: *equi colore dispares ... hic badius, iste gilvus ille murinus* ('perde verskil van kleur ... hierdie ene is kastaiingbruin, daardie een is **gelerig**, [en] 'n ander een is vaal/muiskleurig'; vgl. Mynors 1990:194 n.82-3). By Vergilius is die woord dus *hapax legomenon*.

By die uitbeelding van die fisiese voorkoms van perde (vgl. *TLL s.v. gilvus: de equis*)

Vergilius

Verg. *Geor.* 3.81-83: ... *honesti | spadices, glaucique, color deterrimus albis | et gilvo*⁶²² ... ('... hoogaangeskrewe perde is neutbruines en blouskimmels, die onaanvaarbaarste kleur by vuilwittes [neig] ook [na] **liggeel** ...').

Sien I. *ALBUS* en *ALBESCO* 1.v; XXI. *SPADIX* en XXIV. *GLAUCUS* 3. Die vertaling van die terme *spadices* en *glauci* is geensins problematies nie en ook word perde met hierdie kleure as 'voordelig' of 'hoogaangeskrewe' beskou. In kontras verwys Vergilius na die onaanvaarbaarste kleur van perde met die twee terme *albis* en *gilvo*. Volgens Erren (2003:603-4) kan die terme *albis* en *gilvo* op twee verskillende perde dui, waarvan die een afwit en die ander gelerig kan wees.⁶²³ Vels Heijn (1951:74,

⁶²⁰ Volgens die *TLL s.v. melinus* (VIII.617 [reëls 17-60]) word die adjektief eerstens met veral kwepers (*mala, plerumque cydonea*) vereenselwig; dan volg die verwysing na die kleur daarvan (*i.q. colorum malorum, cydoneorum similis*) en word daar ook op 'n moontlike verband met die kleurwoorde *croceus, flavus* en *gilvus* gewys. Anders as L&S *ad loc.*, verwys die *TLL* en die *OLD* geensins na die betekenismootlikheid 'heuningkleurig' nie, soos Della Corte (1986b:25 n.82) aandui, maar nie Mynors (1990:194 n.82-3) nie.

⁶²¹ Die kleur 'isabelline,' ook bekend as 'isabella,' word met 'n dowwe gryserige geel, vaalbruin, 'n romerige bruin of perkamentbruin vereenselwig.

⁶²² Blanckenberg (1975 *ad loc.*) vertaal *gilvus* as 'donkervaal' wat onaanvaarbaar is. Vergilius verkies immers *donkergekleurde* perde bo perde van 'n *ligte* kleur.

⁶²³ In Band I vertaal Erren (1985:99) reëls 81-83 soos volg: "Gut sehen Füchse und Braune aus, die schwächste Farbe haben Schimmel und Falben." Hy onderskei dus tussen vier afsonderlike kleure: 'vosbruin,' 'bruin [*sic*],' 'skimmel [*sic*]' en 'liggeel' wat verskil van sy bevindinge in Band II, 2003 *ad loc.* – soos aangehaal.

ook n.40), daarenteen, verwys na ‘paardterminologie,’ waarvolgens *equus albus* op die kleur van ’n perd dui wat nie volkome wit is nie, maar gryserig en voeg dan by: “Tegen deze laatste verklaring pleit de sg. *gilvo* na die plur. *albis*.” In aansluiting hierby is dit opvallend dat die woord *color* in die enkelvoud voorkom wat sou beteken dat ’n enkele kleur hier ter sprake is: Die perd se voorkoms kan dus wissel tussen die verskillende skakerings van afwit en geel (sien die Engelse ‘shading-off into ...’), of dit kom voor van ’n witterige kleur wat onsuiver is (Engels ‘off-white,’ dus ‘naaswit’ of ‘vuilwit’). Della Corte (1986b:25 n.82) noem dus tereg dat die onaanvaarbaarste kleur by perde ‘afwit’ is wat na geel neig wat ook Richter (1957:274-75 n.82 f.) se siening staaf dat ’n ‘onaanvaarbare’ perd geensins met ’n suiwer kleur vereenselwig word nie, maar eerder met ’n ‘gemengde’ kleur. Mynors (1990:194 n.82-83) onderstreep hierdie beskouing met verwysing na Heyne se emendasie *e gilvo* en Georgii se *ex gilvo* (met *ex* wat volgens *TLL* V.2, 1102, reëls 64-70 van ’n mengsel gebruik word). Mynors voeg ook by dat Vergilius, met sy voorliefde vir variasie, waarskynlik nie dieselfde getal ‘goeie’ en ‘slegte’ kleure sou aanbied nie. Dit sou beteken dat slegs drie kleurwaardes hier ter sprake is wat die verwysing na die woord *color* verklaar: *Spadices* dui op ‘neutbruin perde,’ *glaucci* kom van ‘blouskimmels’ voor (minder aanvaarbaar is die moontlikheid ‘grys oë’), terwyl die frase *albis et gilvo* (of eerder die emendasie *albis e/ex gilvo*) op witterige/naaswit perde dui wat na ’n liggeel kleur neig, of wit perde van ’n onsuiver kleur weens die byvoeging van *gilvus*.⁶²⁴

Die saamgestelde kleurwoord *albogilvus* word nie in die *OLD* gelys nie, terwyl die *TLL* s.v. *albogilvus* I.1498 reëls 54-58 slegs na Servius *ad Geor.* 3.82-83 verwys met die interessante toevoeging ... *albis et gilvo* (*sc. non gilvus*). Die saamgestelde term *albogilvus* of *albiogilvus* word deur Servius verwerp (*quod falsum est*) wat Vergilius moontlik ook doelbewus vermy. Dit bly egter onseker.

XV IGNEUS⁶²⁵

Die adjektief *igneus*, *-a*, *-um* is van die naamwoord *ignis*, *-is* m. (‘vuur’) afgelei, met byvoeging van die adjektiefvormende agtervoegsel *-eus* as aanduiding van die samestellende substansie, stof of materiaal (*OLD ad loc.*). Volgens W-H *ad loc.* is *ignis* van **egnis* afkomstig, soortgelyk aan die Oud-Indiese *agnih* ‘vuur’ of ‘passie’. Vergelyk ook die Litause *ugnìs* en Lettiese *uguns*. Volgens De Vaan (2008:297) toon die woord *ignis* ontwikkeling uit die Proto-Indo-Europese **H₂gn^wni-* met reëlmatige fonologiese ontwikkeling tot **H₂ngni-* > **engn-* met dissimilasie **egni-* (of > **ingn-* > *igni-*). Die *TLL ad loc.* se verwysing na die Griekse vorme ἔμπυρος (‘van vuur’ of ‘vurig warm’) en πυρόδης (‘vurig’)

⁶²⁴ In Palladius, *Mart.* 4.13.4 (sien *supra*) word *albus* naas *candidissimus* geplaas om die twee kleure van mekaar te onderskei. Dit is dus moontlik dat Vergilius hierdie vakterminologie kon toepas

⁶²⁵ Die *TLL* se verskillende kategorieë vir *igneus* (VII.I.283 [reël 18]-285 [reël 18]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

I *proprie* **A** *i.q.* *ex igni constans, ardens* **1** *strictiore sensu a de rebus natura flagrantibus; de fulmine sim.; de sideribus; expresse de ardore insigni; de eximio fulgere; de aethere, caelo rebusque aëriis; de anhelitu bestiarum flammis exhalantium;*

is belangrik, aangesien dit op die Oer-Indo-Europese taal se twee woorde vir vuur dui, vanwaar die **ign-* en **pur-*woorde.⁶²⁶ Die *TLL* lys ook die Latynse *retorridus* ('uitgedroog van hitte'), ook met 'n verwysing na 'glans' of 'gloed' (*sine dubio et ardens*), maar die kleurwaarde word geensins vermeld nie.

Die soort konteks waarin hierdie term voorkom, word hieronder in breë trekke aangedui.

Vels Heijn (1951:48-49) heg geen kleurwaarde aan *igneus* nie, aangesien hierdie term (eerder as *flammeus*) 'de nuance van de rusteloze gloed van het vuur' uitbeeld. Volgens Bradley (2011:232, met verwysing na Aulus Gellius, *N.A.* 2.26) kan *igneus* nie as ware kleurwoord beskou word nie, aangesien die term met soveel achromatiese betekenismoonlikhede vereenselwig word. L&S lys die primêre betekenismoonlikheid 'vlammend,' 'brandend' of 'hittig' met verwysing na *fervidus* en *calidus*, maar met byvoeging van die uitgebreide betekenis 'vlamkleurig' wat soms inderdaad op kleurwaarde kan dui, onder andere in Plinius Maior, *Nat.* 8.38: *gemmae igneo colore fulgentes* ('edelgesteentes met 'n helderrooi glans'; vgl. *TLL* I.B.i.q. *ad ignem pertinens, igni proprius* 2: *speciatim a. gemmarum*). Die *OLD* vereenselwig die woord met die karakteristieke eienskappe van die voorkoms van vuur wat die glans en hitte van vlamme en ook die kleur insluit. Die uitgebreide betekenis dui op 'spoed van beweging,' veral van 'n weerligstraal wat in Afrikaans baie gepas as 'blitssnel' vertaal kan word.⁶²⁷ Poëties kan die term ook op 'n vurige of opvlieënde geaardheid dui, selfs 'n liefdesgloed wat Ovidius beskryf in *Met.* 9.541: ... *intus erat furor igneus* ... ('... in my hart was daar **vurige** passie ...'; vgl. *TLL* II. *translatē de ardore, vi, acie*). André (1949:114-15, met verwysing na Aristoteles, *Col.* 2.2) onderskei tussen *igneus* se 'helderrooi' ('rouge vif') en *flammeus* se 'oranjerooi' ('rouge-orange') of 'vlamrooi'.⁶²⁸

Hoewel die term merendeels met achromatiese betekenismoonlikhede vereenselwig word waarby glans ook 'n rol kan speel, word dit wel ter wille van volledigheid in hierdie groepering van geel-en-rooi kleurwoorde ingesluit, juis vanweë Vergilius se enkele aanwending van hierdie kleurwoord wat chromaties voorkom.

de ipsa Chimaera; de atomis, elementis sim.; de locis montibus, unde ignes erumpunt; de omnibus Erebi. b in libris sacris et apud Eccl. de ostentis caelestibus sive infernos; de ipso deo, angelis; de aedibus, in quibus ignes ardent 2 latiore sensu i.q. aestu ignis fervidus a de rebus candefactis b de rebus natura calentibus c de corporibus animantium calore intestino ferventibus d transfertus ad sitim, morbos corpora animantium torrentis.

B i.q. *ad ignem pertinens, igni proprius:1 generatim 2 speciatim; a de colore rufo, rutilo: solis sim.; de rubore solis orientis vel occidentis; gemmarum; variorum rerum; corporum animantium de rubore oris humani b de fulgore i.q. splendidus, lucidus, clarus (praecipue de vultu et oculis) c de celeritate i.q. citus d de acrimonia ciborum potionumque i.q. sapore, gustu fervidus, acer C i.q. in igni habitans.*

II *translatē de ardore, vi, acie i.q. vehemens, ardens, acer: de studiis, cupiditatibus; de ingeniis ipsisque hominibus.*

⁶²⁶ 'n Verwante woord aan die Latynse *ignis* is die naam van die Hindoe godheid, *Agni*, as 'lewegewende' krag.

⁶²⁷ In die Griekse letterkunde word weerlig dikwels met vuur vereenselwig, maar dit is onduidelik of daar na weerlig se flitsende lig, hitte, kleur of 'n kombinasie van al hierdie eienskappe verwys word. Sou kleur wel ter sprake wees, is dit gewoonlik rooi, soos in Pindaros, *O.* 9.6: *Δία τε φοινικοστεροπᾶν* ('vanweë die een wat rooi weerligstrale slinger'). Ook in die Romeinse poësie word weerlig met 'n rooi kleur geassosieer, onder andere in Horatius, *Carm.* 1.2.2-3: ... *Pater et rubente / dextera sacras iaculatus arces* ('... en met sy rooi/vurige regterhand het Jupiter Tonitrus die heilige vestings getref'); en Ovidius, *Her.* 3.64: ... *aut rutilo missi fulminis igne cremet* ('... of mag ek tot as verbrand word deur die rooi vlam van 'n gewerpte bliksemskig'; vgl. Edgeworth 1992:134).

⁶²⁸ *Flammeus* ('vlamrooi' of 'vlammend') kom geensins in die *Eclogae* en die *Georgica* voor nie. Vergilius gebruik dit slegs een keer van Alekto in *Aen.* 7.448-49: ...*tum flammea torquens / lumina* ... ('... toe flits sy haar vlamme oë ...').

Lucretius gebruik *igneus* twee keer, terwyl dit drie keer in Vergilius se *Georgica* en ses keer in die *Aeneis* voorkom.

1 Chromaties beskrywend van die son (vgl. *TLL* I. *proprie* B. *i.q. ad ignem pertinens, igni proprius* 2 *speciatim a. de colore rufo, rutilo: solis sim.*)

Vergilius

Verg. *Geor.* 1.451-53: ... *nam saepe videmus | ipsius in vultu varios errare colores: | caeruleus pluviam denuntiat, igneus Euros* ('... want dikwels sien ons verskillende kleure wat op die [son se] gelaat speel; donkerblou dui op reën en **vuurrooi** op die Oostewind').

Sien XXII. *CAERULEUS* 1.b. In die natuur bied die son en maan vasgestelde tekens wat op reën, wind, hael en selfs goeie weer dui.⁶²⁹ Nie alleen word die landbouer telkens gemaan om *signa* in die natuur dop te hou nie, maar indirek spreek die digter ook tot die leser (*videmus*) om as mede-toeskouer die belewenis van ἐναργεια te verhoog.

Vir die landbouer is die tekens wat die son bied (438-64) besonder waardevol (451: *profuerit meminisse magis* ...; vgl. Erren 2003:238-39 n.450-52), sodat hy voorbereid kan wees op verskillende weersgesteldhede. Gevolglik word die woord *sol* met herhaling (438-39: *sol ... | signa dabit; sol ...*) en ook met omraming (463: *sol tibi signa dabit. solem ...*) beklemtoon. Met die frase *hoc etiam* (450)⁶³⁰ verplaas Vergilius die fokus van die tekens wat 'n sonsopkoms bied (441-449) na dié van 'n sonsondergang, aangesien Aratus die tekens van die ondergaande son betroubaarder ag (*Phaen.* 890: ἐσπερίοις καὶ μᾶλλον ἐπίτρεπε σήμασι τούτοις ['vertrou selfs meer op daardie tekens in die weste']). Vervolgens wys Vergilius op verskillende kleure wat as *signa* oor die son se skyf speel wat, anders as die gebruikelike *aureus* van 'n goud-glansende son (sien IX. *AUREUS* 6.c.i), nou donkerblou voorkom (met *caeruleus* weergegee) en reën aandui. Wanneer die son vuurrooi vertoon (wat *igneus* met die uitgebreide, chromatiese betekenis bepaal), is dit 'n sekere teken van wind. Thomas (1988a:143 n.453) verwys na reël 453 as 'elegant,' met dié dat Vergilius op die beskrywing van Aratus, *Phaen.* 836-37 verbeter: ... καὶ τοὶ τὰ μὲν [*sc.* εἰμελανεῖ] ὕδατος ἔστω | σήματα μέλλοντος, τὰ δ' ἐρεύθεα πάντ' ἀνέμοιο ('so, as dit dan swart/donker kleur, laat dit die tekens van komende water wees en elke rooi skynsel [tekens] van wind').

⁶²⁹ In die tematiese reëls 351-463 wat oor onweerstekens handel, is die invloed van Aratus, *Phaen.* 733-1154 baie opvallend, hoewel Vergilius die volgorde van sy model aanpas: Reëls 351-423 (tekens van slegte en goeie weer) hou verband met *Phaen.* 909-1043, terwyl reëls 424-63 (van die maan en laastens die son) na *Phaen.* 733-891 verwys. Die sonsverduistering tydens die dood van Julius Caesar dien planmatig as 'n natuurlike oorgang na die finale afdeling wat oor *prognostica* en burgeroorlog handel (vgl. Thomas 1988a:127). By tye is Vergilius uiters getrou aan sy model (onder andere *errare* van ἐπιτρέχει in *Phaen.* 834: εἴ τί που ἢ οἰβρευθος ἐπιτρέχει ... ['of as 'n rooi gloed daarvoor versprei ...']), maar hy verkort tog sy bronmateriaal (vergelyk vanaf *Phaen.* 845) en pas dit aan om sy doelwitte te bereik. As voorbeeld kan *Phaen.* 890 voorgehou word wat volgens Erren (2003:239 n.451) as oorgang dien: ἐσπερίοις καὶ μᾶλλον ἐπίτρεπε σήμασι τούτοις ('let op hierdie tekens veral teen die aand se kant').

⁶³⁰ Volgens Mynors (1990:90 n.450-1) kan *hoc etiam* gesamentlik dui op wat volg (en wat deur *nam* in 451 ingelei word), dus, van die verdere teken wat met sonsondergang volg.

Soos hierbo aangedui, word **igneus** deur sommige kritici nie as ware kleurwoord gereken nie, soos duidelik blyk uit die passasies wat nou volg in afdelings 2 tot 5 (hoewel met die moontlike uitsluiting van 2.a).

2. Addendum : die term igneus van weerlig (vgl. *TLL I. proprie A.1: strictiore sensu a. de fulmine sim.*).

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 6.297-98: *quam cum perscidit, extemplo cadit igneus ille / vertex quem patrio vocitamus nomine fulmen* ('wanneer [’n wind ’n wolk] deurklief, val daardie **vflammende/vurige** dwarrelwind daaruit wat ons, soos ons voorvaders, “weerlig” noem’).

Lucretius wei uit oor die aard en ontstaan van weerligstrale (239-322) wat weens die interaksie van wind en vuur binne digte donderwolke gevorm word. Winde wat teen ’n vuurwarm wolk (296: *in calidam ... nubem*) bots, laat dit oopbars sodat ’n reeds-gevormde weerligstraal daaruit val wat **igneus** met die primêre betekenis ‘vlammend’ bepaal. Aangesien ’n weerligstraal met die eienskappe van vuur vereenselwig word, kan die term tog ook implisiet met ’n vlamkleurige flits uitgebeeld word.

b. Vergilius

Verg. *Aen.* 8.390-92: *... calor et labefacta per ossa cucurrit, / non secus atque olim, tonitru cum rupta corusco / ignea rima micans percurrit lumine nimbo* ('... en die gloed dring deur [Vulcanus se] versmeltende gebeente, net soos daar soms midde in ’n donderslag ’n **vurige** straal losbars en met flikkerende lig deur die trillende wolke sny’).

Venus se omhelsing van Vulcanus ontketen soveel passie dat die god se liefdesgloed met ’n weerligstraal vergelyk word. **Ignea** word dus hier achromaties met die primêre betekenis ‘vurig’ of ‘gloeiend’ gebruik wat as epiteton van vuur ook baie paslik van Vulcanus voorkom. Hoewel die *TLL ad loc.* ter staving na Servius verwys (*id est fulmen*), kan hierdie passasie ook gelys word onder die inskrywing van die *TLL II translatē de ardore ... de cupiditatibus*.

3 Beskrywend van atome en elemente (vgl. *TLL I. proprie A. i.q. ex igni constans, ardens 1: strictiore sensu a. de rebus natura flagrantibus; de atomis, elementis sim.*)

Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 1.679: *scire licet non esse haec ignea corpora rerum* ('dit is ’n feit dat hierdie entiteite nie uit **vuurdeeltjies** kan bestaan nie’).

In hierdie lang digressie wat die derde hoofafdeling van die eerste boek vorm, bied Lucretius ’n onsimpatieke en fel kritiek op Herakleitos se teorieë oor vuur (vgl. Bailey 1966b:708-9). Lucretius sluit die Pluraliste en Empedokles by sy kritiek in wat mank gaan aan juiste redenasie (637: *magno opera a vera lapsi ratione videntur*), met as voorbeeld diegene wat glo dat alles slegs uit vuurdeeltjies

saamgestel is. So 'n beskouing is nie haalbaar nie, aangesien geen beweging of herrangskikking van hierdie atome of elemente aan enige iets anders oorsprong kan gee nie (680-81). Die woord *ignea* kom hier achromaties voor as aanduiding van die karakteristieke eienskap van vuur, dus die primêre betekenis 'soos vuur'.

4. Tiperend van die son en sterre se glans/gloed (vgl. *TLL I. proprie A. i.q. ex igni constans, ardens 1: strictiore sensu a. de sideribus*)

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 4.425-28:

*iam rapidus*⁶³¹ *torrens sitientis Sirius*⁶³² *Indos*
ardebat caelo et medium sol igneus orbem
hauserat, arebant herbae et cava flumina siccis
faucibus ad limum radii tepefacta coquebant.

Die haastige Hondster wat die dorstige Indiërs skroei, was reeds aan't brand in die hemel en die **vflammende** son het die helfte van sy baan voltooi, die gras was uitgedor en die sonstrale het die kuile van die riviere met hul opgedroogde lope verskroei en tot klei gebak.

Cirene versteek vir Aristaeus om Proteus in te wag. Wanneer die hitte op sy ondraaglikste is (401: ... *medios cum sol accenderit aestus*), jaag die siener soos 'n herder sy kudde aan na die koelte van die grot (429-30). As kontras vir die lafenis wat die grot bied, word die intensiteit van die hitte beklemtoon met *torrens, sitientis, ardebat, sol igneus, arebant, siccis, radii, tepefacta* en *coquebant* (vgl. Thomas 1988b:222 n.425). In aansluiting by die eienskappe van vuur, bepaal *igneus* hier met die primêre betekenis 'vlammend' of 'brandend' die son wat Erren (2003:953 n.426) tereg aan *calidus* ('hittig') gelyk stel.

ii. Verg. *Aen.* 4.351-53: ... *quotiens umentibus umbris / nox operit terras, quotiens astra ignea surgunt, | admonet* ... ('... so dikwels as wat die nag die aarde met sy vogtige skadus bedek, so dikwels as die **gloeierende/glinsterende** sterre verrys, [so dikwels] waarsku hy [my] ...').

So dikwels as wat die sterre elke nag in die hemel opkom, so dikwels verskyn die skimbeeld van Anchises in Aeneas se drome om hom te waarsku dat hy moet vertrek. Opvallend is die kontras tussen die skadus van die nag (*umbris nox*) en die helder, glansende voorkoms van die sterre (*astra ignea*). Gevolglik is die primêre betekenis 'gloeierend' of 'glinsterend' van *ignea* belangrik, sonder enige chromatiese implikasie.

⁶³¹ Hier is 'n teksprobleem. Beide *rabidus* ('rasende') en *rapidus* ('vinnig') kom in die MSS voor, maar volgens Mynors (1990:311-12 n.425) verwys die tradisie nege-en-twintig keer na *rap-* wat veral betrekking het op die spoed van krygers, strydwaens, riviere en winde. Die wisselvorm *rab-* kom slegs ses keer voor (hoewel *Aen.* 7.493 eerder op spoed dui). In die aangehaalde teks hierbo strook *rapidus* met die uitbeelding van die vinnige flitsing van die ster se lig.

⁶³² Erren (2003:953 n.425) volg ook die lesing *rapidus* as epiteton van *Sirius* (Σείριος in Hesiodos, *Op.* 417) wat op *Canis maioris*, die 'Hondster,' dui wat vanaf 28 Julie met sy opkoms voor die son die warmste seisoen in die noordelike halfronde aankondig. In reël 426 verwys die frase *medium ... orbem* na die warmste dag van die jaar.

iii. Verg. *Aen.* 8.97: *sol medium caeli conscenderat igneus orbem* ('die gloeiende son het opgeklim tot in die middel van sy hemelbaan').

Teen die middaguur, wanneer die son op sy felste gloei, bemerk Aeneas se manne die ommuurde stad wat daarop dui dat Aeneas oplaas sy bestemming bereik het. Die aangehaalde reël hierbo verwys terug na *Geor.* 4.426 (... *medium sol igneus orbem*; sien 3.ii), hoewel met wisselende woordorde, terwyl die algemene strekking kan terugverwys na *Il.* Θ(8).68 (= *Od.* o[15].400 = *Il.* Π[16].777): ἤμος δ' Ἡέλιος μέσον οὐρανὸν ἀμφιβεβήκει ('maar toe die son die middel van die hemelbaan bereik het'). Die gloed van die son word met *igneus* se primêre betekenis aangedui, terwyl die chromatiese element hier dus nie van toepassing kan wees nie.

5 By die uitbeelding van 'n fisiese toestand (vgl. *TLL* I.A.2: *latiore sensu i.q. aestu ignis fervidus d. transfertus ad sitim, morbos corpora animantium torrentis*)

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 3.482-84: *nec via mortis erat simplex; sed ubi ignea venis | omnibus acta sitis miseros adduxerat artus, | rursus abundabat fluidus liquor ...* ('die pad van die dood was nie maklik nie; maar wanneer 'n uitmergelende/brandende dors deur al die are gepols [en] die bejammerenswaardige ledemate verskrimpel het, het daar opnuut 'n waterige vloeistof opgewel ...').

Boek 3 (478-556) word afgesluit met Vergilius se beskrywing van die dodelike pes wat Noricum en omstreke getref het en waarvan al die diere voor die voet gevrek het. Aan die begin word die dier met 'n brandende en uitmergelende dors geteister wat achromaties deur *ignea* met die uitgebreide betekenis aangedui word. Dan volg 'n waterige afskeiding wat beteken dat die dier 'n innerlike én uiterlike marteling deurmaak (vgl. Erren 2003:758 n.482). Opvallend is weer eens die kontras tussen hitte (soos aangedui in 458-60: *furit, arida, incensos aestus* en *ferire*; ook in 479: *autumni incanduit aestu*) en vog (484: *fluidus liquor*).

ii. Verg. *Aen.* 6.730-31: *igneus est ollis vigor et caelestis origo | seminibus ...* ('vurig is die lewenskrag en goddelik die oorsprong van lewenspartikels ...'; vgl. *TLL* I. B. *ad ignem pertinens, igni proprius* 1: *generatim*).

Anchises noem aan Aeneas dat sy lewenskrag 'vurig' is wat 'n Stoïsynse beskouing is en daarop dui dat die *spiritus* of *mens* suiwer uit vuur-gedeeltes saamgestel is, ook aangedui in *Aen.* 7.747: *purumque ... ignem*. Die term *igneus* bepaal *vigor* met die uitgebreide achromatiese betekenis 'vurig'.

6 Beskrywend van spoed (vgl. *TLL* I. B. *igni proprius* 2: *speciatim c. de celeritate i.q. citus*)

Vergilius

Verg. *Aen.* 11.718-19: *haec fatur virgo, et pernicibus ignea plantis | transit equum cursu ...* ('so spreek die jongmeisie en vat blitsig met ratse voet die perd verby ...').

Woedend, maar blitsig, agtervolg Camilla die seun van Arruns wat, opgeblase van hoogmoed (715: ... *animis elate superbis*), haar tot 'n tweegeveg uitdaag. Die term *ignea* word hier baie paslik in Afrikaans met die uitgebreide betekenis 'blitssnel' gebruik.⁶³³

XVI *PUNICEUS*⁶³⁴

Daar word verskeie wisselvorme van hierdie kleurwoord aangetref wat André (1949:88-89) lys as *puniceus* (in Plautus, *Men.* 917), *punicus* (*vel Punicus?* in Ovidius, *Am.* 2.6.22), *poeniceus* (in Aulus Gellius, *N.A.* 2.26.8) en *phoeniceus* (in Plinius Maior, *Nat.* 21.164). Volgens die *OLD ad loc.* is *puniceus*, *-a*, *-um* en al hierdie wisselvorme van die Griekse φοινίκεος⁶³⁵ ('skarlakenrooi' of 'helderrooi') afgelei. L&S *ad loc.* verwys slegs na die hooflettervorm, *Punicus* (met wisselvorm *Poenicus*, van *Poenus* afgelei) met die primêre betekenis 'Kartaags' en met die oordragtelike betekenis wat op 'Kartaagse kleur,' dus 'purper' of 'skarlakenrooi,' dui. Volgens André (1949:89) hou die adjektief *puniceus* verband met Fenisië (die antieke naam vir Libanon vanwaar die Puniërs se voorsate volgens oorlewering gekom het) en hy staaf sy bevinding met 'n verwysing na Varro, *L.* 113.1 [*sic*]: 5.23: *purpura a purpurae maritumae colore, ut Poenicum, quod a Poenis primum dicitur allatum* ('purper [is verkry] van die kleurstof van die purper seeslak, net soos [die kleurstof] *poenicum* wat glo eerste deur die *Poeni* [na Italië] gebring is'). Varro laat na om die bron van hierdie kleurstof te vermeld, anders as Plinius Maior, *Nat.* 22.3 wat na *coccum* verwys wat van Afrika afkomstig was.⁶³⁶

In poësie is die vorm *puniceus* in enkele gevalle met *punicus* vervang (vgl. Gow 1932:380 n.27) wat volgens André (1949:267, 385) in die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde moontlik vir die eerste keer in Propertius 3.3.31-32 voorkom, waarskynlik om metriese redes. Die digter beskryf Venus se duiwe wat hul helderrooi snawels in die Gorgone se waterpoel druk: ... *columbae | tingunt Gorgoneo punica rostra lacu*. Tog – soos hieronder aangedui – gebruik Lucretius beide die vorme *puniceus* en

⁶³³ In *Aen.* 11.746 kom *igneus* ook met die uitgebreide betekenis voor: ... *volat igneus aequore Tarchon* ('... 'n blitsige Tarchon vlieg oor die vlakte'). Catullus, 64.341, daarenteen, gebruik eerder *flammeus* met dieselfde betekenis: *flammea praevertet celeris vestigia cervae* ('[in 'n wedloop sal Achilles] die blitsige pote van die vinnige hert verbyvat').

⁶³⁴ Die *TLL* se verskillende kategorieë van *puniceus* (X.2 *Fasc.* XVII 2047 [reël 18]-2048 [reël 465]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

i.q. φοινίκεος **I** *pertinent ad colorem rubrum; testimonia A forma punic-: 1 adi.: a exempla varia b respicitur color herbarum, fructuum c respicitur color vestium sim. D respicitur color aurorae sim. 2 neutr. pro subst. B forma p(h)oenic-: 1 adi.: respiciuntur res: a naturaliter rubrae b arte fucatae; 2 pro subst.: a neutr.: significatur a pannus rufus, quo antidotum adligatur β color, pigmentum sim. b fem. in nomine herbae (si recte ad colorem referimus) de phoenice; de herba Apollinari; de herba quadam sec. pelles coloratas nominate.*

II *pertinent ad arborem phoenicem: i.q. e dactylis compositis.*

Sien ook *EV* IV 582a vir verwysings.

⁶³⁵ Aangesien die Griekse woord ὀ φοινίξ met betekenis 'palmboom' (*Phoenix dactylifera*) ook met 'purper kleurstof' geassosieer word (LSJ *ad loc.*), bespeur Aulus Gellius, *N.A.* 2.26 'n verband tussen die afgeleide φοινίκεος en *poeniceus*.

⁶³⁶ Volgens L&S is die woord *coccum* van die Griekse ὀ κόκκος 'bessie,' afgelei wat op 'n spesifieke tipe akkerboom (*Quercus coccifera* Linn.) of 'akkerbosse' voorgekom het. Die moderne botanie verbind *coccum* met 'n insek, die sogenaamde 'skarlakenluis' of *kermes* van die genus *Kermes*, familie *Hemipterae* en spesie, *Kermes vermilio*. Hierdie luiseiers het op die takke versamel sodat die 'akkerluise' (vgl. Plinius Maior, *Nat.* 9.134) soos bessies gelyk het. Dit is van Fenisië (vgl. Theophrastos, *H.P.* 3.7.3) na Klein-Asië (vgl. Plinius Maior, *Nat.* 9.140), Phokis (vgl. Pausanaias 10.36.1), Afrika, Lusitanië en Sardinië (vgl. Plinius Maior, *Nat.* 32.22) versprei (*Kleine Pauly* I.507 [reëls 2-7]) as gevolg waarvan Armstrong (1917:1) 'n verband tussen *puniceus* en *coccineus* bespeur.

punicus. As wisselvorm kom laasgenoemde nie in die *Georgica* voor nie en dit word ook deur geen van die geraadpleegde woordeboeke gelys nie, met uitsluiting van die hooflettervorm *Punicus*, onder andere in Horatius, *Epod.* 9.27-28: *terra marique victus hostis Punico / lugubre mutavit sagum* ('op land en see het die verslane vyand die Karthaagse (= 'purperrooi') kleed vir dié van roubetoon verruil').

Volgens Kober (1932:93) is die Griekse *φοινίκεος* en *πορφύρεος* geensins sinoniem nie, aangesien eersgenoemde meestal met skakerings van helderrooi geassosieer word. Hierdie kleurwoord bepaal vuur en die son, in welke gevalle dit met oranje- en rooi-kleurwaardes vereenselwig kan word. By *πορφύρεος*, daarenteen, kom beide die *rooi* en *blou* skakerings van purper voor. Hierdie onderskeid is ook by *puniceus* en *purpureus* waarneembaar waarvan eersgenoemde op 'n helder (dus *suiwer*) kleur dui, 'helder vermiljoen,' volgens Olson (2017:112). Aulus Gellius, *N.A.* 2.26.9 verwys na die uitsonderlike glans wat van hierdie kleurstof verkry is: *exuberantium splendoremque significant ruboris*. Soos in die Grieks word daar in sommige gevalle (sien Lucretius *infra*) streng onderskei tussen die kleurwaardes van *puniceus* en *purpureus*. Aangesien daar in antieke tye verskeie bronne was wat kleurstawwe opgelewer het, volg dit dat daar wisselende skakerings van rooi en purper beskikbaar was wat almal baie populêr was. Tog is die verskil in skakerings soms nie so belangrik nie en word die kleurwoorde afwisselend gebruik.

Hieronder volg in breë trekke die soort konteks waarin die woorde voorkom.

Soos die *TLL ad loc.*, bied beide *L&S ad loc.* en die *OLD ad loc.* ook die primêre betekenis moontlikheid 'helderrooi' of 'skarlakenrooi' wat ook van al die wisselvorme voorkom. Aulus Gellius, *N.A.* 2.26.9 gebruik die term vir die rooi, onryp kleur van dadels: *quales sunt fructus palmarum arboris ... poeniceo nomen est*. In *N.A.* 3.9 verwys hy na Diomedes se rooi perd wat vir sy eienaar net moeilikheid veroorsaak, waarskynlik vanweë sy vurige geaardheid: *eum equum fuisse dicunt ... colore poeniceo*. Die kleurwoord bepaal ook vars bloed in Ovidius, *Met.* 2.607: *candida puniceo perfudit membra cruore* ('[Coronis] se spierwit arms was bevlek met **helderrooi** bloed'); so ook in *Met.* 4.728-29: *belua puniceo mixtos cum sanguine fluctus / ore vomit ...* ('die ongedierte braak water gemeng met **helderrooi** bloed uit sy bek ...'; vgl. van beide voorbeelde *TLL i.q.* *φοινίκεος* A. *forma* *punic-* 1: *adi. a. exempla varia*).

Lucretius gebruik die wisselvorme *puniceus* en *poeniceus* elk slegs een keer, terwyl die terme geensins in Catullus voorkom nie. In Vergilius se *Eclogae* kom *puniceus* twee keer voor, een keer in die *Georgica* en drie keer in die *Aeneis*.

1 Vir die uitbeelding van die veer-verskrikking (vgl. *TLL i.q.* *φοινίκεος* I.A. *forma* *punic-* 1: *adi. a. exempla varia*)

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 3.371-72: *hos non immissis canibus, non cassibus ullis / puniceaeve agitant pavidos formidine pennae* ('[die jagters] jaag hierdie verskrikte [diere] nie met losgelate honde aan nie, nie met enige jagtersnette of met die afskrikmiddel van die **helderrooi** veer nie').

In Skithië is dit *altd* (356: *semper ... semper*) winter en die aarde lê onherkenbaar en vormloos (*informis*) weens die onophoudelike sneeu (367: *interea toto non setius aëre ningit*). Die gevolg hiervan is dat die troppe diere so hulpeloos en diep in die sneeu vasval dat slegs die punte van hul horings sigbaar is (370: *... et summis vix cornibus exstant*). Dit is dus onnodig om hierdie diere met jaghonde, nette, of met die ‘rooi-veer praktyk’ te jag, want daar waar hulle in die diep sneeu vassit, word hulle genadeloos deur jagters afgemaai (374: *comminus obtruncant ferro ...*). Die *pennae* verwys na die wapperende vere wat as afskrikmiddel doelbewus helderrooi gekleur⁶³⁷ en dus baie opsigtelik is. Die term se primêre betekenis ‘helderrooi’ bepaal chromaties die voorkoms van die vere en enige verband met bloed wat genuanseerd ook op die dood sou dui, kan in hierdie konteks ’n ondergeskikte gevolgtrekking wees.

ii. Verg. *Aen.* 12.750-51: *cervum aut puniceae saeptum formidine pennae | venator cursu canis et latratibus instat* (‘of wanneer ’n jag hond ’n bok wat deur die verskrikking van die **helderrooi** vere vasgekeer is, met sy geblaf agterna sit’).

Turnus word vergelyk met ’n bok wat in ’n vangnet vasgekeer is.⁶³⁸ Volgens Servius *ad loc.* verwys die uitbeelding van ’n hond wat ’n bok jaag terug na Apollonius Rhodius, *Argon.* B(2).278 ff. (die agtervolging van die Harpye) wat weer op sy beurt terugverwys na Homeros, *Il.* K(10).360 ff. (Dolon se agtervolging). Die frase *punicaeve ... formidine pennae* in *Geor.*3.373 (sien *supra*) word hier herhaal, en soos reeds hierbo aangetoon, kom die kleurterm ook ongenuanseerd en suiwer chromaties voor met die betekenis ‘helderrooi’ of ‘skarlakenrooi’.

2 Tiperend van bessies en blomme (vgl. *TLL i.q.* φοινίκεος; A. *forma* punice- 1: *adi.* b. *respicitur color herbarum, fructuum*)

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 5.941-42: *arbita puniceo fieri matura colore, | plurima tum tellus etiam maiora ferebat* (‘toe het die aarde ook *arbutus*-bessies met hul **rooiryp** kleur voortgebring, oorvloedig en selfs groter [as nou]’).

In reëls 925-1010 verwys Lucretius na die primitiewe mens wat sterker en geharder as die huidige menseras was. Hoewel die aarde nie letterlik met strome van melk en heuning gevloei het nie, het die natuur wel genoegsaam en soms selfs in oorvloed voorsien. Hierby sluit die digter ook bessies in en,

⁶³⁷ Die *formido* (μήπιθος) is die benaming vir ’n afskrikmiddel wat gevorm word deur ’n tou waaraan jagters rooi vere vasmaak en in die oopte van ’n woud span. Die diere word aangejaag maar, verskrik deur die gefladder van die vere, swenk hulle weg en hardloop in die nette (*casses*) vas wat aan die sykante tussen pale of bome gespan is en waar hulle dan van kant gemaak word (vgl. Fowler 1919:132-33; Erren 2003:715 n.372). Sien ook Richter 1957:306-7 n. 372.

⁶³⁸ Volgens Edgeworth (1992:149) het die uitbeelding in *Il.* X(22).188 ff. (Hektor se agtervolging) meer ooreenstemmende elemente met die beskrywing in die *Argonautica*.

anders as Vergilius wat bessies met *cruentus* en *sanguineus*⁶³⁹ beskryf, gebruik Lucretius die primêre betekenis van *puniceo*, ‘helderrooi,’ sonder enige bykomende nuanse.⁶⁴⁰

b. Vergilius

Verg. *Ecl.* 5.16-17: *lenta salix quantum pallenti cedit olivae, | puniceis humilis quantum saliuunca rosetis* (‘in dieselfde mate waarin die buigsame/slap wilger terugstaan vir die vaal olyf, en die nederige nardus vir beddings **helderrooi** rose’).

Volgens Menalcas is Mopsus baie bedrewe op sy fluit (2: *tu calamos inflare levis*). Hoewel Amintas die enigste strawwe kompetisie bied (8: ... *solus tibi certat Amyntas*), sal hy nietemin die knie moet buig voor Mopsus, net soos die wilger voor die vaal olyf en die nardus⁶⁴¹ voor die roos. Hier word die waardelose met die kosbare vergelyk wat Vergilius ook met kleurterme beklemtoon: *pallenti ... olivae* (die enigste beskrywing deur die digter van die olyf met ’n kleurterm) en *puniceis ... rosetis*. Al is die nardus se blom ook rooi en geurig, is dit klein en kan dit nie met helderrooi rose meeding nie wat altyd voorkeur in blomkranse geniet: Die kleur hou eksplisiet verband met *puniceis* se primêre betekenis, ‘helderrooi’ (vgl. Clausen 1994:157-58 n.17).

3 As kleuruitleiding van kledstof en jagstewels (vgl. *TLL i.q.* φωνίκεος; A. *forma* punice- 1: *adi. c. respicitur color vestium sim.*)

a. Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 2.830-31: *purpura poeniceusque color clarissimu’ multo, | filatim cum distractum est, disperditur omnis* (‘purper en **skarlakenrooi**, by verre die helderste kleur, gaan heeltemal verlore, wanneer dit [= die kledstof] stukkie vir stukkie uitmekaargetrek word’; vgl. *TLL B forma* p(h)oenice- b: *arte fucatae*).

In hierdie passasie staaf Lucretius nie sy bewerings met tegniese bewyse nie, maar eerder met sy persoonlike waarneming wat as #Bewys 6 aangedui word (sien voetnoot 188). Sou die vesels van ’n gekleurde stuk lap losgetorring word, word die kleur al hoe ligter, selfs in die geval van purper en skarlakenrooi wat by verre die helderste kleure is. Lucretius skryf dit toe aan die losmaak van atome wat baie dieper lê as wat met die oog waarneembaar is (4.111-12: ... *primordia tantum | sunt infra nostros sensus ...*). Selfs die kleinste vesel wat nou reeds dof en bykans kleurloos vertoon, is steeds baie groter as ’n enkele atoom wat as bewys voorgehou word dat atome nie gekleur kan wees nie. Met

⁶³⁹ Sien onderskeidelik XI. *CRUENTUS* 2 en XX. *SANGUINEUS* 1.ii.

⁶⁴⁰ Ovidius, *Met.* 5.536 gebruik die wisselvorm *poeniceus* van ’n granaat (*pomum*): *poeniceum curva decerpserat arbore pomum* (‘sy [Proserpina] het ’n **helderrooi** granaat van ’n gebuigde tak gepluk’).

⁶⁴¹ Die Keltiese nardus, *Valeriana celtica* Linn., is uitsluitlik vir die aromatiese olies gekweek wat in die plant voorkom. Hoewel die blomme van hierdie struik gewoonlik geel is, word rooies ook aangetref, sodat Vergilius moontlik hier na beide die geur en die kleur van die blomme verwys (vgl. Sargeaunt 1919:117).

beide *purpura* en *poeniceus color* (met die primêre betekenis) tref die digter 'n duidelike onderskeid tussen die skakerings van hierdie twee kleurterme.⁶⁴²

b. Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 7.31-32: *si proprium hoc fuerit, levi de marmore tota / puniceo stabis suras evincta coturno* ('as geluk gunstig sal wees, sal jy lewensgroot in glad-gepoleerde marmer uitgebeeld word met **helderrooi** jagterstewels om jou kuite gebind').

Die herders Thirsis en Corydon kompeteer in 'n sangkompetisie, terwyl Meliboeus die gewillige toehoorder is. Micon wy die wildevark se kop en die bokhorings aan Diana, maar as sy geluk bly voortduur, sal die godin in 'n lewensgrootte marmerbeeld verewig word. Volgens die gebruik in antieke tye is standbeelde kleurvol versier en daarom sal die godin met helderrooi jagstewels getooi word wat *puniceo* met die primêre betekenis bepaal. Hierdie passasie word deels herhaal in *Aen.* 1.337: *purpureoque alte suras vincire coturno* (sien XVII.B *PURPUREUS* 2.c.ii) en verwys terug na Livius Andronicus, *Ino* fr. 1.5 (*et iam purpureo suras include cothurno* ['en bedek nou jou kuite met helderrooi stewels']). Volgens Edgeworth (1992:150-51, met verwysing na Keil) is 'n presiese kleurskakering vir Vergilius onbelangrik, aangesien hy nie tussen die kleurwaardes van *purpureus* en *puniceus* onderskei nie. Dit is ook moontlik dat Vergilius hier doelbewus sy poëtiese oornam van 'n voorganger se woorde in herinnering roep.

ii. Verg. *Aen.* 5.268-69: *iamque adeo donati omnes opibusque superbi / puniceis ibant evincti tempora taenis* ('en nou is almal reeds beloon en trots op hul geskenke en besig om te vertrek, hul slape met **helderrooi** linte gebind').

Die oorwinnaars in die bootresies word met vars blaarkranse (110: *virides coronae*) gekroon wat met helderrooi linte (*taenis*)⁶⁴³ versier is. Aangesien die betekenismoontlikheid 'vars' ook die kleurwaarde 'groen' kan impliseer, kom die uitbeelding besonder kleurvol voor. Hier kom *puniceis* uitsluitlik chromaties voor, sonder enige bykomende nuanse.

4 As beskrywing van die sonsopkoms (vgl. *TLL i.q.* φοινίκεος; A. *forma* punice- 1: *adi. d. respicitur color aurorae sim.*)

Vergilius

Verg. *Aen.* 12.76-77: ... *cum primum crastina caelo / puniceis invecta rotis Aurora rubebit* ('...

⁶⁴² Ook Tibullus 2.3.57-58 onderskei tussen die skakerings van *puniceus* en *purpureus*: *illi selectos certent praebere colores / Africa puniceum purpureumque Tyros* ('laat [lande] meeding om hul voorkeurkleure te verskaf, Afrika 'n helderrooi en die Tiriërs 'n purperkleur').

⁶⁴³ Die skaars Latynse woord *taenia* (ook *taenea*) is van die Griekse woord ταΐνια afgelei (sien LSJ *s.v.* 'band, fillet, esp. headband ...') en dui op die helderrooi lint (eerder as 'hoofband') wat aan die oorwinnaarskrans vasgebind is. Die vorm *taenis* (ablatief meervoud) in plaas van *taeniis* is tot 'n tweelettergreppige woord aangepas ter wille van metrum (vgl. Williams 1960:98 n.269). Conington (1884:543-55 n.269), daarenteen, verwys na die lint as *lemniscus* wat met die olyf- of lourierkrans ineengeveg is as teken van groot eer en waarvan die punte – bekend as *taenia* – afhang. Volgens Servius *ad loc.* is die krans uit blare en veelkleurige stokkies gevorm (... *sunt de frondibus et discoloribus fasciis*).

wanneer Aurora vroegoggend op **helderrooi** wiele ry [let. ‘gedra word’], sal sy die hemel rooi kleur’).

Turnus daag Aeneas tot ’n tweeveg uit wat vroegdag sal plaasvind, wanneer Aurora met sonsopkoms die hemel rooi sal verkleur (*rubebit*). Volgens Edgeworth (1992:42) is hierdie die derde en finale beskrywing van Aurora wat telkens met toenemende kleurintensiteit vanaf *Aen.* 3.521 voorkom (sien XVIII. **RUB*-groepering 7.ii). In hierdie teksgedeelte word die rooi kleurwaarde van *rubēre* met die primêre betekenis ‘helderrooi’ van *puniceis* aangevul en beklemtoon – dus ’n geleidelike intensivering van rooi kleurwaardes wat genuanseerd op bloed kan dui en dus ook met die dood as ’n onheilspellende voorteken vereenselwig kan word.

XVII *PURPURA*⁶⁴⁴ en *PURPUREUS*⁶⁴⁵

Die naamwoord *purpura* is van die Griekse woord πορφύρα afgelei (W-H *ad loc.*). Hoewel die *OLD ad loc.* ook na die etimologiese verband tussen die verwante kleuradjektiewe *purpureus* en die Griekse πορφύρεος (‘purperkleurig’) verwys, toon W-H dat *purpureus* (in die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde) vir die eerste keer in Livius Adronicus (*ap. Non.* 368, 26 *L.*) voorkom en volgens die *EV* IV.356 nie as ’n grekisme (dus van πορφύρεος afgelei) beskou moet word nie. Die kleurwoord *purpureus* kan dus direk van die Latynse *purpura* afgelei wees, ’n samestelling van die stam **purpur-* met byvoeging van die adjektiefvormende agtervoegsel *-eus* (wat volgens die *OLD ad loc.* op die substansie, materiaal of stof dui waaruit dit saamgestel is).

Purpura dui met uitgebreide betekenis op ’n purper kleurstof wat veral van die skulpvis, *Murex brandaris*, verkry is.⁶⁴⁶ Volgens L&S *ad loc.* word daar in die letterkunde ook met die naamwoorde *bucinum*, *concha* (veral *murex*) en *conchylium* (verskillende tipes skulpvis) implisiet na die kleurstof

⁶⁴⁴ Die *TLL* se verskillende kategorieë vir *purpura* (X, 2 *Fasc.* XVII.2700 [reël 55]-2705 [reël 24]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

purpura: i.q. πορφύρα (*quod gr. respondet, nisi aliquid indicavimus*)

I significatur animal **A** elucet *purpurae* usus, sc. adhibetur **1** ad vescendum vel medendum **2** ad tinguendum sim. **B** elucet *purpurae* natura, origo sim. **II** pertinet ad colorem **A** significatur ipse color **1** proprie **a** respicitur materia colorans **a** strictius de suco animalis, sc. de ostro sincero **β** laxius de ostro adulterato, de aliis pigmentis sim. **b** respicitur sola qualitas, sc. sine respectu rei coloratae **2** transfertur ad colorem similem rerum naturalium, partium corporis **a** crinium, squamarum, plumarum **b** herbarum, florum sim. **c** rerum caelestium **d** lapidum **e** sanguinis. **B** significantur res arte hominum coloratae et inde ii rebus ita tinctis instruuntur **1** proprie de textilibus purpureis variisque ornamentis **a** generatim **a** purpura utuntur nobiles, divites luxoriosi **i** vario respectu usu generali adhibetur ad significandas opes, divitias **ii** c. respectu originis, qualitatis, rationis tingendi **β** cetera exempla, sc. sublato fere respectu opum, divitiarum in re medica **b** speciatim: purpuraest insigne certae dignitatis **a** magistratum, senatorumve **i** Romanorum **ii** aliorum **β** regum **i**. variorum **ii** Christi **γ** puerorum ingenuorum, illustrium sim. **δ** sacerdotum **ε** Caesarum, imperatorum, usurpatorum Romanorum **2** metonymice (exempla certiora) **a** de hominibus purpuratis **b** de rebus purpuratis insignibus **a** de consulate **β** de domo imperatoris **3** in imag. et translātē **a** usu Christi **b** exempla cetera sc. de ornatu aedificii.

⁶⁴⁵ Die *TLL* se verskillende kategorieë vir *purpureus* (X, 2 *Fasc.* XVII 2707 [reël 39]-2713 [reël 28]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

purpureus i.q. ad purpuram pertinens

I e purpura factus, constans e suco animalis; inde de coloribus factis vel commixtis e purpura adulterate.

II purpura infectus, ostro tinctus (sc. c. respectu coloris) **A** proprie de rebus (et per enallagen de animalibus) **1** quilibet fere nobiles, divites, luxoriosi **a** usu communi **a** de veste, calceamentis sim **β** de rebus variis; **b** per enallagen de ipsis hominibus purpura vestitis, ornatis sim. **2** homines certa dignitate, potestate praediti **a** reges, imperatores, principes, tyranni **a** usu

verwys. Die woord *ostrum* (met die wisselvorm *austrum* in Lucretius, *D.R.N.* 2.829) dui ook op 'n purper kleurstof.⁶⁴⁷

Die primêre betekenismootlikheid van *purpura* word volgens L&S vreemd genoeg as 'purper vis' [my beklemtoning] gelys, so ook in Irwin (1974:208 n.11) wat daarna verwys as πορφύρα en κογχύλιον. Volgens al die geraadpleegde woordeboeke is die oordragtelike betekenis 'purper kleurstof,' met die uitgebreide betekenismootlikheid 'purper kledingstuk'⁶⁴⁸ of 'purper kleedstof'⁶⁴⁹ wat as

communi i de veste, calceamentis sim. β per enallagen de ipsis hominibus, qui purpura vestiuntur, ornantur b sacerdotes, vates sim. c triumphatores d consules, senatores, equites 3 dei deaeve paganorum 4 factiones spectaculorum publicorum colore purpureo ab aliis distinctae 5 medici sim. B per similitudinem de eis, quorum rubor colorem purpurae adaequat: 1 notione communi a de alimentis, fructibus sim (de colore) b de sanguine a respiciuntur ii qui (ea quae) sanguine vigent β respicitur umor ipse c de floribus, herbis sim. α usus communi (de colore) β per enallagen: de vere florum pleno d de crine Nisi e de squamis, pennis sim. f de lapidibus, sale sim. (de colore) 2 notione aucta vel deflexa accedit vel praevalet vis splendoris cuiusdam a de rebus: α de lumine i siderum, aurorae, diei aeris sim. ii concharum in lapidem versarum iii vitri β de mari, fluctibus sim. b de amantibus, sc. divinitate vel sanctitae α de dis deabusve β de principe γ de sanctis Christianorum. Sien ook EV IV.582a vir verwysings na gedetailleerde besprekings.

⁶⁴⁶ Die *purpura*-skulp (waarna die *OLD* as *murex* verwys) kan aan sewe stekels geëien word wat in 'n ring rondom die skulp voorkom (*praeterea clavatum est ad turbinem*). Die geograaf, Pomponius Mela, *De Chorographia* 3.104 verwys na beide *purpura* en *murex* as sou dit verskillende skulpdiersoorte wees: ... *purpura et murice efficacissimis ad tingendum* ('... *purpura* [die skulpvis] en *murex* is uiters geskik as [bronne vir] kleurstowwe'; vgl. *TLL s.v. purpura*: 2701, reëls 23-24). Vels Heijn (1951:26-27) verwys na 'n skarlakenrooi kleurstof wat van *murex* of *bucinum* verkry is en die rooiswart kleurstof (*pelagium*) van die 'purperlak' (*pelagia*). Eersgenoemde is gebruik om die donker kleure van *pelagium* te versag in 'n proses bekend as *dibapha* ('double-dyed [once with scarlet and then with purple,' L&S *ad loc.*]). Sien Horatius, *Epod.* 12.21-22: *muricibus Tyriis iteratae vellera lanae / cui properabantur?* ... ('vir wie was die wolstowwe voorberei [en] herhaaldelik met Tiriese kleurstof gedoop? ...'). Stowwe wat so gekleur is, was baie gesog volgens Plinius Maior, *Nat.* 9.63: *dibapha tunc dicebatur quae bis tincta esset, veluti magnifico impendio* ... ('toe is [materiaal wat] twee keer gekleur was, "dubbel-doop" [*dibapha*] genoem, 'n uitspattige weelderigheid ...' (EV IV.356). Later is hierdie metodes ook op ander en goedkoper soorte toegepas. Volgens Lowe (2004:46) is beide Vitruvius 7.13.1-3 en Plinius Maior, *Nat.* 9.62 besondere bronne vir inligting oor die produksie van die kleurstof, hoewel baie detail ontbreek. Oorblyfsels van purperproduksie is by verskeie argeologiese sentra rondom die oostelike en westelike kusgedeeltes van die Middellandse See gevind wat daarop dui dat die purper kleurstof van drie tipes skulpdiere afkomstig was: *Murex trunculus*, *Murex brandaris* en *Purpura haemastoma*. Ziderman (2004:40), daarenteen, verwys onderskeidelik na dieselfde spesies as *Phyllonotus trunculus*, *Bolinus brandaris* en *Thais haemastoma*, waarvan *Ph. trunculus* 'n *bloupers* skakering van purper oplewer. Die ander twee spesies is die bron van Tiriese purper met die kenmerkende *rooi* skakerings van purper, dus rooipers of skarlakenrooi.

⁶⁴⁷ L&S verwys foutiewelik na *ostrum* as 'n kleurstof wat in die *bloed* van die 'seeslak' voorkom, terwyl die kleurstof in die kliere van die skulpvis aangetref word.

⁶⁴⁸ Sien fr. 34: *vestis pulla purpurea ampla* ('die manjifieke kledingstuk van donker **purper**'; vgl. *TLL s.v. purpureus* 2707, reël 54; asook II A.1.a.a. i: *de veste, calceamentis sim.*).

⁶⁴⁹ Die verskillende wyses waarop die Romeinse samelewing purper kleedstowwe as vertoonstuk van status en welvaart (amptelik én privaat) gebruik het, toon volgens Reinhold (1970:38) dat die Romeine die mees status-behepte samelewing van die Oudheid was, veral onder die invloed van die Lidiese, Persiese en Hellenistiese koningshuise en veral die Etruskers wat 'n voorliefde vir hierdie tipe vertoon gehad het. Volgens Plinius Maior, *Nat.* 9.136 was die gebruik van purper 'n baie ou instelling in Rome: *purpurae usum Romae semper fuisse video*. In sy beskrywing van Romeinse begrafnispraktyke noem die Griekse geskiedskrywer Polybius 6.53 hoe die kwaliteit en kwantiteit van *purpura* aanvanklik baie streng gekontroleer is. Die *Lex Oppia* van 215 vC het vrouens verbied om onder andere veelkleurige klere (*vestimenta versicoloria*) te dra. Gedurende die debat twintig jaar later oor die opheffing van hierdie praalwet was Cato van mening dat vroue in opstand teen die staat sou kom, as hulle nie in goud en purper kon skitter nie waarna Livius, *A.U.C.* 34.3.9 verwys: *ut auro et purpura fulgamus*. Die dra van purper kleedstof het 'n simboliek van sy eie ontwikkel wat gedurende die laat Republiek sodanig uitgebrei het dat Caesar weer praalwette uitgevaardig het: ... *ius laboriosissime ac severissime* in Suetonius, *Jul.* 43. Kledingstukke wat met see-purper gekleur is (*conchyliatae vestes*), is op spesifieke dae in die jaar verbied (uitgeslote diegene wie se politieke status of sosiale stand dit vereis het). Seneca Minor, *Ep.* 16.8 verwys na purper as *color improbus* ('die skandalige kleur'). Teen die einde van die eerste eeu het purperstof, ten spyte van die hoë koste daarvan en assosiasies met immoraliteit, 'n *sine qua non* vir die elite geword en is dit as die toppunt van 'n flambojante lewenstyl (*luxuria*) beskou. Gevolglik het die vervaardiging van purperstof een van die mees winsgewende industrieë van die Romeinse Ryk geword. Die aktiwiteite van professionele purpervervaardigers (bekend as *purpurarii*, *negotiatores artis purpurae* of *venditores purpurae*) in beide die oostelike en westelike provinsies is ook ruim geboekstaaf (vgl. Bradley 2011:164, 198-200). Purperstof is mettertyd al hoe meer met imperiale gesag (*purpura regia*) verbind en die uitdrukking *purpuram sumere* het op die aanvaarding van die keiserlike amp gedui. Konstantyn het van die befaamde purperindustrie 'n keiserlike monopolie gemaak wat met die val van Konstantinopel in 1453 tot 'n einde gekom het (vgl. Vels Heijn 1951:26). Sien ook die afdelings 'Color' en 'Scarlet' in Olson (2017:108-112).

statussimbool op 'n belangrike amp⁶⁵⁰ of ekonomiese welvaart⁶⁵¹ gedui het. Die kleurstof kan met verskeie skakerings verband hou wat dieprooi, violet, 'n ligte en donkerpurper, ook donkerbruin en selfs swart insluit (vgl. André 1949:92, 97). Hierdie kleure word almal met die adjektief *purpureus* vereenselwig en kom as primêre betekenismoonlikhede voor (L&S; *OLD*). Die *TLL s.v. purpureus* 2707, reëls 46-54 lys die volgende sinonieme: *niger* [vanweë die glanswaarde, maar nie *ater* nie], *purpuratus*, *roseus*, *rubicundus*, *russatus*, *pullus*, *puniceus*, *ruber*, *rufus* en *violaceus*. Volgens Hermann en Cagianno de Azevedo (1969: 388) verwys Theophrastus na Aristoteles, Plato en Demokritos se beskouings as sou purper die 'sonkleur' wees – die mooiste van alle kleure. Aanvanklik kan dit verwarrend wees dat die kleurwaardes van 'n enkele kleurwoord – hetsy *purpura* of *purpureus* – so wydlopend is. Hierdie ongewone verskynsel moet uitsluitlik aan die produksie van die kleurstof toegeskryf word, aangesien verskeie veranderlikes die eindproduk se kleur beïnvloed het.⁶⁵² Ironies genoeg word hierdie skakerings ook vir die beskrywing van natuurlike produkte soos bessies, blomme (mits die spesie bekend is)⁶⁵³ en druiwe⁶⁵⁴ gebruik wat die bepaling van die presiese kleur vergemaklik. In die geval van kledestowwe kan die besondere kleurwaarde soms uit die konteks afgelei word, onder andere in Ovidius, *Met.* 10.267: *conlocat hanc stratis concha Sidonide tinctis* ('[Pigmalion] plaas [die marmerbeeld] op die deken wat met Sidoniese kleurstof getint is'). Die frase *concha Sidonide* dui op die uiters gesogte Tiriese purper met die kenmerkende rooipers of skarlakenrooi skakerings. Aldus sal die beskrywing van Dido se kledy in beide *Aen.* 4.139 en 12.602 ook op die skarlakenrooi van Tiriese

⁶⁵⁰ Die Romeinse *toga* was met simboliek omgeef en is met status en posisie in die samelewing geassosieer. In kontras met burgers se *toga pura* van ongekleurde, natuurlike wol, is die *toga purpurea* (geheel en al purperkleurig) uitsluitlik deur die keiser gedra; die *toga praetexta* (met 'n breë purper randpatroon van vyf tot sewe sentimeters aan die reguit rand [vgl. Stone1994:13]) was die drag van konsuls tydens amptelike geleenthede en van hoëpriesters tydens offerandes (vgl. Pley 1911:13, 46-47). Die *tunica* van 'n senator (wat onder die *toga* gedra is) is met 'n vertikale purper streep versier, bekend as *latus clavus* (of deur die adjektief *laticlavus* bepaal). Vir die *equites* was daar die *tunica* met 'n smal purper streep, *angustus clavus* (of met die adjektief *angusticlavus*) en die *trabea* (van Etruskiese oorsprong), 'n kort mantel, geheel en al purper of met 'n purper streep. Vir *triumphatores* was die drag die *toga picta* en *tunica palmata* (vgl. Goldman 1994:229). 'n Vrygebore seun (*ingenuus*) het die *toga praetexta* met 'n smal purper randpatroon tot en met puberteit gedra, wanneer dit met die spierwit *toga virilis* vervang is (vgl. Duff 1970:114 n.78; 369 n.155; Reinhold 1970:38 n.2, 39; en Olson 2017:13-61).

⁶⁵¹ Plinius Maior, *Nat.* 9.63 verwys na Cornelius Nepos volgens wie die prys van die populêre violetkleurige purper (*violacea purpura*) in sy jeugjare slegs een honderd *denarii* per pond (0.425 kg.) was. Die aanvraag na skarlakenrooi Tiriese purper het mettertyd só toegeneem dat die uiters gesogte *dibapha* vir een duisend *denarii* per pond verkoop is. Aangesien nie almal hierdie gesogte luuksheid kon bekostig nie en individue die statussimbole van die rykes en gesienes wou naboots, het verskeie industrieë uiters lonend met goedkoper namaaksels van purperstof handel gedryf. Hiervoor was plantaardige kleurstowwe soos seewier, onder andere *fucus* (sien *infra*, voetnoot 664), dikwels gebruik (vgl. Reinhold 1970:51, 53). Purperstof wat net een keer gekleur is, was waarskynlik die goedkoopste, en *dibapha*-purper van Miletus was weer goedkoper as die beste kwaliteit purperstof wat van die Fenisiese kusgebied, veral van Tirus, Lakonië en Gaetulië afkomstig was.

⁶⁵² Die produksie van *purpura* (die kleurstof) het besondere vaardigheid en kennis vereis. Die 'oes' van die kleurstof, die blootstelling aan sonlig, die vermenging van verskillende soorte skulpdiere se kleurstowwe, die byvoeging van geskikte stabiliseerders en die regulering van hitte het die voorkoms van die eindproduk baie beïnvloed. Plinius Maior, *Nat.* 9.62 beskryf die prosedure as 'n fermentasie-proses wat met 'n uiters afstootlike reuk gepaard gegaan het, soveel so dat Strabo 16.2.23 gekla het dat dit onuithoudbaar is om in Tirus te bly (vgl. Lowe 2004:46-47).

⁶⁵³ Vir beskrywings van rose met *purpureus*, sien Horatius, *Carm.* 3.15.14-15: ... *non citharae decent / nec flos purpureus rosae* ('... [Chloris], liere pas nie by jou [ouderdom] nie, ook nie dieprooi rose nie'); en van papawers, sien Propertius 1.20.37-38: ... *surgebant lilia ... | candida purpureis mixta papaveribus* ('... spierwit "lelies" gemeng met skarlakenrooi papawers het [daar] opgekom'; van beide voorbeelde, vgl. *TLL s.v. purpureus* II. B.1: c. *de floribus, herbis sim.*).

⁶⁵⁴ Horatius gebruik onderskeidelik *purpura* en *purpureus* van 'n spesifieke soort druiw in *Epod.* 2.19-20: ... *gaudet insitiva decerpens pira | certantem et uvam purpurae* ('... hy geniet dit om geënte pere en druiwe wat meeding met hul purper kleur te pluk'; vgl. *TLL s.v. purpura* II. A.2: b. *herbarum, florum, sim.*); en *Carm.* 2.5.11-12: *distinguet Autumnus racemos | purpureo varius colore* ('kleurvolle herfs sal jou druiwetrosse purper kleur'; vgl. *TLL s.v. purpureus* II.B.1: a. *de alimentis, fructibus sim.*).

purper dui, terwyl die helderrooi kleur van die pluime op vegters se helms (in *Aen.* 9.163 en 10.72) van ’n goedkoper tipe purper – *aulaea* (*Geor.* 3.25, sien *infra*) – afkomstig kan wees (*EV* IV.356). ’n Persoon wat dus in Tiriese purper geklee is, word met die status en/of finansiële voorspoed van konings en belangrike amptenare of persone vereenselwig, ook tiranne wat Horatius beskryf in *Carm.* 1.35.12: *purpurei metuunt tyranni* (‘tiranne in **purper** [geklee] is angsbevange’; vgl. *TLL* s.v. *purpureus* II. *purpura infectus, ostro tinctus* A.2: a. *reges, imperatores, principes, tyranni*).⁶⁵⁵

Kleedstof wat met ’n goeie kwaliteit *purpura* gekleur is, het oor unieke eienskappe beskik. Die skakering was stabiel, dus kleurvas, en dit het ook ’n opvallende glans gehad, vanwaar die benaming ‘sonkleur’ (sien vorige bladsy). Vels Heijn (1951:28) verwys na hierdie besondere kwaliteit van die kleedstof as ‘changeant’ (‘wisselend’), by die Romeine bekend as *versicolor*. ’n Soortgelyke effek word hedendaags verkry deur verskillende kleure vir die skering en inslag te gebruik.⁶⁵⁶ Aangesien glans so ’n kenmerkende eienskap van purpergekleurde stof is, is dit as uitgebreide betekenismoontlikheid van *purpureus* ’n belangrike toevoeging.⁶⁵⁷ Hierdie aspek word dikwels met bykomende woorde soos *lumen, nitor, splendor* en *fulgor* (in Grieks, ἀνγή en φέγγος) beklemtoon. Die chromatiese betekenismoontlikhede van die term speel in sulke gevalle min of geen rol nie en die fokus word dan uitsluitlik op glans geplaas (*OLD*).⁶⁵⁸ As Ovidius, *Met.* 2.23-24 die songod op sy troon uitbeeld, dui sy purper gewaad met primêre betekenis uiteraard op sy verhewe status: ... *purpurea velatus veste sedebat / in solio Phoebus* ...; vgl. *TLL* s.v. *purpureus* II.A.3: *dei deave paganorum*. Hier is die uitgebreide betekenismoontlikheid ook belangrik, aangesien dit op die god se glansende voorkoms kan dui. Anders as met *purpureus* word ’n geïmpliseerde glans egter selde sonder meer met *purpura* vereenselwig en word ’n bykomende woord of frase ingesluit om hierdie aspek te beklemtoon. Sien Juvenalis, *Sat.* 11.155: ... *ardens purpura vestit* (‘... geklee in **purperstof** kom hy glansend voor’).⁶⁵⁹

Volgens Irwin (1974:18) is πορφύρεος in die vroeë Griekse digkuns nie primêr chromaties aangewend nie. Dit bepaal die glansende voorkoms of kleurwisseling wat purper-gekleurde materiaal en sekere ander voorwerpe in gemeen het, dus die oënskynlike vermenging van lig en donker op ’n

⁶⁵⁵ Vir die kostes verbonde aan die verskillende kleurstowwe, sien voetnoot 651.

⁶⁵⁶ Hierdie metode staan op Engels as ‘shooting’ bekend. So byvoorbeeld is ‘shot silk’ materiaal wat van kleur verander weens die twee kleure van die geweefde drade.

⁶⁵⁷ Die achromatiese betekenismoontlikheid ‘glansend’ het volgens Page (1959:397 n.10) betrekking op die vertaling van *purpureus* in Horatius, *Carm.* 4.1.10: ... *purpureis ales oloribus* (letterlik vertaal: ‘op die **purper** vlerke van [Venus se] swane’). Hierdie frase het uiteenlopende kommentaar ontlok: Edgeworth (1992:216 n.3) beskou die swane as *denkbeeldig*, sodat enige moontlike kleur van die vlerke gebruik kan word. Librán-Moreno (2017:200-3), daarenteen, ontleed naturalistiese, ornitologiese en artistiese interpretasies van die frase, maar verwys dan tereg na Ion van Chios (*FGHist* 392 F6 Jacoby) waarvolgens die assosiasie van Aphrodite/Venus met purper nie ’n fisiese eienskap is nie, maar eerder ’n literêre tradisie. Voortsetting van die tradisie is te bespeur in die frase *purpureus Amor* in Ovidius, *Am.* 2.1.38: *carmina, purpureus quae mihi dictat Amor* (‘ek sing die liedere wat **purper Amor** aan my voorsê’; vgl. *TLL* s.v. *purpureus* II.A.3: *dei deave paganorum*). Sien ook die frases *purpureus ... Amor* in *Ars* 1.232 en *purpureas ... alas* [*sc. Amoris*] in *Rem.* 8701. As sulks word hierdie literêre tradisie nie in die *TLL* aangedui nie.

⁶⁵⁸ Die uitgebreide betekenismoontlikheid ‘glansend,’ ‘helder’ of selfs ‘mooi’ word breedvoerig deur Edgeworth (1992:215-26 n.3) ontleed. Hy kom tot die gevolgtrekking dat *purpureus* slegs ‘glansend’ of ‘helder’ kan beteken in passasies wat nie terugverwys na literêre voorgangers en die chromatiese betekenis ‘dieprooi’ of ‘purper’ redelikerwys ook geen rol speel nie.

⁶⁵⁹ Hoewel die *TLL ad loc.* aandui dat nie al die Latynse voorbeelde waarin *purpura* voorkom, gelys is nie, is dit tog opvallend dat daar geen verwysing na Juvenalis se gebruik van hierdie woord is nie. Vir *purpura*, sien onder andere *Sat.* 1.106; 7.134-35 en 11.155; en vir *purpureus*, sien 4.31 en 12.39.

veranderende oppervlakte. Samestellings van πορφύρ- dui dikwels op die voorkoms van bewegende water van die see, riviere en mere, eerder as die stormagtige aard daarvan (vgl. Kober 1931:98). Hierdie beskouing verskil van die inskrywing van die *EV IV.357*, waarvolgens Homeros se aanwending van πορφύρεος in *Il. Π(16).391* (ἐς δ' ἄλλα πορφύρεην) op 'onstuimige' (dus 'donker') water dui.⁶⁶⁰ Die invloed van die Griekse epiese tradisie is duidelik waarneembaar in Romeinse epos, ook in die frase *in mare purpureum* in *Geor. 4.373* (sien 8, *infra*). Volgens Edgeworth (1979:283) kan daar tog 'n chromatiese element in sodanige gebruik teenwoordig wees.

Purpureus bepaal chromaties die besondere skakerings van 'n sonsopkoms of -ondergang by Tibullus 1.4.29: *quam cito purpureos deperdit terra colores* ('hoe vinnig verloor die aarde sy **dieprooi** skakerings'; vgl. *TLL s.v. purpureus* II.B. *per similitudinem de eis, quorum rubor colorem purpurae adaequat* 1: c.a. *usus communi [de colore]*). Vels Heijn (1951:29) se genuanseerde vertaling 'heerlik' of 'pragtig' is ongewoon, hoewel die *TLL s.v. purpureus* 2707, reëls 50-51 so 'n beoordeling met *pulcher* en *speciosus* staaf.

Beide die gesonde blos van jeugdigheid of robuuste gesondheid en die rooi gloed van skaamte of skugterheid word deur *purpura* en *purpureus* aangedui. Hierdie betekenisemoontlikhede word geensins deur L&S en die *OLD* gelys nie. Skutsch (1986:526-27 n.361) wys op Ennius se besondere kontras van rooi en wit in *Ann. XI.viii.361(352)* (Skutsch): *et simul erubuit ceu lacte et purpura mixta* ('en terselfdertyd het hy geblous, soos wanneer **purperrooi** met [wit] melk gemeng is'; *TLL s.v. purpureus* II.B.1: b. *de sanguine α: respiciuntur ii qui [ea quae] sanguine vigent*). So ook Ovidius, *Am. 2.5.33-34*: ... *at illi / conscia purpureus venit in ora pudor* ('... maar bewustelik sprei 'n **dieprooi** skaamte oor haar gelaat').

Purpura en *purpureus* kom gewoonlik nie as epiteta van hare voor nie, met Nisus se rooi haarlok in die Skulla-mite as die uitsondering (vgl. *TLL s.v. purpureus* B. 1: d. *de crine Nisi*; sien b. *Purpureus* 6, *infra*). Waar Plinius Maior, *Nat. 9.125-38 purpureus* met die kleur van gestolde bloed (*sanguis concretus*) assosieer, kontrasteer Ovidius die rooi kleur van vars bloed (ook met *purpureus*) met die spierwit nek van die slagoffer in *Tr. 4.2.5-6: candidaque adducta collum percussa securi / victima purpureo sanguine pulset humum* ('die slagoffer is nader gebring en die wit nek, wat met die byl getref is, spreit **dieprooi** bloed op die grond'; vgl. *TLL s.v. purpureus* II.B.b. β. *respicitur umor ipse*).

Lucretius gebruik *purpura* en *purpureus* drie keer elk. In Catullus kom *purpura* een keer en *purpureus* vier keer voor. In die *Eclogae* gebruik Vergilius *purpureus* twee keer. Sy *Georgica* het twee voorbeelde van *purpura* en vyf van *purpureus* en in die *Aeneïs* kom *purpura* twee keer voor en *purpureus* vyftien keer.

⁶⁶⁰ *EV IV.357* verwys ook na *Od. β(2).428*, maar hier dui πορφύρεος nie op stormagtige ('agitato') water nie, aangesien Athena 'n gunstige en vars westewind oor die see stuur om Telemachos se boot aan te dryf. Waarskynlik dui die term op die beweging van water, soos hierbo aangedui. Vir die invloed van die Homeriese tradisie, vergelyk ook Alcman 89.5 Page *PMG* (πορφυρέας ἄλος), Simonides 571 *PMG* (πορφυρέας ἄλος), Alkaios B 13.2 L-P (πορφυρίαν θάλασσαν). Sien Edgeworth 1992:215-16.

Soos in die *TLL* uiteengesit, word die twee terme, *purpura* en *purpureus*, onderskeidelike in rubrieke A en B aangebied.

A *PURPURA*

1 **Van purper as kleurstof** (vgl. *TLL* s.v. *purpura* II. *pertinet ad colorem* A. 1: a. *α. strictius de suco animalis sc. de ostro sincero*)

Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 2.830-31: *purpura poeniceusque color clarissimu' multo, | filatim cum distractum est, disperditur omnis* ('**purper** en skarlakenrooi, by verre die helderste kleure, gaan heeltemal verlore wanneer dit stukkie vir stukkie uitmekaaargetrek word').

In hierdie passasie staaf Lucretius sy bewerings nie met tegniese bewyse nie, maar eerder met sy persoonlike waarneming. Wanneer die vesels van 'n gekleurde stuk lap losgetorring word, word die kleur al hoe ligter, selfs in die geval van die helderste van alle kleure soos dié van beide purper en helderrooi. Lucretius skryf dit toe aan die losmaak van atome wat baie dieper lê as wat met die oog waarneembaar is (4.111-12: ... *primordia tantum sunt infra nostros sensus...*). Selfs die kleinste vesel wat reeds dof en selfs kleurloos voorkom, is steeds baie groter as 'n enkele atoom en kan as bewys dien dat atome nie gekleurd kan wees nie. Lucretius gebruik beide *purpura* (hier met die oordragtlike betekenis) en *poeniceus* om sodoende 'n duidelike onderskeid tussen die skakerings van hierdie twee kleurterme te tref.⁶⁶¹

2 **Vir die uitbeelding van blomme** (vgl. *TLL* s.v. *purpura* II.A. *significatur ipse color* 2: b. *herbarum, florum sim.*)

Vergilius

Verg. *Geor.* 4.274-75: *aureus ipse, sed in foliis, quae plurima circum | funduntur, violae subluceat purpura nigrae* ('[die kern van die blom *amellus* is] self goudgeel, maar op die blomblare wat weelderig daarom groei, glim die **purper** van die donker "viooltjie" daaronder').

Sien IX. *AUREUS* 7.c.ii; VII. *NIGER* 7.b.vii. Hierdie passasie is uitsonderlik, aangesien Vergilius met *purpura* – 'n mensgemaakte kleurstof – 'n blom beskryf wat in die natuur purperkleurig voorkom. Soos in die Lucretius-passasie (sien *supra*) kom *purpura* in die Nominatief voor met die afgeleide betekenis en dien dit eenvoudig as die naam van die kleur wat deur die skulpdiere aan die mens verskaf is. Aangesien daar geen tegniese woordeskat vir 'n botaniese beskrywing van hierdie aard bestaan nie, is Vergilius genoodsaak om dit te skep, soos reeds aangedui. Die blom is saamgestel uit 'n kern (271: *flos*) wat *aureus* (274) as 'goudgeel' bepaal, terwyl die blom- of kroonblare (274: *foliis*)⁶⁶² wat rondom die kern gerangskik is met *purpura* se oordragtlike betekenis as 'n glansende (*subluceat*) purper (275)

⁶⁶¹ Sien #Bewys 6, voetnoot 188. Vir 'n soortgelyke onderskeid tussen die skakerings van *puniceus* en *purpureus*, sien voetnoot 642; vgl. *TLL* s.v. *purpureus* I: *e purpura factus, constans e suco animalis*.

⁶⁶² Sien voetnoot 444.

aangedui word. Hierdie kleurwaarde word deur *nigrae* verdiep tot 'n besondere skakering van donkerpurper – hedendaags moontlik dié van die *viola odorata* – om planmatig 'n opvallende kleurkontras met die blom se goudgeel kern te bewerkstellig.

3 Van purper as kleedstof (vgl. *TLL* s.v. *purpura* II.B.1: a. *generatim*)

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 2.500-1: *iam tibi barbaricae vestes Meliboeaque fulgens / purpura Thessalico concharum tacta colore* ('dan [sal jy] die klere van barbare en die glansende **purper kleedstof** van Meliboea, behandel met die kleurstof van Thessaliese skulpe').⁶⁶³

Net soos aangename geure en smake deur die ontdekking van iets beter oortref kan word, so ook sal al die pragtige kleure wat tans beskikbaar is, deur nuwes oortref word, mits atome oneindig baie vorme sou hê. Die naamwoord *purpura* kom met die uitgebreide betekenis 'purper kleedstof' voor met *fulgens* wat die kenmerkende glans daarvan beklemtoon

b. Catullus

Cat. 64.49: *tinctorum tegit roseo conchyli purpura fucos*⁶⁶⁴ ('**purper kleedstof** wat met die rosige kleurmiddel van die *conchylium*-skulp getint is, het [die huweliksbed] bedek').

Dit is die huweliksdag van Peleus en Thetis en die paleis skitter met goud en silwer (43: *regia, fulgenti splendent auro et argento*).⁶⁶⁵ Net so glansend soos gepoleerde (48: *politum*) ivoor, is die purperstof waarmee die huweliksbed bedek is.⁶⁶⁶ Aldus beklemtoon die digter eers die kleurvoorkoms van die deken, voordat die tonele wat daarop aangebring is, gedetailleerd beskryf word. Met die verwysing na ivoor (48: *Indo ... dente*) stel die digter ook 'n besondere kleurkontras tussen purperrooi (hier met die uitgebreide betekenis) en die implisiete afwit voorkoms van ivoor.

c. Vergilius

Verg. *Aen.* 5.250-51: *victori chlamydem auratam, quam plurima circum / purpura Maeandro duplici Meliboea cucurrit* ('vir die wenner is daar 'n kleed met goue borduursel wat met 'n breë strook in 'n dubbele randpatroon van Meliboea-**purper** reg rondom gekronkel het').

⁶⁶³ In *D.R.N.* 5.1423-24 word *purpura* met die uitgebreide betekenis gebruik. Die drag van primitiewe mense wat van velle en blare gemaak is, word met die dra van goud en purper kleedstof gekontrasteer: *tunc igitur pelles, nunc aurum et purpura curis / exercent hominum vitam ...* ('destyds was dit velle, nou treiter goud en **purper** die lewe van die mens met sorg ...'; vgl. *TLL* s.v. *purpura* II.B.a.a. *usu generali adhibetur ad significandas opes, divitias*).

⁶⁶⁴ *Fucus* (φῦκος) dui met primêre betekenis op seewier (*Lichen rocella* Linn.). Dit is tans die bron van lakmoes, maar in antieke tye is *fucus* as kleurstof gebruik om wol te kleur (vgl. Plinius Maior, *Nat.* 26.10). Die oordragtelik betekenis moontlikheid dui op 'n 'dieprooi' of 'purper' kleur wat somtyds as kleurmiddel saam met egte *purpura* gebruik is. Sien ook Plinius Maior, *Nat.* 26.103: *fucus marinus conchyliis substernitur* ('seewier word as basis vir *purpura* [die kleurstof van *conchylium*-skulpe] gebruik'; vgl. Fordyce 1966:285).

⁶⁶⁵ Volgens Gow (1952b:298 n.123-30) hou die uitbeelding verband met die huweliksfees van Aphrodite en Adonis in Theokritos, *Id.* 15.123-25: ὦ ἔβενος, ὦ χρυσός, ὦ ἐκ λευκῶ ἐλέφαντος | αἰετοὶ οἰνοχόον Κρονίδα Διὶ παῖδα φέροντες, | πορφύρεοι δὲ ταπιητὲς ἄνω μαλακώτεροι ὑπνω ('o eboniet, o goud, o arende van wit ivoor wat na Zeus, nasaat van Kronos, 'n seun bring as wynskinker; en bo-oor is purper dekens, sagter as die slaap self').

⁶⁶⁶ Volgens Elder (1951:121) word die kleure in reël 49 geleidelik donkerder: *tinctorum* dui op die fisiese proses om die kleurstof aan te bring, *roseus* dui op roospiekn, *conchylium* en *purpura* word met purper geassosieer, en *fucus* met donkerrooi. Daarenteen dui *fucus* in hierdie konteks eerder op 'n kleurproses wat saam met *tinctorum* hierdie reël omraam.

As wanner van die bootresies ontvang Cloanthus 'n kleed wat uitsonderlik versier is. Die frase *purpura* ... *Meliboea* kan met *purpura* se uitgebreide betekenis na Lucretius terugverwys (sien *supra*), terwyl die werkwoord *cucurrit* volgens Edgeworth (1992:150) met ζέε (*sic*; eerder θέε) in Homeros, *Il.* Z[6].320 ooreenstem. Conington (1884:353 n.251) wys op die uitbeelding in *Il.* Ψ(23).561, hoewel dit na die randpatroon van 'n borsplaat verwys.

4 Tipierend van oppergesag (vgl. *TLL* s.v. *purpura* II.B.1: b.β. *regum*)

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 2.495-96: *illum non populi fasces, non purpura regum | flexit ...* ('nóg die volk se roedebondels, nóg die **purper** van konings het hom [die geseënde] beïndruk ...').

In reëls 495-540 herbeklemtoon Vergilius die voordele van 'n landelike lewe en brei hy uit op die tema van die geseënde man (493: *fortunatus et ille ...*) wat nie hunker na status, ere-posisies, mag of rykdom nie. Ambisie en hebsug word met vrede en vergenoegdheid gekontrasteer wat die lewe van die landbouer kenmerk (513-31). Purper (*purpura* met die uitgebreide betekenis) word met koninklike gebruik en magsvertoon geassosieer, ook met Tiriese purper (506: *Sarrano ... ostro*) en opgegaarde goud (507: *defossoque ... auro*) wat Vergilius veroordeel: Diesulkes is deurdrenk met die bloed van hul broers en hulle verruil dit wat eie aan hulle is vir 'n ander vaderland onder 'n ander son (510-12).

ii. Verg. *Aen.* 7.251-52: *... nec purpura regem | picta movet nec sceptram movent Priameia ...* ('... nóg die borduurwerk op die **purper kleed**, nóg Priamus se septer beïndruk die koning ...').

Latinus se gedagtes is eerder op sy dogter se huwelik gefokus as op die kosbare geskenke wat 'n purper kleed en die septer van Priamus insluit. Die frase *purpura ... picta* verwys waarskynlik terug na die frase δίπλακα πορφυρέην ('purper weefwerk') in Homeros, *Il.* Γ(3).126 wat verband hou met Helena se weefwerk, maar in *Il.* X(22).441 word Andromache vermeld, beide as onheilspellende voortekens (vgl. Edgeworth 1992:5). In *Geor.* 2.495 dui die frase *populi fasces* op 'n magsimbool waarna die woord *sceptram* in *Aen.* 7.252 ook verwys. Gevolglik kan ons aflei dat *purpura* hier behalwe die uitgebreide betekenis moontlikheid ook genuanseer met 'mag' of 'aansien' vereenselwig word wat nie as sulks in die *TLL* aangedui word nie.

B PURPUREUS

1 Met verwysing na purper as kleur (vgl. *TLL* s.v. *purpureus* i.q. *ad purpuram pertinens* I. e *purpura factus*)

Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 6.1074-75: *purpureusque colos conchyli iungitur una | corpora cum lanae ...* ('en die **purper** kleur van die skulpdier [afkomstig] word slegs met wolstof verenig ...').

Lucretius verduidelik die konsep van kohesie, waarvolgens water en wyn inderdaad kan meng, maar nie olie met water nie. Insgelyks is dit moontlik dat wol volgens al die nodige prosesse met *purpura* gekleur kan word om dit besonder kleurvas te maak. Hier word *purpureus* met die primêre betekenis gebruik.

2 Van purperkleurige stowwe (vgl. *TLL s.v. purpureus* II.A.1: a. *usu communi a de veste, calceamentis sim.*)

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 2.51-52: ... *neque fulgorem reverentur ab auro / nec clarum vestis splendorem purpureai* ('... hulle vrees nóg die glinstering van goud, nóg die helder glans van 'n **purperkleurige** kledingstuk').

Volgens Lucretius moet die gemoed vry van angs wees sodat die individu rustigheid (*ἀταραξία*) kan verkry. Die mens se grootste vrees is dat gode sy daaglikse lewe beheer en dat straf in die Onderwêreld vir hom bestem is. Hierdie bygelowe kan nie met invloed of mag verdryf word nie, ook nie met die dra van purperstof nie (*vestis*⁶⁶⁷ ... *purpureai*) wat as 'n vertoonstuk van status en welvaart moet dien. Hiervoor het Lucretius goeie raad: 'n Studie van die filosofie sal die ware oorsaak van dinge uitlig en valse vrese verjaag. Die skaars genitief enkelvoud suffiks '-ai' van die kleurwoord *purpureai* word hier met sy primêre betekenis gebruik.

b. Catullus

Cat. 64.162-63: *candida permulcens liquidis vestigia lymphis, / purpureave tuum consternens veste cubile* ('[as slavin sou ek liefdevol] jou wit voete met vloeiende water was of jou bed met 'n **purperkleurige** deken bedek').

Ariadne se liefdestakies vir Theseus behels die was van sy voete en die versiering van die bed met 'n dieprooi deken. Die plasing van *candida* en *purpurea* (met die primêre betekenis), onderskeidelik in die beklemtoonde aanvangsposisies van direk opeenvolgende reëls, bewerkstellig 'n planmatige kleurkontras van wit en rooi. Hierdie kleurgroepering dien aanvanklik as beskrywende elemente van 'n bekoorlike uitbeelding wat langamerhand uitbou tot aspekte van tragiese patos (vgl. Clarke 2003:53, met verwysing na O'Connell 1977:755).⁶⁶⁸

c. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 3.24-25: *vel scaena ut versis discedat frontibus utque / purpurea intexti tollant aulaea Britanni* ('of [dit is aangenaam om te sien] hoe die agtergrond uitswaai as die sytonele omgekeer word en hoe die ingeweefde Britte die **helderrooi** gordyne optrek'; *TLL s.v. purpureus* II.A.β: *de rebus variis*).

⁶⁶⁷ *Purpureus* met die primêre betekenis word ook van *vestis* gebruik in *D.R.N.* 5.1427-28: ... *at nos nil laedit veste carēre | purpurea atque auro signisque ingentibus apta* ('... maar dit pla ons geensins om sonder **purper** kledy wat met goud en groot patrone versier is, te wees nie').

⁶⁶⁸ In Catullus 64.307-8: ... *vestis / candida purpurea talos incinxerat ora* ('... die [*Parcae* se] skitterwit kledy met **purper** omboorsel het tot op hul enkels gereik') kom *purpurea* met die primêre betekenis voor. Sien II. *CANDIDUS* 4.

Ter ere van Caesar onderneem die digter om op Mantua se groen velde 'n denkbeeldige tempel van marmer op te rig (3.13: *et viridi in campo templum de marmore ponam*; sien XXV *RUB-groepering 1.c.vii). Ingeweef op die tempel se verhoog is die gordyne met uitbeeldings van Britte wat die omvang van Rome se invloed tot aan die eindes van die aarde beklemtoon.⁶⁶⁹ Behalwe die wit marmerbeelde is die enigste verdere kleurdetail in hierdie reëls die opvallende rooi gordyne (*EV IV.356*), hier met *purpurea* se primêre betekenis uitgebeeld.⁶⁷⁰

Mantua is die wêreld van Vergilius se jeug, waar grond verbeur is met die vestiging van Octavianus se oudgediendes. Opvallend genoeg kom die kleurwoorde vir groen (implisiet) en wit (eksplisiet) ook voor in *Geor.* 2.198-99 (*et qualem infelix amisit Mantua campum / pascentem niveos herboso flumine cycnos*), hoewel die fokus eerder genuanseerd op patos val waartoe die sinsdeel *infelix amisit* ryklik bydra (sien V. *NIVEUS* 5.ii). In *Geor.* 3.13 volg 'n verdere verwysing na die lowerryke Mantua, maar nou met *viridi* van die velde en die marmertempel wat implisiet wit is – dus 'n herhaling van 'n wit-en-groen kleurpaar wat die welige groei van die omgewing beklemtoon. Tog kom hierdie kleurpaar nie so sterk oor nie en wil dit voorkom asof daar 'n steurende ondertoon aanwesig is wat die digter wil beklemtoon: Die uitgebreide omvang van Rome se mag en aansien word nie net met *purpurea* (3.25) weergegee nie, maar ook met *auro* en *elephanto* (26), dus 'n sterk kleurgroepering van rooi/purper, goud en wit (implisiet). Opvallend genoeg is dit 'n herhaling van die tema aan die einde van Boek 2 in reëls 458-540 wat met die terme *purpura* (495), *ostro* (506) en *auro* (507) as beklemtoning dien van verskillende lewenstyle: die magsbehepte se uitspattige en onnatuurlike bestaan in die stede in kontras met die opregte eenvoud en *honestas* van die landbouer, in reël 465 metafories weergegee met die frase *alba... lana*.

ii. Verg. *Aen.* 1.336-37: *virginibus Tyriis mos est gestare pharetram / purpureoque alte suras vincire coturno* ('Tiriese meisies dra gewoonlik 'n boog en bind hul kuite hoog met **karmosynrooi** stewels'; vgl. *TLL s.v. purpureus* II.A.1: a.a. *de veste, calceamentis sim.*).

Venus lig Aeneas in dat Tiriese meisies gewoonlik 'n boog en purper stewels dra wat *purpureo* ongenuanseerd met die primêre betekenis bepaal.⁶⁷¹ 'n Soortgelyke beskrywing kom voor van Diana in

⁶⁶⁹ Ook in *Ecl.* 1.66 word daar na dieselfde beskouing verwys: *et penitus toto divisos orbe Britannos* ('[ons moet trek] na die Britte wat van die ganse wêreld geskei is'). Hoewel in 'n ander konteks verwys Brink (1969:139) na die 'ou Romeine se heersersgees' en hul 'voorliefde vir oordaad en swier'.

⁶⁷⁰ Die *scaena ductilis* was die agtergrond(-doek) van die verhoog wat na weerskante toe weggetrek is om 'n volgende toneel te wys (*scaena ut ... discedat*). Die *scaena versatilis* was skynbaar aan weerskante van die verhoog, driehoekig in vorm met drie verskillende tonele (*frontes*) wat gewoonlik 'n landskap, 'n straattoneel en die interieur van 'n gebou uitgebeeld het. Hierdie strukture is gedraai (vandaar *versis*) om saam met die *scaena ductilis* 'n nuwe toneel te skep (vgl. Conington 1881:283-84 n.24-5; Page 1968:292-93 n.24-5). Volgens Thomas (1988b:43), egter, dui die frase *scaena versatilis* eerder daarop dat die hele verhoog omgedraai word om 'n nuwe toneel te wys.

⁶⁷¹ Vir die volgende twee voorbeelde, sien die *TLL s.v. purpureus* II.A.1: b. *per enallagen de ipsis hominibus purpura vestitis, ornatis sim.*: *Aen.* 9.162-63: *... ast illos centeni quemque sequuntur / purpurei cristis iuvenes auroque corusci* ('... maar 'n honderd [Rutuliese] jongmanne met **helderrooi** pluime en glansend in goud volg elkeen van hulle'); 10.721-22: *hunc ubi miscentem longe media agmina vidit, / purpureum pennis ...* ('toe sien [Mezentius] van ver af [vir Acron] met sy **helderrooi** pluime wat midde in die linies amok maak ...').

Ook 12.602: *purpureos moritura manu discindit amictus* ('op die punt om te sterf, het sy [Dido] die **purper** kleed met haar hande aan flarde geskeur' vgl. *TLL s.v. purpureus* II.A.2: a.a. *usu communi*); 3.404-5: *et positus aris iam vota in litore solves,*

Ecl. 7.32 (*puniceo ... suras evincta coturno*), hoewel met die kleuradjektief *puniceo* (sien XVI. *PUNICEUS* 3.b.i.) waarvolgens dit voorkom asof Vergilius geensins tussen die kleurwaardes van *purpureus* en *puniceus* onderskei nie. In die *Aeneïs*-passasie word daar moontlik met die frase *purpureo ... cothurno* terugverwys na die tragedieskrywer, Livius Andronicus, *Ino* fr. 1.5.

3 By die uitbeelding van druiwe (vgl. *TLL s.v. purpureus* II.B.1: a. *de alimentis, fructibus sim. [de colore]*)

Vergilius

Verg. *Geor.* 2.94-95: *temptatura pedes olim vincturaque linguam, | purpureae praeciaeque ...* ('[daar is die Lageïese wyn] wat op 'n dag jou voete sal pootjie en jou tong sal knoop, die **purperkleurige** [druiwekorrels] en die *Praeciae*-druie ...').

Sien I. *ALBUS* en *ALBESCO* 3.b.iv. Soos reeds uitvoerig aangedui, behandel Vergilius in reëls 89-102 die geografiese herkoms van druiwe, die wingerdstok en verskillende wynsoorte. Ten spyte van die voorkeure van sy tyd, word hierdie onderwerp op 'n unieke wyse aangepak (vgl. Page 1968:251-52) en sluit die seleksie slegs vyftien verskillende soorte in wat telkens volgens lokaliteit in drie groepe van vyf elk aangebied word. Aanvanklik wil dit voorkom asof groeperings volgens kleur nie vir die digter belangrik is nie, aangesien *geen* wyn eksplisiet met 'n kleur verbind word nie. Daarenteen bepaal *albus* die wynstok in reël 91 en *purpureae* (met die primêre betekenis) dui op 'n spesifieke soort druif met donkerrooi korrels (*EV* IV.356). Met hierdie eksplisiete kleurverwysings skep die digter op 'n besondere vernuftige wyse 'n kleurpaar van wit en donkerrooi/purper wat tematies verband hou met die mens se vergrype aan wyn wat moreel onaanvaarbaar is.

4 Tiperend van 'n blos (vgl. *TLL s.v. purpureus* II.B. 1: b.a. *respiciuntur ii qui (ea quae) sanguine vigent, sc. animantium ora, genae sim.*)

Catullus

Cat. 45.11-12: *et dulcis pueri ebrios ocellos | illo purpureo ore suaviata* ('en [Acme] het met haar **purperrooi** mond die dronk oë van haar geliefde gesoen').

Acme is dol verlief op Septimius en soen die oë van haar geliefde. Volgens Clarke (2003:129) is die verwantskap tussen *purpureo* en *ebrios* opvallend met eersgenoemde term wat wyn se donkerrooi kleur bepaal, terwyl *ebrios* die effek van die wyn op die drinker aandui. Moontlik het die wyn wat *purpureo* met die primêre betekenis uitbeeld, Acme se mond gevlek, 'n uitbeelding wat Horatius, *Carm.* 3.3.12 ook beskryf: *purpureo bibit ore nectar* ('[Augustus] drink wyn met 'n **purper** mond'). Wat laasgenoemde aanhaling betref, haal Edgeworth (1992:221-22) Bentley aan: *nihil aliud est purpureo*

purpureo velare comas adopertus amictu ('en wanneer die altaar opgerig is en jy dan op die strand jou geloftes sal betaal, bedek jou hare met 'n **purper** kleeft'; vgl. *TLL s.v. purpureus* II.A.2: b. *sacerdotes, vates sim.*); en 4.138-39: *cui pharetra ex auro, crines nodantur in aurum, | aurea purpuream subnectit fibula vestem* ('[Dido se] pylkoker is van goud, [Dido se] hare is met goud deurvleg, [en] 'n goue knip speld haar **purper**kleed vas'; vgl. *TLL s.v. purpureus* II.A.3: *dei deaeve paganorum*).

ore quam pulchro et formoso ('daar is geen ander [betekenis] vir die **purper** mond as dat dit mooi en aantreklik is nie'). Ook die *TLL* s.v. **purpureus** II.B.b.α. ... *accedit hic illic notione pulchritudinis* vereenselwig **purpureo** in die Acme-passasie met 'aanloklikheid' of 'skoonheid'. **Purpureus** is egter 'n ongewone epiteton vir die natuurlike kleur van 'n mond of lippe, aangesien die gebruiklike kleurwoord *roseus* is, onder andere *roseis* ... *labellis* in Catullus 63.74. Waar πορφύρεος van 'n mond voorkom, is 'n sinvolle verklaring volgens Irwin (1974:18) nie altoos moontlik nie en kan dit ook op die glans en spel van lig op die lippe dui. Daarenteen huldig Librán Moreno (2017:203) die mening dat Venus en Aphrodite, of eerder *Amor* – dus liefde in die algemeen – met **purpureus** geassosieer word, sodat die uitbeelding van Acme se purperrooi mond eerder 'n literêre tradisie as 'n fisiese kwaliteit is. Ook Ovidius, *Am.* 3.14.23 gebruik die frase **purpureis labellis** wat daarop dui dat Acme en haar geliefde nie soseer dronk van wyn is nie, maar eerder van liefde wat sou beteken dat **purpureo** hier genuanseerd voorkom. Hierdie besondere betekenismoontlikheid word nie deur die *TLL* aangedui nie.

5 Beskrywend van 'lewensvog' (vgl. *TLL* s.v. **purpureus** II.B.b *de sanguine β respicitur umor ipse*)

Vergilius

Verg. *Aen.* 9.349: **purpuream**⁶⁷² vomit ille animam ... ('[Rhoetus] braak rooi lewensvog ...').

Wanneer die vyand sy swaard in Rhoetus se bors indruk, braak hy sterwend sy bloed wat hier met die frase **purpuream** ... *animam* weergegee word. Hierdie passasie word dikwels as bewys voorgehou dat hierdie kleurwoord op die kleur van bloed kan dui (sien L&S), hoewel daar verskeie betekenis aan **purpuream** gekoppel kan word: Volgens Servius *ad loc.* kan **purpuream** met *ensem* (347) kongrueer, as aanduiding van 'n bloedbesmeerde swaard wat in hierdie konteks onaanvaarbaar is. Die term kan ook op die 'golwende effek' (Engels: 'spurting') dui van bloed wat gebrak word (vgl. André 1949:100), of dit kan chromaties van *animam* voorkom wat op die kleur van bloed of wyn dui (349-50: ... *cum sanguine mixta | vina* ...). Edgeworth (1992:153) noem tereg dat die Homeriese frase πορφύρεος θάνατος ('purper dood') hier 'n rol speel en dus nie letterlik opgeneem moet word nie, in watter geval die frase **purpuream** ... *animam* genuanseerd op die dood sou kon dui. Ook hierdie betekenismoontlikheid word nie deur die *TLL* aangedui nie.

⁶⁷² Hier is 'n teksprobleem: Sekere *recentiores* bied **purpuream** (349) wat *ensem* in reël 347 bepaal en deur Servius en Hirtzel aanvaar is (vgl. Edgeworth 1992:152-53). Die frase **purpuream animam** is egter volgens Conington (1883:192 n.349) poëties aanvaarbaar, sodat die teks wat hier gebruik word, afwyk van die Oxford-lesing in reëls 348-49: ... *et multa morte recepit | purpureum: vomit ille animam* ... Die frase **purpuream** ... *animam* (pace Hardie) kan dus terugverwys na Homeros wat 'n kryger se dood met πορφύρεος beskryf, sodat die kleurwaarde op gestorte bloed – en dus ook die dood – dui. Dit gee aanleiding tot die frase πορφύρεος θάνατος ('purper dood') as *formula* in *Il.* E(5).82-83, Π(16).334 en Y(20).477. In die *Anthologia Pallatina* 11.13.2 word daar na gepersonifieerde Dood as ó πορφύρεος, 'die purper ene,' verwys (vgl. Librán-Moreno 2017:204).

6 Van blomme (vgl. *TLL s.v. purpureus* II.B.c. de floribus, herbis sim.)

Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 5.38-39: *pro molli viola, pro purpureo narcisso | carduus et spinis surgit paliurus acutis* ('in die plek van die sagte "viooltjie", in plek van die rooi/purper "narsing" spruit die distel en die doringstruik met sy skerp stekels uit'; vgl. *TLL s.v. purpureus* II.B.c.α: *usu communi [de colore]*).

Daphnis het gesterf en selfs Pales en Apollo het die land verlaat. 'n Vloek het die aarde getref, want drabok en wildehawer kom in die plek van gars op, terwyl distels en dorings die plek van blomme inneem. Soos die geval met verskeie ander antieke blomsoorte, is die identifikasie van blomspesies tans geensins afgehandel nie, sodat die relevante kleur van die 'narsing' onseker en omstrede is. Irwin (1974:205) wys op die Griekse woord λείριον wat volgens Theophrastos, *H.P.* 3.13.6, 3.18.11 en 9.16.6 moontlik op die 'lelie' kan dui, maar in *H.P.* 1.13.2, 6.8.1, 7.13.4 en veral 9.16.6 kom dit van die 'narsing' voor. Ook Boisacq (1923: *ad loc.*) en Frisk (1960: *ad loc.*) vereenselwig λείριον met beide die *Lilium candidum* en *narcissus*, waarvan die kleur van eersgenoemde spierwit kan wees (sou die assosiasie korrek wees), terwyl die 'narsing' wit of geel kan wees. Die omvang van die verwarring word vererger as Conington (1881:63-64 n.38) *purpureo* (wat op purper of rooi kan dui) met enige helder kleur vereenselwig wat hy staaf met verwysings na Horatius, *Carm.* 4.1.10: ... *purpureis ales oloribus*; ook met die frases *lumenque iuventae | ... purpureum* in *Aen.* 1.590-91 en *lumine ... purpureo* in 6.640-41. Hierdie voorbeelde is egter uit konteks aangehaal en kan nie as bewysvoering dien nie. Hy sluit af met die vreemde vertaling *wit 'narsing'* van die frase *purpureo narcisso*, hoewel hy ook *Ciris* 96 aanhaal (*suave rubens narcissus* ['die sagte rooi "narsing"']). Volgens Page (1968:135 n.38) en Clausen (1994:153 n.35-9) is die betekenis van *purpureo* 'helder' of 'glansend,' of, volgens Plinius Maior, *Nat.* 21.12, bloot chromaties 'n 'narsing' met 'n purperrooi blomkelk. Weens die onsekerheid van die blomspesie dui die frase *purpureo narcisso* op die generiese kleurwaarde 'rooi' of 'purper,' hier as die primêre betekenis moontlikheid.⁶⁷³

Hoewel die frase *pallentis violas* ('ligkleurige "viooltjies"')⁶⁷⁴ in *Ecl.* 2.47 in 'n sekere mate kleuraanduidend kan wees, is die frase *molli viola* (37) slegs beskrywend van die blom se sagte of brose tekstuur. Die epiteton *mollis* se betekenis moontlikhede is wydlopend en dit word van blomme, blare, struik, gras, slaap en selfs wyn gebruik (*OLD*), maar sluit geensins enige ligte of 'sagte' kleurwaardes (hier dus tinte) in nie. Die frase *molli viola* dien slegs as kontras vir die stekelrigheid van die distels en dorings (vgl. Clausen 1994:164 n.38).

⁶⁷³ Ook in *Ecl.* 9.40-41 word *purpureum* metonimies gebruik: *hic ver purpureum, varios hic flumina circum | fundit humus flores ...* ('hier is lente "veelkleurig" [let. 'rooi'], hier by die waterstrome strooi die aarde verskillende blomme ...'; vgl. *TLL s.v. purpureus* II.B.1: c. β. *per enallagen: de vere florum pleno*). Die frase *ver purpureum* kan moontlik terugverwys na Theokritos, *Id.* 18.27 (λευκον ἔαρ), Pindaros, *I.* 4.18-19 en *P.* 4.64 wat ook na lente se rooi blommeprag verwys (vgl. Edgeworth 1979:284).

⁶⁷⁴ Volgens Clausen (1994:79 n.47) is die bleekheid van 'n Romein wat met *pallens* aangedui word, nie wit of asvaal nie, maar gelerig, onder andere in Horatius, *Epod.* 10.16: ... *pallor luteus*.

ii. Verg. *Geor.* 4.54-55: **purpureosque metunt flores et flumina libant | summa leves ...** ('[die bye] versamel die nektar van **gekleurde** (let. 'rooi') blomme en drink liggies aan die soom van die stroompies ...').

Die aanbreek van warmer weer, wanneer die bye ywerig aan die werk spring (53: *continuo ... peragrant*), word met 'n gevoel van vreugde vereenselwig (55: *laetae*). Met die frase *sol aureus* (51) baai die digter hierdie uitbeelding in goudglansende lig wat ook hier as *leitmotief* vir die leser se geestesvoorstelling van die hemelliggaam dien. In reëls 51-52 kontrasteer die digter met versigtige woordplasing winter se donkerte (*sub terras*) en die somerlig (*aestiva luce*), verder beklemtoon met 'n tweede verwysing na die somer (59: *aestatem liquidam*). Die bye deurkruis bergweides en woude (53: *saltus silvasque*), drink eers 'n bietjie water en gaan dan voort met hulle groot taak: die insameling van nektar. Die term **purpureos**, baie opvallend aan die begin van die versreël geplaas, bepaal metonimies 'n verskeidenheid van blomkleure, anders as in *Geor.* 4.109 (sien IX. *CROCEUS* en *CROCUS/CROCUM* 2.ii), waar die klem eerder op blomme se geur as op hul kleur geplaas word.

iii. Verg. *Aen.* 5.79: **purpureosque iacit flores ...** ('en [Aeneas] strooi **karmosynrooi** blomme ...'); vgl. *TLL s.v. purpureus* II.B.c.a. *de floribus in funere sim. sparsis*).

Die rites ter ere van Anchises behels ook die strooi van blomme wat **purpureos** met die primêre betekenis bepaal.⁶⁷⁵ Dit is duidelik dat die spesie van die blomme nie vir die digter belangrik is nie, maar slegs hul kleur, dieprooi of karmosynrooi wat eksplisiet vermeld word. Die rite aan dooies vereis ook 'n plengoffer in dubbele mate van wyn, vars melk en bloed (77-78) waarvan die kleur implisiet met dié van die blomme vereenselwig word. Ook Servius *ad* 3.67 verwys na *sanguineus color* as een van die rituele kleure tydens die offerande aan die dooies om 'n opvallende kontras van implisiete wit (78: *lacte*) en rooi (moontlik wyn, maar vir seker bloed) te bewerkstellig.

7 Die uitbeelding van hare (vgl. *TLL s.v. purpureus* II.B.1: d. *de crine Nisi*)

Vergilius

Verg. *Geor.* 1.404-5: *apparet liquido sublimis in aëre Nisus, | et pro purpureo poenas dat Scylla capillo* ('hoog in die helder lug verskyn Nisus en Skulla boet vir die **helderrooi** haarlok').

Die tekens (*signa*) wat in die natuur op slegte weer dui (351-92), word opgevolg deur dié van goeie

⁶⁷⁵ In die *Aeneïd* kom die beskrywing van purper of rooi blomme 'n verdere drie keer voor, hetsy eksplisiet of implisiet. Die frase **purpureos ... flores** word herhaal in 6.884 (in die Onderwêreld strooi Anchises blomme vir Marcellus); in 9.435 dui dieselfde frase **purpureus ... flos** en 'n papawer (wat Edgeworth [1992:26-28] ook met 'n rooi kleur vereenselwig) op Euryalus se dood; so ook *soporiferumque papaver* in 4.486 (sien *flore rufo* in Plinius Maior, *Nat.* 19.8; en **purpureis ... papaveribus** in Propertius 1.20.38), hoewel die element van verdowing by Vergilius waarskynlik meer prominent is. In 12.319 is Aeneas ernstig gewond, waarop Venus verskyn (12.413-14) met die purperrooi blom van die *dictamnus: flore ... | purpureo ...*. In 11.68-71 word Pallas met 'n 'viooltjie' of 'n 'hiasint' vergelyk wat Edgeworth as rooi of purper beskou, maar aangesien die presiese spesies van hierdie blomsoorte tot op hede onseker is, word sy siening bevestig. Die assosiasie van 'n purper of rooi blom met die dood (vgl. Harrison 1994:278) berus nie alleen op literêre voorgangers nie, maar ook op die Romeinse gebruik om blomme op die grafte van dooies te strooi op sekere dae van die jaar, onder andere die *Violaria* op 22 Maart en die *Rosalia* of *Rosaria* op 11 Mei.

weer soos beskryf in reëls 393-423. Dit behels die teenwoordigheid of geroep van vyf verskillende soorte voëls as *signa: alcyones* (399: ‘visvangers’ volgens Thomas [1988a:135 n.398-99]); *noctua* (403: ’n uiltjie), Nisus (404, met herhaling in 408, as die see-arend, *haliaëtus*), Skulla (404, as *ciris*, ’n mitiese seevoël) en *corvii* (410: kraaie). Die kleurwoord **purpureo** kom selde van hare voor en dus is die uitbeelding van Nisus se karmosynrooi haarlok met **purpureo** se primêre betekenis hoogs uitsonderlik.

Hoewel daar verskeie weergawes van die mite is, kom die vroegste beskrywing in die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde in *Ciris* 52 voor, ook met die term **purpureo: hanc pro purpureo poenam scelerata capillo** (‘[Skulla], die vervloekte, betaal hierdie prys vir die **helderrooi** haarlok’; vgl. Gantz 1993:257). Na aanleiding van die frase *roseus crinis* in *Ciris* 122 (125 [*sic*] volgens Erren [2003:223 n.405] wat blykbaar ’n variante versrangering gebruik), beskou Hollis (1970:36) die kleurwaarde van **purpureus** in hierdie konteks as ‘skarlakenrooi’ eerder as ‘purper’. In Ovidius kom beide **purpura** en **purpureus** voor, eersgenoemde in *Met.* 8.79-80: ... *illa beatam | purpura me ...* (‘... daardie **helderrooi** [haarlok] sal my voorspoedig maak ...’); en **purpureum** in 8.92-93: ... *cape pignus amoris | purpureum crinem ...* (‘... neem as pand van my liefde hierdie **skarlakenrooi** haarlok ...’).⁶⁷⁶ Hoewel **purpureo** met geen emotiewe betekenismoontlikhede vereenselwig word nie, kan die term wel met Nisus se lewe, sy rykdom en status verband hou wat Skulla se verraad teenoor hom des te meer beklemtoon.⁶⁷⁷

8 Tiperend van lig (vgl. *TLL s.v. purpureus* II.B.2: a. *de rebus* α. *de lumine*)

a. Catullus

Cat. 64.274-75: *post vento crescente magis magis increbescunt, | purpureaque procul nantes ab luce refulgent* (‘later met die wind aan die toeneem, word [die golwe geleidelik] al hoe meer en meer en waar hulle in die verte dein, glinster hulle vanweë die **diep-rooi/purper** lig’).

Die digter vergelyk die vertrek van die Thessaliese jeug met branders wat vroeg in die oggend deur ’n wind in beroering gebring word. Aangesien die dag nou aan’t breek is (271: *Aurora exoriente*), beeld **purpurea** met die primêre betekenis al die rooi skakerings uit wat met die eerste daglig geassosieer word.⁶⁷⁸ Ovidius verwys na sonsondergang met die frase **purpureum diem** in *Fast.* 3.518.

⁶⁷⁶ Richter (1957:171-72 n.406 ff.) verwys vreemd genoeg na die helderrooi haarlok as ‘eine goldenen Locke’.

⁶⁷⁷ Volgens hierdie mite moes Nisus, koning van Megara, sy stad aan Minos afstaan weens die verraad van sy dogter, Skulla. Die heil van die stad het op Nisus se helderrooi haarlok berus wat Skulla, óf vanweë haar liefde vir Minos, óf deur hebsug, van haar vader se kop afgesny het. Daar is verskeie weergawes van beide Minos en Skulla se lot (sien Gantz [1993:257-58], onder andere in *Ciris*, in Ovidius, *Met.* 8.6-151 en in Propertius 3.19.21-28). In *Ciris* verander Amfitrite vir Skulla in die seevoël, *ciris*, en Zeus vir Nisus in die see-valk, *haliaëtus*, sodat hy as roofvoël sy dogter kan jag.

⁶⁷⁸ Die Homeriese epiteton *ροδοδάκτυλος* wat dagbreek aandui in *Il.* A(1).477, Z(6).175 en I(9).707 word gewoonlik vertaal as ‘met rosige vingers’. Dit sou kon dui op die strepe lig (soos ‘vingers’) in die oosterhemel en die gepaardgaande rooskleurige skakerings. Irwin (1994:1-13), daarenteen, argumenteer oortuigend dat die algemeen aanvaarde chromatiese gebruik van die term foutief is: Die vingers (*ροδοδάκτυλος*) en arms (*ροδόπηγος*) van godinne en sterflike vroue word deur Griekse en epiëse digters van voor die vyfde eeu vC met die prag, soet geur en sagte *tekstuur* van die roos vergelyk en nie met die roos se *kleur* nie. [my beklemtoning]

b. Vergilius

Verg. *Aen.* 6.640-41: *largior hic campos aether et lumine vestit | purpureo ...* ('hier klee 'n guller lugruim/eter die velde met 'n **rosige** skynsel ...').

Aeneas se tog deur Hades is skrikwekkend en beklemmend, maar die stemming verander sodra hy sy taak afhandel en die goue tak op Proserpina se drumpel plaas (636: ... *ramumque adverso in limine figit*). Hy bereik Elisium wat in kontras as aangenaam voorgehou word (638: ... *locos laetos et amoena virecta*). Die lig waarin die velde gebaai word, word met die frase *lumine ... purpureo* uitgebeeld, waarvan die interpretasie uiteenlopende reaksie ontlok: In die algemeen word die chromatiese betekenis van *purpureo* verwerp en word die uitgebreide betekenis 'pragtig' of 'glansend' verkies.⁶⁷⁹ In die direk opeenvolgende reël 642 verwys die digter na die 'grasbedekte' oefenvelde (*gramineis ... palaestris*), met *herbam* (656) en *gramineis* (684) wat implisiet met 'groen' verbind kan word; so ook kan *virecta* (638) en *virenti* (679) met *virere* ('om groen te wees') verband hou (L&S). Behalwe die beskrywing van geelbruin sand (643: *fulva ... harena*) wat soos *purpureo* eksplisiet met kleur verbind word, versterk bogenoemde die indruk dat Elisium in 'n sekere mate as 'kleurvol' beskryf word, met uitbeeldings wat ook implisiet tot die beskrywing bydra.⁶⁸⁰ Dit sou beteken dat *purpureo* inderdaad hier chromaties voorkom van die velde wat in 'n 'rosige' lig gehul word (sien Gossrau [1876:304] *ad Aen.* 6.641, waarna Edgeworth [1992:225 n.22] verwys; ook Norden [1970:89 n.277] se vertaling 'Purpurglanze'). Volgens Hermann en Cagiano de Azevedo (1969:387) is die lig tereg nie 'glansend' nie, maar eerder 'n dowwe gloed wat die siele in Elisium aan die lewe herinner wat die beloning vir die deugsames is. Dit is opvallend dat Vergilius *purpureo* gebruik wat, baie subtiel, tóg aan die dood herinner, aangesien hierdie epiteton telkens in die *Aeneis* (uitgeslote *Aen.* 1.591, sien 9) daarmee geassosieer word.⁶⁸¹

9 As bepaler van die see (vgl. *TLL* s.v. *purpureus* II.B.2: a. *de lumine* iii. *vitri* β. *de mari, fluctibus sim.*)

Vergilius

Verg. *Geor.* 4.372-73: ... *quo non alius per pinguia culta | in mare purpureum violentior effluit amnis* ('... onstuimiger as enige ander vloei die rivier deur die ryk bewerkte landerye voort na die **blink-bewegende** see').

In sy moeder se ondergrondse waterkoninkryk staar Aristaeus in verwondering na die magtige vloei (366: *labentia*) van al die riviere. In reëls 371-73 sluit Vergilius sy beskrywing van Italië se riviere af

⁶⁷⁹ Ter stawing van die betekenis 'glansend' verwys Conington (1884:510 n.640) na die frase λευκή ... αἴγλη ('wit lig') in Homeros *Od.* ζ(6).45 wat Lucretius, *D.R.N.* 3.22 as 'wyspreidende lig' (*diffuso lumine*) weergee. Page (1960:485 n.641), Benade (1975 *ad loc.*) en Austin (1977:204 n.641) steun ook die betekenis 'helder' of 'glansend'.

⁶⁸⁰ Pindaros, *O.* 2.75 (ἄνθεμα δὲ χρυσοῦ φλέγει) beskryf die glans van goudgeel blomme in Elisium (vgl. Edgeworth 1992:152).

⁶⁸¹ André (1949:102) veralgemeen met sy siening dat die kleure wat met *purpureus* vereenselwig word op vreugde kan dui. Vergilius se gebruik, daarenteen, is ongetwyfeld 'n groot uitsondering (vgl. Edgeworth 1979:288 n.23): Daar is reeds na die rol van rooi/purper blomme verwys in voetnoot 675. Die term se verbintenis met die dood hou verband met die Homeriese πορφύρεος θάνατος ('purper dood') in *Il.* E(5).83; Π(16).334; en Y(20).477. Sien ook in die *Aeneis* met betrekking tot Misenus (6.221: *purpureas vestis*), Rhoetus (9.349: *purpuream animam*), Acron (10.722: *purpureum pinnis*), Camilla (11.819: *purpureus color*), Amata (12.602: *purpureos amictos*) en Dido (4.139: *purpuream vestem*).

met die Eridanus wat met twee vergulde horings op sy bulgesig voortvloei na die see. By Vergilius bepaal die term *purpureum* (of enige van die verwante vorme)⁶⁸² nooit die see wat deur 'n sonsopkoms of -ondergang gekleur word nie (vgl. André 1949:100).⁶⁸³ Volgens Otis (1963:196-97) verwys Vergilius hier meer as gewoonlik terug na *Il. Π(16).391*: ἐς δ' ἄλα πορφυρέν μεγάλη στενάχουσι ρέουσαι ('met 'n groot gedruis stroom dit in 'n vloed af na die glansende see')⁶⁸⁴ wat bevestig dat die Homeriese tradisie van 'glans' 'n belangrike konsep was. Volgens Servius *ad loc.* dui *purpureum* op die donkerte van 'n diep see (*nigrum ex altitudine*), terwyl Kober (1932:98) meen dat πορφυρέν nie soseer die donker voorkoms van stormagtige water nie, maar eerder die bewegende water van die see, riviere en mere bepaal.⁶⁸⁵ Edgeworth (1979:283) postuleer dat daar tog 'n chromatiese element in sodanige gebruik teenwoordig is. Uit die voorafgaande kan die afleiding gemaak word dat die epiteton in hierdie konteks die voorkoms van 'n immer bewegende of golwende see bepaal, waarby glans ook betrek kan word, veral na aanleiding van die *TLL*- inskrywing.

10 By die uitbeelding van die fisiese voorkoms van 'n persoon (vgl. *TLL* s.v. *purpureus* II. B.2: b. *de animantibus* α. *de dis deabusve*)

Vergilius

Verg. *Aen.* 1.589-91: ... *namque ipsa decoram / caesariem nato genetrix lumenque iuventae / purpureum et laetos oculis adflarat honores* ('... want vir haar seun bedeel moeder [Venus] 'n welige haredos, die **rosige** blos van jeugdigheid en 'n vrolike gevonkel in sy oë').

Aeneas verskyn voor Dido en Venus omhul hom met jeugdige aantreklikheid, uitgebeeld met die frase *lumen ... purpureum*. Die kleurterm kom hier genuanseerd voor, sodat dit ook op robuuste gesondheid en vitaliteit kan dui. Sien ook Tibullus 3.4.29-30 se uitbeelding van Apollo wat as 'n jongman vermom is: *candor erat qualem praefert Latonia Luna / et color in niveo corpore purpureus* ('sy glans was soos dié wat die maan, die dogter van Latona, voor haar versprei; en oor sy wit liggaam was daar 'n **rosige** blos').⁶⁸⁶

⁶⁸² Behalwe *purpureus* (wat voorkom in Cicero, *Acad.* 2.33.105, Catullus 64.275 en Valerius Flaccus 3.422), gebruik Romeinse skrywers ook die verwante werkwoorde *purpuro* (sien Furius Antias *ap.* Aulus Gellius, *N.A.* 18.11) en *purpureo* (sien Cicero, *Acad.* 1.2, fr. 7 *ap.* Nonius 162.25).

⁶⁸³ Die kleurnuanses wat verband hou met sonsopkoms of -ondergang word bepaal deur *puniceus* (in Valerius Flaccus 3.411), *ruber* (in Vergilius, *Geor.* 3.359, sien 7.i), *rubeo* (in Seneca Minor, *Her. O.* 489), *rubesco* (in Vergilius, *Aen.* 7.25, sien 7.ii) en *rutilo* (in Silius Italicus 16.232); vgl. André 1949:100.

⁶⁸⁴ Erren (2003:932) verwys foutiewelik na *Il. O(15).391* (my beklemtoning) in plaas *Il. O(16).391*. Sien ook Homeros, *Il.* A(1).482; *Od.* β(2).428 en ν(13).85.

⁶⁸⁵ Sien Irwin (1974:45, 89, 103 en 107-9) vir die uitbeelding van die see in die Griekse digkuns.

⁶⁸⁶ Volgens Servius het *purpureum* hier die betekenisomtoeklikheid *pulchrum* ('aantreklik'), Page (1951:194 n.591) bied die betekenis 'glansend' wat minder aanvaarbaar is en Conington (1884:67 n.591) wys tereg op die 'rosige blos van jeugdigheid'. Sien ook *Aen.* 11.819: ... *purpureus quondam color ora reliquit*. Camilla se eens **jeugdige** blos verdwyn wanneer sy sterf, hier uitgebeeld met die term se primêre betekenis.

XVIII *RUB-groepering⁶⁸⁷

Etimologies is hierdie groepering verwant aan die Umbriese *rufu* (*rubros*), die Oskiese *rufriis*, die Griekse ἐρυθρός ('rooi') en die werkwoord ἐρεύθω ('om rooi te kleur'), ook die Oud-Indiese vorm *rudhiráh* met die betekenis 'bloedig' of 'rooi' (W-H s.v.). André (1949:75) verwys na die Indo-Europese stam **reudh-* (waarvan die Latynse afleidings op *rubēre* dui en die dialektiese vorme op *rufus* en *robustus*). Volgens Price (1883:13) is *ruber* van die Indo-Germaanse woord **rudh* met die betekenis 'bloed' afgelei, terwyl De Vaan (2008:527) die volgende bied: die Proto-Italiese **rupro-* ('rooi'), **rusto-* ('rooi') wat verwant is aan die Umbriese *rufu* (akk. m. mv.), *rufra* (akk. f. mv.) en *rufre* (gen. enk. m.) 'rooi'.

Kleurwoorde wat verwant is aan *ruber*, *-bra*, *-brum* sluit in *rubeo* (saamgestel uit die wortel **rub-* plus *-eo*), *rubisco*, *rubicundus*, *rubor*, *rubidus* en *erubesco*, waarvan die laaste twee terme nie in die *Georgica* voorkom nie. Aulus Gellius, *N.A.* 2.26.5 verbind al hierdie kleurterme met die enkele generiese kleurwaarde 'rooi': *omniaque ista significat (sc. latina oratio) una ruboris appellatio*, maar hy sonder tog die kleurwaarde van *rubidus* uit as 'n 'donkerder rooi,' onder andere in *N.A.* 2.26.14: ... *est rufus atrior*. *EV* IV.589 (ook met verwysing na Aulus Gellius *N.A.* 2.26.5) wys op die wye verskeidenheid van kleurwaardes wat met *ruber* en *rubeo* vereenselwig kan word: *igneus, flammeus, sanguineus, croceus, ostrinus* en *aureus* – weer eens 'n aanduiding van die breë semantiese veld van hierdie kleurgroepering. Die inskrywing van *ruber* in beide L&S en die *OLD* bied bloot die primêre betekenis 'rooi' waarop André (1949:76-77) baie gedetailleerd uitbrei: Hierdie kleurwaardes kan met verskeie skakerings van rooi verbind word, van 'n ligte tot 'n helder- of donkerrooi, oranje, ook vlamrooi, laasgenoemde met *rubens* in Ovidius, *Met.* 12.276-77: ... *ut dare ferrum | igne rubens plerumque solet* ... ('... soos yster gewoonlik vlamrooi in 'n vuur gloei ...'); daar is ook diep-oranje (wat met sommige betekenismoontlikhede van *croceus* kan ooreenstem); vermiljoenrooi (in Vergilius, *Ecl.* 10.27 [sien *infra*]); skarlakenrooi in Martialis 3.2.11: *et cocco rubeat superbus index* ('en laat jou etiket opvallend rooi wees van purperstof'); bloedrooi, sinoniem met *sanguineus* en *purpureus* in Celsus, *De Medicina* 2.10.17: *nam si is crassus et niger est, vitiosus est ... si rubet et perlucet, integer est* ('want as [bloed] dik en donker is, is dit bedorwe ... as dit bloedrooi en deursigtig is, is dit gesond'); en karmosynrooi, die kleur van Tiriese purper in Lucretius, *D.R.N.* 2.35: *ostroque rubenti* (sien *infra*) en *Ecl.* 4.43-44: *suave rubenti murice* (sien *infra*).

Hieronder volg in breë trekke die soort konteks waarin hierdie kleurwoorde voorkom.

Volgens Vels Heijn (1951:25) is die onderskeidende faktor van 'hitte' of 'hitte se gloed' by *ruber* belangrik. Hierdie kleurwoord kom selde voor en word by voorkeur deur digters met die teenwoordige deelwoord, *rubens*, vervang, of deur omskrywing met *rubeo* en *rubor*. By die bepaling van hare kom *ruber* selde voor, en dan uiters onvleiend in Martialis 12.54.1: *crine ruber, niger ore, brevis pede*,

⁶⁸⁷ Sien ook *EV* IV.5824a-585a vir verwysings na gedetailleerde besprekings.

lumine laesus ('**rooi** van haar, soel van vel, kort van voet en skeel van oog'). Die term word in geografiese verband gebruik in Horatius, *Carm.* 1.35.31-32: *examen Eois timendum / partibus Oceano rubro* ('die troepe in die Oosterse gebiede en die "**Rooi** See" moet gevrees word').⁶⁸⁸ Sien ook Propertius 1.14.12: *et legitur Rubris gemma sub aequoribus* ('edelstene word bymeakaargemaak in die waters van die **Rooi** See')⁶⁸⁹ en Cicero, *Phil.* 2.31.77 wat na die dorpie *Saxa rubra* (aan die *Via Flamina*) verwys. Volgens die *OLD* bepaal die kleurwoord ook die onderskeidende faktore van sommige plantvariëteite, onder andere in Cato, *Agr.* 6.2: ... *et muscus ruber molestus erit* ('... ook sal **rooi** mos skadelik wees').

Die *verbum inceptivum*, *rubesco*, is 'n samestelling van **rub(e)-* plus die agtervoegsel *-sco*, *-scēre* wat die langsame of stelselmatige verandering van kleur aandui (vgl. André 1949:244). Die term verskyn in die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde vir die eerste keer in die *Georgica* (ook volgens Erren [2003:302]), waar dit planmatig die geleidelike kleurverandering van kornoelies bepaal. Kleur wat op die gelaat waarneembaar is as rooiheid of 'n blos kan frisse gesondheid aandui, maar ook siekte, veral koors of hewige emosie. Gevolglik word die selfstandige naamwoord, *rubor* (saamgestel uit **rub-* plus *-or*), ook metafories van skuldgevoel, skaamte, vernedering, vreugde of woede gebruik, terwyl die geleidelike kleurverandering wat weens woede of 'n blos op die gelaat plaasvind, deur *rubesco* uitgebeeld kan word. Volgens Maltby *s.v. rubor* is die blos wat met *rubor* geassosieer word, intenser as dié van *pudor*. Ook kan eersgenoemde op ironiese wyse die effek van wyn wees, onder andere in Tibullus 2.1.29-30: ... *non festa luce madēre / est rubor, errantes et male ferre pedes* ('... dit is niks om van **skaam** te wees om op 'n feesdag dronk, dwalend en onvas op jou voete te wees nie').

'n Inskrywing wat nie in enige van die woordeboeke voorkom nie, is *rubens* se uitgebreide achromatiese betekenismoonlikheid 'gloed,' 'glans' of 'helderheid'. Hierdie gebruik is besonder skaars (in *Geor.* 1.250-51 [sien 9, *infra*]) wat moontlik as verklaring dien vir die weglating hiervan in beide die geraadpleegde woordeboeke.

Die skaars term *rubicundus* is 'n samestelling van die wortel **rub(e)-* plus die funksie-verbredende agtervoegsel *-cundus*⁶⁹⁰ wat volgens die *OLD ad loc.* op kapasiteit of geneigdheid dui (sien ook *facundus* en *iracundus*),⁶⁹¹ maar wat volgens Laughton (1951:203) eerder van 'n permanente of karakteristieke eienskap voorkom. Die term dui op 'n blosende voorkoms of selfs 'n rooi-verbrande

⁶⁸⁸ Sien 8.c. in hierdie rubriek. Die frase *Oceano ... rubro* dui nie alleen op die Rooi See (*sinus Arabica*) nie, maar sluit ook die Persiese Golf en Arabiese See in (vgl. Nisbet & Rudd 1970:390 n.32). Hermann en Cagiano de Azevedo (1969:391) verwys na Strabo 16.4.20 wat verskeie moontlikhede voorhou vir die benaming, ook onder andere dié van Erythras, seun van Perseus wat daar gesag uitgeoefen het.

⁶⁸⁹ Natuurlike kleure wat in 'n wêreld om ons voorkom, word met die artifiële kleure van 'n welvarende samelewing gekontrasteer in Propertius 3.13.5-6: *Inda cavis aurum mittit formica metallis, / et venit e Rubro concha Erycina salo* ('Indië se miere verskaf goud uit die myntonnel en Venus se skulp is van die **Rooi** See afkomstig').

⁶⁹⁰ Dit is vreemd dat die *OLD* die samestelling van *rubesco*, *rubicundus* en *rubor* telkens as *rubeo* plus die relevante agtervoegsels aanbied. Die vorm *rubeo* kan nooit as 'n stam in 'n samestelling met 'n funksie-verbredende agtervoegsel 'n nuwe woord vorm nie.

⁶⁹¹ Volgens André (1949:78) dui die agtervoegsel *-cundus* op groter intensiteit ('s'enfler, être riche, fort, abondant'), waarvolgens die term 'n diep rooi met intense versadiging sou weergee.

velkleur in Ovidius, *Ars* 3.303-4: *illa velut coniunx Umbri rubicunda mariti / ambulat ...* ('daardie vrou loop soos die **sonverbrande** eggenote van 'n Umbriese opperheer ...').

Lucretius gebruik **ruber** drie keer, **rubeo** vyf keer. Catullus gebruik **ruber** en **rubor** twee keer elk, **rubeo** slegs een maal. Vergilius se *Eclogae* het slegs vier voorbeelde van **rubeo**. In die *Georgica* kom **rubeo** agt keer voor, **ruber**, **rubesco** en **rubicundus** een keer elk en **rubor** twee keer. Die *Aeneis* het vier voorbeelde elk van **ruber** en **rubeo**, drie van **rubesco** en een van **rubor**.

In wat volg, word die verskillende vorme wat die relevante ***rub-/*rube-** wortel kan aanneem na willekeur (na aanleiding van gebruik en bewysplaas) gelys, eerder as volgens woordsort.

1 By die uitbeelding van tekstiele

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 2.34-36: *nec calidae citius decedent corpora febres, / textilibus si in picturis ostroque rubenti / iacteris ...* ('en gloeiende koorsaanvalle verlaat 'n liggaam nie vinniger as jy op geborduurde stowwe en **karmosynrooi** purperstof sou rondrol nie ...').

Lucretius betreur diegene wat nie verstaan dat die menslike natuur slegs behoefte het aan 'n gemoed sonder bekommernis, vrees en pyn nie. Hoewel die liggaam ook op genot ingestel is, word dit nie verkry deur roem, magsvertoon of rykdom nie, maar deur 'n opnopgesmukke lewenswyse. Ook sal weelde geensins meer as armoede kan doen om siekte te genees nie. So sal die rykaard op sy kosbare purperlinne nie vinniger van koors genees word as die arm man op sy eenvoudige kledie nie. Die kleurwoord **rubenti** met die primêre betekenis 'karmosynrooi' kwalifiseer die naamwoord *ostro* om op die besondere skakering van die kosbare purper kleurstof te dui.

b. Vergilius

Verg. *Geor.* 3.306-7: *nec minor usus erit, quamvis Milesia magno / vellera mutantur Tyrios incocta rubores* ('en wins [van bokhaar] sal nie minder wees nie, al word die wol van Miletus, wat met Tiriese **purper** gekleur is, ten duurste verkoop').

Met 'n hoogdrawende vers (294: *nunc, veneranda Pales, magno nunc ore sonandum* ['nou, o Pales, moet ons uit volle bors sing']) lei Vergilius op 'n gevatte wyse die alledaagse onderwerp van sy bespreking in. Die fokus verskuif nou kortliks na 'n boerdery met skape (295-99) en bokke (300-4), telkens in vyf reëls, om dan op 'n verrassende wyse verder uit te brei op slegs bokke se waarde (305-21). Vergilius se stilistiese aanpassing van Varro, *R.* 2.2.10-11 se tegniese materiaal is baie opvallend: 'n groot lammeroes, 'n ruim voorraad melk en skeersels sybokhaar kan die winsgewendheid van so 'n boerdery verhoog. Volgens 'n geestige Vergilius kan sybokhaar ewe goed met die keurwol van Miletus meeding⁶⁹² wat met die kosbare Tiriese purperstof (*Tyrii ... rubores*), 'n uiters gesogte luukse item,

⁶⁹² Hoewel Milete se keurwol teen 'n hoë prys van die hand gesit kon word (306-7: *... magno / ... mutantur ...*), is die wins (*usus*) op bokmelk volgens Thomas (1988b:99 n.306-7) nie te versmaai nie. Dit wil eerder voorkom asof Vergilius hier (dalk tong in die kies?) die wins op sybokhaar baie meedingend met dié van die uiters gesogte wolstof voorhou.

gekleur is. Die term *rubores* in die meervoudsvorm kan met die primêre betekenismoontlikheid op die gekleurde tekstiele se wye verskeidenheid van kleurskakerings dui.

2 Beskrywend van hemelliggame en die sones van die hemelruim

a. Lucretius

i. Lucr. *D.R.N.* 4.404-5: *iamque rubrum tremulis iubar ignibus erigere alte | cum coeptat natura ...* ('wanneer die natuur begin om die [son se] glans, **vuurrooi** met flikkerende vlamme, omhoog te lig ...').

Lucretius verduidelik die beginsel van optiese illusie, waarvolgens die mens foutiewe gevolgtrekkings aan sy waarnemingsvermoë eerder as aan sy rede moet toeskryf. So byvoorbeeld kan dit voorkom asof die opkomende son aan die berge raak, hoewel daar in werklikheid 'n groot afstand tussen die berge en die son is. *Rubrum* beeld met die primêre betekenis die vuurrooi voorkoms van die son uit.

ii. Lucr. *D.R.N.* 5.461-62: *aurea cum primum gemmantis rore per herbas | matutina rubent radiati lumina solis* ('so gou as die goue lig van die glansende son vroeg in die oggend die dou oor die gras **rooi kleur** soos juwele').

Lucretius bied 'n verklaring vir die ontstaan van die ganse heelal (454: ... *magni moenia mundi*) waarvolgens die swaar, saamgedrukte boustof-deeltjies van die aarde al meer ineengewring is, sodat die see, sterre, son en die maan uitgepers word. Op dieselfde wyse is dou uit die losgeweefde openinge van die aarde (457: *per rara foramina terrae*) gedruk wat deur die goue strale van die opkomende son rooi gekleur word. *Aurea* bepaal met die oordragtelike betekenis die son se goue lig, terwyl die frase *radiati lumina solis* as beklemtoning dien van die son se glans wat moontlik terugverwys na Pindaros, *P.* 4.144: *σθένος ἀελίου χρύσεον* ('die goue lig van die son'). Weer eens roep die verwysing na rooi met die primêre betekenis van *rubent* 'n implisiete beeld van die komplimenterende kleur van die 'goudglansende' lig by die leser op.⁶⁹³

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.233-34: *quinque tenent caelum zonae: quarum una corusco | semper sole rubens et torrida semper ab igni* ('vyf sones oordek die hemelruim, waarvan een altyd **gloeiend rooi** is van die glansende son en uitgedor is vanweë sy vuur').

Vergilius bied 'n beskrywing van die vyf sones van die hemelruim (233).⁶⁹⁴ Die blakerende son (232: *sol aureus*) se pad loop deur die verskroeiende middelste streek, 'n sone wat vlammend rooi is en wat *rubens* met die primêre betekenis bepaal.⁶⁹⁵ In kontras is daar aan weerskante van hierdie middelste

⁶⁹³ Net soos die kleur van vlamme, bepaal *rubent* ook atome se vlamrooi kleur in Lucretius, *D.R.N.* 6.209-10: *quippe etenim solis de lumine multa necessest | concipere, ut merito rubent ignisque profundant* ('immers moet hulle [die wolke] baie atome van die son ontvang, sodat hulle dienoreenkomstig **rooi vertoon** en vlamme voortbring').

⁶⁹⁴ Sien voetnoot 378.

⁶⁹⁵ Die frase *rubens ... ab igni* (234) verwys in omgekeerde volgorde volledig terug na Eratosthenes, *Hermes* 5: *ἐκ πυρός ... ἐρυθρή* (vgl. *EV* 590; Thomas 1988a:108 n.233-4; Erren 2003:147 n.234).

gedeelte van die aarde, telkens aan die uiteindes, twee koue streke wat deur twee ‘donker’ kleurwoorde uitgebeeld word, beide in reël 236: *caeruleae* dui op donker, versteende ys en *atris* op donker onweerswolke.⁶⁹⁶ Hierdie verwysing na hitte en dorheid, koue en vogtigheid kom volgens Thomas (1988a:81 n.84-93) as tema herhaaldelik in die *Georgica* voor.⁶⁹⁷

ii. Verg. *Geor.*1.430-31: *at si virgineum suffuderit ore ruborem / ventus erit: vento semper rubet aurea Phoebe* (‘maar as [die maan] ’n maagdelike **blos** oor haar gelaat sal gesprei het, sal daar wind wees; goudglansende Phoebe **bloos** altyd van die wind’).

Sien IX. *AUREUS* 6.c.ii. Indien die landbouer opletend is, sal hy merk dat die natuur duidelike tekens (351: *certis ... signis*) bied wat goeie en slegte weer aandui. Volgens Mynors (1990:88 n.431; 326.B) is ’n ongewone rooi glinstering in plaas van die gewone sagte gloed van die maan (*aurea*) ook ’n opvallende *signum* in Aratus, *Phaen.* 783-85 (uit *De Signis* 12).⁶⁹⁸ Só ook beskryf Vergilius die maan se wisselende kleurvoorkomste met drie kleurwoorde, waarvan die terme *ruborem*⁶⁹⁹ (430) en *rubet* (431) direk kontrasteer met *aurea* (ook in 431). Twee kleurwoorde met rooi kleurwaardes beklemtoon die maan se ongewone kleurvoorkoms, terwyl die opeenvolgende plasing van *rubet* en *aurea* in ’n enkele versreël die kleurkontras uitlig: Sou ’n maan wat gewoonlik goudglansend (*aurea*) vertoon, opeens blosend (*rubet*) voorkom (*EV*IV.592), is dit ’n duidelike teken dat wind (by herhaling *ventus ... vento*) te wagte kan wees. Die implikasie is dus dat die ‘normale’ blekerige (*aureus*) glans van die maan met ’n rooi gloed intensifiseer en met die primêre betekenis van beide *ruborem* en *rubet* beklemtoon word.

iii. Verg. *Aen.* 10.272-73: *non secus ac liquida si quando nocte cometae / sanguinei lugubre rubent ...* (‘soos wanneer komete in ’n helder nag onheilspellend **bloedrooi gloei** as teken van ’n slagting ...’).

Vir die vyand is Aeneas ’n skrikwekkende figuur, aangesien vuurvlamme soos rooi komete (transliterasie van κομήται) van sy helmpluime en skild uitskiet. Plinius Maior, *Nat.* 2.89 beskryf komete as *horrentis crine sanguineo* en die simboliek is duidelik: Komete is ’n slegte voorteken en kan op die bloedige slagting van die vyand dui (vgl. Harrison 1991:147 n.272-73). Die adjektief *sanguinei* verwys terug na die Homeriese αἱματώεις, terwyl *lugubre* (hier as bywoord) met die genuanseerde betekenis ‘onheilspellend’ voorkom (vgl. *TLL s.v. lugubre* 7.2 1803 [reël 50 ff.]). Die primêre betekenis moontlikheid van *rubēre*, ‘om bloedrooi te gloei,’ verdiep die uitbeelding om genuanseerd op onheil te dui.

⁶⁹⁶ Sien XXII. *CAERULEUS* 2.c.i en VI. *ATER* 10.b.i.

⁶⁹⁷ Ramspoed word dikwels deur ’n wanbalans van die elemente gekenmerk, onder andere die storm in Boek 1 en die plaag in Boek 3.

⁶⁹⁸ Sien voetnoot 519.

⁶⁹⁹ Die deelwoord ἐρευθόμενῃ (‘blosend’) in Aratus, *Phaen.* 803 kan moontlik hier van belang wees, moontlik ook Apollonius Rhodius se beskrywing van Medea in *Arg.*Γ(3).963: θερμὸν δὲπαρηίδας εἶλεν ἔρευθος (‘n warm gloed het oor haar wange gesprei’; vgl. Thomas 1988a:139 n.430) wat kan terugverwys na die beskrywing van Lavinia se maagdelike blos in *Aen.* 12.65-69 (sien 3.c.iii). Volgens Richter (1957:173-74 n.430 f.) kan Vergilius se frase *suffuderit ore ruborem* moontlik op die kontaminasie van twee konstruksies dui, naamlik *suffundere ruborem ori* in Livius, *A.U.C.* 30.15.1 en 2 en *suffundere os rubore* in Ovidius, *Met.* 1.484.

iv. Verg. *Aen.* 12.247-48: *namque volans rubra fulvus*⁷⁰⁰ *Iovis ales in aethra / litoreas agitabat avis* ... ('want 'n arend, die goudbruin voël van Jupiter, het in die **helderrooi** lug gevlieg en die seevoëls verjaag...').

Volgens Conington (1883:427-28 n.247) is *rubra* se uitbeelding van helder daglig 'n oordrewe beskrywing, maar hy mis as sulks die metaforiese frasiering wat op 'n ongunstige voorteken dui. Vergilius verwys hier terug na Homeros, *Il.* M(12).200-3,⁷⁰¹ maar verfyn sy beskrywing met die toevoeging van die goudbruin kleur (*fulvus*) van die arend en die daglig wat rooi gekleur is. Die frase *rubra ... aethra* is Enniaans (*Ann.* XVI. xvi. 415-16 [434-35] [Skutsch]) en dui op 'n sonsondergang wat die see rooi kleur: *interea fax / occidit Oceanumque rubra tractim obruit aethra*.⁷⁰² Volgens *EV* IV.290 (met verwysing na Servius *ad Aen.* 3.585) kan die frase *rubra aethra* as beklemtoning dien van die kleur en die glans van die hemelruim ten tyde van die voorteken. Die kleurwoorde *rubra* en *fulvus* kom planmatig direk-opeenvolgend voor, waarskynlik as beklemtoning van die kleurelemente.

3 By die uitbeelding van bloed en pes

Vir die Romein was bloed die simbool van lewe wat uiteraard met 'n rooi kleur geassosieer is en wat al die tinte van rooi en purper ingesluit het (vgl. Wunderlich 1925:90).

a. Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 4.1051: *et si comminus est, hostem ruber occupat umor* ('maar as hy naby is, deurweek sy **rooi** vog die vyand').

Lucretius verduidelik die fisiese oorsprong van die liefde (1037-57) aan die hand van 'n metafoor: Net soos 'n gewonde kryger inmekaar sak en die bloed in die rigting van die steekhou spuit (1050: *emicat in partem sanguis unde icimur ictu*), so beweeg 'n persoon wat deur hartstog getref is (1052: ... *Veneris qui telis accipit ictus*) in die rigting van 'n geliefde op soek na 'n liefdesverbintenis (vgl. Bailey 1966c:1301[paragraaf f: reëls 1037-57]). Die frase *ruber umor* (met *ruber* se primêre betekenis 'bloedrooi') kom as wisselvorm vir *sanguis* (1050) voor.

b. Vergilius

Verg. *Aen.* 8.695: ... *arva nova Neptunia caede rubescunt* ('... Neptunus se waters **word rooi** van varsgestorte bloed').

Vergilius beskryf Aeneas se skild wat kunstig gesmee is met 'n uitbeelding van die see in die middel daarvan. Met verwysing na die frases *argenteus anser* en *auratis ... porticibus* in reëls 654-55 is dit duidelik dat die metaal waarmee die uitbeelding op die skild aangebring is ook die natuurlike kleur van die voorwerp aandui (vgl. Edgeworth 1992:70). Hoewel die beskrywing van Neptunus se waters wat

⁷⁰⁰ Volgens die *Mediceus* is die lesing *fulvus rubra*, eerder as die huidige *rubra fulvus* wat die chiasmus ondersteun.

⁷⁰¹ *EV* IV.591 verwys foutiewelik na Homeros, *Il.* M(12).236. [my beklemtoning]

⁷⁰² Volgens Skutsch (1986:580) word *occidère* slegs van die ondergaande son gebruik, terwyl die ondergaande maan nooit in Latynse letterkunde beskryf word nie.

rooi word van bloed namate die slagting toeneem, 'n cliché kan aandui wat eie is aan epiese seegevegte (sien *Aen.* 6.87: *et Thybrim multo spumantem sanguine* ['en die Tiber skuim van al die bloed']), kan die *verbum ineptivum rubescunt* se primêre betekenis in hierdie konteks op die brons dui wat as metaal gebruik is, ook om die gestorte bloed aan te dui.⁷⁰³

4 By die uitbeelding van 'n persoon se fisiese voorkoms

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 6.1145-46: *principio caput incensum fervore gerebant | et duplicis oculos suffusa luce rubentis* ('aan die begin het hulle ervaar dat hul kop gloei van die koors en [dus] **was** beide hul oë **rooi** van die uitgespreide hitte').

Kenmerkend van die pes wat Atheners tref, is die slagoffers se hoë koors en bloedbelope oë waarvan laasgenoemde deur *rubentis* met die betekenisemoontlikheid 'rooi' uitgebeeld word. Die frase *suffusa luce* dui op die koors wat met intense hitte gepaardgaan.⁷⁰⁴

b. Catullus

i. Cat. 3.17-18: *... meae puellae | flendo turgiduli rubent ocelli* ('... van al die huil **is** die oë van my geliefde opgeswel en **rooi**').

Lesbia se mossie is dood. Haar oë is opgeswel en rooi van al die huil wat *rubent* met die primêre betekenis bepaal. Daar is nou geen teken van haar uitsonderlike skoonheid nie wat so besonders is dat selfs Cicero, *Cael.* 20.49 met die frase *flagrantia oculorum* na haar voorkoms verwys (vgl. Clarke 2003:171-72 n.362, met verwysing na Merrill).

ii. Cat. 42.16-17: *quod si non aliud potest, ruborem | ferreo canis exprimamus ore* ('as dit [*i.e.* ons geskree] nie anders kan nie, laat ons [ten minste] 'n **blos** veroorsaak op die vroumens se astrante gesig').

Catullus slaag nie daarin om sy skryfplatte (*codicilli*) terug te kry nie en selfs al skel hy harder, bloos die ellendelige vroumens nie eers nie. Die naamwoord *ruborem* word hier van die kenmerkende diep blos van skaamte gebruik.⁷⁰⁵

iii. Cat. 67.45-46: *praeterea addebat quendam, quem dicere nolo | nomine, ne tollat rubra supercilia* ('daarbenewens het [die deur] 'n sekere persoon bygevoeg wat ek nie by name wil noem nie, sodat hy nie sy **rooi** wenkbroue lig nie').⁷⁰⁶

Die deur weier om die naam van die persoon met wie sy meesteres skynbaar 'n verhouding het, bekend te maak. Die frase *rubra supercilia* kan metafories op verontwaardiging of woede dui (vgl. Quinn

⁷⁰³ Sien ook Horatius, *Carm.* 2.12.2-3: *... Siculum mare | Poeno purpureum sanguine ...* ('... en die Sisiliaanse see wat rooi is van Puniese bloed ...').

⁷⁰⁴ Sien ook Lucretius, *D.R.N.* 6.1166-67: *et simul ulceribus quasi inustis omne rubere | corpus ...* ('en die hele liggaam [is] tegelykertyd **vlamrooi** van die swere, asof ingebrand ...'). *Rubere* kom hier met die primêre betekenis voor.

⁷⁰⁵ Ook in Catullus 65.24 dui *rubor* op 'n skuldige blos: *huic manat tristi conscius ore rubor* ('bewus [van skuld] spreit 'n **blos** oor haar treurige gelaat').

⁷⁰⁶ Catullus 67 is nie in Fordyce (1966) opgeneem nie, maar wel in Quinn (1970).

1980:372), of, volgens Godwin (1995:201), kan die frase selfs 'n bekende persoon beskryf, moontlik 'n rooikop wat maklik in Verona uitgeken kan word. Volgens Clarke (2003:139, met verwysing na Garrison, 1995) kan die frase ook pejoratief voorkom, as aanduiding van 'n persoon van lae stand, aangesien rooi hare in die Romeinse komedie met knegskap vereenselwig is.

c. Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 10.26-27: *Pan deus Arcadiae venit, quem vidimus ipsi / sanguineis ebuli bacis minioque rubentem* ('Pan, die god van Arkadië, het opgedaag en ons het hom self gesien, rooi van bloedrooi vlierbessies en vermiljoen').⁷⁰⁷

'n Hartseer Gallus sing van Lukoris wat hom in die steek gelaat het. Die natuur treur saam met hom, later ook Pan wie se rooi voorkoms besonder opvallend is vanweë drie kleurwoorde – *sanguineis*, *minio* (implisiet) en *rubentem* met die primêre betekenis 'dieprooi' of 'bloedrooi'. Hierdie beskrywing dui op die gewoonte om beelde van bos- of tuingode soos Priapus rooi te verf.⁷⁰⁸ Sou dit na 'n onbekende literêre bron terugverwys, kan dit daarop dui dat die digter nie uitsluitlik die verlewending van die uitbeelding ten doel het nie.

ii. Verg. *Aen.* 9.49-50: ... (*maculis quem Thracius albis / portat equus cristaque tegit galea aurea rubra*) ['... [Turnus ry] op 'n wit-gespikkelde Trasiëse perd en hy dra 'n goue helm met helderrooi pluim'].

Ten spyte van Amata se vermaning, ruk Turnus op teen die Trojaanse kamp. Hy is swierig uitgevat en met sy goue helm (*galea aurea*) en die helderrooi pluim (*cristaque ... rubra*) daarop, is hy 'n opvallende figuur op sy wit-gespikkelde perd (*maculis ... albis*). In die versreëls word *albis* en *rubra* beklemtoon deur die besondere plasing van beide die kleurterme in die laaste versvoete van die onderskeie reëls. Hierdie kleurimplicasie (*crista ... galea aurea rubra*) is só belangrik dat dit ook in *Aen.* 12.247 in kruisverbinding voorkom: *rubra fulvus ... ales in aethra*.

⁷⁰⁷ Vermiljoen (*minium*), 'n rooi kleurstof, was van Spanje se silwermyne afkomstig en is in die voorbereiding van pigmente gebruik (sien Plinius Maior, *Nat.* 33.36).

⁷⁰⁸ Die Romeine het hul godebeelde, veral dié van die landelike gode soos Bacchus en Priapus rooi geverf. Tibullus 2.1.55-56 (*agricola et minio suffusus, Bacche, rubenti / primus ...*) beeld die landbouer uit wat homself eerste met vermiljoen rooi verf, skynbaar ter ere van Bacchus (vgl. Conington 1881:114 n.27). Sien voetnoot 280.

Die gebruik van die 'rooigeverfde gesig' was andersyds ook 'n aanvaarde gebruik: Op feesdae is die gesig van Jupiter se standbeeld met vermiljoen gekleur, so ook die lywe van diegene wat aan die triomftog deelgeneem het, onder andere Camillus: ... *triumphantiumque corpora; sic Camillum triumphasse* (vgl. Coleman 1977:283, met verwysing na Plinius Maior, *Nat.* 33.36). Conington verwys egter na die aanvoerder se rooi-geverfde gesig, en nie sy lyf nie, 'n variante siening van die gebruik wat algemeen voorkom. Beard (2007:231-32) beskou egter Plinius se beskrywing as " ... [a] seductive false lead ... which has not stopped (indeed, it has encouraged) generations of modern critics [to] bas[e] extravagant theories on it ... that Pliny's sources are taking us back to the raw primitive heart of triumphal practice, or somewhere near it." Volgens sekere kritici was die doel van 'n rooigeverfde gesig om óf die geeste van die dooies te verdryf, óf om die bloed van 'n verslane vyand uit te beeld (waarmee die gesig aanvanklik geverf sou gewees het om só die *mana* ['krag'] van die vyand na die seëvierende generaal oor te dra). In werklikheid is bewyse vir die geverfde gesig uiters karig, net soos dié vir die sogenaamde verbintenis tussen die generaal en die standbeeld van Jupiter (of van enige ander god). Die oorspronklike kultus-standbeeld van Jupiter Capitolinus was van *terracotta* wat saam met die Argaiëse tempel in 83 vC in 'n brand vernietig is. Aanvanklik was die 'rooi geverfde gesig' 'n nabootsing van die kleur van die verwoeste standbeeld wat waarskynlik die gebruik tydens vroeë triomftogte was – soos dié van Camillus. Moontlik kon Julius Caesar in 46 vC wel sy gesig rooi geverf het, óf omdat dit die gebruik was, óf omdat 'n obskure godsdienstige ritueel dit vereis het. Beard (*ibid.*:232) betwyfel dit, maar dit bly onseker, soos Plinius Maior, *Nat.* 7.36 ook aandui: *Cuius rei causam equidem miror ...*

Edgeworth (1992:93) wys op die drietal terme goud, rooi en wit wat planmatig tematies in die laaste vier boeke van die *Aeneis* voorkom: twee keer van Turnus (hier en ook in 12.87-89) en een keer elk van Ascanius (10.134-37) en Latinus (11.333 f.). 'n Bykomende verwysing na hierdie drie kleure word van Turnus herhaal in 9.269-71 (*quo Turnus equo, quibus ibat in armis | aureus; ipsum illum, clipeum cristasque rubentis | excipiam sorti ...*), hoewel die implisiete kleurverwysings nie so sterk in fokus is nie.⁷⁰⁹ As oorlogsbuit bied Ascanius aan Nisus 'goue' (*aureus* eksplisiet) Turnus se perd (implisiet 'wit'), sy skild (wat 'n goue voorkoms impliseer) en die bloedrooi helmpluime (eksplisiet met *cristasque rubentis*).

iii. Verg. *Aen.* 12.65-69:

*flagrantis perfusa genas, cui plurimus ignem
subiecit rubor et calefacta per ora cucurrit.
Indum sanguineo veluti violaverit ostro
si quis ebur, aut mixta rubent ubi lilia multa
alba rosa ...*

terwyl [Lavinia se] gloeiende wange nat is van trane, versprei 'n **donkerrooi** blos sy vuur en trek oor haar brandende gelaat, soos wanneer iemand Indiese ivoor met 'n bloedrooi kleurstof tint, of wanneer wit lelies **rooi vertoon** in 'n bos rose ...

'n Rooi gloed (**rubor**) kleur Lavinia se bleek gelaat. Die *figura etymologica* met die bykomende kleurwaarde van **rubent** beklemtoon twee kleurkontraste: Eerstens word 'n wit-en-rooi kontras geskep met die woorde *Indum ... ebur* (met implisiete gebruik) wat planmatig *sanguineo ... ostro* omraam. Hierop volg 'n rooi-en-wit kontras met die woorde **rubent** en *rosa* (implisiet 'rooi') waarmee die frase *lilia ... alba* omsluit word (vgl. Edgeworth 1992:69). Die kleurkontraste word verder beklemtoon deur die direk opeenvolgende plasing van die woord *Indum* en *sanguineo*, asook *alba* en *rosa*.⁷¹⁰

5 As tipering van blomme, vrugte en graan

Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 3.62-63: ... *Phoebo sua semper apud me | munera sunt, lauri et suave rubens hyacinthus* ('... vir Phoebus is daar altyd by my geskenke vir hom: louriere en lieflike **rooi** "hiasint[e]"').

Die onvriendelike herders, Menalcas en Damon, troef mekaar met hul poëtiese vaardighede in afwissellende liedere (59: *alterna*). Soos ook met die verwysing na *ferrugineos hyacinthos*

⁷⁰⁹ Die uitbeelding van Turnus word herhaal in *Aen.* 9.270-71 as Ascanius noem dat Nisus Turnus se perd, skild en bloedrooi pluime volgens die lot sal ontvang: ... *ipsum illum, clipeum cristasque rubentis | excipiam sorti...* Hierdie gebeure kan terugverwys na Dolon wat die perde van Achilles begeer in Homeros, *Il.* K(10).321-24; en die blink purper pluime van Dolops wat gebuit word in *Il.* O(15).537 f. In *Aen.* 12.88-89: ... *simul aptat habendo | ensemque clipeumque et rubrae cornua cristae* ('... tegelykertyd vat [Turnus] slaggereed 'n swaard en skild en 'n helm met **helderrooi** pluime').

⁷¹⁰ Die invloed van hierdie passasie is duidelik te bespeur in Ovidius, *Met.* 6.46-49 as Arachne bloos, die transformasie van Narcissus in *Met.* 3.482-85 en moontlik ook Diana wat blosend voorkom in *Met.* 3.422 f. Ook Statius, *Silv.* 1.2.244 f. verwys na die *Aeneis*-passasie (vgl. Edgeworth 1992:160; 211 n.305)

(donker/donkerblou ‘hiasinte’) in *Geor.* 4.183,⁷¹¹ is dit onseker na watter blomspesie hier verwys word. Nietemin dui *rubens*⁷¹² hier suiwer chromaties (met die primêre betekenis) op ‘hiasinte’ se generiese rooi kleur.

ii. Verg. *Ecl.* 4.29: *incultisque rubens pendebit sentibus uva* (‘aan wilde brame sal **donkerrooi** druiwe hang’).

Ecloga 4 voorspel die geboorte van ’n kind wat ’n vrederyk soortgelyk aan ’n goue era sal inlui (9: ... *surget gens aurea*) wat sal saamhang met die ontwikkeling van die kind. Maar, met verloop van tyd wanneer hy van heldedade kan lees, sal die natuur vanself koring, wyn en heuning voortbring. Druiwe wat op braambosse gedra sal word, word met *rubens* se primêre betekenismoontlikheid ‘donkerrooi’ uitgebeeld om die kontras met stekelrige braambosse te beklemtoon.

iii. Verg. *Geor.* 1.297: *at rubicunda Ceres medio succiditur aestu* (‘maar **rooi-gebakte** koring word in die middaghitte afgesny’).

Die hemelse sterre orden die vier seisoene (258: *temporibusque parem, diversis quattuor annum*), waarvolgens die landbouer sy take moet rig. In reëls 287-98 verwys Vergilius na die landbouer se verskillende take wat onderskeidelik op somersaande (287-90)⁷¹³ en by die lig van ’n wintervuur (291-96) afgehandel kan word. In kontras (297: *at ...*) word ryp koring in die middagson gedurende die lente (297 en 298: *medio aestu*) geoes, wanneer die son se hitte op sy felste is om te verseker dat koringhalms droog gebak is (298: *tostas*). Die digter het reeds hitte as een van die vereistes vir die verbouing van graan beklemtoon met die herhaling van *urit* in reël 77; ook *urunt* (78), *incendēre* (84), *urēre flammis* (85), *ignem* (87), *calor* (89) en *potentia solis* (92). Aldus word uitwan vergemaklik.⁷¹⁴ Die gebruik van *rubicunda* is hier uitsonderlik en ’n enigste vir die *Georgica*, so ook in Columella 2.20.2: ... *cum [grana] rubicundum colorem traxerunt, messis facienda est* (‘... wanneer dit ’n **rypgebakte** kleur verkry het, moet daar geoes word’).⁷¹⁵ Die woord *colorem* dui daarop dat die kleurwaarde hier belangrik is, terwyl die agtervoegsel *-cundus* volgens *EV* IV.289 van ’n diep versadigde kleur voorkom. Die *OLD* s.v. en De Vaan (2008:527) bied die betekenismoontlikheid ‘rooierig’ wat ’n baie ligter kleurwaarde aandui en onaanvaarbaar is. Daar is reeds aangedui dat die kleur van koring ligter word namate dit ryp word,

⁷¹¹ Sien XXI. *FERRUGINEUS* en *FERRUGO* 1.b.i.

⁷¹² Volgens *EV* IV.590 is die Vergiliaanse en pseudo-Vergiliaanse gebruik van die frase *suave rubens* ’n *formula*. Sien ook *Ecl.* 4.43-44 van *aries* in 6.1; *Ciris* 96 (*suave rubens narcissus*) en *Copa* 19 (*suave rubentia mala*). In *Silvae* 2.1.133-34 (*nunc dulce rubenti | murice ...*) pas Statius die *formula* aan met gebruik van *dulce*.

⁷¹³ Die trikolon *nocte ... nocte ... noctes* in reëls 289-90 gee die nimmereindigende sleurgang van die landbouer se taak weer.

⁷¹⁴ Theokritos, *Id.* 10.48-49, daarenteen, beskou die middaguur as die mees geskikte tyd om te dors, maar nie om te oes nie, want dan word die oesters aangeraai om te rus (vgl. Page 1968:220 n.297; Thomas 1988a:119 n.297-8). Volgens Conington (1881:193-94 n.297) en Mynors (1990:68-69 n.297-8) verwys die frase *medio aestu* na mid-somer (se hitte) wat hier onaanvaarbaar is, aangesien die ryp koring reeds in die lente geoes is. In die somer word koringstoppels afgesny, aangesien dou dit hanteerbaarder maak (288: *inrorat Eous* en 290: *non deficit umor*). Miles (1980:90) onderskei nie tussen die oes van graan ‘op ’n warm somersdag’ of ‘in die middel van die somer’ nie wat hier geen oplossing bied nie.

⁷¹⁵ Volgens Hermann en Cagianno de Azevedo (1969:390) bepaal *flavus* en verwante woorde die geel kleur van rypwordende koring *voor* oestyd, maar wanneer dit heetemat ryp is, is koring rooi wat met *rubens* en *rubescens* weergegee kan word. Hierdie beskouings is onaanvaarbaar. Soos aangedui, beskryf beide Catullus en Vergilius ryp koring, wat gereed is om geoes te word, as ‘geel’. Sien XII. *FLAVUS* en *FLAVEO* 5.

waarvoor Ovidius, *Fast.* 5.357 *albescō* gebruik, Catullus 64.354 (sien XII. *FLAVUS* en *FLAVEO* 5.a) *flavens* en Vergilius *flavus*. Volgens Erren (2003:174 n.297) dui al hierdie kleurwoorde op 'n vroeë stadium van rypwording wat ook onaanvaarbaar is: In *Geor.* 1.316 word die maaier immers gestuur om die goudgeel (*flavis*) – dus *ryp* – graan te oes. Dit wil dus voorkom asof *rubicunda* hier verband hou met die noodsaaklike hitte van die skroeiende middagson wat koring ryp bak sodat dit ge-oes kan word.

iv. Verg. *Geor.* 2.34: ... *et prunis lapidosa rubescere corna*⁷¹⁶ ('... en dat grootpit kornoelies **rooiryp word** aan pruimbome').

In *Georgicon* 2 behandel Vergilius kunsmatige kweekmetodes in twee parallelle perikope (22-34 en 63-72) met enting wat in reëls 32-34 en 70-72 geïllustreer word. In beide hierdie beskrywings word die resultate (skynbaar) as die kroon op die mens se pogings voorgehou, aangesien elke geënte spesie reeds vrugte of bloeisels na sy besondere aard voortbring. Volgens Mynors (1990:105 n.32-4) verkies Heyne die vertaling 'die grootpit kornoelie word rooi met pruime' wat hy staaf met sy verwysing na *rubent bacis* in reël 430 wat ook die gedagte van reëls 70-72 ('eetbare tipes word op oneetbare soorte geënt'; vgl. Page 1968:250 n.71) sou kon voortsit. In werklikheid is Vergilius terdeë bewus van die onmoontlikheid van sommige van die entings. Hy is nie begaan oor die funksionaliteit van die verskillende metodes nie, maar slegs die kleurwaardes wat met die uitbeeldings verband hou.⁷¹⁷ Aangesien kornoelies 'n rooier kleur as pruime het, is dit duidelik dat die digter hier eerder 'n skouspelagtige as 'n funksionele uitbeelding beoog. Die *verbum inceptivum*, *rubescō*, se primêre betekenis 'om rooi te word' bepaal die kornoelies wat aan pruimbome rooi verkleur, in parallelle kontras met die uitbeelding wat met *incanuit* en *albo* van reëls 70-72 bewerkstellig word.

v. Verg. *Geor.* 2.319-20: *optima vinetis satio, cum vere rubenti | candida venit avis ...* ('die voordeligste planttyd vir 'n wingerd is wanneer die spierwit voël in die **blosende** lente opdaag ...').

Sien II. *CANDIDUS* 3.b.i. Vergilius wys daarop dat die lente of die herfs die geskikste seisoene is vir ploeg en plant (315-22), met die lente as voorkeur vir die vestiging van 'n wingerd.⁷¹⁸ Eie aan hierdie seisoen is die koms van die wit voël wat *candida* met die uitgebreide betekenis bepaal. 'n Tweede kenmerk is die prag van lentebloem wat Vergilius met die frase *vere rubenti* beskryf. Volgens Mynors (1990:140) word *rubenti* met die uitgebreide achromatiese betekenis 'vrolik' of 'helder' gebruik, maar volgens *EV* IV.590 dui *rubenti* met die primêre betekenis op meer as net 'rooi' en sluit dit metonimies die kleurvolle prag van lente se groot verskeidenheid blomme in, soos met die frase *ver purpureum* in *Ecl.* 9.40⁷¹⁹ (vgl. Hermann en Cagiano de Azevedo 1969:390; Della Corte 1986a:128 n.319). In hierdie konteks is beide hierdie beskouings onaanvaarbaar: Die frase *vere rubenti* dui

⁷¹⁶ Die kornoelie (*Cornus mas*, die Homeriese κρανεῖν in *Od.* κ[10].242) is 'n klein, rooi vruggie met 'n groot pit (sien ook Ovidius, *Met.* 1.105-6) wat nie veel as voedselbron bydra nie (vgl. Mynors 1990:105 n.32-4).

⁷¹⁷ Sien voetnoot 149 vir 'n uiteensetting van entingstegnieke.

⁷¹⁸ Vergilius verwys na die vier seisoene in reëls 315-22. Die somer en winter, wat ongunstige planttye is, word negatief uitgebeeld: *nondum hiemem ... praeterit aestas* in reël 322.

⁷¹⁹ Volgens Thomas (1988a:238 n.430) dui hierdie uitbeelding op die wingerd wat in die goue era geen bewerking benodig nie en vanself groei, bot en vrugte voortbring. Sien *Ecl.* 4.29 (*supra* 5.ii).

chromaties slegs op die lente se rooi blommeweelde, aangesien die digter hier doelbewus 'n kleurpaar van wit-en-rooi skep wat tematies betrekking het op die vestiging van die wingerd wat dus ook met wynbou verband kan hou. In reëls 319 en 320 volg die twee kleuradjektiewe **rubenti** en *candida* mekaar direk op om met noukeurige plasing planmatig die verlangde effek te bewerkstellig.

vi. Verg. *Geor.* 2.430: *sanguineisque inculta rubent aviaria bacis* ('en die onversierde verblyfplekke van voëls **is rooi** met bloedrooi bessies').

Sien XX. *SANGUINEUS* 1.ii. Na Vergilius se gedetailleerde bespreking van wingerdbou (288-419) en die olyf (420-25), is die volgende onderwerp vrugtebome (428: ... *opisque haud indigna nostrae*) wat redelik min aandag verg, sterk groeiers is en vrugte in oorvloed lewer. Daarenteen word plante en bome in die bos met natuurlike vrugbaarheid vereenselwig, sodat die ganse woud (429: *nemus omne*), wat geen aandag of *labor* van die mens benodig nie, rooi vertoon van al die bessies (vgl. Erren 2003:498 n.430). In reël 430 word hierdie milddadigheid van die natuur deur die pleonasme *sanguineis* en **rubent** (met die primêre betekenis 'bloedrooi') beklemtoon. Besonder opvallend is Vergilius se beskrywing van bessies, hier met *sanguineis* en in *Geor.* 1.306 van mirte-bessies met *cruenta*, met beide terme wat 'n verbintenis met bloed het en daarom omineus voorkom. So byvoorbeeld is die woud uitgelewer aan die onbesonne optrede van die nalatige herders met die gevolg dat die woud, uitgesonder die wilde-olyf met sy bitter blare (314: *infelix superat foliis oleaster amaris*), geheel en al vernietig word. Nie eers die natuurlike groeikrag wat daar in die bodem is, kan die woud laat herlewe (313: *revirescere*) om opnuut rooi bessies voort te bring nie.

vii. Verg. *Geor.* 4.181-83: ... *pascuntur et arbuta passim | et glaucas salices casiamque crocumque rubentem | et pinguem tiliam et ferrugineos hyacinthos* ('... ook wei [bye] oral op aarbeibome en vaalgroen wilgers, kassia en die **oranjerooi** [*stigmata* van] saffraan, ook op die nektarryke lindeboom en donker[-blou] 'hiasinte').

Sien XXIV. *GLAUCUS* 1.ii; X. *CROCEUS* en *CROCUS/CROCUM* 4g; en XXIII. *FERRUGINE(U)S* en *FERRUGO* 1.b.i. Vergilius bied 'n ryk mengsel van plantgeure en -kleure wat sorgvuldig geselekteer is as die voordeligste vir bye.⁷²⁰ Met vernuftige woordplasing in slegs drie reëls wissel die digter baie noukeurig *geurryke* plante (*arbuta ... casiamque crocum ... tiliam*) af met *plantkleure* (*glaucas ... rubentem ... ferrugineos*), te wete vaalgroen, oranjerooi en donker(-blou).⁷²¹ Hiervolgens is dit duidelik dat die digter deeglik kennis dra van bye se voorkeurkleure soos ook deur moderne navorsing bewys.

⁷²⁰ Richter (1975:355 n.181 ff.) is onseker of Vergilius verskillende voorkeurplante volgens 'n spesifieke 'lys' (dalk in Nikandros of Hyginus) gekies het.

⁷²¹ Erren (2003:857 n.181) huldig die siening dat van die plantkleure wat Vergilius hier lys 'spelerig' en onduidelik is. Hy noem voorts dat saffraan (daar word aangeneem dat daar na die blom verwys word) nie 'rooi' is nie, maar 'geel' sodat **rubens** hier sinoniem met *luteus* of *aureus* moet wees. Daar word soms na die geel *crocus* [*Colchium autumnale*] verwys (sien Apuleius, *Met.* 11.3) wat nie die *Crocus sativus* kan wees nie. Ook gebruik Vergilius nooit die kleuradjektief *luteus* in die *Georgica* nie, terwyl *croceus* hier achromaties baie beskrywend is van die geur van die saffraanblom en die kleur van die *stamina*, maar nie van die saffraanblom self nie. Sien voetnoot 531.

⁷²² Die kleurwoord *rubentem* bepaal met die primêre betekenis ‘rooi-oranje’ die drie *stigmata* van elke saffraanblom. Die geurmiddel saffraan, ge-oes van die stampers, is nie hier ter sprake nie, hoewel dit volgens Sophokles, *OC* 684-85 soos goud glinster: ... ὄ τε | χρυσαγῆς κρόκος.

viii. Verg. *Geor.* 4.305-6: *hoc geritur Zephyris primum impellentibus undas, | ante novis rubeant quam prata coloribus ...* (‘dit word vroeg [in die lente] afgehandel, wanneer die westewinde die golwe opswiep, voordat die velde met nuwe blomkleure **bloei** ...’).

Wanneer ’n ganse swerm bye (281: *proles ... omnis*) skielik uitsterf (282), is die enigste remedie die *bugonia*-praktyk wat daarop neerkom dat ’n kalf op ’n voorgeskrewe wyse doodgemaak moet word, sodat volgroeiende insekte later uit die verrottende karkas kan voortkom (281-314). Hoewel die lente met vitaliteit, fertiliteit en nuwe lewe geassosieer word en dus as die mees geskikte tyd beskou word vir die *bugonia* (vgl. Richter 1957:374 n.305 ff.), is dit tog opvallend dat die woord *ver* geensins in hierdie beskrywing voorkom nie. Die narratief waarmee die lente omskryf word – die westewinde (*Zephyris impellentibus*), die kongruente *primum* (beide in 305) en veral die frase *novis ... coloribus* (vgl. Erren 2003:902 n.306) – het ’n suiwer poëtiese inslag. Die wye verskeidenheid van al die lentebloemse kleure word daarom metonimies met *rubeant* aangedui.

6 By die uitbeelding van diere, in die wydste sin

Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 4.42-45:

*nec varios discet mentiri lana colores,
ipse sed in pratis aries iam suave rubenti
murice, iam croceo mutabit vellera luto;
sponte sua sandyx pascentis vestiet agnos*

en wol sal nie aanleer om ’n verskeidenheid van kleure na te boots nie, maar die ram sal self in die weiveld sy wol verander, nou na ’n aangename **blosende** purper, dan weer na saffraangeel; vanself sal skarlakenrooi die lammers wat aan’t wei is, klee.

In hierdie *Ecloga* 4 word die geboorte van ’n kind voorspel wat ’n vrederyk sal inlei wat met die goue era vereenselwig kan word. Net soos al die ander gawes van die natuur sal die kleurvolle wol (*varii colores*) van skape ’n natuurlike proses wees, waarna *ipse* en *sponte sua* verwys. Die eindprodukte van die onderskeie kleurstowwe – *murex*, *lutum* en *sandyx* – sal dan as spontane natuurverskynsels voorkom, sodat weefstowwe in die kleure purper (*rubenti* met die primêre betekenis ‘blosend’ of ‘rooi’), saffraan (*croceo ... luto*) en skarlakenrooi (*sandyx*) vir almal in hierdie nuwe era beskikbaar sal wees. Hierby kan die goudgeel kleur van ryp graan (28: *flavescet*) en die dieprooi van druiwe (29: *rubens ...uva*) gevoeg word wat die warm kleure van ’n goue era weerspieël (vgl. Irwin 1989:26). In direk-opeenvolgende versreëls word daar telkens met die onderskeie woorde *lana* (42), *aries* (43),

⁷²² Sien voetnoot 563.

vellera (44) en *agnos* (45) implisiet na die wit kleur van wol verwys word, om sodoende die kontras met die verskillende kleurstowwe des te meer te beklemtoon.

ii. Verg. *Geor.* 4.47-48: *neu propius tectis taxum sine, neve rubentis | ure foco caneros ...* ('moenie 'n taksisboom te na aan die korwe toelaat, of krappe op jou vuur brand tot hul rooi is nie ...').

Vergilius se voorskrifte aan die byeboer behels die noukeurige plasing van die korwe en die versorging van sy byekorwe.⁷²³ Ook in antieke tye was die byeboer daarvan bewus dat bye baie sensitief vir skerp reuke kan wees (vgl. Mynors 1990:264-65 n.48), sodat die korwe ver van veral skadelike taksisbome gevestig moet word (*Ecl.* 9.30: *fugiant ... taxos* en *Geor.* 2.257: *taxique nocentes*). Ook moet die brand van krappe om siektes in die wingerd te beheer, vermy word, aangesien die onaangename reuk volgens Plinius, *Nat.* 11.61-62 dodelik is vir bye. Die digter verlewendig hierdie prosaïese beskrywing met *rubentis* wat prolepties gebruik word van krappe wat rooi verkleur in die vuur.

7 Tiperend van sonsopkoms en -ondergang

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 3.358-59: *... nec cum | praecipitem Oceani rubro lavit aequore currum* ('... en [die son] baai nie ylings sy wa in die see se rooigekleurde water nie').

In reëls 339-83 fokus die digter op die beskrywing van twee landskappe waarvan die klimaattoestande kontrasteer: Eerstens word die nomadiese herders van 'n dorre Libië uitgebeeld, en tweedens beskryf die digter die sneeubedekte velde van Skithië waar geen kuddes kan wei nie, aangesien daar nêrens 'n groenigheid van gras of blaar te bespeur is nie. Dit is altyd (356: *semper ... semper*) winter en die aarde lê onherkenbaar (*informis*) weens onophoudelike sneeu (367: *interea toto non setius aëre ningit*). Sou die strale van die ondergaande son die seewater rooi verkleur, sou die frase *rubro ... aequore* (met die term se primêre betekenis) as effektiewe kontras vir die implisiete wit kleur van die sneeu kon dien. Dit is egter nie die geval nie (met epanalepsis as beklemtoning in 358: *nec cum ... nec cum*), aangesien die koue so intens is dat die floueriige son geensins (*haud umquam*) in staat is om die skemer te verdryf (357: *tum Sol pallentis haud umquam discutit umbras*) of die seewater rooi te kleur nie (359). Otis (1963:178) se beskouing dat ekstreme koue as motief van die dood beskou kan word, het in hierdie konteks nie betrekking op die inwoners van Skithië nie. Hulle het by hul uitsonderlike omstandighede aangepas: Hulle leef vreugdevol (*laeti*, herhaal in 375 en 379) en in kommerlose rus (376-77: *secura ... otia*) en al is hul wyn gevries (364: *... caeduntque securibus umida vina*), boots hulle bekery wyn (en/of bier) na met die gefermenteerde suur sap van lysterbessies (380: *acidis ... vitae sorbis*).⁷²⁴ Dit is

⁷²³ Die behandeling van peste in die wingerd lewer interessante kure op. L&S verwys na Plinius Maior, *Nat.* 18.293 volgens wie drie krappe lewendig in die wingerd verbrand moet word vir die behandeling van *carbunculus* ('skroeisiekte'). Sien ook Erren (2003:800 n.47) se verwysing na Plinius Maior, *Nat.* 32.119 wat aanbeveel dat mis of nat strooi ook saam met drie krappe verbrand word, sodat verstikkende rook met 'n aaklige reuk die hele wingerd bedek.

⁷²⁴ Sien ook *Geor.* 1.9: *poculaque inventis Acheloia miscuit uvis* ('[die aarde] het rivierwater met die pas ontdekte druiwe gemeng'). Opvallend is die afwesigheid van 'n kleurterm vir die kleur van lysterbessies, anders as in *Geor.* 1.305-6 van mirtebessies. Sien XI. *CRUENTUS* 2.

opvallend dat Vergilius geen negatiewe kommentaar oor hierdie gebruik van wyn en bier lewer nie, waarskynlik omdat die wyse waarop die Skithiërs hul lewens slyt, gesetel is in die ideaal van harde, eerbare werk en eenvoudige plesier.

ii. Verg. *Aen.* 3.521: *iamque rubescebat stellis Aurora fugatis* ('en reeds was Aurora [die daglumiër] besig om rooi te kleur en die sterre te verjaag').

Op die dag waarop die Trojane vir die eerste keer hul nuwe vaderland sien, bepaal *rubescebat* met die primêre betekenis Aurora wat besig was om rooi te kleur. Hierdie betekenisvolle geleentheid word met dieselfde kleurwoord verbind aan *Aen.* 7.25 (*iamque rubescebat radiis mare ...*), as die Trojane vir die eerste keer die Tiber bemerk. Volgens Edgeworth (1992:42) kom daar drie beskrywings van Aurora voor waarvan die kleurwaardes algaande verdiep.⁷²⁵

8 Vir die uitbeelding van diverse objekte

a. Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 2.803-5: *namque alias fit uti claro sit rubra pyropo, | interdum quodam sensu fit uti videatur | inter caeruleum viridis miscere zmaragdus* ('want by geleentheid is hulle [vere] rooi soos 'n granaatsteen, dan weer uit 'n sekere hoek lyk dit asof hulle 'n mengsel is van donkerblou en groen smaragde').

Atome is kleurloos en is dus nie in die lig waarneembaar nie. Daarenteen is kleur self van lig afhanklik en kan dit verander volgens die wyse waarop lig daarop val. Lucretius illustreer hierdie siening aan die hand van die nekvere van 'n duif wat vanuit 'n sekere hoek rooi vertoon maar, vanuit 'n ander invalshoek, blou-groen voorkom. Aangesien *pyropo* met *rubra* se primêre betekenis kongruer, is die kleurwaarde hier 'n helder rooi, soos die kleur van 'n granaatsteen (vgl. Bailey 1966b:928 n.803).

b. Catullus

Cat. 22.7: *novi umbilici, lora rubra membranae* ('[daar is] nuwe rolstokke en die rooi etikette/bindriempies van die omhulsel').

Vir Suffenus is sy digwerk so belangrik dat die *volumen* uit die beste kwaliteit papius bestaan en om dit opvallender te maak, het hy ook nuwe rolstokke laat aanbring. Die omhulsel se etikette (eerder *indices*) of bindriempies van leer (*lora*) is rooi, suiwer chromaties uitgebeeld met die primêre betekenis van *rubra*. Sien ook Martialis 3.2.11: *cocco rubeat superbus index* (vgl. Fordyce 1966:148 n.7).

⁷²⁵ In *Aen.* 7.25-26 word die kleurbeskrywing met *roseis* en *lutea* aangevul, terwyl *fulgebat* Aurora se glans beklemtoon: *iamque rubescebat radiis mare et aethere ab alto | Aurora in roseis fulgebat lutea bigis* ('en nou het die see rooi geword van strale en in die hoë hemel het Aurora goud geskitter in haar rosige wa'). In 12.76-77 word *rubeo* met die primêre betekenis 'om rooi te wees' gebruik, aangevul met *puniceus*: ... *cum primum crastina caelo | puniceis invecta rotis Aurora rubebit* ('... wanneer Aurora vroegoggend in haar mitiese helderrooi strydwa ry, sal sy die hemel rooi kleur').

c. Vergilius

Verg. *Aen.* 8.685-86: *hinc ope barbarica variisque Antonius armis, / victor ab Aurorae populis et litore litore rubro* ('hiervandaan met skatte uit die vreemde en 'n verskeidenheid van wapens [is] Antonius triomferend oor die volkere van die Ooste en die rooi kus').

Op die skild wat Venus aan Aeneas skenk, word Actium uitgebeeld met Marcus Antonius wat vanaf die Ooste (*ab Aurorae populis*) en van die rooi kus (*litore rubro*) terugkeer, dus volgens Edgeworth (1992:158) die uitbeelding van die botsing tussen die Ooste en die Weste. Waar die kleurwoord *rubro* gewoonlik van die see gebruik word (sien Horatius, *Carm.* 1.35.32 [*Oceanoque rubro*] en Propertius 3.13.16 [*rubro ... salo*]), verplaas Vergilius nou die beskrywing na die kus (*litore*). Kober (1932:82) noem tereg dat dit soms moeilik is om vas te stel of daar na 'n pleknaam of 'n kleur verwys word, sodat daar verskeie verklarings vir *Mare Rubrum*⁷²⁶ aangebied word wat ook as *mare Erythraeum*⁷²⁷ bekend kan staan. In 'n wyer sin kan dit ook na die Indiese Oseaan verwys wat Page (1959:213 n.32) en Gransden (1991:178) eerder as die benaming 'Rooi See' verkies, hoewel Marcus Antonius nooit daar aangedoen het nie (vgl. Fordyce 1977:280 n.686).

9 Addendum: die term met achromatiese betekenis

Ter wille van volledigheid word die achromatiese gebruik van *rubro* wat uitsluitlik op glans betrekking het, hier ingesluit.

Vergilius

Verg. *Geor.* 1.250-51: *nosque ubi primus equis Oriens adflavit anhelis / illic sera rubens accendit lumina Vesper* ('en wanneer die Môreson met hygende perde op ons blaas, steek die helder Aandster daar haar laat strale aan').⁷²⁸

Volgens Vergilius is die suidelike pool onder ons voete (243: *sub pedibus*) in dieselfde relatiewe posisie as die Doderyk wat met ewigdurende duisternis geassosieer word (247: *illic ... intempesta silet nox*). Tog wonder die digter of die Aandster ook daar lig verskaf wanneer sy uit die noorde padgee (249).⁷²⁹ Richter (1957:230), Della Corte (1986a:51 n.251) en *EV* 590 verwys na die chromatiese aspek van die kleurwoord wat op die rooi skakerings dui, wanneer die Aandster sou verskyn. So 'n siening is egter

⁷²⁶ Sien ook Plinius Maior, *Nat.* 6.107: *mare, quod rubrum dixere nostri, Graeci Erythrum a rege Erythra, aut, ut alii, solis repercussu talem redid existumantes colorem, alii ab harena terraque, alii tali aquae ipsius a natura* ('die see wat ons mense "rooi" noem, word deur die Grieke Erythrus genoem, afgelei van koning Erythras [se naam]; of daar is ander wat dink dat só 'n kleur deur die weerkaatsing van die son veroorsaak word, [of] deur die seesand en die grond [of] deur die uitsonderlike aard van die water self'). Volgens Vels Heijn (1951:21) kan laasgenoemde moontlikheid die gevolg wees van mikroskopiese organismes wat die water rooi kleur.

⁷²⁷ Volgens L&S is die naam van die skatryk koning van Suid-Asië, Ἐρυθρᾶς van ἐρυθρός, 'rooi,' afgelei, waarna die Arabiese See wat ook die Persiese Golf en die moderne Rooi See insluit, vernoem is.

⁷²⁸ Die beskouing wat hier gehandhaaf word, kan terugverwys na Lucretius, *D.R.N.* 1.1065-66: *illi cum videant solem, nos sidera noctis | cernere ...* ('wanneer hulle die son sien, sien ons die nag se sterre ...').

⁷²⁹ Die vraag of die suidelike pool (ἀντίθρον, volgens Cicero, *Tusc.* 1.68) bewoon is en of dit enige sonlig aanskou, is in antieke tye wyd gedebatteer. Aangesien die aarde 'n sfeer is, het die ἀντοικοί (bewonders in die suide) terselfdertyd as diegene in die noordelike sfeer dag en nag. Die bewoners van die teenoorgestelde helfte van die sfeer beleef nag, wanneer dit aan die anderkant van die aarde dag is. Daar is egter geglo dat die aarde plat is en dat die son dus teen aandskemer in die suidelike halfgrond sou opkom om lig aan die ἀντίποδες en ἀντοικοί te bring (vgl. Mynors 1990:56 n.247-51).

onaanvaarbaar, aangesien die Aandster nooit as ‘blosend’ of ‘rooi’ uitgebeeld word nie (vgl. Mynors 1990:88 n.431). **Rubens** kom dus hier met die achromatiese betekenis ‘glinsterend’ of ‘helder’ voor.

XIX **RUTILUS**⁷³⁰

Die kleuradjektief **rutilus**, **-a**, **-um** is skynbaar verwant aan die werkwoord *rubēre* (wat by die **Rub-* groepering ingesluit is) en word in die algemeen met ’n rooi kleur vereenselwig. W-H s.v. **rutilus** verwys na Niedermann wat ’n verwantskap met **ru-tā-ros* voorstel, hoewel *ru-t-ilus* tog die suffiks ‘t’ het en dit aan **(e)reu-*, ‘rooi’ behoort in Sanskrit *ravih*, ‘son’ en *arunah*, *arusah*, ‘rooierig’. Die *OLD ad loc.* wys ook op **rutilus** se verbintenis met *ruber*, so ook Price (1883:13) wat die term met die Indo-Germaanse vorm **rudh* vereenselwig. L&S *ad loc.* sien ’n verwantskap met die Griekse ἐρυθρός, ‘rooi,’ Sanskrit *rudhira* met betekenis ‘bloed’ en ook *ruber*. Daarenteen beskou Vels Heijn (1951:24) die verwantskap met *ruber* as twyfelagtig en onduidelik, soos ook De Vaan (2008:527) wat die etimologiese oorsprong van **rutilus** onseker ag.

Die kleurwaardes van **rutilus** is uiteenlopend. Volgens die *EV ad loc.* vereenselwig Varro, *L.* 7.83 hierdie term met beide *rufus*⁷³¹ en *aureus* wat weer eens daarop dui dat die Romeine rooi en geel as een hoofbegrip beskou het. Paulus Diaconus, *Epitome Festi* 320.4 bespeur ook ’n ooreenkoms tussen **rutilus** en *rufus* (met die betekenismoontlikhede ‘rooi’ of ‘rooierig,’ selfs ook ‘geelbruin’ of ‘roesbruin’). Moderne kommentatore, onder andere André (1949:85-86), verwys na Aulus Gellius, *N.A.* 2.26.9 wat die belangrike funksie van glans in die betekenismoontlikhede van hierdie term beklemtoon: *exuberantiam splendoremque significant ruboris*. Vreemd genoeg beskou hy **rutilus**, *poeniceus* en *spadix* as sinoniem, ten spyte daarvan dat die glanswaarde by veral laasgenoemde ontbreek. Die *OLD* bied as betekenismoontlikhede ’n ‘warm/gloeiende rooi’ en ‘rooierig’ wat na goud of oranje neig en wat veral van hare, metale en vuur voorkom. Die intensiteit van glans onderskei **rutilus** van *ruber*, aangesien eersgenoemde veral met die rooi glans van ’n gloed of hitte geassosieer word. Vels Heijn (1951:24-25) verwys na die betekenismoontlikhede ‘rooibruin,’ ‘rossig’ en ‘vurig rooi’ (soos met die Engelse ‘ruddy’) en van hare dui **rutilus** op ‘blonder’ (dit wil sê, ‘ligter’) skakerings as dié van *rufus* wat rooi ondertone impliseer. Price (1883:13) en L&S *ad loc.* beskou ‘rooi’ as primêre betekenismoontlikheid, ook met ‘goudgeel’ wat van hare na rooi neig.⁷³² Aldus bepaal die kleurterm **rutilae** (met die rooi gloed van vuur vereenselwig) die maanhare van ’n perd in Statius, *Theb.* 6.301-2: *ducitur ante omnes rutilae manifestus Arion | igne iubae ...* (‘voor almal word Arion [na Adrastus] gelei, opvallend met sy

⁷³⁰ Sien ook *EV IV.* 618-19 vir ’n gedetailleerde bespreking.

⁷³¹ Volgens die *OLD* is *rufus* dialekties verwant aan *ruber*, veral van haarkleur. Eersgenoemde term word nie deur Vergilius gebruik nie.

⁷³² Die eienaam *Rutilius* is van **rutilus** afgelei en dui waarskynlik op ’n persoon met rooierige hare. Ook volgens Vels Heijn (1951:25) word hierdie kleuradjektief nooit as attribuut van ’n persoon gebruik nie, soos wel die geval met *rufus* en *flavus*. Nietemin verwys Varro, *L.* 7.83 inderdaad na vroue met baie rooi hare as **rutilae**: *aurei enim rutili [capilli], et inde etiam mulieres valde rufae rutilae dictae*.

vuurrooi maanhare ...'); ook dié van 'n leeu in Catullus 63.83: *rutilam ferox torosa cervice quate iubam* (sien *infra*), in watter geval die term as 'roesrooi' of 'rooibruin' vertaal kan word.

Die soort konteks waarin die kleurwoord voorkom, word hieronder in breë trekke aangedui.

Vuur en vlamme word dikwels deur *rutilus* met die primêre betekenis 'glansend rooi' bepaal, ook van 'n sonsopkoms en -ondergang in Ovidius, *Met.* 2.112-13: ... *ecce vigil rutilo patefecit ab ortu / purpureas Aurora fores* ... ('... kyk, Aurora wat wag hou oor die **blinkrooi** daeraad, open haar purper poorte wyd ...'). Dit is opvallend dat *rutilus* hier met *purpureus* geassosieer word wat dus in hierdie konteks op 'n donkerder kleurwaarde kan dui. In Plinius Maior, *Nat.* 18.348 (*si rutila [luna], ventos* ...) dui 'n rooi maan op wind (vgl. André 1949:86) wat Vergilius in *Geor.* 1.430-31 met *rubor en rubere* beskryf.⁷³³ Hiervolgens word dit duidelik dat daar 'n wye spektrum van rooi kleurwaardes aan *rutilus* gekoppel kan word.

Indien die fokus slegs op glans is, bepaal die term achromaties weerligstrale, sterre, daglig en selfs die hemel met die oordragtelike betekenis 'skitterend' of 'stralend' (L&S). In sulke gevalle kom woorde soos *clarus* (*Geor.* 4.93, sien *infra*) en *collucere* aanvullend voor, onder nadere in Ovidius, *Met.* 4.403: ... *et rutilis conlucere ignibus aedes* ('... en [dit lyk asof] die huis gegloei het met **glansende** vlamme') sodat die term die kleurwaarde aflê (vgl. André 1949:86) om die klem op lig en die effek daarvan te plaas (vgl. Vels Heijn 1951:25).

Soos ook die geval met *fulvus*, word *rutilus* van metale gebruik, baie paslik van veral goud, koper (*aes rubrum*) en selfs ook roes⁷³⁴ waarna verwys word in Plautus, *Rud.* 1300-1: ... *e robigine, non est e ferro factum, ita quanto magis extergeo, rutilum atque tenuius fit*.

Hoewel hierdie kleurwoord selde voorkom, is die bepaling van die term se kleurwaarde problematies, ook omdat die inskrywings van beide die aangehaalde woordeboeke so uiteenlopend is. L&S vereenselwig die term met 'n goue kleur, terwyl die *OLD* na 'n warm, gloeiende rooi verwys wat, na aanleiding van die voorbeelde in hierdie rubriek aangehaal, waarskynlik aanvaarbaarder is.

Die kleurwoord kom nie by Lucretius voor nie, maar wel een keer in Catullus. Vergilius gebruik dit ook nie in die *Eclogae* nie, maar twee keer elk in die *Georgica* en die *Aeneis*.

1 As tipering van 'n leeu

Catullus

Cat. 63.83: *rutilam ferox torosa cervice quate iubam* ('skud, vreesaanjaende [leeu], jou **rooibruin** maan op jou gespierde nek').

Kubele beveel haar leeu om sy maanhare hewig te skut. Die kleurwoord is in 'n dominante posisie en

⁷³³ Sien XVIII. **RUB*-groepering 2.b.ii.

⁷³⁴ In *Aen.* 8.529 (*[arma] ... rutilare vident* ...) gebruik Vergilius die verwante werkwoord *rutilare* ('om rooi te maak/kleur') van Aeneas se nuwe wapens, sodat die wolk waarin dit verskyn as dubbelsinnige voorteken ook rooi glinster. By Vergilius kom die woord *rutilare* voor as *hapax legomenon*.

word direk deur *ferox* en *torosa* opgevolg wat as beklemtoning kan dien van 'n woeste mag wat op die niksvermoedende Attis losgelaat word. Catullus gebruik *rutilam* (hier met die primêre betekenis 'rooibruin') in plaas van die meer gebruiklike *fulvus*.⁷³⁵

2 By die uitbeelding van natuurverskynsels

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.454-56: *sin maculae incipiunt rutilo immiscerier igni, | omnia tum pariter vento nimisque videbis | fervēre ...* ('maar as die vlekke met die **vlamrooi** vlam begin meng, dan sal jy sien dat alles gelyktydig met wind en reën in beroering is ...').

Vergilius wys op die uitsonderlike voorkomste van die son wat as *signa* op verskillende weersomstandighede dui (438-64). Indien die gebruiklike goudglansende son (232: *sol aureus*) donkerblou (453: *caeruleus*) vertoon, dui dit op reën, maar sou die son vlamrooi (453: *igneus*) voorkom, is dit 'n sekere aanduiding van wind.⁷³⁶ Wanneer kolle (*maculae*) saam met die vlamrooi kleur op die son se skyf (452: *in voltu*) verskyn, is 'n hewige storm van wind en reën op pad (vgl. Conington 1881:208 n.454). Vergilius verwys terug na Aratus, *Phaen.* 832-37 en veral na die epiteton ἔρευθος (834) van die son wat chromaties meer generies is. Op innoverende wyse vervang Vergilius hierdie kleurwoord met *rutilo* wat met groter presisie op beide die glans en die rooi kleurwaarde kan dui (*EV* 618). Sien ook in hierdie verband Aratus, *Phaen.* 838-39: εἴ γε μὲν ἀμφοτέρων ἄμυδις κεχρωσμένος εἶη, | καὶ κεν ὕδωρ φορέοι καὶ ὑπηνέμιος τανύοιτο ('maar as [die son] gelyktydig met beide swart en rooi gekleur is, sal dit reën bring en swaar kry van wind'; vgl. Erren 2003:240 n.454). Die voorkoms van die son word deur *rutilo* met die primêre betekenis bepaal en met *igni* (hier metonimies vir *colori igneo*) aangevul as beklemtoning. Hierdie kleurwoorde in samehang met die digter se versekering dat die leser 'n kleurespel te wagte kan wees (*videbis*), verhoog die leser se ervaring van ἐναργεια.

ii. Verg. *Aen.* 8.429-30: *tris imbris torti radios, tris nubis aquosae | addiderant, rutuli tris ignis et alitis Austri* ('hulle [die Siklope] het drie strale van 'n verwoestende storm, drie van donderwolke, drie van **vlamrooi** vuur en van die gevleuelde suidewind bygevoeg').

In hul ontsaglike spelonk smee die drie Siklope – Brontes, Steropes (sien Statius, *Silv.* 1.1.4) en Pyracmon (volgens Statius, *Theb.* 2.599) of Arges (volgens Hesiodos, *Th.* 139) – 'n bliksemstyg. Die elemente van reën, wolke, drie dele vuur (sien *Geor.* 1.454: *rutilo ... igni, supra*) en wind word as die twaalf tradisionele strale (*radii*)⁷³⁷ saamgevoeg om 'n weerligstraal te vorm (vgl. Fordyce 1977:254 n.429). In reëls 429-30 is die anaforiese *tris* en die herhaling van *-is* klanke veral opvallend en vernuftig Vergiliaans, terwyl reëls 426-28 nougeset na Apollonius Rhodius, *Argon.* A(1).731-33 terugverwys

⁷³⁵ Sien XIII. *FULVUS* 6.a en b.ii.

⁷³⁶ Sien XXII. *CAERULEUS* 1.b.; en XV. *IGNEUS* 2.i.

⁷³⁷ Sien Apollonius Rhodius, *Argon.* A(1).730-33 as die Siklope vir Zeus met hul ysterhamers 'n glansende weerligstraal smee wat uit vuur bestaan.

(vgl. Edgeworth 1992:161).⁷³⁸ Vuur is die enigste element van die weerligstraal wat met 'n kleurwoord benoem word, hier deur *rutuli*⁷³⁹ met die primêre betekenis 'vlamrooi' uitgebeeld.

3 Van bye

Vergilius

Verg. *Geor.* 4.92-93: *nam duo sunt genera: hic melior insignis et ore | et rutilis clarus squamis ...* ('want daar is twee soorte [leiers van bye]; die een is beter, opvallend in voorkoms en blink met sy **rooigoud** dop [let. 'skubbe'] ...').

In reëls 88-102 beklemtoon Vergilius die voordele van noukeurige seleksie, soos hy reeds aangetoon het van koeie (3.49-71), perde (3.72-94) en skaapramme (3.387-90). Na die stryd van die bye se twee 'leiers' (88: *ductores*, hedendaags 'koninginne') is dit maklik om die verloorder uit te ken, uit die swerm te verwyder en van kant te maak (90: *dede neci*). Hierdie voorstel herinner aan die lot van die stoetram wat, ten spyte van sy spierwit wol, ook uit die trop verwyder moet word vanweë sy swart tong. In die geval van bye, kan die swakker 'leier' aan sy onopvallende voorkoms uitgeken word (89: *deterior qui visus*), terwyl die sterker 'leier' blink/gloei met spikkels van growwe goud (91: *alter erit maculis auro squalentibus ardens*).⁷⁴⁰ Met *melior* wat in reëls 90 en 92 herhaal word, beklemtoon die digter die beter 'leier' se blink, rooigoue kleur wat *rutilis* met die primêre betekenis bepaal ('*giallo rossastra*' volgens *EV* 619). Sien ook Aristoteles, *H.A.* 553a17: τῶν δ' ἡγεμόνων ἔστι γένη δύο, ὁ μὲν βελτιῶν πυρρός, ὁ δ' ἕτερος μέλας καὶ ποικλότερος ... ('van hierdie leiers is daar twee soorte: Die beter een is rooi van kleur, die swakker een is swart en kollerig ...'). Hiervolgens moet Erren (2003:818 n.92) se vertaling 'goudgeel' bevraagteken word, veral met verwysing na Aulus Gellius, *N.A.* 2.26.9 waarvolgens *rutilis* na 'n rooierige geelgoud neig.

4 Tiperend van Turnus se borsharnas

Vergilius

Verg. *Aen.* 11.487: *iamque adeo rutilum thoraca indutus aënis* ('en nou inderdaad het [Turnus] sy borsharnas aangetrek wat **rooi glim** van brons').

Turnus trek sy borsharnas aan wat *rutilum*⁷⁴¹ met die primêre betekenis bepaal en wat op die blink rooi kleur van brons dui.⁷⁴² Die kleur-element is hier besonder belangrik, aangesien die bewapening van

⁷³⁸ Volgens Fordyce (1977:254 n.429) het Vergilius moontlik ook hael in gedagte, hoewel *torti* volgens Servius nie vereenselwig kan word met die aksie *constricti et coacti in grandinem* ('saamgepers en verdig tot hael') nie.

⁷³⁹ Die *OLD* verwys slegs na die wisselvorm *rutul-* wat in *Aen.* 8.430 voorkom. Volgens Edgeworth (1992:161) kom hierdie wisselvorm as die lesing van die *Mediceus*, *Palatinus* en meeste van die latere MSS voor. Hoewel Mynors ook hierdie vorm in sy 1969 *Aeneis*-uitgawe gebruik, word dit met die vorm *rutilus* in die 1972-uitgawe gekorrigeer en gestaaft met die verwysings na Valerius Flaccus 7.620, Aulus Gellius, *N.A.* 2.6.22, Macrobius 5.10 en 6.7 en Donatus *ad loc.* Die beskrywing verwys ook terug na *Geor.* 1.454: *rutilo ... igni* (sien *supra*). Die Oxford-uitgawe bied die lesing *rutul-* wat hier gevolg word.

⁷⁴⁰ Sien Addendum D, 1.i.

⁷⁴¹ Vir die gebruik van *rutilus* in plaas van *rutulus*, sien voetnoot 737.

⁷⁴² Sien Homeros, *Il.* Π(16).133-34 van Achilles se borspantser wat Patroklos gedra het: ... θώρακα ... | ποικίλον ἀστερόεντα ... ('... die borspantser ... met sterre besaai ...') en Paris se brons pantser waarin hy soos die son skitter in *Il.* Ζ(6).504 en 513-14.

Turnus gewoonlik tematies met verskeie kleure wat goud, wit en rooi insluit, uitgebeeld word, soms in 'n enkele kleur of in kombinasie, soos in *Aen.* 9.49-50, 9.269-70 en 12.84. Die frase *rutilum thoraca* dien as teenwig vir die beskrywing van Aeneas se borsharnas (*loricam sanguineam*)⁷⁴³ in *Aen.* 8.621-22, met die epiteton *sanguineam* wat sinspeel op die kleur van gestorte bloed en dus omineus voorkom.

XX SANGUINEUS

Volgens W-H s.v. *sanguis* is die etimologiese herkoms van hierdie woord onseker, aangesien woorde vir bloed van taal na taal verskil (vergelyk die Griekse αἷμα en ἰχὼρ [‘gode-bloed’], ook die Gotiese *blōþ*). Price (1883:13) wys op die verwantskap met die Indo-Gemaanse stam **sag* met betekenis ‘drup’ of ‘vloei’ en die Latynse *sucus* wat volgens W-H (met verwysing na Wiedemann) ‘literêr gekompliseerd en onoortuigend’ is. De Vaan (2008:537-38) verwys na die Proto-Italiese **sang*^W*en-/sanguen-*, hoewel dit bevraagteken word of *sanguen* die oudste vorm is en of **sanguin-s* eerder tot *sanguen* (soos *unguen* met die betekenis ‘vet’) aangepas is, aangesien die verwagte vorm van **en-s* eerder *-*ēs* sou wees.

Die soort konteks waarin die kleurwoord voorkom, word voorts in breë trekke aangedui.

Volgens L&S is die adjektief *sanguineus*, *-a*, *-um* van die naamwoord *sanguis*, *sanguinis*, m. ‘bloed,’ afgelei, dus 'n samevoeging van die woord *sanguis* se stam plus die agtervoegsel *-eus* met die betekenis ‘bestaande uit’ as aanduiding van die samestellende substansie, stof of materiaal (volgens die *OLD*).⁷⁴⁴ Beide L&S en die *OLD* bied as primêre betekenis ‘bestaande uit bloed’ of ‘bloederig,’ onder andere in Tibullus 1.5.49: *sanguineas edat illa dapes ...* (‘mag sy [*callida lena* in 48] **bloederige** disse eet ...’); en Ovidius, *Met.* 2.359-60: ... *at inde | sanguineae manant tamquam de vulnere guttae* (‘... maar daarop drup **bloederige** druppels asof vanuit 'n wond’). Die uitgebreide betekenismoonlikhede is ‘bloedbelope’ (veral van oë), ‘bloedbevlek’ en ‘bloeddorstig’ waarmee Mars, die god van oorlog, uitgebeeld word (sien *infra*). Die oordragtelike betekenis ‘bloedrooi’ kom veral in poësie en post-Augusteïese prosa voor en bepaal bessies (sien *infra*) en wyn in Plinius Maior, *Nat.* 14.80: *colores vinis quattuor: albus, fulvos, sanguineus*⁷⁴⁵ *et niger*. Hierdie term bepaal ook komete waarvan die bloedrooi kleur 'n onheilspellende voorteken is (sien *infra*), ook van towerkuns in Ovidius, *Am.* 2.1.23: *carmina sanguineae deducunt cornua lunae* (‘towerspreuke trek die horings van 'n **bloedrooi** maan na onder’).

Die term een keer in die *Georgica* voor en tien keer in die *Aeneïd*. Vergilius gebruik *sanguineus* twee keer in die *Eclogae* wat in die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde moontlik op die eerste

⁷⁴³ Sien XX. SANGUINEUS 4.i.

⁷⁴⁴ Die naamwoord *sanguis* verskyn nege keer in die *Georgica*. In agt teksverwysings is daar geen kleurverband nie (1.491 en 501; 2.484 en 510; 3.221, 460, 463 en 492), terwyl die bepaler *ater* slegs in *Geor.* 3.507-8 van *sanguis* gebruik word. Sien V. ATER 3.ii.

⁷⁴⁵ Die adjektief *sanguineis* kom achromaties voor in Horatius, *Carm.* 1.27.3-4: ... *verecundumque Bacchum | sanguineis prohibete rixis* (‘... beskerm beskeie Bacchus teen **bloederige** relletjies’). Weens die noukeurige plasing van *sanguineis* wat die woord Bacchus (met wyn geassosieer) direk opvolg, is dit moontlik dat die rooi kleur van wyn ook implisiet betrek kan word.

gebruik van hierdie term deur 'n Romeinse digter kan wees (vgl. André 1949:216).⁷⁴⁶

1 Tiperend van bessies

Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 6.21-22: ... *iamque videnti / sanguineis frontem moris et tempora pingit* ('... terwyl [Silenos] nou oop-oog is, verf [Aegle] sy voorkop en slape met **bloedrooi** moerbeie').

Twee herders (of dalk saters, volgens Servius) kom op Silenos af wat papdrunk in 'n grot lê en slaap. Aangesien hy hulle al vantevore uit 'n lied verkul het en hulle dit graag wil hoor, bind hulle hom vas en dan verf Aegle sy gesig met die bloedrooi sap van moerbeie⁷⁴⁷ waarvan *sanguineis* die rooi kleur van rypheid met die oordragtlike betekenis bepaal. Volgens Putnam (1970:200) dui Silenos se geverfde gesig op meer as 'n poets, aangesien die 'masker' deel vorm deel van saters se inkleding, soos ook die 'kettings' wat hulle uit blomkranse vorm.

ii. Verg. *Geor.* 2.430: *sanguineisque inculta rubent aviaria bacis* ('en die ruwe blyplekke van voëls is rooi van **bloedrooi** bessies').

Sien XVIII. **RUB*-groepering 5.vi. In reëls 420-30 kontrasteer Vergilius die olyf wat bykans geen werk vereis nie (420: *contra non ulla est oleis cultura ...*) met die wingerdstok wat arbeidsintensief is (vgl. Mynors 1990:156 n.420-5). Anders as die wingerd, bied olywe en vrugtebome bykans vrylik vrugte (428: ... *opisque haud indigna nostrae*), terwyl die woud swaar en oorvloedig bessies dra wat die pleonasme *sanguineis* en *rubent* uitbeeld, waarskynlik as beklemtoning. Dit is besonder opvallend dat Vergilius hier die term *sanguineis* gebruik wat, weens die verbintenis met *sanguis* ('bloed'), moontlik 'n steurende, omineuse of selfs negatiewe, nuanse kan hê. Die brand wat 'n woud totaal vernietig (sien *Geor.* 2.308-11) is geheel en al te wyte aan die onbesonne optrede van die nalatige herders. Nie eers die natuurlike groeikrag wat daar in die bodem is, kan die woud laat herlewe (313: *revirescere*) om opnuut rooi bessies voort te bring nie. Al wat oorleef is die wilde-olyf met sy bitter blare (314: *infelix superat foliis oleaster amaris*).

2 By die uitbeelding van waterslange

Vergilius

Verg. *Aen.* 2.206-7: *pectora quorum inter fluctus arrecta iubaeque / sanguineae superant undas ...*

('maar die [waterslange se] bolywe staan omhoog tussen die golwe en hul **bloedrooi** kamme steek bo

⁷⁴⁶ Sien *Ecl.* 10.26-27 bepaal *sanguineis* met die oordragtlike betekenis die bloedrooi kleur van bessies. Sien XVIII. **RUB*-groepering 4.c.i.

⁷⁴⁷ Gode wat met vrugbaarheid geassosieer word, word dikwels met rooigeverfde gesigte uitgebeeld, optrede wat volgens Clausen (1994:184-85 n.20-2, ook met verwysing na Weinstock) algemene gebruik was. Die gesigte van landelike gode is gewoonlik rooi gesmeer, soos ook Bacchus se plattelandse volgelinge wat hul eie gesigte met vermiljoen geverf het vir sy feesdae. Sien Tibullus 2.1.55: *agricola et minio suffusus, Bacche, rubenti* ('Bacchus, ook die boer is bedek met die helderrooi kleurstof'). Die kleur van ryp moerbeie (*Morus nigra*, volgens Sargeant 1919:80) se sap lyk soos dié van gestolde bloed (sien Ovidius, *Met.* 4.121-27).

die water uit ...’).

Terwyk Laokoön, priester van Neptunus, besig is met die offerande, pyl twee grieselrige slange uit die dieptes van die see op die strand af. Die digter beskryf die slange se bloedrooi kamme met *sanguineae* se oordragtlike betekenis ‘bloedrooi’ wat moontlik kan terugverwys na Homeros se ‘rooi slange’ in *Il.* B(2).308: ... δράκων ἐπὶ νῶτα δαφινόος en ook dié in Euripides, *Ph.* 820: φοινικολόφοιο δράκοντος. In die uitbeelding van hierdie grusame toneel in *Aen.* 2.199-227 is die enigste kleurwoord *sanguineae* wat vanweë die term se verbintenis met *sanguis*, ook met die dood verband kan hou, verder beklemtoon met die beskrywing van die slange se oë wat wreedaardig glinster met bloed en vuur (210: ... *suffecti sanguine et igni*).

3 Beskrywend van die fisiese voorkoms van mense en gode

Vergilius

i. Verg. *Aen.* 4.642-43: *at trepida et coeptis inmanibus effera Dido / sanguineam volvens aciem ...* (‘maar Dido, bewend en verwilderd weens haar gruwelike voorneme, rol haar **bloedbelope** oë ...’).

Dido se gedagtes is op die dood toegespits en haar doelgerigte voorneme om te sterf word met die frase *sanguineam ... aciem* weergegee. Die uitgebreide betekenis van die kleurwoord is volgens Edgeworth (1992:162) sprekend van haar tranes (449: ... *lacrimae volvuntur inanes*) of selfs die effek van slaaploosheid (529-30: ... *neque umquam / solvitur in somnos ...*) wat deerniswekkend kan wees. Meer nog, die verwantskap van *sanguineam* met bloed en dus ook die dood is hier onrusbarend, aangesien dit as voorteken kan dien van Dido se uiteindelijke lot.⁷⁴⁸

ii. Verg. *Aen.* 12.65-69:

... *cui plurimus ignem*
subiecit rubor et calefacta per ora cucurrit.
Indum sanguineo veluti violaverit ostro
si quis ebur, aut mixta rubent ubi lilia multa
alba rosa ...

... ’n donkerrooi blos versprei sy vuur en trek oor haar brandende gelaat, soos wanneer iemand Indiese ivoor met ’n **bloedrooi** kleurstof tint, of wanneer wit ‘lelies’ bloos in ’n bos rose ...

By die aanhoor van haar moeder se woorde (66) kleur ’n rooi gloed Lavinia se gelaat, ’n beskrywing wat Vergilius op vernuftige wyse met twee kleurkontraste uitbeeld: Eerstens word ’n wit-en-rooi kleurkontras bewerkstellig met die woorde *Indum ... ebur* (wat implisiet op wit kan dui) wat die frase *sanguineo ... ostro* omraam. Tweedens volg ’n rooi-en-wit kontras met die woorde *rubent* en *rosa* (ook implisiet ‘rooi’) wat die frase *lilia ... alba* omsluit (vgl. Edgeworth 1992:69). Ook opvallend is die

⁷⁴⁸ Die frase *sanguineam ... aciem* word in *Aen.* 7.399 herhaal, nou van Amata met die oordragtlike betekenis van *sanguineam*. Haar hart is vol haat vir die Trojane en, soos Dido, is sy ook op selfdood ingestel: ... *ac natae Turnique canit hymenaeos, / sanguineam torquens aciem ...* (‘... en [Amata] sing die huwelikslied van haar dogter en Turnus, terwyl sy haar **bloedbelope** oë rol ...’).

direk-opeenvolgende plasing van die woordpare *Indum* en *sanguineo* asook *alba* en *rosa* wat telkens die kleurkontraste verder beklemtoon. Volgens Putnam (1993:69-70) kom *sanguineo* hier positief voor met die oordragtlike betekenis ‘bloedrooi’ wat op ’n ommekeer dui van die gebruiklike grieselrige, negatiewe assosiasie van die term (sien Horatius, *Carm.* 1.2.74.; Tibullus 1.5.49 en Ovidius, *Met.* 2.360).

4 Van vegters en hul wapens

Vergilius

i. Verg. *Aen.* 8.621-22: *fatiferumque ensem, lorica[m] ex aere rigentem, / sanguineam, ingentem ...* (‘[Aeneas bewonder] die dodelike swaard en die stywe brons harnas, **bloedrooi**, massief ...’).⁷⁴⁹

Venus toon aan Aeneas die geskenke wat Vulcanus kunstig gesmee het. Die brons harnas wat *sanguineam* se oordragtlike betekenis bepaal, glinster bloedrooi, waarskynlik as aanduiding van bloed wat in gevegte gestort sal word. In hierdie konteks kom die term dus met ’n negatiewe konnotasie voor, soos ook in *Aen.* 9.732-33 van die bloedrooi pluime (*cristae sanguineae*) op Turnus se helm wat hom op sy dreigendste en skrikwekkendste uitbeeld. Weens die gebruik van *sanguineus* en die term se verbintenisse met bloed is dit duidelik dat ’n geveg tot die dood toe op beide Aeneas en Turnus wag (sien voetnoot 749).

ii. Verg. *Aen.* 8.703: ... *cum sanguineo sequitur Bellona flagello* (‘... Bellona volg [Tweedrag] met ’n **bloedbesmeerde** gésel’).

Bellona met haar bloedbesmeerde gésel (wat *sanguineo* met die primêre betekenis uitbeeld) volg Tweedrag wie se geskeurde mantel die simbool van struweling en twis is. Die frase *sanguineo flagello* kan ook op die self-mutilerende gebruike van die volgelinge van die Oosterse godin dui, waarmee Bellona geïdentifiseer word. Sien *gaudens Bellona cruentis* in Horatius, *S.* 2.3.223; ook Tibullus 1.6.43-54 (vgl. Fordyce1977:283 n.703).⁷⁵⁰

5 Tipierend van komete

Vergilius

Verg. *Aen.* 10.272-73: *non secus ac liquida si quando nocte cometae / sanguinei lugubre rubent ...* (‘soos wanneer komete in ’n helder nag **bloedrooi gloei** as teken van ’n ramp ...’).

By Aeneas se terugkeer in die kamp gloei sy skild en helm met ’n glans soos dié van bloedrooi komete.⁷⁵¹ Hierdie skrikwekkende uitbeelding dui volgens Harrison (1991:147 n.273) en Edgeworth (1992:157-58) op die ondergang van die vyand. Daarbenewens word komete as ongunstige voortekens beskou wat

⁷⁴⁹ Sien *Aen.* 9.732-33: ... *tremunt in vertice cristae / sanguineae clipeoque micantia fulmina mittit* (‘... op [Turnus se] helm wapper die **bloedrooi** pluime en op sy skild weerkaats flitsende strale’).

⁷⁵⁰ In *Aen.* 12.332 kom *sanguineus* met die uitgebreide betekenis ‘bloeddorstig’ voor: *sanguineus Mavors clipeo increpat ...* (‘**bloeddorstige** Mars slaan donderend op die skild ...’). Hoewel die term chromaties gebruik word met die oordragtlike betekenis ‘bloedrooi,’ kom dit ook ominous voor in 12.339-40: ... *spargit rapida ungula rores / sanguineos mixtaque cruor calcatur harena* (‘... die voortsnellende hoewe [van Turnus se perde] spat **bloedrooi** dou op en die bloed, gemeng met sand, word vasgetrap’).

⁷⁵¹ Plinius Maior, *Nat.* 2.89 gebruik die woord *crinitas* van komete (sien die Griekse vorm κομηται), aangesien dit op die ‘hare’ van komete dui: *horrentis crine sanguine*.

implisiet op onheil en oorlog dui, waartoe die term *sanguinei* (eerder as byvoorbeeld *puniceus*) met die oordragtelike betekenis ‘bloedrooi’ en die woord *lugubre*⁷⁵² ook bydra. Dit is selfs moontlik dat Vergilius se beskrywing kan terugverwys na Homeros, *Il.* E(5).4-6 van die vuur op Diomedes se helm en skild wat met ’n helder ster vergelyk word

XXI SPADIX⁷⁵³

Volgens W-H s.v. en L&S is die onsydige naamwoord *spadix*, *-icis* aan die Griekse naamwoord *σπάδιξ* ontleen, met die betekenis ‘afgeskeurde palmtak of -blaar’. In Latyn kom daar geen afgeleide adjektief voor nie.⁷⁵⁴ Anders as in die Grieks is die primêre betekenis moontlikheid van die Latynse naamwoord volgens Aulus Gellius, *N.A.* 2.26.10 ’n ‘afgeskeurde palmtak met vrugte daaraan’ (my beklemtoning, aangesien die vrugte die kleurwaarde aandui): *palmae termes ex arbore cum fructu avulsus ‘spadix’ dicitur*. Die oordragtelike betekenis moontlikhede van *spadix* dui op die kleurterme ‘dadelbruin,’ ‘kastaiingbruin’ en ‘neutbruin’. André (1949:118-19) definieer die kleur as ‘helder bruinrooi’ of ‘kastaiingbruin’ en volgens D’Hérouville (1930:56) word die kleur met ’n besondere donker kastaiingbruin vereenselwig. Vels Heijn (1951:52-53), daarenteen, interpreteer die kleurwaarde as ’n ligte rooibruin of oranje wat tiperend van die kleur van rypwordende dadels is.⁷⁵⁵ Hy steun swaar op Aulus Gellius, *N.A.* 9, volgens wie *spadix*, *poeniceus* en *rutilus* sinoniem is, almal met rooierige kleurwaardes. Aldus is die kleur van palmvrugte vir die Romeine ’n opvallende eienskap van so ’n palmtak, maar nie vir die Grieke nie, aangesien *σπάδιξ* nooit in die Grieks as ’n kleurwoord voorkom nie (*OLD*). Volgens W-H kan die byvoeglike gebruik van die term ’n suiwer Latynse aanpassing wees.

Skynbaar is hier twee uiteenlopende aspekte ter sprake: eerstens, die rooi-oranje kleur van vars, ryp dadels (Aulus Gellius, *N.A.* 2.26.9: ... *fructus palmae arbores non solum sole incocti unde spadici et poeniceo nomen est* ...); en tweedens, die blinkbruin kleur van gedroogde dadels. Gevolglik word laasgenoemde heel gepas van die kastaiingbruin kleur van perde gebruik (vgl. André 1949:118, met verwysing na Gratius, *Cyneg.* 532 en Aulus Gellius, *N.A.* 3.9.9).

Hierdie term word selde gebruik en verskyn slegs een keer in die *Georgica* as *hapax legomenon*.

⁷⁵² Volgens die *TLL* vii.2.1803 reël 50 is die gebruik van hierdie adjektief archaïes en poëties, terwyl dit hier eerder vernuwend met die betekenis ‘rampspoedig’ voorkom.

⁷⁵³ Sien ook *EVIV*.588a vir addisionele verwysings.

⁷⁵⁴ Wat inderdaad voorkom is die naamwoord *spadicarius* (van *spadix* afgelei) wat die wiskundige, Firmicus Maternus (*fl.* 340 nC) 2.7.1 van ’n persoon gebruik wat kleurwerk van ’n kastaiingbruin doen (L&S).

⁷⁵⁵ Die palm (*Phoenix*) se spesie-naam *dactylifera* is afkomstig van die Griekse δάκτυλος, ‘vinger’ wat verwys na die langwerpige vorm van die vrugte. Dadels word in vier stadia ryp, waarvoor die Arabiese name wêreldwyd gebruik word: *kimri* (groen, onryp), *khlal* (uitgeswel en bros), *rutab* (ryp en sag) en *tamr* (ryp en songedroog). Afhangende van die spesie, wissel ryp dadels se kleur van helderrooi tot heldergeel, terwyl gedroogde dadels die kenmerkende ryk, blinkbruin kleur het (vgl. Zaid en De Wet 2016).

By die uitbeelding van perde

Vergilius

Verg. *Geor.* 3.81-83: ... *honesti* / *spadices*, *glauquie*, *color deterrimus albis* / *et gilvo* ... ('... hoogaangeskrewe perde is **neutbruines** en blouskimmels, die onaanvaarbaarste kleur by vuilwittes [neig na] liggeel ...').

Sien XXIV. *GLAUCUS* 3; I. *ALBUS* en *ALBESCO* 1.v; en XIV. *GILVUS*. In hierdie uitsonderlike drie reëls bepaal vier kleurwoorde – *spadices*, *glauqi*, *albis et gilvo* – die kleurvoorkomste van perde. Vergilius onderskei tussen die hoogaangeskrewe (*honesti*) perde met die donkerder kleure – *spadices* en *glauqi* – en die ‘onaanvaarbaarste’ kleur (*color*, in die enkelvoud) wat op *albis et gilvo* dui (vgl. Thomas 1988b:54 n.81-3). Die kleurwoord *spadices* bepaal oordragtelik die kastaiing- of neutbruinkleur van perde wat volgens Isidorus, *Orig.*12.48-50 ook deur *badius* (Engels: ‘bay’) of die onbekender woord, *fenicatus*, bepaal kan word.⁷⁵⁶ Perde met hierdie kleur is as ‘sterk’ (*validus*) gereken met ’n ‘fermer gang’ (*fortius vadat*) wat waarskynlik Vergilius se keuse van die woord *honesti* verklaar.

⁷⁵⁶ Die woord *fenicatus* kom nie in L&S en die *OLD* voor nie, maar is moontlik as *terminus technicus* van perde gebruik. Sien voetnoot 125.

4.2 OORSIG

Na aanleiding van die noukeurige ontledings van al die teksgedeeltes in hierdie kleurgroepering, kan daar nou aangetoon word op watter wyse Vergilius die teks verfyn en ook innoverend en/of verbeeldingryk voorkom. Die fokus val dus op die digter se besondere keuse van 'n spesifieke kleurwoord, die noukeurige plasing van hierdie term (of terme) in die versreël(s) om betekenis te beklemtoon, die skep van subtiele nuanses wat emosie ontlok, die inkleding van ἐνάργεια of bloot die 'aanpassing' van 'n konvensionele *topos*. Volgens *EV* IV.357 is dit opvallend hoe dikwels Vergilius 'n kleuraadjektief emotief beklemtoon, bloot deur die plasing daarvan aan die begin van 'n versreël, selfs al word die epiteton achromaties van 'glans' gebruik.⁷⁵⁷

Aangesien die Romeine die kleure rooi en geel as een hoofbegrip beskou, is die omvang van hierdie kleurgroep in die *Georgica* besonder wyd. Dit sluit twintig verskillende kleurterme in wat in dertien rubrieke vervat is en in meer as vyftig passasies voorkom. Die kleurwaardes van hierdie terme kan in sommige gevalle oorvleuel, of slegs met 'n skakering verskil wat die indeling van hierdie terme in die omvattende geel-en-rooi groepering regverdig. Die volgende voorwerpe word uitgebeeld:

- aureus* kom vyf keer voor, een keer van Saturnus, die son (twee keer), die maan en die *amellus* se blomkern;
- croceus* word drie keer gebruik en sluit in saffraangeure (twee keer) en Tithonus se bed, terwyl *crocus/crocum* een keer voorkom van die *stigmata* van die krokusblom;
- cruentus* bepaal een keer elk skuim uit 'n perd se bek, Procne se hande en mirtebessies;
- flavus* kom agt keer voor en bepaal olyfblare, Ceres, die blonde hare van die nimfe (twee keer), ryp graan en die voorkoms van landerye (twee keer), terwyl *flaveo (flavens)* een keer van die Hister se sand en een keer van landerye se ryp graan gebruik word;
- fulvus* word drie keer gebruik, een keer elk van sand, diere se velle en 'n leeuwyfie;
- gilvus* kom een keer voor as *terminus technicus* van 'n perd;
- igneus* kom drie keer voor en bepaal die son (twee keer) en 'n brandende dors;
- puniceus* bepaal slegs een keer die jagter se afskrikmiddel van vere;
- purpura* (A) word twee keer gebruik en bepaal een keer elk 'n 'viooltjie' en purperstof, terwyl *purpureus* (B) vyf keer voorkom, een keer elk van 'n marmertempel se gordyne, druiwe, blomme, Scylla se haarlok en die glansende see;
- **rub-groepering* sluit die volgende terme in:
 - ruber* bepaal seewater;
 - rubeo (rubens)* kom agt keer voor van onderskeidelik 'n sone van die hemelruim, 'n blos, die lente, voëlneste, saffraanblomme se stempels, lentetyd se blomvelde, krappe, seewater en die Aandster;
 - rubicundus* bepaal rypgebakte koring;
 - rubesco* kom slegs van grootpit kornoelies voor; en
 - rubor* tipeer purper-kleurstof se skakerings en 'n maagdelike blos;
- rutilus* kom twee keer voor van die vlekke op die son en bye;
- sanguineus* word gebruik van bosbessies; en
- spadix* kom voor as *hapax legomenon* en bepaal as *terminus technicus* die kleur van perde.

⁷⁵⁷ Van veral *aureus* sien *Geor.* 2.538 (3.ii) en 4.274 (7.b.ii); ook *Aen.* 4.139 en 240 (1.b.ii en iii), 7.278 (1.b.v); ook Lucretius, *D.R.N.* 2.1154, 5.32 en 911 (2.a.i, ii en iii).

In die bespreking hieronder volg die verwysing na dié teksgedeeltes wat verband hou met die kleurwoord deurgaans dieselfde patroon: Die inskrywing (slegs onverwysend met betrekking tot die *Georgica*) word opgevolg deur die tematiese indeling in die relevante rubriek.

Van al die terme in hierdie omvattende kleurgroepering gebruik Lucretius veral *aureus*, Catullus verkies *flavus* en Vergilius *aureus* en ook *flavus*, maar veral *rubeo*. Daarbenewens gebruik Vergilius die kleurterme in hierdie groepering byna dubbeld soveel as Lucretius wat opvallend is, aangesien die omvang van die *De Rerum Natura* soveel groter is as dié van die *Georgica*.

In die *Georgica* kom *aureus* geensins met die primêre betekenismoonlikhede ‘bestaande uit goud,’ ‘goud-bevattend’ en ‘verguld’ voor nie. Vergilius se frase *gens aurea* (*Ecl.* 4.9, sien 3.i) is genuanseerd vernuwend, soos ook die frase *aureus ... Saturnus* (*Geor.* 2.538, sien 3.ii) wat Saturnus en sy bedeling metafories uitbeeld met die afgeleide betekenis van *aureus*, ‘perfek’ of ‘voortreflik’. Hierdie beskrywing van ’n geïdealiseerde tydperk kom ook in *Aen.* 6.792-93 (sien 3.iii) voor van Augustus wat opnuut die goue era (*aurea ... saecula*) sal vestig.

Anders as Lucretius wat die glans van die son omskryf met die frase *aurea .../... radiati lumina solis* (*D.R.N.* 5.461-62, sien 6.a) en Catullus 63.39 se ... *oris aurei Sol radiantibus oculis* (sien 6.b.i), gebruik Vergilius uitsluitlik die term *aureus* met die uitgebreide betekenis ‘goudglansend’ van die son (*sol aureus*) in *Geor.* 1.232 (sien 6.c.i) en in 4.51 (sien 6.c.iii). Hierdie natuurlike voorkoms van die son, maar ook *aurea Phoebe* van die maan (1.431, sien 6.c.ii), dien as *leitmotief* waarteen die verskillende kleuruitleidings as *signa* van wisselende weersomstandighede baie duidelik afspeel, onder andere die maan se maagdelike blos (*rubor en rubet*, sien 2.b.ii) wat wind aandui

In die *Georgica* kom *aureus* suiwer chromaties voor van die *amellus*-blom se kern (4.274, sien 7.c.ii). Die oordragtlike betekenismoonlikheid ‘goudkleurig’ of ‘goudgeel’ dien as besondere kleurkontras met die donkerpurper van die kroonblare (275), ’n omskrywing wat Vergilius aanpas, aangesien die terminologie nie beskikbaar is nie.

In die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde kom *croceus* (moontlik) vir die eerste keer voor in *Ecl.* 4.44 (sien 3.i) as kleurstof van wol. In die *Georgica* gebruik Vergilius hierdie kleurterm op vernuftige wyse om die volle omvang van die betekenismoonlikhede te betrek, sodat Stearn (2004:237) se algemene beskouing oor kleurwoorde hier verwerp kan word: “Colour names as used by poets tend to be metaphorically or indefinitely applied.” In *Geor.* 1.56 (sien 1.b.i) word die leser se sintuie met *croceus* op ’n uitsonderlike wyse by hierdie beskrywing betrek: Hoewel Vergilius die primêre betekenis ‘saffraangegeurd’ primer beklemtoon, is dit moontlik dat die kleure wat met hierdie term se oordragtlike betekenis geassosieer word – geel met oranje ondertone, ’n rooierige oranje tot skarlakenrooi – tog voor die leser se geestesoog kan afspeel om implisiet met ivoor se afwit voorkoms te kontrasteer. In 4.109 (sien 1.b.ii) word die frase *croceis halantes floribus* van blomme gebruik, maar die fokus is nou uitsluitlik op *geur* (109: *halantes*) wat die versmaat en prosodie ook beklemtoon. Die naamwoord *crocum* in 4.182 (sien 4) het uiteraard betrekking op hierdie blom wat ’n ligte pastelkleurige

violet of selfs dowwe pers is. Dit is slegs die *stigmata* (en *nie* die blom self *nie*) wat met die kleuradjektief *rubentem* bepaal word en wat Edgeworth (1992:207) buite rekening laat.

Dieselfde vindingryke gebruik en besondere plasing van *croceum* kom in 1.447 (2.i) voor, hoewel nie van blomme nie: Vergilius vermy die geykte *formulae* Ἥως κροκόπεπλος wat met Aurora geassosieer word en verplaas op vernuwende wyse die gebruikelike kleurbeskrywing van die godin na Tithonus se bed. Aldus vermy Vergilius doelbewus die literêre cliché, ῥοδοδάκτυλος ('met rosige vingers') wat Homeros sewe-en-twintig keer van Eos gebruik, onder andere in *Od.* β (2).1 en *Od.* ψ (23).241 (vgl. Irwin 1994:1). Hierdie uitbeelding dien as kontras vir die bleek (446: *pallida*) godin wat as *signum* daarop dui dat die landbouer hael kan verwag.

Vergilius se beskrywing van mirtebessies (*cruenta myrta* in 1.306, sien 2) is ook uitsonderlik, net soos die frase *sanguineis ... bacis* van bosbessies in 2.430 (sien 1.ii). Beide terme het 'n duidelike verbintenis met bloed en, anders as onder andere Lucretius se *puniceus* van *arbutus*-bessies (*D.R.N.* 5.941-42, sien 2.a), is dit moontlik dat Vergilius met hierdie besondere konnotasie iets besonders beoog. Aangesien ryp mirtebessies van nature blou is, het die kleurterm eerder betrekking op die bloedrooi kleur van mirtebessiesap wat as bestanddeel saam met mos in wyn gebruik word (sien die *OLD s.v. myrtites*, met verwysing na Plinius Maior, *Nat.* 14.104 en 32.30). Met hierdie 'onakkurate' beskrywing word die leser se aandag planmatig ingeskerp: Die beskrywing van rooi mirtebessiesap kontrasteer doelbewus met die implisiete wit voorkoms van diep sneeu (1.310: *nix alta*) waarna daar vier reëls verder verwys word. Hierdie wit-en-rooi kleurpaar kom herhalend in die *Georgica* voor waarmee Vergilius tematies die fokus op die mens se misbruik van en vergrype aan wyn plaas en wat moreel onaanvaarbaar is. Daarbenewens het die enigste ander verwysing na *myrtus* in 1.28 (... *cingens materna tempora myrto*) betrekking op die krans van mirteblare waarmee Octavianus, *divi filius*, gekroon word. Die vraag kan dus ontstaan of Vergilius op hierdie bedekte wyse 'n negatiewe verband met Octavianus bewerkstellig.

Die term *cruentus* kom 'n verdere twee keer voor en bepaal met die primêre betekenis die bloederige skuim wat uit die vurige vul se bek drup (3.203, sien 1.i), 'n beskrywing wat volgens Thomas (1988b:309 n.203) ominous is: Immers is die dodelike pes op hande (sien 507-8: ... *it naribus ater / sanguis ...*). Net so opvallend is Procne se bloedbesmeerde hande wat haar bors gevlek het (4.15, sien 1.ii).

Die betekenismoontlikhede van *flavus* en *flavens* is wydlopend: 'suiwer geel,' 'blond,' 'geel met 'n rooierige skynsel' (veral van goud), 'vlaskleurig,' 'geelbruin' en 'goudbruin' wat van die kleurwaarde van *rutilus* verskil wat op 'n meer versadigde, maar veral 'n glansende rooi dui. Volgens Vels Heijn (1951:50) vereenselwig Vergilius hierdie terme veral met die natuurlike kleur van verskeie voorwerpe waarvolgens dit moontlik is om die kleurwaardes van hierdie terme vas te pen. Soos Catullus in 67.33 (*flavus quam molli praecurrit flumine Mella*, sien 2.a) [my beklemtoning] 'f-' en 'm-' klanke herhaal as 'n sagte, liriese kwaliteit, kies Vergilius doelbewus die Griekse naam vir die Donou en verlewendig hy ook sy beskrywing van die Hister se geelbruin sand in 3.350 (*turbidus et torquens flaventis Hister*

harenas; sien 2.b.i) [my beklemtoning] met die herhaling van die klanke ‘t-,’ ‘t-’ en ‘H-,’ ‘h-’. In *Aen.* 7.31 (sien 2.b.ii) kom *flavus* van die Tiber voor.⁷⁵⁸

Die term se verbintenis met blonde hare speel ook ’n rol in *Geor.* 4.339 en 352, onderskeidelik met *flava* en *flavum* (sien 4.b.ii en iii) wat die nimfe se hare in Cirene se waterkoninkryk chromaties uitbeeld. Aangesien glansrykheid in hierdie beskrywing beklemtoon word, word daar na die nimfe se glansende hare (335: *caesariem nitidam*) verwys wat oor hul skitterwit nekke (335: *per candida colla*) sprei. Dit sou beteken dat die verwysing na ‘blonde’ hare hier ook met glans vereenselwig kan word. Die enigste fisiese beskrywing van blonde Ceres (*flava Ceres*) kom in *Geor.* 1.96 voor (sien 4.b.i) wat metafories verband hou met die goudgeel voorkoms van ryp koring, waarna daar met die primêre betekenis van *flavus* (*flava ... farra*; 1.73, sien 5.b.i; *flavis ... arvis*, sien 1.316, 5.b.ii; en *flaventia ... culta*; 4.126, sien 5.b.iii) na ryp koring en koringvelde verwys word. Die frase *flaventia ... arva* kom ook voor in Catullus (64.354, sien 5.a) van geel koringlande wat Clarke (2003:79) in konteks implisiet met die blonde hare van krygers verbind.

Hoewel Lucretius (*D.R.N.* 1.938 en 4.13, sien 3) met die frase *flavo liquore* na heuning verwys, gebruik Vergilius nooit hierdie of enige ander epiteta van of kleurverwysings na heuning nie.⁷⁵⁹

In poësie word die primêre betekenis moontlikhede ‘donkergeel,’ ‘rooierige geel,’ ‘goudkleurig’ en veral ‘geelbruin’ met *fulvus* geassosieer wat baie duidelik op donkerder skakerings as dié van *flavus* en *flavēre* dui. In die *Georgica* kom *fulvus* uitsluitlik met die primêre betekenis voor van die goudbruin sandwolk wat perde opskop in ’n renwa-resies (*fulvae harenae* in 3.110, sien 1.i), ’n uitbreiding van die Homeriese beskrywing in *Il.* Ψ(23).365-67 en ’n aanpassing van Lucretius, *D.R.N.* 6.461: ... *fulvae nubis caligine crassa* en 6.700: ... *harenae tollere nimbus*. Ook die Lucretiaanse frase *corpora fulva leonum* (*D.R.N.* 5.901, sien 6.a) van die kleurvoorkoms van leeuus word deur Vergilius aangepas met die beskrywing *fulva cervice leaena* (4.408, sien 6.b.ii), ’n frase wat omstrede is en waarvan Richter (1957:386-87 n 407 ff.) die woord *cervice* as *pars pro toto* beoordeel. Die kleurterm bepaal baie paslik ook die ‘blinkbruin’ of ‘goudbruin’ kleur (*fulvis... saetis*) van diere se velle wat Skithiërs teen die koue dra (3.383, sien 6.b.i) as indrukwekkende kontras met die voorkoms van sagte, wit sneeu, of selfs van spierwit wol wat Vergilius as onderwerp in die volgende afdeling behandel.

Die term *gilvus* (XIV) word in 3.83 as *terminus technicus* van perde ingespan, weer eens as *hapax legomenon*. Hoewel daar uiteenlopende verklarings voorkom vir die vertaling van die kontensieuse frase *albis et gilvo*, is die woord *color* wat in die enkelvoud gebruik word, deurslaggewend: Die frase verwys dus na ’n enkele kleur en nie na die kleure van twee verskillende perde nie. Volgens André (1949:150) is die kleur ’n gelerige wit en Vels Heijn (1951:301) bied isabelkleurig, dus liggeel. Die saamgestelde term *albogilvus* kan op verskillende skakerings van wit en ’n dowwe geel dui, of van ’n onsuivere, witterige kleur, maar hier kom dit voor asof Vergilius eerder hierdie saamgestelde term wou vermy.

⁷⁵⁸ Sien voetnote 580 en 581.

⁷⁵⁹ Sien voetnote 582, 583 en 584.

In die *Georgica* kom *igneus* twee keer van die son voor, hoewel dit slegs een keer met die chromatiese betekenismoontlikheid, ‘helderrooi’ of ‘vlamrooi,’ gebruik word wat uitsonderlik is: In kontras met die frase *sol aureus* (sien 6.c.i en iii) wat as leitmotief van die son se gebruikelike voorkoms dien, is die ongewone vlamrooi voorkoms (*igneus* in 1.453, sien 1) ’n duidelike *signum* vir die landbouer dat die oostewind aan’t opsteek is, terwyl donkerblou (*caeruleus*) oor die son se skyf reën aandui. Die son se hitte en glans word met die achromatiese betekenismoontlikheid ‘vlammend’ of ‘brandend’ in 4.426 (1.ii) uitgebeeld, waarvan die hitte se intensiteit veral deur *torrens, sitientis, ardebat, arebant, siccis faucibus, radii tepefacta coquebant* beklemtoon word. Dit is opvallend dat die term ook glinsterende sterre in *Aen.* 4.352 (sien *astra ignea* in 1.iii) bepaal.

In 3.482-83 (sien 4.i) word die term achromaties en met die uitgebreide betekenis verbind met die effek van die dodelike pes: ’n brandende en uitmergelende dors (*ignea ... sitis*) wat opnuut die kontras tussen hitte (458-60 en 489) en vog (484: *fluidus liquor*) beklemtoon.

Die term *puniceus* bepaal slegs een keer die helderrooi vere wat jagters as afskrikmiddel in jagtogte gebruik (*punicaeve ... pennae* in 1.i). Na aanleiding van beide *poeniceus* en *purpureus* in *D.R.N.* 2.830-31 (sien XVI. *PUNICEUS* 3.a) blyk dit asof Lucretius tussen die skakerings van hierdie twee terme onderskei. Daar is egter geen aanduiding wat die kleurverskil behels nie, anders as dat daar reeds aangedui is dat ’n helder- of oranjerooi kleurwaarde met die verwante Griekse term, φοινίκεος, verband hou. Dit sou beteken dat *puniceus* ook met hierdie kleurwaardes vereenselwig word, terwyl die rooi en blou skakerings, maar veral ook glans, met *purpura* verbind word. Vir Vergilius, egter, is ’n presiese kleurskakering onbelangrik, aangesien hy in *Ecl.* 7.32 die frase *puniceo ... coturno* (sien 3.b.i) gebruik, maar ook *purpureo ... coturno* in *Aen.* 1.337 (sien 2.c.ii). Aangesien *puniceus* die produk is van die *coccum*-kleurstof (Plinius Maior, *Nat.* 22.3), geniet dit as ‘goedkoper’ kleurmiddel nie dieselfde aansien as *purpura* nie, vanwaar die beskrywing van onderskeidelik vere (*punicaeve ... pennae*; sien 1.i en ii), linte (*puniceis ... taenis*; *Aen.* 5.269; sien 3.b.ii) en jagstewels (*Ecl.* 7.32, sien 3.b.i) met *puniceus*.

Die vertaling van *purpura* en *purpureus* bly problematies, veral omdat daar soveel uiteenlopende kleurskakerings en afgeleide betekenismoontlikhede aan die terme gekoppel kan word. Chromaties bepaal die terme die kleure helderrooi, violet, ’n ligte purper, donkerpurper, ook bruin, donkerbruin en selfs swart (vgl. André 1949:92, 97). In die *Georgica* wend Vergilius die naamwoord *purpura* slegs twee keer aan, eerstens as chromatiese beskrywing van die purper blomblare van die *amellus*-blom (4.275, sien A.2); en tweedens van purperstof se koninklike gebruik en magsvertoon – *purpura regum* – sodat die uitgebreide betekenis genuanseerd met ‘status’ of ‘aansien’ verbind word (2.495, sien A.4.i en 7.251, sien A.4.ii).

Aangesien glans so ’n kenmerkende eienskap van hierdie stof is, is dit as uitgebreide betekenismoontlikheid van *purpureus* ’n belangrike toevoeging, nou van helderrooi gordyne (3.25, sien B.2.c.i) waarmee Rome se uitgebreide mag en aansien beklemtoon word. Die frase *purpureos flores* (4.54, sien B.5.ii) is opvallend, aangesien dit die eerste suiwer chromatiese verwysing na die *kleur* van

blomme is. Anders as in *Geor.* 4.109 (sien X. *CROCEUS* en *CROCUS/CROCUM* 2.ii) waar die klem eerder op *blomgeur* geplaas word, kom die term hier metonimies voor van allerlei gekleurde blomme.

In die ‘katalogus van wyne’ is daar geen beskrywing van die kleur van enige van die verskillende wyne nie. Die uitbeelding van druiwe met *purpureae* (2.95, sien B.3) skep planmatig ’n kleurkontras met die wit kleur van [druwe se] wingerdstokke (*albus*, sien 3.b.iv).

Die beskrywing van Nisus se hare met *purpureus* is ook uitsonderlik (1.405, sien B.7; so ook *Ciris* 52), aangesien dit moontlik ook genuanseerd met Nisus se lewe, sy rykdom en status verband kan hou.

In *Geor.* 4.373 (sien B.9) kom die frase *mare purpureum* voor, waarvan die kleurwoord volgens Servius *ad loc.* op die donkerste purper kleur, as’t ware ’n ‘glansende swart’ (*nigrum ex altitudine*), van ’n onstuimige see sou kon dui. *Purpureus* of enige van die verwante vorme bepaal nooit die see wat met sonsopkoms of -ondergang deur die son gekleur word nie. Volgens Otis (1963:196-97) verwys Vergilius hier meer as gewoonlik terug na Homeros, *Il.* II(16).391 van die ‘glansende see,’⁷⁶⁰ hoewel die term ook met die immer bewegende see vereenselwig kan word.⁷⁶¹

Kleurwoorde van die **Rub*-groepering word deur vyf terme verteenwoordig wat altesaam dertien keer voorkom, dus die mees frekwente van die kleurwoorde vir ‘rooi,’ maar steeds minder as die negentien keer van *niger*. In die *Georgica* word hierdie kleurwoorde veral met die primêre betekenis moontlikhede gebruik wat verskillende skakerings van rooi – ’n ligte tot ’n helderrooi, vlamrooi, vuurrooi en donkerrooi met ’n intense versadiging – insluit. Die enigste uitsondering is die tipering van *Vesper* deur *rubeo* wat achromaties slegs met glans vereenselwig word (1.251, sien 9). Dit is opvallend dat Catullus hierdie terme (uitgesonder *Cat.* 22.7, sien 8.b) slegs as uitbeelding van persone se fisiese voorkoms gebruik (*Cat.* 3.18, 42.16 en 67.46, sien 4.b.i, ii en iii).

By die uitbeelding van tekstiele verwys Lucretius (*D.R.N.* 2.35, sien 1.a) met die frase *ostroque rubenti* na karmosynrooi purper, terwyl Vergilius *rubores* met die primêre betekenis moontlikheid gebruik (3.307, sien 1.b). Hier bepaal die term die wol van Miletus wat met Tiriese purper gekleur is, dus ’n uiters gesogte luukse item. Die kleurwoord kom in die meervoud voor en kan moontlik as sulks op die verskillende skakerings dui wat die kleurstof kan oplewer.

Waar Lucretius (*D.R.N.* 4.404, sien 2.a) die son se vuurrooi glans met *rubrum* beskryf, ook met *rubent* (5.462, sien 2.a.ii) van die opkomende son, gebruik Vergilius *rubens* (*Geor.* 1.233, sien 2.b.i), nie van die glansende son self nie, maar van die effek wat die son op die geografiese middelstreek van die hemelruim se vyf sones het: Dit is altyd gloeiend rooi en dor gebak deur die son. Daarenteen is die son só bleek (dus glansloos) in Skithië as gevolg van die ekstreme koue dat die ondergaande son nie eers in staat is om die water van die see rooi te kleur nie (*rubro ... aequore* in 3.359, sien 7.i).

⁷⁶⁰ Erren (2003:932) verwys foutiewelik na *Il.* O(15).391. (my beklemtoning) Sien ook Homeros, *Il.* A(1).482; *Od.* β(2).428 en ν(13).85.

⁷⁶¹ Sien Irwin (1974: 4-5, 89, 103 en 107-9) vir die uitbeelding van die see in die Griekse digkuns.

Catullus (42.16, sien 4.b.ii) beskryf 'n astrante vrou se gebrek aan 'n blos met die woord *ruborem* waarvan die kleurwaarde volgens Maltby s.v. *rubor* intenser as *pudor* is, waarskynlik omdat eersgenoemde direk met kleur verband hou. Vergilius, daarenteen, verplaas hierdie term se betekenis moontlikheid na die maan wat blosend vertoon (deur beide *ruborem* en *rubēt* beklemtoon in 1.430-31, sien 2.b.ii) as duidelik *signum* dat wind verwag kan word.

Soos Columella 2.20.2, beskryf Vergilius ook ryp graan met die uitgebreide betekenis van *rubicunda* (1.297, sien 5.iii) wat afwyk van sy gebruikelike uitbeelding met *flavus* en *flavens*. Die diep-rooi tint wat andersins met *rubicunda* vereenselwig kan word, hou egter verband met drooggebakte koring wat op die middaguur se skroeiende hitte (*medio ... aestu* in 297, herhaal in 298: vgl. Vels Heijn 1951:25) – die geskikste tyd – geoes moet word.

Aangesien Vergilius 'n skouspelagtige eerder as funksionele uitbeelding in gedagte het, word *rubesco* slegs een keer gebruik om suiwer chromaties die rooi kleur van kornoelies uit te beeld wat geleidelik aan pruimbome verkleur (2.34, sien 5.iv) – in parallelle kontras met die beskrywing wat met *incanuit* en *albo* van reëls 70-72 (onderskeidelik 3.iii en 3.b.iii) bewerkstellig word.

Die lente word as die mees geskikte seisoen vir die aanplant van die wingerd voorgehou. Kenmerkend van die aanbreek van hierdie seisoen is die verskyning van 'n glansende wit voël (II. *CANDIDUS* 2.320, sien 3.b.i) en die lente se blommeweelde wat met die frase *vere rubenti* (2.319, sien 5.v) uitgebeeld word. Anders as met die frase *purpureos flores* (4.54, sien 5.ii *supra*), kom die frase *vere rubenti* nie metonimies voor van 'n groot verskeidenheid blommekleure nie, aangesien die digter doelbewus hier 'n effektiewe wit-en-rooi kleurpaar skep. Daarenteen, in 4.306 (sien 5.viii) word die vroeë lente (*primum*) – die mees geskikte tyd vir die *bugonia* – se groot verskeidenheid van blomme met *rubeat* se primêre betekenis uitgebeeld, waarskynlik metonimies om as beklemtoning te dien van alle blomme se *kleur* wat vir bye aanneemlik kan wees. Die beskrywing is sprekend van herlewing, hoewel die woord *ver* geensins voorkom nie. Ook die saffraanryke *stamina* van die krokus word deur *rubentem* se primêre betekenis bepaal (4.182, sien 5.vii) wat Martyn beskryf as die 'kleur van vuur' (vgl. Mynors 1990:281-82).

Vergilius verlewendig die prosaïese beskrywing van siekte-beheer in die wingerd met *rubentis* wat prolepties gebruik word van krappe wat rooi verkleur in 'n vuur (4.47-48, sien 6.ii).

Net soos *candidus* met glans vereenselwig word, so ook *rutilus* wat op 'n warm, gloeiende rooi dui. Dit is inderdaad hierdie aspek wat *rutilus* van *ruber* onderskei en wat in sommige gevalle met die donkerder en veral glansende kleurwaarde van *purpureus* kan ooreenstem. In die *Georgica* word *rutilus* veral chromaties met glans verbind van die son se gloeiende rooi kleur (1.454, sien 2.i) wat met *ignis* aangevul word, en van bye se voorkoms (4.93, sien 3) waarvan die glans met *clarus* beklemtoon word.

Die term *sanguineus* het uiteraard 'n verwantskap met die kleur van bloed en die oordragtelike betekenis 'bloedrooi' kom slegs een keer in die *Georgica* voor. Die oorfloed bessies wat in die woud voorkom, dui op die milddadigheid van die natuur (vgl. Erren 2003:498 n.430) en word pleonasties deur beide *sanguineus* (sien 1.ii) en *rubeo* (sien 5.vi) beklemtoon. In die geval van mirtebessies wat

met *cruentus* bepaal word (*cruenta myrta* in 1.306, sien 2), is daar 'n steurende konnotasie aan beide die terme *cruentus* en *sanguineus* vanweë die verbintenis met bloed. In die geval van laasgenoemde is die beskrywing van die brand wat 'n woud totaal vernietig het (sien 2.308-9) immers nog vars in die leser se geheue. Weer eens is die dwase optrede van die mens, hier die nalatige herders, daarvoor verantwoordelik en is daar gevolglik geen groeikrag in die bodem oor nie. Slegs die wilde-olyf met sy bitter blare oorleef.

Vels Heijn (1951:52-53) steun swaar op Aulus Gellius, *N.A.* 9, volgens wie *spadix*, *poeniceus* en *rutilus* sinoniem is, almal met 'n rooierige kleurwaarde. *Spadix* kom slegs een keer in *Geor.* 3.81 voor as tegniese beskrywing van 'n perd se kleur. Die primêre betekenismoontlikheid 'dadelbruin' (die kleur van gedroogde dadels) of 'kastaingbruin' toon dat die kleurskakering eerder 'goudbruin' as 'rooibruin' moet wees.

Ook in hierdie groepering van geel-en-rooi kleurwoorde is daar etlike voorbeelde van wit-en-rooi kleurpare waarvan die konstruksie so subtiel en die woordkeuse só versigtig beplan is, dat dit nie aan blote toeval toegeskryf kan word nie. Aldus skep Vergilius onderliggende temas: Die digter beklemtoon die mens se sinnelose entingsmetodes wat op die skending en die verdraaiing van die natuur dui. In die eerste perikoop bepaal *rubesco* geënte kornoelies wat aan pruimbome verkleur (2.34); en in die tweede perikoop (2.71-72) vertoon die esseboom wit met peerbloeisels, weergegee met twee kleurwoorde vir wit, *incanescio* en *albus*. Vir beide rooi en wit word die kleurterme eksplisiet gebruik sodat hierdie kleurpaar sterk oorkom om die mens se sinnelose metodes tematies te beklemtoon. Baie subtiel is ook die verwysing na 'n *peerboom* in beide perikope wat die die mens se ondeurdagte optrede verder onderstreep: In die eerste perikoop dra die geënte *peerboom* nou appels (2.33-34: ... *mutatamque insita mala | ferre pirum* ...), terwyl die esseboom in die tweede perikoop oortrek is met *peerbloeisels* (2.71-72]). 'n Geënte boom se absolute verstomming (82: *miratastque novas frondes et non sua poma*) dien as aanklag teen die mens. Opvallend is Ross (1987:109-10) se bespreking van hierdie deeglik beplande kleurkontras waarna hy verwys as " ... the lie that runs throughout these lines on grafting ..." Dit is duidelik dat hy slegs op Vergilius se entingstegnieke konsentreer (waarvan sommige inderdaad onmoontlik is), maar die kleurpare as beoogde doel miskyk.

Vergilius plaas ook tematies drie keer die kollig op die misbruik van wyn, ook met hierdie wit-en-rooi kleurpaar: Die uitbeelding van ryp mirtebessies met *cruentus* (*cruenta myrta* in 1.306, sien 2) is doelbewus 'onakkuraat'. Mirtebessiesap word vanweë die geur en rooi kleur in wynbou gebruik en staan bekend as *vinum myrteum* of *myrtites*. Die eksplisiete gebruik van *cruentus* is opvallend, so ook die terloopse verwysing na diep sneeu (1.310: *nix alta*) wat implisiet op die wit kleur van die sneeu dui. Onderliggend aan hierdie kleurkombinasie is die kleurpaar van wit-en-rooi wat op subtiel wyse die tema aandui wat voorts op die misbruik van wyn fokus.

Ook in die gedetailleerde uiteensetting van verskillende druif- en wynsoorte kom daar slegs twee eksplisiete kleurwoorde voor, te wete *albus* (2.91) van die wingerdstok van wit druiwe as *natuurlike* produk, so ook *purpureus* (2.95, sien 3) van druiwe, as effektiewe rooi-en-wit kleurpaar. Ook gebruik

Vergilius geen eksplisiete kleurwoord van enige wyn nie en word die kontras van die verskeidenheid van wit en donkerrooi wyne aan die kundige leser oorgelaat.

In 2.319-20 beskryf die digter die 'blosende' lente (*vere rubenti*) as die mees geskikte seisoen vir die plant van die wingerd. Dan verskyn die spierwit (*candidus*) voël wat chromaties met *rubenti* 'n verdere rooi-en-wit kleurpaar skep wat opnuut die digter se misnoeë met die onaanvaarbare praktyke en vergrype van die mens onderstreep, 'n praktyk waarna Servius verwys as die *vituperatio vitis* (2.454-57).

In sy beskrywing van die Skithiërs (3.349-83) verwys Vergilius eksplisiet na hul gebruik van wyn (en bessiebier), maar tog lewer hy geen negatiewe kommentaar daaroor nie. Dit is moontlik dat die wyse waarop hulle hul lewens slyt, gesetel is in die ideaal van harde, eerbare werk en eenvoudige plesier. Hulle het by hul uitsonderlike omstandighede aangepas, hulle leef vreugdevol (*laeti*, herhaal in 3.75 en 79) en geniet 'n kommerlose rustigheid (3.76-77: ... *secura* ... | *otia*...).





MILLE VARII COLORES

5 ONTLEDING VAN TEKSTE

Aangesien daar oorvleueling ten opsigte van die betekenismoontlikhede van die geselekteerde kleurwoorde vir blou en groen is, is al die relevante terme in hierdie groepering van vyf rubrieke ingesluit en alfabeties gerangskik. Al die teksgedeeltes waarin *caeruleus*, *ferrugineus* en *ferrugo*, *glaucus*, die **vir*-groepering en *vitreus* voorkom, is geselekteer uit die werke van Lucretius en Catullus en ook Vergilius se *Eclogae*, *Georgica* en *Aeneïd*. Uitgesonder die **vir*-groepering (wat *reviresco*, *vireo*, *viresco* en *viridis* insluit) en *vitreus* wat volgens bepaalde temas en chronologies volgens digter gerangskik is, is die res tematies en chronologies volgens die *TLL* se verskillende kategorieë georden. Hierdie passasies word gedetailleerd ontleed en met 'n oorsig van bevindinge afgesluit om Vergilius se tegniek en sy besondere aanwending van hierdie terme in veral die *Georgica* aan te dui.

5.1 KLEURWOORDE VIR BLOU EN GROEN

XXII CAERULEUS⁷⁶²

Hoewel *caeruleus*, *-a*, *-um* en *caerulus*, *-a*, *-um* oënskynlik as wisselvorme voorkom, word slegs *caeruleus* in die *Georgica* aangetref. Beide wisselvorme word deur Ennius en Plautus gebruik (moontlik selfs by Naevius *de caelo ipso*; W-H *ad loc.*), terwyl *caerulus* en die substantief *caerula* veral deur latere digters verkies word (vgl. *TLL* s.v. *caeruleus*, *caerulus*, *-a*, *-um* III.103, reëls 83-84) en die wisselvorm, *caeruleus*, veral in prosa aangetref word (vgl. André 1949:162). Daar word geen onderskeid tussen die betekenismoontlikhede van *caeruleus* en *caerulus* getref nie (L&S *ad loc.* en

⁷⁶² Die *TLL* se verskillende kategorieë vir *caeruleus* (III.103 [reël 71]-107 [reël 67]) word hierna opeenvolgend met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

A proprio sensu, colorem glaucum vel lividum indicans **1** de caelo et rebus ad caelum pertinentibus: de caelo ipso; de caeli sideribus; de arcu caelesti, inde de calore a sideribus orto **2** de aquae et eius incolis **a** de mari, fluminibus, fontibus, etc. **b** de deis marinis et fluvialibus **c** de bestiis marinis **d** de rebus quae in incola sunt **3** de hominum corporibus: **a** de oculis **b** de crinibus **c** de more aliquot gentium fucandi vel tingendi sive omne corpus sive singulas partes **d** de cute et venis **4** de ceteris rebus naturalibus **a** de bestiis **b** de herbis **c** de aere et gemmis **d** de sulphuris fumo **5** de rebus ab hominibus factis.

B latiore ac paulum mutato sensu **1** accedens ad notionem viridis et albi **2** accedens ad notionem nigri et fusci **a** de nubibus **b** de imbre **c** inde laxiore sensu ad notionem obscuri, taetri, luridi: de nocte et umbra; de frigore; de inferis; de morte et sepulcro. neutr. subst. **caeruleum**, caerulum, -i. **1** i.q. pigmentum **2** i.q. color caeruleus **3** i.q. mare.

pluralis n. subst. caerula, -orum **1** i.q. caelum **2** i.q. mare **3** i.q. caeruleus splendor.

masc. substant. **caeruleus**, -i bestiarum aquatiliū nomina **1** bestia similis 'cani marino' **2** piscis quidam **3** vermis quidam. Sien ook EV I.549b vir addisionele verwysings na hierdie kleurterm.

OLD ad loc.), soos duidelik gestel in Isidorus, *Diff.* 1.115: *caerulus est color, caeruleus qui ex eo colore confectus est natura. Nam caerulum ipsum colorem dicimus* ('caerulus is die [naam van die] kleur; **caeruleus** [is dit] wat natuurlik uit daardie kleur saamgestel is; want ons noem die kleur self *caerulus*').

Volgens die *OLD* en *W-H ad loc.* is **caerul(e)us** van *caelum* ('hemel' of 'lug') afgelei wat met die fonetiese dissimilasie van *caelulum*, die verkleinwoord van *caelum*, verband hou. Die terme is dikwels deur Romeinse digters gebruik na aanleiding van die Griekse woord *κυάνεος*, hoewel dit eers op 'n later stadium in die Griekse digkuns van die see voorkom, 'n belangrike aspek wat deurentyd voor oë gehou moet word.⁷⁶³ Ook volgens die *TLL s.v. caeruleus* III.103 reëls 71-72 is die kleurterme van *caelum* afgelei, maar met die byvoeging dat hierdie aanname tot nog toe ongefundeerd is (... *caelum ductum esse videtur, etsi deest probata aliqua terminationis explicatio*). Ook De Vaan (2008:80) beskou *caerulus/caeruleus* ('blou') as van *caelum* afgelei met die variant *cael-* wat reëlmatig uit die Proto-Italiese **kailo-* (nom. enk.) ontwikkel het, volgens die Latynse *famul* > *famulus* en *vigil* > **vigilis*. De Vaan verwys na die ouer etimologie wat *W-H* verkies: Die verbinding van *caelum* met die Germaanse en Baltiese woorde wat 'helder' aandui, onder andere die Oud Yslandiese *heið*, 'helder lug'.

Volgens André (1949:162-71) se omvattende bespreking is dit duidelik dat die implikasies van **caerule(u)s** besonder problematies is wat ook Vels Heijn (1951:64, 67) se beskouing onderstreep: Hierdie kleurwoord moet as een van die heel moeilikste en mees kontensieuse kleurterme beskou word. Sommige kritici reken dat die probleem opgelos kan word deur vas te stel watter een van die twee terme die oorspronklike vorm was. Volgens Skutsch (1986:281, met verwysing na *W-H ad loc.*) kon die variant *caerulus* as digterlike skepping *metri causa* ontstaan het. Die woord kom voor in Naevius *ap. Varro, L. 7.7 (concha caerula; vgl. TLL s.v. caeruleus* III.104 reël 19 [*sic*]) en in Plautus, *Rud.* 268: *per vias caerulas*, waarvolgens ons kan aflei dat dit nie deur Ennius geskep kon wees vir 'n eerste gebruik van die heksameter nie. Volgens André (1949:163) berus hierdie standpunt daarop dat *caerulus* selde in prosa aangetref word. So 'n beskouing is onaanvaarbaar, aangesien 'n verskil in gebruik van 'n term in prosa en poësie vir alle kleurterme behoort te geld, en nie uitsluitlik vir **caerul(e)us** nie.

Skutsch (1986:281) wys op die moontlike transformasie van die oorspronklike *caerulus* tot **caeruleus** na analogie van vorme soos *aurum* > *aureus* en *russus* > *russeus*. Vels Heijn (1951:66) vind dit egter vreemd dat die Romeine wat geneig was tot hierdie soort etimologisering nie **caeruleus** en *caelum* so met mekaar verbind het nie (soos wel die geval met *caesia* en *caelia* in Aulus Gellius, *N.A.* 2.26.19). Dit laat dan ook 'n sterk suggestie dat die term nie primêr verband hou met die lug nie wat deur Servius *ad Aen.* 7.198 gestaaf word. Hy sien 'n verband met die see: **caeruleum est viride cum**

⁷⁶³ Skynbaar was Simonides die eerste om die see met *κυάνεος* ('donker') te beskryf, hoewel dit onseker is of die betekenis 'blou' met die term verbind is: fr. 567.3-5 *PMG: ἀνὰ δ' ἰχθύες ὀρθοί | κυανέου ἕξ ὕδατος ἄλ- | λοντο καλᾶ σὺν ἀοιδᾶι* ('visse het reguit [let. 'reguit visse'] deur die donker water gespring by [die aanhoor van] die pragtige lied'; vgl. Irwin 1974:103). Volgens Edgeworth (1992:111) gebruik Homeros die formula *ἐν ἠεροειδέϊ πόντῳ* van die mistige/donker see en *κυάνεος* uitsluitlik met die betekenis 'donker', hoewel dit nooit van die see voorkom nie en ook sonder enige aanduiding van die betekenis 'blou' is wat latere digters daaraan heg. Die term is egter met hierdie betekenis in prosa gebruik, terwyl die aanvanklike betekenis 'donker' in die poësie gehandhaaf is. Beide betekenisne het naas mekaar bly voortbestaan wat moontlik die rede is waarom albei betekenismoontlikhede by sekere skrywers aangetref word (vgl. Irwin 1974:79, 109-10).

nigro, ut est mare (‘[die betekenis van] **caeruleus** is ’n donkergroen, net soos die see’). Dit lig ’n verdere probleem uit: Sommige kritici assosieer die primêre betekenis van die term uitsluitlik met die lug wat uiteenlopende betekenismoontlikhede soos ‘hemelsblou’ en ‘helderblou’ kon impliseer, onder andere in Ennius, *Ann.* I.xxix. 48 (49) (Skutsch) van die helderblou hemelgewelf: ... *ad caeli caerula templa* en I.xxxiii. 54-55 (65-66): ... *in caerula caeli | templa*; vgl. *TLL* s.v. **caeruleus** A.1: *de caelo*.

Ook André (1949:164-65) argumenteer onoortuigend dat **caerul(e)us** die helderblou kleur van ’n wolklose dag uitbeeld. Hieruit sou die substantief *caerula* (meervoud) ‘hemel’ of ‘lug’ kon ontstaan het wat egter selde voorkom en waarvan daar slegs enkele voorbeelde in Lucretius is (sien *infra*). Hierop volg die substantief *caerula* (mv. n.) ‘see’ wat André met ’n ‘ware blou’ assosieer. Nietemin verbind hy die term ook met die donkerder kleurwaardes wat asuurblou, blougroen, groen en blouswart kan insluit.

L&S, die *OLD* en die *TLL* beskou **caerul(e)us** primêr as tiperend van die lug met die substantief *caerula*, ‘hemel,’ terwyl dit sekondêr op die see dui. Volgens L&S is die term se betekenismoontlikhede ‘donkergekleurd,’ ‘donkerblou,’ ‘donkergroen’ en ‘hemelsblou’. Daar word ook verwys na die ooreenstemmende kleurwaardes van *caesius* (‘grys’ of ‘blou-grys’)⁷⁶⁴ en die Griekse ὀ κῦανος (ook ‘donkerblou’), die afgeleide vorm κῦάνεος (wat gekwalifiseer moet word) en Sanskrit *cjamas*, ‘donker’. Die uiteensetting in die *OLD* stem baie met dié van L&S ooreen wat die kleurwaarde uitbrei om ook ‘blougroen’ in te sluit wat die *TLL* en W-H geensins lys nie.

Hoewel Vels Heijn (1951:64-67) die beskouings van Wagenvoort (*Glotta* 26, 1937)⁷⁶⁵ as waardevol aanvaar, staan hy die volgende voor: Die oudste betekenismoontlikheid van *caerulus* is ‘newelrig’ of ‘grou’ (sien ἠεροειδής ‘mistig’ of ‘bewolk’) en dit is ook die afgeleide verkleinwoord van **kairos*, ‘donker,’ maar hy laat helaas na om die etimologiese oorsprong van hierdie vorm aan te dui.⁷⁶⁶ Ook beskou hy **caerul(e)us** as die gebruikelike epiteton van die see waaruit die substantief *caerula*, ‘see,’ ontstaan met die afgeleide nuwe kleurwoord **caeruleus** ‘donkerblou’ of ‘seekleurig’ wat ook na groen kan neig.⁷⁶⁷ Plautus gebruik die frase **caeruleos per campos** in *Trin.* 833 wat die ‘diepblou’ of ‘donker’ water van die stormagtige see bepaal wat afgelei word na aanleiding van reël 834: ... *circum stabant navem turbines venti* (‘... die warrelwinde het rondom die skip saamgepak’). Die term bepaal selde die lug; ook in die Griekse digkuns word die lug byna nooit as ‘blou’ beskryf nie.⁷⁶⁸ Waar die

⁷⁶⁴ Die term *caesius* kom nie in die *Georgica* voor nie. Dit is ’n besondere skaars woord en word uitsluitlik van blou-grys oë gebruik (L&S). André (1949:165-66) beskou die kleurwaarde van *caesius* as ‘ligblou’ en verwys na Cicero, *N.D.* 1.30.83 wat onderskei tussen die verskillende skakerings van ‘blou’ met **caeruleus** en *caesius: caesios oculos Minervae, caeruleos esse Neptuni* (‘Minerva se oë is blou-grys, dié van Neptunus **diepblou**’; vgl. *TLL* A.3: a. *de oculis*).

⁷⁶⁵ Hoewel Wagenvoort (1937:129-31) op die etimologiese verklaring van *caerimonia* fokus, bevind hy dat die kleurwoord slegs van die lug gebruik voorkom, soos ook die substantief *caerula*, ‘hemel,’ maar sonder enige assosiasie van kleur. In sy repliek op die artikel van Wagenvoort, verwys André (1949:164 n.1) na die stam **caerus*, ‘donkergrys,’ waaruit die verkleinwoord *caerulus* sou spruit met die betekenis ‘heldergrys’ > ‘bewolk’ en met die vorm *caerula* > ‘hemel’. Hierdie woordvorm verskyn egter nie in W-H nie.

⁷⁶⁶ W-H bied ook geen verwysing na **kairos* in die etimologiese ontleding van **caerul(e)us** nie.

⁷⁶⁷ Sien ook *Ciris* 483: **caeruleo pollens coniunx Neptunia regno** (‘die vrou van Neptunus regeer oor die **seeblou** koninkryk’); vgl. *TLL* s.v. **caeruleus**, *caerulus* A.2.b: *de deis marinis et fluvialibus*; ook Seneca Minor, *Ag.* 441: *dirimuntque canae caerulum spumae mare* (‘die wit skuim bring die diepblou see in beroering’).

⁷⁶⁸ Kober (1932:116) bied inderdaad voorbeelde, maar almal dui op ’n nagtelike hemel. Sien Plutarchus, *Convivalium Disputationum* 3.10.2.25 se verwysing na Timotheus: διὰ κῦάνεον πόλον ἄστρων (‘deur die donker wentelbaan van die sterre’); en Apollonius Rhodius, *Arg.* A(1).777: κῦανέου δὲ ἠέρος (‘deur die donker wasigheid/lug’).

substantief van 'n nagtelike hemel voorkom, is dit immers 'donker' en nie 'blou' nie.⁷⁶⁹ Die oorspronklike term *caerulus* beskou hy as die 'ouderwetse' wisselvorm van *caeruleus*, ook met geen onderskeid in die betekenis nie.

Ook volgens Hermann en Cagianno de Azevedo (1969:388) dui *caeruleus* op die gebruikelike uitbeelding van die hemel, selfs nog voor Ennius, maar tog met verwysing na die see in *Ann. XIV.iii.377-78* (384-85) (Skutsch): *verrunt extemplo placidum mare: marmore flavo | caeruleum spumat sale ...* ('dadelik klief hulle die [waters van 'n] kalm see: die **blou** seewater skuim met 'n gelerige glans/witheid ...').⁷⁷⁰

Bradley (2011:9-10) verwerp die interpretasie van Baran en Chisleag (1968:163) wat *caeruleus* as 'blou soos die hemel' aandui. Volgens hom (soos ook by Vels Heijn) het die kleurwoord by uitstek betrekking op water en ter staving hou hy die lywige inskrywing van *TLL A. proprio sensu, colorem glaucum vel lividum indicans 2: de aquae et eius incolis* voor. Hierdie semantiese afdeling dui op diep, bewegende water met al die kwaliteite en assosiasies wat daarmee verbind word.

Volgens die *TLL III.103*, reëls 72-73 sluit die betekenismoontlikhede die ooreenstemmende kleurwaardes in: *glaucus*, *caeruleo marino colore* en *caerula varia*. Vir die wisselvorm word die Griekse *κυάνεον*, *κυάνον* en *ἀέρινον* ('ligblou' of 'grys') voorgehou waarvolgens die substantief *caerula* betrekking het op beide die hemel (1 *i.q. caelum*) en die see (2 *i.q. mare*). W-H *ad loc.* bied die kleurwaardes 'diepblou,' 'donkerblou' en 'ultramaryn' en wys op 'n verbintenis met *caelum*, na aanleiding van die fonetiese dissimilasie van *caelulum*. In die lig van bogenoemde beskouings sal die volgende voorts in gedagte gehou word:

- Hoewel die term op 'n 'donker' skakering (*donkerblou*, *donkergroen*) kan dui, word die kleurwaarde nooit met 'swart' verbind nie, selfs nie met verwysings na die dood en die Onderwêreld nie; vgl. *TLL B. latiore ac paulum mutato sensu 2: c. de inferis*.

Beide Servius (*veteres sane caeruleum nigrum accipiebant*) en *TLL B.2: accedens ad notionem nigri et fusci* se verwysings na die verwante kleurwaarde van *niger* dui uitsluitlik op die term se *donker* skakering, waarby *TLL B.2: c. inde laxiore ad notionem obscuri, taetri, luridi* ook aansluit.

- Servius assosieer *caerul(e)us* met 'n groenerige blink kleur wat inderdaad tiperend van die see kan wees, maar nie van die lug nie: *glaucus autem caeruleus est color, id est subviridis albo mixtus et quasi clarior* ('*caeruleus* is die kleur van *glaucus*; dit is groenerig gemeng met wit, en effense glansryker'; vgl. Austin 1964:161-62, met verwysing na *caerula colla*).

⁷⁶⁹ Sien Ovidius, *Fast.* 3.449-50: ... *ubi caeruleum variabunt sidera caelum | suspice* ... ('... wanneer sterre 'n **donker** hemel sal versier, kyk boontoe ...'). Die frase *caeruleum ... mundum* ('die **donker** hemelgewelf') in Manilius 1.703 en 712 dui telkens met die primêre betekenismoontlikheid op 'donker' of 'donkerblou' kleurwaardes. Van beide voorbeelde, vgl. *TLL A.1: de caelo et rebus ad caelum pertinentibus*.

⁷⁷⁰ Na aanleiding van die Enniaanse sinsdeel *verrunt ... mare*, sien terugverwysend ook Lucretius, *D.R.N.* 5.1227: ... *aequora verrit*; Catullus 64.7: *caerula verrentes* ...; Vergilius, *Geor.* 3.201: ... *aequora verrens*; en *Aen.* 5.778: ... *aequora verrunt*.

Ennius gebruik slegs die wisselvorm *caerulus* vir die betekenismoontlikheid ‘groen’ in *Ann.* fr. lxxxii.537 (516) (Skutsch): ... *per caerula laetaeque prata* (‘... oor die groen en geil velde’).⁷⁷¹ Vels Heijn (1951:66) koppel *caerulus* ook aan ruimte en afstand, met betekenis ‘donker’ of ‘donkergroen’. Volgens André (1949:170-71) en Skutsch (1985:281 n.127) is hierdie voorbeelde wat met groen verband hou baie skaars en word hulle uitsluitlik in poësie aangetref. Propertius 4.2.43 gebruik *caeruleus* van die besondere groen kleur van ’n komkommer: *caeruleus cucumis tumidoque cucurbita ventre* (‘die **donkergroen** komkommer en die kalbassie met sy uitgeswelde magie’; vgl. *TLL* A.4: b. *de herbis*).⁷⁷² Die kleurwaarde ‘groen’ word gevolglik ook by die reeds vermelde betekenismoontlikhede van *caerul(e)us* ingereken, ook met die donkerder kleurwaarde van ‘diepgroen’ of ‘donkergroen’.

- Die substantief kom meestal achromaties voor, maar sou die woorde *caeli*, *mundi* of *ponto* aanvullend tot die uitbeelding gebruik word, kan daar aanvaar word dat die term ’n chromatiese implikasie het.

In Lucretius kom *caeruleus* twee keer voor, *caerulus* een keer en die substantief *caerula* ses keer. Catullus gebruik beide die wisselvorme, *caeruleus* en *caerulus*, elk een keer. Vergilius gebruik slegs *caeruleus* vier keer in die *Georgica*, terwyl beide die wisselvorme en die substantief altesaam negentien keer in die *Aeneis* voorkom.

Hieronder volg die soort konteks waarin die woorde voorkom.

1 As uitbeelding van die hemelse gewelf, die son en wolke (vgl. *TLL* A.1: *de caelo et rebus ad caelum pertinentibus; de caelo ipso; de caeli sideribus*)

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 1.1089-90: *atque ideo totum circum tremere aethera signis / et solis flammam per caeli caerula pasci* (‘en daarom skitter die hele uitspannel met sterre daaromheen en die son se vlam voed op die **bloutes** van die hemel; vgl. *TLL* s.v. *caeruleus*: *pluralis neutr. subst. caerula, -orum* 1: *i.q. caelum*).

Volgens Epikuriese leerstellings neig alle vorme na ’n kern of middelpunt (1084: *in medium niti*) en wanneer lug en vuur daaruit ontsnap, lei dit tot die ontstaan van sterre en die son se vlamme. Die frase *caeli caerula* verwys terug na die Enniaanse frase *caeli caerula templa* in *Ann.* 1.xxix.48(49) (Skutsch) met die frase *caeli ... templa* as ekwivalent van τέμενος αἰθέρος in Aischulos, *Pers.* 365 (vgl. Skutsch 1986:201 n.48). Dit hou ook verband met die frase *caerula caeli templa* in *Ann.* 1.xxxiii.54-55(65-66), waarvolgens *caerula* as adjektief die woord *templa* chromaties bepaal. Daarenteen die beskrywing *caeli caerula* met die substantief *caerula* wat Gow (1966a:231 *ad loc.*) vertaal as ‘die *blou* hemelse streke’ wat met die toevoeging van die naamwoord, *caeli*, chromatiese waarde kan impliseer.⁷⁷³

⁷⁷¹ Sien voetnoot 337.

⁷⁷² Sien ook *Copa* 22: *et pendet iunco caeruleus cucumis* (‘en aan sy stingel hang die **donkergroen** komkommer’).

⁷⁷³ Lucretius gebruik onderskeidelik die frases *caerula mundi*, *caerula caeli* en ook die substantief *caerula* van die hemelse gewelf of uitspannel: *D.R.N.* 5.772-73: ... *quoniam magni per caerula mundi / qua fieri quicquid posset ratione resolvi* (‘ ...

b. Vergilius

Verg. *Geor.* 1.451-53: ... *nam saepe videmus | ipsius in vultu varios errare colores: | caeruleus pluviam denuntiat, igneus Euros* ('... want dikwels sien ons verskillende kleure wat op die [son se] skyf speel; 'n **donker[blou]** kleur dui op reën en vlamrooi op die Oostewind').

Sien XV. *IGNEUS* 1. Vir die landbouer is die tekens wat die son bied (438-64) besonder waardevol. Hierdie tegniese afdeling word met die woord *sol* (438) ingelei en in reël 463 met herhaling van *sol* omraam en afgesluit. Net soos 'n sonsopkoms (441-49) sekere vaste tekens bied (438-39: *sol ... | signa dabit; solem certissima signa ...*), so ook is dié van 'n sonsondergang belangrik (463: *sol tibi signa dabit. solem ...*) en as aanvullende afdeling met die frase *hoc etiam* (450) ingelei word. Aangesien Aratus die tekens wat die ondergaande son bied, betroubaarder ag (*Phaen.* 890: *ἐσπερίοις και μᾶλλον ἐπίτραπε σήμασι τούτοις* ['vertrou selfs meer op daardie tekens in die weste']), brei Vergilius hierop uit. Hy verwys na die verskillende kleure wat oor die son se skyf speel (vgl. Erren 1985 *ad loc.*: "... in ihrem Gesicht ...") wat gewoonlik as 'goudglansend (*aureus*) beskryf word. Daarenteen hou *caeruleus* ('donkerblou') met die primêre betekenis verband met vogtigheid (dus reën) (vgl. Edgeworth 1992:55), terwyl 'n vlamrooi voorkoms (*igneus*) wind aandui. Volgens Thomas (1988a:143 n.453) verbeter Vergilius op die beskrywing van Aratus, *Phaen.* 836-37: ... *καί τοι τὰ μὲν [sc. εἰμελανεῖ] ὕδατος ἔστω | σήματα μέλλοντος, τὰ δ' ἐρεύθεα πάντ' ἀνέμοιο* wat baie kripties soos volg kan vertaal: 'So, as dit dan swart kleur, laat dit die tekens van komende waters wees, en elke rooi skynsel [tekens] van wind.'

2 **By die uitbeelding van die see, riviere en poolstreke** (vgl. *TLL* A.2: a. *de mari, fluminibus, fontibus, etc.*; vgl. *TLL*: *pluralis neutr. subst. caerula, -orum* 2: *i.q. mare*).

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 2.772-75:

*quod si caeruleis constarent aequora ponti
seminibus, nullo possent albescere pacto.
nam quocumque modo perturbes caerula quae sint,
numquam in marmoreum possunt migrare colorem.*

Maar as 'n kalm see uit **donkerblou** atome sou bestaan het, kon hulle op geen manier wit word nie; want op watter wyse jy ookal die see in beroering bring, kan hulle nooit 'n marmarwit kleur aanneem nie.

Die see is saamgestel uit donker of diepblou atome. Selfs nie 'n hewige storm wat die atome in beweging bring, kan hul voorkoms verander om soos skuim 'n marmarwit kleur aan te neem nie. Skutsch

aangesien ek uiteengesit het op watter wyse elke voorwerp in die bloutes van die uitspansel kon ontstaan het') en 6.96: *principio tonitru quatiuntur caerula caeli* ('allereers word die bloutes van die hemelse gewelf deur donderweer geskud'). Daarenteen 6.481-82: *urget enim quoque signiferi super aetheris aestus | et quasi densendo subtexit caerula nimbis* ('want die hitte van die sterbelaaide uitspansel druk ook van bo af neer, en wanneer dit saamgepers is, weef dit reënwolke onder die hemelse gewelf').

(1986:543 n.377) is onseker of Lucretius die wit kleur van marmer in gedagte het⁷⁷⁴ en of hy terugverwys na Homeros se beskrywing van die glansende see in *Il.* N(14).273 (ἄλα μαρμαρέην). Tog wil dit voorkom asof kleur, eerder as glans, hier 'n rol speel: Dit sou beteken dat *caeruleis* (met die primêre betekenis ‘donker’ of ‘donkerblou’) kontrasteer met beide die kleurwoord *albescere* en die frase *in marmoreum colorem*.

Gow (1966a:277 *ad loc.*) vertaal beide die terme (*caeruleis* en *caerula*) telkens met ‘hemelsblou’ (‘sky-blue’) wat eerstens in konteks nie van toepassing kan wees op 'n onstuimige, donker see nie, en tweedens kan geen chromatiese waarde aan die substantief *caerula* in hierdie konteks gekoppel word nie.⁷⁷⁵

b. Catullus

Cat. 64.7: *caerula verrentes abiegnis aequora palmis* (‘[die Argonoute] klief die diepblou water met roeispane van dennehout’).

Die Argonoute roei oor die see wat hier chromaties met die adjektief *caerula* se primêre betekenis ‘donkerblou’ uitgebeeld word. Die term in die beklemtoonde aanvangsposisie van die reël word direk deur *verrentes* opgevolg, sodat die effek van die roeispane – die beskrywing van spierwit skuim (13-14: ... *remigio spumis incanuit unda, | emersere freti candenti e gurgite vultus*; sien III. *CANUS* en *CANEO* 1.b) – geantisipeer kan word (vgl. Clarke 2003:48).⁷⁷⁶ Sien ook Ennius, *Ann.* XIV.iii.377-78 (384-85) (Skutsch) (*supra*) vir die wisselvorm *caeruleus* wat betrekking het op die see.

c. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.235-36: *quam circum extremae dextra laevaue trahuntur | caeruleae, glacie concretae atque imbribus atris* (‘daaromheen aan die verste eindes strek die **donker** [poolstreke], aan die regter- en aan die linkerkant, met ys wat verhard is en donderwolke’).⁷⁷⁷

Sien VI. *ATER* 10.b.i. Vergilius bied 'n beskrywing van die hemelse sfeer wat in vyf sones (233) verdeel is.⁷⁷⁸ Die son se jaarlikse pad loop in die middel deur die versengende hemelstreek, terwyl die parallelle gordel op aarde die middelstreek is, vlammend rooi en dor gebak deur die blakerende son (234: *rubens ... ab igni*).⁷⁷⁹ Aan weerskante hiervan is die poolstreke wat in kontras donker vertoon met harde ys en onweerswolke. Servius *ad loc.* voeg by: *ipse color convenit frigori*. Hierdie beskrywing vorm deel van

⁷⁷⁴ In die Latynse digkuns is die adjektief *marmoreus* van *marmor* afgelei en kom dit dikwels voor as sinoniem van *albus* of *candidus*, soos aangedui in die inleiding, IV. *MARMOREUS*. Sien ook Lenchantin de Gubernatis 1958:138.

⁷⁷⁵ Sien I. *ALBUS* en *ALBESCO* 5.a; ook die volgende chromatiese verwysing na die see met die adjektief *caerulus*, nou met die frase *ponti plaga caerula* in Lucretius, *D.R.N.* 5.480-82: *his igitur rebus retractis terra repente, | maxima qua nunc se ponti plaga caerula tendit, | succidit ...* (‘nadat hierdie dinge onttrek is, sink die aarde onmiddellik weg, waar die eindelose **blou** strook van die oseaan tans strek ...’; vgl. *TLL s.v. caeruleus, caerulus* A (*proprio sensu*) 2: a. *de mari, fluminibus, fontibus*).

⁷⁷⁶ Catullus is waarskynlik beïnvloed deur Apollonius Rhodius, *Arg.* A(1).542-46 se beskrywing van die Argonoute se tog oor die see wat baie kleurvol uitgebeeld word. Clarke (2003:48 en 158 n.109) verwys na Phinney: “The entire passage, in fact, reveals a painter’s joy in color, particularly color contrasts.”

⁷⁷⁷ Volgens Thomas (1988a:108 n.235-6) stem die betekenis van *caeruleus* ooreen met Eratosthenes 4 se gebruik van κῶανος: γλαυκοῖο κελαινότεραι κῶανιο (‘donkerder as die blou-groen see’).

⁷⁷⁸ Sien voetnote 378 en 381.

⁷⁷⁹ Sien XVIII. **RUB*-groepering 2.b.i.

’n tema wat herhaaldelik in die *Georgica* voorkom: die interaksie tussen hitte en dorheid, koue en vogtigheid (vgl. Thomas 1988a:81 n.84-93). Tematies word daar dus in hierdie gedeelte ook na die elemente verwys: koue (*glacie concretae*) en vogtigheid (*imbribus*),⁷⁸⁰ waarskynlik as kontras met die middelste streek wat vlammend hittigrooi en dor vertoon (vgl. Edgeworth 1992:55). Twee kleurwoorde omsluit reël 236: In die beklemtoonde aanvangsposisie kom *caeruleae* voor met *atris* in die finale versvoet.⁷⁸¹ Die noukeurige plasing van hierdie twee kleurwoorde is belangrik, aangesien Vergilius ’n bykomende element wil beklemtoon: *Caeruleus* (die normale ekwivalent van κῠάννεος) sluit goed aan by *ater* se genuanseerde betekenismoontlikheid ‘dreigend’ of ‘onheilspellend’ waarvolgens die donkerte sinistêr is en die kleurwaardes van hierdie terme die onherbergsaamheid van die poolstreke beklemtoon (vgl. Mynors 1990:55 n.236). Volgens Austin (1964:160-62 n.381) dui *caeruleae* op ’n glansende, donker voorkoms, hoewel glans gewoonlik nie met hierdie term verbind word nie.

ii. Verg. *Aen.* 3.208 (= 4.583): *adnixa torquent spumas et caerulea verrunt* (‘[die matrose] roei dat die skuim spat en keer die seewater om’).

Wanneer Aeneas en sy vloot uit Kreta vertrek, beland hulle in ’n hewige storm wat eers op die vierde dag afneem. Vergilius gebruik die substantief *caerulea* wat die ekwivalent is van *aequora* in beide *Aen.* 3.290 en 5.778 (... *et aequora verrunt*; sien voetnoot 770). Beide die woorde *caerulea*⁷⁸² en *spumas* kom hier sonder enige bepalers voor, sodat daar geen eksplisiete kleuraanduiding is nie met slegs die implisiete wit van die seeskuim.

3 Tiperend van see- en riviergode, ook seediere (vgl. *TLL* A.2: b. *de deis marinis et fluvialibus*)

a. Catullus

Cat. 36.11: *nunc o caeruleo creata ponto* (‘nou, o [Venus], gevorm uit die donkerblou see’).⁷⁸³

Catullus roep die dogter van die blou see as getuie. Lesbia onderneem om die werk van die swakste digter (6: *pessimi poeta*) as offerande in die vuur te gooi, mits hy nie meer vernederende verse oor haar

⁷⁸⁰ Volgens Thomas (1988a:108 n.235-6) verwys die frase *glacie concretae atque imbribus atris* terug na ’n fragment van Eratosthenes, *Hermes* 8 wat die voortdurende koue en nattigheid rondom die pole beskryf: αἰεὶ κρυμάλαι, αἰεὶ δ’ ὕδατι νορέουσσι. Sien Mynors 1990:54 n.233 en veral 325-26 vir die teks, met Powell se versrangering.

⁷⁸¹ Erren (2003:147-48 n.236) assosieer hierdie twee kleurterme met die donkerste skakering van ’n diep donkerblou (na aanleiding van ’n fragment van Eratosthenes, *Hermes* 2 [Powell]: γλαυκοῖο κελαινότεραι κῠάννοιο [‘donkerder as die groenblou see’]). Die uitbeelding verwys terug na Aratus, *Phaen.* 329, 398 en 702 wat dit met die basiese donker kleur van die konstellasies vereenselwig.

⁷⁸² In die *Aeneis* kom ’n uitbeelding van die see op Aeneas se skild voor, met die substantief *caerulea* wat achromaties die see bepaal: 8.671-72: *haec inter tumidi late maris ibat imago | aurea, sed fluctu spumabant caerulea cano* (‘tussenin is daar ’n toneel in goud aangebring van ’n wye, onstuimige see, maar die see skuim met spierwit golwe’; vgl. *TLL* s.v. *caeruleus*, *caerulus pluralis n. subst. caerulea, -orum 2: i.q. mare*).

Daarenteen bepaal die term *caerulea* met die primêre betekenis ‘donker’ of ‘seekleurig’ die see in 7.197-98: ... *quae causa rates aut cuius egentis | litus ad Ausonium tot per vada caerulea vexit?* (‘... watter rede of watter behoefte het julle skepe oor soveel donkerblou golwe na die kus van Italië aangedryf?’); en in 10.209-10: *hunc vehit immanis Triton et caerulea concha | exterrens freta ...* (‘die massiewe Triton dryf hom aan en verskrik die donkerblou waters met sy skulpgeskal ...’).

Die wisselvorm *caeruleus* kom slegs een keer voor met die primêre betekenis in 12.181-82: *Fontisque Fluviosque voco ... | ... et quae caeruleo sunt numina ponto* (‘ek roep die fonteine en riviere aan ... en al die geeste wat in die donkerblou see is’).

⁷⁸³ Sien ook Tibullus 1.3.37: *nondum caeruleas pinus contempserat undas* (‘die dennehout-skip het nog nie die donker waters getrotseer nie’), met die frase *caeruleas ... undas* herhalend in 1.4.45 (vgl. Maltby s.v. *caeruleus*).

skryf nie. Die digter verwys na die mitiese geboorte van Aphrodite uit seeskuim (vgl. Fordyce 1966:181 n.11) wat implisiet met die kleur van die see gekontrasteer word, hier met *caeruleo* se primêre betekenis ‘donker’ of selfs ‘seekleurig’.⁷⁸⁴

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 4.387-88: *est in Carpathio Neptuni gurgite vates | caeruleus Proteus ...* (‘in Neptunus se waters by [die eiland] Karpatos is daar ’n siener, **seekleurige/donkerblou** Proteus ...’).

Cirene gee aan Aristaeus instruksies waar hy na Proteus moet soek, maar waarsku hom dat die siener (*vates*) ’n glibberige kalant is. Hierdie gebeure verwys terug na Homeros, *Od.* δ(4).351-570, as Menelaos op instruksies van Eidothea oplaas vir Proteus vastrek. Laasgenoemde word met geen kleurwoord verbind nie en in reël 365 word daar slegs na hom verwys as ‘die ouman van die see’ (ἀλίτιο γέροντος) (vgl. Mynors 1990:308 n.388). Proteus, wat die uitgestrekte see met sy visse en span tweebeinige perde deurkruis (388-89), word deur Vergilius met die term *caeruleus* beskryf, waarvan die primêre betekenis ‘donkerblou’ of ‘seekleurig’ ’n baie gepaste epiteton van ’n seegod is.⁷⁸⁵

ii. Verg. *Aen.* 3.432: *... et caeruleis canibus resonantia saxa* (‘... en [Skylia se] grotte weerklink met [die geblaf van] **seekleurige/blougroen** seehonde’; vgl. *TLL* A.2: c. *de bestiis marinis*).

Helenus raai Aeneas aan om eerder met ’n ompad weg te seil as om die monsteragtige Skylia in haar reusagtige grot te trotseer.⁷⁸⁶ Edgeworth (1992:108) beklemtoon die blou of groen voorkoms van seegode en -diere, ook Skylia se seekleurige honde (sien *canibus*, waarskynlik ‘robbe’) wat *caeruleis* met die primêre betekenis bepaal.

⁷⁸⁴ In die Casa di Venus in Pompeii word Venus in ’n muurskildering uitgebeeld waar sy op ’n seeskulp sit met die blou see daarom (vgl. Clarke 2003:157, voetnoot 108). Vitruvius 7.11.1. en Plinius Maior, *Nat.* 33.57 verwys na die proses om blou pigment of verf te vervaardig wat as *caerulum* bekend staan; vgl. *TLL* s.v. *caeruleus*, *caerulus neutr. subst. caeruleum*, *caerulum* 1: i.q. *pigmentum*. Augusti (1967:65) verwys na die pigment *caeruleum* wat in klassieke tye met verskeie skakerings van blou vereenselwig is, waarvan sommige natuurlik en ander artfisieel was: “Sotto il nome di ‘caeruleum’ venivano designati, nell’ antichità classica, vari azzurri, alcuni naturali, altri artificiali.”

⁷⁸⁵ Die volgende voorbeelde het volgens Edgeworth (1992:203) betrekking op water wat riviere, die see en die bewoners en/of die gode daarvan insluit. Die voorkoms van watergode word dikwels as seeblou of blougroen uitgebeeld, onder andere in Propertius 2.26a.16: *candida Nesaeae, caerulea Cymothoë* (‘blonde Nesaeae en die **seeblou** nimf, Cymothoë’); ook in Ovidius, *Met.* 1.275: *caeruleus frater iuvat auxiliariibus undis* (‘[Jupiter se] **seeblou** broer help hom met sy ondersteunende waters’); 1.333: *caeruleum Tritona vocat ...* (‘hy roep **seeblou** Triton ...’); 3.342-43: *caerulea Liriope, quam quondam flumine curvo | implicuit ... Cephisos ...* (‘seeblou Liriope vir wie Cephisos eens met sy kronkelende stroom omhels het ...’); 13.742-43: *at mihi, cui pater est Nereus, quam caerulea Doris | enixa est ...* (‘maar ek [Galatea] met Nereus as vader en seeblou Doris as moeder ...’); en 13.895-96: *qui, nisi quod maior, quod toto caerulus ore, | Acis erat ...* (‘behalwe dat hy groter en sy hele gesig seeblou was, was dit Acis [die riviergod] ...’; vgl. *TLL* A.2: b. *de deis marinis et fluvialibus*). Ovidius gebruik ook die term van see- of rivierbewoners se hare in *Ars* 1.224: *cui coma dependet caerulea, Tigris erit* (‘die een wie se seeblou hare afhang, sal die Tigris wees’); en *Met.* 5.431-32: *... liquescent, | caerulei crines digitique et crura pedesque* (‘... [Cyane se] **seeblou** hare, vingers, bene en voete smelt weg’; vgl. *TLL* A.3: b. *de deis marinis et fluvialibus*).

⁷⁸⁶ Conington (1884:218 n.432) het aanvanklik die kleurwoorde *caeruleus* met *marinus* verbind, veral omdat seegode ter sprake was. Volgens die geskiedskrywer Velleius Paterculus 2.83.2 word die seegod, Glaucus, die mitologiese visserman van Anthedon in Euboea, met die term *caeruleatus* (‘seeblou’) uitgebeeld: *cum caeruleatus et nudus caputque redimitus | arundine, et caudam trahens ...* (‘wanneer [Glaucus], seeblou en kaal, sy kop omgeef met riet, ’n stert agterna trek ...’). Volgens Woodman (1972:216) is Glaucus se optrede dié van ’n meerman in Ovidius, *Met.* 13.962-63: *et caerulea braccia vidi | cruraque pinnigero curvata novissima pisce* (‘en ek het seeblou arms gesien en kromgetrekte bene wat in die vinne van ’n vis eindig’; vgl. *TLL* A.2: c. *de bestiis marinis*).

iii. Verg. *Aen.* 5.819: *caeruleo per summa levis volat aequora curru* (‘[vader Neptunus] vlieg in sy seekleurige/donkerblou wa oor die oppervlakte van die see’).

Na die storm wat Juno veroorsaak het, pleit Venus by Neptunus om Aeneas veilig na die Tiber te bring. Die seegod stem in en vertrek met sy gevolg van seegode en -diere. Die witterige kleur van skuim (817: implisiet met *spumans*) kontrasteer met *caeruleo* se primêre betekenis ‘donkerblou’ wat van Neptunus se mitiese wa voorkom. Dit is opvallend dat Vergilius hier die kleurterm eerder van die wa as van die see (*aequora*) gebruik.⁷⁸⁷

iv. Verg. *Aen.* 8.62-64: ... *ego sum pleno quem flumine cernis / stringentem ripas et pinguis culta secantem, / caeruleus Thybris* ... (‘... ek is die diepblou/donker Tiber wat jy in volle vloed verby oewers sien vloeï en wat geil landerye skei ...’).⁷⁸⁸

Die riviergod Tiberinus⁷⁸⁹ bevestig aan Aeneas in ’n droom dat hy hom veilig stroom-op sal voer. Die kleur van die Tiber, blougroen of ‘diepblou, word deur *caeruleus* met die primêre bepaal.

4 Tipierend van slange (vgl. *TLL* A.4: a. *de ceteris rebus naturalibus* a. *de bestiis*)

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 4.481-83: *quin ipsae stupuere domus atque intima Leti / Tartara caeruleosque implexae crinibus anguis | Eumenides* ... (‘ja, selfs die dieptes van Tartarus, die setel van die Dood, en die Furies self met donker/groen/-grys slange in hul hare ingevleg, het verstom gestaan ...’).

In sy soektog na Euridice, sing Orpheus op sy lier en Pluto se koninkryk luister in verrukking na sy hartseerlied.⁷⁹⁰ *Caeruleos* bepaal hier met die primêre betekenis ‘donker,’ ‘donkerblou,’ ‘donkergroen’ of ‘donkergrys’ die Furies se hardos van wriemelende slange.⁷⁹¹ Opvallend is die noukeurige woordplasing van die onderskeie woorde *caeruleos* en *anguis* wat die frase *implexae crinibus* visueel omraam.⁷⁹² By die tipering van slange meen André (1949:166-67) en Vels Heijn (1951:69) dat

⁷⁸⁷ *Caeruleus*, ‘seekleurig’ of ‘donker,’ beeld ook die boegbeeld (*insigne*) van die boot met die naam Skylla uit in *Aen.* 5.122-23: ... *Scyllaque Cloanthus / caerulea, genus unde tibi, Romane Cluenti* (‘... en Kloanthus, van wie jy, Romeinse Cluentius, afstam, [vaar] op die diepblou Skylla’; vgl. *TLL* A.5: *de rebus ab hominibus factis*).

⁷⁸⁸ *Caeruleus* met primêre betekenis ‘seekleurig’ of ‘donker’ bepaal ’n verpersoonlikte Nyl in *Aen.* 8.712-13: ... *vocantem / caeruleum in gremium latebrosaue flumina victos* (‘... [die Nyl] verwelkom diegene wat verslaan is aan ’n diepblou bors en in die beskutte strome’).

⁷⁸⁹ In die *Aeneis* is Vergilius se uitbeelding van Tiberinus baie kleurvol, sodat die leser sou kon wonder waarom die rivier oorspronklik die naam *Albula* gehad het (vgl. Edgeworth 1992:110). In hierdie passasie is hy ‘seekleurig’; in 8.32 verskyn die god tussen populierblare (*populeas inter ... frondes*) wat implisiet met groen geassosieer word, sy grys kleed in 8.33 is bykans deursigtig (*glauco ... amictu*); en in 7.31 (*multa flavus harena*) en 9.816 (*cum gurgite flavo*) is die rivier en die sand geel.

⁷⁹⁰ Sien ook Ovidius se uitbeelding van Pluto se perde in *Fast.* 4.445-46: *hanc videt et visam patrius velociter aufert / regnaque caeruleis in sua portat equis* (‘haar oom [Pluto] sien haar en toe sy opgemerk is, voer hy haar vinnig met sy donker/donkergrys perde weg na sy koninkryk’).

⁷⁹¹ Kober (1932:27 en 72) wys op die gebruik van μέλας en κύνειος van slange in die Griekse digkuns. Sien onder andere Homeros, *Il.* Λ(11).26: κύνειοι δὲ δράκοντες ὀρώρεχατο προτὶ δειρήν (‘bo langs die nek het donker slange gekronkel’); en in Theokritos, *Id.* 24.14: κύνειαις ... σπείρεισι δράκοντας ... (‘slange met hul donker kronkels’).

⁷⁹² Richter (1957:397 n.482 f.) verwys na Horatius, *Carm.* 2.13.35-36: ... *intorti capillis / Eumenidum recreantur angues?* (‘... word die slange, inengevleg met die Furies se hare, opgewek?’). Volgens Nisbet en Hubbard (1978:220-21 n.36) kontrasteer die werkwoord *recreantur* met *stupens* (33) wat, na aanleiding van Vergilius se werkwoord *stupuere*, daarop dui dat Horatius – al beskryf hy ’n meer geanimeerde Orpheus – Vergilius nadoen.

caeruleos se primêre betekenismoontlikheid veral ‘donkergroen’ (eerder as bloot ‘groen’) ook ’n rol kan speel wat hier aanvaarbaar is, anders as Erren (1985:149) se vertaling ‘blou’.⁷⁹³ Vergilius beskryf die kleur van slange óf met *caeruleus* met die primêre betekenis ‘donker,’ ‘donkergrys’ of ‘donkergroen’,⁷⁹⁴ óf met *niger* en veral *ater* (beide met die kleurwaarde ‘donker’ of selfs ‘swart’) waarvan laasgenoemde ook emotief die element van afsku of dodelikheid kan beklemtoon wat in hierdie konteks nie aanvaarbaar is nie.⁷⁹⁵

ii. Verg. *Aen.* 2.379-81: ... *veluti qui ... anguem | pressit humi nitens trepidusque repente refugit | attollentem iras et caerulea colla tumentem* (‘... soos iemand wat met ferme tred ’n slang op die grond raaktrap, skielik beangs teruggedeins as dit woedend sy lyf oplik en sy donkerblou/-groen nek oppof’).

Androgeos skrik hom boeglam wanneer hy oplaas Aeneas en sy makkers herken en deins dan terug soos iemand wat onverhoeds op ’n slang trap. Anders as Homeros,⁷⁹⁶ gebruik Vergilius ’n kleurwoord van die slang: *caerulea*, met die primêre betekenis se donker kleurwaardes, waarskynlik ‘donkerblou’ of ‘donkergroen’.⁷⁹⁷

5 Van smaragde (vgl. *TLL* s.v. *caeruleus*, *caerulus* A.4: c. *de aere et gemmis*)

Lucretius

i. Lucr. *D.R.N.* 2.804-5: *interdum quodam sensu fit uti videatur | inter caeruleum viridis miscere smaragdus* (‘somtyds vanuit ’n bepaalde hoek beskou, lyk dit asof dit ’n mengsel van **seebloou/blougroen** en die groen van smaragde is’).

Lucretius verduidelik hoe helder sonlig wat op ’n voorwerp val en wat uit verskillende hoeke waargeneem word, wissellende kleure tot gevolg kan hê. As voorbeeld verwys hy na die keelvere van ’n duif wat met ’n rooi skynsel kan glinster (803); dan weer, gesien vanuit ’n ander hoek, kan dit voorkom asof die kleure ’n glans van blou en groen weergee. Aangesien die digter hier na smaragde verwys, vergelyk Bailey (1966b:929 n.805) die rooi skynsel met *pyropus*, die groen met smaragde en die seebloou (van *caeruleum*) met *lapis lazuli*. Die rol wat lig hier speel, is belangrik sodat die kleur van ’n smarag

⁷⁹³ Erren (2003:977 n.482) pas in hierdie uitgawe sy vorige 1985-vertaling van *caeruleosque ... anguis* aan na ‘donkergroen’ slange.

⁷⁹⁴ Die slang wat Alekto op Amata se bors gooi, is donker (met *caeruleis* se primêre betekenis ‘donkergroen,’ ‘donkerblou’ of ‘donkergrys’) net soos dié wat in Alekto se hare uitgebeeld word in *Aen.* 7.346-47: *huic dea caeruleis unum de crinibus anguem | conicit ...* (‘op haar gooi die godin een slang uit haar **donkergrys/-blou/-groen** “hare” ...’).

⁷⁹⁵ In *Aen.* 2.207 word die kamme van die waterslange met *sanguineus* uitgebeeld. Sien XX. *SANGUINEUS* 2.

⁷⁹⁶ Die uitbeelding verwys terug na Homeros, *Il.* Γ(3).33-34, hoewel dit sonder enige kleurbeskrywing voorkom: ὡς δ’ ὅτε τίς τε δρᾶκοντα ἰδὼν παλινόροσος ἀπέστη | οὔρεος ἐν βήσσης, ὕπο τε τρόμος ἔλλαβε γυῖα (‘soos wanneer iemand, as hy ’n slang in ’n bergkloof sien, terugdeins en daar ’n rilling deur sy lyf gaan’).

⁷⁹⁷ Volgens Edgeworth (1992:108-9) is die verskyning van die slang by Anchises se altare ’n positiewe voorteken, veral vanweë Vergilius se kleurvolle beskrywing daarvan. Dit word met ’n reënboog vergelyk in *Aen.* 5.87-89: *caeruleae cui terga notae maculosus et auro | squamam incendebat fulgor, ceu nubibus arcus | mille iacit varios adverso sole colores* (‘[die slang se] rug is met **donkerblou/-grys/-groen** kolle gevlek en sy skubbe het goud gegelinst, soos ’n reënboog wat die son se strale opvang en ’n duisend verskillende kleure oor die wolke gooi’). Hierdie uitbeelding kan terugverwys na Hesiodos, *Sc.* 167 (κυάνεοι κατὰ νῶτα), hoewel Vergilius die beskrywing met *caeruleus* positief aanpas. Clarke (2003:155 n.59) verwys na Ennius se gebruik van *caeruleus* vir ’n slang in *Trag.* 30 (Vahlen) en ook Ovidius, *Met.* 3.38: *caeruleus serpens horrendaque sibila misit* (‘die **donkerblou/-grys/-groen** slang het aaklig gesis’).

eerder helderder as donkerder kan vertoon, sodat *caeruleum* met die primêre betekenis op 'n seegroen of -blou kleur kan dui.⁷⁹⁸

6 As uitbeelding van olyfbome (vgl. *TLL s.v. caeruleus, caerulus* B.1: *accedens ad notionem viridis et albi*)

Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 5.1373-75: ... *atque olearum | caerula distinguens inter plaga currere posset | per tumulos et convallis camposque profusa* ('... en die grysgroen strook van olyfbome, duidelik afgemerk, kon tussendeur vleg, uitgesprei oor heuwels en laagtes en vlaktes').

Die mens het algaande geleer om bome te ent en te plant en daar is geëksperimenteer met die bewerking van die grond. Aldus beskryf Lucretius 'n duidelik (*distinguens*) gevestigde aanplanting van olyfbome waarvan die uitbeelding kan terugverwys na Sophokles, *OC* 701: γλαυκᾶς ... φύλλον ἐλαίας. Beide Ovidius, *Ars* 2.518 (*caerula quot bacas Palladis arbor habet* ['soveel bessies as wat die donker/grys boom van Pallas dra']) en Martialis 1.76.7-8 (... *Pallados arbor | ... pondere nigra* ... ['... die boom van Pallas, donker vanweë die gewig...']) beskryf olyfbome wat 'donker' voorkom van ryp olywe wat in Lucretius se teksgedeelte nie van toepassing is nie. Die olyfboom se voorkoms is gryserig of vaalgroen (vgl. beide Sargeant [1920:92] en Bailey [1966c:1538 n.1373-5]), sodat Vels Heijn (1951:66) se vertaling 'groen' of 'donker blougroen' onaanvaarbaar is, veral vanweë sy verwysing na Ennius fr. lxxxii.537 (516) (Skutsch): ... *per caerula laetaeque prata* ('... oor die groen en geil velde') wat nie eksplisiet oor olyfbome handel nie.⁷⁹⁹ In die *Georgica* beskryf Vergilius nooit die kleur van die olyfboom met enige kleurterm nie.

7 By die uitbeelding van stormwolke (vgl. *TLL caeruleus, caerulus* B.2: b. *de imbre*)

Vergilius

Verg. *Aen.* 3.193-94: ... *caelum undique et undique pontus, | tum mihi caeruleus supra caput astitit imber* ('... toe daar aan alle kante en om ons net lug en see is, pak 'n donker/donkerblou reënwolk oor ons koppe saam').

Aeneas en sy vloot vertrek van Kreta en op die oop see word hulle deur 'n hewige storm oorval, 'n beskrywing wat na Homeros, *Od.* μ(12).403-6 kan terugverwys. Na aanleiding van die *formula*, κυανέην νεφέλην,⁸⁰⁰ vertaal Williams (1962:94) die frase *caeruleus imber* as 'n 'swart' donderwolk, 'n

⁷⁹⁸ Met verwysing na 'n glansende blougroen-kleur waarmee *caerule(u)s* vereenselwig word, noem Wagenvoort (1937:129) die volgende: "Ovid is der erste Autor, bei dem *caerul(e)s* egelmäßig das Wort ist für 'irisierend grün-blau'." Ongelukkig word geen bewysplaas verskaf nie, en wil dit voorkom asof Wagenvoort, soos ook Vels Heijn (1951:63, met verwysing na 'irisierend groen-blauw,' nalaat om bovermelde passasie van Lucretius in berekening te bring.

⁷⁹⁹ Sien ook Manilius 5.256 en 260: *ille colet nitidis gemmantem floribus hortum | caeruleumque oleis ... collem* ('hy bewerk die tuin wat bot met glansryke/helder blomme ... en die heuwel [wat] grysgroen [vertoon] van olyfbome').

⁸⁰⁰ Sien Homeros, *Od.* μ(12).403-6:

Ἄλλ' ὅτε δὴ τὴν νῆσον ἐλείπομεν, οὐδὲ τις ἄλλη
φαίνεται γαιῶν, ἀλλ' οὐρανὸς ἠδὲ θάλασσα,

kleurwaarde wat geensins met *caeruleus* vereenselwig word nie. Die betekenismoontlikheid ‘donker’ of ‘donkerblou’ word hier van onweerswolke gebruik wat met die byvoeging van *inhorruit* en *tenebris* (195) die dreigende onheil wat op die Trojane wag, beklemtoon: Die storm dryf hulle aan na die Strophades-eilande en die grusame harpye.⁸⁰¹

8 As tipering van die dood en die Onderwêreld (vgl. *TLL caeruleus*, *caerulus* B.2: c. de morte et sepulcro; de inferis)

Vergilius

i. Verg. *Aen.* 3.63-64: ... *stant manibus arae, / caeruleis maestae vittis atraque cupresso* (‘... daar staan die altare vir die *manes*, as blyk van roubetoon met **donker** wydingslinte en dode-sipres’).

Polydorus is reeds begrawe en die bestaande hoop grond (22: *tumulus*) word volgens gebruik hoog gestapel om ’n tombe te vorm (vgl. Bailey 1969:260, 297, 299). *Caeruleis* met die primêre betekenis ‘donker,’ bepaal die wydingslinte, hier as teken van roubetoon (*maestae*), ook volgens Servius wat na Cato verwys: *Cato ait, deposita veste purpurea, feminas usas caerulea cum lugerent* (‘Cato noem dat vroue nadat hulle hul purper kledy uitgetrek het donker [kledy] aantrek wanneer hulle rou’). Die frase *atraque cupresso* dra ook emotief tot die somber atmosfeer by.⁸⁰²

ii. Verg. *Aen.* 6.408-10: ... *ille admirans venerabile donum / fatalis virgae longo post tempore visum / caeruleam advertit puppim ripaeque propinquat* (‘... [Charon] bewonder die ontsagwekkende gawe, die noodlot se towertak wat so lank nie gesien is nie, draai die **donker** skuit om en roei na die oewer’).

Hoewel Charon aanvanklik weier om Aeneas en die Sibille oor die Styx te neem, is hy inskiklik by die aanskoue van die towertak. In die uitbeelding van die veerman, sy skuit en die rivier (384-416) kom daar slegs twee kleurwoorde voor, *glauca* en *caeruleam*.⁸⁰³ Eersgenoemde bepaal die groengrys riete op die rivieroewer (416: *glaucaque ... in ulva*), terwyl *caeruleam* met die primêre betekenis ‘donker’ van die skuit voorkom.⁸⁰⁴ Selfs Charon se mantel is donker van vuilheid (301: *sordidus ... amictus*).

δὴ τότε κυανέην νεφέλην ἔστησε Κρονίων
νηὸς ὑπερ γλαφυρῆς, ἤχλυσε δὲ πόντος ὑπ’ αὐτῆς.

Maar toe ons die eiland verlaat met geen ander land in sig nie, net die hemel en die see, toe het die seun van Kronos ’n donker wolk oor die hol skip geplaas, en die see daaronder het verdonker.

Volgens Irwin (1974:88) gebruik Homeros κυάνεος van wolke wat sinoniem is met μέλας, ‘swart’ of ‘donker’.

⁸⁰¹ In *Aen.* 5.9-11 bepaal *caeruleus* reënwolke as ‘donker’: ... *maria undique et undique caelum, / olli caeruleus supra caput adstitit imber / noctem hiememque ferens et inhorruit unda tenebris* (‘... met see aan alle kante en om hulle net lug, trek ’n **donker** storm oor hulle koppe wat nag en stormweer bring en in die duisternis is die waters onstuimig’). Ook word die wisselvorm *caerula* van *nubes* gebruik met betekenis ‘donker’ in *Aen.* 8.622-23: ... *qualis cum caerula nubes / solis inardescit radiis longeque refulget* (‘... soos wanneer ’n donker wolk in die strale van die son begin te gloei en van ver af glansend vertoon’).

⁸⁰² Sien VI. *ATER* 4. Die *TLL*-inskrywing I.1 *de arboribus, herbis* word bevraagteken, aangesien dit slegs kleuraanduidend is.

⁸⁰³ Sien ook Propertius 2.28b.5-6: *una ratis fati nostros portabit amores / caerula ad infernos velificata lacus* (‘een donker onheilsboot, met seile wat gehys is, sal ons liefde na die waters van die onderwêreld dra’).

⁸⁰⁴ Volgens Conington (1884:466 n.410) kon swart inderdaad die gebruiklike kleur van skepe wees. In antieke tye is ’n skip se romp meestal met pik of met ’n mengsel van pik en gesmelte was bedek sodat dit swart (κυάνεος) gekleur het. Kober (1932:74) noem dat daar slegs twee voorstellings van ’n skip met hierdie kleurwoord in die Griekse letterkunde is: Euripides, *Tr.* 1094:

Volgens Hermann en Cagianno de Azevedo (1969:387) is hierdie kleure verteenwoordigend van dié waarmee die onderwêreld gestereotipeer word.⁸⁰⁵ Anders as verskeie verwysings na die goue tak (*aureus ramus*) in 6.137, 144 en 187, word die kleur van die tak geensins in reël 406 vermeld nie: ‘*at ramum hunc*’ [*aperit ramum, qui veste latebat*] (““maar hier is die tak” [en sy wys die tak wat sy in haar kleed versteek het’]). Vergilius se uitbeelding van die Onderwêreld is gestroop van helder kleure (Elisium uitgesluit, sien *Aen.* 6.640-41) om sodoende die somber atmosfeer te beklemtoon. Edgeworth (1992:230) se vertaling van *caeruleam* as ‘blou,’ selfs al sou dit op die kleur van ’n boegbeeld kon dui, is dus in hierdie konteks onaanvaarbaar.

XXIII *FERRUGINEUS*⁸⁰⁶ en *FERRUGO*⁸⁰⁷

Na analogie van *aerugo* (‘kopperroes,’ afgelei van *aes*, ‘koper’), kom *ferrugo* (‘ysterroes’) ook voor wat (oënskynlik) met *ferrum*, ‘yster,’ verband hou en volgens W-H *ad loc.* van **fersom* (**bhersom?*), moontlik van Fenisiese *barzel*, die Siriese *parzlâ* en Assiriese *parz-illu* (ook met die betekenis ‘yster’), afkomstig is, dus ’n Nabye-Oosterse taal, waarvan die Etruskers die tussengangers kon wees. De Vaan (2008:214) beskou *ferrum* as ’n leenwoord wat van ’n ongeïdentifiseerde bron afkomstig is, waarskynlik ’n Fenisiese dialek: *ferrum* < **fer-s-o-*. Die naamwoord *ferrugo* is skynbaar ’n samestelling van *ferrum* en die afgeleide naamwoordvormende suffiks *-ugo*, as aanduiding van ’n dun laagie van ’n vaste stof wat op ’n voorwerp voorkom (*OLD ad loc.*). Die adjektief *ferrugineus*, *-a*, *-um* is op sy beurt van *ferrugo* afgelei met die byvoeging van die adjektiefvormende agtervoegsel *-eus*.⁸⁰⁸ L&S *ad loc.* bied geen etimologiese verklaring nie en verwys slegs na die wisselvorm *ferruginus*, *-a*, *-um* wat nie in die *Georgica* voorkom nie, maar wel in Lucretius (sien *infra*).⁸⁰⁹

Vir *ferrugo* bied L&S die primêre betekenismoontlikheid ‘ysterroes’ met die oordragtelike betekenis ‘die kleur van ysterroes’ wat gewoonlik met die kenmerkende rooibruin kleur vereenselwig word. In die algemeen word die term met ’n donker kleur soos donkerrooi of donker kastaiingbruin geassosieer. Die *OLD* stem hiermee ooreen, hoewel die kleurwaardes wissel van ’n rooierige purper tot

κῶνάειαν ... ναῦν, en Theokritos, *Id.* 17.48-49 wat spesifiek na Charon se boot verwys: νῆα ... κῶνάειαν. Volgens Gow (1952b:334), met verwysing na *Anthologia Palatina* 7.67.2, moet daar nie altyd ’n sinistêre betekenis aan die term gekoppel word nie. Aangesien *caeruleus* nie met swart vereenselwig word nie, is ‘donker’ of ‘donkergekleurd’ ’n gepaste vertaling van die voorkoms van Charon se skuit.

⁸⁰⁵ Aangesien Charon in reël 385 as *navita* beskryf word, het Plautus se verwysing na die kleed van ’n seeman betrekking. In *Mil.* 1179 word ’n *palliolum* om sy skouers geknoop wat net so donker as die voorkoms van die see is: *palliolum habes ferrugineum (nam is colos thalassicust)*.

⁸⁰⁶ Die *TLL* se verskillende kategorieë vir *ferrugineus* (VI.1 575 [reëls 25-50]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

ferrugineus 1: *de colore speciatim de rebus ad inferos (sim. Cyclopas) pertinentibus* 2 *de sapore*.

Sien ook *EV* II.560a vir addisionele verwysings na hierdie kleurterme.

⁸⁰⁷ Die *TLL* se verskillende kategorieë vir *ferrugo* (VI.1 575 [reëls 53-84]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

ferrugo: 1 *i.q. color ferrugineus*; 2 *i.q. robigo*.

⁸⁰⁸ Soos in die geval van *ligneus* en *charteus*, vorm die suffiks *-eus* gewoonlik ’n byvoeglike naamwoord wat verwys na die vaste stof waaruit die voorwerp bestaan (*OLD*).

⁸⁰⁹ Sien die *TLL* s.v. *ferrugineus* (reëls 28-29): *forma quadrisyllaba non legitur nisi Lucretius*.

swarterig, veral na aanleiding van Servius *ad Aen.* 9.579: *ferrugo coloris genus est, qui vicinus est purpurae subnigrae* (*ferrugo* is die tipe kleur wat aan 'n swarterige/donker purper grens').

Soos ook die geval met *aerugo*, bied die *OLD* die uitgebreide betekenis van *ferrugo* wat genuanseerd op morele swakheid dui en negatiwiteit soos nydigheid en jaloesie insluit.⁸¹⁰ Sien Ovidius, *Met.* 2.798-99: *iussa facit pectusque manu ferrugine tincta / tangit ...* ('[Invidia] voer die opdragte uit en raak met haar hand, besmet met nydigheid, aan haar bors ...'). Hierdie betekensmoontlikheid van *ferrugo* word vreemd genoeg in die kategorie *TLL* 1. *i.q. color ferrugineus* gelys.

Volgens L&S is die primêre betekenis van *ferrugineus* 'roeskleurig,' 'donkerrooi,' 'donker' of 'soel,' terwyl die *OLD* slegs 'donkerpurper' en 'donker' bied. Die *TLL* s.v. *ferrugineus*, 575, reëls 26-27 bied die Griekse ekwivalente *κυανοῦν*, *γλαυκόν*, *κύνεον*, *ύάλινον* en *χρῶμα*, asook *ferrugina obscuritas vel ferricole* (*i. ferri colore?* [sic]), dus 'n donker kleur. Die uitgebreide betekenis hou verband met die smaak van yster, waarna Plinius Maior verwys in *Nat.* 31.12: *fontem ... ferruginei saporis* ('fonteinwater wat na yster proe'; vgl. *TLL* 2: *de sapore*).

Beide *ferrugo* en *ferrugineus* is as kleurterme uiters problematies, aangesien die gebruikskonteks daarvan nie altyd met die kleur van ysterroes strook nie. As voorbeeld van die verwarring wys Edgeworth (1992:227) op die uiteenlopende vertalings van *ferrugineus* in Plautus, *Mil.* 1178-79: *causeam habeas ferrugineam, [et] scutulam ob oculos laneam, / palliolum habeas ferrugineum, nam is colos thalassicus est.*⁸¹¹ Daar is uiteenlopende vertalings vir hierdie term: 'roesbruin' (vgl. Ribbeck 1882:168), 'roeskleurig' (vgl. Nixon 1924:251), 'donker' (vgl. Duckworth 1942:598), 'donkerbruin' (vgl. Watling 1965:200), 'purper' (vgl. Fordyce 1966:304 n.227) en 'swart' (vgl. Ernout 1970:254). Hierby voeg Quinn (1980:329) die betekensmoontlikheid 'diep donkerblou' na aanleiding van Catullus 64.227 (*ferrugine Hibera*, sien *infra*). Volgens Edgeworth (1992:227-35) is die kleurwaarde van *ferrugineus* (verskillende skakerings van) 'rooi,'⁸¹² terwyl André (1949:105-10) verskeie betekensmoontlikhede voorhou: 'rooi' (na aanleiding van Catullus 64.227, Vergilius, *Aen.* 9.582 en 11.772, sien *infra*), 'swart' (in *Geor.* 1.467, sien *infra*) en 'groen' (Ovidius, *Met.* 13.960, sien *infra*).⁸¹³

In *Geor.* 1.466-514 wat oor Caesar se dood handel, gebruik Vergilius *robigo* van ysterroes (495: *exesa inveniet scabra robigine pila* ['hy sal werpspiese vind wat deur skilferende roes weggevreet is']). In reël 467 (*cum caput obscura nitidum ferrugine textit* ['toe hy sy glansende hoof met 'n ondeursigtige

⁸¹⁰ Sien die interessante verduideliking van hierdie betekenis in L&S s.v. *aerugo* II ... A: 'Envy, jealousy, ill-will (which seek to consume the possessions of a neighbour, as rust corrodes metals) ...'

⁸¹¹ Die vertaling van hierdie passasie volg later in hierdie rubriek.

⁸¹² Edgeworth (1992:227-35: 'What colour is *Ferrugineus*?') handhaaf die beskouing dat *ferrugo* etimologies met ysterroes verband hou wat 'n ryk rooibruin kleur het. In 'n omvattende bespreking kom hy tot die slotsom dat die term met 'n enkele kleurwaarde – rooi – vereenselwig moet word, en dat daar oor eeue 'n klemverskuiwing plaasgevind het van donkerROOI [sic] tot DONKERrooi [sic]. Na aanleiding van *ferrugineos hyacinthos* in *Geor.* 4.182 is 'hiasinte' dus rooi: "The color of the hyacinth is familiar to us" (1992:228 n.2). Hierdie beskouing is onaanvaarbaar, veral ook van *hyacinthus*, aangesien die identiteit van hierdie blom onseker is wat gevolglik die kleurwaarde hier verdag maak.

⁸¹³ "This remarkable datum stands alone" (vgl. Edgeworth 1992:229 n.4).

donkerte bedek het’]) kom *ferrugine* voor wat deur die adjektief *obscura* (‘donker’ of ‘ondeursigtig’) bepaal word en in konteks op ‘donkerte’ dui (sien 2.b.ii *infra*). Hiervolgens is dit duidelik dat Vergilius *ferrugo* en *robigo* nie as wisselvorme vir ‘ysterroes’ aanwend nie wat sou beteken dat *ferrugo* waarskynlik ’n ander betekenis kan hê.⁸¹⁴ In hierdie verband lewer Vels Heijn (1951:93-94) ’n besondere bydrae. Hy wys daarop dat beide *ferrugo* en *robigo* verband hou met die verwerking van yster en staal en die neerslae wat daarop voorkom, maar daar moet onderskei word tussen die chemiese prosesse wat by elk betrokke is: Ysterroes (of ysteroksied) – *robigo* – ontstaan as gevolg van yster se reaksie op suurstof en vog en oksideer tot Fe₃O₄ in die lug (vgl. ook ‘Rust’ 2016). Daarenteen, wanneer gloeiende yster gesmee en met ’n hamer gevorm word, word ’n ander soort neerslag op die afgekoelde metaal gevorm – *squama ferri* volgens die *OLD* – waarvoor die woord *ferrugo* gebruik word.⁸¹⁵ Die term het voorts ontwikkel as kleuraanduiding wat op ‘blouswart,’ ‘grys’ of ‘donkerviolet’ kan dui sodat die inskrywing van die *TLL* 2: *i.q. robigo* bevraagteken moet word.

Ook belangrik is die betekenis ‘groen’ wat André voorhou en wat geeneen van die geraadpleegde woordeboeke of -lyste aanbied nie. Ovidius, *Met.* 13.960-61 gebruik die term van Glaucus se baard en hare: *hanc ego tum primum viridem ferrugine barbam / caesariemque meam ...* (‘toe [het ek] vir die eerste keer hierdie baard en my hare, groen van die **neerslag**, [opgemerk]...’). Hoe vreemd dit ookal mag voorkom, is hierdie beskrywing sprekend van die digter se uiters akkurate waarnemingsvermoë. Soos reeds aangedui, is roes die gevolg van die kombinasie van yster en suurstof in die teenwoordigheid van water of atmosferiese vog, ook bekend as oksidasie. By ’n gebrek aan suurstof (byvoorbeeld onder die water) reageer yster slegs op vog en word daar ’n groen neerslag gevorm wat as ’n ‘groeisel’ op die yster voorkom. Ovidius sien dus ’n ooreenkoms tussen die groen kleur van hierdie neerslag en die seewier en alge wat soos ’n baard op Glaucus se hare en baard voorkom.

Uit bostaande kan die afleiding gemaak word dat ’n foutiewe konnotasie bygedra het tot die problematiek rakende die presiese kleurwaardes. Gevolglik kan die inskrywing van L&S wat *ferrugin(e)us* met ‘roeskleurig’ en ‘donkerrooi’ verbind, nie aanvaar word nie. Die betekenismoontlikhede ‘diepblou,’ ‘donker’ en ook ‘donkerviolet’ sal dus in die geselekteerde passasies gebruik word. As daar in gedagte gehou word dat *caeruleus/caerulus* dikwels met die betekenis ‘seekleurig’ of ‘donkerblou’ van die see gebruik word,⁸¹⁶ kan die vertaling van Plautus, *Mil.* 1178-79

⁸¹⁴ *Robigo (rubigo)* is verwant aan *ruber* en *robustus* (’n dialektvorm van *rufus*, ‘rooi’), met die suffiks *-igo* wat aan die stam van *robustus* geheg word (*OLD*). Die verwante werkwoord, *robigo*, *-are* (‘om te roes’), kom voor in Apuleius, *Flor.* 3.17: *ut gladius usu splendescit, situ robiginat* (‘soos ’n swaard met gebruik begin glinster, [of] plek-plek tekens van roes toon’). Die woord *robigo* is ook die naam van die animistiese vroulike (soms manlike) godheid, *Robigo*, wat elke jaar in April ’n offerande van ’n rooi hond vereis het om (wit) roes (meeldou, muf of skimmel) van druiwe of koring af te weer.

⁸¹⁵ Fordyce (1977:127 n.303) verwys tereg na Munro, volgens wie die kleur van *ferruginea* (na aanleiding van Lucretius, *D.R.N.* 4.76 [sien *infra*]) ‘donkerviolet’ is, soos dié van staal, nadat dit in vuur verhit, getemper en weer afgekoel is. In Duits staan die neerslag bekend as *Eisenhammerschlag* (vgl. Erren 2003:2003 n.467) en in Nederlands as ‘walshuid’: ‘een meestal blouswarte oxidelaag die ontstaat doordat tijdens het warm walsen van staal de harde oxide in het relatief zachte metaal gedrukt word.’ Ook: ‘schilfers ijzeroxide, welke ontstaan bij her smeden, walzen ens van ijster of van staal’ (vgl. De Vree 2016). Sien ook Maltby *s.v. ferrugineus*.

⁸¹⁶ Die *TLL* verwys na die grammatikus, Nonius, p. 549, 2 wat inderdaad die kleurwaarde van *ferrugineus* aan dié van *caeruleus* gelykstel: *ferrugineum colorem ferri similem esse volunt: vere autem ferrugineus color caeruleus est*. Sien XXII. *CAERULEUS* 1.

(sien *supra*) soos volg daar uitsien: ‘Dra ’n **donkerblou/-groen** breërandhoed, ’n oogklap van wol, en ’n **donkerblou/-groen** kleet, want dit is die kleur van die see’; vgl. *TLL* 1: *de colore*.⁸¹⁷

Die skaars wisselvorm *ferruginus* kom eenmalig in Lucretius voor. Vergilius gebruik *ferrugineus* ook net een keer in beide die *Georgica* en die *Aeneis*. *Ferrugo* kom een keer in Catullus voor, terwyl Vergilius dit een keer in die *Georgica* gebruik, en twee keer in die *Aeneis*.

In wat volg, word die wisselvorme *ferrugineus/ferruginus* en *ferrugo* na aanleiding van gebruik en bewysplaas gelys, eerder as volgens woordsoort.

1 Suiwer chromaties (vgl. *TLL* 1: *de colore*)

a. Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 4.75-77: *et vulgo faciunt id lutea russaque vela | et ferrugina, cum magnis intenta theatris | per malos vulgata trabesque ...* (‘en gewoonlik kom dit by geel, rooi en donkerblou/-violekleurige dakseile voor wat oor groot teaters gespan en oor stutpale (*mali*) en balke (*trabes*) uitgereik is ...’).

Soos die geval met rook en hitte (56, maar veral 90-94) word daar volgens Lucretius ‘dun lagies’ (66: *tenvia*)⁸¹⁸ van ’n voorwerp afgegooi. Hierdie lagies kan van diep binne die bron (73: *ex alto penitusque*) afkomstig wees, maar hulle kan ook van die oppervlakte (74: *de summis*) afgewerp word, soos dikwels met kleure gebeur. Lucretius illustreer hierdie teorie met verwysing na teaterseile waarvan die verskillende kleure op die gehoor onder die seile gereflekteer word. Volgens Edgeworth (1992:233) kom die seile in skakerings van rooi voor wat wissel van *lutea*⁸¹⁹ (‘bleekrooi’ of ‘rosig’), *russa* (‘warm-rooi’) tot *ferruginus* (‘donkerrooi’ of ‘rooibruin’) wat nie aanvaarbaar is nie. Daarenteen bied Bailey (1966c:1189 n.75) en Rouse (1975 *ad loc.*) die kleurwaarde van laasgenoemde term as ‘donkerpurper’. Aangesien daar geen aanvaarbare verklaring vir die verskillende kleure van teaterseile is nie, kan die kleure geel (van *lutea*), rooi (*russa*) en diepblou of donkerviolet – hier met die primêre betekenis van *ferrugina* – ook ’n moontlikheid wees.

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 4.181-83: *crura thymo plenae; pascuntur et arbuta passim | et glaucas salices casiamque crocumque rubentem | et pinguem tiliam et ferrugineos hyacinthos* (‘hul pote (is) met tiemie gelaai; ook wei [bye] oral op wilde aarbeie en vaalgroen wilgers, kassia en oranjerooi saffraan, ook op die nektarryke lindeboom en **diepblou/donkerviolet** “hiasinte”).

Sien X. *CROCEUS* en *CROCUS/CROCUM* 4; XVIII. **RUB*-groepering 5.vii; en XXIV. *GLAUCUS*

⁸¹⁷ Volgens André (1949:111) dui *ferrugineus* hier op ‘donkergroen,’ aangesien *thalassicus* die kleurskakering in die volgende reël bepaal: ... *nam is colos thalassicus est* (‘... want dit is seekleurig’). Volgens Vels Heijn (1951:94) is die kleur hier onseker, aangesien dit oor die vermomming van Pleusicles as stuurman van die skip in 1181 handel: ... *adsimulato quasi gubernator sies* (‘... gee voor asof jy die stuurman is’). Laughton (1951:203, met verwysing na W. Kroll se inskrywing oor Catullus 64.227) vereenselwig *thalassicus* eerder met die donker kleur van skepe se seile.

⁸¹⁸ Bailey (1966a:364 *ad loc.*) bied die vorm *tenvia* wat in alle waarskynlikheid op *tenuia* kan dui.

⁸¹⁹ Sien voetnoot 140. Die kleurwoord *luteus* kan ook met ligte rooi skakerings vereenselwig word wat in hierdie geval Edgeworth (1992:233) se siening kan verklaar.

1.ii. In hierdie uitsonderlike teksgedeelte bied Vergilius 'n ryke mengsel van plantgeure en -kleure wat baie sorgvuldig geselekteer is as die voordeligste vir bye. Met vernuftige woordplasing word *geurryke* plante (*arbuta ... casiam ... crocum ... tiliam*) in drie reëls met plant- en blomkleure (*glaucas ... rubentem ... ferrugineos*) afgewissel. Aangesien die blomspezie van *hyacinthus* onbekend is, kan slegs die generiese kleurwaarde 'donker,' 'donkerviolet' of 'diepblou' hier van *ferrugineos* gebruik word.

ii. Verg. *Aen.* 6.303: *et ferruginea subvectat corpora cumba* ('ook [Charon] vervoer die liggame in sy **diepblou/donker** skuit'; vgl. *TLL* 1: *de colore: speciatim de rebus ad inferos pertinentibus*).

Charon, die grimmige veerman, vervoer die afgestorwenes in sy skuit oor die Styx. Volgens beide Vels Heijn (1922:95) en Edgeworth (1992:229 n.6) word *ferruginea* dikwels met die betekenis 'donker,' ook van die Onderwêreld, gebruik. Ook belangrik is Vergilius se tipering in *Aen.* 6.410 van Charon se skuit (*caeruleam ... puppim* ['die donker/seekleurige skuit']), ter staving van *ferruginea* se primêre betekenismoontlikheid 'diepblou' of selfs net 'blouswart'.

2 Die naamwoord as kleurterm (vgl. *TLL* 1:i.q. *color ferrugineus*)

a. Catullus

Cat. 64.225-27: *inde infecta vago suspendam lintea malo, | nostros ut luctus nostraeque incendia mentis / carbasus obscurata dicet ferrugine Hibera*⁸²⁰ ('daarop sal ek gekleurde seile aan die swerwende mas hang, sodat die linne, donker gekleur met Hiberiese **donkerblou/-violet**, my smart en die vurigheid van my gemoed aanspreek').

Theseus is ingesluit by die groep jongmanne wat jaarliks as offerande aan die Minotaurus gestuur word. By sy vertrek na Kreta noem 'n beswaarde Aegeus aan sy seun dat die donker seile aan die mas sy intense smart reflekteer. Die woord *carbasus* (van die ligte voorkoms van ongekleurde linne)⁸²¹ is in die beklemtoonde aanvangsposisie van die versreël geplaas wat implisiet op die seile se gebruikelike wit

⁸²⁰ Daar heers onduidelikheid oor die woord *Hibera*, veral omdat beide die *OLD* en *L&S* die woord *Hibera* (ook *Iberia*) nie net met die Griekse naam vir Spanje verbind nie, maar ook met Pontiese *Iberia*. Volgens Servius *ad Aen.* 9.582 ('*Hibera*' *autem non modo Hispana, sed Pontica*) word *Hibera* in die frase *ferrugine Hibera* met die Pontiese *Iberia* vereenselwig, soos ook in Horatius, *Epod.* 5.21-22: *herbasque, quas ... Hiberia | mittit venenorum ferax* ('en die kruie wat *Hiberia*, ryk aan gifstowwe, stuur'). Hierdie gebied was aan die suid-oostelike oewer van die Swart See geleë (*OCD*) wat volgens Ellis (1876:262 n.228) bekend was vir kleurstowwe. Vir hierdie beskrywing kon daar egter geen verwysings opgespoor word nie. Daarenteen was die *Hiberae* beroemd vir die verwerking van metaal wat oor Klein-Asië en weswaarts tot by die Aegeïese See versprei is (*L&S*). Dit sou beteken dat hulle vertrou was met die verskillende prosesse van metaal, sodat die frase *ferrugo Hibera* met die kleur van verwerkte metaal vereenselwig kan word. Om tot die verwarring by te dra, beskryf Servius, *ad Geor.* 1.467 die kleur van *ferrugo* ook as *purpura nigrior Hispana* ('donkerder as Spaanse purper'). Dit beteken *nie* dat die kleur met Spanje vereenselwig word *nie*, soos Fordyce (1966:304 n.227) wel aandui en ook Clarke (2003:77) wat die frase *ferrugo Hibera* as 'Spaanse roes' vertaal. Aangesien ook Spanje indrukwekkende metaalmyne gehad het (sien Aulus Gellius, *N.A.* 2.22.29 [met verwysing na Cato]: *sunt in his regionibus ferrariae ...*), was hulle vertrou met die verwerking van metaal en die kleure wat met elke proses vereenselwig is. Dit wil dus voorkom asof dit nie soseer die lokaliteit is wat hier belangrik is nie – hetsy Spanje of Pontiese *Iberia* – maar dat die frase *ferrugo Hibera* met 'n spesifieke *kleur* geassosieer word wat bekend was in die verwerking van metaal. Sien in die verband voetnoot 825 vir Vergilius se gebruik van die frase *peregrina ferrugo* wat hierdie beskouing onderstreep. In die frase *ferrugo Hibera* word die woord *Hibera* voorts as 'Hiberies' vertaal.

⁸²¹ Die frase *carbasus Hibera* kan na die uitsonderlike linne wat van Tarragon in Spanje afkomstig was, verwys wat besonder gesog was vanweë die uitsonderlike glans en die fyn tekstuur daarvan (vgl. Forbes 1964:35).

voorkoms dui. Die woord word egter direk opgevolg deur die adjektief *obscurata*⁸²² wat daarop dui dat die seile vanweë 'n kleurproses (*infecta*) donker gekleur is. André (1949:107, met verwysing na *Aen.* 11.772 [sien *infra*]), verbind *ferrugo* met *ostrum* ('purperstof') en Edgeworth (1992:126, met verwysing na *Aen.* 9.582 [sien *infra*]), vertaal die frase *ferrugine clarus Hibera* as 'glansend met rooi Spaanse kleurstof'. Hoewel *Hibera* ook met *carbasus* kan kongruer, word die frase *ferrugine Hibera* aan 'n *kleur* toegewys, naamlik die 'donkerblou' of 'donkerviolet' kleur van die seile. Met hierdie frase word die reël afgesluit om ook met die noukeurige plasing van *carbasus* aan die begin van die reël visueel 'n kontras tussen lig en donker te bewerkstellig.⁸²³

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 1.466-67: *ille etiam extincto miseratus Caesare Romam, / cum caput obscura nitidum ferrugine textit* ('ook na die dood van Caesar het die son Rome bejammer, toe hy sy glansende hoof met 'n ondeursigtige **donkerte** bedek het').

In reëls 438-63 beklemtoon Vergilius die tekens (*signa*) wat die son aan die landbouer bied (438-39: *sol ... solem*, met herhaling in 463: *sol ... solem*) wat op reën, wind en hael, maar ook mooiweer dui. Daarenteen het 'n verpersoonlikte son uit medelye met Caesar se dood sy andersins glansende hoof (467: *caput ... nitidum*) in 'n ondeursigtige donkerte (467: *obscura ... ferrugine*) verbloem, uit medelye vir die daaropvolgende tweedrag en geweld. Thomas (1988a:145-46 n.466, 467) bied as vertaling van *ferrugo* die frase 'violet gloom' en volgens Mynors (1990:91-92 n.466-8) dui die term genuanseerd op die betekenismoontlikheid, 'beklemmendheid'. Verder word *nitidum* visueel deur die frase *obscura ... ferrugine* omraam om weer eens 'n kontras tussen lig en donkerte te bewerkstellig. Die afgeleide betekenis 'donkerte' of 'donkerkleurigheid' van *ferrugine* dui hier op die ongewone voorkoms van die son, 'n natuurverskynsel wat weerklank vind in burgerlike geweld, tweedrag en oorlog.

ii. Verg. *Aen.* 9.581-82: *stabat in egregiis Arcentis filius armis / pictus acu chlamydem et ferrugine clarus Hibera* ('met sy voortreflike wapens het Arcens se seun daar gestaan, uitgedos in sy geborduurde mantel en glansend in Hiberiese **donkerblou/-violet**).⁸²⁴

Die voorkoms van Arcens se seun is indrukwekkend (*egregius, clarus* en *insignis* [83]; vgl. Hardie 1994: 183) en, geklee in sy ryklik geborduurde en gekleurde mantel, is hy 'n opvallende figuur.⁸²⁵ Tog is daar patos vasgevang in die beskrywing van 'n jongman wat met sy elegante en eksotiese *chlamys* in die stof neergevel word (589). In teenstelling met Catullus 64.227 (sien 2.a. *supra*), vervang Vergilius

⁸²² Ovidius, *Met.* 5.404 gebruik ook die bepaler *obscura* saam met *ferrugineus*: *excitit obscura tinctas ferrugine habenas* ('hy [Pluto] skud die teuels wat met 'n **donker** kleurstof behandel is').

⁸²³ Weber (1983:270) se kommentaar op die aangehaalde reëls beklemtoon die verwarring weens die aanname dat *ferrugo* met die kleur van ysterroes ('roesbruin') geassosieer word: Dodeseile is tradisioneel 'donker'. Clarke (2003:77) verwys na Simonides (fr. 550a, Page) wat in sy weergawe van hierdie gebeure die seile, gekleur met die stewige steeneik se blom, as purper beskryf wat 'n veilige tuiskoms aandui: φοινίκειον ιστίον ὑγρῶ | πεφουρμένον ἄνθεϊ πρινοῦ | ἐριθαλέος.

⁸²⁴ Die *TLL s.v. ferrugo*, 575, reël 66 verwys foutiewelik na *Aen.* 9.579.

⁸²⁵ Sien *Aen.* 11.772: *ipse peregrina ferrugine clarus et ostro* ('[Chloreus] self was glansend in uitheemse **donkerblou/-violet** en purper'). Vergilius gebruik die frase *peregrina ferrugo* wat soos die frase *ferrugo Hibera* ook op 'n uitheemse donkerblou of -violet dui en wat met die prosesse van metaalverwerking geassosieer word.

obscuratus met *clarus*, om só weer eens die kontras tussen donkerte en glans te beklemtoon (vgl. Edgeworth 1992:127). Die frase *ferrugine Hibera* dui dus hier op 'n spesifieke kleur wat hier met die oordragtelike betekenis 'donkerviolet' of 'donkerblou' gebruik word.

XXIV GLAUCUS⁸²⁶

Die kleurwoord *glaucus*, *-a*, *-um* is ontleen aan die Griekse woord *γλαυκός*⁸²⁷ (W-H *ad loc.*; L&S *ad loc.*) wat André (1949:175) as 'n duidelike voorbeeld van transkribering beskou. Vels Heijn (1951:109) sluit hierby aan en noem dat *glaucus* 'n sprekende voorbeeld van 'n leenwoord is vir 'n konsep waarvoor die bedoelde begrip in die eie taal ontbreek. Hy verwys ook na die 'tweeledige' gebruik van die term, eerstens poëties, onder andere in Lucretius (sien *infra*), en tweedens as *terminus technicus* by die telers van perde. Na aanleiding van die Griekse voorbeelde kan al die betekenismoonlikhede van *γλαυκός* ook van *glaucus* gebruik word wat veral in poësie voorkom en by uitsondering in post-augusteïese prosa.

Hoewel *glaucus* 'n leenwoord is, bied Price (1883:16) nietemin die onbekende stamvorm **gal* (waarskynlik deur metatense met verwysing na *gilvus*) met die betekenis 'helder' of 'glansend' (moontlik soos in Afrikaans 'gloei' en in Engels 'glow') waarvolgens die achromatiese waarde van die term verklaar kan word. Price bied ook die primêre betekenismoonlikheid 'blougrys' van 'n onstuimige see wat sou beteken dat die kleurwaarde met 'n donkerder skakering vereenselwig kan word. Anders as W-H wat die vertalings 'blouerig,' veral 'liggrys' en 'gryserig' voorstel, is daar volgens André (1949:175-78) geen sekerheid dat die term 'grys' bepaal nie. Sy bespreking fokus slegs op 'helderblou' (van oë), waarby 'groen' ook ingesluit kan word, na aanleiding van die skolias, Placidus, *Glossaria Lat.* 4: *glaucus color interdum pro viridi ponitur et qui admixtum habet virori alborem* ('*glaucus* as kleur word soms in die plek van groen gebruik en behels 'n witterige kleur wat met groen gemeng is'). L&S verbind die term uitsluitlik met die achromatiese betekenismoonlikhede 'helder,' 'skitterend' en 'n 'glansende grys' waarby opvallend geen ander kleurskakering ingesluit word nie. Aangesien die aanbiedings in beide L&S en die *OLD* so wydlopend is, word 'fletsblou,' 'blougroen/-grys,' 'grysgroen' en

⁸²⁶ Die *TLL* se verskillende kategorieë vir *glaucus* (VI.2.3 2038 [reël 5]-2040 [reël 77]) word hierna met aanhalings uit die Latynse poësie gestaaf:

I *glaucus*: [A?] **1** *de herbis, foliis, frugibus sim.* **2** *de aqua eiusque incolis a de ipso liquore b de deis marinis a de corpore eorum (maxime de oculis), de vestitu atque apparatu sim.* **β** *pro epitheto dearum c de bestiis marinis 3 de animantium oculis a generatim b speciatim 4 de rebus naturalibus B accedit ad vim caerulei q.e. fuscus, nigricans sim. 1 de equi colore 2 de vestimento, i.q. pullus C fere i.q. caesius.*

II [1?] *de morbo oculorum i.q. glaucomate 2 glaucus, -i m. γλαῦκος piscis.*

Sien ook *EV* II.562b vir bykomende verwysings na hierdie kleurterm.

⁸²⁷ In Homeros word *γλαυκός* achromaties met die betekenis 'skitterend' of 'glansend' gebruik, ook in Theokritos, *Id.* 16.5: ... *γλαυκὰν ... ὑπ' ἡῶ* ('... onder die stralende daglig'; vgl. Kober 1932:47). Wat *γλαυκός* en *γλαυκῶπις* betref, is die gedetailleerde uiteensetting van Leumann (1950:148-54) insiggewend: Die pre-Homeriese achromatiese gebruik van die terme – 'skitterend' of 'vonkelend' veral van oë – het mettertyd aanpassings ondergaan om later oordragtelik op die chromatiese kleurwaarde van beide die terme te dui. Volgens Vels Heijn (1951:70) is die kleurwaardes 'grysbloou,' 'grysgroen,' 'blougroen' en ook 'ligblou' na aanleiding van Plato, *Ti.* 68c: *κυανὸν δὲ λευκῶ κεραννυμένου γλαυκὸν ἀποτελεῖται ...* ('en donkerblou met wit gemeng lewer ligblou op ...').

‘bleekgroen,’ (sonder enige verwysing na glans) as primêre betekenismoonlikhede gebruik (W-H *ad loc.*), waarby Vels Heijn (1951:70) ook ‘ligblou’ inreken.

Die konteks waarin die kleurwoord kan voorkom, word in breë trekke hieronder uiteengesit.

Die term *glaucus* word veral van loof gebruik wat veral dié van die wilger en die olyf insluit. Soms dien die term as wisselvorm vir *canus/canens* om die kleur van die wilger te bepaal (*canus* in Seneca Minor, *Her. O.* 578 en 789, *canus* in Lucanus 4.131, maar *glaucio* in Valerius Flaccus 6.296); ook van die olyfboom (*canentis* in Ovidius, *Met.* 6.81; en *glauciae* in Statius, *Theb.* 2.99). Blykbaar het *glaucus* hier ’n ligter kleurwaarde wat op ’n gryserige, bleekgroen kleur kan dui.⁸²⁸ Ook Stearn (2004:247) klassifiseer *glaucus* onder groen skakerings wat *thalassicus* en *glaucescens* insluit met die betekenis ‘dowwegroen’ wat ook na ’n ‘gryserige blou’ kan neig.

Die voorkoms van die see en riviere, seegode en -nimfe (met hul attribute) word deur *glaucus* bepaal, onder andere in Lucretius, *D.R.N.* 1.719 (sien *infra*). Ook van belang is die kleur van hierdie godhede se oë, uitgebeeld in Minucius Felix 23.5: *Neptunus oculis glaucis* (‘Neptunus met sy **blougrys/grysgroen** oë’).⁸²⁹ Ook bied die *TLL* die inskrywing *de animantium oculis* wat verband hou met lewende wesens se oë en wat mens en dier insluit, onder andere *TLL s.v. glaucus* I.3: b. *speciatim* se verwysing na Ammianus 15.12. 1: *uxore [apud Gallos] multo fortiore et glauca*; en ook Plinius Maior, *Nat.* 11.143: *divo Augusto equorum modo glauci fuere oculi*.

Die kleurwoord verskyn een keer in Lucretius, terwyl Vergilius dit vier keer in elk van die *Georgica* en die *Aeneïs* gebruik.⁸³⁰

1. Tiperend van bome en plante (vgl. *TLL* I.[A.]: *de herbis, foliis, frugibus sim.*)

Vergilius

i. Verg. *Geor.* 2.11-13: *sponte sua veniunt ... |... ut molle siler lentaeque genistae, | populus et glauca canentia fronde salicta* (‘[party soorte] kom vanself op, soos die sagte waterwilg en die taai besembos, die populier en die vaalgrys wilgers met hul **grysgroen** blare’).

Sien III. *CANUS* en *CANEO* 3.ii. In reëls 9-21 lys Vergilius bome en plante wat op ’n natuurlike wyse voortplant en ter beklemtoning word hierdie afdeling met *natura* in reëls 9 en 20 omraam. Drie natuurlike metodes word onderskei en elk word met spesifieke bome geïllustreer, onder andere wilgerbome wat treffend met twee kleurwoorde – *glauca* en die teenwoordige deelwoord, *canentia* – uitgebeeld word.⁸³¹ Aangesien *canentia* die naamwoord *salicta* (meervoud van *salictum*, -i n. van ’n *versameling* of *groepering* van wilgerbome) bepaal, wil dit voorkom asof die groep bome van ’n afstand gesien, ligter vertoon as die blare wat, van nader beskou, deur die dieper kleurwaarde van *glauca*

⁸²⁸ Volgens Vels Heijn (1951:73) dui *caeruleus* op die donkerste skakerings van hierdie kleure. André (1949:176) wys ook op dieselfde verwantskap tussen ligte en donker kleure met die Griekse terme *γλαυκός* en *κυανός* (‘donkerblou’).

⁸²⁹ ’n Interessante gebruik is dié van die historikus, Ammianus wat die frase *uxore ... glauca* in 15.12.1.1 metafories van die glansende oë van ’n vrou gebruik.

⁸³⁰ Die naamwoord *Glaucus* kom twee keer in die *Georgica* (1.437 en 3.267) voor en vier keer in die *Aeneïs* (5.823, 6.36 en 483; ook 12.343). Hierdie eienaam word nie in die bespreking van kleurwoorde ingesluit nie.

⁸³¹ Sien voetnoot 266.

uitgebeeld word. Volgens André (1949:177) sluit die reikwydte van *glauca* soveel tinte in – ‘blougroen,’ ‘grysgroen’ en ‘bleekgroen’ – wat almal as primêre betekenismoonlikhede op die kleur van wilgerblare betrekking kan hê.

ii. Verg. *Geor.* 4.181-83: ... *pascuntur et arbuta passim / et glaucas salices casiamque crocumque rubentem / et pinguem tiliam et ferrugineos hyacinthos* (‘... ook wei [bye] oral op aarbeibome en **vaalgroen** wilgers, kassie en oranjerooi saffraan, ook op die nektarryke lindeboom en die donker “hiasinte”).

Sien X. *CROCEUS* en *CROCUS/CROCUM* 4; XVIII. **RUB*-groepering 5.vii; XXIII. *FERRUGIN(E)US* en *FERRUGO* 1.b.i. Vergilius se kombinasie van plantgeure en -kleure is sorgvuldig geselekteer as die voordeligste vir bye wat duidelik daarop dui dat hy deeglik bewus is van bye se voorkeure. Met vernuftige woordplasing wissel die digter in drie reëls *geurryke* plante en blomme (*arbuta ... casiamque crocum ... tiliam ... hyacinthos*) af met *plantkleure* wat vaalgroen, oranjerooi en donkerblou insluit: *glaucas ... rubentem ... ferrugineos*. Anders as in die vorige passasie (sien *supra*), dui *glaucas* nou met die primêre betekenis op die ‘vaalgroen’ of ‘grysgroen’ voorkoms van wilgers wat van naby waargeneem is

iii. Verg. *Aen.* 6.416: *informi limo glaucaque exponit in ulva*⁸³² (‘[Charon] bring [die siener en die held] aan land in aaklige slik en **vaalgroen** waterplant[e]’).

Met die uitsondering van Elisium, is daar geen glans, helder kleure of enige skoonheid in die beklemmende Onderwêreld nie. Charon bring Aeneas en die Sibille ongedeerd oor die Acheron en hulle beland in die slik en plante op die wal. Behalwe die wilg, kan *glaucus* ook van ander plantmateriaal voorkom, maar aangesien *ulva* vir ons onbekend is (moontlik watergras of selfs waterriet),⁸³³ kan slegs die generiese kleurwaarde ‘vaalgroen’ of ‘grysgroen’ gebruik word. Edgeworth (1992:133) beskryf die plant as ‘grys’,⁸³⁴ hoewel André (1949:175-78) nie ‘grys’ as kleurwaarde voorhou nie. L&S verwys na hierdie passasie as sou die term met ‘glans’ vereenselwig word wat in konteks onaanvaarbaar is.

2 By die uitbeelding van die see en die fisiese voorkoms van see- en riviergode (vgl. *TLL* s.v. *glaucus* I.[A.]: b. *de deis marinis*)

a. Lucretius

Lucr. *D.R.N.* 1.718-19: [*insula*] *quam fluitans circum magnis anfractibus aequor / Ionium glaucis*

⁸³² Volgens Sargeant (1920:132-33) word *ulva* nie as versamelnaam van alle moerasplante gebruik nie (sien Ovidius, *Met.* 8.335-37) en daarom kan die presiese spesie – en selfs die kleur – nie geïdentifiseer word nie. Vergilius gebruik *ulva* vier keer: *Geor.* 3.175, *Aen.* 2.135 (beide sonder kleurwoorde); ook *Ecl.* 8.87 met *viridis* (’n generiese ‘groen’) en *glauca* in die aangehaalde passasie hierbo.

⁸³³ Ook in *Aen.* 10.205-6 bepaal *glauca* met uitgebreide betekenis ‘grysgroen’ die voorkoms van riet (hier *harundo*): ... *velatus harundine glauca / Mincius infesta ducebat in aequora pinu* (‘...[as boegbeeld] is die Mincius gekroon met **vaalgroen** riet, [wat] hulle oor stormwaters in ’n dennehoutskip meegevoer het’).

⁸³⁴ Dit is opvallend dat Edgeworth (1992:133) telkens die kleurwoord *glaucus* in al vier die *Aeneis*-passasies uitsluitlik as ‘grys’ vertaal, ten spyte van André se beskouing dat hierdie term waarskynlik nie ‘grys’ aandui nie. Edgeworth verwys geensins na enige van die verwante tinte of ligter kleurwaardes wat ook van hierdie term gebruik kan word nie.

aspargit virus ab undis ('rondom 'die eiland Sicilië] golf die Ioniese see wat met sy diep inhamme soutskuim vanaf sy **blougroen/grysgroen** waters spat').

Lucretius verwys hier na Acragas, die geboorteplek van Empedokles, vir wie hy die grootste bewondering gehad het (vgl. Smith 1954:58). Bailey (1966b:725) bied slegs die vertaling 'groen' terwyl Vels Heijn (1951:72) sy vertaling 'grysgroen' (met uitgebreide betekenis) fundeer op die beskouing van die grammatikus Placidus, *Glossaria Lat.* 4: ... *maris colorem glaucum dici, sed tunc quando canescit fluctibus* ('... die kleur van die see word as **grysgroen** beskryf, juis dan wanneer dit wit word van branders').

b. Vergilius

i. Verg. *Geor.* 4. 451: *ardentis oculos intorsit lumine glauco* ('[die siener] het sy gloeiende oë met hul **grysgroen** glans geflits').

Aristaeus word geensins deur Proteus se verskillende gedaantes afgeskrik nie en oplaas word 'n siedende Proteus se hande in boeie geslaan. Reeds in reël 388 word die seegod se algemene voorkoms met *caeruleus* uitgebeeld.⁸³⁵ Met die frase *ardentis oculos* plaas Vergilius die fokus op sy vlamme oë wat met 'n grysgroen lig (451: *lumine glauco*) flits (vgl. Mynors 1990:314 n.450-2). Page (1968:378 n.451), daarenteen, vertaal die kleurwoord as 'ligblou' of selfs 'grys,' na aanleiding van Athena se oë, waarvan laasgenoemde, soos hierbo aangedui, onaanvaarbaar is. So ook Vels Heijn (1951:72) se vertaling 'fonkeling der ogen' wat Proteus se woedende reaksie (451: *et graviter frendens ...*) skynbaar buite rekening laat.

ii. Verg. *Aen.* 8.33-34: ... (*eum tenuis glauco velabat amictu | carbasus ...*) ['... fyngeweefde linne het hom in 'n **blougroen** kleed gehul ...'].

Tiberinus verskyn aan Aeneas in sy slaap. Die wasigheid van die uitbeelding is opvallend, aangesien die riviergod in 'n fyn geweefde, bykans deursigtige, blougroen kleed gehul is wat *glauco* se primêre betekenis bepaal. Uiteraard dui hierdie kleurwaarde ook op die voorkoms van water.⁸³⁶

3 Tipierend van die fisiese voorkoms van perde (vgl. *TLL* I.B.1: *de equi colore*)

Vergilius

Verg. *Geor.* 3.81-83: ... *honesti | spadices glaucique, color deterrimus albis | et honesti gilvo ...* (hoogaangeskrewe is neutbruin perde en **blouskimmels**, die onaanvaarbaarste kleur by wittes neig na liggeel ...').

Sien I. *ALBUS* en *ALBESCO* 1.v. XXI. *SPADIX*; en XIV. *GILVUS*. Soos reeds aangetoon, is hierdie

⁸³⁵ Sien XXII. *CAERULEUS* 3.b.i

⁸³⁶ Die waternimf, Juturna, word baie paslik ook met die frase *glauco amictu* uitgebeeld in *Aen.* 12.885: ...*caput glauco context amictu* ('...sy het haar hoof met 'n **blougroen** kleed bedek').

reëls baie problematies. Daar is uiteenlopende menings oor die primêre betekenismoontlikheid van *glauci* wat as *terminus technicus* eerstens die kleur van die perd se vel bepaal, hoewel die kleur van die oë 'n tweede moontlikheid kan wees. Wat die voorkoms van die vel betref, wys D'Hérouville (1930:103-6) op die moontlikheid dat *spadices* en *glauci* na dieselfde perd verwys. Dit sou beteken dat die perd met hierdie kleure 'gevlak' of 'gekol' is ('pommelé') wat 'n vreemde kleurkombinasie sou wees. Hierdie beskouing is onaanvaarbaar en word ook deur André (1949:178) verwerp. Volgens Mynors (1990:193-94 n.81-2, met verwysing na Royds 4) dui *glauci* bloot op die betekenis 'blouskimmels' waarna Aristoteles, *H.A.*1.40 ook verwys: *ἵπποι γίνονται γλαυκοὶ ἔνιοι* ('sommige perde word blougrys gebore'). Della Corte (1986b:25 n.82) bied slegs die betekenismoontlikheid 'grys' wat van hierdie term minder aanvaarbaar is. Wat die tweede moontlikheid van oë betref, kan die Griekse term *γλαυκός* ook op 'blou' of 'grys' oë dui, onder andere van Athena in die digkuns en van diere in Aristoteles, *H.A.* 1.10, ook *G.A.* 5.1 (779a.32 en 35). Servius verwys met *glaucus* na katte se oogkleur: *glauci sunt felineis oculis, id est quodam splendore perfusis* ('katte se oë is blougrys [en] met 'n sekere glans deurdrenk'), terwyl Vels Heijn (1951:75) *glauci* hier met groen oë assosieer na aanleiding van Aulus Gellius, *N.A.* 2.26.17-19.⁸³⁷ Hoewel perde in moderne tye met verskeie oogkleure aangetref word, is dit allerweë bekend dat perde met groen oë tans baie skaars is (vgl. Alford 2013) en dus waarskynlik ook in antieke tye. Aangesien nie alleen die bloedlyn van 'n teelperd belangrik is nie, maar ook die fisiese voorkoms en temperament (72-94),⁸³⁸ kan Vergilius met *glauci* met die uitgebreide betekenis 'glansend' of 'flitsend' na die vurige geaardheid van die dier verwys, 'n betekenismoontlikheid wat ook nie wyd gesteun word nie. Sien die *TLL s.v. glaucus* B. 1: *de equi colore (falso de 'oculorum splendore' cogitat Servius ... pro viridi accipiunt: Gellius 2.26.18, Servius Auctus ad 1, Probus ad 1)*. Gevolglik kan *glauci* op 'blougrys' dui, van óf die kleur van die vel óf die kleur van perde se oë – selfs ook 'groen' van laasgenoemde. Tog wil dit voorkom asof Vergilius in hierdie passasie eerder na velkleur verwys, en nie na oogkleur of geaardheid nie.

XXV **VIR-GROEPERING*⁸³⁹

Hierdie groepering sluit die kleurwoorde *vireo* (met die teenwoordige deelwoord *virens*), *viresco*, *reviresco* en *viridis* in wat almal in die *Georgica* voorkom.

⁸³⁷ Vgl. Aulus Gellius, *N.A.* 2.26.17-19: ... *sed ne viridis quidem color pluribus a vobis vocabulis dicitur, neque non potuit Vergilius, colorem equi significare viridem volens, caeruleum magis dicere equum quam glaucum, sed maluit verbo uti notiore Graeco quam inusitato Latino. Nostris autem veteribus 'caesia' dicta est quae a Graecis γλαυκῶπις* ('... maar selfs nie 'n groen kleur (*viridis*) word deur julle [Grieke] met verskeie woorde beskryf nie en Vergilius kon, toe hy die groen kleur van 'n perd [se oë] wou beskryf, dit eerder *caeruleus* as *glaucus* beskryf, maar hy het verkies om die bekender Griekse woord [*glaucus*] te gebruik, eerder as die skaars Latynse woord [*caesius*]. Wat ons voorsate *caesius* noem, is deur die Grieke met die woord *γλαυκῶπις* beskryf').

⁸³⁸ Volgens André (1949:178) is nie alleen die kleur van perde belangrik nie, maar ook ander unieke merke, waarna Isidorus Hispalensis, biskop van Sevilla (602-636 nC), *Etym.* 12.1.52 verwys: *qui autem albos tantum pedes habent petili appellantur, qui frontem albam calidi* ('dié [perde] wat wit pote het, word lenig [*petili*] genoem, dié met 'n wit bles vurig van geaardheid').

⁸³⁹ Sien *EV* V.594b vir aanvullende verwysings na hierdie kleurterm.

Die etimologiese herkoms van die kleurwoord *vireo* is onseker, soos aangedui deur die *OLD ad loc.* L&S verwys slegs na die sinoniem *viridor*⁸⁴⁰ en W-H *ad loc.* lys verskeie vorme wat van die Latynse *viridis* afgelei is. Dit sluit onder andere die volgende in: die Oud-Walliese *guird* (*herbida*, ‘grasserig’), Neo-Walliese *gwyrd* en die Keltiese *guirt* wat van die Latynse *viridis* (‘lewendig’ of ‘vars’) afgelei kon wees. De Vaan (2008:682-83) betwyfel die verwantskap tussen die Proto-Italiese **w(e)is-*, die Litause *veĩsti* (‘om voort te plant’) en *vaĩsius* (‘vrug’), die Oud-Yslandiese *visir* of die Oud-Engelse *wĩse* (beide met die betekenis ‘botsel’). Ook bespeur W-H geen verwantskap tussen *vireo* en *virga* (‘jong loot’ of ‘botsel’) nie wat sou beteken dat die Indo-Germaanse **ghvar*, **ghar* (‘spruit’ of ‘jong botsel’) nie met *vireo* geassosieer kan word nie, ’n beskouing wat Price (1883:14) voorstaan. Ook is die verwantskap van die stam **ghar* met *flavus* en *fulvus* (wat André [1949:186] met die term *galbinus* vereenselwig) hier onaanvaarbaar.

Die kleurterm *vireo* (en al die verwante woorde) kom in beide Romeinse prosa en poësie voor en, soos ook die geval met die Griekse *χλωρός*, word al die skakerings van groen weergegee, ook dié wat na gelerige tinte kan neig (vgl. Irwin 1974:31).

Die werkwoordvorm *vireo* (veral met die teenwoordige deelwoord *virens*) bepaal met die volle omvang van betekenismoontlikhede alle plantmateriaal met die primêre betekenis ‘groen’ wat soms ook betrekking op immergroen plante kan hê, onder andere *buxum* in Ovidius, *Met.* 10.97 (wat verwys na *Buxus sempervirens*; vgl. Sargeaunt 1920:23). Die aanbreek van die lente – die Latynse *ver* wat moontlik ook etimologies met die stam **vir(id)-* verband kan hou – dui op nuwe groei in Varro, *L.* 6.9: ... *tum virēre incipiunt virgulta* (‘... dan begin die bosse **om groen te kleur**’; vgl. André 1949:187). Die afgeleide betekenis ‘geil’ kan ook implisiet op ’n groen kleur dui, terwyl die uitgebreide betekenis ‘om fris/vars/kragtig te wees’ ook met *vireo* geassosieer kan word. Sien Horatius, *Epod.* 13.4: ... *dumque virent genua* (‘... solank ons knieë **kragtig/sterk is**’).

Die intransitiewe werkwoord *viresco* is uit die stam **vir-* plus die agtervoegsel *-sco*, *-scēre* saamgestel. Volgens die *OLD* dui die primêre betekenis van *viresco* op die aanvang van die handeling, ‘om groen te word’. Die figuratiewe en achromatiese betekenis ‘om te ontspruit’ kom ook voor, asook die uitgebreide betekenis ‘om te floreer’ of ‘om te gedy’ (L&S).

Die intransitiewe *verbum inceptivum*, *reviresco*, met die primêre betekenis ‘om weer groen te word’ is ook verwant. Dit bestaan volgens die *OLD* uit ’n verbale voorvoegsel *re-* (van ’n herhaalde handeling), plus die werkwoordvorm *viresco*, *virescēre* (sien *supra*), onder andere in Ovidius, *Met.* 2.408: ... *laesasque iubet reviresco silvas* (‘... [Jupiter] beveel dat die verwoeste woude **weer floreer/groen word**’). Oordragtelik bepaal die werkwoord lewende wesens met die betekenismoontlikheid ‘om weer jonk/sterk te word’.

⁸⁴⁰ Dit is opvallend dat L&S slegs na die passiewe werkwoord *viridor* verwys (wat die *OLD* geensins lys nie) en nie na *virido*, *-are* nie (’n vorm wat inderdaad voorkom). Laasgenoemde word nie in die *Georgica* gebruik nie, maar die teenwoordige deelwoord *viridans* verskyn drie keer in die *Aeneis* in 5.388 en 539; ook 7.495.

Ook verwant is die byvoeglike naamwoord *viridis* wat meestal voorkeur bo die teenwoordige deelwoord *virens* geniet. Soos hierbo genoem, dui die primêre betekenis van *viridis* ook op groen wat na gelerige tinte kan neig. As bewysplaas hiervoor hou Vels Heijn (1951:58) die frase *viridi in ulva* in *Ecl.* 8.87 voor wat egter nie deurslaggewend is nie.⁸⁴¹ Aangesien die nuwe uitloopsels van plante sag of broos is, kom *tener* dikwels as aanvullende beskrywing voor. Sien Tibullus 1.7.33-34: *hic docuit teneram palis adiungere vitem, | hic viridem dura caedere falce comam* ('hy [Osiris] het hulle geleer om die brose wingerdplant aan die stut vas te maak, [en] om die **groen** blare met die harde sekel te snoei'). Hoewel die term nie met die betekenis 'onryp' voorkom nie (sien I. *ALBUS* en *ALBESCO*, Inleiding van 'onryp' olywe), word dit wel met die afgeleide betekenis 'jonk' of veral 'vars' geassosieer.⁸⁴²

Terwyl *caeruleus* dikwels die see bepaal en *glaucus* selde voorkom (vgl. *TLL* I [reëls 79-81]: *legimus nonnumquam et maris colorem glaucum dici ... sed tum quando canescit fluctibus*),⁸⁴³ word riviere en mere met *viridis* se primêre betekenis 'groen' uitgebeeld, waarskynlik weens die weerkaatsing van groen plante en bome in die water. Ook word hierdie term van see- en riviergode gebruik, aangesien hul hare met die groen voorkoms van alge en waterplante vereenselwig word.⁸⁴⁴

Viridis is die vaste epiteton van smaragde met die frases *virides lapilli* of *virides gemmae* in Martialis 9.59.17: *et viridis picto gemmas numeravit in auro* ('ook het hy die **smaragde** [let. 'groen edelstene'] in die gegraveerde goud getel').

Fyner nuanses kom ook voor, aangesien 'n groen kleur metafories die indruk van lewenskragtigheid skep wat betrekking kan hê op 'n persoon of dier, laasgenoemde in Statius, *Theb.* 9.741-42: *... leo rupe sub alta | quem viridem quondam silvae montesque tremebant* ('... onder die hoë rots [was] die leeu wat eens lewenskragtig die woude en berge laat sidder het').

Die aanbieding in al die geraadpleegde woordeboeke en -lyste is bondig, maar tog volledig, en die kleurwoord is geensins problematies nie. Lucretius gebruik *viresco* twee keer, en *viridis* ses keer. In Catullus kom *vireo* twee keer en *viridis* drie keer voor. In Vergilius se *Eclogae* is daar slegs een voorbeeld van *vireo*, drie in die *Georgica* en twee in die *Aeneïs*. Beide *viresco* en *reviresco* verskyn een keer elk in die *Georgica*, *viridis* elf keer in die *Eclogae*, nege keer in die *Georgica* en vyftien keer in die *Aeneïs*.

⁸⁴¹ Aangesien dit onseker is watter plant met *ulva* geassosieer word (vgl. Coleman 1977:248), is dit moeilik om die presiese kleurskakering van hierdie plant – anders as 'n generiese groen – voor te hou.

⁸⁴² So ook word die frase *γλωπὸν μέλι* met bykomende nuanse van 'vars' heuning gebruik in Homeros, *Il.* Λ(11).631, sonder enige verbintenis met kleur.

⁸⁴³ Sien XXII. *CAERULEUS* 2.a en 2.b; ook XXIV. *GLAUCUS* 2.a. Volgens Fronto (Aulus Gellius, *N.A.* 2.26) word beide *caeruleus* en *glaucus* in die kategorie van kleurwoorde vir groen ingesluit.

⁸⁴⁴ See-en riviergode word met die kleur 'groen' vereenselwig in Horatius, *Carm.* 3.28.10: *... et viridis Nereidum comas* ('... die **groen** hare van die seenimfe'); Ovidius, *Her.* 5.57: *... virides Nereidas oro* ('... ek bid tot die **groen** seenimfe'); *Met.* 2.12: *pars in mole sedens viridis siccata capillos* ('sommige [seenimfe] sit op 'n rots en maak hulle **groen** hare droog'); 5.575: *... viridesque manu siccata capillos* ('... [Arethusa] het met haar hande haar **groen** hare uitgedroog'); en 9.32: *... [Calydonius amnis] ... reieci viridem de corpore vestem* ('... ek het die **groen** kleed van my lyf af neergegooi').

Hieronder verskyn die verskillende vorme (wat die relevante ***vir**-stam kan aanneem) na willekeur, na aanleiding van gebruik en bewysplaas, eerder as woordsoort.

1 By die uitbeelding van die natuur

a. Lucretius

i. Lucr. *D.R.N.* 1.252-53: *at nitidae surgunt fruges ramiq̄ue virescunt | arboribus, crescunt ipsae fetuq̄ue gravantur* ('maar die gewasse kom geil op en die takke aan die bome **word groen**, ook groei hulle en word swaar van die vrugte').

Volgens Lucretius word die beweging van atome met energie geassosieer. Hulle is teenwoordig in die eindelose aksies van die natuur wat mekaar gedurig opvolg, aangedui met *hinc* wat herhalend voorkom in onderskeidelik reëls 254, 255, 257 en 259. Grammaties word die aanvang en stadige voortsetting van natuurlike prosesse met beide die *verba inceptiva*, **virescunt** (in 252; hier met die primêre betekenis 'om groen te word') en *crescere* (253) raak vasgevang. Die normale, alledaagse werking van die natuur kan in enige plek, seisoen ná seisoen, waargeneem word, natuurlik mits ons dit raaksien (255: *videmus*).

ii. Lucr. *D.R.N.* 2.321-22: *omnia quae nobis longe confusa videntur | et velut in viridi candor consistere colli* ('maar alles lyk vir ons van ver af wasig, as iets blinkwit wat op 'n **groen** heuwel stilstaan').

Hoewel elke atoom voortdurend in beweging is, lyk dit asof die geheelbeeld van hierdie atome geensins beweeg nie. As voorbeeld verwys Lucretius na skape wat oral op die velde wei, terwyl hul lammers rondspeel. Van ver gesien, is die beeld dof en word die trop slegs as 'n wit, statiese kol op 'n groen heuwel gesien wat **viridi** hier met die primêre betekenis 'groen' bepaal.⁸⁴⁵

b. Catullus

Cat. 34.9-10: *montium domina ut fores | silvarumque virentium* ('sodat jy '[Diana] meesteres van die berge en van die **groen** woude sou wees').

In hierdie himne aan Diana is sy die meesteres van die groen woude, beskutte weides en kabbelende strome (11-12). Volgens Fordyce (1966:173) word Artemis in die *Homeriese Himne* 19-20 dikwels met sulke natuurtonele vereenselwig, hoewel die woude eerder 'skaduagtig' (σκλόεντα) as groen is. Catullus gebruik geen ander kleurwoorde as **virentium** in hierdie stansa nie en die term kan ook achromaties as 'geil' of 'welig' vertaal word. Volgens Clarke (2003:144) word Diana egter herhaaldelik met groen vereenselwig in *Culex* 106-15: **viridem** ... *muscum* (106), *luco* ... **virenti** (109) en **viridi** ... *herba* (115)

⁸⁴⁵ In die volgende passasies van Lucretius word **viridis** telkens met die primêre betekenis 'groen' gebruik: *D.R.N.* 2.355-56: *at mater viridis saltus orbata peragrans | quaerit humi ... vestigia ...* ('maar die bedroefde moeder dwaal deur die **groen** weide en soek op die grond die spore van haar kalf ...'); 5.783-84: *principio genus herbarum viridemque nitorem | terra dedit ...* ('aan die begin het die aarde alle soorte plantjies en welige **groenigheid** voortgebring ...'); en 5.951: *umida saxa, super viridi stillantia musco* ('nat rotse druppelend van **groen** mos').

wat sou beteken dat die digter juis die groen voorkoms van die woud met die primêre betekenis as enigste belangrike kleur wil beklemtoon.⁸⁴⁶

c. Vergilius

i. Verg. *Ecl.* 1.75: *non ego vos posthac viridi proiectus in antro* ('hierna sal ek my nie in 'n groen grot neervly nie').

Terwyl die skaapwagter Titurus tussen sy skape ontspan, daag die hartseer Meliboeus wie se plaas so pas onteien is. In reëls 75-78 groet hy die idilliese lewe op die platteland (1-5, 51-58) wat as bron van inspirasie vir sy liedere gedien het. Ook sal hy nooit weer in 'n grot sy trop skape kan dophou nie. **Viridi** bepaal hierdie grot met die primêre betekenis 'groen' wat implisiet op lafenis en koelte dui, dus aanvullend tot die betekenismoontlikhede van die term.⁸⁴⁷

ii. Verg. *Geor.* 1.54-56: *hic segetes, illic veniunt felicius uvae, | arborei fetus alibi atque iniussa virescunt | gramina ...* ('hier kom koring weliger op, daar druiwe, elders word die jong groei/lote van bome en die gras vanself groen ...').

Vergilius maan die landbouer om aandag te skenk aan die wisselende kragte van die natuur, die verskillende bewerkingsmetodes van elke grondsoort en die tipe klimaat wat geskik is vir bepaalde aanplantings. Op sekere plekke vertoon koring en wingerde (wat aangeplant is) weelderiger, maar elders kom bome en gras vanself op.⁸⁴⁸ Die *verbum inceptivum*, **virescunt**, se primêre betekenis is hier belangrik: Dit beklemtoon nie alleen die groen kleur van nuwe botsels en gras wat vanself (55: *iniussa*) uitspruit nie, maar dit dui ook op die sluimerende, inherente krag wat in die aarde voorkom wat volgens Lucretius, *D.R.N.* 1.188-89 'n langsame proses is: ... *omnia... | paulatim crescunt ...* ('... alles groei stadig ...').⁸⁴⁹

⁸⁴⁶ Ook in Catullus 64.293-94 bepaal **virēre** met die primêre betekenis die portaal wat groen vertoon van loof: ... *locavit | vestibulum ut molli velatum fronde vireret* ('... hy [die riviergod Peneus] het [die bome] gerangskik, sodat die portaal wat bedek is met sagte loof, groen sou wees'). **Vireret** eggo doelbewus die frase *viridantia Tempe* (285), sodat die vrugbaarheid wat met Tempe geassosieer word, ook vir Peleus en Thetis beskore sal wees.

⁸⁴⁷ In die volgende *Eclogae*-passasies kom **viridis** en **virēre** onderskeidelik met die primêre betekenis 'groen' of 'om groen te wees' voor: 1.79-80 *hic tamen hanc mecum poteris requiescere noctem | fronde super viridi ...* ('hier sou jy [Meliboeus] vannag saam met my op my groen blarebed kon rus ...'); 2.29-30: ... *et figere cervos | haedorumque gregem viridi compellere hibisco* ('... [as jy, Alexis, maar net saam met my] herte wou skiet en my trop boklammers met 'n groen moerasriet aanjaag'); 5.13-14: *immo haec, in viridi nuper quae cortice fagi | carmina descripsi ...* ('nee wat, ek sal liever hierdie liedjies [sing] wat ek onlangs in die groen bas van 'n beuk gekerf het ...'); 6.59-60: *aut herba captum viridi aut armenta secutum | perducant aliquae stabula ad Gortynia vaccae* ('dalk lei 'n klompie koeie hom na ons stalle in Gortynia, terwyl hy óf deur groen gras verlei word, óf 'n kudde agternasit'); 7.12-13: *hic viridis tenera praetexit harundine ripas | Mincius ...* ('hier omsom die Mincius haar oewers, groen van sagte riet ...'); 7.45-46: *muscosi fontes et somno mollior herba | et quae vos rara viridis tegit arbutus umbra* ('o, mosbegroeide fonteine en gras wat sagter is as slaap en groen/welige aarbeiboom wat julle met sy yl skadu bedek'); 7.59: *Phyllidis adventu nostrae nemus omne virebit* ('by die koms van my Phyllis sal die hele woud groen wees'); 8.86-87: *per nemora atque altos quaerendo bucula lucos | propter aquae rivum viridi procumbit in ulva* ('[soos wanneer] 'n versie in haar soektog deur bosse en hoë woude in die groen "waterplant" ['fen sedge' volgens Sargeaunt 1920:133] langs die waterstroom sal neersak'); en 10.74: *quantum vere novo viridis se subicit alnus* ('[my liefde vir jou groei] soveel as wat 'n groen elsboom vroeg in die lente groei').

⁸⁴⁸ Hierdie twee temas word in Boek 2 in twee parallelle perikope (9-34 en 47-82) uitgebou, met natuurlike voortplantingsmetodes (9: *natura*) wat met die mens se metodes en ondervinding (22: *usus*) gekontrasteer word.

⁸⁴⁹ In Ovidius se uitbeelding van Minyas se gedoemde dogters word die geleidelike transformasie van die weefwerk in wingerdranke deur die *verbum inceptivum*, **virescere**, met sy primêre betekenis 'om groen te word,' uitgebeeld. Sien *Met.* 4.393

iii. Verg. *Geor.* 1.314-15: ... *et cum / frumenta in viridi stipula lactentia turgent?* ('... en wanneer swel die melkerige koringare aan die **groen** halm?').

Wanneer die koringare geil groei en aan die halm uitswel, moet die boer die sterre dophou (313: *quae vigilanda*) om só op erge reënbuie (313: *ruit imbriferum*) bedag te wees. *Lactentia* en *imbriferum* plaas die klem op vogtigheid wat in hierdie konteks met groei en lewenskrag geassosieer word. *Viridis* dui hier met die primêre betekenis op die blinkgroen kleur van jong graan, terwyl die uitgebreide betekenis 'geil' of 'weelderig' ook relevant kan wees. Die deelwoord, *lactentia*, kan die wit kleur van melk impliseer, sodat wit-en-groen tematies as kleurpaar die vrugbaarheid van die bodem beklemtoon.

iv. Verg. *Geor.* 2.20-21: *hos natura modos primum dedit; his genus omne / silvarum fruticumque viret nemorumque sacrorum* ('hierdie groeiwyses het die natuur aan die begin vasgelê [en] só is elke soort bos en struik en heilige woud **groen**').

In die natuur plant bome op verskillende wyses voor. Vergilius hou drie natuurlike metodes voor (9-21), lig dit toe met spesifieke spesies en omraam hierdie afdeling met die woord *natura* in beide reëls 9 en 20. Elke soort boom of struik of heilige woud is groen wat *viret* met die primêre betekenis bepaal.

v. Verg. *Geor.* 2.218-19: *et bibit umorem et, cum vult, ex se ipsa remittit, / quaeque suo semper viridi*⁸⁵⁰ *se gramine vestit* ('en [grond] wat water opneem en dit willens vanself laat uitsyfer, en wat met sy eie krag (*suo*) homself met **groen** gras klee [is die beste vir olms en die wingerd]').

'n Tema wat reeds kortliks in *Geor.* 1.50-56 aangeraak is, word nou volledig uiteengesit. Daar is ses verskillende grondtipes en Vergilius bied voorbeelde van gewasse en bome wat die beste op elke tipe grond aard (177-225). Een hiervan is dié waarop alles kan groei, moontlik vanweë die grond se vermoë om water op te neem en te laat uitsyfer. Dit is geskik vir olms wat as stutbome vir die wingerd dien (dus *vites arbustivae*), vir olyfbome en vir vee. Hierdie soort grond kan uitgeken word aan die weelderig groen gras wat dit bedek en wat *viridi* hier met die primêre betekenis bepaal.

vi. Verg. *Geor.* 2.312-13: ... *non a stirpe valent caesaeque reverti / possunt atque ima similes revirescere terra* ('... [dan het olyfbome] geen krag in hul stam nie, en as hul teruggesny word, kan hulle nie herstel en diep uit die aarde **weer bot** nie').

Na die genadelose vuur wat verwoesting gesaai het (304-11), het die woud so erg gebrand dat olyfbome nie weer uitspruit nie. Die verwysing na *stirpe* dui op die mens se metodes (*usus*) wat nou ongedaan

-94: ... *redolent murraeque crocique, / resque fide maior, coepere virescere telae* ('... dit ruik na mirre en saffraan, en ongelooflik! die skering begin **groen word**').

⁸⁵⁰ Hier is 'n teksprobleem: Mynors (1990, *ad loc.*) en die Oxford-lesing volg die toonaangewendste MSS (*MPR*): *suo semper viridi se gramine vestit* wat ook hier gevolg word. Latere MSS bied die lesing *viridi semper* wat nie die betekenis beïnvloed nie. Gewoonlik verbind Vergilius nie 'n besitlike voornaamwoord en 'n epiteton met dieselfde substantief nie (vgl. *Ecl.* 7.53: *strata iacent passim sua quaeque sub arbore poma*), maar met uitsondering van die archaïese 2.147: ... *saepe tuo perfusi flumine sacro*. Volgens Mynors (1990:129 n.219-20) word *suo* in reël 219 met die betekenis 'op eie krag' of 'vanself' gebruik. Die nominatief *viridis* word deur latere MSS voorgehou wat Richter (1957:216 n.219) ook verkies, maar wat deur Erren (2003:406-7 n.219) verwerp word.

gemaak is deur die nalatige optrede van die herders (303: *incautis ... pastoribus*). Slegs die onvrugbare wilde-olyf met sy bitter blare is ongeskonde (314: *infelix superat foliis oleaster amaris*), maar dit is nutteloos, omdat dit nie vrugte of eetbare loof voortbring nie.⁸⁵¹ Aangesien Vergilius in die *Georgica* geensins die olyf met 'n kleurwoord beskryf nie, kom die *verbum inceptivum revirescere* hier met die figuratiewe en achromatiese betekenis 'om weer te bot' voor wat in hierdie geval helaas onmoontlik is.

vii. Verg. *Geor.* 3.12-13: *primus Idumaeas referam tibi, Mantua, palmas, | et viridi in campo templum de marmore ponam* ('ek sal eerste vir jou, Mantua, segepalms van Idumea bring, en op jou **groen** veld sal ek 'n tempel van marmer bou').

In die *prooemium* (1-48) sit Vergilius eers die tema van die derde boek uiteen wat die digter opvolg met sy eie literêre doelwitte. In die *recusatio* verwerp hy sekere temas (3-8) wat Aleksandryns en neoteries van aard is en wat hy as uitgedien beskou (4: *omnia iam vulgata*). Vervolgens spits hy hom toe op 'n toekomstige poëtiese onderneming wat metafories as 'n marmertempel ter ere van Octavianus voorgedien word. Volgens Thomas (198b:41 n.13) sal dit die ereplek beklee op 'n groen vlakte langs die waters van die Mincius (12-15), 'n beskrywing wat deels terugverwys na *Ecl.* 7.12-13 (*supra*). *Marmor* kan implisiet met wit vereenselwig word wat in kombinasie met *viridi* se primêre betekenis 'groen,' eksplisiet en planmatig 'n wit-en-groen kleurpaar vorm as subtiële beklemtoning van die vrugbare landstreek – so ook in *Geo.* 2.198-99 waarvan die beskrywing vindingryk gestruktureer is as 'n nostalgiese verwysing na *infelix Mantua* (sien V. *NIVEUS* 4.b).

viii. Verg. *Geor.* 3.143-44: *saltibus in vacuis pascunt et plena secundum | flumina, muscus ubi et viridissima gramine ripa* ('hulle wei in oop bergweides en langs vol riviere, waar daar mos is en die **heel groenste** gras die oewer [beklee]').

Vergilius bied voorskrifte vir die nougesette versorging van dragtige koeie (140-42) wat genoeg rus en voer moet kry en teen plaë en pestilensies beskerm moet word. Sien Varro, *R.* 2.5.14: *eas pasci oportet locis viridibus et aquis ...* ('hulle [die koeie] moet op **groen** en waterryke plekke wei ...'; vgl. Mynors 1990:203 n.138-56). Vergilius gebruik hier die superlatief *viridissima* met die primêre betekenis, 'groenste' of 'weligste,' van die heel beste weiding om as beklemtoning te dien van toegewyde *cura*.

ix. Verg. *Geor.* 3.146-48: *est lucos Silari circa ilicibusque virentem | plurimus Alburnum volitans, cui nomen asilo | Romanum est ...* ('rondom die Silarusrivier se woude en Alburnusberg, **donkergroen** van steeneike, is daar 'n fladderende swerm, met die Romeinse naam "asilus" ...').

Die *asilus* – waarskynlik 'n tipe steekvlieg – is 'n venynige pestilensie (152 en 153: *monstrum* en *pestem*) wat veral op die skroeiende middaghitte amok saai onder die vee. Gevolglik word die veeboer aangeraai om veral dragtige koeie af te sonder en die kudde vroeg in die oggend of laat-aand, wanneer dit koeler is, te laat wei op die groenste, weligste gras (144: *viridissima gramine ripa*). Die verwysing na *ilicibus*

⁸⁵¹ Sien Cato *ex Fest.* P. 81.26 Lindsay: '*felices*' arbores ... quae fructum ferunt, '*infelices*' quae non ferunt ('"vrugbare" bome is dié wat vrugte dra ... "onvrugbaar" [is] dié wat nie vrugte voortbring nie'; vgl. Thomas 1988a:213 n.314).

roep onwillekeurig die donker kleurwaarde op wat met hierdie bome vereenselwig word (sien *opaca ilice* in *Aen.* 6.208-9 en 11.851), direk opgevolg met die frase *virentem ... Alburnum* van die donkergroen voorkoms. Hierdie ‘verdonkering’ van kleur en veral die verwysing na die middaghitte se [steek-]vlieg (*asilo*) dra subtiel tot die leser se onrustigheid by. Immers dui uiterste temperature op mislukking of rampe.

x. Verg. *Geor.* 3.162: *cetera pascuntur viridis armenta per herbas* (‘die res van die kudde wei in die **groen** gras’).

Nadat die koeie gekalf het, word alle sorg op die kalwers toegespits. Dié wat nie bestem is vir die veeleisende *labor* wat die landbouer van hom benodig nie (158-60), wei afgesonder op groen gras wat *viridis* met die primêre betekenis bepaal. Thomas (1988b:71 n.162) verwys na hierdie beskrywing as ‘n ‘pastorale wêreld’.

xi. Verg. *Geor.* 4.18-19: *at liquidi fontes et stagna virentia musco | adsint ...* (‘maar laat daar helder fonteine en poele water wees, **groen** van mos ...’).

Vergilius verskaf omvattende voorskrifte vir die vestiging van die byekorf en, soos in *Geor.* 3.300-1 (*supra*, met betrekking tot die vee), verwys Vergilius nou ook na vars, lopende water (sien 3.529: *fontes liquidi*). Die uitbeeldings in *Ecl.* 7.45: *muscosi fontes et somno mollior herba* (‘mosbegroeide fonteine en gras, sagter as slaap’), in *Geor.* 3.144 (*viridissima gramine ripa*) en in hierdie teksgedeelte dui almal op *loci amoeni* (vgl. Thomas 1988b:151 n.18-32). Ook hier dui *virentia* as teenwoordige deelwoord met primêre betekenis op ‘n ‘welige groen.’

xii. Verg. *Geor.* 4.30-32: *haec circum casiae virides et olentia late | serpylla et graviter spirantis copia thymbrae | floreat, inrigumque bibant violaria fontem* (‘laat **immergroen** kassia rondom blom en wilde-tiemie wat sy geur wyd versprei en ‘n groot klomp bonekruid wat swaar geur is en laat beddings viooltjies die sypelende fontein[-water] drink’).

Volgens Varro, *R.* 3.16 is daar drie belangrike vereistes waaraan die byeboer moet voldoen: *Tria enim harum: cibus, domus, opus ...* In die *Georgica* word twee belangrike kriteria vir die versorging van bye beklemtoon: die *geur* en die *kleur* van plante en blomme. Tot nou toe het Vergilius verskeie kere slegs na blomme (en bloeisels) se kleure verwys, onder andere die wit/afwit kleur van peerbloeisels (2.70-72), ‘n wit ‘lelie’ (4.130-31) en ‘n ‘viooltjie’ se donkerpurper blomblare waaraan die *amellus* geëien kan word. Hier vir die eerste keer fokus die digter grotendeels op verskeie plante se geur wat as lokmiddel vir bye moet dien en rondom die korwe geplant moet word: kassie, wilde-tiemie, bonekruid en beddings ‘viooltjies’. Die kleurwoord *virides* dui op die immergroen *casiae* (*Daphne gnidium*)⁸⁵² wat opvallend

⁸⁵² Die plant kassie (ook bekend as *Daphne gnidium*) van die familie *Thymelaeaceae* is volgens Sargeaunt (1920:27) ‘n tipe lourier wat inheems in Italië voorkom. Dit het ‘n spreidende groeiwyse, digte donkergroen blare met geurige wit blomme wat laat in die lente of vroeë somer verskyn en wat bye lok. Hierdie plant moet onderskei word van ‘kaneel,’ die gedroogde, geurige bas wat van *Laurus cassia* Linn. (‘wilde kaneel;’ L&S) en die Oosterse *Laurus cinnamomum* afkomstig is.

die enigste kleurwoord in bovermelde beskrywing is. In 4.181-83 volg 'n uitsonderlike passasie waarin plantgeure en kleure gekombineer word.⁸⁵³

xiii. Verg. *Geor.* 4.120-21: [*forsitan ... canerem ...*] *quoque modo potis gauderent intiba rivis / et virides apio ripae ...* ('[miskien sou ek sing ...] hoe die sigoreiplante en die oewers wat **groen/lowerryk** is van seldery, hulle verlustig in die stroompies waaruit hulle drink ...').

Die vreugde wat daar in die welige natuur te vinde is (*gauderent*), kom duidelik na vore as Vergilius na tuinbou (109: *horti*) verwys. Dit is skynbaar 'n onderwerp wat die digter na aan die hart lê, maar, ook in antieke tye soos nou, is dit nie as 'n faset van die landbou beskou nie (vgl. Mynors 1990:273 n.116-48). Ook het die digter nie nou tyd om daaroor uit te wei nie (116-17: *... iam sub fine laborum / vela traham et terris festinem advertēre proram* ['... as ek nie reeds vlakby die einde van my taak besig was om die seile in te neem, en my te haas om die voorstewe na die land te keer nie']).

Virides dui met die primêre betekenis op die oewers (*ripae*) wat welig groen vertoon van seldery.

xiv. Verg. *Geor.* 4.291: *et viridem Aegyptum nigra fecundat harena* ('en [waar die Nyl] Egipte **groen** en vrugbaar maak met sy swart sand').

Sien VII. **NIGER** 9.v. Hierdie kleurvolle etnografiese beskrywing hou verband met 'n wonderbaarlike fenomeen – die *bugonia* – wat in die Ooste afspeel en die oorsprong van θαύματα ('wonders') is (vgl. Thomas 1988b:197-98 n.287-94). Wanneer die Nyl jaarliks sy walle oorstrom, word 'n alluviale neerslag gevorm waarvan die vrugbare, swart leem uiters geskik is vir aanplantings.⁸⁵⁴ Gevolglik kan **viridem** met die primêre betekenis Egipte as lowerryk uitbeeld, hoewel die chromatiese aanduiding groen as effektiewe kontras kan dien vir die swart kleur van die grond, hier met *nigra* se primêre betekenis aangedui.

xv. Verg. *Geor.* 4.539-40: *... tibi nunc viridis depascunt summa Lycae, / delige ...* ('... kies nou vir jou [vier pragbulle] wat op die kruine van **groen** Lycaeus wei ...').

Aristaeus moet boete doen vir sy misstap, ook sodat die nimfe se toorn kan afneem. Volgens Cirene moet sy offerande vier voortreflike bulle en net soveel ongejukte versies insluit wat op Lycaeus se groen kruine gevind kan word wat **viridis** met die primêre betekenis bepaal. Ook die woud, waarin die vier altare voorkom en waar die karkasse gelaat moet word, is lowerryk (543: *frondoso ... luco*), waarvan die implisiete groen kleurwaarde goed aansluit by **viridis** om 'n algehele indruk van weligheid te skep wat op herlewing dui

⁸⁵³ Varro, *R.* 3.16.13 bied 'n lys van twaalf plante, terwyl Columella, *De Re Rustica* 9.4.4. en 5.6 vyftien soorte noem en Plinius Maior, *Nat.* 21.70-72 selfs meer (vgl. Mynors 1990:262 n.30-2) Vergilius kies aanvanklik slegs vyf verskillende soorte – die populêre wilger (26), ook kassie, wilde-tiemie, bonekruid en viooltjies – terwyl tiemie en veldlouriere tot reël 112 oorstaan.

⁸⁵⁴ Sien voetnoot 461.

xvi. Verg. *Aen.* 3.124-26: ... *pelagoque volamus / bacchatamque iugis Naxum viridemque Donusam, / Olearum niveamque Parum ...*⁸⁵⁵ ('... ons vaar haastig oor die see, verby Naxos wat op sy hoogtes Bacchusfeeste vier en **groen** Donysa, Olearos en spierwit Paros ...').

Na die val van Troje en op pad na Kreta, vaar Aeneas en sy manne onder andere verby groen Donysa (*viridemque Donusam*) en Paros met sy gesogte spierwit marmer. Dit is opvallend dat *viridem* nie die eiland Naxos, wat die lowerrykste en vrugbaarste van hierdie eilande is (vgl. Smith 1954 s.v. *Donu'sa*), bepaal nie. Juis daarom ontlok die frase *viridemque Donusam* uiteenlopende verklarings: Volgens Servius dui *viridem* op die groen marmer van Donysa as kontras vir Paros se beroemde spierwit marmer. Servius *Auctus*, daarenteen, vertaal die term as 'lowerryk' (vgl. Williams 1962:82), waarby Conington aansluit (1884:189) en wat dus op die groen kleur van gras en plantegroei sou kon dui. Hierdie uiteenlopende sienings word deur Plinius Maior, *Nat.* 4.12 weerlê, volgens wie die eiland klipperig en rotsagtig was (vgl. Cramer 1828:396); so ook Tacitus, *Ann.* 4.30 wat die eiland as dor, onherbergzaam en sonder enige vars water (*egenam aquae*) beskryf.

Aangesien die kleurwaarde van marmer implisiet met wit vereenselwig word, dra *viridem* hier tematies tot 'n wit-en-groen kleurpaar by wat volgens Edgeworth (1992:43, 45) op 'n voorspoedige en rustige seevaart kon dui, soos geantisipeer in reël 129: *hortantur socii, 'Cretam proavosque petamus'* ('die bemanning por [hulle] aan: "Voort na Kreta en ons voorouers"'). Aangesien Kreta later sou blyk om nie Aeneas se bestemde tuiste te wees nie, word dit duidelik dat die digter met die onjuiste frase *viridem Donusam* 'n ander oogmerk het. Hierdie beskrywing is dus geen *lapsus* nie, maar is doelbewus ingesluit om die leser onrustig te stem en bedag te maak op Aeneas se toekomstige ontberings en rampspoed.⁸⁵⁶

⁸⁵⁵ Die frase *viridem Donusam* is moontlik ontleen aan 'n ander seevaart wat in *Ciris* 476-77 beskryf word: *marmoreamque Paron, viridemque allapsa Donysam | Aeginamque simul † salutiferamque Seriphum ...* ('[die skip] nader Paros met sy [wit] marmer en **groen/lowerryke** Donusa, ook Aegina en heilsame Seriphus ...'). Volgens Fairclough (1925:443 n.3) kan hierdie reëls na die verhaal van Danae en Seriphus verwys, wie se ark op die kus van Seriphus gestrand het.

⁸⁵⁶ In die volgende *Aeneïs*-passasies is *viridis* se primêre betekenis 'groen' belangrik: 3.24-25: *accessi viridemque ab humo convellere silvam | conatus ...* ('ek [Aeneas] het nader gegaan en het probeer om die **groen** plant uit die grond te trek ...'); 3.303-4: ... *Andromache manisque vocabat | Hectoreum ad tumulum, viridi quem caespite inanem* ('... Andromache het die *manes* na Hektor se graf geroep – 'n leë graf met **groen** sooie'); 5.110: *in medio, sacri tripodes viridesque coronae* ('in die middel [is] die heilige ketels en die **groen** kranse'); 5.246: ... *viridique advelat tempora lauro* ('... met **groen** lourier omkrans hy [Cloanthus] se slape'); 5.329-30: *labitur infelix, caesis ut forte iuvenis | fusus humum viridisque super madefecerat herbas* ('ongelukkige [Nisus] val in die [bloed] van geslagte bulle wat toevallig uitgestort is, en wat die grond en die **groen** gras bo-op nat gemaak het'); 6.192: *[columbae] et viridi sedere solo ...* ('[die duiwe] het op die **groen** gras gaan sit ...'); 7.800: ... *et viridi gaudens Feronia luco* ('... en Feronia vind vreugde in haar **groen/lowerryke** woud'); 8.96: ... *viridisque secant placido aequore silvas* ('... op die kalm waters klief hulle deur die [weerkaatsing van] **groen** bosse); en 8.630-31: *fecerat et viridi fetam Mavortis in antro | procubuisse lupam ...* ('ook die moederwolf wat in Mars se **groen** grot lê, het hy uitgebeeld ...'). Voorts kan *viridis* ook met die achromatiese en uitgebreide betekenis 'vars' gebruik word wat ook van toepassing kan wees op 5.110 en 246 (*supra*). Sien ook 5.129-30: *hic viridem Aeneas frondenti ex ilice metam | constituit signum nautis pater ...* ('vir die seelui plaas vader Aeneas hier die omdraaipunt as merker, 'n **vars** eikehout-stomp met blare ...'); en veral in 5.493-94, aangesien Vergilius nooit na olyfblare as 'groen' verwys nie: ... *navali Mnestheus certamine victor | consequitur, viridi Mnestheus evinctus oliva* ('... Mnestheus, wanner in die bootresies, kom tweede ná hom (Hippocoon), Mnestheus met die **vars** olyfkrans nog omgebind').

Die teenwoordige deelwoord *virens* kom voor in 6.679-81: *at pater Anchises penitus convalle virenti | inclusas animas superumque ad lumen ituras | lustrabat ...* ('maar diep in die **groen** vallei het vader Anchises die ingeperkte siele beskou wat na die lig daarbo sal gaan ...').

xvii. Verg. *Aen.* 6.205-6: *quale solet silvis brumali frigore viscum / fronde virēre nova ...* ('net soos voëlent in die woud gedurende die winter gewoonlik **geelgroen is** met jong/nuwe lote ...').

In die uitgestrekte woud soek Aeneas na 'n goue tak met goue blare. Wanneer dit oplaas opgespoor word, word die anderskleurige goudglans (204: *discolor ... auri ... aura*) met dié van voëlent vergelyk wat 'n besonder akkurate beskrywing is.⁸⁵⁷ Die plant kom parasities voor (205-6: *silvis ... / ... non sua seminat arbos*) en in die winter (*brumali frigore*) steek die kleur van die nuwe, jong lote (*fronde ... nova*) wat *virēre* met die primêre betekenis bepaal, duidelik teen die blaarlose boom af.⁸⁵⁸ Om voëlent se kenmerkende groengeel voorkoms verder te beklemtoon, kies Vergilius die spesie met goudgeel bessies wat *croceo* in reël 207 bepaal (... *croceo fetu ... truncos*).

xviii. Verg. *Aen.* 8.82-83: *candida per silvam cum fetu concolor albo / procubuit viridique in litore conspicitur sus* ('glansend wit in die bos, van dieselfde kleur as die wit kleintjies, lê die sog voor hul oë op die **groen** wal uitgestrek').

Noudat die profesie volvoer is, gebruik Vergilius twee kleurterme vir 'wit,' *candidus* en *albus*, om onderskeidelik eksplisiet die glansende wit kleur van die sog van haar wit kleintjies (*fetu ... albo*) te onderskei. Ook vir die eerste keer kom die kleurwoord, *viridi* met die primêre betekenis, voor wat 'n sterk kontras met die wit van die varksog en haar kleintjies vorm. As 'n kleurpaar dui wit-en-groen volgens Edgeworth (1992:42-43) op die ontlading van spanning.

2. Tiperend van smaragde

Lucretius

Lucret. *D.R.N.* 2.804-5: *... uti videatur / inter caeruleum viridis miscere zmaragdos* ('... dan weer uit 'n sekere hoek lyk dit asof hulle 'n mengsel is van donkerblou en **groen** smaragde').⁸⁵⁹

Lucretius verduidelik hoe helder sonlig wat op 'n voorwerp val en uit verskillende hoeke besigtig word, wissellende kleure tot gevolg kan hê. As voorbeeld verwys hy na die keelvere van 'n duif wat, gesien vanuit 'n sekere invalshoek, 'n glans van diepblou en groen kan weergee. Ook hier kom *viridis* met die primêre betekenis 'groen' voor wat so kenmerkend van smaragde is.

3 Die uitbeelding van jeugdigheid

a. Catullus

Cat. 17.14: *cui cum sit viridissimo nupta flore puella* ('hy het as vrou 'n meisie in die **absolute fleur** van haar lewe').

⁸⁵⁷ Vir die rol wat voëlent in primitiewe rites gespeel het en beskouings oor die betekenis van Vergilius se verwysing daarna, sien Austin (1977:100-1 n.205).

⁸⁵⁸ Page (1951:459 n.206) vertaal *nova* as die vars, groen blare van voëlent wat kontrasteer met die blaarlose takke van die akkerboom. Ook Edgeworth (1992:165) verwys na die groen kleur van nuwe botsels, selfs in die winter.

⁸⁵⁹ Ook in *D.R.N.* 4.1126-27 verwys *viridis* met die primêre betekenis na die kenmerkende groen kleur van smaragde: *...et grandes viridi cum luce zmaragdi / auro includuntur ...* ('... en groot smaragde met hul **groen** glans word in goud geset ...').

Hierdie ode word aan 'n mede-dorpsbewoner gerig wat ooglopend minder verstand het as 'n kind (12: ... *nec sapit pueri instar*) en as uiters onnosel (12: *insulsissimus*) beskryf word. Hy is getroud met 'n meisie wat nog in die fleur van haar lewe is (14: *viridissimo ... flore*), maar sy is helaas 'n loskop en 'n bedorwe brokkie. Nie alleen benodig sy meer vertroeteling en sorg as 'n tingerige bokkie (15: ... *tenelullo delicatior haedo*) en gitswart druiwe (16: *nigerrimis ... uvis*) nie, maar sy word ook toegelaat om na willekeur haar flikkers te gooi (17: *ludere*). Die superlatiewe is opvallend, ook *viridissimo* se uitgebreide betekenis wat die besondere jeugdigheid van die meisie beklemtoon.

b. Vergilius

Verg. *Aen.* 5.295: *Euryalus forma insignis viridique iuventa* ('Euryalus, opvallend van voorkoms en met 'n frisse jeugdigheid').

Euryalus se jeugdigheid word hier deur *viridi* se uitgebreide betekenis 'fris' of 'kragtig' bepaal.⁸⁶⁰

4 Van akkedisse

Vergilius

Verg. *Ecl.* 2.9 *nunc viridis etiam occultant spineta lacertos* ('selfs die doringbosse verberg nou die groen akkedisse').

In wanhoop sing Corydon van sy liefde vir Alexis wat hom nietemin versmaai. Selfs al bied bome koelte vir die kuddes en die doringbosse beskutting vir akkedisse, toon Alexis geen medelye nie. Hierdie is Vergilius se enigste beskrywing van akkedisse met *viridis* se primêre betekenis 'groen'. Anders as Horatius en Martialis beskryf Vergilius ook nooit slange met enige verwante vorm van *viridis* nie.⁸⁶¹

XXVI VITREUS⁸⁶²

Die adjektief *vitreus*, *-a*, *-um* is gevorm deur byvoeging van die adjektiefvormende agtervoegsel *-eus* aan die woordstam **vitr-*. Die *OLD* verwys na die Ou-Hoogduitse vorm *weit*, die Anglo-Saksiese *wād* en Engels *woad*. W-H *ad loc.* wys op *vitrum* (1) se oerverwantskap met onder andere Sanskrit *śvitrah* ('wit') en *śvētāh* ('wit,' of 'lig'), die Ou-Persiese vorm *Σπιθρα-* (δάτης) en Litause *švitrineti* ('glansend'). Volgens L&S *ad loc.* en die *OLD ad loc.* hou die byvoeglike naamwoord *vitreus* met

⁸⁶⁰ *Viridis* – nou as oksimoron saam met *senectus* – word met uitgebreide betekenis gebruik in *Aen.* 6.304: *iam senior, sed cruda deo viridisque senectus* ('[Charon is] reeds taamlik bejaard, maar vir hom as godheid is sy oudag lewenskragtig en fris').

⁸⁶¹ Horatius gebruik *viridis* as konvensionele epiteton van slange in *Carm.* 1.17.8: *nec virides metuunt colubras* ('ook is hulle nie bang vir groen slange nie'); en Martialis 7.74.2: *aurea cui torto virga dracone viret* ('sy goue staf is lewendig [let. 'kom groen voor'] vanweë 'n krullende slang'). Sien ook Pindaros, *O.* 8.37: *γλαυκοὶ δὲ δράκοντες*, hoewel Nisbet en Hubbard (1970:220 n.8) van mening is dat die groen kleur eerder na die slange se oë verwys.

⁸⁶² Sien *EV* V.594b vir verwysings na hierdie kleurterm.

die onsydige woord *vitrum*⁸⁶³ verband wat óf ‘glas,’⁸⁶⁴ óf ‘wede’ (die plant *Isatis tinctoria*) aandui. Voorts is daar ’n waarskynlike verbinding met *vitrum* (‘wede’) wat as kleurstof implisiet met die kleur van glas verband hou en wat in antieke tye ’n deursigtige groen met ’n dowwe gelerige of blouerige kleur opgelewer het. Volgens De Vaan (2008:684-85, met verwysing na Szemerényi 1989:24) is die woord *vitrum* van **ued-ro-* afkomstig na aanleiding van ’n Middel-Iranese parallel wat die woord ‘glas’ aflei van die woord vir ‘water’: Die woord *āp-aka-* het die betekenis ‘soos water’ > ‘glas’. Die Latynse aanpassing van **dr>tr* is egter reëlmatig. Minder aanvaarbaar (ook vir W-H) is die voorstel van Price (1883:14) en L&S wat ’n verbintenis van *vitrum* met die Indo-Germaanse **vid-* van *vidēre* (*vid-*, maar met stemlose ‘t’) bespeur, met die implikasie dat die betekenismoontlikheid op ‘deursigtigheid’ kan dui.

André (1949:188) noem tereg dat *vitreus* op ’n natuurlike wyse met die eienskappe van glas vereenselwig moet word volgens die tydperk waarin dit vervaardig is. Aanvanklik het die antieke glas ’n growwe voorkoms gehad, dit was uitsonderlik helder gekleurd en ondeursigtig en is mettertyd met deursigtige geblaasde glas en onbehandelde kleurlose glasware vervang. Volgens Jackson (2012:157) was laasgenoemde se natuurlike kleur ’n ligte blougroen, maar volgens Mynors (1990:304) was dit groener as die moderne ekwivalent. Hoewel André (1949:188, 216) noem dat glasfragmente met ’n blouerige of groenerige kleur gevind is, kan sy verwysing na die Griekse woord *ὑαλόχρως* (‘glaskleurig’) in *Anthologia Palatina* 6.211.3 (vertaal as ’n ‘effense blouerige groen’) nie lukraak op die kleur van Romeinse glasware toegepas word nie. Vels Heijn (1951:60) beskryf die kleurwaarde van *vitreus* as ‘glasgroen’ of ‘deurskynend groen’ wat die aanwending van die term as tiperend van water kan verklaar, onder andere in Horatius, *Carm.* 4.2.3: ... *vitreo daturus / nomina ponto* (‘... hy sal sy naam aan ’n **glasgroen** see gee’). Sien ook Plinius Maior, *Nat.* 9.100: *nec omnibus idem vitreus color* (‘alle [‘see-kastaiings] het nie dieselfde **seegroen** kleur nie’).

Hieronder volg in breë trekke die soort konteks waarin die kleurwoorde voorkom.

Volgens L&S en die *OLD* is die primêre betekenis van die byvoeglike naamwoord ‘bestaande uit glas’ of ‘glas-’.⁸⁶⁵ Met die uitgebreide betekenis hou die woord verband met die betekenismoontlikhede ‘soos glas’ en ‘glasagtig’ wat op deursigtigheid kan dui, ’n aspek waarna Lucretius, *D.R.N.* 4.602

⁸⁶³ Die woord *vitrum* (‘wede,’ die Engelse ‘woad’) dui op ’n baie populêre blou kleurstof wat in Egipte en Mesopotamië bekend was en Palestina en Sirië in die Hellenistiese tydperk bereik het. Die Siriese naam ‘*kⁿâ’â*’ is skynbaar afgelei van die Griekse vorm *κυάνεος* (vgl. Forbes 1964:110).

⁸⁶⁴ Daar is uiteenlopende teorieë oor die voorkoms en veral die datering van antieke Romeinse glas (vgl. Neuberg 1962:73-74; Jackson 2012:157-62). Die vroegste glasware wat in Italië vervaardig is, was helderblou, helderpers en heldergroen, kleure wat nie in metale en keramiekware beskikbaar was nie en daarom besonder populêr was. Jackson verwys ook na hierdie tydperk (sonder enige datering) as die ‘vroeë Romeinse periode’. Moontlik in reaksie op die heldergekleurde glasprodukte, verskyn deursigtige geblaasde en behandelde glas wat algemeen beskikbaar en bekostigbaar was. Kenmerkend hiervan was die blougroen kleur, waarna bronne as *aqua* verwys, maar wat nie deur enige verwysings gestaaf kan word nie. Lucretius (sien *infra*) beskryf ‘deursigtige’ glas (maar sonder enige verwysing na kleur) wat waarskynlik op geblaasde glas met die kenmerkende ‘deursigtige’ voorkoms dui en reeds in sy leeftyd beskikbaar was. Sommige navorsers plaas kleurlose glas in die eerste eeu nC (onder andere Jackson) en die ‘geblaasde glas-era’ so laat as die tweede eeu nC wat egter die onsekerheid verdiep.

⁸⁶⁵ In die *Laus Pisonis* verwys die sinsnede ... *et vitreo peraguntur milite bella* (193) na die bordspel (*ludus latrunculi*), waarvan die pionne uit glas vervaardig is; so ook in Ovidius, *Ars* 2.208 (*vitreo ... ab hoste*) en in Martialis 7.72.8 (*vitreo latrone*).

verwys: *qualia sunt vitri, species qua transvolat omnis* ('[die samestelling van] glas is van só 'n aard dat elke beeld daardeur vlieg').⁸⁶⁶ Sien Varro, *Men.* LIV *Modius*, 311.448, 28 wat *vitreus* inspan van deurskynende togas, sodat die strepe van die tuniek daaronder deurskyn: *vitreae togae ostentant tunicae clavos*; ook Plinius Minor, *Ep.* 8.8: ... *fons ... patescit purus et vitreus ut numerare ... relucens calculos possis* ('... die fontein ontspring skoon en **deursigtig**, sodat jy die glansende klippies kan tel'); en Martialis 6.68.7-8 assosieer die deursigtige aard van glas met die voorkoms van water: *numquid te vitreis nudum lasciva sub undis / vidit ...* ('het die een of ander stuitige [nimf] jou naaktheid in die **deursigtige** golwe opgemerk ...?'). Oordragtelik kan die term met kleurwaarde vereenselwig word wat L&S as 'see-groen' voorhou en waarna die *OLD* bloot as 'groen' verwys.

'n Bykomende aspek van glasware is die glans daarvan wat aan die geleidelike ontwikkeling en verfyning van die vervaardigingstegnieke toegeskryf moet word (vgl. André 1949:188). Die betekenismoontlikheid 'kristalhelder' kan dus nie van Romeinse glas van die Republikeinse era gebruik word nie. Volgens Plinius Maior, *Nat.* 36.192 het glas reeds in sy tyd 'n besondere glans gehad wat waarskynlik 'n poging was om die uiters gesogte ware van bergkristal na te boots. Sien Ovidius, *Her.* 10.9-10: *tempus erat, vitrea quo primum terra pruina / spargitur ...* ('daar was 'n tyd toe die aarde eerste met **glansende** ryp besprinkel is ...'). Die betekenismoontlikheid 'breekbaar' of 'broos' wat die eienskappe van glas uitbrei (sien *infra*), kom ook voor in die werk van die mimeograaf, Publilius Syrus, *Sent. F.* 24b: *fortuna vitrea est; tum cum splendet, frangitur* ('die noodlot is **soos glas**; juis wanneer dit glinster, versplinter dit').

Vergilius gebruik die kleurwoord slegs een keer elk in die *Georgica* en die *Aeneïs*.

1 By die tipering van voorwerpe in 'n waterkoninkryk

Vergilius

Verg. *Geor.* 4.350-51: ... *vitreisque sedilibus omnes | obstipuere ...* ('... en almal het op hul **blougroen** setels/trone verstyf ...').

In Cirene se waterkoninkryk is die Nimfe besig om wol te spin (334-35 en 348-49), maar hulle verstyf by die aanhoor van Aristaeus se jammerklag. Aangesien hierdie wol volgens Mynors (1990:302 n.334) van die fynste kwaliteit is (sien *ibid.* 228 n.306), is die dubbele verwysing daarna opvallend: Die kleur word met dié van glas verbind in reëls 334-35: ... *Milesia vellera Nymphae | carpebant hyali*⁸⁶⁷ *saturo*

⁸⁶⁶ Volgens Neuberg (1962:72-73) ontbreek die Romeinse letterkunde baie opsigtelik aan beskrywings van glasware gedurende die Republikeinse tydperk wat hy in moderne tye aan 'n algemene gebrek aan belangstelling in hierdie kunsvorm toeskryf. As enigste uitsondering verwys hy na Cicero, *Rab. Post.* 14.50 [sic], waarvan sy bewysplaas – asook die basis van sy aanname – foutief is: 14.40: ... [*merces*] *fallaces quidem et fucosae <e>chartis et linteis et vitro* ('... [handelsware] vertonerig en van min waarde [is] van papier en linne en glas'). Neuberg laat na om, onder andere, bovermelde aanhaling van Lucretius in te sluit, die bewysplase van Vergilius (sien *infra*), en onder andere dié van Horatius *Carm.* 1.17.20 (... *vitreamque Circen*) en 4.2.3-4 (... *vitreo daturus / nomine ponto ...*); ook Propertius 4.8.37: (... *vitri que aestiva supellex*), almal van die gewraakte eerste eeu vC.

⁸⁶⁷ Volgens Thomas (1988b:207 n.335) is die woord *hyalus* 'n transliterasie van die Griekse woord ὑάλος, met betekenis 'glas' wat slegs hier in Klassieke Latyn voorkom en nie algemeen posgevat het nie. Mynors (1990:302 n.334) verwys na die verwante saamgestelde adjektief ὑάλινος, met die betekenis 'van bergkristal' of ook 'glas-', onder andere in Kallimachos fr. 238.16 [Pfeiffer]: ὑάλιοι φάντερος ('helderder as kristal').

fucata colore ('... die Nimfe was besig om Miletiese keurwol, getint met die ryk kleur van glas, te spin'), Met die woord *colore* beklemtoon die digter die kleur wat 'seegroen' of 'glasgroen' kan wees wat goed aansluit by die frase *vitreis sedilibus*, met *vitreis* wat oordragtelik met beide glans en kleurwaarde verbind kan word om die waterkoninkryk te beklemtoon.⁸⁶⁸ Volgens André (1949:188) dui die kleurwaarde waarskynlik op 'n blink, blouerige groen, terwyl Erren (2003:925 n.350) dit as 'n 'glansende groen' beskryf.⁸⁶⁹ Volgens Richter (1957:380 n.350) word *vitreus* eerder met die glansende kleur van water verbind en ter staving verwys hy ook na Horatius, *C.* 4.2.3-4 (supra) en Ovidius, *Met.* 5.48 (... *vitreis ... undis*). Dit sou beteken dat die Nimfe se setels die glansende kleur van water aanneem en nie dié van glas nie wat geensins afbreuk doen aan die glansrykheid van Cirene se waterkoninkryk nie.

2 Beskrywend van water

Vergilius

Verg. *Aen.* 7.759-60: *te nemus Angitia, vitrea te Fucinus unda, | te liquidum flevēre lacus* ('oor jou [Umbro] het die woud van Angitia getreur, oor jou Fucinus met sy **blougroen** water, oor jou die helder mere').⁸⁷⁰

Nie eens die priester se towerformules en kruiemengsels kon die dapperste Umbro (752: *fortissimus Umbro*) van die dood red nie. Die adjektief *vitrea* word hier van die kleur van die water gebruik, waarvan die helderheid en glans met *liquidum* beklemtoon word.

⁸⁶⁸ Sien XVII.B. *PURPUREUS* 8; en ook *liquidus* (376 en 384) met die betekenismootlikheid 'helder' in die *OLD s.v. liquidus* 5.d.

⁸⁶⁹ Volgens Della Corte (1986b:174 n.350) is die kleurwaarde van *hyalus* die dominante kleur in die waterkoninkryk, maar hy laat na om die presiese skakering te spesifiseer.

⁸⁷⁰ Sien Parry (1963:66-68) se ontleding van die landskap wat emotief oor die gevalle held, Umbro, treur.

5.2 OORSIG

Aan die hand van al die voorafgaande teksgedeeltes se noukeurige ontledings, kan daar vervolgens aangetoon word in watter mate Vergilius in beide sy keuse en aanwending van kleurterme na voorgangers terugverwys, in watter opsigte hy met hulle ooreenstem of van hulle verskil en op watter unieke wyses hy innoverend en/of verbeeldingryk voorkom. Daar kan ook op Vergilius se besondere tegniek gekonsentreer word wat beide die doelmatige keuse van 'n spesifieke kleurwoord en die noukeurige plasing van hierdie term (of terme) in die versreël(s) aantoon. Ook kan daar subtiele nuanses geskep wees om emosie te ontlok, die ervaring van ἐνάργεια te verhoog, of bloot 'n konvensionele *topos* 'in te kleur' of 'te verfyn'.

Uit die redelik beperkte blou-en-groen kleurgroepering selekteer Vergilius nege terme wat altesaam ses-en-twintig keer voorkom:

- caeruleus* kom vier keer voor en dui onderskeidelik op die poolstreke, Proteus, die son en slange;
- ferrugineus* bepaal net een keer die donker voorkoms van 'hiasinte' en *ferrugo* tipeer die kleur op die son se skyf;
- glaucus* kom vier keer voor en bepaal Proteus se oë, die kleur van wilgerblare (twee keer) en perde se velkleur (eerder as oë);
- **vir-groepering* sluit die volgende in:
 - reviresco* tipeer olyfbome wat opnuut bot;
 - vireo* (*virens*) kom drie keer voor van elke soort bos, struik en heilige woud, die Alburnusberg en mos;
 - viresco* bepaal een keer elk jong boomlote en gras;
 - viridis* word agt keer gebruik van koringhalms, gras (twee keer), die veld, kassia, 'n rivieroewer, Egipte en die kruine van Lycaeus, terwyl die superlatief, *viridissima*, een keer van gras voorkom;
 - vitreus* dui op die nimfe se setels in Cirene se waterkoninkryk.

In die bespreking hieronder volg die verwysing na dié teksgedeeltes, wat verband hou met die kleurwoord, deurgaans dieselfde patroon: Die inskrywing (slegs onverwysend met betrekking tot die *Georgica*) word opgevolg deur die tematiese indeling in die relevante rubriek.

Catullus se keuse van terme in hierdie kleurgroepering is besonder beperk. Lucretius gebruik by uitstek die substantief *caerula* en *viridis*, terwyl Vergilius veral terme van die **vir-groepering* verkies.

Lucretius gebruik verwante vorme van *caeruleus/caerulus/caerula* van beide die hemelruim en die see. Van die hemelruim kom die onderskeie frases *caeli caerula* (*D.R.N.*1.1090; sien 1.a), *caerula mundi* en die achromatiese substantief, *caerula* (sien voetnoot 773) voor, terwyl die frase *caeruleis... seminibus* en die substantief *caerula* (2.772 en 774, sien 2.a) aspekte van die see bepaal. Catullus, daarenteen, gebruik die frases *caerula ... aequora* (64.7, sien 2.b) en *caeruleo ... ponto* (36.11, sien 3.a) slegs van die see se kleurvoorkomste. In die *Georgica* gebruik Vergilius nooit die term *caeruleus* van die hemelruim of – soos in die *Aeneis* – van die see nie, maar dit is die kleurespel van 'donkerblou' (1.453, sien 1.b) en 'vlamrooi' (sien XV. *IGNEUS* 2.i) op die son se skyf wat as *signa* van onderskeidelik reën en wind dui. Ook word die stormagtigheid van die poolstreke met *caeruleae* beklemtoon (1.236, sien 2.c.i) wat in konteks 'n glansende, donker kleur aandui wat Mynors (1990:55)

as onheilspellend beskou. Die term kom in die aanvangsposisie van die versreël voor om saam met *atris* (1.236, sien VI. *ATER* 10.b.i) in die finale versvoet die onherbergzaamheid van hierdie streek genuanseerd te beklemtoon. *Caeruleus* word ook met die chromatiese kleurwaarde ‘donkerblou’ of ‘seekleurig’ verbind wat baie paslik die glibberige seegod, Proteus, uitbeeld (4.388, sien 3.b.i.).

In die *Georgica* word kleurwoorde baie selektief aangewend vir die beskrywing van slange: Behalwe *ater*, eenmalig en veral genuanseerd in 1.129 (sien 2.i), kom *caeruleus* ook slegs een keer voor met die primêre betekenis ‘donker,’ ‘donkerblou’ of ‘donkergroen’ van die Furies se haredos van wriemelende slange. Die noukeurige woordplasing van *caeruleus* en *angues* wat die frase *inplexae crinibus* omraam (4.482, sien 4.i) skep ’n woordprent wat kan terugverwys na Horatius, *Carm.* 3.4.17-18: *ut tuto ab atris corpore viperis / dormirem ...* met die woord *corpore* wat planmatig in die reël geplaas is om visueel deur *atris* en *viperis* omvou te word.

Soos reeds aangedui, lewer die son onmiskenbare tekens van toekomstige weersomstandighede. Sou die son egter in algehele donkerte gehul wees, met *ferrugine* uitgebeeld in 1.467 (sien 2.b.i), is *signa* nie ter sprake nie, aangesien ’n verpersoonlikte son uit medelye met Caesar se dood sy andersins glansende hoof bedek. Die afgeleide kleuradjektief, *ferrugineus*, bepaal ’n neerslag bekend as *squama ferri* wat op die kleurwaardes ‘diepblou,’ ‘donker’ en ‘donkerpurper’ dui wat in 4.183 (sien 1.b.i) generies ‘hiasinte’ bepaal. Hierdie term word geensins met die rooi kleurwaardes van roes vereenselwig nie.

Wat *glaucus* betref, beperk Vergilius hierdie term enersyds tot die beskrywing van wilgerbome se blare (*glauca ... fronde* in 2.13, sien 1.i.; en *glaucas salices* in 4.182, sien 1.ii) wat Vels Heijn (1951:109) as die ‘poëtiese’ gebruik bestempel. Andersyds kom die term as *terminus technicus* van perde voor (3.82, sien 3) met *glauca* se primêre betekenis ‘blouskimmel’ of ‘blougrys’ van veral velkleur. Hoewel ‘blougrys’ of selfs ‘groen’ van die perd se oë minder aanvaarbaar is, is dit tog opvallend dat Vergilius die term met die chromatiese betekenisemoontlikheid ‘blougroen,’ ‘grysgroen’ of ‘bleekgroen’ aanwend van die seegod, Proteus, se flitsende oë (4.451, sien 2.b.i). Vels Heijn (1951:72), daarenteen, verwys na Proteus se ‘fonkelende’ oë wat duidelik sy woedende reaksie buite rekening laat.

In ’n gedig wat aan die landbou, die natuur en welige groei gewy word, sou die leser kon aanneem dat kleurwoorde vir groen oorheersend sou wees. Tog is dit nie die geval nie en kom hierdie **vi-* woorde (*vireo* [*virens*], *viridis*, *viresco* en *reviresco*) slegs veertien keer voor, bepalend van al die skakerings van groen, ook dié wat na ’n gelerige groen neig en selfs immergroen spesies, onder andere *virides cassia* (4.30, sien 1.c.xii). Lucretius, *D.R.N.* 1.252 gebruik *viresco* van bome wat groen word (sien 1.a.i), so ook Vergilius met die *verba inceptiva*, *viresco* (1.55, sien 1.c.ii) en *reviresco* (2.313, 1.c.vi). Dit word planmatig aangewend, nie alleen chromaties nie, maar waarskynlik ook metafories en genuanseerd van die sluimerende, inherente krag wat daar in die aarde voorkom. Die werkwoordvorm, *virēt* (2.21, sien 1.c.iv), bepaal elke soort bos, struik en woud wat op ’n natuurlike wyse groen is (met

natura in beide 9 en 20 as omraming en beklemtoning). In 3.146 (sien 1.c.ix) kom die teenwoordige deelwoord *virens* van Alburnusberg voor wat ‘donkergroen’ is van steeneike. Hierdie donker kleurwaarde en die verwysing na die venynige pestilensie, die *asilus*, wek onrustigheid, aangesien die leser reeds by die lees van hierdie gedig daarop bedag is dat uiterste temperature op mislukking of rampe kan dui. Daarenteen is mos wat aan die kant van helder fonteine en poele water voorkom, sprekend van ’n *locus amoenus*, met *virens* (4.18, sien 1.c.xi) wat op ’n ‘welige groen’ dui.

Die vorm *viridis* word by voorkeur gebruik, veral met die primêre betekenis van die blinkgroen kleur of die geil voorkoms van jong graan (1.315, sien 1.c.iii), gras (2.219, sien 1.c.v) wat die aarde groen (*viridi*) klee, ook in 3.162 (sien 1.c.x). In 4.120 (sien 1.c.xiii) dui die term op oewers wat groen is van seldery, in 4.539 (sien 1.c.xv) is die kruine van Lycaeus lowerryk (*viridis*), terwyl die tipering van Egipte (4.291, sien 1.c.xiv) as groen (*viridem*) sprekend is van die vrugbaarheid van hierdie streek. Die veeboer se uiters noukeurige versorging van dragtige koeie word as’t ware metafories met die superlatief *viridissima* uitgebeeld wat dui op die heel beste en groenste gras (3.144, sien 1.ci.viii).

Vitreus kom slegs een keer voor en die term word met die drie eienskappe van glas vereenselwig: die deurskynende aard, die kleur en die glans. As sodanig sluit dit baie goed aan by die glansryke waterkoninkryk van Cirene (4.350, sien 1) met *vitreus* wat die setels van die nimfe bepaal wat op beide die glans en die kleur van water kan dui, dus ’n glansende blou-groen of see-groen.

Dit word aanvaar dat Vergilius se tematiese aanwending van kleurpare op ’n baie subjektiewe beskouing kan berus. Uit die voorafgaande word dit tog duidelik dat hierdie kleurkombinasies doelbewus beplan is om die digter se oogmerke tematies te beklemtoon. Behalwe die kleurpare wit-en-rooi en wit-en-swart (hoewel in ’n mindere mate) word daar verskeie kere na ‘groen’ (wat verband hou met die natuurlike prosesse in die natuur) in kombinasie met ‘wit’ verwys wat as kleurpaar die aarde se vrugbaarheid beklemtoon:

Die kleurwoorde *canis* (*Geor.* 1.43, ongeag die skakering van ‘wit’) en *virescunt* (55), word beide eksplisiet ingespan as beklemtoning van die aarde se vrugbaarheid (53: *et quid quaeque ferat regio*) wat as eerste verwysing na hierdie kleurpaar bloot as ’n suggestie by die leser gelaat word; so ook die enkele reël 315 (sien 1.c.iii: *frumenta in viridi stipula lactentia turgent?*) van die melkerige koringare (implisiet ‘wit’) aan die halm (eksplisiet ‘groen’) wat die aarde se natuurlike dravermoë aandui. Opvallend in 3.13 (1.c.vii) is die digter se derde verwysing na die omgewing langs die Mincius wat met *viridi* as eksplisiet ‘groen’ uitgebeeld word en wat deels terugverwys na *Ecl.* 7.12-13 (*hic viridis tenera praetexit harundine ripas | Mincius ...*). Die beskrywing van Mantua in *Geor.* 2.198-99 (*et qualem infelix amisit Mantua campum | pascentem niveos herboso flumine cycnos*) beklemtoon nou die lowerryke rivier (*herboso flumine*; implisiet ‘groen’) en spierwit swane (*niveos ... cycnos*; eksplisiet ‘wit’). Tog is hierdie chromatiese uitbeelding nie Vergilius se primêre doel nie, maar wel sy versugting na sy geliefde Mantua wat beklemtoon word met die genuanseerde sinsdeel, *infelix amisit*.



6 LITERÊR-KRITIESE ANALISE VAN KLEUR IN DIE *GEORGICA*

Hoofstukke twee tot vyf is 'n studie van Vergilius se 'kleurpalet' waarvan die bevindinge voorts as parateks sal dien vir die analise wat volg: 'n stelselmatige ondersoek na Vergilius se keuse van kleurwoorde wat *opeenvolgend* in die vier boeke van die *Georgica* voorkom. Daar sal gefokus word op die wyse waarop hierdie kleurterme struktureel binne die teks van die vier boeke inpas, watter patrone van gebruik of temas waargeneem kan word en hoe die rangskikking van kleure daartoe bydra om die letterkundige impak van die gedig te verhoog.

Om die literêre en stilistiese funksie van kleurwoorde in die *Georgica* kontekstueel toe te lig, word die bespreking vervolgens chronologies georden, dit wil sê, volgens die wyse waarop die kleurterme mekaar binne die teks opvolg. Die struktuur van elk van die vier boeke van die *Georgica* is in sekere gevalle besonder kompleks, veral omdat Vergilius op elke vlak daarop ingestel is om betekenis oor te dra. Om 'n sinvolle ontleding moontlik te maak, is die onderverdeling van die teks onafwendbaar. Kritici se bydraes wat op hierdie verdeling van die *Georgica* fokus, is uiteraard subjektief, sodat die navorser met 'n verskeidenheid van skemas en indelings gekonfronteer word.⁸⁷¹ So, byvoorbeeld, kritiseer Wilkinson (1969:75) die skematiese verdeling van die teks en maan dat dit die 'panoramiese effek' versteur en dit 'onleesbaar' maak. Ook Thomas (1988a:12) vermy 'n seksie-vir-seksie diagram. Tog is dit besonder opvallend dat Vergilius self verskeie afdelings afbaken en omraam met die herhaling van spesifieke woorde, frases en, in enkele gevalle, ook kleurwoorde.

⁸⁷¹ Aanvanklik was dit algemeen aanvaar dat die *Georgica* didakties van aard is wat so 'poëties' as moontlik aangebied is, met digressies, mitologiese uitbeeldings en vergelykings om die teks af te wissel en te verryk (vgl. Sellar, 1965 [1897]). Conington (1881:144) plaas egter die klem op *variatio*, soos ook Kroll (1924:188-97) wat na Kallimachos se *ποικιλία* verwys wat in die Hellenistiese tradisie hoog geag is. Witte (1927) verwerp die konvensionele verdeling in paragrawe en groepeer onder andere Boek 1 met 2, en 3 met 4 wat as eenhede kontrasteer; so ook Boek 1 versus Boek 3 ('eine Art Gegenstück'). Schmidt (1930:9-15) orden die versreëls volgens getalle in chimeriese skemas, terwyl Burck se 1929-artikel (*Hermes*, 279-321) die navorsing in 'n nuwe rigting stuur (die Aristaeus-episode aanvanklik uitgesluit) met sy bevinding dat die gedig slegs oënskynlik didakties is en meer 'organies' is as wat aanvanklik vermoed is. In reaksie op Witte, dui Drew in sy 1929-artikel op die relevansie van die digressies en in sy 'strukturele teorie' stel hy die verdeling van die *Georgica* in twee 'hoofstukke' (of 'dubbel-boeke') voor: Boek 1 saam met 2, en 3 met 4 as 'n 'natuurlike' of 'dominante' verdeling, ook vanweë 'n ondergeskikte ooreenkoms tussen elke boekpaar. Burck se metode vorm die basis van Büchner (1955) se artikel, waarop Klingner (1963) en ook Otis (1963) uitbrei (vgl. Wilkinson 1969:71-75, 314-15). Volgens Hardie (1998:48 en n.91) het beide Klingner en Otis 'n nuwe rigting aangedui deur te fokus op die betekenis van die struktuur en die komplekse 'beweging' van die *Georgica*: 'n opwaartse progressie vanaf die aarde, dan na siellose gesaaides en bome tot by die begeesterde bye en laastens volg die menslike verlies en herlewing. Volgens Otis (1963:145) was Burck, Klingner en Büchner van die eerste kritici wat die 'dieper betekenis' van die gedig wou blootlê deur die simboliese karakter van die landelike uitbeeldings en hul konteks in verhouding tot die digressies te ontleed.

6.1. GEORGICON 1

6.1.1. Agtergrond

Die openingsreëls (1-2) van *Georgicon* 1 dui op die onderwerpe van hierdie boek: *quid faciat laetas segetes, quo sidere terram | vertēre ...* ('wat maak landerye vrugbaar en onder watter ster [is dit gepas] om die aarde om te dolwe ...'). Soos die Hesiodiese *Opera et Dies*, fokus Vergilius ook op twee opeenvolgende temas: 'die landbouer se take' (43-203) en 'die boer se kalender' (204-511). As eerste tema behels akkerbou veeleisende arbeid wat die omploeg, bemesting, natlei en drooglegging van landerye insluit, take wat afgehandel moet word voordat daar gesaai kan word. Hoewel die landbouer verskeie landboukundige gereedskap (*arma*) het om hom in sy taak by te staan, teister peste (voëls, onkruid en skaduwee) hom onophoudelik, en dit ten spyte van sy voorsorg en nougesette toewyding (198: *vis humana*). Hy moet ook waak teen natuurlike degenerasie wat 'n onverbiddelike natuurwet is, maar wat beheer kan word deur onder andere die noukeurige seleksie en behandeling van onder andere saad. Vanweë die landbouer se volgehoue stryd met die natuur, word hy metafories uitgebeeld as 'n uitgeputte roeier wie se boot deur die snel-vloeiende stroom meegesleur word. Met hierdie tafereel word die eerste helfte (43-203) van Boek 1 afgesluit.

Die tweede tema (204-511a) handel oor die boer se kalender (*dies*). Die sterre rig die vier seisoene waarvolgens die landbouer sy take orden, ook dié vir verskillende dae van die maand. Jupiter het *signa* in die natuur daargestel wat storms en mooiweer aandui en wat met noukeurige waarneming as hulp vir die landbouer kan dien. Die maan bied sulke *signa*, maar selfs belangriker is die onfeilbare tekens van die son wat per geleentheid ook dié voortekens bied wat op burgeroorlog en geweld dui. Die lewe in Italië is immers deur oorlog ontredder en die landbouer en die ploeg word nie meer vereer nie. Mars tier meedoënloos voort. *Georgicon* 1 word met 'n metafoer afgesluit: Die oorlogsgod as strydwaadrywer (*auriga*) verloor beheer oor sy perde.

Bostaande is 'n oorvereenvoudiging van die inhoud waarin daar verdere samehangende onderafdelings en twee digressies voorkom. Thomas (1988a:18) bespeur drie *crescendo*'s in die tegniese materiaal wat met toenemende intensiteit die digter se beskouing oor die landbouer se verwagte sukses uitbeeld. Die eerste *crescendo* is slegs dreigend in voorkoms, aangesien degenerasie 'n wet van die natuur is (197-200); die tweede bevat 'n beskrywing van verwoestende storms wat die landbouer se oes vernietig, in weerwil van toegewyde arbeid (311-34); en as derde *crescendo* vind natuurlike geweld weerklank in burgerlike geweld wat ook deur *signa* in die natuur aangedui word (464b-511a).

6.1.2 Skematiese verdeling en struktuur⁸⁷²

A. 1-42: *Prooemium* vermelding van Maecenas [1-5a], die twaalf goddelike magte, *dique deaque omnes* [5b-23] en Caesar [Octavianus] [24-42])

⁸⁷² Die skematiese verdeling is aangepas uit Page (1968:179-386), Thomas (1988a:68-264 en 1988b:36-241) en Mynors (1990:1-324).

B. 43-203: Die landbouer se take

- a. 43-56a: Seisoenale bewerking; voorkennis van die weer en grond
Digressie α 56b-63a: Elke land lewer eiesoortige produkte
- 63b-70: Seisoenale bewerking; voorkennis van die weer en grond (herhaling)
- b. 71-99: Wisselbou en instandhouding van vrugbaarheid; die rol van Ceres
- c. 100-117: Waterlei, weiding en dreinerings
- d. 118-59: Peste en siektes
 - i. 118-21a: Voëls, onkruid en skaduwee
Digressie β 121b-49: Jupiter en *labor* (teodisee)
 - ii. 150-59: Remedie vir peste in i
- e. 160-96: Die landbouer se gereedskap en hulpmiddels
 - i. 160-75: *Arma* en die ploeg (gedetailleerd in 169-75)
 - ii. 176-86: Die dorsvloer
 - iii. 187-96: Vooruitskatting van die oes en saadvoorbereiding
- f. 197-203: *Eerste crescendo* (197-200): Volgehoue stryd teen natuurlike degenerasie
Eerste metafoor (201-3): Die uitgeputte roeier

C. 204-511a: Die landbouer se kalender⁸⁷³

- a. 204-30: Ploeg en saai volgens astrologiese gegewens
- b. 231-56: Die son se pad deur die twaalf sterretekens; die vyf sones
- c. 257-310: Die boer se take op reën- en feesdae, in die nag, in die somer en winter
- d. 311-34: *Tweede crescendo*: Storms in die herfs en vroeë somer
- e. 335-50: Verering van die gode, veral Ceres
- f. 351-464a: Jupiter se *signa*
 - i. 351-423: Tekens van slegte en goeie weer
 - ii. 424-64a: Tekens van die maan en die son
- g. 464b-511a: *Derde crescendo*: Voortekens van burgerlike geweld

D. 511b-514: Epiloog Tweede metafoor: Mars verloor beheer.

6.1.3 Verspreiding en opeenvolging van kleurwoorde

Kleurterme kom altesaam drie-en-dertig keer voor, agt-en-twintig keer suiwer chromaties. Dié terme wat achromaties of genuanseerd gebruik word of op glans dui, word onderstreep.

Afdeling A (42 reëls): (reël 15) *niveus*;

Afdeling B (161 reëls): (43) *canus*, (55) *virēscō*; (56) *croceus*; (73 en 96) *flavus*; (129) *ater*; (194) *niger*;

Afdeling C (311 reëls): (217) *candidus*; (232) *aureus*, (234) *rubens*, (236) *caeruleus* en *ater*, (243) *ater*, (251) *rubens*; (275) *ater*, (297) *rubicundus*, (306) *cruentus*; (315) *viridis*, (316) *flavus*, (320) *niger*, (323) *ater*; (367) *albescō*; (405) *purpureus*; (428) *niger*, (430) *rubor*, (431) *rubēo* en

⁸⁷³ Thomas (1988a:17) bespeur 'n verdere verdeling van afdeling C met reëls 204-350 wat op die landbouer se kalender dui en reëls 351-514 wat Jupiter se *signa* uiteensit, sodat *Georgicon* 1 in sy geheel in drie verdeel kan word. Aangesien afdelings B en C telkens met 'n metafoor afgesluit word, kom 'n tweeledige verdeling van hierdie boek sinvoller voor.

aureus; (447) *croceus*, (453) *caeruleus* en *igneus*, (454) *rutilus*; (467) *ferrugo*;

Epiloog D (4 reëls): geen kleurwoord.

Uit die ‘wit’-kleurgroep sluit die seleksie *niveus*, *canus*, *candidus* en *albescio* in wat elk net een keer voorkom. Terme vir swart sluit *ater* (vier keer) en *niger* (drie keer) in, terwyl dié in die ‘geel-en-rooi’-kleurgroepering sestien keer voorkom, een keer elk, uitgesonder *flavus* en *rubeo* wat elk drie keer gebruik word. Uit die ‘blou-en-groen’ groepering selekteer Vergilius twee verwante terme vir ‘groen,’ *viresco* en *viridis*, ook *ferrugo* wat elk slegs een keer voorkom, terwyl *caeruleus* twee keer gebruik word.

Enkele kleurwoorde word achromaties gebruik: *candidus* (217) en *albescio* (367) dui albei uitsluitlik op glans, soos ook *rubens* in reël 251. Die giftige of gevaarlike aard van slange word emotief deur *ater* (129) beklemtoon en *croceus* (56) dui met die primêre betekenis op geur. Die woord *colores* (452) hou verband met die teenstellende terme *caeruleus* en *igneus* (beide in 453).

Veral besonders is die adjektief, *laetus* in reël 1 wat met die primêre betekenis ‘vrolik,’ ‘gelukkig’ of selfs ‘geseënd’⁸⁷⁴ van die mens (hier eerder die landbouer) gebruik word. Waar dit gesaaides of gras bepaal, kan hierdie adjektief as die eerste (nie-spesifiek kleur-aanduidende) woord beskou word wat in die *Georgica* tog wél ‘vaagweg kleur aandui’.⁸⁷⁵ Die uitgebreide betekenis ‘geil’ of ‘welig’ kan moontlik ’n vae suggestie van groen by die leser laat, juis omdat die adjektief so dikwels in hierdie boek van gesaaides en gras gebruik word. In *Georgicon* 1 kom *laetus* in reëls 1, 69, 74, 102, 325 en 339 voor, ook met die oortreffende vorm, *laetissimus*, in reël 101.

6.1.4 Analise van kleurgebruik

In hierdie perikope word beide die chromatiese en achromatiese implikasies (indien relevant) aangedui.

A. 1-42: Die *prooemium* van Boek 1

(15: *niveus*)⁸⁷⁶

Vergilius begin redelik spaarsaam met kleuraanduidings en bou versigtig aan die kleureffek van sy poëtiese ‘doek’. Die eerste en enigste kleurwoord is *nivei* (15) van Aristaeus se spierwit bulletjies waarmee Vergilius telkens in sy mitologiese beskrywings die vlekkelose, wit voorkoms van diere beskryf. Die kleurgebruik in hierdie eerste gedeelte is dus besonder subtiel vanweë die suggestie van welige groei se groen kleur (1: *laetas segetes*) en die besondere wit kleur van die mitologiese bulle.

⁸⁷⁴ Die woord word onderskeidelik van beide landbouers en seeliede gebruik in reëls 301 en 304.

⁸⁷⁵ Cicero, *De Or.* 3.155 (... *luxuriam esse in herbis, laetas segetes etiam rustici dicunt*) en *Orat.* 24.81 (... *laetas esse segetes, luxuriosa frumenta.*) vereenselwig telkens die metaforiese uitdrukking *laetas [esse] segetes* met geil groei en welige aanplantings.

⁸⁷⁶ Om die interpretasie van die kleurterm(e) in ’n teksgedeelte te vergemaklik, word die betrokke terme telkens by die verwante passasie aangedui.

B. 43-203: Die landbouer se take

a. 43-56a: Seisoenale bewerking en kennis van die weer en grond

(43: *canus*; 55: *viresco*)

Die woord *umor* in reëls 43 en 70 omraam hierdie afdeling, terwyl *glaebas* (65, wat verband hou met *glaeba* in 44) en *tauri* (65, wat verwys na *taurus* in 45) ook die ringkomposisionele struktuur aanvul. Hoewel die digter se kleurwoordgebruik nog tentatief is, kom daar weer 'n enkele woord vir 'wit' voor: Anders as die suiwer, vlekkelose wit van *niveus*, bepaal *canis* (43) nou die berge wat vroeg in die lente (43: *vere novo*) gryswit glinster vanweë smeltende sneeu, dus 'n duidelike tintverskil by wit. Oplaas in die beklemtoonde laaste posisie van reël 55 volg 'n eerste werklike kleuraanduiding – 'n woord vir groen, die kleur wat met lente en groei (selfs etimologies) verband hou. Soos hier is dit stilisties binne die digter se vermoë om 'n visuele effek te beklemtoon, bloot deur die planmatige plasing van 'n spesifieke kleurwoord in 'n enkele versreël (of selfs daaropvolgende reëls).⁸⁷⁷ Aldus beklemtoon die *verbum inceptivum*, *virescunt*, die inherente, sluimerende groeikrag in die grond, met dié dat nuwe botsels en gras vanself (55: *iniussa*) groen uitspruit. As kleurpaar omsluit *canis* en *virescunt* reëls 43-56a as 'n eenheid, sodat *digressie a* vanaf reëls 56b-63a voorkom, al hou sommige kritici ander beskouings voor.⁸⁷⁸ Ook is die eksplisiete kleure wit en groen skerper in fokus as die subtiële aanwending van dieselfde kleure in die *prooemium*.

Digressie a: 56b-63a

(56: *croceus*)

Nou verskuif die digter sy blik na eksotiese lande wat met uitsonderlike produkte soos geurige saffraan (56: *croceus ... odores*) kan spog. Die term *croceus* kan aanvanklik met ryk kleure vereenselwig word: geel, dalk met oranje ondertone en selfs 'n rooierige oranje, maar weens die besondere plasing van die kleurterm wat direk deur die woord *odores* opgevolg word in die beklemtoonde finale posisie van die versreël word *croceus* duidelik met geur verbind. Moontlik kan die opgehoopte kleurgedagte as onderskikkende kleureffek die leser bybly – selfs die kontras met die implisiete wit van *ebur* – sodat die planmatige plasing van die woorde 'n wyer omvang van betekenismoontlikhede betrek.

63b -70: Seisoenale bewerking en kennis van die grond (herhalend)

'n Sekere mate van ringkomposisie wat as 't ware 'oor die digressie strek,' laat ook ander kleurkonsepte voor die leser se geestesoog bly hang. Die digter keer terug na die onderwerp van die bewerking van grond (63b-70) en in reël 69 kom die stam **laet-* weer as *laetis* voor. Dit sluit by *laetas* in reël 1 aan en, so kort na die werkwoord vir groen, *virescunt* (55), roep dit opnuut die geil gesaaides in gedagte.

⁸⁷⁷ In die *Georgica* kom kleurwoorde in die beklemtoonde aanvangsposisies van 'n versreël vyftien keer voor, met *caeruleus* en *purpureus* elk drie keer. Tog verkies Vergilius nege-en-twintig keer die finale posisie van die versreël, soos hier van *virescere*, maar veral van *ater* en *niger* (elk ses keer) en ook van *albus* (vier keer).

⁸⁷⁸ Della Corte (1986a:24), Thomas (1988a:77 n.53) en Mynors (1990:10) voeg reëls 53-56a ook by die digressie, hoewel dit duidelik is dat die kleurwoorde afdeling B.a (43-56a) duidelik afbaken.

b. 71-99: Wisselbou en instandhouding van vrugbaarheid; die rol van Ceres

(73 en 96: *flavus*)

Die kleurwoord *flavus* word nou ook as ringkomposisionele element ingespan. Vergilius beklemtoon die belangrikheid van wisselbou en dié take wat in die herfs afgehandel moet word: die strooi van mis of as en die brand van droë stoppels om die grond se vrugbaarheid te verhoog. Die verwysing na geelryp koring (73: *flava ... farra*) impliseer toegewyde arbeid en die handhawing van verbouingspraktyke wat sou beteken dat daar in 'n ander seisoen (73: *mutato sidere*) – in die laat lente of vroeë somer – geoes kan word. Die noukeurige bewerking van landerye met 'n hark of traliewerk behaag blonde Ceres (96: *flava Ceres*), dus 'n simmetriese omraming van hierdie gedeelte met *flava* kort na die aanvang en knap voor die einde van die Ceres-gedeelte. Baie opvallend is die herhaling van *urit* in reël 77, *urunt* (78), *incendēre* (84), *urēre flammis* (85), *ignem* (87), *calor* (89) en *potentia solis* (92) – woorde wat op hitte dui as een van die vereistes vir die verbouing en veral die rypwording van graan⁸⁷⁹ waarby die skaars kleurwoord, *rubicunda* in 1.297, goed aansluit. Aldus kan die inherente kleurwaarde van vuur en vlamme met *flava* geassosieer word, sodat hierdie gedeelte oor *flava Ceres* as't ware gloeiend goudkleurig in die leser se verbeelding vassteek.

c. 100-17: Waterlei (104-10), weiding en dreinerings (111-17)

'n Balans tussen hitte en vogtigheid is noodsaaklik vir die suksesvolle verbouing van gewasse.⁸⁸⁰ Nou volg 'n kort passasie oor die boer se natlei-take wat met uitsonderlike beskrywings versier word, hoewel sonder enige kleurwoorde. Met soortgelyk ringkomposisie as in die vorige gedeelte, omsluit die woorde *umida* (100) en *umore* (117) die betrokke reëls, met daartussen *fluvium ... rivos* (106), *undam* (108), wéér *umorem* (114) en *amnis* (115) wat die onderwerp verder uitbou. Die suksesvolle toepassing van natlei- en dreineringsbeginsels het so 'n welige oes (112: *luxuriam*) tot gevolg dat die superlatief *laetissima* (101) en *laetus* (102) weer eens implisiet die groen kleur van welige groei beklemtoon. Weer verfris hierdie beeld die leser se kleurdinke.

d. 118-59: Peste en siektes

i. 118-21a: Peste

Hierdie afdeling word in twee onewe helftes aangebied wat *digressie β* omraam. Opvallend is die planmatige beskrywing in die eerste helfte van die peste in die volgorde voëls, onkruid en skaduwee. Geen kleurwoorde kom in hierdie afdeling voor nie.

⁸⁷⁹ Vergilius verwys kortliks na die ander drie vereistes vir 'n suksesvolle oes: dorheid (79: *arida*), vog (88: *exsudat ...umor*; 90: *sucus* en 92: *pluviae*) met 'n sydelingse verwysing na koue (93: *frigus*).

⁸⁸⁰ Die interaksie tussen hitte, koue, dorheid en vog is 'n belangrike tema in die *Georgica* en is reeds in reëls 43-70 aangespreek. Sien voetnoot 254.

Digressie β: 121b-49: Jupiter en labor (teodisee)

(129: *ater*)

Nou word die leser se kleurverwagting op verrassende wyse omvergewerp. Die digter verbeeld die goue era van Saturnus toe die aarde mildelik in alles voorsien het (127-28: ... *ipsaque tellus / omnia liberius nullo poscente ferebat*). Jupiter het eerste met vernuftigheid (122: ... *primusque per artem*) labor ingestel, sodat die landbouer sy vaardighede een vir een kon slyp. Hoewel hierdie gedeelte paslik met die frase *gens aurea* (sien *Ecl.* 4.9) of selfs *aureus ... Saturnus* (sien *Geor.* 2.538, 3.ii) vereenselwig kon word, kom so 'n beskrywing geensins in hierdie afdeling voor nie. Nou is die enigste kleurwoord die ietwat verrassende *ater* wat in die beklemtoonde laaste versvoet slange bepaal (129: *serpentibus ... atris*). Hoewel die term chromaties op slange se swart of donker voorkoms kan dui, word hul dodelike of gevaarlike aard veel eerder beklemtoon, waartoe die frase *malum virus* (129) genuanseerd bydra. Die leser se kleurdenke word baie subtiel in 'n onheilspellende rigting gestoot.

ii. 150-59 (herhalend): Remedie vir peste in i

In hierdie tweede gedeelte keer Vergilius terug na die hantering van peste en siektes wat nou in wisselende volgorde herhaal word, met die toevoeging van roes (151: *robigo*).⁸⁸¹ Ook in hierdie gedeelte kom geen kleurwoorde voor nie.

e. 160-96: Die landbouer se gereedskap en hulpmiddels

iii. 187-96: Vooruitskatting van die oes; voorbereiding van saad

(194: *niger*)

Na *atris* in reël 129, volg daar meer as sestig reëls waarin daar geen kleurwoorde voorkom nie. Dan bied Vergilius in reëls 187-88 'n aanskoulike uitbeelding, weer sonder enige kleurwoorde: die welige bloeiseldrag van 'n okkerneutboom: ... *nux plurima silvis / induet in florem et ramos curvabit olentis*.⁸⁸² Aangesien die leser se geestesoog met die lees van die voorafgaande gedeelte op die verontrustende 'swart' as kleurteken ingestel is (129: *atris*), kom die insinuasie van 'witheid' verrassend voor. In die woud kan hierdie boom se bloeiseldrag as vooruitskatting van 'n goeie oes dien, mits dit opgemerk word (187: *contemplator*). Geen verdere besonderhede word verskaf nie, behalwe dat die takke swaar dra aan geurige blomme wat die leser ook sinestesies kan ervaar. As kontras word daar in reël 194 eksplisiet na die swart kleur (*nigra*) van olyfmoer (*amurca*) verwys wat die landbouer as weekmiddel vir sade kan gebruik. Ook dien die uitsoek van die grootste sade as teenvoeter vir degenerasie wat met *vidi* in reëls 193 en 197 beklemtoon word. Die digter verlewendig sy ietwat saaklike uiteensetting van *praecepta* met die eufoniese reduplikasie van **ni*-klanke (194: *ni-tro* en *ni-gra*), waarmee hierdie gedeelte afgesluit word.

⁸⁸¹ Dit is opvallend dat Vergilius hier die woord *robigo* van roes gebruik, en nie *ferrugo* nie. Sien die hoofteks XXXIII *FERRUGINEUS* en *FERRUGO*, inleiding.

⁸⁸² Die woord *nux*, met betekenis 'okkerneut' kom ook ongekwalifiseerd voor in *Ecl.* 8.30 en *Geor.* 2.69 (vgl. Mynors 1990:43 n.187).

Aanvanklik wil dit voorkom asof kleur hier van min belang is. Ten spyte van ‘wit’ se implisiete kleurwaarde en die ‘sterk’ eksplisiete kleurwaarde vir swart, bewerkstellig Vergilius hier ’n kleurpaar van wit en swart wat besondere trefkrag het en as vermaning voorkom: Die landbouer moet deurentyd teen natuurlike degenerasie waak.

f. 197-203: Eerste crescendo en metafoor

Ten spyte van volgehoue toewyding en voorsorg, kom natuurlike degenerasie tog voor en word dit as eerste *crescendo* voorgehou (197-200). Ook word die landbouer metafoories as ’n uitgeputte roeier uitgebeeld wie se boot deur die snel-vloeiende stroom meegesleur word (201-3). Aldus word die eerste tema – die landbouer se take – afgesluit.

C. 204-511a: Die landbouer se kalender

a. 204-30: Ploeg en saai volgens astronomiese gegewens

(217: *candidus*)

Kleurimplikasie is steeds subtiel. Behalwe die *helder Slang* (205: *lucidus Anguis*), word daar ook na die *Hondster* (218: *Canis*) en die *Bul* (218: *Taurus*) met *candidus* (217) verwys wat met sy vergulde horings (217: *auratis ... cornibus*) die lente inlei. Die term kom geensins chromaties voor nie en dit tipeer uitsluitlik die ster se uitsonderlike glans as een van die helderste konstellasies. Die leser word egter genooi om terugskouend sy glansrykheid te onthou as ’n beskrywing van die brandende *Kroonster* vyf reëls verder (222: *ardentis ... stella Coronae*) opdoem, sodat ’n opgehoopte gloed oplaas as oorweldigende kleureffek die leser bybly.

b. 231-56: Die son se pad deur die twaalf sterretekens; die vyf sones

(232: *aureus*; 234: *rubens*; 236: *caeruleus* en *ater*; 243: *ater*; 251: *rubens*)

Die son rig sy elliptiese wentelbaan deur die twaalf vaste sterretekens (231-32) wat die vier seisoene orden en waarvolgens die landbouer sy aktiwiteite reël. Vir die eerste keer kom ses terme in ’n enkele teksgedeelte voor wat chromaties en achromaties die hemelse sfeer verbeeld. Die beskrywing van die goudglansende son (232: *sol aureus*) se hemelse baan laat die leser met die kleurindruk dat hierdie middelste sfeer verskroei is sodat dit altoos vlamme rooi (234: *rubens*) en dor gebak is. Aan weerskante hiervan en langs die gematigde streke kom twee sones voor wat deur twee kleurwoorde met donker kleurwaardes uitgebeeld word, beide in reël 236: *caeruleae* dui op donker, versteende ys en *atris* tipeer onweerswolke wat die onherbergsaamheid van die Noordpool uitbeeld. Die tweede pool is ‘onder ons voete’ (243: *sub pedibus*) in dieselfde relatiewe posisie as die *Doderyk* wat met ewigdurende, angswekkende duisternis geassosieer word en genuanseer met *atra* (243) bepaal word. In reël 251 kom *rubens* voor wat aanvanklik voorkom asof dit by *rubens* in reël 234 aansluit, totdat *Vesper* in die laaste versoet van reël 251 raakgelees word: Die *Aandster* se gloed word achromaties uitgebeeld, waarvan

die betekenismoontlikheid goed aansluit by *aureus* in reël 232, om nou as't ware as omraming van hierdie gedeelte te dien.⁸⁸³

c. 257-310: Die boer se take op reën- en feesdae, in die nag, in die somer en winter

(275: *ater*; 297: *rubicundus*; 306: *cruentus*)

In reël 258 verwys Vergilius kortliks na die vier seisoene (*temporibusque parem diversis quattuor annum* ['n jaar verdeel in vier gelyke seisoene']) en dan vervolg hy met die boer se wintertake en dié wat op feesdae geoorloof is, of dit nou winter of somer is. 'n Lighartige vinjet sluit hierdie eerste gedeelte af: In reëls 273-75 beskryf die digter die landbouer (hier die *agitor*) wat sukkel om sy swaarbelaaide eseltjie aan die beweeg te kry. Van die ware op die eseltjie se rug is 'n klont pik wat *atrae* suiwer chromaties as 'pikswart' bepaal. Hoewel die uitbeelding die didaktiese materiaal verlewendig, is dit onduidelik waarom die digter hierdie pleonasme – en veral die gewoonlik-genuanseerde term *atrae* – gebruik. Met die lees van 'n tweede vinjet aan die einde van die boek (511-14), word daar by nabetraging 'n moontlike rede vir Vergilius se plasing van die vinjet en die spesifieke pleonasme aangebied.

Die landbouer se take word in reëls 287-299a herhaal: dié van die nag (*nocte* in 287, herhalend in 289 en *noctes* in 290) en van somer se oggendskemer (288: *sole novo*); *hiberni* dui op wintertake (291); *rubicunda Ceres* (297) en *tostas* (298) word vereenselwig met die lente se oestyd en reël 299a beskryf die herfs se aktiwiteite (*nudus ara, sere nudus*). Anders as die gebruikelike term *flava* wat Ceres in reëls 73 en 96 bepaal, gebruik Vergilius nou die term *rubicunda* (297) van die ryp koring wat verband hou met die frase *medio ... aestu* (herhalend in reëls 297 en 298). Die ongewone beskrywing word vereenselwig met die middaguur se hittegloed as vereiste vir die suksesvolle oes van koring waarna daar reeds in reëls 77-92 verwys is.

Wintertyd (299b-310) is meer ontspanne en die adjektief, *laeti* (301 en 304), nou met die primêre betekenis 'gelukkig' of 'bly,' bepaal die landbouers. Nou volg die frase *cruentaue myrta* ('bloedrooi mirtebessies') in reël 306, maar dan val dit die leser op dat ryp mirtebessies blou is. Met hierdie onjuiste uitbeelding vat Vergilius baie subtiel die leser se aandag vas: Dit is die *sap* van mirtebessies wat bloedrooi is en wat weens die geurigheid (en waarskynlik ook die kleur) daarvan as 'n bestanddeel van *vinum murteum* of *myrtites* gebruik word. Juis vanweë die uitsonderlike beskrywing bly die intense rooi kleur die leser by, veral ook as kontras met die implisiete witheid van diep sneeu (*nix alta*) wat in reël 310 uitgebeeld word. Aldus word 'n kleurpaar van wit en rooi geskep wat verbind word met die vergrype van wyn wat Vergilius as moreel onaanvaarbaar voorhou. Tematies kom dit by herhaling voor, soos die leser algaande in die *Georgica* sal opmerk.

⁸⁸³ Vgl. Mynors (1990:57 n.251): "*rubens* 'bright' as in 2.319; the Evening Star is never 'blushing' or 'crimson' ..."

d. 311-34: Tweede *crescendo*: Storms in die herfs en vroeë somer (of laat lente)

(315: *viridis*; 316: *flavus*; 320: *niger*; 323: *ater*)

In hierdie tweede *crescendo* kom kleurpare en -kontraste met groter intensiteit voor. Die plasing van die woord *tempestates* (311) knap aan die begin van hierdie afdeling, berei die leser reeds voor vir wat volg: storms wat die landbouer teister. Die digter verpersoonlik hierdie beskrywing met sy verwysings na *messor* (316) en *agricola* (317) en beklemtoon só die mens se belewenis van die verwoestende storms wat met sterk klanknabootsende alliterasie uitgebeeld word. Die fokus is veral op die mens se onvermoë om die natuurlike wêreld te beheer. Daar word eers na storms in die herfs verwys (311-15: *tempestates autumni*) en dan na die lente se reënbuie (*imbriferum ver*) wat graankorrels melkerig in die groen halms laat swel (315: *frumenta in viridi stipula lactentia surgent*) ... weer 'n tematiese verwysing na die aarde se vrugbaarheid met 'n wit-en-groen kleurpaar. Koringlande se uitbeelding met *flavis* (316) is 'n duidelik teken dat die graan reeds ryp is en vroeg in die somer geoes moet word, maar dan volg 'n donker dwarrelwind (320: *turbine nigro*) wat gewortelde graan diep uit die grond ruk en halms en vlieënde stoppels wegwaai.⁸⁸⁴ Met die frase *ab radibicus imis* (319) lei Vergilius die leser se geestesoog van onder na bo, hoog die lug in – *sublimem expulsam* (320) – as aanduiding van die hewige impak van die storm. Die stormwind wat *nigro* slegs chromaties bepaal, vertoon egter nie dieselfde furie as die verwoestende reënbuie (323: *imbribus atris*) wat welige oeste (325: weer met *laeta* omskryf) wegspoel nie. Die term *atris* dui nie net genuanseerd op die vernietigende krag van die storm nie, maar chromaties bepaal dit ook die donderwolke wat so donker as middernagtelike duisternis is (328: ... *media nimborum in nocte* ...). Jupiter se bliksemskigte, wat hy self met sy flitsende regterhand (328-29: ... *corusca* | ... *dextra* ...) slinger, steek skerp af teen hierdie onweerswolke. Vrees oorheers alles (330-31: *terra tremit, fugere ferae et mortalia corda* | ... *stravit pavor*). Beweging op die digter se kleurpalet van 'n baie subtiele groen, na goudgeel en oplaas na swart versterk hierdie *crescendo*.

e. 335-50: Verering van die gode, veral Ceres

Nou word die rol van Ceres beklemtoon, aangesien die naamwoord vier keer voorkom (339: *Cereri*; 343 en 347: *Cererem*; en 349: *Cereri*), telkens sonder enige beskrywende kleurwoord. Immers is daar in die voorafgaande reëls reeds twee keer met *flava* (73, 96), een keer met *flavis* (316) en een keer met *rubicunda* (297) na Ceres verwys, sodat die leser se geestesoog steeds haar goue glans kan verbeel.

f. 351-464a: Jupiter se *signa*

i. 351-423: Tekens vir slegte (351-92) en goeie weer (393-423)

(367: *albescō*; 405: *purpureus*)

In hierdie gedeelte is kleurgebruik weer skraps en staan *albescere* oor tot reël 367, moontlik as beklemtoning. In reël 352 word daar na die wisselende weersomstandighede verwys wat die landbouer

⁸⁸⁴ Met die frases *ab radibicus imis* (319) en *sublime expulsam* (320) beweeg die leser se geestesoog van onder na bo, hoog die lug in, as aanduiding van die hewige impak van die storm.

moet trotseer, hoewel hitte, reën en koue winde (352: *aestusque pluviasque et agentis frigora ventos*) deur duidelike *signa* aangedui word. As sekere teken van 'n dreigende windstorm gly sterre deur die lug in die donkerte van die nag (366: *noctisque per umbram*) en trek hulle glansende vlamme-strale agterna. Hierdie kontras van duisternis en lig word met die *verbum inceptivum*, *albescere*, bewerkstellig wat achromaties op glans dui en goed aansluit by die beskrywing van sterre se glansrykheid, soos reeds aangedui van die helder Slang (205: *lucidus Anguis*), die glansende Bul met die vergulde horings (217: *auratis ... cornibus*) en die Kroonster (222: *ardentis ... stella Coronae*).

Vir die uitbeelding van goeie weer is die kleurgebruik steeds ingekort. Sonskyn en mooiweer word ook aan sekere tekens uitgeken wat die digter aan die teenwoordigheid of groep van vyf verskillende soorte voëls toewys, met Nisus en Skulla ingeslote. Die kleurwoord *purpureo* is die enigste term in hierdie afdeling en tref deur die uitsonderlikheid daarvan. Hoewel *purpureo* met geen emotiewe betekenis-moontlikhede vereenselwig word nie, dra dit swaar aan betekenis: Dit word ook met rykdom en status geassosieer wat Skulla se verraad teenoor haar vader (wat nou vyandig en wreed optree) des te meer beklemtoon.⁸⁸⁵

ii. 424-64a: Tekens van beide die maan en die son

In hierdie redelik kort passasie kom verskeie kleurwoorde voor as aanduiding dat die digter se eie geestesoog merendeels dié weerverskynsels wat hy hier noem in kleurterme visualiseer. In twee onewe teksgedeeltes (onderskeidelik veertien en ses-en-twintig reëls) volg die kleurverandering van onderskeidelik die maan, maar by uitstek van die son wat telkens deur vier kleurwoorde aangedui word as onfeilbare tekens van die wisselende weersgesteldhede:

424-37: Tekens van die maan

(428: *niger*; 430: *rubor*; 431: *rubet* en *aureus*)

Vergilius verwys eerstens na die maan (*lunas* in 424, en *luna* in 427) waarvan enige kleurveranderinge anders as die gebruikelike, goudglansende voorkoms (*aureus*) as *signa* dien van wisselende weerstoestande. Sou daar 'n donker newel (428: *nigrum ... cornu*) tussen die maan se horings voorkom, dui dit op stortreën, terwyl 'n maagdelike bos (430: *ruborem*) oor die maan se skyf 'n sekere teken van wind is. Opvallend is die **rub*-stam wat met *rubet* in die volgende reël 431 herhaal word om die voorkoms van 'n 'blosende' maan te beklemtoon. Hierdie beskrywing word aangevul met *aurea* wat *rubet* direk opvolg, waarmee die kleurkontras beklemtoon word: *Aurea* dien as leidende gedagte van die maan se gebruikelike goue, glansende voorkoms, terwyl die 'blosende' maan as *signum* duidelik op wind dui. Die naasmekaar-plasing van hierdie twee kleurwoorde van 'n enkele voorwerp is 'n enigste in hierdie boek.

⁸⁸⁵ Die mite word meer gedetailleerd in die hoofteks XVI. *PURPUREUS* 6 en voetnoot 676 bespreek.

438-64a: Tekens van die son

(447: *croceus*; 453: *caeruleus* en *igneus*; 454: *rutilus*)

Die herhaling van die woorde *sol* (438) en *solem* (439) dien as beklemtoning van die tema wat oor die *signa* bied wat die son verskaf en wat verder met *sol* en *solem* in reël 463 omraam word. In hierdie kort passasie gebruik Vergilius op vernuftige wyse vier kleurwoorde om vir die leser kleurkontraste voor die geestesoog te laat afspeel wat die geloofwaardigste tekens van wissellende weersomstandighede is (439: *signa dabit ... certissima signa sequuntur*; ook in 463: ... *signa dabit*): Wanneer 'n ongewoon bleek (446: *pallida*) Aurora uit Tithonus se saffraankleurige bed (447: *croceum ... cubile*) verrys, is dit 'n sekere teken van hael, maar sou 'n donkerblou kleur (453: *caeruleus*) tydens sonsondergang oor die son se skyf (452: *ipsius in vultu*) sigbaar wees, kan reën te wagte wees. Die beskrywing van 'n vlamme rooi (453: *igneus*) son wat wind aandui, is uitsonderlik, aangesien die chromatiese gebruik van hierdie kleurwoord 'n enigste in die *Georgica* is. Vlekke wat binne hierdie gloed waarneembaar is, word deur *rutilus* uitgebeeld (454: *rutilo ... igni*) wat op 'n intense glans as 'n diepversadigde rooi kleurwaarde dui as onfeilbare teken van 'n erge storm wat met reën en wind gepaardgaan.

g. 464b-511a: *Derde crescendo*: voortekens (464b-88) en burgerlike opstand (489-511a)

(467: *ferrugo*)

Die hemele se *signa* wat mooiweer, reën, hael of wind aandui, is onfeilbaar. Nadat Caesar gesterf het (466: *extincto*), egter, het die verpersoonlikte son sy glansende voorkoms (467: *caput ... nitidum*) in 'n ondeursigtige duisternis (467: *obscura ... ferrugine*) verbloem uit medelye met die tweedrag en geweld. As kleurwoord word *ferrugine* deur die adjektief *obscura* (467) en *noctem* (468) aangevul wat die donker kleurwaarde daarvan verdiep. Met noukeurige woordplasing word *nitidum* deur die frase *obscura ... ferrugine* omraam, om sodoende 'n sterk kontras tussen lig en donker te bewerkstellig. Daarbenewens is hierdie kleurwoord met sy herkoms uit die stam vir yster, 'n gepaste aanduiding van toekomstige geweld en moordlus. As derde – en finale – *crescendo* in Boek 1 vind 'n natuurverskynsel weerklank in burgerlike geweld, tweedrag en oorlog.

In die volgende bykans vyftig reëls (wat die epiloog insluit) kom daar geen verdere kleurbeskrywings voor nie. Die leser word dus gelaat met die ontstellende frase *obscura ... ferrugine* wat verteenwoordigend is van die gewelddadige natuurverskynsels wat in reëls 470-511a voor die leser se geestesoog afspeel.

h. 511b-14: Die epiloog. Tweede metafoor: Mars verloor beheer

Oor die hele wêreld woed die oorlogsgod. Aangesien Mars meedoënloos (511: *impius*) oorlog aanvuur, word hy vergelyk met 'n wadrywer (*auriga*) wat geheel en al beheer oor sy perde verloor en tevergeefs (513: *frustra*) probeer om die leisels styf vas te hou.

6.1.5 Samevatting

In afdelings A en B (reëls 1-203) kom slegs agt terme uit elk van die vier kleurgroeperings eksplisiet voor – al asof die digter verwag dat die kleure wat hy beskryf by sy lesers oorbekend is. Die grootse konsentrasie van die daaropvolgende vyf-en-twintig kleurwoorde kom in afdeling C voor met dertien afkomstig uit die geel-en-rooi kleurgroep en slegs ses uit die groepering vir swart.

Terme vir wit figureer chromaties in afdelings A en B. Uit hierdie kleurgroep dui twee terme op verskillende tinte van ‘wit’ as aanduiding dat Vergilius inderdaad tussen skakerings vir wit onderskei. In sy mitologiese verwysings na diere kom *niveus* (15) telkens voor van ’n suiwer, vlekkelose wit, terwyl *canus* (43) op berge dui wat blinkwit glinster van smeltende sneeu. Ook word spesifieke voorwerpe planmatig met ’n spesifiek geselekteerde kleurwoord beskryf, onder andere *candidus* (217) en *albesco* (367) wat achromaties die glans van sterre bepaal. Oor die algemeen is daar min emotiewe krag aan hierdie ‘wit-woorde’ gekoppel, hoewel dit voorkom asof die teendeel – wit as komponent van ’n kleurpaar met groen of rooi en in kontras met swart – veel groter impak het.

Uit die swart-kleurgroep kom beide *ater* (emotief) en *niger* (chromaties) elk slegs een keer in afdeling B voor. Daarenteen word *ater* vier keer in afdeling C gebruik en slegs een keer chromaties in die vinjet wat oor die *agitor* en sy halsstarrige eseltjie handel (273-75). Beide *niger* en *ater* bepaal die erge storms wat die landbouer trotseer, met eersgenoemde uitsluitlik chromaties, ook van *amurca* wat in kontras met die implisiete wit van die okkerneutboom se bloeisels natuurlike degenerasie – die lot van die landbouer – beklemtoon.

Die geel-en-rooi kleurgroepering het die grootste verteenwoordiging in hierdie boek met sestien terme. As die mees blywende indruk prent hierdie terme vlamme helderheid, warmte en vurige aksie by die leser in. Soos *ater* in reëls 236 en 243 opeenvolgend en beklemtonend voorkom, so ook word *flavus* in reëls 73 (*flava ... farra*) en 96 (*flava Ceres*) herhaal, telkens metafories van ryp koring, ook in reël 316 (*flavis ... arvis*). Opvallend is die intensivering van hierdie kleurwaarde met die ongewone kleurwoord *rubicundus* (297) van ryp gebakte koring wat die effek van hitte is.

In slegs vier beskrywings kom daar ’n konsentrasie van kleurwoorde voor: Ses terme tipeer die hemelse sfeer (231-256, terwyl die groot storm (311-34) en die wisselende voorkomste van beide die maan (424-37) en die son (438-64a) elk met vier terme uitgebeeld word. Met *aureus* wat as *leitmotief* vir die leser se geestesvoorstelling van veral die son (232), maar ook die maan (431) dien, dui die kontraskleure as onfeilbare *signa* van toekomstige weersgesteldhede.

Die frase *cruentaue myrta* (306), vertaalbaar as ‘bloedrooi mirtebessies,’ is onjuis en word planmatig ingespan om die leser se aandag vas te pen. Die term *cruentus* (moontlik as poëtiese skepping van Vergilius met hier ’n eerste gebruik) is afgelei van die naamwoord *cruor*, waarvan die verbintenisse met bloed (en genuanseerd waarskynlik ook met die dood) verontrustend voorkom. Die frase *nix alta* (310) dui implisiet op ‘wit’ en stel ’n wit-en-rooi kleurpaar wat tematies die vergrype van wyn betrek en dus moreel onaanvaarbaar is. Daarbenewens is die enigste ander verwysing na die mirt in hierdie boek

die krans van mirteblare waarmee Caesar, *divi filius*, gekroon is (28: ... *cingens materna tempora myrto*), sodat die vraag onbewustelik ontstaan of daar op subtiële wyse 'n negatiewe verband met Caesar bewerkstellig word.

In 'n boek oor die gesaaides sou die leser kon verwag dat woorde vir groen dikwels sal figureer, en tog kom terme wat in die blou-en-groen kleurgroepering tuishoort, nie so dikwels voor nie. Vergilius open Boek 1 met die frase *laetas segestes* wat baie subtiel 'welige groen' kan suggereer, sodat die kontras wat *nivei iuvenci* ('spierwit bulletjies') as wit-en-groen kleurpaar sou kon bewerkstellig, nie so sterk gefokus is nie. In reël 43 verwys Vergilius na die aanvang van die lente (*vere novo*) en dan volg die kragtige *verbum inceptivum*, *virescunt* (55) wat die aarde se sluimerende groeikrag tipeer om met die voorafgaande *canis* (43) opnuut 'n wit-en-groen kleurpaar te skep. In reël 315 kan die kombinasie van *viridi* en die deelwoord *lactentia* wat implisiet op wit dui, hierby aansluit, ook as aanduiding van die aarde se natuurlike prosesse en 'n geil en vrugbare bodem. Dit is opvallend dat die wyd-skakeerbare *caeruleae* (236 en 453) en *ferrugine* (467) – eerder as *ater* of *niger* – van donker kleurwaardes voorkom wat die intensiteit van die donkerte verdiep.

In die epiloog (511b-14) word Mars as 'n wadrywer (*auriga*) uitgebeeld wat nie sy voortsnellende perde kan beheer nie. Hierdie beskrywing roep onwillekeurig en in kontras die *agitor* se gesukkel met sy halsstarrige donkie voor die leser se geestesoog (273-75). Sou die uitbeelding van die ongenaakbare oorlogsgod metafories op geweld en onrus dui, kan die sukkelende *agitor* eweneens die landbouer se stryd met die natuur verbeeld. Hierdie geweldige kontras word deur die pleonasme en veral die genuanseerde, steurende kleurwoord, *ater*, vasgevat wat die leser baie subtiel bybly tot en met die epiloog.

Baie besonders is die wyse waarop Vergilius 'n bepaalde beskrywing beklemtoon deur die voorafgaande of opvolgende versreëls te stroop van chromatiese waarde. In reël 129 kom *ater* ietwat verrassend voor van swart slange (*serpentibus ... atris*) waarvan die onheilspellende aard die leser vir meer as sestig reëls bybly tot die uitsonderlike uitbeelding van die welige wit bloeiseldrag van 'n okkerneutboom (187-88). In reël 194 kom 'n volgende kleurwoord vir swart voor: die frase *nigra ... amurca* dien as effektiewe kontras van swart met wit wat met degenerasie verband hou. In die veertig reëls wat op die frase *obscura ... ferrugine* (467) volg, kom daar geen kleurwoorde voor nie, sodat die leser met die skrikwekkende werklikheid van oorlogsgeweld gelaat word.

Reeds in hierdie eerste boek is dit duidelik hoe noukeurig die leser die teks moet lees en interpreteer. Vergilius skep doelbewus kleurpare wat tematies gebruik word om spesifieke aspekte te beklemtoon: wit-en-groen beklemtoon die vrugbare aarde, wit-en-rooi hou verband met die mens se misbruik van wyn en wit en swart kan met degenerasie vereenselwig word. Daarbenewens kan 'n enkele woord of frase terugverwys na dieselfde woord (*myrtites > myrtus*) of frase in die voorafgaande om baie subtiel 'n bykomende betekenis of nuanse te beklemtoon, inderdaad 'n bewys van die veelvlakkigheid van Vergilius se poësie.

Retrospektief wil dit voorkom asof die oorsigtelike indruk van hierdie boek 'n geweldige kontras van kleure is: Die digter open met die baie subtiële gebruik van wit en groen waartoe die adjektief, *laetus* (van die aarde) ruimskoots bydra. Hierdie kleurpaar kom veral in afdelings A en B voor en is slegs twee keer vervleg met beskrywings waarvoor terme vir swart gebruik word: Giftige (swart) slange en swart *amurca* is immers verontrustend. In die volgende afdeling C oorheers die goue kleur van ryp graan en veral die uitbeelding van die hemelse sfeer – veral die son, maan en sterre – wat ook met glansrykheid uitgebeeld word. In die epiloog word die leser met die skrikwekkende werklikheid van oorlogsgeweld gekonfronteer: *saevit toto Mars impius orbe* (511). Aldus word die boek afgesluit en talm die verontrustend uitbeelding vir lank voor die leser se geestesoog.



6.2 GEORGICON 2

6.2.1 Agtergrond

Die openingsreël van hierdie boek (*hactenus arborum cultus et sidera caeli* [‘tot hiertoe van akkerbou en die sterre van die hemel’]) verwys na die onderwerpe van Boek 1, waarskynlik om die nou verband tussen boeke 1 en 2 te beklemtoon.⁸⁸⁶ In die *prooemium* (1-8) word die invokasie tot ’n enkele godheid, Bacchus, gerig wat implisiet met die wingerdstok vereenselwig word⁸⁸⁷ en waarby jong woudbome en vrugdraende bome soos die stadiggroeiende olyf ook ingesluit word (2-3: *nunc te Bacche, canam, nec non*⁸⁸⁸ *silvestria tecum / virgulta et prolem tarde crescentis olivae*).

Soos in *Georgicon* 1, kom daar ook in hierdie boek twee omvattende tegniese temas voor, hoewel die struktuur daarvan komplekser is: Die eerste tema (9-258) fokus op ‘verskeidenheid’ (9: *varia est*, voorts *variatio*) wat as *leitmotief* betrekking het op verskeidenheid, dié van boomspecies, vrugtesoorte, lande met hul onderskeie produkte en verskillende tipes grond, met die *laudes Italiae* (136-76) ingeslote. Met *labor* as tweede tema (259-419) word die aanplant en versorging van die wingerd, olyfbome en ander plantsoorte uiteengesit, waarmee die *laus veris* (323-45) vervleg word. Hierop keer Vergilius terug na *variatio* wat as herhalende tema kortliks in etlike reëls (420-53) uitgebrei word, soos ook *labor* wat as tema herhaal word (458-540) om die suksesvolle toepassing daarvan te beklemtoon.⁸⁸⁹ In die epiloog (541-42) word die digter se taak metafories uitgebeeld (sien Servius *ad loc.*) as die skuimbeswete perde uitgespan word wat as kontras dien vir die voortsnellende perde in die slotreëls van Boek 1.

In *Georgicon* 1 span natuurkragte saam om die mens se harde werk te vernietig; in *Georgicon* 2 word *labor* suksesvol aangewend, hoewel sodanige sukses gekwalifiseer is. Dit is die aard of kwaliteit van hierdie sukses en die gewenstheid van die produkte wat *labor* oplewer wat bevraagteken word (vgl. Thomas 1988a:19-21). Die landbouer word voor ’n keuse gestel: Óf *natura* kan aan haarself oorgelaat word wat degenerasie tot gevolg het (59: *pomaque degenerant*, ook as herhalende tema in Boek 1), óf *labor* kan met mag en mening deur die landbouer afgedwing word. Dán word verpersoonlikte plante aan die mens se wil onderdanig gestel (61-62: *scilicet omnibus est labor impendendus, et omnes / cogendae in sulcum ac multa mercede domandae*), soveel so dat die ordelike aanplanting met ’n militêre

⁸⁸⁶ Die bywoord *hactenus* waarmee Boek 2 open, dui op ’n onvoltooide handeling wat nog voortgesit moet word. Dit verwys na die onderwerpe van Boek 1 – akkerbou en natuurkragte – wat as inleiding dien tot die bespreking van bome en die wingerdstok wat in *Georgicon* 2 volg.

⁸⁸⁷ Bacchus verkry die Romeinse naam *Liber* in *Geor.* 1.7 en, met die invokasie in hierdie vers uitgesonder, dui die eienaam *Bacchus* (in 240 en verder) metafories op die wynstok. Die godheid se rol as beskermheilige van vrugtebome word geensins eksplisiet vermeld in reëls 426-28, 516 en 521 nie (vgl. Mynors 1990:100 n.2-3).

⁸⁸⁸ Volgens Ross (1987:96) beklemtoon die litotes *nec non* die onderskeid tussen gekweekte bome (met die wynstok ingeslote) wat bruikbaar en produktief is en die onproduktiewe bosbome (soos die olm) wat deur Servius foutiewelik met *virgulta* vereenselwig word as *infecundae arbores*. Daarenteen hoef die *nec non* geensins so ’n beklemtoning van die onderskeid te wees as wat Ross voorstel nie. Die digter onderskei hier eerder tussen jong woudbome (*silvestria virgulta*) en dié wat vrugte dra, soos die olyf en die wingerdstok.

⁸⁸⁹ Hoewel hierdie teksgedeelte tradisioneel as ’n digressie – die sogenaamde *laus vitae rusticae* – beskou word, is dit sinvol om dit eerder as ’n voortsetting van die tema van *labor* (soos ook dié van *variatio*) aan te dui.

beeld geïllustreer word (277-87).⁸⁹⁰ Die mens se gewelddadige metodes waarvoor enting as metafoor ingespan word, het die transformasie en selfs die misvorming van die natuur tot gevolg. Hierdie tegniese gedeelte word met die sogenaamde *vituperatio vitis*⁸⁹¹ (454-57) afgesluit wat die lof op Bacchus kwalifiseer: Hoewel wingerdbou suksesvol kan wees, is die produk van die wynstok vir geweld en onmin verantwoordelik en dus moreel onaanvaarbaar. Die digter se verwysing na die suksesvolle toepassing van *labor* (458-540) en die landbouer se betrokkenheid daarby, dui op 'n doelbewuste invokasie aan die Saturniese of goue era.

6.2.2 Skematiese verdeling en struktuur

A. 1-8: *Prooemium* (die invokasie aan Bacchus)

B (1). 9-258: *Variatio* (1)⁸⁹²

- a. 9-34: Verskillende metodes van voortplanting (*natura* en *usus*):
 - i. 9-21: Perikoop A1: Natuurlike voortplanting in afdelings α , β en γ
 - ii. 22-34: Perikoop B1: Die mens se tegnieke
- b. 35-46: Opdrag aan landbouers; invokasie aan Maecenas
- c. 47-82:
 - i. 47-60 (~=9-21): Perikoop A2: natuurlike voortplanting (47: *sponte sua*) in wisselende afdelings α , γ en β
 - ii. 61-82 (~=22-34): Perikoop B2: die mens se tegnieke herhaal
- d. 83-108: Verskeidenheid van olyf- en vrugtebome, veral die wingerdstok
- e. 109-76: Verskeidenheid van lande met hul produkte
 - i. 109-35: Plaaslike en eksotiese lande se produkte
 - ii. 136-76: *Digressie α : laudes Italiae*
- f. 177-258: Verskeidenheid van grondtipes
 - i. 177-225: Drie aspekte van grond
 - ii. 226-58: Metodes om grondsoorte te identifiseer

C (1). 259-419: Labor: die wingerd

- a. 259-97: Vestiging van die wingerd
- b. 298-345:
 - i. 298-314: Voorskrifte; die woud in vlamme
 - ii. 315-45: Planttyd in die lente; 323-45: *Digressie β : laus veris*
- c. 346-419: Instandhouding van jong plante en hantering van hitte, koue en peste

B (2). 420-57: Variatio (as herhalende tema)

- a. 420-53: Die olyfboom en verskeie ander bome

⁸⁹⁰ Die wingerd moet volgens 'n spesifieke patroon aangeplant word (277-78: *...in unguem / ... secto via limite quadret* ['... laat die laan 'n presiese reghoek vorm met die kruislaan wat dit sny']) wat ooreenstem met 'n militêre *quincunx* waarna Cicero, *Sen.* 59 en Varro, *R.R.* 1.7.2 ook verwys.

⁸⁹¹ Die frase *vituperatio vitis* is 'n term deur Servius *ad* 454 geskep (vgl. Thomas 1988a:242 n.454-7).

⁸⁹² Verfynings van hierdie indeling is legio, onder andere wys Thomas (1988a:12) op die struktuur van die afdeling in reëls 9-108 wat noukeurig beplan is: Tegniese paragrawe van ses-en-twintig reëls elk (9-34, 47-72, 83-108) word onderskeidelik afgewissel met gedeeltes van agt reëls (1-8), twaalf reëls (35-46) en tien reëls (73-82). Die verdeling wat hier gevolg word, verskil egter in afdeling B (1).c: *variatio*: reëls 47-60 dui op natuurlike voortplanting en reëls 61-82 dui op die mens se metodes.

b. 454-57: Die wynstok: *vituperatio vitis*

C (2). 458-540: *Labor* (as herhalende tema) **suksevol ingespan**

Die platteland versus die stad, die digter se voorkeure en die gelukkige man se ideale lewe

D. 541-42: Epiloog: Die uitgeputte perde word oplaas uitgespan.

6.2.3 Verspreiding en opeenvolging van kleurwoorde

Kleurterme kom altesaam dertig keer voor, met slegs 'n enkele term wat genuanseerd in Boek 2 voorkom en daarom onderstreep word.

In afdeling A (8 reëls): geen kleurwoord

In afdeling B (1) (250 reëls): (reël 13) *glaucus* en *canens*, (21) *vireo*; (34) *rubesco*; (71) *incanescio* en *albus*; (91) *albus*, (95) *purpureus*; (116) *niger*, (120) *canens*, (130) *ater*; (146) *albus*; (199) *niveus*, (203 en 214) *niger*, (219) *viridis*; (255) *niger*, (257) *piceus* en (258) *niger*;

In afdeling C (1) (161 reëls): (308) *ater*, (309) *piceus*, (313) *reviresco*, (319) *rubens*, (320) *candidus*; (376) *canus*;

In afdeling B (2) (38 reëls): (430) *sanguineus* en *rubeo*;

In afdeling C (2) (83 reëls): (465) *albus*, (495) *purpura*, (538) *aureus*; en

In die epiloog D (2 reëls): geen kleurwoord.

Kleurwoorde vir 'wit' sluit *canēre*, *incanescio* en *canus* in, asook *albus*, *niveus* en *candidus* wat altesaam tien keer eksplisiet gebruik word. In die 'swart' groepering kom *niger*, *ater* en *piceus* voor wat nege keer gebruik word, met 'n opvallende sewe keer vanaf reëls 203 tot 309. Oorsigtelik kom dit voor asof terme vir 'wit' en 'swart' in afdeling B (1) oorheers. Kleurterme in die geel-en-rooi groepering – *rubesco*, *purpureus*, *sanguineus*, *rubeo*, *purpura* en *aureus* – kom aanvanklik sporadies voor, maar figureer dan veral met die grootste konsentrasie in afdelings B (2) en C (2), ook met die naamwoord *ostrum* (506) wat implisiet met purper verbind word. Die wydduidende kleurwoord *glaucus*, asook *vireo*, *viridis* en *reviresco* uit die blou-en-groen groepering word elk net een keer gebruik.

Die adjektief, *lacteus*, kan implisiet op ('n melkerige) 'wit' dui, terwyl die werkwoord *frondeo* (15 en 119) en die adjektiewe *herbosus* (199) en *fertilis* (252) implisiet met 'groen' vereenselwig kan word.

Vergilius gebruik die adjektief *laetus* ook in Boek 2, hoewel veel minder as in Boek 1. Dit kom voor in reëls 48 en 221, ook die superlatief *laetissimus* (112) en *laetior* (252), wat, hoewel nie implisiet kleuraanduidend nie, telkens met die afgeleide betekenis 'geil' of 'welig' (met die subtile suggestie van 'groen') vereenselwig kan word.

6.2.4 Analise van kleurgebruik

In hierdie perikope word beide die chromatiese en achromatiese implikasies (waar van toepassing) aangedui.

A. 1-8: Die *prooemium* van Boek 2

Vergilius open hierdie boek met 'n subtiele verwysing na kleur wat, hoewel implisiet, as treffende kleureffek die leser kan bybly. Hoewel geen kleurterm eksplisiet voorkom nie, kan 'n beskrywing van die wingerd in herfstyd (5: ... *pampineo gravidus autumnno*) najaarskleure voor die leser se geestesoog oproep wat geel, oranje, goudbruin, selfs roesrooi en helderrooi, insluit. Bykomend is daar die kleurimplikasie van purper of donkerrooi met die verwysing na die ongegist druiwesap wat die trappers se kaal bene vlek (7-8: ... *musto | tinge* ...). Hoewel hierdie uitbeelding van die herfs se vrolike wynfees nie so skerp in fokus is nie, is die kontras met die beklemmende atmosfeer waarmee Boek 1 eindig, tog opvallend.

B (1). 9-258: *Variatio*

a. 9-34: Verskillende metodes van voortplanting

i. 9-21: Perikoop A1: natuurlike voortplanting

(13: *glaucus* en *canens*; 21: *vireo*)

Die woord *natura*⁸⁹³ (9 en 20) omraam hierdie afdeling wat oor die natuurlike metode van voortplanting handel en wat ook tautologies met die woorde *ipsae* (10) en *sponte sua* (11) omskryf word. Natuurlike metodes kom in drie groeperings voor wat oor dertien reëls strek, waarvan slegs ('groep α' se) *salicta* ('n groep rivierwilgers) planmatig met twee direk-openvolgende kleurwoorde in reël 13 voorkom: *glauca* (wat *fronde* bepaal) en die teenwoordige deelwoord *canentia* wat met *salicta* kongruer. Die algehele kleurindruk is 'gryserig' aangesien die geheelbeeld (moontlik van 'n afstand gesien) ligter vertoon as die blaar wat van nader beskou met *glauca* se grys-groen uitgebeeld word.

In reëls 14-16 ('groep β') word akkerdraende bome beskryf wat groei van akkers wat op 'n natuurlike wyse afval.⁸⁹⁴ Al hierdie bome het groot, donkergroen blare, maar slegs *aesculus*, wat ter ere van Jupiter die indrukwekkendste vertoon, word met die skaars woord *frondeo* (15) verbind. Die primêre betekenis van hierdie werkwoord is 'om blaarryk te wees' wat implisiet op groen kan dui. Hoewel die term nie die presiese donker skakering van die blare vasvat nie, beklemtoon Vergilius tog die kontras tussen die sagte vaal- of grys-groen blaarkleur van die wilgers en die ruie donkergroen van die wintereik.

⁸⁹³ Anders as Theophrastos, *H.P.* 2.1.1 se gebruik van die woord φυσικός ('deur die natuur voortgebring,' 'natuurlik'), hou die woord *natura* vir Vergilius 'n meer omvangryke betekenis in wat só belangrik is dat dit hier herhaal moet word (vgl. Thomas 1988a:157 n.9).

⁸⁹⁴ Die natuur se krag word geopenbaar in die wonder dat kastaiings en majestueuse eike uit 'n nietige saadjie kan ontwikkel (vgl. Miles 1980:112).

Geen kleurwoord bepaal ('groep γ ' se) kersie (*cerasus*), die olm (*ulmus*) en die lourier (*laurus*) in reëls 17-19 nie wat almal digte uitloopsels vanuit die wortel vorm (17: *pullulat ab radice aliis densissima silva*). Tóg is die assosiasie van skaduwee en donkerte met die woorde *densissima* en *umbra* (19) verontrustend, aangesien die digter reeds in 1.157 gewaarsku het dat skaduwee die hardwerkende landbouer onophoudelik teister.

Die sobere didaktiese aard van hierdie drie groepeerings word egter subtiel verryk: Met die frase *flumina late* (11: 'groep α ') beweeg die leser se geestesoog horisontaal oor hierdie wyd-kronkelende (12: *curva*) rivier. Vervolgens dwing die adjektiewe, *altae* en *maxima* (14 en 15: 'groep β '), versterk met die verwysing na *Iovi* (15), die geestesoog na bo om met die frase *ab radice* (17: 'groep γ ') weer na onder te daal. In reël 19 word die uitbeelding in miniatuur herhaal: *parva sub ingenti matris subicit* ... Die opslagboompie word ook met die gepersonifieerde moederboom (*matris*) gekontrasteer wat simpatie ontlok, ook in die lig van die ekstreme metodes waarmee die mens groei bewerkstellig.

In reël 21 volg daar 'n terugblik op die voorafgaande drie afdelings met die enkele kleurwerkwoord *viret*: Die voorkoms van alle bos-en vrugtebome is eksplisiet groen, ook dié wat as heilig beskou word.

ii. 22-34: Perikoop B1: die mens se tegnieke

(34: *rubesco*)

In die volgende dertien reëls beskryf Vergilius vyf van die mens (28: *putator*) se metodes wat ook enting en okulering insluit. Geen kleurwoord bepaal die peerbome wat nou geënte appels dra nie (33-34: ... *mutatamque insita mala | ferre pirum* ...), hoewel 'n beeld van helderrooi appels onwillekeurig by die leser kan opkom. Hierdie kleurindruk (32: *saepe ... videmus*) word verder deur die besondere kleurwaarde van die *verbum inceptivum*, *rubescere*, in reël 34 versterk: ... *et prunis lapidosa rubescere corna* ('... en grootpit kornoelies word rooi aan pruimbome').⁸⁹⁵ Hoewel die suksesvolle enting van kornoelie op pruim in realiteit onmoontlik is,⁸⁹⁶ is die digter slegs begaan oor 'n treffende visuele uitbeelding: Die helderrooi kleurwaarde van kornoelies is immers opvallender as die rooi kleur van pruime.

In afdeling b. 35-46 (opdrag aan die landbouers en invokasie aan Maecenas) kom daar geen kleurwoord voor nie.

c. 47-82: Verskillende metodes

i. 47-60 (~9-21): Perikoop A2: natuurlike voortplanting herhaal (α , γ en β wisselend)

In hierdie gedeelte kom daar geen eksplisiete kleuruitbeelding voor nie en kleur is hier dus van min belang. Die twee perikope (A1 en A2) word ringkomposisioneel verbind met *natura* (9 en 20, herhaal

⁸⁹⁵ Mynors (1990:105 n.32-4) verwys na Heyne se vertaling van reël 34b ('grootpit kornoelies word rooi met pruime') wat ook deur Page (1968:246 n.34) weerlê word.

⁸⁹⁶ Kortliks kom dit daarop neer dat kultivars van dieselfde spesie onverenigbaar is, terwyl suksesvolle entings tussen verskillende *genera* moontlik is. Een feit bly onveranderd: Die onderstam en entloot moet van dieselfde familie wees. sien voetnoot 149.

in 49), *sponte sua* (11 en 47, telkens in die beklemtoonde aanvangsposisie van die onderskeie reëls), *surgunt* (in 14 en 48) en *matris* (19 en 55). Ook verbind *umbram* (58) hierdie perikoop met perikoop A1 (19: *umbra*) om die fokus op natuurlike degenerasie te plaas.

Vanweë die inherente krag in die aarde, groei bome natuurlik en spontaan na die lig (47: ... *luminis oras*)⁸⁹⁷ en hoewel hulle welig (48: *laeta*) en gehard (*fortia*) voorkom, is hulle onvrugbaar (48: *infecunda*). Die geleidelike degenerasie in die natuur word beklemtoon deur die kontras tussen lig (47: *luminis*) wat vir groei onontbeerlik is, terwyl donkerte en skaduwee (55: *opacant*; 58: *umbram*) groei belemmer. Hierdie kontras van lig en donkerte kan vereenselwig word met Boek 1 se kontras van wit en swart wat ook met degenerasie verband hou.

ii. 61-82 (~=22-34): Perikoop B2: die mens se tegnieke herhaal

(71: *incanescio* en *albus*)

Die tegnieke wat die landbouer vir die kweking van plante en bome toepas, word met mag en mening afgedwing en die beskrywing daarvan word asof met ritmiese slae deur drie *gerundiva* in reëls 61-62 weergegee: *impendingus ... | cogendae ... domandae*.⁸⁹⁸ As voorbeeld van die landbouer se sukses hou Vergilius die aarbeiboom⁸⁹⁹ voor wat met 'n okkerneutloot geënt word (69: ... *fetu nucis arbutus horrida*). Die woord *fetu* roep die okkerneutboom van 1.187-88 in herinnering wat aanskoulik en veral op 'n natuurlike wyse in die woud met geurige bloeisels oortrek is: ... *nux plurima silvis | induet in florem ...* Die implisiete wit voorkoms van die boom dien as onfeilbare *signum* van 'n goeie oes, maar in kontras ent die landbouer nou die okkerneutloot op die ruie aarbeiboom wat die onnatuurlike praktyk beklemtoon.

Tog lewer entingstegnieke 'n aanskoulike voorbeeld op: 'n Esseboom is oortrek met spierwit peerbloeisels (71-72: ... *ornusque incanuit albo | flore piri ...*). Die oënskynlike sukses wat die mens met sy metodes en tegnieke behaal, kan as 'n miskenning van Jupiter se gawe gesien word. In reël 71 kom beide *incanescio* en *albus* voor, twee direk-opevolgende kleurwoorde vir 'n enkele kleur wat op dieselfde voorwerp dui, 'n enigste sodanige uitbeelding in hierdie boek.⁹⁰⁰ 'n Oënskynlik oordadige beskrywing soos dié het wel 'n literêre doel: 'n Tweede term vir wit verskaf 'n bykomende nuanse wat die hele frase beklemtoon en verryk (vgl. Smyth 1975:681), sodat die leser as't ware gedwing word om langer op die gedagte te talm.

Die beklemtoning van 'wit peerbloeisels' lok die leser ook om te onthou dat, volgens die digter, 'n pruimboom *rooi* geënte kornoelies kan dra (34). Hierdie kleurpaar van wit-en-rooi is planmatig

⁸⁹⁷ Die frase *luminis oras* verwys (waarskynlik) terug na Ennius, *Ann.* I.109 (114).lxi (Skutsch). Volgens Page (1968:248 n.47, met verwysing na Munro) dui hierdie frase in Lucretius, *D.R.N.* 1.22 op die dun skeidslyn tussen lig en donkerte.

⁸⁹⁸ Die effek van die ordelike aanplanting word met 'n militêre beeld geïllustreer in reëls 277-87. Sien ook voetnoot 893.

⁸⁹⁹ Die Afrikaanse benaming, 'aarbeiboom,' dui op die *Arbutus unedo* (κόμαρος in Theophrastos, *H.P.* 3.16.4), 'n immergroen struik of kleinerige boom wat veral in Medittereense gebiede voorkom. Die naam is ontleen aan die boom se rooi vruggies wat soos klein aarbeie lyk, maar wat nie vir menslike gebruik geskik is nie. Volgens Plinius Maior, *Nat.* 15.99 sal iemand slegs een vruggie eet (*unum edo*), maar dit word wel deur vee benut, soos aangedui in *Geor.* 2.520 (vgl. Mynors 1990:109 n.69).

⁹⁰⁰ 'n Soortgelyke voorbeeld is *glauca canentia* in reël 13, hoewel die twee direk-opevolgende terme nie dieselfde kleur bepaal nie.

bewerkstellig deur die onderliggende struktuur van die twee perikope om as *adynata* tematies die onaanvaarbaarheid van hierdie entingstegnieke te beklemtoon. Ook dien die peerboom as voorbeeld van die mens se sinnelose tegnieke: In reëls 33-34 (perikoop B1) dui die beskrywing op 'n peerboom wat geënte appels dra, maar in reëls 71-72 (perikoop B2) word 'n esseboom voorgedou wat nou peerbloeisels voortbring. 'n Boom wat *verstom* sy 'nuwe' voorkoms aanskou (81-82: ... *arbos / miratastque novas frondes et non sua poma*), dui geensins op 'n suksesvolle eindproduk nie, aangesien hierdie boom nou sonder sy natuurlike identiteit is (vgl. Kronenberg 2000:351). Die sleutelwoord hier is die werkwoord *miratast* wat nie as 'verwondering' geïnterpreteer moet word nie, maar eerder as 'verstomming' of 'absolute verbasing' (sien Ross 1987:108-9).

d. 83-108: Verskeidenheid van bome: olyf- en vrugtebome, veral die wingerdstok

(91: *albus* en 95: *purpureus*)

As beklemtoning van die tema van *variatio* word die geografiese herkoms van verskillende vrugte uiteengesit (83-88) met 'n gedetailleerde fokus op druiwe, die wingerdstok en verskillende wynsoorte (89-102). Die landbouer, volvoerder van hierdie groot verskeidenheid met die aanwending van *labor* en *experientia*, is oënskynlik die seëvierende meester. Tog word nie die mens se lof nie, maar eerder dié van die druif en die wingerdstok besing.

Die volgende ses-en-twintig reëls is planmatig gekonstrueer met 'n seleksie van vyftien verskillende druif- en wynsoorte. Hoewel Plinius Maior, *Nat.* 14.80 na vier kleure wyn verwys wat aan die Romeine bekend was – 'wit' (*albus*), 'goudbruin' of 'amberkleurig' (*fulvus*), 'bloedrooi' (*sanguineus*) en 'donkerrooi' (*niger*) – is dit opvallend dat Vergilius geensins die kleur van enige wyn beskryf nie, maar dit implisiet met die kleure wit en rooi voorhou. Eksplisiete kleurbeskrywing kom slegs voor in reël 91 met *albae* (met verswyging van die naamwoord *vites*) van 'n Egiptiese wingerdstok wat 'n soet, wit druif oplewer (vgl. Page 1968:252 n.91) en in reël 95 kom *purpureae*⁹⁰¹ (95) voor van 'n variëteit met *donkerrooi* korrels (*OLD*; Columella 3.2). Hierdie eksplisiete verwysing na wit en donkerrooi word as kleureffek subtiel verder uitgebou met (die leser se kennis van) die kleure van die verskillende soorte wyn wat *seriatim* behandel en implisiet betrek word. Die leser se geestesoog duisel met dié vinnige opeenvolging van kleurekontraste (met eksplisiete kleure in vetdruk aangedui). Griekse en uitheemse wyne sluit in:

kleur onbekend	(<i>palmes Methymnaeus</i> van Lesbos in 90)
donkerrooi	(<i>vites Thasiae</i> in 91)
wit	([<i>vites</i>] <i>Mareotides albae</i> in 91)
rooi	(die Griekse [<i>vitis</i>] <i>Psithia</i> in 93)
kleur onbekend	(<i>tenuis Lageos</i> , 'n ligte Griekse wyn in 93).

Italiaanse soorte sluit in:

donkerrooi	([<i>uvae</i>] <i>purpureae</i> in 95)
rooi	(<i>praeciae/preciae/pretiae</i> -variëteite in 95)

⁹⁰¹ Die kleur purper is in die Oudheid as een van die rooi skakerings beskou, al lê dit in die waarneembare skakerings van die reënboog aan die teenoorgestelde kant van die ligspektrum, soos hierbo in Hoofstuk 1 uiteengesit.

wit	([vitis] <i>Rhaetica</i> in 96)
wit	(<i>Falernae cellae</i> in 96)
wit	(<i>Aminneae vites, firmissima vina</i> in 97).

Weer Griekse wynsoorte:

wit	(wyne van Berg Tmolus in Chios in 98)
wit	(<i>rex Phanaeus</i> in 98)
wit	(<i>Argitis minor</i> in 99)
rooi	(<i>Rhodia [uva]</i> in 102)
wit	(<i>Bumastus tumidis racemis</i> in 102).

In die voorafgaande beklemtoon Vergilius planmatig en eksplisiet uitsluitlik die *natuurlike* kleure wit (*albae*) en rooi (*purpureae*), terwyl hy met sy fyn seleksie tog implisiet die wit en donkerrooi/rooi van verskillende wyne kontrasteer en beklemtoon. Vergilius fokus nie op die sukses wat met wynbou behaal is nie (dus *variatio*), maar op die eindproduk (*dona*) waarvan die misbruik gekwalifiseer word as moreel onaanvaarbaar. Aangesien wit-en-rooi as kleurpaar reeds op die sinneloosheid van die mens se entingsmetodes dui, word hierdie kleurkontras nou ook verder uitgebrei om die onaanvaarbare misbruik van en vergrype aan wyn te beklemtoon. Gevolglik moet die leser wingerd- en wynbou in gedagte hou wanneer hierdie kombinasie van kleure weer in hierdie boek opduik.

e. 109-76: Verskeidenheid van lande met hul produkte

i. 109-35: Plaaslike en eksotiese lande se produkte

(116: *niger*, 120: *canens* en 130: *ater*)

Nou volg 'n interessante nuwe kleur-*nexus*, weer in ses-en-twintig reëls. Die *dictum* van reël 109 (*nec vero terrae ferre omnes omnia possunt* [‘alle grond kan nie alles dra nie’]) word met 'n paar plaaslike voorbeelde geïllustreer. Die superlatief, *laetissima* (112), bepaal die frase *litora myrtetis* wat implisiet op 'n baie welige en blink groen dui.⁹⁰² Die woord *myrtetis* (van *myrtetum*, -i, n. eerder as *myrteta*, -ae, f. ‘mirtebos’) kan terugskouend die frase *cruenta que myrta* in 1.306 oproep wat met *vinum murteum* of *myrtites* (‘mirtewyn’) verband hou. Dit verklaar waarskynlik die verwysing na *Bacchus* (‘die wynstok’) in die direk-opeenvolgende reël (2.113) wat planmatig 'n terugblik op die onderwerp van die vorige afdeling kan wees. Die verbintenis met geweld word op 'n subtiele wyse aangeroeer wat ook in reël 447 herhaal word met die verwysing na spießskagte wat van die mirt verkry word (*myrtus validis hastilibus*) wat dus implisiet op geweld en wapenstryd dui. Weer eens word die woord *myrto* van die mirt-omkransde hoof van Caesar (1.28: ... *cingens materna tempora myrto*) in herinnering geroep.

Vervolgens verskuif die digter sy blik (114: *aspice*) na die Ooste en die Noorde. Net soos verskillende volkere elkeen 'n eie land bewoon, só het elke boom ook 'n eie vaderland (116: *divisae arboribus patriae*) met eiesoortige produkte. Twee terme vir ‘swart’ kom nou vir die eerste keer voor: *Nigrum* bepaal ebbehout (116) en is bloot beskrywend van die blink, swart voorkoms daarvan, terwyl

⁹⁰²Die groen skakering wat met die mirteboom vereenselwig word, dui volgens die *OLD* s.v. *myrteolus* op 'n baie besondere ‘mirtgroen,’ dit wil sê, 'n blink heldergroen.

atra (130) wat met *venena* kongrueer, genuanseerd 'n giftige brousel bepaal, waarvoor die Mede suurlemoensap as kuur gebruik. Tussen hierdie twee kleurwoorde kom daar wel weer 'n uitbeelding met groen en wit voor. 'n Verweefde tema word deur *frondens* (119) ingelei wat in hierdie konteks implisiet op die groen voorkoms van die akasia (*acanthus*)⁹⁰³ dui. In die volgende reël 120 is *canentia* geplaas, 'n term vir 'afwit' wat, in kontras met die spierwit kleur van wol (eers later in reël 465 van hierdie boek: *alba ... lana*), die afwit kleur van Etiopiese katoen bepaal⁹⁰⁴ – laasgenoemde opnuut 'n geval van Vergilius wat duidelik tussen skakerings onderskei. Soos in Boek 1, kan wit en groen hier op 'n vrugbare bodem se welige groei – selfs implisiete rustigheid – dui, aangesien nie eers stormwinde die suurlemoenboom se blare en bloeisels verniel nie (133-34: ... *folia haud ullis labentia ventis*;| *flos ad prima tenax* ...). Hierdie beskrywing kontrasteer skerp met die slotreëls van die vorige gedeelte (106-8) wat oor wingerdbou handel en waarin daar na die vernietigende krag van die weste- en oostewinde verwys word. Daarteenoor het die subtiele ondertoon van onheil met 'n genuanseerde *atra* (130) tog 'n steurende konnotasie.

ii. 136-76 *Digressie α: Laudes Italiae*

(146: *albus*)

Kleurimplikasie is steeds subtiel. Vergilius open hierdie komplekse perikoop met 'n verdere verwysing na die natuurwonders van eksotiese lande (136-39, hoewel in omgekeerde volgorde van dié in 114-35, die Hermus uitgesluit) wat in kontras nie met dié van Italië kan meeding nie. Italië het geen vuurblasende bulle (*tauri*) en draaktande wat 'n krygeroes oplewer (140-42)⁹⁰⁵ nie, beide mites wat vér van Italië afgespeel het, en tog lewer hierdie vaderland ryk oeste van wyn, vet koringare, olywe en vrugbare kuddes (144: *armentaque laeta*). Met die anaforiese herhaling van *hinc* (145 en 146, verwysend na die vrugbare landskap wat hy so pas geloof het) keer die digter verrassend genoeg terug na die idee van geweld: Italië is teelaarde vir die oorlogsperd (145: *bellator equus*, die simbool van oorlog [vgl. Mynors 1990:121 n.145]) en kuddes van bulle wat op gewelddadige wyse offerdiere word (146-47: ... *maxima taurus | victima* ...).⁹⁰⁶ Die digter verras met die enkele kleurwoord, *albi* (146) wat die vlekkelose, perfekte wit voorkoms van offerbulle tipeer en juis daarom, ná die viering van

⁹⁰³ Soos in *Ecl.* 4.20 dui die woord *acanthus* op die boom *Acacia Arabica* (in Afrikaans, 'lekkerruikpeul') met die wetenskaplike naam *Vachellia nilotica*, voorheen bekend as *Acacia nilotica* subsp. *kraussiana* (vgl. Sargeant 1920:9; Poynton 1984:105, 141). Die blaarkleur kan wissel van donker- na liggroen wat die gebruik van *frondēre* verklaar, terwyl die woord *bacas* (119) moontlik op die peule dui waarin die sade soos krale lê. Aangesien die digter na die *bome* van eksotiese lande verwys (116), kan *acanthus* nie op die akant dui nie, 'n struik met groot, heldergroen gelobde blare (ook in *Ecl.* 3.45), waarvan die vorm dikwels as voorbeeld in antieke ornamente gedien het. Sien ook Page (1968:254 n.119) en Mynors (1990:117 n.118-19).

⁹⁰⁴ Met die kleurwoord *canens* onderskei die digter duidelik tussen die kleur van katoen (vgl. Page 1968:254 n.120 verwys na Herodotus 3.47 en 106: εἶρον ἀπὸ ζύλου) en dié van wol wat uitsluitlik met die kleurwoorde *albus*, *candidus* en *niveus* (in besondere gevalle) uitgebeeld word.

⁹⁰⁵ Die digter verwys hier na die mite van Jason wat in Kolchis aan die oostelike oewer van die Swartsee in opdrag van Aietes, maar met die hulp van sy dogter Medeia, vuur-ademende bulle inspan om die land om te ploeg. 'n Verdere opdrag was om 'n draak te dood en sy tande te saai wat as veggende krygers uit die grond verrys het. Dieselfde verhaal word van Kadmos, latere stigter van Thebe, vertel wat ook 'n draak moes doodmaak en sy tande saai, met soortgelyke gevolge. Albei het deur 'n klip na hulle te gooi, oorhand oor die vegters gekry.

⁹⁰⁶ Thomas (1988a:183 n.145) en Mynors (1990:121 n.146-8) lees reëls 146-47 as hendiadis, aangesien die alternatiewe vertaling 'wit troppe (skape) en bulle' in hierdie konteks onaanvaarbaar is.

triumftogte, as offerandes bestem is. Paradoksaal word die wit bulle dus kontrasterend met geweld en (by implikasie, die kleur van) bloed geassosieer, sodat daar patos vasgevang is in die enkele kleurwoord wat hier opnuut geweld in herinnering roep.

Vergilius wys verder op die wonders van Italië wat anafories met *bis* in reël 150 beklemtoon en herhaal word. Hier is ewigdurende lente (149: *ver*) wat by implikasie op die vrugbaarheid van die aarde dui: Bome dra twee keer vrugte, vee is twee keer dragtig en hier kom geen tiere, leeus of slange voor nie (151-54). In realiteit is hierdie uitbeelding (149-54) onwaar (vgl. Thomas 1988a:184 n.149), maar net soos met die digter se beskrywing van onmoontlike entingstegnieke, slaag hierdie ‘onjuiste uitbeeldings’ daarin om ook ’n steurende konnotasie by die leser te skep. Die digter bied weer iets buitengewoon aan: Hoewel Italië se vroeë geskiedenis mitologies geen ‘vuur en draaktande’ opgelewer het nie (142, slegs met eksotiese lande verbind), herstel Italië nou van ’n tydperk van geweld en oorlog. Metafories was daar wél ‘vuur en draaktande’ vir ’n lang tyd aan’t tier in die land, waarna *hinc* (145), *hinc* (146) en *hic* (149) verwys. Die ware toedrag van sake word dus wel realisties voorgestel met die digter se verwysing na die oorlogspersd en kuddes van wit bulle as offerdiere. Aldus vervaag die leser se ontlokte denkbeeld van welige groei by die herinnering aan die voorafgaande implikasie van geweld, ’n indruk wat versterk word deur die lees van die volgende: Italië se krygers.

Die digter se verwysing na Italië se voortreflike kryger-stamme en beroemde families (167-72) word direk voorafgegaan deur ’n beskrywing van Italië se minerale rykdom van silwer, brons en goud (165-66: ... *argenti rivos aerisque metalla* | ... *auro* ...), met *aurum* ’n woordweerklink van dieselfde naamwoord in reël 137 (... *auro turbidus Hermus* [‘... die Hermus, troebel van goudstof’]). Anders as die beskrywing van hierdie vreedsame land, is Italië vasgevang in oorlogsgeweld, vanwaar die verwysing na die land se minerale rykdom (waarskynlik bestem vir die smee van wapens) en die beroemde stamme en families wat kryger-generaals opgelewer het. ’n Direkte aanroep van Caesar (Octavianus) as die voortreflikste aanvoerder (170: ... *et te, maxime Caesar*) en veral die woord *victor* (171) dien as hoogtepunt van ’n opgestapelde reeks ‘wonders’ van die land. Tog word Vergilius se versugting na ’n vreedsame tydperk wat vereenselwig word met die ware era van Saturnus, onmiddellik hierna weer duidelik uitgespel in reëls 173-76: *salve, magna parens frugum* ... (met die weerklink van *fruges* in 143). Opvallend is hier ook geen eksplisiete verwysing na die goue era van Saturnus nie.

f. 177-258: Grondtipes

i. 177-225: Drie aspekte van grond

(199: *niveus*, 203 en 214: *niger* en 219: *viridis*)

Die digter identifiseer die verskillende grondtipes aan die hand van drie aspekte: grond se krag, kleur en natuurlike vermoë om produkte voort te bring. Aangesien die frases *quis color* (178) en *et quis cui color* (256) hierdie afdeling oor grondtipes (i en ii) omraam, is dit duidelik dat grondkleur vir die digter belangrik is, alhoewel die kleurimplikasie hier subtiel is.

Om kleur te verleen aan sy tegniese onderwerp, roep die digter eers die wêreld van sy jeug in Mantua herinnering wat hy met 'n lowerryke rivier(-oewer) en spierwit swane vereenselwig: *pascentem niveos herboso flumine cycnos* (199). Die frase *herboso flumine* dui implisiet op die subtiële groen kleur van welige gras wat opnuut die grond se vrugbare dravermoë verklap. Hierdie frase word ook visueel deur die woorde *niveos* en *cycnos* omraam om weer 'n wit-en-groen kleurpaar te skep. Die term *niveos* bepaal die suiwer, vlekkelose wit van die swane soos dit skerp in die digter se herinneringe vasgevang is, maar tog word hierdie idilliese beeld vertroebel en die nostalgiese verwysing verdonker: Daar is geen eksplisiete kleurwoord vir 'groen' gebruik nie, sodat die fokus hier eerder genuanseerd op meelewing val, waartoe die woorde *infelix amisit* (198) ryklik bydra.

Wat grondkleur betref, word die leser se kleurverwagting hier omvergewerp, aangesien Vergilius slegs met 'n enkele voorbeeld eksplisiet daarna verwys: *Nigra* (203) bepaal donker, krummelrig grond wat na bewerking met 'n ploegskaar (*vomere* herhaal in 203 en 211) veral vir koring geskik is. Met die herhaling van *nigris* in reël 214, word die leser se kleurdenke nou in 'n onheilspellende rigting gestoot: Die term bepaal nie grondkleur nie, maar blinkswart waterslange (214: *nigris ... chelydris*) wat hul tuiste in droë tufa en kleisteen maak, 'n uitbeelding wat steurend en ongewoon voorkom. 'n Verdere kontras met *viridi* (219) wat eksplisiet van gras gebruik word, ontlont vir 'n wyle die onsekerheid om met ringkomposisionele terugblik selfs kleur aan *herboso* (199) en *laetis* (221) te verleen.

ii. 226-58: Metodes om grondsoorte te identifiseer

(255: *niger*, 257: *piceus* en 258: *niger*)

Vir meer as dertig reëls kom daar weer geen kleurwoorde voor nie met slegs die wasigheid van 'n herinnering aan 'n implisiete groen wat beide die adjektiewe *laetior* en *fertilis* (beide in 252) helderder vasvat. In reëls 255-58 keer Vergilius weer terug na die identifisering van verskillende tipes grond, nou met die uitsonderlike gebruik van drie kleurwoorde vir swart wat in slegs vier reëls voorkom: *nigram* in reël 255, *nigrae* in reël 258 telkens in die laaste versvoet, met *piceae* daartussen in reël 257. 'Swart' grond, sê die digter in reël 255, kan nou maklik met die oë uitgeken word en met die inherente donker krag van die Italiaanse bodem vereenselwig word. Tog dui die twee donkerkleurige plantsoorte op die 'ramspoedige' (*sceleratum*) koue grond wat moeiliker is om op te spoor, hoewel die voorkoms van sekere plante soos pikdenne (255: *piceae*) en donker klimop (258: *hederae ... nigrae*) hierdie tipe grond kan aandui. Ook verwys die digter na skadelike taksisbome (257: *taxi nocentes*) wat in aansluiting by die aspek van donker kleur moontlik 'n omineuse nuanse kan weergee, al is Mynors (1990:132) van mening dat die donker kleurwaardes dreigender voorkom as wat dit in werklikheid is. Soos altyd, het Vergilius se kleuraanwysings eindelose implikasies wat die leser tot nadenke stem.

C (1). 259-419: Labor: die wingerd

a. 259-97: Vestiging van die wingerd

In hierdie teksgedeelte kom daar geen kleurbeskrywings voor nie. Soos in Boek 1 is dit ook hier duidelik

dat die digter weer eens iets treffends beplan. Die vergelyking van 'n noukeurig beplande wingerd met 'n legioen waarvan die kohorte in lang rye ontplooi word (279-83), skep die onderliggende indruk dat boomteelt geweld van die mens teenoor die natuur behels wat subtiel tot die onrus bydra: ... *sed dubius mediis Mars errat in armis*.

b.i. 298-314: Voorskrifte vir die plant van die wingerd; die woud in vlamme
(308: *ater* 309: *piceus*, 313: *reviresco*)

Nalatige herders het 'n brand (303-14) veroorsaak wat die woud geheel en al vernietig met die vlamme wat as oorwinnaar – *victor* (307) – oor die hoë boomkruine heers. Eers in reël 308, wanneer alles reeds verbrand is, bepaal die adjektief, *atram*, die rookwolk wat in die lug opwarrel, chromaties 'swart' of 'donker,' maar eerder emotief 'skrikwekkend,' 'verwoestend'. In die volgende reël volg *picea* met die betekenis 'pikswart,' die mees intense en versadigste vorm van swart wat die effek van die brand saamvat as so vernietigend dat daar geen latente, natuurlike groeikrag in boomstamme oor is nie. As beklemtoning hiervan gebruik Vergilius *revirescere* (313) wat deurentyd op die aarde se inherente vrugbaarheid dui, maar nou kragteloos is. Al wat die brand oorleef is die onvrugbare en nuttelose *oleaster* (314) met sy bitter blare. Opvallend hier is die enkele woord *victor* van die brand wat seëvierend oor die boomtoppe heers ... dieselfde woord wat van Caesar gebruik word in reël 171.

b.ii. 315-45: Planttyd in die lente; *Digressie β: Laus veris* (323-45)
(319: *rubens* en 320: *candidus*)

Vervolgens word die spanning vir 'n wyle ontlaai. In 'n geweldige kontras verwys Vergilius na die lente wat die mees geskikte tyd is om die wingerd aan te plant. Hierdie seisoen is 'blosend rooi' van al die blomme (319: *vere rubenti*) wanneer die 'wit voël' (320: *candida ... avis*) sy opwagting maak. Die frase *vere rubenti* word nie metonimies van alle lentebloem se kleure ingespan nie en skep doelbewus 'n wit-en-rooi kleurpaar wat tematies op die misbruik van wyn dui.

Verrassend genoeg is daar geen kleurwoorde in die volgende drie-en-twintig reëls wat die lente vier nie. Nietemin bly die werkwoord *revirescere* (313) en die frase *vere rubenti* van reël 319 die leser by wat uiteraard op die lente se groeikrag dui. Die lente word byna aksiomaties met 'groen' vereenselwig, maar nie deur Vergilius as sodanig uitgespel nie. Sy benadering is veel meer subtiel. In reëls 323-24 dien die anaforiese herhaling van *ver ... ver ... / vere ...* (*tricolon abundans*, volgens Thomas 1988a:215) as sterk inleiding wat saam met die herhaalde *ver* in reël 338 as't ware hierdie afdeling omraam.

c. 346-419: Instandhouding van jong plante en hantering van hitte, koue en peste
(376: *canus*)

Die versorging van jong plante met die fokus veral op die wingerdstok (*Baccho* in 380 en 393; *Bacche* in 388) vereis nougesette toewyding en arbeid (*labor* in 397, 401 en 412). Daar word pertinent gewys op die skade wat beide koue winterweer (373: *indignas hiemes*; en 376: *cana concreta pruina*) en hitte

(373: *solem potentem*, met die woord *uri* aangevul in 374; ook *scopulis arentibus aestas* in 377) veroorsaak, maar ook bokke met hul venynige tande veroorsaak. Soos vantevore aangedui, bepaal *cana* ook hier die grou, gryserige kleur van ruigryp as enigste kleurwoord in hierdie gedeelte. In kontras dui die deelwoord *arentibus* op die uitdroging deur versengende hitte, met sy klanknabootsende evokasie van **ardeo*- wat rooi-gloeiende hitte impliseer (*OLD ad loc.*).

B (2). 420-57 (a en b): Variatio (as herhalende tema)

(430: *sanguineus* en *rubeo*)

In die voorafgaande gaan die digter spaarsaam om met sy kleuraanduidings en juis daarom is die beskrywing van 'n enkele voorwerp met twee kleurwoorde uit die geel-en-rooi kleurgroepering so verrassend: Die neste van voëls in woudbome bloos van rooi bessies (430: *sanguineisque inculta rubent aviaria bacis*). In reël 447 verwys Vergilius na spiesskagte wat van die mirt verkry word (*myrtus validis hastilibus*) en wat dus implisiet op geweld en wapenstryd dui. Volgens Thomas (1988a:207) word die wingerd met *labor* vereenselwig wat as 'oorlogvoering' tussen die mens en die natuur beskou moet word. Waar die olyfboom met vrede verband hou (425: ... *placitam Paci ... olivam*), word die wynstok met waansin en vergryp vereenselwig. Hierdie assosiasie bly die leser by tot reëls 454-55 wat aan Bacchus gerig is: *quid memorandum aequae Baccheia dona tulerunt? | Bacchus et ad culpam causas dedit ...* ['wat het Bacchus se gawes opgelewer wat ewe noemenswaardig is? Bacchus het al aanleiding gegee tot vergryp ...']. Vergilius fokus dus nie op die sukses wat met wynbou behaal is nie, maar op die eindproduk (*dona*) wat gekwalifiseer word as moreel onaanvaarbaar, vanwaar die frase *vituperatio vitis* (Servius *ad* 454). Die digter kies juis hierdie pleonastiese kleurfrase om die 'geweld' teenoor die natuur te beklemtoon wat nie net betrekking het op die *labor* wat wingerdbou vereis nie, maar ook op die mens se vergrype aan wyn.

C (2). 458-540: Labor suksesvol ingespan

(465: *albus*, 495: *purpura* en 538: *aureus*)

Die landbouer is inderdaad geseënd (458-74), sou hy die voordele van sy plattelandse bestaan herken: *facilem victum, segura quies, opes variae, otia, speluncae, mugitus boum ...* ('maklik bekombare voedsel, veilige rus, verskillende skatte, vrye tyd, [koel] grotte, die gebulk van beeste ...'), alles aspekte wat direk verband hou met die mitiese goue era en die sogenaamde *locus amoenus* van die pastorale tradisie. Hier dien kleurkontraste as beklemtoning van kontras in lewenstyl: Die opregte eenvoud en *honestas* van die landbouer word metafories met wit wol (465: *alba ... lana*) vereenselwig. Hy het geen behoefte aan goud (464: *auro*) of Tiriese kleurstof (465: *Assyrio ... veneno*) nie en onderskei hom van die magsugtiges se soeke na ryk stowwe wat Vergilius weer vermeld: *purpura* (495) en *ostrum* (506) en opgegaarde goud (507: *defossoque ... auro*). So 'n lewensbeskouing hou direk verband met die uitspattige en 'onnatuurlike' bestaan in die stad wat nie met die goue (of perfekte) era van Saturnus – ietwat geyk weergegee as *aureus ... Saturnus* (538) – vereenselwig kan word nie. Tog is dit tekenend

van die belangrikheid van kleur in hierdie boek dat Vergilius sy uitbeelding van die wel en wee van die landbouer met *aureus* afsluit, 'n uitsonderlike kleurwoord wat slegs hiér in die boek voorkom. Die digter plaas die term in die beklemtoonde aanvangsposisie in die middelste vers van 'n vyf-reël-lange beskrywing (536-40) as tipering van die idilliese lewe van rus en vrede, waarna elke landbouer hunker ná 'n lang tydperk van oorlog.

D. 541-42: Epiloog

Die metafories uitgeputte perde met hul dampende nekke word oplaas uitgespan. In die epiloog kom daar geen kleurwoorde voor nie en Vergilius volstaan dus met *aureus* in reël 538. Aldus word die kleursirkel van ryk, warm kleure voltooi waarmee hierdie boek subtiel geopen is.

6.2.5 Samevatting

Een van die blywendste indrukke van Boek 2 is die ryk, warm kleure waarmee hierdie boek geopen en afgesluit word, veral in kontras met terme vir wit en swart wat veral in afdelings B (1) en C (1) figureer tot en met die klimaks van hierdie boek – die verwoestende brand in die woud.

Die grootste konsentrasie van kleurwoorde (altesaam negentien) kom in afdeling B(1) (9-258) voor, veral met terme vir wit in die eerste bykans tweehonderd reëls van hierdie afdeling (13, 71, 91, 120, 146 en 199). 'Wit' word stelsmatig deur terme vir 'swart' (116, 130, 203, 214, 255, 257 en 258) vervang wat geleidelik opbou tot en met die klimaks van die boek in afdeling C (1) (308 -9), aanvanklik 'n min of meer opeenvolgende konsentrasie van sewe kleurwoorde vir wit en nege vir swart. Terme in die geel-en-rooi groepering is veral in afdelings B (2) en C (2) gebruik, terwyl kleurwoorde uit die blou-en-groen groepering slegs vier keer voorkom, drie keer in B(1) en eenmalig in C(1). Soos in *Georgicon* 1 is kleurwoorde vir groen besonder skaars en dit in hierdie boek wat oor bome en die wingerd handel.

Terme vir wit is veral chromaties aangewend en dui op verskillende skakerings van wit: *canens*, *canus* (376: 'grou' van ruigryp) en *incanescio* dui op 'naaswit' of 'afwit,' terwyl *niveus* ook emotief 'n nostalgiese herinnering in gedagte roep: die spierwit swane van Vergilius se geliefde Mantua. Die verskil in kleurskakering tussen katoen (120: *canentia*) en wol (465: *alba*) word duidelik deur die kleurwaardes van die onderskeie terme weergegee. Ook kom *albus* genuanseerd voor van vlekkelose wit offerbulle (146) wat implisiet met die geweld en bloed van 'n offerande geassosieer word.

Wit word ook as komponent van 'n kleurpaar met groen (hetsy implisiet of eksplisiet) as verweefde motief aangewend wat ook voortbou op dieselfde tema in Boek 1. Die beskrywing van Mantua se grasbedekte oewers met die spierwit swane spreek van rustigheid, maar tipeer ook die aarde se vrugbaarheid en milddadigheid (199) wat ook eie is aan sekere eksotiese lande, bewerkstellig met die verwysing na die immergroen akasia (119: ...*bacas* ... *frondentis acanthi*) en sagte, afwit katoen (120: ... *molli canentia lana*).

In *Georgicon* 2 betrek Vergilius tematies veral wit-en-rooi as kleurpaar: Die mens se entingsmetodes word vindingryk deur die doelbewuste ordening van die reëls en die onderliggende struktuur in twee perikope uiteengesit. Die resultaat is 'n kleurpaar van wit-en-rooi, waarmee die digter die fokus op die onaanvaarbaarheid van die mens se sinnelose entingstegnieke plaas. Daarenteen word die suksesse wat die mens met wingerdbou behaal deur die groot verskeidenheid (*variatio*) wat die wingerd oplewer, beklemtoon. Dit is egter die geweld en waansin wat met wyn gepaardgaan wat moreel onregverdigbaar is en wat ook deur wit (91: *albus*) en rooi (95: *purpureus*) as kleurpaar aangedui word. Weer word hierdie tema verder uitgebou met dieselfde kleurpaar in reëls 319 (*vere rubenti*) en 320 (*candida ... avis*) wat verband hou met die vestiging van die wingerd in die lente.

Die enkele frase –*fetu nucis* in reël 69 – kan terugverwys na die uitbeelding van 'n okkerneutboom se natuurlike wit bloeiseldrag in 1.187-88 (... *nux plurima signis | induet in florem ...*) wat vir die landbouer as *signum* dien van 'n goeie oes. Wanneer die mens se sogenaamde sukses met entingstegnieke 'n soortgelyke beskrywing oplewer, nou van geënte wit peerbloeisels (2.71-72), kan daar uit die breër konteks van hierdie perikoop afgelei word dat Vergilius baie subtiel die *natuurlike* met die *onnatuurlike* kontrasteer.

Een van die opvallendste indrukke van *Georgicon* 2 is die uitbeelding van die brand wat die woud totaal vernietig en wat as die klimaks van hierdie boek ontvou. Die beskrywing is vernuftig beplan met terme vir 'wit' wat oor meer as twee honderd reëls stelselmatig met terme vir 'swart' afgewissel en oplaas vervang word: Uit die kleurgroep vir swart kom *niger* en *piceus* telkens chromaties voor, terwyl *ater* meestal genuanseerd gebruik word. Dit is opvallend dat *niger* as aanvangsterm vir 'swart' eers in reël 116 voorkom, dan volg *ater* (130) en weer *niger* met groter frekwensie (130, 203, 214) wat die onderliggende spanning geleidelik opbou. In slegs vier reëls volg *niger* (255 en 258) en *piceus* (257), maar dan kom bykans veertig reëls voor sonder enige kleurwoord. Aldus word afwagting geskep om oplaas in reëls 308-9 met *ater* en *piceus* 'n klimaks te bereik. Dit is opvallend dat geen kleurwoord vir 'swart' hierna in Boek 2 voorkom nie.

Kleurwoorde uit die geel-en-rooi groepering het veral in afdelings B (2) en C (2) groot impak. Aangesien twee kleurwoorde, *sanguineis* en *rubent* (430) die besondere rooi kleur van die woud se bessies bepaal (429-30: ... *interea fetu nemus omne gravescit | sanguineisque inculta rubent aviaria bacis*), is dit duidelik dat die digter hierdie kleurbeskrywing beklemtoon en moontlik die volgende ten doel het: Die drag van bloedrooi woudbessies roep onwillekeurig die wit bloeiseldrag van die okkerneutboom (1.187-88) voor die leser se geestesoog. Beide kom *natuurlik* voor en die kontras van rooi en wit plaas die fokus op die natuur se vrugbaarheid en veral milddadigheid waarby die mens geensins betrokke is nie. Die frase *sanguineis ... bacis* roep onwillekeurig ook die frase *cruentaque myrta* in 1.306 in herinnering: Hoewel laasgenoemde doelbewus 'n onjuiste uitbeelding van ryp mirtebessies is, is dit opvallend dat die kleurwoorde, wat in albei beskrywings voorkom, 'n konnotasie met bloed (en dus ook die dood) het. Die sogenaamde *vituperatio vitis* wat aan Bacchus gerig is (454-55), word dus met bloedvergieting en geweld vereenselwig, waarmee hierdie onderwerp afgesluit word.

In 2.447 word daar na spiesskagte verwys wat van die mirt verkry word (*myrtus validis hastilibus*) en wat dus implisiet op geweld en wapenstryd dui. Die woord *myrtus* in 2.447 dra swaar aan betekenis, net soos *myrta* in 1.306 en ook *myrto* in 1.28 wat na Caesar verwys wie se slape omkrans is, ook met mirt (... *cingens materna tempora myrto*).

In die voorlaaste afdeling hou *purpura* (495) en *ostrum* (506) verband met die uitspattige en ‘onnatuurlike’ lewe in die stad. Dit word met die eenvoudige bestaan en *honestas* van die landbouer gekontrasteer, waarvoor die frase *alba lana* (465) as metafoor dien. Oplaas word daar na Saturnus se goue era verwys (538: *aureus... Saturnus*), waar die besondere plasing van die woord *aureus* – ’n enigste in hierdie boek – tipierend is van die idilliese lewe van rus en vrede waarna die digter en sy tydgenote smag en waarmee hierdie boek afgesluit word.

In ’n boek wat op bome fokus en wat met kleurwoorde uit die blou-en-groen kleurgroep uitgebeeld kan word, is hierdie terme weer eens skaars. In reël 21 verwys *viret* na alle soorte bome wat in die algemeen groen vertoon. *Viridi* (219) ontlont kortstondig die spanning wat geleidelik deur terme vir swart opgebou word en verleen met ringkomposisionele terugblik kleur aan *herboso* (199) en moontlik selfs *laetis* (221) om die wasigheid van implisiete kleur helderder vas te vat. Die beskrywing van die brand wat die woud vernietig, word met *revirescere* (313) afgesluit wat op die aarde se inherente groeikrag dui, maar nou in kontras die effek van die verwoestende brand beklemtoon: die algehele verlies aan nuwe lewe. In aansluiting hierby word daar in reël 314 na die onvrugbare en nuttelose *oleaster* (314) met sy bitter blare verwys wat die brand oorleef het.

Soos reeds aangedui, is Vergilius ’n meester van die tegniek om met die verwysing na ’n enkele woord ’n vorige beskrywing of gedagte by die leser op te roep. In die klimaks van hierdie boek word die vlamme wat oor die woudbome se kruine heers as die ‘oorwinnaar’ beskryf. Hiervoor gebruik die digter die woord *victor* (307), dieselfde woord wat in reël 171 op Caesar dui. Sou die afleiding gemaak kan word dat Caesar, soos die verwoestende brand, die land in puin gelê het?

Dit is verrassend dat kritici hierdie boek as ‘lig’ en ‘opgewek’ beoordeel wat waarskynlik aan die ‘warm’ kleure van die geel-en-rooi groepering toegeskryf kan word wat implisiet in die *prooemium* en eksplisiet in veral afdelings B (2) en C (2) voorkom. In realiteit speel hierdie kleure ’n onderskikkende rol in hierdie boek.



6.3 GEORGICON 3

6.3.1 Agtergrond

In Boeke 1 en 2 word die omvang van *labor* omvattend uitgespel en is die gesaaides, bome en wingerd die voorwerp van die mens se ywer. In *Georgicon* 3, daarenteen, dra die diere tot die sukses van die mens se *labor* by. Die onderwerpe van hierdie boek word in reëls 1 en 2 simbolies deur vermelding van die betrokke beskermgode aangedui: Pales (godheid van *pastores*), Apollo Nomius (*pastor ab Amphryso*) en indirek ook Pan (met verwysing na *silvae amnesque Lycaei*). Hieruit kan ons aflei dat die boek oor plaasdiere handel wat as onderwerp in twee hoofafdelings of -temas aangebied word. Die eerste sluit horingvee en perde in (49-283), terwyl die tweede afdeling (295-477) oor skape en bokke handel (287: *lanigeros ... greges hirtasque capellas*), met selfs 'n paar reëls oor honde (404-13), dus 'n tweeledige struktuur van die onderwerpmateriaal wat in geen ander boek van die *Georgica* aangetref word nie. Hoewel die tema hierdie verdeling kan steun en dit selfs afdwing, word die onderwerp tog as 'n eenheid weergegee (vgl. Mynors 1990:226 n.284-94). In 'n geweldige kontras word die boek met 'n beskrywing van die verwoestende pes afgesluit wat Noricum en omstreke tref (478-566).⁹⁰⁷

Die twee temas van Boek 3 word elk deur 'n *prooemium* ingelei (1-48 en 284-94) wat telkens 'n invokasie aan die betrokke beskermgod(e) bevat. In 'n interessante wending verwerp Vergilius in *prooemium* 1 holruggeryde temas en stippel hy sy voornemens allegories uit: Hy sal die eerste wees om seëvierend 'n metaforiese marmertempel, 'n ryklik-versierde heiligdom, op te rig, in die vorm van 'n epos ter ere van Caesar in die Enniaanse tradisie.

Die eerste onderwerp (49-283) sluit voorskrifte in vir die seleksie, versorging en hantering van grootvee en perde. Ten spyte van die veeboer se nougesette *cura*, word hy met 'n oorheersende mag in die natuur gekonfronteer wat alle *labor* vernietig: Diere se kragte word deur *amor* verswak (209-10: *sed non ulla magis viris industria firmat | quam Venerem et caeci stimulos avertēre amoris* ['maar geen ywer versterk hul kragte meer as om die liefde en die prikkels van blinde hartstog weg te keer nie']).⁹⁰⁸ In reëls 242-83 word hierdie bedreiging 'n groter realiteit wanneer al die wesens van die aarde, ook die mens, hul halsoorkop aan die vernietigende vlam van hartstog oorgee (244: *in furias ignemque ruunt*). Dieselfde emosie gloei immers in elke hart.

In die kort tweede *prooemium* word eerbiedwaardige Pales, beskermgod van kleinvee, opnuut aangeroep om 'luid saam te sing' (294: ... *magno nunc ore sonandum*). Skynbaar is wollerige kuddes en ruigharige bokke 'n moeilike onderwerp vir die digter om in verhewe taal te beskryf. Die fokus van

⁹⁰⁷ Harrison (1979:40-41) is van mening dat die slotafdeling by reël 470 begin, terwyl Mynors (1990:250) die verdeling vanaf reël 474 voorstel. In bostaande word die voorstelle van beide Page (1968:326) en Thomas (1988b:130) gevolg: In reël 478 dui die bywoord *quondam* op die begin van 'n nuwe afdeling, waarin die omvang en die realiteite van die pes uiteengesit word.

⁹⁰⁸ Hoewel die eerste helfte van hierdie boek *amor* as tema het, word die onderwerp slegs in reëls 135-37 pertinent toegelig: *hoc faciunt, nimio ne luxu obtunsior usus | sit genitali arvo et sulcus oblimet inertis, | sed rapiat sitiens Venerem interiusque recondat* ('dit doen hulle om te keer dat die bruikbaarheid van die teelakker nie van alte groot weelde effens afgestomp sal wees en die trae vore laat toeslik nie, maar dat dit die saad dorstig sal aangryp en diep binne bêre'; vertaling deur Benade 1983 *ad loc.*).

die didaktiese materiaal sluit in 'n mindere mate die seleksie, hantering en versorging van skape, bokke en honde in. Vergilius brei verder uit oor die landbouer se beheer van siektes en peste wat nie net die verskrikking van steekvlieë insluit nie (149-50: ... *exterrita silvis / diffigiunt armenta* ... ['... verskrikte kuddes vlug in alle rigtings deur die bos ...']), maar nou ook dié van slange wat in realiteit as voorloper van die ware *pestis* dien, 'n onheilspellende bedreiging (419: *pestis acerba boum* ...). Die inhoud is 'n spieëlbeeld van die eerste gedeelte, hoewel die impak van die pes veel omvangryker as dié van *amor* is. Soos die effek van *amor* in die eerste afdeling tot die eerste *crescendo* lei, kom die verwoesting, wat die pes veroorsaak en wat ook direk op die tegniese inhoud volg, as 'n tweede *crescendo* voor. Ten spyte van *signa* wat die pes voorafgaan en die mens se pogings om dit te beheer (440-73), word al sy *labor* vernietig en word hy oplaas self die slagoffer (563-66).

Anders as in die ander drie boeke van die *Georgica* kom hier geen epiloog voor nie.

6.3.2 Skematiese verdeling en struktuur

A. 1-48: *Prooemium 1* (invokasie aan Pales, Apollo Nomius en indirek Pan [1-2]; allegorie)

B. 49-283: **Groot diere: vee en perde**

- a. 49-94: Noukeurige seleksie van die koei en die vul (23 reëls elk)
- b. 95-122: Hantering van verswakke en jonger perde (in wedrenne)
- c. 123-37: *Cura patrum*
- d. 138-56: *Cura matrum* (merrie en koei);gevaar van die steekvlieg
- e. 157-78: *Cura vitulorum [liberorum]*
- f. 179-208: Versorging en afrigting van vulletjies (vir oorlog en spele)
- g. 209-83: Vernietigende uitwerking van *amor*
 - i. 209-41: Geveg van die strydende bulle
 - ii. 242-83: *Eerste crescendo* α : *amor* affekteer alle lewende wesens; *hippomanes*

C. 284-294: *Prooemium 2* (die invokasie aan Pales)

D. 295-566: **Kleiner diere: bokke, skape en honde**

- a. 295-321: Winterversorging van skape en bokke
- b. 322-38: Somerversorging van skape en bokke
 - Digressie*: herders van Libië (339-48) en Skitië (349-83)
- c. 384-403: Skape se wol (10 reëls) en bokmelk (10 reëls)
- d. 404-13: *Cura canum* (10 reëls)
- e. 414-39: Peste, veral slange
- f. 440-77: Oorsake, tekens en behandeling van siektes
 - 478-566: *Tweede crescendo* β en klimaks: die pes in Noricum [563-66: die lot van die mens as slagoffer van die pes].

6.3.3 Verspreiding en opeenvolging van kleurwoorde

Eksplisiete kleurgebruik kom altesaam vyf-en-dertig keer in Boek 3 voor, met slegs 'n enkele term wat genuanseerd gebruik word en onderstreep is

- In afdeling A (48 reëls): (reël 13) *viridis*, (25) *purpureus*;
- In afdeling B (135 reëls): (56) *albus*, (82) *spadix*, *glaucus* en *albus*, (83) *gilvus*; (110) *fulvus*; (144) *viridissima*, (146) *virens*; (162) *viridis*, (177) *niveus*; (203) *cruentus*; (221) *ater*, (237) *albescio*, (241) *niger*; (278) *nigerrimus*;
- In afdeling C (11 reëls): geen kleurwoord
- In afdeling D (266 reëls): (307) *rubor*, (311) *incanus*; (325) *caneo*, (333) *niger*; (350) *flavens*, (354) *niveus*, (359) *ruber*, (372) *puniceus*, (383) *fulvus*; (386) *albus*, (387) *candidus*, (388) *niger*; (391) *niveus*; (430) *ater*; (442) *canus*, (451) *niger*; (487) *niveus* en (507) *ater*.

Terme in die wit kleurgroep sluit verskeie kleurwoorde in wat twaalf keer slegs chromaties gebruik word. Skakerings sluit dié 'wit' in wat *albus*, *albescio*, *candidus* en *niveus* bepaal, terwyl laasgenoemde, behalwe 'n suiwer, vlekkelose wit (veral in 'n mitologiese verwysing) ook van 'n 'romerige wit' voorkom. Die terme *caneo*, *canus* (met die betekenismootlikheid 'naaswit' of 'gryserig') en *incanus* ('geheel en al grys') kom uitsluitlik in afdeling D voor. Verskeie naamwoorde en adjektiewe, onder andere *marmor* (13), *elephantus*⁹⁰⁹ (26), *spuma* (111), *lac* (309 en 463) en die adjektief *eburnus* (7) kan implisiet met 'wit' verband hou.

Kleurwoorde vir 'swart' kom altesaam agt keer voor, in mindere mate in afdeling B (*ater*, *niger* en *nigerrimus*, elk een keer), maar met groter frekwensie in afdeling D met *niger* drie keer en *ater* twee keer, hoewel die term eerder genuanseerd in reël 430 aangewend word.

Terme in die geel-en-rooi kleurgroepering word tien keer gebruik, met *purpureus* slegs een keer in afdeling A, vier keer in afdeling B (*spadix*, *gilvus*, *fulvus* en *cruentus* elk een keer) en dan met die grootste verspreiding in die eerste honderd en twintig reëls van afdeling D: *rubor*, *flavens*, *ruber*, *puniceus* en *fulvus* elk een keer. Die naamwoord *ostrum* (17) word implisiet met purper verbind.

Uit die blou-en-groen kleurgroep selekteer Vergilius slegs *viridis*, die superlatief *viridissima*, *virens* en *glaucus* wat altesaam vyf keer slegs in afdelings A en B voorkom.

In hierdie boek is die gebruik van *laetus* nie net tot die welige aarde beperk nie (322 en 494), maar het dit ook betrekking op die veeboer (320) en die inwoners van Skithië (375 en 379). Waar *laetus* tot nog toe met die milddadigheid van die aarde as lewegewende bron vereenselwig is, is die vermaning om welige weilande te vermy opvallend en verontrustend (385: *...fuge pabula laeta*) – die einste geil gras waarop vet bokkies vantevore lustig gestoei het (2.525-26: *... pinguesque in gramine laeto | inter se ... luctantur cornibus haedi*).

⁹⁰⁹ In *Aen.* 6.895 verwys Vergilius na die 'glansende wit' voorkoms van ivoor: *altera candenti perfecta nitens elephanto* ('die ander [poort] is van gepoleerde ivoor wat skitterwit is').

6.3.4 Analise van kleurgebruik

Vervolgens word beide die chromatiese en achromatiese implikasies (waar relevant) aangedui.

A. 1-48: *Prooemium 1 van Boek 3*

(13: *viridis*; 25: *purpureus*)

As inleiding tot hierdie boek verras Vergilius met die herhaling van 'n nostalgiese en baie persoonlike beskrywing. Soos ook in *Geor.* 2.198-99 (... *Mantua campum | pascentem niveos herboso flumine cycnos*) roep hy opnuut die wêreld van sy jeug in herinnering. Anders as die implisiete groen van die rivieroewer (*herboso flumine*), word die welige kleur van Mantua se vlakte nou eksplisiet met *viridi* (13) beklemtoon en ook met die implisiete blou-groen voorkoms van riet-begroeide walle van die langsaam kronkelende Mincius (15) aangevul⁹¹⁰ – as beskrywing van die welige landstreek wat Vergilius so na aan die hart lê. In kontras kan die verwysings na Pelops se ivoorskouer (7) en 'n denkbeeldige marmertempel (13) implisiet op die afwit kleur van beide dui. Die digter verwys twee keer na homself as *victor*, eerstens in reël 9 weens die sukses van sy epos, en vir 'n tweede keer in reël 17 wat sy optog as seëvierende triomfeerder uitspel. In hierdie rol sal hy opvallend en paslik in Tiriese purperstof getooi wees (17: ... *Tyrio conspectus in ostro*).⁹¹¹

Die uitbeelding word verder verryk met die verwysing na die verhoog se helderrooi gordyne (25: *purpurea*) wat met die Romeine se uitgebreide mag en aansien vereenselwig word. Aangesien die inlegwerk op die deure met goud en ivoor (26: *ex auro solidoque elephanto*) aangebring is en marmerbeelde (34: *Parii lapides*) die tempel versier, kan die kleurkombinasie van goud (implisiet 'goudkleurig'), ivoor en marmer (implisiet 'afwit') en ook *purpureae* (eksplisiet 'helderrooi/purper') opvallend aansluit by soortgelyke uitbeeldings aan die einde van Boek 2 met *purpura* (495), *ostro* (506) en *auro* (507). Met hierdie kleurgroepering word magsugtiges se behepthed met goud en purper beklemtoon, waarvan die kleurwaardes as kontras dien die wit wol (465: *alba ... lana*) wat metafories op die gelukkige lewe van die landbouer dui wat sonder afguns en gierigheid sy lewe slyt.⁹¹²

Daar is opvallend slegs 'n enkele verwysing na Caesar as *victor* (27).

B. 49-283: *Groot diere: vee en perde*

a. 49-94: *Noukeurige seleksie van veral die koei (23 reëls) en die vul (23 reëls)*

(56: *albus*; 82: *spadix, glaucus* en *albus*; 83: *gilvus*)

Nou word die leser se kleurverwagtinge geheel en al omvergewerp. Volgens Varro, *R.R.* 2.5.8 kom beeste in vier kleure voor, waarvan swart diere die gehardste is en wittes die tingerigste (... *colore*

⁹¹⁰ Hierdie beskrywing verwys terug na die uitbeelding in *Ecl.* 7.12-13: *hic virides tenera praetexit hirundine ripas | Mincius* ...

⁹¹¹ Die eksotiese stowwe, *ostrum* en *purpura*, hou metafories verband met gesagsfigure se sug na aansien en 'n uitspattige lewenstyl wat nie met die goue era van Saturnus vereenselwig kan word nie.

⁹¹² Die drietal kleure goud, wit en purper of rooi kom ses keer as kombinasies in die *Aeneis* voor wat volgens Edgeworth (1992:48-52) as 'kalklig-effek' dien en om die aandag op 'n bepaalde individu te plaas.

potissimum nigro, deinde robeo, tertio helvo, quarto albo; mollissimus enim hic, ut durissimus primus). Vergilius, daarenteen, omraam reëls 49-71 met die woord *corpora* (51 en 69) en beskryf dan die beste aantelkoei se bou en voorkoms: Sy is opvallend wit gevlek (56: ... *maculis insignis et albo*) wat as *signum* op haar besondere kwaliteit en algemeen goeie kondisie dui. Varro bied geen kleurbeskrywing van perde nie, terwyl Vergilius in sy parallelle uitbeelding van perde (72-94, met omraming van *equino* in 72 en *equina* in 92) in die twee hoogs uitsonderlike reëls 82 en 83 ook vier kleurwoorde gebruik: ‘hoogaangeskrewe’ (*honesti*) perde is *spadices* (‘vosbruin’) en *glaucci* (‘blouskimmel’ van vel), terwyl *albis* (‘wit’) en *gilvo* (‘gelerig’) die ‘onaanvaarbaarste’ kleur is. Vanweë die digter se voorliefde vir variasie sou hy waarskynlik nie dieselfde aantal ‘goeie’ en ‘slegte’ kleure aanbied nie, sodat daar moontlik na slegs drie kleurwaardes verwys word. Veral na die enkelvoudige naamwoord *color*, kan *albis* en *gilvo* op ’n enkele perd dui, waarvan die kleur óf tussen hierdie twee skakerings wissel (Engels: ‘shading-off into ...’), dus ‘naaswit’ of ‘vuilwit’.⁹¹³

b. 95-122: Hantering van ouer en jonger perde

(110: *fulvus*)

Na die uitsonderlike beskrywing van perde met vier kleurwoorde, word die aanwending van kleurterme in hierdie afdeling weer ingekort. Die fokus is nie op die kleur van die perde nie, maar eerder op hul vurige geaardheid en die renwaens se gespanne drywers (105: *iuvenum*). In hul begeerte na roem spoed die drywers met bonsende harte voort, nat van die perde se asem en skuim (111: *umescunt spumis*). Die enigste kleurwoord is *fulvae* wat eksplisiet die goudbruin kleur van die sandwolk bepaal wat die voortsnellende perde opskop.

c. 123-37: Cura patrum: perde (125: pecori) en vee (139: armenta)

Hoewel geen kleurwoorde in hierdie gedeelte gebruik word nie, is die digter se keuse van naamwoorde vir plaasdiere wat eie aan die mens is, tog uitsonderlik: *ducem* en *maritum* (125), *patrum* en *nati* (128) en in reël 130, *concupitus* (vgl. Mynors 1990:201 n.123-37). Die teler sien met nougesette versorging om na die hings as leier van die trop en voer hom gras wat in blom is (126: *florentisque ... herbas...*), koring en vars water, ’n beskrywing wat aansluit by die *locus amoenus* van bye in Boek 4.8-32.

d. 138-56: Cura matrum; gevaar van die steekvlieg

(144: *viridissima*; 146: *virens*)

Die adjektiewe *gravidae* (139) en *gravido* (155) omraam hierdie afdeling wat oor dragtige ‘moeders’ (138: *matrum* van beide merries en koeie) handel. Vergilius se kleurwoordgebruik behels uitsluitlik terme vir ‘groen’ wat nou met oop bergweides en veral die gras van mosbedekte rivieroewers verband hou, soos ook in Varro, *R.R.* 2.5.14: *eas pasci oportet locis viridibus et aquis* (‘laat hulle in groen en waterryke plekke wei’). By implikasie herinner dié geilgroen ook aan vrugbaarheid, die gesogte

⁹¹³ Sien Mynors (1990:194 n.82-83) se verwysing na Heyne wat die emendasier *e gilvo* voorstel en Georgii se *ex gilvo*, met *ex* wat volgens *TLL* V.2, 1102, reëls 64-70 op ’n mengsel dui.

eienskap van die ‘moeder’-diere. Die superlatief *viridissima* (144) kan met die afgeleide betekenisemoontlikheid op die groenste of eerder die heel beste, dus die weligste gras dui wat metafoeries op die veeboer se uiters nougesette versorging van sy dragtige diere dui. Die volgende kleurwoord vir groen – *virentem* in reël 147 – bepaal die Alburnusberg wat groen vertoon van steeneike (146: *ilicibus*). Die digter verwys hier spesifiek na die *Quercus ilex* waarvan die blare kenmerkend donker is, sodat *virentem* hier op ‘donkergroen’ dui⁹¹⁴ as kontras vir die ‘groenste’ of ‘weligste’ groen wat *viridissima* weergee. Met hierdie verdonkerde kleurwaarde ontstaan ’n mate van onrustigheid by die leser wat veral met die verwysing na die [steek-]vlieg (147: *nomen asilo*) verdiep. Dit is ’n venynige pestilensie (152: *monstro*; en 153: en *pestem*) wat in die omgewing van die Alburnusberg voorkom en vee genadeloos op die hitte van die middag teister. Soos reeds vermeld, dui uiterste temperature op mislukking of rampe wat hier met die *asilus* as voorloper van die pes verband kan hou.

e. 157-78: *Cura vitulorum*

(162: *viridis*; 177: *niveus*)

Met die omramende frase *post partum ... vitulos* (157) en die woord *natos* (178) verlig Vergilius vir ’n wyle die leser se dralende onrus met *viridis* (162) en *niveus* (177). By herhaling dui *viridis* op die groen kleur van gras waarop jong kalwers wei. Opvallend is die dieet van die kalwers wat nie net met gras, wilgerblare en moerasriet aangevul word nie, maar ook met jong koring wat – anders as die eksplisiete verwysing daarna in 1.315 (*frumenta in viridi stipula ...*) – nou, in aansluiting by *viridis*, implisiet op groen kan dui. Die kleurwoord *nivea* in reël 177 (wat letterlik die melkimmers, *mulctaria*, bepaal) dui eerder op die romerige, wit melk in die emmers wat ten spyte van ’n tintverskil tog op ’n wit-en-groen kleurpaar kan dui, weer eens as beklemtoning van die natuur se milddadige gawes.

f. 179-208: Versorging en afrigting van vulletjies (vir oorlog en spele)

(203: *cruentus*)

In kontras met die voorafgaande teksgedeelte, verras Vergilius vervolgens met die enkele kleurwoord *cruentus*. Die frase *spumas ... cruentas* (203) hou verband met die getande stang in die voortsnellende perd se bek wat bloederige skuim veroorsaak. Anders as reël 111 se *umescunt spumis* wat implisiet op die witterige skuim uit die bek van ’n renperd kan dui, kan die verwysing na bloederige skuim onheilspellend oorkom (vgl. Thomas 1988b:78 n.202-3)⁹¹⁵ om planmatig die onrus verder te verdiep.

g. 209-83: Die vernietigende uitwerking van amor

i. 209-41: Geveg van die strydende bulle

(221: *ater*; 237: *albescio*; 241: *niger*)

Die verwoestende effek van *amor* word met kleurwoorde vir ‘swart’ en ‘wit’ uitgebeeld wat dien as

⁹¹⁴ Sien *Aen.* 6.298: *opaca ilica*.

⁹¹⁵ In Ennius, *Sedis Incertae Fragmenta*, lxxxii. 539 (518) (Skutsch) kom die frase *spumas ... albas* voor van die wit skuim uit ’n vurige renperd (*ex anima calida*) se bek. Sien XI. *CRUENTUS* 1.i.

negatiewe kleurteken vir die geestesoog. Omdat vars, druppende bloed implisiet met 'n rooi kleur geassosieer word, kom die frase *ater sanguis* (221: 'donker bloed,' ook volgens Erren [1985:107]: '... das dunkle Blut ...') van die strydende bulle aanvanklik vreemd voor. Anders as Kober (1932:29) en Vels Heijn (1951:81) se beskouing dat hierdie frase metafories op die dood dui, kom hierdie uitbeelding vernuwend voor: Kontekstueel is daar geen sprake van die dood of selfs van 'besmette bloed' nie (eerder deur *sanies* of *tabum* weergegee) en word *ater* sonder enige bykomende nuanse en uitsluitlik chromaties aangewend. Die verstote bul keer immers later na die kudde terug om sy vorige seëvierende teenstander (226: *victor*) aan te durf. Sy herwonne krag word met 'n golf vergelyk wat op die oop see geleidelik opbou en in felheid toeneem en wat, aangejaag deur die wind, 'witperdjies' (237: *albescio*) op die see veroorsaak. Dan tref die golwe die rotse met soveel geweld dat die kolking swart sand (241: ... *nigramque ... harenam*) van die seabodem af laat opbruus. Die kombinasie van die kleurwoorde 'wit' (*albescio*) met 'swart' of 'donker' (*ater* en *niger*) herinner die leser aan die beskrywing van die verwoestende vuur in Boek 2, waarvan die spanningslyn ook met die kleure 'wit' en 'swart' geleidelik uitgebou is.

- ii. 242-83: *Eerste crescendo* α: *amor* (242-65); *hippomanes* (264-83)
(278: *nigerrimus*)

Die verwoestende uitwerking wat *amor* op alle lewende wesens het (242-43: ... *in terris hominumque ferarumque | et genus aequoreum, pecudes pictaeque volucres*), word tot in reël 277 – bykans dertig reëls later – sonder 'n enkele kleurwoord weergegee om die effek van *amor* te beklemtoon. Hierop volg die legende van die merries (266-283) wat merendeels in die lente (272: *vere ... vere...*) sonder paring dragtig word van die wind (ἐξανεμοῦσθαι, vgl. Conington [1881:309 n.275]), waarna hulle Noord- of Suidwaarts vlug. Met 'n enkele superlatief vir 'swart,' *nigerrimus*, word die gure aanslag (= 'gitswart') van die suidewind beklemtoon en, hoewel Erren (2003:680 n.278) voorhou dat die reël *unde nigerrimus auster nascitur* die suidewind parafraseer, wil dit tog voorkom asof die term hier meer omvattend en selfs omineus is. As enigste kleurwoord beklemtoon *nigerrimus* nie alleen al die negatiewe effekte van *amor* nie, maar ook *hippomanes* ('perdewaansin'), 'n 'giftige' substansie wat bese stiefmoeders saam met kruie en dodelike towerspreuke (283: *non innoxia verba*) meng. Met hierdie *crescendo* word die eerste tema van hierdie boek afgesluit waarvan die spanningslyn geleidelik opgebou is.

C. 284-94: *Prooemium* 2 (die invokasie aan Pales)

In die kort *prooemium* kom daar geen kleurwoorde voor nie, net die woord *amor* wat die passasie omraam: *capti ... amore* in reël 285 en ... *me ...* | ... *raptat amor* in reëls 291-92. Baie subtiel word die leser daaraan herinner dat die mens se *cura* (286) en *labor* (288) in die eerste gedeelte van hierdie boek misluk weens *amor* se vernietigende mag.

D. 295-477: Kleiner diere: bokke, skape en honde

a. 295-321: Winterversorging van skape (295-99) en bokke (300-21)

(307: *rubor*; 311: *incanus*)

Vergilius gaan steeds besonder spaarsaam om met kleurwoorde, hoewel die adjektiewe *frondosa* (296) en *frondentia* (300) tog 'n sweempie van die somer se groen kan impliseer. Daarenteen word hierdie verwysings met die adjektiewe *frigida* (298) en *frigidus* (303) verweef wat die leser daaraan herinner dat koue verantwoordelik is vir siektes onder die brose skape wat gevolglik die onrus verdiep (298-99: ... *glacies ... frigida ...* | ... *scabiemque ferat turpesque podagras* ['... ysige koue veroorsaak brandsiek en aaklige klouseer']). Immers is daar reeds aangetoon dat koue vernietigend kan wees, al sien die veeboer ook blymoedig (320: *laetus*) na sy diere om.

In die volgende ses reëls (306-11) verryk die digter die didaktiese voorskrifte met die kleure rooi en wit wat bewerkstellig word met die besondere plasing van naamwoorde: Die woord *rubores* (van Tiriese purper se veelvuldige kleurskakerings) in die laaste beklemtoonde versvoet van reël 307 word opgevolg deur die naamwoorde *lactis*, *mulctra* en *mammis*, onderskeidelik opeenvolgend en telkens in die laaste beklemtoonde versvoete van reëls 308, 309 en 310. Al hierdie woorde kontrasteer implisiet met *rubores* en word met die romerige wit kleur van melk vereenselwig. Hierop volg 'n verdere kleurwoord vir 'wit,' *incana*, wat eksplisiet (en op heel gevatte wyse) die gryserige kenbaarde van bokke (311) bepaal.

b. 322-38: 'n Herder se somerversorging van skape en bokke

(325: *canēre*; 333: *niger*)

Weer volstaan Vergilius met kleurwoorde vir swart en wit. Dit is opvallend dat hierdie gedeelte ook deur *frigida* (324) en *frigidus* (336) omraam word, maar nou met die betekenis 'koel' of 'verfrissend,' dus sonder enige van die negatiewe konnotasies wat op die uiterste koue dui wat in die vorige gedeelte ook met *frigida* (298) en *frigidus* (303) weergegee is. Die adjektief, *laetus*, nou weer met die uitgebreide betekenis moontlikheid, dui in reël 322 (*laeta ... aestas*) op somergroei se weligheid. Hierop volg *canent* (325) wat die dou bepaal wat in die sagte glans van die Môrester 'gryserig' of selfs 'silwer' (vgl. Erren 2003:699 n.325) vertoon. Die behaaglikheid wat hierdie uitbeelding (326: *et ros in tenera pecori gratissimus herba* ['die dou op malse gras is vir die kudde die soetste']) ontlok, kontrasteer skerp met die verwysing na die hitte van die middag (331: *aestibus ... mediis*) wat verband hou met die teistering van die *asilus*, die venynige pestilensie (152 en 153: *monstrum* en *pestem*), waarmee die leser opnuut gekonfronteer word. Om hierdie middaghitte te ontduik, kan 'n woud wat donker is van skaduwee 'n toevlugsoord wees, waarvan die koelte lafenis vir die vee kon bied. Die kleurterm vir 'swart,' *niger*, kan paslik die donker skaduwee bepaal, maar aangesien daar spesifiek na 'n woud van steeneike verwys word (333-34: ... *nigrum | ilicibus nemus ...*), word die 'donker woud', of eerder die sogenaamde 'koel woud,' met onheil vereenselwig wat op rampspoed dui, soos ook in *Ecl.* 6.54: *ilice sub nigra pallentis ruminat herbas*. Die leser se verontrusting verdiep stelselmatig.

Digressies: herders van Libië (339-48) en die ysige Noorde (349-83)

(350: *flavens*; 354: *niveus*; 359: *ruber*; 372: *puniceus*; 383: *fulvus*)

Die leser se kleurverwagtinge word op 'n interessante wyse met vyf kleurterme omvergewerp, waarvan vier uit die geel-en-rooi groepering geselekteer is waarmee hierdie digressie die geleidelike opbou van die spanningelement vir 'n wyle onderbreek. Die kort beskrywing van Libië (339-48) se ekstreme klimaatstoestand bevat geen kleurwoorde nie, terwyl Skitië se sneeuvelde in groter detail weergegee word. Dit is opvallend dat Vergilius ook hier met die beskrywing van hierdie twee landstreke opnuut die kontras van hitte en dorheid met koue en vogtigheid beklemtoon. Twee kleurwoorde vir 'geel' en 'geelbruin,' onderskeidelik *flaventes* (350) van die Donou se sand en *fulvis* (383) van die pelse van wildediere, omraam hierdie afdeling. In die beskrywing van Skitië word Italië indirek by die vergelyking betrek.⁹¹⁶ Anders as in Italië is daar in Skitië geen (groenigheid van) blaar of gras te bespeur nie, die see kan nie rooi vertoon (359: *rubro*) weens die flouheid van die son nie en diere word nie met die skrikmiddel van rooi vere (372: *puniceae*) gejaag nie. Die enigste realiteit is spierwit sneeuwalle (354: *aggeribus niveis*), want hier is dit altoos winter met onophoudelike sneeu (356: *semper ... semper*). Hoewel ekstreme koue ook in hierdie boek as *signum* op 'n toekomstige ramp dui, het hierdie tema nie betrekking op die Skitiërs nie. As voorbeeld van 'n samelewing wat permanent wintertoestande beleef, word hulle as 'n wilde menseras uitgebeeld (382: *gens effrena virum*). Vergilius verwys ook na hul gebruik van wyn en bier, maar tog lewer hy geen negatiewe kommentaar daaroor nie, waarskynlik omdat die wyse waarop hulle hul lewens slyt, gesetel is in die ideaal van harde, eerbare werk en eenvoudige plesier. Ook het hulle by hul ongenaakbare omstandighede aangepas en maak hulle 'kommerloos' en 'vrolik' 'n bestaan (*laeti* herhaal in 375 en 379). As beskerming teen die ysige koue dra hulle geelbruin pelse (383: *fulvis*), waarvan die tekstuur van die growwe vel en stekelrige hare implisiet met dié van wit sneeu, maar ook met sagte wit wol, kontrasteer wat Vergilius in die volgende afdeling toelig. Die oorwegende kleurindruk van die voorafgaande is van 'warm' kleure uit die geel-en-rooi kleurgroepering wat as kontras dien vir die wit van die sneeubedekte landskap.

Hierdie beskrywing kan vir 'n wyle as verposing dien: Daar heers 'n gemoedelike stemming wat dan wreed ongedaan gemaak word met die opstapeling van peste wat amper sestig reëls later volg (414), so ook die tekens en behandeling van siektes (440) wat die onrus verder beklemtoon.

c. 384-403: Skape se wol (10 reëls) en bokmelk (10 reëls)

(386: *albus*; 387: *candidus*; 388: *niger*; 391: *niveus*)

Anders as in die voorafgaande gedeelte, is Vergilius se aanwending van kleurterme weer eens beperk tot kleurwoorde vir 'wit' en 'swart'. Die adjektief *laeta* (385) bepaal weivelde wat implisiet op die groen weligheid daarvan kan dui, maar wat nou vreemd genoeg vermy moet word: *fuge pabula laeta*: Emfaties dui dit daarop dat gras wat te welig is, nadelig vir die wol kan wees (vgl. Mynors 1990:238

⁹¹⁶ Sien die *laudes Italiae* in *Geor.* 2.136-76.

n.384-93). In sy tegniese beskrywing van skape speel die kleur ‘wit’ ’n belangrike rol, aangesien die wol van skape sag en wit moet wees (386: *greges villis ... mollibus albos*). ’n Verdere kleurwoord vir wit, *candidus* (387), bepaal die skaapram, maar dan volg ’n vermaning wat met *nigra* oorgedra word: Die ram se tong moet geensins swart wees nie (388: *nigra ... lingua*) wat as negatiewe eienskap donker gevlekte (389: *... maculis ... pullis*) lammers sal oplewer. Aangesien dit onaanvaarbaar is, moet so ’n ram (anders as die stoetkoei wat opvallend wit gevlek is [56: *maculis insignis et albo*]), uit die trop geweerd word.

Die digter verwys ook baie kortliks na die mite van die verleiding van Luna deur Pan, waarvolgens ’n spierwit ram, of moontlik ’n spierwit wolvlies, ’n rol gespeel het. Ook in hierdie weergawe van die mite word *niveo* (391) met die oordragtlike betekenis ‘spierwit’ gebruik.

In die volgende twintig reëls wat oor die voordele van ’n bokboerdery (394-409) handel, kom daar geen eksplisiete kleurwoorde voor nie, hoewel die herhaling van *lac* (*lactis* in 394 en *lacte* in 397) implisiet met ‘wit’ (of ‘roomwit’) vereenselwig kan word. In reël 401 word *nocte, tenebris* en *sole cadente* met donkerte vereenselwig, as teenwig vir die implisiete wit.

e. 414-39: Peste, veral slange

(430: *ater*)

Vergilius verdiep die trefkrag van die uitbeelding met slegs ’n enkele kleurterm, die genuanseerde *atram*. Hierdie afdeling handel oor slange, waarvan veral die *chelydros* (415) in die Kalabriese hitte emblematis is van die pes (419: *pestis acerba boum*; vgl. Mynors 1990:244-45 n.425-39). Die digter verwys geensins na die slang se kleur nie, maar plaas met *atram* die fokus op sy swart keelgat (430-31) om emotief nie net die grieselrigheid nie, maar ook die ‘giftige’ of ‘dodelike’ aard van die slang te beklemtoon. Laat-winter vogtigheid (428-30) wat die slang tot die kuile beperk, word met somer dorheid (432-34) gekontrasteer wat die slang op droë grond laat uitspring om met vlamme oë in die velde te tier (434: *saevit*). As instrument van die pes het die slang vervel en kom dit nou glansend in sy nuutgevonde jeug voor (437).

f. 440-77: Oorsake, tekens en behandeling van siektes

(442: *canus*; 451: *niger*)

Voorts kom slegs kleurwoorde vir ‘wit’ en ‘swart’ voor wat hier belangrik is, aangesien dit die troosteloosheid van die veeboer se omstandighede by die aanvang van die pes uitbeeld (471-72: *...nec singula morbi | corpora corripiunt, sed tota aestiva repente* [‘... en die siektes pak hulle nie een vir een nie, maar hele somerkuddes sommer skielik’]). Hierdie gedeelte dien as inleiding tot die tweede *crescendo*, die klimaks, van hierdie boek ... die pes wat Noricum en omstreke tref (478-566). Siektes is die gevolg van uiterste klimaatstoestande wat nie net op ekstreme hitte volg nie (sien die vorige afdeling), maar wat ook met koue reën en die ysige winter verband hou: *frigidus imber* (441) en ... *horrida cano | bruma gelu* ... (442-43) – dus ’n wanbalans in die natuur. Soos vantevore, fokus die digter

weer met *cano* (442) op die besondere kleurskakering van ‘gryserige’ of ‘grou’ ryp, waarvan die kleur as kontras dien vir die brouels wat die digter eksplisiet en implisiet met ‘swart’ uitbeeld. Om siektes te beheer, word geskeerde skape onder andere met bitumen ingesmeer wat *nigrum* (451) bepaal. Hierdie twee beskrywings dien as bydraende faktor om die veeboer se wanhoop te beklemtoon: Geeneen van sy rate lewer positiewe resultate op nie. Vanaf reël 470 is die eerste tekens van die pes merkbaar (471: ... *multae pecudum pestes*) wat deur die implisiete wit-en-rooi kleurpaar in reël 463 voorafgegaan is en wat op ramspoed dui: *et lac concretum cum sanguine potat equino* (‘en [die volk] drink dikmelk wat met perdebloed gemeng is’).

β 478-566: Tweede *crescendo* en klimaks: Die pes in Noricum
(487: *niveus*; 507: *ater*)

Weer eens gebruik Vergilius ’n enkele kleurwoord vir ‘wit’ en een vir ‘swart’ om die grusame omvang van die pes te beskryf. Anders as in die vorige passasie word *nivea* (487) geselekteer wat die skoonste en reinste vorm van ‘wit’ weergee, en dan weer *ater* (507) wat in kontras, benewens die chromatiese gebruik ‘swart,’ hier genuanseerd voorkom. Selfs nie religieuse praktyke kan oplossings vir die ramp bied nie en, hoewel die offerdier as *sacrificium* seremonieel getooi is, fokus die digter uitsluitlik op die spierwit offerlinte wat *nivea* bepaal. Die uitwerking van die pes op die bloed van offerdiere is onheilspellend: Die messe is kwalik bloederig (492: ... *vix suppositi tinguntur sanguine cultri*) en die grond nouliks met geronne bloed gevlek (493: *summaque ieiuna sanie infusatur harena*) wat ’n angswekkende *signum* is. Ook ontstellend is die frase *laetis ... herbis* (494) wat tot nou toe implisiet op die weligheid van groen gras kan dui, maar voorts in starre kontras as finale ‘rusplek’ vir sterwende kalwers dien, ’n starre ommekeer van die geïdealiseerde beskrywing in 2.525-26: *pinguesque in gramine laeto | inter se adversis luctantur cornibus haedi* (‘en op die welige gras stoei die vet bokkies met hul horings inmekaar’). Die perd (497-514) se lyding word met die frase *ater sanguis* (507-8) weergegee wat, anders as die donker bloed (*ater sanguis*) van die strydende bul (221), nou metafories die dier se dood uitbeeld. Laastens word die mens se lyding kortliks in vier reëls (563-66) beskryf wat ook die afskuwelike omvang van die pes verbeeld, hoewel sonder enige kleurwoord. Aldus is die genuanseerde gebruik van *ater* hier belangrik wat as laaste kleurwoord in hierdie boek die dodelike omvang van die pes saamvat.

6.3.5 Samevatting

In die laaste sowat honderd reëls van hierdie boek dien die grusame omvang van die pes as geweldige kontras met die openingsreëls van *prooemium* 1 wat Vergilius se nostalgiese verwysing na Mantua en die grootsheid van sy toekomstige onderneming bevat. Tog is meelewende emosie aanwesig in beide die herinnering aan Mantua en in die beskrywing van die lyding van onder andere die perd en die os, eens die voorwerpe van die boer se toegewyde *cura*, en oplaas ook die mens self.

Kleurwoorde vir ‘wit’ figureer sterk en speel ’n belangrike rol in hierdie boek. In die *prooemium* word daar weer na Mantua verwys wat sterk aansluit by die eksplisiete uitbeelding van wit swane en die implisiete ‘groen’ van rivieroewers in 2.198-99 (... *Mantua campum / pascentem niveos herbosos flumine*). Daarenteen is die implisiete verwysing in Boek 3 na die ‘wit’ van marmer – beide dié van Pelops se skouer (7: *umeroque ... eburno*) en die denkbeeldige tempel (13) – getemper, maar dien dit tog as kontras vir die eksplisiete ‘groen’ van die velde (13: *viridi in campo*). Verder kom wit-en-groen as kleurpaar ook voor met die frase *nivea ... mulctraria* (177) en *viridis ... per herbas* (162) wat die weligheid van die omgewing beklemtoon. Dit is veral in kontras met kleurwoorde vir swart dat die effektiewe rol van ‘wit’ opval en bydra om die spanningselement geleidelik op te bou. Die digter se beskrywing van skape (384-403) met *albus* (386), *candidus* (387) en *niveus* (391) word met *niger* (388) gekontrasteer; die effek van die ysige, grou ryp (wat *canus* bepaal in 442) wat tot siektes aanleiding gee, kontrasteer met swart bitumen (451: *nigrumque bitumen*) wat as behandeling dien; ook word die grusame omvang van die pes in Noricum metafories verbeeld met *nivea* (487) – die skoonste en reinste vorm van ‘wit’ wat die *vitta* bepaal – en *ater* van bloed (507), hier veral met die volle omvang van negatiewe nuanses om die kontras te beklemtoon.

Kleurwoorde vir swart word planmatig in Boek 3 aangewend. Dit is opvallend dat die eerste kleurwoord vir swart – *ater* – eers in reël 221 (afdeling B) voorkom waarna *niger* (241) volg en ook die superlatief *nigerrimus* (278) van die uiters gure suidewind wat as *crescendo* die afdeling afsluit. Weer volg *niger* (herhalend in 333, 388 en 451) waarmee die spanningslyn stelselmatig opgebou word. Om die trefkrag van die uitbeelding te verhoog, dui *atram* as enkele kleurterm vir ‘swart’ genuanseer op die *chelydros* se dodelike keelgat (430), terwyl die frase *ater sanguis* in reëls 507-8, anders as dieselfde frase wat slegs die donker bloed van die strydende bul (221) bepaal, in kontras emotief die lyding en oplaas die lot van die perd uitbeeld. Met *ater*, dus, word die grusame omvang van die verwoestende pes duidelik saamgevat.

Kleurwoorde in die geel-en-rooi groepering kom altesaam nege keer voor, met *spadix* (82) en *gilvus* (83) van perde, terwyl *fulvus* (110) as enigste kleurterm na bykans dertig reëls slegs die goudbruin kleur van sand in ’n arena bepaal. Ook besonders is *cruentus* (203) wat, asof genuanseer, die bloederige skuim uit die perd se bek uitbeeld, om die ontlokke onrus verder uit te bou. *Rubores* (307), in die laaste versvoet, dien as effektiewe kleurkontras van die implisiete wit (romerige) kleur van melk, weergegee deur *lactis* (308), *mulctra* (309) en *mammis* (310), telkens in die laaste versvoet van die onderskeie reëls. As verposing vir die leser se onrustigheid, volg ’n digressie waarin die digter ’n enkele term vir ‘wit’ (354: *niveus*) in sy uitbeelding van die sneeubedekte Skitië gebruik, maar ook die ‘warm’ kleure wat *flaventis* (350), *rubro* (359), *puniceae* (372) en oplaas *fulvis* (383) insluit.

Terme in die blou-en-groen groepering is, soos verwag kan word, besonder skaars. Behalwe vir *viridi* (13) in die *prooemium*, is kleurgebruik uitsluitlik beperk tot afdeling B, waar *virentem* (146) knap na *viridissima* (144) volg en later ook *viridis* (162) wat beskrywend van lewe en groei is. Die enigste

ander kleurterm uit hierdie groep is *glaucus* (82) van die kleur van blouskimmels wat ‘uiters gesogte’ perde tipeer.

Die opvallendste aspek van kleurgebruik in Boek 3 is die geweldige kontras van kleure wat daar in afdelings B en D voorkom. In die eerste sowat honderd reëls van afdeling B word terme in die geel-en-rooi kleurgroep afgewissel met dié van die blou-en-groen groepering, waarna veral terme vir swart voorkom wat stelselmatig tot die eerste klimaks bydra. Die verwoestende effek van *amor* wat in afdeling B die hooftema is, word baie subtiel met spesifieke kleurwoorde opgebou: *ater* (221) en *nigram* (241) verbeeld die effek van *amor* op die strydende bulle as die eerste *crescendo* van die boek wat met die superlatief *nigerrimus* (278) op ’n onheilspellende noot afgesluit word.

Opvallend in afdeling D is die ‘digressie’ (339-83) wat met die ‘warm’ kleure van die geel-en-rooi groepering as verposing voorkom vir die reeds ontstigte leser wat veral met die frase *nigrum ilicibus ... nemus* (333-34) verder ontlok is. Hierop word die leser verder meegevoer, maar nou uitsluitlik met terme vir wit en swart wat afwisselend die verloop van die grusame pes verbeeld en die spanningselement verder uitbou. Ten slotte word die volle omvang van die pes in Noricum as tweede *crescendo* (478-566) met *nivea* (487) – die suiwerste vorm van ‘wit’ – en oplaas met ’n genuanseerde *ater* (507) – afgesluit. Die retoriese vraag in reël 525 kan as ’n opsomming van die boek dien: *quid labor aut benefacta iuvant?* (‘wat baat sy harde werk of sy opoffering?’).



6.4. GEORGICON 4

6.4.1 Agtergrond

Georgicon 4 open met die bywoord *protinus* wat die verbintenis met die vorige drie boeke beklemtoon en waarvan die onderwerpe – onderskeidelik die bewerking van landerye, die kweek van bome en wingerde en die versorging van vee – nou afgehandel is. In reëls 1-2 verwys Vergilius na die laaste boek van hierdie gedig wat deels oor bye sal handel: *protinus aërii mellis caelestia dona | exsequar ...* ('vervolgens sal ek die hemelse gawe van heuning uit die lug uiteensit ...'). Anders as in die vorige boeke, word geen beskermgod in die *prooemium* aangeroep nie, hoewel digters bye tog met Demeter (Nikandros, *Alex.* 450), die Muse (Varro, *R.R.* 3.16.7), die Nimfe (Oppianus, *Cyn.* 4.275) of selfs Minerva, godin van handvlyt, assosieer (vgl. Mynors 1990:258 n.1). In hierdie *prooemium* verlaat Vergilius hom opnuut (2: *etiam*) op die ondersteuning van sy beskermheer, Maecenas, en, hoewel die digter die onderwerp van hierdie boek as redelik onbelangrik ag (3: *admiranda ... levium spectacula rerum* ['n bewonderenswaardige skouspel van nietighede']), sal die roem wat dit vir Maecenas bring nie onbelangrik wees nie, mits Apollo, die god van digkuns, gehoor gee.

In Boek 4 kom daar ook twee hoofafdelings voor wat, anders as in Boek 3, oor verskillende temas handel. Die eerste afdeling fokus op bye as onderwerp (8-280), terwyl die volgende gedeelte (281-558) Vergilius se weergawe van die *bugonia* (die regenerasie van bye uit die karkas van 'n bulkalf) bevat wat 'n *epyllion* omraam (315-527). Laasgenoemde word ook in twee gedeeltes aangebied wat die verhale van die byeboer, Aristaeus, en die passievolle, musikale Orpheus kombineer. Ten spyte van hierdie boek se uiteenlopende onderverdelings, moet dit as 'n eenheid gesien word wat ook tot die geheelbeeld van die gedig bydra.⁹¹⁷

In die algemeen word die beskouing gehandhaaf dat die bye as 'n prototipe vir die menslike samelewing dien. As tiperend van Jupiter se era (4.149-50: ... *naturas apibus quas Iuppiter ipse | addidit expediam ...* ['ek sal die eienskappe wat Jupiter self aan die bye bedeel het, uiteensit ...']) is die bye op *labor* toegespits, nie vir eie belang nie, maar uitsluitlik tot voordeel van die swerm. Tog kan *labor* alleen nie die bye teen die hewige aanslae van die natuur beskerm nie en is hulle uitgelewer aan dieselfde beproewings en gevare wat alle samelewings teister, 'n eggo van die veeboer se versugting in 3.525: ... *quid labor aut benefacta iuvant?*

In die tweede hoofafdeling word die *bugonia* (281-86) as 'n oosterse θαῦμα ('wonder') in reëls 287-94 uitgebeeld wat, met die noukeurige uitvoering van bepaalde voorskrifte, 'n nuwe swerm bye op wonderbaarlike wyses (309: *modis ... miris*) uit 'n bulkalf se karkas kan voortbring (295-314). Die nuwe swerm ontstaan op 'n spontane wyse (528-58), maar kan in reële terme nie as oplossing dien vir die probleme van mens en dier in die wêreld van *labor* nie. Die θαῦμα het dus geen betrekking op die

⁹¹⁷ Die verhouding tussen hierdie twee afdelings het uiteenlopende kommentare opgelewer wat nie net op Boek 4 betrekking het nie, maar ook op die hele gedig. Volgens Thomas (1988a:21) is dit nog steeds 'n onopgeloste kwessie. Sien ook Griffin (1979:62-63 en veral 69).

realiteite van die landbouer se bestaan soos uitgebeeld in die gedig nie (vgl. Thomas 1988a:22-23).

Hoewel op 'n ander vlak, bou die *epyllion* (315-527) voort op die temas van sukses en mislukking in die *Georgica*. Die betekenis berus op die kontras tussen die praktiese, aktiewe Aristaeus wat nougeset die instruksies van sy goddelike ma, Cirene, uitvoer en in kontras die kunssinnige, hartstogtelike Orpheus wat sy geliefde Euridice verloor wat nalaat om die voorskrifte van die godin, Proserpina, te volg (vgl. Harrison 2005:109). Die twee verhale is oënskynlik uiteenlopend: Weens die onverklaarbare verlies van sy bye moet Aristaeus uitvind watter god hy te na gekom het en op watter wyse hy boete moet doen. Met die hulp van Cirene en die siener, Proteus, slaag Aristaeus daarin om sy bye te vervang, sodat sy *labor* nie tevergeefs is nie. Daarenteen, en ten spyte van Orpheus se vermoë om met sy sang die natuurlike wêreld te beheer, is sy mislukking die gevolg van *amor*. Hy leef en sterf dus geheel en al vir die liefde en sy kuns (vgl. Griffin 1979:68) wat die verlies van Euridice en die vernietiging van al sy harde werk behels (491-92: ... *omnis / effusus labor* ...).

6.4.2 Skematiese verdeling en struktuur

A. 1-7: *Prooemium 1* (bye as onderwerp van die boek; vermelding van Maecenas en Apollo)

B. 8-280: **Bye**

- a. 8-50: *De situ apium*: plasing en versorging van die korf
- b. 51-87: Aktiwiteite buite die korf
 - i. 51-66: Bye aan die werk na die winter
 - ii. 67-87: Swerms
- c. 88-102: Noukeurige seleksie
- d. 103-15: Maniere om bye naby die korf te hou
- 116-48: *Praeteritio*: Tuinbou en die ouman van Tarentum
- e. 149-218: *De apium natura et laboribus*
- f. 219-27: Onsterflikheid van bye
- g. 228-50: Metodes en seisoene om heuning te versamel; peste
- h. 251-80: Siektes

C. 281-558: **Die bugonia en die epyllion**

- a. 281-314: Die *bugonia*
- b. 315-527: Die *epyllion*
 - i. 315-32: Weeklaag van Aristaeus
 - ii. 333-86: Cirene ontvang Aristaeus; lyste van nimfe en riviere
 - iii. 387-414: Cirene se instruksies aan Aristaeus
 - iv. 415-52: Aristaeus en Proteus
 - v. 453-527: Lied van Proteus: Orpheus en Euridice
- c. 528-58: Die *bugonia* afgehandel

D. 559-66: **Epiloog:** Die digter se *sphragis*; afsluiting.

6.4.3 Verspreiding en opeenvolging van kleurwoorde

Kleurwoorde kom altesaam agt-en-dertig keer in Boek 4 voor. Terme wat achromaties, maar genuanseerd, gebruik word of op glans dui, word onderstreep.

- In afdeling A (7 reëls): geen kleurwoord;
- In afdeling B (273 reëls): (reël 15) *cruentus*, (18) *virens*, (30) *viridis*, (47) *rubens*; (51) *aureus*, (54) *purpureus*; (93) *rutilus*; (109) *croceus*; (121) *viridis*, (126) *niger* en *flavens*, (130) *albus*; (182) *glaucus*, *crocus/crocom* en *rubens*, (183) *ferrugineus*; (274) *aureus*, (275) *purpura* en *niger*;
- In afdeling C (278 reëls): (293) *viridis* en *niger*, (306) *rubeo*; (337) *candidus*, (339) *flavus*, (350) *vitreus*, (352) *flavus*, (373) *purpureus*; (388) *caeruleus*, (407) *ater*, (408) *fulvus*; (426) *igneus*, (451) *glaucus*; (468 en 478) *niger* en *niger*, (481) *caeruleus*, (523) *marmoreus*, (539) *viridis*; (546) *niger*.
- In afdeling D (8 reëls): geen kleurwoord.

Uit die ‘wit’-kleurgroep selekteer Vergilius slegs drie kleurwoorde, *albus*, *candidus* en *marmoreus*, wat elk net een keer voorkom. Kleurwoorde vir swart sluit net twee terme in, met *niger* wat vyf keer gebruik word (die meeste van enige term in hierdie boek) en *ater*, slegs ’n enkele keer achromaties. Kleurterme in die ‘geel-en-rooi’ kleurgroep is in die meerderheid en verskyn altesaam sewentien keer: *cruentus*, *rutilus*, *croceus*, *flavens*, *crocus*, *purpura*, *fulvus* en *igneus* word elk net een keer gebruik, terwyl *aureus*, *purpureus* en *flavus* elk twee keer voorkom en *rubens* drie keer. Terme uit die ‘blou-en-groen’-groepering verskyn elf keer en sluit eenmalig *virens*, *ferrugineus* en *vitreus* in, terwyl *glaucus* en *caeruleus* elk twee keer voorkom, met *viridis* vier keer.

Implisiete kleurgebruik kom ook in Boek 4 voor, met die verwysing na Paestum se roostuine (119: *rosaria*) wat implisiet (en heel waarskynlik) op rooi dui, soos ook gewyde bloed (542: *cruror*) en die dode-offer van papawers (545: *papaver*). Die woord *color* (335) plaas die fokus op die kleur van glas (*hylas*, ook in 335) wat met ’n glansende blougroen vereenselwig word en met *vitreus* (350) aangevul word. Die adjektiewe *frondens* (24) en *frondosus* (543) kan implisiet met groen vereenselwig word. Drie terme word achromaties aangewend: *ater* in reël 407 bepaal die gevaarlike aard van die tier, *igneus* (426) dui achromaties op die hittige of brandende son, terwyl *niger* (468) vreemd genoeg genuanseerd ingespan word en op angs dui.

Dit is opvallend dat *laetus* wat so ’n belangrike rol in die vorige drie boeke gespeel het, geensins in Boek 4 voorkom nie.

Om die literêre funksie van kleurwoorde in hierdie boek toe te lig, word die bespreking so ver as moontlik chronologies georden, om veral die leser se indruk van die aanwending van ’n enkele kleurterm en die opeenvolging van kleurgroepe uit te lig en dit literêr of esteties te regverdig.

6.4.4 Analise van kleurgebruik

Vervolgens word beide die chromatiese en achromatiese implikasies (indien relevant) aangedui.

A. 1-7: *Prooemium 1* (die onderwerp van die boek; vermelding van Maecenas en Apollo)

Anders as die eksplisiete en implisiete kleuraanduidings in die *prooemia* van Boeke 1, 2 en 3, is daar in hierdie *prooemium* geen verwysing na kleur nie. Waarskynlik dien hierdie gedeelte as oorgang van Boek 3 se ontstellende afsluiting na die wêreld van bye wat hier in Boek 4 uiteengesit word en wat Vergilius beskryf as ‘werk oor ’n nietige tema’ (6: *in tenui labor*).

B. 8-282: Bye

a. 8-50: *De situ apium*: die plasing en versorging van die korf

(15: *cruentus*; 18: *virens*; 30: *viridis*; 47: *rubens*)

Die beskrywing van die verwoestende uitwerking wat die pes op veral diere gehad het en waarmee Boek 3 afgesluit is, word nou ontlont met eksplisiete en implisiete verwysings na groen – *virens* (18: *stagna virentia musco* [‘poele water, groen van mos’]), *hospitiis ... frondentibus arbor* (24: ‘’n boom met uitnodigende lower’) en weer *viridis* in reël 30: *casiae virides* (‘groen kassia’) – woorde vir groen wat etimologies met nuwe lewe en groei verband hou. Volgens Vergilius se voorskrifte aan die byeboer moet daar helder fonteine (18), ’n grasomsoomde stroompie (19), die skadu van bome (20) en welriekende plante en blomme (30-32) wees, ’n ware *locus amoenus* uit die pastorale tradisie (vgl. Thomas 1988b:151 n.18-32). Byeboerdery is dus gesetel in ’n idilliese groen landskap wat die leser met hierdie kleurwoorde helder voor die geestesoog kan oproep. Om die belangrikheid van ’n veilige korf te beklemtoon, bied die digter vermanings en voorskrifte: In reëls 10b-17 word diere en voëls genoem wat die bye bedreig (16: *omnia ... vastant*); en in reëls 47-50 word die geskiktheid van die omgewing voorgehou. Hierdie twee gedeeltes word omraam met kleurwoorde vir rooi wat die voorskrifte beklemtoon en op gevaar dui: In reël 15 bepaal *cruentis* die bors van Procne (die swaeltjie): *et manibus Procne pectus signata cruentis* (‘en Procne het haar bors met bloedbesmeerde hande bevlek’), en in reël 46 kom *rubentis* voor van krappe (47: *cancros*) wat rooi verkleur as hulle in ’n vuur bak. Die verstikkende reuk wat in die proses afgegee word, is volgens Plinius Maior, *Nat.* 11.62 dodelik vir bye.

In hierdie gedeelte is daar geen verwysing na bye se *labor* nie. In kontras met die uitbeelding van die lente in 3.272 wanneer die waansinnige liefde hoogty vier en almal betrek word, is die lente vir die bye ’n aangename tyd (22: *vere suo*, met die woord *ver* wat ook direk etimologies verband hou met die kleurwoorde vir groen). Dan lei die ‘konings’ die eerste swerms na buite en word die jonges uit die heuningkoeke losgelaat om in die uitnodigende omgewing rond te baljaar (22: *ludet*). Vervleg hiermee is Vergilius se besondere uitbeelding van die wisselwerking tussen ‘klein’ (*tenuis* in 19, en *tenuia* in 38) uit die oogpunt van die mens in kontras met die by se belewenis van ‘groot’ in sy wêreld (*ingens* in 20 en *grandia* in 26).

- b. 51-87: Aktiwiteite buite die korf
 i. 51-66: Bye aan die werk na die winter
 (51: *aureus*; 54: *purpureus*)

Die aanbreek van warm weer, wanneer die bye ywerig aan die werk spring, word met vreugde vereenselwig (55: *laetae*). Vergilius verwys hier nie na die lente nie, maar wel twee keer na die somer met die frases *aestiva luce* (52) en *per aestatem liquidam* (59). In die komplekse reëls 51 en 52 word donkerte met lig (*sub terras* en *luce*) gekontrasteer, winter met somer (*hiemem* en *aestiva*) – reëls wat vanweë die versigtige woordplasing visueel groot impak het. Met die frase *sol aureus* (51) baai die digter hierdie uitbeelding in goudglansende lig wat hier as *leitmotief* vir die leser se geestesvoorstelling van die hemelliggaam dien. Die kleurwoord *purpureos* is opvallend in die beklemtoonde aanvangsposisie van reël 54, sodat die tipering van die somer se helderrooi (of purperkleurige) blomme as kleureffek die leser deurentyd bybly.

- ii. 67-87: 'n Nuwe swerm met 'n nuwe 'koning'

Die vorming van 'n nuwe, kleiner swerm is die gevolg van 'n stryd tussen die 'konings' wat in reëls 67-76 aanvanklik *binne* die byekorf plaasvind (vgl. Mynors 1990:268 n.67-87). Dit sou die afwesigheid van enige eksplisiete kleurwoorde kan verklaar, aangesien al wat van ver af (70: *longe*) sigbaar kan wees die samedromming van bye is met hul glansende vlerke wat *coruscant* (73) bepaal. In hierdie passasie word die wisselwerking tussen 'groot' (*magno* [68], *magnis* [76] en *magnum* [79]; *ingentis* [83]) en 'klein' (*angusto* ook in 83) of 'nietig' (*exigui* [87]) vanuit die bye se oogpunt herhaal. Dit dien deurgaans as tipering van bye se letterlike grootte, maar ook hul status binne die hiërargie van landbou- 'diere,' 'n aspek wat met die koeplet in reëls 86-87 herbeklemtoon word: *hi motus animorum atque haec certamina tanta / pulveris exigui iactu compressa quiescent* ('hierdie beroeringe en hierdie groot botsings word betoel en kom tot bedaring met die gooi van 'n handvol stof').

- c. 88-102: Noukeurige seleksie van die 'koning'
 (93: *rutilus*)

In aansluiting by die vorige passasie, speel glans ook in die volgende gedeelte 'n groot rol, aangesien dit die onderskeidende kenmerk van die edeler tipe by of 'koning' is. Die digter se eksplisiete kleurgebruik is hier steeds beperk. Die seleksie van die 'koning' berus op sy voorkoms: Die swakker een (89: *deterior*)⁹¹⁸ moet van kant gemaak word, terwyl die ander een glansend sal wees met vlekies wat grof vertoon van goud (91: *alter erit maculis auro squalentibus ardens*). Volgens die digter is daar ook twee tipes (92: *genera*) bye, waarvan die beter 'koning' ook aan voorkoms (92: *ore*) en blink rossige

⁹¹⁸ Vergilius beklemtoon die voordele van noukeurige seleksie, soos reeds van koeie (3.49-71), perde (3.72-94) en skaapramme (3.387-90) aangedui. Die komparatiewe adjektief *deterior* (in 89), as tiperend van bye, kan terugverwys na die superlatief *deterimus* van perde (3.82), waarmee die digter poog om 'n parallel tussen die bye en die diere van Boek 3 te tref.

skubbe (93: *rutilus clarus squamis*) uitgeken word (92: *insignis*)⁹¹⁹ en wat *rutilus* hier suiwer chromaties van 'n glansende blinkrooi bepaal. Die ander 'koning' is onversorg (93: *horridus*) en onooglik met sy groot maag wat volgens Thomas (1988b:163 n.93-4) op 'n hommelmag dui, en wat Aristoteles, *H.A.* 624b27 as 'lui' (νωθρός) beskryf. Net soos van die konings, is die voorkoms van die werkers (95: *plebis*) ook tweevoudig: Party is onaansienlik en verwaarloos (96: *horrent*), terwyl ander blink en skitter met glans, hul gloeiende lywe gespikkel met simmetriese vlekies (98-99: *elucet aliae et fulgore coruscant, | ardentis auro et paribus lita corpora guttis* ('die ander blink en skitter met 'n glans, hul gloeiende lywe gespikkel met simmetriese vlekies van goud')). Vergilius se aanwending van kleurwoorde en kleur-implikasies maak van die 'kleine' hier iets besonder.

d. 103-15: Maniere om bye naby die korf te hou

(109: *croceus*)

Hoewel Vergilius se kleurgebruik steeds beperk is, slaag die digter tog daarin om met 'n enkele kleurterm aan die leser se kleurverwagtinge te voldoen. Soos ook die geval met die frase *croceos ... odores* in 1.56, gebruik die digter dieselfde tegniek in reël 4.109 met die frase *croceis halantes floribus*. Met die besondere plasing van die kleurwoord *croceis* kan die leser allereers die kleure wat met hierdie term vereenselwig word – 'n warm geel tot oranje en selfs oranje – in gedagte roep. Direk hierop volg die woord *halantes* ('geurig') wat ook deur die versmaat beklemtoon word om só die fokus eerder op die primêre betekenis van *croceis*, 'saffraangegeurd,' te plaas, hoewel dit moontlik is dat die kleurgedagte voor die leser se geestesoog kan bly talm. Tuine moet immers aan die kriteria van beide kleur en geur voldoen om bye suksesvol te lok.

Praeteritio: 116-48: Tuinbou, en die tuin van die ou man van Tarentum

(121: *viridis*; 126: *niger* en *flavens*; 130: *albus*)

Die woord *equidem* in beide reëls 116 en 147 omraam die *praeteritio* wat Vergilius se voorskrifte vir 'n byeboerdery vir 'n wyle onderbreek. Die woord *horti* in reël 109 van die vorige gedeelte dien nou as skakel vir tuinbou as onderwerp (118: *hortos*), waaroor die digter vir 'n wyle sing (119: *canerem*). Paestum se welige tuine (119b-24) lei die onderwerp in wat nou hier ietwat kwistiger met implisiete en eksplisiete kleurwaardes uitgebeeld word. Die roosbeddings dra twee keer per jaar en word implisiet met (waarskynlik) rooi rose vereenselwig.⁹²⁰ Die term *viridis* bepaal die oewers wat groen en lowerryk is van seldery, hoewel die kleurwaarde ook die voorkoms van sigorei (*intiba*), narsing (*narcissum*), akant (*acanthi*) en mirte (*myrtos*) kan betrek. Vergilius sluit hierdie beskrywing af met die eksplisiete verwysing na die ligkleurige klimop (124: *pallentes hederas*) wat saam met *viridis* as 'n wit-en-groen

⁹¹⁹ Soos die voorkoms (*ore*) van die koning, so ook is dié van die werkers. Volgens Page (1968:345-46 n. 91) is die frase *maculis auro squalentibus ardens* (91) 'n presiese weergawe van *rutilus clarus squamis* (93), aangesien Vergilius duidelik *squaleo* met *squama* verbind. Sien ook *Aen.* 10.314: *tunicam squalentem auro* en 9.707: *duplici squama lorica fidelis et auro*.

⁹²⁰ Sien voetnoot 177.

kleurpaar die weligheid van hierdie tuine beklemtoon, ook met die werkwoord *gauderent* (120) wat die vreugde wat daar in tuinbou te vinde is, beklemtoon.

Die ou man se tuin is benede in die skadu van die hoë torings van Tarentum geleë (125-46), daar waar die donker waters van die Galaesus en die ryp, goudgeel kleur van die gesaaides – onderskeidelik deur beide *niger* en *flaventia* in reël 126 uitgebeeld – visueel tot 'n aantreklike kleurkontras bydra. Hoewel die ou man sy tuin op 'n stukkie uitskot-grond aangelê het, is dit geil en vrugbaar en lewer dit 'n opbrengs in al die seisoene: Sy heuning is oorvloedig (140: *abundare*), soos ook sy kruie, vrugte en blomme. Ten spyte van die gedetailleerde beskrywing wat ryke kleuraanwending van blomme, vrugte en bome kan afdwing, kom daar 'n enkele kleurwoord, *alba*, voor wat met die primêre betekenis 'dofwit' slegs die 'lelies' tipeer.⁹²¹ Aangesien die woord *lilia* eenmalig in die *Georgica* voorkom, kan die leser dus aanneem dat die frase *alba lilia* beklemtoon word. Tog bly die rede daarvoor of die betekenis daarvan duister, hoewel Richter (1957:346-48) se beoordeling van hierdie gedeelte waarskynlik as korrek aanvaar kan word: Die wyse waarop die ou man sy lewe slyt, is gesetel in die ideaal wat Vergilius vanaf Boek 1 met toenemende intensiteit voorhou: Die mens se ware geluk is te vinde in harde, eerbare werk en eenvoudige plesier wat hier met die kleurwaarde vir 'wit' vereenselwig kan word.

e. 149-218: *De apium natura et laboribus*

(182: *glaucus, crocus/crocum* en *rubens*; 183: *ferrugineus*)

Vervolgens fokus Vergilius op bye se werksverdeling en natuurlike aard, aangesien hulle aan die era van Jupiter behoort en aan *labor* toegewy is (vgl. Thomas 1988b:175 n.149-96). Tot en met reël 181 kom daar in drie-en-dertig versreëls geen kleurwoorde nie, sodat die drie eksplisiete kleurterme – *glaucas, rubentem* en *ferrugineos* – in reëls 182-83 soveel treffender voorkom. Die aanwending van kleurwoorde in hierdie passasie speel 'n belangrike rol om 'n waarheidsgetroue uitbeelding in die leser se geestesoog vas te prent. Met vindingryke woordplasing word daar om die beurt na plantkleure verwys – vaalgroen wilgers (*glaucas salices*), die oranjerooi *stigmata* van die saffraan (*crocumque rubentem*) en donker(-blou) 'hasinte' (*ferrugineos hyacinthos*) – afgewissel met *geurryke* plante (... *thymo ... arbuta ... casiamque crocum ... tiliam* ['... tiemie, aarbeibome, kassia, saffraan en die lindeboom']). Hierdie beskrywing van voorkeur-bloemkleure as voorvereiste vir 'n suksesvolle byeboerdery, kontrasteer skerp met die enkele verwysing na die wit 'lelie' in die ou man se tuin.

h. 251-80: Siektes

(274: *aureus*; 275: *purpura* en *niger*)

In die volgende negentig reëls (184-273) kom daar weer tot en met reël 273 geen kleurwoorde voor nie. Gevolglik is die impak van die drie kleurterme binne 'n enkele koeplet – *aureus, purpura* en *nigrae* – ook hier soveel treffender. Weer word na die kleure van 'n plant, die *amellus*-blom, verwys wat as kuur

⁹²¹ Dit is opvallend dat Conington (1881), Richter (1957), Page (1968), Wilkinson (1969), Della Corte (1986b), Thomas (1988b) en selfs Mynors (1990) geen bespreking insluit van die frase *alba lilia* nie.

vir siektes by bye angewend kan word. Net soos die diere van Boek 3, word bye ook deur siekte (252: *morbo*) geteister, waarvan die effek op die bye deur duidelike tekens (253: *signis*) aangedui word. Soos reeds genoem, is (gesonde) bye gewoonlik glansend met vlekies wat grof is van goud (sien 91: ... *maculis auro squalentibus ardens*) wat dadelik, wanneer hulle siek word, verander. Vergilius gebruik hier die woord *color* (254), maar brei geensins daarop uit nie en verwys slegs na die aaklige maerte wat hul voorkoms ontsier (254-55: ... *horrida vultum | deformat macies* ...). Die adjektief, *horrida*, herinner die leser aan die beskrywing van die swakker ‘koning’ (93: ... *ille horridus alter*) en sy ‘volk’ (96: ... *aliae turpes horrent*; vgl. Thomas 1988b:193 n.254-5).⁹²²

Die frases *frigidus ... Auster* (261) en *aestuat ... ignis* (263) dui op uiterste weersomstandighede wat as ’n wanbalans in die natuur – soos in 3.441-43 van die vee aangedui – ook hier tot die bye se siekte bydra. As kuur hiervoor stel Vergilius onder andere voor dat die wortels van die *amellus*-plant in wyn gekook en as voedsel vir bye aangebied word. Die plant is maklik herkenbaar aan sy blom (271-75) wat gedetailleerd weer met drie kleurwoorde beskryf word: Die kern van die blom (271: *flos*) is ‘goudgeel,’ deur *aureus* bepaal, terwyl die kroonblare (*foliae*) ’n glansende purper (*purpura*) is – soos dié van die *viola* – waarvan die kleurwaarde deur die term *nigrae* verdiep word tot ’n uitsonderlike ‘donkerpurper’. Hierdie ryk kleure herinner aan die uitbeelding van die triomferende ‘byekoning’ vroeër in die boek en impliseer hoop op herstel vir die swerm. Benewens sodanige implikasie van die besondere kleurkontras van die blom se glansende donkerpurper en goudgeel, is die teenstelling met die wit lelie in die ou man se tuin weer eens opvallend.

C. 281-558: Die *bugonia* en die *epyllion*

- a. 281-314: Die *bugonia*: bye uit die karkas van ’n bulkalf
(293: *viridis* en *niger*; 306: *rubeo*)

Wanneer Aristaeus skielik sy hele swerm bye verloor, is die enigste uitweg die *bugonia* wat as θαύμα (‘wonder’) beoordeel word. In die etnografiese beskrywing plaas Vergilius die oorsprong van hierdie ongewone fenomeen in die Ooste met ’n ryk uitbeelding wat in agt reëls op Egipte fokus. Thomas (1988b:197 n.287-94) verwys na die beskrywing as ‘kleurvol,’ hoewel die digter se aanwending van kleurterme redelik ingekort is met slegs die eksplisiete terme *viridem* en *nigra* (291). Eersgenoemde tipeer Egipte wat ‘groen’ (*viridem*) vertoon as gevolg van aanplantings in die ryk alluviale neerslag langs die Nyl. Die leem wat *nigra* bepaal, is donker en daarom baie vrugbaar en lewer dus welige plantegroei. Die digter verwys ook na die ‘beskilderde’ bootjies (289: ... *pictis ... phaselis*), maar sonder enige gedetailleerde kleurbeskrywing,⁹²³ terwyl die frase *coloratis ... ab Indis* (292) op die ‘donker’ of

⁹²² In *Geor.* 3.498-99, 499-500, 507-8 beklemtoon Vergilius ook die verandering in die vee se voorkoms wat, besmet met die pes, stelselmatig agteruitgaan (vgl. Mynors 1990:134 n.498-514).

⁹²³ Volgens Mynors (1990:297 n.289) is *phaseli* waarskynlik uit harde klei vervaardig (sien Strabo 17.1.4: ὀστράκινα πορθμεῖα), sodat daar aangeneem kan word dat hulle bruinerig van kleur is. In die Palestrina-mosaïek wat die Nyl uitbeeld, is die rivier volgens Moffitt (1997:228) in vloed wat die verskeidenheid van bootjies en seilbote op die rivier verklaar. Uitbeeldings hiervan dui daarop dat sommige se voorkoms bruinerig is met panele in donkerblou.

‘songebrande’ ‘Indiërs’ (hier eerder etniese ‘Etiopiërs’) dui. Tot dusver is die kleurutbeelding in hierdie passasie geensins ‘kleurvol’ nie, maar dan verlewendig Vergilius die beskrywing met *rubeant* (306) van velde wat met nuwe blomkleure bloos, waarskynlik metonimies van alle blomkleure. Die *bugonia* moet dus plaasvind voordat die lente aanbreek (306: *ante ... quam, ante*).

b. 315-527: Die *epyllion*

- ii. 333-86: Cirene ontvang Aristaeus; beskrywing van twaalf nimfe en agt riviere
(337: *candidus*; 339: *flavus*; 350: *vitreus*; 352: *flavus*; 373: *purpureus*)

Vier verskillende kleurwoorde in die volgende gedeelte bevat ’n verrassingselement, aangesien die betekenismoontlikhede van die kleurwoorde ook met glans verbind kan word. Ook word die gedeelte wat oor die nimfe handel deur *flava* in reël 339 en *flavum* in reël 352 omraam.

Aristaeus bevind hom in sy Moeder Cirene se waterkoninkryk, waar die nimfe besig is om wol te spin: reëls 334-35: ... *eam circum Milesia vellera Nymphae | carpebant hyali saturo fucata colore* (‘... rondom haar [= Cirene] was die nimfe besig om keurwol uit Miletus, getint met die ryk kleur van glas, te spin’). Met die woord *color* (335) plaas Vergilius die fokus op die kleur van glas (*hyalus*), waarskynlik ’n blink, blougroen kleur soos die voorkoms van water. Die woord *hyalus* kan ook betrekking hê op die term *vitreis* (350) wat met dieselfde kleurwaarde die nimfe se glansende setels (*sedilibus*) beskryf om oordragtelik nie net met die glans nie, maar ook met die kleur verbind te word. In reël 348 verwys die digter weer na die sagte wol (*fusis mollia pensa*), sodat die leser opnuut die blink, blougroen kleur van die wol voor die geestesoog kan oproep. Anders as die Homeriese beskrywing van Thetis se grot in *Il.* Σ(18).50 as ἀργύφειον (‘helder’ of ‘glansend’), fokus Vergilius eerder op die nimfe se glansende voorkoms. Met die plasing van *nitidam* en *candida* in ’n enkele versreël 337 word die glansrykheid, waarin hulle gehul is, beklemtoon: Die nimfe het blink hare (*caesariem ... nitidam*) wat oor hul skitterwit nekke (*per candida colla*) kartel. Ook bepaal die kleurwoord *flavum* beide Lycorias (339) en Arethusa (352) se ‘goudblonde’ hare, terwyl die eienaam, Xantho (336; van ξανθός afgelei), ook met blonde hare geassosieer word. Die digter verwys ook na Clio en haar suster Beroë wat beide in goud geklee is (342: *ambae auro*). Die woordprent as geheel spreek dus van glansende blougroen, wit en goud.

In Homeros se beskrywing van die waternimfe se grot in *Od.* ν(13).102-12 kom die enkele kleurwoord ἀλιπόρφυρα (108: ‘purperkleurig’) van hul weefwerk voor. In sy uitbeelding verwys Vergilius meer as gewoonlik terug na die Homeriese tradisie en, hoewel geen kleurwoord enige van die riviere in beide hierdie gedigte bepaal nie, dui die ooreenkomstige kleurwoord *purpureum* nou op die see. Volgens Otis (1963:196-97) verwys reël 373 (*in mare purpureum violentior effluit amnis*) na die Homeriese *Il.* Π(16).391: ἐς δ’ ἄλα πορφυρέην μεγάλη στενάχουσι ρέουσαι (‘met ’n groot gedruis stroom dit in ’n vloed af na die glansende see’), sodat *purpureum* hier moontlik ook glans-aanduidend kan wees. Volgens Kober (1932:98) dui die term eerder op die voortdurende beweging van die see. Vergilius se beskrywing van die riviere beklemtoon volgens Thomas (1988b:212-13 n.363-73) die

‘waterryke’ aard van Cirene se omgewing. Hierby kan ons Vergilius se kleurvolle uitbeelding van Cirene en haar nimfe in die waterkoninkryk voeg met die beskrywing van die koel glans en die blougroen kleur van water. Dit kontrasteer skerp met die uitmergelende hitte wat met Proteus (401-2, 425-58) verband hou en die koue wat met Orpheus (517-20) vereenselwig word. Kleur dien dus in hierdie tweeledige *epyllion* om die onderdele op subtiële wyse te verbind.

iii. 387-414: Cirene se instruksies aan Aristaeus

(388: *caeruleus*; 407: *ater*; 408: *fulvus*)

Anders as Homeros wat in *Od.* δ(4).356 slegs na Proteus as γέρον ἄλιος (‘die ouman van die see’) verwys, kom Vergilius se uitbeelding van Proteus met die kleurwoord *caeruleus* (388) vernuwend voor. Hy assosieer die term veral met (die voorkoms van) water, sodat hierdie term ’n baie gepaste epiteton is van die seeblou siener wat met sy visse en span tweeënige perde die uitgestrekte see deurkruis (388-90). Cirene maan dat Proteus ’n glibberige kalant is wat nie maklik deur Aristaeus vasgevat sal kan word nie. Om sy teenstander af te skud, beskik Proteus oor die vermoë om van gedaante te verander, sodat hy die verskillende voorkomste van wilde diere en die uiterste elemente, vuur en water (407-10), kan aanneem. Aldus bepaal *atra* genuanseerd die tier met die uitgebreide betekenis, ‘gevaarlik’ of ‘dreigend’ (407), terwyl die frase *fulva cervice* (408) as *pars pro toto* op die algehele geelbruin voorkoms van die leeuwyfie kan dui (vgl. Erren 2003:947 n.408).

iv. 415-52: Aristaeus en Proteus

(426: *igneus*; 451: *glaucus*)

Vergilius se kleurgebruik is steeds beperk. In hierdie passasie kom die kontras tussen die koelte van ’n waterkoninkryk en die intensiteit van die hitte wat met Proteus vereenselwig word, duidelik na vore. Laasgenoemde word met verskeie woorde en frases beklemtoon: *torrens* en *sitientis* (425), *ardebant* (426), *arebant* en *siccis* (427), *radii*, *tepefacta* en *coquebant* (428; vgl. Thomas 1988b:222 n.425). In reël 426 kom die enkele term *igneus* achromaties voor van die ‘vlammende’ of ‘brandende’ son waarvan Erren (2003:953 n.426) die betekenismootlikheid aan *calidus* (‘hittig’) gelyk stel.

Aristaeus word geensins deur die verskillende gedaantes wat Proteus aanneem, afgeskrik nie en oplaas word ’n briesende Proteus se hande in boeie geslaan. Aangesien *caeruleus* reeds sy voorkoms tipeer (388), plaas Vergilius nou die fokus op sy woedende reaksie (451: *et graviter frendens* ...). Die frase *ardentis oculos* tipeer sy ‘vlammende oë’ wat volgens Mynors (1990:314 n.450-2) glinster met ’n flitsende ‘grysgroen lig’ (*lumine glauca*), maar Page (1968:378 n.451) as ‘ligblou’ voorhou.

v. 453-527: Die lied van Proteus; Orpheus en Euridice

(468 en 478: *niger*; 482: *caeruleus*; 523: *marmoreus*)

Vergilius se kleurgebruik is steeds ingeperk en met slegs twee kleurterme – *niger* (twee keer) en *caeruleus* – slaag hy daarin om Orpheus se besoek aan die Onderwêreld uit te beeld. Die frase *illa quidem* (457 en 506) omraam hierdie gedeelte as ’n eerste en laaste verwysing na sy geliefde Euridice.

In sy soektog na haar betree Orpheus Dis se rysige ingang en die woud wat na die Onderwêreld lei. Die plasing van *nigra* (468) is vernuftig beplan, aangesien die leser die donker kleurwaarde daarvan met die Onderwêreld se duisternis vereenselwig, totdat *formidine* volg wat verband hou met Orpheus se vrees vir die geeste en die angswekkende (469: *tremendum*) vors. Aldus kan *nigra* genuanseerd met angsverskeiding verband hou wat hoogs uitsonderlik is. Vergilius bou voort op die ontlokte emosie met die verwysing na die yl skimme en gedaantes wat uit die diepste wonings van die Onderwêreld deur Orpheus se lied ontroer word: 'n treffende opstapeling van donkerte (*umbrae*) en gebrek aan lig (472: *luce carentum*). As beklemtoning word *niger* in reël 478 herhaal van *limus* ('swart modder'), terwyl daar ook verwys word na afskuwelike riete (*deformis harundo*), die haatlike moeras (479: *palus inamabilis*), die tuiste van die Dood (481: *domus... Leti*) en die Furies se hardos van wriemelende donkergroen/-blou (482: *caeruleos*) slange. In laasgenoemde geval is die woordplasing vernuftig: In reël 482 word die frase *inplexae crinibus* deur onderskeidelik *caeruleos* en *anguis* omraam om visueel die beeld van krioelende slange wat in hul hare ingevleg is, te beklemtoon.

In die volgende veertig reëls (483-522) kom daar weer eens geen kleurwoorde voor nie. Hierop volg 'n kontras van lig (490: *luce*) met donkerte (497: *nocte* en 501: *umbras*), waarop Vergilius se eerste verwysing na 'koue' volg waarmee Orpheus se lot verder geassosieer sal word: *frigida cumba* (506); dan ook *gelidis ... sub antris* (509), ... *Hyperboreas glacies Tanaimque nivalem* (517), *Rhipaeis... pruinis* (518) en *frigida lingua* (525). Intense koue, so ook aangedui in 3.354-55 (*sed iacet aggeribus niveis informis et alto | terra gelu late ...*) kan immers op die dood dui (vgl Otis 1963:178) wat nou op Orpheus betrekking het. Verweef met hierdie tema is die werkwoorde *flevisse* (508) en *flet* (514) wat die patos voortbou, met die frase *miserabile carmen* (514) wat nou Orpheus se tradisionele rol as sanger uitbeeld (510: *mulcentem tigres et agentem carmine quercus* ['met sy lied bekoor hy tiere en bring eike in beweging']). Orpheus se kop wat oplaas deur die versmaaide Ciconiese vroue van sy marmerwit nek afgeruk is (523: *... marmorea caput a cervice revulsum*), rol voort in die stroom en sy koue tong (525: *frigida lingua*) roep sonder ophou na Euridice. Opvallend is die herhaling van die eiennaam *Eurydice* in die drie agtereenvolgende reëls 525, 526 en 527 en die uitroep *a...!* wat die patos verhoog. Dit is dan ook paslik dat die laaste kleurwoord in hierdie gedeelte *marmorea* is wat die leser aan die dood herinner: die wit van monumente en die wit kledy wat in Rome met rou geassosieer is.

c. 528-58: Cirene en Aristaeus; die *bugonia* afgehandel

(539: *viridis*; 546: *niger*)

Vergilius sluit hierdie boek af met slegs twee kleurwoorde, waarvan *viridis* die welige, groen kruine van Lycaeus bepaal (539: *viridis... summa Lycaeii*) en *niger* die voorkoms van 'n skaapooi. Cirene se instruksies aan Aristaeus (531-47) om as smekeling boetgeskenke aan te bied, word samevattend in reëls 548-53 herhaal: Aristaeus laat vier voortreflike bulle en net soveel verse op die groen kruine wei; hy rig vier altare op en laat gewyde bloed uit die offerandes se kele vloei; die karkasse laat hy in die blaarryke woud (543: *frondoso ... luco*) woud agter, dus 'n herhaling van groen met die implisiete

verwysing na blare se voorkoms – dus weer nuwe lewe en welige groei. Aristaeus stuur ook papawers aan Orpheus wat implisiet met rooi – en dus ook met bloed – vereenselwig word. Hy slag die swart skaapooi (546: *nigram ... ovem*) en wanneer hy weer die woud besoek, volg die wonder wat in reëls 557b-58 beskryf word: ... *iamque arbore summa | confluere et lentis uvam demittere ramis* ('... reeds het hulle [= die bye] in die kruin van die boom saamgepak en hang hulle in 'n tros aan die buigsame takke') – dus weer nuwe lewe.

D. 559-66: Epiloog: Die digter se *sphragis*

In die epiloog kom daar geen kleurwoord voor nie. Weer kom die aanspreekvorm *victor* (561) van Caesar voor wat heel waarskynlik aansluit by die direkte verwysing in 2.171 en die indirekte opvolg in 2.307. Daarenteen verwys Vergilius na homself as roemloos wat sy eie beskrywing as *victor* (3.17, opvallend geklee in purper [*in ostro*]) negeer, hy wat in sy jeug herdersgedigte onder die wydgetakte beukeboom gesing het.

6.4.5 Samevatting

Met uitsluiting van die *prooemium* en die epiloog word die teks van *Georgicon* 4 in min of meer eweredige hoofafdelings verdeel, aangesien die struktuur daarvan baie eenvoudiger is as enige van die ander drie boeke. Hierdie 'eweredige verdeling' het ook betrekking op die verspreiding van kleurwoorde wat in die onderskeie helftes ooreenstem: negentien terme in elk, so ook die implisiete kleurgebruik wat in die onderskeie helftes voorkom. In aansluiting hierby word dieselfde kleure wat op die *bugonia* betrekking het, in beide die gedeeltes herhaal: In die eerste gedeelte (a: 281-314) kom *viridis*, *niger* (beide in 293) en *rubeo* (306) eksplisiet voor, en in die volgende gedeelte (b: 528-58) word beide *viridis* (539) en *niger* (546) eksplisiet gebruik, terwyl 'n 'rooi' kleurwaarde implisiet met beide die bloed en die papawers vereenselwig kan word.

Terme vir 'wit' is besonder skaars en tog tref hulle opvallend waar so 'n term wél ingespan word. Die beskrywing van die ou man se tuin (125-46) leen hom potensieel tot ryk uitbeelding, maar Vergilius verras opnuut met die enkele kleurwoord *alba* ('dofwit') van die 'lelies'. Met die plasing van *nitidam* en *candida* in 'n enkele versreël (337), is dit duidelik dat die digter die achromatiesiese aspek van 'glans' in Cirene se waterkoninkryk wil beklemtoon. Die verwysing na die verskeurde liggaam van Orpheus (522: *discerptum ... iuvenem*) en veral sy afgerukte kop (523: ... *caput a cervice revulsum*) konfronteer die leser in dié grusame uitbeelding: Die 'marmewit' (522: *marmorea*) kleur van sy nek kontrasteer skerp met die implisiete rooi kleur van bloed wat ook sy eie verskuilde verband met die dood het, soos hierbo uitgelig.

Uit die kleurgroep vir swart kom slegs *niger* en *ater* voor. In die beskrywing van Orpheus se besoek aan die Onderwêreld vind ons slegs *niger* en nie die gebruiklik genuanseerde *ater* nie, soos ook

die geval met die teenstellende kleurterm *niveus* in Vergilius se mitologiese uitbeeldings.⁹²⁴ Hier speel *niger* 'n belangrike rol om eerder Orpheus se optrede te beklemtoon en nie die soseer die skrikwekkende onheil van die Onderwêreld nie: Aldus kan Orpheus se 'angstige' of selfs 'swartgallige' vrees (468: *nigra formidine*) verklaar word. In hierdie afdeling dui *ater* wel emotief op die 'gevaarlike' of 'dreigende' aard van die tier wat Proteus as afskrikmiddel gebruik (407: *atraque tigris*).

Kleurwoorde in die geel-en-rooi kleurgroep kom sewentien keer in hierdie boek voor. Van die mees blywende indrukke van hierdie boek is Vergilius se verskeie uitbeeldings van glans, waartoe hierdie terme ruimskoots bydra. In reëls 51-66 beskryf Vergilius die warmer weer van die somer (52: *aestiva luce*) en, met die frase *sol aureus* (51), word hierdie beskrywing in goudglansende lig gebaai. Die term *purpureos* (54) bepaal chromaties, maar ook met die implikasie van glans, die opvallende helderrooi of helder-purperkleurige blomme. Inherent aan die woord *purpura* is die opvallende glans van purper kledstof, 'n aspek wat Vergilius met sy beskrywing van die *amellus*-blom beklemtoon (271-80). Die grammatiese variasie van die opgestapelde kleurterme *aureus* (274) van die blomkern (*flos*), *purpura* (275) van die kroonblare (*foliae*), soos dié van die *violae* en daarnaas *nigrae* wat die kleurwaarde verdiep en *sublucet* omarm, word vernuftig verbind. Vergilius verdiep die kleurwaarde met met *nigrae* wat ook daarop dui dat die digter inderdaad tussen tinte onderskei en poog om dit uit te beeld.

Hoewel die Homeriese *πορφύρεος* gewoonlik glans-aanduidend is, kan die frase *in mare purpureum* (373), behalwe glans, ook op die eindelose beweging van 'n diep see (*nigrum ex altitudine*) dui, eerder as Edgeworth (1979:283) se beskouing dat daar tog 'n chromatiese element teenwoordig kan wees.

Die voorkoms van gesonde bye word ook met glans geassosieer (73: *coruscant*; 98-99: *elucet ... coruscant / ardentes auro ...*), en wanneer die 'edeler' 'koning' gekies moet word, is glans ook die deurslaggewende faktor (91: *... auro squalentibus ardens*; en 93: *... rutilus clarus squamis*).

Vergilius vereenselwig die lente se blommeprag metonimies met 'n verskeidenheid van blomkleure, veral dié in die geel-en-rooi groepering. Sien *Ecl.* 9.40-41: *hic ver purpureum, varios hic flumina circum / fundit humus flores ...* ['hier is lente rooi [van blommeweelde], hier by die waterstrome strooi die aarde veelkleurige blomme ...']). Hoewel die leser *croceus* met 'goudgeel' kan assosieer, vereenselwig Vergilius hierdie term veral met geur, soos duidelik blyk uit die frase *croceos ... odores* in *Geor.* 1.56 en in 4.109: *croceis halantes floribus*. Nietemin is dit tog moontlik dat die kleurgedagte ook voor die leser se geestesoog kan bly talm, weer 'n voorbeeld van die digter se veelvlakkigheid.

Kleurterme uit die blou-en-groen groepering kom minder voor. Sommige van hierdie terme kan ook met glans verbind word, onder andere die kleur van glas (335: *hyalus*) wat met die term *vitreus* aangevul word om beide die kleur en die glans van Cirene se waterkoninkryk te beklemtoon. *Viridis* en *virens* kom altesaam vyf keer voor en, na die *prooemium*, dien hierdie terme vir 'groen' om die gevoel

⁹²⁴ Sien V. *NIVEUS* i.b.iii.

van onrus en afsku wat die slot van Boek 3 by die leser gewek het, te ontlont. Etimologies hou die terme immers verband met nuwe lewe en welige groei, soos ook in reëls 121, 293 en 539.

Woordpare en kleurkontraste kom minder in Boek 4 voor as in enige van die ander drie boeke: groen-en-wit as kleurpaar en die kontras van rooi-en-wit is ewe skaars. In reël 124 verwys die digter na die ligkleurige klimop (*pallentes hederas*) wat hier saam met *viridis* (121) op 'n wit-en-groen kleurpaar dui as beklemtoning van die welige aard van Paestum se tuine. Die beskrywing van die grusame verskeuring van Orpheus se liggaam (522: *discerptum ...iuvenem*) en sy afgerukte kop (523: *... caput a cervice revulsum*), met die term *marmoreus* ('marmarwit') uitgebeeld, kontrasteer met die implisiete rooi kleur van die bloed. Die leser kan dus hierdie rooi-en-wit kleurkontras voor die geestesoog roep as die klimaks van die lied (523-37).

In die *Georgica* is daar 'n voortdurende interaksie tussen die natuurlike elemente van hitte en dorheid, koue en vog wat tematies voorkom in die progressie vanaf die aarde, vervolgens siellose gesaaides en bome, dan volg diere en bye en laastens die mens, of, meer spesifiek, *agricola* (*pae* Klingner en Otis, 1963). Rampspoed word dikwels deur 'n wanbalans van die elemente voorafgegaan, onder andere die storm in Boek 1 en die pes in Boek 3, terwyl 'n balans tussen hierdie elemente noodsaaklik is vir die suksesvolle verbouing van gewasse. In *Georgicon* 4 word hierdie tema aan die hand van Proteus en Orpheus in 'n geweldige kontras afgesluit: Proteus (415-52) word verbind met die intensiteit van die skroeiende son (426: *sol igneus*), geweldige hitte en dorheid (*torrens* en *sitientis* [425], *ardebat* [426], *arebant* en *siccis* [427], ... *radii tepefacta coquebant* [428]). In kontras hou Orpheus se lyding verband met koue en vog: *frigida* (van Euridice [506]), *gelidis ... sub antris* (509), *Hyperboreas glacies Tanaimque nivalis* (517), *Riphaeis ... pruinis* (518) en *frigida lingua* (525). Na veertig reëls (483-522) waarin daar geen kleurwoorde voorkom nie, volg die kleurwoord *marmorea* wat *cervice* (523) bepaal en wat nie slegs chromaties op marmarwit dui nie, maar ook achromaties met koue vereenselwig word. Aldus word die rampe wat die effek is van die interaksie tussen die natuurlike elemente van hitte, koue, droogte en vog bygelê. In die laaste reëls 530-48 dra Cyrene die voorskrifte vir boetedoening aan haar seun oor met 'n beskrywing van Lycaeus se kruine met die eksplisiete kleurwoord, *viridis* (539). Hierop volg 'n beskrywing van die vereide dode-offers wat met die implisiete rooi van papawers (545: *papavera*) en die swart van 'n skaapooi (546: *nigram*) uitgebeeld word. Hierdie opdrag word in reëls 548-53 herhaal, maar nou met slegs die implisiete verwysing na die groen voorkoms van die lowerryke woud (543: *frondoso ...luco*). Dan verskuif die fokus na 'n wonderbaarlike herlewing: Oral gons daar bye (556: *stridēre apes ...*) en in 'n reusewolk trek die swerm deur die lug en hang in 'n tros aan die boom se takke (554-58) – 'n uitbeelding wat ten laaste hierdie boek op 'n positiewe en optimistiese trant afsluit, en dit na die mineurtoon van onheil waarmee die leser vir so lank gekonfronteer was.

In die epiloog (559-66) kom daar geen kleurwoord voor nie, slegs die opvallende verwysing na Caesar as *victor*, terwyl die digter na sy eie 'roemlose leegglêery' (564: *... studiis florentem ignobilis oti*) verwys, waar hy onder die wye takke van die beukeboom herdersliedere sing.



7 TEN SLOTTE

Die *Georgica* en Vergilius

In hierdie laaste afdeling word daar kortliks gefokus op die mees opvallende inhoudsverskille tussen die vier boeke in die mate waarin verskeie aspekte van die landbou beurtelings aangespreek word. Ook word sommige van die bevindinge wat in die voorafgaande hoofstukke uitgelig is en wat Vergilius se tegniek as woordkunstenaar ten beste aanspreek, ook aangedui. Ter afsluiting volg enkele gedagtes oor die digter, Vergilius.

Die mees ooglopende verskille tussen die vier boeke van die *Georgica* is struktureel van aard: Boeke 1 en 3 het lang invokasies teenoor die kort invokasies van Boeke 2 en 4; die teks van Boeke 3 en 4 kan in min of meer gelyke afdelings verdeel word, terwyl die twee afdelings van Boek 1, maar veral dié van Boek 2, meer variasie toon met die verdeling in onderafdelings wat verskeie crescendo's, digressies en *laudes* insluit. Ooreenkomste kom ook voor: Elke boek word met 'n *prooemium* geopen, hoewel *Georgicon* 3 Vergilius se voorliefde vir afwisseling toon met die insluiting van 'n tweede *prooemium*. Opvallend in Boek 3 is die weglating van 'n epiloog wat die geweldige kontras tussen die verwoestende pes in hierdie boek en die tema van regenerasie in Boek 4 beklemtoon.

Sou die fokus na inhoud en stemming verskuif, fundeer Wilkinson (1969:74-75) sy beoordeling van die *Georgica* op Vergilius se uitbeelding van *labor*. Hiervolgens is die sterkste verbintenis in aard en atmosfeer dié tussen Boeke 1 en 3 waarin *labor* uitgebeeld word as 'swaar' en 'beklemmend' en elk van die boeke telkens met 'n katastrofe eindig. Die aard van *labor* in Boeke 2 en 4 is 'makliker,' dit is 'lig' en 'opgewek' en in kontras word elke boek op 'n gelukkige not afgesluit. Tog kan hierdie kontraste nie absoluut wees nie: So byvoorbeeld ontvou die verwoestende brand in *Georgicon* 2 as die klimaks van die boek, maar desnieteenstaande word die boek se stemming as 'lig' beoordeel. Ook kan Boek 4 se genuanseerde *Eurydicen ... a miseram Eurydicen* (525-26) bly talm as laaste indruk om die leser emosioneel en intensief by te bly, ten spyte van die opgewekte toon wat met die uitbeelding van die bye se *locus amoenus* en die regenerasie bewerkstellig word.

Edgeworth (1992:19), daarenteen, postuleer dat die wisseling in gemoedstemming in die *Aeneïs* eerder op die *frequensie* van kleurwoorde in 'n boek of gedeelte van 'n boek berus. Hoewel die omvang van die *Georgica* nie so wyd is as dié van die *Aeneïs* nie, beklemtoon die twee benaderings wat in hierdie studie gevolg is die besondere effek van kleur: Enersyds kan 'n term se betekenismoontlikheid/-

hede kontekstueel tot die betrokke reël(s) van die passasie beperk wees, terwyl kleurwoorde wat andersyds herhalend oor etlike reëls (selfs passasies en boeke), as tematiese kleurpare, as kontraste of as beklemtoning ingespan word, die betekenis subtiel aanvul en oordra. Aldus word Vergilius se veelvlakkigheid ten beste geïllustreer.

’n Kursoriese beoordeling van die aanwending van kleurterme in die vier boeke van die *Georgica* dui daarop dat daar ’n redelik eweredige verspreiding van terme vir ‘swart’ is. Daarenteen is woorde vir ‘wit’ swak verteenwoordig in Boeke 1 en 4 met die grootste aanwending in Boeke 2 en veral 3. Terme vir ‘geel en rooi’ het die grootste gebruik in Boeke 1 en 4 met terme vir ‘blou en groen’ wat ’n stelselmatige vermeerdering oor die vier boeke toon, met slegs enkele terme in Boek 1 en die grootste aanwending in Boek 4.

In Boek 1 speel kleurterme van die geel-en-rooi groepering ’n indrukwekkende rol en prent die terme vlamme helderheid, warmte en vurige aksie by die leser in. Tog slaag die digter daarin om met die twee crescendo’s – die storm wat oeste vernietig (311-34; met *viridis*, *flavus*, *niger* en *ater* uitgebeeld) en die uitbreek van die burgeroorlog (1.464b-514: slegs met *ferrugo* weergegee) – die atmosfeer negatief te laai. Die planmatig geplaasde *ferrugine* en die adjektief *obscura* in reël 467 dien as die finale kleurindruk op die leser net meer as veertig reëls voor die epiloog. Die kleurwaarde hiervan kom so sterk oor dat dit aansluit by die onderliggende beklemmende aard wat die kleurwoorde vir swart reeds daargestel het om hierdie boek op ’n negatiewe noot af te sluit.

Georgicon 2 open met ’n herfstoneel, waarvan die besondere kleurgebruik, hoewel implisiet, die leser betrek by die vrolikheid van die wynfees, ook as kontras vir die beklemmende slot van Boek 1. Die leser kan die warm en helder kleure voor die geestesoog visualiseer wat as ringkomposisionele element goed aansluit by die uitbeelding van die gelukkige man se lewe met *aureus* (538) waarmee die boek afgesluit word. Hoewel terme uit die wit, swart en geel-en-rooi groeperings min of meer ewe veel voorkom, is die uitbeelding van die verwoestende brand (303-11) opvallend, veral omdat die spanningslyn oor bykans twee honderd reëls met terme vir ‘wit’ en ‘swart’ opgebou is om stelselmatig die onderliggende suggestie van ’n ramp te vestig. Die effek van die brand is totale vernietiging, en al kan die enkele gebruik van die *verbum inceptivum*, *revirescere* (313) nie op nuwe groei en lewe dui nie, word die stemming tog nie negatief gelaai nie.

In Boek 3 dra die kombinasie van terme vir wit en swart weer tot die geleidelike opbou van elk van twee crescendo’s by om eerstens die verwoestende effek van *amor* uit te beeld, en tweedens met groter intensiteit dié van die dodelike pes in Noricum. Terme uit die geel-en-rooi groepering speel in beide onderafdelings ’n ondergeskikte rol, sodat die atmosfeer deurgaans negatief en swaarmoedig voorkom. Behalwe vir die opvallende gebruik van *viridis* (13) in die eerste *prooemium*, is die voorkoms van die blou-en-groen groepering slegs sporadies en beperk, hoewel die wit-en-groen kleurpaar ook hier figureer.

Kleurwoorde in Boek 4 is gelyk verdeel tussen die twee onderafdelings, en veral belangrik is die besondere rol wat terme vir blou-en-groen hier speel. Die geleidelike toename van hierdie terme oor

die verloop van die vier boeke dui tematies op herstel en nuwe lewe as onderliggende tema. Die afwesigheid van terme vir ‘wit’ en ‘swart’ (laasgenoemde slegs in die eerste onderafdeling) is besonder opvallend, ook die beskrywing van die bye en hul wêreld met die warm en helder kleure van terme uit die geel-en-rooi groepering. Rampspeed word dikwels deur ’n wanbalans van die elemente – hitte, dorheid, koue en vog – voorafgegaan, onder andere die storm in Boek 1 en die pes in Boek 3. In *Georgicon* 4 word hierdie tema aan die hand van Proteus en Orpheus in ’n geweldige kontras bygelê, waarna regenerasie volg.

Retrospektief kan Edgeworth se beskouing nou bevraagteken word: Dit is eerder die *betekenis* en die *funksie* van kleurterme wat die gemoedstemming in ’n boek bepaal. In *Georgicon* 1 kom drie-en-dertig kleurterme eksplisiet voor, dertig in Boek 2, vyf-en-dertig in Boek 3 en agt-en-dertig in *Georgicon* 4 wat geensins daarop dui dat die stemming van elke boek bloot op die selektiewe aanwending van ’n sekere getal kleurwoorde berus nie. Dit is dus hoofsaaklik Vergilius se uitsonderlike tegniek wat op verskeie wyses betekenis oordra en waarna daar reeds gedetailleerd in die voorafgaande hoofstukke verwys is: Kleur is dus veel omvattender as bloot die dekoratiewe element.

Soos aangedui in die Inleiding van hierdie tesis is die funksie van kleurwoorde veel wyer as slegs die beskrywende. Met verwysing na die *Eclogae* en die *Georgica* noem Edgeworth (1992:xiv) die volgende: “... the profusion of flowers and plants in those two works makes the task a dizzying one ...” In die *Georgica* is dit inderdaad nie die geval nie, aangesien Vergilius se kleurbeskrywing van blomme en plante besonder beperk is en kleurwoorde se sterk visuele kwaliteite baie selektief aangewend word: In 2.34 word kornoelies se helderrooi met *rubescēre* uitgebeeld; peerbloeisels se wit voorkoms in 2.71 met die sinsdeel *incanuit albo*; in 4.54 is blomme helderrooi, in 4.130 is lelies wit en in 4.274-75 is die *amellus* ’n besondere donkerpurper met ’n geel blomkern. Nietemin is dit besonder opvallend dat die digter vir die eerste keer in Boek 4 eers na slegs die *geur* van blomme verwys (sien 4.109: *invitent croceis halantes floribus horti*) waarna die uitsonderlike reëls 4.181-83 volg wat nou op beide blomme se geur en kleur dui: *crura thymo plenae; pascuntur et arbuta passim | et glaucas salices casiamque crocumque rubentem | et pinguem tiliam et ferrugineos hyacinthos* – ’n besonder treffende uitbeelding, moontlik ook as beklemtoning van die tema van regenerasie in hierdie boek.

Vanweë die digter se besondere keuse en gebruik van kleurwoorde kan die leser die uitbeelding in die geestesoog visualiseer. Nie net is sig die karakteristieke eienskap van *ἐνάργεια* (*descriptio*) nie, maar die beskrywing kan ook genuanseerd deernis ontlok, onder andere die nostalgiese verwysing na Mantua se wit swane en lowerryke stroom (2.198-99) en die wenperd se lyding in 3.497-514. Die herhaling van ’n spesifieke kleurterm of frase, onder andere *fetu nucis* in 2.69, kan as ringkomposisionele element oor reëls, passasies of selfs boeke strek, óf as saambindende faktor, óf om ’n alternatiewe betekenis uit te bou. Daarenteen kan ’n enkele woord swaar aan betekenis dra met as voorbeeld die rol wat *sanguineus* speel en veral ook *laetus* as die eerste nie-spesifiek kleur-aanduidende woord in reël 1, ’n tegniek waarna Thomas (2002:118) ook verwys: “... sometimes an apparently casual reference will be far from casual ... the context evoked may not seem relevant but on further

examination may emerge as highly significant.” Ook besonders is die wyse waarop Vergilius ’n beskrywing beklemtoon deur die voorafgaande of opvolgende versreëls te stroop van chromatiese waarde, onder andere die frase *obscura ... ferrugine* (1.467) wat oor ses-en-veertig reëls voor die leser se geestesoog bly talm.

In die tot hede oorgelewerde Latynse letterkunde is Vergilius nuutskepper van sekere kleurwoorde wat (moontlik) vir die eerste keer in die *Georgica* verskyn: *cruentus*, *igneus*, *incanescio*, *piceus*, *rubescio* en *vitreus*. Sou die bestaande kleurwoordeskat ontoereikend wees, word die kleurvoorkoms en die besondere kleurskakering noukeurig omskryf, onder andere die diep-purper van die *amellus*-blom (4.274-75). Terme word soms aangewend om ’n positiewe belewenis te ontlok, soos duidelik blyk uit die digter se beskrywing van die bye se *locus amoenus* in 4.18-20 – en dit met die aanwending van ’n enkele kleurterm: *at liquidi fontes et stagna virentia musco / adsint et tenuis fugiens per gramine rivus, / palmaque vestibulum aut ingens oleaster inumbret*. In Boek 2 skeep terme vir ‘wit’ en ‘swart’ ’n spanningslyn wat onderliggend oor meer as een honderd reëls opbou tot en met die klimaks: die uitbeelding van die brand wat die woud totaal vernietig. Insgelyks dra ‘wit’ en ‘swart’ in Boek 3 by om die verwoestende effek van die pes in Noricum as klimaks van hierdie boek uit te beeld.

Vergilius verwys ook terug na Griekse en Romeinse voorgangers en tydgenote wie se invloed die aanpassing van frases en stilistiese beskrywings behels, uitsluitlik om sy besondere doel te bereik. Volgens Thomas (1979:310 n.1) toon Romeinse digters ’n voorkeur vir kleure in die rooi en wit skakerings wat Clarke (2003: 291-92, 296) van Catullus, Propertius en Horatius beaam. So het hierdie studie dit óók van Vergilius aangedui wat ‘wit’ as een element van verskeie kleurpare aanwend: Veral in Boek 2 kom wit-en-rooi as twee verskillende temas in die *Georgica* voor, telkens veroordelend: Die eerste hou verband met die mens se sinnelose entingspraktyke wat Vergilius as ’n blatante skending van die natuur voorhou (sien 2.34 en 2.71-72). As tweede tema word die mens se misbruik van wyn voorgelou (sien 2.89-102) wat subtiel in 2.319-20 herhaal word. In al die voorbeelde van beide temas word die kleurterme uitsluitlik eksplisiet gebruik wat as ‘sterk’ kleurpare die onderskeie temas beklemtoon. In veral Boeke 1 en 2 word wit-en-groen as kleurpaar ingespan om die aarde se natuurlike vrugbaarheid te beklemtoon, terwyl wit-en-swart tematies op degenerasie dui. Dit word aanvaar dat só ’n beoordeling van hierdie kleurterme bloot as ’n subjektiewe beskouing afgemaak kan word, maar tog dui die uiters noukeurige en planmatige konstruksie van die teks op die teendeel.

Aangesien die navorsingsbasis vir hierdie studie so wyd strek om onder andere ook die *Eclogae* en die *Aeneïs* te betrek, het gebruikspatrone en alternatiewe kleurgebruik opgeduik wat daarop dui dat Vergilius kleurfrases op ’n tot nog toe ongekennde en baie uitsonderlike wyse aanwend. Opvallend is die frase *ilice nigra* – juis vanweë die oorbeklemtoning van die donker voorkoms van die boom met *nigra* – wat vir die eerste keer in *Ecl.* 6.54 voorkom, dan weer in *Geor.* 3.333-34 (... *nigrum ilicibus ... nemus ...*) en ook eenmalig in *Aen.* 9.381 (*ilice nigra*). Telkens word die leser met negatiewe assosiasies gekonfronteer wat voortydig ’n ramp aandui om die leser op ’n baie subtiel wyse onrustig te stem: Eerstens word Pasiphaë se onmenslike lot beklemtoon; in die tweede plek laai die donker steeneike die

atmosfeer negatief, aangesien die pes op hande is, en laastens dui die frase subtiel op beide Nisus en Euryalus se dood. Hoewel Clarke (2003:3) daarop wys dat die bestudering van kleurwoorde nie daarop gemik is om die kontroversiële kwessies van 'n gedig op te los nie, is dit juis Vergilius se 'vreemde' (maar volgens sommige kritici 'foutiewe') gebruik van kleurwoorde wat in sigself die oplossings bied. Hierdie besondere aspek van Vergilius se digterlike vermoëns dui op sy veelvlakkigheid wat gemis kan word, sou die leser (en die navorser) nie uiters noukeurig met die teks omgaan nie. In die *Georgica* is die frase *cruenta myrta* (1.306) doelbewus foutief en word dit vernuftig by wynbou (*vinum myrteum* of *myrtites*) betrek. As kontras vir *nix alta* in 1.310 (vier reëls verder) ontstaan die kleurpaar wit-en-rooi wat tematies aangewend word van die produk van die wynstok wat volgens Vergilius vir geweld en onmin verantwoordelik is en dus ook moreel onaanvaarbaar is.

Hierdie 'raaklees' van 'foutiewe' uitbeeldings kom veral in die *Aeneïs* voor en het ten doel om op subtiel wyse die leser se aandag vas te vang, ook as aanduiding van onheil wat te wagte kan wees. In *Aen.* 3.125 dui die frase *viridem Donusam* op Aeneas se toekomstige ontberinge en rampspoed; in 4.261 (*iaspide fulva*) dui goudbruin jaspis (in plaas van groen jaspis) op Aeneas se verraad teenoor Dido; in 5.309 het die frase *flava oliva* uiteenlopende verklarings ontlok, maar dit dien as voorspel tot die tragiese lot van beide Nisus en Euryalus in *Aen.* 9; die frase *flaventibus Arvis* in 7.721 hou verband met Sarpedon en beklemtoon Vergilius se afsku vir oorlogsgeweld en bloedvergieting; terwyl die frase *albo aurichalco* in 12.87-88 van Turnus se borsskede van 'wit' goud-allooi op sy uiteindelige lot dui.

André (1949:382-91) is van mening dat 'n analise van 'n digter se kleurstrategieë ons groter insig kan verskaf oor 'n digter se denkwyse en moontlik ook sy persoonlikheid. Dit is duidelik dat Vergilius oor 'n uitsonderlike waarnemingsvermoë beskik en dat sy beskrywings besonder lewensgetrou is, en dit ten spyte van sy kleurgebruik wat nie kwistig of lukraak aangewend word nie. Sien veral 4.181-83 – een van slegs twee passasies waarin daar vier kleurwoorde van 'n enkele tema aangetref word.

Wat sy persoonlikheid betref, is die beskrywing van die halsstarrige donkie en die *agitor aselli* (*Geor.* 1.273-75) 'n sprekende voorbeeld van die digter se fyn humorsin; so ook sy uitbeelding van die Libiese bok met sy gryse kenbaard (3.311-12) waarvoor die frase *incana menta* ingespan word, maar in die *Aeneïs* ook van Numa Pompilius (6.809-10).

Hierdie navorsing het gefokus op die wyse waarop geselekteerde kleurterme struktureel en kontekstueel binne die teks van die *Georgica* inpas, watter gebruikspatrone voorkom en wat die letterkundige impak van hierdie kleurwoorde is. Hiervolgens is dit duidelik dat Vergilius kleur op unieke wyses gebruik wat des te meer waardeer kan word, mits die leser oplettend is.

Waar hierdie navorsing oor Vergilius se kleurgebruik in die *Georgica* afgehandel is, kan Edgeworth (1992: xiii, 1) se woorde herhaal word, veral omdat dit nou ook hier van toepassing kan wees: "Without an understanding of Vergil's color strategies, our appreciation ... is incomplete ...". Aan die hand van 'n fyn seleksie van kleurwoorde slaag die digter telkens daarin om besonder lewensgetroue en manjifieke beskrywings weer te gee wat eg Vergiliaans en sprekend van artistieke

perfeksie is. Mag lesers hierna telkens met verskerpte geestesoë en -ore na die lees van die *Georgica* terugkeer.





BIBLIOGRAFIE

1 NASLAANWERKE

- Betteridge, H.T. 1966¹. *Cassell's German and English Dictionary*. Londen: Cassell & Co. Ltd.
- Blümner, H. (red.) 1969 [1887]. *Technologie und Terminologie der Gewerbe und Künste bei Griechen und Römern*. Vol. I-IV. Hildesheim: Georg Olms Verlagsbuchhandlung.
- Boisacq, E. 1923. *Dictionnaire Étymologique de la Langue Grecque: Étudiée dans Ses Rapports avec les Autres Langues*. Heidelberg: C. Winter.
- Bosman, D.B., Van der Merwe, I.W. en Hiemstra, L.W. 1977. *Tweetalige Woordeboek*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Burger, M. 1992. *Verwysingstegnieke*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Cary, M., Denniston, J.D., Duff, J. Wight, Nock, A.D., Ross, W.D. en Scullard, H.H. (reds.) 1949. *The Oxford Classical Dictionary*. Oxford: (At) (The) Clarendon Press.
- Colpe, C., Dihle, A., Kötting, B. en Waszink J.H. 1969. *Reallexicon für Antike und Christentum*. Band VII. Stuttgart: Anton Hiersemann.
- Cooper, L. 1916. *A Concordance of the Works of Horace*. Washington: The Carnegie Institution of Washington.
- De Stadler, L.G. 1994. *Groot Tesourus van Afrikaans*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.
- De Vaan, M. 2008. *Etymological Dictionary of Latin and the Other Italic Languages*. Leiden/Boston: Brill.
- Du Plessis, M. (red.) 2010 [2005]. *Pharos. Afrikaans-Engels, EngelsAfrikaans Woordeboek/Dictionary*. Kaapstad: NB Uitgewers.
- Enciclopedia Virgiliana*. 1988. Rome: Istituto della Enciclopedia italiana.
- Ernout, A. en Meillet, A. 1979. *Dictionnaire Étymologique de la Langue Latine: Histoire des Mots*. Parys: Klincksieck.
- Frisk, H. 1960. *Griechisches etymologisches Wörterbuch*. Heidelberg: C. Winter.
- Girard, D. 1964⁴. *Cassell's New French-English English-French Dictionary*. Londen: Cassell & Co. Ltd.
- Glare, P.G.W. (red.) 1982. *Oxford Latin Dictionary*. Oxford: (At) (The) Clarendon Press.
- Harper's Dictionary of Classical Literature and Antiquities*. 1963. New York: Cooper Square Publishers.
- Lewis, C.T. en Short, C. 1969. *A Latin Dictionary*. Oxford: Oxford University Press.
- Liddell, H.G., Scott, R., Jones, H.S. en McKenzie, R. 1968. *A Greek-English Lexicon*. Oxford: (At) (The) Clarendon Press.
- Luther, J., Pfeiffer, F. en Gouws, R.H. (reds.) 2015⁶. *HAT: Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Pearson.
- Lys Klassieke Eiename*. 1984. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Bpk.
- Maltby, R. 1991. *Lexicon of Ancient Latin Etymologies*. Leeds: F. Cairns.
- Merguet, H.
---- 1960. *Lexicon zu Vergilius*. Hildesheim: Georg Olms Verlagsbuchhandlung.
---- 1962. *Handlexicon zu Cicero*. Hildesheim: Georg Olms Verlagsbuchhandlung.
- Peck, H.T. (red.) 1963. *Harper's Dictionary of Classical Literature and Antiquities*. New York: Cooper Square Publishers, Inc.
- Price, S. en Kearns, E. (reds.) 2003. *The Oxford Dictionary of Classical Myth and Religion*. New York: Oxford University Press.

- Smith, W. 1954 [1863]. *Dictionary of Greek and Roman Geography. Volume I*. Walton & Maberley.
- Stoneman, R. 1991. *Greek Mythology. An Encyclopedia of Myth and Legend*. Londen: Aquarian Press.
- Thesaurus Linguae Latinae*. 1900<2015>Leipzig: Teubner.
- Van Dyk, T. en Coetzee, M. 2012. *Maak Sin van Verwysings*. Stellenbosch: Taalsentrum.
- Walde, A. en Hofmann J.B. 1938-1956. *Lateinisches etymologisches Wörterbuch*, I-II. Heidelberg: C Winter.
- Warwick, H.H. 1975. *A Vergil Concordance*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Wetmore, M.N. 1961 [1930: New Haven]. *Index Verborum Vergilianus*. Hildesheim: Georg Olms Verlagsbuchhandlung.

2 TEKSTE, VERTALINGS en KOMMENTARE

Aischulos

- *The Complete Aeschylus. Vol II: Persians and Other Plays*, vertaling deur P. Burian en A. Shapiro. New York: Oxford University Press, 2009.
- *Aeschylus, Agamemnon. Vol. I-III*, met teks, kommentaar en vertaling deur E. Fraenkel. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1962 [1950].
- *De Vertaling van Aeschylus' Agamemnon*, deur A. Hoekstra. Parys/New York: Elsevier, 1940.
- *Aeschyli Tragoediae*, met teks deur G. Murray. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1955 [1937].

Ammianus Marcellinus

- *Ammiani Marcellini Rerum Gestarum libri qui supersunt. Vol. I*, met teks deur C.U. Clark. Berlyn: Weidemanns, 2018 [1910].
- *Ammianus Marcellinus. History. Vol. II*, hersien met teks en vertaling deur J.C. Rolfe. Loeb Classical Library. Londen: Heinemann/Cambridge: Harvard University Press, 1972.
- *Ammianus Marcellinus. History. Vol. III*, hersien met teks en vertaling deur J.C. Rolfe. Loeb Classical Library. Londen: Heinemann/Cambridge: Harvard University Press, 1972.

Andronicus [L. Livius Andronicus]

- *A Linguistic Commentary on Livius Andronicus*, by I. Livingstone. New York: Routledge, 2004.
- *Livius Andronicus. Tragoediarum Fragmenta*, teks deur O. Ribbeck. Leipzig: Teubner, 1852.

Apollonius Rhodius

- *Apollonii Rhodii Argonautica. Vol. I-IV*, met teks deur H. Fränkel. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1961.
- *Apollonius of Rhodes. Argonautica. Boek III*, met teks en kommentaar deur R.L. Hunter. Cambridge: Cambridge University Press, 1989.
- *Apollonius of Rhodes. Argonautica. Boek IV*, met teks en kommentaar deur R.L. Hunter. Cambridge: Cambridge University Press, 2015.
- *Apollonius of Rhodes. The Voyage of the Argo*, met Engelse vertaling deur E.V. Rieu, hersien deur D.C.H. Rieu. Londen/New York: Penguin Books Ltd., 1971.
- *Argonautica*, met teks en Engelse vertaling deur R.C. Seaton. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1954.

Apuleius

- *Metamorphoses*, in Engels vertaal deur W. Adlington, met teks deur S. Gaselee. Loeb Classical Library. Londen: Heinemann/Cambridge: Harvard University Press, 1956-1958.
- *The Transformations of Lucius: otherwise known as 'The Golden Ass,'* met vertaling deur R. Graves; hersien met nuwe inleiding deur M. Grant. Harmondsworth: Penguin, 1990.
- *Apuleius: The Golden Ass or Metamorphoses*, met inleiding, kommentaar en vertaling deur E.J. Kenney. Londen: Penguin Books, 2004 [1998].
- *Apuleius' Florida: A Commentary*, met teks en Engelse vertaling deur B.T. Lee. New York: De Gruyter, 2005.

Aratus

- *Arati Phaenomena*, met inleiding, teks, tekskritiek, kommentaar en vertaling in Frans deur J. Martin. Florence: La Nuova Italia, 1956.

Aristophanes

- *Aristophanis Comoediae, Tomus I*, met teks en kommentaar deur F.W. Hall en W.M. Geldart. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 2009 [1900].
- *Aristophanis Comoediae, Tomus II*, met teks en tekskritiek deur F.W. Hall en W.M. Geldart. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1906.

Aristoteles

- *Aristotelis, De Caelo Libri Quattuor*, met teks deur D.J. Allen. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1936.
- *Aristotle. Historia Animalium Volume I. Books 1-X: Text*, deur D.M. Balme. Cambridge: Cambridge University Press, 2002.
- *Aristotle. History of Animals. Books VII-X*, vertaling deur D.M. Balme. Londen: Harvard University Press, 1991.
- *Aristotle. De Motu Animalium*, met vertaling deur A. Farquharson. Oxford: Oxford University Press, 1912.
- *Aristotle. De Sensu and De Memoria, text and translation with introduction and commentary*, deur G.R.T. Ross. New York: Arno Press, 1973 [1905].
- *Complete Works of Aristotle. Vol. I*, met vertaling deur J. Barnes. Princeton: Princeton University Press, 1984.
- *Aristotelis Opera. Vol. I (Ancient Greek)*, deur I. Bekker. Charleston: Nabu Press, 2010.

Caesar [Gaius Iulius Caesar]

- *C. Iuli Caesararis Commentarii Libri III De Bello Civili, recognovit brevique adnotatione critica instruxit*, deur C. Damon (red.). Oxford: Oxford University Press, 2015.
- *C. Iuli Caesararis Commentariorum Libri III: De Bello Civili*, met teks en kommentaar deur A.G. Peskett. Cambridge: Cambridge University Press, 1903.

Calpurnius [Titus Calpurnius Siculus]

- *Bucolica, Calpurnii et Nemesiani*, met teks deur C. Giarratano. Turyn: Paravia, 1951.
- *Calpurnii et Nemesiani Bucolica ... Primary Source Edition*, met teks, tekskritiek en Engelse vertaling deur H. Schenkl. Charleston: Nabu Press, 2014 [1885].

Cato [Marcus Porcius Cato]

- *Caton de l'Agriculture*, met teks deur R. Goujard. Parys: Soci t  D' dition, 1975.
- *On Agriculture: Marcus Porcius Cato. On Agriculture: Marcus Terrentius Varro*, met Engelse vertaling deur W.D. Hooper en Latynse teks hersien deur H.B. Ash. Loeb Classical Library. Cambridge: Harvard University Press, 1993 [1934].

Catullus [Gaius Valerius Catullus]

- *Catullus, Tibullus and Pervigilium Veneris*, Engelse vertaling deur F.W. Cornish. Loeb Classical Library. Cambridge: Harvard University Press/Londen: Heinemann, 1976.
- *Catullus*, teks en kommentaar deur C.J. Fordyce. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1966 [1961].
- *Catullus: The Shorter Poems*, met inleiding, teks en uitgebreide kommentaar deur J. Godwin. Liverpool: Liverpool University Press, 1999.
- *Catullus: Poems 61-68*, met teks en kommentaar deur J. Godwin. Liverpool: Liverpool University Press, 1995.
- *The art of love, and other poems*, met teks deur G.P. Goold (red.) en vertaling deur J.H. Mozley. Loeb Classical Library. Cambridge: Harvard University Press/Londen: Heinemann, 1979.
- *Catullus, Tibullus and Pervigilium Veneris*, Engelse vertaling deur G.P. Goold. Cambridge: Harvard University Press, 1988.
- *Il Libro di Catullo*, met teks en kommentaar deur M. Lenchantin de Gubernatis. Turyn: Loescher, 1958.

- *Catullus*, met teks en kommentaar deur C. Martin. New Haven: Yale University Press, 1992.
- *The Poems of Catullus*, vertaal deur F.R. Raphael en K. McLeish. Londen: Jonathan Cape, 1978.

Cicero [Marcus Tullius Cicero]

Orationes

- *Orationes. Vol. I-VI*, met teks deur A.C. Clark. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1951-1952 [1905].
- *Cicero. Philippics I-II*, met teks en kommentaar deur J.T. Ramsey. Cambridge: Cambridge University Press, 2003.

Philosophica

- *Cicero, On Academic Scepticism*, met vertaling, inleiding en notas deur C. Brittain. Cambridge: Hackett Publishing Company, 2006.
- *De Natura Deorum; Academica*, met volledige teks en vertaling deur H. Rackham. Londen: W. Heinemann, 1933.
- *Cicero: The Nature of the Gods*, met teks, notas en vertaling deur P.G. Walsh. Oxford: Clarendon Press, 1997.
- *Cicero: De Senectute, De Amicitia, De Divinatione*, met teks en Engelse vertaling deur W.A. Falconer. Loeb Classical Library. Cambridge: Harvard University Press/Londen: Heinemann, 1935.
- *Cicero. Tusculan Disputations [Boeke I-V]*, met vertaling deur J.E. King. Loeb Classical Library. Cambridge: Harvard University Press/Londen: Heinemann, 1927.

Columella [Lucius Iunius Moderatus Columella]

- *Lucius Junius Moderatus Columella on Agriculture (De Re Rustica)*, Vol. I-III, met vertaling deur E.S. Forster en E.H. Heffner. Loeb Classical Library. Londen: Heinemann/Cambridge: Harvard University Press, 1968.

Dio Cassius

- *Cassii Dionis Cocceiani Historiarum Romanarum*, Vol. I-III, teks deur U.P. Boissevain. Berlyn: Weidmann, 1955.

Diodorus Siculus

- *Diodorus Bibliotheca Historia. Vol. I-II*, met teks deur Fr. Vogel. Stuttgart: Teubner, 1984.
- *Diodorus of Sicily in Twelve Volumes. II. Book II. 35 – IV. 58*, met teks en vertaling deur C.H. Oldfather. Loeb Classical Library. Londen: Heinemann/Cambridge: Harvard University Press, 1967 [1953].

Dionysios van Halikarnassos

- *Critical Essays, Volume 1. Ancient Orators. Lysias. Isocrates. Isaeus. Demosthenes. Thucydides.* Dionysius of Halicarnassus Volume VIII, vertaal deur S. Usher. Loeb Classical Library. Londen: Heinemann/Cambridge: Harvard University Press, 1974.
- *Dionysii Halicarnassenis Opera Omnia, graece et latine. Vol. I-VI*, met teks, vertaling en notas deur H. Stephan *et al.* Leipzig: Weidmann, 1774-1777.
- *Dionysius Halicarnaseus quae exstant. Vol. VI-VII*, met teks deur H. Usener en L. Rademacher. Stuttgart: Teubner, 1965.

Ennius [Quintus Ennius]

- *The Annals of Ennius*, met teks en kommentaar deur O. Skutsch. Oxford: Clarendon Press, 1986.

Epikuros

- *Epicurus: The Extant Remains*, met vertaling en notas deur C. Bailey. Hildesheim: Georg Olms Verlag, 1970 [1926].
- *Epicure. Lettres et Maximes*, met teks deur M. Conche. Villers-Sur-Mer: Éditions de Mégare, 1977.

Euripides

- *Euripidis Fabulae. Tomus I en II*, met teks deur J. Diggle. Oxford: Oxford University Press, 1984.
- *Euripidis Fabulae. Tomus I*, met teks deur G. Murray. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1955.

- *Euripidis Fabulae. Tomus II*, met teks deur G. Murray. Oxford: Oxford University Press, 1949 [1900].
- *Euripides. Plays, Vol. I-II*, met vertaling deur A.S. Way. Londen: Dent, 1959.

Gellius [Aulus Gellius]

- *A. Gellii Noctes Atticae. Recognovit brevique adnotatione critica instruxit. Tomus I: Praefatio et Libri I-X ab Leofranco Holford-Strevens*. Oxford Classical Texts. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 2019.
- *Aulus Gellius Noctes Atticae Volume I (Books 1-10)*, by P.K. Marshall. Oxford Classical Texts. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1968.
- *Aulus Gellius Noctes Atticae Volume II (Books XI-XX)*, by P.K. Marshall. Oxford Classical Texts. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1968.

Herodotus

- *Hérodote. L'Enquête*. Vol. I-IX, met vertaling en kommentaar deur A. Barget. Parys: Gallimard, 1985-1990.
- *Herodot Historien*. Vol. I (1-5) en II (6-10), met teks en vertaling deur J. Felix. Munchen: Heimeran Verlag, 1963.
- *Histories of Herodotus*. Vol. I-II, met vertaling deur G. Rawlinson. Londen: Dent, 1964.

Hesiodos

- *Hesiodus. Carmina*, met teks deur A. Rzach. Stuttgart: Teubner, 1992.
- *Hesiodi Theogonia, Opera et Dies, Scutum*, met teks deur F. Solmsen; *Fragmenta*, teks deur R. Merkelbach en M.L. West. Oxford: Clarendon Press, 1970.

Homerus

Ilias

- *Homeri Opera. Iliadis. Tomus I (Libri I-XII)*, teks deur T.W. Allen. 1946. Oxford Classical Texts Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1946.
- *Homeri Opera. Iliadis. Tomus II (Libri XIII-XXIV)*, teks deur T.W. Allen. Oxford Classical Texts Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1978.
- *Homerus. Die Ilias*, in Afrikaans vertaal deur J.P.J. van Rensburg. Stellenbosch: Pro Ecclesia, 1954.

Odyssea

- *Homeri Opera. Odysseae. Tomus III (Libri I-XII)*, teks deur T.W. Allen. Oxford Classical Texts. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1950.
- *Homeri Opera. Odysseae. Tomus IV (Libri XIII-XXIV)*, teks deur T.W. Allen. Oxford Classical Texts Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1939.
- *Homer. The Odyssey*, in Engels vertaal deur M. Hammond. Londen: Duckworth, 1939.

Horatius [Quintus Horatius Flaccus]

- *Horace*, met kommentaar deur E. Fraenkel. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1957.
- *Q. Horati Flacci. Opera*, teks deur E.C. Wickham en H.W. Garrod. Oxford Classical Texts. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1947 [1901].

Ars Poetica

- *Horace on Poetry: The 'Ars Poetica'*, met kommentaar deur C.O. Brink. Cambridge: Cambridge University Press, 1971.

Carmina/Odes

- *The Odes of Horace*, met teks en kommentaar deur J.H. Kaimowitz. Baltimore: The Johns Hopkins University Press, 2008.
- *Horace: The Odes*, met teks en kommentaar deur K. Quinn. Hong Kong: St. Martin's Press, 1980.
- *A Commentary on Horace: Odes. Book I*, deur R.G.M. Nisbet en M. Hubbard. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1970.
- *A Commentary on Horace: Odes. Book II*, deur R.G.M. Nisbet en M. Hubbard. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1978.

- *A Commentary on Horace: Odes. Book III*, deur R.G.M. Nisbet en N. Rudd. Oxford: Oxford University Press, 2004.
- *Horace Odes III. Dulce Periculum*, met teks, vertaling en kommentaar deur D. West. 2002. Oxford: Oxford University Press.

Carmina et Epodi

- *Q. Horati Flacci Carmina. Liber Epodon*, teks en vertaling deur J. Gow. Cambridge: (At) (The) University Press, 1932.
- *Q. Horatii Flacci Carminum Libri IV. Epodon Liber*, teks en kommentaar deur T.E. Page. Londen: Macmillan & Co. Ltd., 1959 [1883].

Epistulae

- *The Epistles of Horace*, met teks en kommentaar deur A.S. Wilkins. Londen: Macmillan & Co. Ltd., 1965.

Epodi

- *Horace: Epodes*, teks en kommentaar deur D. Mankin. Cambridge: Cambridge University Press, 1995.

Isidorus Hispalensis

- *The Etymologies of Isidore of Seville*, met volledige Engelse vertaling deur S.A. Barney [et al.]. Cambridge: Cambridge University Press, 2005.
- *Isidori Hispalensis Episcopi Etymologiarum sive Originum Libri XX Volume I, recognovit brevisque adnotatione critica instruxit*, deur W.M. Lindsay. Oxford: Clarendon Press, 1911.

Juvenalis [Decimus Iunius Juvenalis]

- *D. Iunii Juvenalis Saturae XIV*, teks deur J.D. Duff. Cambridge: (At) (The) University Press, 1970 [1898].
- *Juvenal. The Satires*, met kommentaar deur J. Ferguson. New York: St Martin's Press, 1979.

Kallimachos

- *Callimachus; Aetia, with introduction, text and translation. Commentary in two volumes* by A.M. Harper. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1979.
- *Callimachus: Hecale, with introduction, text and translation. Extended commentary in two volumes* by H.A. Hollis. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 2009².
- *Callimachi. Hymni et Epigrammata*, met teks deur U. von Wilamowitz-Moellendorff. Berlyn: Weidmann, 1962 [1881].
- *Callimachus: The Hymns. Edited with introduction, translation and comments*, deur S.A. Stephens. Oxford: Oxford University Press, 2015.
- *Callimachus: Hymn to Apollo*, met kommentaar deur F.J. Williams. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1978.

Livius [Titus Livius]

- *Titi Livii. Ab Urbe Condita Libri. Tomus I et IV*, met teks deur R.S. Conway en C.F. Walters. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1951 [1914].
- *Titi Livii. Ab Urbe Condita Libri. Tomus V (31-35)*, met teks deur A.H. McDonald. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1965.
- *Titi Livii. Ab Urbe Condita Libri XLI-XLV*, met teks deur J. Briscoe. Leipzig: Teubner, 1976.

Lucilius [Gaius Lucilius]

- *Latin verse satire: an anthology and critical reader*, met teks en vertaling deur P.A. Miller. Londen: Routledge, 2005.
- *Saturarum, Gaius Lucilius*, met teks en vertalings deur K. Lachmann. Charleston: Nabu Press, 2010 [<1923].

Lucretius [Titus Lucretius Carus]

- *Titi Lucreti Cari. De Rerum Natura. Libri Sex. Volume I*, met teks en vertaling deur C. Bailey. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1966a [1947].
- *Titi Lucreti Cari. De Rerum Natura. Libri Sex. Volume II*, met kommentaar deur C. Bailey. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1966b [1947].
- *Titi Lucreti Cari. De Rerum Natura. Libri Sex. Volume III*, met kommentaar deur C. Bailey. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1966c [1947].
- *Lucretius, De Rerum Natura Book III*, met teks en kommentaar deur E.J. Kenney. Cambridge: Cambridge University Press, 2001 [1971].
- *Lucretius: On the Nature of Things*, vertaling met inleiding en notas deur M.F. Smith. Cambridge: Hackett Publishing Company, Inc., 2001 [1969].

Macrobius [Ambrosius Theodosius Macrobius]

- *Macrobius: The Saturnalia*, met teks, vertaling en kommentaar deur P.V. Davies. New York: Columbia University Press, 1969.

Manilius [Marcus Manilius]

- *M. Manilii Astronomica*, met teks en notas deur A.E. Housman. Londen: Cambridge University Press, 1933.

Martialis [Martialis Marcus Valerius]

- *Epigrammata*, met teks deur W.M. Lindsay. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1929 [1903].
- *M. Valerii Martialis, Epigrammaton liber 3*, met vertaling en notas deur F. Alessandro. Zurich: Georg Olms Verlag, 2006.
- *Martial, Buch IV*, met kommentaar deur F. Grewing. Gottingen: Vandenhoeck & Ruprecht, 1997.

Minucius Felix

- *Ancient Christian Writers. The Octavius of Marcus Minucius Felix*, vertaal deur G.W. Clarke. New York: Paulist Press, 1974.

Nikandros

- *Poems and Poetical Fragments. Nicander of Colophon* met teks, vertaling en notas deur A.S.F. Gow en A.F. Scholfield. Cambridge: (At) (The) University Press, 1953.

Ovidius [Publius Ovidius Naso]

- *The Offense of Love: Ars Amatoria, Remedia Amoris, and Tristia 2 by Ovid*, 'n versvertaling met inleiding en kommentaar deur J.D. Hejduk. Madison: The University of Wisconsin Press, 2014.
- *Ovid: Epistulae Ex Ponto Book 1*, deur G. Tissol. New York: Cambridge University Press, 2014.
- *Ovid: Fasti*, vertaal en versorg deur A.J. Boyle en R.D. Woodard. Herdruk met korreksies. Londen: Penguin Books, 2004 [2000].
- *Ovid: Fasti Book 3*, met teks en kommentaar deur E.S. Heyworth. Cambridge: Cambridge University Press, 2019.
- *Ovid: Heroides. Select Epistles*, met teks en kommentaar deur P.E. Knox. Cambridge: Cambridge University Press, 2000 [1995].

Metamorphoses

- *Ovid. Metamorphosen*, in 5 volumes, met teks deur F. Bömer. Heidelberg: Universitätsverlag Winter, 1969-1980.
- *Ovid Metamorphoses: The new, annotated edition*; vertaal deur R. Humphries; geannoteer deur J.D. Reed. Bloomington: Indiana University Press, 2018.
- *P. O. Nasonis*, met teks deur E.J. Kenney. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1961.
- *P. O. Nasonis*, met teks deur R.J. Tarrant. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 2004.

Parmenides

- *The Fragments of Parmenides*, met teks, vertaling en kommentaar deur A.H. Coxon. Maastricht: Van Gorcum, 1986.

- *The Fragments of Parmenides: A critical text with introduction, translation, the ancient testimonia and a commentary*, deur A.H. Coxon, hersien en aangepas deur R. McKirahan. Las Vegas/Zurich/Athens: Parmenides Publishing, 2009.
- *Parmenides: Text with Translation, Commentary, and Critical Essays*, deur L. Tarán. Princeton: Princeton University Press, 1965.

Pindaros

- *Pindari. Carmina I & II cum fragmentis*, met teks deur C.M. Bowra. Oxford: Blackwell, 1957.
- *Pindar. Nemean odes, Isthmian odes, Fragments [in two volumes]*, met teks en vertaling deur W.H. Race. Loeb Classical Library. Cambridge: Harvard University Press, 1997.
- *Pindaros, von U. von Moellendorff-Willamowitz*. Berlyn: Weidmannsche Buchhandlung, 1922.

Plato

- *Platonis Opera*. Vol. I-V, met teks deur J. Burnet. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1910.
- *Plato's Timaeus. Translation, Appendices and Introductory Essay*, deur P. Kalkavage. Indianapolis/Cambridge: Hackett Publishing Company, 2001.

Plautus [Titus Maccius/Maccus Plautus]

- *Plaute, in 7 volumes*, in Frans vertaal deur A. Ernout. Parys: Société d'Édition 'Les Belles Lettres,' 1970.
- *Plautus. Comoediae. Vol. I*, met teks deur W.M. Lindsay. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1952 [1904].
- *Plautus. Comoediae. Vol. II*, met teks deur W.M. Lindsay. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1940 [1905].
- *Plautus, The Pot of Gold and Other Plays*, vertaal deur E.F. Watling. Harmondsworth: Penguin, 1965.

Plinius [Gaius Plinius Secundus]

- *Histoire Naturelle; Pline L'Ancien Naturalis*, met teks, inleiding en vertaling in Frans. Volumes 1-37. Collection des Université de France; deur A. Ernout *et al.*. Parys: Société d'Édition 'Les Belles Lettres,' 1947-2015.
- *In C. Plini Secundi Naturalis Historiae Libros Indices [2 volumes in 1]*, met teks deur O. Schneider. Hildesheim: G. Olms, 1967.

Plinius [Gaius Plinius Caecilius Secundus]

- *The Letters of the Younger Pliny*, translated by J.D. Lewis. Londen: Kegan Paul, Trench, Trübner & Co. Ltd., 1890.
- *Epistulae Selectae. Commentary: Plinius*, deur F. Smuts *et al.*. Tria saecula-series. Stellenbosch: University of Stellenbosch, 1980.

Plutarchos

- *Plutarch's Moralia: In Sixteen Volumes*, met teks en vertaling deur F.C. Babbitt. Loeb Classical Library. Cambridge: Harvard University Press/Londen: Heinemann, 1969.
- *Selected Essays and Dialogues: Plutarch*, met vertaling deur D.A. Russell. Oxford/New York: Oxford University Press, 1993.

Polybius

- *Polybius. Histoires, Vol. I-V, XII (fragmenta)*, met teks deur P. Pédech en Franse vertaling (III en IV) deur Jules de Foucault. Parys: Société d'Édition 'Les Belles Lettres,' 1961-1977.
- *A Historical Commentary on Plutarchos: Commentary on Books I-VI*, deur F.W. Walbank. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1970.

Propertius [Sextus Propertius]

- *Propertius I*, met inleiding teks, kommentaar en vertaling deur R.J. Baker. Armindale: University of New England, 1990.
- *Sexti Properti Carmina*, teks hersien deur E.A. Barber. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1960.

- *Sex. Propertii Elegiarum. Liber II*, met teks en kommentaar deur J. Enk. Leiden: Sijthoff, 1962.
- *Propertius*, met die vertaling van seleksies deur M. Hubbard. Londen: Duckworth, 1974.
- *Propertius. The Poems*, met vertaling deur G. Lee. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1994.

Quintilianus [M. Fabius Quintilianus]

- *Institutiones Oratoriae, Libri Duodecim*. Vol. 1-VI, met teks deur M. Winterbottom. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1970.

Sappho

- *Sappho, A New Translation. Translated by M. Barnard*; met voorwoord deur D. Fitts. Berkeley/Los Angeles: University of California Press, 2019 [1958].
- *Sappho. Poems and Fragments*, vertaling deur S. Lombardo. Cambridge: Hackett Publication Co., 2002.
- *Poetarum Lesbiorum Fragmenta*, deur E. Lobel en D.L. Page. Oxford: Clarendon Press, 1955.
- *Greek Lyric Poetry. A New Translation by M. L. West. The Poems and Fragments of the Greek Iambic, Elegiac and Melic Poets down to 450BC* [insluitend Archilochos en Alkman, Sappho en Mimnermus, Anacreon, Simonides *et al.*], met inleiding en notas deur M.L. West. Oxford: Oxford University Press, 1994.
- *Sappho: Memoir, text, selected renderings and a literal translation, by H.T. Wharton*. Londen: J Lane/Chicago: AC McClurg & Co., 1898.

Seneca Minor [Lucius Annaeus Seneca]

- *The Satire of Seneca on the Apotheosis of Claudius, by A.P. Ball (with introduction, notes, and translations)*. New York: Columbia University Press/Londen: Macmillan, 1902.
- *Petronius Arbiter: The Satyricon and Seneca: The Apocolocyntosis*, vertaal deur J.P. Sullivan. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books, 1986.
- *Ad Lucilium Epistulae Morales. Kommentar*. Bd. 1: teks; Bd. 2: deur E.A. Kirfel. Munster: Aschendorff, 1986.
- *Sénèque. Questions Naturelles*. Vol. I -II, met teks en vertaling in Frans deur P. Oltramare. Parys: Société d'Édition 'Les Belles Lettres,' 1929.
- *Lucius Annaeus Seneca. The Complete Tragedies. Volume I. Translated by S. Bartsch, S. Braund, A. Dressler and E. Fantham. Edited by S. Bartsch*. Londen: The University of Chicago Press Ltd., 2017.
- *L. Annaei Senecae, Tragoediae*, met teks deur O. Zwierlein. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1968.
- *The complete Roman drama: all the extant comedies of Plautus and Terence; and the tragedies of Seneca*. Vol. I en II, deur G.E. Duckworth. New York: Random House, 1942.

Servius [Maurus/Maurius Servius Honoratus]

- *Servii Grammatici qui feruntur in Vergilii Bucolica et Georgica Commentarii*; in drie volumes deur G. Thilo. Hildesheim: Georg Olms, 1961 [1887].

Silius Italicus

- *Silius Italicus: Punica Volume I Books 1-8, translated by J.D. Duff*. Loeb Classical Library. Cambridge: Harvard University Press/Londen: Heinemann, 1934.
- *Silius Italicus: Punica Volume II Books 9-17, translated by J.D. Duff*. Loeb Classical Library. Cambridge: Harvard University Press/Londen: Heinemann, 1934.
- *La Guerre Punique*, met teks en notas in Frans deur G. Devallet. Parys: Société d'Édition 'Les Belles Lettres,' 1979 <1984>.
- *Sili Italica Punica*, 'n nuwe uitgawe deur J. Delz. Stuttgart: Teubner, 1987.

Simonides

- *Greek Lyric Poetry: The Poems and Fragments of the Greek Iambic, Elegaic and Melic Poets* [Pindaros en Bakchulides uitgesluit] met notas en vertaling deur M.L. West. Oxford: Oxford University Press, 1994.

Sophokles

- *The Fragments of Sophocles*, met teks en kommentaar deur A.C. Pearson. Amsterdam: Adolf M. Hakkert, 1963.
- *Oedipus Coloneus, Trachiniae, Antigone*, vertaal deur H. Lloyd-Jones. Loeb Classical Library. Londen: Harvard University Press, 1994.
- *The Oedipus Coloneus of Sophocles, with a commentary abridged from the large edition of RC Jebb and ES Schuckburgh*. Cambridge: Cambridge University Press, 1955.

Statius [Publius Papinius Statius]

Silvae

- *P. Papini Stati Silvae*, met teks deur E. Courtney. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1990
- *Silvae: Statius. Edited and translated by D.R. Shackleton-Bailey*. Hersien deur C.A. Parrott. Loeb Classical Library. Londen: Heinemann/Cambridge: Harvard University Press, 2015.

Thebais

- *P. Papini Stati Thebaid*, met teks deur T.C. Klinnert. Munchen: Teubner, 1973 [1908].
- *Statius with an English translation by J.H. Mozley: M.A. in two volumes: II. Thebaid, V-XII. Achilleid*. Loeb Classical Library. Londen: Heinemann/Cambridge: Harvard University Press, 1969.

Suetonius [Gaius Suetonius Tranquillus]

- *Suétone. Grammairiens et Rhéteurs*, met teks en kommentaar deur M.C. Vacher. Parys: Société d'Édition 'Les Belles Lettres,' 1993.
- *Suetonius. Life of Augustus. Vita Divi Augusti. Translated with Introduction and Historical Commentary, by D. Wardle*. Oxford: Oxford University Press, 2014.

Tacitus [Cornelius Tacitus]

- *Tacitus: Agricola*, met teks deur J. Delz. Stuttgart: Teubner, 1983.
- *Annals, Histories, Agricola, Germania*, vertaal deur A.J. Church en W.J. Brodribb. New York: Alfred A. Knopf, 2009.
- *Annalium Liber XV*, met teks en kommentaar deur N.P. Miller. Londen: Macmillan, 1973 [<1923].
- *Tacitus: Germania*, met teks en kommentaar deur J.B. Rives. Oxford: Clarendon Press, 1999.

Terentius [Publius Terentius Afer]

- *Terence: Adelphoe*, met teks, vertaling en kommentaar deur R.H. Martin. Cambridge: Cambridge University Press, 1976.
- *The Comedies of Terence*, met vertaling deur R. Graves en E. Laurence. Londen: Cassell, 1963.
- *Terence: The Comedies [complete Roman drama]*, met vertaling deur S.P. Palmer, C. Carrier en D. Parker. Baltimore: Johns Hopkins University Press, 1992.
- *Phormio*, vertaling deur J. Sargeaunt. Loeb Classical Library. Cambridge: Harvard University Press/Londen: Heinemann, 1959.

Theokritos

- *Theocritus I. Text*, met vertaling ingesluit deur A.S.F. Gow. Cambridge: (At) (The) University Press, 1952a.
- *Theocritus. II. Commentary*, deur A.S.F. Gow. Cambridge: (At) (The) University Press, 1952b.
- *The Poems of Theocritus*, met vertaling deur A. Rist. Chapel Hill: The University of North Carolina Press, 1978.
- *Theocritus, Moschus, Bion*, met teks en vertaling deur N. Hopkinson. Cambridge: Harvard University Press, 2015.

Theophrastus

- *Historia Plantarum*. Vol. I-II, vertaal deur A.H. Hort. Loeb Classical Library. Cambridge: Harvard University Press/Londen: Heinemann, 1976 [1949].
- *De Causis Plantarum*. Vol. I-III, vertaal deur G.P. Goold, teks en vertaling deur B. Einarson en G.K.K. Link. Londen: Harvard University Press, 1990.

Tibullus

- *Tibullus: Elegies*, met teks en kommentaar deur R. Maltby. Cambridge: Francis Cairns, 2002.

Valerius Flaccus

- *Valerius Flaccus*, met Engelse vertaling deur J.H. Mozley. Loeb Classical Library. Londen: Heinemann/Cambridge: Harvard University Press, 1958.

Varro, Marcus Terentius

- *De Lingua Latina I*, vertaling deur R.G. Kent. Loeb Classical Library. Londen: Heinemann/Cambridge: Harvard University Press, 1958.
- *M. Terentii Varronis Saturarum Menippearum*, met teks deur R. Astbury. Leipzig: Teubner, 1985.
- *Res Rusticae*, met vertaling deur W.D. Hooper. Loeb Classical Library. Cambridge: Harvard University Press/Londen: Heinemann, 1993.
- *Varro The Farmer. A Selection from the Res Rusticae*, teks en kommentaar deur B. Tilly. Londen: University Tutorial Press, 1973.

Velleius Paterculus

- *Historiae Romanae*, vertaling deur F.W. Shipley. Loeb Classical Library. Cambridge: Harvard University Press/Londen: Heinemann, 1955.

Vergilius

Eclogae

- *Virgil. Eclogues*, met geredigeerde teks en kommentaar deur R. Coleman. Cambridge: Cambridge University Press, 1970.
- *A Commentary on Virgil. Eclogues*, met teks en kommentaar deur W. Clausen. Oxford: Clarendon Press, 1994.

Georgica

- *Georgiche*, teks en kommentaar deur A. Barchiesi. Milaan: Mondadori, 1980.
- *Le Georgiche di Virgilio. Libri I-II commentate e tradotte*, deur F. della Corte. Florence: Istituto di Filologia Classica e Medievale, 1986a.
- *Le Georgiche di Virgilio. Libri III-IV commentate e tradotte*, deur F. della Corte. Florence: Istituto di Filologia Classica e Medievale, 1986b.
- *P. Vergilius Maro. Georgica. Band I, Einleitung, Praefatio, Text und Übersetzung*, deur M. Erren. Heidelberg: Carl Winter Universitätsverlag, 1985.
- *P. Vergilius Maro. Georgica. Band II. Kommentar*, deur M. Erren. Heidelberg: Carl Winter Universitätsverlag, 2003.
- *Virgil: Georgics I & IV*, teks en kommentaar deur H.H. Huxley. Strand: Methuen & Co. Ltd., 1963.
- *Virgil's Georgics*, met teks en kommentaar deur R.A.B. Mynors. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1990.
- *Virgil. Georgica*, teks en kommentaar deur W. Richter. Munchen: Max Hueber Verlag, 1957.
- *Georgics. Volume I: Books I-II*, teks en kommentaar deur R.F. Thomas. Cambridge: Cambridge University Press, 1988a.
- *Virgil. Georgics. Volume II: Books II-IV*, teks en kommentaar deur R.F. Thomas. Cambridge: Cambridge University Press, 1988b.
- *The Georgics of Virgil. A Critical Survey*, deur L.P. Wilkinson. Cambridge: University Press, 1969.
- *The Georgics ('Texts, Transcriptions and Commentaries')* deur L.P. Wilkinson. Harmondsworth: Penguin, 1982b.

Eclogae et Georgica

- *Vergil: Bucolica, Georgica*, kommentaar deur G. Maurach. Pretoria: University of South Africa, 1983.
- *P. Virgillii Maronis Bucolica et Georgica, with notes*, deur J. Martyn. Oxford: J. Vincent, 1829.
- *P. Vergili Maronis. Bucolica et Georgica*, teks en kommentaar deur T.E. Page. Londen: Macmillan and Company Ltd., 1968 [1896].
- *Virgil. The Eclogues & Georgics*, met inleiding en notas deur R.D. Williams. New York: St Martin's Press, 1979.

Afrikaanse vertalings

- *Eclogae en Georgica*, vertaling in Afrikaans deur J.T. Benade. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, 1983.
- *Vergilius. Landelike Poësie. Bucolica. Georgica*, met Afrikaanse vertaling deur N.A. Blanckenberg. Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij, 1975.

Vergilius, Aeneïd

- *P. Vergili Maronis. Aeneidos. Liber Unus*, met teks en kommentaar deur R.G. Austin. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1971.
- *P. Vergili Maronis. Aeneidos. Liber Secundus*, met teks en kommentaar deur R.G. Austin. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1964.
- *Virgil, Aeneid 3. A Commentary*, deur N. Horsfall. Leiden: Brill, 2006.
- *P. Vergili Maronis. Aeneidos. Liber Tertius*, met teks en kommentaar deur R.D. Williams. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1962.
- *P. Vergili Maronis. Aeneidos. Liber Quartus*, met teks en kommentaar deur R.G. Austin. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1955.
- *P. Vergili Maronis. Aeneidos. Liber Quintus*, met teks en kommentaar deur R.D. Williams. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1960.
- *P. Vergili Maronis. Aeneidos. Liber Sextus*, met teks en kommentaar deur R.G. Austin. Oxford: (At) (The) Clarendon Press, 1977.
- *P. Vergilius Maro Aeneis Buch VI*, met teks en kommentaar deur E. Norden. Stuttgart: B G Teubner Verlagsgesellschaft, 1957.
- *The Aeneid of Virgil, Books I-VI*, met teks en kommentaar deur T.E. Page. Londen: Macmillan & Co. Ltd., 1960 [1894].
- *P. Vergili Maronis Aeneidos Libri VII-VIII*, met kommentaar deur C.J. Fordyce. University of Glasgow: Oxford University Press, 1977.
- *Virgil, Aeneid 7. A Commentary*, met vertaling en kommentaar deur N. Horsfall. Leiden: Brill, 2000.
- *Virgil. Aeneid Book VIII*, met teks en kommentaar deur K.W. Gransden. Cambridge: Cambridge University Press, 1976.
- *Virgil Aeneid IX*, met teks en kommentaar deur P. Hardie. Cambridge: Cambridge University Press, 1994.
- *Virgil Aeneid 10, with Introduction, Translation and Commentary*, deur S.J. Harrison. Oxford: Clarendon Press, 1991.
- *Virgil Aeneid Book XI*, met teks en kommentaar deur K.W. Gransden. Cambridge: Cambridge University Press, 1991.
- *Virgil Volume II Aeneid VII-XII; The Minor Poems*, met Engelse vertaling deur H.R. Fairclough. Loeb Classical Library. Cambridge: Harvard University Press/Londen: Heinemann, 1925 [1918].
- *The Aeneid of Virgil Books VII-XII*, met inleiding, teks en notas deur T.E. Page. Londen: Macmillan, 1967 [1900].

Afrikaanse vertalings

- *Publius Vergilius Maro: Die Aeneïd*, vertaling deur J.T. Benade. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, 1975.
- *Vergilius. Van Wapens en 'n Man: Versvertaling van die Aeneïd*, vertaal deur N.A. Blanckenberg. Durbanville: Uitgewery Boschendal, 1980.

Opera: Bucolica, Georgica, Aeneis

- *P. Vergili Maronis Opera: Volume I*, teks en kommentaar deur J. Conington. Londen: Whittaker & Co., 1881⁴.
- *P. Vergili Maronis Opera: Volume II*, teks en kommentaar deur J. Conington. Londen: Whittaker & Co., 1884⁴.
- *P. Vergili Maronis Opera: Volume III*, teks en kommentaar deur J. Conington. Londen: Whittaker & Co., 1883³.
- *P. Vergili Maronis. Opera, recognovit brevisque, adnotatione critica instruit*, F.A. Hirtzel. Oxford Classical Texts. Oxford: Clarendon Press, 1900.
- *Virgil: Bucolica, Georgica, Aeneis* (Interpretation der Werke Virgils) in Duits deur F. Klingner. Zürich: Artemis Verlag, 1967.
- *P. Vergili Maronis Opera*, met teks en kommentaar deur R.A.B. Mynors. Oxford: Oxford University Press, 1969.
- *P. Vergili Maronis Opera, Volume I*, met teks en kommentaar deur O. Ribbeck. University of Chicago: Teubner, 1859.
- *P. Vergili Maronis Opera, Volume II, recensuit* O. Ribbeck. University of Chicago: Teubner, 1860.
- *P. Vergili Maronis. Opera. Volume II*, met kommentaar deur A. Sidgwick. Cambridge: (At) (The) University Press, 1934 [1890].

Engelse vertalings

- *Virgil Volume I: Eclogues, Georgics, Aeneid I-VI*, met Engelse vertaling deur H.R. Fairclough Loeb Classical Library. Londen: William Heinemann/New York: G.P. Putnam's Sons, 1953 [1932].
- *Virgil Volume II: Aeneid VII- XII; The Minor Poems*, met Engelse vertaling deur H.R. Fairclough Loeb Classical Library. Londen: William Heinemann/New York: G.P. Putnam's Sons, 1925 [1918].

Vitruvius

- *Vitruvius Pollio. The Ten Books on Architecture*, met vertaling deur H.L. Warren en M.H. Morgan. New York: The Dover Publication, 1960 [1914].

3 SEKONDÊRE BRONNE

- Abbe, E. 1965. *The Plants of Vergil's Georgics*. New York: Ithaca.
- Abramov, I. 1997. 'Physiological mechanisms of color vision.' In C.L. Hardin en L. Maffi (reds.), *Color Categories in Thought and Language*, 89-117. Cambridge: Cambridge University Press.
- Adler, E. 1983. 'The invocation to the Georgics.' *Interpretation* 11(1):25-41.
- Alford, D. 2013. *Eye Colour in Horses*. Beskikbaar: <http://colorgenetics.info/equine/eye-color-horses> [2016, November 15].
- Alpers, P.J. 1990. 'Theocritean bucolic and Virgilian pastoral.' *Arethusa* 23(1):19-47.
- Anderson, M. en Wallander, J. 2004. 'Kin selection and reciprocity in flight formation.' *Behavioral Ecology*, 15(1):158-62.
- André, J. 1949. *Étude sur les Termes de Couleur dans la Langue Latine*. Parys: Librairie C Klincksieck.
- Arkins, B. 2003. Resensie van J. Clark, 2003, *Imagery of Colour and Shining in Catullus, Propertius and Horace*. *CR* 54(2):378-80.
- Armstrong, M.E. 1917. *The Significance of Certain Colors in Roman Ritual*. Menasha: George Banta.
- Armstrong, R.
---- 2008. 'Virgil's cucumber: *Georgics* 4.121-22.' *CQ* 58(1):366-68.
---- 2019. *Vergil's Green Thoughts: Plants, Humans, and the Divine*. Oxford: Oxford University Press.
- Augusti, S. 1967. *I Colori Pompeiani*. Rome: De Luca Editore.

- Avery, W.T. 1966. 'The reluctant golden bough.' *CJ* 61(6):269-72.
- Bailey, C. 1969. *Religion in Virgil*. New York: Barnes & Noble Inc.
- Baldry, H.C. 1952. 'Who invented the Golden Age?' *CQ* 2(1/2):83-92.
- Baran, N. en Chisleag, M. 1968. 'Éléments chromatiques chez Lucrèce.' *REL* 46:145-69.
- Barolsky, P. 2003. 'Ovid's Colors.' *Arion* 10(3):51-56.
- Basson, W.P. 1981. 'A Note on *Georgics* 2.83-102.' *Acta Classica* 24:16-64.
- Batstone, W.W.
- 1988. 'On the surface of the *Georgics*.' *Arethusa* 21(2):227-45.
- 1997. 'Virgilian didaxis: value and meaning in the *Georgics*.' In C. Martindale (red.), *The Cambridge Companion to Virgil*, 125-44. Cambridge: Cambridge University Press.
- 2003. Resensie van M. Gale 2000, *Virgil on the Nature of Things: The Georgics, Lucretius and the Didactic Tradition*. *Phoenix* 57(1/2):163-68.
- Beard, M. 2007. *The Roman Triumph*. Cambridge: The Belknap Press, an imprint of Harvard University Press.
- Beard, M. en Henderson, J. 2001. *Classical Art: From Greece to Rome*. Oxford: Oxford University Press.
- Bender, H. 1994. 'De habitu vestis: Clothing in the *Aeneid*.' In J.L. Sebesta en L. Bonfante (reds.), *The World of Roman Costume*, 146-52. Madison: University of Wisconsin Press.
- Benedictow, O.J. 2005. *The Black Death: The Greatest Catastrophe Ever*. Beskikbaar: www.historytoday.com/ole-j-benedictow/black-death-greatest-catastrophe-ever [2016, November 15].
- Benson, J.L. 2000. 'Greek Color Theory and the Four Elements [full text, not including figures].' *Greek color Theory and the Four Elements*. Beskikbaar: https://scholarworks.umass.edu/art_jbgc/1 [2018, Desember 8].
- Berlin, B. en Kay, P. (reds.) 1969. *Basic Color Terms: Their Universality and Evolution*. Berkeley: University of California Press.
- Betensky, A. 1979. 'The farmer's battles.' In A.J. Boyle (red.), *Virgil's Ascræan Song: Ramus Essays on the Georgics*, 108-19. Melbourne: Aureal Publications.
- Biggam, C.P. 2012. *The Semantics of Colour: A Historical Approach*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Biggam, C.P. en Kay, C.J. (reds.) 2006a. *Progress in Colour Studies, Volume I: Language and Culture*. Amsterdam: John Benjamins.
- Biggam, C.P., Mc Donald, L.W. en Paramei, G.V. (reds.) 2018. *Progress in Colour Studies. Cognition, Language and Beyond*. Amsterdam: John Benjamins.
- Biggam, C.P. en Pitchford, N. (reds.) 2006b. *Progress in Colour Studies, Volume II: Psychological Aspects*. Amsterdam: John Benjamins.
- Blonsky, M. (red.) 1985. *On Signs*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Blume-Jung, C. 2017. 'The treasure of polychromy: Polychrome decoration of ancient sculptures as a new source of information on ancient culture.' In A. Lichtenberger en R. Raja (reds.), *The Diversity of Classical Archaeology*, 323-40. Turnhout: Brepols.
- Boardman, J., Griffin, J. en Murray, O. (reds.) 1988. *The Oxford History of Greece and the Hellenistic World*. Oxford: Oxford University Press.
- Boëthius, A. en Ward-Perkins, J.B. 1970. *Etruscan and Roman Architecture*. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books.
- Bowersock, G.W. 1971. 'A date in the eighth Eclogue.' *HSCP* 75:73-80.
- Bowie, A.M. 1993. *Aristophanes Myth, Ritual and Comedy*. New York: Cambridge University Press.
- Bowie, E.L. 1985. 'Theocritus' seventh idyll, Philetas and Longus.' *CQ* 35(1):67-91.
- Boyle, A.J. (red.) 1979. *Virgil's Ascræan Song: Ramus Essays on the Georgics*. Melbourne: Aureal Publications.
- Bradley, M.
- 2006. Resensie van L. Villard (red.) 2002, *Couleurs et Vision dans l'Antiquité Classique*. *BMCRev* 2006.08.47.
- 2009. 'The importance of colour on ancient marble sculpture.' *Art History* 32(3): 427-57.
- 2011. *Colour and Meaning in Ancient Rome*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Brink, A.P. 1969. *Midi*. Kaapstad: Human & Rousseau.

- Brinkmann, V. en Primavesi, O. 2003. *Die Polychromie der archaischen und frühklassischen Skulpturen. (Volume 5: Studien zur antiken Malerei und Farbgebung)*. München: Biering & Brinkmann.
- Brooks, R.A. 1953. 'Discolor aura. Reflections on the golden bough.' *AJPh* 74(3):260-80.
- Brown, R.M. en Lenneberg, E.H. 1954. 'A study in language and cognition.' *The Journal of abnormal and social psychology* 49(3):454-62.
- Buchheit, V. 1972. *Der Anspruch des Dichters in Vergils Georgika: Dichtertum und Heilsweg*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Büchner, K. 1955. *P. Vergilius Maro. Der Dichter der Römer. RE VIII A, Halbband 15*. Stuttgart: Druckenmüller.
- Burck, E. 1929. 'Die Komposition von Vergils *Georgica*.' *Hermes* 64:279-321.
- Burkert, W. 1983. *Homo Necans: The Anthropology of Ancient Greek Sacrificial Ritual and Myth*. Londen: University of California Press.
- Buxton, R. 2004. *The Complete World of Greek Mythology*. Londen: Thames and Hudson.
- Byrne, S.N. 2003. Resensie van R.F. Thomas 2001, *Virgil and the Augustan Reception*. *CB* 79(2):243-58.
- Camps, W.A. 1969. *An Introduction to Virgil's Aeneid*. Londen: Oxford University Press.
- Casson, L. 1971. *Ships and Seamanship in the Ancient World*. Princeton: Princeton University Press.
- Casson, R.W. 1997. 'Color shift: evolution of English color terms from brightness to hue.' In C.L. Hardin en L. Maffi (reds.), *Color Categories in Thought and Language*, 224-39. Cambridge: Cambridge University Press.
- Cavero, I., Guillon, J. en Holzgrefe, H.H. 2017. 'Reminiscing about Jan Evangelista Purkinje: a pioneer of modern experimental physiology.' *Advances in Physiology Education* 41(4):528-38.
- Chittka, L., Shmida, A., Troje, N. en Menzel, R. 1994. 'Ultraviolet as a component of flower reflections, and the colour perception of Hymenoptera.' *Vision Research* 34(11):1489-1508.
- Cilliers, H. 2013. 'Swart swaan-versoek bring verrassings.' *Beeld (Sake 24)*, 11 Maart 2013:18.
- Claassen, J.M.
 ----- 1999. 'The vocabulary of exile in Ovid's *Tristia* and *Epistulae ex Ponto*.' *Glotta* 75(3-4):134-71.
 ----- 2008. *Ovid Revisited: The Poet In Exile*. Londen: Duckworth.
 ----- 2016. 'Seizing the Zeitgeist: Ovid in exile and Augustan political discourse.' *Acta Classica* 59:52-79.
- Clarke, D.E. (red.) 1983. *Sunset. New Western Garden Book*. Menlopark: Lane Publishing Co.
- Clarke, J.
 ----- 1994. Resensie van R.J. Edgeworth 1992, *The Colors of the Aeneid. Electron Ant.* Oktober, II(3).
 ----- 2003. *Imagery of Colour and Shining in Catullus, Propertius and Horace*. New York: Peter Lang.
- Clarke, M. 2004. 'The semantics of colour in the early Greek word-hoard,' in L. Cleland en K. Stears (reds.), *Colour in the Ancient Mediterranean World*, 131-39. Oxford: Hadrian Books.
- Clarke, W.M. 1977. 'Ovid: A review article.' *CJ* 72(4):317-26.
- Clausen, W.V.
 ----- 1972. 'On the Date of the First Eclogue.' *HSCP* 76:201-5.
 ----- 1976. 'Virgil and Parthenius.' *HSCP* 80:179.
- Clay, J.S.
 ----- 1976. 'The argument of the end of Vergil's second *Georgic*.' *Philologus* 120(1):232-45.
 ----- 1981. 'The old man in the garden. *Georgic* 4.116-148.' *Arethusa* 14:57-65.
- Cleland, L. en Stears, K. (reds.) 2004. *Colour in the Ancient Mediterranean World*. Oxford: Hadrian Books.
- Cobley, P. (red.) 1996. *The Communication Theory Reader*. New York: Routledge.
- Colblindor. 2016. *Color Blindness*. Beschikbaar: <http://www.color-blindness.com> [2016, September 15].
- Combrink, J. 1998. 'Taalrubriek: Spierwit kom van borsvleis.' *Volksblad*, 18 Augustus 1998:10.
- Conte, G.B.
 ----- 2001. 'Aristaeus, Orpheus, and the Georgics,' in S. Spence (red.), *Poets and Critics Read Vergil*, 44-63. New Haven: Yale University Press.
 ----- 2010. *Critical Notes on Virgil: Editing the Teubner Text of the Georgics and the Aeneid*. Berlyn: De Gruyter.
- Cook, A.B. 1964 [1914]. *Zeus: A Study in Ancient Religion. Volume I*. New York: Biblo and Tannen.
- Cox, A. 1969. 'Didactic poetry' in J. Higginbotham (red.), *Greek and Latin Literature: A Comparative Study*, 124-61. Londen: Methuen.

- Cramer, J.A. 1828. *A Geographical and Historical Description of Ancient Greece*. Oxford: (At) (The) Clarendon Press.
- Culham, P. 1986. 'Again what meaning lies in colour!' *Zeitschrift für Papyrologie und Epigraphik* 64:235-45.
- Dalheim, W., Schuller, W., Von Ungern-Sternberg, J. en Werner, R. (reds.) 1989. *Festschrift Robert Werner*. Konstanz: Universitätsverlag Konstanz.
- D'Auria, M., Mauriello, G. en Rana, G.L. 2004. 'Volatile organic compounds from saffron.' *Flavour and Fragrance Journal* 19:17-23.
- Davis, P. 1992. Resensie van C.G. Perckell 1989, *The Poet's Truth: A Study of the Poet in Virgil's Georgics*. *Scholia Reviews* 1(1).
- Davis, S. 2011. 'A virgo infelix, quae te dementia cepit?' *Vergilius* 57:35-54.
- Deacy, S. en Villing, A. 2004. 'Athena blues? Color and divinity in ancient Greece,' in L. Cleland en K. Stears (reds.), *Colour in the Ancient Mediterranean World*, 85-90. Oxford: Hadrian Books.
- Del Hoyo, J., Elliot, A., Sargatal, J. en Cabot, J. (reds.) 1997. *Handbook of the Birds of the World*. 1992. Barcelona: Lynx Edicions.
- Deroux, C. (red.) 1989. *Studies in Latin Literature and Roman History V*. Brussel: Latomus Revue D'Études Latines.
- De Souza, P. (red.) 2008. *The Ancient World at War: A Global History*. Londen: Thames & Hudson.
- Deutscher, G. 2010. *Through the Language Glass*. New York: Metropolitan Books.
- De Vree, J. 2016. *Walshuid*. Besikbaar: <http://www.joostdevree.nl/shtmls/walshuid.shtml> [2016, November 15].
- Dewar, M. 1988. 'Octavian and Orestes in the Finale of the First *Georgic*.' *CQ* 38(2):563-65.
- DeWitt, N.W. 1932. 'Vergil and Epicureanism.' *Classical Weekly* 25(12):89-96.
- D'Hérerville, P. 1930. *À La Campagne avec Virgile*. Parys: Société d'Édition 'Les Belles Lettres.'
- Dowden, K. 2007. 'Olympian gods, Olympian pantheon.' In D. Ogden (red.), *A Companion to Greek Religion*, 39-55. Oxford: Blackwell Publishing.
- Drew, D.L.
 ---- 1924. 'Virgil's marble temple: *Georgic* 3.10-39.' *CQ* 18(3/4):195-202.
 ---- 1929. 'The structure of Vergil's *Georgics*.' *AJP* 50:242-54.
- Dunbabin, T.J. 1947. 'Galaesus.' *CQ* 41(3/4):93-94.
- Dunston, W.E. 2010. *Ancient Rome*. Lanham: Rowman & Littlefield Publishers Inc.
- Dupree, A. en Gilliland, R. *Aldebaran 2*. Besikbaar: <http://www.sostation.com/stars2/aldebaran.html>. [2016: November 15].
- Eco, U.
 ---- 1985. 'How culture conditions the colours we see.' In M. Blonsky (red.), *On Signs*, 157-75. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
 ---- 1996. 'How culture conditions the colours we see.' In P. Cobley (red.), *The Communication Theory Reader*, 148-71. New York: Routledge.
- Edmunds, L. 2001. *Intertextuality and the Reading of Roman Poetry*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Edgeworth, R.J.
 ---- 1978. 'What color is "ferrugineus"?' *Glotta* 56. Bd., (3/4):297-305.
 ---- 1979. 'Does "Purpureus" mean "bright"?' *Glotta* 57. Bd., (3/4):281-91.
 ---- 1981. "'Inconsistency" in Vergil and in Homer.' *Glotta* 59. Bd., (1/2):140-42.
 ---- 1983. 'Terms for "brown" in Ancient Greek.' *Glotta* 61. Bd., (1/2):134-37.
 ---- 1987. 'Off-Color.' *Glotta* 65. Bd., (1/2):134-37.
 ---- 1992. *The Colors of the Aeneid*. New York: Peter Lang.
- Eisenhut, W. 1989. 'Die angebliche *damnatio memoriae* des Cornelius Gallus,' in W. Dahlheim, et al. (reds.), *Festschrift Robert Werner*, 117-124. Konstanz: Universitätsverlag Konstanz.
- Elder, J.P. 1951. 'Notes on some conscious and unconscious elements in Catullus' poetry.' *HSPH* 60:101-36.
- Eliot, T.S. 1960 [1920]. *The Sacred Wood: Essays on Poetry and Criticism*. Londen: Methuen.
- Ellis, S.P. 2000. *Roman Housing*. Londen: Duckworth.
- Elsner, J. 2007. *Roman Eyes. Visuality and Subjectivity in Art and Text*. Princeton: Princeton University Press.
- Erim, K.T., Reynolds, J., Wild, J.P. en Ballance, M.H. 1970. 'The copy of Diocletian's edict on maximum prices from Aphrodisias in Caria.' *JRS* 60:120-41.

- Ernout, A. 1954. Resensie van N. Vels Heijn 1951, *Kleurnamen en Kleurbegrippen bij de Romeinen*. *Revue de Philologie de Littérature et d'Histoire Ancienne* 28:302.
- Fairclough, H.R.
 ----- 1906. 'Virgil's relations to Graeco-Roman art.' *CJ* 2(2):59-68.
 ----- 1915. 'The tinus in Virgil's flora.' *CPh* 10(4):405-10.
- Fantazzi, C. 1966. 'Virgilian pastoral and Roman love poetry.' *AJPh* 87(2):171-91.
- Farrell, J.
 ----- 1991. *Vergil's Georgics and the Traditions of Ancient Epic: The Art of Illusion in Literary History*. New York: Oxford University Press.
 ----- 2005. 'The Augustan Period: 40 BC-AD 14.' In S. Harrison (red.), *A Companion to Latin Literature*, 44-57. Oxford: Blackwell Publishing.
- Feisner, E.A. 2006. *Colour - How to use Colour in Art and Design*. Londen: Laurence King Publishing.
- Feldherr, A. 2010. *Playing Gods: Ovid's Metamorphoses and the Politics of Fiction*. Princeton: Princeton University Press.
- Ferguson, J. 1960. 'Catullus and Ovid.' *AJPh* 81 (4):337-57.
- Fitton Brown, A.D. 1962. 'Black Wine.' *CR* 12(3):192-95.
- Forbes, R.J. 1964. *Studies in Ancient Technology: Volume 4*. Leiden: EJ Brill.
- Fowler, D. 1997. 'The Virgil Commentary of Servius.' In C. Martindale (red.), *The Cambridge Companion to Virgil*, 73-78. Cambridge: Cambridge University Press.
- Frangoulidis, S.A. 1992. 'Duplicity and Gift-offerings in Vergil's *Aeneid* 1 and 2.' *Vergilius* 38:26-37.
- Frayn, J.M. 1984. *Sheep-Rearing and the Wool Trade*. Liverpool: Francis Cairns.
- Frazer, J.G. 2011. 'Sympathetic Magic.' In P. Stevens Jr. (red.), *Anthropology in Religion. Critical Concepts in Religious Studies. Volume I*, 100-27. Londen: Routledge.
- Gage, J.
 ----- 1993. *Colour and Culture: Practice and Meaning from Antiquity to Abstraction*. Londen: Thames & Hudson.
 ----- 1999. *Colour and Meaning: Art, Science and Symbolism*. Londen: Thames & Hudson.
- Gaisser, J.H. (red.) 2007. *Catullus. Oxford Readings in Catullus*. Oxford/New York: Oxford University Press.
- Gale, M.R.
 ----- 1991. 'Man and beast in Lucretius and the *Georgics*.' *CQ* 41(2):414-26.
 ----- 2000. *Virgil on the Nature of Things: The Georgics, Lucretius and the Didactic Tradition*. Cambridge: Cambridge University Press.
 ----- (red.) 2004. *Latin Epic and Didactic Tradition. Genre, Tradition and Individuality*. Swansea: The Classical Press of Wales.
 ----- 2005a. 'Didactic Epic.' In S. Harrison (red.), *A Companion to Latin Literature*, 101-15. Oxford: Blackwell Publishing.
 ----- 2005b. 'Virgil's metamorphoses: Myth and allusion in the *Georgics*.' *PCPhS* 41:36-61.
 ----- 2008. 'Virgil's metamorphoses: Myth and allusion in the *Georgics*.' In K. Volk (red.), *Oxford Readings in Classical Studies. Vergil's Georgics*, 94-127. Oxford: Oxford University Press.
 ----- 2010. 'Poetry and the backward glance in Virgil's *Georgics* and *Aeneid*.' *TAPA* 133(2):323.
- Galinsky, G.K.
 ----- 1975. *Ovid's Metamorphoses. An Introduction to the Basic Aspects*. Berkeley: University of California Press.
 ----- 1991. Resensie van C. Perkell 1989, *The Poet's Truth: A Study of the Poet in Virgil's Georgics*. *CW* 84(6): 478.
- Gallais, P. en Thomas, J. 1997. *L'Arbre et la Forêt dans l'Énéide et l'Eneas*. Parys: Honoré Champion Éditeur.
- Gantz, T. 1993. *Early Greek Myth*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Gatz, B. 1967. *Weltalter, goldene Zeit und sinnverwandte Vorstellungen*. Hildesheim: Georg Olms Verlagsbuchhandlung.
- Getty, R.J. 1948. 'Some astronomical cruces in the *Georgics*.' *TAPA* 79:24-45.
- Gilbert, O. 1907. *Die meteorologischen Theorien des griechischen Altertums*. Leipzig: B.G. Teubner.

- Giurfa, M., Núñez, J., Chittka, L. en Menzel, R. 1995. 'Colour preference of flower-naive honeybees.' *Journal of Comparative Physiology A*, 177(3):247-59.
- Goldman, N. 1994. 'Reconstructing Roman clothing.' In J.L. Sebesta en L. Bonfante (reds.), *The World of Roman Costume*, 213-237. Madison: University of Wisconsin Press.
- Goldman, R.B. 2013. *Color-Terms in Social and Cultural Context in Ancient Rome. Gorgias Studies in Classical and Late Antiquity*. Piscataway: Gorgias Press.
- Gottschalk, H. 1964. 'The *De Coloribus* and its author.' *Hermes* 92(1):59-85.
- Graves, R. 1959. *The Anger of Achilles. Homer's Iliad*. Londen: Cassell.
- Griffin, J.
 ---- 1979. 'The Fourth "Georgic", Virgil and Rome.' *Greece & Rome* 26(1):61-80.
 ---- 1981. 'Haec Super Arvorum Cultu,' hierdie titel sluit in G.B. Miles 1980, *Virgil's Georgics. A New Interpretation*; P.A. Johnston 1980, *Virgil's Agricultural Golden Age: A Study of the Georgics*; A.J. Boyle (red.) 1979, *Virgil's Ascræan Song: Ramus Essays on the Georgics*; en M.C.J. Putnam 1979, *Virgil's Poem of the Earth: Studies in the Georgics*. *CR* 31(1):23-37.
 ---- 1986. *Latin Poets and Roman Life*. Chapel Hill: University of North Carolina Press.
 ---- 2005. 'Augustan poetry and Augustanism.' In K. Galinsky (red.), *The Cambridge Companion to the Age of Augustus*, 306-320. Cambridge: Cambridge University Press.
 ---- 2008. 'The fourth *Georgic*, Virgil and Rome.' In K. Volk (red.), *Oxford Readings in Classical Studies. Vergil's Georgics*, 225-43.
- Griffith, M. en Mastronarde, D.J. (reds.). *Cabinet of the Muses: Essays on Classical and Comparative Literature in Honor of Thomas G. Rosenmeyer*. Atlanta: Scholars Press.
- Grossmann, R.A. 2002. *Ancient Glass. A Guide to the Yale Collection*. Yale University Art Gallery.
- Gurval, P. 1969. *Les Jardins Romains*. Parys: Presses Universitaires de France.
- Gurval, R.A. 1998. *Actium and Augustus. The Politics and Emotions of Civil War*. Ann Arbor: The University of Michigan Press.
- Guthrie, W.K.C. 1950. *The Greeks and Their Gods*. Londen: Methuen & Co. Ltd.
- Haarhoff, T.J. 1960. 'The bees of Virgil.' *Greece & Rome* 7(2):55-170.
- Habinek, T.N. 1990. 'Sacrifice, society and Vergil's ox-born bees.' In M. Griffith en D.J. Mastronarde (reds.), *Cabinet of the Muses: Essays on Classical and Comparative Literature in Honor of Thomas G. Rosenmeyer*, 209-23. Atlanta: Scholars Press.
- Harbinson, M.J. 1986. 'Virgil's white bird.' *CQ* 36:276-78.
- Hardie, A. 2002. 'The *Georgics*, the mysteries and the muses at Rome.' *PCPhS* 48:175-208.
- Hardie, P.R.
 ---- 1971. *The Georgics: A Transitional Poem*. Abingdon-on-Thames: Abbey Press.
 ---- 1998. *Virgil*. Oxford: Oxford University Press.
 ---- 2008. 'Cosmology and the national epic in the *Georgics*.' In K. Volk (red.), *Oxford Readings in Classical Studies: Vergil's Georgics*, 161-81. Oxford: Oxford University Press.
- Hardin, C.L. en Maffei, L. (reds.) 1997. *Color Categories in Thought and Language*. New York: Cambridge University Press.
- Harrison, E.L. 1979. 'The Noric plague in Virgil's third *Georgic*.' *Papers of the Liverpool Latin Seminar* 2:1-65.
- Harrison, S.J.
 ---- 1990. *Oxford Readings in Vergil's Aeneid*. Oxford: Oxford University Press.
 ---- 1994. 'Colouring the Aeneid,' resensie van R.J. Edgeworth 1992, *The Colors of the Aeneid*. *CR* 44(2):277-78.
 ---- 2003. 'The colour of olive leaves: Vergil *Aeneid* 5.309.' *Ordia Prima* 2:7-81.
 ---- 2004. 'Virgil's Corycius Senex and Nicander's Georgica: Georgics 4.' In M.R. Gale (red.), *Latin Epic and Didactic Tradition. Genre, Tradition and Individuality*, 116-48. Swansea: The Classical Press of Wales.
 ---- (red.) 2005. *A Companion to Latin Literature*. Oxford: Blackwell Publishing.
- Hay, R. 1969. *Dictionary of Garden Plants in Colour, with House and Greenhouse Plants*. Londen: Ebury Press.
- Hermann, A. en Cagiano de Azevedo, M. 1969. 'Farbe.' *Reallexicon für Antike und Christentum* 7:358-447.

- Hersch, K.K. 2010. *The Roman Wedding: Ritual and Meaning in Antiquity*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Higginbotham, J. (red.) 1969. *Greek and Latin Literature: A Comparative Study*. Londen: Methuen.
- Hilbert, D.R. 1992. 'What is color vision?' *Philosophical Studies* 68(3):51-370.
- Hoesch, N. 1998. 'Farben.' *Der Neue Pauly* 4:427-31.
- Holford-Strevens, L. 1988. *Aulus Gellius: An Antonine Scholar and His Achievement*. Londen: Duckworth.
- Hollis, A.S. 2007. *Fragments of Roman Poetry*. Oxford: Oxford University Press.
- Hornung, D. 2005. *Colour - A Workshop for Artists and Designers*. Londen: Laurence King.
- Hunt, D.M., Dulai, K.S., Bowmaker, J.K. en Mollan, J.D. 1995. 'The chemistry of John Dalton's color blindness.' *Science* 267(5200):984-87.
- Hyman, J. 2006. *The Objective Eye. Color, Form, and Reality in the Theory of Art*. Chicago: University of Chicago Press.
- Innes, D.C., Hine, H. en Pelling, C. (reds.) 1995. *Ethics and Rhetoric: Classical Essays for Donald Russell on his Seventy-Fifth Birthday*. Oxford: Oxford University Press.
- Irwin, E.
 ---- 1974. *Colour Terms in Greek Poetry*. Toronto: AM Hakkert Ltd.
 ---- 1989. 'Colourful sheep in the Golden Age: Vergil, *Eclogues* 4.42-45.' *Echos du Monde Classique/Classical Views* 33:23-37.
 ---- 1994. 'Roses and the bodies of beautiful women in Greek poetry.' *Echos du Monde Classique/Classical Views* 38:1-13.
 ---- 1996. 'Evadne, Iamos and violets in Pindar's sixth Olympian.' *Hermes* 124:385-395.
 ---- 1997. 'Flowers in the landscape of the Greek epic.' *Echos du Monde Classique/Classical Views* 41:375-90.
- Iser, W. 1989. *Prospecting: From Reader Response to Literary Anthropology*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Jackson, C.M. 2012. 'On the provenance of Roman glasses.' In I. Liritzis en C.M. Stevenson (reds.), *Obsidian Ancient Manufactured Glasses*, 157-65. Albuquerque: University of New Mexico Press.
- Jackson Knight, W.F. 1966. *Roman Vergil*. Londen: Faber & Faber Limited.
- Jacobson, H.J. 1984. 'Aristaeus, Orpheus and the *laudes Galli*.' *AJPh* 105(3):271-300.
- Jenkyns, R.
 ---- 1993. 'Labor improbus.' *CQ* 43(1):243-48.
 ---- 1998. *Virgil's Experience*. Oxford: Clarendon Press.
- Jermyn, L.A.S. 1951. 'Weather signs in Virgil: an attempt to discover something of the poet's working-method by close examination of two passages in *Georgics* I and the sources on which they are based.' *G&R* 20(58):26-37.
- Johnston, P.A. 1980. *Virgil's Agricultural Golden Age: A Study of the Georgics*. Leiden: E.J. Brill.
- Jost, M. 2007. 'The religious system in Arcadia.' In D. Ogden (red.), *A Companion to Greek Religion*, 264-79. Oxford: Blackwell Publishing.
- Kaster, R.A. 2002. 'Invidia and the end of *Georgic* I.' *Phoenix* 56(3/4):275-92.
- Kay, P., Berlin, B. en Maffi, L. 1997. 'Color naming across languages.' In C.L. Hardin en L. Maffi (reds.), *Color Categories in Thought and Language*, 21-56. New York: Cambridge University Press.
- Keller, H. 1910. *The World I Live In*. New York: The Century Co.
- Kenney, E.J. en Clausen, W.V. (reds.) 1982. *The Cambridge History of Classical Literature: II. Latin Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Kenny, A. 1999. 'Descartes the dualist.' *Ratio* 12(2):114-27.
- Kepple, L.R. 1976. 'Arruns and the death of Aeneas.' *AJPh* 97(4):344-60.
- Klotz, A. 1922. 'Zur Ciris.' *Hermes* 57(4):588-99.
- Knox, P.E. (red.) 2006. *Oxford Readings in Classical Studies, Ovid*. Oxford: Oxford University Press.
- Kober, A.E.
 ---- 1932. *The Use of Colour Terms in the Greek Poets*. Genève: Humphrey Press.
 ---- 1934. 'Some remarks on color in Greek poetry.' *CW* 27(24):189-91.

- Konstan, D. 2005. 'Friendship and Patronage.' In S. Harrison (red.), *A Companion to Latin Literature*, 345-59. Oxford: Blackwell Publishing.
- Kroll, W. 1924. *Studien zum Verständnis der römischen Literatur*. Stuttgart: J.B. Metzler.
- Kromer, G. 1979. 'The didactic tradition in Vergil's *Georgics*.' In A.J. Boyle (red.), *Virgil's Ascræan Song: Ramus Essays on the Georgics*, 7-21. Melbourne: Aural Publications.
- Kronenberg, L.J. 2000. 'The poet's fiction: Virgil's praise of the farmer, philosopher, and poet at the end of *Georgics* 2.' *HSCP* 100:341-60.
- La Follette, L. 1994. 'The costume of the Roman bride.' In J.L. Sebesta en L. Bonfante (reds.), *The World of Roman Costume*, 54-64. Madison: University of Wisconsin Press.
- Laird, A. 1993. 'Sounding out ecphrasis: Art and text in Catullus 64.' *JRS* 83:18-30.
- Laughton, E.
 ---- 1948. 'Flavus pudor.' *CR* 62 (3/4):109-10.
 ---- 1950. 'Flavus again.' *CR* 64:88-89.
 ---- 1951. 'Latin Colour Terms,' resensie van J. André 1949, *Étude sur les Termes de Couleur dans la Langue Latine*. *CR* (3/4):202-5.
- Leach, E. 1968. 'The unity of Ecloga 6.' *Latomus* 27:13-32.
- Lee, J.W.I. 2007. *A Greek Army on the March: Soldiers and Survival in Xenophon's Anabasis*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Librán-Moreno, M. 2017. 'Blood-Coloured Swans: Hor. *Carm.* 4.1.10 and Homer's Purple Death.' *CQ* 67(1):199-209.
- Lichtenberger, A. en Raja, R. (reds.) 2017. *The Diversity of Classical Archaeology*. Turnhout: Brepols.
- Liebeschuetz, W. 1965. 'Beast and man in the third book of Virgil's *Georgics*.' *G&R* 12:64-77.
- Lilja, S. 1972. *The Treatment of Odours in the Poetry of Antiquity*. Helsinki: Societas Scientiarum Fennica.
- Liritzis, I. en Stevenson, C.M. (reds.) 2012. *Obsidian and Ancient Manufactured Glass*. Albuquerque: University of New Mexico Press.
- Liverani, P. 2016. Resensie van R.B. Goldman 2013, *Color-Terms in Social and Cultural Context in Ancient Rome*. *BMCR* 2016.03.13.
- Lordkipanidze, O. 2001. 'The golden fleece: Myth, euhemeristic explanation and archaeology.' *OJA* 20(1):1-38.
- Lowe, B. 2004. 'The industrial exploitation of murex: purple dye production in the Western Mediterranean.' In L. Cleland en K. Stears (reds.), *Colour in the Ancient Mediterranean World*, 46-48. Oxford: Hadrian Books.
- Mantero, T. 1979. 'Crocina candidus in tunica (Catull. LXVIII. 134).' *Studi di Poesia Latina in Onore di Antonio Traglia*:161-92.
- Martin, L. 1986. 'Eskimo words for snow: A case study in the genesis and decay of an anthropological example.' *American Anthropologist* 88(2):418-23.
- Martin, R. 1967. *Living Architecture: Greek*. Londen: Oldbourne.
- Martindale, C. (red.) 1997. *The Cambridge Companion to Virgil*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Maxwell-Stuart, P.G.
 ---- 1981a. *Studies in Greek Colour Terminology. Volume I. ΓΛΑΥΚΟΣ*. Leiden: E.J Brill.
 ---- 1981b. *Studies in Greek Colour Terminology. Volume II. ΧΑΡΟΙΤΟΣ*. Leiden: E.J Brill.
- McAuslan, I. en Walcot, P. (reds.) 1990: *Greece and Rome Studies: Virgil*. Oxford: Oxford University Press.
- McInerney, J. 2010. *The Cattle of the Sun: Cows and Culture in the World of the Ancient Greeks*. Oxford: Princeton University Press.
- Miles, G.B.
 ---- 1975. 'Georgics 3.209-294: Amor and civilization.' *CSCA* 8:177-97.
 ---- 1980. *Virgil's Georgics. A New Interpretation*. Berkeley: University of California Press.
- Miller, J.F. 2009. *Apollo, Augustus, and the Poets*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Monreal, R. 2005. 'Vergils Vermächtnis: Die Gardenpraeteritio in den *Georgica* (4.116-148) und Typen ihrer Rezeption im neulatischen Lehrgedicht.' *HumLov* 54:1-47.
- Moretti, G. 1996. 'Cydonia mala. Per l'Interpretazione di Aen.10.324-325, con una Nota su Theocr. 5.94-95.' *QUCC* 52:159-69.
- Morgan, L. 1999. *Patterns of Redemption in Virgil's Georgics*. Cambridge: Cambridge University Press.

- Moritz, L.A. 1958. *Grain-Mills and Flour in Classical Antiquity*. Oxford: (At) (The) Clarendon Press.
- Mountford, J. 1988. 'The architecture of the *Georgics*.' In F. Robertson (red.), *Meminisse iuvabit: Selections from the Proceedings of the Virgil Society*, 66-79. Bristol: Classical Press.
- Nadeau, J.Y. 1970. 'Ethiopians.' *CQ* 20(2):339-49.
- Nappa, C. 2005. *Reading after Actium: Vergil's Georgics, Octavian, and Rome*. Ann Arbor: University of Michigan Press.
- Naudé, C. 2010. 'Poësie kan sonder enige woorde wees.' *Beeld (By)*, 7 Augustus 2010:11.
- Neuburg, F. 1962. *Ancient Glass*. Londen: Barrie & Rockliff.
- O'Connell, M. 1977. 'Pictorialism and Meaning in Catullus 64.' *Latomus* 36:746-56.
- Ogden, D. (red.) 2007. *A Companion to Greek Religion*. Oxford: Blackwell Publishing.
- Olivier, F. 1995. "'hy maak die kafhok groen" – aantekeninge by T.T. Cloete as ekoloog op rym.' *Literator* 16(3):133-44.
- Olson, K. 2017. *Masculinity and Dress in Roman Antiquity*. Londen en New York: Routledge.
- Osborne, H. 1968. 'Colour concepts of the ancient Greeks.' *Brit. J. Aesthetics* 8(3):269-83.
- Østergaard, J.S. 2008. 'Emerging colors: Roman sculptural polychromy revived.' In R. Panzanelli (red.), *The Colour of Life: Polychromy in Sculpture from Antiquity to the Present*, 43-62. Malibu: Paul Getty Publications.
- Otis, B.
 ---- 1963. *Virgil: A Study in Civilized Poetry*. Oxford: Clarendon Press.
 ---- 1972. 'A new study of the *Georgics*.' *Phoenix* 26(1):40-62.
- Panzanelli, R. (red.) 2008. *The Colour of Life: Polychromy in Sculpture from Antiquity to the Present*. Malibu: Paul Getty Publications.
- Parker, W.H. 1988. *Priapea: Poems for a Phallic God*. Londen: Croom Helm.
- Parry, A.
 ---- 1963. 'The two Voices of Virgil's Aeneid.' *Arion* 2(4):66-80.
 ---- 1972. 'The idea of art in Virgil's *Georgics*.' *Arethusa* 5(1):35-52.
- Pastoureau, M. 2001. *Blue: The History of a Color*. Princeton: Princeton University Press.
- Pease, A.S. 1933. 'Notes on ancient grafting.' *TAPA* 64:66-76.
- Pentak, S. 2004. *Color Basics*. Belmont: Thomson/Wadsworth.
- Perkell, C.G.
 ---- 1981. 'On the Corycian gardener of Vergil's Fourth *Georgic*.' *TAPA* 111:167-77.
 ---- 1989. *The Poet's Truth. A Study of the Poet in Virgil's Georgics*. Berkeley: University of California Press.
 ---- 1992. Resensie van J. Farrell 1991, *Vergil's Georgics and the Traditions of Ancient Epic: The Art of Allusion in Literary History*. *CPh* 87(3):269-74.
 ---- 2002. 'The Golden Age and its contradictions in the poetry of Vergil.' *Vergilius* 48:3-39.
- Perkins, B. 1984. *Trees*. Londen: Century.
- Platnauer, M. 1921. 'Greek colour-perception.' *CQ* 15(3/4):153-62.
- Pley, J. 1911. *De Lanae in Antiquorum Ritibus Usu*. Giessen: A Töpelmann.
- Pöschl, V. 1977. *Die Dichtkunst Vergils. Bild und Symbol in der Äneis*. Berlyn en New York: Walter de Gruyter.
- Price, T.R. 1883. 'The color-system of Vergil.' *AJPh* 4(1):1-20.
- Putnam, M.C.J.
 ---- 1961. 'The art of Catullus 64.' *HSCP* 65:165-205.
 ---- 1970. *Virgil's Pastoral Art: Studies in the Eclogues*. Princeton: Princeton University Press.
 ---- 1972. 'The Virgilian Achievement.' *Arethusa* 5(1):53-70.
 ---- 1979. *Virgil's Poem of the Earth: Studies in the Georgics*. Princeton: Princeton University Press.
 ---- 1990. 'Horace *Carm.* 2.9: Augustus and the ambiguities of encomium.' In K.A. Raaflaub, M. Toher en G.W. Bowersock (reds.), *Between Republic and Empire. Interpretations of Augustus and His Principate*, 212-238. Berkeley: University of California Press.
 ---- 1993. Resensie van R.J. Edgeworth 1992, *The Colors of the Aeneid*. *Vergilius* 39:69-73.
 ---- 1995. *Virgil's Aeneid. Interpretation and Influence*. Chapel Hill: The University of North Carolina Press.
 ---- 2008. 'Italian Virgil and the idea of Rome.' In K. Volk (red.), *Oxford Readings in Classical Studies: Vergil's Georgics*, 138-160. Oxford: Oxford University Press.

- Quint, D. 2001. 'The brothers of Sarpedon: Patterns of Homeric imitation in *Aeneid* 10.' *Materiali e discussion per l'analisi dei testi classici* 47:35-66.
- Raaflaub, K.A. en Samons, L.J. 1990. 'Opposition to Augustus.' In K.A. Raaflaub, et al. (reds.), *Between Republic and Empire. Interpretations of Augustus and His Principate*, 417-54. Berkeley: University of California Press.
- Raaflaub, K.A., Toher, M. en Bowersock, G.W. (reds.) 1990. *Between Republic and Empire. Interpretations of Augustus and His Principate*. Berkeley: University of California Press.
- Ratliff, F. 1976. 'On the psychophysiological bases of the universal color terms.' *PAPhS* 120(5):311-30.
- Rees, R. 1994. 'Common sense in Catullus 64.' *AJP* 115:75-88.
- Reinhold, M. 1970. *History of purple as a status symbol in antiquity*. Brussel: Latomus.
- Richlin, A. 1951. *The Garden of Priapus: Sexuality and Aggression in Roman Humor*. New York: Oxford University Press.
- Robertson, F. (red.) 1988. *Meminisse Iuvabit: Selections from the Proceedings of the Virgil Society*. Bristol Classical Press.
- Ross, D.O.
 ---- 1975. *Backgrounds to Augustan Poetry: Gallus, Elegy and Rome*. Cambridge: Cambridge University Press.
 ---- 1980. 'Non sua poma. Varro, Virgil and grafting.' *ICS* 5:63-71.
 ---- 1987. *Virgil's Elements. Physics and Poetry in the Georgics*. Princeton: Princeton University Press.
 ---- 1990. 'The pastoral in the *Georgics*: si numquam fallit imago.' *Arethusa* 23(1):59-57.
- Royds, T.F. 1914. *The Beasts, Birds and Bees of Virgil. A Naturalist's Handbook to the Georgics*. Oxford: BH Blackwell.
- Ruscillo, D. 2007. Resensie van L. Cleland et al. (reds.) 2004, *Colour in the Ancient Mediterranean World*. *AJA* 111(2):371-73.
- Ruskin, J.
 ---- 1987 [1856]. *Modern Painters*. Londen: Andre Deutsch.
 ---- 2009 [1857]. *The Elements of Drawing*. [Londen]: Kessinger.
- Russell, D.A. 'De imitatione.' In D. West en T. Woodman (reds.), *Creative Imitation and Latin Literature*, 1-16. Cambridge: Cambridge University Press.
- 'Rust.' Beskikbaar: <https://en.wikipedia.org/wiki/Rust> [2016, November 15].
- Rutherford, R.B. 1995. 'Authorial rhetoric in Virgil's *Georgics*.' In D. Innes et al. (reds.), *Ethics and Rhetoric: Classical Essays for Donald Russell on his Seventy-Fifth Birthday*. Oxford: Oxford University Press 19-29.
- Sahlins, M. 1976. 'Colors and cultures.' *Semiotica* 16(1):1-22.
- Sandved, K.B. 1954. *The World of Music*. Londen: The Waverley Book Company Ltd.
- Sargeant, J. 1920. *The Trees, Shrubs and Plants of Virgil*. Oxford: B.H. Blackwell, Broad Street.
- Saunders, B.A.C. en Van Brakel, J. 1997. 'Re-evaluating basic colour terms.' *Cultural Dynamics* 1:359-78.
- Sayili, A.M. 1939. 'The Aristotelian explanation of the rainbow.' *Isis* 30(1):65-83.
- Schiebe, M.F. 1981. *Das ideale Dasein bei Tibull und die Goldzeitkonzeption Vergils*. Acta Universitatis Upsaliensis *Studia Latina Upsaliensia* 13. Stockholm: Almqvist & Wiksell International.
- Schlaifer, R. 1943. 'The cult of Athena Pallenis (Athenaus VI 234-235).' *HSCP* 54:35-67.
- Schmidt, M. 1930. *Die Komposition von Vergils Georgica*. Paderborn: F. Schöningh.
- Schrijver, P. 1991. *The Reflexes of the PIE Laryngeals in Latin*. Amsterdam-Atlanta: Rodopi.
- Schultz, W. 1904. *Das Farbenempfindungssystem der Hellenen*. Leipzig: W.A. Barth.
- Sear, F. 1982. *Roman Architecture*. Londen: B.T. Batsford Ltd.
- Sebesta, J.L.
 ---- 1994a. 'Symbolism in the costume of the Roman Woman.' In J.L. Sebesta en L. Bonfante (reds.), *The World of Roman Costume*, 45-53. Madison: University of Wisconsin Press.
 ---- 1994b. 'Tunica ralla, tunica spissa: the colors and textiles of Roman costume.' In J.L. Sebesta en L. Bonfante (reds.), *The World of Roman Costume*, 65-76. Madison: University of Wisconsin Press.
- Sebesta, J.L. en Bonfante, L. (reds.) 1994. *The World of Roman Costume*. Madison: University of Wisconsin Press.
- Sellar, W.Y. 1965 [1874]. *The Roman Poets of the Augustan Age*, vol. I: *Virgil*. New York: Biblio and Tannen.

- Seng, H. 2005. Resensie van M. Erren 2003, *P. Vergilius Maro: Georgica Band 2: Kommentar*. Göttinger Forum für Altertumswissenschaft, 8.1001-5 (<http://www.gfa.d-r.de/8-05/seng.pdf>).
- Sivik, L. 1997. 'Color systems for cognitive research.' In C.L. Hardin en L. Maffi (reds.), *Color Categories in Thought and Language*, 163-93. Cambridge: Cambridge University Press.
- Skard, S. 1946. 'The Use of Colour in Literature. A Survey of Research.' *PAPS* 90(3):163-249.
- Smolenaars, J.J.L. 1987. 'Labour in the Golden Age: a unifying theme in Vergil's poems.' *Mnemosyne* 40(3/4): 391-405.
- Spence, S. (red.) 2001. *Poets and Critics Read Vergil*. New Haven: Yale University Press.
- Springer, L.A. 1958. 'Aulus Gellius: On historical and descriptive linguistics' *CJ* 5(3):121-28.
- Spurr, M.S. 1986. 'Agriculture and the *Georgics*.' *Greece and Rome* 33(2):164-87.
- Srivastava, R., Ahmed H., Dixit, R.K., Dharamveer en Saraf, S.A. 2010. 'Crocus sativus L.: A comprehensive review.' *Pharmacognosy Reviews*, 4(8):200-8.
- Stearn, W.T. 2004 [1966] *Botanical Latin*. Portland: Timber Press.
- Stevens, P. Jr. (red.) 2011. *Anthropology of Religion (Critical Concepts in Religious Studies). Volume I*. Londen: Routledge.
- Stewart, Z. 1959. 'The song of Silenus.' *HSCP* 64:179-205.
- Stone, S. 1994. 'The toga: from national to ceremonial costume.' In J.L. Sebesta en L. Bonfante (reds.), *The World of Roman Costume*, 13-45. Madison: University of Wisconsin Press.
- Thaniel, G. 1971. 'Vergil's leaf and bird similes of ghosts.' *Phoenix* 25:237-45.
- Thomas, P.L. 1979. 'Red and white: A Roman colour symbol.' *RhM* 122:310-16.
- Thomas, R.F.
 ---- 1982. *Lands and Peoples in Roman Poetry. The Ethnographical Tradition*. Cambridge: The Cambridge Philological Society.
 ---- 1983a. 'Callimachus, the *Victoria Berenices*, and Roman poetry.' *CQ* 33(1):92-113.
 ---- 1983b. 'Virgil's ecphrastic centrepieces.' *HSCP* 87:175-84.
 ---- 1987. 'Prose into poetry: Tradition and meaning in Virgil's *Georgics*.' *HSCP* 91:229-60.
 ---- 1988c. 'Virgil's "white bird" and the Alexandrian reference (G. 2.319-20).' *CP* 83:214-17.
 ---- 1991. 'The "sacrifice" at the end of the *Georgics*, Aristaeus and Vergilian closure.' *CPh* 86(3):211-218.
 ---- 1992. 'The Old Man Revisted: Memory, Reference and Genre in Virg. Georg. 4.116-48.' *Materiali e discussioni per l'analisi dei testi classici* 29:35-70.
 ---- 1999. *Reading Virgil and His Texts: Studies in Intertextuality*. Ann Arbor: The University of Michigan Press.
 ---- 2001. *Virgil and the Augustan reception*. Cambridge: Cambridge University Press.
 ---- 2007. Resensie van L. Cadili 2003, *Scholia Bernensia in Vergili Bucolica et Georgica. Vol. 2, Fasc. 1*. In *Georgica Commentarii (Prooemium/Liber 1-42)*. *CW* 100(3):318-19.
 ---- 2008. 'Prose into poetry: tradition and meaning in Virgil's *Georgics*.' In K. Volk (red.), *Oxford Readings in Classical Studies, Vergil's Georgics*, 43-80. Oxford: Oxford University Press.
- Thornton, B. 1988. 'A note on Vergil Eclogue 4.42-45.' *AJP* 109:226-28.
- Turnbull, P. 1946. 'Vergil: Painter with words.' *CJ* 42(2):97-101.
- Van Leeuwen, T. 2011. *The Language of Colour. An Introduction*. Londen & New York: Routledge.
- Van Ryneveld, L.F. 1997. 'Botaniese Latyn as 'n groeipunt vir die taal.' *Akroterion* 42 (1) Junie: 43-50.
- Vels Heijn, N. 1951. *Kleurnamen en Kleurbegrippen Bij De Romeinen*. Utrecht: Drukkerij v/h Kemink en Zoon N.V.
- Velten, H. 2007. *Cow*. Londen: Reaktion Books Ltd.
- Villard, L. (red.) 2002. *Couleurs et Vision dans l'Antiquité Classique*. Rouen: Publications de l'Université Rouen.
- Volk, K.
 ---- 2002. *The Poetics of Latin Didactic. Lucretius, Vergil, Ovid, Manilius*. Oxford: Oxford University Press.
 ---- (red.) 2008. *Oxford Readings in Classical Studies. Vergil's Georgics*. New York: Oxford University Press.
- Wagenvoort, H. 1937. 'Caerimonia.' *Glotta* 2(1/2):115-31.
- Wallace, F.E. 1927. *Color in Homer and Ancient Art: Preliminary Studies*. Northampton, Mass.
- Warde Fowler, W. 1919. *The Death of Turnus: Observations on the Twelfth Book of the Aeneid*. Oxford: Blackwell.
- Watson, P. 1983. 'Puella and virgo.' *Glotta* 61:119-43.

- Weber, C. 1983. 'Two chronological contradictions in Catullus 64.' *TAPA* 113:263-71.
- Webster, G. 1969. *The Royal Imperial Army*. Londen: Adam & Charles Black.
- West, D. en Woodman, T. (reds.) 1979. *Creative Imitation and Latin Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.
- West, M.L. 1973. *Textual Criticism and Editorial Technique Applicable to Greek and Latin Texts*. Stuttgart: B.G. Teubner.
- Westermann, W.L. 1955. *The Slave Systems of Greek and Roman Antiquity*. Philadelphia: The American Philosophical Society.
- Wharton, D. 2014. Resensie van R.B. Goldman 1994, *Color-Terms in Social and Cultural Context in Ancient Rome*. *CJ-Online*, 2014.09.15.
- Whitaker, R. 2002. Resensie van R.F. Thomas 1999, *Reading Virgil and His Texts: Studies in Intertextuality*. *Schol. Rev.*11.34.
- White, K.D. 1970. *Roman Farming*. Londen: Thames and Hudson.
- White, P. 1993. *Promised Verse: Poets in the Society of Augustan Rome*. Cambridge: Harvard University Press.
- Whorf, B.L. 1956. *Language, Thought, and Reality: Selected Writings*. Cambridge: Technology Press of Massachusetts, Institute of Technology.
- Wierzbicka, A. 2006a. 'The semantics of colour – a new paradigm.' In C.P. Biggam en C.J. Kay (reds.), *Progress in Colour Studies, Volume 1: Language and Culture*, 1-24. Amsterdam: Benjamins.
- Wilkinson, J.F. 1983. *New Western Garden Book*. Menlopark: Lane Publishing Co.
- Wilkinson, L.P.
 ---- 1950. 'The intention of Virgil's *Georgics*.' *Greece and Rome* 19:19-28.
 ---- 1969. *The Georgics of Virgil: A Critical Survey*. Cambridge: University Press.
 ---- 1982a. 'The *Georgics*.' In E.J. Kenney en W.V. Clausen (reds.), *The Cambridge History of Classical Literature: II. Latin Literature*, 320-32. Cambridge: Cambridge University Press.
 ---- 2008. 'Pindar and the proem to the third *Georgic*.' In K. Volk (red.), *Oxford Readings in Classical Studies. Vergil's Georgics*, 182-88. Oxford: Oxford University Press.
- Williams, D. en Hofer, H. 'Color perception is not in the eye of the beholder: It's in the brain.' University of Rochester. *Science Daily*, 26 October 2005.
 Beskikbaar: <http://www.sciencedaily.com/releases/2005/10/051026082313.htm> [2019, Mei 22].
- Williams, W.G.
 ---- 1972. *Horace. Greece and Rome no. 6*. Oxford: (At) (The) Clarendon Press.
 ---- 1990. 'Did Maecenas "Fall from Favor"?': Augustan Literary Patronage.' In K.A. Raaflaub en M. Toher (reds.), *Between Republic and Empire. Interpretations of Augustus and His Principate*, 258-75. Berkeley: University of California Press.
- Wilson-Okamura, D.S. 2010. *Virgil in the Renaissance*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Witte, K. 1927. *Die Geschichte der römischen Dichtung im Zeitalter des Augustus*, Vol. I, 2: *Vergils Georgica*. Erlangen.
- Witzel, C. 2008. 'Color Naming.' Beskikbaar: <http://www.allpsych.uni-giessen.de/chris/> [2016, September 15].
- Woodman, A.J. 1972. 'Horace's odes: *Diffugere nives and solvitur acris hiems*.' *Latomus* 31:752-78.
- World Wide Words. 2016. *Isabelline*. Beskikbaar: www.worldwidewords.org/weirdwords/ww-ias1.htm [2016, November 15].
- Wunderlich, E. 1925. 'Die Bedeutung der roten Farbe in Kultus der Griechen und Römer.' *RVV* 201.20.1.
- Yavetz, Z. 1990. 'The Personality of Augustus.' In K.A. Raaflaub en M. Toher (reds.), *Between Republic and Empire. Interpretations of Augustus and His Principate*, 21-41. Berkeley: University of California Press.
- Zaid, A. en De Wet, P.F. 2016. *Botanical and Systematic Description of the Date Palm*. Beskikbaar: <http://www.fao.org/docrep/006/y4360e/y4360e05.htm> [2016: November 15].
- Zanker, A.T. 2011. 'Some thoughts on the term "pessimism" and scholarship on the "Georgics".' *Vergilius* 57:83-100.
- Zanker, G. 1981. 'Enargeia in the ancient criticism of poetry.' *RhM* 124:287-311.
- Zanker, P. 1988. *The Power of Images in the Age of Augustus*. Ann Arbor: University of Michigan Press.

- Ziderman, I.I. 2004. 'Purple dyeing in the Mediterranean world: Characterisation of Biblical *Tekhelet*.' In L. Cleland *et al.* (reds.), *Colour in the Ancient Mediterranean World*, 40-45. Oxford: Hadrian Books.
- Zink, S. 2008. 'Reconstructing the Palatine temple of Apollo.' *JRA* 21:47-63.
- Zink, S. en Piëning, H. 2009. '*Haec aurea templa*: The Palatine temple of Apollo and its polychromy.' *JRA* 22:109-22.
- Ziokowski, J.M. en Putnam, M.C.J. (reds.) 2008. *The Virgilian Tradition: The First Fifteen Hundred Years*. New Haven: Yale University Press.



ADDENDUM A

KLEURWOORDE IN DIE *ECLOGAE*, DIE *GEORGICA* EN DIE *AENEÏS*

Terme in die grys gedeeltes kom slegs in die *Georgica* voor, terwyl dié in vetdruk chromaties en/of genuanseerd in die *Georgica* gebruik word. Terme met # gemerk word nie deur Edgeworth gelys nie, maar wel deur André.

Kleurwoorde	<i>ECLOGAE</i>	<i>GEORGICA</i>	<i>AENEÏS</i>
<i>albeo</i>	-	-	1
<i>albescio</i>	-	2	2
<i>albus</i>	3	8	23
<i>argenteus</i>	-	-	1
<i>argentum</i>	-	2	14
<i>ater</i>	-	11	71
<i>auratus</i>	-	2	10
<i>aureus</i>	4	5	36
<i>auricomus</i>	-	-	1
<i>aurum</i>	-	9	78
<i>bicolor</i>	-	-	2
<i>caerul(e)us/-a</i>	-	<i>caeruleus</i> 4	19
<i>candeo</i>	-	-	8
<i>candidus</i>	7	4	7
<i>candor</i>	-	-	2
<i>caneo</i>	-	3	3
<i>canities</i>	-	-	5
<i>canus</i>	1	3	4
<i>cereus</i>	1	1	1
<i>color</i>	5	7	10
<i>concolor</i>	-	-	1
<i>croceus</i>	1	3	7
<i>crocus/crocum</i>	-	1	1
# <i>cruentus</i>	-	3	13 (achromaties)
<i>decolor</i>	-	-	1
<i>discolor</i>	-	-	1
<i>ebur</i>	-	3	4
<i>eburnus</i>	-	1	4
<i>electrum</i>	1	1	2
<i>elephantus</i>	-	1	2
<i>erubescio</i>	1	-	1
<i>ferrugineus</i>	-	1	1
<i>ferrugo</i>	-	1	2
<i>flammeus</i>	-	-	1
<i>flaveo</i>	-	2	3
<i>flavus</i>	-	5	6
<i>fulvus</i>	-	3	19
<i>gilvus</i>	-	1	-
<i>glaucus</i>	-	4	4
<i>hyacinthus</i>	2	2	1
<i>igneus</i>	-	3	6

Kleurwoorde	<i>ECLOGAE</i>	<i>GEORGICA</i>	<i>AENEÏS</i>
<i>incanescō</i>	-	1	-
<i>incanus</i>	-	1	1
<i>lac</i>	10	5	4
<i>lacteus</i>	-	1	2
<i>lilium</i>	2	1	3
<i>livēre</i>	-	-	1
<i>lividus</i>	-	-	1
<i>luteus</i>	-	-	1
# <i>marmoreus</i>	1	1	2
<i>murex</i>	1	-	3
<i>niger</i>	6	19	17
<i>nigresco</i>	-	-	2
<i>nigro</i>	-	-	5
<i>nivalis</i>	-	2	3
<i>niveus</i>	3	6	8
<i>nix</i>	3	1	3
<i>ostrum</i>	-	2	12
<i>papaver</i>	1	4	2
<i>piceus</i>	-	2	5
<i>pix</i>	-	5	2
<i>populeus</i>	-	1	4
<i>puniceus</i>	2	1	3
<i>purpura</i>	-	2	2
<i>purpureus</i>	2	5	15
<i>reviresco</i>	-	1	-
<i>rosa</i>	-	2	1
<i>roseus</i>	-	-	8
<i>ruber</i>	-	1	4
<i>rubeo</i>	4	8	4
<i>rubesco</i>	-	1	3
<i>rubicundus</i>	-	1	-
<i>rubor</i>	-	2	1
<i>rutilo</i>	-	-	1
<i>rutilus</i>	-	2	2
<i>sanguineus</i>	2	1	10
<i>spadix</i>	-	1	-
<i>trabea</i>	-	-	3
<i>versicolor</i>	-	-	1
<i>viola</i>	3	1	1
<i>virectum</i>	-	-	1
<i>vireo</i>	1	3	2
<i>viresco</i>	-	1	-
<i>viridis</i>	11	9	15
<i>virido</i>	-	-	3
<i>vitreus</i>	-	1	1

ADDENDUM B

KLEURWOORDE IN LUCRETIUS, CATULLUS EN VERGILIUS SE *GEORGICA*

Al die kleurwoorde wat Vergilius in sy *Georgica* gebruik, is in die tabel hieronder opgeneem. Ooreenstemmende terme, verwante woorde en wisselvorme wat in die *De Natura Deorum* van Lucretius en Catullus se *Carmina* voorkom, word ook betrek. Alhoewel daar enkele kleurterme voorkom wat uitsluitlik achromaties, genuanseerd en/of emotief gebruik word, word ter wille van volledigheid ook ingesluit.

	LUCRETIUS	CATULLUS	VERGILIUS: <i>GEORGICA</i>
TERME VIR WIT			
I. <i>ALBUS</i>	10	3	8
<i>ALBESCO</i> (chromaties)	1	-	1
(achromaties)	-	-	1
II. <i>CANDIDUS</i> (chromaties)	4	8	3
(achromaties)	2	7	1
III. <i>CANUS</i>	2	7	3
<i>CANEO</i>	-	-	3
<i>incanesco</i>	-	1	1
<i>incanus</i>	-	-	1
IV <i>MARMOREUS</i>	2	-	1
V <i>NIVEUS</i>	-	8	6

TERME VIR SWART			
VI <i>ATER</i>	8	3	11
VII <i>NIGER</i>	20	3	19
VIII <i>PICEUS</i>	-	-	1
<i>picea</i> (substantief)	-	-	1

TERME VIR GEEL EN ROOI			
IX <i>AUREUS</i>	9	3	5
X <i>CROCEUS</i>	-	-	3
<i>CROCUS/CROCUM</i>	1	-	1
XI <i>CRUENTUS</i>	-	-	3
XII <i>FLAVUS</i>	2	5	6
<i>FLAVEO</i>	-	1	2
XIII <i>FULVUS</i>	2	-	3
XIV <i>GILVUS</i>	-	-	1

TERME VIR GEEL EN ROOI:-	LUCRETIUS	CATULLUS	VERGILIUS: GEORGICA
XV <i>IGNEUS</i>	2	-	3
XVI <i>PUNICEUS</i> <i>poeniceus</i>	1 1	- -	1 -
XVII.A <i>PURPURA</i>	3	1	2
XVII.B <i>PURPUREUS</i> (chromaties) (achromaties)	3 -	4 -	4 1
XVIII * <i>RUB</i> -groepering: <i>ruceo</i> (chromaties) (achromaties) <i>ruber</i> <i>rubesco</i> <i>rubicundus</i> <i>rubor</i>	5 - 3 - - -	1 - 2 - - 2	7 1 1 1 1 2
XIX <i>RUTILUS</i>	-	1	2
XX <i>SANGUINEUS</i>	-	-	1
XXI <i>SPADIX</i>	-	-	1

TERME VIR BLOU EN GROEN			
XXII <i>CAERULEUS</i> <i>caerulus</i> <i>caerula</i> (substantief)	2 1 6	1 1 -	4 - -
XXIII <i>FERRUGINEUS</i> <i>ferruginus</i> <i>FERRUGO</i>	- 1 -	- - 1	1 - 1
XXIV <i>GLAUCUS</i>	1	-	4
XXV * <i>VIR</i> -groepering: <i>reviresco</i> <i>vireo</i> <i>viresco</i> <i>viridis</i>	- - 2 6	- 2 - 3	1 3 1 9
XXVI <i>VITREUS</i>	-	-	1

ADDENDUM C

INDEKS VAN TEKSVERWYSINGS IN DIE *GEORGICA*

GEORGICON 1	p./pp.	kleurterm(e)
<i>Geor.</i> 1.14-15	100	<i>niveus</i>
<i>Geor.</i> 1.43-44	86	<i>canus</i>
<i>Geor.</i> 1.54-56	307	<i>viresco</i>
<i>Geor.</i> 1.56-57	187	<i>croceus</i>
<i>Geor.</i> 1.73	205	<i>flavus</i>
<i>Geor.</i> 1.94-95	203	<i>flavus</i>
<i>Geor.</i> 1.129	122	<i>ater</i>
<i>Geor.</i> 1.193-94	154	<i>niger</i>
<i>Geor.</i> 1.217-18	80	<i>candidus</i>
<i>Geor.</i> 1.231-32	180	<i>aureus</i>
<i>Geor.</i> 1.233-34	248	<i>rubens</i>
<i>Geor.</i> 1.235-36	132, 286	<i>caeruleus</i> en <i>ater</i>
<i>Geor.</i> 1.242-43	129	<i>ater</i>
<i>Geor.</i> 1.250-51	260	<i>rubens</i>
<i>Geor.</i> 1.273-75	135	<i>ater</i>
<i>Geor.</i> 1.297	254	<i>rubicundus</i>
<i>Geor.</i> 1.305-6	196	<i>cruentus</i>
<i>Geor.</i> 1.314-15	308	<i>viridis</i>
<i>Geor.</i> 1.316-17	205	<i>flavus</i>
<i>Geor.</i> 1.320-24/320-22	133, 148	<i>niger</i> en <i>ater</i>
<i>Geor.</i> 1.365-67	65	<i>albescio</i>
<i>Geor.</i> 1.404-5	241	<i>purpureus</i>
<i>Geor.</i> 1.427-29	148	<i>niger</i>
<i>Geor.</i> 1.430-31	181, 249	<i>rubeo</i> en <i>aureus</i>
<i>Geor.</i> 1.446-47	188	<i>croceus</i>
<i>Geor.</i> 1.451-53	219, 285	<i>caeruleus</i> en <i>igneus</i>
<i>Geor.</i> 1.454-56	263	<i>rutilus</i>
<i>Geor.</i> 1.466-67	298	<i>ferrugo</i>
GEORGICON 2	p./pp.	
<i>Geor.</i> 2.11-13	88, 300	<i>glaucus</i> en <i>canens</i>
<i>Geor.</i> 2.20-21	308	<i>vireo</i>
<i>Geor.</i> 2.34	255	<i>rubescio</i>
<i>Geor.</i> 2.70/71-72	53, 89	<i>incanescio</i> en <i>albus</i>
<i>Geor.</i> 2.91	55	<i>albus</i>
<i>Geor.</i> 2.94-95	238	<i>purpureus</i>
<i>Geor.</i> 2.116-17	151	<i>niger</i>
<i>Geor.</i> 2.120	90	<i>canens</i>
<i>Geor.</i> 2.129-30	126	<i>ater</i>
<i>Geor.</i> 2.146-47	44	<i>albus</i>
<i>Geor.</i> 2.198-99	104	<i>niveus</i>
<i>Geor.</i> 2.203-5	156	<i>niger</i>

<i>Geor.</i> 2.214-16	158	<i>niger</i>
<i>Geor.</i> 2.218-19	308	<i>viridis</i>
<i>Geor.</i> 2.255-56	156	<i>niger</i>
<i>Geor.</i> 2.256-58	151, 162	<i>piceus</i> en <i>niger</i>
<i>Geor.</i> 2.308-9	135, 161	<i>ater</i> en <i>piceus</i>
<i>Geor.</i> 2.312-13	308	<i>reviresco</i>
<i>Geor.</i> 2.319-20	74, 255	<i>rubens</i> en <i>candidus</i>
<i>Geor.</i> 2.376-78	87	<i>canus</i>
<i>Geor.</i> 2.430	256, 266	<i>sanguineus</i> en <i>rubeo</i>
<i>Geor.</i> 2.465	45	<i>albus</i>
<i>Geor.</i> 2.495-96	235	<i>purpura</i>
<i>Geor.</i> 2.538	176	<i>aureus</i>

GEORGICON 3 p./pp.

<i>Geor.</i> 3.12-13	309	<i>viridis</i>
<i>Geor.</i> 3.24-25	236	<i>purpureus</i>
<i>Geor.</i> 3.56-57	46	<i>albus</i>
<i>Geor.</i> 3.81-83	46, 215, 270, 302	<i>spadix, glaucus, albus</i> en <i>gilvus</i>
<i>Geor.</i> 3.110-11	210	<i>fulvus</i>
<i>Geor.</i> 3.143-44	309	<i>viridissimus</i>
<i>Geor.</i> 3.146-48	309	<i>virens</i>
<i>Geor.</i> 3.162	310	<i>viridis</i>
<i>Geor.</i> 3.176-78	106	<i>niveus</i>
<i>Geor.</i> 3.203	195	<i>cruentus</i>
<i>Geor.</i> 3.220-21	123	<i>ater</i>
<i>Geor.</i> 3.237	59	<i>albescio</i>
<i>Geor.</i> 3.240-41	157	<i>niger</i>
<i>Geor.</i> 3.278-79	149	<i>nigerrimus</i>
<i>Geor.</i> 3.306-7	247	<i>rubor</i>
<i>Geor.</i> 3.311-12	91	<i>incanus</i>
<i>Geor.</i> 3.325-26	87	<i>caneo</i>
<i>Geor.</i> 3.333-34	152	<i>niger</i>
<i>Geor.</i> 3.349-50	201	<i>flavens</i>
<i>Geor.</i> 3.354-55	103	<i>niveus</i>
<i>Geor.</i> 3.358-59	258	<i>ruber</i>
<i>Geor.</i> 3.371-72	224	<i>puniceus</i>
<i>Geor.</i> 3.382-83	212	<i>fulvus</i>
<i>Geor.</i> 3.386-90	48, 75 en 159	<i>albus, candidus</i> en <i>niger</i>
<i>Geor.</i> 3.388-89	159	<i>niger</i>
<i>Geor.</i> 3.391-92	100	<i>niveus</i>
<i>Geor.</i> 3.430-31	126	<i>ater</i>
<i>Geor.</i> 3.441-43	88	<i>canus</i>
<i>Geor.</i> 3.448-49, 51	155	<i>niger</i>
<i>Geor.</i> 3.482-84	222	<i>igneus</i>
<i>Geor.</i> 3.486-88	106	<i>niveus</i>
<i>Geor.</i> 3.506-8	124	<i>ater</i>

GEORGICON 4	p./pp.	
<i>Geor.</i> 4.15	195	<i>cruentus</i>
<i>Geor.</i> 4.18-19	309	<i>virens</i>
<i>Geor.</i> 4.30-32	310	<i>viridis</i>
<i>Geor.</i> 4.47-48	258	<i>rubens</i>
<i>Geor.</i> 4.51-52	182	<i>aureus</i>
<i>Geor.</i> 4.54-55	241	<i>purpureus</i>
<i>Geor.</i> 4.92-93	264	<i>rutilus</i>
<i>Geor.</i> 4.109	188	<i>croceus</i>
<i>Geor.</i> 4.120-21	311	<i>viridis</i>
<i>Geor.</i> 4.125-27	145, 206	<i>niger en flavens</i>
<i>Geor.</i> 4.130-31	57	<i>albus</i>
<i>Geor.</i> 4.181-83	193, 256, 296, 301	<i>glaucus, crocus/crocum, rubens en ferrugineus</i>
<i>Geor.</i> 4.274-75	152, 184, 233	<i>aureus, purpura en niger</i>
<i>Geor.</i> 4.291	157, 311	<i>viridis en niger</i>
<i>Geor.</i> 4.305-6	257	<i>rubeo</i>
<i>Geor.</i> 4.336-37	71	<i>candidus</i>
<i>Geor.</i> 4.339	203	<i>flavus</i>
<i>Geor.</i> 4.350-51	316	<i>vitreus</i>
<i>Geor.</i> 4.352	203	<i>flavus</i>
<i>Geor.</i> 4.372-73	243	<i>purpureus</i>
<i>Geor.</i> 4.387-88	288	<i>caeruleus</i>
<i>Geor.</i> 4.407-8	124, 213	<i>ater en fulvus</i>
<i>Geor.</i> 4.425-28	221	<i>igneus</i>
<i>Geor.</i> 4.451	302	<i>glaucus</i>
<i>Geor.</i> 4.467-69	143	<i>niger</i>
<i>Geor.</i> 4.478-79	143	<i>niger</i>
<i>Geor.</i> 4.481-83	289	<i>caeruleus</i>
<i>Geor.</i> 4.523-25	95	<i>marmoreus</i>
<i>Geor.</i> 4.539-40	311	<i>viridis</i>
<i>Geor.</i> 4.545-46	143	<i>niger</i>

ADDENDUM D

MARGINALE KLEURGEBRUIK

Hieronder word enkele terme kursories bespreek wat in die *Georgica* kontekstueel moontlik implisiet ook met kleur geassosieer kan word.

1 *Aurum*⁹²⁵

i. Verg. *Geor.* 4.91: *alter erit maculis auro squalentibus ardens* ('die een sal gloei van spikkels wat grof is van goud').

Vergilius gee voorskrifte aan die byeboer waarvolgens hy tussen die twee leierbye kan onderskei: Dit berus slegs op hul voorkoms. Volgens Aristoteles, *H.A.* 624b22 kom daar twee spesies van konings voor waarvan die een swart en die ander rooi is, dus Vergilius se *hic melior ... /... rutilus clarus squamis...* (92-93). Varro, *R.* 3.16.18, daarenteen, verwys na drie soorte bye, later na twee (... *tria genera cum sint ... cum duo sunt ...*) wat verwarrend oorkom. Vergilius breek weg van die tradisie en beskryf die superieure leier paslik met koninklike goud, terwyl die onaanvaarbare leier swakker en verwaarloos (93: *horridus*, 'n adjektief wat volgens Mynors [1990:270 n.91] geen goeie konnotasie het nie) is en 'n breë lyf saamsleep (94: *...latamque trahens inglorious alvum*). Thomas (1988b: 163 n.92) verwys na die *tekstuur* van goud (*auro*) as 'grof,' soos ook Mynors wat na die '... harige **goue** kolle of strepe op die bye se gladder dop' verwys. Aangesien Vergilius hier na die voorkoms van die bye verwys, kan goud se kleurwaarde hier implisiet 'n rol speel.

ii. Verg. *Geor.* 4.99-100: *... elucent aliae et fulgore coruscant, / ardentibus auro et paribus lita corpora guttis* ('... ander [bye] glinster en skitter met 'n glans, hulle gloei van lywe wat gevlek is met spikkels van goud').

Net soos die voorkomste van die leierbye onderskei kan word, so ook dié van die gewone bye-volk. Die beter groep (soos hul superieure koning in 91-93) blink, hul lywe met glansende/goue vlekke gespikkel. Die ander groep (96: *... aliae turpes ...*) is verwaarloos en stowwerig net soos hul leier (93: *horridus*). Hoewel die naamwoord *auro* hier voorkom, is die fokus nie soseer op die kleur daarvan nie, maar eerder op die glans wat met *ardentes* aangedui word.

2 *Color*⁹²⁶

i. Verg. *Geor.* 1.451-53: *... nam saepe videmus / ipsius in vultu varios errare colores: caeruleuspluviam denuntiat, igneus Euros* ('... want dikwels sien ons verskillende kleure wat op die (son se) gelaat speel: Donkerblou dui op reën en vlamrooi op die Oostewind').

⁹²⁵ Die naamwoord *aurum* kom achromaties voor in *Geor.* 2.137, 166, 192, 464 en 507; 3.26 en 4.342.

⁹²⁶ Die naamwoord *color* kom sewe keer in die *Georgica* voor, maar kan in vyf gevalle nie met enige kleur verbind word nie. Sien *Geor.* 2.178 en 256; 3.82, 4.306 (enigste gebruik in die ablatief meervoud) en 4.335 (ook in die Ablatief).

Vergilius verwys na die kleure (*colores*) wat op die son se skyf voorkom wat donkerblou of helderrooi kan wees. Sou die landbouer oplettend wees, is hierdie duidelike *signa* wat daarop dui dat reën en wind onderskeidelik te wagte kan wees.

ii. Verg. *Geor.* 3.81-83: ... *honesti* / *spadices*, *glauca*, *color deterrimus albis* / *et gilvo* ... ('... die mees gesogtes is sweetvosse en blouskimmels, die mins aanvaarbare kleur is die wittes wat na liggeel neig ...').

Kleur is 'n belangrike aanduiding (*signum*) van kwaliteit en algemene kondisie, ook van perde. Vergilius onderskei tussen die 'gerespekteerde' of 'mees gesogte' perde (*honesti* met verwysing na beide *spadices* en *glauca*) en die 'onaanvaarbaarste' (*deterrimus*) met betrekking tot *albis et gilvo*. Vels Heijn (1951:74, ook n.40) verwys na 'paardterminologie,' waarvolgens *equus albus* op die kleur van 'n perd dui wat nie volkome wit is nie, maar gryserig. Hy voeg by: "Tegen deze laatste verklaring pleit de sg. *gilvo* na die plur. *albis*." Die woord *color* kom tereg in die enkelvoud voor wat daarop dui dat 'n enkele kleur hier ter sprake is. Dit sou beteken dat die frase *color deterrimus* na 'n enkele perd se kleur verwys wat óf wissel tussen die verskillende skakerings van afwit en geel (sien die Engelse 'shading-off into ...'), óf dui op 'n witterige kleur wat onsuiver is (Engels 'off-white,' dus 'naaswit' of 'vuilwit'). Opvallend vermy Vergilius hier die onbekende term *albogilvus* of *albiogilvus*.

3 *Coloro*

Verg. *Geor.* 4.293 en 291: *usque coloratis amnis devexus ab Indis* / *et viridem Aegyptum nigra fecundat harena* ('waar die rivier [die Nyl] ononderbroke van die songebrande Indiërs afwaarts gevloei het, maak dit met sy swart slik Egipte groen en vrugbaar').

In hierdie kleurvolle etnografiese beskrywing verwys Vergilius na die songebrande voorkoms van die Indiërs wat met 'n donker of blas velkleur vereenselwig kan word. Volgens Mynors (1990: 298 n.291-3) is die woord *coloratus* die gebruikelike term in Latyn vir 'bruingebrand' (Engels: *tanned*),⁹²⁷ aangesien etnisiteit – 'n swart voorkoms – eerder met *niger*, *ater*, *fuscus* en *Aethiops* beskryf word. Page (1968:366 n.292) verbind die frase *coloratis ab Indis* met Etiopiërs wat geografies meer aanvaarbaar sou wees, aangesien die algemene opvatting was dat die oorsprong van die Nyl in Indië sou wees, vanwaar *devexus*.⁹²⁸

4 *Frondeo*

i. Verg. *Geor.* 2. 14-16: *pars autem posito surgunt de semine, ut altae* / *castanae, nemorumque Iovi quae maxima frondet* / *aesculus atque habitae Grais oracula quercus* ('maar sommige kom op van

⁹²⁷ Varro, *L.L.* 8.38.41 en 9.42 verbind etniese identifikasie met kleurterme en onderskei tussen 'n wit man (*albus*) en *Aethiops*, 'n swart man. Sien ook voetnote 406 en 418.

⁹²⁸ Volgens Thomas (1988b:198-99 n.292-3) was die algemene opvatting dat die Nyl in Indië ontspring, een van die grootste geografiese *ζητήματα* ('debatteerbare punt') in die Oudheid. Sien Horatius, *Carm.* 4.14.45: *te, fontium qui celat origines* / *Nilusque* ... ('en die Nyl wat die oorspronge van sy waters verberg ...').

saad wat laat val is, soos die rysige kastaiings en die wintereik, magtigste boom van die woude wat groen vertoon tot eer van Jupiter en die akkerboom wat deur die Grieke as orakels beskou is’).

Vergilius groepeer hier bome wat akkerdraend is en wat op natuurlike wyse groei van saad wat laat val is met as voorbeelde die hoë kastaiings, die wintereik (*quercus*) en die akkerboom (*quercus robur*). Die *aesculus* het ’n indrukwekkende voorkoms met groot, donkergroen blare (vgl. Sargeaunt 1920:108) en as die grootste van die eike-spesies is dit aan Jupiter gewy (15: ... *Iovi... frondet*). Die skaars werkwoord **frondet** kan hier achromaties met primêre betekenis op die boom se blaarykheid dui, maar dit kan ook implisiet met afgeleide betekenis die ruie, donkergroen kleur van die wintereik se blare bepaal, moontlik ook as kontras met die ligte voorkoms van die wilgerbos (13: ... *glauca canentia fronde salicta*).

ii. Verg. *Geor.* 2.118-19: *quid tibi ... referam ... / ... bacas semper frondentis acanthi?* (‘waarom sal ek vir jou vertel ... van die peule van die blaaryke/immergroen akant?’)

Die digter verwys na lande se eksotiese produkte wat van bome afkomstig is: ebehout, wierook, katoen, balsem en die *acanthus* met die wetenskaplike naam *Vachellia nilotica*, voorheen bekend as *Acacia nilotica* subsp. *kraussiana* (en in die volksmond bekend as ‘Lekkerruikpeul’) Die teenwoordige deelwoord kan met primêre betekenis op die plant se blare dui, alhoewel die afgeleide betekenis ‘immergroen’ ook hier relevant kan wees.

5 **Herbosus**

Verg. *Geor.* 2.198-99: *et qualem infelix amisit Mantua campum / pascentem niveos herboso flumine cycnos* (‘en ’n vlakte soos dié wat ongelukkige Mantua vlakte verloor het wat spierwit swane met sy grasbegroeide stroom voed’).

Vergilius roep sy geliefde Mantua met sy lowerryke rivier en spierwit swane in herinnering. Volgens *L&S* is die primêre betekenis van *herbosus* ‘met gras/plantegroei bedek’ en met die afgeleide betekenis ‘grasgroen’ waarby die *OLD* aansluit met ’n bykomende afgeleide betekenis ‘met die voorkoms van plantegroei’. Chromaties kan die adjektief *herboso* implisiet met die afgeleide betekenis ‘grasgroen’ vereenselwig word. Die kleur van swane word eksplisiet met *niveos* uitgebeeld sodat die wit-en-groen kleurpaar tematies hierdie streek se vrugbaarheid aandui. Nietemin is in hierdie uitbeelding nie so skerp in fokus nie en word die klem op die woorde *infelix amisit* geplaas om patos te ontlok.

6 **Ostrum**

i. Verg. *Geor.* 2.505-6: *hic petit excidiis urbem miserosque penatis, / ut gemma bibat et Sarrano dormiat ostro*⁹²⁹ (‘hierdie man val die stad en die arme huisgode verdelgend aan, sodat hy uit ’n juweel-versierde beker kan drink en op Tiriese purperstof kan slaap’).

⁹²⁹ *OLD* verwys ook na die wisselvorm *austum* in Lucretius, *D.R.N.* 2.829: *ut fit ubi in parvas partis discernitur austrum* (‘soos gebeur wanneer purper in klein stukkies opgeskeur word’). In die direk-opeenvolgende reël verwys Lucretius na *purpura* en *poeniceus color* as die helderste van alle kleure. Sien XVI. *PUNICEUS* 2.a.

Gelukkig is die man wat die geheime van die natuur ken en die landelike gode vereer. Die dood hou vir hom geen verskrikking in nie, ook nie oorlogsgeweld, rykdom of armoede nie. Hy leef in vrede, terwyl ander, in 'n sug na mag en roem, die wye see aandurf en stede aanval. Die adjektief *Sarranus* bepaal die kleurwoord *ostro*⁹³⁰ en dui met die primêre betekenis op die kosbare Tiriese purperstof wat hier as 'n statussimbool voorgehou word. Die term kan ook implisiet op die kleurwaarde 'purper' dui.

ii. Verg. *Geor.* 3.17: *illi victor ego et Tyrio conspectus in ostro* ('tot sy eer sal ek seëvierend en opvallend in Tiriese purperstof [uitgedos wees]').

In *prooemium* 1 van Boek 3 wil dit aanvanklik voorkom asof die woorde *temptanda via est* (8) op die *Georgica* betrekking het (vgl. Mynors 1990:179 n.8-9). Daarenteen verwys Vergilius hier na 'n grootse, toekomstige onderneming – die *Aeneis* – waarvoor 'n marmertempel op die walle van die Mincius (15) as metafoor dien. Op 'n besondere wyse neem die uitbeelding vorm aan in die leser se geestesoog: Die tempel is nie in Rome nie, maar op 'n plek wat emotief met die digter verbind is. In dié marmertempel sal Caesar in die middel die ereplek beklee (16), terwyl Vergilius, paslik in Tiriese purper getooi (*Tyrio conspectus in ostro*) weens die sukses van sy epos, twee keer na homself as *victor* verwys (in reëls 9 en 17). *Ostrum* wat implisiet met die kleur purper geassosieer kan word, dui hier met primêre betekenis op die status wat met die dra van purperstof gepaardgaan.



⁹³⁰ Die inskrywing van L&S is verwarrend: Hier wil dit voorkom asof die *bloed* van die seeslak met die purperkleurige kleurstof vereenselwig word, terwyl dit in realiteit van 'n klier afkomstig is. Daar word ook nie gespesifiseer wat telkens met 'purper' aangedui word nie: Is dit die slak, die skulp, die kleurpigment, of die gekleurde item? Die afgeleide betekenis wat met status en welvaart vereenselwig word, word geensins aangedui nie.



“Ahhhhh,” kreun sy hardop, klap die boek toe en sak op die vloer neer. Te laat besef sy sy is in ’n boekwinkel tussen mense. Sy sit die nuwe *Groot Verseboek* vinnig terug op die rak en stap onder verbaasde oë uit. Rillend. Drie jaar al probeer sy golwe in die wind beskryf – wat aanrol na die kus, so met die sproei wat na agter toe waai. Die vorentoe beweging met die agtertoe een, die donker brander en die wit sproei, die vorentoe buig en die agtertoe spreid. Verskillende beelde het sy al probeer. En toe sy die boek oopklap, val haar oog op ’n nuwe gedig van D.J. Opperman waarin die branders soos ystervarke aankom na die strand. Ystervarke. Haar lyf voel yskoud ... *Om ’n oog te hê wat soos ’n magneet die regte woorde uit jou siel kan pluk.*⁹³¹



⁹³¹ Aangepas uit: Antjie Krog. 2005. *’n Ander Tongval*, 118. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk.